Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751
Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur ’n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opgerig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra
The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

---

1

Uitgewer/Publisher
Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts
Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574
Privaat sak/Private bag X11
Sunnyside 0132
Suid-Afrika/South Africa
Maart/March 2025

Tydskrif vir Geesteswetenskappe
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

HOOFREDAKTEUR / EDITOR-IN-CHIEF:

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

REDAKSIEKOMITEE / EDITORIAL COMMITTEE

DP (Danie) Goosen – Godsdienswetenskap/Religious Studies (Akademia, Pretoria)

EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics (Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha)/(Nelson Mandela University, Gqeberha)

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

JJ (Koos) Malan – Publiekreg/Public Law (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

Susan Meyer – Afrikaans, Opvoedingswetenskappe/Afrikaans, Education Sciences (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/Philosophy of Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JP (Cillers) van den Berg – Duits; Algemene Literatuurwetenskap/German; Theory of Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL (*vervolg*)
L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/Theory of Literature (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)
Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/ Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

REDAKSIE – INTERNASIONAAL / EDITORIAL BOARD – INTERNATIONAL
Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)/(Leiden University, The Netherlands)
E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)/(Free University and University of Amsterdam, The Netherlands)
Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)
WL (Willie) van der Merwe – Godsdiensfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)/(Free University, Amsterdam, The Netherlands)
Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)/(Radboud University, Nijmegen, The Netherlands)
Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)/ (University of Maastricht and Catholic University of Leuven, Belgium)

Ex officio: Annelise de Vries – Hoof- Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.
Journal of Humanities by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

Intekengeld vir 2025 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):
Subscription fees for 2025 in South Africa (VAT and postage included):
Tydskrif vir Geesteswetenskappe: R400,00 per jaargang/volume
S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie: R350,00 per jaargang/volume

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.
Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.
Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.
Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

Rig korrespondensie aan/Correspondence to:
Die Publikasiebeampte/The Publications Officer
Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
Privaat sak/Private bag X11, Sunnyside 0132, Suid-Afrika/South Africa
E-pos: publikasies@akademie.co.za
Webwerf: http://www.tgwsak.co.za
Tel: 0861 333 786

Gedruk deur V&R Drukkery (Edms) Bpk, Pretoria. Tel.: (012) 333-2462

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Jaargang 65 Nommer 1, Maart 2025 / Volume 65 Number 1, March 2025

Inhoudsopgawe

Navorsings- en Oorsigartikels / Research and Review Articles (1):
Afrikaans as amptelike taal 1925–2025: Besinning en viering

Nerina Bosman en Wannie Carstens
Woord vooraf 1

Mariëtta Alberts
Die eerste eeu van Afrikaans as vaktaal, 1925–2025 / *The first century of Afrikaans as language for special purposes, 1925–2025* 4

André du Plessis, Phillip Louw en Gerda Odendaal
Die eerste eeu van die WAT / *The first century of the WAT* 41

TJ (Tobie) van Dyk
Afrikaans as akademiese taal: Verlede, hede en toekoms / *Afrikaans as an academic language: The past, the present, and the future* 61

Hardus Ludick en Adri Breed
'n Bestekopname en korpus van hedendaagse Wetenskapsafrikaans / *A survey and corpus of contemporary Scientific Afrikaans* 86

Adri Breed
Die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde as 'n vakdissipline / *The development of Afrikaans linguistics as an academic discipline* 112

Ernst F Kotzé
Stemme uit die Ooste: Die kaleidoskoop van die Kaap / *Voices from the East: The Cape kaleidoscope* 133

Angelique van Niekerk
'n Historiese oorsig van die deurlopende taalontwikkeling in Afrikaans sedert 1916 in *Huisgenoot / A historical overview of continuous language development in Afrikaans in* Huisgenoot *since 1916* 152

Theodorus du Plessis
Taalbeplanning ná 2023 in Suid-Afrika: Implikasies vir die histories gemarginaliseerde inheemse tale, Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Afrikaans / *Post-2023 language planning in South Africa: Implications for the historically marginalised indigenous languages, South African Sign Language and Afrikaans* 188

Nadine Fouché-Karsten, Roné Wierenga, Adri Breed en Suléne Pilon
Afrikaans Huistaal die afgelope 100 jaar: Die bysin as gevallestudie / *Afrikaans Home Language over the past 100 years: The subordinate clause as a case study* 213

Charl Wolhuter
Afrikaans as onderrigtaal ná 100 jaar: Prestasies, tekortkominge, uitdagings en toekoms / *Afrikaans as language in education after 100 years: Achievements, shortcomings, challenges and future* 238

Johan Beckmann
Die trajek van Afrikaans as inheemse onderwystaal van 1925 tot 2025: Gedagtes oor die verlede, die hede en die toekoms / *The trajectory of Afrikaans as indigenous education language from 1925 to 2025: Thoughts on the past, the present and the future* 256

Elirea Bornman, Conrad Steenkamp, Roné Wierenga en Wannie Carstens
Afrikaans in die hoër onderwys: Enkele tendense uit die ondersoeke *Staat van het Nederlands* en *Stand van Afrikaans / Afrikaans in tertiary education: Some trends emerging from the studies* Staat van het Nederlands *and* Stand van Afrikaans 285

Albert Weideman
Boublok en poolster: Deurdagte oplossings vir hardnekkige taalprobleme / *Building blocks and lodestars: Well-considered solutions for persistent language problems* 317

Bernard Odendaal
Neerslagvoorbeelde van veral *taal,* maar ook *ruimte*, as kulturele identiteitsmerkers in Afrikaanse digkuns, 1925–2024 / *Examples of especially* language*, but* space *as well, as cultural identity markers in Afrikaans poetry, 1925–2024* 336

Marisa Keuris
Afrikaanse drama en toneel van 1925 tot 2025: Enkele teaterhistoriese opmerkings / *Afrikaans drama and theatre from 1925 to 2025: A few theatre-historical remarks* 383

JA Naudé
Die rol van die 1920-proefvertaling in die ontluiking van Afrikaans as ’n Bybeltaal / *The role of the 1920 trial translation in the development of Afrikaans as a Bible language* 402

Bert Olivier
Die ervaring van Afrikaans as konferensietaal in ’n oorwegend Engelstalige globale omgewing / *The experience of Afrikaans as a conference language in a predominantly English-language global environment* 427

Toeligtingsartikels / Explanatory Articles (2)

Terrence R Carney
Wat sê die Grondwet nou eintlik? Aantekeninge oor grondwetlike taalregte en die beperkinge daarop / *What does the Constitution actually say? Notes on constitutional language rights and their limitations* 441

JD McLachlan en EF Kotzé
Honderd jaar van Afrikaans as amptelike taal / *A hundred years of Afrikaans as an official language* 451

Jacques du Plessis
Afrikaans in die Verenigde State van Amerika: Gebruik, uitdagings en moontlikhede / *Afrikaans in the USA: Usage, challenges and possibilities* 458

Kobus Eloff
Die rol van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* (SATNT) in die ontginning van die natuurwetenskappe in Afrikaans die afgelope honderd jaar / *The role of the* South African Journal of the Natural Sciences and Technology *(SATNT) in the exploitation of the natural sciences in Afrikaans over the past hundred years* 472

Jannie Rossouw
Orania se jaarlikse openbare vakansiedag en fees ter viering van Afrikaans */ Orania's annual public holiday and festival celebrating the Afrikaans language* 484

Linda Brink
Hoogtepunte van die SA Akademie gedurende die tydperk 2009–2025 / *Highlights of the SA Academy for the period 2009–2025* 500

Taalrubriek

Tom McLachlan
'n Paar onpaar woordpare 519

Varia

Eep Francken
Verbindingspaadjes: De Afrikaanse literatuur in Nederland in 2024 521

Voorskrifte / Guidelines 528

Woord vooraf

Die konteks: Afrikaans as amptelike taal 1925 – 2025

Met die erkenning van Afrikaans as amptelike taal in 1925, was een van die kwessies ter sprake die volgende: Alhoewel "Dutch" die een amptelike taal was volgens die Grondwet van die Unie van Suid-Afrika, die South Africa Act of 1909, was dit algemene kennis dat Hollands vir alle praktiese doeleindes eintlik Afrikaans was, byvoorbeeld in geregshowe en in regsdokumente. 'n Oplossing vir hierdie toedrag van sake was om te aanvaar dat "in de uitdrukking 'Hollandse' in artikel 137 de woorden Afrikaans en Nederlands ingesloten zijn" (Mnr. Centlivres, parlementêre wetsopsteller, soos aangehaal deur Kannemeyer, 1995: 450).[1]

Artikel 137 van die South Africa Act lui as volg:

> *Both the English and Dutch languages shall be official languages of the Union, and shall be treated on a footing of equality, and possess and enjoy equal freedom, rights, and privileges; all records, journals, and proceedings of Parliament shall be kept in both languages, and all Bills, Acts, and notices of general public importance or interest issued by the Government of the Union shall be in both languages.*

Toe daar ná baie debatvoering eenstemmigheid hieroor was, was die oplossing dat die Grondwet gewysig moes word en dit kon alleen gebeur met 'n tweederde-meerderheid in beide huise (die Volksraad en die Senaat).

'n Wetsontwerp is, in ooreenstemming met artikel 152 van die South Africa Act, aan die Senaat en die Volksraad voorgelê. Met die tweede lesing van die wetsontwerp op 8 Mei 1925 is dit in 'n gesamentlike sitting van die Volksraad en die Senaat aangeneem. Die goedkeuring van die Parlement was die eerste stap in die wetgewende proses. Hierna het die Goewerneur-Generaal die Wet geteken op 22 Mei 1925 (dit was ook 'n noodsaaklike stap in die proses) en daarna het die Wet op de Officiële Talen van de Unie, 1925 in die Staatskoerant verskyn op 27 Mei 1925. Hierdie Wet het met terugwerkende krag gegeld vanaf 31 Mei 1910.

Wie 8 Mei wil vier as 'n besondere dag in Afrikaans se geskiedenis, kan dit dus doen. 27 Mei is egter die dag waarop Afrikaans wetlik 'n amptelike taal geword het – ook 'n dag om te vier.

Reeds voor 27 Mei 1925 is daar al begin met die standaardisering van Afrikaans – 'n proses wat daartoe gelei het dat Afrikaans toenemend in 'n verskeidenheid (lae en hoë) funksies gebruik kon word. Destyds was Afrikaans in al sy variëteite al goed gevestig as spreek- en gebruikstaal, maar die hoë funksies moes nog verder ontwikkel word.

Danksy die kodifisering van Afrikaans, onder meer deur die ontwikkeling van 'n spellingstelsel, die publikasie van 'n verskeidenheid woordeboeke waarin die snel-toenemende woordeskat van Afrikaans opgeteken kon word, die dokumentering van die wordende grammatika van wat later Standaardafrikaans genoem sou word, en die publikasie van letterkundige werke, kon Afrikaans as skryftaal floreer. Afrikaans het in die loop van die 20ste

[1] Kannemeyer, JC.1995. *Langenhoven, 'n Lewe*. Kaapstad: Tafelberg.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a1

eeu sodanig ontwikkel dat die taal teen die 1960's al goed gevestig was in alle funksies. In hierdie proses het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (hierna SA Akademie) deurgaans 'n kernrol gespeel.

Die eerste *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS) ('n bron wat vandag op talle Afrikaanssprekendes se boekrakke staan of moet staan) het in 1917 verskyn, danksy die inisiatief van die SA Akademie. In die jare hierna is die verfyning van die spellingstelsel deur opeenvolgende hersiene uitgawes van die AWS behoorlik geboekstaaf. Die 11de uitgawe van die AWS is in 2017 gepubliseer as 'n baken vir die ontwikkeling en vestiging van 'n eie spellingstelsel vir Afrikaans.

Akademielede en ander lede van die breë taalgemeenskap, soos byvoorbeeld die Afrikaanse pers, het vanuit die staanspoor 'n deurslaggewende aandeel gehad in die ontluiking van die woordeskat en grammatika deur deelname aan projekte, die ontwikkeling van vakterminologie, en die slypproses van die taal in wetenskaplike publikasies. Afrikaans is as 'n wetenskapstaal gevestig en die SA Akademie se doel, bestaan en wese is ongetwyfeld nou gekoppel aan hierdie proses.

Die temanommer

Dit is om hierdie rede dat besluit is dat die SA Akademie met die viering van Afrikaans se status as amptelike taal in 2025 ook 'n bydrae sal lewer, eiesoortig aan sy mandaat – die uitbou van Afrikaans in sy hoë funksies, in die besonder in die wetenskap. Met die oog hierop is ons vroeg in 2023 deur die hoofredakteur genader om as gasredakteurs van 'n spesiale uitgawe van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (TGW) op te tree.

Die honderd jaar sedert Afrikaans 'n amptelike taal geword het, word belig deur akademiese uitsette uit 'n verskeidenheid invalshoeke bymekaar te bring. Hierdeur word die lewenskragtigheid van die taal gevier en tewens die volgehoue rol van die SA Akademie in die Afrikaanse gemeenskap erken.

Die uitgawe het ten doel om terug te kyk en bestek op te neem van die afgelope eeu, te besin oor die hede en ook projeksies te maak oor die toekoms. Die kollig val sodoende op Afrikaans as wetenskapstaal – in die wydste sin van die woord.

Die tersiêre landskap het, wat Afrikaans as onderrig- en kommunikasietaal betref, die afgelope dekades onherroeplik verander en Afrikaans as wetenskapstaal is as gevolg daarvan ongetwyfeld onder druk aan universiteite in Suid-Afrika. Besluite wat in die verlede oor taal geneem is, het duidelik 'n impak ten opsigte van die hedendaagse konteks. Dat die "akademiese onderbou van Afrikaans" (aldus dr. Edwin Hertzog in 'n bydrae in die TGW, September 2022) se momentum sedert 1994 gestuit is, is baie sigbaar vir diegene wat hulle daagliks met Afrikaans as akademiese taal en as vaktaal besig hou.

Daar is minder publikasies in vaktydskrifte, selfs minder vaktydskrifte in Afrikaans, min verhandelinge en proefskrifte word nog in Afrikaans geskryf, Afrikaans word stelselmatig aan universiteite afgeskaal, Afrikaanse studente wat hulle kursusse in Afrikaans wil volg, word minder en die aanbod kleiner, Afrikaanssprekende dosente aan universiteite word minder, ensovoorts. Hieroor word onder meer besin in hierdie uitgawe.

'n Belangrike vraag vir die tyd waarin ons nou leef, die tweede kwart van die 21ste eeu, is hoe ons te werk kan gaan om Afrikaans binne 'n meertalige bedeling (waarvan mense die aard en implikasies nog nie regtig begryp nie) in Suid-Afrika se breë onderwysopset (van tersiêr, sekondêr, primêr tot preprimêr) nie net te behou nie, maar ook uit te brei. Dit is ons groot uitdaging en ook ons werklikheid.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a1

Wat in hierdie uitgawe versamel is, is die resultaat van Akademielede se reaksie op die versoek om saam te werk om die geleidelike opbou van Afrikaans se akademiese infrastruktuur te dokumenteer. 'n Taal moet naamlik 'n gesonde en ondersteunde taalinfrastruktuur hê om te kan groei en die bydraes wat hierin opgeneem is, is 'n bewys van volgehoue werk om juis sodanige infrastruktuur nie net te vestig en in stand te hou nie, maar dit inderdaad ook uit te brei.

In die 16 navorsingsartikels is daar uiteensettings van 'n groot verskeidenheid aspekte: die Afrikaanse taalkunde (Breed, Wierenga e.a., Ludick & Breed, Kotzé), die Afrikaanse letterkunde (Odendaal, Keuris), Afrikaans as reklametaal (Van Niekerk), historiese taalkunde (Kotzé, Van Niekerk), toegepaste taalkunde (Weideman), Afrikaans in die onderwyskonteks (Wolhuter, Beckmann, Bornman e.a.), Afrikaans in Bybelvertalings (Naudé), Afrikaans as akademiese of wetenskapstaal (Van Dyk, Ludick & Breed), die eerste eeu van die WAT (A du Plessis e.a.), Afrikaans as vaktaal (Alberts), taalbeplanning rakende Afrikaans in 'n meertalige konteks (T du Plessis, Van Dyk) en Afrikaans as 'n konferensietaal (Olivier).

In ses toeligtingstukke kan die geïnteresseerde leser inligting bekom oor die grondwetlike taalregte van alle landsburgers (Carney), 'n uiteensetting van die belangrike begrip amptelike taal (McLachlan & Kotzé), Afrikaans in 'n internasionale konteks (J du Plessis), die rol van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* (SATNT) in die ontginning van die natuurwetenskappe in Afrikaans (Eloff), Afrikaans as erfenistaal (Rossouw) en 'n samevatting van die hoogtepunte van die SA Akademie, 2009–2025 (Brink).

Ons bedank van harte die medewerkers tot hierdie uitgawe, die keurders wat elke bydrae sorgvuldig geweeg het en in die besonder vir Zarike Gouws, wat as ons redaksie-assistent opgetree het en die talle lastige administratiewe take verbonde aan so 'n projek uitnemend hanteer het.

Ons dink dat hierdie uitgawe as 'n baken kan dien vir toekomstige navorsers en lesers oor Afrikaans vanuit 'n wetenskaplike hoek beskou. Die bydraes gaan in die eerste plek oor Afrikaans, sy funksies en gebruiksfasette, maar dit geld ook as besinning oor en bestekopname van die stand van sake in 2025.

Mag die volgende 100 jaar lei tot verdere oop gesprekke, besinnings en robuuste debat in en oor Afrikaans.

Nerina Bosman en Wannie Carstens
Gasredakteurs
Maart, 2025

Die eerste eeu van Afrikaans as vaktaal, 1925–2025

The first century of Afrikaans as language for special purposes, 1925–2025

Mariëtta Alberts
Voormalige Direkteur: Terminologie en Standaardisering,
Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad
Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: albertsmarietta@gmail.com

Mariëtta Alberts

Mariëtta Alberts begin haar loopbaan in 1971 as terminoloog by die Taaldiensburo in die destydse Departement van Nasionale Opvoeding. Sy dien onder meer as sekretaris van die Koördinerende Vaktaalraad en as lid van die taaltaakgroep LANGTAG. In 1982 aanvaar sy 'n pos by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en doen as hoofnavorser navorsing oor leksikografie, terminologie en rekenaarlinguistiek. Sy keer in 1995 terug na die Nasionale Terminologiediens en stel o.m. die konsepwetgewing vir die instelling van die nasionale leksikografiese eenhede op. In 2000–2001 neem sy vir bykans twee jaar as kantoorhoof waar. In 2001 word sy by die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad aangestel as bestuurder van die nuutgestigte nasionale leksikografiese eenhede. Sy gee by verskeie staats- en tersiêre instansies opleiding in terminologie en terminografie. By haar aftrede was sy Direkteur: Terminologie en Standaardisering. Sy was 'n stigters- en bestuurslid van Afrilex, dien in ISO/TC 37 en SABS/TC 37, en was visepresident van Infoterm. Sy ontvang erelidmaatskap van Infoterm, Afrilex en Prolingua. As Taalkommissielid ontvang sy die CJ Langenhovenprys (2003), 'n ATKV-Woordwystoekenning (Woordveertjie) (2006) en die CL Engelbrechtprys (2009). As lid van vakwoordeboek-

Mariëtta Alberts started her career as terminologist in 1971 at the Language Services Bureau in the then Department of National Education. She served as secretary of the Coordinating Terminology Board (COTERM) and as a member of LANGTAG (Language Task Group). In 1982 she accepted a position at the Human Sciences Research Council as chief researcher of lexicography, terminology, and computational linguistics. In 1995 she returned to the National Terminology Service and was instrumental in drafting the draft Bill dealing with the establishment of the national lexicography units. For almost two years in 2000 and 2001, she acted as manager of the terminology office, and in 2001 she was appointed manager at the Pan South African Language Board of the newly established National Lexicography Units. She conducted training in terminology principles and practice at various tertiary and government institutions. Upon retirement from PanSALB, she was the Director: Terminology and Standardisation. She is a founder member of Afrilex and served on its Board. She also served on ISO/TC 37 and SABS/TC 37 and was Vice-President of Infoterm. She received honorary membership of Infoterm, Afrilex and Prolingua. During her career she was the recipient of the CJ Langenhoven Award

Datums:
Ontvang: 2024-05-18 Goedgekeur: 2024-10-08 Gepubliseer: Maart 2025

spanne ontvang sy die Stalsprys (2011), ATKV-Woordwystoekennings (Woordveertjies) (2008; 2017; 2019; 2020) en die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut se woordeboekprys (2017), en in 2024 word die SAAWK se Erepenning vir Geesteswetenskappe aan haar toegeken. Sy is die outeur van twee boeke oor terminologie en terminografie (2017, 2019).	(2003), an ATKV Wordwise trophy (2006) and the CL Engelbrecht Award (2009) as a member of the Taalkommissie (language commission). As a member of terminology teams, she received the Stals Award (2011), ATKV Wordwise trophies (2008, 2017, 2019, 2020) and the Dictionary Award of the South Africa Translators' Institute (2017). In 2024 she received the SAAWK Medal of Honour for Human Sciences. She is the author of two books on terminology and terminography (2017, 2019).

ABSTRACT

The first century of Afrikaans as language for special purposes, 1925–2025

This article traces the history of terminology development in South Africa from 1925 to 1999 and from 2000 to 2025, while also exploring potential future directions for language for special purposes in the country. It highlights the various subject areas that were prioritised during these periods. Although there were several instances of duplication, Afrikaans terminology managed to achieve standardisation, despite the development of multiple terms for some concepts, which can result in miscommunication.

After Afrikaans had been declared an official language, South African terminology practice bloomed. This meant that, in the dispensation of the time, Afrikaans had to function alongside the dominant global language English in all matters of state. The development of Afrikaans terminology benefited from the need to create equivalent terms for English, allowing Afrikaans to effectively function alongside English as an official language. This process was rooted in a language-planning approach to terminography.

Initially, subject specialists and academics compiled bilingual dictionaries and term lists to enhance communication by sharing subject-specific terminology in both languages. They utilised a subject-oriented terminography approach, where each concept was represented by the term in the source language (English) and its corresponding term in the target language (Afrikaans). Later, translators employed by language bureaux began documenting the terms from their translation work to facilitate reuse. The approach, known as translation-oriented terminography, aims to standardise terminology within specific subject areas. Over time, terminologists were hired to document terminology across various fields, often collaborating with subject specialists to clarify concepts and their translation equivalents. Previously, the focus was primarily on creating bilingual dictionaries to provide users with easy access to terminology. Through consistent use, these terms became standardised in both languages within their respective fields. In the last thirty years, there has been a greater emphasis on developing terminology in the Sintu languages and signs in South African Sign Language, as mandated by the Constitution of the Republic of South Africa, 1996.

Explanatory and translating term lists, along with technical dictionaries, are now created with enhanced information, including definitions. Current terminography practices still adhere to a language planning approach; however, a language-community approach is also implemented better to address the needs of language communities. While government agencies continue to document Afrikaans terminology, most of the new terminology being developed in the Sintu languages already has corresponding Afrikaans terms. As a result, there is limited

new terminological development for Afrikaans in the public sector. Fortunately, subject specialists, language practitioners, and individuals continue to document and share terminology relevant to their fields. During the course of the past century, various organisations, government institutions, and individuals contributed to the creation of Afrikaans term lists and technical dictionaries.

Terminography, the practice of terminology work, is a complex process, and it is encouraging to see its continued advancement. Various tertiary institutions are actively developing terminology for their academic fields; however, a lack of collaboration among them has resulted in an overabundance of terms within specific subject areas and languages. The National Terminology Development Directorate, known as the Terminology Coordination Section (TCS) of the Department of Sport, Arts and Culture, has yet to fully fulfil its role in coordinating terminology development. This has sometimes led to project duplication, and the national term bank, intended to serve as a comprehensive repository for multilingual terminology, is still in progress.

Several institutions currently have the capacity to participate in the online dissemination of terminology and digitisation of outdated printed term lists and technical dictionaries that are no longer easily accessible. The terminological data in these publications remain relevant and can be revised. Once digitised and formatted into a database, these data can be used to develop term equivalents in official South African languages beyond English and Afrikaans.

The article concludes with guidelines for future terminology development in South Africa, with particular focus on enhancing Afrikaans for special purposes.

KEYWORDS: community-oriented terminography approach, disseminate, equivalent, language for special purposes, language planning-oriented terminography approach, online, open source, source language, standardisation, subject-oriented terminography approach, target language, technical dictionary, term, term bank, terminology, terminology policy, terminology training, term list, translation-oriented terminography approach

TREFWOORDE: aanlyn, brontaal, dissemineer, doeltaal, ekwivalent, gemeenskapsgeoriënteerde terminografiebenadering, oop bron, standaardisasie, taalbeplanningsgeoriënteerde terminografiebenadering, term, termbank, terminologie, terminologiebeleid, terminologieopleiding, termlys, vakgeoriënteerde terminografiebenadering, vaktaal, vakwoordeboek, vertaalgeoriënteerde terminografiebenadering

OPSOMMING

Die Suid-Afrikaanse vaktaalbedryf het ’n interessante geskiedenis met veral Afrikaanse vaktaal wat aanvanklik ’n bloeitydperk beleef het. In die land se voormalige tweetalige bestel moes Afrikaanse termekwivalente verskaf word om Afrikaans in staat te stel om sy regmatige plek langs die dominante wêreldtaal Engels in te neem. Aanvanklik is vertalende vakwoordeboeke en termlyste deur vakkundiges en akademici saamgestel om die konsepte van die terreine waarop hulle werksaam was, vir vakkommunikasie beskikbaar te stel. Later het vertalers, veral dié verbonde aan taalkantore, begin om die bron- en doeltaalterminologie waarmee hulle daagliks omgegaan het, aan te teken sodat hulle dit later weer kon benut. Nog later is terminoloë in diens geneem om die terminologie van ’n verskeidenheid van vakgebiede aan te teken. Hulle het veral in komiteeverband saam met vakkundiges gewerk wat hulle behulpsaam was

daarmee om konsepte te verklaar en te benoem en gepaste terme in Afrikaans te skep. Al hierdie aktiwiteite het daartoe gelei dat Afrikaanse vaktaal deur herhaalde gebruik die vakgebiede en taal kon binnedring en so gestandaardiseer geraak het. Verskeie gestandaardiseerde terminografiese benaderings is in dié vaktaalproses gebruik. In die loop van die afgelope dertig jaar is daar ook aandag gegee aan die ontwikkeling van die Sintutale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal omdat die Grondwet bepaal dat al die amptelike tale gelykheid van aansien moet geniet en billik behandel moet word. Nuwe Afrikaanse terme word steeds deur staatsinstellings aangeteken, maar op die meeste terreine is daar reeds Afrikaanse terminologie en is daar dus nie vernuwing vir Afrikaans nie. Gelukkig is daar steeds vakkundiges, taalpraktisyns en individue wat terme vir hul beroepsdoeleindes in Afrikaans aanteken en versprei.

1. Inleiding

Vaktaal (Engels: language for special purposes (LSP)) is ’n belangrike skakel in die ontwikkeling van enige taal tot ’n funksionele gebruikstaal wat in ’n verskeidenheid van sfere van menslike kommunikasie gebruik kan word. Vaktaal omvat naamlik die woordeskat (dit wil sê die terminologie) van ’n verskeidenheid van vakgebiede, domeine en professies. Die vaktaalpraktyk behels aspekte soos terminologieteorie en -beginsels, en die metodes en prosesse (dit wil sê terminografie) wat gebruik word om konsepte wat eie aan ’n vakgebied, domein of professie is, deur middel van brontaalterme te versamel, aan te teken, te sistematiseer, te verklaar, eenduidig in doeltale te benoem en op verskeie wyses, bv. harde kopie of aanlyn, te dissemineer. Die terme word dan deur vakkundiges, taalpraktisyns en selfs leke gebruik, en deur herhaalde gebruik dring die terme die vakgebied binne en word hulle so in taal/tale en vakke gestandaardiseer. Wanneer ’n konsep met behulp van verskeie brontaalterme en/of doeltaalekwivalente benoem word, veroorsaak dit ’n proliferasie van terme vir daardie konsep wat tot kommunikasieprobleme kan lei.

Dit is gevolglik belangrik om samewerking tussen belangegroepe te bewerkstellig om sodanige proliferasie van terme binne ’n vakgebied, domein of beroep te voorkom. Die konseptuele inhoud van vakterreine moet eenduidig benoem word om sinvolle vakkommunikasie moontlik te maak. ’n Taal met ’n behoorlike vaktaal kan as wetenskaps-, tegniese, professionele, akademiese en onderrigtaal beskou word waarin kommunikasie op velerlei terreine van menslike aktiwiteit moontlik is.

Die geskiedenis van vaktaalontwikkeling in Suid-Afrika loop saam met dié van die erkenning van Afrikaans as amptelike taal ’n eeu gelede. Verder het die ontwikkeling en standaardisering van die Afrikaanse spel- en skryfwyse deur die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) grootliks daartoe bygedra dat termskepping volgens die riglyne wat sedert 1917 in die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* beskikbaar is, kon plaasvind.

Die Afrikaanse vaktaal het gedurende die eerste 75 jaar ná die erkenning van Afrikaans as amptelike taal ’n bloeitydperk beleef en kon aan onder meer die behoeftes van vakkundiges en die taalgemeenskap voldoen. Talle vakspesialiste het gedurende hierdie tydperk die terme van hul onderskeie vakgebiede aangeteken om vakkommunikasie binne die vakgebiede te standaardiseer. Die proses is verder bevorder deur vertalers, wat as gevolg van die toenmalige tweetalige beleid, die terme wat tydens die vertaalproses gegenereer is, aangeteken het. Daardeur was die bron- en doeltaalterme van verskeie vakgebiede vir latere vertaalwerk weer beskikbaar. Verskeie staatsinstellings het aktiewe taalkantore gehad wat die terminologie van die bepaalde instelling te boek gestel het. Die termskepping het gewoonlik in Afrikaans

plaasgevind omdat Engels, wat as dominante wêreldtaal reeds terminologie op verskeie vakgebiede gehad het, as brontaal gedien het.

Die situasie vir Afrikaanse vaktaalontwikkeling het egter in die nuwe meertalige bestel drasties verander. Sedert Suid-Afrikaanse Sintutale in 1995 amptelike status verwerf het, word meer aandag geskenk aan die ontwikkeling van terminologie in daardie tale, omdat die Grondwet, 1996, in art 6(2) wys op die "historiese inkorting van die gebruik en status van die inheemse tale van ons mense". Daar moet dus aan die behoeftes van die (vak)taalgemeenskap van hierdie tale voldoen word. Terminologie word sedertdien in verskeie vakgebiede in die Sintutale geskep, maar hierdie situasie beteken dat daar in staatsinstellings nie juis meer nuwe terminologie in Afrikaans geskep word nie – deels omdat die konsepte in die vakgebiede waaraan gewerk word, reeds in Afrikaans benoem is of omdat daar nie Afrikaanse moedertaalsprekers as terminoloë in diens is nie. Die goeie nuus is egter dat vakkundiges en taalpraktisyns in die private sektor weer begin besef dat dit van belang is om die Afrikaanse terminologie wat in hul onderskeie vakgebiede bestaan, aan te teken en beskikbaar te stel.

2. Vaktaalontwikkeling: Die verlede (1925–2000)

Hoewel daar in hierdie artikel hoofsaaklik gefokus word op die ontwikkeling van Afrikaanse vaktaal die afgelope eeu, mag die uitwerking van die huidige meertalige taalbeleid daarop nie onderskat word nie.

Met die erkenning in 1925 van Afrikaans as een van die destydse amptelike tale van Suid-Afrika het daar 'n groter bewustheid by individue en instansies ontstaan om Afrikaanse terme te skep en aan te teken. Die eerste vakwoordeboek is reeds in 1918 deur prof. DF du Toit Malherbe saamgestel – dit was die *Engels-Afrikaanse Skeikundige terminologie.* Die toenmalige Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het reeds die eerste *Afrikaanse Woordelijs en Spelreëls* (AWS) in 1917 saamgestel en gepubliseer, en hierdie AWS het waarskynlik toe reeds as basis gedien vir die termskeppingsproses in Afrikaans (wat die daaropvolgende publikasies van die AWS inderdaad was).

Nadat Afrikaans die status van amptelike taal naas Engels verkry het, moes daar skielik 'n tweetalige diens gelewer word sodat Afrikaans sy volwaardige plek langs dié dominante wêreldtaal kon inneem. Skielik moes Afrikaanse vaktaal vir 'n verskeidenheid van beroepe en vakgebiede ontwikkel word. Die ontwikkeling van Afrikaanse terme oorheers gevolglik in die vorige bestel die Suid-Afrikaanse terminografiebedryf. 'n Hele aantal vertalende Engels-Afrikaans/Afrikaans-Engelse tweerigtingvakwoordeboeke en -terminologielyste is gepubliseer (Grobler, Prinsloo & Van der Merwe*,* 1991:9; Alberts, 1988; 1999; 2003:134, 135; 2015b).

Die staat het in 1928 'n Vertaalburo in die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap gestig. Daar is toe ook by die destydse Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens (later SA Vervoerdienste) en die Suid-Afrikaanse Weermag (Vloot, Lugmag en Leër) taaldienste tot stand gebring. Die staatsamptenare verbonde aan die Staatsdiens se taalkantore was meesal Afrikaanssprekend, maar moes dokumente in Engels en Afrikaans lewer. Vertalers verbonde aan instellings in die openbare sektor het spoedig besef dat die tweetalige terminologie waarmee hulle daagliks werk, aangeteken en gestandaardiseer moet word om eksakte kommunikasie te bevorder, want 'n proliferasie van terme vir dieselfde konsep het tot wankommunikasie gelei. Die vertalers het gevolglik begin om termlyste vir eie gebruik saam te stel. Nog later het taalkantore termlyste vir hul onderskeie beroepsfere begin saamstel om te verseker dat terme konsekwent gebruik en gestandaardiseer word. Die tweetalige termlyste wat deur verskeie instansies saamgestel is, het 'n stewige terminologiese basis in Suid-Afrika help vestig (Botha,

Alberts & Kapp, 2010; Alberts, 2015b). Die proses waarin vertalers terminologie aanteken, staan bekend as die vertaalgeoriënteerde terminografiebenadering (Engels: *translation-oriented terminography* (*TOT*)) (vgl. ISO, 2000; Alberts, 2017:177–179).

Vakkundiges en akademici het ook in die beoefening van hul beroepe besef hoe belangrik dit is om Afrikaanse terme te skep en aan te teken sodat hulle Afrikaans in hulle beroepe of vakonderrig kon gebruik. Die terminografieproses het die vakgeoriënteerde benadering (Engels: *subject-oriented terminography approach*) gevolg waarin die konsep binne 'n bepaalde vakgebied benoem moet word (Alberts, 2017:179-180). Die *Vakwoordeboek (Wetenskaplik en tegnies) – Scientific and Technical Dictionary,* wat as twee volumes deur prof. DF Du Toit Malherbe in 1932 gepubliseer is, is met die samewerking van 25 vakspesialiste saamgestel. Dit was een van talle voorbeelde van termlyste en vakwoordeboeke wat deur vakkundiges en akademici saamgestel is. Ander voorbeelde waarvan slegs die vakgebied en jaartal verstrek word, is die volgende ('n komma [,] tussen datums dui op herdrukke van dieselfde vakwoordeboek of termlys deur dieselfde outeur(s), terwyl 'n kommapunt [;] tussen datums dui op verskillende vakwoordeboeke of termlyste deur verskillende outeurs, wat dit duidelik maak dat daar reeds in daardie vroeë stadium van vaktaalontwikkeling duplikasie van projekte was.) Hier word slegs genoem op watter terreine vakwoordeboeke of termlyste verskyn het: handel (1933); geneeskunde (met veeartsenykundige, tandheelkundige en hospitaalterme) (1935); Suid-Afrikaanse motorterme (1935); medies (1935; 1944, 1966; 1962; 1979, 1988, 1991, 1997; 1993); regte (1948, 1963, 1981, 1984, 1992; 1976, 1978, 1991); steenmesselwerk (1951); veesiektes (1953); elektronika (1954); beskermde veldblomme van Kaapland (1958); rekeningkunde (1958, 1981); drank (1961); fisika (1961; 1983); soogdiere (1962); mikrobiologie (1962); letterkunde (1963); effektebeurs (1963, 1968); tegniek (1964, 1968; 1976); vlegwerk (1964); elektriese ingenieurswese (1965); elektrisiteit (1965; 1967); statistiek (1961; 1965); grondmeganika (1965; 1972; 1984); plantname (1966); drukkerswese (1967); saketerme vir skryfbehoeftehandelaars (1970); kerkterme (1970); nasionale boomlys (1972, 1978); argitektuur (1972); oftalmologie (1972); toneel, ballet, rolprente en hoorspele (1972); berg- en riviername (1973); ekonomie (1973, 1976; 1976); fotografie (1973); verpleegkunde (1975); varswatervisse (1975); rekenmeestersberoep (1975); geomorfologie (1978); biologie (1978, 1979); rekenaarwese (1979;1985); psigologie (1979, 1988); regsgeleerdheid (1980); handel (1978, 1981); veldblomme van Oos-Kaapland (1981); plaagdoders (1982); strategie (1982, 1983); biologie (1983; 1984); veekunde (1983); regte (1986); molekulêre biologie (1987); buitelandse plekname (1987); swamme (1988); spyskaarte en kombuisterme (1988); sterrekunde (1990); grondkunde (1990, 1993, 1995); katoen (1990); kommunikasie (1991); frases (1992); marknavorsing (1991; 1993); geografie (1992); regs- en handelsterme (1992); argeologie (1993); empiriese opvoedkunde/opvoedkundige sielkunde (1992; 1993); verkiesings (1994); polisie (1994); genetika en statistiek (1994); musiek (1994); sake (1991; 1995); ondernemingsbestuur (1996); paramediese beroep (1996); siviele ingenieurswese (1996); snelskrif (s.j.).

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) bring in die vroeë veertigerjare sy Fakulteit Natuurwetenskappe en Tegnologie tot stand, en dit het daartoe bygedra dat Afrikaans op 'n verskeidenheid van terreine as volwaardige wetenskapstaal ontwikkel moes word. Die staat het in 1950 'n ooreenkoms met die SAAWK gesluit waarkragtens die Vaktaalburo daar tot stand gekom het wat verantwoordelik was vir die ontwikkeling van hoër registers van vaktaal. Binne die eerste twee jaar is vier terminologielyste bekendgestel en is bestaande terminologielyste hersien (Kapp, 2009:125-127; Alberts, 2015b). Verskeie vakwoordeboeke is deur die Vaktaalburo saamgestel op gebiede soos die volgende: fisika

(1948); landbou en bosbou (1950); paleontologie (1950); opvoedkunde en sielkunde (1951); geneeskundige ontleedkunde (1953); skeikunde (1955); boukunde (1960, 1981); opmeetkunde (1960, 1965); aptekerswese (1965); statistiek (1965); versekering (1964, 1970); sterrekunde (1966); water- en rioolwerke (1970); geologie (1970); papier (1970); biblioteekwese (1971); wiskunde (1971, 1987); plantkunde (1971); plastiek (1971, 1973); musiek (1971, 1973); en ingenieurswese (1976).

In 1950 is ’n vakvereniging, die Transvaalse Vereniging van Munisipale Vertalers, gestig om vertalers verbonde aan verskeie munisipaliteite met vertaalprobleme te help. As gevolg van die belangstelling deur nasionale instellings en munisipaliteite in ander provinsies as Transvaal is die naam verander na die Vereniging van Munisipale Vertalers. Later is meer klem op terminologiewerk gelê en is die naam verander na die Terminologievereniging van Suid-Afrika (Termsa), wat uiteindelik in die negentigerjare Prolingua geword het (Prolingua, 2015:2). Hierdie vakvereniging het onder meer die *Aandelebeursterme* (1963, 1985) en die *Lewensversekeringswoordeboek* (1987) saamgestel, en sedert 1994 het hy ook ’n aanlyn termlys wat terminologie van verskeie vakterreine bevat (http://prolingua.org.za).

In 1954 het die staat sy verskillende taaldienste geherorganiseer en sowel die Vertaalburo as die Vaktaalburo na die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (later die Departement van Nasionale Opvoeding) oorgeplaas. ’n Nuwe Taaldiensburo is toe in die plek van die Vertaalburo vir die staat gestig. Hoewel die Departement die Vaktaalburo beheer en gefinansier het, het dit egter steeds onder die SAAWK geressorteer (Kapp, 2009:127).

In die vyftigerjare het vertalers by die Taaldiensburo begin om Engelse en Afrikaanse terme op indekskaarte aan te teken. In 1956 het die Terminologieseksie (later Afdeling Terminologie) as deel van die Taaldiensburo ontstaan. Terminoloë is aangestel om die vaktale van ’n verskeidenheid van vakgebiede te ontwikkel. Vakkomitees wat uit vakkundiges en terminoloë bestaan het, is ingestel om die terme van die onderskeie vakgebiede te bespreek en te finaliseer (Alberts, 2003:135; 2015b). Die vakkomitees het slegs vertalende vakwoordeboeke saamgestel (vgl. 3.2.1). Die Terminologieseksie/Afdeling Terminologie van die Taaldiensburo van die Departement van Nasionale Opvoeding het onder meer vakwoordeboeke en termlyste op die volgende terreine saamgestel: skeikunde (1951); weermag (1954); liggaamlike opvoeding (1957; 1968); poskantoor (1959); insekname (1959, 1963); elektrotegniek (1963); werktuigkunde (1963); akkerbou (1964); blommerangskikking (1964); meganika (1964); grondkunde (1965); kuns (1967); voorligting (1967); chemie (1968); rekenaarwese (1969); hoedemakery (1970); drukkersterme (1971); landbou-ekonomie (1971); haarkappery (1971); werkstudie (1971); borduurwerk (1972); hokkie (1972); suiwel (1972); rekeningkunde (1973); landbou-ingenieurswese (1973); wynbou (1973); basketbal, korfbal en netbal (1975); en huishoudkunde (1975). Die vakwoordeboeke wat saamgestel is, is deur die Staatsdrukker gedruk en versprei. Die doel van hierdie publikasies was hoofsaaklik om Afrikaanse termekwivalente vir Engelse terme te verskaf sodat Afrikaans gelyk kon staan met Engels ten opsigte van die vermoë om tegniese en wetenskaplike inligting te hanteer (Jordaan-Weiss, 1996:374).

Taalkantore verbonde aan bepaalde instellings, ander staatsdepartemente, semistaats-instellings en ander institute, organisasies of verenigings wat vertalers in diens gehad het, het ook aandag aan terminologiewerk geskenk (Botha, Alberts & Kapp, 2010) en vakwoordeboeke of termlyste saamgestel waaronder op die volgende vak- of werksgebiede:

- SA Vervoerdienste: o.a. spoorweë en verwante tegnologie (1934, 1939); lokomotiewe (1953); spyskaarte (1957, 1974, 1987); motorterme (1965); elektrotegniek (1966); elektrisiteit (1967); sweiswerk (1970); vliegtuigaandrywing (1970); vliegtuiguitrusting

(1971); motorvoertuie (1973); vliegtuigboukunde (1977); vliegtuignavigasie (1980); verpakking en behouering (1982); sinjaal- en treinbedryf (1985); spoorbane (1986); rollende materiaal (1990)
- Poswese (1959); poskantoorbedryf met ingenieursterme (1964); poswese (1990)
- SA Weermag (leër, lugmag, vloot), insluitende duikbote (1969); krygskunde (1983); navigasie- en lugvaartweerkunde (s.j.)
- SA Weerburo: Antarktika (1961)
- Natuurbewaring: beskermde veldblomme van Kaapland (1958), veldblomme van Oos-Kaapland (1981)
- Geologiese Opname/Kamer van Mynwese: geologie en verwante vakgebiede (1941, 1953)
- Bosbou: houttegnologie (1969)
- Landbou: voorligtingkunde (1967); gewone insekname (bosluise, myte, aalwurms, spinnekoppe) (1979), landbou (2011)
- Mynbou: mynventilasieterme (1961); springstofterme (1970)
- Die uitsaaiwese (die SAUK-taaldienste se vertalers het verskeie termlyste in Engels, Afrikaans en sommige Sintutale saamgestel, maar inligting oor dié termlyste kon nie bekom word nie
- Die SAUK het sedert 1994 'n meertaligheidsbeleid, maar dit is nie bekend of daar nog 'n taaldiensseksie is nie
- Die staalbedryf: Yskor-taaldiens se *Staalwoordeboek* (1978)
- Kragverskaffing: Evkomwoordeboek vir kragontwikkeling en -verspreiding (1967, 1977*)* en die Eskomwoordeboek vir die elektrisiteitsvoorsieningsbedryf (1987)
- Die Atoomenergiekorporasie van Suid-Afrika se *Kernbedryfwoordeboek* (1990; 1995)
- Die Raad Vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN): binnelandse plekname (1987); RGN-terminologie (1990)
- Die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad (WNNR): onder meer 'n tekstiel-woordeboek (1977); pad- en vervoerterme (1986) en 'n fisikawoordeboek (s.j.), en
- Die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde (SABS): onder meer houtterme (1960); elektrotegniese terme (insluitende statiese omsetters, grondterme, transduktors en elektriese traksie) (1958, 1962, 1964, 1968); verligting (1962); sweisterme (1963); masjiene en transformators (1964); industriële veiligheidstekens (1967); beveiligingsreëls (1967); skakelborde en toestelle vir aansluiting en spanningsreëling (1967); steke, stiksels en nate (1968); asbesterme (1975); kleefmiddels vir hout (1977); vuurvastemateriaalnywerheid (1980); kleefmiddels (1981); kwaliteit (1987); tekstielgoedere en tekstielkoopware (1987); kwaliteitsversekering en kwaliteitsbeheer (1988); klerelys (1989).

Hierdie instellings het almal die een of ander taaldiens gehad en taalpraktisyns het termlyste en vakwoordeboeke saamgestel. Die terminologie van die bepaalde instelling is in die meeste gevalle deur die instelling self aangeteken en dan as vakwoordeboeke of termlyste gepubliseer (Alberts, 2003:136; 2015b). Dit is egter uit genoemde vakgebiede baie duidelik dat daar geen terminologiekoördinering was nie en elke instelling het na goeddunke terminologie geskep en versprei.

Ander instellings wat ook in dié tyd termlyste opgestel het, was die volgende:

- Die brandstofbedryf: Shell Internasionale Petroleum: *Tegniese terme* (1960); Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie (Sasol): *SASOL-terminologie* (1972, 1978, 1993)

- Die Wolraad: *Verklarende woordeboek vir die wolbedryf* (1958)
- Banke: *Banktaalwoordelys* (1974, 1985), *Banktaal* (Standard Bank, 1984), *Finansiële woordeboek/Sakewoordeboek* (1985, 1988, 1991)
- Aptekerswese: *Aptekersterme* (1950), *Aptekerswoordeboek* (1962)
- Die Brandweerinstituut: *Brandweerwoordeboek* (1985)
- Portlandsementinstituut: *Beton* (1988)
- Munisipaliteite: onder meer *Institute, verenigings en komitees* (1970)
- Die Staatsbiblioteek: *Biblioteekkundige terme* (1961)
- Kultuurorganisasies: *Musiek* (1950); *Rugby* (1959); *Krieket* (1979), *Motor* (1979); *Gholf* (1986); *Tennis, muurbal, tafeltennis, pluimbal, ringtennis, vlugbal* (1978); *Noodhulp* (s.j.) – publikasies in die Handhaaf- en Boureeks van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK)
- Vakverenigings: *Filatelistiese woordelys* (Afrikaanse Filatelistiese Vereniging, 1953); *Motoristehandboek en termlys* (1969) en *Visterme* (1969) deur die Afrikaans-Portugese Vriendskapsvereniging; *Stadsbeplanning* (Universiteit van Pretoria in samewerking met Termsa, 1990), *Terme van die Johannesburgse Effektebeurs* (Prolingua, 1986), aanlyn Prolingua-terminologielys
- Akademici verbonde aan tersiêre instellings: *Stadsbeplanning* (1990); *Linguistiek* (1974); *Psigologie* (1961; 1979, 1988; 1986, 1989; 1987); *Geneeskunde* (1979, 1997; 1972, 1981, 1988); *Teologie* (1984); *Terminografie* (1989); *Taalbeplanning* (1993); *Antropologie en argeologie* (1996); *Sielkunde* (1997), *Geesteswetenskappe, Afrikaanse Taalgids* (s.j.)
- Die Koringraad, die Sitrusraad, en groot fabrieke het ook termlyste vir interne gebruik saamgestel
- Terminologiesentrums: die Sentrum vir Politieke en Verwante Terminologie (CEPTSA), wat sedert 1990 verskeie staatkundige en politieke woordeboeke gepubliseer het, en die Sentrum vir Regsterminologie in Afrikatale (SRTAT), wat sedert 1985 meertalige regswoordeboeke saamstel.

2.1 Die koördinering van vaktaalaktiwiteite

Verskillende instellings het die terme wat eie aan hul beroepe was, begin aanteken en dit het ’n proliferasie van Afrikaanse terme vir dieselfde konsep in dieselfde vakgebied meegebring. Die oorvleueling van projekte en die gevolglike proliferasie van terme blyk duidelik uit die titels van die verskillende termlyste en vakwoordeboeke wat op dieselfde vak- of randgebiede deur verskillende individue of instellings saamgestel is. Daar was geen samewerkingsooreenkomste of koördinering van projekte nie en elke instelling het na behoefte terme geskep en gebruik.

In 1958 is die Vaktaalkommissie gestig om as sentrale liggaam die koördinering van Afrikaanse terminologiewerk en die produksie en disseminering van Afrikaanse terminologie te behartig (Cluver, 1995). Een van die gevolge van die gelykberegtiging van Engels en Afrikaans (Wet 32 van 1961, artikels 108 en 118) was dat Afrikaans ontwikkel en uitgebrei moes word, maar dit was van die uiterste belang dat daar bepaalde riglyne en norme vir termskepping gestel moes word en dat instellings, waar moontlik, moes saamwerk (Alberts, 2003:134).

In 1966 vervang die Vaktaalskakelkomitee die Vaktaalkommissie (Cluver, 1995). In 1974 is die Koördinerende Vaktaalraad (KOVAK) gestig om die Suid-Afrikaanse vaktaalaktiwiteite

te koördineer. KOVAK het die Vaktaalskakelkomitee vervang. Die hoofde van die groot taalkantore in die land was lede van KOVAK, naamlik dié van die Spoorwegtaalburo, die Taaldiensburo en die Afdeling Terminologie van die Departement van Nasionale Opvoeding, die Vaktaalburo van die SAAWK, die Direktoraat Taal van die Suid-Afrikaanse Weermag (voorheen Krygstaalraad), die Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT), Yskor, die SABS, die SAUK en die WNNR, asook verteenwoordigers van die Staatsdrukker, die Vereniging van Munisipale Vertalers, die provinsies se vertalers en die Johannesburgse Tegniese Kollege. Die Direkteur: Kuns en Kultuur van die Departement van Nasionale Opvoeding was die voorsitter en die Afdeling Terminologie het die sekretariaat behartig (Kapp, 2009:129; Alberts, 2003:135, 136; 2015b).

KOVAK het norme vir terminologiewerk en die samestelling van vakwoordeboeke gestel en moontlikhede ondersoek om die Suid-Afrikaanse vaktaalpraktyk te rekenariseer (Alberts, 1983; 2003:137). Die verskillende instellings moes kernterme in hul eie vakwoordeboeke identifiseer en dit aan die WAT verskaf vir opname. Eksemplare van alle vakwoordeboeke moes aan die WAT en biblioteke gestuur word. KOVAK het egter nie sy koördineringsrol behoorlik vervul nie en die taalkantore en -dienste het basies voortgegaan met hul eie aktiwiteite.

In 1976 is die Afdeling Terminologie van die Departement van Nasionale Opvoeding met die Vaktaalburo van die SAAWK geamalgameer tot ’n nuwe Vaktaalburo en wel as deel van die Departement (Kapp, 2009:128; Alberts, 2003:135-137; 2015b). In daardie stadium was daar ses-en-twintig terminoloë wat terminologie in verskeie subgebiede (natuurwetenskappe, geesteswetenskappe, ekonomiese wetenskappe, rekenaarwetenskappe, ens.) help aanteken het. Nuut aangestelde terminoloë het in verskeie vakgebiede onder mentorskap van senior terminoloë gewerk om ondervinding op te doen voordat hulle aan bepaalde subterreine toegedeel is.

Die konsepte en brontaalterminologie (Engels) van die verskillende vakterreine is met behulp van vakkundige insette nagevors, aangeteken en gesistematiseer en van Afrikaanse doeltaaltermekwivalente voorsien. Die nuwe Vaktaalburo in die Departement van Nasionale Opvoeding (later die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie (DKKWT)) het vakwoordeboeke op onder meer die volgende vakgebiede saamgestel: ekonomie (1976, 1981); ingenieurswese, hidroulika, pneumatika, fluïdika (1976); kernenergie (1976); filatelie (1977); fisika (1977); handwerk (1977); teater (1977); kriminologie (1978); sielkunde (1978); veeartsenykunde (1978); Bybelkunde (1979); hotelontvangs (1979); vergaderingprosedure en redevoering (1979); houtwerk (1980); sokker (1980, 1982); sosiologie (1980); aptekerswese (1981); dierkunde (1982); fotografie (1982); radio en televisie (1982); weerkunde en hidrologie (1983); mynbou (1983); buitelandse plekname (1987); maatskaplike werk (1984); biblioteekkunde, inligtingkunde en verwante gebiede (1989); naaldwerk en modebedryf (1989); staatkunde en verwante gebiede (1989); LAN-terminologie (1990); chemie (dele 1 en 2) (1991); tuinboukunde met plantname (1991).

Ná afloop van ’n vaktaalondersoek in 1984 (Cluver & Scheffer, 1984) word KOVAK ontbind, en word die staat se terminologiekantoor ooreenkomstig die 1984-vaktaalmodel die nasionale bestuurseenheid vir vaktaalbedrywighede (Scheffer, 1987:33). Die Vaktaalburo se naam is in 1985 verander na die Nasionale Vakterminologiediens (NVD). Dié kantoor vervang KOVAK as koördinerende liggaam. Die eenheid se naam word later verander na die Nasionale Terminologiediens (NTD). Vakkomitees onder leiding van die nasionale terminologiekantoor het verskeie vakwoordeboeke uitgegee (Alberts, 2003:137; 2015b).

Hoewel die NTD as nasionale terminologiekantoor en as staatsinstelling in die verlede amptelik vertalende vakwoordeboeke in Engels en Afrikaans saamgestel het, is daar vóór 1994

reeds besef dat daar ’n dringende behoefte aan terminologie in die verskillende Sintutale was. Daar is kontak gemaak met die destydse taalrade wat die inheemse tale amptelik hanteer het en daar is toe begin met navorsing oor woordvormingsbeginsels en die skryf- en spelreëls van die verskillende inheemse tale. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, het die gelyke beregtiging van alle amptelike tale vereis, maar reeds in 1995 het die terminologiekantoor elf moedertaalsprekers (een per amptelike Sintutaal, maar twee vir Zulu en twee vir Tswana) as terminoloë aangestel om die aantekening van terminologie in die verskillende Sintutale te behartig (Alberts, 2003:138; 2015b). In daardie stadium was daar steeds 10 Afrikaanssprekende terminoloë in diens van die NTD, wat voortgegaan het met die tweetalige vaktaalprojekte waarmee hulle besig was. Interessant genoeg was daar nooit ’n Engelsmoedertaalsprekende terminoloog in diens van die NTD of sy voorgangers nie.

’n Nuwe afdeling vir Sintutale is ingestel en daar is dadelik met die indiensopleiding van die nuutaangestelde Sintutaalterminoloë begin. Die kantoor kon daarna amptelik begin met die saamstel van elftalige vakwoordeboeke waarin uitgebreide inligting soos definisies toegevoeg is. Hierdie ontwikkeling van terminologie in elf tale in plaas van slegs twee het die terminologiekantoor noodwendig ’n groeifase laat beleef, wat uiteindelik tot voordeel van al die inwoners van Suid-Afrika sou wees (Jordaan-Weiss, 1996:374).

Van die eerste vertalende en verklarende termlyste wat in al elf amptelike tale verskyn het, was *Weerkunde* (1996), *Inheemse soogdiere* (1996) en *Basiese Gesondheid* (1997). Die bestaande NTD-personeel wat voorheen in Engels en Afrikaans gewerk het, het steeds terminografie in afgebakende subvakgebiede bedryf, naamlik natuur-, lewens-, handels- en geesteswetenskappe (kyk Figuur 1). Dié personeel het ook voortgegaan om die tweetalige vertalende vakwoordeboeke



Figuur 1: *Diagram van terminografiese aktiwiteitevloei binne ’n meertalige terminologiekantoor* (Alberts, 2005b)

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a2

waaraan hulle gewerk het, te voltooi en te publiseer. Voorbeelde daarvan is: *Maatskaplikewerkwoordeboek* (1995); *Drukkerswoordeboek* (1995); *Geologiewoordeboek* (1996); *Tegniesetekenewoordeboek* (1996); *Poskantoorwoordeboek* (1998).

Daar was ook by die nasionale terminologiekantoor 'n Afdeling Stelselontwikkeling en Navorsing wat onder meer behoeftebepalingsondersoeke gedoen het en projekprioriteite bepaal het (vgl. Alberts, 1990:60). Dié afdeling het ook 'n register saamgestel waarop alle terminologieprojekte (beplan, lopend, afgehandel, uit druk) geregistreer is ten einde duplisering van projekte te verhoed en samewerking met ander kundiges op 'n bepaalde terrein te probeer bewerkstellig. Daar was ook 'n Afdeling Rekenaarfasiliteite, wat verantwoordelik was vir rekenaarprosesse soos die hantering van die databasisprogram, en die finale voorbereiding van woordeboekmanuskripte vir publikasie, asook vir publikasies soos die maandelikse nuusbrief *Termmakelaar/Termbroker* (vanaf ongeveer 1996) (vgl. NTD, 1997b), 'n katalogus van vakwoordeboekpublikasies (vgl. NVD, 1988/89; NTD, 1993; 1997c; 1998), en 'n gids van taalbronne wat in Suid-Afrika beskikbaar was (vgl. NTD, 1997a). Die NTD het beslis gepoog om 'n koördinerende rol te vertolk en om inligting oor terminologiese aktiwiteite so goed moontlik te versprei.

Senior terminoloë het van 1995 tot 2000 terminologieopleiding aan provinsiale medewerkers verskaf. Die kantoor het ook in hierdie tydperk aan internasionale projekte deelgeneem, soos die meertalige projekte van die Europese Unie en van die International Organization for Unification of Terminological Neologisms (IOUTN), wat 'n wêreldbank van internasionale terme, die World Bank of International Terms (WBIT), bestuur. Daar is hoofsaaklik Afrikaanse terme in verskeie vakgebiede tot die IOUTN-lys toegevoeg (Alberts, 2000b; 2000c:47-58). Daar is destyds ook met die Lessius-Universiteitskollege in Antwerpen saamgewerk en in 2001 is verskeie tweetalige vakwoordeboeke na hierdie universiteit gestuur vir gebruik in vertaal- en tolkopleiding.

Slegs enkele vakwoordeboeke, wat almal private inisiatiewe was, word in hierdie tyd in die Sintutale gepubliseer (Alberts, 2003:137; 2015b), waaronder meertalige *Brouerywoordeboek* (1961); meertalige *Foto- en kinematografieterme* (1961); meertalige *Grondmeganikaterme* (1965); meertalige *Bankwoordeboek* (1966); *Rekenaarterme* in Engels en Zulu (s.j.); *Verkiesingsterme* in Engels, Afrikaans en Sotho (1994), *Grammatikaterme* in Engels en Noord-Sotho (1994).

In die negentigerjare was daar op lyste wat die produksie weerspieël het van vakwoordeboeke waarvan Afrikaans een van die behandelde tale was, meer as 150 titels (Luther, 2005). Daar was selfs 'n *Motoristehandboek en termlys* (1969) en *Visterme* (1969) deur die Afrikaans-Portugese Vriendskapsvereniging met slegs Afrikaanse termekwivalente naas die Portugese brontaalterme. 'n Opname wat in 2015 namens die SAAWK gedoen is, toon 365 vakwoordeboeke en termlyste waarvan Afrikaans een van die behandelde tale was (Alberts, 2015b). 'n Onlangse opname (2024) toon dat daar in die tydperk 1925 tot 2025 minstens 480 vakwoordeboeke en termlyste saamgestel en gepubliseer is waarvan die skrywer bewus is. Daar was ook 82 projekte wat deur tersiêre instellings onderneem is (vgl. Alberts, 2015b; Taalsentrum, US, 2024; VivA, 2024; Wikipedia, 2024).

'n Terugblik op die Suid-Afrikaanse vaktaalsituasie toon dat Suid-Afrika van die vyftigerjare tot aan die einde van die negentigerjare 'n bloeityd beleef het wat die skepping van veral Afrikaanse terminologie betref.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a2

3. Vaktaalontwikkeling: Die hede (2000–2025)

3.1 Taal- en terminologiebeplanning

Die destydse Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie het in 1996 'n taakspan, die Language Plan Task Group (LANGTAG), aangewys om die talesituasie in Suid-Afrika te ondersoek – dit was eintlik 'n taalbeplanningsoefening. Die LANGTAG-verslag (LANGTAG, 1995, 1996; Cluver, 1996) het implikasies vir die kort- en langtermynvaktaalbestuur gehad en die vaktaalbehoeftes van die elf amptelike tale moes binne 'n meertaligheidsbestel ondervang word. Die vaktaalgebruikersgemeenskap verskil ook van dié van die vorige talebestel, en terminologiedata moes in verskillende registers beskikbaar gestel word (Ferreira, 2002).

Op grond van aanbevelings vervat in die LANGTAG-verslag (LANGTAG, 1995, 1996) is die Nasionale Terminologiediens, van die Direktoraat Wetenskap en Tegnologie en die Staatstaaldiens (vertaalafdeling) van die Direktoraat Kuns en Kultuur van die destydse Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie (DKKWT) op 1 April 1998 geamalgameer tot die nuwe Nasionale Taaldiens (NTD); dié nuwe taalkantoor ressorteer vanaf daardie datum onder die Direktoraat Kuns en Kultuur van die Departement. Die terminologiedienste sou voortaan bekend staan as die Terminologie- en Plekname-afdeling van die Nasionale Taaldiens (Kapp, 2009:130).

Die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie is in Augustus 2001 in twee afsonderlike departemente verdeel, naamlik die Departement van Kuns en Kultuur (DKK) en die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT). Die Terminologie- en Plekname-afdeling staan sedert Augustus 2001 bekend as die Terminologiekoördineringsafdeling (TKA) van die Nasionale Taaldiens van die Departement van Kuns en Kultuur (tans: Departement van Sport, Kuns en Kultuur) (Alberts, 2003:138). (In die praktyk word slegs die Engelse benaming Terminology Coordination Section en afkorting TCS vir die kantoor gebruik en volgens sy mandaat word nie voorsiening gemaak vir kantoor- of projekbenamings in Afrikaans of die Sintutale nie.)

Die sentralisering en burokratisering van terminologiedienste in 2001 het probleme veroorsaak vir vaktaalontwikkeling op nasionale, provinsiale en plaaslike bestuursvlakke. Nie net is die meeste groot taalkantore aansienlik verklein nie, maar daar het 'n groot tekort aan opgeleide terminoloë en 'n afname in vrywilligerbetrokkenheid ontstaan (Kapp, 2009:130-131).

Veeltaligheid in Suid-Afrika is 'n feit wat met erns bejeën moet word, maar dit bied wel baie uitdagings wat vaktaalontwikkeling in Suid-Afrika betref. Volgens die Sensus 2022-gegewens het slegs 10% van die Suid-Afrikaanse bevolking Engels as eerste taal en 'n beduidende persentasie van die bevolking kan slegs deur hulle onderskeie moedertale doeltreffend bereik word. Inligtingsvloei word belemmer deur faktore soos 'n lae geletterdheidspersentasie en die feit dat die vaktale van die amptelike tale buiten Afrikaans en Engels swak ontwikkel is.

Die feit dat die meeste Suid-Afrikaners nie eerstetaalsprekers van Engels is nie, impliseer dat baie van hulle beperkte of geen toegang tot inligting het nie – 'n belangrike kommoditeit vir ekonomiese en maatskaplike deelname en vir Suid-Afrika (Statistics South Africa, 2013:iii; 2022). Die ontwikkeling van menslike potensiaal en die aktiewe bevordering van die wetenskap en tegnologie ressorteer onder die belangrikste prioriteite van die huidige Suid-Afrikaanse regering (Carstens, 1997:1–24). Sonder taal (ook gebaretaal) is kommunikasie egter nie moontlik nie en sonder vaktaal is vakspesifieke kommunikasie onmoontlik.

Hierdie faktore stel toenemende eise aan die amptelike tale en vereis meertalige terminologie op verskillende vak- en kennisgebiede. Die behoefte aan vaktaal is waarskynlik groter in Suid-Afrika as in enige ander land, gegewe die meertaligheidsbeleid waarvolgens die 12 amptelike tale (met inbegrip van Suid-Afrikaanse Gebaretaal) doelbewus bewaar, bevorder en ontwikkel moet word. As gevolg van die hegemonie van Engels sukkel die ander amptelike tale egter met vaktaalontwikkeling (Fourie, 1994:13; Alberts, 1997b:179-191; 1998:230; 2003:127; 2015b; Ferreira & Du Plessis, 2007:56).

Oorlewing in die hoogs mededingende wêreld van die wetenskap en tegnologie dwing die gebruikers van die Sintutale om hul konseptuele siening van hul tale te verander en aan te pas by die maatskaplike, kulturele en ekonomiese konsepte van die moderne wêreld (Ferreira, 2002:169). Terminologiegroei is volgens Nkabinde (1992:95) gebonde aan die mens se betreding van wetenskaplike, ekonomiese en tegnologiese lewensterreine. Wetenskaplike en tegnologiese kennis behoort deur middel van die Sintutale gepopulariseer te word en behoort gevolglik ontwikkel te word om op alle vlakke van die samelewing as funksionele tale gebruik te kan word (Abdulaziz, 1989:32). “Hoe meer funksies ’n taal verloor, hoe vinniger gaan die taal se gebruikswaarde agteruit; hoe kleiner krimp sy taalwêreld; en hoe makliker verskuif sy taalgemeenskap na ’n ander, meer bruikbare taal” (Buys, 2014:4).

3.1.1 Taalbeleid, wetgewing en taalstrukture wat vaktaalontwikkeling beïnvloed

Taalbeleid bepaal die status wat ’n land aan sy tale verleen en gevolglik staan vaktaalontwikkeling en -bestuur in direkte verhouding tot die taalbeleid van ’n land (Alberts, 2003:134; 2008; 2010). Hierdie benadering tot terminologieontwikkeling word die taalbeplanningsgeoriënteerde terminografiebenadering (Engels: *language-planning terminography approach*) genoem (Alberts, 2017:181-182).

Die meeste terme bereik Suid-Afrika deur medium van Engels. Suid-Afrikaanse Engels het ’n unieke karakter ontwikkel deur die absorpsie van woorde uit Frans, Duits, Portugees, Maleis, Persies, Arabies, Afrikaans en die Sintutale (Grobler *et al.,* 1991), en dit bly steeds ’n taal met ’n goedontwikkelde korpus van terme wat konsepte in velerlei vakgebiede benoem. Hierdie korpus van terme word deurlopend outomaties bygewerk wanneer nuwe terme nuwe konsepte in Engels benoem. Dit was gevolglik nog nooit vir ’n Suid-Afrikaanse liggaam nodig om amptelik terminologie in Engels te ontwikkel nie. Trouens, in Suid-Afrika word Engels hoofsaaklik as die bron- of dokumenteringstaal beskou. Daar word relatief min veranderinge aan die Engelse terme gemaak – soms wel spel- of skryfwyseaanpassings (Alberts, 2003:134).

Die rol en funksie van Afrikaans en die Sintutale het sedert 1994 aansienlik verander as gevolg van politieke en maatskaplike veranderinge. Die Suid-Afrikaanse regering is regtens verplig om meertaligheid in Suid-Afrika te bevorder. Die sogenaamde Tussentydse Grondwet, 1993 (Wet No. 200 van 1993), en die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, het ’n totaal nuwe talebestel vir Suid-Afrika ingevoer. Taalregte word in verskillende artikels van die Grondwet, 1996, genoem. In artikel 6 word daar voorsiening gemaak vir elf amptelike tale vir Suid-Afrika en vir die ontwikkeling van dié tale wat voorheen beperkte amptelike status geniet het. Sedertdien (2023) is Suid-Afrikaanse Gebaretaal ook as amptelike taal bygevoeg. Die taalopdrag soos vervat in die Grondwet veronderstel –

- die daarstelling van ’n infrastruktuur deur die staat vir die ontwikkeling en bestuur van al die tale wat in die Grondwet genoem word, en
- die instelling van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (artikel 6(5)) (Alberts, 2003:132, 133).

Die LANGTAG-verslag (DACST, 1996) is deur die Nasionale Taaldiens verder gevoer en ’n nasionale taalbeleidsraamwerk (DAC, 2002) is gedurende 2002 bekendgestel. ’n Implementeringsplan vir die nasionale taalbeleidsraamwerk, wat ’n algemene strategie vir die ontwikkeling van die Sintutale aanbied, is in 2003 bekendgestel (DAC, 2003). Wat vaktaalbestuur betref, word daar nie in die implementeringsplan ’n spesifieke strategie vir die bestuur van terminologiedata uiteengesit nie. Beide die LANGTAG-verslag en die taalbeleidsraamwerkdokument rig egter vaktaalbestuur binne die TCS in (Ferreira, 2002).

3.1.2 Nasionale terminologiebeleid

Daar het nog nooit sedert die RGN-vaktaalverslag van 1984 ’n nasionale terminologiebeleid vir Suid-Afrika gegeld nie. Daar bestaan verskeie voorbeelde van terminologiebeleidsraamwerke op internasionale gebied (bv. dié van UNESCO, 2005, en ISO, 2005; 2020) wat deur die SABS/TK 37 (’n nasionale komitee van die internasionale ISO/TK 37-komitee van die Internasionale Standaardeorganisasie (ISO)) as nasionale standaard vir Suid-Afrika aanvaar sou kon word. Die gebrek aan ’n terminologiebeleid veroorsaak dat terminologiewerk lukraak gedoen word deur enige instelling wat terminografie wil bedryf sonder om die nasionale terminologiekantoor in ag te neem of leiding by dié kantoor te vra. Die TCS voldoen nie aan sy doel om die koördineringsgesag vir terminologie in Suid-Afrika te wees nie.

Die Departement van Sport, Kuns en Kultuur (DSKK) het in 2023 tenders gevra vir die ontwikkeling van ’n nasionale terminologiebeleid (NTB) vir die TCS, ’n direktoraat binne die Nasionale Taaldiens van die Departement. Die nasionale terminologiebeleid is in die tydperk Augustus 2003 tot Junie 2024 ontwikkel en is spesifiek op die werksaamhede van die TCS as nasionale terminologiekantoor gerig. Die doel van die beleid is om riglyne aan beleidmakers in die regering en ander instellings te verskaf oor hoe om terminologieontwikkeling te ondersteun en terminografiese metodes en praktyke toe te pas ten einde vaktaal in Suid-Afrika doeltreffend te bestuur. Die nasionale terminologiebeleid plaas klem op terminologiebestuur deur die TCS en die koördinering van die terminologie van vaktale deur verskillende instellings ten einde konseptuele vakkennis met behulp van meertalige terme in die amptelike Suid-Afrikaanse tale ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse Grondwet aan te teken en te versprei (Layton, Alberts & Sanker, 2024). Hopelik sal hierdie beleid die terminologiebedryf weer op die regte spoor bring.

3.2 (Vak)taalkantore, taaldienste en taaleenhede

Die meeste van die destydse groot taalkantore is intussen verklein of ontbind. Buiten die TCS, wat terminologiewerk namens die sentrale regering behartig, is daar tans egter wel verskeie taal- en redaksiekantore, taaldienste en taaleenhede op al drie die owerheidsvlakke (nasionaal, provinsiaal, plaaslik) wat hulle in ’n mindere of meerdere mate met terminologiewerk bemoei.

3.2.1 Terminology Coordination Section

Sedert 1994 gee die nuwe regering deur middel van die NTD, en later die TCS, aandag aan vaktaalontwikkeling en -voorsiening in die elf amptelike tale (en sedert 2024 ook aan Suid-Afrikaanse Gebaretaal), en wel op ’n verskeidenheid van spesialisgebiede.

Daar was vir ongeveer ’n dekade ná 1994 steeds tien Afrikaanstalige terminoloë by die TCS werksaam, wat ook vir die Engelse brontaalterme en -definisies verantwoordelik was.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a2

Dit blyk uit die navorsing wat onderneem is om 'n Nasionale Terminologiebeleid vir die TCS te ontwikkel (vgl. Layton, Alberts & Sanker, 2024), dat die begroting en personeelstruktuur van die TCS tans voorsiening maak vir slegs een terminoloog per amptelike taal. In die praktyk is daar tans (2024) slegs een terminoloog per Sintutaal werksaam, maar geen Engelstalige of Afrikaanstalige terminoloog nie. 'n Pos wat vakant raak, byvoorbeeld deur bedanking of aftrede, word nie gevul nie. Daar is weliswaar in 2024 'n gebaretaalpos goedgekeur om die vaktaalbegrippe se gebare te standaardiseer, maar die aanstelling van terminoloë om Engels en Afrikaans te hanteer, is nie in die vooruitsig nie. Boonop ontvang die nuutaangestelde terminoloë slegs opleiding om die rekenaarbestuurstelsel te bedryf en nie in die teorie en praktyk van terminologie en terminografie nie, hoewel daar verskeie handleidings beskikbaar is (Cluver, 1989; Alberts, 2017; 2019). Die kantoor beskik ook nie oor genoegsame hulpbronne om al die vaktaalprodukte te lewer wat die Sintutale se vaktale sodanig sal uitbrei dat hulle tot funksionele tale kan ontwikkel wat in alle gebruiksfere van menslike aktiwiteit aangewend kan word nie (Layton, Alberts & Sanker, 2024).

Engels dien steeds as brontaal omdat tersaaklike vakgerigte inligting meestal in Engels beskikbaar is. Daar is egter by die TCS daarvan sprake om die Sintutale as brontale te gebruik – iets wat slegs moontlik sal wees indien vakkundige bronne in dié tale beskikbaar is. Voorheen, tydens die tweetalige bestel, is slegs vertalende vakwoordeboeke en termlyste saamgestel met die doel om Afrikaanse termekwivalente so gou doenlik aan gebruikersgroepe beskikbaar te stel. Definiëring sou tydrowend wees, maar omdat die terminoloë deurgaans saam met vakkundiges in vakkomiteeverband gewerk het, kon hierdie kundiges behulpsaam wees met die verklaring van konsepte en die benoeming daarvan in Afrikaans. In die huidige meertalige bestel moet verrykte en uitgebreide terminologiese inligting voorsien word. Definisies word in Engels verskaf, met meestal slegs termekwivalente in Afrikaans en die Sintutale. Dat daar steeds geen Engels-moedertaalspreker by die nasionale terminologiekantoor in diens is nie, is onbegryplik, gegewe die feit dat definisies vir konsepte slegs in Engels verskaf word.

Tydens die ondersoek vir die NTB (vgl. Layton, Alberts & Sanker, 2024) het dit geblyk dat, hoewel Afrikaans nog as een van die amptelike Suid-Afrikaanse tale terminologies behandel behoort te word, daar in werklikheid nie meer by die TCS sprake is van die uitbreiding van die Afrikaanse vaktaal nie. Die vakgebiede waaraan daar tans op nasionale vlak gewerk word, is op die laer registers van vaktaalgebruik gerig (bv. basiese gesondheid en skoolvakke), waarvoor daar reeds Afrikaanse terme bestaan; die kantoor voldoen dus nie aan die vaktaalbehoeftes van Afrikaans op hoër vlakke nie (Alberts, 2003:143; 2015b; 2019).

Terminologiewerk vorder stadig, is duur en is tydrowend vanweë die groter aantal (voorheen terminologies onontwikkelde) tale betrokke en die aantal nuwe terme wat geskep en goedgekeur moet word. Daar is sedert 1994 'n afname in die publikasie van nuwe vakwoordeboeke deur die nasionale terminologiediens (Luther, 2005). Die volgende gedrukte meertalige terminologielyste in al elf tale is sedert 2000 deur die TCS saamgestel: *Wiskunde* (Grade R tot 6) (2003); *Parlementêre en politieke terme* (2005; 2013); *Inligting en kommunikasie* (2005); *Sokker* (2009; 2018); *MIV/Vigs* (2013); *Verkiesing* (2014); *Kuns en Kultuur* (2015); *Lewensoriëntering* (2016); *Finansiële terme* (2017); *Menslike, sosiale, ekonomiese en bestuurswetenskappe* (2017); *Farmaseutiese terme* (2021); *Ingenieurs- en konstruksieterme* (lopend); *Verkeersveiligheid* (lopend); *Inheemse plante en diere* (lopend); *Verkiesing, natuurwetenskappe en tegnologie* (sonder Afrikaanse terme, s.j.) (vgl. TCS, 2018).

Die TCS en sy onmiddellike voorgangers het sedert die RGN-verslag van 1984 (Cluver & Scheffer, 1984) die vaktaalkoördineringsrol oorgeneem. As vaktaalkantoor van die sentrale regering is die TCS dus veronderstel om steeds 'n nasionale terminologiediens te lewer. Dit

behels alle aspekte van die aantekening, standaardisering, disseminering en koördinering van meertalige vaktaaldata. Die terminologiekoördineringsproses is veronderstel om die volgende te behels:

- samewerking en skakeling tussen belanghebbendes, rolspelers en medewerkers (bv. vakspesialiste, akademici, taalkundiges, taaleenhede in nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsvlakke, nasionale taalliggame, nasionale leksikografiese eenhede, onderwys en opleiding (primêr, sekondêr en tersiêr), uitgewers, ens.)
- behoeftebepaling en prioriteitsbepaling
- koördinering van terminologieontwikkelingsinisiatiewe
- registrasie van terminologieprojekte in 'n nasionale register om samewerking te bewerkstellig en oorvleueling van projekte te beperk
- aantekening van terminologiese data in die nasionale termbank
- disseminering van terminologiese data (Alberts, 2015b; Layton, Alberts & Sanker, 2024)

Vantevore het die nasionale terminologiediens, as fasiliteerder van vaktaalaktiwiteite, vaktaalbehoeftes geïdentifiseer en samewerking tussen alle belanghebbendes bevorder. Die Afdeling Stelselontwikkeling en Navorsing wat hierdie sake hanteer het, bestaan nie meer by die TCS nie (vgl. Figuur 1). Skakeling en wedersydse stimulering en samewerking is tans nie na wense nie. 'n Nasionale register waarin alle vaktaalprojekte geregistreer moet word om duplisering te verhoed en, waar moontlik, samewerking te bewerkstellig, was lank onder konstruksie (Alberts, 2000a; 2015b; Layton, Alberts & Sanker, 2024).

Die nasionale termbank waarin alle terminologie gedeponeer behoort te word, is steeds nie operasioneel nie (Layton, Alberts & Sanker, 2024). Sedert die rekenarisering van die terminografieproses is van verskeie doelgemaakte datavasleggingsprogramme gebruik gemaak. Tans word die Autshumato Terminology Management System (TMS) gebruik wat deur CTexT van die Noordwes-Universiteit ontwikkel is. Dit is 'n oopbronrekenaarstelsel wat as terminologiebestuurstelselprogram die kantoor in staat stel om die nasionale termbank te beheer en te bestuur. Die stelsel bied 'n aanlyn terminologiediens wat die skep, die in- en uitvoer van terminologie en die instandhouding van data vergemaklik. Die stelsel is taalonafhanklik en enige taal kan in die stelsel bygevoeg word. Die TMS vergemaklik ook die uitvoer van terme as glossariums (wat saam met vertalingsprogrammatuur gebruik kan word) óf as woordeboeke (wat gepubliseer kan word) óf as aanlyn data. Die terminologiekantoor poog om alle terminologiese aktiwiteite uit te voer en rekenaartoepassings aan te wend volgens internasionale standaarde, soos bepaal word deur die Internasionale Standaardeorganisasie se Tegniese Komitee (ISO TK/37) (Alberts, 2003:139; 2015b; Layton, Alberts & Sanker, 2024).

Vertalers verbonde aan die Nasionale Taaldiens en eksterne taalwerkers kan met die TCS skakel en van die beskikbare terminologie gebruik maak. Die terminoloë kan ook terme by die taalpraktisyns oes deur alle bron- en doeltaaldokumente te ekserpeer volgens die ISO TK/37-standaarde se vertaalgeoriënteerde terminografiebenadering (ISO, 2002; Alberts, 2017:179-180).

Die TCS werk ten opsigte van Afrikaanse termskepping nou saam met die Taalkommissie van die SAAWK en die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans (PanSAT) en ten opsigte van Engels word die English Academy of Southern Africa en die English National Language Body (PanSAT) geraadpleeg. Die lede van die nasionale taalliggame vir die Sintutale word gebruik om die Sintutale se terminologie te beoordeel en goed te keur en die Nasionale Taalliggaam vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal maak seker dat die gebare wat vir bepaalde begrippe gebruik

word, korrek is sodat dit deur middel van videogrepe beskikbaar gestel en gestandaardiseer kan word (vgl. 3.3.2.6; Blose, 2024). Die lede van die NTL'e kan nie konseptuele en vakkundige inhoude beoordeel nie, want hulle is linguiste; hulle kan gevolglik slegs bepaal of terme aan die woordvormingsbeginsels en spel- en skryfreëls van die betrokke taal voldoen (Alberts, 2013:1-28).

3.2.2 Ander taalkantore en taaleenhede

Afgesien van spontane en dikwels ongekoördineerde termskeppingsaktiwiteite is daar ook doelbewuste pogings in Suid-Afrika om die terminologieë van bepaalde vakgebiede of beroepe te verwerk en in termlyste/vakwoordeboeke of aanlyn beskikbaar te stel. Die Nasionale Taalbeleidsraamwerk van Suid-Afrika (2003) (Engels: *National Language Policy Framework* [NLPF]; DAC, 2002) gee, net soos die Grondwet, 1996, erkenning aan die amptelike tale en die gelykberegtiging van dié tale. Volgens hierdie beleid moet elke amptelike taal gelyke toegang tot die linguistiese hulpbronne van die staat hê om nasionale harmonie en die linguistiese en kulturele diversiteit van die land te bevorder. Die NLPF het ten doel om alle openbare amptelike dokumente in die elf skriftelike amptelike tale aan die publiek beskikbaar te stel (vgl. NLPF, 2002).

Die NLPF vereis verder dat daar taaleenhede in al drie regeringsfere (nasionaal, provinsiaal en plaaslik) ingestel word. Voorbeelde van sulke taaleenhede is die taaldienste by die Subdirektoraat Taaldienste van die Departement van Kultuursake en Sport van die provinsie Wes-Kaap, waar die Taalforum van die Wes-Kaap gestig is om die provinsie se taalaktiwiteite te koördineer; die Limpopoprovinsie se Departement van Sport, Kuns en Kultuur; die Vertaal- en Tolkafdeling van die Parlement; die Owerheidskommunikasie en Inligtingstelsel; die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde; die Kantoor van die Staatsregsadviseur, Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling; Statistieke Suid-Afrika; Departement van Landbou, Wes-Kaap, en vertalers verbonde aan munisipaliteite. Hierdie instellings publiseer nie noodwendig hul terminologie nie, maar die vertalers verbonde aan die instellings gebruik die terme wanneer hulle vertaal en so word die terme gestandaardiseer. Standaardisasie is 'n proses wat plaasvind wanneer terme deur herhaalde gebruik die vakgebied en taal/tale binnedring en so standaardterminologie word.

Die NLPF-beleid is nie altyd prakties uitvoerbaar nie, maar die beleid vir die gebruik van die amptelike tale ingevolge die "Use of the Official Languages Act", 2012 (Wet No. 12 van 2012) vereenvoudig die kommunikasieproses deur die vereiste dat dokumente wat onder die aandag van die algemene publiek gebring moet word, in minstens drie van die amptelike tale beskikbaar gestel moet word. Die drie Sothotale is onderling verstaanbaar en so ook die vier Ngunitale; gewoonlik word daar dus een taal uit elk van hierdie groeperinge gekies vir kommunikasiedoeleindes. Afrikaans, Engels, Tsonga, Venda en Suid-Afrikaanse Gebaretaal moet dus ook om die beurt gebruik word. Dit is egter nie die ideale situasie nie en lok dikwels skerp kritiek van taalgemeenskappe uit. Terminologiebestuur moet dus ook binne sodanige veeltaligheidsbestel uitgevoer word.

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) is een van die staatsondernemings wat terminologiese inligting aan hul teikengebruikers, die belastingbetalers, beskikbaar stel. Die SAID se webtuiste bevat 'n Engelse glossarium en 'n veeltalige termlys (2022) in al 11 amptelike tale wat 450 finansiële terme bevat (o.m. *belasting, testament, akronieme* en *afkortings*) (vgl. SARS-SAID, 2022). Die veeltalige termlys is saamgestel met die doel om die tale wat terminologies hulpbronarm is, te bevorder, en aan die teikengebruikers se spesifieke

taalbehoeftes te voldoen (Goosen, 2024). Hierdie termlyste is dus volgens ’n gemeenskapsgeoriënteerde terminografiese benadering opgestel (Engels: *community-oriented terminography approach*) (Alberts, 2017:180). Die meertalige Covid 19-terminologielys wat deur die taaldiensafdeling van die Tshwane Munisipaliteit opgestel is (Mnisi, 2024), is ook ’n voorbeeld van ’n termlys wat op die spesifieke behoeftes van die gebruikersgemeenskap gemik is.

3.3 Ander instansies en individue

Buiten staatsinstellings is daar ook ander instansies en individue wat steeds aandag aan vaktaalontwikkeling skenk.

3.3.1 SAAWK

Die destydse Vaktaalburo van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het verskeie vakwoordeboeke saamgestel en by nabaat kan gesê word dat hierdie kantoor seker nooit in 1976 met dié van die staat geamalgameer moes word nie.

3.3.1.1 Terminologiekomitee

Die SAAWK het later ’n Terminologiekomitee gehad wat uit ’n linguis, ’n vakkundige en ’n terminoloog bestaan het en van 1995 tot ongeveer 1999 gefunksioneer het. Die Terminologiekomitee het vakkundiges wat daarin belanggestel het om termlyste of vakwoordeboeke saam te stel, ondersteun deur terminografiese hulp te verleen en te help met termskepping (vgl. *Bouwoordeboek* 2020, *Kunswoordeboek* 2021).

3.3.1.2 Ondersteuning aan vaktaalprojekte

Die SAAWK ondersteun steeds vaktaalinisiatiewe wat deur individue of vakkomitees hanteer word, bv. die *Musiekwoordeboek* (2000), die *Bouwoordeboek* (2020), die *Kunswoordeboek* (2021), en die aanlyn *Sciwoord* (bestaande uit die *Chemie-,* die *Fisika-* en die *Kernenergiewoordeboek)*. Die Akademie het reeds versoeke gekry om die *Veeartseny-*, die *Wiskunde-* en die *Argitektuurwoordeboek* te hersien (De Villiers, 2024; Willemse, 2024; Brink, 2024a).

3.3.1.3 Vaktaalkommissie

Die Akademieraad het dit reeds in 2024 goedgekeur om ’n Vaktaalkommissie (as verlengstuk van die toenmalige Terminologiekomitee) in te stel (Brink, 2024b) wat onder meer daarvoor verantwoordelik sou kon wees om nuwe projekte te identifiseer, bestaande vakwoordeboeke te laat hersien, befondsing daarvoor te kry en selfs (afgetrede) Akademielede te versoek om die terminologie eie aan hul onderskeie vakgebiede aan te teken en die terminologie met behulp van vakkundiges en taalkundiges te verifieer en aan teikengebruikers beskikbaar te stel.

3.3.1.4 Betrokkenheid van die Taalkommissie by terminologie

Die SAAWK se Taalkommissie het die Akademielede in 2016 versoek om ten minste 100 kernterme van hul onderskeie vakgebiede aan die Taalkommissie te stuur vir insluiting in die

woordelysgedeelte van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (*AWS*). Die versoek was dat die terme die vakgebied eenduidig moes verteenwoordig, voorbeelde van nuutskeppings moes wees en moontlike spelling- en/of skryfprobleme kon veroorsaak. Verskeie lede van die Akademie het termlyste aan die Taalkommissie gestuur en hierdie lyste is sorgvuldig tydens Taalkommissiesittings deurgewerk met die oog op opname in die woordelysgedeelte van die 2017-*AWS*. Die verskillende uitgawes van die *AWS* was oor die jare waardevolle hulpmiddels by termskepping omdat dit woordvormings-, spel- en skryfreëls vir Afrikaans bepaal.

3.3.1.5 Virtuele Instituut vir Afrikaans

Die SAAWK is een van die stigterslede van die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA), wat 'n maatskappy sonder winsoogmerk is en tussen 2010 en 2014 gekonseptualiseer en gevestig is. VivA is 'n gesamentlike inisiatief van die Akademie, die Dagbreek Trust, die Sentrum vir Tekstegnologie (CTexT®) van die Noordwes-Universiteit en die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV). Alle aspekte van die struktuur, grammatika, dokumentering en ontwikkeling van Afrikaans word reeds deur VivA ondervang. Die VivA-projek gebruik die oopbron-Autshumato-TMS om Afrikaanse grammatika, woorde, terme, gesegdes, vertalings, etimologieë en taaladvies vas te lê, wat dan op die webwerf (http://viva-afrikaans.org) deur middel van die korpusportaal en die woordeboekportaal beskikbaar gestel word.

Die gebruik van VivA se infrastruktuur maak dit moontlik om termdatabasisse/termlyste aan VivA te lisensieer. Daar word onderling deur die samestellers van die vakwoordeboeke of termlyste en VivA bepaal of die terminologiese data gratis of teen betaling aan gebruikers beskikbaar gestel word. VivA beskik ook oor 'n selfoontoepassing vir 'n Afrikaanse woordeboek wat kitstoegang tot vaktaaldata verleen; dit is met die ondersteuning van die Atterbury Trust ontwikkel (SAAWK, 2015b:7). Vakwoordeboeke en termlyste op die volgende terreine is byvoorbeeld aanlyn op VivA beskikbaar: etimologie, blokkiesraaisels, kuberterme, wynbedryf, sterrekunde, voorsetsels, kollokasies, entrepreneurskap, statistiek, voëlname, paramediese beroep, fisika, chemie en kernenergie – (hierdie drie in Sciwoord), kookkuns, politiek, psigiatriese versteurings, die Covid-19-termlys, die VivA/RSG-uitspraaklys, die FAK se Noodhulplys, en die Prolingua-termlys. VivA het ook Wikipedia, Wiktionary en 'n Wikipedia-rekenaartermlys aanlyn beskikbaar. Verskeie meertalige lyste deur die TCS, soos dié oor inligting en kommunikasie, lewensoriëntering, natuurwetenskappe en tegnologie, wiskunde, en die termlys vir menslike, sosiale, ekonomiese en bestuurswetenskappe (almal vir die Intermediêre Fase), MIV/vigs-, sokker-, verkiesings-, en parlementêre en politieke terme is ook op VivA beskikbaar (vgl. https://viva-afrikaans.org/portale/produkte-en-dienste).

Die SAAWK ondersteun ook die Afrikaanse Wikipedia, waarin ook 'n lys van Suid-Afrikaanse vlinders (s.j.) te vinde is.

3.3.1.6 SAAWK-toekennings

Die SAAWK bekroon jaarliks werk van uitmuntende gehalte met behulp van verskeie toekennings. CEPTSA het in 2001 die Stals-prys vir die *Nuwerwetse Politieke woordeboek* ontvang. Dit is 'n prys wat toegeken word vir hoogstaande publikasies in, by voorkeur, Afrikaans, deur individue of groepe waardeur buitengewone bydraes tot die wetenskapsbeoefening gelewer word. Die suksesvolle individu of groep persone kan hierdie toekenning net een maal ontvang.

3.3.1.7 SAAWK-boekery

Die SAAWK het ’n aansienlike aantal algemene en vakwoordeboeke in sy boekery beskikbaar wat oor verskeie jare deur verskillende taalkantore en individue saamgestel is, en wat aan navorsers, vertalers en studente beskikbaar gestel word. Die vakwoordeboeke in hierdie boekery sluit omtrent alle vakgebiede of navorsingsterreine in (Alberts, 2015a); die meeste van hierdie vakwoordeboeke is reeds uit druk en sommige is nooit hersien nie. Die terme is egter steeds baie bruikbaar, maar dit is nie altyd moontlik om die vakwoordeboeke of termlyste te bekom nie. Hierdie terme sou gedigitiseer en in VivA opgeneem kon word.

3.3.2 Kultuur- en professionele verenigings en rade

3.3.2.1 Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) stel nie self termlyste of vakwoordeboeke saam nie, maar het in die verlede ondersteuning aan individue gegee wat termlyste saamgestel het (Alberts, 2003:139; 2015b). Termlyste – soos *Hokkie* (1935), *Korfbal* (1935), *Swem- en Waterpolo* (1936), *Atletiek* (1939)*, Boks* (1939), *Motor-, Musiek-, Rugby-, Gholf- en Tennisterme* – is in die FAK se Handhaaf- en Boureeks gepubliseer (kyk afd. 2 hier bo). Die *Noodhulptermlys* is onlangs deur die FAK namens die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga hersien en saamgestel (Nel, 2024).

Die FAK beskik nie tans oor die nodige kapasiteit om met nuwe terminologieontwikkeling te begin nie, maar is reeds besig om die vaktaalprojekte wat deur hulle ondersteun is, by te werk en te digitiseer. Die *Krieket-, Motor-* en *Tennisterme* is reeds gedigitiseer en op aanvraag beskikbaar. Dit is ook aanlyn op die VivA-platform beskikbaar (Nel, 2024).

Volgens die FAK se Adjunkhoof (vgl. Theron, 2024) sal die FAK met volgehoue druk en positiewe insette voortgaan om Afrikaans nie te laat vervlak tot bloot ’n gebruikstaal nie, maar om nog steeds te strewe na die edel doel om Afrikaans as volwaardige vak-, wetenskaps- en dinamiese taal te vestig en voort te bou.

3.3.2.2 Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) het ook nooit self vakwoordeboeke of termlyste saamgestel nie, maar sy inisiatief om pryse aan woordeboeke van gehalte toe te ken, dien as aansporing vir woordeboeksamestellers. Die ATKV se *Woordwystoekenning* (“Woordveertjie”), met ’n kontantprys en ’n trofee daaraan verbonde, word jaarliks toegeken aan ’n uitmuntende (vak)woordeboek wat die vorige jaar gepubliseer is. Voorbeelde van vakwoordeboeke wat reeds hierdie gesogte toekenning ontvang het, is AJ Smit se *Opvoedkundewoordeboek* in ses volumes (2008, private publikasie); *Woordeboek vir die Gesondheidswetenskappe* deur AJ Brink en J de V Lochner (2011, Pharos); die Sentrum vir Regsterminologie in Afrikatale (SRTAT) se Engels-Afrikaanse/Afrikaans-Engelse verklarende woordeboek *Straf-, Strafproses- en Bewysreg* (2015, Juta); die Engels-Afrikaanse/Afrikaans-Engelse *Verklarende Politieke Woordeboek* deur die Sentrum vir Politieke en Verwante Terminologie in Suidelike Afrika (CEPTSA) (Juta, 2017); die Sentrum vir Regsterminologie in Afrikatale (SRTAT) se drietalige (Engels-Xhosa-Afrikaanse/Xhosa-Engels-Afrikaanse/Afrikaans-Engels-/Xhosa- verklarende woordeboek: *Straf-, Strafproses- en Bewysreg* (2019, Juta); die *Kunswoordeboek* deur A Duffey en S Roets (2021, Protea Boekehuis).

3.3.2.3 Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut

Die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI) is ’n professionele vereniging wat die belange van taalpraktisyns behartig. SAVI poog om taalpraktisyns op verskeie terreine te verteenwoordig, en hul belange en die gehalte van vertaaldienste te beskerm. SAVI het uit die Munisipale Vertalersvereniging, wat in 1950 gestig is, ontstaan en verteenwoordig tans verskeie taalwerkers in Suid-Afrika en op die vasteland van Afrika wat in die taalbedryf werksaam is. SAVI het verskeie akkrediteringseksamens ontwikkel, waaronder ook een vir terminoloë.

Die SAVI-prys vir die Beste Vertalende Woordeboek word ook jaarliks aan die beste (vak) woordeboek van die jaar toegeken. CEPTSA se *Verklarende Politieke Woordeboek* (2018) het hierdie prys in 2018 ontvang.

3.3.2.4 Prolingua

Prolingua, ’n professionele vereniging vir taalpraktisyns, het reeds in 1950 tot stand gekom (Prolingua, 2015:1–2; Alberts, 2017:164) en tot en met 2018 maandeliks werksvergaderings gehou om terminologieprobleme te bespreek en nuwe terme te skep. Die lede kommunikeer sedertdien aanlyn en kry steeds die geleentheid om probleemterme onderling te bespreek en oplossings te vind. Prolingua poog om op dié wyse die terminologie van verskeie domeine te verbeter en, waar moontlik, vir vertaaldoeleindes te standaardiseer.

Prolingua het die nodige toestemming van die meeste uitgewers, vakwoordeboeksamestellers en vaktaalkantore ontvang om die vaktaaldata van publikasies wat reeds uit druk is en waarvan die outeursreg opgehef is, in die Prolingua-termlys op te neem. Die vaktaaldata word sedert 1984 versamel en die beskikbare terme word voortdurend hersien en bygewerk, en dan aanlyn versprei (2024, Prolingua). Voorbeelde van terreine wat gedek word, is brandweer, elektrotegnies en elektronika, kernenergie, plastiek, poskantoor, opmeetkunde, en stadsbeplanning. Verskeie termlyste wat onlangs deur individue of instansies saamgestel is, is ook in die Prolingua-termlys opgeneem, byvoorbeeld brug- (die kaartspel), Gautrein-, motorvoertuig-, radio-, water- en rioolterme, en die nuwe name van die hoër howe.

Hoewel Prolingua aan tweetalige termlyste werk, is daar steeds ’n groter behoefte aan die skep van Afrikaanse terme.

3.3.2.5 Afrilex

Die African Association for Lexicography (Afrilex) is ’n vereniging wat in 1995 gestig is om die belange van individue en organisasies wat met leksikografie en terminografie gemoeid is, te beskerm en te bevorder. Dit word gedoen deur middel van die koördinering van projekte, en navorsing en opleiding op bepaalde terreine.

Tersaaklike leksikografies en terminografies georiënteerde inligting word op konferensies en seminare, en in werkwinkels en opleidingskursusse gedeel en verder deur middel van artikels in die *Lexikos*-vaktydskrif in die Afrilex-reeks, nuusbriewe en ’n Facebook-blad versprei. Verskeie vakgerigte artikels oor terminologieteorie en die terminografiebedryf is reeds (ook in Afrikaans) in *Lexikos* gepubliseer. Artikels wat aan *Lexikos* vir publikasie voorgelê word, moet oor ’n Engelse en ’n Afrikaanse opsomming, asook sleutelterme in beide tale beskik. Terminologie uit leksikografie, terminografie en selfs linguistiek in artikels of opsommings word op hierdie wyse te boek gestel en versprei.

Die personeel van die elf nasionale leksikografie-eenhede is lede van Afrilex en die eenhede kry op internasionale konferensies die geleentheid om hul werksaamhede te bespreek

(vgl. Alberts, 2022:1–24). Die personeel verbonde aan instellings wat met vaktaal gemoeid is, behoort ook lede van Afrilex te wees om meer blootstelling van leksikografiese en terminografiese beginsels en praktyke te wete te kom. Die vakvereniging skakel gereeld met soortgelyke nasionale en internasionale instansies (bv. SAVI, Prolingua, Euralex, Asialex en Infoterm).

3.3.2.6 Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes/Nasionale Instituut vir Dowes

Gebaretaal is ’n konseptuele taal en gebare verteenwoordig die konsepte wat nie met behulp van terme verwoord kan word nie. In 1980 is die woordeboek *Praat met die Dowes* deur Norman Nieder-Heitmann in opdrag van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes saamgestel en deur die Staatsdrukker gepubliseer. Dit is ’n woordeboek waarin sketse en foto’s van gebare opgeneem is om die gebare te standaardiseer sodat dowes, gehoorgestremdes en horendes sinvol kan kommunikeer.

Sedertdien het die Nasionale Instituut vir Dowes (NID), wat ’n maatskappy sonder winsoogmerk is wat die belange van dowes en gehoorgestremdes bevorder, in samewerking met die Nasionale Taalliggaam vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal (NTL SAGT) van PanSAT begin om videogrepe op te neem van gebare wat in verskillende vakgebiede aangetref word. Voorbeelde van hierdie video’s, waarmee in 2010 begin is en wat deur die NLT SAGT nagegaan en goedgekeur is, behels gesondheid (2010, NTL SAGT; 2024, NID); plekname (2023, Universiteit van die Vrystaat); kriminologie (2023, Universiteit KwaZulu-Natal); en sosiolinguistiek (2024, Universiteit van die Witwatersrand). Die meeste van hierdie termlyste is sonder opgeneemde videogrepe deur die samestellers aangebied en dit is eintlik standaardpraktyk dat gebaretaal as videogrepe aan die NTL SAGT voorsien moet word.

Daar is ook aanlyn hulpmiddels beskikbaar wat deur die NID in Engels en Suid-Afrikaanse Gebaretaal saamgestel is, byvoorbeeld by https://nid.org/za>news>nid-online (2022, NID) en ’n gebaretaalglossarium deur die Universiteit van die Witwatersrand (2022). Die Noordwes-Universiteit (2024) bied ’n gebaretaalkursus aan vir horende en niehorende persone om kommunikasievaardighede te bevorder.

Aangesien Suid-Afrikaanse Gebaretaal sedert 2023 die status van amptelike taal geniet, het die TCS in 2024 ’n gebaretaalterminoloog in diens geneem (kyk 3.2.1).

3.3.3 Vakkomitees

3.3.3.1 Sentrum vir Politieke en Verwante Terme in Suidelike Afrika

Die destydse vakkomitee vir die staatkundeprojek (vgl. *Staatkundige en verwante terme*, 1989) het in 1990 die Sentrum vir Politieke en Verwante Terme in Suidelike Afrika (CEPTSA) by die Randse Afrikaanse Universiteit gestig; CEPTSA het later onder die vaandel van die Universiteit van Johannesburg gewerk. Die tweetalige vertalende politieke woordeboek (*Nuwerwetse Politieke woordeboek*, 2001) en hersiene uitgawes daarvan is reeds gepubliseer. ’n Termlys met 1 000 kernterme is reeds in Engels, Afrikaans en vier van die Sintutale verklaar en gepubliseer (2004) (Alberts, 2015a:1; 2015b:1). Die komiteelede se tweetalige, vertalende en verklarende politieke woordeboek is in 2017 deur Juta gepubliseer.

3.3.3.2 Sentrum vir Regsterminologie in Afrikatale

Die Sentrum vir Regsterminologie in Afrikatale (SRTAT) het in 1994 befondsing van die Nasionale Taaldiens ontvang om ’n drietalige regswoordeboek (Engels, Afrikaans, Noord-

Sotho) oor straf-, strafproses- en bewysreg saam te stel. Die Engels-Afrikaanse verklarende deel van hierdie regswoordeboek is in 2015 deur Juta gepubliseer en daar is reeds begin met die vertaling van die vaktaaldata in die ander Sintutale (Alberts, 1997a, 1997b; 2003:140; 2015b; CLTAL, 2015). Die eerste in die reeks meertalige regswoordeboeke oor hierdie afdelings van die reg, naamlik die Engels-Xhosa-Afrikaanse weergawe, is in 2019 deur Juta gepubliseer. Die Engels-Tsonga-Afrikaanse weergawe is reeds (2024) op die pers by Juta.

3.3.4 Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad

Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) se betrokkenheid by terminologieontwikkeling is beperk tot die validering en verifiëring van terminologielyste. Die nasionale taalliggame kan slegs insette gee ten opsigte van die woordvormingsbeginsels en spel- en skryfreëls van die betrokke tale en nie die vakkundige inhoud nie, want die lede van die nasionale taalliggame is linguiste en nie vakkundiges op die gebied van die betrokke termlys nie (vgl. Alberts, 2017:208, 210, 291–292).

Die tweerigtingvertalende *Khoekhoegowaab-Afrikaanse Glossarium* (2010) is in opdrag van PanSAT saamgestel en die projek is ook in sy geheel deur PanSAT gefinansier. Die Tegniese Komitee: Terminologie en Leksikografie van die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans (NTLA) en die Nasionale Taalliggaam vir Khoe en San (NTLKS) het waardevolle insette in die samestellingsproses gelewer.

3.3.5 Individue

Hoewel die saamstel van ’n vakwoordeboek ’n langdurige en moeisame proses is, is daar steeds individue en akademici wat ’n behoefte aan ’n vakwoordeboek in hul spesialiseringsveld identifiseer en dan begin om in hul vrye tyd ’n vakwoordeboek saam te stel (Alberts, 2015b). Voorbeelde van sulke projekte met Afrikaans as een van die behandelde tale is *Epidemiologie* (2000); *Woordeboek vir die Gesondheidswetenskappe* (2001)*; Afrikaans-Japannese woordeboek* (2001); *Brugwoordelys* (kaartspel) (2002, 2010); *Akademiese termlys* (2003); *Etimologie* (2003); *Sakewoordeboek* (2003, 2009); *Ekonomiese en bedryfswoordeboek* (2004); *Oseanologiewoordeboek* (2004); *WAITT-woordeboek* (rekenaarwese) (2004); *Kurrikulumtermlys* (2005); *Kuberwoordeboek* (2006); *Opvoedkundewoordeboek* (drie dele; 2007/2008); *Kookkuns* (2008); *Wiskunde vir skole* (2009); *Wynbedryf* (2012, 2024); *Wetenskapfiksie* (2012); *Statistiekwoordeboek* (2015); *Amateurradio* (2016); *Radiowoordelys* (2016, 2017); *Lugvaartterme* (2018), *Woordeboek van Psigiatriese versteurings* (2019), *Afrifiksie* (webwerf) (lopend), *Konyntelery* (s.j.), *Woordeboek van Afrikaans Vandag* (s.j.), *Chemie-/Wetenskapwoordeboek* (s.j.) (Clarke, 2024; Viljoen, 2024).

3.3.6 Banke en versekeringsmaatskappye

Verskeie taaldienste verbonde aan banke en versekeringsmaatskappye het in die verlede vakwoordeboeke saamgestel en tans word termlyste steeds bygehou vir interne gebruik. Hierdie terme sou waardevol kon wees, maar is nie algemeen beskikbaar nie en is gevolglik net vir die bepaalde instansie se taaldienste van waarde (Alberts, 2015b). Daar was in ’n stadium ’n terminologieforum waar taalpraktisyns verbonde aan die taaldienste van hierdie instansies gereeld byeengekom het om terminologieprobleme te bespreek, maar hierdie inisiatief het doodgeloop (Roux, 2024; Absa, 2024; Nedbank, 2024; Standard Bank, 2024; Sanlam, 2024).

3.3.7 Uitgewers

Uitgewers het ook gedurende die periode 1925–2025 tyd en geld in vaktaalprojekte belê deur vakspesialiste te nader om vakwoordeboeke saam te stel, maar vakspesialiste het ook uitgewers genader om vakwoordeboeke wat deur hulle saamgestel is, te publiseer. 'n Vakwoordeboek is gewoonlik slegs bestem vir 'n beperkte spesialisgebruikersgroep en om vakwoordeboeke te publiseer is dus nie vir uitgewers betalend nie.

Verskillende uitgewers het wel vakwoordeboeke gepubliseer, byvoorbeeld op die volgende terreine: motors (1935) en geneeskunde (1935) deur Nasionale Pers; musiek (1971), wiskunde (1971), toneel, ballet, rolprente en hoorspele (1972) en frases (1992) deur Tafelberg-Uitgewers; wetenskap en tegnologie (1973), psigologie (1979) en rekenaarwese (1985) deur McGraw-Hill; geneeskunde (1974) deur Elsevier; die nasionale boomlys (1972, 1978), genetika en statistiek vir veekunde (1983), wetenskap (1984), sake (1991) en geneeskunde (1993) deur Oxford; polisie (1994) deur Van Schaik; rekeningkunde (1958; 1996), verpleegkunde (1984), kommunikasie (1991), eiendomsagentskappe (1992), gesondheidsorg (1997), politiek (2017) en regte (1963, 1986; 2015, 2019) deur Juta; sake (1991, 1993, 1995), rekenaars en internet (1998), nuwe woorde en oues wat in die slag gebly het (1999), boomtermlyste en boomwoordeboeke deur Briza (CD-ROM), ekonomie en bedryfswese (2004) en oseanologie (2004) deur Pharos; sleng (2006) deur Pearson; die kuberomgewing (2006) en kuns (2020) deur Protea Boekehuis; wiskunde (2009) deur Cambridge University Press. Ander uitgewers soos Kaap en Transvaal Drukkers, Lexikon Uitgewers, Nasionale Boekdrukkers, Nasionale Opvoedkundige Uitgewery Beperk (NASOU), Lex Patria, Pro Media, Excelsior Drukkers, HAUM, Hayne & Gibson, Kagiso, Voortrekkerpers, en andere het ook deur die jare vakwoordeboeke en termlyste gepubliseer. Die Staatsdrukker was uiteraard die grootste uitgewery wat by vaktaalpublikasies betrokke was (Alberts, 2003:137; 2015b).

Hoewel mediahuise en uitgewers die publikasie van vakwoordeboeke nie as lonend beskou nie, behoort daar met hulle onderhandel te word om vakwoordeboeke of vaktaaldata ook aanlyn te publiseer, wat vir alle belanghebbendes van waarde kan wees. Die register kan dan makliker vir verskillende gebruikersgroepe aangepas word sodat die vaktaaldata vir sowel die vakspesialis as die leek bruikbaar kan wees (Alberts, 2015b).

3.3.8 SADiLaR

Die *South African Centre of Digital Resources* (SADiLaR) (https://sadilar.org; SADiLaR, 2024) is 'n nasionale sentrum wat deur die staat befonds word en fokus op die navorsing in en ontwikkeling van die amptelike tale van Suid-Afrika in domeine soos taaltegnologie en taalverwante studies. SADiLaR werk volgens 'n naaf-en-speekmodel met die naaf wat by die Noordwes-Universiteit (NWU) as 'n selfstandige entiteit van die Universiteit gehuisves word. Dié nasionale sentrum, in samewerking met ses verskillende nodusse (d.w.s. deelnemende instansies), is hoofsaaklik verantwoordelik vir datakurasie (waar datastelle geskep, geselekteer, geklassifiseer, en van een formaat na 'n ander omgeskakel, geverifieer en bewaar word), dataontwikkeling en -bewaring, die digitale bewaring van data wat digitaal geskep is, en die verspreiding van sulke datadomeine. Verskillende nodusse wat oor spesiale vaardighede beskik, onderneem taalprojekte soos korpusontwikkeling, taaltegnologie, en digitisering (Calteaux, 2022; Goosen, 2024).

SADiLaR verskaf befondsing vir *ad hoc*-projekte (soos bv. die *Covid-19- meertalige termlys* deur Tshwane Munisipaliteit se taaldiens) sonder dat die deelnemende instansie 'n

nodus hoef te wees. Verskillende taalhulpbronne is onder verskillende lisensies beskikbaar, en nie alle hulpbronne gebruik oopbronprogrammatuur nie. Die deelnemende instansie besluit self onder watter lisensie die data vrygestel kan word en dit is dan as sodanig beskikbaar vir enige ander persoon of instansie om te gebruik. Hergebruik word aangemoedig om proliferasie van projekte en taalbronne te verhoed. Die sentrale naaf bestuur 'n hulpbronkatalogus, wat basies 'n aanlyn databasis is, en stel projekinligting daarop beskikbaar. Daar is ook 'n hulpbronindeks (vgl. https://www.sadilar.org/index.php/en/). Taalhulpbroninligting is gevolglik aan almal en oral beskikbaar – plaaslik en internasionaal. SADiLaR het onlangs ook 'n taaloudit onderneem.

Deelnemende instansies behou die outeursreg op hul data – SADiLaR is bloot 'n verspreidingsagent wat waarde toevoeg deur 'n platform beskikbaar te stel waarop data versprei kan word volgens die korrekte en internasionaal aanvaarbare standaarde. As taalhulpbronne op een plek, byvoorbeeld by SADiLaR, beskikbaar is, is dit makliker om dit te vind en om toegang daartoe te verkry.

Outeursreg is uiteraard 'n belangrike saak wat verband hou met terminologieontwikkeling. Allerlei probleme kan by die definiëring van konsepte of by die oorname van definisies uit gepubliseerde werke ontstaan. Daar moet daarteen gewaak word dat intellektuele regte van deelnemende instansies nie geskend word nie (vgl. die Wet op Outeursreg 98 van 1978). Daar behoort eintlik nie enige outeursregbelemmering op terminologie te wees nie, want terminologie moet vir almal oral beskikbaar wees.

Persone en instansies is steeds lugtig om hul taalhulpbronne (bv. vakwoordeboeke en termlyste) te deel en hulle besef nie altyd watter sinvolle bydraes hulle tot taalnavorsing en -ontwikkeling in die land kan maak nie. SADiLaR doen gevolglik baie vaardigheids-ontwikkelingswerk en bied ook werkswinkels aan ten einde die heersende individualistiese perspektief en onkunde op grondvlak te probeer oorkom.

SADiLaR is betrokke by die digitisering van onder meer termlyste en vakwoordeboeke en bevorder vaktaal op velerlei gebiede. Daar is tans oor die algemeen meer hulpbronne in Afrikaans as in die Sintutale beskikbaar. Gevolglik word daar gepoog om die Sintu-taaldepartemente by tersiêre instellings te betrek om terminologiese en ander taalhulpbronne op die betrokke nasionale platform beskikbaar te stel. SADiLaR is die perfekte platform hiervoor – die nasionale sentrum kan alle taalhulpbronne huisves, toegang bestuur, almal se belange beskerm, en die ontwikkeling van die amptelike tale op 'n meer formele en georganiseerde basis laat geskied. Die sentrum is staatsbefonds en befondsing is nie noodwendig volhoubaar nie (Calteaux, 2022).

3.4 Tersiêre instellings

3.4.1 Terminologieopleiding

In die verlede moes terminoloë indiensopleiding onder begeleiding van 'n mentor ontvang. Tans is daar by die TCS slegs indiensopleiding ten opsigte van databasishantering en nie in die beginsels en praktyk van terminologie en terminografie nie. Terminoloë moet gegradueerd wees, maar ongelukkig is daar nie voorgraadse terminologieopleiding by tersiêre instellings beskikbaar nie. Vanaf die laat negentigerjare word 'n volledige module in Terminologie vir nagraadse studente aan die Departement Afrikatale van die Universiteit van Pretoria aangebied en 'n aantal studente het al in terminologie gepromoveer. Sommige Suid-Afrikaanse tersiêre instellings het reeds begin om nagraadse terminologiekursusse aan te bied, maar dit maak

gewoonlik ’n onderafdeling of module uit van die linguistiek-, leksikografie-, vertaal-, tolk- of taalpraktykkursusse. Een van die aanbevelings in die verslag oor die Nasionale Terminologiebeleid (Layton, Alberts & Sanker, 2024) is dat doelgemaakte terminografiekursusse ontwikkel word wat by tersiêre instellings aangebied kan word.

Daar is sedert 2002 gepoog om ’n terminologieopleidingsentrum aan die Universiteit van Pretoria tot stand te bring (Alberts, 2003, 2004a, 2004b, 2005a, 2005b, 2007 en 2014). Daar is destyds betoog dat ’n terminologiesentrum aan die UP vir alle departemente en fakulteite van onskatbare waarde sou kon wees (Alberts, 2012). Die idee was om die toenmalige Direkteur: Terminologie en Standaardisering van PanSAT aan die UP te sekondeer. Weens bepaalde logistieke redes is hierdie plan nie in werking gestel nie (Alberts, 2015b).

Die toenmalige Direkteur: Terminologie en Standaardisering van PanSAT het tussen 2002 en 2010 terminologieopleiding aan verskeie taalpraktisyns verbonde aan tersiêre instellings se taalsentra aangebied, byvoorbeeld by die Universiteit Stellenbosch, Rhodes-Universiteit, Durbanse Universiteit vir Tegnologie, Universiteit van die Vrystaat en die Universiteit van Pretoria. Sy het ook ’n geïntegreerde terminologiese ontwikkelingsmodel voorgestel (vgl. Alberts, 2005b, 2014:1–26; 2017:325–327) waarvolgens terminologieontwikkeling by tersiêre instellings uitgevoer kon word (kyk Figuur 2).

Verskeie tersiêre instellings het hierdie modelbenadering gevolg en verskeie terminologielyste is reeds in samewerking met die vakkundiges (bv. doserende personeel) verbonde aan bepaalde departemente en fakulteite saamgestel (vgl. 3.4.2.1).



Figuur 2: *Voorgestelde geïntegreerde terminologiese ontwikkelingsmodel vir die vakgeoriënteerde terminografieproses wat deur terminologiesentrums by tersiêre instellings gevolg kan word* (Alberts, 2005b)

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a2

3.4.2 Vaktaalontwikkeling

3.4.2.1 Betrokkenheid van tersiêre instellings by vaktaal

Die vertalers verbonde aan tersiêre instellings se taaldienste versamel terminologie in die vertaalproses, maar die doel is nie noodwendig om sulke termlyste algemeen beskikbaar te stel nie. Die meeste van dié taaldienste het Afrikaanstalige vertalers in diens.

Sommige tersiêre instellings is meer aktief by vaktaalprojekte betrokke. Die terminografieproses wat gevolg word, stem ooreen met die geïntegreerde terminologiese ontwikkelingsmodel wat Alberts (2015c, kyk Figuur 2) vir gebruik deur tersiêre instellings ontwikkel het.

3.4.2.1.1 Universiteit Stellenbosch

Die Taalsentrum verbonde aan die Universiteit Stellenbosch (US) lewer uitstekende werk ten opsigte van terminologieontwikkeling en verskeie termlyste (meestal Engels-Afrikaans-Xhosa) is al saamgestel en gedruk, byvoorbeeld vir sosiologie, maatskaplike werk, sielkunde, familiereg, strafreg, inheemse reg, handelsreg, rekeningkunde, ekonomie, besigheidsbestuur, bedryfsielkunde, statistiese metodes, inligtingstelsels, menslike bestuur, openbare ontwikkelingsbestuur, praktiese teologie, sendingwetenskap, ekklesiologie, toegepaste wiskunde, rekenaarprogrammering, ingenieurswese, chemie, fisika, mediese en gesondheidswetenskappe, landbouwetenskappe, rugby, sokker en krieket. Hierdie termlyste is almal in samewerking met vakkundiges verbonde aan US saamgestel en termlyste vir sommige vakgebiede is sedert 2015 aanlyn op ’n oopbronterminologiewerf beskikbaar. Daar is reeds 6 000 inskrywings in agt vakgebiede aanlyn beskikbaar, naamlik dinamiese en bestuurswetenskappe, ingenieurswese, inleiding tot sielkunde, maatskaplike werk, sosiologie, sport, teologie, regsgeleerdheid (onderverdeel in: familiereg, gewoontereg, inleiding tot die reg en strafreg). Gesondheidswetenskappe, agriwetenskappe en natuurwetenskappe is aan die kom (vgl. Taalsentum, 2024).

Die US se Fakulteit Opvoedkunde het ’n selfoontoepassing, MobiLex, aan studente beskikbaar gestel wat ’n drietalige opvoedkundeverwante termlys bevat waarin terme uit die ekonomiese en bestuurswetenskappe, geografie, geskiedenis, kurrikulumstudies, natuurwetenskap, opvoedkundige sielkunde, taalonderrig en wiskunde reeds opgeneem is (Van der Merwe, 2020).

3.4.2.1.2 Rhodes-Universiteit

Nadat PanSAT in 2009 terminologieopleiding by Rhodes aangebied het, is verskeie terminologieprogramme begin om terminologie deur middel van blogs aan dosente en studente beskikbaar te stel, onder meer in farmasie, regte, joernalistiek en mediastudies, onderwys, sielkunde, aardwetenskappe, politiek, selbiologie, linguistiek, letterkunde, vertaalstudies, leksikografie en sosiolinguistiek. Terminologieontwikkeling by Rhodes geskied hoofsaaklik in Engels en Xhosa en terme word tans deur ’n leerbestuurstelsel, genaamd Ruconnected, aan studente beskikbaar gestel; dit sluit ook terminologie vir rekenaarwetenskap en politieke studies in (vgl. Maseko, 2011:188,194; 2012; Alberts, 2017:320-322; Nosilela, 2019:173-176).

3.4.2.1.3 Universiteit van Kaapstad

Die Universiteit van Kaapstad (UK) stel terminologie in elf tale op hul hipermediaplatform Vula beskikbaar, byvoorbeeld terme in ekonomie, fisika, gesondheidswetenskappe, statistiek en wiskunde (Nkomo & Madiba, 2011).

3.4.2.1.4 Universiteit van KwaZulu-Natal en Durbanse Universiteit vir Tegnologie

Die Universiteit van KwaZulu-Natal (UKZN) stel terminologie hoofsaaklik in Engels en Zulu beskikbaar en het reeds terminologie in 22 vakgebiede beskikbaar, onder meer in anatomie, argitektuur, fisika, inligtingstegnologie, kriminologie, musiek, navorsing, omgewingswetenskappe, rekenaarswetenskap, regte, maatskaplike werk, sosiale wetenskappe en wiskunde. Die terme is aanlyn beskikbaar (UKZN, 2024). UKZN het die termlyste vir sielkunde- en verpleegkunde saam met die Durbanse Universiteit vir Tegnologie (DUT) saamgestel (Nosilela, 2019:163).

UKZN werk dikwels saam met die TCS aan terminologieprojekte, soos byvoorbeeld oor afvalbestuur en ekonomie.

3.4.2.1.5 Universiteit van Suid-Afrika

Een van die aktiwiteite van die Taaleenheid binne die Departement Onderrigondersteuning en Fasilitering by die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) is terminologieontwikkeling. Geoterm (2014), wat Engels-Afrikaanse *Geografiese terme* bevat, is op die leerbestuurstelsel myUnisa beskikbaar en sedert 2020 ook in Noord-Sotho en Zulu.

Unisa het ook *assesseringsterme* in elf tale (Mphaphuli, 2022) beskikbaar. Die *linguistiese termlys* in Afrikaans, Engels, Tswana, Tsonga en Zulu is deur die Departement Linguistiek en Moderne Tale saamgestel en is aanlyn beskikbaar. Die veeltalige robotikaterme met Engelse definisies is aanlyn as oopbron-glossarium beskikbaar (Mzimba, 2023).

3.4.2.1.6 Universiteit van Wes-Kaapland

Die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) het ’n eksperimentele projek in dentisie (tandformules en -ontwikkeling, soorte en aantal tande, en rangskikking van tande) waarby studente betrek word en die behandelde tale is Afrikaans, Engels, Xhosa en Chinees (Antia, 2015:480).

3.4.2.1.7 Akademia

Die Hoëronderwysinstelling Akademia (www.akademia.ac.za) se BA (Taalstudies) is in 2024 bekendgestel met Afrikaans en Nederlands as verpligte vakke. Linguistiek en Taalpraktyk tel onder die keusevakke en die oogmerk van die program is om studente wat dit suksesvol voltooi, toe te rus om loopbane te volg in onder meer vertaling en tolking, teksredigering, taalbeplanning en -ontwikkeling, digitale media, en dergelike (vgl. Akademia, 2024). Verskeie fakulteite van Akademia het reeds termlyste vir interne gebruik saamgestel (bv. ekonomiese wetenskappe) en daar word beoog om binnekort met ander projekte, byvoorbeeld regte, te begin. Daar sal met SADiLaR, SRTAT en ander tersiêre instellings geskakel word om oorvleueling en duplisering van projekte te voorkom. Die hoofdoel van die terminologieontwikkeling by

Akademia is immers om nuwe konsepte in Afrikaans te benoem eerder as om terme vir bestaande konsepte te prolifereer (Brits, 2024).

3.4.2.2 OERTB

Fondse is in 2014 deur die Departement van Hoër Onderwys bewillig vir die ontwikkeling van vaktaal by tersiêre instellings deur die vestiging van ’n veeltalige termbank met oop toegang binne die hoëronderwysmilieu. Die Online Educational Resource Term Bank (OERTB) (sien www.oertb.coml; OERTB, 2017) het ten doel om vaktaalontwikkeling tussen universiteite te koördineer en om die amptelike Sintutale te ontwikkel as tale van akademiese diskoers – spesifiek om studente deur middel van hulle moedertale toegang tot kernkonsepte in akademiese dissiplines te gee. Die primêre begunstigdes van hierdie nasionale terminologieontwikkelings-projek was eerstejaar-universiteitstudente met ’n Sintutaal as moedertaal. Die projek sluit Afrikaans egter nie uit nie. Wat Afrikaans betref, is daar ’n behoefte daaraan om bestaande vaktaalinligting te konsolideer, en Afrikaanse terminologielyste by te werk om tred te hou met nuwe wetenskaplike en tegnologiese ontwikkelinge en met resente taalkundige tendense (Alberts, 2015b).

Die hoofrolspelers in die ontwikkeling van die OERTB was die Universiteit van Pretoria in samewerking met die Universiteit van Kaapstad. Die meeste tersiêre instellings was van 2015 tot 2017 by die OERTB-projek betrokke, maar ongelukkig is die befondsing in 2017 gestaak. Dit blyk uit ’n oudit wat by die tersiêre instellings gedoen is, dat daar reeds talle projekoorvleuelings is, wat die binnedringing en standaardisering van termekwivalente in die betrokke tale nadelig sal beïnvloed (Alberts, 2015b). Uit die 54 vakgebiede wat sedert die inwerkingstelling van die OERTB deur die TCS en tersiêre instellings saamgestel is, was daar 25,9% duplisering van vakgebiede en ’n beduidende aantal konsepte in dieselfde taal wat deur verskillende terme benoem word (Goosen, 2024). Die proliferasie van terme veroorsaak dat terme nie die vakgebied en betrokke taal of tale binnedring nie en gevolglik nie gestandaardiseer kan raak nie. Daar is egter min proliferasie van Afrikaanse terme in die OERTB, want die Afrikaanse terme van die verskillende vakgebiede is meestal reeds gestandaardiseer en beskikbaar. Dit is enersyds goeie nuus, maar andersyds beteken dit dat daar nie Afrikaanse terme vir nuwe ontwikkelinge en op nuwe terreine geskep word nie; die taal se vaktale stagneer dus.

4. Vaktaalontwikkeling: Die toekoms

’n Blik op die historiese ontwikkeling van vaktaal in Suid-Afrika toon dat dit ’n moeisame en langsame proses was. As daar egter gekyk word na die aantal vakwoordeboeke en termlyste wat wel geproduseer is, is vaktaalontwikkeling in Suid-Afrika ’n suksesverhaal. Daar is aan verskeie dissiplines aandag gegee en leemtes en behoeftes kan bepaal word uit die gekonsolideerde vakwoordeboekpublikasielys wat in onlangse oudits saamgestel is (Alberts, 2015b; VivA, 2024, Clarke, 2024; Viljoen, 2024). Dit blyk dat daar sedert die vyftigerjare ten minste 567 vakwoordeboeke of termlyste gepubliseer is. Daar is tans verskeie lopende projekte en die tersiêre instellings werk steeds ook aan vaktaalprojekte. Baie vakwoordeboeke en termlyste is egter reeds uit druk (National Terminology Service, 1993; 1997; 1998) en behoort hersien en gedigitiseer te word.

Afrikaanse vaktaal het ’n bloeitydperk beleef gedurende die voormalige tweetalige bestel (en veral van 1935 tot 1994), maar weens ekonomies-politieke redes bevind Afrikaans hom

tans in ’n oorlewingsfase (in plaas van ’n handhawingsfase), aangesien die klem tans gelê word op die ontwikkeling van die Sintutale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal. Die hegemonie van Engels as dominante wêreldtaal veroorsaak verder dat al die amptelike vaktale sukkel om te ontwikkel (Alberts, 2015b; Marais, 2015; McLachlan, 2015).

Dit blyk uit ’n ondersoek wat in opdrag van die Dagbreek Trust en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns oor die stand en status van Afrikaanse vaktaal gedoen is (vgl. Alberts, 2015b) en die projek om ’n nasionale terminologiebeleid vir die staat saam te stel (Layton, Alberts & Sanker, 2024), dat die vaktaalontwikkeling wat deur die nasionale terminologiekantoor, die TCS, onderneem word, nie aan die land se vaktaalbehoeftes kan voldoen nie. Die TCS vervul nie tans sy koördineringsrol nie en gee nie aandag aan indiensopleiding of die opleiding van terminoloë en medewerkers nie. Verder werk dié kantoor net saam met enkele staatsdepartemente, terwyl provinsiale en munisipale taalkantore nie noodwendig die hulp ontvang wat hulle behoort te kry nie. Die nasionale termbank is tans nie funksioneel nie en terme is nie aanlyn beskikbaar nie. Die nasionale register, wat ten doel het om duplisering van vaktaalaktiwiteite uit te skakel en samewerking te bewerkstellig, was tot onlangs nog onder konstruksie. Toekomstige samewerking kan bevorder word indien instellings wat terminografie bedryf, hul vaktaalprojekte by die TCS registreer.

Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad is volgens sy mandaat veronderstel om aandag te gee aan (vak)taalontwikkeling. Die nasionale taalliggame moet alle terminologie wat in die onderskeie amptelike tale en in Khoi en San (en gebare in die geval van Suid-Afrikaanse Gebaretaal) geskep word, beoordeel ten opsigte van woordvormings-, spel- en skryfbeginsels, maar dit word nie doeltreffend genoeg gedoen nie omdat die samestellers van vakwoordeboeke en termlyste nie van hierdie moontlikheid bewus is nie of omdat produkte wat wel voorgelê word, nie die nodige aandag kry nie of omdat die proses so stadig is dat dit samestellers frustreer. Vaktaalontwikkeling sou baat daarby kon vind indien terminologie aan die nasionale taalliggame voorgelê en inderdaad ook beoordeel word.

Verskeie taalkantore (by nasionale, provinsiale, munisipale en semistaatsinstellings, banke, ens.) versamel steeds terminologie vir interne gebruik. Privaat instansies, sentrums en individue stel steeds vakwoordeboeke saam. Die verskillende instansies maak van ’n verskeidenheid van terminologiebestuurstelsels en datavasleggingsprogrammatuur gebruik, maar dit sou verkieslik wees dat sulke programmatuur met mekaar versoenbaar is om die uitruil van data in die toekoms te vergemaklik. Data behoort gedigitiseer en oop te wees vir vrye toegang en algemene gebruik, want data wat nie oop gelisensieer is nie, raak onbruikbaar. Gepubliseerde vaktaalprodukte (vakwoordeboeke en termlyste) behoort gedigitiseer te word en in oopbronformaat beskikbaar gestel te word. Dit maak ook nie sin om terminologiese data aan outeursreg te onderwerp nie – vaktaal behoort oop en vryelik beskikbaar te wees. Die intellektuele eiendom van enige produk wat deur ’n werknemer van ’n tersiêre instelling ontwikkel word, behoort egter aan daardie instelling en dit maak instellings huiwerig om termlyste vryelik beskikbaar te stel.

Die verskillende tersiêre instellings kan die vaktaalbedryf bevorder deur behoorlike terminologieopleidingskursusse aan te bied en deur in hul begrotings voorsiening te maak vir vaktaalontwikkeling. Die tersiêre instellings wat tans aktief met terminologieontwikkeling besig is, moet saamwerk om duplisering van projekte en ’n proliferasie van terme vir dieselfde konsepte in die betrokke tale te voorkom. Navorsing oor terminologie moet verkieslik aanlyn beskikbaar gestel word vir leer- en onderrigdoeleindes. Die terme wat aanlyn in die oop domein beskikbaar gestel word, moet van ’n hoë gehalte wees en die doeltreffendheid daarvan moet gereeld gemeet word (deur verifiëring en datavalidering/-bekragtiging). Daar behoort ook

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a2

stelsels te wees waardeur kommentaar op vaktaaldata gelewer kan word en wat die hersiening en bywerking daarvan sal vergemaklik (Alberts, 2015b; 2017:260-261; 2019:213-214; 220; 225).

Bestaande infrastruktuur, soos taalkantore, termbanke, digitale platforms en finansiering, moet benut word eerder as om nuwes te ontwikkel of te verkry. Alle terminologie wat beskikbaar is (selfs terminologieprodukte wat reeds uit druk is), behoort gedigitiseer te word en gratis aanlyn (bv. by die TCS, VivA, universiteite of SADiLaR) beskikbaar te wees en daar behoort koppelvlakke en skakels te wees na alle vaktaalaktiwiteite (Alberts, 2015c). Indien daar wel van terminologiebestuurstelsels en datavasleggingsprogrammatuur gebruik gemaak word waarvoor lisensies bekom moet word, moet die lisensiehouer daarvan verseker wees dat daar volhoubare tegniese hulp beskikbaar sal wees.

Die land beskik oor kundiges wat ’n magdom vaktaalkennis in pag het en hierdie kundigheid moet benut word. Afgetrede akademici, vakkundiges en taalpraktisyns kan van groot waarde wees wanneer definisies en vertalings gedoen moet word of kommentaar benodig word. ’n Lys wat bygehou word van alle individue wat as rolspelers by vaktaalontwikkeling betrek sou kon word, sal van groot waarde wees (vgl. Alberts, 2015c).

Die taalbepalings van die Grondwet, 1996, impliseer dat staatsdepartemente aandag moet gee aan die ontwikkeling van die amptelike tale, wat noodwendig terminologie in al twaalf amptelike tale in die geval van nasionale departemente insluit, of in ten minste drie van die tale wat in ’n bepaalde provinsie gebruik word (Republic of South Africa, 2012; Republic of South Africa, 2013; ATKV, 2015:96). Die staatsdepartemente behoort terminologieontwikkeling dus ook behoorlik te finansier. Die privaat sektor, mediahuise en uitgewers sou ook by die finansiering van vaktaalontwikkelingsprojekte betrek kon word omdat hulle immers ook die eindgebruikers van terminologie is.

Projekleiers en die vakkomiteelede wat met die fisiese aanteken van terminologiese inligting gemoeid is, behoort vir hul werk vergoed te word. Skenkings kan belê word en die opbrengs dan gebruik word om vaktaalprojekte te finansier (SRTAT, 2015; Venter, Botha, Du Plessis & Alberts, 2017). Slegs wanneer daar van vergoeding sprake is, kan daar ook van vordering sprake wees. Die feit van die saak is dat die land opgeleide terminoloë en begeesterde vakkundiges, akademici en studente nodig het om meertalige en veeltematiese terminologie te ontwikkel. ’n Daadwerklike gesamentlike poging moet aangewend word om meertalige terminologie in ’n verskeidenheid van dissiplines te ontwikkel, aan te teken en nasionaal beskikbaar te stel. Sonder vaktaal kan daar immers nie sprake wees van behoorlike vakkommunikasie nie.

5. Samevatting

Hoewel hierdie artikel konsentreer op Afrikaanse vaktaal, moet Afrikaans nie in isolasie beskou word nie, want die huidige Grondwet vereis by implikasie dat aandag aan die ontwikkeling van vaktaal in al die amptelike tale gegee word. Suid-Afrika beskik oor voortreflike wetgewing en taalstrukture wat die talebestel behoort te beskerm en te ontwikkel. Die vaktale van die amptelike tale moet in die toekoms saam ontwikkel word – nie net ter wille van hul eie behoud en ontwikkeling nie, maar veral om vakgerigte kommunikasie te bevorder. Afrikaans se ontwikkeling as vaktaal sal egter in die toekoms waarskynlik nie afhang van die taaldienste van die nasionale, provinsiale en plaaslike owerhede nie – enersyds omdat Afrikaanse terminologie in daardie sfere grotendeels reeds bestaan en opgeteken is, maar andersyds omdat meer klem tans gelê word op die ontwikkeling van die Sintutale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal.

Afrikaanse vaktaal se behoud as professionele, akademiese en onderrigtaal hang grootliks af van kampvegters vir vaktaalontwikkeling in Afrikaans in akademiese en privaat geledere.

BIBLIOGRAFIE

Abdulaziz, MH. 1989. Development of scientific and technical terminology with special reference to African languages. *Kiswahili*, 56:32-49.

Akademia. 2024. *BA (Taalstudies)*. Inligtingsblad. Pretoria: Akademia.

Alberts, M. 1983. Aspekte van die rekenarisering van vakwoordeboeke. MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Alberts, M. 1988. Vaktaalontwikkeling in Suid-Afrika. INEG 917, Akademie-argief: AR 49: Agenda 19.6.1988, bylae.

Alberts, M. 1990. 'n Bepaling van Afrikaanse vakleksikografiese behoeftes. Ongepubliseerde DLitt et Phil-tesis. Pretoria: UNISA.

Alberts, M. 1997a. Legalese: South Africa's 12th official language?, unpublished paper read at the Seminar on Language in Court, Northern Department of Education, Arts, Culture and Sport, Thohoyandou, 16-17 May 1997.

Alberts, M. 1997b. Legal terminology in African languages. *Lexikos 7,* Afrilex Series 7:1997:179-191.

Alberts, M. 1998. The harmonisation of Nguni and Sotho: terminological perspectives. In: Prah, KK (ed.). 1998:229-242.

Alberts, M. 1999. Terminology in South Africa. *Lexikos 9*, Afrilex Series 9:18-35.

Alberts, M. 2000a. Audit on South African terminology projects July 2000. Unpublished document. Pretoria: National Terminology Service and the Department of Arts, Culture, Science and Technology.

Alberts, M. 2000b. Terminology management at the National Language Service. *Lexikos 10*, Afrilex Series 10:234-251.

Alberts, M. 2000c. Overview of current initiatives in terminology in South Africa. *NEOTERM – World Specialized Terminology*. No. 37/38. Warszawa 2000:47-58.

Alberts, M. 2003. Vaktaalontwikkeling en -opleiding in Suid-Afrika. In Botha, W. (red.): *'n Man wat beur: Huldigingsbundel vir Dirk van Schalkwyk*. Stellenbosch: WAT, pp. 127-161.

Alberts, M. 2004a. Envisaged Lexicography and Terminology Training Centre, Department of African Languages, University of Pretoria, in conjunction with PanSALB. Unpublished document. Pretoria: PanSALB.

Alberts, M. 2004b. Establishment of a Lexicography and Terminology Training Centre at the Department of African Languages, School for Languages, University of Pretoria. Unpublished document. Pretoria: PanSALB.

Alberts, M. 2005a. Envisaged Lexicography and Terminology Training Centre, Department of African Languages, University of Pretoria, in conjunction with PanSALB. Unpublished document. Pretoria: PanSALB.

Alberts, M. 2005b. Terminologieopleiding op universiteitsvlak. Ongepubliseerde referaat gelewer by die Akademie-simposium, 23-24 Junie 2005, Pretoria.

Alberts, M. 2007. Voorstel vir die vestiging van 'n Terminologiesentrum aan die Universiteit van Pretoria. Ongepubliseerde dokument. SAAWK: Pretoria.

Alberts, M. 2008. National language and terminology policies – A South African perspective. *eDITion Terminologiemagazin, Ausgabe 1/2008.* Deutscher Terminologie-Tag e.V. (DTT), Deutches Institut für Terminologie e.V. (DIT):18-21.

Alberts, M. 2010. National language and terminology policies – A South African perspective. *Lexikos 20.* Afrilex Series 20:599-620.

Alberts, M. 2012. Terminology as an aid in teaching and learning, unpublished paper read at the Closed Workshop on Verification of Scientific Terminology & International Translation Day. 28 September 2012, Cape Peninsula University of Technology, Bellville.

Alberts, M. 2013. The Afrikaans orthographical rules as guide for other South African languages. *Lexikos 23.* Afrilex Series 23:1-28.

Alberts, M. 2014. Terminology development at tertiary institutions: A South African perspective. *Lexikos 24.* Afrilex Series 24:1-26.

Alberts, M. 2015a. Centre for Political and Related Terminology in Southern African Languages (CEPTSA) – translating and explanatory dictionaries. *Lexikos 25.* Afrilex Series 25: 1-34.

Alberts, M. 2015b. 'n Oorsig van vaktaalontwikkeling en -opleiding in Suid-Afrika met spesiale verwysing na Afrikaans. Ongepubliseerde verslag opgestel in opdrag van Die Dagbreek Trust en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, November 2015.

Alberts, M. 2015c. Die Akademie se Vaktaalburo – verlede, hede en toekoms. Ongepubliseerde verslag opgestel in opdrag van Die Dagbreek Trust en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Desember 2015.

Alberts, M. 2017. *Terminology and terminography principles and practice. A South African perspective.* Milnerton: McGillivray Linnegar Associates.

Alberts, M. 2019. *Terminologie en terminografie. 'n Handleiding.* Pretoria: SAAWK.

Antia, BE. 2015. Language policy and terminology in South Africa. In Kockaert, HJ & Steurs, F, pp. 467-488.

ATKV. 2015. Jou taal, jou keuse: Dis wet! *Taalgenoot*. ATKV: Winter 2015: 96.

Botha, W (red.). 2003. *'n Man wat beur: Huldigingsbundel vir Dirk van Schalkwyk.* Stellenbosch: Buro van die WAT.

Botha, W, Alberts, M & Kapp, P. 2010. The historical experiences in developing Afrikaans as a language, unpublished paper read at the Steering Committee: African Languages Roundtable, Department of Higher Education and Training, 22 October 2010, Pretoria.

Buys, F. 2014. Afrikaanse universiteit bekendgestel. *Pretoria East Rekord*. November 2014:4.

Carstens, A. 1997. *Introduction to terminology and terminography*. Pretoria: University of Pretoria.

CLTAL. 2015. *Legal Terminology: Criminal Law, Procedure and Evidence/Regsterminologie: Straf-, Strafproses- en Bewysreg.* Clairmont: Juta.

Cluver, AD de V & Scheffer, CJ (reds.). 1984. *RGN-ondersoek na vaktaalaangeleenthede in Suidelike Afrika: Verslag van die ondersoek na organisatoriese aangeleenthede op vaktaalgebied.* Pretoria: RGN (Term-1).

Cluver, AD de V. 1989. *A manual of terminography*. Pretoria: HSRC.

Cluver, AD de V. 1995. *Language development in South Africa: Towards a national language plan for South Africa*. Final report of the Language Plan Task Group (LANGTAG). 1995. Pretoria: Department of Arts, Culture, Science and Technology.

Cluver, AD de V. 1996. Language development. Proceedings of a LANGTAG workshop on issues in language development: Focussing on the future of the apartheid language boards and the harmonisation and development of African languages. 28 March 1996, Unisa, Pretoria.

Department of Arts and Culture (DAC). 2002. *National language policy framework: Final draft (NLPF).* Pretoria: Department of Arts and Culture.

Department of Arts and Culture (DAC). 2003. *Implementation plan: Framework for the national language policy. final draft.* Pretoria: Department of Arts and Culture.

Department of Arts, Culture, Science and Technology (DACST). 1996. *Overview, recommendations and executive summary from the final report of the Language Plan Task Group (LANGTAG).* Pretoria: Department of Arts, Culture, Science and Technology.

Ferreira, DM & Du Plessis, LT. 2007. Terminologiebestuur in Suid-Afrika: 'n Beoordeling van drie werkmetodes. *Lexikos* 17. Lexikos-reeks 17:56-76.

Ferreira, DM. 2002. Terminologiebestuur in Suid-Afrika, met spesifieke verwysing na die posisie van histories ingekorte tale. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Fourie, DJ. 1994. The rejection of terminology: Observations from the African languages. *South African Journal for African Languages*, 12(1):11-15.

Galinski, C & Schmitz, K-D (eds). 1996. TKE '96: *Terminology and Knowledge Engineering*. Frankfurt/M: Indeks Verlag.

Goosen, M. 2024. 'n Kritiese analise van terminologiebestuur binne die Suid-Afrikaanse konteks. Ongepubliseerde PhD.-tesis. Pretoria: UP.

Grobler, E, Prinsloo KP & Van der Merwe, IJ (eds). 1991. *The language atlas of South Africa: language and literacy patterns*. Pretoria: RGN.

International Standards Organisation (ISO). 2002. *Translation-oriented terminography*, ISO/TC 37/SC2.

International Standards Organisation (ISO). 2005. *Guidelines for terminology policies: Formulating and implementing terminology policy in language communities*. ISO/CD 29383-1.

International Standards Organisation (ISO). 2020. *Terminology policies: Development and implementation*. ISO/CD 29383-1.

Jordaan-Weiss, M. 1996. Practical terminology work in South Africa: Problems, solutions and challenges. In: Galinski, C & Schmitz, K-D (eds). 1996:373-380.

Kapp, PH. 2009. *Draer van 'n droom: Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1909–2009*. Hermanus: Hemel-en-See Boeke.

Kockaert, HJ & Steurs, F. 2015. *Handbook of terminology*. Volume 1. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.

LANGTAG. 1995. *Towards a national language plan for South Africa: A report of the Language Plan Task Group* (LANGTAG). Pretoria: Department of Arts, Culture, Science and Technology.

LANGTAG. 1996. *Information on the Language Plan Task Group* (*LANGTAG*). Pretoria: State Language Services, Department of Arts, Culture, Science and Technology.

Layton, RL, Alberts, M & Sanker, S. 2024. *National Policy on Terminology.* Pretoria: Department of Sport, Arts and Culture.

Luther, J. 2005. Vaktaalontwikkeling. Ongepubliseerde dokument.

Marais, D. 2015. Afrikaans in gevaar? *Taalgenoot*. ATKV, Lente 2015:61-63.

Maseko, P. 2011. Intellectualisation of African languages with particular reference to isiXhosa. Ongepubliseerde PhD-tesis, Rhodes-Universiteit.

Maseko, P. 2012. Advancing the use of African languages in SA higher education: strategies, challenges and opportunities, paper read at the Closed Workshop on the Verification of Scientific Terminology & International Translation Day. 28 September 2012, CPUT, Bellville.

National Terminology Service. 1993. *Catalogue of technical dictionaries.* Pretoria: Department of National Education.

National Terminology Service. 1997a. *Directory of language resources in South Africa*. Second Edition. February 1997. Pretoria: Department of Arts, Culture, Science and Technology

Nasionale Terminologiediens. 1997b.*Termmakelaar/Termbroker*. Nuusbrief van die Nasionale Terminologiediens. Vol. 5 No 1, Maart 1997. Pretoria: Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie.

National Terminology Service. 1997c. *Catalogue of technical dictionaries.* March 1997. Pretoria: Department of Arts, Culture, Science and Technology.

National Terminology Service. 1998. *Catalogue of technical dictionaries.* Pretoria: Department of Arts, Culture, Science and Technology.

Nasionale Vakterminologiediens (NVD). 1988/89. *Katalogus van Vakwoordeboeke/Catalogue of Technical Dictionaries.* NASOP 08-002 (88/04). Pretoria: Departement van Nasionale Opvoeding.

Nieder-Heitmann, N. 1980. *Praat met die Dowes.* Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes. Pretoria: Staatsdrukker.

Nkabinde, AC. 1992. Lexicography in Zulu. In *Algemene en vakleksikografie in die praktyk: Referate gelewer tydens 'n werkwinkel in Pretoria op 16 Junie 1992*:84-95. Pretoria: Departement van Nasionale Opvoeding.

Nkomo, D & Madiba, M. 2011. The compilation of multilingual concept literacy glossaries at the University of Cape Town: A lexicographical function theoretical approach. *Lexikos 21.* Afrilex-reeks 21: 255-268.

Nosilela, B. 2019. Making South African tertiary education multilingual: The implementation, monitoring and evaluation of SANTED multilingualism. Ongepubliseerde tesis, Rhodes-Universiteit.

Prah, KK (ed.). 1998. *Between distinction & extinction. the harmonisation & standardisation of African languages.* Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Prolingua. 2015. *Prolingua 65! 'n Vereniging vir Afrikaanse en Engelse Taalpraktisyns / An Association for English and Afrikaans Language Practitioners. 28 Oktober 1950 – 12 Augustus 2015*. Pamflet saamgestel ter viering van Prolingua se 65ste bestaansjaar.

Scheffer, CJ. 1987. Promoting and merging terminological activities in South Africa. *Logos* 7(2):31-34.
Statistics South Africa. 2013. *Multilingual statistical terminology.* Pretoria: Statistics South Africa.
United Nations Educational, Scientific and Cultural Orgnisation (UNESCO). 2005. *Guidelines for terminology policies.* Vienna: Infoterm.
Venter, A, Botha, S, Du Plessis, L & Alberts, M. 2017. *Explanatory Political Dictionary – Verklarende Politieke Woordeboek*. Kaapstad: Juta.

Wetgewing

Republic of South Africa. 2012. Use of Official Languages Act, 2012 (Act No. 12 of 2012).
Republic of South Africa. 2013. (Proposed) Use of Official Languages Regulations, 2013. General Notice No. 411 of 2013. *Government Gazette* No. 36392 of 26 April 2013. Pretoria: Government Printer.
Republiek van Suid-Afrika. 1961. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 32 van 1961.
Republiek van Suid-Afrika. 1993. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993.
Republiek van Suid-Afrika. 1978. Wet op Outeursreg 98 van 1978.
Republiek van Suid-Afrika. 1995. Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad 59 van 1995.
Republiek van Suid-Afrika. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.
Republiek van Suid-Afrika. 1999. Wysigingswet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.
Republiek van Suid-Afrika. 2015. Konsepwysigingswet op Outeursreg.

Privaat e-posse

Blose, O.Z. 2024. Privaat e-posboodskap: SASL video clips. 2024-05-13.
Brink, L. 2024a. Privaat e-posboodskap: Hersiening van vakwoordeboeke: Veeartseny. 2024-03-12.
Brink, L. 2024b. Privaat e-posboodskap: Vaktaalkommissie. 2024-04-10.
Brits, K. 2024. Privaat e-posboodskap: Terminologieontwikkeling by Akademia. 2024-04-19.
Calteaux, K. 2022. Privaat e-posboodskap: Info oor SADiLaR asb. 2021-02-22.
Clarke, C. 2024. Privaat e-posboodskap: Lys van Vakwoordeboeke en termlyste van Cyril Clarke. 2024-03-25.
De Villiers, VZ. 2024. Privaat e-posboodskap: Sciwoord Chemie en Kernenergieterme, 2024-03-12.
Mnisi, S. 2024. Privaat e-posboodskap: Covid-19 Multilingual termlist, 2024-04-16.
Nel, C. 2024. Privaat e-posboodskap: Terminologielyste deur die FAK, 2024-03-14.
Roux, A. 2024. Privaat e-posboodskap: Vakwoordeboeke en termlyste deur banke/versekeringsmaatskappye, 2024-04-19.
Theron, Petré. 2024. Privaat e-posboodskap: Terminologielyste deur die FAK, 2024-03-19.
Viljoen, M. 2024. Privaat e-posboodskap: Vakwoordeboeke en termlyste 2024-04-22.
Willemse, H. 2024. Privaat e-posboodskap: Hersiening van vakwoordeboeke 2024-11-05.

Aanlyn soektogte

Absa. 2024. Termlys: www.absainvestmentmanagement.co.za/wealth-and-investment-management/help/glossary/
Akademia, 2024 www.akademia.ac.za
Department of Arts and Culture (DAC). 2002.http://www.dac.gov.za/sites/default/files/LPD-Language%Policy%20Framework_English_O.pdf)
Geoterm. 2014. https://gama.unisa.ac.za/geoterm/
McLachlan, T. 2015. Oor Afrikaans en die toekoms daarvan. In: Litnet seminare en essays, 2015-12-03. http://www.litnet.co.za/oor-afrikaans-en-die-toekoms-daarvan/ [3 Desember 2015]
Mphaphuli, T. 2022. Working towards mother-tonguie based multilingual education. https://www.unisa.ac.za/sites/myunisa/default/News/Articles/Working-towards-mother-tongue-%E2%80%93based-multilingual-education; https://uir.unisa.ac.za/handle/10500/28523
Mzimba, N. 2023. Unisa @ 150: A South African first as multilingual robotics glossary is launched. https://www.unisa.ac.za/sites/corporate/default/Collrges/Huma-Sciences/News-&-events/articles/unisa-150-An-SA-first-as-multilingual-robotics-glossary-is-launched; https://uir/uisa.ac.za/

bitstream/handle/10500/3044/Robotics%20_%20English%20-%20Find%20/v7.pdf?sequince=1&isAllowed=y
Nasionale Instituut vir Dowes (NID). 2022. https://nid.org/za>news>nid-online
Nedbank, 2024. Termlys: www.nedbank.co.za/content/Nedbank/desktop/gt/en/aboutus/glossary/html
Noordwes-Universiteit (NWU). 2024. https://humanities.nwu.ac.za>suid-afrikaans-gebaretaal
Online Eduational Resoure Term Bank (OERTB). 2017. www.oertb.com
Prolingua. 2024. www.prolingua.org.za/prolingua-list-of-terms.php.
SADiLaR. 2024. www.sadilar.org.za (geraadpleeg op 2024-04-10)
Sanlam, 2024. www.sanlaminvestments.com/documents/Glossary%20of%20Terms.pdf
SARS–SAID. 2022. https://www.sars.gov.za/wp-content/uploads/Docs/Translations/Taxterminology/SARS-MultilingualTerminology-list-2022.pdf; https://www.sars.gov.za/media-release/launch-of-sars-multilingual-tax-terminology-publication/
Standard Bank. 2024. Termlys: www.standardbank.co.za/southafrica/personal/products-and-services/bank-with-us/foreign-exchange/International-payments/glossary/
Statistics South Africa. https://census.statssa.gov.za
Suid-Afrika. 2003. National Language Policy Framework. http://www.dac.gov.za/sites/default/files/LPD_Language%20Policy%20Framework_English_0.pdf
Taalsentrum, Universiteit Stellenbosch. 2024. *Taalsentrum-terminologie*. https://languagecentre.sun.ac.za/trilingual-terminology-website-launched
Terminology Coordination Section (TCS), Department of Arts and Culture. 2018. https://www.dac.gov.za/terminology-list.
Universiteit van die Witwatersrand. 2022. https://www.wits.ac.za>introductorySASLvocabularycurriculum.
Universiteit van KwaZulu-Natal. 2024. https://ukzntermbank.ukzn.ac.za/PublicSearch.aspy
Van der Merwe. 2020. Multilingual glossary project. https://www.sun.ac.za/english/Lists/news/DispForm.aspx?ID-7465.
Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA). 2024. https://viva-afrikaans.org/.
Wikipedia. 2024. www.af.wikipedia.org/wiki/lys_van_Afrikaanse_vakwoordeboeke_en_terminlogielyste;

Die eerste eeu van die WAT

The first century of the WAT

André du Plessis, Phillip Louw en Gerda Odendaal
Buro van die WAT & Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch
Stellenbosch
Suid-Afrika
E-pos: wat@sun.ac.za

André du Plessis

Phillip Louw

Gerda Odendaal

André du Plessis is sedert Julie 2018 'n mederedakteur by die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. Van 2014 tot 2016 is hy betrokke by verskeie navorsingsprojekte, soos die SeLA-projek (Scientific e-Lexicography in Africa), aan die Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch. Hy behaal in 2015 sy MA in Leksikografie aan die Universiteit Stellenbosch. Van 2016 tot 2018 was hy redakteur en leksikografiese stelselspesialis by Pharos Woordeboeke. Hy is sedert 2017 'n bestuurslid van AFRILEX (African Association for Lexicography) en sedert 2021 'n mederedakteur van die vaktydskrif *Lexikos*. In 2023 is hy as hoofredakteur van *Lexikos* aangewys. Hy is tans besig met sy PhD in Leksikografie.

André du Plessis has been a co-editor at the *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (Dictionary of the Afrikaans Language) since July 2018. From 2014 to 2016 he was involved in numerous research projects, such as the SeLA project (Scientific e-Lexicography in Africa), at the Department of Afrikaans and Dutch, Stellenbosch University. In 2015 he obtained his MA in Lexicography at Stellenbosch University. From 2016 to 2018 he was editor and lexicographic systems specialist at Pharos Dictionaries. He has been a board member of AFRILEX (African Association for Lexicography) since 2017 and an associate editor of the journal *Lexikos* since 2021. In 2023 he was appointed as editor-in-chief of *Lexikos*. He is currently pursuing his PhD in Lexicography.

Datums:
Ontvang: 2024-08-22 Goedgekeur: 2024-10-06 Gepubliseer: Maart 2025

Phillip Louw het 'n DLitt in Leksikografie (met die fokus op skoolwoordeboeke) aan die Universiteit Stellenbosch verwerf. Hy het sy loopbaan as deeltydse dosent in die Departement Afrikaans en Nederlands aan die US begin, waarna hy by die Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal aangesluit het. Ná sewe jaar as mederedakteur van die WAT, het hy in 2005 as senior redakteur by Oxford University Press Southern Africa aangesluit. Sy eerste projek as redakteur vir OUP, die *Oxford Afrikaans-Engels / English-Afrikaans Skoolwoordeboek / School Dictionary*, het die ATKV-Woordwystoekenning in 2008 ontvang. Hy was ook die hoofredakteur van die eentalige *Oxford Afrikaanse Skoolwoordeboek* wat in 2012 verskyn het. Tot Desember 2022 dien hy as Uitgewersbestuurder: woordeboeke en letterkunde by OUPSA, met 'n bykomende ondersteuningsrol vir die res van Afrika, Indië en Australië. In Januarie 2023 hervat hy sy loopbaan by die WAT deur as hoofredakteur en uitvoerende direkteur in diens te tree. Vanaf 2013 tot 2019 was hy 'n lid van die Afrikaanse Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en het meegewerk aan die elfde uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*. Sedert 2019 dien hy as bestuurslid van die African Association for Lexicography (AFRILEX) en sedert 2024 is hy 'n navorsingsgenoot aan die Universiteit Stellenbosch se Departement Afrikaans en Nederlands.	**Phillip Louw** completed a DLitt in Lexicography (focusing on school dictionaries) at Stellenbosch University. He started his career as lecturer at the university's Department of Afrikaans and Dutch, after which he joined the Bureau of WAT as co-editor for seven years. In 2005 he started as senior editor at Oxford University Press Southern Africa. His first project as editor for OUP, *Oxford Afrikaans-Engels / English-Afrikaans Skoolwoordeboek / School Dictionary*, received the ATKV-Woordwystoekenning in 2008. He also served as editor-in-chief of the monolingual *Oxford Afrikaanse Skoolwoordeboek* published in 2012. Until December 2022 he served as publishing manager for dictionaries and literature data at OUP SA, with additional support duties in the rest of Africa, India and Australia. In January 2023 he resumed his career at the WAT by accepting the position as editor-in-chief and executive director. Beyond OUP and the WAT, he served on the Afrikaans Language Commission from 2013 to 2019 and was co-author of the eleventh edition of the *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*. He has served on the board of the African Association for Lexicography (AFRILEX) since 2019. Since 2024 he is a research fellow at Stellenbosch University's Department of Afrikaans and Dutch.
Gerda Odendaal is sedert Julie 2016 'n mederedakteur by die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. Sy behaal in 2012 haar PhD in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit Stellenbosch, waarna sy vir drie jaar as 'n nadoktorale genoot aan dieselfde universiteit verbonde is. Sy is tans die voorsitter van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad se Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans (NTLA), 'n navorsingsgenoot aan die Universiteit Stellenbosch se Departement Afrikaans en Nederlands, en dien in die stuurkomitee van ProVARIA (Projek oor Variasie in Afrikaans).	**Gerda Odendaal** has been a co-editor at the *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* since July 2016. She obtained her PhD in Afrikaans and Dutch in 2012 at Stellenbosch University, after which she was a postdoctoral fellow at the same university for three years. She is currently the chair of the Pan South African Language Board's Afrikaans National Language Body (ANLB), a research fellow at Stellenbosch University's Department of Afrikaans and Dutch, and serves on the steering committee of ProVARIA (Project on Variation in Afrikaans).

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a3

ABSTRACT

The first century of the WAT

The first century of the WAT reflects, in many ways, the same challenges and highlights that characterise most global projects that aim to produce comprehensive dictionaries. The initial fervour was tempered by the challenges of finding a sustainable model for data collection and, at the same time, establishing a macro- and microstructural identity for the dictionary. After these initial struggles the WAT did enter a time of heightened productivity and good alphabetical progress – four volumes, covering the letters A-I, were published between 1950 and 1961. However, another troublesome period followed when the Bureau's editorial team became bogged down by the requirement to be more encyclopaedic in the microstructural treatment of entries. This particularly affected the work on the letters J-K, which comprised four volumes, with the last volume of K only published in 1991, thirty years after volume IV (covering H-I). When the unsustainability of this way of working became apparent, insights from the latest metalexicographical research were implemented to produce an updated editorial manual. This led to a significant uptick in the speed of production with the subsequent three volumes (covering L-O) requiring, on average, three years each for completion.

In a further major revision of the WAT team's editorial processes, input was garnered from a wide range of academics and role-players within the broader Afrikaans community in order to produce a more scientific and sensitive inclusion and treatment policy for lexical items that could cause offence. During that same time period, the WAT also had to determine its position with respect to a new political dispensation as one of the National Lexicography Units within PanSALB's structures. In that regard, the Bureau played an important part in the structural conceptualisation of the newly established National Lexicography Units and the provision of training in planning, management, editorial processes, and computerisation for their staff members.

The 21st century started on a challenging note, with the Bureau's state subsidy being reduced drastically. Initially, this had a damaging impact on production, and it forced the Bureau to start a countrywide fundraising campaign with the WAT Trust as its vehicle, in order to return to staffing levels that could support the required production rates. At the same time, a comprehensive marketing campaign was launched to draw the attention of the broader Afrikaans speech community to the WAT's role and value. The WAT simultaneously had to adapt quickly to a burgeoning electronic era, firstly by producing the Elektroniese WAT *as CD-ROM product and later evolving it into the* Aanlyn WAT. *The necessity to further speed up production and publish the remaining letters as quickly as possible also became apparent. Consequently, funds were raised for additional editorial appointments, and in 2018 the Bureau embarked on an ambitious plan to complete the remaining 8 letters (from the last volume of S) and reach Z by 2028.*

Currently, this ten-year plan is well on track. The Bureau is aware of its wider mandate, and concurrently to its alphabetical progress, is also devoting time and attention to initiatives promoting greater inclusivity and diversity. These include the expansion of coverage of previously marginalised varieties of Afrikaans, an internship programme that specifically focuses on training potential lexicographers from those previously marginalised communities, and continuous engagement through PanSALB initiatives to help train and support the other National Lexicography Units that play such a crucial role in the development of South Africa's official languages. Lastly, the WAT is continuously striving to improve its electronic offering. Exciting initiatives such as an updated and modernised Aanlyn WAT*, fully digitalised library and material collections, and a research portal offering access to their products and data are therefore in various stages of development. With ongoing state support and extraordinary*

financial contributions by the public and donors through the WAT Trust, the WAT is in rude health and is looking forward to a bright future, well beyond Z.

KEYWORDS: Afrikaans, Afrikaans dictionary, comprehensive dictionary, Dictionary of the Afrikaans Language, inclusivity, language varieties, lexicography, lexicographic practice, lexicography unit, Lexikos

TREFWOORDE: Afrikaans, Afrikaanse woordeboek, inklusiwiteit, leksikografie, leksikografie-eenheid, leksikografiepraktyk, Lexikos, omvattende woordeboek, taalvariëteite, Woordeboek van die Afrikaanse Taal

OPSOMMING

Die eerste eeu van die WAT weerspieël in baie opsigte die uitdagings en hoogtepunte wat kenmerkend is van globale projekte wat ten doel het om omvattende woordeboeke saam te stel. Die aanvanklike geesdrif is getemper deur die uitdagings om ’n volhoubare model vir materiaalversameling te vind en terselfdertyd ’n makro- en mikrostrukturele identiteit vir die woordeboek vas te pen. Ná die aanvanklike sukkelgang volg daar ’n periode van intense produktiwiteit en goeie alfabetiese vordering. ’n Verdere vasval weens ’n wending na ’n meer ensiklopediese benadering is besweer deur ’n vernuwingsproses waarin daar swaar op die nuutste metaleksikografiese insigte gesteun is. Insette deur akademici en ander rolspelers vanuit die breë Afrikaanse spraakgemeenskap is ook verkry ten einde ’n oplossing te vind vir die wetenskaplike dog sensitiewe hantering van leksikale items wat aanstoot kan gee. In daardie tydgleuf moes die WAT ook, as een van die Nasionale Leksikografie-eenhede binne PanSAT se strukture, ’n nuwe politieke bestel navigeer. Die 21ste eeu het op ’n uitdagende noot begin, met die Buro se staatsubsidie wat drasties besnoei is. Dit het die Buro genoop om deur middel van die WAT Trust met landswye fondswerwing te begin en die Afrikaanse spraakgemeenskap is terselfdertyd met behulp van ’n omvattende bemarkingsveldtog bewus gemaak van die WAT se waarde en rol. Hierbenewens moes die WAT ook vinnig aanpas by die elektroniese era, eers deur die *Elektroniese WAT* as CD-ROM-produk te lewer, en dit later in die *Aanlyn WAT* te omskep. Die noodsaak van ’n sneller voltooiing van die projek het ook duidelik geword en in 2018 is begin met ’n ambisieuse plan om die WAT teen 2028 tot by Z te voltooi. Hiermee is die Buro dan tans goed op dreef, terwyl daar ook tyd bestee en aandag gegee word aan inisiatiewe om inklusiwiteit te bevorder en om die elektroniese aanbod deurgaans te verbeter.

1. Inleiding

In die Afrikaanse praktiese en teoretiese leksikografie is daar talle produkte wat met reg op monumentstatus kan aanspraak maak (Gouws, 2016:360). As een van die “omvangrykste en langdurigste leksikografiese projekte in Afrikaans” (Odendaal, 2016:259), en die sogenaamde “identiteitsdokument van die taal” (Meyer & Louw, 2023), verdien die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) as leksikografiese baanbreker met reg hierdie status. Die WAT se wesenlike impak oor die laaste 100 jaar op gebiede soos die taalpraktyk en die leksikografie, asook in die bevordering en behoud van Afrikaans in sy wydste sin, kan nie misken word nie en bevestig nogmaals sy monumentstatus. Die eerste eeu van die WAT was wel nie sonder struikelblokke nie en die volgende eeu hou ook vele uitdagings in. Hierdie artikel het ten doel om ’n oorsig te bied van die WAT se ontwikkeling en die rol wat die WAT in die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse taal- en leksikografielandskap oor die afgelope 100 jaar gespeel het. Daar sal ook ’n blik gegee word op die huidige sowel as toekomstige bedrywighede van die Buro van die WAT.

2. Voorgeskiedenis[1]

Die idee van ’n woordeboek vir Afrikaans het sy oorsprong op ’n kongres van die Afrikaanse Taalvereniging wat in 1914 in Stellenbosch gehou is. Daar is besluit dat ’n tweetalige Afrikaans-Engels/Engels-Afrikaanse woordeboek saamgestel moes word deur ’n kommissie waarvan prof. JJ Smith, wat pas as dosent in Frans en Duits aan die Universiteit Stellenbosch (US) aangestel is, deel sou vorm (Snijman, 1964:11; Du Toit, 1966:180; Gericke, 1991a:7-8; Gouws & Ponelis, 1992:17-18; Kapp, 2013:27, 36). Benewens die tweetalige woordeboek, is ’n standaardwoordeboek van Afrikaanse woorde en idiome ook in die vooruitsig gestel (Gericke, 1991a:8). Dit is egter eers in 1920, in dieselfde jaar waarin Smith as die eerste professor in Afrikaans aan die US aangestel is, wat die saak verder gevoer is toe die Nasionale Pers Smith om hulp genader het met die opstel van ’n woordeboek (Snijman, 1964:11; Du Toit, 1966:72, 180; Kotzé, 1966:465; Snijman, 1975:3; Gouws & Ponelis, 1992:18).

Die aanvanklike plan was, aldus Smith in ’n artikel in *Die Burger* van 10 Julie 1920, om “’n meer populêre tweetalige woordeboek, Afrikaans-Engels en Engels-Afrikaans, uit te gee”, terwyl daar terselfdertyd ook gewerk sou word aan “’n so volledig moontlike versameling van ons Afrikaanse woordeskat, sodat daar later ’n nog groter, vollediger en wetenskapliker tweetalige woordeboek, asook ’n verklarende eentalige Afrikaanse woordeboek uitgegee kan word” (Schoonees, 1950:i; Snijman, 1964:11; 1975:3; Gouws & Ponelis, 1992:18). Dié plan sou egter spoedig vervang word deur ’n voorkeur vir ’n verklarende Afrikaanse woordeboek, aangesien Smith die “versameling van die Afrikaanse woordeskat” as “’n volksaak” en “die voltooiing van die eerste min of meer volledige Afrikaanse woordeboek” as “’n volksgebeurtenis” beskou het (Schoonees, 1950:i; Snijman, 1964:11; 1975:3). Ter ondersteuning van hierdie idee, maak DB Bosman in *Die Burger* van 20 Augustus 1924 ’n aantal voorstelle vir die samestelling van “’n beknopte maar gesaghebbende Afrikaanse woordeboek” (Boshoff, 1926:315, 319). Met die oog op die samestelling van ’n Afrikaanse verklarende woordeboek, het Smith, die Nasionale Pers, die US, die regering, asook die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) intussen onderhandelinge gevoer (Snijman, 1964:11; Du Toit, 1966:180; Snijman, 1975:3). Die uiteinde van dié onderhandelinge was dat die regering op 12 Maart 1925 aanbeveel het dat “’n volledige en gesaghebbende woordeboek met Staatsteun opgestel word”, waarvoor die Universiteitsraad “[a]an prof. Smith [...] buitengewone verlof vir drie jaar” toestaan “ten einde hom in staat te stel om sy belangrike werk i.v.m. die Afrikaanse woordeboek te voltooi” (Schoonees, 1950:i; Snijman, 1964:11; Du Toit, 1966:181; Snijman, 1975:3-4). Op 25 Maart 1926 word die ooreenkoms tussen Smith, die Nasionale Pers en die US vir die opstel van die beoogde woordeboek met behulp van staatsteun bekragtig met die sluiting van ’n kontrak tussen die Nasionale Pers en die toenmalige Minister van Onderwys en Binnelandse Sake, DF Malan. Smith het egter reeds in Januarie van daardie jaar met die werk aan *Die Afrikaanse Woordeboek* (later *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*) begin en sodoende die beoefening van die professionele leksikografie in Suid-Afrika afgeskop (Schoonees, 1950:i; Snijman, 1964:11; Du Toit, 1966:181; Malan, 1974:292; Snijman, 1975:3-4; Gericke, 1991b:104).

Die beoogde woordeboek sou ’n verklarende standaardwoordeboek met woordverklarings, afleidings en voorbeeldsinne wees van ongeveer dieselfde omvang as die destydse Standaard-nederlandse woordeboek *Van Dale*, en moes, dienooreenkomstig die buitengewone verlof aan Smith toegestaan, binne drie jaar voltooi wees. Alhoewel daar op die samewerking van ander

[1] Hierdie afdeling is op Odendaal (2017) gebaseer.

taalgeleerdes gehoop is, veral ten opsigte van die versameling van taalmateriaal, het Smith nie die nodige hulp gekry nie. Dít, tesame met spellingprobleme en Smith se bemoeienis met etimologiese vraagstukke, het daartoe aanleiding gegee dat die werk aan die woordeboek ontspoor het (Schoonees, 1950:i; Snijman, 1964:11, 13; Du Toit, 1966:181; Snijman, 1975:4; Gouws & Ponelis, 1992:18, 22; Odendal, 2006:281). In reaksie hierop het die US reeds in 1928 Smith se verlof tot Desember 1930 verleng en in 1929 aangebied om verantwoordelikheid vir die woordeboek by die Nasionale Pers oor te neem, waarna die woordeboekkantoor op 1 April 1930 van die Kaap na Stellenbosch verskuif is (Schoonees, 1950:i; Snijman, 1964:14; Du Toit, 1966:181; Snijman, 1975:3-4; Odendal, 2006:281). Daar is voorts ooreengekom dat die woordeboek teen 1936 voltooi moes word en Smith het ’n voltydse assistent (en van 1931 tot 1933 ook ’n tweede assistent) vir die bereiking van dié doel ontvang. Voortslepende spellingprobleme, materiaalversameling, etimologiese ondersoek en terminologiese vraagstukke het egter weereens vordering aan die woordeboek gerem (Schoonees, 1950:i; Snijman, 1964:14; 1975:4).

’n Komitee wat op aandrang van die regering in die lewe geroep is om die stand van sake te ondersoek alvorens verdere finansiële steun bewillig sou word, het aanbeveel dat ’n Woordeboekkommissie beheer van *Die Afrikaanse Woordeboek* (voortaan: *Woordeboek*) moes oorneem. Die Woordeboekkommissie, waarin die regering en die US verteenwoordig was, is in 1937 saamgestel waarna fondse vir ’n verdere vyf jaar bewillig is (Schoonees, 1950:i; Snijman, 1964:14). In 1942 gee die Kommissie Smith opdrag om “voorlopig sy ondersoek in verband met nuwe woorde te staak en die materiaal wat reeds versamel is te verwerk en persklaar te maak” met die doel om die *Woordeboek* binne drie jaar te voltooi (Schoonees, 1950:i; Du Toit, 1966:182). Ten spyte daarvan dat addisionele assistente aangestel is om Smith met die werk by te staan, het Smith in sy verslae telkens op die tydrowende aard van die werk gedui (Schoonees, 1950:i). As gevolg van volgehoue swak gesondheid moes Smith in 1943 eers siekteverlof neem en op 21 Augustus 1945 noodgedwonge die tuig as hoofredakteur neerlê. In dié tydperk het die rektor van die US administratiewe beheer van die *Woordeboek* oorgeneem en die Woordeboekkommissie het aanbeveel dat die redaksie uitgebrei word en publikasie in aflewerings geskied (Schoonees, 1950:i; Snijman, 1964:14; Du Toit, 1966:182; Snijman, 1975:4). So kom die eerste twintig jaar, oftewel die Smith-era, van die *Woordeboek* tot ’n einde sonder dat ’n enkele woordeboek gepubliseer is.

Gouws en Ponelis (1992:22) is van mening dat die Smith-era hoofsaaklik deur buitetalige oorwegings (d.i. die kulturele en politieke atmosfeer van die tyd) in plaas van linguistiese behoeftes en beskikbare leksikografiese kundigheid gestuur is. Dit het aanleiding gegee tot ’n skeiding tussen die *Woordeboek* en hoofstroom- Afrikaanse taalkundenavorsing en die gevolglike isolasie van die *Woordeboek*, sodat dit uiteindelik nie ’n groot invloed op die ontwikkeling van Afrikaans uitgeoefen het nie (Gouws & Ponelis, 1992:22). Tog meen Botha (2003b:12, 19) dat die werk aan die *Woordeboek* as stimulus gedien het vir “’n eerste teoretiese besinning in Afrikaans oor die praktyk van woordeboekmaak”, deurdat enkele taalkundiges reeds in die Smith-era deur uitsprake, raadgewing of kritiek ’n invloed op die samestelling van die *Woordeboek* uitgeoefen het.

3. Begin van die produktiewe era

Ná Smith se uittrede is werk aan die *Woordeboek* aan die gang gehou deur twee van sy assistente, N van Blerk en MF Toerien (Schoonees, 1950:v). Daar is egter opnuut ’n komitee deur die regering aangestel om ondersoek in te stel na die vordering van die *Woordeboek*. Die Broeksma-

komitee, soos wat dit later bekend gestaan het, het aanbeveel dat 'n Raad van Beheer oor Die Afrikaanse Woordeboek in die lewe geroep word, saamgestel uit verteenwoordigers van die regering, die US en die SAAWK, onder voorsitterskap van die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap, en onder administrasie van die rektor van die US (Schoonees, 1950:ii; Snijman, 1964:14-15; Du Toit, 1966:182; Snijman, 1975:4; Odendal, 2006:281). Die Broeksma-komitee het voorts voorgestel dat twee voltydse reviseurs, twee voltydse hoofopstellers, een sekretaris-leksikograaf en 'n administrateur aangestel moes word (Schoonees, 1950:ii).

In Januarie 1947 word dr. PC Schoonees as nuwe hoofredakteur van die *Woordeboek* aangestel. Daar is bereken dat ongeveer 'n kwart van die *Woordeboek* teen dié stadium voltooi was, maar saam met die twee assistente wat die werk voortgesit het, begin hy die werk aan die *Woordeboek* opnuut. Definiëring is uitgebrei, meer sitate en poëme is verskaf, en in sommige gevalle is illustrasies bygevoeg. Die hulp van vakkundige medewerkers is ook ingewin by die verklaring van tegniese terminologie. Die versameling van taalmateriaal wat deur Smith aan die gang gesit is, is ook voortgesit met behulp van vrywilligers van regoor die land, en die redaksie is mettertyd uitgebrei. In 1948 onderneem Schoonees ook 'n studiereis na Nederland en Engeland ten einde kontak te maak met buitelandse woordeboekondernemings (Snijman, 1964:15; Du Toit, 1966:182). Die werk aan die *Woordeboek* was uiteindelik op dreef.

Op 7 Mei 1951 verskyn die eerste deel van *Die Afrikaanse Woordeboek* (Snijman, 1964:16; Du Toit, 1966:182),[2] of die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT), soos wat dit op die titelblad aangedui is.[3] Die doel van die WAT is verwoord as "om, so volledig moontlik, 'n beeld te gee van die Afrikaanse taalskat in sy ruimste omvang" (Schoonees, 1950:iii). Dit sluit in standaardtaal, geselstaal, gewestelike taalmateriaal met 'n wyer gebruiksomvang, verouderde woorde, terminologie, vreemde woorde, algemeen bekende handelsname, obsene woorde, eiename met 'n oordragtelike betekenis of wat spreekwoordelik geword het, geografiese name, byvoeglike naamwoorde wat afgelei is van eiename, en neologismes (Schoonees, 1950:iii). Deel I van die WAT het dus "'n definitiewe aanduiding gegee" van "die omvang en aard van die woordeskat" van Afrikaans, aldus Snijman (1964:16). Teen 1954 het Smith se woordversameling van ongeveer 230 000 indekskaartjies tot meer as 500 000 aangegroei (Schoonees, 1955:iii), en onder Schoonees se hoofredakteurskap het nog drie woordeboekdele verskyn, te wete Deel II (D – F) in 1955, Deel III (G) in 1957, Deel IV (H – I) in 1961. Hy het ook die letter J en die eerste gedeelte van K persklaar gemaak voordat hy op 30 Junie 1962 uitgetree het (Snijman, 1968:i).

Hierna is die tuig op 1 Julie 1962 opgeneem deur dr. FJ Snijman; voorheen opsteller en later assistentredakteur (Hauptfleisch, 1984:i). Kort ná sy aanstelling, in Januarie 1963, is die miljoenste kaartjie tot die WAT se woordversameling gevoeg (Snijman, 1968:i), en sewe jaar later, in Januarie 1970, het die WAT die tweemiljoenste kaartjie ontvang (Snijman, 1976:i). Snijman se metaleksikografiese besinning oor sekere aspekte van die leksikografie het daartoe aanleiding gee dat die WAT se redaksionele stelsel onder sy leiding voortdurend aangepas en aangevul is. Hy was egter ook gesteld op skakeling na buite; deur lesings, radiopraatjies en artikels, en deur die vestiging en bevordering van bande met buitelandse leksikografiese instansies. Voorts is die organisasie en administrasie van die WAT tydens sy hoofredakteurskap op 'n nuwe grondslag geplaas (Hauptfleisch, 1984:i). Op 25 Mei 1973 is die Wet op die

[2] In die woordeboek self word die publikasiejaar egter as 1950 aangedui.

[3] Hierdie dubbele titelaanduiding is eers met die verskyning van die negende deel verander (sien afdeling 4). Die gebruik om na dié woordeboek as die WAT te verwys, het egter reeds in Deel II (1955) 'n aanvang geneem (vgl. Schoonees, 1955:i).

Woordeboek van die Afrikaanse Taal (Wet No. 50 van 1973) deur die Parlement goedgekeur, waarna dit op 1 April 1974 in werking getree het. Ingevolge hierdie wet is die Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (voortaan: Buro van die WAT of slegs Buro) as regspersoon ingestel en permanent op Stellenbosch gevestig. Die WAT sou ook voortaan onder die beheer van die Beheerraad van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal staan (Snijman, 1976:i; Hauptfleisch, 1984:i). Onder sy hoofredakteurskap het uiteindelik Deel V (J – KJ) in 1968 en Deel VI (KLA – KOL-) in 1976 verskyn. Meer as die helfte van Deel VII is ook in drukproefvorm voltooi teen die tyd dat hy in 1981 as hoofredakteur uitgetree het (Hauptfleisch, 1984:i).

Op 1 Mei 1981 word die assistent-hoofredakteur, mnr. DC Hauptfleisch, tot hoofredakteur bevorder (Hauptfleisch, 1984:i), en teen 1983 het die Buro van die WAT al meer as driemiljoen kaartjies in sy woordversameling gehad (Hauptfleisch, 1984:vi). In 1984 verskyn Deel VII (KOM – KOR-) van die WAT. Twee jaar later word die Wet op die Woordeboek van die Afrikaanse Taal van 1973 deur die Wysigingswet op die Woordeboek van die Afrikaanse Taal gewysig. Ingevolge hierdie Wysigingswet sou die Buro van die WAT nie meer net op Stellenbosch gesetel wees nie, maar in die besonder aan die Universiteit Stellenbosch gevestig wees. Voorts is die doelstellings van die Buro duideliker uiteengesit, die samestelling van die Beheerraad van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal verander en die ledetal vermeerder, en die Beheerraad kon voortaan self oor die druk en herdruk van die WAT besluit, terwyl die opbrengs uit die verkope van die WAT aan die Buro betaal sou word. In 1987 word daar ook begin met die rekenarisering van sowel die administratiewe as redaksionele werksaamhede van die Buro. Wat laasgenoemde betref, is daar nie net van rekenaars gebruik gemaak in die opstel van die woordeboek nie, maar daar is ook begin om ’n elektroniese databasis saam te stel. Die Wet op die Woordeboek van die Afrikaanse Taal word in 1991 verder gewysig sodat die Beheerraad nou groter outonomie sou hê ten opsigte van die aanstelling van personeel en finansiële bestuur (Hauptfleisch, 1991:i). In dieselfde jaar verskyn ’n tweede deel, Deel VIII (KOS – KYW-), onder Hauptfleisch se hoofredakteurskap.

Die teoretiese besinning oor woordeboekmaak wat reeds in die Smith-era ’n aanvang geneem het (sien afdeling 2), is ná die verskyning van die eerste WAT-deel verder gevoer. Dit is volgens Gouws (2003:76-77) veral resensente se kritiek op die WAT, oftewel die eksterne refleksiewe komponent van die WAT, wat as stimulus vir metaleksikografiese belangstelling in Afrikaans gedien het. Die Afrikaanse metaleksikografie is volgens Botha (2003b:12, 23) naamlik, op enkele uitsonderings na, in die eerste twee dekades ná die verskyning van die eerste deel van die WAT veral in die vorm van resensies oor die WAT bedryf. Die WAT het in hierdie era van sy geskiedenis dus as ’t ware as dryfveer vir die ontwikkeling van die Afrikaanse metaleksikografie gedien. Alhoewel die leksikografieteorie aanvanklik nie ’n merkbare invloed op die samestelling van die WAT gehad het nie (Gouws, 2003:76-77; Botha, 2003b:267), sou die ontwikkeling van die metaleksikografie waartoe die eerste agt dele van die WAT aanleiding gegee het, wel “’n beslissende impak” op die samestelling van die daaropvolgende dele hê (Botha, 2003b:2).

4. Die eerste herskeppingsproses: Strategiese beplanning

Reeds voor die verskyning van Deel VIII is daar in 1989 met strategiese beplanning by die Buro van die WAT begin. Van 27 tot 29 November 1989 vind daar ’n groepsgesprek tussen die WAT-redaksielede en ’n groep taalkundiges plaas waar verskillende leksikografiese onderwerpe bespreek is (Van Schalkwyk, 1991:xv). Die uiteinde van die gesprek was ’n

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a3

ingrypende hersiening van die WAT se redaksionele stelsel deurdat dit onder andere ooreenkomstig die nuutste taalkundige en leksikografiese navorsing aangepas is, asook baie vereenvoudig is ten einde die woordeboekmaakproses te versnel en die woordeboek self toegankliker te maak vir gebruikers. Ook die materiaalversamelings- en opnamebeleid is hersien (Hauptfleisch, 1991:i; Van Schalkwyk, 1994:i).

Op 31 Julie 1991 tree Hauptfleisch as hoofredakteur van die WAT af en word hy vanaf 1 Augustus 1991 deur dr. DJ van Schalkwyk opgevolg (Van Schalkwyk, 1994:i). Van Schalkwyk, wat die strategiese beplanning in 1989 gelei het, het die strategiese beplanning voortgesit (Botha, 2005:i). Dit sluit in personeelbeplanning, die ontwikkeling van produksienorme en ’n prestasiebestuurstelsel, en voortgesette rekenarisering van die administratiewe en redaksionele werksaamhede van die Buro (Van Schalkwyk 1994:i). Onder sy hoofredakteurskap is die idee van “koöperatiewe leksikografie” ook uitgebou, deurdat daar onder andere kontak opgebou is met leksikograwe en leksikografiese projekte in die res van Afrika, Europa, Amerika, Australië en Japan (Van Schalkwyk, 1994:iv; Botha, 2003a:47). Die Buro van die WAT het ook met die oog op die stimulering van die leksikografiese gesprek die eerste uitgawe van die vaktydskrif *Lexikos* in 1991 uitgegee (Van Schalkwyk, 1994:iv). Hierdie publikasie vir “die leksikografiese vakspesialis” sou jaarliks uitgegee word as een van die Buro se beoogde reekspublikasies in die AFRILEX (“Leksikografie in en vir Afrika”)-reeks (Van Schalkwyk, 1994:iv; Harteveld, 1991:ix), en sou volgens Botha (2003b:220-221) instrumenteel wees in die ontwikkeling van sowel die nasionale as internasionale leksikografieteorie, asook die uitbou van Suid-Afrika se rol in die internasionale leksikografie. In 1992 verskyn ook die eerste satellietpublikasie van die Buro, *Woordkeusegids: ’n Kerntesourus van Afrikaans*, wat met buite-outeurs saamgestel is (Van Schalkwyk, 1994:i, iv).

Wat leksikografiese samewerking in veral Suider-Afrika betref, het die Beheerraad van die WAT die moontlikheid ondersoek om ’n Instituut vir Suider-Afrikaanse Leksikografie op die been te bring. Hiervoor is ’n onafhanklike eksterne navorsingspan bestaande uit dr. Mariëtta Alberts en prof. William Branford aangestel wat hulle ondersoek in die loop van 1992 uitgevoer het (Van Schalkwyk, 1994:iv; Alberts, 2022a:10; 2022b:5). Die navorsingspan het egter daarop gedui dat daar eerder ’n duidelike behoefte aan die stigting van ’n professionele vereniging vir leksikografie bestaan het (Alberts, 2022a:14-15).

In 1994 verskyn Deel IX (L) in rekordtyd (3 jaar) onder Van Schalkwyk se hoofredakteurskap (Van Schalkwyk, 1994:i, iv). Die naam van die woordeboek, wat tot en met die vorige uitgawe nog op die buiteblad aangedui is as *Die Afrikaanse Woordeboek*, is sedert hierdie uitgawe op sowel die buiteblad as die titelblad aangedui as *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*.[4] Hiermee saam het die Buro ook ’n nuwe embleem gekry wat op sowel die titelblad as die rugband van die WAT aangebring is (Van Schalkwyk, 1994:i).

Die verskyning van Deel IX het met ’n belangrike gebeurtenis saamgeval: die aanbreek van demokrasie in Suid-Afrika. In dié demokratiese gees hou die Buro van die WAT van 8 tot 10 Februarie 1994 ’n internasionale kongres met die tema “Die hantering van rassismes, seksismes en ander sensitiewe terme in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*” wat deur Afrikaanse en Nederlandse metaleksikograwe, die WAT-redaksie, en verteenwoordigers van die verskillende Afrikaanse spraakgemeenskappe bygewoon is (Harteveld & Van Niekerk, 1995:234; Van Schalkwyk, 1996:i; Botha, 2003b:43; 2005:i). Die onderwerpe wat bespreek

[4] Daar is egter nooit amptelik afstand gedoen van die titel *Die Afrikaanse Woordeboek* nie (Van Schalkwyk, 1994:i). Die titel van die woordeboek word met die jongste gedrukte deel (Deel XVI, 2021) steeds op die rugband aangedui as *Die Afrikaanse Woordeboek.*

is, sluit in rassismes, seksismes en sensitiewe leksikale items wat gestigmatiseerde seksuele verskynsels, praktyke en voorkeure by mense aandui, sensitiewe leksikale items wat gestigmatiseerde fisieke of geestelike toestande en verskynsels by mense aandui, en sensitiewe leksikale items binne 'n sosiale, politieke en godsdienstige struktuur. Die uiteindelike doel van die kongres was om 'n ewewigtige redaksionele beleid vir die bewerking van pejoratiewe en sensitiewe leksikale items in die WAT te formuleer, wat ná afloop van die kongres aan taalgebruikers, taalpraktisyns, taalkundiges en ander nasionale en internasionale leksikograwe vir kommentaar gestuur is (Van Schalkwyk, 1996:i).

Die uiteenlopende reaksies op die beleid het die Buro genoop om 'n alternatiewe beleid op te stel wat op 31 Mei 1995 deur die Beheerraad van die WAT goedgekeur is. Hierdie beleid[5] kom daarop neer dat alle pejoratiewe en sensitiewe leksikale items voortaan steeds opgeneem en gedefinieer sou word, maar dat die pejoratiewe of kwetsende aard van dié leksikale items behoorlik deur middel van etikettering aangedui word. Koteksinligting in die vorm van kollokasies en poëme word by al hierdie leksikale items weggelaat, en by rassismes ook sitate. By rassismes word verder ook semantiese betrekkinge soos kwetsende sinonieme, semantiese opposisies en verwysings weggelaat (Van Schalkwyk, 1996:i). Met hierdie stap wou die Buro "'n bydrae lewer tot die verbetering van menseverhoudinge in Suid-Afrika", aldus Van Schalkwyk (1996:i). Volgens Schoonheim (1998:122) het die Buro hiermee ook 'n belangrike posisie in die internasionale leksikografie ingeneem deurdat hierdie beleid as voorbeeld vir leksikograwe in ander lande dien.

Die nuwe demokratiese bedeling het ook ander omwentelinge vir die Buro van die WAT ingehou. In 1995 word die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) ingevolge die Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Wet No. 59 van 1995) in die lewe geroep. PanSAT is gestig ten einde uitvoering te gee aan afdeling 6 van die Suid-Afrikaanse Grondwet en het as primêre doel die bevordering van meertaligheid en die ontwikkeling van die voorheen gemarginaliseerde amptelike Suid-Afrikaanse tale, insluitende Suid-Afrikaanse Gebaretaal en die tale van die Khoi-Khoin en die San (Alberts, 2022b:7). Terselfdertyd besluit die Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie (DACST), wie se departement op daardie stadium woordeboekprojekte van die Buro en die *Dictionary of South African English* (DSAE) befonds het, om 'n wetsontwerp daar te stel waarvolgens leksikografie-eenhede vir al die amptelike Suid-Afrikaanse tale op die been gebring sou word. Hy het voorgestel dat die bestaande Wet op die Woordeboek van die Afrikaanse Taal met sy onderskeie wysigings herroep word en deur die Wetsontwerp op Nasionale Leksikografie-eenhede (DACST 1996) vervang word (Alberts, 2022b:8-9).

Die wetsontwerp is egter uiteindelik onttrek, aangesien daar gemeen is dat, gegewe PanSAT se taalbevorderings- en ontwikkelingsfunksie, die leksikografie-eenhede eerder ingevolge 'n hersiene PanSAT-wet gestig moes word. Die PanSAT-wet is gevolglik geherformuleer sodat die afdelings van die Wetsontwerp op Nasionale Leksikografie-eenhede as artikels in die Wysigingswet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Wet No. 10 van 1999) geïnkorporeer is (Alberts, 2022b:8-9). Met die goedkeuring van hierdie wysigingswet het die Buro van die WAT die Nasionale Leksikografie-eenheid vir Afrikaans geword en is dit op 8 November 2000 as 'n artikel 21-maatskappy geregistreer wat deur 'n direksie bestuur word met die hoofredakteur as die uitvoerende direkteur (Botha, 2005:i; Alberts, 2022:9). Op 3 Julie 2003 word ook 'n Memorandum van Ooreenkoms tussen die Buro van die WAT, PanSAT en die Universiteit Stellenbosch onderteken (Botha, 2005:i). Te midde van bogenoemde omwentelinge en

[5] Vergelyk Van Schalkwyk (1996:i); Harteveld & Van Niekerk (1995:238-247) vir 'n volledige uiteensetting van dié beleid.

aanvanklike finansiële onsekerhede word die WAT Trust in 1999 gestig (www.wat.co.za/kortgeskiedenis).

Ondertussen ontvang die Buro van die WAT se vaktydskrif *Lexikos* in 1995 akkreditasie van die Suid-Afrikaanse Departement van Onderwys (www.wat.co.za/kortgeskiedenis), en word daar in dieselfde jaar opnuut 'n studie onderneem na die haalbaarheid van 'n vereniging vir leksikografie. Die idee is met oorweldigende entoesiasme begroet en só word die leksikografiese vereniging wat reeds in 1991 in die vooruitsig gestel is op 14 Julie 1995 in die lewe geroep (Alberts, 2022a:15). Die Buro het toestemming gegee dat die akroniem AFRILEX gebruik mag word, en sodoende kom dit as die African Association for Lexicography (AFRILEX) tot stand. *Lexikos* sou ook voortaan die mondstuk van die vereniging wees (Alberts, 2022a:15-16).

Ondanks al die nasionale woelinge op leksikografiese front, verskyn Deel X (M) van die WAT in 1996 – slegs twee en 'n halwe jaar ná die vorige deel (Van Schalkwyk, 1996:i). Hiermee het sowel die alfabet as die WAT volgens Van Schalkwyk (1996:i) die halfpadmerk bereik. In 2000 verskyn ook Deel XI (N – O) – die laaste deel onder hoofredakteurskap van Van Schalkwyk, wat aan die einde van 2003 afgetree het. 'n Groot deel van Deel XII (P – Q) is ook onder sy hoofredakteurskap voltooi. In 2003 verskyn die WAT vir die eerste keer in elektroniese formaat onder die titel *Elektroniese WAT (A tot O)* as CD-ROM. In dieselfde jaar verskyn nog 'n satellietpublikasie van die Buro, die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans*, asook dié publikasie se elektroniese weergawe op CD-ROM (Botha, 2005:i).

Nog 'n uitvloeisel van die strategiese beplanning is die vestiging van die Buro as leksikografiese opleidingsentrum. Daar is reeds in 1995 begin met die aanbieding van kursusse in die algemene leksikografie, rekenaarleksikografie, en die beplanning en bestuur van leksikografieprojekte vir plaaslike en Nederlandse studente, universiteitskolleges, provinsiale owerhede, asook kollegas uit die res van Afrika (Botha, 2003a:43; 2003b:222-223; Van Schalkwyk, 2003, in Odendaal, 2017:81). Voorts is die insigte verkry uit die WAT se strategiese beplanning veral ook met die Nasionale Leksikografie-eenhede van die ander nege Afrikataaleenhede gedeel in 'n poging om "'n aktiewe rol [te speel] in die opheffing van ongelykhede op die terrein van die leksikografie", aldus Van Schalkwyk (2003, in Odendaal, 2017:81; Alberts, 2022b:14). Opleidingsessies oor die praktiese leksikografie, die metaleksikografie, die gebruik van rekenaarapparatuur en -programmatuur, bemarking en projekbeplanning en -bestuur is vir personeellede van dié eenhede by die Buro aangebied (Alberts, 2022b:12, 14).

5. Die tweede herskeppingsproses: Privaat befondsing en openbare bewusmaking

Op 1 Januarie 2004 word dr. Willem Botha die nuwe hoofredakteur van die WAT (Botha, 2005:ii), en twee jaar later in 2006, met die tagtigste bestaansjaar van die WAT, verskyn Deel XII (P – Q). In dieselfde jaar word die *Elektroniese WAT (A tot Q)* op CD-ROM vrygestel, die *Aanlyn WAT* word op die internet bekendgestel, en die satellietpublikasie *Woordkeusegids* word onder die titel *Sinonieme en verwante woorde* heruitgegee. In 2007 verskyn 'n *Supplement* tot die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans* (Botha, 2009:i; www.wat.co.za/kortgeskiedenis). Nóg twee jaar later in 2009 verskyn Deel XIII (R) van die WAT met sy ooreenstemmende CD-ROM-weergawe, *Elektroniese WAT (A tot R)*. In 2010 word die selfoonweergawe van die *Elektroniese WAT* vrygestel en nog 'n satellietpublikasie, *Basic Afrikaans: The top 1000 words and phrases*, in samewerking met die Vriende van Afrikaans (Malan, 2010:2; Botha, 2013:i; www.wat.co.za/kortgeskiedenis).

Gedurende dieselfde tyd word die Buro se staatsbefondsing drasties gesny – van R2,1 miljoen in 2003 tot slegs R1 miljoen in 2008. Dit het die Buro genoop om deur middel van die WAT Trust met landswye fondswerwing te begin (Botha, 2009:i). Die fondswerwing het ook hand-aan-hand gegaan met ’n bemarkingsveldtog om die WAT aan die wyer publiek bekend te stel. Hieruit het in 2010 een van die WAT se langslopende fondsinsamelingsprojekte, die Borg ’n Woord-projek, gevloei. Deelnemers kan óf ’n woord borg teen R100 per woord, óf ’n woord eksklusief koop teen R5 000 per woord (www.wat.co.za/borg-n-woord). Teen die begin van 2024 het deelnemers aan die Borg ’n Woord-projek al byna R4 miljoen tot die WAT se fondse bygedra (www.wat.co.za/inleiding, 1.3). Vanaf 2011 tot 2022 was daar ook op Vrydae in Monitor op RSG ’n rubriek Woord van die Week waarin ’n interessante woord uit die week se nuusgebeure bespreek is, gevolg deur ’n kort promosie vir Borg ’n Woord deur die programaanbieder. Ander bemarkingsveldtogte sluit in gereelde beantwoording van taalnavrae op die radiostasie RSG se taleprogram (tans “Taaldinge”) deur senior redaksielede van die WAT, die Woord van die Week wat weekliks in die pers en op sosiale media geplaas word, ’n jaarlikse Nuutskeppingskompetisie wat in samewerking met RSG en die ATKV tydens die Woordfees op Stellenbosch gehou word, Woordpretgeleenthede waartydens praatjies en optredes deur Afrikaanse skrywers, mediapersoonlikhede en kunstenaars by die WAT gehou word, ’n Treffendste Afrikaanse Handelsnaamkompetisie, en insetsels op televisieprogramme soos Kwêla.

Teen 2013 het die finansiële ondersteuning van privaat individue en instansies ’n driekwart van die WAT se jaarlikse inkomste uitgemaak (Botha, 2013:i), en tans is die WAT vir slegs sowat 17% van sy totale jaarlikse begroting van staatsbefondsing afhanklik. Ten spyte van kwynende staatsbefondsing, is die WAT vandag waarskynlik finansieel die suksesvolste en stabielste leksikografie-eenheid in Suid-Afrika.

Aan die einde van 2012 is daar begin om die WAT se materiaalversameling, wat teen dié tyd tot byna viermiljoen indekskaartjies aangegroei het, te digitaliseer ten einde dit te beveilig, dit wyer toeganklik te maak, en werk aan die woordeboek te vergemaklik (Botha, 2013:i). ’n Jaar later verskyn die eerste deel van drie dele van die WAT wat die letter S sou dek, Deel XIV (S – SKOOL), en sy ooreenstemmende CD-ROM-weergawe, *Elektroniese WAT (A tot SKOOL)*, die jaar daarop. Ook die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans* en sy *Supplement* is in 2015 in ’n CD-ROM-weergawe geïntegreer (Botha, 2019:i; www.wat.co.za/kortgeskiedenis).

Teen 2015 het die *Aanlyn WAT*, wat deurlopend in ooreenstemming met die gedrukte woordeboek bygewerk is, nie meer tred gehou met die jongste ontwikkelinge in die elektroniese leksikografie nie. Daarom word daar in dieselfde jaar deur die redaksie gewerk aan ’n konsep-ontwerp vir die ontwikkeling van ’n moderne nuwe *Aanlyn WAT*, genoem die *Loodsprojek* (Botha, 2019:i; sien ook afdeling 7.1 vir meer hieroor). In die jaar daarop is daar ook gewerk aan die aanvulling en opdatering van die *Aanlyn WAT* deurdat meer as 800 ontbrekende nuwe woorde en betekenisonderskeidings van A tot R opgeneem is en/of gewysig is (Botha, 2019:i).

6. Die derde herskeppingsproses: Tienjaarplan

Met die negentigste bestaansjaar van die WAT is daar besef dat dit nog twee dekades sou duur voordat die WAT tot by Z voltooi sou wees. Met dít in gedagte, het die Buro van die WAT teen die einde van 2017 ’n plan goedgekeur waarvolgens die woordeboek binne tien jaar (teen 2028) tot by Z voltooi sal wees. Ten einde die sogenaamde Tienjaarplan uit te voer, is vyf bykomende redaksielede in 2018 aangestel en is daar om addisionele befondsing by die Buro

se groot donateurs soos Het Jan Marais Nationale Fonds, die Trust vir Afrikaanse Onderwys, die Hiemstra Trust en Sanlam aansoek gedoen (Botha, 2019:i; Holtzhausen, 2022:xv). In 2019 is nog twee bykomende, deeltydse redaksielede aangestel om werk aan die Tienjaarplan te bespoedig (Botha, 2021:i).

In 2019 verskyn Deel XV (SKOOL – SRI) van die WAT saam met nog twee satellietpublikasies waaraan redakteurs van die WAT meegewerk het: die *Prentewoordeboek Afrikaans-IsiXhosa Gr. R–3* en die *Picture Dictionary English-Afrikaans Gr R–3* (Botha, 2019:i). Vanweë die feit dat die gedrukte woordeboek gaandeweg verouderd geraak het en die *Aanlyn WAT* al hoe groter geraak het, asook dalende verkope van die gedrukte WAT gepaardgaande met stygende drukkoste en die tydrowendheid om die gedrukte woordeboek persklaar te maak, is daar besluit dat Deel XVI die laaste gedrukte deel van die WAT sou wees (Botha, 2019:i; 2021:i).[6] So verskyn die laaste deel van S, Deel XVI (SRP – SZONDI), asook die laaste gedrukte deel van die WAT, in 2021. Gegewe die toenemende verwyderdheid tussen die gedrukte woordeboek en die *Aanlyn WAT*, bevat sowel Deel XV as Deel XVI van die WAT addenda met nuwe woorde en uitdrukkings van A tot S in ’n poging om die kopers van die gedrukte woordeboek tegemoet te kom (Botha, 2019:i; 2021:i). Sowel Deel XV as Deel XVI het binne die tydraamwerk soos bepaal deur die Tienjaarplan verskyn.

In 2022 tree Botha as hoofredakteur en uitvoerende direkteur van die WAT af en word hy opgevolg deur dr. Phillip Louw. Die jaar daarna word die letter T op die halfpadmerk van die Tienjaarplan bekendgestel (www.wat.co.za/inleiding, 1.1 & 2.1).

7. Op pad na ’n nuwe eeu

7.1 Elektroniese herskepping

Die publisering van die letter T in Oktober 2023 ─ die eerste letter wat eksklusief aanlyn gepubliseer is ─ was veronderstel om saam te val met die bekendstelling van ’n nuwe herontwerpte *Aanlyn WAT*. Weens die tegniese eise wat ’n omvattende woordeboek soos die WAT stel, moes die herontwerp se bekendstelling noodgedwonge uitgestel word tot 2025. Dit is nie gewoon vir omvattende woordeboeke om van die gedrukte formaat na die e-formaat te beweeg voordat die projek voltooi is nie (vgl. Gouws, 2021). Die *Aanlyn WAT* en die *Elektroniese WAT* is nie van meet af as elektroniese produkte ontwikkel nie. Dit is eintlik net digitale weergawes van die gedrukte produk. Du Plessis (2014:80, e.v.) wys daarop dat die beskikbare data van die WAT juis ’n goeie platform is vir die skep van ’n werkbare en aanpasbare elektroniese produk, maar dat die elektroniese weergawes van die WAT, buiten enkele gevorderde toegangsroetes soos soekenjins, nie die gebruiker ter wille is in die e-omgewing nie.

Gouws (2021:1159) beaam hierdie gedagte en noem dat om “verstaanbare en voor die hand liggende redes” benut die *Aanlyn WAT* “nie naastenby alle moontlikhede van die betrokke medium nie”. Hoewel die Tienjaarplan daarop gemik is om die WAT tot by Z te voltooi, moet hierdie plan ook die ruimte skep om aandag te gee aan die medium waarin die woordeboek aangebied word. Die digtheid van data, die veranderinge in gebruikersverwagtinge en -profiel en die toeganklikheid van woordeboekdata is onder meer verdere faktore wat ingespeel het op die uiteindelike besluit om die WAT slegs as aanlyn produk te publiseer en wat in ag geneem moet word in die herontwerp van die *Aanlyn WAT* (Du Plessis, 2023). Daarom het Louw vroeg

[6] Hierdie besluit word tans heroorweeg.

in sy redakteurskap die herontwerp van die *Aanlyn WAT* as ’n bykomende prioriteit tot alfabetiese vordering gestel.

In die aanvang van die rekenaarera en die daaropvolgende digitale revolusie, moes die WAT se omvattende datastelle telkens in verskillende formate omgesit word (Du Plessis, 2023). Hierdie herhaaldelike omskakeling van data, ’n tekort aan ontwikkelingstyd en die voorkeur aan die gedrukte produk en die gepaardgaande vereistes daarvan, het die WAT veral in die aanlyn omgewing gekniehalter (Du Plessis, 2014; 2023). Daarom is daar in 2019 besluit om daarvan werk te maak om woordeboekdata wat nie voorheen in die huidige woordeboek-skryfprogrammatuur, TLex, saamgestel is nie, met behulp van die ontwikkelaar van TLex om te skakel. Hierdie data-omskakelings was die eerste fase in ’n groter projek om die WAT se data in een werkbare formaat te giet. Tydens die Covid-19-pandemie het die redaksie besef dat die huidige leksikografiese proses, d.i. die proses wat gevolg word om onder andere die manuskrip vir ’n bepaalde trajek te voltooi, ook nie volhoubaar is in die digitale era nie. Daar is veral aanpassings gemaak in die gebruik van elektroniese korpusse, asook in TLex, om vinniger en meer akkuraat te werk. Hierdie aanpassings en die bogenoemde data-omskakeling het die grondslag gelê vir die oorskakeling van die samestelling en druk van ’n gedrukte woordeboek na die publisering van ’n volkome aanlyn woordeboek (Du Plessis, 2023).

7.1.1 Die Aanlyn WAT

Die reeds genoemde *Loodsprojek* het ten doel gehad om die *Aanlyn WAT* te moderniseer deur middel van ’n gebruikersvriendelike gebruikskoppelvlak, verbeterde soekfunksionaliteit en die integrering van bestaande aanlyn leksikografiese tendense en praktyke (Du Plessis, 2023). Die *Loodsprojek* is egter in 2018 weens die prioritisering van die Tienjaarplan gestaak. Aan die einde van 2021, nadat besluit is dat die WAT nie meer in gedrukte formaat sal verskyn nie, is daar opnuut aandag aan die herontwerp van die *Aanlyn WAT* gegee. Die *Aanlyn WAT* is tans die WAT se vlagskipproduk en dit moet ’n produk wees wat gebruikersvriendelik is, wat kan voldoen aan die vereistes wat die gebruikers en moderne tegnologie stel, en wat die nuutste tendense in die elektroniese leksikografie betrek. Derhalwe is die eerste fase van die herontwerp van die *Aanlyn WAT*, wat onder meer op die *Loodsprojek* geskoei is, uiteindelik in 2022 onderneem. Hierdie herontwerp behels onder andere bywerking van die styl en uitleg van die *Aanlyn WAT*, aanpassing van en stilistiese veranderinge aan die woordeboekdata en ’n verbeterde subskripsiemodel (www.wat.co.za/inleiding/, 1.2). Die konsepontwerp van die herontwerpte *Aanlyn WAT* is aan die begin van 2023 goedgekeur. Dié ontwerp betrek ook sover moontlik die beginsel van “mobile first” (vgl. Undakat, 2023) om te verseker dat die *Aanlyn WAT* sy gebruikers se behoeftes op verskillende toestelle soos slimfone en tabletrekenaars kan bevredig.

Tydens die herontwerpproses is daar ook verdere omskakelingswerk aan die WAT se data onderneem en daar is prosesse in plek gestel vir die redaksie om op ’n meer gereelde basis, eerder as ná die voltooiing van ’n deel of letter, die *Aanlyn WAT* op inhoudelike vlak te kan opdateer. Dit is veral nodig omdat die aanvulling en verbetering van die *Aanlyn WAT* deurlopend oor die hele spektrum van die alfabet plaasvind. Ontbrekende nuwe woorde en uitdrukkings word deurgaans opgeneem en artikels word gewysig om onder andere voorsiening te maak vir nuwe betekenisonderskeidings, die byvoeging van sinonieme en antonieme en die bywerking en regstelling van kruisverwysings tussen die verskillende letters van die alfabet. Dit is egter nog geen omvattende herbewerking van die *Aanlyn WAT* nie en die groot herbewerking sal ná die voltooiing tot by Z plaasvind (www.wat.co.za/inleiding/, 1.2).

Met die eise wat ’n omvattende woordeboek soos die WAT stel, is dit nodig om die aanlyn produk noukeurig en stelselmatig te herontwerp (vgl. ook Gouws, 2021). Gevolglik is die herontwerp van die *Aanlyn WAT* in verskillende fases aangepak. Ná voltooiing van bogenoemde konsepontwerp en eerstefasedata-omskakeling, het die fokus na ’n tweede fase verskuif. In die tweede fase word daar beoog om die WAT se twee webwerwe, te wete die *Aanlyn WAT* en die korporatiewe webwerf, www.wat.co.za, te integreer. Dit sal ’n alles-in-een-platform skep waar gebruikers die aanlyn woordeboek, WAT se e-winkel en enige ander inligting oor die Buro en sy werksaamhede kan gebruik of nagaan. Die aanlyn omgewing skep die verwagting dat gebruikers vinnig en moeiteloos kan inteken en alle tekstuele data kan gebruik. Derhalwe moet die *Aanlyn WAT* se subskripsiemodel in ooreenstemming wees met ander aanlyn woordeboeke of naslaanbronne, en woordeboekdata wat buite die tradisionele makrostruktuur[7] val, bv. voor- en agtertekste, moet ook strook met die standaardpraktyke van die e-omgewing om dit vindbaar, bruikbaar en minder oorweldigend vir e-gebruikers te maak. Tydens hierdie fase word daar ook verdere aandag aan die aanbieding en omskakeling van woordeboekdata gegee sodat die *Aanlyn WAT* se data dwarsdeur soekbaar is en die woordeboek as geheel meer toeganklik en gebruikersvriendelik is (Du Plessis, 2023). In die derde fase word verdere verfyning van die *Aanlyn WAT* se soekenjin beoog, terwyl die moontlikheid van ’n woordeboekportaal ondersoek sal word waar ander leksikografiese hulpbronne soos die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans* ook aanlyn gepubliseer en gebruik kan word. Ten laaste word ’n digitale navorsingsportaal oorweeg waar navorsers op ’n afsonderlike platform meer bepaalde of gevorderde soektogte binne beperkte datastelle kan onderneem (Du Plessis, 2023).

7.1.2 ’n Omvattende korpus

In die leksikografiese proses steun die WAT se redaksie geredelik en voortdurend op die genoemde omvattende indekskaartjieversameling. Hoewel hierdie versameling kaartjies ’n toereikende korpus is vir die samestelling van die WAT, word dit nie noodwendig soos in die verlede bygewerk nie. Botha het daarvoor gesorg dat die digitisering van die kaartjiemateriaal wel teen 2017 voltooi is.

Die voordeel en toeganklikheid van digitale korpusse vir die samestelling van ’n omvattende woordeboek kan nie misken word nie. Die WAT bou daarom sedert 2020 deurlopend aan ’n uitgebreide digitale korpus van Afrikaanse bronne soos boeke, akademiese tydskrifte, tesisse, tydskrifte en nuusblaaie wat gratis of via medewerkende instansies soos die Universiteit Stellenbosch aanlyn beskikbaar is (www.wat.co.za/inleiding/, 1.5.2). Dit beteken nie dat die WAT nie voor 2020 elektroniese materiaal gebruik het nie, maar die verbetering daarvan en eksponensiële bywerking van digitale materiaal het veral in en ná die Covid-19-pandemie plaasgevind. Die gedigitiseerde kaartjies vorm ook deel van hierdie korpus, terwyl enige nuwe leksikale materiaal naatloos in die korpus geïntegreer kan word. In aansluiting by die digitale korpus, word die digitalisering van die WAT-biblioteek tans (2024) ondersoek. Alhoewel die hoofdoel van die projek is om die risiko rondom potensiële brandskade te verminder, sal die digitalisering ook dié waardevolle versameling bronne ten volle vir manuskripontwikkeling ontsluit (www.wat.co.za/inleiding/, 1.5.2).

[7] Die tradisionele makrostruktuur (soos bepaal in gedrukte woordeboeke) verwys tipies na die ordening en aanbieding van leksikale items en sluit die toegangsalfabet en artikeltrajekte in.

7.2 Die bevordering van inklusiwiteit

Die WAT is as omvattende verklarende woordeboek reeds sedert sy ontstaan gemoeid met die optekening van Afrikaans in sy ruimste sin deurdat sowel gesproke as geskrewe materiaal uit al die variëteite van Afrikaans opgeteken is (Van Schalkwyk, 1994:i; 1996:i). Die sosiopolitieke konteks waarin die eerste dele van die WAT tot stand gekom het, het egter daartoe aanleiding gegee dat al die variëteite van Afrikaans nie altyd genoegsame verteenwoordiging in die WAT gekry het nie (Odendaal, 2023:195-198, 201-203). Naas die WAT se verbintenis tot omvattende optekening van al Afrikaans se variëteite, duur die WAT se pogings om veeltaligheid deur die bevordering en uitbou van leksikografiese aktiwiteite binne PanSAT en AFRILEX se strukture, ook voort. Hier onder volg dus ’n oorsig van die WAT se huidige en toekomspogings om inklusiwiteit te bevorder.

7.2.1 Kaapse Afrikaans

Enersyds in reaksie op kritiek dat die WAT nie Kaapse Afrikaans genoegsaam weerspieël nie (vgl. Odendaal, 2023:188), en andersyds danksy ’n opbloei in Kaapse Afrikaanse publikasies, het die WAT in 2020 besluit om sy opname van Kaapse Afrikaans van A tot Z te hersien (Botha, 2021:i).[8] Hierdie projek, wat voorlopig aan die einde van 2023 voltooi is, het daartoe aanleiding gegee dat meer as 1 500 Kaapse Afrikaanse woorde, uitdrukkings en betekenisonderskeidings tot die WAT toegevoeg is (Odendaal, 2023:205; www.wat.co.za/inleiding, 1.5.1).

7.2.2 Samewerking met die ATR aan variëteiteprojek vir skole

Die WAT werk tans saam met die Afrikaanse Taalraad (ATR) aan ’n projek om die variëteite van Afrikaans se gebruik in skoolverband te bevorder. Saam met die Taalkommissie van die SAAWK en ander inhoudskeppende vennote van die ATR, word ’n woordelys van geldige Afrikaanse woorde uit die verskillende variëteite saamgestel, wat onder meer aan onderwysers en eksaminatore beskikbaar gestel kan word vir gebruik in die klaskamer. Die WAT, as omvattende woordeboek van al Afrikaans se variëteite, dra materiaal uit die woordeboek en databasis tot hierdie projek by.

7.2.3 ProVARIA

Op 30 Junie 2023 tree die WAT as gasheer op vir ’n ATR-werkwinkel, bygewoon deur taalkundiges van regoor die land, asook drs. Louw en Odendaal as WAT-verteenwoordigers. Die onderwerp was die navorsing, beskrywing en dokumentering van Afrikaans se variëteite, en ’n projek (ProVARIA) is formeel geloods om ’n variasieportaal aanlyn te skep, waartoe die WAT sal bydra as beskrywers van die leksikale items vir elke variëteit. (www.wat.co.za/wat-en-provaria-bewaar-die-rykheid-van-afrikaanse-varieteite/)

7.2.4 Internskapprogram

Twee jong aspirantleksikograwe uit spraakgemeenskappe van voorheen benadeelde variëteite van Afrikaans, kon in Julie 2023 by die WAT aansluit as deel van ’n jaar lange internskappro-

[8] Vir ’n volledige uiteensetting van hierdie projek, sien Odendaal (2023:203-211).

gram. Hulle is met die hulp van die Universiteit van Wes-Kaapland se Departement Afrikaans en Nederlands geïdentifiseer en het hulle basiese opleiding voltooi, waarna hulle vir ’n verdere jaar onder toesig manuskrip sal maak as junior mederedakteurs. Die WAT hoop om met hierdie voortgaande inisiatief nie net ’n groot bydrae te lewer tot toekomstige werk om die beskrywing van die variëteite te ondersteun nie, maar ook om te verseker dat daar ’n meer inklusiewe poel kandidate is wat kan en wil aansoek doen wanneer volle mederedakteursposte by die WAT vakant raak.

7.2.5 Bevordering van Afrikaans as vaktaal

Aan die ander kant van die taalspektrum beteken die WAT se verbintenis tot variëteitinklusiwiteit ook dat standaardterme uit ’n wye verskeidenheid vakgebiede ingesluit moet word, en daarvoor word staatgemaak op die hulp van ’n groot verskeidenheid vakkundige medewerkers (vgl. Swanepoel, 2014; Luther, 2019). Verder is die WAT besig om nou die grondslag te lê vir ’n navorsingsportaal (sien 7.1.1) wat dit vir akademici en studente makliker sal maak om die WAT as woordeskathulpmiddel vir enige vakgebied te gebruik. Vir die eerste fase van daardie projek sal die fokus op makliker ontsluiting van die woordeboekinhoud self wees. Maar soos in 7.1.2 genoem, is die WAT ook in die ondersoek- en beplanningsfase van ’n projek om die Buro se eie kernbiblioteek en ander bronversamelings te digitaliseer. Die hoop is dat van hierdie bronne, veral dié in die WAT se versamelings wat baie oud of uniek is, deur die navorsingsportaal vir legitieme navorsers beskikbaar gestel sal kan word.

7.2.6 Ondersteuning vir ander tale se nasionale leksikografie-eenhede

Die WAT het ’n lang verbintenis tot die opleiding van al tien die ander nasionale leksikografie-eenhede (Alberts, 2022b:3). Personeel van al die eenhede was reeds vir opleidingskursusse by die WAT en daar is steeds ’n behoefte aan opleiding by sommige eenhede namate nuwe redaksielede aangestel word. Die elf nasionale leksikografie-eenhede is verteenwoordig in die LexiEditors’ Forum waar gemeenskaplike probleme twee keer per jaar bespreek word, en waar ervarings en opleiding ook gedeel kan word. In 2024 het Louw tydens die eerste forumvergadering in Makhanda byvoorbeeld opleiding oor uitgewerskontrakte aan die ander hoofredakteurs gebied. Dit bly vir die WAT ’n prioriteit om die ander amptelike landstale te help ondersteun met sy betrokkenheid binne PanSAT se strukture.

7.2.7 Lexikos en AFRILEX

Lexikos (sien afdeling 4) skep vir Afrikaanse en Suid-Afrikaanse meta- en praktiese leksikograwe ’n inklusiewe ruimte om sowel hulle vakkundige kennis as ontwikkelinge in die praktyk met ’n plaaslike en internasionale gehoor te deel. Die WAT as uitgewer van *Lexikos* bevorder en ondersteun hierdeur nie net Afrikaans as wetenskapstaal nie, maar ook die leksikografie as praktyk en wetenskap in die Suid-Afrikaanse en internasionale konteks. Die redaksie en redaksiekomitee, wat uit verskillende taal- en kultuuragtergronde afkomstig is, dra ook by tot die inklusiewe beeld van die tydskrif. Die WAT en sy personeel poog ook om ’n wesenlike bydrae tot die akademiese ruimte te maak deur onder meer by kongresse oor taalkunde, meertaligheid en leksikografie betrokke te wees, in die bestuur van AFRILEX te dien en, in samewerking met AFRILEX, werkswinkels en opleidingsgeleenthede aan te bied.

8. Ten slotte

Gouws (2016:367) noem tereg dat woordeboeke produkte is wat die "ontwikkeling van 'n taal, sy kreatiewe vermoë, en iets van die kultuur en die wêreldsiening van die taalgemeenskap weerspieël en kan help vestig". Die ontwikkeling en vestiging van Afrikaans as taal in eie reg word weerspieël in die ontwikkeling van die WAT veral omdat die WAT 'n wesenlike rol gespeel het in die vestiging, optekening of identifisering van taal- en kultuurverskynsels in die breë Afrikaanse taalgemeenskap. Dit is daarom belangrik dat die WAT onwrikbaar bly in sy mandaat om 'n "gesaghébbende skatkamer vir inklusiewe Afrikaans" te wees (La Vita, 2023). Daar is baie min tale wat 'n omvattende woordeboek het of sal hê. Die WAT is daarom ook 'n leksikografiese sowel as kulturele suksesverhaal. Dit is nie 'n gegewe dat 'n regering of 'n taalgemeenskap in 'n nasionale leksikografiese projek sal belê nie.

Die feit dat die WAT kon voortbestaan deur verskillende ontwikkelingsperiodes met ondersteuning van sy gebruikers, spreek boekdele oor die vertroue wat die Afrikaanse gemeenskap in die WAT het, en wys op die waarde van so 'n woordeboekprojek. Op beide akademiese en praktiese fronte, het die WAT ook noemenswaardige bydraes gemaak, te wete die vestiging van 'n internasionale vaktydskrif, die betrokkenheid by leksikografiese en taalkundige opleiding, die baanbrekerswerk in die Suid-Afrikaanse leksikografiepraktyk, en die ondersteuning van ander leksikografie-eenhede en akademiese organisasies.

In die eerste eeu van die WAT se bestaan is daar baie vermag, baie omwentelinge gemaak en baie vernuwing het plaasgevind. Die volgende eeu hou nuwe uitdagings in – 'n veranderende taallandskap, die eise van tegnologie, die tekort aan 'n woordeboekkultuur, 'n nuwe generasie van gebruikers – maar die WAT is goed geposisioneer om hierdie uitdagings aan te pak en hopelik voort te bou aan die "lewende, alomveranderende museum en argief" van Afrikaans (Meyer & Louw, 2023).

BIBLIOGRAFIE

Alberts, M. 2022a. *Lexikos* and AFRILEX – A perfect lexicographic liaison. *Lexikos,* 32(2):1-26.

Alberts, M. 2022b. The South African National Lexicography Units – Two decades later. *Lexikos,* 32(3):1-24.

Boshoff, SPE. 1926. 'n Standaardwoordeboek van Afrikaans. In *Gedenkboek ter eere van die Genootskap van Regte Afrikaners (1875–1925)*. Potchefstroom: Afrikaanse Studentebond, pp. 307-328.

Botha, W. (red.). 2003a. Curriculum vitae: DJ van Schalkwyk. In Botha, W. (red.). *'n Man wat beur*. Stellenbosch: Buro van die WAT, pp. 42-49.

Botha, WF. 2003b. Die impak van die leksikografieteorie op die samestelling van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. Ongepubliseerde DLitt-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

Du Plessis, AH. 2014. A Functional Analysis of the e-WAT with Specific Focus on the Mobile Version: Towards a Model for Improvement. *Lexikos,* 24:75-93.

Du Plessis, AH. 2023. The WAT at a T-junction. Redesigning and updating the online *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. Ongepubliseerde referaat gelewer by die 27th *International Conference of the African Association for Lexicography*. 27 September, Bloemfontein.

Du Toit, PS. 1966. Die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte. In Thom, HB e.a. (reds.). *Stellenbosch 1866–1966. Honderd jaar hoër onderwys*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, pp. 71-97.

Gericke, W. 1991a. Die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* – 'n kultuurhistoriese verkenning. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

Gericke, W. 1991b. Vroeë woordelyste en woordeboeke in verband met Afrikaans. *Lexikos* 1:104-112.

Gouws, RH. 2003. Oor patriotte en ander leksikografiese vernuwers. In Botha, W. (red.). *'n Man wat beur*. Stellenbosch: Buro van die WAT, pp. 71-85.

Gouws, RH. 2016. Enkele minder bekende Afrikaanse woordeboekmonumente. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 56 (2-1):355-370.

Gouws, RH. 2021. Op pad na 'n omvattende aanlyn woordeboek – met spesifieke verwysing na die *Woordeboek van die Afrikaanse taal*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 61(4-1):1156-1176.

Gouws, RH & Ponelis, FA. 1992. Issues in the development of Afrikaans lexicography. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* Supplement, 12:1-44.

Harteveld, P. 1991. Voorwoord. *Lexikos,* 1:ix-xi.

Harteveld, P & AE van Niekerk. 1995. Beleid vir die hantering van beledigende en sensitiewe leksikale items in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. *Lexikos,* 5:232-248.

Holtzhausen, J. 2022. Dr. Willem Botha: Planmaker en steunpilaar. *Lexikos,* 32(3):xv-xvi.

Kapp, P. 2013. *Maties en Afrikaans: 'n Besondere verhouding, 1911–2011*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Kotzé, DJ. 1966. Stellenbosch se bydrae. In Thom, HB e.a. (reds.). *Stellenbosch 1866–1966. Honderd jaar hoër onderwys*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, pp. 437-529.

La Vita, M. 2023. 'Woord-ghoeroe' wil 'skatkamer vir inklusiewe Afrikaans' skep. *Netwerk24*, https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/profiele/woord-ghoeroe-wil-skatkamer-vir-inklusiewe-afrikaans-skep-20230105. [12 Augustus 2024].

Luther, J. 2019. Veels geluk, WAT, met die verskyning van Deel 15! *VivA-blogs*, https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/479-wat15. [31 Julie 2024].

Malan, SI. 1974. Die groei van Afrikaans as skryftaal. In Kok, B. (red.). *Afrikaans: Ons pêrel van groot waarde*. Johannesburg: Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge, pp. 279-293.

Malan, M. 2010. Wêreld-eerste: Lywige WAT op sel. *Rapport*, 22 Augustus 2010.

Meyer, N & Louw, P. 2023. Phillip Louw, hoofredakteur en uitvoerende direkteur van die WAT: 'n onderhoud. *LitNet*, https://www.litnet.co.za/phillip-louw-hoofredakteur-en-uitvoerende-direkteur-van-die-wat-n-onderhoud/. [12 Augustus 2024].

Odendaal, G. 2017. Die rol van die Universiteit Stellenbosch se Departement Afrikaans en Nederlands in die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie deur sy betrokkenheid by die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. *LitNet Akademies,* 14(2):65-91.

Odendaal, G. 2023. *WAT* gemaak met Kaaps? Die opname van Kaaps in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. In Feinauer, I & Gouws, R. (reds.). *Fritz Ponelis en die Afrikaanse taalwetenskap*. Stellenbosch: SUN PReSS, pp. 187-215.

Odendal, FF. 2006. HAT veertig jaar – 'n persoonlike oorsig. *Lexikos,* 16:280-289.

Schoonheim, F. 1998. Een studie naar aspecten van de invloed van de Nederlandse lexicografie op Afrikaanse woordenboeken. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

Snijman, FJ. (hoofred.). 1964. *U woorde, u woordeboek*. Stellenbosch: Raad van Beheer oor Die Afrikaanse Woordeboek.

Snijman, FJ. 1975. U woorde, u woordeboek. *Lantern,* 25(1):2-9.

Swanepoel, PH. 2014. Evalueringskriteria en die interaksie tussen die leksikografieteorie en -praktyk; die ontwerp van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* as gevallestudie. *Lexikos*, 24: 378-401.

Unadkat, J. 2023. Mobile First Design: What it is and How to Implement it. *BrowserStack*, https://www.browserstack.com/guide/how-to-implement-mobile-first-design#:~:text=As%20mentioned%20frequently%2C%20mobile%20devices,for%20in%20th7e%20first%20place. [7 Julie 2024].

Van Schalkwyk, DJ. 1991. Die woord vra kontak. *Lexikos,* 1:xv-xvii.

Woordeboek van die Afrikaanse Taal, https://www.wat.co.za/. [22 Junie 2023].

Woordeboeke

Botha, WF. (hoofred.). 2005. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Twaalfde Deel P – Q. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Botha, WF. (hoofred.). 2009. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Dertiende Deel R. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Botha, WF. (hoofred.). 2013. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Veertiende Deel S – SKOOI. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Botha, WF. (hoofred.). 2019. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Vyftiende Deel SKOOL – AFRI LANKAANS. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Botha, WF. (hoofred.). 2021. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Sestiende Deel SRP – SZONDITOETS. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Hauptfleisch, DC. (hoofred.). 1984. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Sewende Deel KOM – KOR. Pretoria: Die Staatsdrukker.

Hauptfleisch, DC. (hoofred.). 1991. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Agste Deel KOS – KYW. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Schoonees, PC. (hoofred.). 1950. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Eerste Deel A – C. Pretoria: Die Staatsdrukker.

Schoonees, PC. (hoofred.). 1955. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Tweede Deel D–F. Pretoria: Die Staatsdrukker.

Schoonees, PC. (hoofred.). 1957. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Derde Deel G. Pretoria: Die Staatsdrukker.

Schoonees, PC. (hoofred.). 1961. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Vierde Deel H–I. Pretoria: Die Staatsdrukker.

Snijman, FJ. (hoofred.). 1968. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Vyfde Deel J – KJ. Pretoria: Die Staatsdrukker.

Snijman, FJ. (hoofred.). 1976. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Sesde Deel KLA – KOL. Pretoria: Die Staatsdrukker.

Van Schalkwyk, DJ. (hoofred.). 1994. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Negende Deel L. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Van Schalkwyk, DJ. (hoofred.). 1996. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Tiende Deel M. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Van Schalkwyk, DJ. (hoofred.). 2000. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Elfde Deel N – O. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Afrikaans as akademiese taal: Verlede, hede en toekoms

Afrikaans as an academic language: The past, the present, and the future

Tobie van Dyk
Toegepaste Taalkunde
Skool vir Tale
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: tobie.vandyk@nwu.ac.za

Tobie van Dyk

Tobie van Dyk is professor in toegepaste taalkunde aan die Noordwes-Universiteit se Skool vir Tale. In sy navorsing fokus hy op taal vir spesifieke doeleindes, en in die besonder taal vir akademiese doeleindes en die meting daarvan. In aansluiting hierby, is die aangeleentheid van taalbeplanning en taalbestuur tans hoog op sy navorsingsagenda. Hy is die outeur en medeouteur van talle publikasies in plaaslike en internasionale vaktydskrifte en het 'n C2-navorsingsgradering van die NNS. Hy is in 2023 na die South African Centre for Digital Language Resources (SADiLaR) gesekondeer om oorkoepelende verantwoordelikheid namens Universities South Africa (USAf) te neem vir 'n nasionale taalhulpbronoudit by Suid-Afrikaanse universiteite. Die sekondering is vir 'n verdere drie jaar verleng om oor die bestekopname toesig te hou en universiteite van raad te bedien. Die doel hiermee was om tot ingeligte besluite te kan kom oor die behoeftes en gereedheid van universiteite om die Nasionale Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoër Onderwysinstellings te implementeer.

Tobie van Dyk is professor of applied linguistics at North-West University's School of Languages. He focuses on language for specific purposes in his research, particularly language for academic purposes and its measurement. Accordingly, the matter of language planning and language management currently features prominently in his research. He is the author and co-author of numerous publications in local and international journals and is considered an established researcher in South Africa, with international recognition. He was seconded to the South African Centre for Digital Language Resources (SADiLaR) in 2023 to take overarching responsibility, on behalf of Universities South Africa (USAf), for a national language resource audit at South African universities; this secondment has been extended for a further three years to oversee post-audit endeavours and to provide support to universities in this regard. The aim of the audit was to reach informed decisions about the needs and readiness of universities to implement the National Language Policy Framework for Public Higher Education Institutions.

Datums:
Ontvang: 2024-10-12 Goedgekeur: 2024-12-05 Gepubliseer: Maart 2025

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a4

ABSTRACT

Afrikaans as an academic language: The past, the present, and the future

Mother tongue education offers multiple benefits in terms of academic, cognitive and social development. In this article, the focus is on Afrikaans as medium of instruction within an academic context and against the background of the promotion of multilingualism and inclusive education. Theoretical perspectives are provided regarding issues such as academic language use, mother tongue teaching, multilingualism, inclusiveness, as well as language planning and management. The contribution of Afrikaans to scientific research and publication, as well as the position of this language within the higher education sector are put under the spotlight, with specific reference to empirical data from an investigation completed in 2023. This involves a language resource audit, carried out by the South African Centre for Digital Language Resources (SADiLaR) on behalf of the Department of Higher Education and Training (DHET). All public universities in South Africa were involved in the audit in order to obtain information on the state of indigenous languages at these institutions and this information will serve as framework for the implementation of the Language Policy Framework for Public Higher Education Institutions (LPHE) promulgated in 2020. The aim of this policy is to promote and strengthen the use of all official languages across all functional domains of public higher education in line with the stipulations of the South African Constitution.

An educational research design and mixed methods approach to data collection were chosen for the audit. Two questionnaires were drawn up: one focused on students and one focused on staff, which were completed at all institutions. The questionnaires were followed up by semi-structured interviews with both staff and students in order to gain clarity on quantitative data and further input on questions from stakeholders at universities. Information was gathered regarding the status quo at institutions of higher learning in terms of language policy, language implementation planning, language policy monitoring, inclusion of regional languages, official languages of the institution, strengths and weaknesses, and priority areas that need attention. In addition, information on language services, teaching-learning and research, language of communication and administration, and student life was obtained.

The findings of the audit are presented and discussed with the support of visual material. Findings include: a limited knowledge of additional indigenous languages amongst personnel; that English is still the de facto language of instruction; and that neither students nor personnel are properly informed about institutional language policies, language services and available multilingual resources for teaching and learning. Surprisingly, 95.7% of students revealed that they prefer English as medium of instruction, but, on the other hand, most students would like to improve their ability in additional indigenous languages.

Eight priority areas of intervention for the short term have been identified. These are: expertise and support in language planning and management; monitoring and reporting; co-ownership, co-responsibility, cooperation in funding; hegemony of English; academic language development; language ability of staff at conversational level; multilingual pedagogy; and development of terminology.

As far as Afrikaans is concerned, the audit revealed that the language is well represented at universities compared to other languages, but that there are still challenges, such as stigmatisation, resource allocation, and the effectiveness of the implementation of language policies. The insights gained from the investigation emphasise that much still needs to be done to realise multilingualism as a contributing factor to inclusiveness and a fair educational environment in higher education in South Africa. The rich tapestry of languages and cultures in South Africa makes it essential for the higher education environment to accommodate and

promote multilingualism. Doing this is imperative to reflect demographic diversity and to promote inclusiveness and social cohesion. The audit underlines the fact that, among our indigenous languages, Afrikaans occupies a unique position, with a complex historical context and a significant speaker base. It is therefore important that appeals are continuously made, and arguments put forward for the strategic integration of Afrikaans in higher education as part of an ongoing programme for promoting a truly multilingual environment that respects all linguistic identities.

KEYWORDS: mother tongue teaching; Afrikaans; academic language; higher education; multilingualism; inclusivity and fairness in education; language planning; language policy; language resource audit; historically Afrikaans universities; mixed-methods data collection

TREFWOORDE: moedertaalonderrig; Afrikaans; akademiese taal; hoër onderwys; meertaligheid; inklusiwiteit en regverdigheid in onderwys; taalbeplanning; taalbeleid; taalhulpbronoudit; histories Afrikaanse universiteite; gemengdedata-insamelingsmetode

OPSOMMING

Moedertaalonderrig bied veelvuldige voordele op die gebied van akademiese, kognitiewe en sosiale ontwikkeling. In hierdie artikel is die fokus op Afrikaans as medium van onderrig binne ’n akademiese konteks en teen die agtergrond van die bevordering van meertaligheid en inklusiewe onderwys. Teoretiese perspektiewe rakende kwessies soos akademiese taalgebruik, moedertaalonderrig, meertaligheid, inklusiwiteit, sowel as taalbeplanning en -bestuur word verskaf. Die stand van Afrikaans binne die hoëronderwyssektor word onder die soeklig geplaas, met spesifieke verwysing na empiriese data uit ’n ondersoek wat in 2023 afgehandel is. Dit behels ’n taalhulpbronoudit, uitgevoer deur die South African Centre for Digital Language Resources (SADiLaR) in opdrag van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO). Alle openbare universiteite in Suid-Afrika is by die oudit betrek ten einde inligting te bekom oor die stand van inheemse tale by hierdie instellings as raamwerk vir die implementering van die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoër Onderwysinstellings (TOHO) wat in 2020 gepromulgeer is. Agt prioriteitsareas vir intervensie in die kort termyn is geïdentifiseer. Wat Afrikaans spesifiek betref, het die oudit aan die lig gebring dat die taal goed verteenwoordig is in vergelyking met ander tale by universiteite, maar dat daar ook steeds uitdagings bestaan, soos stigmatisering, hulpbrontoewysing en gebrekkige implementering van taalbeleide. Die insigte wat uit die ondersoek bekom is, beklemtoon dat nog méér gedoen moet word om veeltaligheid as bydraende faktor tot inklusiwiteit en ’n billike opvoedkundige omgewing in hoër onderwys in Suid-Afrika ’n werklikheid te maak.

1. Inleidend

Met die viering van Afrikaans se honderdste bestaansjaar, is dit nodig om ook een van die hoër funksies van die taal, naamlik dié van akademiese taal, onder die loep te neem. Die histories Afrikaanse universiteite (HAU’s) het tot nou toe ’n betekenisvolle rol in die vorming van die Suid-Afrikaanse hoëronderwyslandskap gespeel. Afrikaans as akademiese taal het in ’n mindere of meerdere mate, veral sedert 1994, ook die toets van die tyd deurstaan op die gebied van die historiese, die kulturele en die politieke. Trouens, dit weerspieël vandag die

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a4

breër maatskaplike veranderinge van die afgelope drie dekades van demokrasie in Suid-Afrika en funksioneer steeds as taal van onderwys en identiteit.

In hierdie artikel word daar eerstens enkele teoretiese perspektiewe gedeel, insluitende ’n algemene beskrywing van akademiese taal en Afrikaans in ’n akademiese konteks. Daarna word Afrikaans as medium van onderrig, die bevordering van meertaligheid en inklusiewe onderwys, sowel as die bydrae van Afrikaans tot wetenskaplike ondersoek en publikasie bespreek. Die doel hiermee is nie net om die waarde van Afrikaans in akademiese omgewings te illustreer en die belangrikheid van die taal vir die bevordering van akademiese en kulturele doelwitte in Suid-Afrika uit te lig nie, maar ook om die internasionale toepaslikheid van so ’n diskoers te belig. Hierdie afdeling word afgesluit met ’n kort bespreking van taalbeplanning en taalbestuur.

Tweedens word ’n kort historiese oorsig oor Afrikaans as akademiese taal gebied, in die besonder binne die konteks van HAU’s, insluitende invloedryke organisasies en individue. Die fokus skuif dan na die stand van Afrikaans tans in die hoëronderwyssektor, met verwysing na empiriese data uit ’n onlangse ondersoek. In die vierde deel van die artikel word daar besin oor die toekoms van Afrikaans as akademiese taal, gebaseer op die voorafgaande inligting.

2. Enkele teoretiese perspektiewe

2.1 Akademiese taal

Akademiese taal is gespesialiseerde taalgebruik wat in akademiese en onderwysomgewings gebruik word om komplekse idees, konsepte en argumente oor te dra, vakgesprek aan te moedig, en selfs nuwe woorde of terme te skep. Akademiese taal bevat gespesialiseerde (vak) terme en beskrywings van konsepte wat meestal nie in alledaagse taal voorkom nie en dikwels abstrak van aard is. Hierdie tipe taal is noodsaaklik om die kompleksiteit en diepte van akademiese navorsing en bespreking te kommunikeer (Hyland, 2009). Die grammatika en sintaksis van akademiese taal is volgens Schleppegrell (2004) dikwels ook kompleks, wat insluit die gebruik van uitgebreide sinstrukture (in die besonder saamgestelde en veelvoudige sinne) en passiefkonstruksies (onder andere om objektiwiteit en geloofwaardigheid te bewerkstellig, maar ook ruimte te laat vir afleiding en spekulasie). Spesifieke diskoerskonvensies is ook tipies van akademiese taal (Gee, 2014) en hierdie konvensies sluit onder andere die volgende in: ’n formele toonaard, die gebruik van bepaalde registers, insluiting van en verwysing na wetenskaplike bronne, sowel as die sistematiese en logiese aanbieding van konsepte, idees, bewyslewering en argumentasie.

Afrikaans in ’n akademiese konteks het beide historiese en hedendaagse waarde. Dit speel ’n belangrike rol in die bevordering van taaldiversiteit en akademiese onderskeiding in Suid-Afrika en dra by tot die bewaring van taal en kultuur en die behoud van ’n unieke kulturele identiteit (Smit, 2015).[1] Volgens Kruger en Naudé (2012) dra die behoud en deurlopende gebruik van ’n taal daartoe by om kulturele diversiteit te bevorder en kulturele identiteit te versterk. Dit hou direk verband met die ontwikkeling van taalgebruik in sogenaamde hoërordekontekste, soos in onder meer howe, kontrakte, vakwetenskap, en hoër onderwys.

[1] Kulturele identiteit verwys hier nie na Afrikaneridentiteit per se nie, maar eerder na ’n Afrikaanse identiteit en ’n Afrikaanse akademiese identiteit.

2.2 Moedertaalonderrig, die bevordering van meertaligheid en inklusiwiteit

Die begrip "moedertaalonderrig" verwys na kontekste waar studente in hul huistaal onderrig ontvang. Dit bied veelvuldige voordele op die gebied van akademiese, kognitiewe en sosiale ontwikkeling. Sodanige argument vorm die basis vir gesprekke oor die belang van moedertaalonderrig en die voordele wat dit inhou vir studente se akademiese sukses en algehele ontwikkeling. Navorsing oor moedertaalonderrig, en Afrikaans in die besonder, dui juis op verhoogde akademiese prestasie (Louw & Pienaar, 2017). Onderrig in die moedertaal dra op die langer termyn by tot hoër akademiese prestasie deur die bevordering van vermoëns in begrip, analise, assimilasie, evaluasie en toepassing van komplekse konsepte en idees (Murray, 2010; Thomas & Collier, 2002).

Verbeterde kognitiewe ontwikkeling kan ook met moedertaalonderrig in verband gebring word, omdat dit die ontwikkeling van vaardighede in probleemoplossing, kreatiewe denke en kritiese oordeelvermoë kan fasiliteer deurdat studente meer betrokke en gemotiveerd is wanneer hulle in 'n taal leer waarin hulle gemaklik is (Baker & Wright, 2017; Cummins, 2000). 'n Meer uitgebreide woordeskat in vergelyking met dié van 'n tipiese addisioneletaalgebruiker dra verder by tot verhoogde begrip en redenasievermoë. Dit verminder taalhindernisse wat andersins kan lei tot frustrasie en afleiding. Wanneer studente in 'n taal leer wat hulle ken, kan hulle fokus op die inhoud van die vak eerder as om te worstel met die taal self (Cummins, 1978; Bates, 1999; Ganuza & Hedman, 2019; Morris & Cobb, 2004).

Derdens is dit welbekend dat moedertaalonderrig 'n leerder se betrokkenheid by kulturele en historiese kontekste aansienlik kan beïnvloed en kan help met die bevordering van 'n dieper verbintenis tot kulturele erfenis en historiese begrip, sowel as die vorming van 'n kulturele identiteit (Alexander, 2009; Cummins, 2000; Skutnabb-Kangas, 2000). Taal en kultuur is onlosmaaklik geïntegreerd. So, byvoorbeeld, is leerders wat in hul moedertaal onderrig word en leer, dikwels meer kultureel betrokke by tekste en praktyke waaraan hul blootgestel word; dit lei weer tipies tot 'n diepgaande belewenis, waardering en bewaring van hul erfenis (Baker, 2006). Die verband tussen taal en historiese begrip is insgelyks betekenisvol. Historiese narratiewe is dikwels ingebed in die talige strukture en idiome van 'n taal. Volgens Heugh (2009) is leerders wat geskiedenis deur hul moedertaal leer, byvoorbeeld meer geneig om die fyner en kontekstuele betekenisse van historiese gebeure en figure te begryp en het hulle ook 'n beter retensie en begrip van historiese inhoud in vergelyking met dié wat in 'n tweede of vreemde taal opgelei is. Heugh skryf dit daaraan toe dat die moedertaal 'n meer genuanseerde begrip van historiese diskoers moontlik maak wat kultureel spesifiek en kontekstueel relevant is.

Moedertaalonderrig is 'n fundamentele strategie vir die bevordering van veeltaligheid en inklusiwiteit in opvoedkundige omgewings. Deur studente se moedertaal na waarde te ag en as medium van onderrig en leer te gebruik, word omgewings geskep wat talige diversiteit as die norm stel en die ontwikkeling van veelvuldige taalvaardighede aanmoedig. Deur Afrikaans byvoorbeeld as een van die tersiêre onderrigtale te behou, dra universiteite ook by tot 'n inklusiewe onderwysomgewing wat alle tale en kultuurgroepe respekteer (Heugh, 2011; Hibbert & Van der Walt, 2014; Skutnabb-Kangas & Heugh, 2013). 'n Verdere voordeel, volgens Baker (2011), is dat moedertaalonderrig, binne 'n veeltalige konteks, die grondslag lê vir meertaligheid deur studente se huistale te versterk en terselfdertyd addisionele tale bekend te stel.

Ons moet egter daarteen waak om die saak van moedertaalonderrig slegs vanuit 'n enkele perspektief te beredeneer. Moedertaalonderrig is nie noodwendig die enigste roete vir die bevordering van meertaligheid en inklusiwiteit nie; meertalige onderrigkontekste dra ook

hiertoe by, soos byvoorbeeld uitgewys deur Cummins (1978; 2000). 'n Belangrike en unieke bydrae van moerdertaalonderrig binne 'n meertalige konteks is dat die talige en kulturele agtergronde van alle studente erken en gerespekteer word, minstens op simboliese vlak: dit versterk studente se identiteit, skep 'n meer inklusiewe atmosfeer, oorbrug kulturele gapings en voorkom marginalisering (García, 2009). Sodanige inklusiewe benadering versterk studente se gevoel dat hul waardeer en geag word, en dat hul deel is van die onderwysstelsel. Boonop verbeter moedertaalonderrig, in 'n meertalige konteks, kommunikasie tussen studente onder mekaar en tussen studente en dosente.

Uit die bostaande bespreking kan die afleiding gemaak word dat die insluiting van Afrikaans in akademiese kontekste 'n kritieke en onvervangbare rol speel in die bevordering van taal- en kultuurerfenis, akademiese prestasie, sowel as die bevordering van meertaligheid en inklusiwiteit. Deur Afrikaans in akademiese omgewings te behou, kan Suid-Afrikaanse universiteite myns insiens nie net bydra tot die behoud van die taal en kultuur nie, maar ook 'n meer inklusiewe en diverse akademiese omgewing bevorder; dit skep immers ook 'n platform vir ander tale om dienooreenkomstig te groei en gevestig te raak as akademiese tale.

2.3 Die bydrae van Afrikaans tot wetenskaplike ondersoek en publikasie

Taal is nie bloot 'n instrument vir kommunikasie nie; dit is ook 'n noodsaaklike instrument vir die bevordering van kennis en die verspreiding van navorsingsinsigte. Die keuse van taal in wetenskaplike en vakkundige kontekste het 'n groot impak op die toeganklikheid, reikwydte en invloed van navorsingsbevindinge. Terwyl Engels dikwels die dominante taal in akademiese diskoers is, speel ander tale ook 'n kritieke rol in die konseptualisering en uitvoer van navorsing, sowel as die lewering van wetenskaplike publikasies.

Die redes hiervoor is velerlei, maar kan as volg opgesom word (vergelyk Dubois, 2012; Schmidt, 2015; Zhao, 2018): (i) dit dra by tot diverse, en in baie gevalle ook omgewingspesifieke, perspektiewe wat weer kan lei tot deurbrake in navorsing en innovasie; (ii) dit dra daartoe by dat talige probleme wat in spesifieke kontekste voorkom, beter verstaan en opgelos kan word, omdat dit plaaslike, historiese, intellektuele, kulturele en identiteitselemente of tradisies integraal tot die navorsing hanteer – wetenskaplike bevindinge is makliker om te omskryf en te interpreteer, omdat dit direk van toepassing is op spesifieke kontekste; (iii) tale is tipies die draers van historiese en intellektuele tradisies wat sekere akademiese dissiplines aansienlik beïnvloed; en (iv) die bevordering van navorsing en publikasie in veelvuldige tale bevorder akademiese inklusiwiteit en toeganklikheid – deur wetenskaplike diskoers in 'n reeks tale te ondersteun, word akademici en navorsers uit verskillende talige kontekste byvoorbeeld bemagtig om aan globale navorsingsgesprekke deel te neem wat weer bydra tot 'n sogenaamde demokratisering en bevordering van globale begrip vir kontekspesifieke uitdagings.

Die kern van die argument hier is naamlik dat ander tale, naas Engels, noodsaaklik is om verskeie insigte vas te vang en streekspesifieke uitdagings te beredeneer en oplossings daarvoor te vind ten einde 'n inklusiewe akademiese omgewing te verseker. Die impak van 'n taal op navorsing dra immers ook by tot die toeganklikheid van wetenskaplike kennis. Sulke bydraes verbreed die omvang en diepte van wetenskaplike literatuur, wat uiteindelik ook die globale navorsingslandskap verryk.

Wat Afrikaans spesifiek betref (kyk na voorbeelde in die volgende paragraaf), weet ons dat die taal 'n ryk geskiedenis van bydraes tot verskeie akademiese velde deur navorsing en wetenskaplike publikasies het. Alhoewel dit nie so wyd as Engels begryp of erken word nie, het Afrikaans 'n beduidende rol gespeel in die bevordering van kennis in spesifieke streke en

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a4

dissiplines. Die ontwikkeling van Afrikaans as ’n medium vir akademiese uitdrukking het ’n unieke ruimte geskep waarbinne plaaslike kwessies hanteer, streeksbelange op wetenskaplike wyse weerspieël en die globale akademiese landskap verryk word deur uiteenlopende perspektiewe op diverse aangeleenthede.

Histories het Afrikaans in die vroeë 20ste eeu formele erkenning gekry, wat gelei het tot die stigting van Afrikaanstalige opvoedkundige instellings en vaktydskrifte. Hierdie institusionalisering van wetenskaplike werk in Afrikaans was deurslaggewend in die kweek van ’n lewendige akademiese gemeenskap wat waardevolle navorsing oor ’n reeks onderwerpe en in feitlik alle dissiplines kon lewer. Trouens, van die mediese en gesondheidswetenskappe tot sosiale wetenskappe, geesteswetenskappe en natuurwetenskappe het Afrikaanstalige publikasies noemenswaardige bydraes tot die ontwikkeling van ’n reeks dissiplines gelewer. So byvoorbeeld het Afrikaanstalige mediese vaktydskrifte soos die *Afrikaanse Mediese Joernaal* noodsaaklike insigte verskaf oor gesondheidskwessies wat van toepassing is op die Suid-Afrikaanse bevolking (Cloete, 2007). Net so beklemtoon navorsing in die natuurwetenskappe in joernale soos *Koedoe*, byvoorbeeld streeksbiodiversiteit en bewaringspogings (Smith, Thompson & Van Zyl, 2009). In die sosiale en geesteswetenskappe bied publikasies soos die *Journal for Contemporary History* weer kritiese ontledings van Suid-Afrika se sosiopolitieke en historiese kontekste (De Klerk, 2014). Insgelyks dra die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 2024) vir jare al by tot publikasies in Afrikaans en versterk daardeur die status van Afrikaans as wetenskapstaal. Dieselfde geld die *Tydskrif vir Taalonderrig* (Suid-Afrikaanse Vereniging vir Taalonderrig, 2024) wat navorsing en publikasie oor die gebruik van, en in, tale anders as Engels bevorder.

Ten spyte van hierdie besondere bydraes, en daar is natuurlik talle meer, staar uitdagings Afrikaanstalige navorsing in die gesig, insluitende die globale oorheersing van Engels en ’n stelselmatige verskuiwing na Engelsmediumonderrig in hoër onderwys. Hierdie uitdagings beklemtoon die kritieke behoefte aan volgehoue ondersteuning en ontwikkeling van Afrikaanstalige vakkundige hulpbronne om te verseker dat ons talige erfenis ’n integrale deel van akademiese diskoers bly.

2.4 Die belang van taalbeplanning en taalbestuur in universiteitskontekste

Taalbeplanning en -bestuur is deurslaggewende komponente in die effektiewe funksionering van universiteite vir die skep van inklusiewe akademiese omgewings, verhoogde akademiese prestasie, die verbetering van kommunikasie, sowel as die bevordering van veeltaligheid. Soos ook blyk uit die empiriese data hier onder, is universiteite plekke waar eksterne belanghebbendes, studente en personeel van verskillende taalagtergronde bymekaar kom en geakkommodeer moet word. Doeltreffende taalbeplanning verseker dat hierdie diversiteit bestuur kan word op maniere wat opvoedkundige en nasionale doelwitte ondersteun.

Doeltreffende taalbestuur by universiteite kyk eerstens na die taalbehoeftes van studente en personeel, en fasiliteer sodoende beter kommunikasie en akademiese sukses. Volgens Spolsky (2004) behels taalbeplanning die neem van besluite oor watter tale in onderwys, administrasie en sosiale interaksies binne akademiese instellings gebruik word. Hierdie beplanning is van kardinale belang om te verseker dat alle lede van die universiteitsgemeenskap toegang tot opvoedkundige hulpbronne het en ten volle aan akademiese en sosiale aktiwiteite kan deelneem. Tweedens bevorder effektiewe taalbeplanning wat meertaligheid ondersteun ’n ryker akademiese omgewing. Erkenning en ondersteuning van veelvuldige tale lok ’n diverse studentepopulasie en personeelkorps, wat die instelling se plaaslike relevansie en internasionale

reputasie, asook akademiese diversiteit verhoog. Clyne (2005) beklemtoon in hierdie verband die belang van effektiewe taalbeleide en -implementeringsplanne.

In aansluiting by die kwessie van inklusiwiteit, speel deeglike taalbeplanning en -bestuur in die derde plek ook ’n belangrike rol in die bevordering van billikheid en gelykheid. Universiteite kan byvoorbeeld taalbeleide implementeer wat ondersteuning bied aan nie-moedertaalsprekers, soos taalondersteuningsprogramme en meertalige onderwyshulpbronne. Sodoende kan studente taalhindernisse makliker oorkom, en hulle kry gelyke geleenthede. Wright (2010) voer aan dat taalbeleide en -implementeringsplanne by hoëronderwysinstellings ontwerp moet word om taaldiversiteit te akkommodeer en die nodige ruimte te skep vir waardering van ander se geskiedenis en identiteit, wat op wederkerige wyse weer kan bydra tot ’n meer regverdige akademiese ervaring. Laastens kan geargumenteer word dat ons in ’n toenemend geglobaliseerde wêreld leef en werk, en binne hierdie konteks staan universiteite voor die konstante uitdaging om by ’n veeltalige en multikulturele studentedemografie en streeksbehoeftes aan te pas. Soos Phillipson (2009) tereg opmerk, is strategiese taalbeplanning en -bestuur ook noodsaaklik vir universiteite wat poog om ’n internasionale voetspoor te vestig en akademiese samewerking te verbeter.

Dit blyk, oorhoofs gesien, dat verantwoordelike en slim taalbeplanning instellings kan help om bostaande kompleksiteite beter aan te pak deur strategieë te ontwikkel wat belyn is met hul institusionele doelwitte. Doeltreffende taalbeplanning en -bestuur is myns insiens onontbeerlik vir universiteite wat daarna streef om ’n inklusiewe, billike en akademies lewendige omgewing te bevorder. Deel 3 (dit is hoofstukke 14-19) van die boek *Toegepaste Taalkunde in Afrikaans* (Carstens & Van Dyk, 2022) bevestig hierdie standpunt en kan vir meer besonderhede geraadpleeg word oor sake soos taal, identiteit en nasievorming, asook taalbeplanning, taalbeleid, taalpolitiek, meertaligheid en taalsosiologie. Dit is alles sake wat aansnyding vind by die bespreking in hierdie deel van die artikel en ook lig werp op die rol en posisie van Afrikaans per se.

In die volgende twee afdelings word die geskiedenis van Afrikaans by universiteite bespreek, asook ’n blik gewerp op waar ons tans staan, gebaseer op data uit ’n onlangse nasionale taalhulpbronoudit by openbare universiteite.

3. Waar kom ons vandaan?

3.1 Oor die algemeen

’n Eerste, en myns insiens dié toonaangewende bron, is *Die storie van Afrikaans – uit Europa en van Afrika: Deel 1* (Carstens & Raidt, 2017)[2] – die voetnoot hier is belangrik, want dit is nie moontlik om die vier hoofstukke hier kortliks saam te vat nie. In die hersiene uitgawe van die boek *Kortpad-Afrikaans – ’n Basiese grammatika* (Loader, Van Dyk & Human, 2024) se inleidende hoofstuk word ook meer inligting verskaf oor Afrikaans se historiese wortels, wat kortweg beskryf kan word as ’n erfenis uit Afrika, Europa en Asië. Dit bied voorts ’n blik op die ontwikkeling van Afrikaans en die invloed van veral die slawetale daarop. Dit plaas ook Afrikaans in konteks binne Suid-Afrika vanuit ’n multikulturele perspektief en verspreiding binne ons landsgrense. Wat veral interessant is binne die konteks van hierdie artikel, is die bespreking van die verspreiding van Afrikaans aan universiteite buite die Suid-Afrikaanse grense: Afrika (Namibië), Rusland, die Verenigde State van Amerika, Engeland, en Europa (Nederland, België, Duitsland, Oostenryk, Switserland, Pole, Kroasië en Serwië).

[2] Kyk hoofstukke 5, 6, 7 en veral ook 11.

3.2 Afrikaans as medium van onderwys

Giliomee (2004) se boek getiteld *Die Afrikaners. 'n Biografie* is insiggewend wat betref 'n beter begrip vir die groter konteks waarteen die voorgenoemde soeke na identiteit (waarvan taal, en die taal van onderwys, deel is) plaasvind. Insgelyks is *Die storie van Afrikaans – uit Europa en van Afrika: Deel 2* (Carstens & Raidt, 2019) ook 'n besonder nuttige bron, veral wat die ontwikkeling van Afrikaans in Suid-Afrika betref.[3]

Opgesom kom dit daarop neer dat die wortels van Afrikaansmediumonderwys teruggevoer kan word na die laat 19de en vroeë 20ste eeu, toe Afrikaners probeer het om hulle kulturele en talige identiteit te bevestig teen die agtergrond van Britse kolonialisme en verengelsing. Die vestiging van Afrikaans as onderrigtaal in die besonder, het momentum opgetel na afloop van die Anglo-Boereoorlog (1899–1902), wat Afrikaner-nasionalisme versterk en die begeerte vir outonomie, ook in die onderwys, vasgelê het. Gedurende die apartheidsera (1948–1994) is Afrikaans toenemend bevorder as deel van die kultuurerfenis van die Afrikanervolk. Afrikaanse universiteite het in hierdie tydperk ook sentraal tot Afrikaneridentiteit en ideologie gestaan. 'n Betreurenswaardige gevolg hiervan was die toenmalige nasionale taalbeleid waar Afrikaans bevorder is as primêre taal van onderrig en leer by skole en universiteite, naas Engels en soms ook ander tale. Talle Suid-Afrikaners het Afrikaans egter begin beskou as 'n simbool van onderdrukking as gevolg van die direkte verbintenis met die apartheidsregime. Dit het bygedra tot nog 'n keerpunt in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, naamlik die Soweto-opstande in 1976. Sedert 1994, soos ons weet, is talle pogings aangewend om Afrikaans se historiese betekenis en waarde te balanseer met die bevordering van inklusiwiteit en erkenning van ander inheemse tale.

3.3 Histories Afrikaanse universiteite

Hierdie artikel kan weens ruimtebeperkings nie reg laat geskied aan die ontstaansgeskiedenis, ontwikkeling en groei van die sogenaamd histories Afrikaanse universiteite (HAU's) nie. Daar word daarom volstaan by enkele oorkoepelende opmerkings oor HAU's. Die 20ste eeu het, eerstens, die stigting van verskeie Afrikaansmediumuniversiteite gesien: (i) die Universiteit van Stellenbosch; (ii) die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (tans die Noordwes-Universiteit); (iii) die destydse Universiteit van die Oranje Vrystaat (tans die Universiteit van die Vrystaat); (iv) die Universiteit van Pretoria; en (v) die destydse Randse Afrikaanse Universiteit (tans die Universiteit van Johannesburg).

Verder, ná 1994, het Suid-Afrikaanse universiteite groot transformasie ondergaan met die samesmelting van onderriginstellings en die sogenaamde massifikasie van hoër onderwys wat begin het in die vroeë 2000's. Afrikaanse universiteite moes gevolglik aanpas om meer inklusief en divers te wees, met onderwys wat *de jure* in verskeie tale behoort te geskied, maar helaas, en *de facto*, primêr in Engels plaasvind.[4] Afrikaanse universiteite dra vandag steeds by tot Suid-Afrika se akademiese en kulturele diversiteit deur voortdurende aanpassing en (ongelukkig, in sommige gevalle), konformering. Hierdie universiteite speel, in 'n mindere of 'n meerdere mate, 'n belangrike rol in navorsing, innovasie, en die behoud van Afrikaans as taal en kultuur binne 'n konteks van inklusiwiteit en die omarming van verskeie kulture en perspektiewe. Dit blyk egter nie noodwendig altyd die geval te wees by sogenaamd Engelse

[3] Kyk in die besonder hoofstukke 14-17.
[4] Kyk ook afdeling 4 hier onder.

universiteite nie. Ten slotte kan aangevoer word dat Afrikaanse universiteite by uitnemendheid die komplekse interaksie van taal, identiteit en onderwys in Suid-Afrika se voortdurende reis na versoening en ontwikkeling weerspieël.

4. Waar staan ons tans?

In 2020 het die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) die nuwe Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoër Onderwysinstellings (TOHO) laat promulgeer. Hierdie beleidsraamwerk het in Januarie 2022 in werking getree. Die primêre doel met hierdie beleidsraamwerk is "[…] to promote and strengthen the use of all official languages across all functional domains of public higher education including scholarship; teaching and learning; as well as wider communication in line with Section 29(2) of the South African Constitution" (DHOO, 2020:5). Tans is daar twaalf amptelike tale in Suid-Afrika en binne die konteks van die Suid-Afrikaanse Grondwet is al ons tale nou gelyk voor die reg. Die beleidsraamwerk vereis egter nie van universiteite om al twaalf tale gelykwaardig te akkommodeer nie. Dit vereis wel dat daar naas Engels minstens twee amptelike inheemse tale bevorder en versterk moet word – vir doeleindes van hierdie artikel is dit belangrik om daarop te let dat Afrikaans ook as inheemse, en selfs as 'n Afrikataal, geag word. Voorts word daar van visekanseliers verwag om jaarliks aan die DHOO te rapporteer oor die implementering van die beleidsraamwerk en die vordering met die ontwikkeling en versterking van die inheemse tale. Laastens is dit 'n vereiste van die beleidsraamwerk dat universiteite nie sogenaamde agterdeurklousules in hul eie taalbeleide mag insluit nie, voorbeelde hiervan sluit onder meer in *indien finansieel regverdigbaar, indien volhoubaar,* of *indien prakties uitvoerbaar*.

Die DHOO het aan Universiteite Suid-Afrika (in Engels afgekort as USAf) die opdrag gegee om toe te sien dat universiteite wel die beleidsraamwerk implementeer. USAf is 'n liggaam waar alle openbare universiteite sitting het en waar alle visekanseliers en nog enkele verteenwoordigers uit hul instellings byeenkom om sake wat die sektor as geheel raak, te bespreek en tot insigte te kom om kwessies die hoof te bied, byvoorbeeld studenteopstande oor studiegelde, veiligheid op kampusse, en ook taal van onderrig en leer en navorsing. Deur USAf se Onderrig en Leer-subgroep (in Engels afgekort as TLSG), en met die hulp van die verdere subgroep binne die TLSG wat fokus op die bevordering van die inheemse tale, naamlik die praktykgemeenskap vir die bevordering van Afrikatale (in Engels afgekort as CoPAL), is die South African Centre for Digital Language Resources (SADiLaR) aangewys om 'n taalhulpbronoudit by alle openbare universiteite in Suid-Afrika uit te voer ten einde tot insigte te kom oor wat reeds beskikbaar is en wat nog benodig word om die beleidsraamwerk te kan implementeer. SADiLaR het die oudit in 2023 voltooi en die volledige verslag is ter insae beskikbaar – kyk Van Dyk, Wilken, Ravyse, Du Plessis, Khumalo en Steyn (2023). Die res van hierdie afdeling fokus op insae uit die ouditverslag.

4.1 Benadering tot die taalhulpbronoudit

Vir doeleindes van die taalhulpbronoudit is daar besluit om 'n opvoedkundige navorsingsontwerp te volg. Sodanige ontwerp stel die navorsers in staat om komplekse opvoedkundige fenomene, wat 'n verskeidenheid van veranderlikes insluit, te ondersoek. Sodanige ontwerp lei tot gefokusde data-insameling en -ontleding waaruit afleidings uit die data gemaak kan word wat veralgemeenbaar, betroubaar (dit meet konsekwent) en geldig (beide interne en eksterne geldigheid) is, en uiteindelik datagedrewe en ingeligte besluitneming lewer.

Die navorsingsontwerp het gelei tot ’n gemengdemetodebenadering waar beide kwantitatiewe en kwalitatiewe data ingesamel is. Hiervoor is twee vraelyste opgestel: een vir studente en een vir personeel wat by al die deelnemende instellings voltooi is. Die personeelvraelys het 64 vrae ingesluit met 10 oop vrae wat kwalitatief ontleed is. Die studentevraelys het 43 vrae ingesluit, waar 20 oop vrae kwalitatief ontleed is. Die vraelyste is opgevolg deur semi-gestruktureerde onderhoude met beide personeel en studente ten einde klarigheid te kry oor kwantitatiewe data sowel as verdere insette of vrae van belanghebbendes by universiteite. Elke vraelys het vyf afdelings gehad (wat artikuleer met die beleidsraamwerk) met vrae gefokus op die studente- of personeelperspektief met spesifieke doelstellings. Dit het behels die insameling van:

- institusionele inligting oor die status quo in terme van taalbeleid, taalimplemeteringsplan(ne), taalbeleidsmonitering, streekstale, amptelike tale van ’n instelling, sterk- en swakpunte, en prioriteitsareas wat aandag benodig;
- inligting oor taaldienste, byvoorbeeld vertaling, redigering en tolking, asook prioriteitsareas wat aandag benodig;
- inligting oor onderrig en leer (en navorsing) om inligting te bekom oor die gereedheid, oftewel volwassenheid, van instellings om die implementering, gebruik en ontwikkeling van die inheemse tale in hul onderrig en leer te bewerkstellig, en in die besonder oor hoe addisionele ondersteuning aan studente gebied kan word vir wie Engels nie ’n huistaal is nie;
- inligting oor taal van kommunikasie en administrasie om inligting in te win oor die gebruik van taal in amptelike institusionele kommunikasie, en of dit inderdaad in Engels en minstens twee ander tale geskied, onder meer met die doel om ’n gevoel van insluiting en ’n kultuur van meertaligheid te vestig; en
- inligting oor studentelewe / buite-kurrikulêre aktiwiteite om tot beter begrip te kom van hoe die buite-kurrikulêre program taalmatig daar uitsien, byvoorbeeld in koshuise, by sportgeleenthede en amptelike seremoniële aktiwiteite van die betrokke universiteit.

Vervolgens word bepaalde data uit die oudit uitgelig en kortliks toegelig, in die besonder wat Afrikaans betref. Daarna word enkele algemene prioriteite wat op die kort termyn aandag benodig, kortliks bespreek.

4.2 Oor die algemeen – data uit die taalhulpbronoudit

Al 26 openbare universiteite is genader vir deelname aan die taalhulpbronoudit. Slegs een het geen reaksie getoon nie, ten spyte van herhaalde pogings om hul te oortuig van die verpligting deur USAf om wel deel te neem. Een ander instelling het studenteopstande gehad die dag van die oudit en daar kon dus slegs met ’n klein groepie personeellede in ’n veilige ruimte vergader word. In totaal, het 1 048 personeellede die vraelyste voltooi en 1 550 studente. Uit die 25 deelnemende instellings, het 15 aangedui dat Afrikaans een van hul amptelike tale in terme van hul taalbeleid is. Uit hierdie 15, is vier uit die Wes-Kaap, een uit die Noord-Kaap, een uit Noordwes, vier uit Gauteng, twee uit die Vrystaat en drie uit die Oos-Kaap. Met die uitsondering van Mpumalanga, Limpopo en KwaZulu-Natal, kom Afrikaans dus in die taalbeleide van al ses ander provinsies voor. Dit is ook belyn met die streekstale wat in hoofsaak in daardie omgewings gebruik word. Meer gedetailleerde inligting oor individuele instellings is beskikbaar in Van Dyk, *et al.* (2023).

4.3 In die besonder – data uit die taalhulpbronoudit

In hierdie deel van die artikel word data aangebied per afdeling uit die personeel- en studentevraelyste en wat spesifiek die stand van Afrikaans raak.

4.3.1 Betreffende institusionele inligting

Die huistaal van die meerderheid personeellede is Afrikaans (N=17.92%), gevolg deur Engels (N=15.35%), isiZulu (N=13.06%), isiXhosa (N=12.77%) en Sepedi (N=10.01%). Bykans ’n derde van universiteitspersoneel is nie noodwendig ’n ander inheemse taal magtig nie. Die bestuur van meertalige klaskamers en meertalige onderrig is daarom ook potensieel moeilik haalbaar. Dit bevestig wel dat gesprekstaalkursusse vir dosente besonder nodig is.

Die huistaal van die meerderheid studente is isiZulu (N=20,81%), gevolg deur Sepedi (N=14,74%), dan isiXhosa (N=12,15%), dan Setswana (N=9,95%) en daarna eers Afrikaans (N=8,14%). Afrikaans staan dus in die vyfde plek wat die grootte van die huistaalpopulasie betref, wat aandui dat meertalige onderrig aan die orde van die dag behoort te wees en wel Afrikaans moet insluit, maar nie ander tale uitsluit nie.

Taalbeleide is soos reeds aangedui, belyn met streekstale. Engels uitgesluit, volg hier twee voorbeelde ter illustrasie – een uit ’n provinsie waar Afrikaans ’n dominante taal is (kyk Figuur 1) en een uit ’n provinsie waar Afrikaans ’n minder dominante taal is (kyk Figuur 2). Universiteite wat geleë is in provinsies waar Afrikaans sterker figureer, sluit dit dan tipies by hul taalbeleide in. So byvoorbeeld, sal universiteite in die Wes-Kaap wel Afrikaans in hul taalbeleid insluit, terwyl universiteite in provinsies soos Mpumalanga dit nie sal doen nie.



Figuur 1: *Illustrasie van streekstale in die Wes-Kaap (Afrikaans figureer in universiteits-taalbeleide)*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a4



Figuur 2: *Illustrasie van streekstale in Mpumalanga (Afrikaans figureer nie noodwendig in universiteitstaalbeleide nie)*



Figuur 3: *Tale van onderrig en leer by universiteite – studente-ervaring*

Die studentevraelyste het kommerwekkende data na vore gebring, naamlik dat Engels, soos ook verwag, die *de facto*-taal is vir onderrig en leer (vergelyk Figuur 3), ten spyte van die huistaalverspreiding, streekstale en tale wat *de jure* by universiteitstaalbeleide ingesluit is.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a4

Wat meertaligheid betref, het die meerderheid studente aangedui dat hulle die betrokke instelling as eentalig ervaar (kyk Figuur 4).



Figuur 4: *Studente-ervaring in terme van taal by universiteite*



Figuur 5: *Universiteite se beskrywing van hul taalbeleide soos deur personeel geïnterpreteer*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a4

Teenoor die inligting in Figuur 4, het personeel aangedui dat hul instellings hulself amptelik as synde meertalig identifiseer (kyk Figuur 5). Dit bevestig weer dat universiteite tipies die regte geluide maak en voldoen aan eise van byvoorbeeld die DHOO, maar in praktyk speel ’n ander scenario uit.

Uit die vraelyste het dit ook duidelik geblyk dat nóg personeel nóg studente goed ingelig is oor die institusionele taalbeleide, wat dit behels, waar dit verkrygbaar is, hoe dit gemoniteer word en of daar ’n taalombud is. Personeel was wel beduidend beter ingelig as studente, maar uit die gestruktureerde onderhoude het dit duidelik geblyk dat personeel weet dat daar byvoorbeeld ’n taalbeleid is, maar dat hulle nie noodwendig weet wat die detail van die beleid behels nie. Wat veral kommerwekkend is, is dat ’n beduidende persentasie van personeel en studente telkens aangedui het dat hul “nie weet nie”, eerder as “ja” of “nee”. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat interne kommunikasie oor taalbeleide en -planne nie goed is nie en dat die implementering daarvan moontlik gebrekkig is.

4.3.2 Betreffende taaldienste

Die meeste personeellede het aangedui dat daar wel taaldienste aan hul instellings beskikbaar is, maar dat dit slegs toeganklik is vir ’n eksklusiewe groep, tipies senior bestuur. Dit sluit dienste in soos vertaling (N=20,30%), Redigering (N=19,83%), proefleesdienste (N=16,20%), tolkdienste (N=12,91%), terminologie-ontwikkelingsinisiatiewe (N=11,11%), en opleiding in meertaligheidspedagogiek (N=7,74%). Hierdie data is van nut in terme van toekomstige fokus en hulpbrontoedeling. Wat tegniese taalhulpbronne betref, soos onderskrifsagteware, oorklankingsagteware, outomatiese stemherkenning en dies meer, het ’n skokkende 39,11% van die respondente aangedui dat hul glad nie weet of hul instellings hierdie tipe hulpbronne beskikbaar het nie, terwyl talle hiervan gratis by dié instellings beskikbaar is. Dit blyk weer dat duidelike kommunikasie en bewusmakingsveldtogte gebrekkig is by universiteite en dat iets soos tegnologie besonder geredelik beskikbaar is en instrumenteel kan wees in die bevordering van meertaligheid.

Wat die studente betref, was ’n bewustheid van taaldienste by instellings ook laag (N=31,69%) en ’n duidelike behoefte aan veral redigering en proefleesdienste is in die gestruktureerde onderhoude gelug.

Wat Afrikaans in die besonder betref, is feitlik al die bostaande taaldienste in Afrikaans beskikbaar, behalwe in die geval van spesifieke sagteware wat in Engels ontwerp is, of wat ’n funksie in ’n ander taal moet verrig.

4.3.3 Betreffende onderrig en leer

Studente het aangedui dat die volgende meertalige onderrig-leer-hulpbronne beskikbaar is:

Dit is vergelykbaar met die personeelterugvoer, en daar blyk nie statisties beduidende verskille tussen die twee datastelle op presies dieselfde vraag te wees nie. Dit blyk wel uit die bostaande data dat universiteite inderdaad meertalige hulpbronne beskikbaar stel, maar dat dit steeds beperk is. Dit is wel positief dat daar ’n verskeidenheid meertaligheidshulpbronne beskikbaar gestel word. Dit is egter oorhoofs inisiatiewe van individuele personeellede en nie noodwendig gekoördineerde aktiwiteite van instellings nie.

Wat Afrikaans in die besonder betref, het dit by herhaling geblyk dat verskeie onderrig-leerhulpbronne wel in Afrikaans beskikbaar is. Hierdie trajek behoort voortgesit te word en nie ten koste van enige van die ander inheemse tale nie. Inteendeel, daar behoort van



Figuur 6: *Meertalige onderrig-leer-hulpbronne*

institusionele vlak af finansiële hulpbronne beskikbaar gestel te word vir gekoördineerde innovasie en aktiwiteite om die amptelike inheemse tale van die betrokke instelling uit te brei, verkieslik in samewerking met ander universiteite. Dit sluit in ’n fokus op Afrikaans, hoewel daar tans meer hulpbronne in Afrikaans beskikbaar is as in die ander inheemse tale. Geen taal het naastenby die hulpbronne wat Engels het nie.

Studente-respondente het verder aangedui dat hulle in hoofsaak verkies om in Engels onderrig-leer te ontvang en in Engels aan klasgesprekke wil deelneem, maar met addisionele voorsiening in ander amptelike tale as verdere hulpbronne. Die drie grootste tale wat betref studente se voorkeur vir onderrig-leer en gesprekke, is Engels (N= 65,01%), isiZulu (N=5,97%) en Afrikaans (N=5,47%). Dit is wel interessant dat die behoefte aan Afrikaans en isiZulu veel kleiner is as die behoefte aan Engels; trouens, selfs al word ál die ander amptelike tale saamgevoeg, is die oorheersing van Engels steeds duidelik.

Wat die verbetering van algemene taalvaardigheid betref, het ’n verstommende 95,7% van die studente-respondente aangedui dat hulle beslis hul vermoë in ’n ander taal wil verbeter. Uit ’n vraag oor die tale waarin hul wel hul algemene taalvaardigheid wil verbeter, blyk die volgende:

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a4



Figuur 7: *Taalvaardigheidsverbetering – studentevoorkeur*

4.3.4 Betreffende die taal van kommunikasie, administrasie, kentekens en bemarking

Soos uit Tabel 1 blyk, kommunikeer universiteite in die meerderheid van die gevalle nie in meer as twee amptelike tale benewens Engels nie. Uit verdere kwantitatiewe data, wat ook bevestig is deur die gestruktureerde onderhoude, blyk dit dat Afrikaans, Sesotho en isiZulu die drie grootste tale is wat benewens Engels vir kommunikasie, administrasie, kentekens en bemarking gebruik word. Hieruit kan afgelei word dat universiteite steeds te kort skiet wat 'n inklusiewe, verwelkomende en meertalige omgewing betref.

TABEL 1: Taal van amptelike kommunikasie in twee of meer tale, bo en behalwe Engels

	PERSONEEL		**STUDENTE**	
	N	**Persentasie**	**N**	**Persentasie**
Ja	322	39,95%	396	45,57%
Nee	443	54,96%	341	39,24%
Ek weet nie	41	5,09%	132	15,19%
Totaal	**806**	**100,00%**	**869**	**100,00%**

4.3.5 Betreffende studentelewe en buite-kurrikulêre aktiwiteite

In hierdie afdeling word daar hoofsaaklik op studenteresponse gefokus, omdat personeel nie noodwendig altyd betrokke is by, of bewus is van, die taalgebruik in buite-kurrikulêre aktiwiteite nie. Desnieteenstaande is dit wel interessant dat die studente- en personeeldata vergelykbaar is.

Op ’n vraag of studente-aktiwiteite soos amptelike seremonies, sportbyeenkomste, koshuisvergaderings, konserte, ensovoorts in minstens twee tale anders as Engels voorkom, het 56,3% van die studente “ja” geantwoord, en 43,7% “nee”. Uit die semi-gestruktureerde onderhoude het dit geblyk dat ander tale inderdaad meer informeel en op eie inisiatief gebruik word, eerder as wat die betrokke instelling dit bepaal.

Die tale wat volgens studente wel gebruik word, word in Figuur 8 voorgestel. Hierdie data is vergelykbaar met, of bevestig, ander datastelle, naamlik dat by universiteite waar hoofsaaklik studente uit bepaalde taalgemeenskappe geakkommodeer word, daardie tale ook op informele wyse deel van die studentegemeenskap se daaglikse handel en wandel word.

Op die belangrike vraag of studente van oordeel is dat hul universiteit wel deur die buitekurrikulêre aktiwiteite meertaligheid bevorder, het 57,28% “ja” geantwoord en 42,72% “nee”. Onder personeel was die resultaat dat 55,93% “ja” geantwoord het, 24,28% “nee” en 19,79% dat hul nie weet nie. Hieruit wil dit blyk dat personeel nie volledig in voeling is met studente se taalbehoeftes op die informele vlak nie. Dit is nie noodwendig ’n tekortkoming nie, want studente wil ook nie noodwendig hê dat alles gereguleer word nie. Wat wel belangrik is, is dat universiteite tog meertalige omgewings moet kweek en versorg en baie duidelik aandui oor waar hul staan in terme van die bevordering van meertaligheid.



Figuur 8: *Tale wat vir buitekurrikulêre aktiwiteite gebruik word*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a4

4.4 Prioriteitsareas op kort termyn

Die volgende agt prioriteitsareas uit die taalhulpbronoudit (Van Dyk, *et al*., 2023) is geïdentifiseer vir die kort termyn (3-5 jaar) en is op beide nasionale en institusionele vlak van belang:

(i) Kundigheid en ondersteuning in taalbeplanning en -bestuur
In die Suid-Afrikaanse akademiese omgewing is die implementering van robuuste taalbeleide van kardinale belang vir die bevordering van ’n inklusiewe leeromgewing. Bowendien, met die toenemende globalisering van onderwys en die diverse linguistiese agtergronde van ons studentekorps, word ’n strategiese benadering tot taalbeplanning en -bestuur dringend noodsaaklik. Dit strek verder as die klaskamer en sluit die breër institusionele en sosiale kontekste in. Daar blyk egter ’n gebrek aan kapasiteit en beperkte kundigheid op nasionale en institusionele vlak te wees, en dringende investering in die bou van intellektuele kapasiteit op die gebied van taalbeplanning en -bestuur is nodig.

(ii) Monitering en verslagdoening
Op die terrein van taalbeleidbeplanning en taalbestuur is doeltreffende monitering ook belangrik om die suksesvolle implementering en deurlopende aanpassing van institusionele strategieë te verseker – sistematiese en deurlopende monitering van taalbeleid en beplanningsinisiatiewe is kritiek vir suksesvolle implementering. Reëlmatige monitering stel instellings in staat om die impak van hul beleid te evalueer, areas ter verbetering te identifiseer en proaktief op ontwikkelende taalbehoeftes te reageer.

(iii) Mede-eienaarskap, medeverantwoordelikheid, samewerking in befondsing
Op die gebied van taalbeplanning en -bestuur is samewerking (universiteitsintern én -ekstern), mede-eienaarskap en medeverantwoordelikheid by herhaling deur data uit die taalhulpbronoudit beklemtoon. Dit sluit in gedeelde projekte, gedeelde visie en gedeelde finansiële verantwoordelikheid op nasionale, sowel as institusioneel-interne vlak. Die transformerende impak van vennootskappe wat verskeie belanghebbendes betrek, insluitende opvoedkundige instellings, regeringsliggame en private organisasies kan nie onderskat word nie. Gedeelde inisiatiewe versprei verantwoordelikheid vir taalbeplanning en deel die gebruik van ’n poel kundigheid en bestaande hulpbronne om verder op voort te bou. Boonop dra gedeelde befondsing by tot die volhoubaarheid van taalbeleidsimplementering. ’n Gesamentlike, insluitende benadering bevorder ’n gevoel van kollektiewe eienaarskap, verryk die taalbeplanningsproses en verbeter die doeltreffendheid daarvan om die veelvlakkige linguistiese uitdagings in beide akademiese en breër samelewingskontekste die hoof te bied.

(iv) Hegemonie (dominansie) van Engels
Om die hegemonie van Engels aan die orde te bring, vereis ’n gesamentlike poging om linguistiese diversiteit te bevorder. Uit die ouditdata het dit duidelik geblyk dat daar ’n groot behoefte is aan die waardering / agting en insluiting van ’n verskeidenheid tale in opvoedkundige kontekste. Trouens, die implementering van beleide wat die gebruik van plaaslike tale saam met Engels erken en ondersteun, bevorder ’n meer inklusiewe linguistiese omgewing waar ander inheemse tale die nodige ruimte en veiligheid het om te floreer. Verder het dit geblyk dat die investering in, en die ont-

wikkeling van hulpbronne, opvoedkundige materiaal en taalvaardigheidsprogramme vir minder dominante tale dringend noodsaaklik is. Deur individue te bemagtig om hul moedertaal in akademiese en professionele omgewings te gebruik, daag ons nie net die oorheersing van Engels uit nie, maar dra ons ook by tot 'n meer regverdige en kultureel verrykte linguistiese landskap.

(v) Akademiese taalontwikkeling

'n Dringende fokus op akademiese taalontwikkeling beklemtoon die deurslaggewende rol daarvan in die bevordering van effektiewe kommunikasie en vakkundige betrokkenheid. Die diepgaande impak wat akademiese taalvermoë op studente se akademiese sukses het, kan boonop nie onderskat word nie. Akademiese taalvermoë strek verder as alledaagse kommunikasie, en sluit 'n gespesialiseerde woordeskat, diskoersstrukture en retoriese konvensies in wat noodsaaklik is vir vakkundige gesprek.

Die kweek van hierdie vaardighede rus studente toe om komplekse idees te verwoord, betrokke te raak by akademiese gesprekke en betekenisvol by te dra tot hul onderskeie velde. Wat belangrik is, is dat 'n sterk grondslag in akademiese taal 'n hoeksteen is vir navorsingsuitnemendheid, kritiese denke en effektiewe kennisverspreiding. Hier is dit belangrik om die punt te maak dat sou hierdie tipe vaardighede in die huistaal ontwikkel word, die oordrag van vaardighede na ander vakke en na ander tale veel gemakliker sal kan geskied. Taal en leer is integraal deel van mekaar; taal word derhalwe 'n middel tot 'n doel, en studente wat in hul huistaal hiermee bemagtig is, vorder veel beter as ander studente.

(vi) Taalvermoë van personeel op gespreksvlak

Basiese gesprekstaalvaardigheid in die amptelike tale van 'n universiteit bevorder interpersoonlike kommunikasie en skep 'n meer inklusiewe omgewing. Uit die ouditdata het dit geblyk dat studente nie van dosente verwag om vloeiend in hul huistale te kan kommunikeer nie, maar dat 'n basiese vaardigheid tog belangrik is. Basiese gesprekstaalvaardigheid dra by tot 'n harmonieuse onderrig- en leeromgewing, help om sterker verhoudings met studente te bou en 'n multikulturele omgewing te bevorder waar diversiteit geakkommodeer en waardeer kan word. Taaldepartemente en/of skole by universiteite kan 'n beduidende rol speel in die bevordering van veeltaligheid. Geoormerkte institusionele befondsing is egter nodig vir sukses in hierdie verband.

(vii) Meertalige pedagogiek

Die aanvaarding van pedagogiese benaderings wat linguistiese diversiteit in die klaskamer omarm, is van groot belang binne die konteks van die taalbeleidsraamwerk wat geïmplementeer moet word. Meertalige pedagogie-opleiding strek veel verder as konvensionele taalonderrigmetodes; dit sluit in die erkenning en gebruik van die ryk tapisserie van tale wat deur studente in 'n klaskamer gepraat word. Hierdie tipe bewusmaking en opleiding rus opvoeders toe met die vaardighede om studente se veeltaligheid as 'n waardevolle opvoedkundige hulpbron te benut, wat kommunikasie en begrip verbeter. Deur 'n inklusiewe leeromgewing te skep en te bevorder wat diverse linguistiese agtergronde akkommodeer, dra 'n meertalige pedagogiek by tot billike onderwys, kulturele waardering en verbeterde akademiese uitkomste.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a4

(viii) Terminologie-ontwikkeling

Die belangrikheid van meertalige terminologie-ontwikkeling verdien ook aandag. Meertalige terminologieë is die spil vir gefokusde kommunikasie oor diverse linguistiese landskappe heen. Die gebruik van vaktaal bring duidelikheid en akkuraatheid in akademiese en professionele diskoers mee. Namate tale saam met gespesialiseerde dissiplines of subdissiplines ontwikkel, word die skep van akkurate en gestandaardiseerde terminologie 'n integrale deel van ons daaglikse bestaan by universiteite. Hierdie ontwikkeling fasiliteer nie net kruiskulturele begrip nie, maar ondersteun ook kennisverspreiding op 'n globale skaal.

5. Waarheen is ons op pad?

Wanneer ons die vraag probeer beantwoord oor waarheen ons op pad is met die implementering van die taalbeleidsraamwerk, is dit nodig om 'n argument te formuleer gebaseer op empiriese data en gepaardgaande met die nodige sensitiwiteit vir bepaalde kwessies, insluitende kulturele hervorming, nasiebou, volhoubaarheid en effektiwiteit.

Suid-Afrika word gekenmerk deur 'n besondere ryk tapisserie van tale en kulture, wat dit noodsaaklik maak vir die hoëronderwysomgewing om meertaligheid te akkommodeer én te bevorder. So 'n benadering weerspieël nie net demografiese diversiteit nie, maar bevorder ook inklusiwiteit en sosiale kohesie. Onder die inheemse tale beklee Afrikaans 'n unieke posisie, met 'n komplekse historiese konteks en 'n beduidende sprekersbasis (dit is tans steeds die derde grootste taal in Suid-Afrika). Dit is daarom belangrik dat daar deurlopend pleidooie gelewer en argumente voorgehou word vir die strategiese integrasie van Afrikaans in hoër onderwys, sodat dit 'n werklike veeltalige omgewing bevorder wat alle linguistiese identiteite respekteer. In hierdie verband kan 'n aantal tersaaklike punte aangevoer word.

Die belangrikheid van blootstelling aan veeltaligheid in die algemeen en huistaalonderrig in die besonder in hoëronderwysomgewings, sluit eerstens kognitiewe voordele in. Navorsing dui daarop dat meertaligheid kognitiewe vermoëns, kritiese denke en probleemoplossingsvaardighede verbeter deur genoemde blootstelling en medium van onderrig. Deur kursusse in verskeie tale, of 'n kombinasie van tale aan te bied, insluitende Afrikaans, kan universiteite 'n meer veelsydige en aanpasbare studentekorps kweek, wat van kernbelang is vir die werksomgewing.

'n Veeltalige benadering erken en bekragtig tweedens die kulturele erfenis van diverse gemeenskappe. Afrikaans, as een van die land se inheemse tale, is 'n noodsaaklike medium waardeur geskiedenis, letterkunde en sosiale identiteit uitgedruk en verken kan word. Dieselfde geld ook vir die ander inheemse tale. Die ouditdata het uitgewys dat kundiges van ander inheemse tale moet gaan kyk hoe Afrikaans ontwikkel en gegroei het tot volwaardige akademiese taal en 'n taal van sosiale kohesie en kulturele erfenis.

Derdens, deur te verseker dat onderwys in studente se huistale beskikbaar is (natuurlik binne die konteks van die institusionele en die streekstale), kan akademiese prestasie en retensiekoerse aansienlik verbeter word. Vir talle studente kan onderrig in die huistaal begrip en betrokkenheid by die onderrig-leer-proses verbeter en sodoende die kognitiewe las wat met leer in 'n tweede taal geassosieer word, verminder.

Afrikaans het vierdens ontwikkel as 'n taal van onderwys, kultuur en letterkunde. Die insluiting daarvan (nie as vak nie, maar wel as taal van onderrig en leer) in die hoëronderwyskurrikulum gaan nie bloot oor die behoud van 'n taal nie; dit gaan oor die erkenning van die bydraes van Afrikaanssprekende wetenskaplikes tot Suid-Afrika se kultuurlandskap, asook

tot die wetenskap self. Afrikaans is voorts ryk aan literêre en filosofiese tradisies, wat ’n robuuste raamwerk bied vir dissiplines soos die geesteswetenskappe, sosiale wetenskappe en die regte. Die integrasie van Afrikaans in hierdie velde kan ’n dieper begrip van Suid-Afrikaanse identiteit en geskiedenis, asook inheemse kennis, bevorder. Deur Afrikaans saam met ander inheemse tale te bevorder, kan interdissiplinêre studies aangemoedig word wat temas van taal, identiteit en sosiale geregtigheid ondersoek – kwessies wat tans baie belangrik is in die Suid-Afrikaanse sosio-politieke bestel. Sodanige studies kan die akademiese diskoers verryk en bydra tot ’n meer holistiese opvoeding.

Bostaande is egter makliker gesê as gedaan. Daar is talle uitdagings wat die hoof gebied moet word en wat ons besluitneming raak. Van die mees kritieke, sluit in die kwessie van persepsie en stigmatisering. Die eerste hiervan is dat die stigma rondom Afrikaans en Afrikaanssprekendes daadwerklik aandag moet kry. Daar is tot nou toe besondere werk in dié verband deur verskeie organisasies gedoen, maar dit is ’n kontinue proses, veral in die lig van Afrikaans se historiese konnotasies. Opvoedkundige instellings behoort aktief te werk om die narratief rakende Afrikaans te herdefinieer en dit as ’n waardevolle bate in ’n veeltalige samelewing voor te hou. Een van die studente wat aan die taalhulpbronoudit deelgeneem het, het tydens die semi-gestruktureerde onderhoude die volgende kragtige opmerking gemaak (Van Dyk *et al*., 2023): [Student 24, Universiteit D] *I now realise that being multilingual is an asset and not a liability*.

Die tweede kwessie is hulpbrontoewysing. Die implementering van ’n meertalige universiteitsomgewing, veral ’n meertalige kurrikulum, vereis voldoende hulpbronne (insluitende meertalig-opgeleide personeel – dit is personeel wat in meer as een van die amptelike tale sou kon doseer, sowel as personeel wat opgelei is in die gebruik van meertalige pedagogie), onderrigmateriaal en taalondersteuningsdienste. Universiteite behoort myns insiens hulle daartoe te verbind om in hierdie hulpbronne te belê om doeltreffende onderrig te verseker.

Die derde kwessie is dié van taalbeleid. Elke universiteit het ’n omvattende, en weldeurdagte, taalbeleid nodig om die implementering van veeltalige onderwys te rig. Belanghebbendes, insluitende regeringsliggame, opvoedkundige instellings en gemeenskappe, moet saamwerk om duidelike riglyne daar te stel wat taaldiversiteit bevorder. Tans, soos dit blyk uit die taalhulpbronoudit, is taalbeleide hoofsaaklik kosmeties van aard, en in die praktyk oorheers Engels steeds.

’n Vierde kwessie is die benutting van tegnologie en opvoedkundige innovering. Met die snelle pas van die vierde industriële revolusie en in die besonder die enorme ontwikkeling van kunsmatige intelligensie, is dit dringend noodsaaklik dat daar op innoverende wyse omgegaan word met die tegnologie tot ons beskikking. Op kreatiewe wyses kan tegnologie gebruik word om veeltaligheid te bevorder. So byvoorbeeld kan ’n sogenaamde “tutor-bot” wat met studente in verskillende tale kan kommunikeer addisioneel tot die dosent in plek gestel word; teks wat deur kunsmatige intelligensie geskep is, behoort omarm en deel van die onderrig-leer-proses te wees (ook in verskillende tale).

6. Ten slotte

In hierdie artikel is daar gepoog om ’n besondere breë studieterrein in oënskou te neem. Talle van die punte wat hierin aangeraak is, verdien volledige rapportering in afsonderlike artikels. Hier is gepoog om ’n voëlvlug oor taal, meertaligheid en Afrikaans in die besonder in die hoëronderwyssektor te bied. Belangrike teoretiese perspektiewe is aangebied, Afrikaans in die universiteitswese het ter sprake gekom en daar is na die stand van Afrikaans in die

hoëronderwyssektor gekyk, met spesifieke verwysing na empiriese data uit 'n taalhulpbronoudit wat onlangs afgehandel is.

Opsommend en ten slotte kan dit gestel word dat 'n veeltalige landskap in Suid-Afrikaanse hoëronderwys nie net 'n ideaal behoort te wees nie. Dit is inteendeel 'n noodsaaklikheid vir die bevordering van 'n inklusiewe en billike opvoedkundige omgewing. Afrikaans, as 'n inheemse taal, speel hier 'n deurslaggewende rol in die opsig dat dit as voorbeeld vir ander inheemse tale kan geld, in die besonder wat die wyse waarop dit die akademiese omgewing en ervaring kan verryk en bewaar, betref, asook hoe dit tot kulturele erfenis bydra. Deur meertaligheid te omarm en Afrikaans te bevorder, kan hoëronderwysinstellings studente bemagtig, die land se diverse taalidentiteite eerbiedig, en bydra tot 'n meer inklusiewe samelewing. Dit is noodsaaklik vir beleidmakers, opvoeders en gemeenskappe om saam te werk om so 'n visie te verwesenlik, ten einde te verseker dat die veeltalige potensiaal van Suid-Afrika ten volle tot voordeel van almal ingespan word.

In die Taalbeleid vir Hoër Onderwys (DHOO, 2002:11) wat steeds tot 'n groot mate van krag is, word die volgende uitspraak gemaak, wat na my oordeel ons denke oor Afrikaans, oor meertaligheid in die algemeen, en oor taalbeplanning en -bestuur behoort te rig:

> The Ministry acknowledges that Afrikaans as a language of scholarship and science is a national resource. It, therefore, fully supports the retention of Afrikaans as a medium of academic expression and communication in higher education and is committed to ensuring that the capacity of Afrikaans to function as such a medium is not eroded. In this regard, the Ministry endorses the views of the then President, Mr. Nelson Mandela, as expressed in his speech to the University of Stellenbosch in 1996, on the occasion of the acceptance of an honorary doctorate that: "*The real issue is not the extermination or preservation of Afrikaans as an academic medium. Rather, the question is this: Amongst ourselves, how are we to negotiate a dispensation for the South African university system that meets the following three criteria? Firstly, that a milieu should be created and maintained for Afrikaans to continue growing as a language of scholarship and science. At the same time, that non-speakers of Afrikaans should not be unjustly deprived of access within the system. And moreover, that the use and development of no single language medium should – either intentionally or unintentionally – be made the basis for the furtherance of racial, ethnic or narrowly cultural separation*."

BIBLIOGRAFIE

Alexander, N. 2009. Mother tongue based bilingual education in Africa: A cultural and intellectual imperative. In Gogolin, I. & Neumann, U. (eds). *Streitfall Zweisprachigkeit – The Bilingualism Controversy*. VS Verlag für Sozialwissenschaften, pp. 199-204.

Baker, C & Wright, WE. 2017. *Foundations of bilingual education and bilingualism.* Ontario: Multilingual Matters.

Baker, C. 2006. *Foundations of bilingual education and bilingualism*. Bristol: Multilingual Matters.

Baker, C. 2011. *Foundations of Bilingual Education and Bilingualism*. Bristol: Multilingual Matters.

Bates, E. 1999. On the nature and nurture of language. In Levi-Montalcini, R, Baltimore, D, Dulbecco, R, Jacob, F, Bizzi, E, Calissano, P & Volterra, V (eds). *Frontiere Della Biologia: Il Cervello di Homo Sapiens.* Rome: Instituto della Enciclopedia Italiana, pp. 241-265.

Carstens, WAM & Raidt, EH. 2017. *Die storie van Afrikaans – uit Europa en van Afrika, Deel 1*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Carstens, WAM & Raidt, EH. 2019. *Die storie van Afrikaans – uit Europa en van Afrika, Deel 2*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Carstens, WAM & Van Dyk, TJ (reds.). 2022. *Toegepaste taalkunde in Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.
Cloete, T. 2007. Medical Research in Afrikaans: A Historical Overview. *Afrikaans Mediese Joernaal*, 19(2):45-52.
Clyne, M. 2005. *Understanding and managing linguistic diversity*. Johannesburg: Multilingual Matters.
Cummins, J. 1978. Educational implications of mother tongue maintenance in minority-language groups. *Canadian Modern Language Review*, 34(3):395-416.
Cummins, J. 2000. *Language, power, and pedagogy: bilingual children in the crossfire*. Bristol: Multilingual Matters.
De Klerk, V. 2014. Contributions of Afrikaans to South African social science research. *Journal for Contemporary History*, 39(1):112-127.
Desai, ZK. 2012. A case for mother tongue education? PhD dissertation. Cape Town: University of the Western Cape.
DHOO. 2002. *Language Policy for Higher Education*. https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/201409/langpolicy0.pdf [15 September 2024].
DHOO. 2020. Language policy framework for public higher education institutions. *Staatskoerant*, 43860.
Dubois, A. 2012. The influence of French language in the social sciences: A historical perspective. *French Studies in the Humanities*, 7(2):85-98.
Ganuza, N & Hedman, C. 2019. The impact of mother tongue instruction on the development of biliteracy: Evidence from Somali-Swedish bilinguals. *Applied Linguistics*, 40(1):108-131.
García, O. 2009. *Bilingual education in the 21st Century: A global perspective*. Malden:Wiley-Blackwell.
Gee, JP. 2014. *How to do discourse analysis: A toolkit*. London: Routledge.
Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners. 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.
Heugh, K. 2009. Language and literacy in bilingual children: A synthesis of research evidence. *International Journal of Bilingual Education and Bilingualism*, 12(1):1-19.
Heugh, K. 2011. *Language policy and education in South Africa*. Ontario: Multilingual Matters.
Hibbert, L & Van der Walt, C. 2014. *Multilingual universities in South Africa*. Ontario: Multilingual Matters.
Hyland, K. 2009. *Academic discourse: English in a global context*. London: Continuum International Publishing Group.
Jooste, JP. 1957. Die geskiedenis van die P.U. vir C.H.O. (tot Inkorporasie). *Koers.* Bylaag: 63-110.
Kruger, J & Naudé, A. 2012. The role of Afrikaans in preserving cultural heritage. *Journal of South African Languages*, 28(1):45-58.
Loader, R, Van Dyk, T & Human, C. 2024. *Kortpad Afrikaans – 'n Basiese grammatika*. Johannesburg: UJ Press.
Louw, D & Pienaar, H. 2017. Educational outcomes of mother tongue instruction in South Africa. *South African Journal of Education*, 37(1):101-115.
Morris, l & Cobb, T. 2004. Vocabulary profiles as predictors of the academic performance of Teaching English as Second Language trainees. *System*, 32(1):75-87.
Murray, T. 2010. The impact of mother tongue instruction on academic performance. *Journal of Education and Language*, 15(3):203-219.
Phillipson, R. 2009. *Linguistic Imperialism Continued*. London: Routledge.
Schleppegrell, MJ. 2004. *The language of schooling: A functional linguistic perspective*. London: Routledge.
Schmidt, H. 2015. German contributions to the field of physics: A legacy of innovation. *Journal of Historical Physics*, 23(4):200-214.
Skutnabb-Kangas, T & Heugh, K (eds). 2013. *Multilingual education and sustainable diversity work: From periphery to center*. New York: Routledge.
Skutnabb-Kangas, T. 2000. *Linguistic genocide in education – Or worldwide diversity and human rights*. Mahwah, NJ & London: Lawrence Erlbaum Associates.
Smit, B. 2015. Language and identity in South African education. *South African Review of Sociology*, 46(2):132-148.
Smith, A, Thompson, J & Van Zyl, M. 2009. Biodiversity Research in Afrikaans: Case Studies from 'Koedoe'. *Koedoe*, 51(1):75-82.
Spolsky, B. 2004. *Language Policy*. Cambridge: Cambridge University Press.

Stellenbosch Universiteit. 2024. https://web.archive.org/web/20180910165009/http:/www0.sun.ac.za/100/en/timeline/1960/ [15 Augustus 2024].

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2024. https://tgwsak.co.za/ [27 Augustus 2024].

Suid-Afrikaanse Vereniging vir Taalonderrig. 2024. https://www.journals.ac.za/jlt [27 Augustus 2024].

Thomas, WP & Collier, VP. 2002. *A national study of school effectiveness for language minority students' long-term academic achievement.* Santa Cruz: Center for Research on Education, Diversity & Excellence.

Van Dyk, TJ, Wilken, I, Ravyse, N, Du Plessis, D, Khumalo, L & Steyn, J. 2023. *National Language Resources Audit.* Potchefstroom: SADiLaR.

Wright, S. 2010. *Language policy and language planning: From nationalism to globalisation*. Houndmills: Palgrave Macmillan.

Zhao, L. 2018. The rise of mandarin in scientific research and technology: A case study. *Asian Journal of Science and Technology*, 29(1):50-65.

’n Bestekopname en korpus van hedendaagse Wetenskapsafrikaans

A survey and corpus of contemporary Scientific Afrikaans

Hardus Ludick
Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit
Potchefstroomkampus, Suid-Afrika
E-pos: Hardus.Ludick@nwu.ac.za

Adri Breed
Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit
Suid-Afrika
E-pos: Adri.Breed@nwu.ac.za

Hardus Ludick

Adri Breed

Hardus Ludick is lektor in die vakgebied Akademiese Geletterdheid in die Skool vir Tale van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus. Hy studeer aan die NWU (Potchefstroomkampus), waar hy ’n BA-graad in Filosofie, Etiek, Afrikaans en Nederlands, en Engels (2017) verwerf, asook ’n HonsBA in Afrikaans en Nederlands (*cum laude*, 2019). In 2024 verwerf hy, met dr Janien Linde (NWU) as hoof- en prof Phil van Schalkwyk (NWU) as medestudieleier, ’n MA in Linguistiek en Literêre Teorie (*cum laude*) aan die NWU (Potchefstroomkampus), met die titel *Nataniël en sy stories: ’n Verkennende postuurstudie van Nataniël se verhaalkuns*. Sedert 2017 is hy betrokke by die Jongerenprojeknetwerk, ’n organisasie sonder winsoogmerk wat ’n akademies-kulturele uitruilprogram tussen Suider-Afrika en die Lae Lande fasiliteer.	**Hardus Ludick** is a lecturer in the Academic Literacy subject group in the School of Languages of the North-West University (Potchefstroom Campus). He obtained two degrees from that institution: a BA in Philosophy, Ethics, Afrikaans and Dutch, and English (2017), as well as a BA(Hons) in Afrikaans and Dutch (*cum laude*, 2019). In 2024, with Dr Janien Linde (NWU) as supervisor and Prof Phil van Schalkwyk (NWU) as co-supervisor, he obtained a master’s degree in Linguistics and Literary Theory (*cum laude*) from the NWU (Potchefstroom Campus), with the title *Nataniël en sy stories: ’n Verkennende postuurstudie van Nataniël se verhaalkuns* (“Nataniël and his tales: an exploratory posture study of Nataniël’s short fiction”). Since 2017 he has been involved in the Jongerenprojeknetwerk (“youth project network”), a non-profit organisation that facilitates an academic-cultural exchange programme between Southern Africa and the Low Countries.
Adri Breed, ’n NNS-gegradeerde navorser, is ’n medeprofessor in beskrywende Afrikaanse taalkunde aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. Sy spesialiseer in sintaksis en semantiek, met besondere fokus op die konstruksionalisering van Afrikaanse en ander Wes-Germaanse konstruksies. Sy verwerf vyf	**Adri Breed**, an NRF-rated scholar, is an Associate Professor of Afrikaans Descriptive Linguistics at the North-West University’s Potchefstroom Campus. She specialises in syntax and semantics, with a particular focus on the constructionalisation of Afrikaans and other West Germanic constructions. She holds five degrees from the NWU:

Datums:
Ontvang: 2024-10-09 Goedgekeur: 2025-02-05 Gepubliseer: Maart 2025

grade aan die NWU, te wete 'n graad in Bedryfskommunikasie (BBk – 2005), 'n graad in Teologie met Antieke Tale (BTh [Tale] – 2005), 'n honneursgraad in Afrikaanse Taalkunde (BAHons – 2007), 'n magistergraad in Afrikaanse Letterkunde (MA – 2007), en 'n PhD in Afrikaanse Taalkunde (2012). Gedurende haar doktorale studie spandeer sy ongeveer tien maande aan die Universiteit Antwerpen, België. Sy is tans die Adjunkdirekteur van die Skool vir Tale (Potchefstroomkampus) aan die NWU, en is een van die outeurs en moderators van Taalportaal (www.taalportaal.org), waarvoor sy ook vir die Virtuele Instituut vir Afrikaans as eindredakteur van die gedeelte Afrikaansgrammatika opgetree het (2020–2024).

a degree in Business Communication (BBk – 2005), a degree in Theology with Languages (BTh [Languages] – 2005), an honours degree in Afrikaans Linguistics (BA(Hons) – 2007), a master's degree in Afrikaans Literature (MA – 2007), and a PhD in Afrikaans Linguistics (2012). During her doctoral studies, she spent approximately ten months at the University of Antwerp, Belgium. She is currently the Deputy Director of the School of Languages (Potchefstroom Campus) at the NWU. She is one of the authors and moderators of Taalportaal (www.taalportaal.org) and served as the editor-in-chief for the Afrikaans grammar section of the Virtual Institute for Afrikaans (2020–2024).

ABSTRACT

A survey and corpus of contemporary Scientific Afrikaans

This article presents the findings of research into a two-part gap in the current understanding of the variety of Afrikaans identified as Scientific Afrikaans. Firstly, we present a survey that was used to investigate the state and use of Afrikaans as a language of science. The approach is both diachronic and synchronic: it provides a short historical overview of the development of Afrikaans as a language of science and an inventory of scientific Afrikaans publications from 2004 to 2018.

Secondly, the article reports on the development of a comprehensive and representative corpus of Scientific Afrikaans that will facilitate linguistic research into the specific uses and nature of this variety. The development of a corpus of Scientific Afrikaans, namely the VivA-Wetenskapsafrikaanskorpus 1.0 *("VivA Scientific Afrikaans Corpus 1.0"; hereafter* VivA-WAK 1.0*) (2025), directly follows and is a product of the survey. The development of the corpus allowed the charting of one aspect of the use of Afrikaans for scientific purposes, namely the publication of Afrikaans research articles in accredited journals from 2004 to 2018. The corpus, consisting of roughly 23 000 000 words, sheds light on the nature of Scientific Afrikaans, in particular its application in general Afrikaans.*

This survey was conducted and the corpus built in the context of the gradual development of Afrikaans as a fully-fledged language of science. Afrikaans flourished and developed into a well-established independent language, especially during the period 1900 to 1940, not only with regard to everyday use, but also with regard to academic study (Breed & Bosman, 2024, with particular reference to Nienaber, 1934, and Carstens & Raidt, 2019). However, there are also examples of Afrikaans used in a relatively formal or academic register from before 1900. Arabic Afrikaans was in use as a medium of instruction and religious practice as early as the mid-19th century (Carstens & Raidt, 2019:244). In addition, an important text published towards the end of the 19th century is worth mentioning here: Eerste beginsels van die Afrikaanse taal *("First principles of the Afrikaans language") compiled by the Genootskap van Regte Afrikaners ("Association of True Afrikaners") in 1882. Moreover, Carstens and Raidt (2019:399-400) note that by 1919 Afrikaans had been adopted as a technical language and a medium of instruction at four South African universities. In this respect, the use of*

Afrikaans as a language of science dates back further than its acquiring the status of an official language, the event celebrated in this issue of Tydskrif vir Geesteswetenskappe *("Journal of Humanities").*

The development of Scientific Afrikaans is linked to, among other things, the development of subject-specific language and terminology for various scientific disciplines, and to the establishment of several scientific organisations that actively promoted the use of Afrikaans in scientific contexts. In this regard, a significant achievement for Afrikaans as a language of science was its adoption as a medium of instruction at various South African universities. As a result of such initiatives and achievements, it was possible for Afrikaans to evolve fully into a language of science in the 20th century.

However, since the transition to a new political order in 1994, Afrikaans has been under pressure owing to new ideologies, and it is therefore often claimed that Afrikaans as a language of science is in jeopardy.

The validity of this claim can be ascertained by examining the Afrikaans articles published in accredited journals from 2004 to 2018. The choice for this period was motivated by the limited digital availability of articles published before 2004. The survey identified 69 DHET or SciELO accredited South African journals that published Afrikaans articles in this period. In the course of this period there was a noticeable decline in the number of publications. It is also noteworthy that the largest number of Afrikaans articles are published in interdisciplinary journals rather than in discipline-specific journals. In addition, it appears that a diminishing number of institutions publish scientific work, which severely limits the possibilities for the publication of research conducted in Afrikaans.

The initiation of the VivA-WAK 1.0 *indicated that such concentrated control may pose certain risks for the future of Scientific Afrikaans. When attempting to gain access to data, we found several control measures restricting access. In order to incorporate articles from some journals in our corpus, an existing usage license, such as a Creative Commons license, proved to be sufficient to obtain the necessary permission, but in other cases permission had to be obtained through a data agreement, signed either by the editors of the journals concerned or by their publishing institutions. The worst case scenario occurred when certain factors – including possible unwillingness, lack of knowledge, contractual limitations and staff capacity – prevented the finalisation of agreements. However, while the inability to secure data agreements with individual journals resulted in a relatively small number of articles being excluded from our corpus, the fact that six institutions have not yet signed data agreements has resulted in the exclusion of a large number of articles. Consequently, at least 13 million words that could have been included are now not part of version 1.0 of the* VivA-WAK.

In this article, we point out that, in view of the current prominence of digital humanities, not to mention the current requirement of free access to research in the international scientific journal publishing industry, it is of the utmost importance that (academic) institutions support the efforts to make available data of this nature for research purposes.

The survey used for this article sheds light on the extent to which Afrikaans was employed as a language of science in the recent past. It could therefore be useful in several ways. For instance, it can help identify the journals and institutions that should be recognised for the opportunities they create for research to be published in Afrikaans. Additionally, it can be used to judge the vitality of the respective subject disciplines that form part of the Afrikaans scientific endeavours.

The VivA-WAK 1.0 *described in this article is also expected to be useful in the other ways outlined and discussed in the article. Possible uses include facilitating systematic research*

on academic language use and style; the development of subject-specific terminology; the development of discipline-specific academic literacy materials; and the sophistication of AI technologies in Afrikaans.

KEYWORDS: Academic Afrikaans, Scientific Afrikaans; formal language use; formal corpus; high function of language

TREFWOORDE: Akademiese Afrikaans, Wetenskapsafrikaans, formele taalgebruik, formele korpus, hoë funksie van taal

OPSOMMING

Dié artikel lewer verslag van ’n proses wat uitgevoer is om ’n tweeledige leemte rakende ons verstaan van die gebruiksvariëteit Wetenskapsafrikaans na te vors. Eerstens bied ons ’n bestekopname aan waarin ons die omvang en stand van Afrikaans as wetenskapstaal ondersoek. Ons pak hierdie bespreking vanuit beide ’n diakroniese en sinkroniese perspektief aan deur eerstens ’n kort historiese oorsig te gee van die ontwikkeling van Afrikaans as wetenskapstaal, en tweedens ’n inventaris aan te bied van wetenskaplike Afrikaanse publikasies wat in die tydperk 2004 tot 2018 gepubliseer is.

Tweedens lewer die artikel verslag van die proses van die saamstel van ’n omvattende en verteenwoordigende Wetenskapsafrikaanskorpus wat taalkundige navorsing oor die spesifieke gebruik en aard van hierdie variëteit moontlik sal kan maak. Die saamstel van ’n korpus van Wetenskapsafrikaans, naamlik die *VivA-Wetenskapsafrikaanskorpus 1.0*[1] (2025), is ’n direkte uitvloeisel of produk van die bestekopname. Danksy die ontwikkeling van hierdie korpus kan een aspek van die beoefening van wetenskap in Afrikaans gekarteer word, naamlik die publikasie van Afrikaanse artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte tussen 2004 en 2018. Met ’n grootte van ongeveer 23 000 000 woorde bied die korpus ’n blik op die aard van Wetenskapsafrikaans, oftewel die wyse waarop hierdie gebruiksvariëteit in Afrikaans aangewend word.

1. Inleiding

Breed en Bosman (2024), soos gebaseer op veral Nienaber (1934) en Carstens en Raidt (2019), dui aan dat Afrikaans veral in die tydperk van1900 tot 1940 gevestig geraak het as onafhanklike taal – nie slegs in alledaagse gebruik nie, maar ook in akademiese studies. Daar kom selfs voorbeelde voor van vroeë vorme van die gebruik van Afrikaans in ’n meer formele of akademiese register, wat uit ’n tydperk vóór 1900 dateer. Arabies-Afrikaans is byvoorbeeld reeds in die 19de eeu ingespan as onderwystaal en godsdiensmedium (Carstens & Raidt, 2019:244). Nog ’n voorbeeld is die Genootskap van Regte Afrikaners se 1882-publikasie *Eerste beginsels van di Afrikaanse taal*. Carstens en Raidt (2019:399-400) dui verder aan dat Afrikaans al teen 1919 aanvaar is as vakmedium en taal van onderrig by vier Suid-Afrikaanse universiteite, naamlik die Universiteit van Stellenbosch, Universiteit van Kaapstad, Grey-Universiteitskollege in Bloemfontein (nou die Universiteit van die Vrystaat, UVS) en Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (nou die Noordwes-Universiteit NWU). In hierdie opsig strek die gebruik van Afrikaans as wetenskapstaal – voortaan

[1] Voorts *VivA-WAK 1.0*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a5

Wetenskapsafrikaans – selfs verder terug as die honderdjarige erkenning van Afrikaans as amptelike taal, wat in hierdie uitgawe van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* gevier word.[2]

Ten spyte van hierdie lang tradisie van meer as 100 jaar van Wetenskapsafrikaans, is daar nog min bekend oor die ontwikkeling en aanwending van hierdie spesifieke Afrikaanse gebruiksvariëteit. Verder word daar tans verskeie stellings gemaak oor die druk waaronder Afrikaans verkeer, veral wat betref hoë funksies soos dié van wetenskaplike ondersoek en tersiêre onderrig (vergelyk byvoorbeeld die bespreking in Carstens & Raidt, 2019:768-792 asook Steyn, 2014:440-470). Daar ontbreek egter taalkundige navorsing wat eerstens kan aantoon wat die presiese **stand of omvang** van Wetenskapsafrikaans tans is (oftewel die *mate waarin* Afrikaans nog as wetenskapstaal ingespan word). Tweedens, en verbandhoudend met die eerste leemte, ontbreek daar ook gebruiksgebaseerde taalkundenavorsing wat kan aantoon wat die **aard** van hierdie variëteit (oftewel die *wyse waarop* dit gebruik word) is.

Hierdie artikel lewer verslag van ’n proses wat uitgevoer is om hierdie tweeledige leemte aan te pak. Eerstens bied ons ’n **bestekopname** aan waarin ons die omvang en stand van Afrikaans as wetenskapstaal ondersoek. Ons pak hierdie bespreking vanuit beide ’n diakroniese en sinkroniese perspektief aan deur eerstens ’n kort historiese oorsig te gee van die ontwikkeling van Afrikaans as wetenskapstaal, en tweedens ’n inventaris aan te bied van wetenskaplike Afrikaanse publikasies wat in die tydperk 2004 tot 2018 gepubliseer is.

Tweedens lewer die artikel verslag van die proses van die **saamstel van ’n omvattende en verteenwoordigende Wetenskapsafrikaanskorpus** wat taalkundige navorsing oor die spesifieke gebruik en aard van hierdie variëteit moontlik sal kan maak. Die saamstel van ’n korpus van Wetenskapsafrikaans, naamlik die VivA-Wetenskapsafrikaanskorpus 1.0[3] (*VivA-WAK 1.0*; 2025), is ’n direkte uitvloeisel of produk van die bestekopname. Danksy die ontwikkeling van hierdie korpus kan een aspek van die beoefening van wetenskap in Afrikaans beskryf word, naamlik die publikasie van Afrikaanse artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte tussen 2004 en 2018. Met ’n grootte van ongeveer **23 000 000 woorde** bied die korpus ’n blik op die aard van Wetenskapsafrikaans, oftewel die wyse waarop hierdie gebruiksvariëteit in Afrikaans aangewend word. Deur middel van hierdie korpus sou die bestaande voorskriftelike of toegepaste taalkundebronne wat gedeeltelik of pertinent betrekking het op Wetenskapsafrikaans in verdere navorsing aangevul kon word deur gebruiksgebaseerde data. Voorts is hierdie korpus ’n aanvulling tot die beskikbare Afrikaanse korpusse as sodanig, benewens die spesifieke bydrae as ’n korpus van wetenskaplike Afrikaanse taalgebruik.

---

[2] In hierdie artikel gebruik ons die term Wetenskapsafrikaans om spesifiek te verwys na ’n variëteit van Afrikaans wat deur Afrikaanse wetenskaplikes van verskillende wetenskaplike dissiplines gebruik word om wetenskaplike diskoers te voer (met ander woorde in wetenskaplike publikasies en uitsette). Ons argumenteer dat dit ’n subafdeling vorm van wat “Akademiese Afrikaans” genoem kan word – ’n variëteit wat ook in die breër akademiese konteks gebruik word, byvoorbeeld in tersiêre onderrig- en leerkontekste, onderrigadministrasie, ensovoorts. Ons aanvaar dat gepubliseerde artikels in vaktydskrifte ’n verteenwoordigende beeld van hierdie variëteit sal bied, aangesien dit geskryf is deur wetenskaplikes wat aktief tot die Afrikaanse wetenskaplike gemeenskap bydra. Die navorsingsuitsette van M- en PhD-grade, wat ook ’n belangrike onderdeel van Akademiese Afrikaans vorm en veral verteenwoordigend sou kon wees van ontluikende navorsers se omgang met hierdie variëteit, word weerspieël in die bestekopname en korpus van artikels in vaktydskrifte vir sover dit gebruiklik is vir nagraadse studente om in artikelformaat te publiseer of hul navorsing tot artikels te verwerk ná afloop van ’n studie (lees §3 vir ’n verdere bespreking).

[3] Voorts *VivA-WAK 1.0*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a5

2. ’n Bestekopname van Wetenskapsafrikaans vanuit ’n diakroniese en sinkroniese perspektief

In hierdie afdeling word vanuit sowel ’n diakroniese as ’n sinkroniese perspektief ’n bestekopname van die gebruik van Afrikaans as ’n wetenskapstaal gemaak. Wat eersgenoemde betref, word ’n kort literatuuroorsig van die historiese ontwikkeling van Wetenskapsafrikaans uitgevoer. Dit is geensins die oogmerk van hierdie artikel om hierdie geskiedenis volledig te bespreek of nuwe inligting daaroor aan te bied nie. Die diakroniese perspektief dien om die sinkroniese perspektief, die eerste oorspronklike bydrae van ons artikel, asook die beskrywing in die volgende afdeling van die ontwikkeling van ’n taalkundige korpus van Wetenskapsafrikaans, te kontekstualiseer.

2.1 Die historiese ontwikkeling van Wetenskapsafrikaans

Uiteraard strek die geskiedenis van Wetenskapsafrikaans, soos dié van haas enige taalvariëteit, ver terug. Wat onlangse bronne betref, kan die geskiedenis van Afrikaans tot en met die 19de en 20ste eeue onder andere nagegaan word in Conradie en Groenewald (2017) en Carstens en Raidt (2017 en 2019). Die ontwikkeling van die vakgebied van Afrikaanse taalkunde word ook beskryf in Breed en Bosman (2024) en kan as aanvulling van hierdie bespreking van die ontwikkeling van Wetenskapsafrikaans dien. Hier van belang is dat daar sedert die 19de eeu ’n behoefte ontstaan het om Afrikaans as ’n skryftaal in te span. Soos genoem, tref ’n mens reeds tekste vóór 1900 aan waarin Afrikaans in ’n formele vorm en akademiese register benut word. In die loop van die 20ste eeu het Afrikaans egter volledig ontwikkel tot ’n taal wat oor sowel lae as hoë funksies beskik het, waaronder laasgenoemde wetenskapsbeoefening en tersiêre onderrig gereken kan word.

Gedeeltelik aangespoor deur ’n opbloei van Afrikanernasionalisme dra verskeie gebeurtenisse in die 20ste eeu direk en indirek by tot die ontwikkeling van Afrikaans as wetenskapstaal. Hieronder tel die vestiging van instansies soos die Afrikaanse Taalgenootskap in Pretoria in 1905, die Afrikaanse Taalvereniging in Kaapstad in 1906, en die Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst in 1909; die publikasie van die eerste uitgawe van die Akademie vir Wetenskap en Kuns se *Afrikaanse woordelijs en spelreëls* in 1917 en die ontwikkeling sedert 1926 van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*; die organisering van kongresse en publikasie en verspreiding van boeke; die aanstel van professore in Afrikaans aan die Universiteit van Stellenbosch en die Vrystaatse Universiteitskollege; en die aanpassing van die destydse Grondwet om – prakties gesproke, ofskoon nie volledig amptelik nie – Afrikaans naas Engels as ’n amptelike taal te gebruik (Conradie & Groenewald, 2017:54).

Onder meer hou die ontwikkeling van Wetenskapsafrikaans verband met die ontwikkeling van vaktaal en -terminologie vir die onderskeie wetenskaplike vakrigtings. In ’n publikasie soos Roux (1975) se “Die uitbouing van Afrikaans as wetenskaplik-tegnologiese taal” word “uitbouing” grootliks gelykgestel aan die voortdurende ontwikkeling van die nodige vaktaal. ’n Belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die wetenskaplike variëteit van Afrikaans is dan ook die stigting van verskeie vaktaalburo’s vroeg in die 20ste eeu (Conradie & Groenewald, 2017:55). Roux (1975:4) beskou in hierdie verband die stigting van die Afrikaanse Vereniging vir Wetenskap en Wysbegeerte (AVWW) aan die destydse Universiteit van die Witwatersrand in 1937 as die “vonkie wat die vuur laat ontbrand” het, ook al het die AVWW ná slegs twee jaar ontbind. Teen 1959 is 20 finale en voorlopige woordelyste reeds gepubliseer, met betrekking op onder meer die fisika, geneeskunde, weerkunde, wiskunde, paleontologie, landbou en

bosbou, plantkunde, boukunde, skeikunde, geologie, versekeringswese, tekstielwese, ontleedkunde, krygskunde, mynbou, vervoerwese en staalwerke (Roux, 1975:5).

Roux skryf in 1975 besonder positief oor die vaktaal wat toe tot die Afrikaanssprekende wetenskaplike se beskikking was; en is daarvan oortuig "dat ons die toekoms met vertroue kan tegemoetgaan" (Roux, 1975:12). In 'n opname in 2015 identifiseer Alberts 365 vaktaalwoordeboeke en termlyste met Afrikaans as een van die behandelde tale (Alberts, soos aangehaal in Alberts, 2024). Alberts (2024:251) bied egter 'n ander perspektief as Roux en skryf dat die meeste van hierdie vakwoordeboeke en termlyste nou verouderd is, en dat sommige nie meer beskikbaar is nie en waarskynlik reeds uit druk is. Boonop is die meeste bestaande vakwoordeboeke en termlyste volgens haar slegs vertalende lyste. Om Afrikaans naas Engels as oorheersende wêreldtaal as wetenskapstaal in Suid-Afrika te vestig, was dit gewoon nodig om so vinnig moontlik Afrikaanse ekwivalente van Engelse terme te voorsien (Alberts, 2024:251). Gevolglik moedig Alberts (2024:251) vakkundiges, akademici, taalpraktisyns en leke aan om erns te maak met die skep, dokumentering, verspreiding en benutting van Afrikaanse terme.

Aangesien die wetenskap en die akademie of universiteitsomgewing nou verwant is, hou die ontwikkeling van Wetenskapsafrikaans ook verband met die ontwikkeling in die 20ste eeu van Afrikaans tot 'n taal van onderwys en spesifiek tersiêre onderwys. Die inisiatief van studente om Afrikaans as medium van onderrig en as vak aan universiteite te laat erken, kan in Carstens en Raidt (2019:399) nagegaan word. Dit het daartoe gelei dat die eerste leerstoele in Afrikaans ingestel is, dat Afrikaans in die plek van Nederlands erken is as vakmedium aan die Universiteit van Kaapstad, en dat die Potchefstroomse Universiteitskollege (PUK; nou die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus) die eerste universiteit geword het om Afrikaans as onderrigtaal op alle vlakke te aanvaar (Carstens & Raidt, 2019:399-400). Mettertyd is Afrikaans as onderrigtaal aan verskeie universiteite aanvaar en is Afrikaans sodoende verhef tot 'n wetenskapstaal (Carstens & Raidt, 2019:400).

Nadat Afrikaans deels danksy bepaalde ideologieë en regeringsinvestering in die 20ste eeu onder meer tot wetenskapstaal kon ontwikkel, verkeer Afrikaans sedert die oorgang tot 'n nuwe politieke bestel in 1994 opnuut onder druk weens ander ideologieë. Vir 'n uitgebreide bespreking hiervan kan Carstens en Raidt (2019:745-860) geraadpleeg word. Die afskaal van die gebruik van Afrikaans as 'n taal van tersiêre onderrig en as kommunikasie- en administratiewe taal by tersiêre instansies hou uiteraard verband met die gebruiksomvang en aard van Wetenskapsafrikaans. Die presiese aard van hierdie verhouding word nie hier ondersoek nie. Die hoop is egter dat die bestekopname in §2.2 en die korpus wat in §3 bekendgestel word, in 'n mate lig hierop kan werp.

'n Rigtinggewende teks wat toekomstige navorsing oor die omvang en aard van die gebruik van Afrikaans as wetenskapstaal kan rig, is dié van Brink (1975). Die vraag wat Brink in 1975 vra en as titel vir sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se bundel *Afrikaans: dit is ons erns* neem, kan naamlik vandag ook gestel word: "Waarom sou die wetenskaplike in Afrikaans publiseer?" Om wetenskaplike tekste in Afrikaans te kan publiseer, skryf Brink (1975:13-14), moet op die volgende vrae afdoende geantwoord kan word:

1. Beskik ons oor die nodige vakterminologie in Afrikaans?
2. Beskik ons oor die nodige publikasiemedia met voldoende nasionale en internasionale vakkundige erkenning?
3. Is die leserskring groot genoeg om hierdie publikasies lonend te maak? En as die onderskeie vakliggame dit nie kan bybring nie, moet die staat sulke tydskrifte

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a5

subsidieer? En as die staat die tydskrifte subsidieer, sal bydraes in albei landstale aangebied moet word?

4. Is daar voldoende publiseerbare navorsingsmateriaal beskikbaar om vir ’n bepaalde dissipline ’n vaktydskrif van erkende gehalte gereeld te laat verskyn?

Uiteraard is dit vrae waarop die antwoorde nóú verband hou met die konteks waarin die Afrikaanssprekende wetenskaplike staan. Wat die afsetgebied tot die Afrikaanse wetenskaplike se beskikking betref, verskaf Brink (1975) data waarin aangedui word wat die taalmedium is van die vaktydskrifte van die onderskeie vakgebiede: uitsluitlik Afrikaans, uitsluitlik Engels, “Engels, maar aanvaar ook Afrikaanse bydraes”, of “Volgens beleid nagenoeg ewe veel Afrikaanse en Engelse bydraes” (Brink, 1975:17). Op grond van dié bestekopname kom Brink (1975:16) tot die gevolgtrekking dat daar in 1975 inderdaad voldoende publikasiemoontlikhede ten opsigte van die wetenskappe en tegnologie is – “moontlik het ons te veel”.

Verdere navorsing sou nodig wees om vas te stel wat die antwoord op hierdie en soortgelyke vrae is in 2025, 50 jaar ná Brink se bevindinge. Hoewel die bestekopname in die volgende afdeling nie – ánders as Brink (1975) – die taalbeleid van tydskrifte nagaan nie, en dus nie aandui waar wetenskaplikes vandag Afrikaanse artikels *kan* publiseer in die onderskeie vakgebiede nie, verskaf dit ’n aanduiding van waar wetenskaplikes in die onlangse verlede *wel* Afrikaanse artikels gepubliseer *het*. Hierdie data sou in die toekoms aangevul kon word met inligting oor die publikasie van Afrikaanstalige proefskrifte en verhandelinge in die onlangse verlede, wat dan vergelyk sou kon word met die syfers wat Brink (1975) verskaf oor die publikasie daarvan tussen 1942–1958 en 1960–1973 onderskeidelik.

2.2 Die huidige stand van Wetenskapsafrikaans: ’n bestekopname van vakkundige artikels 2004–2018

Soos reeds genoem, lewer hierdie artikel verslag oor ’n proses waardeur die omvang van die gebruik van Afrikaans as ’n wetenskapstaal ten dele gekarteer kan word. Die vertrekpunt is dat die publikasie van Afrikaanstalige artikels in geakkrediteerde vakwetenskaplike tydskrifte verteenwoordigend is van die gebruik van Wetenskapsafrikaans as variëteit (sien voetnoot 1).

Met hierdie vertrekpunt is in 2019 begin met ’n bestekopname (en gelyklopend die ontwikkeling van ’n korpus, soos in §3 bespreek word) van alle sodanige Afrikaanse akademiese artikels wat tussen 2004 en 2018 in geakkrediteerde wetenskapstydskrifte gepubliseer is. Daar het weliswaar heelwat tyd verloop sedert die aanvang van die bestekopname en die korpusontwikkeling. Die proses het reeds voor die COVID-pandemie begin, maar is helaas onderbreek en verleng weens die impak daarvan, wat tot hierdie beduidende tydsverloop gelei het. Dit is dan ook ’n doelwit om hierdie bestekopname in die toekoms uit te brei om artikels uit die jare sedert 2018 – asook tydperke vóór 2004 – in te sluit. Ten spyte van die feit dat die publikasies van die afgelope ses jaar nie in die bestekopname verreken word nie, is ons van mening dat dit wél ’n verteenwoordigende beeld aanbied van die huidige stand van Wetenskapsafrikaans (kyk Tabel 1).

Met die oog op so ’n bestekopname is eerstens vasgestel in welke geakkrediteerde vaktydskrifte daar enigsins Afrikaanse artikels gepubliseer is tussen 2004 en 2018. Hiervoor is gebruik gemaak van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO; in Engels DHET) en SciELO SA se jaarlikse lyste van geakkrediteerde Suid-Afrikaanse vaktydskrifte.[4]

[4] Die mees resente weergawe van dié lyste verskyn in die bronnelys as DHET (2024).

Dit sluit in tydskrifte wat uitsluitlik of hoofsaaklik Afrikaanstalige artikels (ge)publiseer (het), soos *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, *Tydskrif vir Natuurwetenskappe en Tegnologie*, *Stilet*, *Literator*, *Koers*, en so meer. Benewens dergelike tydskrifte moes daar egter handmatig deur die volledige DHOO- en SciELO-lyste gewerk word om alle tydskrifte waarvan die taalbeleid voorsiening maak vir die publikasie van Afrikaanse artikels (of destyds voorsiening gemaak het in die afgebakende tydperk), ook te identifiseer. Aangesien die taalbeleid wat tans deur ’n tydskrif gemeld word, nie noodwendig ook gedurende die 2004 tot 2018-tydperk gegeld het nie, kon daar naamlik nie slegs op ’n tydskrif se huidige taalbeleid staatgemaak word om ’n akkurate beeld van dié tydperk te bied nie.

Aanvanklik is daar geëksperimenteer met soekenjins om hierdie taak te versnel, byvoorbeeld deur te soek vir alle artikels waarvan die skryftaal as Afrikaans geëtiketteer is en wat in ’n bepaalde geakkrediteerde tydskrif gepubliseer is in die gekose tydperk. Sulke metodes het egter nie goeie resultate gelewer nie, vermoedelik omdat nie alle Afrikaanse artikels in alle tydskrifte inderdaad as sodanig geëtiketteer is nie. Gewoon die feit dat hierdie proses sómmige, maar nie álle artikels en tydskrifte opgespoor het nie, het dit ’n onbetroubare en onproduktiewe werkswyse gemaak. Daarom is uiteindelik volstaan by ’n handmatige vluglees van die inhoudopgawes per uitgawe of volume van ’n tydskrif, soos beskikbaar op die onderskeie tydskrifte se amptelike webwerwe of platforms soos Sabinet of SciELO South Africa. Dit het gelukkig geblyk dat daar vir alle tydskrifte sodanige inligting aanlyn beskikbaar was. Enige byvoegings tot hierdie lys (soos te sien in Tabel 1) word deur die outeurs verwelkom en sou by die uitbreiding van die korpus benut kon word.

Deur hierdie soektog, soos pas uiteengesit is, te volg, is 69 geakkrediteerde vaktydskrifte geïdentifiseer wat in die tydperk 2004 tot 2018 Afrikaanstalige artikels gepubliseer het. Hierdie inligting word in Tabel 1 hier onder saamgevat en die inligting van elkeen word uiteengesit. Aangesien dit vir die bespreking oor *VivA-WAK 1.0* in §3 nodig sal wees om aan te toon en te bespreek watter artikels in die korpus ingesluit is, dui hierdie tabel reeds aan watter tydskrifte in dié korpus opgeneem is. Die tydskrifte wat in *VivA-WAK 1.0* opgeneem is, word aangedui in blou / ligte grys (danksy ’n dataooreenkoms wat aangegaan is) en groen / donkerder grys (wanneer daar reeds ’n geskikte gebruikslisensie gegeld het), terwyl dié wat nie in die korpus opgeneem is nie, sonder skakering gelaat word. Ons verwys in die bespreking in §3 weer na hierdie tabel.[5]

Die volgende moet in ag geneem word by die interpretasie van hierdie tabel se inhoud.

- Die vakgebied van sommige tydskrifte word aangedui. Hierdie inligting verteenwoordig egter slegs tydskrifte wat *toegewy* is aan ’n bepaalde vakgebied (en waar dit vanuit die tydskrif se beskrywing duidelik is dat dit toegewy is aan ’n spesifieke vakgebied) en reflekteer dus nie artikels wat gepubliseer is in tydskrifte wat nie aan ’n bepaalde vakgebied toegewy is nie maar wesenlik interdissiplinêr funksioneer (sien hier onder). In toekomstige weergawes van die bestekopname (en van die *VivA-WAK*) sou die vakgebied op artikelvlak ook geïdentifiseer kon word.
- Vir sommige publikasiejare van *LitNet Akademies* in die tydperk 2004 tot 2018 word deur dié tydskrif onderskeid getref tussen die vakkundige afdelings Ekonomiese en

[5] By die name van tydskrifte word die volgende afkortings gebruik: SA = Suid-Afrika / South Africa. SAe = Suid-Afrikaanse. SAn = South African. SrAe = Suider-Afrikaanse. SnAn = Southern African. J = Joernaal/Journal. T = Tydskrif. By die aanduiding van uitgewers of instansies geld die volgende afkortings: SAAWK = Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. T&F = Taylor & Francis.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a5

TABEL 1: Geakkrediteerde tydskrifte waarin tussen 2004-2018 artikels gepubliseer is

Uitgewer	Vakgebied	Afr. artikels in vaktydskrifte 2004-2018	Hoeveelheid Afrikaanse artikels per jaar per vaktydskrif															
			2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010	2011	2012	2013	2014	2015	2016	2017	2018	Totaal
KovsieJournals	Geesteswetenskappe	*Acta Academica*	15	1	3	9	7	3	1		3	2						44
JUTA	Regte	*Acta Juridica*											1					1
KovsieJournals		*Acta Structilia*		3				1			1	1				1		7
KovsieJournals	Teologie	*Acta Theologica*	26	9	12	12	11	8	9	9	6	7	5	1	7		1	123
T&F		*Agrekon*	1															1
	Gesondheid	*CARSA*	3	3					1									7
KovsieJournals		*Communitas*			2	2		1		1		2						8
	Regte	*De Jure*	12	12	14	6	10	11	4	3	4	5	2	2				85
JUTA	Regte	*Fundamina*	2	1		1			2	1	2	1						10
AOSIS	Gesondheid	*Health SA Gesondheid*	1															1
	Geskiedenis	*Historia*	4	6	3	7	3	4	4	5	4	2					1	43
AOSIS	Teologie	*HTS Teologie Studies*	37	20	25	18	35	18	32	30	31	27	20	47	18	46	10	414
AOSIS	Teologie	*In die Skriflig*	20	24	19	17	22	18	20	29	22	36	26	21	24	14	7	319
		J of Consumer Sciences	1															1
UNISA / T&F	Teologie/Geskiedenis	*J of Early Christian History*	1		2			1										4
AOSIS		*J of Economic and Financial Sciences*								2	3	1	2	1				9
KovsieJournals	Geskiedenis	*J vir Eietydse Geskiedenis*	14	12	17	10	2	19	6	8	6	5	4	2	2	3	2	112
AOSIS	Inter/multidissiplinêr	*J vir Transdissiplinêre Navorsing in Suider-Afrika*		1	5		1	3	2	4			1		1	2		20
	Inter/multidissiplinêr	*Journal for New Generation Sciences*					2	1										3
	Inter/multidissiplinêr	*Koers*	12	16	14	10	11	11	7	4	3	5	6	4	7	5	4	119
	Taal	*Lexikos*	1	3	3	2	2	4	3		2	4	1	2	2	2	1	32
AOSIS	Letterkunde	*Literator*	10	8	14	4	14	7	6	6	11	10	4	3	5	4	11	117
LitNet		*LitNet Akademies*					24	32	37	45	67	77	70	70	76	83	75	656
	Geesteswetenskappe	*LitNet Akademies (Geesteswetenskappe)**									42	43	33	29	*16*			163
	Teologie	*LitNet Akademies (Godsdienswetenskappe)**									1	13	7	14	*8*			43
		*LitNet Akademies (Natuurwetenskappe)**									6	2	2	2	*2*			14
		*LitNet Akademies (Opvoedkunde)**											2	5	*9*			16
	Regte	*LitNet Akademies (Regte)**									18	19	26	20	*10*			93
SUNJournals	Gesondheid	*Maatskaplike Werk*	6	1	3	3	6	4	1	4	2	2			1		2	35
		Meditari	3		1													4
UNISA		*Mousaion*	2		1			3	2	1	2		3			1		15
UNISA		*Musicus*	4	3		4	1	7	1	2	2							24
	Teologie	*Nederduits-Gereformeerde Teologiese Tydskrif*	27	44	35	30	24	29	27	27	11	13	12					279
	Regte	*Obiter*		2	3		4	4	4	3	1	1	1					23
	Teologie	*Old Testament Essays*					1	2					1	1				5
SUNJournals		*Orion*	1	1														2
SUNJournals	Taal	*Per Linguam*	1			1	1					1	2	1				7
UNISA		*Phronimon*	1			1												2
SUNJournals	Regte	*Responsa Meridiana*						1	1		1	2						5
AOSIS / T&F	Gesondheid	*SA Family Practice*	2	4	1	1												8
	Taal	*SA Linguistics & Applied Language Studies (SALALS)*	2	4	3	13	3	1	2	1	1		1	1	1			33
	Regte	*SA Public Law*	3	3	3	3	2	2		2	1	2	2	1				24
SAAWK		*SA T vir Natuurwetenskap en Tegnologie*	16	12	20	13	15	20	14	23	24	30	16	42	17	15	13	290

TABEL 1: Geakkrediteerde tydskrifte waarin tussen 2004-2018 artikels gepubliseer is *(vervolg)*

T&F		*SA Theatre Journal*	2			1	1										4
		SAJ of Art History			1		1				1	4		1			8
		SAJ of Education			4												4
SUNJournals		*SAJ of Higher Education*	1														1
AOSIS	Gesondheid	*SAJ of Industrial Psychology*	8		1	1	1										11
	Gesondheid	*SAJ of Sports Medicine*		1	2	1	1										5
T&F		*SAT vir Filosofie*	2		2												4
JUTA	Regte	*SAT vir Handelsreg*	2	2				1	1	2							8
AOSIS		*SAT vir Kommunikasieafwykings*		1		1											2
AOSIS		*SAT vir Menslikehulpbronbestuur*	1							1							2
SUNJournals		*SAT vir Navorsing in Sport, LO en O*	5	8	5		6	3	4	4	2	2	2	2			1	44
SUNJournals	Teologie	*Scriptura*	2				2	3	1	2	1	1		2				14
UNISA	Regte	*SnAn Public Law*	3	3	3	3	2	2		2	1	2	2	1				24
	Taal	*SPiL*													2	2		4
	Taal	*SPiL Plus*			1	2	1	1	1			1	9			6	1	23
KovsieJournals		*Stads- en streeksbeplanning*													1			1
JUTA	Regte	*Stellenbosch Law Review*	4	1	2		1	1		1	2	1	2	1	3		1	20
	Teologie	*Stellenbosch Theological Journal*												6	6	7	8	27
	Letterkunde	*Stilet*	16	24	17	21	25	16	21	17	8	14	6	10	11	15	8	229
UNISA	Teologie/Geskiedenis	*Studia Historiae Ecclesiasticae*					2	1		3		1			3			10
	Teologie	*T vir Christelike Wetenskap*	4	12	20	7	11	13	16	12	11	13	6	6	12	7	6	156
JUTA	Regte	*T vir die SAe Reg*	22	21	24	30	9	35	25	16	17	17	19	19	17	13	13	297
SAAWK		*T vir Geesteswetenskappe*	28	40	47	47	30	36	31	38	29	40	42	37	63	50	52	610
	Letterkunde	*T vir Letterkunde*	8	3	11	8	7	8	14	3	7	3	1	7		1		81
UNISA / LASA	Letterkunde	*T vir Literatuurwetenskap*	3	1	1	2	4	4	1	1		1	1			1	1	21
	Taal/Letterkunde	*T vir Nederlands en Afrikaans*	2		7	3	10	9	6	6	8	9	8	6	6	8	8	96
KovsieJournals	Regte	*T vir Regswetenskap*	6	5	1	3	2	2		2		1	1		4	2		29
UNISA		*T vir Semitistiek*				1		1				2		1		1		6
	Taal	*T vir Taalonderrig*	6				3	4	6	2	3	2	4	3	1			34
AOSIS	Teologie	*Verbum et Ecclesia*	11	10	20	13	11	6	19	7	10	10	8	2	2	3	5	137
	Geskiedenis	*Yesterday & Today*				1												1
Totale hoeveelheid Afrikaanstalige artikels gepubliseer			364	325	372	312	331	360	332	327	312	357	296	302	293	292	231	4805

VivA-WAK 1.0: dataooreenkoms (altesaam 1 122 artikels)	77	78	106	79	88	85	101	76	74	85	60	76	49	52	36	1122
VivA-WAK 1.0: gebruikslisensie (altesaam 1 944 artikels)	159	147	164	122	138	133	115	132	112	133	107	122	131	133	96	1944
Totaal – *VivA-WAK 1.0* (altesaam 3 066 artikels)	236	225	270	201	226	218	216	208	186	218	167	198	180	185	132	3066
Nie in *VivA WAK 1.0* opgeneem (altesaam 1 739 artikels)	128	100	102	111	105	142	116	119	126	139	128	104	113	107	99	1739

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Jaargang 65 No. 1: Maart 2025
doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a5

Bestuurswetenskappe, Geesteswetenskappe, Godsdienswetenskappe, Natuurwetenskappe, Opvoedkunde en Regte. Hierdie onderskeid word egter nie deurentyd gehandhaaf nie; vir sommige jare word daar geen vakkundige onderskeid aangedui nie. Ook is hierdie onderskeid na regte 'n interne onderskeid, aangesien *LitNet Akademies* deurentyd as 'n enkele vaktydskrif op byvoorbeeld die DHOO-lys en die Sabinet-platform geld. Derhalwe word *LitNet Akademies* in Tabel 1 as 'n enkele, wesenlik interdissiplinêre tydskrif getel en word die totale hoeveelheid artikels per jaar aangedui. Vir dié jare waarvoor *LitNet Akademies* wel 'n vakgebiedindeling gehandhaaf het, word daardie inligting ook verskaf. Die skuinsgedrukte getalle by 2016 dui aan dat daar slegs vir enkele uitgawes van dié jaar deur *LitNet Akademies* 'n vakkundige onderskeid aangedui word.

- Geen onderskeid is getref tussen die (teoretiese, beskrywende) taalkunde en toegepaste taalkunde nie.
- Waar 'n vakgebied slegs deur 'n enkele toegewyde tydskrif verteenwoordig word in die lys – byvoorbeeld *SAJ of Art History* of *SAT vir Filosofie* – word geen aanduiding van vakgebied gegee nie. Dieselfde geld die twee tydskrifte toegewy aan die pedagogiek – *SA Journal of Education* en *SA Journal of Higher Education* – omdat daar in hierdie twee tydskrifte gesamentlik maar vyf Afrikaanse artikels gepubliseer is in die tydperk 2004 tot 2018.
- *SAT vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning* word ter wille van leesbaarheid afgekort tot "SAT vir Navorsing in Sport, LO & O".
- Die *Nederduits-Gereformeerde Teologiese Tydskrif* heet sedert 2015 *Stellenbosch Theological Journal* en ressorteer sedertdien onder SUNJournals. As gevolg hiervan geld daar verskillende toestemmings vir opname in die *VivA-WAK* en word die twee instansies van dieselfde tydskrif afsonderlik gelys in Tabel 1.
- By sommige van die tydskrifte waarvoor geen uitgewer in Tabel 1 aangedui word nie, gaan dit inderdaad om tydskrifte sonder 'n eksterne uitgewer. In ander gevalle word die eksterne instansie wat 'n tydskrif uitgee, gewoon nie genoem nie, aangesien die uitgewer 'n vakorganisasie, akademiese departement of dergelike instelling is. In sulke gevalle gaan dit naamlik om 'n enkele tydskrif op ons lys wat by so 'n entiteit ressorteer en nie meerdere tydskrifte nie. Ook is daar in sulke gevalle nie eweseer 'n skeiding tussen tydskrifredaksie en uitgewer nie – iets wat byvoorbeeld 'n invloed uitgeoefen het op die opneem van artikels in ons korpus, soos hier onder bespreek word. Voorbeelde van tydskrifte waarvan die uitgewer nie gemeld word nie, is *Stilet*, die lyfblad van die Afrikaanse Letterkundevereniging, en *Lexikos*, die lyfblad van die African Association for Lexicography (Afrilex), gepubliseer deur die Buro van die WAT.
- Hoewel dit uiteraard moontlik is dat die bestekopname foute kan bevat, aanvaar ons dat hierdie inligting akkuraat en volledig genoeg is om vir ons 'n verteenwoordigende beeld te bied van die stand van Wetenskapsafrikaanse publikasies in 2004 tot 2018.

2.2.1 Publikasietal 2004 tot 2018

Op die oog af is daar 'n opmerklike afname in die totale aantal Afrikaanstalige artikels wat in geakkrediteerde tydskrifte gepubliseer is vanaf 2004 tot 2018 (vergelyk **Figuur 1:** Afrikaanse artikels in geakkrediteerde tydskrifte 2004–2018).



Figuur 1: *Afrikaanse artikels in geakkrediteerde tydskrifte 2004–2018*

Enkele opmerkings kan egter die interpretasie hiervan rig. Eerstens behoort daar nie alte veel betekenis geheg te word aan die opsigtelike helling in 2018 nie, aangesien 'n helling in 2007 nie 'n durend verminderde aantal artikels voorspel nie. Tweedens behoort die onderskeid kwaliteit-kwantiteit in gedagte gehou te word. 'n Afname wat betref aantal gepubliseerde artikels sou byvoorbeeld nie op sigself 'n aanduiding van afgenome (of toegenome) kwaliteit wees nie. Derdens is daar in 2019 met die bestekopname begin en sou daar by sommige tydskrifte met 'n langer omset ten tyde van 2019 nog artikels in die keurings- of publikasieproses kon gewees het vir publikasie in 2018 of selfs vroeër.

Vierdens is dit belangrik om die relatiewe afname in die aantal Afrikaanse artikels tussen 2004 en 2018 teen die internasionale en plaaslike kontekste van dié tydperk te interpreteer. Dit is moeilik om in te skat welke invloed globaliserende tendense in die akademie en in die wetenskap – soos dié van die informasie-era – uitgeoefen het op navorsers se keuse om (al dan nie) in die afgelope twee dekades in Afrikaans hul navorsing te publiseer. Verdere ondersoek sou die invloed van sulke tendense op Afrikaans kon vergelyk met dié op tale wat 'n soortgelyke status beklee relatief tot wêreld- wetenskapstale soos Engels. 'n Afname in die aantal Afrikaanstalige artikels in hierdie tydperk sou naamlik nie alleen op die lewenskrag van 'n hoë funksie van spesifiek Afrikaans kon dui nie, maar ook op dié van ander wetenskapstale as sodanig.

Sowel wat die internasionale as plaaslike konteks betref, moet die gebruik van Afrikaans as wetenskapstaal meeding met dié van Engels as lingua franca. Navorsers se keuse ten opsigte van die taal waarin hulle hul navorsing publiseer sou boonop beïnvloed kon word deur (geantisipeerde of werklike) gevolge, byvoorbeeld vir bevordering in die akademie, emigrasie na die buiteland of die toekenning van befondsing of pryse. Te midde van die wêreldwye klem op navorsingsuitsette verkeer veral navorsers in vakgebiede wat nie as direk voordelig vir die samelewing beskou word nie, verder onder druk om navorsing te lewer wat tog relevant of aktueel is en oor potensiaal vir werklikheidstoepassing beskik – oftewel wat as sodanig *voorgehou* kan word. Daar is kortom verskeie redes waarom navorsers sou kon kies om liewer

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a5

in Engels te publiseer as in Afrikaans, en die interpretasie van die sigbare afname van publikasie van Afrikaanse akademiese artikels val buite die skopus van hierdie artikel.

2.2.2 Vakgebiede

Die inligting oor toegewyde vakgebiedverteenwoordiging wat in Tabel 1 aangebied is, word in **Figuur 2** hier onder gevisualiseer.



Figuur 2: *Verteenwoordiging van vakgebiede in artikels gepubliseer in geakkrediteerde, vakgebiedtoegewyde tydskrifte tussen 2004–2018*

Omdat *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* sowel taal- as letterkundige artikels publiseer, word die taal- en letterkunde hier saam gegroepeer as "taal-en-letterkunde". Omwille van eenvoud geld die tydskrifte *Journal of Early Christian History* en *Studia Historiae Ecclesiasticae* in hierdie grafiek slegs as geskiedenis en nie ook as teologie nie.

Dit is duidelik dat teologie, regte en taal-en-letterkunde veel sterker verteenwoordig word in die bestekopname as geskiedenis, gesondheidswetenskappe of ander vakgebiede waarvoor daar slegs 'n enkele vakspesifieke tydskrif bestaan. Een van die mees opvallende verskuiwings wat uit die bogenoemde tabel blyk, en wat by die interpretasie van bostaande vakgebiedinligting verreken moet word, is dat die publikasie van Afrikaanstalige artikels toenemend geskied in enkele wesenlik interdissiplinêre tydskrifte; dit wil sê, tydskrifte wat doelbewus artikels oor verskillende vakgebiede publiseer. Hierdie gegewe kompliseer uiteraard die voorstelling van vakgebiedverteenwoordiging. Aangesien die vakgebiede van hierdie groot aantal artikels handmatig geïdentifiseer sou moes word, dui die bostaande figure slegs die aantal artikels aan wat gepubliseer is in tydskrifte *toegewy* aan 'n vakgebied.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a5

Die interdissiplinêre tydskrifte *Acta Academica*, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (TGW), *LitNet Akademies*, *Koers*, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskappe en Tegnologie* (SATNT) en *Joernaal vir Transdissiplinêre Navorsing in Suid-Afrika* (JTNSA) verteenwoordig telkens tussen 19,3% (2004) en 60,8% (2018) van die hoeveelheid Afrikaanstalige artikels wat per jaar gepubliseer is tussen 2004 en 2018. Spesifiek het gemiddeld 46% van die Afrikaanse artikels wat in die tydperk 2015 tot 2018 in geakkrediteerde tydskrifte gepubliseer is, in slegs *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* en *LitNet Akademies* gesamentlik verskyn. Die persentasie van alle artikels wat in 2004 tot 2018 gepubliseer is, word visueel voorgestel in **Figuur 3**.



Figuur 3: *Verhouding van Afrikaanse artikels in geakkrediteerde tydskrifte 2004–2018 gepubliseer in interdissiplinêre tydskrifte teenoor vakspesifieke tydskrifte*

'n Moontlike oorsaak vir die lae verteenwoordiging van sommige vakgebiede in die korpus sou kon wees dat sommige erg gespesialiseerde tydskrifte gewoon nie genoeg bydraes ontvang om volhoubaar te publiseer nie. 'n Verdere moontlike oorsaak van die skuif vanaf publikasie in vakspesifieke tydskrifte na publikasie in die genoemde interdissiplinêre tydskrifte sou taalbeleid- of taalpraktykverandering by eersgenoemde kon wees. Die tydskrifte TGW, *LitNet Akademies* en SATNT – wat ook in Figuur 3 verteenwoordig word – publiseer naamlik uitsluitlik Afrikaanstalige artikels, waardeur die gewildheid daarvan gedeeltelik verklaar sou kon word. Dit was nie binne die omvang van ons korpusontwikkeling haalbaar om vas te stel welke tydskrifte inderdaad 'n verandering ten opsigte van taalbeleid ondergaan het nie, en indien wel wanneer dit sou gebeur het nie. In verdere navorsing sou nagegaan kon word of sodanige beleidsverandering korreleer met die afname van die aantal Afrikaanse artikels wat in 'n gegewe tydskrif gepubliseer is/word.

Selfs 'n veranderde taalbeleid wat steeds voorsiening maak vir die publikasie van Afrikaanse artikels, sou 'n invloed kon uitoefen op die aantal Afrikaanse artikels indien 'n tydskrif vanaf 'n bepaalde oomblik *ook* of *hoofsaaklik* Engelstalige (of andertalige) artikels publiseer. 'n Maksimum aantal artikels per uitgawe sou naamlik behels dat Afrikaanse en andertalige artikels moet meeding om beperkte bladruimte. 'n Bywerking van die inligting in Brink (1975) sou in hierdie verband verhelderend kon wees. Brink (1975) verskaf 'n lys van plaaslike tydskrifte per vakgebied en dui aan wat die taalmedium van elk is: "uitsluitlik

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a5

Afrikaans"; "uitsluitlik Engels", "Engels, maar aanvaar ook Afrikaanse bydraes"; en "Volgens beleid nagenoeg ewe veel Afrikaanse en Engelse bydraes" (Brink, 1975:17). Die data hieroor is volgens Brink (1975:17) versamel deur middel van 'n vraelys wat aan alle afdelings, takke en werkgemeenskappe van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns gestuur is.

Indien die verskuiwing vanaf publikasie in vakspesifieke tydskrifte na veral die interdissiplinêre tydskrifte TGW, *LitNet Akademies*, *Koers* en SATNT inderdaad te wyte is aan veranderde taalbeleide of taalpraktyke by die betrokke vakspesifieke tydskrifte, is dit op sigself 'n positiewe gegewe dat laasgenoemde tydskrifte 'n volhoubare en (relatief) aansienlike tuiste bied vir navorsing in Afrikaans. Die gevaar hiervan is egter dat dit bydra tot die sentralisering van mag en kennis wat in die volgende afdeling bespreek word. 'n Opmerklike gegewe is byvoorbeeld dat 'n groot persentasie van die Afrikaanse artikels in die vakgebied regte in die tydperk 2004 tot 2018 gepubliseer is in tydskrifte wat tans deur twee spesifieke uitgewers uitgegee word, maar helaas nie al die artikels van een van hierdie twee instansies in *VivA-WAK 1.0* opgeneem kon word nie.

2.2.3 Die toenemende publikasie van Afrikaanse artikels in enkele tydskrifte

In §2.2.1 is genoem dat uit die 69 DHOO- of SciELO SA- geakkrediteerde tydskrifte waarin Afrikaanse artikels van 2004 tot 2018 gepubliseer is, 44 tans deur slegs 8 instansies uitgegee word, naamlik AOSIS, JUTA, KovsieJournals, LitNet, UNISA, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK), SUNJournals en Taylor & Francis (vergelyk **Figuur 4** hier onder). In §2.2.2 is verder aangedui dat meer as die helfte van die Afrikaanse artikels in tydskrifte wat aan die regte toegewy is (te onderskei van artikels oor die regte in interdissiplinêre tydskrifte), gepubliseer is in tydskrifte van die uitgewer JUTA. Daar is ook genoem dat die toenemend belangrike interdissiplinêre tydskrifte *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskappe & Tegnologie* en *LitNet Akademies* ook aan verskillende instansies behoort.



Figuur 4: *Uitgewers van tydskrifte waarin Afrikaanse artikels verskyn het 2004–2018*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a5

Wat die tydperk 2004 tot 2018 betref, is daar ’n toenemende konsentrasie van publikasiebeheer by ’n klein aantal instansies, wat sekere risiko’s inhou. Waar dataooreenkomste vereis word om toegang tot publikasies vir korpusbou te verkry, kan die weiering of (voorwaardelike) toestemming van ’n enkele instansie ’n groot impak hê. Verder kan die groeiende invloed van ’n beperkte aantal uitgewers ook die balans en objektiwiteit van wetenskaplike publikasies beïnvloed, ongeag die taal van publikasie. Hierdie risiko’s moet oorweeg word binne die konteks van hedendaagse tendense soos oop toegang en interdissiplinêre samewerking.

In hierdie verband het die konsentrasie van publikasiebeheer reeds die ontwikkeling van die *VivA-Wetenskapsafrikaanskorpus* beïnvloed, soos in §3.1 bespreek sal word. Een spesifieke voorbeeld van so ’n negatiewe effek is die feit dat daar van een uitgewer, geen artikels in die *VivA-WAK* opgeneem kon word nie, aangesien die bestaande gebruikslisensie nie die opname van artikels in ’n korpus bemiddel nie en daar nie ’n dataooreenkoms gesluit kon word nie. Dit is veral kommerwekkend omdat die tydskrif wat die derde grootste getal Wetenskapsafrikaanse tekste gepubliseer het, by hierdie uitgewer ressorteer, wat hierdie belangrike bron ontoeganklik maak vir Afrikaanse taalkundiges (soos onderrigtaalkundiges en leksikograwe) wat wil navorsing doen oor dié gebruiksvariëteit.

Van die uitgewers AOSIS, JUTA, KovsieJournals, die SAAWK, SUNJournals, UNISA en Taylor & Francis kon wel sommige of alle artikels opgeneem word; in die afwesigheid van sommige van dié instansies se instemming tot ’n dataooreenkoms kon daar naamlik wel van geskikte gebruikslisensies vir sekere tydskrifte gebruik gemaak word, of van dataooreenkomste wat direk met sommige tydskrifredaksies gesluit is.

3. Die ontwikkeling en samestelling van *VivA-WAK*

’n Uitvloeisel van die bestekopname van Afrikaanstalige artikels wat tussen 2004 en 2018 gepubliseer is in geakkrediteerde vakkundige tydskrifte, is die ontwikkeling van ’n Afrikaanse gebruiksvariëteitkorpus, naamlik die *VivA-Wetenskapsafrikaanskorpus 1.0*. Hierdie korpus sal kort ná die verskyning van hierdie artikel beskikbaar wees op die Virtuele Instituut vir Afrikaans (https://viva-afrikaans.org/i) se Korpusportaal-platform.[6]

Uiteraard was die tydperk wat in die bestekopname gedek is, naamlik 2004 tot 2018, bepalend vir die omvang van hierdie korpus. Die oogmerk by die aanvang van die ontwikkelingsproses in 2019 was om ’n korpus van heel resente tekste daar te stel. Sedertdien het heelwat tyd egter verloop. Veral die COVID-19-pandemie het die korrespondensie met redaksies of instansies vertraag. In toekomstige weergawes van die korpus sou hierdie tydperk uitgebrei kon word om sowel ouer as resenter artikels in te sluit. Uitbreiding om artikels uit vroeëre jare op te neem, sou weliswaar gekompliseer word deur gedeeltelike beskikbaarheid van digitale teksweergawes, wat sou noodsaak dat heelwat artikels uitgelaat word of dat geskandeerde weergawes met programmatuur vir optiese karakterherkenning (OKH) verwerk sal moet word.

Ons verwag egter dat die aard van Wetenskapsafrikaans nie sodanig sou verander het sedert die 2004–2018-tydperk tot 2025 nie. Weergawe 1.0 van die *VivA-WAK* sou dus steeds verteenwoordigend wees van die gebruik van Wetenskapsafrikaans in die hede en onlangse verlede en kan vir navorsers bruikbaar wees. ’n Logiese uitsondering hierop is leksikale ontwikkelings soos terme wat verband hou met die COVID-19-pandemie of met die toenemende prominensie van kunsmatige intelligensie.

[6] Belangstellende navorsers kan per e-pos aan navraag@viva-afrikaans.org ’n versoek rig om in kennis gestel te word wanneer die *VivA-WAK 1.0* op VivA-Korpusportaal beskikbaar sal wees.

3.1 Samestelling van VivA-WAK 1.0

Van die 4 805 artikels in 69 tydskrifte wat met die bestekopname in §2 geïdentifiseer is, kon toestemming bekom word vir die opname van 3 066 artikels in 37 tydskrifte. Hierdie opname van artikels wat in die bestekopname geïdentifiseer is, word in **Figuur 5** hier onder gevisualiseer.



Figuur 5: *Totale verteenwoordiging van Afrikaanstalige artikels wat in die bestekopname geïdentifiseer is, se opname in* VivA-WAK 1.0

Die *VivA-WAK 1.0* verteenwoordig nagenoeg 64% van alle geïdentifiseerde Afrikaanstalige geakkrediteerde vaktydskrifartikels gepubliseer tussen 2004 en 2018. Die kronologiese verteenwoordiging word hier onder in **Figuur 6** grafies voorgestel.



Figuur 6: *Verteenwoordiging van Afrikaanstalige artikels wat per jaar in die bestekopname geïdentifiseer is, se opname in* VivA-WAK 1.0

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a5

Soos hierdie voorstelling aandui, bied die *VivA-WAK 1.0* 'n sterker verteenwoordiging van die eerste jare van die bestekopname se 2004–2018-tydperk as van die latere jare. Die gemiddelde verteenwoordiging vir die drie vyfjaarperiodes van dié tydperk is naamlik 67,9% vir 2004–2008, 62,0% vir 2009–2013 en 60,8% vir 2014–2018. Die moontlike redes en betekenis van hierdie afname word in §3.2 bespreek.

3.2 Korrespondensie oor toestemming vir opname

Met die oog op die opname van artikels in 'n korpus bestem vir die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) se Korpusportaal was dit nodig om een van twee tipes formele toestemming te verkry of vas te stel. Enersyds is daar vir 19 tydskrifte met die betrokke redaksie of uitgewer 'n dataooreenkoms aangegaan wat aan VivA die nodige gebruiksregte toestaan om die artikels in *VivA-WAK 1.0* op te neem. Andersyds is vir 18 verdere tydskrifte gebruik gemaak van 'n bestaande geldige gebruikslisensie, meestal 'n geskikte Creative Commons-lisensie (Creative Commons, 2024), wat uit die staanspoor voorsiening maak vir gebruik soos die opneem van artikels in die *VivA-WAK 1.0*.

Die grootste uitdaging by die saamstel van ons korpus was die korrespondensie met tydskrifredakteurs en -uitgewers oor tydskrifte waarvoor daar nie 'n geskikte gebruikslisensie bestaan nie en daar dus van nuuts af 'n dataooreenkoms gesluit sou moes word. Dit het ongelukkig geblyk dat die webwerwe van talle tydskrifte in wisselende mate verouderd is. Talle webwerwe sou byvoorbeeld 'n vorige redakteur(s) of kontakpersoon lys in stede van die huidige. In sommige gevalle het sodanige voormalige betrokkenes spoedig per e-pos geantwoord met die kontakbesonderhede van die huidige redakteur of kontakpersoon of het hul ons korrespondensie na die relevante persone aangestuur. In ander gevalle het die gelyste e-posadres of kontaknommer egter nie meer bestaan nie, is geen antwoord ontvang nie of het 'n vorige redakteur of kontakpersoon nie geweet wie die huidige redakteur is nie.

Die meeste redakteurs of uitgewers van onafhanklike tydskrifte het onmiddellik hul bereidheid aangetoon om 'n dataooreenkoms met VivA aan te gaan. In sulke gevalle kon spoedig voortgegaan word met die aflaai, omskakeling en verwerking van die betrokke artikels. Enkele tydskrifredakteurs het egter aangedui dat hulle met hul redaksierade moes konsulteer alvorens toestemming geformaliseer kon word. Waar sommige redakteurs of redaksierade kommer uitgespreek het oor moontlike risiko's verbonde aan die opneem van tydskrifte, is verdere korrespondensie gevoer (byvoorbeeld om die streng gebruiksvoorwaardes van die dataooreenkoms verder uit te lê of opnuut te benadruk). Ná hierdie verdere korrespondensie het die redaksierade in die meeste gevalle dan wel toestemming verleen dat 'n dataooreenkoms aangegaan mag word.

Die grootste uitdaging betreffende korrespondensie met die oog op dataooreenkomste was egter dat die meerderheid tersaaklike tydskrifte nie (meer) onafhanklik gepubliseer word nie, maar onder 'n instansie soos 'n universiteit of (universiteits)uitgewer ressorteer (vergelyk weer §2.2.3). Soos reeds bespreek is, het dit uiteindelik geblyk dat 44 van die 69 bruikbare tydskrifte tans deur 'n instansie gepubliseer word waarmee 'n dataooreenkoms aangegaan sou moes word.

'n Vertragende faktor ten opsigte van die korrespondensie met verskeie tydskrifte/uitgewers was onduidelikheid of 'n dataooreenkoms op tydskrifredaksievlak of deur die betrokke instansie geteken moes word. Ook was daar dikwels by instansies onsekerheid oor watter departement of individu oor die nodige gesag daarvoor beskik het. Verder het 'n vinnige omset van personeel – moontlik verbandhoudend met die COVID-19-pandemie sedert 2020 – beteken dat korrespondensie dikwels gesloer het en van voor af begin moes word met nuwe rolspelers.

Enkele instansies was huiwerig om die voorgestelde dataooreenkoms te onderteken. Hoewel instansies in laasgenoemde gevalle uitgenooi is om wysigings aan die dataooreenkoms voor te stel, is daar nie wysigingsvoorstelle ontvang nie. 'n Enkele instansie het ontvangs van ons meerdere skrywes erken en na die betrokke besluitnemende individu aangestuur, maar daar is nog nie sedertdien 'n antwoord – instemmend of andersins – ontvang nie. Dit is jammer dat daar dus in hierdie geval 'n onuitgesproke onwilligheid blyk te wees om aan die projek deel te neem en data te deel, sonder dat daar egter hoegenaamd hieroor gesprek gevoer wil word.

Tot op hede kon om een of meerdere van hierdie redes nie met die instansies AOSIS, JUTA, LitNet, KovsieJournals, UNISA of SUNJournals ooreenkomste aangegaan word nie. Slegs enkele tydskrifte van hierdie uitgewers kon desondanks by weergawe 1.0 van die *VivA-WAK* opgeneem word, en wel deur middel van geskikte bestaande gebruikslisensies of dataooreenkomste wat direk met tydskrifredaksies aangegaan is.

Die feit dat daar nie met al die nodige instansies dataooreenkomste aangegaan kon word nie, het tot gevolg dat 'n korpus waar gepoog word om die wetenskaplike ondersoek van Wetenskapsafrikaans as gebruiksvariëteit moontlik te maak, nie omvattend en volledig verteenwoordigend is van hierdie variëteit vir die afgebakende tydperk nie. Dit kon andersins met minstens 13 miljoen woorde vergroot gewees het.

Ons vind dit uiters jammer dat, ten spyte van sommige van hierdie akademiese tydskrifte se strewe om Afrikaans as wetenskapstaal te bevorder of ooptoegangmateriaal beskikbaar te stel, daar faktore is wat verhoed het dat hierdie data ingesluit kon word. Ons hoop dat hierdie hindernisse (wat onder meer onwilligheid, onkunde, kontraktuele beperkinge en personeelkapasiteit kan insluit – wat ook al die rede mag wees) in die nabye toekoms oorkom kan word, sodat die betrokke data bygevoeg kan word vir 'n vollediger taalkundige ondersoek van Wetenskapsafrikaans.

3.3 Die verwerking van artikels

Nadat die nodige toestemming verkry is vir die opneem van artikels uit 'n bepaalde tydskrif, kon voortgegaan word met die verkryging en verwerking van alle elektroniese artikelkopieë wat in die korpus opgeneem sou kon word. Die eerste stap hierby was die aflaai van die artikels wat op die tersaaklike publikasieplatforms beskikbaar is (hoofsaaklik in PDF-formaat), en die omskakeling van PDF-weergawes van artikels na txt-formaat, wat later gemaklik omgeskakel kon word na xml-formaat en verder tot korpus verwerk kon word. Daar is vernaam van 'n skrip van die Noordwes-Universiteit se Sentrum vir Tekstegnologie (CTexT) gebruik gemaak hiervoor. Hoewel die oorgrote meerderheid artikels geen probleme opgelewer het nie, moes daar by enkele artikels besluit word oor die sinvolheid daarvan om handmatig swak omgeskakelde teks te verbeter. Veral by die enkele PDF's wat nie die digitale teks van artikels bevat het nie maar onverwerkte skanderings van gedrukte artikels, moes besluit word of dit sinvol was om weergawes wat slegs gedeeltelik met OKH-programmatuur verwerk kon word, handmatig te verbeter.

Vir die *VivA-WAK 1.0* is die volgende verwerking van die artikels uitgevoer, met dien verstande dat verdere verwerking tot volgende weergawes van die korpus kan lei, moontlik ook met die insette van navorsers wat die korpus op bepaalde maniere wil benut. Ten eerste is die tekste meer bruikbaar gemaak deur metadatavoet- en eindnote, kop- en voetteks (soos bladsynommers) asook bronnelyste te verwyder. Indien sulke inligting wel bruikbaar kan wees vir bepaalde doeleindes, sou dit in die toekoms ingesluit en as subkorpusse geëtiketteer kon word.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a5

Ten tweede is die tekste van metadata voorsien sodat soekopdragte uitgevoer kan word per tydskrif, outeur of jaar van publikasie. Ten derde is daar ’n onderskeid getref tussen vyf afdelings van elke teks wat as vyf subkorpusse vertoon op VivA-Korpusportaal, te wete (i) die Afrikaanstalige opsomming, (ii) die inleiding, (iii) die navorsingsontwerp, (iv) die besprekingsgedeeltes en (v) die afloop.[7] Onder “inleiding” word verstaan daardie gedeeltes van ’n artikel wat die navorsingsontwerp en die bespreking voorafgaan – wat in die meeste gevalle onder die opskrifte “Inleiding” of “Kontekstualisering” aangebied word of die eerste afdeling van ’n artikel uitmaak, maar by sommige artikels oor meerdere afdelings strek, terwyl die eerste afdeling van ander artikels reeds meer as ’n suiwer inleidende gedeelte insluit. Onder die navorsingsontwerp word verstaan dié gedeeltes van ’n artikel wat gewoonlik onder ’n opskrif soos “Metodologie” of “Metode van ondersoek” tuisgebring word. Veral by geesteswetenskaplike vakgebiede of artikels met ’n kwalitatiewe navorsingsontwerp is die navorsingsontwerp egter geïntegreer by die inleidende of ander gedeeltes. Vir die navorsingsontwerp-subkorpus van ons korpus word daarom volstaan met artikels wat uitdruklik so ’n afdeling onderskei.

By die identifisering van hierdie afdelings is daar getrag om weg te stuur van interpretasie. Die mate van variasie – nie alleen by geesteswetenskaplike of kwalitatiewe artikels nie, maar ook by die sogenaamde “harde wetenskappe” of streng kwantitatiewe artikels – maak dit onmoontlik om, byvoorbeeld, telkens die eerste afdeling as die inleiding te eien en die laaste afdeling as die slot. Om noukeurig vir elke artikel die genoemde afdelings te identifiseer, sou besonder tydrowend en duur wees. ’n Groter uitdaging sou wees dat die navorser se interpretasie hierby in ongewoon hoë mate ’n invloed sou uitoefen op die samestelling van die subkorpusse en van enige navorsing wat op grond daarvan uitgevoer word. ’n Stel genuanseerde riglyne is gevolglik saamgestel en gevolg by die verwerking van alle artikels.

Dit is ook vanweë die ryk variasie wat betref die volgorde en aanbieding van die afdelings inleiding, navorsingsontwerp, bespreking en afloop dat daar teen die rekenaarmatige outomatisering van hierdie proses besluit is. Dit het naamlik ’n onproduktiewe werkswyse geblyk, aangesien elke moontlik programmeerbare reël heelwat uitsonderings opgelewer het.

Laastens word die gebruiklike verwerking wat betref woordetikettering op die korpus toegepas, alvorens die korpus op VivA-Korpusportaal beskikbaar gestel sal word.

3.4 VivA-Korpusportaal

Die VivA-Korpusportaal is ’n platform waar ’n groeiende versameling Afrikaanse korpora gehuisves word, en waarop navorsers kragtige korpussoektogte kan uitvoer (sien VivA, 2025). Daar is drie vlakke van toegang tot VivA se Korpusportaal, naamlik OOP, OMVATTEND en EKSKLUSIEF.

Korpora op VivA-Korpusportaal se OOP-vlak is vrylik beskikbaar aan alle VivA-gebruikers vir navorsingsdoeleindes. Tans word slegs een korpus op hierdie vlak (Oop 1.1) gehuisves, naamlik die *NCHLT- Afrikaanse korpus 1.1*, wat ’n versameling regeringsdokumente van die onderskeie webblaaie en elektroniese publikasies van die Suid-Afrikaanse regering is.

Toegang tot korpora op VivA-Korpusportaal se OMVATTEND-vlak is beperk tot bona fide-navorsers. Navorsers kan toegang verkry tot hierdie korpora deur ’n aanlyn aansoekvorm

[7] Die besonderhede van die gefinaliseerde subkorpusverdeling van die *VivA-WAK* sal op VivA-Korpusportaal se kolofon beskikbaar wees wanneer die korpus gepubliseer is.

te voltooi en in te dien. Die volgende korpora is op hierdie vlak (Omvattend 2.4) vir navorsers beskikbaar:

- Afrikaanse Leipzig-korpus 1.5: 'n Subversameling van die Leipzig-korpus (Leipzig Corpora Collection) vir Afrikaans tot en met 2020. © 2020 Abteilung Automatische Sprachverarbeitung, Universität Leipzig.
- NWU/Lapa-korpus 1.1: Korpus van Afrikaanse boeke gepubliseer deur Lapa Uitgewers.
- PUK/Protea Boekhuis-korpus 2.1: Korpus van Afrikaanse boeke gepubliseer deur die uitgewer Protea Boekhuis.
- Taalkommissie-korpus 1.1: 'n Gestratifiseerde korpus soos gebruik deur die Afrikaanse Taalkommissie bestaande uit 'n verskeidenheid genres en domeine, insluitende: wetenskaplike tydskrifte, koerante, letterkundige werke, informele en formele skryfstukke.
- VivA/ATKV-Taalgenootkorpus 1.0: 'n Versameling tydskrifartikels van die ATKV se spogpublikasie – *Taalgenoot* – vanaf 2021–2023.
- VivA/ATKV-Tienertoneelkorpus 1.2: 'n Versameling toneelstukke wat vir die ATKV-Tienertoneelkompetisie ingeskryf is. Huidige versameling sluit 2024 se inskrywings in.
- VivA-FAK-korpus 1.1: 'n Korpus van die FAK se spogpublikasie – *Flink* – vanaf 2017-2023.
- VivA/Maroela Media-korpus 1.2: 'n Versameling nuusartikels en blogs soos gepubliseer op die mediahuis, Maroela Media, se webtuiste vanaf Oktober 2023 tot Oktober 2024.
- VivA/RSG-nuuskorpus 1.2: 'n Versameling nuusbulletins vanaf 13 April 2011 tot en met 31 Oktober 2024 soos uitgesaai op Radio Sonder Grense en gepubliseer op hulle webtuiste.
- VivA-Blogkorpus 1.1: 'n Versameling van VivA se blogs, soos gepubliseer op viva-afrikaans.org.
- VivA-Spraakkorpus 1.0: Transkripsies van uittreksels uit 'n verskeidenheid nagelate spraakkorpusse, gerangskik in subkorpusse per projek.
- VivA-Uitgewerskorpus 1.1: 'n Korpus van Afrikaanse kortverhale gepubliseer deur VivA-Uitgewers.
- Wikipedia- Afrikaanse korpus 1.6: 'n Versameling dokumente van die onderskeie webblaaie beskikbaar op die Afrikaanse weergawe van Wikipedia soos op einde Augustus 2022.

Korpora op VivA-Korpusportaal se EKSKLUSIEF-vlak is slegs beskikbaar aan bona fide-navorsers wat kan aantoon dat die korpora vir 'n spesifieke projek benodig word, en daar moet deur die voltooiing van 'n aanlyn aansoekvorm aansoek gedoen word om die korpora op hierdie vlak te gebruik. Tans is daar twee korpora op hierdie vlak (Eksklusief 2.0) beskikbaar:

- VivA/THT-korpus 1.0: 'n Versameling van historiese korpora wat deur die Tracing History Trust getranskribeer is.
- VivA/Bethuli-dagboek-korpus 1.0: 'n Versameling van dagboekinskrywings wat deur die Oorlogsmuseum in Bloemfontein getranskribeer is.

Aangesien *VivA-WAK 1.0* 'n korpus is wat uitsluitlik vir taalkundenavorsing beskikbaar gestel sal word, en dit ook só in die dataooreenkomste met die tydskrifte en uitgewers gespesifiseer

word, sal dié korpus slegs op die VivA-Korpusportaal se OMVATTEND-vlak beskikbaar gestel word.[8]

4. Die bruikbaarheid van die bestekopname en *VivA-WAK 1.0*

Die bestekopname van Afrikaanse artikels wat in geakkrediteerde vakwetenskaplike tydskrifte gepubliseer is tussen 2004 en 2018 (sien weer §2), verskaf bruikbare inligting oor die mate waartoe Afrikaans as wetenskapstaal ingespan is in die onlangse verlede. As sodanig sou dit as ’n aanduiding kon dien van tydskrifte of instansies wat erken behoort te word vir die geleenthede wat hulle daarstel vir navorsing in Afrikaans. Ook sou daar afgelei kon word welke vakgebiede van die Afrikaanse akademiese wetenskapsbedryf lewenskrag toon, en waar daar leemtes bestaan en moontlik investering en aanmoediging nodig is.

Ons het algaande in hierdie artikel die beperkinge van die bestekopname in §2 en van weergawe 1.0 van die VivA-Wetenskapsafrikaanskorpus aangedui. Daar is egter ook aangetoon dat die grootste gedeelte van die gepubliseerde artikels wat in die tydperk 2004 tot 2018 verskyn het, wél in *VivA-WAK 1.0* opgeneem is, en dat ons van mening is dat hierdie korpus van besondere nut kan wees vir Afrikaanse taalnavorsers, maar ook vir ander navorsers. Só ’n korpus kan byvoorbeeld nuttig wees vir die volgende doelwitte:[9]

- **Die sistematiese ondersoek na akademiese taalgebruik en styl:** Die studie van kenmerkende Afrikaanse skryfstyl en taalgebruik in akademiese artikels oor verskillende dissiplines heen kan van groot waarde wees vir die vakgebied van akademiese geletterdheid. Dit bied insig in hoe studente beter kan leer om in ’n akademiese konteks te funksioneer, wat die skryf van akademiese tekste, die ontwikkeling van ’n begrip vir die akademiese register en die vereistes en verwagtinge rakende taalgebruik, struktuur, en argumentering in verskeie vakgebiede, insluit.
- **Die ontwikkeling van vakterminologie**: Leksikograwe kan die korpus gebruik om nuwe of ontluikende vakterme en spesialisterminologie te identifiseer en te ontwikkel, wat sou bydra tot die uitbreiding van tegniese woordeskat in Afrikaans.
- **Die beskrywing van taalverandering in formele kontekste**: Navorsers kan die korpus gebruik om taalverandering in akademiese skryfstyl en vakgebied oor die verloop van jare te monitor, byvoorbeeld die invloed van nuwe sosiolinguistiese neigings of die gebruik van Engels in Afrikaanse akademiese tekste.
- **Die kontrastiewe analise van vaktaal oor dissiplines heen**: Vergelykende studies oor hoe vaktaal verskil tussen dissiplines kan met dié korpus gedoen word, wat nuttig sou wees vir vakspesifieke taalonderrig en taalbeleidformulering.
- **Die studie van taalpolitiek en ideologieë**: Die korpus (sowel as die meegaande bestekopname van Afrikaanse wetenskapspublikasies) kan gebruik word om diskursiewe patrone te analiseer wat ideologieë en taalpolitiek weerspieël, soos hoe Afrikaans en Engels afwisselend in die akademiese sfeer hanteer word.
- **Ontwikkeling van dissiplinespesifieke akademiese geletterdheidsmateriaal**: Die korpus kan gebruik word om riglyne te ontwikkel vir dosente en onderwysers in

[8] ’n Belangrike kenmerk van VivA se Korpusportaal is dat die beperkende koppelvlak navorsers verhoed om ’n volledige korpus of selfs ’n afsonderlike volledige teks af te laai. Dit is ’n gegewe wat ook in ons korrespondensie met tydskrifredaksies en instansies beklemtoon is.

[9] Hierdie lys van moontlike gebruike van *VivA-WAK 1.0* is uitgebrei en verfyn met behulp van ’n KI-taalmodel, naamlik ChatGPT-4 (OpenAI, 2024).

akademiese geletterdheid om studente beter te onderrig oor die spesifieke taalgebruik wat vereis word in verskillende akademiese velde.

- **Bestudering van taalnorme en standaardisering**: Die korpus kan gebruik word om die norme vir grammatikale en stilistiese standaardisering in akademiese Afrikaanse taal te identifiseer, wat bydra tot die ontwikkeling van stylgidsreëls vir akademiese publikasies.
- **Diskoersontleding**: Die analise van argumentatiewe strukture, retoriese strategieë en ander diskoersfunksies in akademiese artikels kan insig bied in die manier waarop navorsers hul idees struktureer en verwoord.
- Hierdie korpus kan bydra tot die **verbetering van Afrikaanse KI-tegnologieë**, deur:
  - **KI-gebaseerde taalverwerking te verbeter**: Deur masjienleer-modelle te voer met data uit ’n akademiese korpus, kan KI-tegnologieë akademiese teks meer akkuraat genereer, akademiese taaloutomatisering verbeter, en gevorderde teksontleding moontlik maak. KI kan geleer word om grammatika-, styl- en struktuurvoorstelle te maak spesifiek vir akademiese skryfwerk, gebaseer op korpusdata van goedgekeurde artikels.
  - **Die ontwikkeling van slim soek- en navorsingshulpmiddels**: KI-gebaseerde soekmasjiene kan die korpus gebruik om meer relevante en konteksgebaseerde navorsingsmateriaal voor te stel deur akademiese taal en vakterme te herken en te verwerk.
  - **Die verbetering van outomatiese teksopsomming en -herkenning**: KI-stelsels kan gebruik word om akademiese artikels doeltreffender saam te vat en belangrike argumente, resultate en metodologieë uit te lig, wat navorsers en studente kan help om vinniger toegang tot relevante inligting te kry.

5. Slot

In 1975 kon Brink (1975:16) tot die gevolgtrekking kom: “Op die vraag of ons voldoende publikasiemoontlikhede ten opsigte van die wetenskappe en tegnologie het, is die antwoord beslis ja – moontlik het ons te veel.” Na aanleiding van ons bestekname van gepubliseerde Afrikaanse artikels in geakkrediteerde tydskrifte vir die tydperk 2004 tot 2018, sowel as met die hulp van die gepaardgaande ontwikkelde VivA-Wetenskapsafrikaanskorpus 1.0, kan hierdie antwoord in 2025 hersien word. Dit het geblyk dat daar inderdaad in die onlangse verlede, spesifiek in die tydperk 2004 tot 2018, voldoende publikasiemoontlikhede ten opsigte van die beoefening van wetenskap in Afrikaans was.

Daar moet egter ook besin word oor die *aard* van hierdie publikasiemoontlikhede. Ons het aangetoon dat die publikasie van Afrikaanse artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte in die 2004–2018-tydperk toenemend geskied het by slegs enkele interdissiplinêre tydskrifte. Ook ressorteer die tydskrifte waarin gepubliseer is in dié tydperk toenemend by ’n handjievol instansies. Hierdie twee tendense gaan gepaard met ’n konsentrasie van mag oor die publikasiemoontlikhede vir Afrikaanse artikels.

Die ontwikkeling van die *VivA-WAK 1.0* het reeds getoon dat hierdie gegewe ’n nadelige effek kan uitoefen op navorsing in en oor Afrikaans, vir sover verskeie tydskrifte nie tot dusver in dié korpus opgeneem kon word nie. Die onwilligheid van enkele instansies om toestemming aan VivA te verleen vir die opneem van artikels het ’n beduidende beperkende effek op die uiteindelike samestelling van weergawe 1.0 van die *VivA-WAK* gehad – terwyl die meeste onderskeie tydskrifredaksies self egter positief was oor die opneem van artikels, maar nie

(meer) by magte is om sodanige toestemming te formaliseer nie. Dit is jammer dat van die instansies wat genooi is om wysigings aan die dataooreenkoms voor te stel, nie op ons versoeke geantwoord het nie; en dat ’n enkele instansie ontvangs van ons meerdere skrywes erken het en na die betrokke besluitnemende individu aangestuur het, maar geen verdere antwoord gegee het nie.

So ’n struikelblok vir korpussamestellers is ironies en val vreemd op in ’n tyd van digitale humaniora,[10] waar dit van die uiterste belang is dat (akademiese) instansies moet inkoop op die beskikbaarstel van data vir navorsing van dié aard, veral omdat onwilligheid in hierdie verband die einste persone wat in hierdie instansies se tydskrifte (wil) publiseer, te na kom. Daar kan verder besin word oor die beginsel dat enkele instansies en individue ’n groot invloed sou kon uitoefen op die redaksionele beleide wat die stylvoorkeure van ’n groot gedeelte van alle Afrikaanse artikels wat in geakkrediteerde tydskrifte gepubliseer word, bepaal. Hierdie kwessie is veral relevant indien instansies ’n invloed uitoefen op dít wat as geskik vir publikasie beskou word, of op die wyse waarop navorsing aangepak kan word. Verdere navorsing sou egter nodig wees om die werklike effek van hierdie beïnvloeding vas te stel.

Gegewe die ingrypend veranderde konteks waarin Wetenskapsafrikaans in 2025 gebesig word, 50 jaar ná Brink se artikel in 1975, dui die data wat in hierdie artikel bespreek is daarop dat Wetenskapsafrikaans in die onlangse verlede relatief lewenskragtig was. In hierdie opsig behoort enige kommer oor Afrikaans se posisie as wetenskapstaal met ’n mate van gerusstelling en dankbaarheid getemper te kan word.

BIBLIOGRAFIE

Alberts, M. 2024. Voorgestelde proses vir die hersiening en bywerking van vakwoordeboeke. *LitNet Akademies*, 21(2):251-287.

Breed, A & Bosman, N. 2024. An introduction to Afrikaans Linguistics: Contemporary Perspectives. In Carstens, WAM & Bosman, N (eds). *Afrikaans Linguistics: Contemporary Perspectives*. Cape Town: Sun Media, pp. 13-41.

Brink, C v d M. 1975. Waarom sou die wetenskaplike in Afrikaans publiseer? In *Afrikaans: Dit is ons erns*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, pp. 13-28.

Carstens, WAM & Raidt, EH. 2017. *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika. Biografie van ’n taal. Deel 1: Die Europese geskiedenis van Afrikaans*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Carstens, WAM & Raidt, EH. 2019. *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika. Biografie van ’n taal. Deel 2: Die Afrikageskiedenis van Afrikaans*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Conradie, J & Groenewald, G. 2017. Die Ontstaan en Vestiging van Afrikaans. In Carstens, WAM & Bosman, N (reds.). *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik, pp. 34-42.

Creative Commons. 2024. About CC Licenses. https://creativecommons.org/share-your-work/cclicenses/ [21 October 2024].

DHET. 2024. 2024-2025 DHET List of Accredited Journals. https://www.dhet.gov.za/Policy%20and%20Development%20Support/2024-2025%20DHET%20List%20of%20Accredited%20Journals.xls [13 July 2024].

Die Akademie van Wetenskap en Kuns. 1917. *Afrikaanse woordelijs en spelreëls*.

Greyling, F, Verhoef, S & Tempelhoff, G. 2020. Die Byderhand-Pionierprojek: ’n Gevallestudie van die deelnemende dinamika in die skep en toeganklikmaking van lokatiewe literatuur vir persone met siggestremdheid. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 60(4-2):1336-1362.

[10] Greyling, Verhoef en Tempelhoff (2020:1341) verskaf die volgende handige beskrywing van die digitale humaniora: “Digitale Humaniora is ’n vangnetbegrip vir die beskrywing van navorsing, projekte, publieke kommunikasie en onderrig by die kruising van digitale tegnologie en geesteswetenskaplike navorsing.”

Nienaber, GS. 1934. *Oor die Afrikaanse taal. 'n Bydrae oor sy ontwikkeling na aanleiding van enkele versterkingswyses*. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.

OpenAI. 2024. ChatGPT-4 (Versie 19 Oktober 2024). Navorsingsmoontlikhede van 'n taalkundige korpus van akademiese taal. https://chat.openai.com/chat [19 Oktober 2024].

Roux, AJA. 1975. Die uitbouing van Afrikaans as wetenskap-tegnologiese taal. In *Afrikaans: Dit is ons erns*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, pp. 3-12.

Steyn, JC. 2014 . *'Ons gaan 'n taal maak': Afrikaans sedert die Patriot-jare*. Pretoria: Kraal-Uitgewers.

VivA. 2025. Korpusportaal. http://korpus.viva-afrikaans.org/whitelab/explore/corpus [9 Januarie 2025].

Die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde as ’n vakdissipline

The development of Afrikaans linguistics as an academic discipline

Adri Breed
Skool vir Tale
Noordwes-Universiteit
Suid-Afrika
E-pos: Adri.Breed@nwu.ac.za

Adri Breed

Adri Breed, ’n NNS-gegradeerde navorser, is ’n medeprofessor in beskrywende Afrikaanse taalkunde aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. Sy spesialiseer in sintaksis en semantiek, met ’n besondere fokus op die konstruksionalisering van Afrikaans en ander Wes-Germaanse konstruksies. Sy voltooi vyf grade aan die NWU, insluitende ’n graad in Bedryfskommunikasie (BBk – 2005), ’n graad in Teologie met Antieke Tale (BTh Tale – 2005), ’n Honneursgraad in Afrikaanse Taalkunde (BA Hons – 2007), ’n Magistergraad in Afrikaanse Letterkunde (MA – 2007), en ’n PhD in Afrikaanse Taalkunde (2012). Gedurende haar doktorale studie spandeer sy ongeveer tien maande aan die Universiteit van Antwerpen, België. Sy is tans die Adjunkdirekteur van die Skool vir Tale (Potchefstroomkampus) aan die NWU. Adri is een van die outeurs en moderators van Taalportaal (www.taalportaal.org) en het as eindredakteur vir die Afrikaansgrammatika van die Virtuele Instituut vir Afrikaans gedien (2020–2024).

Adri Breed, an NRF-rated scholar, is an Associate Professor of Afrikaans Descriptive Linguistics at North-West University’s Potchefstroom Campus. She specialises in syntax and semantics, with a particular focus on the constructionalisation of Afrikaans and other West Germanic constructions. She holds five degrees from NWU, including a degree in Business Communication (BBk – 2005), a degree in Theology with Languages (BTh Languages – 2005), an Honours degree in Afrikaans Linguistics (BA Hons. – 2007), a Master’s degree in Afrikaans Literature (MA – 2007), and a PhD in Afrikaans Linguistics (2012). During her doctoral studies, she spent approximately ten months at the University of Antwerp, Belgium. She is currently the Deputy Director of the School of Languages (Potchefstroom Campus) at NWU. Adri is one of the authors and moderators of Taalportaal (www.taalportaal.org) and served as the editor-in-chief for the Virtual Institute for Afrikaans’s Afrikaans Grammar (2020–2024).

Datums:
Ontvang: 2024-09-18 Goedgekeur: 2025-01-05 Gepubliseer: Maart 2025

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a6

ABSTRACT

The development of Afrikaans linguistics as an academic discipline

The development of Afrikaans linguistics as a scientific field has been documented in various sources, but the majority of these were published over thirty years ago. In an attempt to provide a more accurate assessment of the evolution of Afrikaans linguistics into a contemporary field, an updated description is needed that outlines recent progress, challenges, and the current status of this discipline. The aim of this article is to provide a diachronic overview of the development of Afrikaans linguistics from its inception to the present day.

The greater part of the research outlined in this article consists of a literature review involving various sources, and exploring different perspectives to the development of Afrikaans linguistics. A diachronic perspective traces the historical progression of the field; a canonical approach highlights key publications and influential linguists who had made significant contributions; and a thematic approach focuses on various sub-disciplines and areas within Afrikaans linguistics. My aim in this article is to synthesise these different perspectives from various sources while simultaneously tracing the development of Afrikaans linguistics from the 17th century to the present.

GS Nienaber's (1934) book Oor die Afrikaanse taal: 'n Bydrae oor sy ontwikkeling na aanleiding van enkele versterkingswyses *(On the Afrikaans Language: A contribution to its development based on some reinforcement methods) is the earliest comprehensive source providing an historical overview of the development of Afrikaans linguistics. Published nearly a century ago, this book describes the establishment of Afrikaans linguistics as a distinct field of study. Nienaber (1934:22-23) suggests that the growth of Afrikaans linguistics reflects the evolution of Afrikaans as a language, which, according to him, can be categorised into four phases up to 1930: (i) 1657 to 1775, (ii) 1775 to 1875, (iii) 1875 to 1900, and (iv) 1900 to "today" (referring to the publication date of the book). Nienaber's timeline ends around 1940, and in this article, I argue that three additional phases in the development of Afrikaans can be identified: (v) 1940–1994, (vi) 1994–2005, and (vii) 2005 to the present.*

The first phase (1657–1775) represents the formative years of Afrikaans, a period during which differences between Dutch used in the Cape Colony and Dutch used in Europe began to become noticeable. The available sources from this period shedding light on the history of the development of Afrikaans are mainly reports used by Dutch officials in the Cape Colony and other communities, including the language spoken by enslaved individuals during the colonial era, and texts written during this period by the coloured community of the Western Cape.

In the second phase (1775–1875), a burgeoning Afrikaans language identity can be observed, with growing interest in Afrikaans, likely due to the British authorities' emphasis on anglicisation during this period. Some sources, such as Changuion's (1844) book De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika *(The Dutch Language in South Africa) and Lichtenstein's (1811)* Reisen im Südlich Afrika in den Jahren 1803, 1804, 1805 und 1806 *(Travels in South Africa in the Years 1803, 1804, 1805, and 1806) describe unique Afrikaans words and expressions. These are representative of the beginning of linguistic research focusing specifically on Afrikaans as an object of study.*

In the third phase (1875–1900), the first real documentation of Afrikaans occurs. This period sees speakers of the language gradually becoming aware of the language and the origin of a separate, autonomous, and recognised language. Such language awareness directly led to the so-called "first Afrikaans language movement," particularly realised through the establishment of the Genootskap van Regte Afrikaners *(GRA).*

According to Nienaber (1934:22-23), the fourth phase (1900–1940) marks the real beginning of Afrikaans linguistics as a distinct field of study – and not merely a subset of Dutch or Germanic studies. This period also saw the so-called "second language movement", with a number of important grammar sources appearing that discuss the structure of the Afrikaans language. These sources have served as standard linguistic works on Afrikaans for many years.

Phase five (1940–1994) can be seen as the institutionalisation of Afrikaans linguistics, marking the period when systematic linguistic studies, both in and about Afrikaans were initiated, indicating a new phase in the development of Afrikaans linguistics. During the period 1940–1994 South Africa was characterised by significant socio-political changes, including the implementation of Apartheid, a system of institutional racial segregation that lasted from 1948 until the early 1990s, and the subsequent transition to a new democratic government in 1994. With the advent of the National Party's coming into power in 1948, concrete efforts were made at the national level to promote Afrikaans as a spoken, cultural, and official language. Therefore, this was a period in which various normative sources addressing issues of "language purity," as well as comprehensive sources outlining various aspects of Afrikaans's grammatical structure, emerged.

In the course of the sixth phase (1994–2005), the publication of academic research concerning Afrikaans linguistics sharply declined. This contrasts markedly with the growth and flourishing of Afrikaans linguistics from 1940 to 1990. During the latter period Afrikaans enjoyed a privileged status under the National Party government which ruled from 1948 to 1994. Nonetheless, several changes in the development of Afrikaans linguistics can be observed during the sixth phase, namely the increase of female researchers in the Afrikaans linguistic community as well as the emergence of cognitive linguistics as a new area of study within Afrikaans linguistics.

The kind of linguistic research practised in the past two decades, namely the seventh phase of the development of Afrikaans linguistics (2005–2024), is characterised by a very specific expansion within Afrikaans linguistics, namely research that utilises techniques typical of Digital Humanities. This is not only research conducted by using digital tools but it also reflects a shift of linguistic resources from printed media to digital media. Characteristic of this period is the development of two comprehensive electronic grammars, namely Taalportaal *and the* VivA Afrikaans Grammar. *In the seventh phase of the development of Afrikaans linguistics, linguists thus employ both traditional and digital methods. A new generation of young researchers, particularly focusing on computer-based research, is emerging and unlocking new areas within the field.*

KEYWORDS: Afrikaans linguistics, language development, diachronic perspective, bibliometric research methods, digital bibliography

TREFWOORDE: Afrikaanse taalkunde, taalontwikkeling, diachroniese perspektief, bibliometriese navorsingsmetodes, digitale bibliografie

OPSOMMING

Die ontwikkeling van Afrikaanse taalkunde as wetenskaplike vakgebied is goed gedokumenteer, maar die meeste bronne hieroor is meer as dertig jaar oud. Hierdie artikel bied vanuit 'n diachroniese perspektief 'n bygewerkte beskrywing van die vakgebied se ontwikkeling. Dit verken ook sleutelpublikasies, invloedryke bydraers en subdissiplines binne die Afrikaanse taalkunde. Nienaber (1934) beskryf vier fases, naamlik (i) die vormingsjare van Afrikaans

(1657–1775), (ii) die ontluiking van ’n Afrikaanse taalidentiteit (1775–1875), (iii) die dokumentering van Afrikaans as taal (1875–1900), en (iv) die vestiging van Afrikaanse taalkunde as ’n aparte studieveld (1900–1940). Drie verdere fases word by Nienaber se indeling gevoeg, naamlik (v) die institusionalisering van Afrikaanse taalkunde (1940–1994), (vi) ’n afname in publikasies, maar ’n opbloei van nuwe subdissiplines en die deelname van vroulike taalkundiges aan die vakgebied (1994–2005), en (vii) die digitalisering en internasionalisering van die vakgebied (sedert 2005).

1. Inleiding

Die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde[1] as wetenskaplike vakgebied is in verskeie bronne gedokumenteer, maar die meerderheid hiervan is meer as dertig jaar gelede gepubliseer. Om ’n goeie beeld te vorm van die evolusie van die Afrikaanse taalkunde tot die hedendaagse vakgebied, moet ’n bygewerkte beskrywing verskaf word wat die meer onlangse vooruitgang, uitdagings en die huidige status van hierdie vakdissipline weerspieël.

Só ’n onderneming word op tweeledige wyse deur Breed en Bosman (2024:13-33) aangepak. Eerstens bied die skrywers ’n omvattende literatuuroorsig van ’n aantal ouer kernbronne aan wat die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde beskryf. Hierdie oorsig bied ’n bondige samevatting van die historiese ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde soos aangeteken in gepubliseerde bronne, met spesifieke fokus op sleutelgebeure en mylpale tot aan die einde van die 20ste eeu. Tweedens, om die stand van die Afrikaanse taalkunde in die 21ste eeu te beskryf, voer hulle ’n bibliometriese analise[2] uit van die bronne wat in die Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Taalkunde (DBAT)[3] gekatalogiseer is. Die eerste gedeelte van hul bespreking het dus ’n diachroniese fokus, wat strek van ongeveer 1650 tot 1999, terwyl die tweede gedeelte ’n sinchroniese fokus het wat uitsluitlik op die Afrikaanse taalkundekonteks vir die afgebakende tydperk van 2000 tot 2020 gerig is.

---

1 “Afrikaanse taalkunde” verwys na die wetenskaplike studie van die Afrikaanse taal as studieonderwerp. Hierdie vakgebied sluit die ontwikkeling van Afrikaans as ’n onafhanklike taal in, en word ondersoek vanuit verskeie perspektiewe: (1) ’n diachroniese perspektief, wat fokus op die historiese ontwikkeling en ontstaan van Afrikaans; (2) ’n beskrywende perspektief, wat die grammatikale strukture en konstruksies van die taal analiseer; en (3) ’n toegepaste perspektief, wat die gebruik en toepassing van die taal in praktyk, soos in taalonderrig, kommunikasie of tegnologie, ondersoek.

2 Bibliometriese navorsingsmetodes poog om navorsingsuitsette te meet en te ontleed (Van Doorslaer, 2016:168), met behulp van bibliografiese inligting as hul primêre databron (vergelyk Dong & Chen, 2015:1112). Volgens Kotzé (2020:46) en Kotzé en Wierenga (2021:4) kan navorsers hierdie metode gebruik om verskeie veranderlikes, soos publikasietellings, te oorweeg en akademiese literatuur en die impak daarvan kwantitatief te bestudeer.

3 Die Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Taalkunde (DBAT) is ’n omvattende databasis van materiaal rakende Afrikaanse taalkunde, wat deur die Vakgroep Afrikaans en Nederlands van die Noordwes-Universiteit in Suid-Afrika begin is en steeds onderhou word. Die DBAT bevat tot op hede meer as 18 000 gekatalogiseerde bronne, waarvan ’n groot gedeelte ook digitaal toeganklik is deur skakels op die platform. Navorsers kan die DBAT gebruik om ’n wye verskeidenheid Afrikaanse taalkundige bronne direk en elektronies te verkry, van vroeë 18de-eeuse werke tot onlangse publikasies. Hoewel die bibliografie weekliks bygewerk word, is volledigheid nie gewaarborg nie, aangesien dit afhang van data wat die projekspan deur beskikbare navorsingskanale kan bekom. Die omvang van die DBAT word ook beïnvloed deur die vakgroep se personeelkapasiteit en beskikbare finansiële hulpbronne tydens ’n bepaalde tydperk (sien ook Breed, Carstens & Olivier, 2017 vir ’n verdere beskrywing van hierdie hulpbron).

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a6

Hoewel Breed en Bosman (2024:13-33) 'n oorsigtelike beeld bied van die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde oor die afgelope vier eeue (van ongeveer 1650 tot 2020), identifiseer hulle 'n leemte in hul bespreking wat verband hou met die tweeledige benadering wat hulle gevolg het. Aangesien die tweede deel van hul benadering, wat fokus op die stand van die Afrikaanse taalkunde in die 21ste eeu, nie op 'n diachroniese wyse aangepak is nie, maar eerder op sinchroniese wyse fokus op die spesifieke akademiese publikasies van die tydperk 2000 tot 2020, is daar die moontlike uitsluiting van belangrike Afrikaanse taalkundiges wat aktief was rondom die draai van die eeu (met ander woorde, spesifiek taalkundiges wat navorsing oor Afrikaans gedoen het in die tydperk 1990 tot 2010).

Breed en Bosman (2024:32) dui verder ook aan dat verdere navorsing nodig is om bronne wat gedurende die draai van die eeu gepubliseer is, te ondersoek, en dat 'n diachroniese benadering hiervoor wenslik sou wees. So 'n hersiene benadering sal help om meer sleutelfigure en belangrike publikasies in die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde te identifiseer. Hulle merk byvoorbeeld op dat Barbara Bosch tussen 1984 en 2000 'n indrukwekkende 38 akademiese artikels oor Afrikaans gepubliseer het, maar sy word nie as 'n prominente taalkundige in enige van die bronne wat die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde bespreek, erken nie. Dít terwyl sy waarskynlik een van die belangrikste vroulike beskrywende Afrikaanse taalkundiges tot op hede is. Hulle stel voor dat dit daarom nodig is om die bibliografiese omvang van toekomstige navorsing oor die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde te verbreed om 'n meer genuanseerde begrip van hierdie ontwikkeling te verkry.

Die doel van hierdie artikel is derhalwe 'n heraanbieding van Breed en Bosman (2024),[4] maar hierdie aanbieding behels ook 'n aanvulling en uitbreiding wat ten doel het om die geïdentifiseerde leemte te vul. Dit sluit daarom die beligting van die rol van spesifieke Afrikaanse taalkundiges in die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde as vakgebied in, sowel as, anders as die benadering van Breed en Bosman (2024), 'n diachroniese beskrywing van die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde in die tydperk 1990 tot 2024.

Hierdie artikel, wat grotendeels 'n literatuuroorsig van verskeie bronne behels, inkorporeer elemente vanuit verskillende perspektiewe om die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde as vakgebied te verken. 'n *Diachroniese* perspektief volg die historiese vordering van die vakgebied; 'n *kanonieke* benadering beklemtoon sleutelpublikasies en invloedryke taalkundiges wat wesenlike bydraes gelewer het; en 'n *tematiese* benadering fokus op verskeie subdissiplines en gebiede binne die Afrikaanse taalkunde. Die doel is om hierdie verskillende perspektiewe vanuit verskeie bronne te sintetiseer terwyl die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde van die 17de eeu tot die hede beskryf word. Soortgelyk aan die werkwyse wat in Breed en Bosman (2024) gevolg word, word die ondersoek in hierdie artikel uitgevoer met behulp van 'n tweeledige metode, naamlik om eerstens 'n literatuuroorsig uit te voer van bronne wat die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde bespreek, en tweedens deur die omvattende lys van Afrikaanse taalkundebronne wat op die DBAT gekatalogiseer is, te analiseer.[5]

---

[4] 'n Gedeelte van Breed & Bosman (2024) is op versoek van die redakteurs van hierdie spesiale uitgawe vertaal na Afrikaans en met verdere inligting bygewerk tot 'n selfstandige artikel.

[5] Die doel van hierdie tweeledige metode is om 'n so genuanseerde en objektiewe beeld as moontlik van die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde te skets. Hierdie benadering het egter 'n leemte, aangesien dit nie rekening hou met die moontlike belangrike invloed van spesifieke individue (soos dosente wat taalkundeklasse in 'n universiteitskonteks aanbied), bepaalde vakgroepe, departemente, instellings of selfs spesifieke bronne op die ontwikkeling van die vakgebied nie. Verder is hierdie studie afgebaken tot die ontwikkeling van Afrikaanse taalkunde en bespreek dit nie die ontwikkeling van die Algemene Taalwetenskap in Suid-Afrika nie, hoewel laasgenoemde

2. ’n Tydlyn van Afrikaanse taalkunde: 1657–2024

GS Nienaber (1934) se boek *Oor die Afrikaanse taal: ’n Bydrae oor sy ontwikkeling na aanleiding van enige versterkingswyses* is die vroegste omvattende bron wat ’n historiese oorsig oor die ontwikkeling van Afrikaanse taalkunde bied. Dié boek, wat amper ’n eeu gelede gepubliseer is, beskryf die vestiging van die Afrikaanse taalkunde as ’n eiesoortige studieveld. Nienaber (1934:22-23) stel voor dat die groei van die Afrikaanse taalkunde die evolusie van Afrikaans as taal weerspieël, wat tot en met 1930 in vier fases gekategoriseer kan word: (i) 1657 tot 1775, (ii) 1775 tot 1875, (iii) 1875 tot 1900, en (iv) 1900 tot “vandag” (verwysend na die publikasiedatum van die boek). Terwyl Nienaber se tydlyn in 1934 eindig, gebruik Breed en Bosman (2024) sy klassifikasie as basis, maar brei hierdie ontwikkeling uit deur ’n vyfde fase wat strek van 1940 tot 1999 tot die ontwikkelingslyn van die Afrikaanse taalkunde te voeg.

Die skrywers dui egter aan dat daar ’n duidelike verandering te bespeur was in die ontwikkeling van Afrikaanse taalkunde met die aanbreek van ’n demokratiese Suid-Afrika: Die publikasie van bronne oor die Afrikaanse taalkunde het sedert 1994 skerp afgeneem, ná die verminderde status van Afrikaans as een van slegs twee amptelike landstale in Suid-Afrika tot een van 11 amptelike tale. Dit staan in skrille kontras met die groei en opbloei van die Afrikaanse taalkunde van 1940 tot 1990, waartydens Afrikaans van 1948 tot 1994 bevoorregte status onder die Nasionale Party-regering geniet het (Breed & Bosman, 2024:22, my vertaling – en sien ook Figuur 1 in §2.6).

Ek wil daarom Breed en Bosman (2024) se vyfde fase van ontwikkeling afbaken as ’n tydperk wat strek van 1940 tot 1994, en in die volgende afdelings (onder meer gebaseer op afleidings wat gemaak kan word vanuit die gekatalogiseerde bronne op die DBAT) argumenteer dat daar ook nog ’n sesde, en moontlik selfs ’n sewende, fase in die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde geïdentifiseer kan word.

2.1 1657–1775: Die vormingsjare van die Afrikaanse taalkunde

Nienaber (1934:22-23) verduidelik dat hierdie eerste tydperk as die “vormingsjare” van Afrikaans beskou kan word. Dit is ’n tydperk waarin verskille tussen die Nederlandse taalgebruik in die Kaapkolonie en die Nederlandse taalgebruik in Europa merkbaar begin word. Volgens Scholtz (1980:42) is dit moeilik om die taalgebruik van hierdie tydperk te bestudeer, aangesien daar ’n tekort is aan geskikte bronne wat hierdie vroeë vorm van die taal bespreek. Die beskikbare bronne uit hierdie tydperk wat lig werp op die geskiedenis van die ontwikkeling van Afrikaans, word tot twee kategorieë beperk: (a) verslae van die Nederlands wat deur die Nederlandse amptenare aan die Kaapkolonie en ander gemeenskappe gebruik is, insluitende die taal wat deur tot slaaf gemaakte individue tydens die koloniale era gepraat is, en (b) tekste wat in hierdie tydperk deur die bruin gemeenskap van die Wes-Kaap[6] geskryf is. Bronne soos Kolbe (1727) se *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede*

’n beduidende invloed op Afrikaanse taalkunde kon hê. Hierdie aspek sou in toekomstige navorsing ondersoek kon word.

6 Die term “coloured” word amptelik deur die Suid-Afrikaanse regering gebruik (sien STATSSA 2016) om hierdie groep te onderskei van die drie ander groot bevolkingsgroepe in Suid-Afrika (nl. swart, wit en Indiërmense), en die term “bruin” word as Afrikaanse vertaling van hierdie term verkies.

Hoop, Van Reenen (1791–1792) se *Kaapse joernaal*, en Mentzel (1785–1787) se *Beschreibung des ... Afrikanischen Vorgebirges der Guten Hofnung*, is bronne uit hierdie tydperk wat beskrywings bevat van die vroeë vorme van die ontluikende Afrikaans wat in hierdie koloniale tydperk gebruik is (vergelyk ook Molsbergen, 1916:139; Nienaber, 1934:3; Scholtz, 1980:42-44; Raidt, 1991:101-153; Ponelis, 1993).

2.2 1775–1875: Die ontluiking van 'n eie taalidentiteit

Volgens Nienaber (1934:22-23) het die verskuiwing van koloniale buiteposte gelei tot 'n uitbreiding van die Afrikaanssprekende taalgebied, en 'n taalbelangstelling het ontstaan by sowel die sprekers van die taal as by taalkundiges. Nienaber (1934) en Van der Merwe (1970) skryf albei die groeiende belangstelling in Afrikaans gedurende hierdie tydperk toe aan die Britse owerheid se klem op verengelsing. Wat taalkundebronne betref, beklemtoon Van der Merwe (1968:40; 1970:40) die belangrikheid van Antoine Nicolas Ernest Changuion se werk. Changuion (1844) se boek *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika* bevat byvoorbeeld 'n bylaag van 20 bladsye met Afrikaanse woorde en uitdrukkings. Lichtenstein (1811) se *Reisen im Südlichen Africa in den Jahren 1803, 1804, 1805 und 1806* word ook as 'n betekenisvolle bron uit hierdie era beskou, aangesien dit waardevolle beskrywings van die ontwikkelende Afrikaanse taal bied (vergelyk Nienaber, 1934:3).

2.3 1875–1900: Die eerste dokumentasie van Afrikaans

In die tydperk 1875–1900 was daar skynbaar 'n ontwaking van belangstelling in Afrikaans, sowel in die letterkunde as die taalkunde. Volgens Nienaber (1934:22) was dit in hierdie tyd dat die eerste werklike dokumentasie van Afrikaans as taal plaasgevind het, en dit was 'n tydperk waarin die sprekers van die taal geleidelik bewus geword het van die taal en die oorsprong van 'n aparte, outonome en erkende taal. Hierdie taalbewustheid het direk gelei tot die sogenaamde "eerste Afrikaanse taalbeweging" wat veral verwesenlik is deur die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA). Die totstandkoming van hierdie genootskap word in meer besonderhede in verskeie bronne bespreek (vergelyk byvoorbeeld Carstens & Raidt, 2019:318-330; Scholtz, 1980:6-15; Van der Merwe, 1970:54-63).

Ponelis (1989:31) verduidelik dat die werke van hierdie tydperk hoofsaaklik gefokus het op die beskrywing van die fonetiek en grammatika van die ontluikende Afrikaanse taal. Voorbeelde van hierdie beskrywings is SJ du Toit se *Eerste beginsels fan di Afrikaanse taal* van 1876 (in die bronnelys as Genootskap van Regte Afrikaners, 1882), asook sy *Fergelijkende taalkunde van Afrikaans en Engels* in 1887. Die skepping van woordelyste vir Afrikaans was ook 'n belangrike ontwikkeling, byvoorbeeld Kern se 1890-woordelys wat in 1971 in Van der Merwe se *Vroeë Afrikaanse woordelyste*[7] opgeneem is. Gedurende hierdie tydperk was die besprekings oor die gebruik van die ontwikkelende Afrikaanse taal in die Kaap nie net beperk tot die werke wat deur taalkundiges in Suid-Afrika geskep is nie, maar dit het ook normatiewe bydraes uit ander lande ingesluit. Een so 'n voorbeeld is Hoogenhout (1904) se *Lehrbuch der Kapholländischen Sprache (Burensprache): Sprachlehre, Gespräche, Lesestücke und Wörterbuch* (Handboek van die Kaaps-Hollandse taal (Boeretaal): taalonderrig, gesprekke, voorlesings en woordeboek) wat in Duitsland gepubliseer is.

[7] Raadpleeg Du Toit (1902) vir publikasie-inligting van die hersiene tweede uitgawe.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a6

2.4 1900–1940: Die vestiging van die Afrikaanse taalkunde

Nienaber se boek, wat in 1934 gepubliseer is, het kort ná 'n tydperk verskyn wat terugskouend as die "tweede Afrikaanse taalbeweging" bekend geraak het. Hierdie beweging het gestrek vanaf die eeuwisseling tot omstreeks 1925 – die jaar waarin Afrikaans as 'n amptelike taal erken is (soos bespreek word in bronne soos Scholtz, 1980:15; Carstens & Raidt, 2019:338-352; Steyn, 1980; 2014). Gedurende hierdie tydperk was daar 'n sterk gevoel van taalbewustheid onder Afrikaanssprekendes. Die taal het sy onafhanklikheid gevestig, nie net in alledaagse gebruik nie, maar ook in akademiese studie. Nienaber (1934:22-23) identifiseer hierdie tyd as die werklike begin van die Afrikaanse taalkunde as 'n eiesoortige studieveld – nie meer net 'n deelversameling van Nederlandse of Germaanse studies nie. Die tweede taalbeweging van Afrikaans het ook reeds baie aandag geniet in taalkundige literatuur (soos in werke van Carstens & Raidt, 2019:338-351; Scholtz, 1980:66-80; Botha, 1989:140-148).

Volgens Ponelis (1989:31) het die meeste Afrikaanse taalkundepublikasies in hierdie tydperk gefokus op historiese taalkunde wat die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans as taal teoretiseer. 'n Sleutelpublikasie gedurende hierdie tyd was Hesseling (1899) se *Het Afrikaans*, waarin hy hipotetiseer dat die verskille tussen Afrikaans en Nederlands toegeskryf kan word aan 'n kreoliseringsproses waar Nederlands sterk deur Maleis-Portugees beïnvloed is. Hesseling se publikasie was inderdaad hoogs invloedryk en het 'n reeks verdere publikasies deur skrywers soos Boshoff (1921), Bosman (1923), Du Toit (1905), Franken (1953), Le Roux (1923) en Malherbe (1924) tot gevolg gehad. In hierdie publikasies word die oorsprong van Afrikaans verder ondersoek en 'n aantal ontstaansteorieë word hierin aangebied (raadpleeg ook Ponelis, 1993 vir 'n meer omvattende bespreking).

Alhoewel taalkundiges oorwegend op die ontwikkeling van teorieë oor die ontstaan van Afrikaans gekonsentreer het, het verskeie studies gedurende hierdie tydperk ook waardevolle insigte oor die struktuur van die Afrikaanse taal gebied. Hierdie werke het gehelp om die standaardisering van Afrikaanse grammatika te verstewig, met TH le Roux wat 'n besonder belangrike rol gespeel het (Carstens & Raidt, 2019:534). In 1912 stel Le Roux die vraag: "Het Afrikaans sy eie grammatika?" Hy argumenteer dat Afrikaans 'n gedefinieerde grammatika moet hê alvorens dit as skryftaal gebruik kan word. Dít het gelei tot die publikasie van verskeie vroeë grammatikale beskrywings van Afrikaans, waaronder Le Roux (1923) se beskrywing van Afrikaanse sintaksis, Le Roux en Pienaar (1925, 1945) se werk oor fonetiek, en Boshoff (1951, 1965) se leksikografiese en etimologiese navorsing oor Afrikaans (De Klerk, 1968:282-295).

2.5 1940–1994: Die institusionalisering van die Afrikaanse taalkunde

De Klerk (1968:282) merk op dat sistematiese taalkundestudies oor Afrikaans eers werklik in die 1940's uitgevoer is, wat 'n nuwe fase in die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde aandui. Ten spyte van die beperkte linguistiese hulpbronne wat aan die begin van hierdie tydperk beskikbaar was, het die Afrikaanse linguistiek oor die volgende ses dekades aansienlike groei ondergaan wat betref beskrywende taalkundestudies. Volgens Van Rooy (2017:16) het drie sleutelfaktore die stand van die Afrikaanse taalkunde beïnvloed: (i) praktiese taalgebruikuitdagings, (ii) politieke en ideologiese oorwegings, en (iii) verwikkelinge op die gebied van algemene taalkunde.

Die genoemde praktiese uitdagings wat verband hou met die gebruik van Afrikaans het leksikografiese en standaardiseringspogings tot gevolg gehad. Met die Nasionale Party se

bewindsaanvaarding in 1948 is daadwerklike pogings op nasionale vlak aangewend om Afrikaans as spreek-, kultuur- en amptelike taal te bevorder. Carstens en Raidt (2019:423) wys daarop dat die gebruik van Afrikaans ná 1925 sentraal in hierdie pogings gestaan het, aangesien dit ontwikkel moes word tot 'n taal vir verskeie funksies soos politiek, werk, ekonomie, media, letterkunde, sport, wetenskap, en die kunste. Dit is dus nie verbasend dat verskeie normatiewe bronne wat kwessies van sogenaamde "taalsuiwerheid" aanraak, in hierdie tydperk gepubliseer is nie. Voorbeelde hiervan is bronne soos Van der Merwe (1968), Odendal (1978), en De Villiers (1977).

In hierdie fase beleef die Afrikaanse taalkunde 'n opbloei van variasietaalkundestudies, waardeur die Afrikaanse taalkunde se grondgebied vergroot het. 'n Aantal voorbeelde van die navorsing wat veral in die tagtigerjare uitgevoer is, is die navorsing wat gedoen is oor Griekwa-Afrikaans (byvoorbeeld die *Finale verslag van 'n ondersoek na die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare* onder redaksie van Christo van Rensburg 1984), die Afrikaans van die Richtersveld (Van Rensburg, 1984–1986), die Afrikaans van die Saldanhabaai-omgewing (Eksteen, 1984), Oosgrens-Afrikaans (Van Rensburg, 1984), en ondersoek na die woordeskatverskynsels in die Hardeveld en Namakwaland (Coetzee, 1983).

Gedurende die tydperk 1940–1994 het Suid-Afrika beduidende politieke veranderinge ondergaan, insluitende die implementering van Apartheid, 'n stelsel van institusionele rassesegregasie wat van 1948 tot die vroeë 1990's geduur het, en die daaropvolgende oorgang na 'n nuwe demokratiese regering in 1994. Van Rooy (2017:17) merk op dat baie van die wetenskaplike werk oor Afrikaans in hierdie tyd derhalwe sterk op taalpolitiek gefokus het, en hierdie fokus het gelei tot 'n afname in beskrywende taalkundestudies oor die taal gedurende die laaste dekade van die 20ste eeu. Hierdie tendens is ook deur Van Rooy en Pienaar (2006) waargeneem. Publikasies soos dié van Steyn (1980, 1986, 1987), Du Plessis (1986), Du Plessis en Du Plessis (1987), Webb (1993, 1995), Hofmeyr (1984) en Du Plessis (1992) is voorbeelde van taalpolitieke publikasies uit hierdie tydperk. Politiese en ideologiese oorwegings het derhalwe in hierdie tyd ten sterkste die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde as vakgebied beïnvloed.

Die vooruitgang van die Afrikaanse beskrywende linguistiek is verder ook gevorm deur die verwikkelinge in die Algemene taalkunde, soos uitgelig deur Van Rooy (2017:18). Van der Merwe en Dekker (1963:43-44) gee 'n oorsig van die betekenisvolle bydraes wat in die 20ste eeu tot die internasionale veld van Algemene Taalkunde gemaak is. Volgens Van der Merwe en Dekker het die studie van taal gedurende hierdie tydperk veral gebou op die beginsels wat uiteengesit is in De Saussure (1916) se *Cours de linguistique générale* (in 1966 in Afrikaans vertaal as *Kursus in algemene taalkunde* deur Alewyn Lee). Die impak van dié publikasie het gelei het tot 'n hernieude fokus op dialektologie en 'n dieper verkenning van die veld van algemene taalkunde. Dit het die ondersoek van 'n sistematiese stel taaltekens behels, insluitende foneme, morfeme en seme. Uit internasionale linguistiese bronne weet ons dat hierdie metodologie wêreldwyd wyd aangeneem en beoefen is deur bekende taalkundiges soos Antoine Meillet (1866–1936, Frankryk), Edward Sapir (1884–1939, VSA), Otto Jespersen (1860–1940, Denemarke), Roman Jakobson (1896–1982, Rusland en VSA), Albert Willem de Groot (1892–1963, Nederland), Vilém Mathesius (1882–1945, Tsjeggo-Slowakye), Leonard Bloomfield (1887–1949, VSA), Benjamin Lee Whorf (1897–1941, VSA), Zellig Harris (1909–1992, VSA) en André Martinet (1908–1999, Frankryk).

Soos voorheen genoem, was daar 'n afname in beskrywende bronne oor Afrikaans gedurende die laaste twee dekades van die 20ste eeu. Nietemin is verskeie beskrywende bronne gedurende die vyfde tydperk (1940–1994) gepubliseer en die benadering wat Afrikaanse

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a6

taalkundiges in die bestudering van die taalsisteme van Afrikaans gevolg het, is grootliks beïnvloed deur Amerikaanse strukturaliste, veral die werk van Harris, Bloomfield en Noam Chomsky. Aangesien die primêre fokus op die beskrywing van die taalsisteme was, is dit te verstane dat daar in hierdie tyd omvattende bronne verskyn het wat verskeie aspekte van Afrikaans se grammatikale struktuur uiteensit. Dit het werke oor fonologie, morfologie, sintaksis en semantiek ingesluit. Sterk beïnvloed deur die werk van Chomsky, is baie van die Afrikaanse taalkundenavorsing wat in hierdie tyd gepubliseer word, gebaseer op die teorie van die Transformasioneel-Generatiewe Grammatika (TGG) – 'n grammatikateorie wat taalstrukture verklaar aan die hand van linguistiese transformasies en frasestrukture. Enkele voorbeelde van studies wat vanuit hierdie teoretiese perspektief aangepak is, is Botha (1978) se *Generatiewe taalondersoek: 'n sistematiese inleiding,* De Bruto en Wissing (1974) se *Aspekte van 'n Afrikaanse TG-fonologie* en Jenkinson (1991) se artikel, *Strukturalistiese en generatiewe benaderings tot die morfologie: 'n metodologiese vergelyking*.

Soos genoem, verskyn daar in hierdie tydperk 'n hele aantal bronne wat sistematies die verskillende grammatikale vlakke van Afrikaans bespreek. Volgens Van Rooy (2017) word die volgende bronne as standaardwerke oor die hoofareas van beskrywende linguistiek in Afrikaans beskou: *Algemene en Afrikaanse generatiewe fonologie* (Wissing, 1982), *Afrikaanse fonologie* (Combrink & De Stadler, 1987), *Samestelling, afleiding en woordsoortelike meerfunksionaliteit in Afrikaans (*Kempen, 1969), *Afrikaanse morfologie* (Combrink, 1990), *Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis* en *Afrikaanse sintaksis* (Ponelis, 1968 en 1979 onderskeidelik), *Die semantiek van Afrikaans* (De Villiers, 1975), en *Afrikaanse Semantiek* (De Stadler, 1989). Van Rooy (2017:17) merk ook op dat hierdie bronne meer as drie dekades gelede gepubliseer is en dat daar sedertdien geen nuwe omvattende handboeke oor Afrikaanse grammatikale sisteme was nie.

Naas die boeke wat hier bo deur Van Rooy as seminale werke geïdentifiseer is, het verskeie prominente Afrikaanse taalkundiges in hierdie vyfde fase van die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde na vore getree met beskrywende publikasies oor Afrikaans – nie slegs as boeke nie, maar ook as artikelpublikasies in geakkrediteerde tydskrifte, hoofstukke in boeke, intreeredes, tersiêre onderrigmateriaal, ensovoorts, wat óók as invloedryke of standaardbronne binne verskeie gebiede van die Afrikaanse taalkunde beskou kan word. Gebaseer op Breed en Bosman (2024), Eksteen (1983:23-27), Carstens en Raidt (2019:538-544), De Klerk (1968), asook die inligting oor bronne uit dié tydperk wat in die DBAT gekatalogiseer is, kan 'n aantal prominente[8] taalkundiges[9] binne bepaalde taalkundesubvakgebiede uitgelig word (vergelyk Tabel 1 hier onder). Hierdie taalkundiges se werk is van besondere belang vir die Afrikaanse taalkunde en is meestal gesaghebbend binne hul onderskeie vakgebiede.

2.6 1994–2005: Die veranderde stand en status van Afrikaans

Soos aangedui, het Breed en Bosman (2024:20-21) 'n bibliometriese analise uitgevoer op die bibliografiese inligting van Afrikaanse taalwetenskappublikasies uit die 21ste eeu, met behulp

[8] Sommige Afrikaanse taalkundiges het skynbaar uitsluitlik onder hul vanne en voorletters gepubliseer. Ander taalkundiges het af en toe hul voorname of volle name gebruik wanneer hulle publiseer. Waar dit geredelik moontlik was om die taalkundiges se voorname of doopname te vind, is dit so aangedui in die artikel. Andersins word slegs die voorletters en vanne van die taalkundiges in die tabel aangebied.

[9] Vroulike taalkundiges wat op Afrikaans werk, word met skuinsdruk aangedui in die tabel (kyk §2.6 vir 'n verdere bespreking hieroor).

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a6

TABEL 1: Prominente Afrikaanse taalkundiges wat werksaam was tussen 1940 en 1994

Subdissipline	**Taalkundiges**
Fonetiek en Fonologie	Pierre de Villiers Pienaar, Hertzog Venter, Thomas H le Roux, Meyer de Villiers, *Anna Coetzee*, Mattheus J Posthumus, Francois F Odendal, Daan Wissing, Hendrik F de Bruto, Willem J de Klerk, Johan Lubbe
Morfologie	Francois F Odendal, Willem Kempen, Meyer de Villiers, Gert J de Klerk, Rudi Botha, Vic Webb
Sintaksis	Meyer de Villiers, Fritz Ponelis, Jac le Roux
Semantiek	Johan GH Combrink, Meyer de Villiers, C van Heerden, Willem J de Klerk, Mattheus J Posthumus, *Barbara Bosch*
Historiese en diachroniese taalkunde	Gabriel S Nienaber, Eduard C Pienaar, Fritz Ponelis, Jaap Steyn, Jac Conradie, Christo van Rensburg, J du Plessis Scholtz, *Edith H Raidt*, DJ Coetzee, HJJM van der Merwe, Jac Conradie, SPE Boshoff
Dialektologie en variasietaal-kunde	Stephanus A Louw, Christo van Rensburg, Hans du Plessis, Willem de Klerk, HJJM van der Merwe, *Anna Coetzee*
Leksikografie en leksikologie	Johan Combrink, Louis Eksteen, FA Odendal, Rufus Gouws, L de Wet, HJ Terblanche, Matthys SB Kritzinger, Benedictus Kok, Rudi Botha
Normatiewe taalkunde	Johan GH Combrink, Johan Spies, L de Wet, CJ Engelbrecht, Pieter C Schoonees, HJ Terblanche, Gert T Ferreira, DJ Coetzee, Jac Conradie, Mattheus J Posthumus, Wannie (WAM) Carstens

van data afkomstig van die DBAT. Die hoofdoel van hul studie was om prominente taalkundiges en die spesifieke subdissiplines en navorsingsareas waarin Afrikaanse linguistiese navorsing gedurende die 21ste eeu plaasgevind het, te identifiseer en te analiseer. Ter aanvulling van hierdie analise het hulle egter hul bespreking ingelei met ’n opsomming van die aantal en tipes publikasies per jaar, beginnende by die vroegste inskrywings in die DBAT. Hierdie opsomming was van belang omdat dit ’n oorsig bied van die diachroniese evolusie van die Afrikaanse taalkunde, wat verdere kontekstuele insigte in die ontwikkeling van die veld moontlik gemaak het.

Figuur 1 toon die aantal jaarlikse akademiese Afrikaanse taalkundepublikasies wat in die DBAT gekatalogiseer is, wat terugdateer na 1727, die publikasiedatum van die oudste bron wat in die databasis ingesluit is.[10] Die vertikale stippellyne op die grafiek verteenwoordig die verskillende tydperke van die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde, soos tot dusver bespreek in §2.1-§2.5. Die drie soliede horisontale lyne dui op drie betekenisvolle taalhistoriese

[10] Kolbe (1727) is die oudste bron wat op die DBAT gekatalogiseer is (sien §2.1).

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a6



Figuur 1: Aantal akademiese Afrikaanse taalkundepublikasies (1727–2021) – geneem uit Breed en Bosman (2024)

gebeure wat vroeër uitgelig is, naamlik (i) die standaardisering van Afrikaans in 1925 (sien §2.4), (ii) die infasering van apartheid in 1948 (sien §2.5), en (iii) die aanbreek van ’n nuwe, demokratiese Suid-Afrika in 1994 (sien §2.5).

Die grafiek hier bo verskaf duidelike bewyse om die beeld van die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde wat dusver in hierdie artikel aangebied is, te ondersteun. Dit toon dat die groeiende taalbewustheid onder Afrikaanssprekendes vanaf 1925 gelei het tot die sistematiese en voortdurende ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde, wat die taal se onafhanklikheid, nie net as ’n alledaagse kommunikasietaal nie, maar ook as ’n studieveld in die taalkunde, gevestig het.

Hierdie ontwikkeling en uitbreiding van die Afrikaanse taalkunde het voortgeduur tot 1994. Die publikasie van bronne oor die Afrikaanse taalkunde het egter sedert 1994 skerp afgeneem. Dit staan in skrille kontras met die groei en opbloei van die Afrikaanse taalkunde van 1940 tot 1990, waartydens Afrikaans van 1948 tot 1994 bevoorregte status onder die Nasionale Party-regering geniet het.

Die presiese redes vir die afname sedert 1994 is kompleks en verg verdere ondersoek. Nietemin het die rekonstruering van nasionale infrastruktuur, diskoerse en praktyke wat onder apartheid gebou is, ’n direkte impak op die lot van Afrikaans gehad. Staatsgedwonge tweetaligheid is vervang deur ’n meertaligheidsbeleid waarin Afrikaans gelyke status geniet het met tien ander Suid-Afrikaanse tale. In werklikheid het daar egter sedert 1994 ’n Engelse eentaligheid geheers, wat gelei het tot die afskaal van Afrikaans as gebruikstaal in staatsburokrasie, naamborde, produketikettering, aankondigings, televisie, handel, nywerheid, advertensies, en in ’n groot mate ook in wetenskaplike en akademiese publikasies. Daar is ook druk om Afrikaans binne die regstelsel af te skaf, en sommige Afrikaanse skole en universiteite word onder druk geplaas om na ’n eentalige, Engelse medium van onderrig oor te skakel (sien Carstens & Raidt, 2019:683-695; Steyn, 2014:440-470). Hierdie veranderinge het duidelik ’n impak op die Afrikaanse taalkunde gehad, soos ons kan sien in Figuur 1 (vergelyk ook die besprekings in Louw, 2004:211; en ook in Van Rensburg, Malherbe & Landman, 2001). Dis om hierdie rede, naamlik die duidelike verandering in die ontwikkelingspad van Afrikaanse

taalkunde, dat 1994 gereken kan word as die begin van ’n sesde fase in die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde.

Aangesien Breed en Bosman (2024) se benadering nie spesifiek fokus op die taalkundenavorsing van hierdie afgebakende periode nie, bied ek vir hierdie fase ook ’n opsomming aan van die produktiefste taalkundiges wat in hierdie tydperk taalkundenavorsing gepubliseer het. Hierdie opsomming is gebaseer op die inligting van akademiese publikasies, soos akademiese artikels, proefskrifte, en intreeredes, wat op die DBAT gekatalogiseer is. Hierdie inligting word opgesom in Tabel 2, en dit sluit slegs die inligting in van taalkundiges wat meerdere Afrikaanse akademiese publikasies in hierdie tydperk gepubliseer het en dus as invloedryke taalkundiges[11] van hierdie tydperk gereken kan word.

TABEL 2: Prominente Afrikaanse taalkundiges (1994–2005)

Subdissipline	**Taalkundiges**
Historiese taalkunde	Christo van Rensburg, *Edith Raidt*, Fritz Ponelis, Hans den Besten*, Heinrich Grebe, Hermann Giliomee, Jaap Steyn, Jac Conradie, Johan Lubbe, GS Nienaber, Paul Roberge*, Siegfried Huigen*, Wannie Carstens
Taalpraktyk en taalgebruikskunde	*Angelique Van Niekerk, Marné Pienaar*
Stilistiek	Frikkie Snijman
Morfologie	Gerhard van Huyssteen
Taalonderrig	Estelle Kruger
Leksikologie en Leksikografie	*Adelia Carstens*, Frikkie Snijman, Herman Beyer, *Mariëtta Alberts*, *Nerina Bosman*, Piet Swanepoel, Rufus Gouws, Willem F Botha
Terminologie	*Mariëtta Alberts*
Sintaksis en semantiek	Attie Coetser, *Adelia Carstens*, *Barbara Bosch*, Gerhard van Huyssteen, *Ilse Feinauer*, Jac Conradie, *Marné Pienaar*
Sosiolinguistiek en taalvariasie	*Barbara Bosch*, Hans du Plessis, *Marlene Verhoef*, *Anna Coetzee*
Vertaalstudies	*Ilse Feinauer*
Normatiewe studies	Wannie Carstens
Taalbeleid en beplanning	Vic Webb
Fonetiek en fonologie	Daan Wissing, Johan Lubbe

[11] Internasionale taalkundiges wat oor Afrikaans werk, word met ’n asterisk aangedui in die tabel.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a6

TABEL 2: Prominente Afrikaanse taalkundiges (1994–2005) *(vervolg)*

Subdissipline	**Taalkundiges**
Tekslinguistiek en Diskoers-analise	Piet Swanepoel, Wannie Carstens
Taalpolitiek	Christo van Rensburg, Jaap Steyn, Johan Lubbe, *Marlene Verhoef,* Vic Webb, Willem J Botha
Naamkunde	Attie Coetser, *Vivian de Klerk*
Kognitiewe linguistiek	*Adelia Carstens*, Gerhard van Huyssteen, *Marné Pienaar*, Willem J Botha

Uit die tabel kan verskeie waarnemings gemaak word. ’n Eerste aspek wat uitgelig kan word, is die toename in vroulike navorsers in die Afrikaanse taalkundegemeenskap. Terwyl daar vir die tydperk 1940–1994 slegs drie vroulike taalkundiges (Anna Coetzee, Barbara Bosch en Edith Raidt) as kernrolspelers op grond van hul publikasies in die Afrikaanse taalkunde erken is, kan daar vir hierdie tydperk reeds twaalf vroulike taalkundiges uitgelig word. Dit is verder merkwaardig dat al drie genoemde taalkundiges ook in hierdie sesde fase van die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkundevakgebied steeds as produktiewe taalkundiges optree. Hierdie tendens dui op ’n groeiende en diversifiserende deelname van vroue in ’n veld wat tradisioneel as manlik-gedomineerd beskou is, en weerspieël ’n verandering in die wetenskaplike landskap van Suid-Afrika.

’n Tweede opvallende aspek is dat die data toon hoe sekere taalkundige tradisies, soos historiese taalkunde, leksikografie, leksikologie, grammatikastudies, sosiolinguistiek, variasietaalkunde en taalpolitiek, steeds sterk staan in hierdie tydperk en die aandag trek van ’n groot aantal Suid-Afrikaanse taalkundiges, sowel as enkele internasionale taalkundiges (veral op die gebied van historiese taalkunde). Hierdie vakgebiede het dus gevestig geraak as sterk tradisies waarin daar produktiewe diskoers plaasvind tussen verskillende taalkundiges, wat lei tot waardevolle bydraes en die verdieping van kennis binne die veld.

Laastens sien ons die opkoms van die kognitiewe linguistiek as ’n nuwe en opwindende veld. Hierdie subdissipline van taalkunde ondersoek hoe taal met kognisie gekoppel is en hoe taalgebruik die kognisie beïnvloed. Die kognitiewe linguistiek baan die weg vir verdere gebruiksgebaseerde taalnavorsing wat poog om taal in die konteks van menslike kognisie en daaglikse gebruik te verstaan. Hierdie nuwe benadering dui op ’n belangrike ontwikkeling in die veld en reflekteer die voortdurende evolusie en uitbreiding van taalnavorsing – óók in Suid-Afrika en óók vir Afrikaans.

2.7 2005–2024: ’n Digitale Afrikaanse taalkunde

Die tipe taalkundenavorsing wat in die afgelope ongeveer twee dekades beoefen word, dui ’n baie spesifieke uitbreiding van en binne die Afrikaanse taalkunde aan, naamlik navorsing wat gebruik maak van tegnieke wat kenmerkend is van Digitale Humaniora (voorts DH, en in Engels bekend as *Digital Humanities)*, en daarom argumenteer ek dat ons ons tans in ’n sewende fase in die ontwikkeling van Afrikaanse taalkunde as vakgebied bevind.

DH kan kortliks beskryf word as ’n navorsingsveld op die kruispunt van digitale tegnologieë en die geesteswetenskappe. Dit sluit die sistematiese gebruik van digitale geesteswetenskapbronne in, asook die analise van hul toepassing (Kirschenbaum, 2012:3). DH is dus nuwe maniere van navorsing wat samewerkende, dikwels transdissiplinêre en rekenaargebaseerde navorsing behels en dit maak gebruik van digitale hulpmiddels, instrumente en metodes (vergelyk onder andere ook Berry, 2012; Burdick *et al.,* 2012; Holm *et al.,* 2015 vir verdere bespreking).

Hoewel die internasionale ontwikkeling van DH teruggevoer kan word na die laat 1980’s (vergelyk Burdick *et al*., 2012:9), en daar ook al ’n aantal Afrikaanse taalkundepublikasies rondom hierdie tydperk verskyn wat van DH-navorsingsmetodes gebruik maak – byvoorbeeld Alberts (1988), Cloete (1990) en Van der Bijl en Van Wyk (1992) – blyk dit uit die inskrywings op die DBAT dat DH-metodes veral vanaf die vroeë 2000’s toenemend gebruik is in Afrikaanse taalkundenavorsing. Gedurende hierdie tydperk het navorsing in DH-subdissiplines soos rekenaarlinguistiek (byvoorbeeld Puttkammer, 2014; Dirix & Augustinus, 2020 en Van Heerden & Bas, 2021), korpuslinguistiek (byvoorbeeld Taljard & Bosman, 2015; Van Huyssteen, 2018; Saal & Fourie, 2021), en forensiese linguistiek (byvoorbeeld Kotzé, 2007; Carney & Bergh, 2014 en Grundlingh, 2015) meer algemeen geword.

Hierdie sewende fase van die ontwikkeling van Afrikaanse taalkunde word verder gekenmerk deur die gebruik van DH-tegnieke in gevestigde taalkundevelde soos Fonetiek en Fonologie, Sosiolinguistiek en Diskoersanalise. Digitale hulpmiddels en sagteware word gereeld gebruik om navorsing in hierdie tradisionele velde te onderneem. Daarbenewens is die gebruik van aanlyn sosiale media en ander digitale platforms as databronne vir die studie van taalvariasie en -verandering in digitale kontekste algemene praktyk.

Dit is nie slegs navorsing wat met behulp van digitale hulpmiddele uitgevoer word nie, maar daar is ook ’n verskuiwing van taalkundebronne vanaf gedrukte media na digitale media. Hoewel Van Rooy (2017) aantoon dat daar in die afgelope drie dekades geen nuwe omvattende handboeke oor Afrikaanse grammatikale sisteme gepubliseer is nie, word hierdie leemte sterk aangevul deur die totstandkoming van twee omvattende digitale grammatikabronne vir Afrikaans.

Die eerste bron is *Taalportaal* (www.taalportaal.org) (Van Huyssteen, 2020), ’n aanlyn grammatika wat fokus op Nederlands, Fries en Afrikaans. Die Afrikaanse afdeling van dié grammatika is onder redaksie van Gerhard van Huyssteen saamgestel deur elf ervare en gerekende Afrikaanse taalkundiges, en bied ’n uitgebreide en gesaghebbende wetenskaplike oorsig van die sintaksis, morfologie, fonetiek en fonologie van Afrikaans, gebaseer op vergelykings met die grammatikale vlakke van twee ander Wes-Germaanse tale – Afrikaans, Fries en Nederlands. Dié grammatika is in Engels geskryf en is gerig op ’n internasionale gehoor van taalkundiges en belangstellendes, met die doel om deeglike navorsing oor hierdie tale se grammatikas te ondersteun, aan te moedig en voortdurend uit te brei. Om die beskrywings van Nederlands en Fries te ontwikkel, het die Nederlandse Organisatie voor Wetenschappelijk Onderzoek (NWO) ’n bedrag van €1,7 miljoen bewillig aan die Taalportaal-konsortium, wat bestaan uit die Meertens Instituut, die Fryske Akademy, die Universiteit van Leiden en die Instituut voor Nederlandse Lexicologie. In samewerking met die konsortium het dit vinnig duidelik geword dat die projek ook ’n uitstekende geleentheid bied om ’n omvattende, vergelykende beskrywing van Afrikaans te skep, wat die taal internasionaal as ’n wetenskaplike studieveld kan bevorder (vergelyk VivA, 2024).

Die tweede bron, wat direk voortvloei uit die *Taalportaal*-grammatika, is ’n Afrikaanse grammatika wat in Afrikaans geskryf is en bekende navorsing uit bestaande grammatikabronne

(soos Ponelis, 1979 en Van Schoor, 1983) asook aanvullende insigte uit moderne Afrikaanse korpusse insluit. Hierdie gratis, aanlyn beskikbare grammatika staan bekend as die VivA Afrikaansgrammatika en bestaan uit twee komponente: die Algemene Afrikaanse Grammatika (AAG) en die Afrikaanse Skoolgrammatika (ASG) (vergelyk Breed, 2020). Hierdie tweedelige grammatika word op VivA se Taalonderrigportaal (www.viva-afrikaans.org) aangebied en is spesifiek ontwikkel vir voor- en nagraadse studente en dosente in Afrikaanse taalkunde. Die projek behels die samewerking van vyftien gevestigde en opkomende Afrikaanse taalkundiges en bied omvattende beskrywings van die woordklaskategorieë en grammatika van Afrikaans.

In die sewende fase van die ontwikkeling van Afrikaanse taalkunde maak taalkundiges dus gebruik van beide tradisionele en digitale metodes. 'n Nuwe generasie jong navorsers, wat veral op rekenaargebaseerde navorsing fokus, kom na vore en ontsluit nuwe terreine binne die veld. Die Afrikaanse taalwetenskapgemeenskap is relatief klein, en die navorsingsuitset van 'n spesifieke gebied word sterk beïnvloed deur die produktiwiteit van individuele navorsers wat op daardie spesifieke studieveld fokus. Tabel 1 bied 'n lys van taalkundiges aan wat volgens data wat uit die DBAT vir hierdie tydperk onttrek is (Breed & Bosman, 2024), gereken kan word as belangrike toetreders tot die Afrikaanse taalkunde in die sewende fase van die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde as studieveld.

TABEL 3: Prominente Afrikaanse taalkundiges van die sewende fase van die ontwikkeling van Afrikaanse taalkunde (Breed & Bosman, 2024)

Subdissipline	**Taalkundiges**
Historiese taalkunde	Hans den Besten*, Jac Conradie, Wannie Carstens, *Johanita Kirsten*, Hermann Giliomee, Jan Noordegraaf*, Christo van Rensburg, Paul Roberge*, Heinrich Grebe, Jaap Steyn, Fransjohan Pretorius, Pieter Kapp, *Anna Deumert*, Karel Schoeman, Pieter de Klerk, Siegfried Huigen* en Fritz Ponelis
Morfologie	Gerhard B van Huyssteen
Taalonderrig	*Frenette Southwood*, Michael le Cordeur, Jako Olivier, Albert Weideman, Tobie van Dyk, *Elbie Adendorff*, *Estelle Kruger*, *Carisma Nel* en Donovan Lawrence
Leksikologie en Leksikografie	Rufus Gouws, Herman Beyer, Danie Prinsloo, Willem Botha, en *Michele van der Merwe*
Sintaksis en semantiek	Jac Conradie, Bertus van Rooy*, *Adri Breed*, *Theresa Biberauer**, *Frenette Southwood*, *Nerina Bosman*, *Johanita Kirsten*, Mark de Vos, *Johanna Messerschmidt*, *Simoné Conradie*, Fritz Ponelis, *Erin Pretorius*, Ernst Kotzé, Daniël van Olmen*, en Timothy Colleman*
Sosiolinguistiek en taal-variasie	Hans den Besten*, Achmat Davids, *Anna Deumert*, Frank Hendricks, Michael Meeuwis*, Rajend Mesthrie, Elvis Saal, *Nerina Bosman* en Gerald Stell*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a6

TABEL 3: Prominente Afrikaanse taalkundiges van die sewende fase van die ontwikkeling van Afrikaanse taalkunde (Breed & Bosman, 2024) *(vervolg)*

Subdissipline	**Taalkundiges**
Vertaalstudies	*Eleanor Cornelius*, *Ilse Feinauer*, *Marné Pienaar* en *Alta van Rensburg*
Normatiewe studies	*Mariëtta Alberts*, Wannie Carstens, Tom McLachlan, *Kris van de Poel**, en Gerhard B van Huyssteen
Taalbeleid en -beplanning	Wannie Carstens, Theo du Plessis, *Marlene Verhoef*, en Vic Webb
Taaltegnologie	*Liesbeth Augustinus**, *Suléne Pilon*, Martin Puttkammer, en Gerhard B van Huyssteen
Akademiese geletterdheid	*Zanette Meintjes*, *Louise Olivier*, Tobie van Dyk en Albert Weideman.
Taalkontak	Hans den Besten*, *Frenette Southwood*, en Gerald Stell*
Fonetiek en fonologie	Daan Wissing, Andries Coetzee*
Tekslinguistiek en Diskoers-analise	*Adelia Carstens*, Wannie Carstens, en *Zanette Meintjes*
Taalpolitiek	Neville Alexander, *Anne-Marie Beukes*, Wannie Carstens, Theo du Plessis, Johan Lubbe, *Marné Pienaar*, Jaap Steyn, en *Elbie Truter*
Taalverandering	*Adri Breed*, *Theresa Biberauer**, Jac Conradie, Hans den Besten*, *Johanita Kirsten*, Ernst Kotzé, en *Marlene Verhoef*
Kontrastiewe taalkunde	*Adri Breed*, Jac Conradie, en Daniël van Olmen*
Naamkunde	Johan Lubbe
Korpuslinguistiek	*Nerina Bosman*, *Liesbet Augustinus**, *Adri Breed*, Timothy Colleman*, Peter Dirix*, Gerhard B van Huyssteen, en Bertus van Rooy

Wanneer ons die inligting vervat in Tabel 2 en Tabel 3 met mekaar vergelyk, is dit opmerklik hoe die Afrikaanse taalkunde in die laaste twee dekades gegroei het ten opsigte van die vakgebiede wat ondersoek word, asook die getal taalkundiges wat aktief aan die Afrikaanse taalkunde deelneem. Dit is ook duidelik dat sommige Afrikaanse taalkundiges ’n langdurige en gevestigde loopbaan in die Afrikaanse taalkunde het, en as prominente taalkundiges vir die tydperk 1994 tot 2024 gereken kan word.

Die internasionalisering van Afrikaans as vakgebied blyk duidelik uit Tabel 2. Waar slegs drie internasionale taalkundiges uit die tydperk 1994–2005 as taalkundiges gereken kan word wat gereeld oor Afrikaanse taalkundeonderwerpe publiseer, verskyn daar in Tabel 3 die name

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a6

van meer as 15 internasionale taalkundiges wat in die tydperk 2005–2024 taalkundige navorsing oor Afrikaans doen. Dit impliseer ’n daadwerklike, groeiende belangstelling in Afrikaans as fokus van taalkundenavorsing.

3. Slot

In hierdie artikel is aangetoon dat die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde sewe onderskeibare fases toon – elk met sy eie vlak van ontwikkeling. Ten spyte daarvan dat Afrikaans op verskeie vlakke onder druk is en dat Afrikaanse departemente by Suid-Afrikaanse universiteite aan die krimp is, toon hierdie oorsig dat die Afrikaanse taalkunde ’n gesonde vakgebied bly wat boonop groei ten opsigte van subdissiplines en die aantal opkomende en gevestigde navorsers wat binne die vakgebied werksaam is, beide op nasionale en internasionale vlak.

ERKENNING

Ek wil graag Me. Roné Wierenga, medewerker aan die DBAT, en Me. Elize van Eldik van die NWU se Ferdinand Postma Biblioteek bedank vir die DBAT-inligting wat hulle verkry en aan my beskikbaar gestel het.

BIBLIOGRAFIE

Alberts, M. 1988. *Gerekenariseerde taaldokumentasiedatabasisse: DOCNET-projek in die LEXINET-program*. Pretoria: RGN.

Berry, DM. 2012. Introduction: Understanding the Digital Humanities. In Berry, D (ed.). *Understanding Digital Humanities*. London: Palgrave Macmillan, pp. 1-20. doi: 10.1057/9780230371934_1.

Boshoff, SPE. 1921. *Volk en Taal van Suid-Afrika*. Pretoria: Dusseaux / Amsterdam: JH de Bussy.

Boshoff, SPE. 1951. Die vaktaalburo van die Suider-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 11(1):6-21.

Boshoff, SPE. 1965. Etimologie. *Taalfasette*, 1:7-19.

Bosman, DB. 1923. *Oor die Ontstaan van Afrikaans*. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.

Botha, RP. 1978. *Generatiewe taalondersoek: ’n sistematiese inleiding.* Kaapstad: HAUM.

Botha, TJR. 1989. Afrikaans sedert die negentiende eeu. In Botha, TJR, Ponelis, FA, Combrink, JGH & Odendal, FF. (reds.). *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica, pp. 127-154.

Breed, A (red.). 2020. *VivA se Afrikaansgrammatikas*. Virtuele Instituut vir Afrikaans. https://viva-afrikaans.org/portale/taalonderrigportaal.

Breed, A & Bosman, N. 2024. An introduction to Afrikaans Linguistics: Contemporary Perspectives. In Carstens & Bosman (eds). *Afrikaans Linguistics: Contemporary Perspectives*. Cape Town: Sun Media, pp. 13-41.

Breed, A, Carstens, WAM & Olivier, J. 2016. Die DBAT: ’n Onbekende digitale taalkundemuseum. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(2-1):391-409.

Burdick, A, Drucker, J, Lunenfeld, P, Presner, T & Schnapp, J. 2012. *Digital Humanties.* Cambridge: MIT Press.

Carney, TR & Bergh, L. 2014. ’n Taalkundige perspektief op woordeboekgebruik in die hof: die woordeboek as toevlugsoord. *LitNet Akademies*, 11(2):23-64.

Carstens, WAM & Raidt, EH. 2019. *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika (Vol. 2)*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Changuion, ANE. 1844. *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld: zijnde eene handleiding tot de kennis dier taal, naar de plaatselijke behoefte van het land gewijzigd*. Kaapstad: JH Collard.

Cloete, I. 1990. ’n Sintaktiese ontleder vir onderrig in rekenaarlinguistiek. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 30(2):100-110.

Coetzee, JCN. 1983. Dialektiese woordeskatverskynsels in die Hardeveld en Namakwaland en Hottentotswoorde wat besig is om uit hierdie streektaal te verdwyn. *Unie,* 79(12):311-313.
Combrink, JGH. 1990. *Afrikaanse morfologie: capita exemplaria*. Pretoria: Academica.
Combrink, JGH & De Stadler, LG. 1987. *Afrikaanse fonologie*. Johannesburg: Macmillan.
De Bruto, HF & Wissing, DP. 1974. *Aspekte van 'n Afrikaanse TG-fonologie (No. 4: Taalkunde vir vandag)*. Johannesburg: McGraw-Hill.
De Klerk, GJ. 1968. Stand van Afrikaanse taalkunde en bronnegids. In Van der Merwe (red.). *Afrikaans: sy aard en ontwikkeling*. Pretoria: Van Schaik, pp. 282-295.
De Saussure, F. 1916. *Cours de linguistique générale*. (éd. de Sechehaye, A & Riedlinger, A). Paris: Payot.
De Stadler, LG. 1989. *Afrikaanse semantiek*. Johannesburg: Southern Book Publishers.
De Villiers, M. 1975. *Die semantiek van Afrikaans*. Kaapstad: HAUM.
De Villiers, M. 1977. Die plek van die normatiewe in die taalwetenskap. *Taalfasette*, 22(3):1-9.
Dirix, P & Augustinus, L. 2020. Bootstrapping the Extension of an Afrikaans Treebank through Gamification. Presentation delivered at the Computational Linguistics in the Netherlands (CLIN30) Event, Utrecht.
Dong, D & Chen, M-L. 2015. Publication trends and co-citation mapping of translation studies between 2000 and 2015. *Scientometrics,* 105(2):1111-1128. doi: 10.1007/s11192-015-1769-1.
Du Plessis, H & Du Plessis, T (reds.). 1987. *Afrikaans en Taalpolitiek: 15 opstelle*. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewers.
Du Plessis, HGW. 1986. Om Afrikaner en Afrikaans te wees. *Woord en Daad = Word and Action*, 26(292):5-8.
Du Plessis, T. 1992. Veranderende opvattings rondom Afrikaans sedert die sewentigerjare. In Webb (red.). *Afrikaans ná apartheid*. Pretoria: Van Schaik, pp. 91-115.
Du Toit, PJ. 1905. *Afrikaansche studies.* PhD-proefskrif. Gent: Rijksuniversiteit.
Du Toit, SJ. 1902. *Fergelijkende Taalkunde fan Afrikaans en Engels = Comparative Grammar of English and Cape Dutch*. 2de hersiene uitgawe. Paarl: Du Toit.
Eksteen, LC. 1983. Objek en metode in die Afrikaanse Taalwetenskap: 'n historiese oorsig. In Eksteen, L & Pretorius, R (reds.). *Afrikaans: Objek en Metode*. Pretoria: Van Schaik, pp. 3-39.
Eksteen, LC. 1984. Aspekte van Afrikaanse woordgebruik in die Saldanhabaai-omgewing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 24(4):289-308.
Franken, JLM. 1953. *Taalhistoriese bydraes*. Kaapstad: Balkema.
Genootskap van Regte Afrikaners. 1882. *Eerste beginsels van di Afrikaanse taal*. 2de druk. Paarl: DF Du Toit & Co.
Grundlingh, L. 2015. Outeuridentifikasie: 'n Forensies-taalkundige ondersoek na Afrikaanse SMS-taal. *LitNet Akademies*, 12(3):143-175.
Hesseling, DC. 1899. *Het Afrikaans*. Leiden: NV Boekhandel & Drukkerij.
Hofmeyr, I. 1984. *Building a nation from words.* Johannesburg: University of the Witwatersrand.
Holm, P, Jarrick, A & Scott, D. 2015. *Humanities World Report 2015*. London: Palgrave Macmillan.
Hoogenhout, NM. 1904. *Praktisches Lehrbuch der Kapholländischen Sprache (Burensprache): Sprachlehre, Gespräche, Lesestücke und Wörterbuch*. Wien: Hartleben.
Jenkinson, AG. 1991. Strukturalistiese en generatiewe benaderings tot die morfologie: 'n metodologiese vergelyking. *Acta Academica* 23(3):120-138, Aug.
Kempen, W. 1969. *Samestelling, afleiding en woordsoortelike meerfunksionaliteit in Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.
Kirschenbaum, M. 2012. What Is Digital Humanities and what's it doing in English Departments? In Gold, MK (ed.). *Debates in the Digital Humanities.* Minnesota: University of Minnesota Press, pp. 3-11.
Kolbe, P. 1727. *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop ... Alles, geduurende een lang verblyf aan de gemelde Kaap, na waarheit beschreven*. Amsterdam: Lakeman.
Kotzé, EF. 2007. Die vangnet van die woord: forensies-linguistiese getuienis in 'n lastersaak. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 25(3):385-399.
Kotzé, H. 2020. Interpreting research in South Africa: A bibliometric study. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus,* 59:45-60. doi: 10.5842/59-0-830.

Kotze, H & Wierenga, R. 2021. 'n Oorsig oor die ontwikkeling en waarde van *Interpreting Research in South Africa* (IRSA). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 61(4-2):1397-1415.
Le Roux, JJ. 1923. *Oor die Afrikaanse sintaksis*. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.
Le Roux, TH. 1912. Heeft het Afrikaans een grammatika? *Die Brandwag*, 1 Sept., pp. 213-214.
Le Roux, TH & Pienaar, P de V. 1925. *Afrikaanse fonetiek*. Kaapstad: Juta.
Le Roux, TH & Pienaar, P de V. 1945. *Uitspraakwoordeboek van Afrikaans*. Pretoria: JL van Schaik.
Lichtenstein, H. 1811. *Reisen im Südlich Afrika in den Jahren 1803, 1804, 1805 und 1806 (Lichtenstein's travels)*. Berlin: Salfeld.
Loubser, JE & Du Toit, SJ. 1980. *Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal, en, Fergelijkende Taalkunde fan Afrikaans en Engels*. Kaapstad: Tafelberg.
Louw, PE. 2004. Anglicising Postapartheid South Africa. *Journal of Multilingual and Multicultural Development*, 25(4):318-332. doi: 10.1080/01434630408666535.
Malherbe, DF. 1924. Resensie: "Het Afrikaans: bydrage tot de geschiedenis der Nederlandse taal in Zuid-Afrika" deur DC Hesseling*. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 3(2):110-120.
Mentzel, OF. 1785–1787. *Vollständige und zuverlässige, geographische und topographische Beschreibung des … Afrikanischen Vorgebirges der Guten Hofnung*. Glogau: Christian Friedrich Günther.
Molsbergen, G. 1916. *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd. Deel II. Tochten naar het Noorden 1686-1806*. Den Haag: Martinus Nijhoff.
Nienaber, GS. 1934. *Oor die Afrikaanse taal. 'n Bydrae oor sy ontwikkeling na aanleiding van enige versterkingswyse*s. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.
Odendal, FF (ed.). 1978. *Gesag en norm in die taal- en letterkunde*. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
Ponelis, FA. 1968. *Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: JL van Schaik.
Ponelis, FA. 1979. *Afrikaanse Sintaksis*. Pretoria: JL van Schaik.
Ponelis, FA. 1989. Die aard en bestudering van die Afrikaanse taal. In Botha, JTR, Ponelis, FA, Combrink, JGW & Odendal, FF (reds.). 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde.* Pretoria: Academica, pp. 9-37.
Ponelis, FA. 1993. *The Development of Afrikaans*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
Puttkammer, MJ. 2014. *Efficient development of human language technology resources for resource-scarce languages*. PhD thesis (Linguistics and Literary Theory). Potchefstroom: North-West University, Potchefstroom Campus.
Raidt, EH. 1991. *Afrikaans en sy Europese verlede.* Kaapstad: Nasou.
Saal, E & Fourie, A. 2021. "dit en dat" en "al daai goed": 'n Korpuslinguistiese ondersoek na pragmatiese merkers in gesproke Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 61(1):1112-1128.
Scholtz, J du P. 1980. *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
STATSSA (Statistieke Suid-Afrika). 2016. *Gemeenskapsopname: Statistiese Vrystelling*. http://cs2016.statssa.gov.za/wp-content/uploads/2016/07/NT-30-06-2016-RELEASE-for-CS-2016-_Statistical-releas_1-July-2016.pdf [22 Junie 2023].
Steyn, JC. 1980. *Tuiste in eie taal. Die behoud en bestaan van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
Steyn, JC. 1986. *Nasionalisme en die politisering van taal en kultuur in die dertigerjare*. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
Steyn, JC. 1987. *Trouwe Afrikaners: Aspekte van Afrikanernasionalisme en Suid-Afrikaanse Taalpolitiek*. Kaapstad: Tafelberg.
Steyn, JC. 2014. *'Ons gaan 'n taal maak': Afrikaans sedert die Patriot-jare*. Pretoria: Kraal- Uitgewers.
Taljard, E & Bosman, N. 2015. Korpuslinguistiek en metafoorondersoek: moontlikhede en uitdagings met verwysing na kat- en hondmetafore in Afrikaans en Noord-Sotho. Voordrag tydens die Colloquium over het Afrikaans, UGent, Gent.
Van der Bijl, L & Van Wyk, HG. 1992. Sintaktiese ontleders in die rekenaarlinguistiek: die beginsels. *South African Journal of Linguistics = Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 10(supplement 13):102-120.
Van der Merwe, HJJM. 1968. Die Afrikaanse spelling. In Van der Merwe (red.). *Afrikaans: sy aard en ontwikkeling.* Pretoria: Van Schaik, pp. 98-110.
Van der Merwe, HJJM. 1970. *Herkoms en Ontwikkeling van Afrikaans: sds. 9 en 10*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.

Van der Merwe, HJJM. 1971. *Vroeë Afrikaanse Woordelyste*. Pretoria: Van Schaik.
Van der Merwe, HJJM. & Dekker, L (reds.). 1963. *Inleiding tot die taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.
Van Doorslaer, L. 2016. Bibliometric studies. In Angelelli, CV & Baer, BJ (eds). 2016. *Researching translation and interpretation.* London & New York: Routledge, pp. 168-176.
Van Heerden, I & Bas, A. 2021. AfriKI: Machine-in-the-Loop Afrikaans Poetry Generation. In *Proceedings of the First Workshop on Bridging Human-Computer Interaction and Natural Language Processing*.
Van Huyssteen, GB. 2018. 'n Korpusondersoek na huidiglik. *Literator* 39(2):a1527. doi: 10.4102/lit.v39i2.1527.
Van Huyssteen, GB (red.). 2020. *Taalportaal*. https://taalportaal.org/taalportaal/topic/pid/topic-1581327776365425 [16 September 2024].
Van Reenen, Willem. 1791–1792. *Kaapse joernaal van Willem van Reenen*. Ongepubliseerd.
Van Rensburg, FIJ, Malherbe, EFJ & Landman, KJH. 2001. *Die Grondwet en veeltaligheid: Is veeltaligheid ons erns?* Kaapstad: Die Vrydaggroep.
Van Rensburg, MCJ. 1984. Oosgrens-Afrikaans. In Van Rensburg, MC (red.). *Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare*. Bloemfontein: RGN.
Van Rensburg, MCJ. 1984–1986. *Die Afrikaans van die Richtersveld*. Pretoria: RGN.
Van Rensburg, MCJ. (red). 1984. *Finale verslag van 'n ondersoek na die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare*. Pretoria: RGN.
Van Rooy, B. 2017. Die Afrikaanse taalkunde van toeka tot nou. In Carstens, WAM & Bosman, N (reds.). *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Van Schaik, pp. 1-26.
Van Rooy, B & Pienaar, M. 2006. Trends in recent South African linguistic research. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 24(2):191-216.
Van Schoor, JL. 1983. *Die grammatika van standaard-Afrikaans.* Kaapstad: Lex Patria.
VivA. 2024. Afrikaansgrammatika (AAG en ASG). https://viva-afrikaans.org/portale/taalonderrigportaal/afrikaansgrammatika.
Webb, VN. 1993. Language policy and planning in South Africa. In Grabe (ed.). *Annual Review of Applied Linguistics XIV.* Cambridge: Cambridge University Press, pp. 254-273.
Webb, VN. 1995. A sociolinguistic profile of South Africa: a brief overview. In Webb (ed.). *Language planning for a post-apartheid South Africa. The LiCCA (South Africa) report*. Pretoria: University of Pretoria, pp. 15-40.
Wissing, DP. 1982. *Algemene en Afrikaanse generatiewe fonologie*. Johannesburg: Macmillan.

Stemme uit die Ooste: Die kaleidoskoop van die Kaap

Voices from the East: The Cape kaleidoscope

Ernst F Kotzé
Emeritus-professor
Nelson Mandela-Universiteit
Gqeberha
Suid-Afrika
E-pos: ernst.somerstrand@gmail.com

Ernst Kotzé

Ernst Kotzé is emeritus professor in Afrikaanse taalkunde en toegepaste taalstudies van die Nelson Mandela-universiteit in Gqeberha (voorheen Port Elizabeth), voorheen ook navorsingsvennoot en dosent in forensiese linguistiek aan die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom. Hy het gestudeer aan die Universiteit van Kaapstad (BA en BA (Hons)) en die Universiteit van die Witwatersrand (MA en PhD). Navorsingsgebiede sluit in linguistiek en Afrikaanse taalkunde, sosiolinguistiek, leksikografie, taalbeplanning en -beleid, historiese taalkunde, vertaalkunde en forensiese linguistiek. As ontvanger van die Alexander von Humboldt-stipendium het hy postdoktorale navorsing gedoen in Duitsland, akademiese poste beklee by verskeie universiteite in Suid-Afrika, en as besoekende professor onderrig gegee in België en Japan. Kotzé is 'n NSS-geëvalueerde navorser, en het verskeie beurse en toekennings ontvang, onder andere die SA Akademie se CJ Langenhoven-toekenning vir Taalwetenskap in 2003 (Leksikografie), en die CL Engelbrechtprestasieprys (Taalkundige Navorsing), die Marnixring Internationale Toekenning (Belgies) vir die internasionale bydrae tot die ontwikkeling van Nederlands (en Afrikaans), en 'n besondere erepenning van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns vir diens aan Afrikaans

Ernst Kotzé is emeritus professor in Afrikaans Linguistics and Applied Language Studies at Nelson Mandela University in Port Elizabeth, formerly a research partner and lecturer in forensic linguistics at the North-West University in Potchefstroom. He studied at the University of Cape Town (BA and BA (Hons)) and the University of the Witwatersrand (MA and PhD). Research areas include linguistics and Afrikaans linguistics, sociolinguistics, lexicography, language planning and policy, historical linguistics, translation and forensic linguistics. As recipient of the Alexander von Humboldt Scholarship, he did postdoctoral research in Germany, held academic positions at various universities in South Africa, and taught at various universities in Belgium and Japan as a visiting professor. Kotzé is an NRF-rated researcher, and has received several scholarships and awards, including the SA Academy's CJ Langenhoven Award for Linguistics in 2003 (Lexicography), and the CL Engelbrecht Achievement Award (Linguistic Research), the Marnixring International Award (Belgian) for the international contribution to the development of Dutch (and Afrikaans), and a special honorary award from the SA Academy of Science and Arts for service to Afrikaans as a scholarly and standard language.

Datums:
Ontvang: 2024-09-23 Goedgekeur: 2024-11-16 Gepubliseer: Maart 2025

as wetenskaps- en standaardtaal. Hy het in totaal 44 boeke, 56 vaktydskrifartikels en 41 bydraes in kongresverhandelinge oor sy navorsgebiede in Afrikaans, Engels, Duits, Frans en Japannees gepubliseer.	He has published a total of 44 books, 56 journal articles and 41 contributions in congress papers on his research areas in Afrikaans, English, German, French and Japanese.

ABSTRACT

Voices from the East: The Cape kaleidoscope

The basis of this article is the insight into the intra- and extralinguistic factors pertaining to the genesis of Afrikaans in the light of recent research and a reinterpretation of existing findings. It seeks to provide answers to, amongst others, the question of the mutual intelligibility (particularly in written texts) of present-day Dutch and Afrikaans, in spite of considerable differences between the two languages. The focus is particularly on the multilingual context of the Dutch East India Company (VOC) presence both at the Cape of Good Hope and in the East, and the resulting forms (with specific reference to Dutch and Malay) which in due course played a role in the formation of different varieties of Afrikaans.

In various areas around the globe where colonial languages such as English, French and Dutch were introduced and maintained, radical changes in the form of language which emanated from the contact situation led to stratified creole continuums, such as Negerhollands *(also known in English as Virgin Island Dutch Creole – see www.diecreoltaal.com), Maurisien and Tok Pisin. The variety closest to the "original" colonial language, namely the* acrolect *(or "higher form", to be distinguished from the* mesolect *and the* basilect*), seems to have been maintained, in particular in its written form and for formal use, in the course of the development of Afrikaans. The question now arises why, unlike Maurisien in relation to French, the orthography of Afrikaans and the syntax, after more than three and a half centuries, still has so much in common with Dutch, even though both languages have undergone significant modifications over the centuries.*

Two processes seem to have been interacting during the dominance of the VOC in both East India and at the Cape: (1) Dutch was the language of administration and governance, and as such a lingua franca which had to be acquired by all inhabitants, of whatever language background, in their dealings with both the authorities and the man/woman in the street. This is referred to by Mufwene as the founder's principle. (2) Malay (spoken by Malaysians, Indonesians, and a host of East Indian speech communities) was the lingua franca of trade and commerce, but also of religion (written in the Arabic alphabet, called Jawi), and hence facilitated interlingual communication. VOC officials had to recognise this fact, and adapted their speech (Dutch) to what they perceived to be understandable to speakers of Malay. This is referred to as Grice's cooperative principle. In this way, some linguistic adaptations occurred, such as morphological and phonological simplification, which resulted in forms which coincided with distinctive features of early Afrikaans in the mouths of both Malay speakers and VOC officials – something that was strengthened by both the arrival of Malay-speaking slaves at the Cape and the accommodation of so-called "home voyagers", viz VOC officials returning to Europe, who remained at the Cape in large numbers on the homeward journey to Europe. This form of Dutch is also described as Austro-Dutch.

The hypothesis is that this two-way stream of influence was already in place before the language development at the Cape between colonial, or Austro-Dutch, on the one hand and Malay on the other. The hypothesis states, in summary, that Austro-Dutch, the Oceanic variety

of colonial Dutch, which itself also showed variation, played a significant part as a catalyst in the development of Afrikaans.

What is important to note, is that various characteristics ascribable to language transfer from Malay or cooperative adaptations (by Dutch-speaking officials), are present in various forms of Afrikaans (varieties) and as such function as distinctive features by means of which the varieties can be recognised, while others are common to the language of the speech community as a whole. Failure to note these distinctions, at various levels of linguistic description, can, and does, often lead to oversimplifications regarding the nature of the language as a whole.

A correlative of the role played by Malay at the Cape is the fact that Afrikaans, or Cape Dutch, was initially written in the Jawi (Arabic) alphabet, as was Malay, some years before the Roman alphabet was employed to reduce to writing the speech of speakers of Afrikaans. This was simply due to the fact that Jawi was well-known to Malay slaves imported from the East Indies, and the Jawi alphabet was hence employed to write religious instruction books and also secular texts to represent the Cape Dutch pronunciation. However, even after the romanisation of the Arabic/Jawi script, the lexicon of the Cape Muslim community has retained a considerable number of Malay terms, although many of these are being replaced by Arabic equivalents (compare tramakassie *"thank you" in Malay with* shukran *in Arabic), because of exposure to Arabic during the* hajj *and other Islamic areas of contact.*

As a result of an increase in interest regarding the role of Malay in the formation of Afrikaans, some Malay scholars in Indonesia and other Oceanic countries, scholars such as Hoogervorst and Witton, made contributions by means of their research in the recent past, and have thus enriched the body of knowledge on this count, in addition to testing the findings of researchers based in South Africa. They have also pointed the way to open new avenues of research which are accessible in archives in The Hague, Colombo and Jakarta.

KEYWORDS: Afrikaans, Austro-Dutch, Bahasa Indonesia, Bahasa Melayu, Cooperative principle, DEIC, Founder principle, Intralingual variation, Jawi, Language transfer, Levels of language description, Malay, Rumi

TREFWOORDE: Afrikaans, Austro-Nederlands, Bahasa Indonesia, Bahasa Melayu, Intratalige variasie, Jawi, Koöperatiewe prinsipe, Maleis, Rumi, Stigtersbeginsel, Taaloordrag, Vlakke van taalbeskrywing, VOC

SAMENVATTING

Waarom volgde het Afrikaans, gezien het lot van contacttalen die uit het Nederlands voortkwamen, niet het pad van het zogenoemde Negerhollands (in het Engels ook bekend als Virgin Island Dutch Creole – vergelijk www.diecreoltaal.com), op de Maagdeneilanden, die in de loop van de tijd is uitgestorven? Hoe kwam het dat deze taal na ruim drieënhalve eeuw nog steeds zoveel gemeen heeft met het Nederlands, ook al hebben beide talen in de loop van de tijd diepgaande veranderingen ondergaan?

Deze ingrijpende veranderingen, op alle niveaus van taalbeschrijving, in al zijn varianten, maakten het Kaaps-Hollands (in de loop van de tijd "Afrikaans") tot een heel andere taal. Niettemin is de onderlinge verstaanbaarheid tussen de moderne vormen van vooral geschreven Afrikaans en Nederlands inderdaad een opmerkelijk feit. Hoe is het gebeurd?

Wat ik zou willen aantonen is dat het Nederlands als taal voor bredere communicatie in Nederlands-Indië al onderscheidende kenmerken van het vroege Afrikaans had gekregen in

de mond van zowel Maleissprekenden als VOC-ambtenaren – iets dat werd versterkt door zowel de komst van de Maleissprekende slaven naar de Kaap en het verblijf van zogenaamde "thuisvaarders", die in groot getallen tijdens de reis naar Europa aan de Kaap bleven. (Een recenter overzicht van de invloed van deze "reizen" is te vinden in Van Rensburg, 2011.)

De hypothese is dat er al vóór de taalontwikkeling aan de Kaap een tweeledige invloed bestond tussen koloniaal of Austro-Nederlands aan de ene kant en het toenmalige Maleis aan de andere kant, eveneens een taal van bredere communicatie in die tijd. Die invloed is ook en vooral zichtbaar in de structurele, phonologische en lexicale kenmerken van het Austro-Nederlands, een vorm van Nederlands die opvallende overeenkomsten vertoont met wat vandaag de dag als typisch Afrikaanse kenmerken kan worden onderscheiden. Samenvattend stelt de hypothese dat het Austro-Nederlands, dat wil zeggen de Oceanische variant van het koloniale Nederlands, die zelf ook variatie vertoonde, een belangrijke rol speelde als katalysator in de ontwikkeling van het Afrikaans.

1. Ter Inleiding[1]

Die tema wat in die titel saamgevat is, behels 'n kursoriese ondersoek na die geografiese perspektief van oos na wes op die taalsituasie by Tafelberg in die 17de eeu. As deel daarvan word 'n paar stemme aan die woord gestel wat 'n blik van buite bied op die ontstaanstyd van Afrikaans. Dit is 'n redelik stofgetrapte navorsingsveld, maar steeds fassinerend, en, soos die spreekwoord lui, *ex Africa semper aliquid novi*. Maar ek wil graag aantoon dat hierdie aforisme ook op Asië, en spesifiek Suidoos-Asië, van toepassing kan wees, met verwysing na die tydperk toe Kapenaars mettertyd begin Afrikaans praat het.

Standpunte wat oor die jare oor die proses van taalontwikkeling aan die Kaap ingeneem is, onder andere deur Bosman, Hesseling, Scholtz, Raidt, Van der Merwe tot Ponelis, Van Rensburg, Holm, Den Besten, en vele andere, is goed gedokumenteer, en tereg gegrond op primêre en sekondêre argivale bronne, wat meestal bestaan het uit vorme en protovorme van Afrikaans wat opgeteken is. Die tekste is óf deur die gebruikers daarvan self neergeskryf, óf verteenwoordig mondelinge en skriftelike data wat deur waarnemers gedokumenteer is. Uiteraard bly sulke taalinterne data van groot waarde by die optekening van belangwekkende feite oor die wording van die taal.

Wat hierby opvallend is, is dat die navorsing oor hierdie tema hoofsaaklik vanuit 'n Europese of Suid-Afrikaanse oogpunt geïnterpreteer is. (Twee uitsonderings, wat nie hierby genoem is nie, is Roberge en Davids, wat onderskeidelik vanuit die VSA en die Kaapse Moesliemgemeenskap waardevolle insigte bygedra het.) In die jongste tyd is daar egter ook groeiende belangstelling in die taalgeskiedenis uit die VOC-tydperk van Oos-Indië by navorsers in Indonesië, Maleisië en omliggende streke, onder andere ook Australasië. Dit sou van nut wees om by 'n beskouing van die Kaapse taalopset in die 17de eeu die net ietwat wyer te gooi, en benewens die argivale data, ook taaleksterne en pragmatiese faktore te verreken.

[1] Hierdie artikel is 'n verwerkte weergawe van 'n referaat met dieselfde titel wat in Julie 2024 in Windhoek, Namibië by die driejaarlikse internasionale kongres van die SA Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN) gelewer is. Ek bedank die anonieme keurders vir hulle waardevolle kommentaar oor die bydrae, asook die voorstelle ter verbetering van die teks. Dit word aangebied vir die spesiale uitgawe van die TGW met die oog op Afrikaans Amptelik 100, om nuwe kennis oor die ontstaanstyd van Afrikaans vanuit die perspektief van studies oor Maleis onder die aandag te bring, en veral aan die hand van die Austro-Afrikaans-hipotese.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a7

2. Aard en vorm van meertaligheid aan die Kaap

Om mee te begin, kan ons die aard van die meertaligheid aan die Kaap van nader beskou, omdat dit die gebruiksfunksies sowel as die vorm sou bepaal van wat in die volksmond as Kaaps-Hollands bekend sou staan. Wat die funksies betref: Soos elders in die koloniale wêreld, was sprekers van genealogies uiteenlopende spraakgemeenskappe op mekaar aangewese om op gedeelde geografiese terrein ook kommunikatief met mekaar oor die weg te kom. Soos ons weet, is daar natuurlik nie altyd so goed oor die weg gekom nie. Verderaan word hierop teruggekom.

Wat die vorm betref: Tussen diegene wat die redes en die resultate van taalvormverskynsels probeer uitpluis het, is daar dikwels aansienlike verskille. Daar word egter aanvaar dat nuwe sisteme tot stand gekom het as gevolg van intertalige kontak. In die koloniale konteks, of dit nou die gevolg was van multinasionale handel of met owerheidsanksie geskied het, waar die taal van koloniseerders in aanraking gekom het met tale van die inheemse bevolkings, het daar in verskeie gevalle taamlik radikale resultate uit die kontak voortgevloei, wat ook die onderwerp van die kreolistiek en die studie van pidgintale vorm.

3. Omvang van verskille tussen 17de-eeuse Nederlands en Afrikaans

'n Mens kan jou nou afvra waarom Afrikaans nie die paadjie geloop het van Negerhollands op die Deense Wes-Indiese Eilande (later bekend as die Amerikaanse Maagde-eilande), wat mettertyd doodgeloop het nie. Of dié van Maurisiaanse Frans (Maurisien) of Pidginengels (Tok Pisin) in die Britse koloniale streke nie, wat beide in dié mate van die brontale afgewyk het dat die kreoolse tale wat ontstaan het, feitlik alle onderlinge verstaanbaarheid ingeboet het. Ná drie en 'n halwe eeue is daar egter in Afrikaans en Nederlands nog enorm veel wat gemeenskaplik is, al het die standaardvorme van beide tale oor hierdie tyd ook aansienlike wysigings ondergaan, en het ingrypende veranderings in die vorm van Kaaps-Hollands, op alle vlakke van taalbeskrywing, in al sy variëteite voorgekom, wat daarvan 'n heel verskillende taal gemaak het. Onderlinge verstaanbaarheid tussen die moderne vorme van veral geskrewe Afrikaans en Nederlands is inderdaad 'n merkwaardige feit. Hoe het dit gebeur?

4. Sosio-historiese konteks

'n Moontlike antwoord op die vraag is waarskynlik geleë in die sosiale konteks waarin die tale in kontak met mekaar verkeer het, waarby politieke en kulturele faktore ook 'n bepalende rol gespeel het.

Om egter die ontstaan van Afrikaans in die Kaapse Vlek te probeer verantwoord en verklaar, moet die sosio-historiese toestande in die vroeë Kaap by die lig van alle tersaaklike gegewens heroorweeg word. Groenewald (2002:220) verwys na Salikokwe Mufwene se siening oor die dinamiek van taalaanpassing en -verandering in die koloniale konteks. Hy skryf:

> Mufwene se "stigtersbeginsel" waarvolgens die stigters-bevolking(s) van 'n kolonie 'n disproporsionele invloed op die latere ontwikkeling van die taal het, gewoon omdat nuwe sprekers hulle by die reeds bestaande omstandighede moes skik en gewoonlik die plaaslike koloniale taal moes leer. Dit was ongetwyfeld die geval aan die Kaap. Dit is tydens die eerste ongeveer 70 jaar dat daar 'n groot aanpassing in die taal van die koloniale bevolking was… (voetnoot, p. 220)

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a7

'n Eenvoudige voorbeeld is die geval van die Franse Hugenote, wat weinig uitwerking op die vorm van Afrikaans gehad het, gewoon omdat hulle die reeds bestaande koloniale variëteit van die Kaap moes leer. (Vergelyk hierby ook Pheiffer, 1980:250-258, 280-284). 'n Voorbeeld van versteuring deur Frans is moontlik die Afr. "slegsê" (letterlik uit Frans *maudire*, "om te vervloek, verdoem" – teenoor "seën").

Dit was veral die posisie van Nederlands, of dan die vorm daarvan wat deur die VOC-amptenare gebruik is as 'n taal van wyer kommunikasie wat die deurslag sou gegee het, deurdat dit as doeltaal vir sprekers van ander tale gedien het. Dit moes bepaald ook 'n rol gespeel het wanneer daar onbewustelik norme geskep word wat die rigting van taalverandering bepaal. Maar is dit die enigste, of selfs belangrikste oorsaak?

5. Nederlands en Maleis

Wat ek graag aan die hand wil doen, is dat Nederlands as taal van wyer kommunikasie in die Goue Eeu, spesifiek in Nederlands-Oos-Indië, reeds voor "Oom Jan" in 1652 by Tafelberg voet aan wal gesit het, deur kontak met sprekers van inheemse tale in Suidoos-Asië self nuwe vorme aangeneem het wat die weg berei het vir soortgelyke vernuwings in die gebruik van Nederlands aan die Kaap. Maar daar was ook sprake van wedersydse taalinvloed wat tot hierdie vernuwings gelei het. In die proses het 'n ander taal 'n belangrike rol vervul om die destydse koloniale Nederlands as't ware ryp te maak, of te bevrug, vir die geboorte van Afrikaans. Tussen die tale waarvan die sprekers deur bekendheid met hulle moedertaal kenmerke daarvan oorgedra het op die resulterende vorm van Nederlands, het Maleis naamlik, as taal van wyer kommunikasie in Oos-Indië toentertyd, 'n groter rol gespeel as wat dikwels deur taalhistorici erken en/of herken word.

In hierdie artikel wil ek dan graag die lig laat val op die invloed en rol van *Maleis*, nie net deur die teenwoordigheid van Maleissprekendes aan die Kaap nie, maar as faktor by die ontstaan van 'n koloniale Nederlands in Oos-Indië, 'n deel van die wêreld wat ook bekend staan as Oseanië.[2] Sodoende wil ek probeer aantoon dat koloniale Nederlands reeds voor die taalontwikkeling aan die Kaap 'n beduidende invloed deur Maleis beleef het. Daardie invloed is ook en veral sigbaar in strukturele, klankmatige en leksikale eienskappe van die Oseaniese Nederlands, wat deur De Ruyter en Kotzé (2002) benoem is as Austro-Nederlands, of dan "Suidelike" Nederlands. Hierdie vorm van Nederlands toon naamlik opvallende ooreenkomste met hedendaagse Afrikaans.

Saam met De Ruyter, 'n gewaardeerde kollega wat ons ongelukkig voortydig ontval het, stel ek dit as 'n hipotese in die genoemde artikel dat Austro-Nederlands, of dan die Oseaniese variëteit van koloniale Nederlands, wat self ook variasie vertoon het, as katalisator 'n beduidende aandeel in die wording van Afrikaans gehad het. Dit het nie net betrekking gehad op die vorming van die vernakulêre vorm van Kaaps-Hollands en Kaapse Afrikaans nie, maar ook op wat uiteindelik as Moderne Ontwikkelde Afrikaans beskryf sou kon word. Ek kom effens later weer terug by hierdie hipotese.

[2] Oseanië is die kollektiewe naam vir 'n groot aantal eilande in die Stille Oseaan. Die gebied word meestal in drie eilandgroepe ingedeel: Melanesië, Mikronesië en Polinesië. In 'n breër sin verwys die term *Oseanië* na al die eilande tussen Suidoos-Asië en die Amerikas, insluitende Australasië en die Maleise argipel.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a7

6. Bahasa Melayu en Bahasa Indonesia

As agtergrond net enkele opmerkings oor wat hier presies met die taalbenaming "Maleis" bedoel word. Daar word naamlik onderskei tussen Maleisies, wat 'n afleiding is van die landsnaam "Maleisië", en Maleis, wat in sowel Maleisië en Indonesië gepraat word, maar ook in Singapoer en dele van Thailand, Broenei en die Filippyne. Die endoniem vir Maleis wat in Maleisië gebruik word, is Bahasa Melayu, terwyl die vorm daarvan wat in Indonesië voorkom, met die endoniem Bahasa Indonesia benoem word. Volgens Van der Sijs is Maleis voor 1928 oorkoepelend gebruik om ook Indonesies in te sluit, en staan laasgenoemde eers vanaf daardie jaar bekend as Bahasa Indonesia. Koops (2024) haal Van der Sijs in dié verband aan:

> In 1928 werd het Maleis namelijk uitgeroepen tot de nationale taal, de *Bahasa Indonesia* ('Indonesische taal'). De Indonesische regering legde dit in 1945 in de grondwet vast, waarna in 1972 een spellingverandering volgde die afweek van het vroegere Maleis.

Bahasa Indonesia en Bahasa Melayu is dus naby verwante tale, en word grotendeels as wedersyds verstaanbaar beskou. Die verskille tussen die twee, byvoorbeeld op die gebied van woordeskat, spelling en uitspraak, asook geografiese verspreiding, hou almal verband met die koloniale geskiedenis van beide Maleisië en Indonesië. Maar van belang vir die onderwerp onder bespreking is die gemeenskaplike taalkundige en kulturele erfenis, wat in die loop van die 17de eeu handel, kulturele uitruiling en die verspreiding van Islam in die Maleise argipel vergemaklik het.

7. Maleis as brugtaal en die invloed van koloniale tale

In die 17de eeu het Maleis, dit wil sê die ouer chronolek van Bahasa Melayu, naamlik as 'n brugtaal in Suidoos-Asië gedien, dus 'n medium van kommunikasie tussen verskillende etniese groepe en handelaars. Daar is inderdaad sprake van onderskeie Maleise tale, soos Javanees, Boeginees, Soendanees en Balinees. As gevolg van die sterk invloed van Islam, is die Maleis van die tyd in die Arabiese skrif, genaamd Jawi, geskryf. Die wydverspreide gebruik van Jawi-skrif in die 17de eeu is nou gekoppel aan die invloed van Islam in die Maleise argipel, wat omstreeks die 13de eeu begin het. Met die verspreiding van Islam het Arabies 'n belangrike kulturele en godsdienstige taal geword, en die skrif is aangepas vir plaaslike tale soos Maleis.

Die vroeëre invloed van Portugees (vanaf 1511, met die verowering van Malakka) gevolg deur Nederlands (met die oorname van die eiland Ambon in 1605, en later Engels (vanaf 1786), het veral op die gebied van die handel sy merk gelaat, en die voorkoms van leenwoorde uit Portugees, Nederlands en Engels was 'n kenmerk van Basaarmaleis (of Pasarmaleis), die omgangstaal wat die basis gevorm het van die lingua franca. Dit het gedien as 'n vereenvoudigde vorm van Maleis wat kommunikasie tussen mense van uiteenlopende linguistiese agtergronde, insluitende handelaars, matrose en setlaars, vergemaklik het. Terwyl die Jawi-skrif die oorheersende skrif was wat gebruik is vir die skryf van Standaardmaleis in die 17de eeu, is dit ook gebruik vir die skryf van Pasarmaleis. Die veelsydigheid van die Jawi-skrif het dit moontlik gemaak om leenwoorde uit verskeie tale, soos Portugees, Nederlands en Engels te akkommodeer.

Enkele voorbeelde van sulke leenwoorde in Maleis is dan:

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a7

Uit PORTUGEES:
jendela (*janela* 'venster'): جندلا
sepatu (*sapato* 'skoen'): سپاتو
meja (*mesa* 'tafel'): ميجا
gereja (*igreja* 'kerk'): ڬريجا

Uit NEDERLANDS:
kantor (kantoor): كانتور
kompani (compagnie): كومڤاني
kapten (kapitein): كڤتن
serdadu ((huur)soldaat): سردادو

Uit ENGELS
biskut (biscuit): بيسكوت
kopi (coffee): كوڤي
teksi (taxi): تيكسي
bangkar (bunker): بانكر

Dit is dan ook 'n bykomende motivering waarom Kaaps-Hollands, soos gebruik deur Maleise slawe aan die Kaap, deur middel van die Jawi-ortografie geskryf is, veral vir leermateriaal in Islam, maar ook in die algemeen, selfs voordat die Romeinse alfabet vir hierdie ontluikende taal ingespan is. Daar word na hierdie spelwyse en tekste wat daarin geskryf is, ook algemeen as Arabiese Afrikaans verwys. Let wel dat die Romeinse ortografie, genaamd Rumi, eers in die 19de eeu vir die skryf van Maleis ingevoer is (vergelyk Van der Sijs, 2004).

8. Maleis en Afrikaans?

Dit dan die agtergrond wat betref die gebruik en die skriftelike vorm van Maleis in Suidoos-Asië ten tye van die teenwoordigheid van die VOC aldaar in die 17de eeu. Maar hoe nou om die Maleise kloutjie by die Afrikaanse oor te bring? Maleis was maar een van 'n hele aantal tale wat deur slawe uit 'n verskeidenheid agtergronde aan die Kaap gebruik is, en sodoende het verskillende moedertale naasmekaar bly bestaan. Uit die kaleidoskoop van tale wat met die Nederlands van VOC-amptenare die leefruimte in die omgewing van Tafelberg gedeel het, het sowel die taalagtergrond as die sosiale posisie van aanleerders van Kaaps-Hollands bygedra tot die vorming van 'n aantal variëteite van hierdie lingua franca. Dit beteken dat die sosiale stratifikasie van die Kaapse bevolking (as amptenare, handelaars, grondbewerkers, slawe, matrose, vissers, wetstoepassers, handwerkers, godsdienstige leiers, vaklui en 'n hele spektrum van betrokkenheid by die samelewing aan die Kaap in die beginjare van die nedersetting) 'n bepalende rol gespeel het om beslag te gee aan die vorm van onderlinge kommunikasie.

Die resultaat van sowel die migrasie van inkommers van elders as die interaksie met die bestaande bewoners, te wete die Khoi-Khoin en San-bevolking, het voorstelbaar gelei tot 'n talige kaleidoskoop, waardeur nie net verskillende tale ingespan is vir 'n verskeidenheid doeleindes nie, maar dieselfde tale deur wedersydse beïnvloeding voortdurend aan die verander was in die mond van sowel moedertaal- as tweedetaalsprekers. Terwyl die kommunikatiewe doel van veral mondelinge, maar ook informele geskrewe taalgebruik, sekerlik voorop gestaan het, het formele norme tweede viool gespeel, en het die vorm of struktuur van betekeniseenhede daarby aangepas. Die dinamika van taalverandering was dus enersyds progressief op grondvlak, maar in sekere opsigte vasgelê in meer formele kontekste, soos amptelike en religieuse

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a7

kommunikasie. As gevolg van die onvermydelike sosiale stratifikasie van die gemeenskap, wat in die Kaap dikwels ook saamgeval het met taalverskille, het Nederlands as matrilek gefunksioneer, en het deur die toename van tweede- en derdetaalsprekers (of selfs meer) as doeltaal bly voortbestaan. Ek gebruik die term "matrilek" in die betekenis wat soos volg in verskillende aanlyn bronne (onder andere https://en.wiktionary.org/wiki/matrilect) gedefinieer word:

> **matrilect** … (linguistics) The language of the dominant local culture, in the situation where a pidgin or creole is formed from the language of the dominant culture and another outside introduced language.

Hierdie definisie stem ooreen met die gebruik daarvan in Kotzé (2016:44), wat soos volg daarna verwys:

> Ek bedoel met "matrilek" hier *matriksdialek,* en nie "moedertaal" nie, soos sommige dit interpreteer.

Ook Mesthrie (2019) pas die begrip toe op die vorming van 'n Suid-Afrikaanse Engels, en verwys na Britse Engels as die matrilek, wat as dominante vorm opgetree het (en dit nog in 'n bepaalde mate doen):

> The main L1 English in Africa, showing continuity with the L1 British English "**matrilect**," is the variety spoken by descendants of 19th-century English settlers in southern Africa, chiefly in South Africa and (decreasingly) Zimbabwe.

In die breër konteks van die kreolistiek verwys outeurs soos Mühlhäusler (1986) en Bickerton (1981) konseptueel na hierdie vorm van die dominante taal, wat aanleiding gee tot die stratifikasie van verinheemste matrikstale in die vorm van akrolekte, mesolekte en basilekte.

9. Intratalige variasie

In die talle teorieë oor die ontstaan, wording of genesis van Afrikaans word daar by die beskrywing van Afrikaans as taal dikwels 'n eenheidsbegrip veronderstel wat nie kennis neem van die inherente variasie waardeur die volle omvang van die taal met al sy variëteite, die hele spektrum, gekenmerk word nie. Dit is veral duidelik in polemieke oor taalveranderingsprosesse soos pidginisering, kreolisering, koineïsering, 'n hele versameling van benamings, waarvan sommige (byvoorbeeld kreolisering) om nietaalkundige redes gestigmatiseer is. Die kompleksiteit van verskillende prosesse, waarvan sommige 'n meer omvattende uitwerking as ander gehad het, en selfs oorvleuelend gewerk het, het daartoe gelei dat die resultaat nie na 'n enkele vormingsproses herlei kan word nie. Pogings om so 'n sentrale of oorwegende oorsaak ten opsigte van *die taal as geheel* te identifiseer, is daarom meestal simplisties van aard.

Insig in die inherente variasie wat deur die gebruik van die taalnaam Afrikaans geïmpliseer word, is deur Suzanne Romaine uitgedruk in haar Longman-publikasie van (1988:62):

> "Afrikaans" is a loose label for a set of varieties ranging along a scale from highly European-like (i.e. similar to Dutch) to moderately creole-like (i.e. similar to Negerhollands).

Die skaal wat Romaine gebruik, dui op die aanname dat variëteite – en by implikasie tale – onder die sambreel van kreoolstudies nie almal ewe kreools van aard is nie, en geklassifiseer kan word volgens die mate van ooreenkomste met of verskille van 'n Europese taal. Navorsers in kreoolse studies het gevolglik 'n veelheid van tipologiese etikette geskep in 'n poging om

verskillende grade van kreolisiteit aan te dui, etikette soos kreoloïed, halfkreool, intertaal, koine, ensovoorts.

10. Vlakke van taalbeskrywing

Nog ’n faktor wat die resultaat van taalkontak kompliseer, is die feit dat verskeie vlakke van taalbeskrywing ingespan kan word om beïnvloeding aan te dui. Voorbeelde van taaleienskappe op slegs een beskrywingsvlak word dikwels as bewysmateriaal gebruik sonder om by ’n geheelbeeld uit te kom wat wedersyds ondersteunende data op die verskillende beskrywingsvlakke benut.

Net kortliks dan drie vlakke waarop taalverskynsels beskryf kan word: Die eerste vlak is argumentshalwe die leksikale. Die oorname van leksikale items (of woordeskat), kan enersyds heelhuids of in aangepaste vorm plaasvind, maar steeds duidelik sigbaar by ’n vergelyking van die betrokke items in die twee tale. Voorbeelde hiervan is woorde in Maleis wat aan Nederlands ontleen is, soos *kapten* en *apotek*, en woorde in Afrikaans wat aan Maleis ontleen is, soos *kampong* en *amok*. Andersyds kan dit in minder opsigtelike vorm voorkom as leenvertaling, waar die betekenis van herkenbare woorde in die brontaal soms verskil van wat met die leenvertaling bedoel word. Dit is dikwels die oorsprong van *faux amis*, ook in nou verwante tale, soos *afslag* in Nederlands en *afrit/uitdraaipad* in Afrikaans, wat as intertalige sinonieme beskou kan word.

Die tweede beskrywingsvlak is dié van die fonologie. Die uitspraaksisteem van die leerder se huistaal kan ook ’n sistematiese aanpassing weerspieël in die taalvorm wat hieruit voortvloei. Op grond hiervan word die spraak van niemoedertaalsprekers dikwels as “met ’n x-aksent” beskryf. Vir die doeleindes van hierdie artikel word die verband tussen Maleis en Afrikaans in dié verband in paragraaf 15 geïllustreer. Die derde vlak van taalbeskrywing is die grammatika (waarby sowel sintaktiese as morfologiese faktore betrek word), wat in die kontaktaalvorm potensieel kan verskil van onder andere die woordvolgorde en woordbou van die brontaal. Soos in die geval van fonologiese eienskappe, word voorbeelde ten opsigte van Maleis en Afrikaans op hierdie vlak in paragraaf 12 verstrek. Tot sover dan die taalinterne faktore wat betrek kan word.

Teen hierdie breë en onspesifieke agtergrond is dit nou my oogmerk om met ’n meer pertinente fokus op die sosiolinguistiese konteks ’n bykomende ontleding te probeer gee van hoe dit dan nou kon gebeur het dat die “veelkantige” entiteit wat ons Afrikaans noem, lyk soos hy lyk, wat woordeskat, uitspraak en grammatika betref, en uiteindelik hoe Maleis daarin ’n rol speel.

11. Pragmatiese faktore – die koöperatiewe prinsipe

Voordat ons na die taalvorm self kyk, en dus aan die hand van voorbeelde bepaalde taalkenmerke uitlig, is dit eers nodig om die pragmatiek (die funksionering van taaluitings in kommunikasie) van die taalkontaksituasie nader te bekyk. Daar bestaan naamlik iets soos ’n gemeenskaplike norm van kommunikatief optimale gebruiksvorme in ’n veeltalige gemeenskap. Dit is ’n mondvol, maar makliker verstaanbaar as ons dit teen die agtergrond beskou van Paul Grice se beginsels (*maxims*) van gesprekvoering. Die sogenaamde koöperatiewe prinsipe kom daarop neer dat daar ’n stilswyende ooreenkoms tussen spreker en hoorder ontstaan om wedersydse begrip te maksimaliseer. Die Nederlandse Wikipedia stel dit so:

> Het coöperatieve principe werkt altijd in twee opzichten: enerzijds houdt de spreker zich altijd aan het coöperatieve principe, anderzijds gaat ook de toehoorder er zonder meer van uit dat de spreker dit doet. Het coöperatieve principe kan dus worden beschouwd als een stilzwijgende overeenkomst tussen de sprekers. (https://nl.wikipedia.org/wiki/Co%C3%B6peratief_principe) [17 Mei 2014]

'n Faktor wat nie so dikwels in ag geneem word by die oorweging van taalbeïnvloeding nie, is die akkommodering van sulke aangepaste vorme wanneer eerstetaalsprekers van die teikentaal (byvoorbeeld Nederlands) byvoorbeeld met Maleissprekers kommunikeer. Hier wil ek spesifiek kyk na kenmerke van die Aanleerdersnederlands van Maleissprekendes in Nederlands-Oos-Indië.

11.1 Gepidginiseerde Afrikaans

Om enigermate af te dwaal na hedendaagse Afrikaans: Die soort aanpassings waarvan hier sprake is, sluit breedweg aan by die werk van Stoltz (1982) en EB van Wyk (1983) oor sogenaamde Gepidginiseerde Afrikaans. Hierdie vorm van Afrikaans is in die jongste tyd weer opnuut bekyk deur outeurs soos Kriel (dr. Ansie Maritz) 2016 en andere, onder die benaming *Napraatswartafrikaans*. Sy beskryf die taalvorm soos volg:

> Napraatswartafrikaans word gebruik wanneer Afrikaansmoedertaalsprekers Swartafrikaans namaak en onder mekaar gebruik. Hierteenoor staan die oorspronklike ontstaansvorm en -funksie van Swartafrikaans, naamlik om as 'n ondersteuningstaal tussen 'n Afrikataal-moedertaalspreker en 'n Afrikaansmoedertaalspreker gebruik te word.

11.2 Die Nederlands van Maleissprekendes en VOC-amptenare

Teen hierdie agtergrond (afdeling 11.1) kan ons die beginsel wat ter sprake is, op die vorm van Nederlands toepas wat teenoor Maleissprekendes in die 17de eeu beslag gekry het. 'n Mens kan aanvaar dat daar deur VOC-amptenare onderbewustelik kennis geneem word van kenmerke in die aanleerdersvorm van Nederlands by Maleissprekendes, en dat die omgangstaal wat hieruit ontstaan het, daarby aangepas is om beslag te gee aan die koöperatiewe prinsipe van Grice.

Tienduisende VOC-beamptes, van sowel hoë as lae range, het gedurende die VOC-tydperk dié bont spektrum van Maleise en Portugese "noodhulp"-tale, vereenvoudigde Pasar (Basaar)-Maleis en/of van Kreools-Portugees, in Suidoos-Asië daagliks gebruik. Elkeen se Nederlands moes ná verloop van jare die onvermydelike spore van informele meertaligheid vertoon het. In dieselfde tydperk het tienduisende van die "tuisvaarders"/kromtaalsprekers op die skepe by die "Kaapse Vlek" (Schoeman, 2001:261) aangedoen. Uit Van Gelder (1997:14, 41) kan ons aflei dat die "Kaapse Vlek" reeds van 1652 af 'n veeltalige plek was, want in normale jare is die vaste inwoners se taal beurtelings oorweldig deur 'n breë stroom van Hollands/Nederlands met baie Duits (as die VOC-vloot uit Europa aankom), en "vroeg elke jaar" deur die tuisvaarders uit die Ooste. Tussen 1602 en 1795 het daar volgens Van Gelder (idem, p.14) nie minder nie as 973 000 mense in diens van die VOC uit Nederland vertrek – die helfte van hulle buitelanders, waaronder baie Duitsers – maar slegs 366 900 van hulle het weer via die Kaap teruggekeer. Omdat die verversingspos aan die Kaap eers van 1652 af dateer, verminder die twee getalle van mense wat daar aangedoen het, na ongeveer 841 000 "uitvaarders" en 330 000 "tuisvaarders" (idem, p. 40). Die 330 000 tuisvaarders oortref die totale aantal Kaapse moedertaalsprekers

van Maleis en ander tale grootliks: Die groter groepe vroeë Austro-Nederlandssprekende loseerders uit die Ooste was in daaglikse kommunikasie met sowel Maleissprekendes en Kaaps-Hollandssprekers uit verskillende taalagtergronde.

12. Impak op die taalsituasie aan die Kaap

Weens die omvang en intensiteit van die Oos-Indiese talekontak, en deur die veelvuldige kontak met VOC-personeel, kan ons redelikerwys aanneem dat die Nederlands van die aanvanklike 200 inwoners in die dorpie aan die Kaap spoedig deel geword het in die kontinuum van veranderende Nederlands wat van 1596 af in Oos-Indië gegroei het. Baie van dié meertalige tuisvaarders – ongeveer 2 300 van hulle het gemiddeld jaarliks in Tafelbaai aangekom, waaronder vrouens en kinders – het in Kapenaars se huise losies gekry, 'n reëling waaroor die "Instructie" van Van Rheede (1685) die volgende meld: "[daar was] in de Tafelvalley ofte omtrent het Casteel 30 huijsgesinnen haer meest erneerende met herreberg, tapneering en tuynvrugten" (Hesseling, 1923: 21). Siekes en herstellendes het soms lank vertoef, en sommige van die tuisvaarders het hulle vir goed aan die Kaap gevestig. Hoe winsgewend die Kapenaars se handel met alle inkomende skepe tot ongeveer 1750 was, beskryf Schoeman (2001:250), wat ook op die toenemende weelde in die Kaap wys (idem, pp. 684, 689).

Aan die ander kant het daar volgens Shell (1994:12) tot 1808 ongeveer 63 000 slawe in Kaapstad aangekom, veral jonger mense uit 'n verskeidenheid taalkringe. De Ruyter het in sy optekening van ongeveer 860 leksikale leenwoorde uit Maleis gevind dat behalwe die benamings van kossoorte en handelsware (d.w.s. selfstandige naamwoorde), bloedweinig woorde uit tale van Afrika, Indië of Malgassië in Afrikaans opgeneem is, terwyl sowat 77,3% van alle slawe wat aan die Kaap geland het, uit hierdie dele afkomstig was (Shell, 1994:15). Boonop was tot so laat as 1740 nog ses uit elke sewe slawe van elders ingevoer – slegs een uit sewe was 'n Kaapse boorling (Shell, 1994:17).]

Taaloordrag van die moedertale na die volgende geslag is verder bemoeilik, deurdat die eienaars doelbewus slawe met verskillende tale aangekoop het (Shell, 1994:21), en hulle gevolglik nie hulle moedertale meer kon gebruik nie. Die slawe se geleidelike aanvaarding van die Kaapse lingua franca, dus Kaaps-Hollands, was vir alle inwoners die enigste kommunikatief aangewese oplossing.

Volgens aantekeninge wat in 1978 deur Stephen Gray, die SA outeur, in *Speak* gemaak is (aangehaal in Shell, 1994:19), het slawe uit Suidoos-Asië ook teen omstreeks 1740, inderdaad moeite gedoen om Kaaps-Hollands aan te leer. Hy meld dat 'n besonder lang toneelstuk oor die lotgevalle van 'n Moslem-slawemeisie Galiema (Halima) in die Kaap saans by die lig van 'n houtvuur agter toe deure opgevoer is. Die skrywer van die stuk, ene Majiet, was óf 'n slaaf, óf 'n seun van die beroemde banneling Sjeg Yusuf (Makassar 1626 – Kaapstad 1699). Die stuk is in Arabiese skrif, d.w.s. Jawi, geskrywe, sê Gray, "which when translated into sounds comes out as kitchen Dutch".

Een van die vrae wat beantwoord moet word, is hoe daar nogtans soveel Maleise leenwoorde (sonder om kenmerke op die ander beskrywingsvlakke te noem) in Kaaps-Hollands tereggekom het. De Ruyter het in ongeveer 200 'n stuk of 430 Maleise woorde wat met die Kaap in verband staan, gevind, plus 270 Maleis-Arabiese woorde, wat as 'n gevolg van die rol wat Islam in die gebruikstaal van Kaapse Maleiers gespeel het (en nog speel) opgeneem is. De Ruyter het in sy studie (De Ruyter & Kotzé, 2002) onder andere 77 kosname en 44 name van handelsware uit Maleis afkomstig opgeteken. 'n Sterk waarskynlikheid is dat sulke terme uit die tuisvaarders se Oos-Indiese ervaringswêreld onregstreeks, d.w.s. deur middel

van Austro-Nederlands, in Kaaps-Hollands, en sodoende in Afrikaans beland het. Hiermee sou ’n mens moet konkludeer dat sowel die opname van Maleise vorme (en ook strukture) as die vervlegtheid met Nederlands terug te voer is na die koloniale taalsituasie in Oos-Indië, en dus in belangrike opsigte ’n allogtone oorsprong moes gehad het.

13. Morfologiese en sintaktiese verskynsels

Benewens die opname van ’n aantal leksikale items, het strukturele kenmerke van Austro-Nederlands, soos reduplikasie (uit Maleis) en direktevoorwerp-konstruksies met *vir* (uit Portugees – toevallig ook ’n kenmerk van Spaans), waarop daar nie verder ingegaan word nie, deel geword van die talewerklikheid in Suidoos-Asië, van waar dit deur die tonge van die tuisvaarders in die Kaap weerklink het en deel geword het van ’n pertinent Kaaps-Hollandse taalvorm.

Wat die sogenaamde verbale stamvorm sonder uitgang betref, het Hesseling in 1923 (1923:63) die gedagte uitgespreek dat

> … in de 17de eeuw ook elders in [Nederlands-] Indië een soortgelijke vervorming van het Nederlands [soos in Afrikaans] is tot stand gekomen, waarbij zich dan de taal der kolonisten van Kaapstad heeft aangesloten. steunt op hetgeen wij weten van ’t Hollands dat eens op Ceylon werd gesproken. Er zijn ons overblijfsels van bewaard in het daar nog gangbare gebroken Portugees, en die overblijfsels vertonen treffende overeenkomst met Afrikaanse eigenaardigheden.

Hy noem dan die volgende woorde wat in Ceylon (tans Sri Lanka) opgeteken is (kursief gemerk):

aantekenen – *antéken*
aantreden – *antré, antri, anteré, anteri*
afkeuren – *apkir, pekir, apekir, apukir*
aflossen – *aplus, aplos*
bedekken – *bedek*
beledigen – *balédek* (verouderd)
benoemen – *benum*
bestellen – *bestél, bistel*
blokkeren – *blokir*
boren – *bor, ebur, ebor*
deponeren – *déponir*
disciplineren – *disiplinir*
donderen – *donder* (‘to fulminate’)
forceren – *forsir*

14. Morfonologiese en sintaktiese “foute”

Op die beskrywingsvlak van die fonologie vind verlies van die woordfinale (inderdaad sillabefinale) -t volgens die Standaardafrikaanse sowel as die Kaaps-Afrikaanse patroon plaas:

kas (Ndl. kast)
hes (Ndl. gist)
pos (Ndl. post)

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a7

Dat selfs in die hoogste kringe van VOC-personeel in Batavia die Nederlandse taalgebruik nie altyd onberispelik was nie, word deur Bosman (1952:139, n. 4) aangestip in 'n bespreking van *Briewe van Johanna Maria van Riebeeck* ... uit 1710: "In bepaalde posisies word 'n slot -t in die geskrifte van Johanna Maria dikwels weggelaat – net soos in Afrikaans."

Wat Jan van Riebeeck betref, kon hy ná sy sewe jaar in die Ooste (1640–1647) volgens Schoeman (1999:131), as opperkoopman en sekundus, of tweede-in-bevel, homself goed uitdruk in gangbare Asiatiese Portugees, asook in 'n aanvaarbare Maleis (sy "Daghregister" vertoon spore daarvan, byvoorbeeld woorde soos die volgende: *chiampan*, *sampan*, "skuitjie", *baadjie*, *baftas*, *kiaten*, "kiaat"). Hier word aanvaar dat naas 'n mate van Engels, hy ook bekend was met die Austro-Nederlands wat deur die tuisvaarders Kaap toe gebring is. Scholtz (1982:98) merk daaroor op:

In die 17de eeu is die onafrikaanse volgorde [in sinsbou] die normale by sommige Nederlandse skrywers (byvoorbeeld Jan de Wit); maar by Van Riebeeck vind ons verreweg oorheersend die volgorde soos in Afrikaans.

15. Taaloordrag/-versteuring

In 'n artikel in *Literator* (2002) verwys De Ruyter en Kotzé na die taalaanleerverskynsel "taalversteuring"[3] (wat later vervang is deur die term "taaloordrag") met verwysing na woordgebruik en idiome in Afrikaans wat (as leenwoorde en leenvertalings) grotendeels slegs uit tale van Oos-Indië afkomstig kan wees, en aanvanklik in die Kaaps-Hollands van Maleise slawe voorgekom het. In die artikel word daar ook kursories verwys na grammatikale verskynsels soos reduplikasie en die afwesigheid van 'n verbale verbuigingstelsel in beide Maleis en Kaaps-Hollands. Laastens word voorbeelde van fonologiese ooreenkomste tussen Maleis en Kaaps-Hollands (en of dan vroeë Afrikaans) aangestip. 'n Kort oorsig dui op die volgende verskynsels:

15.1 Fonologiese reste uit Maleis in Afrikaans

Ontronding van sommige vokale in Afrikaanse uitspraak is volgens Ponelis (1991: 54) "heel waarskynlik deur Engelse invloed versterk". Maar ontronding was reeds geruime tyd voor kontak met Engels in Afrikaans-Hollands aanwesig. Die ontronding van "uu" > "ie"…(oftewel /y/>/i/), wat algemeen in die hedendaagse Afrikaanse spreektaal voorkom…', berus op die vroegste aanpassings in die uitspraak van Ndl. /y/ as [i] in byv. "*muur*" deur sprekers van Maleis. Volgens Teeuw (1974: 9) tel die Ndl /y/ nie onder die Maleise klinkers nie, al word die digraaf "oe" in Bahasa Indonesia gebruik vir /u/. (Vergelyk Ponelis (1991:6) oor "Maleise vokale …[teenoor] die veel ryker Nederlandse vokaalstelsel"). Net soos die monoftong /y/, het die Nederlandse diftonge wat nie in Maleis bestaan nie, soos /oei/, /ui/, ook in Afrikaans ontronding ondergaan (vergelyk Kotzé, 1985: 44). Dieselfde ontrondingsverskynsels in die mond van Maleissprekendes is ook as "Indische fouten" bestempel deur Nederlandse onderwysers in die vroeë 20ste eeu in Oos-Indië by hul tweedetaalonderrig van Nederlands aan leerders. Vergelyk in hierdie verband Nieuwenhuis (1930:238): "Oefentabel voor de mondgymnastiek", wat daarop wys dat ook Oos-Indiese leerders byvoorbeeld van *miere*

[3] Uys (1983) (veral bl. 12 et seq) bied 'n insiggewende beskrywing van die uitwerking van taalversteuring op die ontwikkelingsgang van die verskillende vorme van Afrikaans, asook oor die faktore wat 'n noue band tussen Afrikaans en Nederlands verseker het.

gepraat het as hul *mure* bedoel, en /f/ of /w/ gebruik het vir die beginkonsonant van "veel", en die Nederlandse "wat" uitgespreek het as "oewat" of "what".

> Die stemhebbende alveopalatale affrikaat "j" in byvoorbeeld [dʒa:x] "jaag", soos in "Jan", "jy**"** [dʒan, dʒəi] is 'n gestigmatiseerde Maleise ontlening waardeur die glyer /j/ verdring is. (Ponelis, 1991:32)

"In Afrikaans-Hollandse tekste getuig die verwarring van die grafeme f en v daarvan dat die opposisie tussen /f/ en [halfstemhebbende] /β/ nie bestaan het nie: byvoorbeeld "onfangen" 'ontvangen' 1715; "fallewassij" 'valuatie' 1719, ensovoorts" (Ponelis, 1991:33).

In Noordwestelike Afrikaans, soos in dele van Namakwaland en oostelike Boesmanland gepraat, word die stemlose velêre sluitklank [k] dikwels vervang deur 'n stemlose palatale sluitklank [c], byvoorbeeld in [cənt], oftewel "tjind", vir kind, en [cɛnhart], oftewel "Tjenhardt" vir Kenhardt, ensovoorts (Links, 1989:23). Dieselfde affriseringsproses is ook in minimale pare in Bahasa Indonesia werksaam, sy dit dan met geringe semantiese verskuiwings. Voorbeeld: Bahasa Indonesia *céna*, (*cena*) "kenmerk", "teken".

16. Voortgesette gebruik van Maleis aan die Kaap

Franken, wat onder andere in die 1950's geskryf het, het verskeie voorbeelde van gesproke formules in Maleis gedokumenteer. Om mense na 'n begrafnis uit te nooi, sou 'n moskeeboodskapper (maboet) glo die volgende frases uiter:

> Bismila toewang, minta maaf, intji Abdol kasi, farldoe kifajat piljara poekoel satoe (doea of tiga). […] Baing tramkassie (van trimakassi), toewang, toewang; intji Abdol minta talil besoek malang sampi toedjoeng malang dangha soerat Jassim. (Franken, 1953a:118) '*In die naam van God, Meneer, as ek so vrymoedig mag wees, meneer Abdol hou 'n gemeenskaplike begrafnisritueel om eenuur (of twee of drie) […] Baie dankie, Meneer, Meneer; Mnr. Abdol versoek 'n tahlīl môreaand tot seweuur die aand om na die Sūrah Yā'-Sīn te luister*.

Terwyl sulke vaste uitdrukkings nie meer algemeen is nie, bly Maleise (en Arabiese) woordeskat 'n kenmerkende deel van die Kaapse Moslem-linguistiese identiteit. Kyk byvoorbeeld na die volgende aanhaling deur die gewilde regisseur, dramaturg en skrywer Zulfah Otto-Sallies in haar kortverhaal *Alles op 'n Sondag*:

> Salaam, Oemie! Hoe Faa, Boeja! Tien rand se koesiesters, kanalla, baie stroep en min klapper. Shukran! Kanalla, tamaaf, tramakassie, en stuur krieslam vi' Amina! (Otto-Sallies 2010: 60)
> *'Hallo moeder! Hoe gaan dit, Vader! Koesiesters vir tien rand, asseblief, met baie stroop en min klapper. Dankie! Asseblief, verskoon my, dankie, en stuur my groete aan Amina!'*

17. Perspektiewe van elders

In die onderstaande gedeelte word daar ook kennis geneem van navorsing wat in die jongste tyd uit die pen gekom het van kenners van Maleis (sowel Bahasa Indonesia en Bahasa Melayu), te wete Hoogenvorst en Witton. Hulle bevindings ondersteun in verskillende opsigte die waarnemings oor die rol van Maleis as lingua franca en die wedersydse beïnvloeding van 17de-eeuse Nederlands en Maleis wat tot dusver bespreek is. Ook die opmerkings van Hesseling oor die ooreenkomste tussen Oos-Indiese Nederlands (Austro-Nederlands) en Kaaps-Hollands word deur hulle bevindings bevestig.

17.1 Hoogenvorst

Hoogenvorst se werk oor die tema van hierdie artikel is toegespits op leksikale en fonologiese aspekte van sowel Maleis as Oos-Indiese Nederlands in die 17de eeu, en hy ondersoek die historiese Kaaps-Maleise variëteit vanuit die perspektief van die Maleise taalkunde.

In drie afdelings rekonstrueer hy die kontaksituasie waardeur die Kaaps-Maleise volkstaal gevorm is, die tipologiese kenmerke daarvan in vergelyking met ander Maleise variëteite en die direkte leksikale invloed daarvan op Afrikaans. Deur dit te doen, bied ’n mate van linguistiese agtergrond tot historiese narratiewe. Terwyl die gemengde afkoms van die Kaapse Moslem-gemeenskap bo alle twyfel is, verdien die linguistiese inbedding van hierdie nalatenskap ’n dieper fokus.

Soos soms uitgewys word, bring ’n oormatige fokus op kreolisiteit die risiko dat komplekse geskiedenisse van nie-Europese meertaligheid uitgewis word. Dit is onlangs aangetoon in ’n studie van vernakulêre skrifte in die Malgassiese diaspora (Pier M Larson, 2009).

Histories het Batavia ook ’n ouer Maleise variëteit voortgebring wat onder die “Mardyker-gemeenskap gepraat word, wat bestaan het uit vrygestelde slawe van uiteenlopende streeksherkoms. Sommige Mardykers het hulle in die Kaap gevestig in diens van die VOC (Lawrence G Green, 1948:94). Hul Maleis is bewaar in ’n 18de-eeuse gedigteboek met die titel *Livro de pantuns* “Boek van pantuns”. Soos ’n onlangse linguistiese ontleding van hierdie unieke bron toon, het Mardyker-Maleis fonologiese kenmerke wat tipies geassosieer word met Oos-Indonesiese Maleis, maar het ook ’n sterk leksikale afdruk van Java-Maleis (Adelaar, in druk/1991).

Daar was ook direkte invloed uit Arabies. ’n Aantal leenwoorde is bekendgestel deur mense wat van Mekka af teruggekeer het en het hul weg na die vernakulêr gevind deur direkte kontak met Arabiessprekendes, eerder as Islamitiese onderwys.

17.2 Witton oor die “Maleiers” van die Kaap

In sy bydrae vestig Witton die aandag op sowel die navorsing van Afrikaans-taalkundiges en historici wat in Engels beskikbaar is (byvoorbeeld Ponelis, Shell, Combrink en Valkhoff) as die insigte wat hy met Maleise mede-deskundiges deel. Hy wys onder andere op die omvang van die taalverskeidenheid, wat onder andere ook deur Valentjin genoem word. Benewens Nederlanders, Franse en Duitsers, Savojarde, Italianers en Hongare, noem Valentjin ook die Maleiers, Malabars, Cingalese, Javanese, Makassars, Banjanese, Amboinese, Bandanese, Boeginese, Chinese, Malgassiërs, Angolese en inwoners van die Kaap-Verdiese Eilande en Guinee, waarvan laasgenoemde drie uiteraard ook Portugees magtig was. Onder die sogenaamde “Maleiers” tel dan ook dié wat afkomstig was van Java, Bali, Soenda en Boegi. (Hy beklemtoon dat Maleis as religieuse taal ’n sterk samebindende faktor was.) Met verwysing na Shell (1994:40-41) toon Witton aan dat Maleis vir sowat 250 jaar aan die Kaap gebruik is, maar mettertyd al hoe skaarser geword het en onder daardie sprekers deur Afrikaans vervang is. Die laaste aangetekende gesproke gebruik van die taal in Kaapstad was na berig in 1923. In aansluiting by Tom Hoogervorst se ontleding (2021) van die linguistiese kenmerke van Kaaps-Maleis, laat Witton (1972) die soeklig val op die omvang van reduplisering as “oorgeërfde” kenmerk van Maleis in Afrikaans. Hy wys daarop dat, alhoewel die reduplisering van byvoeglike naamwoorde en bywoorde af en toe in Nederlands voorkom, dit onbekend is by ander grammatikale vorme, soos selfstandige naamwoorde, werkwoorde en syfers. Hy

stem saam met Combrink 1978:77-78)[4] dat die "ongewone" woordsoorte vermoedelik geleende grammatikale vorme uit Maleis of ander tale afkomstig is en deur slawe gebruik is wat deel geword het van die huishouding – onder andere ook hulle invloed as kinderoppassers op die volgende geslag. Combrink (1978) verskaf die volgende voorbeelde:

1. *Adjektiewe*: *ryk-ryk* kêrels (Kategorie: adjektief – funksie: adjektief)
2. *Adverbia*: Hy het sommer so *stil-stil* verdwyn (Kategorie: adjektief – funksie: adverbium)
3. *Naamwoorde*: Die mense daar het *troppe-troppe* beeste (Kategorie: naamwoord – funksie: telwoord)
4. *Werkwoorde*: (i) Hy het *staan-staan* die koffie gedrink en toe gery. (Kategorie: werkwoord – funksie: adverbium)
   (ii) Sy *voel-voel* met haar voet hoe warm die water is. (Kategorie & funksie: werkwoord)
5. *Telwoorde*: Toe klim hulle *twee-twee* in die bus. (Kategorie: telwoord – funksie: adverbium)

Ponelis (1993:567) sluit ook hierby aan, en noem dat, benewens die verskynsel van reduplikasie, die perifrastiese besitsvorm (genitief), soos in "die taal se eienskappe", ook duidelik in sommige vorme van Maleis teruggevind kan word (pp. 99, 233). Dit is egter debatteerbaar, aangesien (ook volgens W Mahdi, in private kommunikasie met Witton) dit redelik wydverspreid in ander Germaanse tale, soos Platduits, Noors, informele Nederlands en Engels aangetoon kan word.

Laastens, wat die fonologie betref, vestig Ponelis die aandag op die woord-/sillabefinale apokopee van konsonantklusters bestaande uit 'n sonorant (soos /l/, /m/, /n/, /ŋ/) plus 'n sluitklank (soos /t/, /p/ en /k/) in Kaapse Afrikaans. Dit bring mee dat woorde soos *geld*, *hemp* en *klink* as **gel*, **hem* en **kling* uitgespreek word (Kotzé, 1983:81).

'n Verdere eienskap van dié variëteit van Afrikaans is die verhoging van mid-hoë vokale in woorde soos *rook* [ruk] en *fees* [fis], wat volgens Witton toegeskryf kan word aan die drievlak-vokaalsisteem van Maleis, teenoor die vyfvlaksisteem wat in Nederlands (en ook in ander variëteite van Afrikaans) geld – oftewel 'n reïnterpretasie van mid-hoë vokale as hoës.

18. Slotsom en verdere studie

Met 'n oorsigtelike waarneming soos die voorafgaande kan 'n mens reeds die kompleksiteit van taalbeïnvloeding in die vormingsjare van die eweneens komplekse begrip "Afrikaans" begin aandui. Benewens die taalaanleerstrategieë (uiteraard meestal onderbewustelik) by nie-Nederlandssprekendes in die 17de eeu om die teikentaal te bemeester, wat deur pragmatiese faktore soos Mufwene se "stigtersbeginsel" en by Nederlandssprekendes deur Grice se koöperatiewe prinsipe bepaal word, kan taaloordrag op verskillende vlakke van taalbeskrywing en by verskillende (of verskeie) variëteite van Afrikaans aangetoon word.

Die doel van hierdie artikel was om die tydperk waartydens die uiteindelike kenmerke van Afrikaans beslag gekry het, sowel as die moontlik allogtone oorsprong van sulke kenmerke in die vorm van Austro-Nederlands te belig; maar die resultaat van die oorsig dui ook op die belangrikheid daarvan om tersaaklike faktore in ag te neem, bykomend tot dié wat normaalweg

[4] Ook Ponelis bespreek die onderskeidende gebruik van reduplikasie in Afrikaans (1993:567 e.v.).

in diachroniese ondersoeke (waarna onder andere in par. 1 verwys word) na die vorming van Afrikaans vermeld word.

Verdere studie van aspekte van taaloordrag tussen Maleis en die koloniale tale in die VOC-tydperk, in soverre dit betrekking het op eienskappe van Afrikaans is wenslik, omdat "Ceylonse Stukken" ook, net soos die belangrike "Kaapse Stukken" – dit is veral ou VOC-dokumente – in die Rijksarchief te Den Haag te vinde is, asook 'n groot versameling VOC-argiewe (7 141) te Colombo, Sri Lanka (dr. Kees Groeneboer, Universiteit van Jakarta; persoonlike mededeling).

BIBLIOGRAFIE

Adelaar, K Alexander. 1991. Some Notes on the Origin of Sri Lanka Malay. In Steinhauer, H. (ed.). *Papers in Austronesian Linguistics,* No. 1, *Pacific Linguistics,* A-81:23-37.

Bickerton, D. 1981. *Roots of Language*. Sutherland: Karoma Publishers.

Bosman, DB. 1952. *Briewe van Johanna Maria van Riebeeck en ander Riebeeckiana.* Amsterdam: Noord-Hollandsche Uitgevers Maatschappij.

Combrink, JGH. 1978. Afrikaans: Its Origin and Development. In Lanham, LW & KP Prinsloo (eds). *Language and Communication Studies in South Africa,* Cape Town: Oxford University Press, pp. 69-95.

Davids, Achmat. 1992. Some lexical aspects of Cape Muslim Afrikaans, *Lexikos,* 2:39-62.

De Ruyter, Cor & EF Kotzé. 2002. Oor Austro-Nederlands en die oorsprong van Afrikaans. *Literator,* 23(3):139-160.

Du Plessis, ID. 1972. *The Cape Malays*. Cape Town: Balkema.

Franken, JLM. 1953. *Taalhistoriese bydraes*. Kaapstad: Balkema.

Green, Lawrence G. 1948. *Tavern of the seas*. Cape Town: Howard B Timmins.

Groeneboer, Kees. 1993. *Weg tot het Westen: het Nederlands voor Indië 1600–1950*. Leiden: KITLV. https://www.dbnl.org/tekst/groe050wegt01_01/groe050wegt01_01_0006.php [22 Junie 2024].

Groenewald, GJ. 2002. Slawe, Khoekhoen en Nederlandse pidgins aan die Kaap, ca. 1590–1720: 'n Kritiese ondersoek na die sosiohistoriese grondslae van die konvergensieteorie oor die ontstaan van Afrikaans. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Rondebosch: Universiteit van Kaapstad.

Hesseling, DC. 1910. Overblijfsels van de Nederlandse taal op Ceylon.*Tijdschrift der Maatschappij van Nederlandse Letterkunde,* XXIX:303-312.

Hesseling, DC. 1923. *Het Afrikaans. Bijdrage tot de geschiedenis der Nederlandse taal in Zuid-Afrika.* Leiden: E.J. Brill.

Hoogervorst, Tom. 2021. Kanala, tamaaf, tramkassie, en stuur krieslam: Lexical and phonological echoes of Malay in Cape Town. *Wacana,* 22(1):22-57.

Koops, Enne. 2024. Top 50 – Nederlandse woorden uit het Maleis & Indonesisch. *Historiek*. https://historiek.net/top-50-nederlandse-woorden-maleis-indonesisch/66844/ [12 Junie 2004].

Kotzé, EF. 1983. Variasiepatrone in Maleier-Afrikaans. PhD-proefskrif. Johannesburg: Universiteit van die Witwatersrand.

Kotzé, EF. 1984. Afrikaans in die Maleierbuurt – 'n diachroniese perspektief. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 24(1):41-73.

Kotzé, EF. 2016. Die historiese dinamika van Kaaps – toe en nou. In Hendricks, F & C Dyer (reds.), *Kaaps in Fokus.* Stellenbosch: African Sun Media, pp. 37-48.

Kriel, Anna P. (Maritz, Anna P.). 2015. Black Afrikaans: An alternative use. *Literator* [online], 2016, vol. 37(2). https://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_isoref&pid=S2219-82372016000200004&lng=en&tlng=en [20 Mei 2024].

Larson, Pier M. 2009. *Ocean of letters; Language and creolization in an Indian Ocean diaspora*. Cambridge: Cambridge University Press.

Links, T. 1989. *So praat ons Namakwalanders*. Kaapstad: Tafelberg.

Mühlhäusler, P. 1986. *Pidgin and Creole Linguistics*. Oxford: Basil Blackwell.

Nieuwenhuis, GJ. 1930. *Het Nederlandsch in Indië: een bronnenboek voor het onderwijs in de nieuwe richting*. Groningen: JB Wolters.

Pheiffer, RH. 1980. *Die gebroke Nederlands van Franssprekendes aan die Kaap in die eerste helfte van die agtiende eeu*. Johannesburg: Universiteit van die Witwatersrand.

Maritz, Ansie (AP) & Olivier, Jako. 2016. Napraatswartafrikaans: konteks en persepsies van die alternatiewe gebruik van Swartafrikaans. *LitNet Akademies,* 13(3) (vide Kriel, AP, 2016).

Meshtrie, R. 2019. African Englishes From a Sociolinguistic Perspective. In *Linguistics*. Oxford: Oxford Research Encyclopedias.

Otto-Sallies, Zulfah. 2010. Alles op 'n Sondag. In Vermaak, A & M Nel (reds.). *Sweef en ander verhale*. Pretoria: LAPA, pp. 84-91.

Ponelis, FA. 1991. *Historiese klankleer van Afrikaans*. Stellenbosch: Annale Univ. Stellenbosch.

Ponelis, FA. 199*3. The Development of Afrikaans*, Frankfurt am Main: Peter Lang.

Raidt, EH. 1982. *Afrikaans en sy Europese verlede. Van Tacitus tot Van Wyk Louw*. Kaapstad: Nasou.

Raidt, EH. 1994. Oor die herkoms van die Afrikaanse reduplikasie. In Raidt, EH (red.). *Historiese taalkunde. Studies oor die geskiedenis van Afrikaans*. Johannesburg: Witwatersrand University Press, pp. 33-52.

Romaine, S. 1988. *Pidgin and creole languages*. New York: Longman.

Schoeman, K. 1999*. Armosyn van die Kaap. Voorspel tot vestiging, 1415–1651.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Schoeman, K. 2001*. Armosyn van die Kaap. Die wêreld van 'n slavin, 1652–1733.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Scholtz, J du P. 1982. *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.

Shell, RC. 1994. The tower of Babel; The slave trade and creolization at the Cape 1652–1834. In: Eldredge, EA & F Morton (eds). *Slavery in South Africa; Captive labor on the Dutch frontier*. Boulder: Westview Press / Pietermaritzburg: University of Natal Press, pp.11-39.

Stoltz, E. 1982. Gepidginiseerde Afrikaans in wit-swart-interaksie. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Johannesburg: RAU.

Stoltz, E. 1983. Gepidginiseerde Afrikaans. In Van Rensburg, MCJ (red.). Kongresreferate 19de nasionale kongres [van die] Linguistevereniging van Suider-Afrika, Universiteit van die Oranje Vrystaat. Bloemfontein: Universiteitsdrukkers UOVS, pp. 335-345.

Teeuw, A. 1974. *Leerboek Bahasa Indonesia*. Groningen: Wolters-Noordhoff.

Uys, MD. 1983. Die vernederlandsing van Afrikaans. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Valkhoff, MF. 1966. *Studies in Portuguese and Creole, With Special Reference to South Africa.* Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Valkhoff, MF. 1972. *New Light on Afrikaans and "Malayo-Portuguese"*. Louvain: Editions Peeters, Imprimerie Orientaliste.

Van der Sijs, N. 2004. Top 50 – Nederlandse woorden uit het Maleis & Indonesisch. *Historiek*. https://historiek.net/top-50-nederlandse-woorden-maleis-indonesisch/66844/ [12 Junie 2004].

Van Gelder, R. 1997. *Het Oost-Indisch avontuur. Duitsers in dienst van de VOC*. https://api.semanticscholar.org/CorpusID:155714689 [19 Mei 2024].

Van Rensburg, MCJ. 2011. Onderbreekte reise – Oor die tale aan die vroeë Kaap: Aanleerders en beïnvloeding. Bloemfontein: UOVS (ongepubliseerde referaat).

Van Wyk, EB. 1983. Gepidginiseerde Afrikaans. In Claassen, GN & MCJ van Rensburg (reds.). *Taalverskeidenheid: 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery, pp.162-170.

Witton, R. 1972. An Indonesian-African Connection, *Asian Studies Review*, 15(3):114-115.

’n Historiese oorsig van die deurlopende taalontwikkeling in Afrikaans sedert 1916 in *Huisgenoot*

A historical overview of continuous language development in Afrikaans in* Huisgenoot *since 1916

Angelique van Niekerk
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein
Suid-Afrika
E-pos: vnieka@ufs.ac.za
Orcid: https://orcid.org/ 0000-0002-8233-2441

Angelique
van Niekerk

Angelique van Niekerk is ’n professor in die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, aan die Universiteit van die Vrystaat. Haar belangstelling in vreemdetaalonderrig, spesifiek Afrikaans en ook apart vir Nederlands, stuur geakkrediteerde formele kortleerprogramme vir onderskeidelik Afrikaans en Nederlands as vreemdetale aan die UV van stapel. Naas formele voorgraadse en nagraadse onderrig bied sy ook twee keer per jaar ’n volledige aanlyn kortleerprogram vir Nederlands as vreemdetaal aan.

Haar navorsingsfokus val op toegepaste linguistiek binne die dissiplinêre velde Semantiek, Pragmatiek, Diskoersanalise en op die talige aard van advertensiekommunikasie in die besonder. Sy lewer talle geakkrediteerde publikasies oor die Afrikaanse taalkunde sowel as Kommunikasiewetenskappe soos wat haar *Google Scholar* profiel ook toon. Sy het in 2023 NNS-gradering ontvang.

Angelique van Niekerk is professor in the Department of Afrikaans and Dutch, German, and French at the University of the Free State. Her interest in foreign language teaching, specifically Afrikaans and Dutch, led to the launch of two formal accredited short learning programs for Afrikaans and Dutch as foreign languages at the UFS. Besides formal lecturing on undergraduate and postgraduate levels, she also presents the SLP in Dutch. This SLP is offered fully online every semester.

Her disciplinary focus is on applied linguistic research within the disciplines of Semantics, Pragmatics, and Discourse analysis, as well as the linguistic nature of advertising communication. She has produced many accredited publications within Afrikaans linguistics and Communication Sciences as is evident from her *Google Scholar profile*. She received an NRF rating in 2023.

Datums:
Ontvang: 2024-07-30 Goedgekeur: 2025-01-29 Gepubliseer: Maart 2025

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a8

ABSTRACT

A historical overview of continuous language development in Afrikaans in* Huisgenoot *since 1916

The article offers a data-driven overview of the continuous language development in printed Afrikaans advertisements during a relatively short (historical) time span. Advertisements were selected from the first edition of the Huisgenoot *magazine in a five-year interval dating from 1924 to January 2024. The very first edition of the magazine in 1916 is also included.*

Research within historical linguistics normally spans a much longer time than 100 years. The chosen data from a young language, Afrikaans, however, offers an interesting view on especially the following categories in which data were listed as examples of continual language change (development), namely politeness, pronoun use (including forms of address), spelling, vocabulary, grammar (including sentence structure, articles, form of the adjective and verb), linguistic creativity (language play) and code-switching.

Noticeable and continual language change (development) was studied with respect to the periods 1916 to 1949 and 1994 to 2024 respectively. Despite the debates on the process of standardisation and the purist and dualistic theories used in this process that were followed up to 1925 (when Afrikaans obtained official status as one of three languages in South Africa) the written and standardised form of Afrikaans in the mainstream media in 2024 offers a point of reference for interpreting the data (timeframe one vs. timeframe two) in this overview. The data captured in section four (and the addendum) include an important historical corpus relevant to possible future investigation of language change.

The data have indicated the following noteworthy changes on a language level:

- *In timeframe 1 (1916–1949), more grammatical variation is noticed in terms of the use of articles, the form of the adjective, the form of the verb (tenses), and the use of the personal pronoun – sections A and D of the analysis.*
- *More shortened sentences (under-lexicalisation) can be identified in the second timeframe (1994–2024) compared to the first timeframe in section D of the analysis.*
- *Continuous renewal on the lexicon level (section C of the analysis) in both timeframes studied (1916–1949 and 1994–2024) is noticed.*
- *An increased informality and less politeness (section A of the analysis) in timeframe 2 compared to timeframe 1 (1916–1949) can be mentioned.*
- *There is noticeably more language creativity and wordplay in timeframe 2 (section E of the analysis) than in timeframe 1.*
- *Only in the second timeframe (1994–2024) code-switching with the African languages is included (section F of the analysis).*
- *Dutch influence on Afrikaans decreased in the first timeframe since 1916 (1916–1949), and almost no noticeable Dutch influence in the second time frame (since 1994) can be seen.*
- *There is no variation in spelling in the second timeframe (1994–2024) of the analysis.*

Exact examples of the data (examples divided by semicolons) are copied from the advertisements in the addendum (link) of this article to reflect the above trends within each category of analysis.

It is evident from the literature study that the sociolinguistic and psycholinguistic aspects of change will be reflected on a language level. This includes, for example, the way in which communication was carried out regarding the following aspects in the two selected timeframes: (1) gender roles and social status; (2) views held about physical appearance; (3) language

pride and literature; (4) cultural world and daily life; (5) career, world of work (further) education; (6) the land (earth) and culture; (7) nation and ethnicity; (8) role of farmers; land and earth; (9) communication practice; and (10) financial practice.

Change is an inherent quality of any living organism, such as a tree, and Afrikaans displays the qualities of an organism that is very much alive. Language change in general (that is, in all languages) makes it evident that a continuous push and pull between disruption and restoration is part and parcel of a living language as is evident from the data (link in the addendum). Language change and development cannot be stopped if a language is used as is evident from the Huisgenoot *data.*

KEYWORDS: Language development, language change, politeness, spelling, vocabulary, grammar, language creativity, language mixing, psychological and social aspects, contextual change

TREFWOORDE: Taalontwikkeling, taalverandering, hoflikheid, spelling, woordeskat, grammatika, talige kreatiwiteit, taalvermenging, sosiale en psigologiese aspekte, kontekstuele verandering

OPSOMMING

Die artikel verskaf ’n datagedrewe oorsig van die kontinue taalontwikkeling van die taalgebruik in gedrukte Afrikaanse advertensies gedurende ’n relatiewe kort (historiese) tydspan in twee tydvakke. Advertensies is ewekansig geselekteer vanaf die eerste uitgawe van die tydskrif, *Huisgenoot* met ’n vyfjaarinterval terugwerkend vanaf 1924 tot Januarie 2024. Die data sluit ook die eerste uitgawe in 1916 in. Historiese taalkundenavorsing strek normaalweg oor ’n langer tyd as 100 jaar. Opmerklike en kontinue taalontwikkeling is opgeteken in 1916–1949 en 1994–2024.

Ten spyte van debatte oor die proses van standaardisering en puristiese en dualistiese teorieë oor die prosesse wat opgebou het ná 1925 (toe Afrikaans as een van drie landstale amptelike erkenning verkry het), bevat die data waarna verwys word in afdeling vier (en die addendum) ’n belangrike historiese korpus wat ook relevant is vir toekomstige ondersoek na taalverandering.

Die data het byvoorbeeld die volgende opmerklike veranderinge op taalvlak getoon:

- opvallend meer grammatikale variasie en Nederlandse invloed uit die versamelde data in tydvak 1 (afdeling D) is deel van die data ten opsigte van lidwoordgebruik*;* die vorm van die adjektief; die vorm van die werkwoord en wisselende vorme van voornaamwoorde (afdeling A en D van die analises) in tydvak 1 (tot 1949) in vergelyking met tydvak 2 (sedert 1994));
- veel meer sinsvlakinkortings (onderleksikalisering) is ingesluit in die data (addendum) in tydvak 2 (afdeling D) as in tydvak 1;
- toenemende informaliteit en minder hoflikheid in tydvak 2 (afdeling A van die datastel en analises) is opmerklik as tydvak 1 en 2 vergelyk word;
- toenemend meer talige kreatiwiteit en taalspel is in tydvak 2 gelys (afdeling E van die addendum) as in tydvak 1;
- aanwesigheid van taalvermenging met taalitems uit die Afrikatale in tydvak 2 in afdeling F is opvallend in die addendum;
- sigbare afname word getoon in Nederlandse invloed op die vlak van spelling, in kategorie B in tydvak 1 sedert 1916 (1916–1949) en bykans geen opmerklike Nederlandse invloed in dieselfde kategorie van die data is opgemerk in die tweede tydvak (sedert 1994 en tot 2024) nie.

1. Inleiding

Navorsing in historiese taalkunde, ook wat Afrikaans betref, beslaan normaalweg ’n veel langer tydvak as 100 jaar. Vergelyk in dié verband die navorsing oor Afrikaans se ontwikkeling en geskiedenis deur onder andere die volgende navorsers wat in meerdere publikasies hieroor gepubliseer het. Enkele bydraes van die navorsers met volledige publikasiebesonderhede is in die bronnelys ingesluit: Edith Raidt, Jac Conradie, Christo van Rensburg, Theo du Plessis, Jaap Steyn, Heinrich Grebe, Victor Webb, Fritz Ponelis, Wannie Carstens en Yvette Stoops. Steyn (1980) se *Tuiste in eie taal: Die behoud en bestaan van Afrikaans* se omvattende oorsig van faktore wat die orentbring en/of uitsterf van standaardtale bepaal, is vandag steeds geldig.

Die geselekteerde en geskrewe datastel (*Huisgenoot*-gesinstydskrif sedert 1916[1]) bied ’n interessante historiese oorsig op kontinue taalontwikkeling (-beweging), veral wat bepaalde aspekte (gelys in die analisegedeelte) betref, naamlik hoflikheid en voornaamwoordgebruik, spelling, woordeskat, grammatika, talige kreatiwiteit en taalvermenging. Die bevindinge sluit direk aan by die titel van Du Plessis (1986) se boek, *Afrikaans in beweging*, alhoewel dit in die boek in die eerste plek om taalpolitieke bewegings en die neerslag daarvan op taalvlak gaan.

Uit die datastel kan onderskryf word dat taalverandering onafwendbaar is ten spyte van die “long-standing custom of moaning about it” (Aitchison, 2013:3,4,15). Die aard van die proses van kontinue ontwikkeling het die ondersoek na advertensies uit *Huisgenoot* die afgelope 100 jaar gerig. Hieruit blyk die onbewuste beginsels en konvensies wat deur die taalgebruikers van die gebruiksvariëteit (soos vergestalt in die media en advertensies spesifiek) gevolg is/word.

Aitchison se boek *Language change* (2013) vorm ’n belangrike teoretiese raamwerk om die ondersoek te rig, want:

1. Die optekening van taalverandering vereis ’n baie lang tydperk en beslis ’n tydperk langer as 100 jaar.
2. Sosiolinguistiese en psigolinguistiese veranderlikes is dikwels groot impetusse vir taalontwikkeling wat met verloop van ’n lang tyd wel talig neerslag kan vind en later as taalverandering kan reflekteer.

In die lig van bogenoemde twee aspekte word daar ’n toekomstige ondersoek voorsien wat juis fokus op die sosiolinguistiese en psigolinguistiese veranderlikes soos ook verantwoord kan word uit die ingeslote toeligting oor die uiteenlopende tekening van die onderskeie teikenmarkte in figuur 1 en 2. Die fokus val in die eerste plek hier op taalontwikkeling (tipies van ’n lewende taal) en nie taalverandering nie. Uit die bespreking van die genoemde voorbeelde word die sosiolinguistiese en psigolinguistiese veranderlikes ook duidelik aangestip.

Net soos Stoops (1972:50) bied dié ondersoek ’n oorsig waarin die gevolgtrekkings oor materiaalgebonde waarde beskik. Die ondersoek hoop om ’n oorsigtelik-historiese en datagedrewe perspektief te bied op die aard van kontinue taalontwikkeling in Afrikaans die afgelope 100 jaar op basis van geselekteerde (advertensie-)tekste in *Huisgenoot.* Navorsers soos Grebe (2010:207) lewer ’n pleidooi vir genoegsame stawende linguistiese data in sy artikel waarin hy die Oosgrenshipotese as teoretiese konstruk en bakermat van Standaard-afrikaans bevraagteken. Die omvangryke en volledige datastel waarna in paragraaf 4 van dié

[1] In afdeling 3 word die totstandkoming en ontwikkeling van die tydskrif, ook die name *De Huisgenoot*, *Die Huisgenoot* en *Huisgenoot*, kortliks beskryf.

artikel verwys word, word as addendumskakel ingesluit (met kriptiese toeligting in hakies) in soverre dit relevant is vir die kategorisering. Voorbeelde word slegs met ’n kommapunt geskei in die addendum. Voorts is dié ondersoek nie gerig op taalverandering en/of ’n herbesoek van die taalgeskiedenis van Afrikaans nie, maar dit bied ’n gekategoriseerde én datagedrewe oorsig van die aard van kontinue taalontwikkeling van (Standaard-)Afrikaans in advertensietaal (*Huisgenoot*) die afgelope 100 jaar. Die datastel is tekenend van ’n lewende taal.

2. Teoretiese vertrekpunte

Daar is gepoog om die literatuurstudie te veranker en daarom te integreer met voorbeeldmateriaal uit die datastel alvorens die data volledig en gestruktureerd per kategorie (A–F) van ondersoek in afdeling vier van dié ondersoek (en in die addendum) ingesluit is.

Die volgende algemene beginsels tekenend van taalverandering word toegepas op dié datastel, gerig op die ontwikkeling in Afrikaans die afgelope 100 jaar.

2.1 Toepaslike konstrukte van taalverandering

Die konvensionele konstrukte waaruit taalverandering blyk, soos uitspraak, spelling, betekenis en sintaksis word oorsigtelik bespreek met meestal ook voorbeelde uit veral Engels soos dit oor eeue heen geblyk het. Daarna word in die volgende paragraaf spesifiek na Afrikaans verwys met die oog op die data-analise in paragraaf vier.

Uit vorige eeue en buite Afrikaans se grense is daar talle voorbeelde van die verset van mense teen taalverandering. Dit is iets wat Aitchison (2013:7-8) veral toeskryf aan die vooroordeel van bepaalde sosiale klasse wat ook verband hou met nostalgie en ’n algemene teësin in enige verandering, nie net taalverandering nie. Met verwysing na die taalgebruik in die tyd van Chaucer en Shakespeare skryf Aitchison (2013:14): “Purists behave as if there was a vintage year when language achieved a measure of excellence which we should all strive to maintain. In fact, there never was such a year.” Die onmoontlikheid om die spesifieke “vintage year” te bepaal, speel noodwendig in op die feit dat Afrikaans wel op ’n bepaalde dag amptelike status gekry het, te wete 27 Mei 1925.[2]

Verandering aan woordeskatitems en betekenisverandering is aldus Aitchison (2013:17) die eerste ooglopende vlakke van verandering in ’n taal soos dit ook geblyk het die mees ooglopende kategorie van ontwikkeling uit die datastel te wees. Vergelyk in dié verband die totale betekenisverandering van die Engelse woorde “master” en “mistress” aanvanklik met verwysing na werkers (“servants”), terwyl dit vandag in terme van mans verwys na ’n vaardigheid en in terme van vroue verwys na seksuele gunsies. Om dieselfde redes dat populêre opinie veld wen, sal taal en taalgebruik ontwikkel om sodanige opinie te kan verwoord (Aitchison, 2013:17,18).

Aitchison (2013:21,24) wys op die rol van wisselende spelling in ou dokumente as ’n tipe “vergelykende rekonstruksie” (“comparative reconstruction”) om byvoorbeeld die prototaal (byvoorbeeld tale met Indo-Germaanse herkoms) se ooreenkomste vas te pen. William Labov (1972:43-89), en spesifiek Ferdinand de Saussure (1959), het met hul ondersoeke die streng skeidslyne tussen die diachroniese en sinchroniese taalkunde afgebreek om taalontwikkeling

[2] Vergelyk oor die amptelike status van Afrikaans in 1925 die bydraes van McLachlan & Kotzé asook Carney in hierdie uitgawe van die TGW.

op ’n bepaalde tyd (’n paar jaar-intervalle) aan te teken sodat daar deur linguiste op basis van dié data diachroniese ondersoek gedoen kan word, want taalgebruik, soos menslike lewe, is nie staties nie (Aitchison, 2013:43). Die bepaalde invalshoek wat hier gevolg is, sou om dié rede as panchronisties gesien kan word omdat die fokus op funksionele universalia, soos kognitiewe en eksperimentele patrone van (taal)gedrag (Łozowski, 2023:163), val. Die bestudering van bepaalde “veranderinge in proses” (“change in progress”) soos verbind aan Labov sal aan die hand van *Huisgenoot* die afgelope 100+ jaar opgeteken word.

Veranderinge wat opgeval het in *Huisgenoot* wat betref informaliteit, styl en talige kreatiwiteit kan waarskynlik ook teruggelei word na die politieke en sosiale geskiedenis van Afrikaans soos opgeteken deur onder andere Steyn, met *Tuiste in eie taal* (1980), Theo du Plessis en Hans du Plessis, met die titel *Afrikaans en taalpolitiek* (1987), Kotzé en Kirsten in 2016 asook Carstens en Raidt se dubbelvolume met die titel, *Die Storie van Afrikaans: Uit Europa en van Afrika* in (2017 en 2019). Simplisties gesien, is die fase voor die amptelike erkenning van Afrikaans die aanloop tot dié datastel in tydvak 1 (datastel: 1916–1949) van dié ondersoek. Dit sluit aspekte in soos taalkontak tussen talle Europese immigrante sedert veral 1652 in die Kaap de Goede Hoop, inheemse taalbeïnvloeding aan die Kaap, die verskillende historiese variëteite van Afrikaans soos Kaapse Afrikaans, Oosgrensafrikaans en Oranjerivierafrikaans en die gestandaardiseerde Nederlandse basis.

Tydvak 1 van dié ondersoek na taalontwikkeling moet gelees word teen die agtergrond van die eerste amptelike erkenning van Afrikaans as een van drie landstale in 1925 (onder Nederlands is ook Afrikaans ingesluit in die 1925-wetgewing), die Anglo-Boereoorlog (ABO) en die gevolglike groeiende taaltrots onder ’n bepaalde deel van die sprekerskorps, asook projekte direk verbind aan taalontwikkeling, die ekonomiese opbou van die land, rassesegregasie en nasiebou.

In die tweede tydvak (datastel: 1994–2024) van dié ondersoek is die polities-sosiale aspekte ter sake agtergrond, byvoorbeeld die demokratisering van Afrikaans onder alle rassegroepe, die status van Afrikaans as een van 12 amptelike tale, strewes soos nasiebou, die herstandaardisering van Afrikaans en inklusiwiteit, ook op taalvlak. Hierdie sosiale aspekte, soos Aitchison (2013) dit noem, sal uiteindelik neerslag vind op taalvlak.

In die datastel uit *Huisgenoot* is daar duidelike spore van die veranderende rol en status van vroue op kulturele vlak. Dit vind neerslag op taalvlak, soos in die tweede tydvak van analise aangetoon sal word, wat onder andere betref die taalkeuses gerig aan vroue in tydvak 1 wat byvoorbeeld oormatige (en eiesoortige) adjektiefgebruik insluit. Vergelyk die verskil in spesifiek die talige aanslag (adjektiewe) in advertensies in dieselfde tydvak waarin sigarette vir mans (wenners van die stad) en vroue (fyn dames aan die sy van ’n ware heer) geadverteer word.

Mans (as teikenmark) in figuur 1 word voorgestel as kompeterend, in beheer van keuses, tuis in verskillende kontekste; en geregtig op hul ontspanning. Vroue in figuur 1 word (as mark) geteken met aandaggewend aan *klein dingetjies in die lewe,* die swakker geslag (wat rus benodig en nie kompetisie vir mans is nie) en soos dames lyk en optree.

Aitchison (2013:100,101) oordeel dat sintaktiese verandering ’n veel meer onopvallende proses is as byvoorbeeld klankmatige taalverandering. Soos met klankmatige verandering impliseer sintaktiese ontwikkeling variasie. Dit beteken dat die ou en nuwe vorm naas mekaar afwisselend gebruik kan word. Die data ingesluit uit 1924 in afdeling 4 van dié ondersoek is byvoorbeeld tekenend van die variasie en vorme wat naas mekaar bestaan. Variasie lei egter nie noodwendig tot verandering nie. Sosiale norme, soos inklusiwiteit (meer as een vorm) en

Figuur 1: *Twee sigaret-advertensies gerig op onderskeidelik mans* (Kommando) *en vroue* (Westminster petite) *in Huisgenoot*[3] *van 1949 toon 'n totale verskil in aanslag.*

die (groeiende) herstandaardiseringskonteks[4] van Afrikaans, speel sedert 1994 'n belangrike rol. Sintaktiese variante sluip ongesiens in 'n taal in en die weglating van bepaalde (logiese) sinselemente (predikaat/subjek) en/of die weglating van 'n tweede ontkenningspartikel (soortgelyk aan wat ook in Frans gebeur het met die eerste partikel) word deur Aitchison (2013:107,109) genoem as die variante wat verandering te weeg kan bring. Verder word inkortings en verkortings genoem as vorme van grammatikale variasie wat veral toegeskryf word aan onder andere sosialemedia-kommunikasie.

Die weglatings en inkortings in 'n taal (vergelykbaar met snoeiwerk aan lewende organismes, soos bome, word soos volg verwoord: "Words, like cliffs, erode over time. Latin *mea domina* 'my lady' changed to French *ma dame*. French *ma dame* became *madam*. Madam has become *ma'am*, and even *'m,* as in *Yes 'm.*" (Aitchison, 2013:114). Sosiale norme, moderne

[3] Alle voorbeelde kom uit *Huisgenoot* en dit word slegs met jaartalle aangedui ter wille van onderskeiding.

[4] Vergelyk Odendaal (2012) asook Gouws (2019) vir meer oor herstandaardisering in Afrikaans. Die kwessie word verderaan weer bespreek.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a8

(aanlyn) kommunikasie en spreektaalnorme dra by tot die sintaktiese snoeiwerk en inkortings wat aanvanklik slegs as variasievorme bestaan, maar mettertyd verandering kan te weeg bring soos blyk uit afdeling D in tydvak 2 (volledig ingesluit in die addendum) van die ondersoek.

"Texting", die oormatige gebruik van afkortings en die toenemende visuele vergestalting van die talige en inhoudelike van 'n teks is nie net visueel opvallend nie, maar is as verkortings 'n vorm van talige kreatiwiteit wat selfs in studentetake, poësie en advertensietaal neerslag vind.[5] Talle ondersoeke is al gedoen oor aspekte soos SMS-taal, maar wat met betrekking tot die datastel opmerklik was, is die vorming en verval van nuwe woorde weens 'n verandering in die ekstra-linguistiese konteks. Ons taal is 'n noodwendige instrument om in die wêreld te funksioneer. Dit is die rede waarom 'n tienjarige vandag die woord "Wi-Fi" ken, maar nie weet waarna sy/haar oupa verwys as Oupa van die "hi-fi" praat nie.

Net soos wat sosiale norme deesdae bepaal dat ons meer informeel aantrek, sinjaleer die taalgebruik en moderne skryftaal van 'n jonger generasie in tydvak 2 (addendum): minder formaliteit en informele voornaamwoordgebruik, 'n informaliteit, byna asof mense (bemarkers) intiem bekend is met hul teikenmark – soos wat menige Suid-Afrikaners al van telebemarker-oproepe ondervind het.

Semantiese verandering word as vaag, strydig en moeilik om te voorspel geag en boonop kan pejoratiewe en amelioratiewe betekenisverandering enige tyd in enige rigting beweeg (Aitchison, 2013:128-129). Die betekenisaspek van verandering was nuttig om te ondersoek wat betref idiomatiese taalgebruik in die datastel. Betekenisverandering en polisemiese betekenisverbreding in 'n immer veranderende wêreld is 'n gegewe. Die Engelse werkwoord *fall* "val" kan byvoorbeeld polisemies ingespan word om te verwys na pryse wat val, 'n gesig wat val, 'n stad wat val (oorlog) en iemand wat aan die slaap raak (*fall into sleep*). Dit is 'n geleidelike verandering van betekenis met behoud van die oorspronklike betekenis (Aitchison, 2013:133-134). Die feit dat Afrikaans soveel nuwe woorde en nuwe vorme skep, is tekenend van 'n lewende taal en 'n taal wat in pas is met ontwikkeling, soos veral uit kategorie C van die gekategoriseerde datastel blyk.

Aitchison (2013:149) onderskei tussen twee tipes eksterne vreemde taalinvloed in 'n taal: substraatinvloed ("substratum") en ontlening ("borrowing"). Ter sake vir die ondersoek na taalontwikkeling in Afrikaans is die uitspraak dat nuwe taalaanleerders (toetreders tot die taalgemeenskap) die woordeskat van die nuwe taal grotendeels onveranderd laat (insluit) en dat die klank en sintaktiese patroon van die huistaal/eerstetaal dikwels oorgeplaas word na 'n nuwe taal. Die impak van taalontwikkeling in dieselfde datastel (addendum) op grammatiese vlak (eerder as woordeskatvlak) behoort vir toekomstige ondersoek interessanter verskuiwings en veranderinge te toon. Die taalontwikkeling op woordeskatvlak sou in die voorgestelde ondersoek waarskynlik met die sosiolinguistiese en psigolinguistiese veranderinge in verband gebring kon word.

Die sosiolinguistiese kwessie van behoefte en (funksie)verandering ("need and change") is uiters geldig in die datastel. Woordeskatverandering is opmerklik binne 'n korter tydbestek van dekades soos wat woorde in onbruik verval en ander benodig word. Aitchison wys tereg ook op die rol van politieke korrektheid wat in die geval van Afrikaans en die Suid-Afrikaanse konteks verder sal bydra tot taalontwikkeling waar bestaande taalvorme naas mekaar bestaan en/of mekaar geleidelik vervang as gevolg van 'n bepaalde ideologiese verskuiwing, byvoorbeeld *agtergeblewenes* en *minderbevoorregtes*, teenoor *gemarginaliseerdes* of *gestremdes*;

[5] Grafologie en Paleografie val buite die ondersoek; Van Niekerk & Jenkinson (2011) gee aandag aan die visuele vergestalting van die talige aspek van 'n advertensie.

mense met gestremdhede teenoor *mense met fisieke uitdagings*. Uitbreiding en/of spel met woordsoortelikheid ("conversions") sou op die rand van die kategorie val, maar die rede vir die ontwikkeling het te make met beide 'n versnelling in lewenspas soos dit uitspeel in korter stelswyses en ook die korter, kriptiese en kreatiewe aard van advertensiekommunikasie.

Die Engelse voorbeeld "Bettie upped her store" is tekenend van die spel met woordsoortelikheid ("up" as voorsetsel en werkwoord). Vergelyk ook 'n voorbeeld in die Afrikaanse sin, "Om werklik skoon te maak, moet jy net konsentreer" (gekonsentreerde skoonmaakproduk; spel met werkwoord en adjektief). In die datastel is talle voorbeelde van sintaktiese inkorting (afdeling D van tydvak 2) aangeteken wat enersyds te make het met 'n versnelde lewenspas en andersyds ook verband hou met die informeler aard van advertensietaal (Aitchison, 2013:154-155).

Wysiging in persoonlike voornaamwoorde en sinstruktuur (versagting/verdoeseling van die agent) is iets wat oor langer datastelle ook al vir Engels opgeteken is. Daar is byvoorbeeld 'n verskil in hoflikheid tussen "Jy moet binne 30 dae betaal" teenoor "Betaling binne 30 dae

Figuur 2: *'n Verslankingsproduk word geadverteer sodat vroue nie "vet" nie, maar eerder "bekoorlik" vir mans moet wees (1939).*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a8

sal waardeer word". In die datastel is voorbeelde te make met hoflikheid en voornaamwoordgebruik ingesluit.

Die rol van eufemisme in taalontwikkeling blyk duidelik uit die veranderende woordkeuse *vet* (dikwels gebruik in verband met vroue in tydvak 1 van die ondersoek) teenoor *oorgewig*, *gesonde liggaam*, ensovoorts.

Binne die sosiolinguistiek word daar, wat taalverandering betref, onderskei tussen ("deep") langtermynveranderinge en ("superficial") onmiddellike taalontwikkeling. Die veranderinge wat in die datastel opgeteken word oor die verloop van 100 jaar, ressorteer grotendeels onder die kategorie "superficial". Die oorsake van taalverandering lê op verskillende vlakke; die ooglopende is sosiale oorsake ("triggers") wat verband hou met interne psigolinguistiese veranderinge en eksterne sosiale veranderinge. Die eerste sigbare tekens van taalontwikkeling kan as "swak plek" ("weak point") of mode-item beskou word vir toegang tot groter sisteemveranderinge op byvoorbeeld die vlak van sinstruktuur, uitspraak, ensovoorts. Net so wisselvallig as wat die modebedryf (klere, ontwerp, ensovoorts) is, so ad hoc is die ontwikkeling wat 'n reaksie is op 'n sosiale behoefte (Aitchison, 2013:160).

Die natuurlike geneigdheid van taalverandering toon die vermyding van herhaling, die skrapping van onnodige woorde en die behoud van 'n nabye verhouding tussen objek en werkwoord, iets wat duidelik opgemerk word in sosialemediakommunikasie en ook in die datastel; die skrapping van onnodige woorde is in kategorie D van die analises aangedui.

Die ikoniese aard van sosialemediakommunikasie, byvoorbeeld op WhatsApp, is algemene kennis en dit word deur Aitchison (2013:170-174) verbind met die natuurlike spieëlbeeldkarakter ("shadow") van taal en is inherent deel van hoe taal ook verander en/of ontwikkel. Aitchison gebruik kousaliteit (sinslogika/sinsopbou) en metafore as voorbeeld van die spieëling van taal. Dit is byvoorbeeld die rede waarom die volgende orde nie moontlik is nie: "Hy het onder die bus beland en oor die straat gehardloop."

Taal(gebruikers) het wel die vermoë om die nodige korreksie aan te bring om logika/ekwilibrium te herstel en/of gapings in te vul.

Die instandhouding van 'n tuin (snoei, plant en bemes van 'n boom) word as metafoor deur Aitchison (2013:176) gebruik om taalverandering te beskryf. Soos in die geval van 'n tuin, staan aspekte wat nie vroeg aangepak word nie later op die voorgrond (soos 'n oorgroeide tuin).

Die sintaktiese vereenvoudiging van byvoorbeeld die weglating van die dubbele negatief blyk reeds 'n tendens te wees in Afrikaanse musiek en advertensietaal (al is ritme en kreatiwiteit ook rolspelers) in die unieke genre-aard.

"Exaptation", bedoelende die hergebruik van ou (taal)vorme met nuwe funksies, kan binne die konteks van sosiolinguistiek byna ikonies saamval met die globale groei in herwinningskultuur van ons alledaagse lewe wat byvoorbeeld motors, klere, meubels, ensovoorts insluit (Aitchison, 2013:187). Dit sluit in Afrikaans dinge in soos die gebruik van die woord *perdekrag* om (ten spyte van die afwesigheid van fisiese perde) in 2025 na 'n motor se enjinkapasiteit te verwys, of *posbus* wat in 2025 ook na iemand se elektroniese posbus (e-pos) verwys (en waarskynlik in Suid-Afrika teen 2025 byna nooit meer na die fisiese posbus in die straat verwys nie).

2.2 Taalontwikkeling in Afrikaans as deel van taalverandering

Die sosiale, maatskaplike en politieke veranderinge in Suid-Afrika (geskiedenis) soos simplisties gekaart op Carstens en Raidt (2017, 2019) vertel in twee dele "die storie van

Afrikaans". Dié outeurs sowel as vele ander, onder andere JC Steyn (1980), MCJ van Rensburg (2021), FA Ponelis (1987), CJ Conradie (2017), LT du Plessis (1986, 1987), EF Kotzé (2016) en HP Grebe, (2010) het al die pad na standaardisering en die toenemende kontekstuele kompleksiteite rondom die afbakening van die bekende historiese variëteite geboekstaaf. Dit sluit in Van Rensburg (1984) se onderskeid tussen die historiese variëteite Kaapse Afrikaans, Oosgrensafrikaans en Oranjerivierafrikaans en die drie variëteite opgeteken deur Ponelis (1987), naamlik Suidwestelike, Noordwestelike en Oostelike Afrikaans. Die standaardiseringspad en herstandaardiseringsgesprekke val egter buite dié ondersoek alhoewel dit 'n noodsaaklike lens en agtergrond vorm in die optekening van die bevindinge en die slotgedagtes in dié ondersoek.

Conradie (2017) se oorsig van grammatiese veranderinge in Afrikaans, veral in vergelyking met Nederlands, word met voorbeelde uit die 1600's, 1700's en 1800's toegelig, maar dit is nie die fokus in die ondersoek waar ontwikkeling (die afgelope 100 jaar) in proses in die lewende taal Afrikaans aangeteken word nie (Conradie, 2017:67-76; 79-89). DB Bosman (1928:9, 13) noem in sy beskrywing van die ontstaan van Afrikaans reeds in hoofstuk 1 dat taalverandering gepaard gaan met of voorafgegaan word deur 'n verandering van die geestesgesteldheid van die gesamentlike sprekers en dat die proses duisende jare duur. Voorts sny dit aan by die bogenoemde gedagtes dat ontwikkeling 'n natuurlike en onafwendbare proses is: "Tog wen die jeug dit op den duur; die neiging tot ontwikkeling is sterker as die neiging tot behoud."

Vir die doel van die ondersoek na taalontwikkeling die afgelope 100 jaar in die genoemde datastel (*Huisgenoot*), word hier tydsgewys vertrek vanaf 'n veel later punt (die datastel strek vanaf 1916 tot 2024) as wat die geval is in tradisionele geskiedskrywing of in terme van bronne oor die genealogiese geskiedenis van Afrikaans. Die genoemde eerste tydvak tot 1949 (van dié ondersoek) kan taalhistories soos volg saamgevat word:

> Sedert sy ontstaan in 1909 het die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns die spelling gestandaardiseer; van 1916 af word Afrikaans geleidelik as kerktaal gebruik en verdring dit in die Gereformeerde Kerke die tradisionele Nederlands; in dieselfde jaar word Afrikaans universiteitsvak en in die vroeë twintigerjare word dit stadigaan die onderrigmedium in die skole en universiteite. (Carstens & Raidt, 2019:439; vergelyk ook hoofstuk 16 in dié bron)

Conradie (2017:63-91) se resente nuttige en voëlvlug-oorsig van taalverandering in Afrikaans in *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*, se kategorieë van taalverandering en die gegewe voorbeelde van taalverandering was van groot waarde in die daarstel van 'n analise-raamwerk vir die bepaalde ondersoek met *Huisgenoot* (sedert 1916) as (resente) datastel.

Conradie en Groenewald (2017:57-60), soos Aitchison (2013), bevestig dat eksterne faktore en taaloordrag (tussen generasies en tussen tale) verreken moet word wanneer taalverandering bestudeer word. Soos reeds genoem, is die literatuur oor taalverandering dit eens dat honderd jaar nie 'n lang genoeg tydperk binne taalveranderingsondersoek is nie; is die ondersoek met 'n besondere datastel (a) 'n ontleding van die gevolg van taalontwikkeling en (b) nie 'n analise van taalverandering per se nie (vergelyk ook Aitchison, 2013:4). Binne die semantiek en sosiolinguistiek is die verband tussen taal en denke al meermale opgeteken.

Die aard van die kontinue taalontwikkeling in Afrikaans sedert 1916, ook op die vlak van denke, blyk veral sosiolinguisties en psigolinguisties verantwoord te kan word uit die datastel. Dit is daarom te verwagte dat 'n verskuiwing in denke op spesifiek woordvlak sal neerslag vind en dit sal in 'n opvolgondersoek met dieselfde oorhoofse datastel ondersoek word. Carstens

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a8

en Raidt (2019:444-447) wys ook op die rol van veranderende lewensomstandighede, die natuurlike neiging tot taalekonomie en die rol van afwesige normatiewe en beperkende invloede (kerk, skool en staat) in taalverandering.

Die opgaaf van kenmerke oor die aard van taalverandering en die omvattende bronverwysings oor taalverandering, spesifiek ook in Afrikaans, kan herbesoek word by monde van al die genoemde outeurs en spesifiek in die omvattende bronnelys van deel 2 van *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika* (2017). 'n Historiese oorsig van taalverandering en spesifiek in Afrikaans val egter buite die fokus van die ondersoek gerig op die laaste 100 jaar en pas ook nie binne die ruimtebeperkinge van die artikel nie.

3. (*Die*) *Huisgenoot* as relevante datastel

Die blad is gestig as *De Huisgenoot* in 1916 en staan vanaf 1917 bekend as *Die Huisgenoot*. Vanaf 1977 word dit net *Huisgenoot* genoem. In dié artikel word daar net *Huisgenoot* gebruik. Sedert 1987 bestaan daar ook 'n Engelse sustertydskrif van *Huisgenoot*, naamlik *You* en met die aanbreek van die digitale era het *Huisgenoot* steeds sy enorme markaandeel ook aanlyn vergroot soos Rabe (2016:73-78) bevestig. Froneman (2004:63) lys tientalle van die mediagerigte en kultuur-historiese ondersoeke wat sedert 1930 al oor *Huisgenoot* gedoen is. Froneman (2004) se eie media-ondersoek na *Huisgenoot* (1916–2003) toon die fluktuerende dominansie van veral twee motiewe in *Huisgenoot*, naamlik idealisme en markgerigtheid.

Ondersoeke van Rabe in 2016, Froneman in 2004 en die boek van Weideman in 2015 oor *Huisgenoot* se 100-jarige bestaan, gee almal ter sake media- en geskiedkundige regverdiging vir die plek wat *Huisgenoot* as algemeen bekende en historiese Afrikaanse teks (met 'n beduidende leserstal) vertolk. Dit is daarom 'n ideale teks om die aard van taalontwikkeling in Afrikaans die afgelope 100 jaar te ondersoek. Dit is nie net die oudste Suid-Afrikaanse tydskrif nie, dit het in 2016 steeds die grootste leserstal van alle Suid-Afrikaanse tydskrifte gehad. In 1990 het die markaandeel byvoorbeeld getoon dat meer as 50% van alle Afrikaanssprekendes *Huisgenoot* lees.

Rabe (2016:55) het op *LitNet* 'n idealisties-ideologiese analise van *Huisgenoot* as "skrif van sy tyd" gepubliseer. Haar ondersoek het gefokus op die mediageskiedenis van die blad in geheel waarin sy kon aandui hoe die blad ontwikkel en voldoen het aan die eise van sy tyd, van 'n Afrikanernasionalistiese kultuurblad van een eeu gelede tot die meer globale populêre blad van vandag. Die argument is ter sake vir die keuse van die blad se rol tot die vestiging, ontwikkeling en kodifisering van Afrikaans as skryftaal.

In Van Rensburg se boek oor die eerste 100 jaar van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (2021) word daar op talle plekke (15 keer in die register) melding gemaak van die spanning tussen die behoud van die Nederlandse skryfkonvensie en die Afrikaanse spreektaal(-patroon) en die rol wat *Huisgenoot* ook in die beginjare van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (*AWS 1–3*) gespeel het. Die redakteur van *Huisgenoot* in dié tyd, prof. JJ Smith, het ook op die "Woordelyskomitee" ("Woordelijs-Kommissie" vir *AWS 1* en *2*) gedien en daar is meerdere kere in die 1920's in *Huisgenoot* verslag gedoen oor die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (*AWS 1–3*) en opdaterings aan die skryftradisie in Afrikaans. Die redakteur van *Huisgenoot* was ten gunste van die Nederlandse skryfkonvensie.

Dié wisseling tussen die Nederlandse en Afrikaanse skryftradisie blyk duidelik uit dié ondersoek (1916–1949), kategorie C van tydvak 1 (Van Rensburg, 2021:121-138). In die 1920's het min Afrikaanssprekendes behoorlike skoling in Nederlands gehad en aan die ander kant was Afrikaans sonder algemene skryfreëls, wat heelwat skryfvryheid toegelaat het (Van

Rensburg, 2021:27). Hierdie wisseling, in byvoorbeeld die los- en vasskryf van woorde, die gebruik van leestekens en wisselende spelling, blyk duidelik uit die ingeslote datastel in paragraaf 4 (tydvak 1) van die ondersoek.

Marais se 2017-artikel oor die aard van die verandering van die beeld van die vrou in *Huisgenoot* van 1963 en 2016 kan dien as agtergrond vir ’n toekomstige sosiale en psigologiese analise, omdat dit tekenend is van die veranderende rol van die vrou in ’n moderne samelewing van moeder en tuisteskepper na ook beroepsvrou.

Scholtz (2010:3) verwys pertinent na die tydperk waarin *Huisgenoot* gestig is in 1916, ná die Anglo-Boereoorlog (ABO), as ’n tydperk van breë kulturele ontwikkeling, spesifiek op die gebied van taal, letterkunde, kultuur en geskiedenis. Vergelyk ook die bevindinge in die laaste analise-gedeelte van dié ondersoek wat die sosiale en psigologiese kontekstuele veranderinge betref.

DB Bosman (1928:147-149) en die ander ondersoekers waarna hier bo verwys word, het al gewys op die impak van kindertaal (teenoor grootmenstaal) op die standaardisering van Afrikaans.

Volgens Bosman was die doelbewuste vereenvoudiging deur (Nederlandse) immigrante wanneer hul met die inheemse mense in Suid-Afrika gekommunikeer het, deel van die faktore waarom Afrikaans se ontwikkeling so anders as dié van Nederlands daar uitsien. Die gebruik van woorde soos “mengeltaal”, “normaal”, “afwyking”, “krom Afrikaans” en “eienaardige Hollands” dwarsdeur Bosman se teks is tekenend van twee sake, naamlik (a) dat taalverandering (in Afrikaans) beskou is as iets wat skaad en die argument (b) dat die taalontwikkeling (in Afrikaans) nie met die ontwikkeling van Nederlands vergelyk kan word nie, omdat die kontekste van die twee tale sedert die 1700’s so verskillend was.

Du Plessis (1943), Rabe (2016:61) en Hofmeyr (2012:446) wys op die impak van *Huisgenoot* op die psige van die (wit) Afrikaanssprekende soos dit neerslag gevind het in die beginjare tot in 1990. Baie moontlike woordkombinasies met “volk-” kom voor, byvoorbeeld “volkstemming, volkstroming, volkslewe, volksliefde, volkseenheid, volkshart, volkstoestand, volksbestaan, volksellende, volksgesind (*Feesbylae,* 1990), volkskerk, volksontwaking en volkstaak”.

4. Data en metodologie

Daar het die laaste 15 jaar Afrikaanse ondersoek oor die aard van advertensietaal op *LitNet Akademies*, die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* en in die boek *Toegepaste Taalkunde in Afrikaans* (2022: Carstens & Van Dyk (reds.)) verskyn. Ruimtebeperkinge maak dit onnodig om advertensiekommunikasie in Afrikaans weer hier aan te sny. Die genoemde bronne is ook in die bronnelys ingesluit.

Advertensies kan wel om bepaalde redes gemotiveer word as ’n geldige datastel vir dié ondersoek na taalontwikkeling weens: (a) die informele en snelveranderende aard van advertensiekommunikasie, (b) die oënskynlike intimiteit tussen bemarker en (teiken)mark in nabootsing van mondelinge kommunikasie, en (c) die vernuwende aard (kreatiwiteit) van advertensietaal teenoor sommige ander vorme van geskrewe taal.

4.1 ’n Kwalitatiewe ondersoek en data-insameling

Die aanvanklike datastel het die eerste uitgawe van *Huisgenoot* elke vyfde jaar terugwerkend vanaf 2024 behels. Die Universiteit van die Vrystaat (UV/UFS) sowel as die Nasionale

Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsinginstituut (NALN) in Bloemfontein het beide versamelings van die *Huisgenoot*-tydskrif sedert die eerste uitgawe. Die biblioteek aan die Universiteit van die Vrystaat se netjies gebinde kopieë met beskikbare werkruimte het dit haalbaar gemaak om die volledige skanderings binne die raamwerk (dataseleksie) te doen.

Hieruit is die datastel ter wille van haalbaarheid ewekansig verklein aan die hand van bepaalde soeknoemers[6] om ontwikkelingspatrone te probeer naspoor in die genoemde ses kategorieë tussen die tweede tydvak (sewe tydskrifte: 2024, 2019, 2014, 2009, 2004, 1999 en 1994) en die eerste tydvak (sewe tydskrifte: 1949, 1944, 1939, 1934, 1929, 1924 en 1916. 1916 is ingesluit, want dit was die eerste uitgawe).

Die verskille tussen die twee tydvakke is in die slotbeskouing ingesluit. (Vergelyk ook in dié verband die soortgelyke uitdagings tot data-afbakening en ekserpering uit die ondersoek van Stoops (1972) met data ook uit *Huisgenoot.)*

Die talige analises (afdeling 4.4.1 en 4.4.2) fokus op die 15 uitgawes (ewekansig ingesamel) uit die totale aantal van 25 *Huisgenote* wat geskandeer is vir die loodsondersoek. Op basis van die talige tendense gemerk in die loodsondersoek en die kategorieë van taalontwikkeling en -verandering gelys in die literatuur (deur die genoemde outeurs vermeld in die literatuurstudie en bibliografie) is die kategorie-indeling (A tot F in tydvak 1 en tydvak 2) vir die data in afdeling vier saamgestel. Die uitdagings wat betref dataseleksie en die proses van dataverkleining uit so ’n omvangryke datastel as *Huisgenoot* is hoegenaamd nie uniek nie, soos wat Stoops (1972:1-4) ook meld.

Van elke tydskrif in die totale datastel is die voorblad en alle advertensies binne al die soeknoemers (soos gedefinieer) gelys en geskandeer.

4.2 Dataseleksie

Alle advertensies wat (a) produkte of dienste of aktiwiteite gerig op taal en kultuur bemark en/of (b) verwysings na taal en kultuur insluit, maar iets anders adverteer (byvoorbeeld skoene, sigarette, ensovoorts) binne die genoemde 5-jaar-intervalle is nagespoor vir insluiting in die oorhoofse datastel. Die volgende soeknoemers is gebruik vir insluiting: kultuurspesifieke stokperdjies en ontspanningsaktiwiteite (volkspelebyeenkomste, dansuitvoerings, toneelopvoerings, kunstefeeste, akteurs en kunstenaars); woordeboeke; uitgewers; mediahuise; boeke/skrywers; musiek (opvoerings en instrumente); opvoedkundige instellings (skole en kolleges); klere en bykomstighede (mode); godsdiens (Bybel); enige taalspesifieke verwysings/inspelings (spreekwoorde en idiomatiese uitdrukkings); kos (resepte, kostradisies en produkte soos koffie en melktert); kulturele praktyke (troues, verlowings en begrafnisse).

Uit die advertensies is alle voorbeeldmateriaal (data) opgeteken waarna daar in afdeling 4 (figure) en in die addendum verwys word. Die omvang van die data en die sigbare veranderinge op sosiale en psigologiese vlak het dit gou duidelik gemaak dat ’n tweede ondersoek gedoen sal moet word, omdat alles nie in die bestek van een ondersoek gedek sal kan word nie. Hierdie artikel fokus net op die talige oorsig uit die datastel binne die genoemde kategorieë (A tot F) binne tydvak 1 (tot 1949) en binne tydvak 2 (sedert 1994). Alle advertensies uit *Huisgenoot* binne die bogenoemde soeknoemers (advertensies) en binne die genoemde twee tydvakke (1916–1949 en 1994–2024) is dus ingesluit as data in die ondersoek.

---

[6] Die term s*oeknoemer* verwys na die keusebeginsels waarvolgens data (advertensies) geselekteer is om ingesluit te word vir die kategorisering en opname in die addendum. Voorbeelde is verwysings na taal, kunstenaars, boeke, ensovoorts.

Conradie en Groenewald (2017:55-59) beskryf die tydperk 1925–1994 as die ontwikkelingsfase van Afrikaans en gee ’n nuttige oorsig van die eerste dekades in die geskiedenis van Afrikaans in die twintigste eeu. Vir die data-analise in tydvak 1 (van die gekose datastel) wat die sosiolinguistiese en psigolinguistiese aspekte betref, is veral die invoer van Afrikaans in die skole (1914), die eerste *Afrikaanse Woordelijs en Spelreëls* (1917) en die gebruik van Afrikaans as kerktaal ter sake.

Die vooruitgang wat Conradie en Groenewald (2017:58) lys, is toepaslik vir die tweede tydvak (van die data) se analise en sentreer veral rondom internasionale belangstelling in aanleerderskursusse in Afrikaans, ’n tweede Afrikaanse streektaalwoordeboek in 2009 (Von Wielligh, 1925; Prinsloo, 2009) en die vlak van (talige) kreatiewe vergestalting: Afrikaanse kunstefeeste, TV-kanale en Afrikaanse films.

4.3 Metodologie

Bogenoemde dataseleksie het tot ’n haalbare datastel van 15 tydskrifte se geselekteerde advertensies gelei. Die eerste tydvak dek 1916–1949 en die tweede tydvak dek 1994–2024.

4.3.1 Analise-templaat vir talige optekening van ontwikkeling

Op basis van die loodsondersoek en die literatuurstudie is data chronologies in die volgende ses kategorieë apart ingesluit in die addendum vir tydvak 1 teenoor tydvak 2:

A. voornaamwoordgebruik en hoflikheid (stilistiese keuses)
B. woordeskat en argaïese leksikonitems
C. spelling
D. grammatikale aspekte (byvoorbeeld: werkwoordvervoeging, lidwoordgebruik, ontkenningsvorm)
E. talige kreatiwiteit (spel met klank, woord en sinstruktuur binne tydvak 1 teenoor tydvak 2)
F. taalvermenging (aard van vermenging in tydvak 1 teenoor tydvak 2).

Daar word in elk van die bogenoemde ses kategorieë in tydvak 1 (tot 1949) teenoor tydvak 2 (sedert 1994) ’n inleidende beskrywing gegee van die aard van die aspekte wat ingesluit is en daar word ook ’n volledige en toepaslike voorbeeld (advertensie) uit die datastel ingesluit en geanaliseer binne elk van die genoemde kategorieë binne beide tydvak 1 en tydvak 2.

Die finale datastel word met behoud van die formaat soos dit in *Huisgenoot* voorgekom het in die addendum (skakel ná die bibliografie) ingesluit. Daar word wel na voorbeelde uit die datastel verwys in die bespreking van tydvak 1 en tydvak 2 in paragraaf 4.

4.4 Talige analises

Die data word op die volgende wyse chronologies en geskei met ’n kommapunt (;) in die addendum (skakel) ingesluit.

Die (soms foutiewe en wisselende) gebruik van hoofletters en spelling in ’n advertensie is presies behou soos dit in die advertensie voorgekom het. Verskillende advertensievoorbeelde in die addendum word slegs met ’n kommapunt (;) geskei en talige toeligting as motivering

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a8

(nie deel van die advertensie nie) en die rede vir die insluiting in die datastel en/of kriptiese verklaring word in ronde hakies () waar nodig meestal ná die voorbeeld ingevoeg, byvoorbeeld:

> 1916
> Principaal (Nederlandse spelling); PARAPLUS (= meervoud; waarom hoofletters?) (sambreel in Standaardafrikaans, tydvak 2)

4.4.1 Tydvak 1: 1916–1949

Daar word een volledige advertensievoorbeeld per kategorie (A–F) ingevoeg en toegelig, maar alle toepaslike versamelde data word onder die kategoriehofies vir beide tydvak 1 en tydvak 2 ingesluit in die addendum (skakel).

A) Voornaamwoordgebruik en hoflikheid (formaliteit)

Figuur 3 uit 1924 bevat voorbeelde van onder andere ook:

- Nederlandse invloed in terme van werkwoorde en teenwoordige deelwoorde soos: "... aan al die hedendaagse vereistes *beantwoordende"*. Stoops (1972:94-164) gee in die grootste deel van haar verhandeling aandag aan die werkwoordvorm in *Huisgenoot* in die tydvak 1920–1970. Stoops maak pertinent melding op verskillende plekke van *oorheersende* aspekte en *neigings* as sy na haar datastel verwys. Dit sluit aan by die gedagtegang hier in die ondersoek wat fokus op *ontwikkeling* eerder as taalverandering (Stoops, 1972: 22,45).
- Formaliteits- (aanspreek- en bespreek-)vorme en afkortings soos: *Wel.Ed* (vir "Wel Edele" heer).
- Wisselende Nederlandse en Afrikaanse spelling van titels soos *mevr.* en *mev.* en spelling van woorde soos *posiesie* (vir Standaardafrikaans se "posisie").
- Argaïese woordeskatitems (in die konteks van tydvak 2) ook onder Nederlandse invloed en toenemend afwesig in tydvak 2, byvoorbeeld *gemakke* (geriewe); *tewens* (selfs/ook); *burgers* (publiek); *vernaamlik* (met die doel); in die eerste *plaas* (in plaas van die eerste "plek", na aanleiding van die Nederlandse *plaats* vir "plek" in Standaardafrikaans).
- Geslagsgebonde onderskeid, byvoorbeeld: *eggenote* (vroulik)*, vaders* (geen moeders word vermeld)*, besigheidsmanne, kerkmanne.*

B) Woordkeuse (woordeskatuitbreiding), Nederlandse invloed, spellingkonvensies en argaïese leksikonitems teenoor nuwer leksikonitems in Standaardafrikaans

Figuur 4 uit 1949 bevat onder andere voorbeelde van gebruiksartikels en/of woordeskatitems wat grootliks in onbruik verval het in 'n moderner tydgees van tydvak 2, byvoorbeeld *buustelyfies*, *borsrokke* en *kousophouerbande***.**

Die voorbeelde in afdeling B, gerig op woordkeuse (tydvak 1), is nie net tekenend van tegnologiese veranderinge (*grammafoon, draagbare tikmasjien*, ensovoorts) nie, maar ook deurspek van Nederlandse invloed, naamlik *jurkies, immer, piano* en Engelse invloed, naamlik *staff*, *parte (kan Ndl. wees)*, ensovoorts in kontras met die aangeduide Standaardafrikaanse vorm in tydvak 2. Nederlandse invloed wys ook duidelik in die name van kleure soos ingesluit in die addendum (tydvak 1, kategorie B) byvoorbeeld *ligroos* en *sitroen*. Stoops (1972:49) verwys na *pienk* as "'n verwerplike leenwoord" in 1921.



Gimnasium-Hoërskool, Noorder-Paarl.

Hierdie Skool vir seuns, wat in 1858 deur wyle Ds. G. W. A. van der Lingen gestig is, vernaamlik tot handhawing en behoud van GODSDIENS en TAAL, bou nog op dieselfde fondament voort en lewer nog by toeneming uitstekende dienste aan die saak van die opvoeding.

Daar dit een van die oudste en tewens ook deeglikste Opvoedingsinstitute in Suid-Afrika is, het hy, as tere voeder van die jeug, ons land voortdurend onskatbare dienste bewys deur sy seuns, wat belangrike posiesies beklee het, of nog beklee, as Boere, Vaders van modelhuisgesinne, Predikante, Kerkmanne, Onderwysers, Professore, Joernaliste, Dokters, Regters, Parlementslede, Burgers, Besigheidsmanne, ens.; seuns op wie hy met reg trots kan wees en wat in die lewe suksesvol is omdat die opvoeding wat gegee word kerngesond is en IN DIE EERSTE PLAAS in die oog gehou word DIE VORMING VAN NUTTIGE LEDE VIR DIE SAMELEWING.

Die ligging is gesond, pragtig en sentraal, in die onmiddellike nabyheid van die Noorder-Paarlse Kerk, die Pos- en Telegraafkantoor, en maar 5 minute van HUGENOOT-STASIE.

DIE KOSHUISE.

Aan die Skool is daar twee ruim en deeglike kosinrigtings verbonde:—

No. I. Die geboue van die historiese Ou Pastorie van wyle Ds. Van der Lingen, met ruim speelgronde, in die onmiddellike nabyheid van Kerk en Skool, volgens nuwerwetse gemakke ingerig en onder persoonlike toesig van die Prinsipaal en sy vrou.

No. II. Die Koshuis op die Skoolgronde, spesiaal vir die doel gebou en aan al die hedendaagse vereistes beantwoordende. Hierdie inrigting is ook ruim en lugtig, van tennisbane voorsien en staan onder toesig van mnr. W. K. van der Spuy, B.A., en sy eggenote.

TERME.

Losies £9 10s. per kwartaal, alles ingesluit.

(N.B.—As die losiesgelde binne TWEE weke ná die begin van die kwartaal betaal word, is dit £9 per kwartaal.)

Alles moet vooruit betaal word aan die begin van elke kwartaal. BY UITNAME WORD 'N KENNISGEWING VAN DRIE MAANDE VOORUIT VEREIS.

Doen aansoek by WelEd. F. C. WAHL, B.A., Prinsipaal, of WelEd. W. K. VAN DER SPUY, B.A.

Figuur 3: *Advertensievoorbeeld toepaslik vir bogenoemde kategorie A (1924).*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a8

Figuur 4: *Advertensievoorbeeld toepaslik in bogenoemde kategorie B (1949).*

C) Spelling

Opvallende Nederlandse spelling in die voorbeelde en onvaste spelling in tydvak 1 in vergelyking met tydvak 2, naamlik *postbus* versus *posbus* (tydvak 2) en *principaal* versus *prinsipaal* (Tydvak 2); ouderwetse aanspreek- en bespreekvorme soos: *Gebroeders, Wel Edele heer*, ensovoorts val op in tydvak 1 (1924, ensovoorts) van die ingeslote addendum (skakel).

Figuur 5 uit 1929 bevat onder andere voorbeelde van:

- Formele voornaamwoordgebruik soos *u* (wat vandag in Afrikaans veral ook in advertensietaal grootliks in onbruik verval het).

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a8

- Ouderwetse woordkeuse, byvoorbeeld *tabberds*.
- Wisselende spelvorme, byvoorbeeld *geinteresseer* in plaas van "geïnteresseer" (ten spyte daarvan dat deeltekens wel in die res van die advertensie korrek gebruik is).

Figuur 5: *Toepaslike voorbeeld in bogenoemde kategorie C (1929).*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a8

D) Grammatika

Onderstreepte gedeeltes in die datastel (addendum) merk die ontwikkeling en grammatikale wisseling tussen Nederlands en Standaardafrikaans (tydvak 1 teenoor tydvak 2) in terme van werkwoordvervoeging, lidwoorde ("die", "'n" in Afrikaans), ontkenning, byvoeglike naamwoorde, meervoudsvorme, voorsetsels en voornaamwoorde (Nederlandse invloed).

Die advertensievoorbeelde in kategorie D (in die datastel) wat grammatikale ontwikkeling illustreer, toon merkbaar meer variasie (wisselende vorme) en meer Nederlandse invloed tot nog laat in tydvak 1 as dit vergelyk word met die ander kategorieë, A, B, C, E en F in tydvak 2 (ingesluit in die addendum).

Bewese taalontwikkeling, anders as wat aangetoon word in bogenoemde voorbeelde (figuur 1 – 5 én in die addendum), kan duideliker op sintaktiese vlak opgemerk word. Vergelyk byvoorbeeld die enkele ontkenningsmerker in die 1944-voorbeeld hier bo wat anders is as in Standaardafrikaans (tydvak 2).

Vergelyk byvoorbeeld ook die besitlike vorm *die uwe* (Nederlandse herkoms by *uwe* word aangedui in die Handwoordeboek van die Afrikaanse taal, HAT, (1991) in die 1929-voorbeeld (ingesluit in die addendum). *Uwe* is ook in Standaardafrikaans bekend, maar word geëtiketteer as: "geyk", "ouderwets" en "deftig" in die HAT (2015). Die minder bekende spelling en gebruik van *verkouentheid* (teenoor die meer bekende, *verkoue*) in die 1929-voorbeeld val ook op, alhoewel beide *verkoue* en *verkouentheid* in die HAT (2015) sonder etikette opgeneem is. Wisselende vorm (moontlike Nederlandse invloed) van die werkwoorde (*bereid, bereik geword is)* is te sien in die 1924-voorbeeld: *Bereid volgens 'n geheime ou resep het hierdie sous 'n smaak en bekoring wat geen ander sous ooit bereik geword is nie*. Stoops (1972:162) se toeligting oor die eertydse gebruik van *is* as hulpwerkwoord van tyd in haar datastel (1920/1921 tot 1970/1971) uit *Huisgenoot* is ter sake vir toekomstige grammatiese analise. Stoops se datastel (1920/1921 tot 1970/1971) uit *Huisgenoot* fokus, anders as dié ondersoek, nie op spelling, woordeskatuitbreiding, talige kreatiwiteit, ensovoorts nie, maar wel op grammatikale "neigings" in terme van werkwoordvorm, verbuiging van die adjektief, meervoudsvorme en die woordorde by passiewe konstruksies (Stoops, 1972:4).

Figuur 6 uit 1924 is in die geheel in Nederlands aangebied, terwyl ander advertensies en berigte in dieselfde uitgawe gedeeltelik of grootliks in Afrikaans geskryf is. Let op na die Nederlandse spellingspatroon, byvoorbeeld *hardlijvig* ("hardlywig" in Standaardafrikaans), *vruchtensmaak* ("vrugtesmaak" in Standaardafrikaans) ensovoorts; die Nederlandse bepaalde lidwoord *het* kind ("die" in Afrikaans), die Nederlandse verkleiningsuitgang *-tje* in *teelepeltje,* die Nederlandse werkwoord *zijn* waar die werkwoord "wees" in Standaardafrikaans normaalweg op "sal" (zal) volg en *hebben* in die voorbeeld (in plaas van die werkwoord "het" in Standaardafrikaans).

E) Talige kreatiwiteit (taalspel): woord en klankherhaling, strukturele (sintaktiese) taalspel, asook spel met idiomatiese en vaste uitdrukkings

Die toepaslike teksgedeeltes uit die data (advertensie) is ter wille van duidelikheid/toeligting onderstreep in die addendum om die stilistiese en strukturele taalspel te toon. Die voorbeeld as spel met idiomatiese uitdrukkings is **donker gedruk** (in die addendum) om die taalspel duideliker aan te toon.

Figuur 7 uit 1924 is volledig in Afrikaans in teenstelling met figuur 6 en dit bevat voorbeelde van verskillende vorme van talige kreatiwiteit soos aangedui, byvoorbeeld *suiwer*

MOEDER!

Zorg dat Uw kind niet hardlijvig is.
" California Syrup of Figs."
't Beste Lakseermiddel voor 'n kind.

Haast U, Moeder! 'n Teelepeltje ,,California Syrup of Figs'' (Californiese Vijgenstroop) tans gebruikt, zal de teergevoelige ingewanden van uw kind op 'n degelike wijze reinigen, en binnen 'n paar uren zal uw kind dan weer gezond en vrolik zijn. Zelfs als de kinderen knorrig, koortsig, misselik, hardlijvig of verkouden zijn, lusten zij graag de lekkere vruchtensmaak ervan, en moeders kunnen gerust zijn, want dit middel blijft nooit in gebreke al het verzurend voedsel en het akelig gal geheel uit de maag en ingewanden te verdrijven zonder kramp te veroorzaken of het kind ongesteld te maken.

Zeg aan uw apoteker dat u alleen de echte ,,California Syrup of Figs'' hebben wil, waarvan de gebruiksaanwijzing voor babies en kinderen van elke leeftijd op elke bottel afgedrukt is. Verkrijgbaar bij Apotekers en Winkeliers, 2/- en 3/3. Moeder! u moet vragen om ,,California.'' Weiger alle namaaksels.

(3)

Figuur 6: *Toepaslike voorbeeld in bogenoemde kategorie D (1924 – onderstreping behou soos in die advertensie).*

die lug, van edeler bloed. Talige kreatiwiteit in tydvak 1 is gerig op woordvlak, veral klankherhaling.

In tydvak 2 (addendum) staan die spel met die idioomskat (soos donker gedruk, aangedui in kategorie E) en stilistiese inspeling op sinsvlak (soos in die onderstreepte voorbeelde in kategorie E aangetoon) voorop. Visuele kreatiwiteit (grafologie) en spel met die (vorm) handelsnaam soos in tydvak 2 geïdentifiseer, is grootliks afwesig in tydvak 1 as dit vergelyk word met tydvak 2.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a8

Figuur 7: *Toepaslike voorbeeld in die bogenoemde kategorie E (1924).*

F) Taalvermenging

Figuur 8 uit 1929 (tydvak 1) bevat onder andere taalvermenging wat Afrikaans, Duits en Engels insluit, maar geen voorbeelde met Afrikataal/inheemse taalinvloede soos wel aangetref is in tydvak 2 nie. Die afwesigheid van die Afrikatale in tydvak 1 staan in kontras met die voorbeelde en die insluiting van die inheemse tale in kategorie F van tydvak 2. Die 1949-voorbeeld in tydvak 1 (addendum) bevat onder andere 'n interessante Maleise invloed, soos *tjap* met die Afrikaanse betekenis van *stempel* – uit Maleis/ Kaaps-Maleis in die konteks van 'n *tjap* van my handtekening. Die omvangryke woordeskatitems in Afrikaans (totaal anders as die Nederlandse ekwivalente) ingesluit in afdeling B (addendum) wys op die groeiende

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a8

taaltrots in die bepaalde sprekersgemeenskap, veral in tydvak twee, byvoorbeeld *geheuekaart*, *blokraaisel*, *sandspuit*. Die gebruik van Duits in figuur 8 is vanweë die handelsnaam, *Zeiss punktal*, maar die kontinue ontwikkeling van Afrikaans (ingesluit die gebrek aan konsekwente woordkeuse en spelling) blyk ook uit figuur 8 waar daar in dieselfde advertensie, *bril* en *brilglase* gebruik word vir *bril* in Standaardafrikaans.

Die insluiting van semantiese deursigtige eksemplariese items in die vorming van handelsname en taalvermenging om handelsname te vorm, val buite die ondersoek. Dit sluit byvoorbeeld bekende Suid-Afrikaanse handelsname soos *Koffiehuis* (Afrikaans), *StaSoft* (Engels) *en ProVita* (Latyn) in (vergelyk ook Van Niekerk, 2005). Ander voorbeelde van taalvermenging in tydvak 1 met Duits, Engels en Nederlands soos opgeneem in die addendum is nie gekoppel aan ’n handelsnaam nie.

Figuur 8: Toepaslike voorbeeld in bogenoemde kategorie F (1929).

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a8

4.4.2 Tydvak 2: 1994–2024

Dieselfde formaat van data-insluiting per kategorie en toeligting in hakies () as in tydvak 1 word in tydvak 2 van die addendum gebruik. Daar word ook een volledige advertensievoorbeeld per analisekategorie (A–F) ingesluit in paragraaf vier naas al die relevante data se volledige insluiting onder die bepaalde ses kategoriehofies in die addendum (skakel ná die bibliografie). Talige formaliteit en formele voornaamwoordgebruik is toenemend afwesig in gestandaardiseerde Afrikaans in die massamedia weens die groeiende intiemer (persoonlike) aard van die genre gerig op 'n baie spesifieke gesegmenteerde mark en nie net 'n globale Afrikaanssprekende mark soos in tydvak 1 nie.

A) Voornaamwoordgebruik en hoflikheid (stilistiese keuses)

Figuur 9 uit 2014 stel kinders aan die woord en bevat geen formele voornaamwoorde of aanspreekvorme nie. *Ma's* in plaas van *moeders (*soos in tydvak 1) word gebruik. Die gebruik van ikone om produkkwaliteite aan te toon, is visueel aantreklik en opvallend anders as in

Figuur 9: *Toepaslike voorbeeld in die bogenoemde kategorie A (2014).*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a8

tydvak 1. Die insluiting van ’n diverse etniese Afrikaanstalige mark is ook opvallend in vergelyking met tydvak 1. (’n Tikfout word opgemerk in die woord *belonigs* in plaas van “belonings”.)

B) Woordkeuse (woordeskatuitbreiding) en argaïese leksikonitems teenoor nuwer leksikonitems

Tegnologiese veranderinge in kontras met tydvak 1 staan voorop wat woordkeuse betref, byvoorbeeld *CD, faks, geheuekaart, internet, Facebook*, # (hutsmerk)**,** *slimfoon, aanlyn, rekenaar, Tiktok,* ensovoorts.

Figuur 10 uit 2024 en figuur 11 uit 2004 bevat tientalle van die kontekstuele veranderinge van tydvak 2 soos dit op woordvlak vergestalt word, byvoorbeeld e-pos, aanlyn, visuele vergestalting van strepiesbetaalkode, sudoko (spel), webbladadresse asook sigbare insluiting van ’n etnies diverse teikenmark in tydvak 2 anders as tydvak 1.

Figuur 10: *Toepaslike voorbeeld in die bogenoemde kategorie B (2024) wat woordeskatvernuwing betref.*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a8



Figuur 11: *Toepaslike voorbeeld in die bogenoemde kategorie B (2004) wat woordeskat-vernuwing betref.*

C) Spelling

As die aantal voorbeelde in tydvak 1 en tydvak 2 (kategorie C in die addendum) vergelyk word, is hier beduidend meer eenvormigheid in spelling (kategorie C van tydvak 2) en nie soveel wisselvorme nie. Veel minder sleng en Kaaps as wat 'n mens sou verwag (in ag genome die gees van diversiteit en inklusiwiteit), is in die volledige datastel (gebruik die addendumskakel) van tydvak 2 aanwesig.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a8

D) Grammatikale ontwikkeling

Die kontinue onderleksikalisering (predikaat of subjekweglating en onvoltooide sinne) in tydvak 2 in kontras met tydvak 1 is opvallend in die datastel. Talle verkortings talig verantwoordbaar uit die aard van sosialemediakommunikasie soos *TikTok*, *Facebook*, ensovoorts, kan ook gelys word:

Figuur 12 uit 2014 bevat onder andere enkelwoorde as ongeleksikaliseerde sinne, aangebied met hoofletter en ’n punt: *Nuus. Leefstyl. Sterre*. Talle ander tipes onderleksikalisering dwing die teikenmark tot samewerking om ’n boodskap te konstrueer, byvoorbeeld: *Al jou belangstellings op een plek*. Die soort onderleksikalisering en ekonomiese taalgebruik ontbreek grootliks in tydvak 1 tot 1944 en dit is tipies van moderne sosialemediakommunikasie asook spreektaal waar die insluiting van deiktiese verwysings te verwagte is, byvoorbeeld in figuur 12: *... **jou** Samsung slimfoon* en *... Laai **dit** in **jou** Google Play winkel af.*

Figuur 12: *Toepaslike voorbeeld van taalvermenging in bogenoemde kategorie D (2014).*

E) Talige kreatiwiteit (taalspel): woord- en klankherhaling, spel met sintaktiese struktuur, spel met idiomatiese en vaste uitdrukkings asook beeldvorming (“image”) van die handelsnaam

Die toepaslike teksgedeeltes uit die data (advertensie) is ter wille van duidelikheid/toeligting onderstreep om die opvallende taalspel (sinsvlak en klankvlak) te toon. Die spel met idiomatiese uitdrukkings is donker gedruk om die taalspel in die data (addendumskakel) duideliker te toon.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a8

Figuur 13 uit 2019 bevat onder andere 'n verwysing na die idiomatiese uitdrukking, *met die maan gepla wees* (om met tye bietjie mal te wees of om vreemde sosiale gedrag te openbaar) en die inspeling tussen die letterlike plasing van die maan as 'n hemelliggaam met volmaan en die figuurlike en/of psigologiese betekenis van die maan vir die mens. Afdeling E in tydvak 2 (van die addendum) bevat sigbaar meer taalspel met tientalle inspelings op idiomatiese uitdrukkings en/of die letterlike en figuurlike betekenis van woorde as in tydvak 1, byvoorbeeld: *Dis 'n gulde geleentheid, dis neusie verby; oos, wes, tuis bes; wat is 'n huis sonder 'n moeder?; die sleutel tot sukses*; ensovoorts.

Figuur 13: *Toepaslike voorbeeld in die bogenoemde kategorie E (2019) tekenend van idiomatiese taalspel.*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a8

F) Taalvermenging

Die gebruik van Engelse eksemplariese woorddele in die vorming van handelsname in tydvak 2 (sedert 1994) is baie opvallend in die volledige datastel, byvoorbeeld *Shoe City*, *Mr Price* en *Miway* asook taalvermenging in die skepping van handelsname, byvoorbeeld *Foto First* (Engels: "photo"). Die semantiese deursigtigheid van handelsname met eksemplariese woorddele val buite die bepaalde ondersoek (vergelyk ook Van Niekerk, 2005 in dié verband). Die voorbeelde in die figure is hier ingesluit ter illustrasie van die bekendheid en aanneemlikheid van Engels en Engelse woorddele (bousels) in Afrikaanstalige tekste soos uit die datastel in die tydvak. Die behoud van Engelse slagspreuke ("slogans") in Afrikaanse advertensies is opvallend in tydvak 2, soos ingesluit in die addendum (sedert 1994). Die groei in taalvermenging met Engels ook op die vlak van handelsname in tydvak 2 (in vergelyking met tydvak 1) is opmerklik in die addendum.

Figuur 14 uit 2019 is 'n Afrikaanse advertensie wat naas Afrikaans (*gratis,* ensovoorts) ook Engels (*free)* en Sotho (*mahala*) woordkeuses insluit om ook die multikulturaliteit en die visuele aspek te ondersteun en die handelsmerk "Microsoft" as ras- en kultuurinklusief voor te stel.

Figuur 14: *Toepaslike voorbeeld van taalvermenging in die bogenoemde kategorie F (2019).*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a8

Die opvallendste patrone uit die datastel in die addendum én die talige analise (in paragraaf 4.4.1 en 4.4.2), aldus die analiseraamwerk (A–F), kan soos volg saamgevat word. Die datastel toon in tydvak 1 (1916–1949) opvallend meer grammatikale variasie uit die versamelde data in afdeling D. Die volgende aspekte was opvallend wanneer tydvak 1 met tydvak 2 vergelyk word:

- lidwoordgebruik (Nederlandse *het*, *de* en *een* in tydvak 1 teenoor Afrikaanse *die* en ’n)*;*
- wisselende vorm van die adjektief in tydvak 1;
- wisselende vorm van die (juiste) werkwoord. Vergelyk die deeglike oorsig van Stoops (1972:94-161) veral wat *is* en *was* betref; die Nederlandse hulpwerkwoord *had* saam met die voltooide deelwoord; die gebruik van die infinitief; en die impak op woordorde met die gebruik van modale werkwoorde soos dit ook neerslag gevind het in die datastel in tydvak 1 (tot 1949) van kategorie D in die addendum;
- wisselende gebruik van voornaamwoorde in terme van formaliteit en Nederlandse spelling teenoor Afrikaanse spelling (afdeling D van die analises in tydvak 1 in vergelyking met tydvak 2 sedert 1994);
- veel meer sinsvlakinkortings (onderleksikalisering) opgeteken uit die data (addendum) in tydvak 2 (afdeling D) as in tydvak 1;
- deurgaans (onderskeidende) vernuwing op woordeskatvlak (afdeling C van die datastel en analises) in albei tydvakke van die ondersoek;
- toenemende informaliteit en minder hoflikheid (afdeling A van die datastel en analises) as tydvak 1 en 2 vergelyk word;
- toenemend meer talige kreatiwiteit en taalspel in tydvak 2 gelys (afdeling E van die analises) as in tydvak 1;
- (sedert 1994) taalvermenging met taalitems uit die Afrikatale (op skrifvlak) in afdeling F van die analises én die volledige addendum;
- al minder en soms wisselende parallelle Nederlandse en Afrikaanse invloed (byvoorbeeld die 1924-advertensievoorbeelde) en vorme in tydvak 1 (sedert 1916) en byna geen opvallende Nederlandse invloed in Afrikaans in die tweede tydvak (sedert 1994) nie; en
- geen spellingvariasie met Nederlands in die tweede tydvak (1994–2024) van die analises en addendum nie; heelwat spelvariasie wat betref los- en vasskryf, gebruik van hoofletters en weglating van deeltekens is gelys in tydvak 1 (addendum).

4.4.3 Toekomstige ondersoek: sosiolinguistiese en psigolinguistiese aspekte

Steinberg en Angelopulo (2015:218-219) wys daarop dat ’n funksionele benadering tot massakommunikasie op die sosiale gevolge van massakommunikasie fokus. Daar word vier basiese funksies van massakommunikasie onderskei: toesig oor die omgewing, korrelasie van diverse sosiale elemente, sosialisering en kulturele oordrag, en vermaak. Die aard van kulturele oordrag (van Afrikaanssprekendes en aan Afrikaanssprekendes) is ook ter sake in ’n opvolg-ondersoek met dieselfde datastel.

In die optekening van die talige ontwikkeling in die genoemde tydvakke (1916–1949 en 1994–2024) wat betref die bogenoemde ses kategorieë van talige analise (A–F), het die volgende sosiolinguistiese en psigolinguistiese aspekte aandag getrek:

1. geslagsrolle en sosiale aansien (vroue en kinders, ensovoorts)
2. die aard en tipe klem op fisieke voorkoms (mans teenoor vroue)

3. taaltrots en die waarde van boeke
4. kulturele wêreld en leefwêreld in die algemeen
5. beroep, werk en studie
6. land en plaaslike mark
7. nasiebou en etnisiteit
8. boere en grondverbondenheid
9. kommunikasiepraktyk
10. finansiële praktyk

Daar sal in 'n beplande toekomstige ondersoek op die aard van die geïdentifiseerde bogenoemde tien kategorieë van sosiale en psigologiese verskuiwing gefokus word. Die voorbeelde reeds as figure ingesluit, sluit noodwendig ook aan by die gelyste verskuiwings wat verdere ondersoek vereis. Die aard van die verandering in denke sal in 'n toekomstige ondersoek kan aandag kry. Dit sluit byvoorbeeld in dat daar aandag gegee word aan die norme (van tydvak 1) waaruit dit duidelik geblyk het dat lyfstraf vir kinders normaal geag is; beroepe soos boer, opvoedkundige en predikant (vir mans) algemeen was; die ouerskaptaak die uitsluitlike rol van die vrou was; en rook (tot in 1994) en alkohol (vir mans) die norm was.

Daarteenoor is dit duidelik in tydvak 2 (1994–2024) dat mense van kleur toenemend ná 1994 'n sigbare mark word; rook (van tabak) nie meer so sosiaal aanvaarbaar is nie; vroue professionele loopbane kan volg; en kommunikasie (bekendmaking van inligting aan 'n groter publiek) op ander maniere as via die koerant kan geskied.

Figuur 15 met advertensies uit 1934 en 2004 sou beslis deel uitmaak van 'n toekomstige ondersoek waarin die veranderende rol en status van vroue en mans, belang van voorkoms en die toenemende informele aard (afwesigheid van formele voornaamwoorde, byvoorbeeld "u" in Afrikaans) van kommunikasie aandag moet geniet.

Figuur 15: *Ter illustrasie van die genoemde hoflikheid (voornaamwoordgebruik), klem op voorkoms, posisie van die vrou in die samelewing, ensovoorts – tekenend van tydvak 1; 1934-advertensie en tekenend van tydvak 2; 2004-advertensie.*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a8

Die hoeveelheid en aard van voorbeelde wat per kategorie (A–F) in tydvak 1 en 2 opgeteken is (addendumskakel) regverdig verdere ondersoek en beskrywing. Op sigwaarde kan verskillende hipoteses uit die optekening ondersoek word, byvoorbeeld dat:

- talige kreatiwiteit (kategorie E) veel meer omvangryk is in tydvak 2 as in tydvak 1 omdat genoegsame taalontwikkeling eers moes vorm aanneem alvorens daar vryer met Afrikaans omgegaan kon word (in tydvak 2);
- standaardisering en herstandaardisering vinniger geskied op die vlak van spelling en voornaamwoordgebruik as op die vlak van die sintaksis en werkwoordelike struktuur – vandaar die aard en groter omvang van data in tydvak 1 (kategorie A) as in tydvak 2; en
- Afrikaans 'n lewende en groeiende taal is vergelykbaar met ander groot tale (ook buite die Suid-Afrikaanse konteks) soos blyk uit die aard en omvang van woordkeuse en woordeskatvernuwing wat verband hou met tegnologie in die data in kategorie B van beide tydvak 1 en tydvak 2.

5. Slotgedagtes

Ter aansluiting by die genoemde metafoor in die inleiding van Aitchison (2013) dat taal 'n lewende organisme soos 'n boom is, toon die ontwikkelingspad van Afrikaans in die datastel dat dié boom soms takke, blare of vrugte verloor op dieselfde manier as wat woordskatvernuwing (uitsterf van ou woorde en vorme en die vorming van nuwe woorde) geskied. Bome dra anders vrugte en blare (nuwe lote) in verskillende omgewings met meer of minder son en 'n eiesoortige klimaat, daarom lyk en klink die Afrikaans van die gestandaardiseerde media soos wat verwag kan word anders as gesproke Afrikaans in byvoorbeeld die Noord-Kaap of op die Kaapse vlakte.

Die Afrikaans van tydvak 1 (tot 1949) en tydvak 2 (sedert 1994) is te verwagte onderskeidend anders soos wat bome ook anders lyk en ander blomme en vrugte dra soos die seisoene wissel. Lewende organismes soos bome se aard en voorkoms word beïnvloed deur hul omgewing en die invloed van ander organismes en veranderlikes in die omgewing. Die aard van taalkontak en taalbeïnvloeding is daarom eiesoortig anders in tydvak 1 en tydvak 2 wat kategorie F van die datastel in die addendum betref. Vergelyk die aanwesigheid van Nederlands (spelling, woordvlak en sintaktiese vlak) in tydvak 1 en die aanwesigheid van Engels en Sotho in tydvak 2 in die datastel.

Eksterne sosiolinguistiese redes buite die taalsisteem (klimaatsverandering in die natuur raak alle lewende organismes, ingesluit bome) en interne psigologiese redes (lewensiklus van lewende organismes, byvoorbeeld bome) binne die taalsisteem (die denke van die verskillende taalgebruikers) word as oorsake vir taalontwikkeling (en uiteindelike taalverandering) gesien.

Die voorspelling sou waarskynlik datagewys gemaak kan word dat die taalontwikkelinge uit die datastel vir 'n lang tyd naas ander vorme gaan voortbestaan as variasie (eerder as verandering op die kort duur), ook weens die toenemende debatte oor herstandaardisering en inklusiwiteit in Afrikaans, naas Standaardafrikaans (met die 100-jaar-herdenking van Afrikaans as 'n amptelike taal in Mei 2025).

Taalontwikkeling en gevolglike taalverandering is beslis nie 'n toevallige (lukrake) proses nie, want dieselfde tipe taalveranderinge geskied dikwels oor taalgrense heen. Modeaanpassings ("fashion") wat byvoorbeeld inkortings betref, word geag snellers te wees vir potensiële "sagte/swak" plekke in 'n taal.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a8

Faktore wat taalontwikkeling in Afrikaans in die toekoms kan aanhelp, hou ook verband met die resente bedeling waarin Afrikaans nou staan. Daar is oënskynlik die eerste keer in die geskiedenis van Standaardafrikaans, in die middel negentigerjare, 'n groter bewustheid van vreemdetaalaanleerders (as sprekergroep) van Afrikaans. Die afleiding word gemaak omdat die skoolsisteem in Suid-Afrika tot in 1994 Afrikaans as verpligte huistaal of tweede taal vir matriekvrystelling vereis het. (Dit is nie meer die geval nie.) Die invloed van Engels op Afrikaans is egter wel al deeglik ondersoek deur onder andere René Dirven (2012) en Bruce Donaldson (1988). Meer aanleerdersinvloed op Afrikaans se soepelheid sal dus mettertyd eers blyk, want Afrikaans is (anders as voor 1994) in 2024 een van die 13 amptelike tale met gelyke status in die Suid-Afrikaanse konteks. (Nuwe of ander voeding vir 'n lewende organisme kan die aard van die organisme verander sodat die boom byvoorbeeld meer vrugte dra en droogtebestand raak.) Hierby moet verreken word dat 'n beweging in die rigting van hiperkorreksie deur aanleerders (addisionele taalsprekers) net so moontlik is as toenemende vereenvoudiging.

Die faktor wat waarskynlik die grootste invloed gaan hê op die wyse waarop Afrikaans verder gaan ontwikkel, het te make met die talle herstandaardiseringsinisiatiewe soos bespreek in die proefskrif van Odendaal (2012:457-470). Dit skakel ook nou met die ondersoek wat in die artikel in die vooruitsig gestel word wat betref Odendaal se voorgestelde taalontwikkelingsmodel en die verwysing na politieke, ekonomiese en sosiale konteks. Die onderwerpe herstandaardisering en inklusiwiteit is die afgelope paar jaar algemeen op die agenda by kongresse en simposiums, byvoorbeeld by die "Kaaps Symposium" op 15 en 16 Augustus 2024 by die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) asook gesprekke oor herstandaardisering tydens die Vrystaat Kunstefees in Julie 2024, om maar twee te noem.

Die data uit *Huisgenoot* is tekenend daarvan dat Afrikaans voortdurend groei en aangepas het die afgelope 100 jaar sedert amptelike erkenning in 1925. By monde van die data en die onderskeid van Aitchison (2013:222-230) tussen *taalmoord* en *taalselfmoord* word Afrikaanssprekendes hiermee opgeroep om hul aandeel in die ontwikkeling van Afrikaans met 'n oop gemoed te rig op die sosiale behoefte van die wyer gemeenskap wat die taal praat: "So what can be done? The answer, perhaps, is to ensure that people are aware of the value of their first-learned language. Only they, the speakers, can preserve it" (Aitchison, 2013:233).

Hoofstuk 16 van Aitchison se *Language change* argumenteer dat voorspellings oor die toekoms van 'n taal op basis van die perspektief op die hede gemaak kan word. Emosionele uitsprake oor taalverandering en die toekoms van 'n taal spruit meestal uit vrees en hoop en verreken nie die kontinue noodwendigheid en natuurlikheid van (taal)verandering nie. Taalverandering (buite die Afrikaanse taalgrense) het oor eeue heen getoon dat 'n voortdurende stoot en trek tussen vernietiging ("disruption") en opbou ("restoration") die normale gang van (taal)lewe is. Taalverandering en taalontwikkeling kan nie gekeer word as 'n taal gebruik word nie.

Standaardisering en herstandaardisering in terme van Afrikaans kan 'n sterk eenheidsfunksie onder die sprekerskorps vervul en 'n simbool van nasionale trots en eenheid word – soos wat die nasionale Springbok-rugbyspan in 2024 reeds vermag het. Dié hoë ideaal moet Afrikaanssprekendes se omsigtige doel wees en nie die bewaring van 'n taal asof 'n taal op 'n bepaalde dag en datum oor 'n ideale vorm beskik het nie. In die woorde van die Nederlandse taalkundige Jan Stroop is taalverandering "in principe goed: taalverandering is voor hem taalverbetering" (Hüning, 2012:61).

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a8

Aan die teenkant van die oproep staan verlies soos verwoord deur Samuel Johnson:

> "I am always sorry when any language is lost, because languages are the pedigree of nations." (Tour to the Hebrides, 1773.)

BIBLIOGRAFIE

Aitchison, J. 2013. *Language Change: Progress or Decay?* Fourth edition. Cambridge: Cambridge University Press.

BBC News. 2024. https://www.bbc.com/news/world-africa-14094918 [20 April 2024].

Bosman, DB. 1928. *Oor die ontstaan van Afrikaans.* Tweede uitgawe. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.

Carstens, WAM & Raidt, EH. 2017**.** *Die storie van Afrikaans uit Europa en van Afrika – Deel 1*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Carstens, WAM & Raidt, EH. 2017**.** *Die storie van Afrikaans uit Europa en van Afrika – Deel 2*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Conradie, CJ & Groenewald, G. 2017. Die ontstaan en vestiging van Afrikaans. In Carstens, WAM & Bosman, N (reds.). *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Tweede uitgawe. Pretoria: Van Schaik Uitgewers, pp. 29-62.

Conradie, CJ. 2017. Taalverandering in Afrikaans. In Carstens, WAM & Bosman, N (reds.). *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Tweede uitgawe. Pretoria: Van Schaik Uitgewers, pp. 63-91.

De Saussure, F. 1959. *Course in General Linguistics*. New York City: The Philosophical Library Incorporated.

Dirven, R. 1986. De invloed van het Engels op het Afrikaans. *South African Journal of Linguistics*, 4(4):1-14.

Donaldson, BC. 1988. *The Influence of English on Afrikaans: A Case Study of Linguistic Change in a Language Contact Situation.* Pretoria: Serva.

Du Plessis, JHO. 1943. Die Afrikaanse Pers: 'n studie van die ontstaan, ontwikkeling en rol van die Hollands-Afrikaanse Pers as sosiale instelling. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Du Plessis, LT. 1986. *Afrikaans in beweging*. Bloemfontein: Patmos.

Du Plessis, H & Du Plessis, LT (reds.). 1987. *Afrikaans en taalpolitiek*. Pretoria: HAUM.

Froneman, J. 2004. Dominante motiewe in die transformasie van *Huisgenoot*, 1916–2003. *Ecquid Novi*, 25(1):61-79.

Gouws, A. 2019. Herstandaardisering van Afrikaans: die tameletjie en uitdaging van opsies en besluite. Geplaas 21 Aug. 2019. https://www.litnet.co.za/herstandaardisering-van-afrikaans-die-tameletjie-en-uitdaging-van-opsies-en-besluite/.

Grebe, H. 2010. Die Oosgrenshipotese as geografiese en teoretiese konstruk. *LitNet Akademies,* 7(3):195-211.

Hofmeyr, JW. 2012. Die Afrikaanse kerke in die twintigste eeu. In Pretorius, F (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: van voortye tot vandag.* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, pp. 443-452.

(*Die*) *Huisgenoot*. 1916–1949, 1994–2024. UV Biblioteek / UFS Library. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Hüning, M. 2012. Kroniek van de taalkunde 2010/11. *Internationale Neerlandistiek*, 50(2):58-64.

Kotzé, I & Kirsten, J. 2016. The heritage of a language: Discourses of purism in Afrikaans historical linguistics. *Language Matters*, 47(3):349-371.

Łozowski, P. 2023. In Search of Panchrony: Saussure versus Cognitive Linguistics. *Lublin Studies in Modern Languages and literature,* 47(2):153-164.

Labov, W. 1972. Where Do Grammars Stop. In Shuy, RW (ed.). *Monograph Series on Languages and Linguistics – 23rd Annual Round Table. Sociolinguistics: Current Trends and Prospects*. Washington: University of Georgetown Press, pp. 43-89.

Marais, SH. 2017. Die uitbeelding van die vrou in *Huisgenoot* (1963 en 2013): 'n Multimodale diskoersanalise. *Literator*, 38(2):1-10.

Odendaal, BG. 2012. Die herstandaardisering van Afrikaans: 'n Praktiese benadering met die AWS as gevallestudie. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

Ponelis, FA. 1987. Die eenheid van die Afrikaanse taalgemeenskap. In Du Plessis, H & Du Plessis, LT (reds.). *Afrikaans en taalpolitiek*. Pretoria: HAUM, pp. 3-16.

Pretorius, F (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: van voortye tot vandag.* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Prinsloo, AF. 2009. *Annerlike Afrikaans. Woordeboek van Afrikaanse kontreitaal*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Rabe, L. 2016. *Huisgenoot* as tydgenoot: 'n mediageskiedkundige kroniek van 'n tydskrif as "skrif" van sy tyd. *LitNet Akademies*, 13(3):55-84.

Scholtz, L. 2010. *Die Burger* vir vólle 95 jaar. *Die Burger 95*, bylae tot *Die Burger*. 26 Julie: 3.

Steinberg, S & Angelopulo, GC. 2015. *Introduction to Communication Studies for South African students*. Second edition. Cape Town: Juta & Company.

Steyn, JC. 1980. *Tuiste in eie taal: Die behoud en bestaan van Afrikaans.* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Stoops, YHL. 1972. Die taalgebruik in "Die Huisgenoot". Ongepubliseerde MA-verhandeling. Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth.

Van Niekerk, A. 2005. Handelsname: 'n vorm van leksikale vernuwing teen die agtergrond van globalisering, *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 23(1):39-58.

Van Niekerk, A & Jenkinson, AG. 2011. Graphology in Print Advertising: Iconic Functions. *Journal for New Generation Sciences*, 9(2):116-134.

Van Niekerk, A. 2022. Advertensietaal. In Carstens, WAM & Van Dyk, TJ (reds.). *Toegepaste Taalkunde in Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers, pp. 497-520.

Van Rensburg, MCJ. 1984. *Die Afrikaans van die Griekwas in die tagtigerjare*. Pretoria: RGN-verslag.

Van Rensburg, MCJ. 2021. *Die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls se eerste honderd jaar.* Pretoria: Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Von Wielligh, GR. 1925. *Ons geselstaal: 'n oorsig van gewestelike spraak soos Afrikaans gepraat word.* Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Weideman, E. 2015. Tiaras, trane en tee – tien jaar by Huisgenoot, YOU en DRUM. In Rabe, L (red.). *'n Konstante revolusie: Naspers, Media24 en oorgange*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, pp. 221-229.

ADDENDUM

Skakel na die addendum: https://doi.org/10.38140/ufs.27889095

Data word gekategoriseerd en chronologies in twee tydvakke aangebied.

Let op:

- Voorbeelde is ingesluit met behoud van die skryfwyse (hoofletters, spelling, leestekens) waarin dit in die advertensie verskyn het.
- Voorbeelde uit die advertensies word slegs met ’n kommapunt (;) geskei.
- Toeligting/kommentaar in hakies () is nie deel van die data (advertensievoorbeeld) nie.

28 Januarie 2025

Taalbeplanning ná 2023 in Suid-Afrika: Implikasies vir die histories gemarginaliseerde inheemse tale, Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Afrikaans

Post-2023 language planning in South Africa: Implications for the historically marginalised indigenous languages, South African Sign Language and Afrikaans

Theodorus du Plessis
Emeritus Professor
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein
E-pos: dplesslt@ufs.ac.za

Theo du Plessis

Theo du Plessis is emeritus professor in Taalbestuur van die Departement Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Dowe Studies aan die Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein. Hy is stigter van die Eenheid vir Taalfasilitering en -bemagtiging aan die Vrystaatse Universiteit in 1992, 'n eenheid wat verantwoordelik is vir die daarstelling van die eerste tolklaboratorium en nagraadse kwalifikasies in tolking in Suid-Afrika, die eerste nagraadse kwalifikasie in taalbestuur en die eerste universiteitsprogram in Suid-Afrikaanse Gebaretaal. Prof. Du Plessis is 'n NNS-geakkrediteerde navorser en redakteur van die Van Schaik-reeks, *Studies in Language Policy in South Africa* en SUN Media-reeks *Taalmonitor/Language Monitor*. Hy dien op die redaksies van verskeie internasionale joernale, onder andere die gesogte Springer-joernaal *Language Policy* en het vier termyne gedien as mede-redakteur van *Language Matters* (UNISA/Routledge). Prof. Du Plessis was 'n lid van die eerste Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (1996–2001) en het ook op Langtag gedien. Hy is 'n lid van die Académie internationale de droit linguistique/International Academy of Linguistic Law en van die Suid-

Theo du Plessis is Professor Emeritus in Language Management in the Department of South African Sign Language & Deaf Studies at the University of the Free State, Bloemfontein. He is founder of the Unit for Language Facilitation and Empowerment at Free State University in 1992, a unit responsible for establishing the first interpreting laboratory and post-graduate qualifications in interpreting in South Africa, the first post-graduate qualification in language management and the first university programme in South African Sign Language. Prof. Du Plessis is an NRF-accredited researcher and editor of the Van Schaik series, *Studies in Language Policy in South Africa* and SUN Media series *Language Monitor/Taalmonitor*. He serves on the editorial boards of various international journals, among them the prestigious Springer journal *Language Policy.* He served four terms as Associate Editor of *Language Matters* (UNISA/Routledge). Prof. Du Plessis was a member of the first Pan South African Language Board (1996–2001) and also served on Langtag. He is a member of the Académie internationale de droit linguistique/International Academy of Linguistic Law and of the

Datums:
Ontvang: 2025-01-02 Goedgekeur: 2025-02-12 Gepubliseer: Maart 2025

Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. In 2015 is prof. Du Plessis vir sy wetenskaplike bydrae vereer deur middel van 'n Festschrift gepubliseer as 'n spesiale uitgawe van die vaktydskrif *Language Matters* (Unisa/Routledge) en in onderhoude wat in twee hoogaangeskrewe vaktydskrifte gepubliseer is, *Language Policy* (Springer) en *Sociolinguistica* (De Gruyter).	Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. In 2015 Prof. Du Plessis was honoured for his scholarly efforts by means of a Festschrift published as a special issue of the journal *Language Matters* (Unisa/Routledge) and in two interviews published in two highly regarded journals, *Language Policy* (Springer) and *Sociolinguistica* (De Gruyter).

ABSTRACT

Post-2023 Language planning in South Africa: Implications for the historically marginalised indigenous languages, South African Sign Language and Afrikaans

This article critically reflects on the prospects for language planning in South Africa following the addition in 2023 of South African Sign Language (SASL) as the 12th official language to the list of official languages named in section 6(1) of the Constitution, 1996. This assessment is made in the light of a remark made in 2024 by a senior government official that the government is not ready to put into operation the Constitution Eighteenth Amendment Act, 2023, which provides for the adoption of SASL as South Africa's twelfth official language. Furthermore, the official stated that the commencement of the Act would yield the same unsatisfactory result as the adoption in the Constitution, 1996, of the nine historically marginalised indigenous languages as official languages (HMIOLs). The study focuses on the key role that language legislation plays in language planning and is therefore largely based on an analysis of applicable post-1994 language legislation for the four official-language domains, namely legislative, judicial, administrative and educational. The analysis was conducted using a typology of languages with official status (statutory, symbolic, operational), on the one hand, and language treatment principles, on the other, namely functionality (efficiency) versus equity (inclusivity).

The results of the study reveal that although there are specific legislative arrangements for each language domain, they show similar tendencies with regard to language policy approaches and language arrangements. Overall, decision makers strive for efficiency, which they assume can be achieved by using English as the working language, whether overtly in the legislative and judicial domains, or covertly in the educational and administrative domains. However, the pursuit of inclusivity does inform some decisions. For instance, section 6(3)(a) of the Constitution, 1996, requires the national government and each provincial government to use at least two official languages. In practice, English is always used in legislation, along with another official language chosen on a rotational basis (which necessarily limits the use of individual HMIOLs). In parliamentary debates, members may use the official language of their choice; this applies in principle to oral court proceedings as well. In the education domain, all official languages may be taken as subjects, either as Home Language or as additional languages (except SASL, in the latter case), subject to certain conditions. Government language policies formulated in terms of the minimum requirement of the Use of Official Languages Act, 2012, of "at least three" languages generally include as many official languages as possible. One of the surprising findings of the study is that the pre-1994 official arrangement of using both English and Afrikaans as co-official languages is still, to some extent, maintained in the administrative domain, but no longer in the legislative and judicial domains. Somewhat disturbingly, little evidence was found of the state fulfilling its

constitutional obligation to elevate the status and advance the use of the HMIOLs through language legislation.

One of the core findings of the study is that the tension between the two language policy principles (functionality and equity) has resulted in post-1994 language legislation creating in effect a new language hierarchy contrary to the principles of the Constitution, a hierarchy in which English (and sometimes even Afrikaans) function as official working language, while the other languages remain largely symbolic official languages. An implication of this is that all official languages other than English are further marginalised or re-marginalised (the nine Sintu languages) or newly marginalised (Afrikaans), a trend that does not bode well for a 12th official language.

The only concrete evidence of the advancement of the HMIOLs was found in the education domain. However, the downside of this is that, to date, very little has been done countrywide to advance these languages as languages of teaching and learning in order to counter the dominance of English. The fact that English has become the institutionalised medium of instruction in higher education effectively torpedoes the worthy efforts in the Eastern Cape Province to counter this trend. The study nevertheless found that, compared to the pre-1994 period, the HMIOLs do in the end benefit somewhat from the new language dispensation in that they have in principle been institutionalised as legislative languages (albeit on a rotational basis), that they are by law now included as at least one of the three minimum languages required in the administrative domain and that they are (both first and second) additional languages in education. In the final instance, they also have gained status as symbolic official languages and are regularly used in this capacity. The downside is that this practice could be pointing to diversity tokenism in action.

In contrast, the status of SASL has been increased significantly through language legislation. It was officialised in 1996 in the education domain and, in the same year, included in PanSALB's constitutional language mandate. In 1997, it was introduced as a language subject and, in 2002, in the Languages Learning Area of the school curriculum. In 2012, it was elevated as a language of choice when dealing with government and introduced as a Home Language option in the school curriculum in 2014. In 2020, SASL was included as one of the indigenous languages targeted for language development in higher education. The downside is that, as an official language, SASL has now become one of the HMIOLs, one of the 11 "other official languages" (other than English, that is) and, consequently, one of the re-marginalised official languages.

In conclusion, the study makes some recommendations concerning post-2023 language planning for the official languages. The most important one is that language campaigners should capitalise on the principle of sanctioned discrimination against non-selected official languages established in Lourens v Speaker of the National Assembly. *Even though it is applied in case law to rationalise the use of English as operating official language, its wider application should be explored. The HMIOLs, SASL and Afrikaans can benefit from such endeavours. Language campaigners should nevertheless accept both the* de iure *and* de facto *status of English as preferred official language and focus their efforts on domains in which definite gains could be made by applying the principle of sanctioned discrimination. This recommendation is especially valid for Afrikaans, a language that celebrates 100 years as an official language in 2025.*

TREFWOORDE: taalwetgewing, taalbeplanning, taalverampteliking, taalbeleidsbenaderings, ampteliketaaldomeine, taalbevoordeling, taalmarginali-

sering, histories gemarginaliseerde inheemse tale, Suid-Afrikaanse Gebaretaal, Afrikaans

KEYWORDS: language legislation, language planning, language official status, language policy approaches, official language domains, language promotion, language marginalisation, historically marginalised indigenous languages, South African Sign Language, Afrikaans

OPSOMMING

Na aanleiding van die verklaring in 2023 van Suid-Afrikaanse Gebaretaal tot Suid-Afrika se 12de amptelike taal word in hierdie artikel krities besin oor die vooruitsigte vir taalbeplanning in Suid-Afrika. Dit word gedoen in die lig van ’n opmerking gedurende 2024 deur ’n senior staatsamptenaar dat die regering nog nie gereed is om die Agtiende Wysigingswet op die Grondwet, 1996, in werking te stel nie en dat toepassing van die Wysigingswet dieselfde onbevredigende resultaat sal oplewer as wat die aanvaarding van die nege histories gemarginaliseerde inheemse tale as amptelike tale by artikel 6(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, vir daardie tale opgelewer het. Die studie konsentreer op die sleutelrol wat taalwetgewing by taalbeplanning speel en berus dus grotendeels op ’n ontleding van toepaslike post-1994-taalwetgewing rakende die vier amptelike taaldomeine, naamlik wetgewing, regspleging, administrasie en onderwys. Die ontleding word gedoen aan die hand van ’n tipologie van taalamptelikheid (statutêr, simbolies, werkend) enersyds en taalbenaderingsbeginsels andersyds, te wete funksionaliteit (doeltreffendheid) teenoor billikheid (inklusiwiteit). Een van die kernbevindinge is dat die spanning tussen laasgenoemde beginsels meebring dat post-1994-taalwetgewing in stryd met die beginsels van die Grondwet, 1996, ’n nuwe taalhiërargie tot stand gebring het waarin Engels (en soms nog Afrikaans) as amptelike werkstaal funksioneer en die ander tale grootliks net simboliese amptelike tale is. ’n Implikasie hiervan is dat alle amptelike tale buiten Engels óf nog meer (die nege Sintutale) óf van nuuts af gemarginaliseer word, ’n tendens wat niks goeds voorspel vir die inwerkingstelling van ’n 12de amptelike taal nie.

1. Inleiding

Op 19 Julie 2023 het pres. Ramaphosa die Agtiende Wysigingswet op die Grondwet, 2023, onderteken, waarna dit op 27 Julie 2023 in die *Staatskoerant* gepubliseer is. Artikel 2 van die Wet bepaal dat dit in werking tree op ’n datum wat die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal. Hierdie wysigingswet voeg Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) by die lys amptelike tale vervat in artikel 6(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, en stel (uiteindelik) die generiese naam “gebaretaal” in artikel 6(5)(a)(iii) van die Grondwet reg (RSA, 1996c).

Die simboliese waarde van hierdie taalstatusverhoging word allerweë hoog aangeslaan, maar verwysings na die funksionele implikasies daarvan word ooglopend vermy. Deelnemers aan die 2024-SAGT-Indaba was derhalwe verras om van ’n senior amptenaar van die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling (adv. Leonard Sebelemetjate) te verneem dat die staat nog nie gereed was om die wysigingswet in werking te stel nie. Om inwerkingtreding te verwag, het hy verduidelik, kan tot gevolg hê dat die taal grootliks “ongebruik” bly, soos in die geval van “die ander gemarginaliseerde amptelike tale” (PanSALB, 2024:11). Hy verwys

hier na die nege histories gemarginaliseerde inheemse amptelike tale (HGIAT's)[1] en erken dus in soveel woorde die staat se versuim om sy grondwetlike plig met betrekking tot hierdie tale uit te voer.

Hierdie veelseggende erkenning laat onvermydelik die vraag ontstaan hoe werkbaar 'n bedeling met 12 amptelike tale is indien die staat nie eens daarin slaag om sy grondwetlike plig ten opsigte van die nege HGIAT's uit te voer nie. Artikel 6(2) van die Grondwet bepaal juis dat die staat die status van die tale moet verhoog en hul gebruik moet bevorder.

Dit is egter nie net met hierdie verpligting dat die owerhede skynbaar worstel nie, wat die vraag laat ontstaan of die huidige taalbestel oor die algemeen werkbaar is. Die norm wat artikel 6(4) van die Grondwet stel, is dat "alle" amptelike tale gelykheid van aansien moet geniet en billik behandel moet word, 'n vereiste wat die owerhede skynbaar ook hoofbrekens besorg, veral waar Afrikaans betrokke is. Hier kan 'n mens byvoorbeeld dink aan die kontensieuse taalreëlings van die sogenaamde Bela-wet,[2] wat verdere getuienis lewer van die owerhede se onvermoë (of onwilligheid?) om sy grondwetlike plig met betrekking tot die amptelike tale na te kom.

Die Wet verleen die bevoegdheid aan provinsiale onderwyshoofde om in te gryp by Afrikaanse skole se toelatings- en taalbeleid in 'n poging om die druk van aandrang op Engelstalige onderrig uit bepaalde oorde te verlig. Daarmee word die werklike vraagstuk van voldoende onderwysvoorsiening egter nie aangepak nie. Bogenoemde Justisie-amptenaar se opmerking sou dalk ook op Afrikaans – alhoewel volgens Currie (2005) 'n histories **niegemarginaliseerde** inheemse amptelike taal – betrekking kon hê, maar met die verskil dat in die geval van HGIAT's hulle weens die staat se versuim gemarginaliseerd bly, terwyl Afrikaans weens die inkorting van skoolbeheerliggame se bevoegdhede deur die Bela-wet gemarginaliseer (kan) word.

Betekenisvol omtrent bogenoemde Justisie-amptenaar se onthulling oor die SAGT-situasie (PanSALB, 2024:11) is die kollig wat dit werp op een van die uitdagings omtrent taalbeplanning in Suid-Afrika, naamlik die toepassing van die taalbepalings in artikel 6 en die Handves van Regte (Hoofstuk 2) van die Grondwet, 1996, insonderheid artikel 29(2), wat betrekking het op die gebruik van amptelike tale in die onderwys. Eersgenoemde (die artikel wat die amptelike tale noem) bepaal hoe die staat, die nasionale regering en provinsiale en plaaslike regerings, en PanSAT met die land se amptelike tale moet omgaan (opvallend sonder direkte verwysings na taalregte), terwyl laasgenoemde (die taalmediumbepalings) juis bepaal op watter regte leerders met betrekking tot hul keuse van onderrigmedium in openbare skole aanspraak kan maak. Die eerste gedeelte van artikel 6(4) is in hierdie opsig van kardinale belang, aangesien dit 'n gebiedende bepaling is ingevolge waarvan die nasionale regering en die provinsiale regerings die gebruik van die amptelike tale deur middel van wetgewende en ander maatreëls moet reël en monitor.

'n Ondersoek na die hele taalbeplanningskwessie moet ten aanvang vasstel of die owerheid hierdie verpligting nakom ten einde uitvoering aan die taalbepalings van die Grondwet te gee. Dit is wat met hierdie studie beoog word en wel deur spesifiek die rol te ondersoek van taalwetgewing in die ampteliketaaldomeine wat Turi (1995) identifiseer, te wete die wetge-

---

1 Volgens die Afrikaanse idioom en spelling: Ndebele, Pedi (sedert 1996; in 1993 Noord-Sotho), Sotho, Swati, Tsonga, Tswana, Xhosa, Venda en Zulu.

2 Die afkorting "Bela" staan vir die Engelse kort titel van die betrokke wysigingswet: Basic Education Laws Amendment Act, 2024; dit is een van die min onlangse wette wat ook in Afrikaans gepubliseer is – kyk Die Presidensie, 2024.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a9

wende, die regsplegende, die administratiewe en die onderwysdomein. Sodanige wetgewing behoort ook die grondslag te vorm van ’n taalbeplanningsprogram vir die amptelike tale. Die studie berus grotendeels op die ontleding van toepaslike post-1994-taalwetgewing wat hierdie domeine raak en origens op die bevindinge van tersaaklike verbandhoudende studies. Met so ’n ontleding kan die ondersoeker ten minste probeer vasstel of wetgewing enige rol speel by nienakoming en watter regstellings hieromtrent gedoen kan word, sou dit nodig (of moontlik) blyk te wees.

’n Ondersoek na die taalpraktyk kan uiteraard ook ’n perspektief op die kwessie oplewer, maar veronderstel ’n andersoortige aanpak waarin ’n verskeidenheid van veranderlikes oorweeg behoort te word. Die klem in hierdie studie val op wetgewende ingrypings as ’n vorm van taalpraktyk, hetsy positief (die veronderstelde benadering vir die HGIAT’s en SAGT) of negatief (die bedoelde of onbedoelde benadering in die geval van Afrikaans). ’n Vergelykende studie van hierdie drie gevalle kan insigte bring in die rol van taalwetgewing in taalbeplanning ná 2023 in Suid-Afrika, met ander woorde sedert die toevoeging van SAGT as twaalfde ampstaal binne die konteks van ’n skynbaar mislukkende taalbestel.

Waar 2023 vir SAGT ’n nuwe era as *de iure*- (nasionale) amptelike taal inlui, verteenwoordig die jaar vir die HGIAT’s die herdenking van 30 jaar as *de iure*- (nasionale) amptelike tale, maar vir Afrikaans die herdenking van byna 100 jaar as *de iure*- (nasionale) amptelike taal.

2. Enkele kernbegrippe

Een van die kernbegrippe van hierdie studie hou verband met die konsep *amptelike taal*. Unesco beskou ’n amptelike taal gewoon as die taal wat in die openbare domein aangewend word (GEMRT, 2005:224). Die onderliggende beginsel wat by die vier ampteliketaaldomeine (Turi, 1995) ter sprake kom, is dat die status van ’n taal deur sy konkrete aanwending in hierdie domeine bepaal word. Dit is die gevolgtrekking waartoe Gadelii (1999:6) kom in sy verslag aan die Verenigde Nasies (VN) oor taalbeplanning vir amptelike tale. ’n Staat se prestasie in verampteliking kan inderdaad gemeet word aan die mate waarin aangewese amptelike tale in die ampteliketaaldomeine aangewend word.

Juis na aanleiding van hierdie gebruiksbeginsel ontstaan die vraag of ’n amptelike taal wat nie noodwendig ’n hoë gebruikstatus in al die domeine het nie, nog as amptelike taal beskou kan word. Heinz Kloss se 1966-tipologie bied ’n antwoord hierop. Hy het naamlik gepostuleer dat daar tussen drie “soorte” amptelike tale onderskei moet word, te wete statutêre, simboliese en werkstale (Kloss, 1966). Eersgenoemde kategorie verteenwoordig ’n neutrale verwysing na tale wat statutêr amptelik verklaar is, die tweede na tale wat ongereeld maar wel soms in belangrike simboliese funksies aangewend word (byvoorbeeld by die opening van ’n parlement, in belangrike toesprake en advertensies, as titels vir regeringsprojekte, ensovoorts), en laasgenoemde as die taal of tale wat werklik reëlmatig om funksionele redes aangewend word. Hierdie tipologie is van belang vir ’n meertalige bedeling met verskeie amptelike tale, maar dui ook op die praktiese probleem waarvoor administrasies oor die algemeen te staan kom, naamlik hoe om statutêre amptelike tale doeltreffend aan te wend.

Volgens Jonathan Pool behoort daar by die besluit oor die aantal amptelike tale twee kwessies opgeweeg te word, te wete *billikheid* teenoor *doeltreffendheid*. Eersgenoemde oorweging spruit gewoonlik voort uit ’n inklusiewe benadering tot taalbestuur, terwyl laasgenoemde verband hou met ’n funksionele benadering wat die institusionalisering van meertaligheid in die oog het. Wanneer billikheid voorkeur geniet en die simboliese status van

amptelike tale swaar weeg, kan meer tale aangewend word, maar dan neem administratiewe doeltreffendheid uiteraard proporsioneel af.

Indien doeltreffendheid voorkeur geniet en die klem dus op amptelike werkstale val, neem doeltreffendheid wel toe, maar dan kan vrae oor die billikheid van die taalbedeling ontstaan. ’n Oormatige beklemtoning van billikheid kan egter aanleiding gee tot ’n egalitêre bestel waarin simboliese gebruik seëvier, terwyl hoogstens drie amptelike tale op gelyke voet vir ’n doeltreffende administrasie aangewend kan word (Pool, 1991). Die aanwending van dié tale moet by wet gereël word.

Turi (1993:6) omskryf wetlike taalingrepe as “... legal language obligations and language rights ...” wat ten doel het om aangewese tale te beskerm, te verdedig of te bevorder. Taalwetgewing verleen volgens Turi regserkenning aan tale, hetsy as amptelike of nie-amptelike tale.

Deutch (2005:264) onderskei tussen primêre en sekondêre taalwetgewing. Eersgenoemde word meestal beskou as taalwetgewing wat deur die wetgewende gesag van ’n staat gemaak en deur die regsplegende gesag in die vorm van regspraak verfyn kan word. Primêre taalwetgewing is ’n vorm van wetlike ingryping en behels wette wat die gebruik van die aangewese tale reël (soos Quebec se taalwet; kyk Q.O.L.A., 1974). Soms is taal nie die primêre oogmerk van die wet nie, maar wel ’n belangrike element daarvan, soos die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996. Laasgenoemde (die Skolewet) kan as aanvullende primêre taalwetgewing beskou word en eersgenoemde (Q.O.L.A.) as basiese primêre taalwetgewing.

Sekondêre taalwetgewing is (ondergeskikte) taalwetgewing wat deur die uitvoerende gesag van die staat uitgevaardig word kragtens wette wat deur die wetgewende gesag gemaak word. Dit is meestal reëls en regulasies met betrekking tot die gebruik van aangewese tale, wat in taalbeleidsdokumente, amptelike kennisgewings en ander regsdokumente gepubliseer word (Deutch, 2005:264; Du Plessis, 2009).

In die huidige ondersoek na die Suid-Afrikaanse owerheid se aanwending van taalwetgewing in die vier ampteliketaaldomeine kom sowel primêre (met inbegrip van regspraak) as sekondêre taalwetgewing ter sprake.

3. ’n Domeinanalise van taalwetgewing in Suid-Afrika

Suid-Afrika se keuse van (aanvanklik 11 en meer onlangs 12) amptelike tale dui op ’n inklusiewe benadering tot taalbeplanning.

Uit Wikipedia se lys van amptelike tale (hetsy *de iure* of *de facto*) van 210 lande, het 97% skynbaar die benadering van ’n doeltreffende taalbeleid gekies deur hoogstens drie amptelike tale aan te wys. Trouens, die meeste (134 of 65%) lande het op slegs een amptelike taal besluit, 55 (26%) op twee en slegs 14 (7%) op drie. Vier van die lande (2%) het vier amptelike tale gekies en slegs een (Ethiopië) het vyf amptelike tale. Volgens hierdie lys is daar ’n negeerbare vyf lande wat vir ’n inklusiewe benadering tot taalbeleid gekies het deur soveel as moontlik tale as “amptelike tale” aan te wys: Bolivië (37), Indië (22), Zimbabwe (16), Mali (13) en Suid-Afrika (12) (Wikipedia, 2024). By laasgenoemde groep is daar waarskynlik wanopvattinge oor wat ’n amptelike taal is – die amptelike (wetlike) erkenning van ’n taal beteken nog nie dat dit ’n taal is wat vir amptelike doeleindes gebruik word nie. Buiten Indië, werk die ander vier van hierdie lande *de facto* meestal wel met slegs een amptelike taal.

Strydig met sy inklusiewe benadering vereis die Suid-Afrikaanse Grondwet egter nogtans ’n sogenaamde “hands-on”-benadering (Faingold, 2004) tot taalbeplanning, ’n benadering waarin taalwetgewing ’n prominente rol speel en wat onderlê word deur ’n strewe na

doeltreffendheid: 'n Benadering wat die gebruik van minder eerder as meer amptelike tale vereis. Artikel 6(4) van die Grondwet, 1996, vereis byvoorbeeld dat die nasionale regering en provinsiale regerings "... deur wetgewende en ander maatreëls hul gebruik van amptelike tale [moet] reël en monitor ... .", 'n bepaling wat saamgelees behoort te word met 'n soortgelyke vereiste in artikel 6(2) dat "... die staat praktiese en daadwerklike maatreëls [moet] tref om die status van [HGIAT's] te verhoog en hul gebruik te bevorder ... (RSA, 1996c). Dit is wel opmerklik dat sowel die artikel 6(2)-verpligting (omtrent taalbevoorregting) as die artikel 6(4)-verpligting (omtrent taalwetgewing) uitdruklik deel van die staat se taalmandaat uitmaak. Hierdie onderskeid hou implikasies in vir die post-1994-taalreëlings in die verskillende ampteliketaaldomeine.

In samehang met en ter uitvoering van hierdie grondwetlike verpligtinge is daar, soos vroeër aangedui, inderdaad verdere taalwetgewing gepromulgeer, beide primêre en sekondêre taalwetgewing. 'n Domeinanalise van hierdie wetgewing kan toon in welke opsig hierdie aanvullende wetgewing aan die grondwetlike vereistes en aan die taalhanteringsnorme en -beginsels van die ampteliketaalbepalings en die taalmediumbepalings voldoen.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word 'n domeinanalise (van taalwetgewing) aan die hand van Spolsky (2009) se domeinbenadering tot taalbeplanning gemaak. Hy redeneer dat die unieke aard van elke taalgebruiksdomein (lokalisering, gebruikers en register) in werklikheid 'n pasgemaakte taalbeleid vereis, 'n benadering wat in artikel 6(3) van die Grondwet, 1996, geïmpliseer word. Die betrokke artikel vereis van die nasionale en provinsiale regerings om drie kriteria te oorweeg wanneer hulle moet besluit watter ("ten minste twee") amptelike tale om aan te wend, naamlik demografiese (taalgebruik, streeksomstandighede), ekonomiese (doenlikheid, koste) en taalattitudinele (die ewewig van die behoeftes en voorkeure van die bevolking) kriteria (Du Plessis & Pretorius, 2000).

By implikasie voorsien hierdie bepaling 'n gediversifiseerde taalbeleid, een wat natuurlik volledig in kontras staan met die eenvormige 50/50-taalbeleid van die pre-1994-taalbestel. Laasgenoemde beleid het taalgelykberegtiging (met betrekking tot Engels en Afrikaans) nagestreef, terwyl die post-1996-taalbestel deur die ambivalente norme en beginsels van gelykheid van aansien en billike behandeling (met inagname van die bevoorregting van die HGIAT's) gerig word. 'n Domeinanalise van Suid-Afrikaanse taalwetgewing behoort getuienis van voortspruitende gediversifiseerde taalbeleide bloot te lê.

As werkswyse word in die eerste plek toepaslike taalwetgewing per domein geïdentifiseer, waarna die spesifieke taalbepalings met betrekking tot die gebruik van die amptelike tale in daardie domein aangestip word. Hierdie bepalings en die oogmerke daarvan word dan geweeg aan die hand van die betrokke grondwetlike bepalings en beginsels. Oorhoofs word dan op grond van hierdie oorwegings bepaal watter tipe benadering gevolg word, te wete funksioneel of inklusief, waarna oor die implikasies hiervan besin word.

3.1 Taalwetgewing vir die administratiewe domein

Die sentrale wet vir die administratiewe domein is in 2012 ná suksesvolle litigasie uitgevaardig as die "Use of Official Languages Act" No. 12 van 2012 (nie in Afrikaans ook afgekondig nie) (RSA, 2012 – hierna Wet op die Gebruik van Amptelike Tale genoem). Ofskoon 'n mens sou verwag dat hierdie Wet 'n oorkoepelende taalwet is wat op al die ampteliketaaldomeine betrekking het, is dit nie die geval nie. Die Wet se kernoogmerk, vervat in artikel 2(a), is wesenlik dieselfde as die bepalings van artikel 6(4) van die Grondwet, 1996. Geen verdere spesifisering word gegee nie. Dit is 'n wet wat uitsluitlik die taalgebruik van die administratiewe

domein reguleer en wat ingevolge artikel 2(d) "doeltreffende administrasie" ten doel het. Hierdie oogmerk impliseer dat 'n inklusiewe benadering binne die administratiewe domein vermy behoort te word.

'n Mens sou dus van die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale riglyne kon verwag het wat 'n doeltreffende taalbeleid binne die verskillende staatsinstellings, nasionale openbare entiteite en nasionale openbare ondernemings tot gevolg sou hê; dat spesifieke riglyne gegee sou word vir die gebruik van minder amptelike tale (vir doeleindes van doeltreffendheid) eerder as meer amptelike tale (vir doeleindes van insluiting).

Artikel 4(2)(b) van die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale stel egter hierin teleur vanweë die verpligting wat dit staatsinstellings rakende hul taalbeleid oplê om die Grondwet se vereiste van die gebruik van "ten minste twee" amptelike tale uit te brei na die gebruik van "ten minste drie" amptelike tale. Op sigself is hierdie uitbreiding nie noodwendig problematies nie, aangesien dit ooreenstem met Pool se ampteliketaallimiet om die beginsel van doeltreffendheid te verwesenlik. Omdat die Wet in artikel 4(2)(a) egter ook eenvoudig die Grondwet se beperkende voorwaardes (demografiese, ekonomiese en taalhoudingskriteria) herhaal en dit nie uitbrei nie, word 'n kans verbeur om die beginsel van doeltreffendheid te legitimiseer.

Wel gee die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale in artikel 4(2)(c) en (d) duideliker riglyne vir staatsinstellings se taalbeleid met betrekking tot twee aangeleenthede, te wete hoe die amptelike tale binne bepaalde kontekste aangewend moet word en hoe om te kommunikeer met lede van die publiek wie se voorkeurtaal nie 'n amptelike taal is nie. Veral laasgenoemde riglyn is insiggewend.

Wat eersgenoemde riglyn betref, moet staatsinstellings se taalbeleid onder meer bepaal hoe amptelike tale aangewend sal word om "doeltreffend" met die publiek te kommunikeer, en in amptelike kennisgewings en staatspublikasies en inter- en intraregeringskommunikasie aangewend sal word. Wat die tweede riglyn betref, vereis die Wet dat die taalbeleid van staatsinstellings ook moet aandui hoe daar "doeltreffend" gekommunikeer sal word met lede van die publiek wat nie 'n amptelike taal of SAGT as voorkeurtaal verkies nie. Dit is opvallend dat dieselfde vergunning omtrent voorkeurtaal nie by die bepalings vir die gebruik van die amptelike tale ingesluit word nie en in die besonder nie met betrekking tot die gebruik van die HGIAT's nie. Hierdie vergunning vir die gebruikers van 'n ander taal as 'n amptelike taal of SAGT kom in werklikheid neer op 'n nuwe kategorie van taalbevoorregting waarvoor die Grondwet nie voorsiening maak nie.

Aangesien die gebruik van meer as drie amptelike tale in die administratiewe domein volgens Pool (1991) nie tot doeltreffende administrasie kan lei nie, is ten minste twee resultate nou moontlik: 'n neiging om terug te val op die pre-1994-tradisie van die gebruik van Engels en Afrikaans as werkstale, of 'n neiging om Engels as primêre werkstaal te gebruik. 'n Parallelle neiging wat in beide gevalle kan ontstaan, is om die HGIAT's vir simboliese redes ook by te voeg ten einde voor te gee dat inklusiwiteit nagestreef word, 'n neiging wat Carne, Oostendorp en Baker (2024) as diversiteitstokenisme beskryf, dit wil sê die verskynsel dat 'n aangewese taal slegs genoem (of aangewend) word om waargenome diversiteit te probeer verhoog (vergelyk Du Plessis, 2024). Pretorius (2013:309) noem dit 'n "... confused normative framework for the promotion of multilingualism ...". Weens die gebrek aan spesifiekheid in die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale is die eindresultaat overte egalitêre taalbeleide vir staatsinstellings en koverte funksionele beleide, soos Ramuedzisi (2022) gevind het.

Die taalbeleid van die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling wat ingevolge die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale aanvaar is, dien as voorbeeld van die tweede opsie. Paragraaf 8(2) van hierdie beleid bepaal dat Engels as taal van rekord aangewend

word terwyl paragraaf 8(3) bepaal dat vier tale as amptelike tale van die nasionale kantoor aangewend sal word, te wete Engels, Sotho, Afrikaans en Zulu (let op die volgorde). Paragraaf 9 herhaal hierdie praktyk, maar lys naas Engels bykomende tale op grond van die taaldemografie van die betrokke provinsie (DJCD, 2019). Ramuedzisi (2022) se ondersoek na die taalbeleide van 41 staatsinstellings bevestig dat hierdie tendens deurgaans voorkom: Engels is die werkstaal, soms nog met Afrikaans as bykomende werkstaal, en dan grootliks die simboliese aanwending van die HGIAT's (waarskynlik omdat liefs meer as minder ingesluit word), 'n neiging dus tot diversiteitstokenisme.

'n Mens moet in gedagte hou dat die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale die resultaat is van suksesvolle litigasie, soos in *Lourens v President van die Republiek van Suid-Afrika* [2010] ZAGPPHC 19; 2013 (1) SA 499 (GNP) vergestalt (Laubscher, 2022: 69 e.v.). Die hof het die regering gedwing om die verpligting wat artikel 6(4) van die Grondwet die staat oplê, na te kom, 'n verpligting waaraan deels met die promulgering van die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale gehoor gegee is. Die gesloer sedert 1996 om aan die betrokke grondwetlike vereiste gehoor te gee, skep die indruk dat die wetgewer vir lief geneem het met die post-1996-gebruike rakende die gebruik van amptelike tale, wat kovert ontstaan het.

Oorhoofs beskou, is die versuim van die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale om duideliker leiding te gee 'n kans wat verbeur is om 'n funksionele drietalige administrasie op die been te bring wat doeltreffende kommunikasie kan bevorder deur die betrokke HGIAT as 'n verpligte taal aan te wend. In stede daarvan word lippediens aan inklusiwiteit gelewer, 'n benadering wat daarop uitgeloop het dat staatsinstellings taalbeleide opgestel het wat strydig met die grondwetlike beginsels van taalhantering is en Engels tot werkstaal promoveer – Sacks (2000:360) noem dit die "drift to English" in die openbare sektor en sy het voorspel dat dit onvermydelik is dat Engels die amptelike (koverte) "skakeltaal" sal word.

In sy beoordeling van die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale kom Pretorius (2013:310) tot die gevolgtrekking dat die Wet selfs nie eens inklusiwiteit bevorder nie en beslis nie "... represent any notable progress in the quest to achieve equity, clarity and predictability in official language use ...". Hy skryf dit hoofsaaklik toe aan die feit dat die regulering en monitering van taalbeleid oorgelaat word aan taaleenhede (dus administratiewe entiteite) wat ingevolge die Wet binne departemente opgerig moet word. Venter (2015:882-884) wys op die feit dat die Wet ook nie betrekking het op provinsiale regerings nie, wat tot die vreemde situasie lei dat daardie regerings nog aan die grondwetlike vereiste van die gebruik van "ten minste" twee amptelike tale onderworpe is. Insgelyks is die Wet ook nie op munisipaliteite van toepassing nie.

Weens 'n ruimtebeperking word laasgenoemde twee regeringsfere nie hier behandel nie.

3.2 Taalwetgewing in die wetgewende domein

Soos Bambust, Kruger en Kruger (2012:229) aandui, was dit voor 1996 die praktyk dat Suid-Afrikaanse wetgewing in die twee (nasionale) amptelike tale, Engels en Afrikaans, gepubliseer word. In uitsonderlike gevalle is hierdie tekste ook in een van die HGIAT's gepubliseer. Die 1996-taalklousule het hierdie situasie verander met die nuwe vereistes wat nou betreffende taalhantering gestel word.

In die wetgewende domein is reëlings getref omtrent onder meer die gebruik van die amptelike tale in parlementêre prosedures en wetgewing. In wette van die Parlement is dit die *Joint Rules of Parliament* (PRSA, 1998); die parlementêre prosedure van die Nasionale Verga-

dering word gereël deur die Huis se *Guide to procedure* (PRSA, 2004). (Hierdie handleiding inkorporeer die gesamentlike reëls omtrent wetgewing en petisies. Die Nasionale Raad van Provinsies het nie 'n soortgelyke handleiding nie, maar die Gesamentlike Reëls het uiteraard ook op hierdie Huis betrekking – kyk NCoP, 2024.)

Kragtens Gesamentlike Reël 220 mag wetgewing in enige van die amptelike tale ingedien word. Hierdie teks word as die amptelike weergawe beskou en moet dan in een van die ander amptelike tale vertaal word eer dit (saam met die oorspronklike teks) vir goedkeuring aan die President gestuur word (PRSA, 2004:172). 'n Nota wat soms op webwerwe verskyn waar die *Staatskoerante* te sien is, lui soos volg en bevestig hierdie reëling: "Please note that most Acts are published in English and another South African official language. Currently we only have capacity to publish the English versions. This means that this document will only contain even numbered pages as the other language is printed on uneven numbered pages."[3] Volgens Gesamentlike Reël 222 hoef wysigingswetsontwerpe nie in dieselfde taal as dié van die hoofwet ingedien te word nie, maar in so 'n geval moet een van die amptelike vertalings wel dieselfde wees (PRSA, 2004:173).

Wat die taal van prosedure betref, bepaal die beleid dat enige van die amptelike tale in debatvoering gebruik mag word, maar dat tolking (voorlopig) slegs in Engels en Afrikaans voorsien word. Lede moet wel die sekretariaat vooraf in kennis stel as hulle van plan is om een van die HGIAT's te gebruik (PRSA, 2004:56).

Die HGIAT's speel opvallend tweede viool in die wetgewende domein. In die geval van wetgewing roteer die amptelike tale (dit is nou indien 'n vertaaldiens wel beskikbaar is) en in die geval van debatvoering mag hierdie tale wel in debat gebruik word maar nie op rekord verskyn nie omdat 'n Engelse vertaling vereis word.

Wat regspraak betref, is *Lourens v Speaker of the National Assembly* ter sake. In hierdie saak het die litigant die Parlement probeer dwing om wetgewing in al 11 amptelike tale te vertaal. Die hof het bevind dat daar regtens geen verpligting op die Parlement rus om die amptelike tale gelyk te behandel nie en dat wetgewing in ten minste twee amptelike tale aanvaarbaar is, by implikasie dus dat dit op gesanksioneerde diskriminasie teen die ander nege neerkom en nie onbillike diskriminasie op grond van taal verteenwoordig nie (Laubscher, 2022:70-71). Die litigant kon met sy appèlsaak, *Lourens v Speaker of the National Assembly of Parliament and Others* [2016] ZASCA 11; [2016] 2 All SA 340 (HHA) (10 Maart 2016), ook nie daarin slaag om die hof van opinie te laat verander nie (Laubscher, 2022:71).

In kontras met die egalitêre tipe taalreëlings vir die administratiewe domein, kies die wetgewende domein vir 'n (oënskynlik) meer doeltreffende model, ten minste deur vir wetgewing te hou by die grondwetlike vereiste van die gebruik van minstens twee amptelike tale. Ook hier ontbreek egter 'n meer daadwerklike verbintenis tot die verhoging van die status van die HGIAT's, en weens die gebrek aan verdere taalgebruikspesifikasies word ook ruimte geskep vir Engels om die amptelike werkstaal te word. Trouens, in die Voorwoord by die Nasionale Vergadering se handleiding word die aanvaarding van Engels as *de facto*-taal van rekord geloof as 'n noodsaaklike stap "... in order to break an impasse where Members demanded the right to use any of the eleven official languages ..." (PRSA, 2004:1).

Parlementariërs se gewaande aandrang op die gebruik van enige van die amptelike tale in debatte suggereer dat parlementslede nog nie tot die besef gekom het nie dat daar wegbeweeg is van 'n amptelike pre-1996-taalbedeling (van taalgelykberegtiging) waarin taalregte aan ampteliketaalstatus gekoppel was. In die post-1996-bestel bestaan daar nie enige grondwetlike

[3] Kyk https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/201409/37660gon384.pdf.

grondslag waarop ’n mens kan eis om jou amptelike taal van voorkeur in die Parlement te gebruik nie. Die parlementêre reëls maak egter wel gedeeltelik daarvoor voorsiening, maar onder besonder beperkende omstandighede.

3.3 Taalwetgewing in die regsplegende domein

Bambust, Kruger en Kruger (2012:221) wys daarop dat slegs Engels en Afrikaans voor 1996 in die regsplegende domein gebruik is, selfs in gevalle waar pleitstukke in die voorkeurtaal van die litigant opgestel is. Hierdie reëling spruit voort uit die taalbeleid in artikel 6(1) van die Wet op Landdroshowe, 1944, naamlik dat enige van die amptelike tale (die Engelse teks gebruik “official languages”, maar die Afrikaanse teks “landstale”) in hofverrigtinge gebesig mag word en dat die getuienis in daardie taal genotuleer word. Volgens bogenoemde outeurs behels hierdie bepaling die twee destydse amptelike tale, Engels en Afrikaans. Malan (2009:144) lees die bepaling ook so, maar wys daarop dat dit betrekking het op die laer howe en dat daar nie ’n soortgelyke bepaling vir die hoër howe bestaan nie – die praktyk is gewoon as “... a long standing practice ...” na die hoër howe deurgevoer. Die betrokke bepalings staan steeds ongewysig op die wetboek; in die konteks van 11 amptelike tale voor 2023 kan dit egter anders as voorheen geïnterpreteer word. Malan (2009:150 e.v.) behandel trouens sulke gevalle. Dit is juis na aanleiding daarvan dat vrae oor die gepaste hofnotuleringstaal, die sogenaamde taal van rekord, ontstaan het.

Om hierdie aangeleentheid onder die loep te neem, het die hoofde van howe in Februarie 2003 ’n komitee saamgestel om die hele kwessie van taal in die howe te ondersoek. Die kernvraag wat ondersoek moes word, is hoe die behoefte aan ’n toename in die gebruik van alle amptelike tale in die howe erken kan word wanneer regters sake verhoor waarin die betrokke partye van dieselfde taalgroep is.

Soos deur Sacks (2000) voorspel, het die betrokke komitee aanbeveel dat Engels vanweë praktiese oorwegings as die hofnotuleringstaal **vir alle howe beskou** moet word. Hierdie aanbeveling verhinder skynbaar nie litigante, getuies en regspraktisyns om steeds van die ander amptelike tale gebruik te maak nie, mits vertalings en waar nodig tolking na Engels geskied. Hierdie aanbeveling is op 17 Maart 2017 op ’n vergadering van die betrokke hoofde aanvaar (HHCs, 2017).

Hierdie besluit suggereer dat niks gekom het van die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling se “Introduction of Indigenous Languages at One Court in Each Province Programme,” wat gedurende 2009 op gang gekom het nie (Magadani, 2009; Shabalala, 2009), ’n vroeër poging om in die howe uitvoering te gee aan die grondwetlike vereiste omtrent taalbevoordeling (Magadani, 2009).

Met die 2017-reëling het die betrokke hoofde ’n taalbesluit met betrekking tot die regsplegende domein geneem wat besluitnemers in die ander domeine nie aangedurf het nie, naamlik om Engels by name as amptelike werkstaal aan te wys. Hierdie besluit trek effektief ’n streep deur die grondwetlike vereiste rakende die verhoging van die status en die uitbreiding van die gebruik van die HGIAT’s. Malan (2009:147) voer voor hierdie besluit reeds aan dat artikel 6(2) van die Grondwet, 1996, wat die staat die korrektiewe verpligting omtrent die HGIAT’s opgelê het, al drie bene van die staat (wetgewend, regsplegend en uitvoerend) bind. Hy voer verder aan dat die staat derhalwe gehoor moet gee aan die verpligting vervat in artikel 6(4) van die Grondwet betreffende die norme en beginsels van taalbehandeling en dat die howe as opperbeskermer van die Grondwet ’n besonderse verantwoordelikheid teenoor die nakoming daarvan het. Volgens hom faal die betrokkenes hierin (Malan, 2009:154).

3.4 Taalwetgewing in die onderwysdomein

Stein (2022) se oorsig oor primêre en sekondêre onderwyswetgewing (beleid en regspraak inbegrepe) met betrekking tot taal in die onderwys is een van die volledigste in die veld en word hier as vertrekpunt geneem. Soos vroeër vermeld, rig artikel 29(2) van die Grondwet die taalmediumkwessie, aangevul deur twee verdere wette, te wete die Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996 (RSA, 1996a) en die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 (RSA, 1996b – hierna afgekort tot "Skolewet"). Die Taal-in-onderwysbeleid (DoE, 1997 – hierna afgekort tot Onderwystaalbeleid) vloei hieruit voort. Twee sentrale kwessies is hier ter sake, te wete die regulering van die taalmedium (die sogenaamde "taal van leer en onderrig" of "taalmedium"), wat "taal van assessering" of "assesseringstaal" insluit, asook "taal as vak" of "taalvak".

As een van die artikels in die Handves van Regte bevat artikel 29(2) van die Grondwet 'n linguistiese mensereg as taalreg (Skutnabb-Kangas & Phillipson, 1995), te wete die reg op onderwys in die amptelike taal of tale van jou keuse, onderworpe aan sekere beperkende faktore. Van al die linguistiese menseregte in die Grondwet is hierdie een die enigste wat regstreeks aan 'n amptelike taal gekoppel word; die res (Sacks, 2000:347) skyn universeel van aard te wees. Artikel 29(2) waarborg ook op bepaalde beperkende voorwaardes die reg op enkelmediumskole. 'n Uitvloeisel van die taalmedium is natuurlik dat die taal ook as taal van assessering aangewend en as taalvak aangebied word. Bogenoemde twee onderwyswette bevat taalbepalings wat verder oor hierdie kwessies uitwei en wat die basis vorm van onderwystaalbeleid.

Artikel 3(4)(m) van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996 vereis van die nasionale onderwysminister om beleid te bepaal oor taalgebruik in die onderwys. Sodanige beleid moet ingevolge artikel 4 daarop gerig word om leerders se fundamentele regte te beskerm en te bevorder, in die besonder die reg op onderrig in die leerder se voorkeurtaal waar dit redelikerwys uitvoerbaar is (4(a)(v)), die reg om onderwysinstellings gegrond op 'n gemeenskaplike taal, kultuur en geloof in te stel mits daar geen diskriminasie op grond van ras is nie (4(a)(vii)), en die reg om die taal van jou keuse te gebruik en aan die kulturele lewe van jou keuse binne 'n onderwysinrigting deel te neem (4(a)(viii)).

Die Skolewet bou hierop voort deur in artikel 6(1)-(3) aan die betrokke minister die bevoegdheid te verleen om die taalbeleidsnorme en -standaarde vir openbare skole te kan bepaal en om aan beheerliggame van skole die bevoegdheid te kan gee om die taalbeleid van hul skool op te kan stel, maar dat die toepassing daarvan nie rassediskriminasie teweeg mag bring nie. Artikel 6(4) bepaal dat 'n erkende gebaretaal die status van amptelike taal in openbare skole verkry. (Die Bela-wet wysig dit tot "Suid-Afrikaanse Gebaretaal".) Artikel 6B verseker die gelyke hantering van alle amptelike tale binne die kurrikulum.

Die Onderwystaalbeleid gee uitvoering aan die taalvereistes van hierdie twee wette en bepaal dat die oogmerke daarvan onder meer die bevordering en ontwikkeling is van al die amptelike tale, die vestiging van "toegevoegde meertaligheid" as onderwysbenadering en die ondersteuning van die leer van ander tale buiten die amptelike tale (waaronder SAGT), asook die ontwikkeling van programme gerig op regstelling met betrekking tot die HGIAT's.

Wat taalvak betref, vereis die Onderwystaalbeleid dat alle leerders in graad 1 en 2 minstens een goedgekeurde taal aanbied en vanaf graad 3 hulle taalmedium as vak naas minstens een addisionele taal aanbied. Die veronderstelling is dat die graad 3-taalvak die taalmedium sal wees. Vanaf graad 10 moet twee tale aangebied word, een op eerstetaalvlak en een op tweedetaalvlak. Een van hierdie tale moet 'n amptelike taal wees (DoE, 1997:2). Wat taalmedium

betref, bepaal die Onderwystaalbeleid dat die voertaal van openbare skole 'n amptelike taal moet wees. Die beleid maak dit duidelik dat SAGT hierby inbegrepe is. Origens behandel die beleid die taalregte van leerders en reëlings en besonderhede met betrekking tot onderrigmedium (DoE, 1997:2-3). Aspekte van die Onderwystaalbeleid is in opeenvolgende kurrikulumverklarings verder verfyn.

Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Grade R-9 (Skole) (DoE, 2002) wat in 2002 bekendgestel is, bevat 'n Tale-leerareaverklaring wat al 11 amptelike tale insluit, sowel as enige deur PanSAT goedgekeurde taal. SAGT word uitdruklik as een sodanige taal genoem. Konseptueel wysig hierdie kurrikulumverklaring twee aspekte van die Onderwystaalbeleid, te wete deur te vereis dat leerders 'n **Huistaal** (omskryf aan die hand van taalbevoegdheid) en **Eerste Addisionele Taal** aanbied, wat **beide** amptelike tale moet wees, en deur vir 'n Tweede Addisionele Taal voorsiening te maak.

Wat die taalmedium betref, word voorkeur verleen aan die Huistaal. Ofskoon geredeneer word dat alle leerders 'n hoë bevoegdheidsgraad in ten minste twee amptelike tale moet ontwikkel, word die beginsel van toevoegende meertaligheid steeds as benadering voorgehou (nou ook getipeer as 'n "inkrementele benadering" tot meertaligheid). Wel word die rol van die Huistaal as taalmedium beklemtoon en daarop gewys dat oorskakeling na die Eerste Addisionele Taal as taalmedium versigtig benader behoort te word (DoE, 2002:20).

Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV), wat in 2011 uitgereik is, sit die gewysigde vereiste met betrekking tot die aanbieding van twee amptelike tale voort. Wat taalmedium betref, word ook die ideaal van toevoegende tweetaligheid steeds nagestreef, maar nou word verkies dat die Huistaal in die Grondslagfase gebruik word, waarna die Eerste Addisionele Taal – nou by name Engels – toegevoeg word. Om hierdie vereiste duidelik te maak, word die bepaling omtrent Eerste Addisionele Taal dienooreenkomstig tot Engels as Eerste Addisionele Taal gewysig (DBE, 2011), 'n ironiese overte bevestiging van die koverte bedoeling met die frase "Eerste Addisionele Taal".

Hierna stel die Departement van Basiese Onderwys twee projekte bekend ten einde die posisie van die HGIAT's in die onderwys te verbeter, een omtrent moedertaalgebaseerde onderwys en die ander omtrent die verpligte aanleer van hierdie tale.

Die sogenaamde Moedertaalgebaseerde Tweetalige Onderwys-projek (hierna Moedertaalprojek) is in 2012 as eksperiment in geselekteerde Oos-Kaapse huistaalskole geloods met die oogmerk om moedertaalgebaseerde tweetalige onderwys vir leer en onderrig in die dissiplines wiskunde, wetenskap en tegnologie in te faseer. Die belang en waarde van moedertaalonderrig vir kognitiewe ontwikkeling word benadruk en suksesvolle Afrikaanse huistaalskole word as voorbeeld voorgehou van wat met moedertaalonderrig bereik kan word. In Februarie 2024 het die Minister aangekondig dat die projek gedurende 2025 na alle huistaalskole van die Oos-Kaap uitgebrei word (DBE, 2024).

Die *Incremental Introduction of African Languages*-beleid (hierna Afrikataleprojek) is gedurende September 2013 bekendgestel. Enersyds word met dié beleid beoog om vaardigheid in en die gebruik van die sogenaamde "Afrikatale" op huistaalvlak te verbeter, en andersyds om toegang tot hierdie tale deur veral sprekers van Engels en Afrikaans te verhoog deur van diesulkes te vereis om 'n "Afrikataal" as addisionele taal aan te leer. Toegepas kom die beleid daarop neer dat alle leerders ten minste drie tale aanbied. Afrikaans is ook op die lysie "Afrikatale" waaruit leerders kan kies (DBE, 2013:13).

Gegewe 'n verskeidenheid van ingrypende demografiese en sosioëkonomiese veranderinge sedert die inwerkingtreding van die twee basiese 1996-onderwyswette het 'n taalmediumvraag-

stuk ontstaan wat tot verskeie gevalle van litigasie aanleiding gegee het, waarvan *Head of Department: Mpumalanga Department of Education and Another v Hoërskool Ermelo and Another* as deurslaggewend uitstaan (Malan, 2010; Skelton, 2013; Malherbe, 2010; Lear, 2018; Stein, 2022).

Die regspraak wat hieruit ontwikkel het, gee onder meer uitsluitsel oor die belang van die beperkende voorwaardes van artikel 29(2) van die Grondwet, 1996, omtrent onderrigtaalkeuse en enkelmediumskole. Ook gee dit uitsluitsel oor die verhouding tussen die provinsiale onderwyshoof en die skoolbeheerraad met betrekking tot kwessies soos toelatings- en taalbeleid. Dit gee ook uitsluitsel oor die verantwoordelikhede van die owerheid met betrekking tot die skep van omstandighede waarbinne die regte van artikel 29(2) verwesenlik kan word.

Reeds uit die lang titel van die Wysigingswet op Wette op Basiese Onderwys, 2024 (Die Presidensie, 2024) val dit op dat die wysiginge met betrekking tot die twee gemelde kontensieuse punte 'n reaksie op die betrokke regspraak is, naamlik om –

- die Departementshoof meer gesag met betrekking tot die toelating van 'n leerder tot 'n openbare skool te gee, ná oorleg met die beheerliggaam van die skool;
- die Departementshoof te magtig om 'n openbare skool opdrag te gee om meer as een onderrigtaal aan te neem, waar dit moontlik is;
- en, indien die Departementshoof so 'n opdrag uitreik, te vereis dat hy of sy alle nodige stappe doen om te verseker dat die openbare skool die nodige hulpbronne ontvang om daardie skool in staat te stel om voldoende onderrig in die addisionele onderrigtaal te verskaf.

Die twee artikels van die Skolewet wat hierdie kwessies hanteer het (artikels 5 en 6), word in die wysigingswet gewysig. Hiermee word beoog om onder meer aan die provinsiale onderwyshoof 'n groter rol met betrekking tot openbare skole se toelatings- en taalbeleid toe te wys as wat voorheen die geval was.

Nadat die President in reaksie op ontsteltenis hieroor in bepaalde oorde uitstel verleen het sodat uitsluitsel verkry kon word oor die inwerkingtreding van hierdie twee artikels, het hy op Vrydag 20 Desember 2024 die wet bekragtig (Cornelissen, 2024). Die Departement van Basiese Onderwys is nou verantwoordelik om regulasies oor die toepassing van hierdie artikels te ontwikkel. Origens ruim die wysigingswet die onsekerheid uit die weg oor watter gebaretaal amptelike status binne die onderwysdomein geniet deur SAGT as die toepaslike gebaretaal te spesifiseer.

Anders as in die geval van die vorige twee domeine, verleen taalwetgewing wat basiese onderwys betref, erkenning aan al die amptelike tale as taalvakke. Dat hulle nog nie heeltemal gelyke erkenning geniet soos in die Skolewet beoog nie, blyk uit die Afrikataleprojek, wat in 2013 van stapel geloop het. Dit blyk verder uit die indruk wat gewek word dat Engels die Eerste Addisionele Taal van voorkeur is. Wat onderrigmedium betref, hanteer die wetgewing die amptelike tale op gelyke voet tot en met graad 3, waarna oorgeskakel kan word na Engels of Afrikaans as taalmedium. Nietemin word die huistaal as taalmedium aangemoedig.

Die Moedertaalprojek waarmee in 2012 begin is, dui op 'n voorneme om hierdie situasie te verander en om groter gelykwaardigheid in die hantering van die HGIAT's in daardie hoedanigheid te bewerkstellig. Laastens wil dit voorkom asof die owerheid met die Bela-wet wil poog om 'n beter greep op die vraagstuk van enkelmediumskole te kry. Die vorige Minister van Basiese Onderwys het trouens tydens vraetyd in die Parlement die Ermelo-saak uitgelig

as een van die redes waarom die provinsiale onderwyshoof meer beheer oor die taalbeleid van ’n skool moet kry (NA, 2022).

Taalbeleid in hoër onderwys word gerig deur die Wet op Hoër Onderwys No. 101 van 1997 (RSA, 1997). Artikel 3(1) van die Wet bepaal dat die Minister in oorleg met die Raad op Hoër Onderwys (RHO) beleid oor hoër onderwys moet bepaal, terwyl artikel 5(2) bepaal dat die RHO die Minister oor enige aspek van hoër onderwys kan adviseer, met inbegrip van taalbeleid (art. 5(2)(i)). Wat individuele instellings van hoër onderwys betref, bepaal artikel 27(2) dat die universiteitsraad in oorleg met sy senaat hiervoor verantwoordelik is. Die Minister vervul sy gemelde mandaat deur middel van sekondêre wetgewing in die vorm van ’n taalbeleidsraamwerk vir hoër onderwys.

’n Prominente oogmerk van die jongste taalbeleidsraamwerk, wat in 2020 bekendgestel is, is om die inheemse tale[4] as tale van geleerdheid, leer en onderrig, en kommunikasie aan hoër instellings te versterk. Die inheemse kliktale en SAGT word hierby ingesluit. Teenstrydig hiermee bepaal die beleid egter dat Engels die “*de facto*”-taalmedium van universiteite is. Nogtans word dan van hierdie instellings verwag om taalplanne op te stel wat sal toon hoeveel belê word in die “ontwikkeling van ‘amptelike tale’” [*sic*], skynbaar (maar lomp geformuleer) as alternatiewe taalmedia. Ook word van instellings verwag om strategieë te ontwikkel vir die intellektualisering van inheemse tale as hoëronderwystale, om naas Engels nog twee amptelike tale vir interne institusionele kommunikasie aan te wend en om in hulle institusionele taalbeleid en -planne ’n groter belang aan inheemse “Afrikatale” toe te ken.

Laastens erken die raamwerk “die noodsaak” daarvan om vaardighede en kapasiteit in SAGT te ontwikkel, in ooreenstemming met die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale (DHET, 2020). Dit is egter alles grootliks vae bepalings (eintlik net versugtinge) wat in nievoorskriftelike taal aangebied word, opvallend in teenstelling met die direkte voorskrif omtrent Engels. Hierdie kontras dui op ’n mate van spanning tussen ’n funksionele en ’n inklusiewe benadering tot taalbestuur in die hoër onderwys.

Ofskoon ietwat idealisties en ongespesifiseerd kan hierdie verskuiwende aksent met betrekking tot die HGIAT’s verbind word met ’n verskeidenheid van beleidsdokumente en wetgewende stukke wat sedert die 2002-beleidsraamwerk die rol van die HGIAT’s in hoër onderwys prioritiseer, soos trouens in die betrokke beleid aangevoer (DHET, 2020:9-15). Ander aspekte van hierdie jongste taalbeleidsraamwerk, soos die verwydering van Afrikaans as alternatiewe hoëronderwystaal, ’n status wat nog deur die 2002-taalbeleidsraamwerk erken is (MoE, 2002), kan waarskynlik toegedig word aan regspraak oor taalbeleid aan Suid-Afrikaanse universiteite na aanleiding van gedinge oor hulle 2016-taalbeleide.[5]

Die betrokke regspraak handel onder meer oor die kwessie van die verlaging van Afrikaans se status as alternatiewe universitêre voertaal. Laubscher (2022:71-76) behandel drie van

---

4 Oor die term “inheemse tale” het ’n kontroversie ontstaan, waarna die Minister verplig was om die definisie daarvan in sy taalbeleidsraamwerk vir hoër instellings te wysig (Van Wyk, 2022). Die aanvanklike definisie het soos volg gelui: “Languages that have their heritage roots in Africa and that belong to the Southern Bantu language family, where ‘Bantu’ is used purely as a linguistic term. An indigenous language is a language that is native to a region or country and spoken by indigenous people”. Die gewysigde definisie lui soos volg: “An indigenous language is a language that is native to a region or country and is spoken by indigenous people. The term, in this policy framework, is used interchangeably with ‘indigenous African languages’ and it refers to previously marginalised South African languages whose use and status have been historically diminished as referred to in section 6(2) of the Constitution of the Republic of South Africa” (DHET, 2020).

5 Die vlaag taalbeleidshersienings wat op die 2016-beleide uitgeloop het, volg ná wat Du Plessis (2017:89) as ’n katalitiese noodvergadering met die destydse Minister van Hoër Onderwys op die

hierdie gevalle. In twee van die betrokke gedinge, te wete *Afriforum v University of the Free State* en *Afriforum and Another v Chairperson of the Council of the University of Pretoria and Others* (Afriforum v University of Pretoria, 2016),[6] het die hof beslis dat die verwydering van Afrikaans as onderrigtaal toelaatbaar is en in die geval van *Gelyke Kanse v Chairperson of the Senate of the University of Stellenbosch* dat ook die verplasing van Afrikaans deur Engels as hooftaal toelaatbaar is.

Die uitsondering met betrekking tot die afskaling van Afrikaans se status as universiteitstaal merk ons by *Chairperson of the Council of UNISA v AfriForum NPC*, waar die hof beslis het dat die verwydering van Afrikaans as onderrigtaal ontoelaatbaar is. Laasgenoemde uitspraak is egter op tegniese gronde gemaak nadat Unisa nie daarin kon slaag om sy 2016-taalbeleid te regverdig nie (Laubscher, 2022:74 e.v.).

Die jongste taalbeleidsraamwerk vir hoër onderwys volg grootliks dieselfde tendens as wat in die ander domeine voorkom, deurdat dit Engels tot *de facto*-onderrigtaal verhef. Daarmee is Afrikaans as alternatiewe onderrigtaal grootliks verwyder, hoewel die raamwerk nog die voortsetting van hierdie rol in bepaalde omstandighede voorsien (DHET, 2020:15). Dié raamwerk ken ’n veel groter rol aan die HGIAT’s in hoër onderwys toe as die 2002-beleid. Nietemin skep die ietwat vae en redelik idealistiese bepalings omtrent die HGIAT’s beslis nie beleidsekerheid nie. Vrae ontstaan oor die erns waarmee onderwysowerhede hierdie soort bepalings sal bejeën, gegewe die voorgeskrewe voorkeur aan Engels.

Oorhoofs beskou, is dit slegs wetgewing met betrekking tot basiese onderwys wat streng gesproke die grondwetlike vereiste van die hantering van die amptelike tale op ’n grondslag van gelykheid van aansien en billike behandeling nakom, ten minste wat taalvak betref, en waarin skynbaar daarna gestreef word om uiteindelik dieselfde te bewerkstellig wat taalmedium betref. Hoër onderwys volg eenvoudig die tendense van die ander domeine deur voorkeur aan Engels te verleen, met simboliese kniebuigings voor die HGIAT’s en indirekte verwysings na gevestigde taalkonvensies met betrekking tot Afrikaans.

3.5 ’n Vergelykende perspektief

Die aangetekende tendense binne elk van die vier domeine word opsommenderwys in Tabel 1 saamgevat. Hierdie tendense het betrekking op taalwetgewing wat ná 1996 en voor SAGT se veramptelikingop nasionale vlak in 2023 ontwikkel is, vandaar dat SAGT se status in heelparty gevalle as “nie van toepassing nie” aangedui word. Ook moet in gedagte gehou word dat die gesketste prentjie grootliks berus op veronderstelde overte taalbeleid.

Die spanning tussen ’n funksionele (doeltreffende) en ’n billike (inklusiewe) benadering tot taalbeleid is sigbaar in al vier domeine en word opgelos deur ’n kompromie tussen ’n oorwegend funksionele benadering (drie amptelike tale, twee amptelike tale of een amptelike taal) en ’n inklusiewe benadering (enige amptelike taal). Hierdie kompromie loop egter meestal uit op die (funksionele) aanwending van Engels as *de facto*-werkstaal (en voertaal in die onderwysdomein) met ’n simboliese vergunning aan die ander amptelike tale.

OR Tambo Lughawe in reaksie op die #RhodesMustFall-beweging gedurende die week van 17 April 2015 tipeer. Universiteite is skynbaar by hierdie geleentheid “opdrag gegee” om hulle taalbeleide onverwyld te “transformeer”.

[6] Die gedingvoerende partye se aansoek om appèl is op 10 Mei 2017 van die hand gewys (AfriForum v University of Pretoria, 2017).

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a9

Ofskoon funksionaliteit ook in die onderwysdomein 'n rol speel (soos gesien in die ontneming van die huistaal as voertaal ná graad 3 en die voorskrif van Engels as tersiêre voertaal), bring 'n inklusiewe benadering wel mee dat wetgewing in beginsel voorsiening maak vir die gebruik van al die amptelike tale as voertale (tot ten minste graad 3) maar deurgaans as taalvak. Ook die moedertaalprojek en inheemse-tale-aanleerdersbeleid word aangedryf deur 'n inklusiewe benadering. In die geval van SAGT dra 'n inklusiewe benadering by tot die vergunning van voorkeurtaal in die administratiewe domein en tot die taal se status as addisionele amptelike taal van die onderwysdomein. Origens loop 'n inklusiewe benadering grootliks uit op die simboliese aanwending van die HGIAT's, SAGT en Afrikaans. Indien inklusiwiteit werklik nagestreef word, word dit uiteindelik ten koste van laasgenoemde groep tale gedoen.

In die bespreking hierna word saaklik besin oor die implikasies wat hierdie tendense vir die HGIAT's, SAGT (as toekomstige amptelike taal) en Afrikaans inhou.

4. Bespreking

Uit die vorige afdeling se opsomming van taalwetgewingsmaatreëls blyk die afwesigheid van wetgewing wat werklik gestalte gee aan die grondwetlike vereiste van artikel 6(2) rakende die bevoordeling van die HGIAT's. Dit is slegs in die onderwysdomein dat konkrete getuienis bestaan van ten minste die gelykstelling van hierdie tale: wat basiese onderwys betref, in die vorm van die Departement van Basiese Onderwys se sogenaamde "Afrikataalprojek" en Moedertaalprojek, en wat hoër onderwys betref, in die vorm van die jongste taalbeleidsraamwerk wat as oogmerk stel die ontwikkeling en versterking van inheemse tale as tale van wetenskap, leer en onderrig, en van kommunikasie by hoëronderwysinstellings. Laasgenoemde lyk wel op taalbevoordeling. Hierdie oogmerke word egter nie omgesit in konkrete bepalings wat sal kan meehelp om die blatante bevoordeling van Engels as *de facto*-onderrigtaal teen te werk nie.

'n Tweede probleem met hierdie HGIAT-projek in hoër onderwys is die opvallende gebrek aan ooreenstemming met programme ter bevordering van hierdie tale in basiese onderwys. Dit is totaal onrealisties om die HGIAT's as hoëronderwystale te wil ontwikkel terwyl matrikulante ná graad 3 hierdie tale nie eens as taalmedium kan aanwend nie. Wat in die taalbeleidsraamwerk vir hoër onderwys ten doel gestel word, moet in werklikheid ook op skoolvlak gebeur.

Wel baat die HGIAT's by implikasie indirek by taalwetgewing van ná 1996. Drie post-1996-taalreëlings dra hiertoe by, te wete:

- die rotasiestelsel wat die vereiste tweede taal van wetgewing reël wat uit Engels vertaal moet word;
- die insluiting van ten minste drie tale by die taalbeleide van staatsdepartemente wat ingevolge die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale aanvaar is; en
- die insluiting van die HGIAT's as addisionele tale in die onderwys.

Hierdie situasie dui daarop dat die staat wat wetgewing betref, inderdaad versuim om aan sy mandaat met betrekking tot die bevoordeling van die HGIAT's te voldoen. Die wetlike situasie is dat hierdie tale grootliks simboliese ampteliketaalstatus geniet en dat maatreëls wat in daardie opsig getref word, grootliks op diversiteitstokenisme neerkom en beslis nie op die bedoelde taalbevoordeling nie.

Waar nie voldoende wetlike aandag aan die bevoordeling van die HGIAT's geskenk is nie, is die situasie omtrent SAGT, wat voor 2023 nie dieselfde status as die HGIAT's geniet

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a9

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Jaargang 65 No. 1: Maart 2025
doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a9

TABEL 1: Tendense met betrekking tot aanvullende taalwetgewing

Domein	**Taalbeleids-benadering**	**Taalbeleid**		**Aangewese tale**			
		Gebruiksfunksie	**Taalvoorskrif**	**Engels**	**Afrikaans**	**HGIAT's**	**SAGT**
Administrasie (nasionaal)	Funksioneel	Kommunikasie met publiek	Ten minste drie amptelike tale	*de facto*	Soms	Simbolies	N.v.t.
			Voorkeurtaal nie-amptelike tale & SAGT	Nee	Nee	Nee	*de iure*
		Inter- & intra-regerings-kommunikasie	Ten minste drie amptelike tale	*de facto*	Soms	Simbolies	N.v.t.
		Amptelike kennisgewings					
		Regeringspublikasies ens.					
Wetgewend	Funksioneel	Wetgewing	Twee amptelike tale	*de facto*	Roterend	Roterend	N.v.t.
		Debatvoering	Enige amptelike taal, maar vooraf kennisgewing indien HGIAT's	*de facto*	Soms	Op afspraak	N.v.t.
Regsplegend	Funksioneel	Noteringstaal	Engels	*de iure*	Nee	Nee	N.v.t.
		Hofprosedure	Enige amptelike taal	*de iure*	Soms	Soms	N.v.t.
Onderwys	Funksioneel	Basiese onderwys: Taalmedium	Verkieslik huistaal maar oorskakel Eerste Addisionele Taal Graad 3)	*de iure*	*de iure*	*de iure*	*de iure*
		Basiese onderwys: Taalvak	Huistaal + Eerste Addisionele Taal, Tweede Addisionele Taal	*de iure*	*de iure*	*de iure*	*de iure*
		Hoër onderwys: Voertaal	Engels + Afrikaans (beperk) + HGIAT's (in ontwikkeling)	*de iure*	Konvensioneel	Simbolies	Simbolies
		Hoër onderwys: Kommu-nikasietaal	Engels + twee amptelike tale	*de iure*	Konvensioneel	Simbolies	Simbolies

het nie, ambivalent. Verskeie (van die hier bo behandelde) taalwetgewingsmaatreëls sedert 1996 het die taal op ongeveer dieselfde vlak as die HGIAT's geplaas,[7] te wete:

- SAGT se verampteliking as skooltaal in 1996;
- SAGT se insluiting in 1996 by die groep tale wat deel vorm van PanSAT se grondwetlike taalmandaat met betrekking tot taalontwikkeling en -bevordering;
- SAGT se insluiting in 1997 by die Onderwystaalbeleid as taal wat op skool aangeleer behoort te word;
- SAGT se insluiting by die hersiene nasionale kurrikulumverklaring van 2002 se Tale-leerarea;
- SAGT se insluiting in 2012 by die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale as voorkeurtaal vir kommunikasie met die nasionale regering, 'n reëling wat glad nie vir gebruikers van die ander amptelike tale geld nie;
- die inwerkingstelling van 'n SAGT (Huistaal)-kurrikulum in 2014; en
- die insluiting in 2020 van SAGT by die inheemse tale wat vir hoëronderwysdoeleindes ontwikkel moet word.

Buiten die afwesigheid van 'n SAGT (Addisionele Taal)-kurrikulum geniet die taal sedert 1996 in die onderwysdomein prakties dieselfde status as die HGIAT's. In die administratiewe domein geniet dit vanweë die vergunning omtrent voorkeurtaal ook teoreties dieselfde status. Streng gesproke het die verampteliking van SAGT in 2023 in hierdie twee opsigte niks betekenisvols bygedra nie. Die verskil wat verampteliking meegebring het, is dat SAGT nou ook binne die wetgewende domein as een van die twee verpligte tale van wetgewing gebruik kan word,[8] weliswaar ook op rotasiebasis, en in debatte gebruik kan word (maar waarskynlik onder dieselfde voorwaardes as vir HGIAT's). Wat die regsplegende domein betref, kan SAGT nou ook nes die ander amptelike tale in hofprosedures gebruik word, maar nie as notuleringstaal nie.

Die negatiewe aspek van die verklaring van SAGT tot 12de amptelike taal is dat dit nou op dieselfde vlak as die HGIAT's gehanteer sal word. Dit impliseer dat die staat se onderprestasie in die bevoordeling van die HGIAT's ook hierdie taal gaan benadeel. 'n Mens behoort dus realisties te wees oor die toekoms van SAGT as 12de amptelike taal van Suid-Afrika.

Wat die status van Afrikaans betref, het die oorsig bevestig wat al in studies van die taalpraktyk vasgestel is (onder meer Carstens, 2006; Giliomee, 2003; Giliomee, 2014), naamlik dat Afrikaans grootliks sy status as mede-werkstaal naas Engels verloor het. Wat hierdie studie egter uitwys, is dat hierdie statusafskaling in werklikheid deur taalwetgewing geïnisieer is. Die studie toon egter ook dat die situasie nie in al die domeine dieselfde is nie. In die administratiewe domein wil dit voorkom asof Afrikaans nog in vergelyking met die HGIAT's ietwat meer status geniet (soos Ramuedzisi, 2022, inderdaad en tot sy eie ontsteltenis vasgestel het). Hierdie "mag van die gewoonte" is in die regsplegende domein bo alle twyfel gebreek deur die 2017-reëling dat Engels die notuleringstaal in howe moet wees. Wel kan regspraktisyns

7 Een van die artikelkeurders het heeltemal korrek gesuggereer dat die staat se mandaat met betrekking tot persone met gestremdhede as 'n bykomende dryfkrag ook hiertoe kon bygedra het, soos onder meer deur Carne, Oostendorp & Baker (2024) behandel. Weens 'n gebrek aan ruimte is egter nie aan sulke bykomende dryfkragte aandag geskenk nie.

8 Die Taalpraktisynswet, 2014 ["South African Language Practitioners' Council Act, 8 of 2014"] (RSA, 2014) erken in sy woordomskrywings die ekwivalensie van gebaretaaltekste naas geskrewe tekste.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a9

nog Afrikaans tydens hofverrigtinge besig, maar op skrif mag slegs Engelse hofstukke ingedien word, 'n praktyk wat natuurlik druk op die betrokkenes plaas, soos trouens al in studies uitgewys is (Cowling, 2007; Malan, 2009).

Dieselfde het grootliks in die wetgewende domein gebeur in die sin dat die Parlement op Engels as *de facto*-werkstaal besluit het. Afrikaans kan egter wel nog, soos die HGIAT's en SAGT (weliswaar in laasgenoemde geval voorlopig nog in videoformaat), op rotasiebasis as die tweede taal van wetgewing aangewend word. Die Bela-wet is byvoorbeeld in Engels en Afrikaans gepubliseer. Weens die roterende stelsel sal so iets ongelukkig slegs by elke 12de wetstuk voorkom. In die onderwysdomein kan Afrikaans se posisie as taalmedium aan enkelmediumskole in gedrang kom, iets wat allerweë verwag word en waarvoor regulasies nou ontwikkel word. As taalvak kan die taal se posisie ook mettertyd in gedrang kom, maar in vergelyking met die status van die HGIAT's en SAGT is Afrikaans voorlopig nog in 'n relatief gunstiger posisie wat hierdie kwessies betref. Trouens, hierdie stelling geld eintlik oorhoofs vir die posisie van Afrikaans as afgeskaalde amptelike taal. Danksy 'n onbeholpe regering wat nie met die bevoordeling van die HGIAT's (en in werklikheid ook met SAGT) hond haaraf maak nie, is Afrikaans se posisie tans nog redelik aanvaarbaar. Dit bly voorlopig deel van die konvensionele amptelikeetaalpaar Engels en Afrikaans.

Nietemin sou dit 'n denkfout wees om enige taalstatusprestasie te meet teen die non-prestasie wat die status van die HGIAT's (en SAGT) betref. Die situasie rakende hoër onderwys verg in hierdie verband besondere aandag, want sonder die vooruitsig van Afrikaanse onderrig op tersiêre vlak ontstaan vrae oor die sin van sodanige onderrig op sekondêre vlak. Ironies genoeg is die situasie van die HGIAT's presies andersom: Daar is min vooruitsig vir leerders om selfs sekondêre onderrig in hierdie tale te ontvang. Indien daar op die een of ander manier sukses met hierdie tale aan universiteite behaal word, kan hierdie situasie dalk omgedraai word. Dit sal egter veel verg om teen die grein in te verwag dat hierdie tipe bo-na-onder-taalbeplanning kan slaag.

5. Slotsom

Hierdie studie het aan die lig gebring dat Suid-Afrika se taalwetgewing nie gesofistikeerd genoeg is om die grondslag te lê vir grondwetlik geïnspireerde taalstatusbeplanning vir die gemarginaliseerde amptelike tale – dit wil sê die HGIAT's, SAGT en Afrikaans – in die era ná 1996 nie. Dit geld by uitstek vir die administratiewe, die wetgewende en die regsplegende domein, en voorlopig nog minder vir die onderwysdomein.

Die regspraak wat die eerste drie domeine raak, het die grondwetlike vereiste van die gebruik van ten minste twee amptelike tale sodanig verwater dat dit vir die owerheid moontlik is om met die aanwending van Engels as *de facto*-werkstaal weg te kom. Met meer proaktiewe riglyne hiervoor kon die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale hierdie situasie dalk bemiddel het. Dit het nie gebeur nie en as gevolg van 'n oënskynlike beheptheid met inklusiwiteit formuleer staatsdepartemente nou egalitêre taalbeleide wat alleen maar kovert Engels se posisie as *de facto*-werkstaal versterk, in plaas daarvan om die beginsel van gesanksioneerde diskriminasie teen nie-geselekteerde amptelike tale toe te pas, 'n beginsel wat in *Lourens v Speaker of the National Assembly* gevestig is (Laubscher, 2022:71).

Riglyne wat hierdie beginsel toepas, kan sodanig ingerig word dat die regering na gelang van omstandighede altyd in slegs drie amptelike tale (die amptelikeetaallimiet vir effektiewe regering) funksioneer. Dit sal egter 'n gediversifiseerde beleid verg wat oorhoofs al 12 amptelike tale betrek, maar in enige gegewe omstandighede nooit meer as drie amptelike tale nie. Die

Parlement pas in verdere reëlings hierdie beginsel reeds met betrekking tot wetgewing toe, maar kan dit oorweeg om ’n derde amptelike taal te betrek en om Engels se status as *de facto* werkstaal te herroep. Dieselfde geld vir die regsplegende domein.

In hierdie stadium bied die onderwysdomein die beste kans vir taalbeplanners (en taalaktiviste) om ’n konstruktiewe bydrae te lewer ten einde te verseker dat meer van die grondwetlike ideale verwesenlik word.

Wat die HGIAT’s betref, is een van die onmiddellike uitdagings om hierdie tale funksioneel op skoolvlak deur die bank as taalmedia te begin aanwend in plaas daarvan om hulle status op universiteite deur middel van diversiteitstokenisme te probeer verhoog deur die onmoontlike met hierdie tale as tersiêre voertale te probeer bereik. Die basis vir sodanige ontwikkeling – tale wat tot op matriekvlak as volwaardige taalmedia (en assesseringstale) aangewend word – ontbreek geheel en al. Trouens, leerlinge wat wel op skoolvlak in die HGIAT’s onderrig is, het hoogstens as gevolg van die Departement van Basiese Onderwys se Taal-in-Onderwysbeleid ’n graad 3-geletterdheidsvlak in hierdie tale bereik, waarskynlik ietwat ontoereikend wat betref ’n voortsetting van onderrig in hierdie tale op sekondêre en universiteitsvlak.

Wat SAGT betref, is een van die onmiddellike uitdagings om kurrikula vir SAGT as Eerste Addisionele Taal en Tweede Addisionele Taal te ontwikkel. Dit kan ’n aansienlike bydrae lewer tot die bevordering van inklusiewe onderwys en help om die taal as taal van dowes te destigmatiseer.

Wat Afrikaans betref, is een van die onmiddellike uitdagings om ’n billike implementering van die Bela-wet se vereistes oor enkelmediumskole en Afrikaans as taalmedium te beding wat alle partye gerus kan stel.

Uiteraard bestaan daar nog vele uitdagings wat aan die hand van die domeinanalise in hierdie studie aangepak kan word.[9] Dit is noodsaaklik dat deeglik kennis geneem word van waar taalbeplanning werklik ’n verskil kan maak. Gegewe die *de facto*-posisie van Engels as amptelike werkstaal, is ’n oormatige fokus op byvoorbeeld statusbeplanning in die administratiewe, wetgewende en regsplegende domeine waarskynlik onproduktief. ’n Mens moet ook ondertussen vir lief neem met die feit dat die gemarginaliseerde amptelike tale ná 1996 hoofsaaklik as simboliese amptelike tale in hierdie domeine aangewend sal word totdat die beginsel van gesanksioneerde diskriminasie teen nie-geselekteerde amptelike tale binne besluitnemerskringe begin wortel skiet. Wel sou ’n mens nie wou sien dat diversiteitstokenisme gepleeg word nie. Die praktyk van simboliese amptelike taalstatus kan ook op ’n sinvolle wyse aangewend word. Dit is reëlmatig en suksesvol in die pre-1994-era toegepas.

Ten slotte ’n woord oor Afrikaans 100 jaar as amptelike taal. Uit die post-1996-geskiedenis van taalwetgewing blyk dit dat sulke wetlike mylpale, soos dié van die HGIAT’s se statusverhoging in 1993 en dié van SAGT in 1996 (gedeeltelik) en 2023, as sodanig nie noodwendig funksioneel veel oplewer nie. Simbolies gesproke is hierdie soort mylpale wel van belang, maar hulle word eers funksioneel wanneer die spraakgemeenskap daarop aandring en alles wetlik moontlik in werking stel om dit te verseker. Daarvoor het ’n mens egter wel ’n simpatieke owerheid nodig wat innoverend oor die bestuur van Suid-Afrika se grondwetlik bestemde taalbestel dink en doen. Afrikaans se status van 100 jaar as amptelike taal in 2025 lewer bewys van wat bereik kan word wanneer ’n produktiewe interaksie plaasvind tussen ’n vraende

[9] Een van die keurders het opgemerk dat die kwessie van nasionale teenoor provinsiale taalbeplanning in die toekoms meer aandag behoort te geniet omdat provinsies waarskynlik makliker ’n gediversifiseerde taalbeleid waarin drie tale ’n meer definitiewe rol speel, sou kon toepas wat sou kon deursyfer na skole.

bevolking en ’n toegewende (en goedgesinde) owerheid, en simboliese erkenning effektief in funksionele erkenning omgeskakel word.

BIBLIOGRAFIE

AfriForum v University or Pretoria. 2016. *Afriforum and Another v Chairperson of the Council of the University of Pretoria and Others* (54451/2016) [2016] ZAGPPHC 1030; [2017] 1 All SA 832 (GP) (15 December 2016).

AfriForum v University of Pretoria. 2017. *Afriforum and Another v Chairperson of the Council of the University of Pretoria and Others* (54451/16) [2017] ZAGPPHC 425 (10 May 2017).

Bambust, I, Kruger, A, & Kruger, T. 2012. Constitutional and judicial language protection in multilingual states: a brief overview of South Africa and Belgium. *Erasmus Law Review,* 5(3):212-232.

Carne, C, Oostendorp, M & Baker, A. 2024. Ideological framing of sign languages and their users in the South African press. *Multilingua,* 43(4):525-552.

Carstens, WAM. 2006. Die breë debat (1994-2005) oor die toekoms van Afrikaans: enkele temas en inisiatiewe. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 46(sup-1):12-36.

Cornelissen, C. 2024. Bela-wet Vrydag in geheel bekragtig. *Maroela Media*, 20 Desember 2024. https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/bela-wet-vrydag-in-geheel-bekragtig/ [23 Desember 2024].

Cowling, MG. 2007. The tower of Babel – language usage and the courts. *South African Law Journal,* 124(1):84-111.

Currie, I. 2005. Official languages and language rights. In Woolman, S, Roux, T, Klaaren, J, Stein, A & Chaskalson, M. (eds). *Constitutional law of South Africa*. 2nd Edition. Cape Town: Juta & Co. Ltd, pp. 1-65.

DBE (Department of Basic Education). 2011. Curriculum and Assessment Policy Statement. Further Education and Training Phase Grades 10-12. Pretoria: Department of Basic Education.

DBE. 2013. The Incremental Introduction of African Languages in South African Schools. Draft policy: September 2013. Pretoria: Department of Basic Education.

DBE. 2024. Implementation of Mother Tongue-based Bilingual Education announced during International Mother Language Day celebration, 22 February 2024. https://www.education.gov.za/ArchivedDocuments/ArchivedArticles/Implementation-of-Mother-Tongue-based-Bilingual-Education-0224.aspx [11 Juie 2024]

Deutch, Y. 2005. Language law in Israel. *Language Policy,* 4:261-285.

DHET (Department of Higher Education and Training). 2020. The language policy framework for public higher education institutions, July 2020. Pretoria: Department of Higher Education and Training.

DJCD (Department of Justice and Constitutional Development). 2019. Language policy of the Department of Justice and Constitutional Development. Pretoria: Department of Justice and Constitutional Development.

DoE (Department of Education). 1997. Language in Education Policy. *Government Gazette* No. 17997 of May 1997. Pretoria: Government Printer.

DoE. 2002. National Curriculum Statement. Revised National Curriculum Statement Grades R-9 (Schools). Pretoria: Department of Education.

DP (Die Presidensie). 2024. Wet No. 32 van 2024: Wysigingswet op Wette op Basiese Onderwys, 2024. *Staatskoerant* No. 51258 van 16 September 2024. Pretoria: Staatsdrukker.

Du Plessis, LT, & Pretorius, JL. 2000. The structure of the official language clause: a framework for its implementation. *South African Public Law,* 15(2)*:*500-526.

Du Plessis, T. 2009. Taalwetgewing in Suid-Afrika. *Litnet,* 6(3):132-154.

Du Plessis, T. 2017. Taalbeleidshersiening en die ontplanning van Afrikaans aan die Universiteit van die Vrystaat. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus,* 53:78-96.

Du Plessis, T. 2024. Die veramptelikingvan Suid-Afrikaanse Gebaretaal – diversiteitstokenisme as taalbeplanning? Geplaas 26 Julie 2024. https://www.litnet.co.za/die-veramptelikingvan-suid-afrikaanse-gebaretaal-diversiteitstokenisme-as-taalbeplanning/.

Faingold, ED. 2004. Language rights and language justice in the constitutions of the world. *Language Problems & Language Planning,* 28(1):11-24.

Gadelii, KE. 1999. *Language planning: theory and practice. Evaluation of language planning cases worldwide.* Paris: Unesco. https://unesdoc.unesco.org/ark:/48223/pf0000118456/PDF/118456engo.pdf.multi [16 May 2024].

GEMRT (Global Education Monitoring Report Team). 2005. Education for all: literacy for life. EFA global monitoring report 2006. Paris: Unesco. https://unesdoc.unesco.org/ark:/48223/pf0000141639 [23 December 2024].

Giliomee, H. 2003. *The rise and possible demise of Afrikaans as a public language. PRAESA Occasional Papers No. 14.* Cape Town: Project for the Study of Alternative Education in South Africa.

Giliomee, H. 2014. Die troebel toekoms van die Afrikaners en Afrikaans: navorsings-en oorsigartikels: Afrikaanse kaleidoskoop-bestekopname en standpunte. *Tydskrif vir geesteswetenskappe,* 54(4):571-595.

HHCs (Heads of Higher Courts). 2017. *Heads of Court resolution on the language of record in South African courts, 31 March 2017.* News/The South African Judiciary: https://www.judiciary.org.za/images/news/2019/Heads_of_Court_resolution_on_the_language_of_record.pdf [12 November 2020].

Kloss, H. 1966. Types of multilingual communities: A discussion of ten variables. *Sociolinguistic Inquiry,* 36(2):135-145.

Laubscher, R. 2022. Recognition of language rights in South Africa: Innovation or dismal failure? *Gdańskie Studia Prawnicze,* 4(56):63-78.

Lear, M. 2018. Why isn't a, b, as easy as 1, 2, 3: why the education laws in South Africa regarding language discrimination are ineffective. *Michigan State International Law Review,* 26(2):373-405.

Magadani, N. 2009. Zwelitsha's Indigenous Language Court to reduce backlogs. Report. Pretoria: Department of Justice and Constitutional Development.

Malan, K. 2009. Observations on the use of official languages for the recording of court proceedings. *Journal of South African Law,* 2009(1):141-155.

Malan, K. 2010. Die Grondwet, onderwysowerhede en die pad vorentoe vir Afrikaanse skole. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 50(2):261-283.

Malherbe, R. 2010. Taal in skole veroorsaak nog 'n slag hoofbrekens. *Journal of South African Law,* 2010(3):609-622.

MoE (Ministry of Education). 2002. Language policy for higher education. Pretoria: Department of Education.

NA (National Assembly). 2022. Hansard: NA: Unrevised Hansard, 6 September 2022. Parliamentary Monitoring Group. https://pmg.org.za/hansard/35481/ [25 December 2024].

NCoP (National Council of Provinces). 2024. *Rules of the National Council of Provinces*. Parliament of the Republic of South Africa. https://www.parliament.gov.za/rules-of-ncop [18 December 2024].

PanSALB (Pan South African Language Board). 2024. SASL Indaba 2024. *South African Sign Language Indaba Report, Birchwood Hotel, Boksburg, 1-2 February 2024*. Pretoria: Pan South African Language Board.

Pool, J. 1991. The official language problem. *The American Political Science Review,* 85(2):495-514.

Pretorius, J. 2013. The Use of Official Languages Act: diversity affirmed? *Potchefstroom Electronic Law Journal*, Open Acess. https://hdl.handle.net/10520/EJC134650 [25 December 2023].

PRSA (Parliament of the Republic of South Africa). 1998. Joint Rules of Parliament (as approved by the Joint Rules Committee), 24 March 1998. Cape Town: Parliament of the Republic of South Africa.

PRSA. 2004. National Assembly guide to procedure. Cape Town: Parliament of the Republic of South Africa.

QOLA. 1974. Québec Official Language Act. Statutes of Québec. Quebec City: Editeur Official du Québec.

Ramuedzisi, LS. 2022. An analysis of the impact of section 4(2)(b) of the South African Use of Official Languages Act of 2012 (on previously marginalised indigenous official languages). *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 40(3):275-287.

RSA (Republic of South Africa). 1996a. National Education Policy Act., No. 27 of 1996.. Pretoria: Government Printer.

RSA. 1996b. South African Schools Act, No. 84 of 1996. Pretoria: Government Printer.
RSA. 1996c. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996. Pretoria: Staatsdrukker.
RSA. 1997. Wet op Hoër Onderwys, No. 101 van 1997. Pretoria: Staatsdrukker.
RSA. 2012. Use of Official Languages Act, No. 12 of 2012. Pretoria: Republic of South Africa.
RSA. 2014. South African Language Practitioners' Council Act. Pretoria: Republic of South Africa.
Sacks, V. 2000. Can law protect language? Law, language and human rights in the South African Constitution. *International Journal of Discrimination and the Law*, 2000(4):343-368.
Shabalala, K. 2009. *Media statement: KZN promotes indigenous languages in courts.* http://www.justice.gov.za/m_statements/2009/20090209_msingacourt.html [28 August 2014].
Skelton, A. 2013. The role of the courts in ensuring the right to a basic education in a democratic South Africa: a critical evaluation of recent education case law. *De Jure,* 46(1):1-23.
Skutnabb-Kangas, T, & Phillipson, R. 1995. Linguistic human rights, past and present. In Skutnabb-Kangas, T & Phillipson, R (eds). *Linguistic human rights: overcoming linguistic discrimination*. Berlin & New York: Mouton de Gruyter, pp. 71-110.
Spolsky, B. 2009. *Language management.* Cambridge: Cambridge University Press.
Stein, N. 2022. Language in schools. In Veriava, F & Kathrada, T (eds). *Basic education rights handbook: Education rights in South Africa.* Second edition. Johannesburg: SECTION27, pp. 264-279. doi:https://section27. org. za/wpcontent/uploads/2017/02 [23 December 2024].
Turi, J-G. 1993. The importance of the conference theme: 'language and equality'. In Prinsloo, KP (ed.). *Proceedings of the Third International Conference of the International Academy of Language Law (IALL) held in South Africa, April 1992*. Pretoria: University of South Africa, pp. 5-24.
Turi, J-G. 1995. Typology of language legislation. In Skutnabb-Kangas, T & Phillipson, R (eds). *Linguistic human rights. Overcoming linguistic discrimination*. Berlin & New York: Mouton de Gruyter, pp. 111-120.
Van Wyk, D. 2022. Afrikaans kry uiteindelik erkenning as 'n inheemse taal. *LitNet*. https://www.litnet.co.za/afrikaans-kry-uiteindelik-erkenning-as-n-inheemse-taal/ [24 Desember 2024].
Venter, R. 2015. Are some official languages more equal than others? Reflections on constitutional duties toward official languages, the use of official languages act and respecting diversity. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg,* 2015(4):872-886.
Wikipedia. 2024. *List of official languages by country and territory.* https://en.wikipedia.org/wiki/List_of_official_languages_by_country_and_territory [20 December 2024].

Afrikaans Huistaal die afgelope 100 jaar: Die bysin as gevallestudie

Afrikaans Home Language over the past 100 years: The subordinate clause as a case study

Nadine Fouché-Karsten
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom, Suid-Afrika
E-pos: nadine@viva-afrikaans.org

Roné Wierenga
Universiteit Gent, België en Noordwes-Universiteit
Potchefstroom, Suid-Afrika
E-pos: rone.wierenga@ugent.be

Adri Breed
Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit
Potchefstroom, Suid-Afrika
E-pos: Adri.Breed@nwu.ac.za

Suléne Pilon
Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: sulene.pilon@up.ac.za

Nadine Fouché-Karsten

Roné Wierenga

Adri Breed

Suléne Pilon

Nadine Fouché-Karsten het in 2012 'n BEd-graad met Afrikaans as hoofvak aan die NWU behaal, in 2013 'n BEd-honneurs in Afrikaanse Taalonderwys en in 2016 'n MEd in Kurrikulum-Studies, albei ook met lof. Sy was vanaf 2016 tot 2019 'n lektor in die NWU se Fakulteit Opvoedkunde waar sy aspekte van Afrikaanse taalkunde en taalonderrig aan voorgraadse en nagraadse studente onderrig het. Sedert 2020 is sy 'n taalkundeskrywer en -navorser vir die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA), die leier van die projek Afrikaansgrammatika vir die onderwys en hoofadministrateur van Taalonderwysersforum, VivA se Facebookblad spesifiek gerig op die Afrikaanstaalonderwysgemeenskap. Haar navorsingsbelangstellings sluit in kohesie, kritiese taalbewustheid en grammatika. Rakende gram-

Nadine Fouché-Karsten obtained a BEd degree with Afrikaans as a major at NWU in 2012, followed by a BEd Honours in Afrikaans Language Teaching in 2013, and an MEd in Curriculum Studies in 2016, both with distinction. From 2016 to 2019, she was a lecturer in the Faculty of Education at NWU, where she taught aspects of Afrikaans linguistics and language teaching to both undergraduate and postgraduate students. Since 2020, she has been a linguist, writer, and researcher for the Virtual Institute for Afrikaans (VivA), the leader of the Afrikaans Grammar for Education project, and the chief administrator of Taalonderwysersforum, VivA's Facebook page aimed at the Afrikaans language education community. Her research interests include cohesion, critical language

Datums:
Ontvang: 2024-09-28 Goedgekeur: 2024-12-03 Gepubliseer: Maart 2025

matika, fokus sy veral op die wyse waarop dit vernuwend onderrig kan word, asook die vernouing van die gaping tussen skoolgrammatika en die moderne taalkunde. Om in hierdie behoefte te voorsien, was sy in 2024 by 'n Afrikaansonderwysersreeks in samewerking met Ina Strydom op RSG Taaldinge betrokke, hoewel sy ook al op verskeie ander geleenthede werkwinkels oor grammatikaonderrig aangebied het.	awareness, and grammar. Regarding grammar, she particularly focuses on innovative ways to teach it, as well as on narrowing the gap between school grammar and modern linguistics. To address this need, she was involved in a series for Afrikaans teachers, in collaboration with Ina Strydom, on RSG Taaldinge in 2024. Additionally, she has presented workshops on grammar teaching on various other occasions.
Roné Wierenga is 'n doktorale student in beskrywende taalkunde aan die Noordwes-Universiteit en die Universiteit Gent in België. Haar PhD-projek behels 'n vergelykende studie oor sintaktiese en semantiese variasie in variëteite van Afrikaans. Haar navorsing fokus op taalverandering, taalvariasie en kontrastiewe taalkunde. Sy is aktief betrokke by verskeie navorsingsprojekte, insluitende die Projek vir Variasie in Afrikaans (ProVARIA) en die Stand van Afrikaans. Verder dra sy by tot die uitbreiding en instandhouding van die Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Taalkunde (DBAT). Sy is ook werksaam aan Afrikaanse grammatikas, soos VivA se *Algemene Afrikaanse Grammatika* en die Taalportaal-grammatika oor Afrikaans, naas taaltegnologieprojekte vir ander Suid-Afrikaanse tale en instansies.	**Roné Wierenga** is a doctoral student of descriptive linguistics at the North-West University and Ghent University in Belgium. Her PhD project involves a comparative study on syntactic and semantic variation in dialectal varieties of Afrikaans. Her research focuses on language change, language variation and contrastive linguistics. She is actively involved in several research projects, including the Project for Variation in Afrikaans (ProVARIA) and the Stand van Afrikaans. Furthermore, she contributes to the continued development and maintenance of the Digital Bibliography of Afrikaans Linguistics (DBAT). Her research includes work on Afrikaans grammars, such as VivA's *Algemene Afrikaans Grammatika* and *Taalportaal,* and language technology projects for other South African languages.
Adri Breed, 'n NNS-gegradeerde navorser, is 'n medeprofessor in beskrywende Afrikaanse taalkunde aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. Sy spesialiseer in sintaksis en semantiek, met 'n besondere fokus op die konstruksionalisme van Afrikaans en ander Wes-Germaanse konstruksies. Sy voltooi vyf grade aan die NWU, insluitende 'n graad in Bedryfskommunikasie (BBk – 2005), 'n graad in Teologie met Antieke Tale (BTh Tale – 2005), 'n Honneursgraad in Afrikaanse Taalkunde (BA Hons – 2007), 'n Magistergraad in Afrikaans Letterkunde (MA – 2007), en 'n PhD in Afrikaans Taalkunde (2012). Gedurende haar doktorale studie spandeer sy ongeveer tien maande aan die Universiteit van Antwerpen, België. Sy is tans die Adjunkdirekteur van die Skool vir Tale (Potchefstroomkampus) aan die NWU. Adri is een van die outeurs en moderators van Taalportaal (www.taalportaal.org) en het as eindredakteur vir die Afrikaansgrammatika van die Virtuele Instituut vir Afrikaans gedien (2020–2024).	**Adri Breed**, an NRF-rated scholar, is an Associate Professor of Afrikaans Descriptive Linguistics at North-West University's Potchefstroom Campus. She specialises in syntax and semantics, with a particular focus on the constructionalisation of Afrikaans and other West Germanic constructions. She holds five degrees from NWU, including a degree in Business Communication (BBk – 2005), a degree in Theology with Languages (BTh Languages – 2005), an Honours degree in Afrikaans Linguistics (BA Hons – 2007), a Master's degree in Afrikaans Literature (MA – 2007), and a PhD in Afrikaans Linguistics (2012). During her doctoral studies, she spent approximately ten months at the University of Antwerp, Belgium. She is currently the Deputy Director of the School of Languages (Potchefstroom Campus) at NWU. Adri is one of the authors and moderators of Taalportaal (www.taalportaal.org) and served as the editor-in-chief for the Virtual Institute for Afrikaans' Grammar (2020–2024).

Suléne Pilon is 'n beskrywende taalkundige van die Universiteit van Pretoria wat navorsing doen oor veral Afrikaanse sintaktiese konstruksies, wat sy vanuit 'n konstruksiegrammatika-perspektief beskryf. Sy is die moderator van die morfologieafdeling van die Afrikaanse Taalportaal, en van die sintaksisafdeling van die Virtuele Instituut vir Afrikaans se Taalonderrigportaal. Sy het ook al dikwels in die verlede saamgewerk aan navorsing oor en die ontwikkeling van Afrikaanse taaltegnologiehulpbronne en -toepassings, soos 'n Afrikaanse woordsoort-etiketteerder, die SADiLaR-befondsde *Skryfhulp Afrikaans* en CTexT se *Afrikaanse Skryfgoed*. Sy is sedert 2009 'n lid, en sedert 2022 ook die voorsitter, van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se Taalkommissie.

Suléne Pilon is a descriptive linguist at the University of Pretoria, specialising in research on particularly Afrikaans syntactic constructions, which she describes from a construction grammar perspective. She is the moderator of the morphology section of the Afrikaans Language Portal and of the syntax section of the Virtual Institute for Afrikaans' Language Teaching Portal. She has also frequently collaborated on research and the development of Afrikaans language technology resources and applications, such as an Afrikaans part-of-speech tagger, the SADiLaR-funded Skryfhulp Afrikaans, and CTexT's Afrikaans Writing Assistant. She has been a member of the Language Commission of the South African Academy of Science and Art since 2009 and its chairperson since 2022.

ABSTRACT

Afrikaans Home Language over the past 100 years: The subordinate clause as a case study

Categorisation is an inherent characteristic of all approaches to grammar. Although the boundaries of grammatical categories at school level should not be fuzzy, it seems that this is in fact the case. Fuzzy boundaries of grammatical categories are problematic within the context of school instruction, as any pedagogical school grammar, according to Bourke (2005:85) and Thornbury (1999:32), should meet specific criteria. Among such criteria are restrictedness and simplicity, which implies that a pedagogical grammar must clearly indicate what the boundaries of a given grammatical unit are.

Van der Merwe (1966) refers to, for example, the unclear boundaries of subordinate clauses, stating that teachers of Afrikaans separate where separation should not occur, and this confusion seems to persist, as evidenced by a survey conducted on social media in 2024. Since subordinate clauses create sophisticated sentence constructions and enable language users to express their experiences of the world, it was important to determine to what extent subordinate clauses at school level are characterised by fuzziness. To this end, a survey was conducted, beginning with Afrikaanse Spraakkuns *(Bouman & Pienaar, 1924) and extending the survey to the most recent CAPS-aligned textbooks for Grade 12 learners.*

From the conducted survey it is clear that the boundaries of subordinate clauses at school level have indeed been fuzzy over the past 100 years. Fuzzy boundaries arise because subordinate clauses that are introduced by the same word class and should therefore logically be considered the same type of subordinate clause, are assigned to different types of subordinate clauses, based on their function. Although functional criteria are primarily used to distinguish the main types of subordinate clauses, this criterion is often associated with formal, syntactic, or semantic properties. This combination of different criteria for categorisation also indicates the poorly defined nature of subordinate clauses, or their fuzzy boundaries. Furthermore, the boundaries of various subcategories*, particularly adverbial subordinate clauses, are fuzzy, as meaning is most often used as a criterion. This means that the same subordinate clause (e.g.,* Jason het te veel kersies geëet, **[sodat] hy nou maagpyn het***) can be classified in multiple ways, either as an adverbial clause of degree (answering the question* "To what extent?"*) or as an adverbial clause of contingency (answering the question* "What happened then?"*).*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a10

Certain gaps regarding clause categorisation were also noted. For instance, in the sentence Die berig **dat hy dood is**, is onwaar, *the subordinate clause* dat hy dood is, *is regarded as a subject clause, even though the main clause (*Die berig is onwaar*) has a subject (*die berig*). This is in contrast with the guideline that a clause can only be an object/ subject clause if such a part of the main clause is not present. Therefore,* dat hy dood is *should rather be classified as another type of clause. Den Hertog (1904:70) classifies such clauses that fulfil the function of modifiers of nouns, limiting the representation of the noun or providing secondary information about the noun, as adjective clauses.*

We also noted a shift from viewing the modifier as a syntactic function that can be performed by different grammatical elements (including subordinate clauses), to viewing it as a formal-functional grammatical unit that is limited solely to the simple sentence and contrasted with subordinate clauses. For instance, in Den Hertog (1904:67) it is acknowledged that a subordinate clause can have the function of an adverbial when used as a modifier that restricts the action/state of the verb, therefore rendering it an adverbial clause. Likewise a subordinate clause can fulfil the function of a modifier of a noun within a noun phrase, leading to its classification as an adjective clause (compare Den Hertog, 1904:67). Modifiers have since been understood as a group of words without a predicate that is used for modification and is contrasted with subordinate clauses (compare Vermaak et al*., 2013).*

KEYWORDS: adjective clause; adverbial clause; Afrikaans Home Language; categorisation; fuzziness; object clause; school textbooks; subordinate clause; subject clause; subject complement clause; survey

TREFWOORDE: Afrikaans Huistaal; bestekopname; byvoeglike bysin; bywoordelike bysin; bysin; gesegdesin; kategorisering; onderwerpsin; skoolhandboeke; voorwerpsin; wollerige grense

OPSOMMING

Die grense van grammatikale kategorieë wat op skoolvlak gebruik word, soos bysinne, behoort nie wollerig te wees nie. Tog wys Van der Merwe (1966) op die onduidelike grense van bysinkategorieë en op die feit dat Afrikaansonderwysers "skei waar nie geskei behoort te word nie". Dit wil voorkom of hierdie verwarring steeds bestaan, soos blyk uit 'n meningsopname in 2024 op sosiale media. Omdat bysinne gesofistikeerde sinskonstruksies skep en taalgebruikers bemagtig om hul ervarings van die wêreld uit te druk, wou ons vasstel tot watter mate die bysinkategorieë wat in skoolhandboeke van die afgelope 100 jaar onderskei word, deur wollerigheid gekenmerk word. Hiervoor is 'n bestekopname gedoen, beginnende by *Afrikaanse Spraakkuns* (Bouman & Pienaar, 1924) tot by die resentste KABV-belynde handboeke vir graad 12. Daar is bevind dat die grense van die bysinkategorieë wat in hierdie bronne onderskei word, inderdaad "wollerig" is. Wollerige grense ontstaan, omdat: (i) bysinne wat dieselfde inleier het en logieserwys as dieselfde soort bysin beskou behoort te word, op grond van hul funksie as verskillende soorte bysinne gekategoriseer word; (ii) die kombinasie van verskillende kriteria vir kategorisering gebruik word; en (iii) die grense van verskillende *subkategorieë* van veral die bywoordelike bysin wollerig is, omdat betekenis as kategoriseringskriterium gebruik word en dieselfde bysin gevolglik as meer as een soort gekategoriseer kan word. Meerduidige kategorisering en 'n skeiding tussen bepalings en bysinne (wat as bepalings gebruik word) is ook aan die orde van die dag.

1. Inleiding

Kategorisering is ’n eienskap wat onlosmaaklik deel van alle benaderings tot die grammatika is (Aarts *et al*., 2004:1). Op skoolvlak kan grammatikale kategorieë se grense nie wollerig[1] wees nie (Aarts, 2024), aangesien skoolgrammatikas die beginsel van beperkendheid en eenvoudigheid moet handhaaf (Bourke, 2005:85; Thornbury, 1999:32). Hierdie beginsels sluit aan by die Suid-Afrikaanse skoolonderrigleerplan, oftewel die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV), waar daar spesifiek verwys word na die konsolidering van korrekte en foutiewe antwoorde (Petersen, 2014:69). Onduidelike kategoriegrense wat tot meerdere korrekte analises lei, is dus teenstrydig met hierdie foutiewe-korrekte-benadering tot onderrig en assessering.

Een van die redes waarom die grense van grammatikale kategorieë op skoolvlak júis vaag is, is omdat die betekenis van grammatikale eenhede as die primêre maatstaf vir die klassifisering en kategorisering daarvan gebruik word. Byvoorbeeld, in die Afrikaans Huistaalhersieningsgids van die Departement van Basiese Onderwys (Departement van Basiese Onderwys [DBO], 2020:27) word aangetoon dat die bywoord *vinnig*, soos in voorbeeldsin 1, die vraag “*Hoe*?” beantwoord en dat dit daarom ’n bywoord van wyse of manier is. Vervolgens word in dieselfde dokument aangedui dat *tuis*, soos in 2, die vraag *“Waar?”* beantwoord en daarom ’n bywoord van plek is. Na analogie hiervan word geredeneer dat *in die straat*, soos in 3, ook die vraag “*Waar*?”, beantwoord en daarom ook ’n bywoord van plek is. Die frase *in die straat* bestaan egter uit drie afsonderlike woorde met drie verskillende woordsoorte, naamlik setsel, lidwoord en naamwoord. Dit moet verder op sintaktiese vlak eerder as setselstuk (wat funksioneer as bywoordelike bepaling) gekategoriseer word. Dit is derhalwe kortsigtig en foutief om hierdie frase, op grond van die betekenis daarvan, te kategoriseer asof dit ’n enkele woord is. Die gebruik van betekenis as kategoriseringsmaatstaf lei nie net tot vae kategoriegrense nie, maar dit bring ook mee dat verskillende vlakke van ontleding – in hierdie geval morfosintaktiese/woordsoortelike en sintaktiese kategorisering – verkeerdelik met mekaar oorvleuel.

*1 Die seun hardloop **vinnig**.*[2]
*2 Ons het **tuis** geëet.*
*3 Die seun hardloop **in die straat**.*

In Esterhuyse *et al.* (1990:431) word gewys op die feit dat bywoorde in “’n grys gebied [lê], en [dat] dit ... moeilik [is] om presies te sê watter ‘soort’ hulle is” – spesifiek verwysend na die manier waarop bywoorde in skoolmateriaal gesubkategoriseer word. Hierdie meerduidigheid blyk ook uit talle taalnavrae wat by VivA se taaladviesdiens[3] ingedien word. ’n Graad 4-Afrikaansonderwyser het byvoorbeeld navraag gedoen oor die subkategorisering van die

1 In die Engelse taalkunde is die term “fuzziness” ’n standaardterm wat gebruik word om te verwys na ’n grammatikale eenheid “which has no clearly defined boundary” en wat gevolglik “fuzzy boundaries” het (Richards & Schmidt, 2013).

2 Elke voorbeeldsin kom uit die tersaaklike bron wat genoem word. Byvoorbeeld, die skoolbron Afrikaans Huistaal-hersieningsgids van die Departement van Basiese Onderwys (DBO, 2020:27) is hier die fokus, en daarom word geen bronverwysing by die betrokke voorbeeldsin ingevoeg nie. Slegs wanneer ’n voorbeeldsin nie uit die tersaaklike skoolbron kom nie, kry die voorbeeld ’n bronverwysing.

3 Nadine Fouché-Karsten vorm deel van VivA se taaladviesspan wat intydse terugvoer op taalnavrae voorsien.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a10

bywoord *aanhoudend* in 4, aangesien dit as ’n bywoord van tyd of van wyse beskou kan word. Hierdie meerduidigheid spruit uit die subjektiewe wyse waarop *aanhoudend* gekonseptualiseer word, aangesien dit kan dui op tydsduur (‘aaneen’), of op wyse (‘herhalend’).

4 In die verte kras ’n seemeeu ***aanhoudend****.*

In ’n ander taalnavraag wou ’n onderwyser vasstel of die woord *vraag* ’n soortnaamwoord (oftewel soortnaam) of ’n abstrakte naamwoord (oftewel abstrakte selfstandige naamwoord) is. In skoolmateriaal word onder meer aangedui dat soortnaamwoorde ’n naam vir alledaagse dinge gee (Biesenbach *et al*., 2012) en gewoonlik ’n meervoudsvorm en verkleiningsvorm kry, asook geslag kan aandui (Viljoen *et al*., 2013). Daarteenoor word aangedui dat ’n abstrakte naamwoord ’n naam vir iets gee wat nie aangeraak kan word nie (Lawrence *et al*., 2014:371) en dat dit vormlik tipies op *-heid*, *-ing*, *-skap* of *-isme* eindig (Banda *et al*., 2014:238). Die feit dat betekenis as kategoriseringskriterium betrek word, lei hier weer eens tot meerduidigheid, aangesien die naamwoord *vraag* ’n meervoudsvorm kan neem (soos ander soortnaamwoorde), maar ook ’n saak wat nie aangeraak kan word nie, benoem (soos ander abstrakte naamwoorde). Verskeie naamwoorde kan weens hierdie vae grense nie op eenduidige wyse gekategoriseer word nie – ’n feit waarop Van Schoor (1983:235) reeds vier dekades gelede gewys het.

Net soos by woordsoorte, bestaan daar ook in die kategorisering van sintaktiese funksies op skoolvlak tans wollerige grense. In ’n taalnavraag wou ’n onderwyser byvoorbeeld weet of *’n bankie* in 5 ’n direkte objek (oftewel direkte voorwerp) is, omdat die gebruik van *bruin* in die betrokke handboek as ’n byvoeglike bepaling aangedui is. In die skoolbron word verder aangedui dat byvoeglike bepalings slegs die subjek (oftewel onderwerp) en die objek (oftewel voorwerp) van ’n sin kan beskryf. Die onderwyser kon duidelik sien dat *’n bankie* nie die subjek van die sin is nie, en daarom moet dit die direkte objek wees, aangesien dit deur ’n byvoeglike bepaling beskryf word. ’n Vakadviseur wat gekontak is, het egter daarop gewys dat die hele sinsdeel *op die bruin bankie* ’n bywoordelike bepaling is, omdat dit die werkwoordgedeelte ten opsigte van plek spesifiseer. Die wyse waarop die grense van byvoeglike bepalings in skoolmateriaal afgebaken word, bring gevolglik verwarring mee.

5 Die man sit op ***’n*** *bruin* ***bankie****.*

In die genoemde voorbeelde is eksemplaries verwys na die probleme wat deur vae kategoriegrense by woordsoorte en sintaktiese funksies meegebring word. Omdat die huidige skoolkurrikulumdokument, soos reeds vroeër aangedui, deur ’n foutiewe-korrekte-benadering tot assessering en onderrig gekenmerk word, veroorsaak vae kategoriegrense onregverdigheid omdat meerdere korrekte analises nie noodwendig in die nasienriglyne van eksamenvraestelle ingesluit word nie. Vae kategoriegrense het ook tot gevolg dat onderwysers dieselfde grammatikale eenhede verskillend kategoriseer, en dat die onderrig van grammatikale eenhede derhalwe nie noodwendig konsekwent plaasvind nie.

Reeds in 1966 wys Van der Merwe daarop dat Afrikaansonderwysers “skei waar nie geskei behoort te word nie” deur te verwys na voorbeeldsinne 6 tot 8 wat deur onderwysers as verskillende soorte bysinne gekategoriseer word, hoewel ’n mens “nie ’n verskil kan verduidelik wat nie bestaan nie” (Van der Merwe, 1966:71). Onduidelike grense met betrekking tot die kategorisering van sinstrukture, in die besonder bysinne, het dus in 1966 al ’n probleem vir onderwysers geskep.

6 Die nuus ***dat hy kom****, wek belangstelling.*
7 Die nuus ***wat hy vertel****, wek belangstelling.*
8 Die nuus ***wanneer hy kom****, wek belangstelling.*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a10

Byna ses dekades later is daar steeds nie konsensus onder Afrikaansonderwysers oor die subkategorisering van bysinne is nie, soos blyk uit ’n meningsopname[4] wat in 2024 op VivA se Taalonderwysersforum[5] uitgevoer is. Die vet gedrukte bysin in die sin *Dit is eienaardig **dat die enjin nie wil vat nie*** is byvoorbeeld nie op dieselfde wyse deur alle deelnemers gekategoriseer nie (vergelyk figuur 1). Sommige onderwysers het dit, waarskynlik weens die feit dat dit as die subjek van die sin in die plek van die voornaamwoord *dit* gebruik kan word, as ’n onderwerpsin gekategoriseer. Ander het dit as ’n bywoordelike bysin gekategoriseer, moontlik omdat dit vormlik deur ’n voegwoord (naamlik *dat*) ingelei word en voegwoorde op skoolvlak as tipiese inleiers van bywoordelike bysinne beskou word (vergelyk Viljoen *et al*., 2013). Geen verklaring kan aangebied word vir die feit dat sommige onderwysers dit as ’n byvoeglike bysin gekategoriseer het nie.

Bysinne is onses insiens een van die belangrikste grammatikale eenhede wat op skoolvlak duidelik onderrig behoort te word, aangesien bysinne gesofistikeerde sinskonstruksies wat ’n teks struktureel verryk, skep (Horton & Bingle, 2014). Dit help taalgebruikers om hul ervarings van die wêreld uit te druk, soos uit die onderstaande voorbeelde van die beskrywing van omstandighede (kyk voorbeeldsin 9) en deelnemers (kyk 10) blyk (Humphrey *et al*., 2012).



Figuur 1: *Die klassifisering van* dat die enjin nie wil vat nie

[4] Slegs die hoofadministrateur van Taalonderwysersforum, Nadine Fouché-Karsten, het toegang tot die resultate van hierdie meningsopname. Die deelnemers van Taalonderwysersforum is van ’n Google Form-skakel voorsien om die meningsopname te voltooi.

[5] Taalonderwysersforum is die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) se Facebookblad wat spesifiek vir dosente van Onderwysafrikaans, voornemende Afrikaansonderwysers en praktiserende Afrikaansonderwysers (insluitende tuisonderwysers) geskep is. Dit is ’n platform waar wenke rakende woordsoorte, klankleer, sintaksis, morfologie en semantiek gedeel word, omstrede kwessies ten opsigte van grammatika bespreek word, meningsopnames gehou en skakels na splinternuwe hulpmiddels en blogs aangekondig word wat op Taalonderrigportaal, een van die afdelings van Onderwys op VivA se webblad, beskikbaar gestel word.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a10

Daarom fokus ons[6] in hierdie artikel spesifiek op die wyse waarop bysinne op skoolvlak onderrig word, veral in hoër grade.

9 Die planeet is in die moeilikheid, ***omdat ons te veel energie gebruik****.*
10 Ek hou daarvan ***om in die see te swem****.*

2. Bysinbeskrywings in skoolgrammatikas die afgelope eeu

Om te bepaal tot watter mate bysinonderrig deur vae kategoriegrense gekenmerk word, is 'n bestekopname gedoen, beginnende by *Afrikaanse Spraakkuns* (Bouman & Pienaar, 1924; vergelyk §2.1) tot by die resentste KABV-belynde handboeke vir graad 12 (vergelyk §2.6). Hierdie ontleding identifiseer verder ook moontlike leemtes in bysinonderrig.

Vir hierdie bestekopname is bronne geselekteer wat (i) beskikbaar was; (ii) maklik toeganklik was, aangesien sommige van die ouer skoolbronne in spesiale versamelings gehuisves word, en (iii) verteenwoordigend van verskillende tydperke is. Waar moontlik is skoolhandboeke van graad 11 (oftewel standerd 9) en graad 12 (oftewel standerd 10) gebruik. Wanneer hierdie handboeke nie beskikbaar was nie, is laer grade se handboeke gebruik. Die *Afrikaanse Spraakkuns*, wat nie 'n skoolbron is nie, is by die bespreking betrek om vergelykings te tref tussen dié algemene grammatika en skoolbronne wat gedurende dieselfde tyd verskyn het. Weens beskikbaarheid en toeganklikheid as insluitingskriteria, kan bronne nie rigied afgebaken word nie. Die volgende Afrikaansspesifieke bronne[7] is tydens die literatuuronder-soek betrek:

- *Afrikaanse Spraakkuns* (Bouman & Pienaar, 1924; 1925; 1933; 1946)
- *Maskew Miller se Taal en Styl vir Standerds VII en VIII* (Hoogenhout & Botha, 1925)
- *Praktiese Afrikaanse Grammatika met Oefeninge* (Botha & Burger, 1938)
- *Oefening en Taalwerk by die Nuwe Praktiese Grammatika, Stylkursus en Klankleer Deel 1 vir Std. VII en VIII (Vorm II en III)* (Booysen & Marais, 1942)
- *Afrikaans as Eerste Taal vir Stds. VII en VIII, Vorms II en III* (Van der Merwe & Kempen, 1955)
- *Moderne Afrikaanse Taalstudie – Deel 1: Afrikaans as Eerste Taal Eerste Jaar – Standerd VI* (Uys & De Villiers, 1955)
- *Ons Moedertaal vir Standerds IX en X: 'n Volledige Kursus vir Afrikaans as Eerste Taal* (Van der Merwe *et al.*, 1970)
- *Taalstudie vir die middelbare skool 6 (*Van Aardt *et al.*, 1974a)
- *Taalstudie vir die middelbare skool 7* (Van Aardt *et al.*, 1974b)
- *Taalstudie vir die middelbare skool 8* (Van Aardt *et al.*, 1974c)
- *Taalstudie vir die middelbare skool 9* (Van Aardt *et al.*, 1974d)
- *Afrikaans vir Vandag Eerste Taal 8* (Anker *et al*., 1986)
- *Ruimland 9 & 10* (Esterhuyse *et al*., 1990)
- *Raamwerk 8* (Esterhuyse *et al*., 2000)
- *Viva Afrikaans Huistaal Graad 12* (Scholtz & Vorster, 2013)
- *Platinum Afrikaans Huistaal Graad 12 Leerderboek* (Vermaak *et al.*, 2013)
- *Mind the Gap Afrikaans Huistaal Graad 12 Hersieningsgids* (DBO, 2022)

6 Die outeurs van hierdie artikel is almal by die skryf van VivA se Afrikaanse Skoolgrammatika (ASG) en/of Algemene Afrikaanse Grammatika (AAG) betrokke.

7 Omdat geen skoolhandboeke wat uit die 1960's dateer, bekom kon word nie, word die bronne van die 1950's en 1970's saam bespreek in die afdeling "Bronne tussen 1950 en 1970".

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a10

2.1 Bysinskategorisering in die 1920's

Volgens Ponelis (1972:209) is vroeë Afrikaanse skoolgrammatikas oorspronklik op Den Hertog se Nederlandse grammatika (Den Hertog, 1903a; 1903b; 1904[8]) gebaseer. Rondom 1925, toe Afrikaans ampteliketaalstatus verkry het, het *Maskew Miller se Taal en Styl vir Standerds VII en VIII* verskyn (Hoogenhout & Botha, 1925). Hierdie werk, in ooreenstemming met Den Hertog (1904), definieer saamgestelde sinne as sinne met twee of meer hoofwerkwoorde wat saam 'n geheel vorm (Hoogenhout & Botha, 1925:12). Dit beskryf ook hoe die dele van 'n saamgestelde sin gelyke waarde kan hê en in 'n neweskikkende (byvoorbeeld in 11) of onderskikkende (soos *dat hy deur die drankduiwel gevang is* wat die indirekte objek van *hy voel* in 12 is) verhouding tot mekaar kan staan (Hoogenhout & Botha, 1925:12).

11 *Hy haat die drank en smag tog daarna.* [Neweskikkende verband]
12 *Hy voel dat hy deur die drankduiwel gevang is.* [Onderskikkende verband]

Ook die algemene Afrikaansgrammatikas wat gedurende hierdie tyd verskyn het, soos die *Afrikaanse Spraakkuns* (Bouman & Pienaar, 1924:203; 1925:203), onderskei tussen sinne met neweskikkende sinsverband en onderskikkende sinsverband. Anders as in die skoolbron, dui Bouman & Pienaar (1924:203; 1925:203) aan dat die sinne wat in 'n onderskikkende verband teenoor mekaar staan, soos die organe van een liggaam is en daarom nie sonder mekaar kan voorkom nie. Die hoofsin in 12 sal daarom sintakties onvolledig wees sonder die bysin, aangesien die weglating van die bysin sou veroorsaak dat die objek in die hoofsin ontbreek. Aan die ander kant, is 'n hoofsin waarvan die predikaat uitgebrei word met 'n bysin wat as bywoordelike bepaling funksioneer (byvoorbeeld 13 hier onder), nie noodwendig sintakties onvolledig sonder die bysin nie. In laasgenoemde geval verskaf die bysin slegs addisionele inligting wat nie grammatikaal vereis word nie (vergelyk Van Rooy, 2017:286), en daarom het die weglating daarvan geen effek op die volledigheid van die hoofsin nie. Volgens Biber *et al*. (1999:193) en Huddleston en Pullum (2005) is die bysin van die hoofsin "afhanklik", omdat dit nie onafhanklik kan voorkom nie, maar deel van 'n ander struktuur vorm.

13 *Die telefoon lui,* ***terwyl hy nog sy koffie drink***. (Van Rooy, 2017:290)

Bysinne in *Maskew Miller se Taal en Styl vir Standerds VII en VIII* (Hoogenhout & Botha, 1925) word met woordsoorte in verband gebring, aangesien dié skoolbron aandui dat naamwoorde, adjektiewe (oftewel byvoeglike naamwoorde) en bywoorde tot bysinne "omskep" of "uitgebrei" kan word. Byvoorbeeld, die naamwoord *wens* in 14 word uitgebrei tot die bysin *wat hy gewens het* in 15, en die resulterende bysin word dan 'n afhanklike selfstandige bysin genoem. Die adjektief *flukse* in 16 word uitgebrei tot die bysin *wat fluks is* in 17, en hierdie bysin word 'n afhanklike byvoeglike bysin genoem. Die bywoord *stukkend* in 18 kan tot die bysin *dat die stukke so spat* in 19 uitgebrei word, en hierdie bysin word 'n bywoordelike bysin genoem. Die skoolbron noem hierdie bysinne, maar verskaf min verdere besonderhede oor hierdie tipes bysinne. Dit stel dat "verskillende soorte bysinne in byna elke grammatika te vinde is" en brei dan nie verder oor hierdie verskillende tipes uit nie (Hoogenhout & Botha, 1925:14).

[8] Elkeen van die jaartalle dui op drie verskillende "dele" van die *Nederlandse Spraakkunst* wat verskyn het. Die deel oor die enkelvoudige sin het in 1903 verskyn, asook die deel oor woordsoorte. Die deel oor die saamgestelde sin het in 1904 verskyn.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a10

14 *Sy **wens** is nie vervul geword nie.*
15 ***Wat hy gewens het**, is nie vervul geword nie.* [Afhanklike selfstandige bysin]

16 *Die **flukse** meisie word beloon.*
17 *Die meisie **wat fluks is**, word beloon.* [Afhanklike byvoeglike bysin]

18 *Hy gooi die bottel **stukkend**.*
19 *Hy gooi die bottel **dat die stukke so spat**.* [Bywoordelike bysin]

Daar word wel in *Maskew Miller se Taal en Styl vir Standerds VII en VIII* (1925) beperkings gestel op die gebruik van bysinne. Die bron wys daarop dat die gebruik van die bysin in voorbeeldsin 17 verkeerd sal wees, tensy dit spesifiek gebruik word om iets te benadruk – in hierdie geval die feit dat die meisie fluks is (Hoogenhout & Botha, 1925:14). Aan die ander kant is Hoogenhout en Botha (1925:14) van mening dat ’n mens nie onnodig ’n afhanklike bysin tot ’n bywoordelike of byvoeglike bepaling moet dwing nie, aangesien bysinne (byvoorbeeld 20 hier onder), volgens dié bron, soms beter as byvoeglike bepalings (byvoorbeeld 21) klink.

20 *Dit is my vyand wat my ongelukkig gemaak het.*
21 *Dit is my ongelukkig makende vyand.*

In die *Afrikaanse Spraakkuns* (Bouman & Pienaar, 1924:203; 1925:203), daarenteen, word sintaktiese funksie, woordsoortelike funksie en vorm (of ’n kombinasie van funksie, woordsoort en vorm) as bysinsubkategoriseringsmaatstaf gebruik. Daar word vervolgens tussen die volgende bysinsoorte onderskei:

- **voorwerpsinne** wat as die objek van ’n hoofsin gebruik word, byvoorbeeld *dat hy dronk is* in 22 (Bouman & Pienaar, 1924:207; 1925:207);
- **afhanklike vraagsinne** wat as die objek van ’n hoofsin gebruik word, byvoorbeeld *wie dit gedoen het* in 23 (Bouman & Pienaar, 1924:208; 1925:208);
- **betreklike bysinne** (ook **relatiewe sinne**) wat betrekking het op die inhoud van ’n ander sin, byvoorbeeld *wat daar loop* in 24 (Bouman & Pienaar, 1924:208; 1925:208);
- **substantiefsinne** wat op dieselfde plek as ’n naamwoord staan en as ’n subjek of objek gebruik word, byvoorbeeld *dat hulle gereed is om jou te vertrou sonder om jou te ken* en *dat hulle niks het om te verloor nie* in 25 (Bouman & Pienaar, 1924:210; 1925:210); en
- **beknopte sinne** wat vormlik onderskei word op grond van die weglating van ’n werkwoord, byvoorbeeld *nie dat ek hom heeltemal veroordeel nie* in 26 (Bouman & Pienaar, 1924:219; 1925:219).

22 *Ek sien **dat hy dronk is**.*
23 *Ek sal jou sê **wie dit gedoen het**.*
24 *Die man **wat daar loop** is lid van die volksraad.*
25 ***Dat hulle gereed is om jou te vertrou sonder om jou te ken** is ’n bewys **dat hulle niks het om te verloor nie**.*
26 ***Nie dat ek hom heeltemal veroordeel nie**, maar hy is ’n skurk.*

Terwyl tipes bysinne in die algemene grammatika dus op grond van sintaktiese funksie, woordsoortelike funksie en/of vorm onderskei word, word daar, soos hier bo bespreek, slegs op grond van woordsoortelike funksie in die skoolgrammatika onderskei. Dit lei tot twee

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a10

uiteenlopend verskillende subkategoriseringsisteme vir bysinne – daar is dus al in die 1920's nie 'n goeie ooreenstemming tussen die beskrywing in die algemene grammatika en die skoolgrammatika nie.

2.2 Bysinskategorisering in die 1930's

In 1933 verskyn 'n nuwe uitgawe van die *Afrikaanse Spraakkuns* (Bouman & Pienaar, 1933). Weer word 'n onderskeid getref tussen saamgestelde sinne bestaande uit twee of meer volledige sinne, soos in 27, en enkelvoudige sinne waarin een van die dele afhanklik is, soos in 28 (Bouman & Pienaar, 1933:170).

27 *Die vrou gaan uit en die man bly tuis.*
[Sinne met neweskikkende sinsverband]
28 *Wie nie wil hoor nie, moet voel.*
[Sinne met onderskikkende sinsverband]

In teenstelling met vorige uitgawes, word 'n gesistematiseerde aanbieding van bysinne in die *Afrikaanse Spraakkuns* van 1933 gegee, en die verband tussen verskillende soorte bysinne word duidelik aangedui. Drie hooftipes bysinne word onderskei (Bouman & Pienaar, 1933:174-177), naamlik:

- **substantiefsinne**, met subtipes (i) onderwerpsin (wat die plek inneem van die subjek; kyk 29), (ii) voorwerpsin (wat as objek gebruik word; kyk 30) en (iii) gesegdesin (wat as naamwoordelike deel van die gesegde/kopulapredikaat/kopulakomplement funksioneer; kyk 31);
- **betreklike bysinne** / **relatiewe sinne** / **byvoeglike bysinne** wat ingelei word deur 'n betreklike voornaamwoord en as bepaler van 'n antesedent (wat altyd 'n naamwoord is) funksioneer (kyk 32); en
- **bywoordelike bysinne** / **adverbiale sinne** wat as bywoordelike bepaling gebruik word (kyk 33).

29 ***Dat daar soveel verkeersongelukke voorkom****, is te betreur.*
30 *Ons weet* ***dat die aarde rond is****.*
31 *My broer het geword* ***wat hy altoos begeer het****.*
32 *Die man* ***wat daar loop****, is my oom.*
33 ***Toe hy dit sê****, lag al die mense.*

Vyf jaar later verskyn *Praktiese Afrikaanse Grammatika met Oefeninge* (Botha & Burger, 1938) wat, soos blyk uit die voorwoord, spesifiek vir skoolgebruik saamgestel is. Anders as in die bronne wat tot dusver bespreek is, word hierin 'n onderskeid tussen saamgestelde sinne en veelvoudige sinne getref. Waar saamgestelde sinne bestaan uit 'n hoofsin en meer as een bysin (kyk 34), bestaan 'n veelvoudige sin uit twee of meer hoofsinne en bysinne (kyk 35).

34 ***Toe ek die donderwolke sien opsteek****, het ek geweet* ***dat dit gaan reën****.*
[Saamgestelde sin; een hoofsin en meer as een bysin aangedui in vetdruk]
35 *Ek was eerlik en het hom gesê* ***dat ek die feite uit die ensiklopedie gehaal het****.*
[Veelvoudige sin; meer as een hoofsin en 'n bysin aangedui in vetdruk]

Dieselfde tipes bysinne as in die 1933-*Afrikaanse Spraakkuns* word in *Praktiese Afrikaanse Grammatika met Oefeninge* onderskei, naamlik (i) selfstandige bysinne (met subtipes

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a10

onderwerpsinne, voorwerpsinne en gesegdesinne), (ii) byvoeglike bysinne en (iii) bywoordelike bysinne. In teenstelling met die *Afrikaanse Spraakkuns,* word twee subsoorte voorwerpsinne in die skoolbron onderskei, naamlik lydende voorwerpsinne (kyk 36) en meewerkende voorwerpsinne (sien 37).

36 *Die bakker wil weet* ***of u brood nodig het****.*
[Lydende voorwerpsin]

37 ***Wie die meeste punte behaal****, sal ek 'n prys gee.*
[Meewerkende voorwerpsin]

'n Ooreenkoms wat hierdie skoolbron met die *Afrikaanse Spraakkuns* van 1924, 1925 en 1933 toon, is die siening dat aanhalings as bysinne gereken word. Vergelyk in hierdie verband die vetgedrukte aanhaling in voorbeeld 38 uit *Praktiese Afrikaanse Grammatika met Oefeninge* (Botha & Burger, 1938:166).

38 ***"Hou jou woord,"*** *was altyd sy leuse.*

Oor aanhalings word in die *Afrikaanse Spraakkuns* van 1924, 1925 en 1933 aangedui dat hierdie tipe sinne slegs oënskynlik 'n selfstandige sin is, omdat die gebruik van die aanhalingstekens in wese aandui dat hierdie sin afhanklik van die verdere mededeling is (Bouman & Pienaar, 1924:206; 1925:205; 1933:173; vergelyk ook Den Hertog, 1904:40 wat verwys na bysinne wat dieselfde vorm as hoofsinne kan hê). Sulke sinne word daarom in die genoemde bronne as 'n oorgang tussen die neweskikkende en die onderskikkende sinsverband beskou. Die afhanklikheid van 'n bysin word daarom nie bloot net "uiterlik" deur 'n "grammatiese middel" gemerk nie (Bouman & Pienaar, 1925:205).

2.3 Bysinskategorisering in die 1940's

Die bronne uit hierdie tydperk sluit in *Afrikaanse Spraakkuns* (Bouman & Pienaar, 1946) en *Oefening en Taalwerk by die Nuwe Praktiese Grammatika, Stylkursus en Klankleer Deel 1 vir Std. VII en VIII (Vorm II en III)* (Booysen & Marais, 1942). Eersgenoemde gee verbatim dieselfde inligting as vorige uitgawes, terwyl die laasgenoemde bron nie enige teorie oor bysinne bevat nie en slegs oefeninge voorstel.

2.4 Bysinskategorisering: bronne tussen 1950 en 1970

In *Afrikaans as Eerste Taal vir Stds. VII en VIII Vorms II en III* (Van der Merwe & Kempen, 1955) word die bysin nie, soos in vorige bronne, beskryf as 'n taaleenheid wat 'n sinsdeel van 'n hoofsin is nie, maar as 'n bepaling wat 'n gesegde bevat en na die hoofsin verwys, of 'n sinsdeel in die hoofsin aanvul (Van der Merwe & Kempen, 1955:216-217). Net soos *Praktiese Afrikaanse Grammatika met Oefeninge* (Botha & Burger, 1938) word twee afsonderlike terme gebruik om die struktuur van 'n sin wat nie enkelvoudig is nie, te beskryf, naamlik "veelvoudige sin" (bestaande uit twee onafhanklike sinne met/sonder bysinne) en "saamgestelde sin" (bestaande uit twee sinne wat elk sy eie hoofwerkwoord het, maar waarvan een sin ondergeskik is).

Vyf verskillende soorte bysinne word onderskei, naamlik:

- die **byvoeglike bysin** wat 'n selfstandige werkwoord het en dieselfde funksie as 'n adjektief verrig;

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a10

- die **bywoordelike bysin** wat ’n selfstandige werkwoord het en dieselfde funksie as bywoorde en bywoordelike woordgroepe verrig;
- die **onderwerpsin** wat ’n selfstandige werkwoord het en as ’n subjek gebruik word;
- die **voorwerpsin** wat ’n selfstandige werkwoord het en as ’n objek gebruik word; en
- die **gesegdesin** wat ’n selfstandige werkwoord het en as aanvulling van die koppelwerkwoord dien.

In teenstelling met sy voorgangers groepeer *Afrikaans as Eerste Taal vir Stds. VII en VIII Vorms II en III* (Van der Merwe & Kempen, 1955) die gesegdesin, voorwerpsin en onderwerpsin nié saam onder ’n sambreelterm, soos “selfstandige bysin” of “substantiefsin”, nie.

Uit die voorbeelde van gesegdesinne wat in *Afrikaans as Eerste Taal vir Stds. VII en VIII Vorms II en III* gebied word, blyk dit dat gesegdesinne, in teenstelling met onder andere Den Hertog (1904) se grammatika, nie uitsluitlik deur betreklike voornaamwoorde ingelei hoef te word nie. In 39 word die gesegdesin deur die betreklike voornaamwoord *wat* ingelei, terwyl die gesegdesin in 40 die onderskikkende voegwoord *dat* as inleier het.

39 *Piet is* ***wat hy graag wil wees****.*
40 *Dit blyk* ***dat hy onverskillig gery het****.*

Verder word daar onderskei tussen agt subsoorte bywoordelike bysinne, naamlik bywoordelike bysinne van plek of rigting, tyd, manier of wyse, graad, doel, oorsaak of rede, gevolg, voorwaarde en toegewing (Van der Merwe & Kempen, 1955:220-221). Dit is veel minder as die vyf subsoorte en twaalf subsubsoorte bywoordelike bysinne wat in Den Hertog (1904) voorkom, asook die subsoorte bywoordelike bysinne wat in *Afrikaanse Spraakkuns 1933* (Bouman & Pienaar, 1933:181-185) aangetref word. Elkeen van die subsoorte bywoordelike bysinne in *Afrikaans as Eerste Taal vir Stds. VII en VIII Vorms II en III* word hier onder met voorbeelde toegelig.

41 *Hy loop* ***net waar hy wil****.* [Plek]
42 *Die een span werk* ***terwyl die ander rus****.* [Tyd]
43 *Hy loop* ***asof die duiwel agter hom is****.* [Manier of wyse]
44 *Hardloop maar net so vinnig* ***as wat jy kan****.* [Graad]
45 *Lewe versigtig in tye van oorvloed,* ***sodat jy nog genoeg kan hê in tye van teenspoed****.* [Doel]
46 *Hy werk* ***omdat hy lus het****.* [Oorsaak of rede]
47 *Daar was te veel mense,* ***sodat ons moes omdraai****.* [Gevolg]
48 *Ek sal jou vandag help,* ***as jy my more weer help****.* [Voorwaarde]
49 *Hy het gekom,* ***alhoewel hy siek was****.* [Toegewing]

In dieselfde jaar verskyn die skoolbron *Moderne Afrikaanse Taalstudie – Deel 1: Afrikaans as Eerste Taal Eerste Jaar – Standerd VI* (Uys & De Villiers, 1955). In teenstelling met *Afrikaans as Eerste Taal vir Stds. VII en VIII Vorms II en III* (Van der Merwe & Kempen, 1955) wat aandui dat saamgestelde en veelvoudige sinne uit bysinne kan bestaan, word bysinne hier slegs in verband met saamgestelde sinne gebring. Verskillende eienskappe, wat in *Afrikaans as Eerste Taal vir Stds. VII en VIII Vorms II en III* ontbreek, word ook aan bysinne toegeken, naamlik dat (i) ’n bysin ’n subjek en ’n gesegde het, (ii) die woordvolgorde van bysinne van dié van enkelvoudige sinne verskil, (iii) bysinne deel vorm van ’n ander sin en daarom dieselfde funksie as “enkele woorde” (byvoorbeeld *nuuskierig*) of “uitbreidings” (byvoorbeeld *uit nuuskierigheid*) verrig, en (iv) bysinne altyd met voegwoorde begin (Uys & De Villiers, 1955:123-124).

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a10

Dieselfde vyf bysintipes as in *Afrikaans as Eerste Taal vir Stds. VII en VIII Vorms II en III,* word ook in *Moderne Afrikaanse Taalstudie – Deel 1: Afrikaans as Eerste Taal Eerste Jaar – Standerd VI* onderskei. Een opsig waarin *Moderne Afrikaanse Taalstudie* van eersgenoemde bron verskil, is dat onderwerpsinne, voorwerpsinne en gesegdesinne daarin saam gegroepeer word en as "naamwoordelike bysinne" benoem word. Hierdie bysinne word op dieselfde wyse in die 1933-*Afrikaanse Spraakkuns* (Bouman & Pienaar, 1933) en in *Praktiese Afrikaanse Grammatika met Oefeninge* (Botha & Burger, 1938) saam gegroepeer. Daar word ook in *Moderne Afrikaanse Taalstudie* net melding gemaak van bywoordelike bysinne van tyd, rede, toegewing en voorwaarde "en andere", sonder om 'n volledige lys van die ander soorte bywoordelike bysinne te gee.

In *Ons Moedertaal vir Standerds IX en X* (Van der Merwe *et al*., 1970:186) word bywoordelike en byvoeglike frases "of sinsnedes (gewoonlik vaagweg bepalings genoem)" van bysinne onderskei. Die bywoordelike bepaling word beskou as "[e]nige groep woorde (sonder 'n selfstandige [werkwoord]) wat by die gesegde die standpunt, houding, oordeel, ens., van die spreker of skrywer aangee", terwyl die byvoeglike bepaling beskryf word as "[e]nige groep woorde (sonder 'n selfstandige [werkwoord]) wat die houding, oordeel of standpunt, ens. van die spreker of skrywer t.o.v. die onderwerp en/of die voorwerp gee" (Van der Merwe *et al*., 1970:186). Daarby word aangedui dat wanneer 'n sin meer as een selfstandige werkwoord bevat, dit 'n saamgestelde sin (bestaande uit een hoofsin en ten minste een bysin) of 'n veelvoudige sin (bestaande uit ten minste twee hoofsinne, met of sonder bysinne) kan wees. Hierdie beskrywing is in ooreenstemming met *Afrikaans as Eerste Taal vir Stds. VII en VIII Vorms II en III* (Van der Merwe & Kempen, 1955) en *Praktiese Afrikaanse Grammatika met Oefeninge* (Botha & Burger, 1938).

Daar word ook, soos in *Afrikaans as Eerste Taal vir Stds. VII en VIII Vorms II en III* (Van der Merwe & Kempen, 1955), eksplisiet gestel dat gesegdesinne nie noodwendig deur 'n betreklike voornaamwoord ingelei word nie. Geen uiteensetting van die subsoorte bywoordelike bysinne kom in *Ons Moedertaal vir Standerds IX en X* voor nie, hoewel daar, in ooreenstemming met *Afrikaanse Spraakkuns 1933*, eksemplaries na bywoordelike bysinne van plek, tyd, wyse of manier, rede, doel, graad, toegewing, vergelyking, en gevolg verwys word.

In 1974 publiseer Van Aardt *et al*. 'n reeks skoolhandboeke, getiteld *Taalstudie vir die middelbare skool* wat gemik is op standerds 6 tot 9. Hierdie reeks is saamgestel volgens die provinsiale regerings se lesplanne vir die onderrig van Afrikaanse grammatika. Die inhoud met betrekking tot die onderrig van bysinne wat in elkeen van hierdie handboeke aangebied word, is so gestruktureer dat elke jaar se inhoud op die voorafgaande jaar s'n voortbou. Hierdie hele reeks is in een jaar gepubliseer en vermoedelik tegelykertyd ontwikkel.

Taalstudie vir die middelbare skool 6 (Van Aardt *et al*., 1974a) bied 'n inleiding tot die onderskeid tussen enkelvoudige en saamgestelde sinne, maar fokus primêr op woordsoorte waar dit gaan oor die ontleding van sinne. Twee subsoorte saamgestelde sinne word onderskei, naamlik neweskikkend en onderskikkend saamgestelde sinne. Sodoende word die onderskeid tussen neweskikkende en onderskikkende voegwoorde, asook die funksie daarvan, beklemtoon. Slegs byvoeglike bysinne en bywoordelike bysinne word onderskei, en geen melding word gemaak van onderwerpsinne, voorwerpsinne of gesegdesinne nie. Daar word aangedui dat die term "byvoeglike bysin" (kyk 50) sinonimies is aan die term "betreklike bysin" (Van Aardt *et al.*, 1974a:135), en dit word soos volg gedefinieer: "Die byvoeglike bysin ... word gewoonlik ingelei deur die betreklike voornaamwoord **wat ...** Let daarop dat die funksie van ... [byvoeglike] bysinne ... eintlik vergelyk kan word met die funksie van 'n byvoeglike naamwoord."

*50 Die leeu **wat geskiet is**, het 'n mooi vel.* [Byvoeglike bysin]

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a10

Die onderskeid tussen die verskillende soorte bywoordelike bysinne kom eers in *Taalstudie vir die middelbare skool 7* aan bod. Hierin word tussen drie soorte bywoordelike bysinne onderskei, naamlik bywoordelike bysinne van tyd, plek en wyse (vergelyk voorbeelde 51 tot 53).

51	*Ek sal kom* ***wanneer die tyd geleë is****.*	[Bywoordelike bysin van tyd]
52	*Sy loop* ***waarheen sy gestuur word.***	[Bywoordelike bysin van plek]
53	*Die meisie lag* ***dat jy haar daar kan hoor.***	[Bywoordelike bysin van wyse]

In *Taalstudie vir die middelbare skool 8* word veelvoudige sinne naas saamgestelde en enkelvoudige sinne beskryf, maar veral die beskrywing van veelvoudige sinne verskil van bronne soos *Praktiese Afrikaanse Grammatika met Oefeninge* wat dateer uit 1938 (kyk §2.2) en *Ons Moedertaal vir Standerds IX en X* (Van der Merwe *et al.*, 1970:186). Saamgestelde sinne word beskou as sinne met meer as een gesegde wat met behulp van enige voegwoord (byvoorbeeld *omdat* of *want*) verbind word, of as enkelvoudige sinne waar "bysinne by die s.nw. of ww. [gevoeg word]" (Van Aardt *et al.*, 1974c:22-23). Bysinne by die werkwoord en bysinne by die selfstandige naamwoord verwys in wese na die gebruikliker byvoeglike en bywoordelike bysinne. Daarenteen word veelvoudige sinne in dié bron beskryf as sinne wat met onder andere 'n kommapunt verbind word (Van Aardt *et al.*, 1974c:22-23).

Uit die voorbeelde wat aangebied word (Van Aardt *et al.*, 1974c:24-25), blyk dat bepalings, net soos in *Ons Moedertaal vir Standerds IX en X* (Van der Merwe *et al.*, 1970:186), as 'n grammatikale eenheid sonder 'n werkwoord beskou word (sien 54) en teenoor die bysin, wat wel 'n werkwoord bevat, gestel word (sien 55).

54 *Die* ***bruin*** *hond slaap.*
[Bepaling by die naamwoord]

55 *Die dorsmasjien* ***wat reeds oud is****, spoeg die kaf uit.*
[Bysin by die naamwoord]

Geen verdere onderskeid met betrekking tot die verskillende soorte bysinne word in hierdie bron getref nie, maar die kwessie word vollediger in *Taalstudie vir die middelbare skool 9* uiteengesit. In die laasgenoemde bron word verskillende soorte bysinne in die afdeling oor onderskikkend saamgestelde sinne, wat naas neweskikkend saamgestelde sinne bespreek word, hanteer. Onderskikkend saamgestelde sinne bestaan onder andere uit byvoeglike bysinne, onderwerpsinne, voorwerpsinne, gesegdesinne en bywoordelike bysinne. Agt verskillende soorte bywoordelike bysinne word gelys en met voorbeelde toegelig (kyk 56–63 vir Van Aardt *et al.*, 1974d:225-226 se voorbeelde). Onderstaande indeling stem grotendeels ooreen met die indeling in *Afrikaans as Eerste Taal vir Stds. VII en VIII Vorms II en III* (Van der Merwe & Kempen, 1955) en *Ons Moedertaal vir Standerds IX en X* (Van der Merwe *et al.*, 1970).

56	*Hy plant die blom* ***waar dit sal aard****.*	[Plek]
57	*Ons kan begin speel* ***noudat almal opgedaag het****.*	[Tyd]
58	*Hy speel* ***of sy lewe daarvan afhang****.*	[Wyse]
59	*Ons gaan* ***as jy ook kan saamkom****.*	[Voorwaarde]
60	*Ons bly* ***aangesien ons siek is****.*	[Oorsaak of Rede]
61	*Hulle ploeg* ***sodat hulle kan oes****.*	[Doel of Gevolg]
62	*Hulle skree* ***alhoewel hulle al hees is****.*	[Toegewing]
63	*Ons vorder* ***namate die tyd verbygaan****.*	[Verhouding]

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a10

Met betrekking tot byvoeglike bysinne word daar in *Taalstudie vir die middelbare skool 9* gemeld dat die term "byvoeglike bysin" sinonimies met "betreklike bysin" is. Daarby word aangedui dat byvoeglike bysinne deel van die subjek of die objek is, en die naamwoord bepaal. Die inleier daarvan is 'n betreklike voornaamwoord, soos aangedui in 64 uit Van Aardt *et al*. (1974d:223).

64 *Die soldaat* ***wat in die slag verwond is****, herstel nou mooi.*

Twee opmerkings rakende die uiteensetting van die gesegdesin in Van Aardt *et al*. (1974d) verdien aandag. Eerstens word daar afstand gedoen van die term "naamwoordelike gesegde" wat in die 1933-*Afrikaanse Spraakkuns* gebruik word om na die funksie van die gesegdesin te verwys. Die funksie van die gesegdesin word eerder as "aanvulling" van die koppelwerkwoord beskryf. Tweedens word dieselfde siening as in *Afrikaans as Eerste Taal vir Stds. VII en VIII Vorms II en III* (Van der Merwe & Kempen, 1955) en *Ons Moedertaal vir Standerds IX en X* (Van der Merwe *et al*., 1970) gehuldig, naamlik dat gesegdesinne ook deur onderskikkende voegwoorde, en nie net deur betreklike voornaamwoorde nie, ingelei kan word. Vergelyk 65, waar die gesegdesin deur die onderskikkende voegwoord *asof* ingelei word.

65 *Hy lyk* ***asof hy geslaag het****.*

2.5 Bysinskategorisering in die 1980's

In die 1986-skoolbron *Afrikaans vir Vandag Eerste Taal 8* (Anker *et al.*, 1986) word die term "saamgestelde sin" gebruik om te verwys na een hoofsin wat met een of meerdere bysinne verbind. Dit word dus nie, soos die *Taalstudie vir die middelbare skool*-reeks, benader as 'n sambreelterm vir neweskikkend saamgestelde sinne en onderskikkend saamgestelde sinne nie (kyk §2.4). So 'n saamgestelde sin kan uit 'n hoofsin en 'n byvoeglike bysin (kyk 66), of hoofsin en 'n bywoordelike bysin (kyk 67) saamgestel wees (Anker *et al.*, 1986:172-173).

66 *Die man* ***wat daardie motor roekeloos bestuur****, dra 'n rooi das.*
[Hoofsin en byvoeglike bysin]

67 *Hy was hier,* ***terwyl ek siek was****.*
[Hoofsin en bywoordelike bysin]

Soos in die bronne wat reeds bespreek is, beskryf *Afrikaans vir Vandag Eerste Taal 8* ook die funksie van die byvoeglike bysin as 'n bepaler van die naamwoord. In 66, byvoorbeeld, bepaal die byvoeglike bysin *wat daardie motor roekeloos bestuur* slegs die naamwoord *man*, nie *die man* nie. Die funksie van 'n byvoeglike bysin word dus met dié van 'n adjektief vergelyk. Daarby word aangedui dat 'n byvoeglike bysin geïdentifiseer kan word deur die vraag *"Watter + naamwoord?"* te vra.

Wanneer die bywoordelike bysin bespreek word, word dit weer eens teenoor die bywoordelike bepaling (bestaande uit bywoorde en bywoordelike woordgroepe sonder 'n gesegde) gestel. Slegs vier bywoordelike bysinne word onderskei, naamlik bywoordelike bysinne van tyd, plek, wyse en graad wat elkeen met 'n betrokke vraag geassosieer word (Anker *et al,.* 1986:173).

68 *Ek het hom geroep* ***toe ek hom sien****.*
[Bywoordelike bysin van tyd: Beantwoord die vraag "*Wanneer?*"]

69 *Jy kan gaan* ***waarheen jy wil****.*
[Bywoordelike bysin van plek: Beantwoord die vraag "*Waar?*"]

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a10

70 *Hy hardloop **asof die duiwel agter hom is**.*
[Bywoordelike bysin van wyse: Beantwoord die vraag "*Hoe vind die handeling plaas?*"]

71 *Hy skud so hard **dat al die appels op die grond val**.*
[Bywoordelike bysin van graad: Beantwoord die vraag "*Tot watter mate?*" en word gekenmerk deur die bywoord so in die hoofsin]

2.6 Bysinskategorisering in die 1990's

In *Ruimland 9 & 10* (Esterhuyse *et al.*, 1990), 'n skoolbron uit die 1990's, word bysinne weer eens in vyf tipes verdeel, naamlik onderwerp-, voorwerp- en gesegdesinne, en byvoeglike en bywoordelike bysinne. In teenstelling met *Afrikaans vir Vandag Eerste Taal 8* (Anker *et al.*, 1986), word daar in *Ruimland* aangedui dat die byvoeglike bysin die hele subjek of objek van die hoofsin spesifiseer, en nie net die naamwoord wat daarin voorkom nie. Daar word geredeneer dat die byvoeglike bysin *wat die hoofartikel skryf* in 72 die subjek *die persoon* bepaal, en nie net die naamwoord *persoon* nie. Dit veronderstel ook dat die byvoeglike bysin nié as deel van die subjek of die objek beskou word nie, maar eerder as 'n afsonderlike, ongeïntegreerde deel van die sin. Dit is in teenstelling met die siening in *Afrikaans vir die middelbare skool 9* (Van Aardt *et al.*, 1974d) waar die byvoeglike bysin as deel van die subjek of objek geag word (kyk §2.4). Hierbenewens word ook aangedui dat byvoeglike bysinne deur betreklike voornaamwoorde ingelei word.

72 *Die persoon **wat die hoofartikel skryf**, is die redakteur.* [Byvoeglike bysin]

Die sintaktiese eienskappe van onderwerpsinne geniet veral in *Ruimland 9 & 10* (Esterhuyse *et al.*, 1990) aandag. Daar word aangedui dat die onderwerpsin in die plek van die voornaamwoord *dit* (kyk 73) of *hy*/*sy* (kyk 74) kan staan, of dat dit voorafgegaan kan word deur 'n voorlopige subjek in die vorm van die voornaamwoord *dit* (kyk 75). Leerders word ook daarvan bewus gemaak dat voorwerpsinne nie noodwendig ná die hoofsin hoef te staan nie, maar ook voor die hoofsin kan voorkom (kyk 76).

73 ***Wat ek lees** (= dit), is interessant.*
74 ***Wie aan die hoof van die koerant staan** (= hy/sy), beklee 'n verantwoordelike posisie.*
75 *Dit is nie waarskynlik **dat die berig gepubliseer sal word nie**.*
76 ***Hoeveel mag die nuusskeppers het**, besef ons nou eers.*

2.7 Bysinskategorisering in die 2000's

In die skoolbron *Raamwerk 8* (Esterhuyse *et al.*, 2000) word enkelvoudige sinne teenoor saamgestelde sinne gestel, en daar word aangedui dat eersgenoemde net "een gesegde" bevat (in vetdruk in 77), terwyl saamgestelde sinne "meer as een gesegdedeel" bevat (in vetdruk in 78). Net soos in *Maskew Miller se Taal en Styl vir Standerds VII en VIII* (kyk §2.1) word aangedui dat dit "soms beter [is] om een woord in plaas van 'n bepaling of sin te gebruik" (Esterhuyse *et al.*, 2000:144). Vergelyk 79, waar die bepaling *met die rooi hare* gebruik word, in teenstelling met 80 waar een woord, naamlik *rooihaarvrou*, gebruik word.

77 *Die werkers **saag** die bome **af**.*
[Een gesegde: *afsaag*]

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a10

78 *Die werkers op die bakkie* ***saag*** *die bome langs die swembad* ***af****, omdat hulle die plaveisel* ***beskadig****.*
[Twee gesegdes: *afsaag*; *beskadig*]

79 *Die vrou* ***met die rooi hare*** *het met ons kom praat.*
[Bepaling: *met die rooi hare*]

80 *Die* ***rooihaarvrou*** *het met ons kom praat.*

2.8 Bysinsleiding in die huidige 2011-onderrigleerplan

In huidige skoolhandboeke word daar dikwels 'n gedetailleerde uiteensetting van sinstrukture, insluitende die onderskeid tussen hoofsinne en bysinne, aangebied. Alhoewel die benaderings en terminologie effens oor die verskillende handboeke heen verskil, is die klassifikasie van bysinne grotendeels vergelykbaar. By die bespreking in hierdie afdeling word een handleiding, naamlik *Mind the Gap Afrikaans Huistaal Graad 12 Hersieningsgids* (DBO, 2020)*,* en twee skoolhandboeke wat tans vir graad 12-leerders voorgeskryf word, naamlik *Viva Afrikaans Huistaal Graad 12* (Scholtz & Vorster, 2013) en *Platinum Afrikaans Huistaal Graad 12 Leerderboek* (Vermaak *et al*., 2013), ingesluit.

In *Viva Afrikaans Huistaal Graad 12* (Scholtz & Vorster, 2013) word saamgestelde sinne beskryf as sinne wat meer as twee hoofwerkwoorde bevat. Drie soorte saamgestelde sinne word onderskei, naamlik (i) neweskikkend saamgestelde sinne (bestaande uit twee hoofsinne wat ewe belangrik is), (ii) onderskikkend saamgestelde sinne (bestaande uit een hoofsin en een of meer bysinne), en (iii) veelvoudige sinne waarvan dieselfde stel eienskappe as by neweskikkend saamgestelde sinne gegee word. Verdere verskille en/of ooreenkomste tussen die drie soorte saamgestelde sinne word nie gegee nie.

'n Uiteensetting van die verskillende soorte bysinne waaruit onderskikkend saamgestelde sinne kan bestaan, word wel gegee. Hier word onderskei tussen (i) selfstandige bysinne, (ii) bywoordelike bysinne en (iii) byvoeglike bysinne. Die selfstandige bysin word verder in drie subkategorieë verdeel, naamlik (i) onderwerpsinne (kyk 81), (ii) voorwerpsinne (kyk 82) en (iii) gesegdesinne (kyk 83), wat ál drie tot stand kom deur onderskeidelik die subjek, voorwerp en gesegdedeel (oftewel die sinsdeel ná 'n koppelwerkwoord) met 'n gesegde uit te brei. Hierdie uiteensetting en subkategorisering van die selfstandige bysin, is soortgelyk aan dié van *Afrikaanse Spraakkuns* (Bouman & Pienaar, 1933), *Praktiese Afrikaanse Grammatika met Oefeninge* (Botha & Burger, 1938) en *Afrikaans as Eerste Taal vir Stds. VII en VIII Vorms II en III* (Van der Merwe & Kempen, 1955).

81 ***Dat hy verongeluk het****, is waar.*
[Onderwerpsin]

82 *Hy voorspel* ***dat dit sal reën****.*
[Voorwerpsin]

83 *Hy is* ***wat almal van hom sê****.*
[Gesegdesin]

Ook bywoordelike bysinne word in *Viva Afrikaans Huistaal Graad 12* verder verdeel in bywoordelike bysinne van tyd, plek, wyse, graad en modaliteit. Al die verskillende soorte (en subsoorte) bysinne word in voorbeelde 84 tot 91 geïllustreer.

84 ***Terwyl die son skyn****, het ons gaan visvang.*
[Bywoordelike bysin van tyd]

85 *Ons woon* ***waar die twee riviere bymekaar vloei****.*
[Bywoordelike bysin van plek]

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a10

*86 Jan gaan tekere **asof hy besete is**.*
[Bywoordelike bysin van wyse]
*87 Ons leer ons werk **totdat ons dit baie goed ken**.*
[Bywoordelike bysin van graad]
*88 Hy koop 'n Lotto-kaartjie met die hoop **dat hy dalk mag wen**.*[9]
[Bywoordelike bysin van modaliteit]
*89 **Dat hy verongeluk het**, is waar.*
[Onderwerpsin]
*90 Hy voorspel **dat dit sal reën**.*
[Voorwerpsin]
*91 Hy is **wat almal van hom sê**.*
[Gesegdesin]

Byvoeglike bysinne word slegs met een voorbeeld geïllustreer (kyk 92). Daarby word aangedui dat byvoeglike bysinne deur betreklike voornaamwoorde, soos *wat*, *waarop* en *waarmee* ingelei word.

*92 Die perd **waarop die man ry**, het hom afgegooi.* [Byvoeglike bysin]

Platinum Afrikaans Huistaal Graad 12 Leerderboek (Vermaak *et al.*, 2013) verskil van *Viva Afrikaans Huistaal Graad 12* in dié opsig dat dit nie soorte saamgestelde sinne onderskei nie. Hier is weer 'n terugkeer na die beskouing dat saamgestelde sinne uit 'n hoofsin en een of meer bysinne bestaan, en veelvoudige sinne uit twee of meer hoofsinne met of sonder een of meer bysinne. Veelvoudige sinne hoef derhalwe nie bysinne te bevat nie (vergelyk 93 vir 'n voorbeeld van 'n veelvoudige sin).

93 Snitte wat dikker is, is beter vir braai, want dun steak is altyd taai.

Die kategorieë bysinne waaruit saamgestelde (en ook veelvoudige) sinne kan bestaan, stem grotendeels ooreen met dié van *Viva Afrikaans Huistaal Graad 12*, naamlik onderwerpsinne, voorwerpsinne, gesegdesinne, byvoeglike bysinne en bywoordelike bysinne. *Platinum Afrikaans Huistaal Graad 12 Leerderboek* verskil egter van *Viva Afrikaans Huistaal Graad 12* in die opsig dat onderwerpsinne, voorwerpsinne en gesegdesinne nie saam gegroepeer word as selfstandige bysinne nie. Dit stel ook meer soorte bywoordelike bysinne as *Viva Afrikaans Huistaal Graad 12* voor, naamlik bywoordelike bysinne van plek, tyd, wyse, rede, gevolg, doel, graad, voorwaarde, toegewing en verhouding. Hierdie subkategorisering stem tot 'n groot mate ooreen met die indeling in *Afrikaans as Eerste Taal vir Stds. VII en VIII Vorms II en III* (Van der Merwe & Kempen, 1955) en *Taalstudie vir die middelbare skool 9* (Van Aardt *et al.*, 1974d). Daarby word veral die wysiging in die woordvolgorde van bysinne, waar die werkwoord nader aan die einde van die bysin staan, beklemtoon.

Mind the gap (DBO, 2020) verskil nie van *Viva Afrikaans Huistaal Graad 12* of *Platinum Afrikaans Huistaal Graad 12 Leerderboek* met betrekking tot die subkategorisering van bysinne nie. Dit is egter opvallend dat daar nie 'n eksplisiete bespreking van die verskillende tipes bywoordelike bysinne (byvoorbeeld bywoordelike bysinne van tyd, wyse of graad) aangebied

[9] In die bron is die bysin by hierdie voorbeeld foutiewelik as *met die hoop dat hy dalk mag wen* aangedui. Die sinsdeel *met die hoop* behoort egter nie deel van die aangeduide bysin te wees nie, aangesien dit deel van die hoofsin *Hy koop 'n Lotto-kaartjie met die hoop* is, en dit as bywoordelike bepaling funksioneer. Die bysin is slegs *dat hy dalk mag wen*, soos wat dit hier aangedui is.

word nie. Hierdie tipes bywoordelike bysinne kom egter wel in die memoranda agter in *Mind the Gap* voor. Hieruit blyk dit dat hierdie subkategorieë as agtergrondkennis beskou word en dat die aanname gemaak word dat die handleiding in samehang met voorgeskrewe handboeke, soos *Viva Afrikaans Huistaal Graad* 12, gebruik sal word.

Samevattend beskou (kyk **TABEL 1** vir 'n volledige opsomming), word bysintipes in die huidige onderrigleerplan op grond van 'n kombinasie van funksionele, sintaktiese, betekenis- en/of vormlike kenmerke onderskei.

TABEL 1: Bysintipes in huidige Afrikaans Huistaal-onderrigmateriaal (Channing *et al.*, 2014; DBO, 2020; 28-29; Scholtz & Vorster, 2013; Vermaak *et al.*, 2013; Vosloo *et al.*, 2013)

Soort bysin	Funksie	Sintaktiese eienskappe	Betekenis	Vorm
Onderwerpsin	Doen die werk van die subjek; staan in onderwerps-posisie	Subjek van hoofsin moet ontbreek, of voorlopige subjek *dit* moet gebruik word (waar dit *dit* kan vervang)		Ingelei deur byvoorbeeld *of, wie, wat, waarom* en *hoekom*
Voorwerpsin	Brei die hoof-sin met 'n objek uit; staan in voorwerps-posisie	Objek moet in die hoofsin ontbreek of voorlopige objek *dit* moet gebruik word	Die vraag "*Hoofsin + WAT?*" kan gestel word	Ingelei deur byvoorbeeld *dat, of, hoe, wanneer* en *waar*
Gesegdesin	Aanvulling van die koppel-werkwoord / uitbreiding van die gesegde	Volg ná koppel-werkwoord; staan in werkwoorde-like posisie		Ingelei deur *wat, dat* en *of*
Bywoordelike bysin	Bepaler van die gesegde; tree soos bywoord op		Beantwoord vrae, soos "*Wanneer?*", "*Waar?*", ens.	Ingelei met voegwoorde, soos *toe, voordat* en *nadat*
Byvoeglike bysin	Bepaler van die subjek/ objek; byvoeglike funksie			Ingelei met *wat, wie (se)*, voorsetsels saam met *wie*, asook *waarvan*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a10

Die algehele aanbod met betrekking tot bysinne in die huidige skoolhandboeke is meer beperk wat die beskrywings en verklarings van bysinne betref as wat die geval in die vroeër bronne is. Die subsoorte bywoordelike bysinne wat aangebied word, is gereduseer tot vyf, teenoor bronne soos *Taalstudie in die middelbare skool* en *Afrikaans as Eerste Taal vir Stds. VII en VIII Vorms II en III* waarin daar onderskeidelik agt en nege subsoorte gelys word.

2.9 Gevolgtrekking

Die beskrywing van bysinne in skoolgrammatikas het oor die afgelope 100 jaar op verskeie maniere ontwikkel. Hoewel vyf hoofsoorte, naamlik onderwerpsinne, voorwerpsinne, gesegdesinne, byvoeglike bysinne en bywoordelike bysinne, meestal onderskei word, het die kriteria vir subkategorisering, die vorm wat hierdie bysinne kan hê en die subkategorieë daarvan met verloop van tyd verander. Hier onder word kortliks oor elkeen van hierdie drie ontwikkelingsaspekte uitgebrei.

Aanvanklik is slegs *funksie* as primêre maatstaf vir bysinskategorisering gebruik. In Den Hertog (1904) se grammatika, byvoorbeeld, is ’n bysin as ’n byvoeglike bysin gekategoriseer wanneer dit as ’n byvoeglike bepaling, dit wil sê ’n sinsdeel wat een of ander selfstandigheid beperk of uitbrei, gebruik is (vergelyk Den Hertog, 1904:67). Dit is as ’n bywoordelike bysin gekategoriseer wanneer dit as ’n bywoordelike bepaling, dit wil sê as ’n sinsdeel wat die handeling/toestand beperk of uitbrei, gebruik is (Den Hertog, 1904:78-79). Daar is aanvanklik dus nie tussen bysinne en bepalings onderskei nie.

Hierdie onderskeid word later wel getref, aangesien die definisie van bepalings verander het na “’n groep woorde sonder ’n gesegde” (vergelyk Vermaak *et al.*, 2013). Waar ’n bepaling aanvanklik beskou is as ’n sintaktiese funksie wat deur verskillende konstruksies (bysinne ingesluit) verrig kan word, word dit later beskou as ’n sintaktiese eenheid met ’n spesifieke vorm en funksie, wat slegs tot die enkelvoudige sin beperk is en wat teenoor die bysin staan. Vergelyk voorbeelde 94 en 95 uit *Afrikaans vir Vandag Eerste Taal 9* (Anker *et al.*, 1986:173) om hierdie onderskeid te illustreer.

*94 Hy praat **hard**.*	[Bywoordelike bepaling]
*95 Hy praat so hard **dat my ore tuit**.*	[Bywoordelike bysin]

Verskillende soorte bysinne is ook later van tyd met sekere woordsoorte in verband gebring. Byvoorbeeld, substantiefsinne (later ook bekend as selfstandige bysinne en naamwoordelike bysinne) is onderskei op grond van die feit dat dit op dieselfde plek as ’n naamwoord staan of dieselfde funksie as ’n naamwoord verrig. Daar is ook in verskeie bronne aangedui dat byvoeglike bysinne dieselfde funksie as adjektiewe verrig, en dat bywoordelike bysinne soos bywoorde gebruik word. Volgens Den Hertog (1904:43) is so ’n siening nie korrek nie:

> Veel meer bezwaarlijk nog is de indeeling der bijzinnen naar de woordsoorten, waardoor zij vervangen kunnen worden ... Het is nl. volstrekt niet juist, dat een bijvoeglijke zin altijd door een bijv. nwd., een bijwoordelijke bijzin altijd door een bijwoord weer te geven zou zijn. De telephoondraden, die over ons huis heenloopen, is niet alleen te vervangen door de over ons huis heenloopende telephoondraden, maar ook door de telephoondraden boven ons huis. En een bijwoordelijke bijzin kan men in negen van de tien gevallen beter door een zelfst. nwd. met een voorzetsel dan door een bijwoord weergeven.

Buiten dat die kriteria vir die kategorisering van bysinne oor die afgelope 100 jaar verander het, is ook nie net een vorm aan ’n soort bysin gekoppel nie. Neem die gesegdesin as voorbeeld.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a10

Hoewel die *Afrikaanse Spraakkuns* (Bouman & Pienaar, 1933; 1945) en *Praktiese Afrikaanse Grammatika met Oefeninge* (Burger & Botha, 1938), in ooreenstemming met Den Hertog (1904), stel dat die gesegdesin slegs deur ’n betreklike voornaamwoord ingelei kan word, word hiervan afgewyk in skoolbronne wat daarna verskyn het. In *Ruimland* (Esterhuyse *et al.*, 1990:437) word onderskikkende voegwoorde (soos *of*) byvoorbeeld ook as inleiers van gesegdesinne gereken (vergelyk voorbeeld 96).

*96 Dit lyk **of hy skelm is**.* [Gesegdesin ingelei deur ’n onderskikkende voegwoord]

Wat ook opgemerk is, is dat sommige subkategorieë van ’n spesifieke soort bysin verander het. Den Hertog (1904:57) onderskei tussen drie subkategorieë voorwerpsinne, naamlik lydende voorwerpsinne, medewerkende/belanghebbende voorwerpsinne en oorsaaklike voorwerpsinne. Tog word so ’n onderskeid nie verder in enige ander Afrikaanse skoolbron aangetref nie. *Afrikaanse Grammatika met oefeninge* (Botha & Burger, 1938) is die uitsondering. Hierin word na lydende voorwerpsinne en meewerkende voorwerpsinne verwys (vergelyk §2.2).

Ook die term “saamgestelde sin” is in verskillende tydperke verskillend gedefinieer. Waar saamgestelde sinne in Den Hertog (1904:3-4) se grammatika aanvanklik beskou is as ’n oorkoepelende benaming vir sinne in ’n neweskikkende en onderskikkende sinsverband, word dit in 1938 in *Praktiese Afrikaanse Grammatika met Oefeninge* (Botha & Burger, 1938) gedefinieer as ’n sinstruktuur wat uit ’n hoofsin en meer as een bysin bestaan. Hierdie siening word in *Afrikaans as Eerste Taal vir Stds. VII en VIII Vorms II en III* (Van der Merwe & Kempen, 1955), *Afrikaans vir Vandag Eerste Taal 8* (Anker *et al.*, 1986)*, Raamwerk* 8 (Esterhuyse *et al.*, 2000) en *Platinum Afrikaans Huistaal Graad 12 Leerderboek* (Vermaak *et al*., 2013) voortgesit. Daarenteen keer *Taalstudie vir die middelbare skool 7* (Van Aardt *et al*., 1974b), *Taalstudie vir die middelbare skool 8* (Van Aardt *et al.*, 1974c) en *Viva Afrikaans Huistaal Graad 12* (Scholtz & Vorster, 2013) weer terug na die onderskeid tussen neweskikkend en onderskikkend saamgestelde sinne. Die onderskeid word egter in Van Schoor se *Grammatika van Standaard-Afrikaans* afgekeur. Van Schoor (1983:41) redeneer dat ’n onderskeid tussen saamgestelde sinne en veelvoudige sinne, en per implikasie ook neweskikkend en onderskikkend saamgestelde sinne, “oordrewe en irrelevant” is, omdat die term “saamgestelde sin” ’n mens in staat stel om te verwys na “alle sinne met meer as een klous”.

Bepaalde leemtes is ook met betrekking tot bysinkategorisering opgemerk. In voorbeeld 97 hier onder word die bysin as ’n onderwerpsin geklassifiseer, hoewel die hoofsin (naamlik *Die berig is onwaar*) ’n subjek (naamlik *die berig*) het. Dieselfde geld vir 98 waar die bysin as ’n voorwerpsin gereken word, hoewel die hoofsin (naamlik *Hy vra ’n waarborg*) wel ’n objek (naamlik *’n waarborg*) het. Dit is teenstrydig met eksplisiete riglyne dat ’n bysin slegs ’n onderwerpsin of voorwerpsin kan wees indien so ’n sinsdeel in die hoofsin ontbreek (vergelyk onder andere Esterhuyse *et al*., 1990:437; Vermaak *et al.*, 2013). Die betrokke bysinne behoort derhalwe eerder as ’n ander soort bysin geklassifiseer te word. Den Hertog (1904:70) klassifiseer sulke bysinne as byvoeglike bysinne.

*97 Die berig **dat hy dood is**, is onwaar.*
*98 Hy vra ’n waarborg **dat die geld terugbetaal sal word**.*

Dit is ook in baie gevalle moeilik om tussen verskillende tipes bysinne te onderskei, omdat bysinne wat dieselfde inleier (vorm) het, en logieserwys as dieselfde soort bysin beskou kon word, op grond van hul funksie verskillend gekategoriseer word. Die bysinne in voorbeeld 99 en 100 het duidelik dieselfde struktuur, aangesien albei deur die onderskikkende voegwoord

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a10

dat ingelei word. Tog word hulle verskillend geklassifiseer. Aangesien *dat hy vanaand kom kuier* in 99 die objek van die hoofsin *Hy sê* is, word dit as ’n voorwerpsin geklassifiseer, terwyl *dat hy daar niks van geweet het nie* in voorbeeld 100 die aanvulling van die koppelwerkwoord *blyk* is, en daarom as ’n gesegdesin gekategoriseer word.

99 Hy sê ***dat hy vanaand kom kuier***. [Voorwerpsin]
100 Johan laat blyk ***dat hy daar niks van geweet het nie***. [Gesegdesin]

So ’n benadering tot bysinskategorisering en -klassifisering skep ’n skeiding waar geen skeiding hoort nie. Dit kan vir leerders en onderwysers verwarrend wees en dit moeilik maak om korrek en konsekwent tussen verskillende kategorieë te onderskei. Daarby vereis dit dat leerders ook met sintaktiese funksies vertroud moet wees voordat tipes bysinne onderskei kan word.

Hierdie verwarring word selfs groter wanneer betekenis as maatstaf gebruik word om tussen verskillende subkategorieë van die bywoordelike bysin te onderskei. In 101, byvoorbeeld, word die beklemtoonde sinsdeel as ’n bywoordelike bysin van gevolg beskou, terwyl die beklemtoonde bysin in 102 as ’n bywoordelike bysin van graad gekategoriseer word (vergelyk Vermaak *et al.*, 2013). Tog is dit nie duidelik waarom hulle nie dieselfde betekenis kan kommunikeer nie, want albei kan die vrae *“Tot watter mate?”* (om ’n graadbetekenis aan te dui) en *“Wat het toe gebeur?”* (om ’n gevolg aan te dui) beantwoord.

101 Jason het te veel kersies geëet, ***sodat hy nou maagpyn het***. [Gevolg]
102 Ek het so baie geëet ***dat my maag pyn***. [Graad]

Hoewel funksie op skoolvlak as oorhoofse maatstaf by bysinkategorisering gebruik word, word hierdie kriterium dikwels met vormlike, sintaktiese of semantiese eienskappe in verband gebring (kyk §2.8). Die bywoordelike bysin word daaraan uitgeken dat dit die gesegde bepaal (funksie), vrae soos *“Wanneer?”* beantwoord (betekenis) en deur voegwoorde, soos *voordat*, ingelei word (vorm). Die kombinasie van verskillende kriteria vir kategorisering dui daarom boonop op die onduidelik afgebakende aard van bysinne, oftewel die wollerige grense daarvan.

3. Slot

Soos uit §2.9 blyk, het die beskrywing van bysinne in Afrikaans Huistaal oor die afgelope 100 jaar wel verandering ondergaan, al het die vyf hoofkategorieë grootliks onveranderd gebly. Hoewel funksie byvoorbeeld as hoofkriterium vir kategorisering gebruik word, word dit met bykomende kriteria uitgebrei, soos in die huidige onderrigleerplan (sien §2.8). Ook die vorm van die hoofsoorte bysinne en die subkategorieë waarin dit verdeel kan word, is op plekke gewysig. Hierdie wysigings is natuurlik te wagte, aangesien daar voortdurend navorsing oor taalkundige aspekte gedoen word. Hierdie navorsing lei tot nuwe insigte wat ook in skoolbronne gereflekteer behoort te word. Afrikaans Huistaal (en ander skoolgrammatikas) hoef dus nie noodwendig staties te wees nie. Daar is ruimte vir verandering wat met hedendaagse navorsing en benaderings byhou.

Op grond van die bevindinge van die huidige artikel, en in die besonder die vae kategoriegrense waardeur skoolbronne oor die afgelope 100 jaar gekenmerk word (kyk §2.9), is ons aanbeveling dat die kategoriegrense van bysinne in skoolbronne aangepas moet word, sodat Afrikaanse komplekse sinne konsekwent en op grond van maklik identifiseerbare eienskappe ontleed kan word. In ’n opvolgartikel, getiteld *’n Alternatiewe benadering tot kategorisering in Afrikaans Huistaal: Die bysin as gevallestudie*, wat saam met die huidige artikel ’n eenheid vorm, word gepoog om so ’n alternatiewe bysinsindeling voor te stel.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a10

BIBLIOGRAFIE

Aarts, B. 2024. Kan skoolgrammatikas wollerig wees? [Persoonlike korrespondensie]. 16 Aug., E-pos.

Aarts, B, Denison, D, Keizer, E & Popova, G. 2004. *Fuzzy Grammar*. New York: Oxford University Press.

Anker, J, Coetzee, G, Helm, C, Klopper, A, Verhoef, GM & Van Heerden, C. 1986. *Afrikaans vir Vandag Eerste Taal 8*. Kaapstad: Juta & Kie.

Banda, C, Channing, O, De Beer, M, Gerber, J, Hanekom, P, Otto, S, Van Heerden, M & Van Rooy, R. 2014. *Via Afrika Afrikaans Huistaal Graad 10 Leerderboek*. Kaapstad: Via Afrika Publishers.

Biber, D, Johansson, S, Leech, G, Conrad, S & Finegan, E. 1999. *Longman Grammar of Spoken and Written English*. Essex, Engeland: Pearson Education Limited.

Biesenbach, J, Engelbrecht, A, Henning, C, Hofmeyr, L, Hugo, J, Louw, W, Mihai, M, Van Oort, R & Van Rooy, R. 2012. *Platinum Afrikaans Huistaal Graad 5 Leerderboek*. Kaapstad: Maskew Miller Learning.

Botha, MC & Burger, JF. 1938. *Praktiese Afrikaanse Grammatika met Oefeninge*. Kaapstad: Maskew Miller Beperk.

Bouman, AC & Pienaar, EC. 1924. *Afrikaanse Spraakkuns*. Stellenbosch: Pro Ecclesia-Drukkery.

Bouman, AC & Pienaar, EC. 1925. *Afrikaanse Spraakkuns*. Tweede druk. Stellenbosch: Pro Ecclesia-Drukkery.

Bouman, AC & Pienaar, EC. 1933. *Afrikaanse Spraakkuns*. Derde verbeterde druk. Stellenbosch: Pro Ecclesia-Drukkery.

Bouman, AC & Pienaar, EC. 1946. *Afrikaanse Spraakkuns*. Vierde hersiene druk. Stellenbosch: Pro Ecclesia-Boekhandel.

Bourke, JM. 2005. The grammar we teach. Reflections on English Language Teaching, 4:85-97.

Booysen, CM & Marais, J. 1942. *Oefening en Taalwerk by die Nuwe Praktiese Grammatika, Stylkursus en Klankleer Deel 1 vir Std. VII en VIII (Vorm II en III)*. Bloemfontein: Nasionale Pers.

Channing, OE, Hanekom, TP & Kritzinger, I. 2014. *Via Afrika Afrikaans Huistaal Graad 12 Leerderboek*. Kaapstad: Via Afrika Uitgewers.

Departement van Basiese Onderwys. 2020. *Mind the Gap Afrikaans Huistaal Graad 12 Hersieningsgids*. Pretoria: Departement van Basiese Onderwys.

Den Hertog, CH. 1903a. *Nederlandsche Spraakkunst. Handleiding ten dienste van aanstaande (taal) onderwijzers. De leer van den enkelvoudigen zin*. 2de druk. Amsterdam: W Versluys.

Den Hertog, CH. 1903b. N*ederlandsche Spraakkunst. Handleiding ten dienste van aanstaande (taal) onderwijzers. De leer der woordsoorten*. 2de druk. Amsterdam: W Versluys.

Den Hertog, CH. 1904. *Nederlandsche Spraakkunst. Handleiding ten dienste van aanstaande (taal) onderwijzers. De leer van den samengestelden zin*. 2de druk. Amsterdam: W Versluys.

Esterhuyse, J, Pienaar, J, Gouws, R, Botha, K & Links, T. 1990. *Ruimland 9 & 10*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.

Esterhuyse, J, Gouws, S, Botha, K, Traut, J & Peacock, S. 2000. *Raamwerk 8*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.

Horton, S & Bingle, B. 2014. *Lessons in teaching grammar in primary schools*. London: Learning Matters.

Hoogenhout, PI & Botha, MC. 1925. *Maskew Miller se Taal en Styl vir Standerds VII en VIII.* Kaapstad: Maskew Miller Beperk.

Huddleston, R & Pullum, GK. 2005. *A Student's Introduction to English Grammar.* Cambridge University Press. Kindle-uitgawe.

Humphrey, S, Droga, L & Feez, S. 2012. *Grammar and meaning*. Newtown, Australia: Primary English Teaching Association Australia.

Lawrence, D, Le Cordeur, M, Van der Merwe, L, Van der Vyver, C & Van Oort, R. 2014. *Afrikaansmetodiek deur 'n nuwe bril*. Kaapstad: Oxford University Press.

Petersen, L. 2014. Teachers' understanding of critical language awareness and their enactment of this understanding in the classroom. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad. (Verhandeling - MEd.)

Ponelis, FA. 1972. Die Afrikaanse sintaksis. In Van der Merwe (red.). *Afrikaans: Sy aard en ontwikkeling*. Pretoria: JL Van Schaik, pp. 209-218.

Richards, JC & Schmidt, R. 2013. *Longman Dictionary of Language Teaching and Applied Linguistics*. 4th ed. Abingdon, Oxon: Routledge.

Scholtz, PW & Vorster, ME. 2013. *Viva Afrikaans Huistaal Graad 12*. Florida Hills: Viva Publishers.

Thornbury, S. 1999. *How to teach grammar*. Harlow, Essex: Pearson Education Limited.

Uys, AM & De Villiers, M. 1955. *Moderne Afrikaanse Taalstudie – Deel 1: Afrikaans as Eerste Taal Eerste Jaar – Standerd VI*. Maskew Miller.

Van Aardt, CP, Combrink, JC & Eksteen, L. 1974a. *Taalstudie vir die middelbare skool 6*. Johannesburg: Perskor.

Van Aardt, CP, Combrink, JC & Eksteen, L. 1974b. *Taalstudie vir die middelbare skool 7.* Johannesburg: Perskor.

Van Aardt, CP, Combrink, JC & Eksteen, L. 1974c. *Taalstudie vir die middelbare skool 8.* Johannesburg: Perskor.

Van Aardt, CP, Combrink, JC & Eksteen, L. 1974d. *Taalstudie vir die middelbare skool 9.* Johannesburg: Perskor.

Van der Merwe, HJJM. 1966. Sinsbou (Sinsleer?). *Klasgids*: 71-72.

Van der Merwe, CP & Kempen, W. 1955. *Afrikaans as Eerste Taal vir Stds. VII en VIII, Vorms II en III*. Kaapstad: Nasou Beperk.

Van der Merwe, CP, Kempen, W, Van der Merwe, J & Meyer, PS. 1970. *Ons Moedertaal vir Standerds IX en X: 'n Volledige Kursus vir Afrikaans as Eerste Taal.* Johannesburg: Nasou Beperk.

Van Rooy, B. 2017. Afrikaanse sintaksis, funksioneel benader. In Carstens, WAM & Bosman, N. (reds.). *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. 2de uitgawe. Pretoria: Van Schaik, pp. 251-294.

Van Schoor, JL. 1983. *Die Grammatika van Standaard-Afrikaans*. Kaapstad: Lex Patria Uitgewers.

Vermaak, A, Du Plessis, S, Du Toit, E, Gouws, R, Hugo, J, Janse van Rensburg, C, Julies, G, Nel, M & Jansen van Nieuwenhuizen, I. 2013. *Platinum Afrikaans Huistaal Graad 12 Leerderboek*. Kaapstad: Maskew Miller Learning.

Viljoen, H, Lamprecht, R, Viljoen, F, Lighthelm, A, Murray, M, Conradie, N, Vosloo, R, Van Tonder, M & Plaatjies, S. 2013. *Piekfyn Afrikaans – 'n Geïntegreerde taalteks Huistaal Leerderboek Graad 9*. Kaapstad: Best Books.

Vosloo, R, Viljoen, H, Prinsloo, B & Stevens, H. 2013. *Piekfyn Afrikaans Geïntegreerde taalteks. Leerderboek Graad 12*. Pretoria, Kaapstad: Best Books.

Afrikaans as onderrigtaal ná 100 jaar: Prestasies, tekortkominge, uitdagings en toekoms

Afrikaans as language in education after 100 years: Achievements, shortcomings, challenges and future

Charl Wolhuter
Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (AROS)
Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: charlcwolhuter@gmail.com

Charl Wolhuter

Charl Wolhuter het aan die Universiteit van Johannesburg, die Universiteit van Pretoria, Unisa en die Universiteit Stellenbosch studeer. Hy het sy doktorsgraad in Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit Stellenbosch verwerf. Hy is 'n voormalige junior lektor in Historiese Opvoedkunde en Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria en 'n voormalige senior lektor in Historiese Opvoedkunde en Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit van Zoeloeland. Tans is hy professor in Vergelykende en Internasionale Opvoedkunde aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. Wolhuter is die outeur van verskeie artikels en boeke oor die geskiedenis van die opvoedkunde, asook vergelykende en internasionale opvoedkunde. Hy was 'n besoekende professor aan onder meer Brock Universiteit (Kanada), Mount Union Universiteit (Ohio, Verenigde State van Amerika), die Universiteit van Kreta (Griekeland), die Universiteit van Queensland (Australië), die Universiteit van Modena en Reggio Emilia (Italië), die Opvoedkunde Universiteit van Hong Kong, Eberhardt Karls Universiteit (Duitsland), die Universiteit van Lljubljana (Slowenië), Tarapaca Universiteit (Chili) en San Martin Universiteit (Argentinië).

Charl Wolhuter studied at the University of Johannesburg, the University of Pretoria, Unisa and Stellenbosch University. His doctorate was awarded in Comparative Education at Stellenbosch University. He is a former junior lecturer of History of Education and Comparative Education at the University of Pretoria and a former senior lecturer of History of Education and Comparative Education at the University of Zululand. Currently, he is professor in Comparative and International Education at the North-West University, Potchefstroom Campus. Wolhuter is the author of several articles and books on the history of education, and comparative and international education. He held visiting professorships at, i.a., Brock University (Canada), Mount Union University (Ohio, United States of America), the University of Crete (Greece), the University of Queensland (Australia), the University of Modena and Reggio Emilia (Italy), the Education University of Hong Kong, Eberhardt Karls University (Germany), the University of Lljubljana (Slowenia), Tarapaca University (Chile) and San Martin University (Argentina).

Datums:
Ontvang: 2024-04-03 Goedgekeur: 2024-09-30 Gepubliseer: Maart 2025

ABSTRACT

Afrikaans as language in education after 100 years: Achievements, shortcomings, challenges and future

This article aims to explore the evolutionary trajectory of Afrikaans in the education sector, in anticipation of the upcoming celebration marking 100 years of Afrikaans as an official language of South Africa. The insights gained in this exercise are then used to suggest a strategy for the future and the continual entrenchment and promotion of Afrikaans as language in the education sector. This survey employs methodological tools of two related academic fields – comparative education and the history of education. Recommendations for a strategy to ensure the continued promotion of Afrikaans in the education sector are provided.

Over the past century, Afrikaans has achieved remarkable milestones, evolving from a point in 1925 when even the Bible had not yet been translated, into a language empowered and used at the highest level, also in education, where it is the language of top-rated scholarly publications and doctoral theses.

However, in their crusade to develop Afrikaans, the White Afrikaans-speaking community made three grave errors in their sizing up and factoring in of contextual realities or forces. They failed to include Afrikaans first-language speakers from other population groups, they did not gain the support of speakers of other indigenous South African languages, and they misinterpreted the international context. These errors cost those promoting the language project dearly with reference to the uncongenial situation in which Afrikaans finds itself in the present South African context.

Bases of power for the project of promoting the language in the coming years include the demographic weight of the numbers of (first- as well as second-language) speakers and their economic muscle. The number of Afrikaans first-language speakers has increased from 6 855 930 in 2011, to 6 989 786 in 2016, to 7 080 042 in 2021 and is expected to rise further to 7 122 806 in 2031. Concerning the numbers of first-language speakers, Afrikaans is the third-largest language in South Africa (after isiZulu and isiXhosa). Likewise, Afrikaans is, measured by its number of second-language speakers, following on isiZulu and isiXhosa, the third-largest language in South Africa, with 10,3 million second-language speakers. With reference to the number of first- and second-language speakers combined, again, Afrikaans currently is, with 17,2 million first- and second-language speakers, the third-largest language in South Africa.

For a dynamic, visionary promotion of Afrikaans in the next 100 years, it is imperative that opportunities that do arise are seized and it is necessary to observe and analyse the context closely and thoroughly and to act accordingly. Second, and related to this, is the task to take up once again ownership of the writing of the history of South Africa, after the Afrikaans voice in South African education historiography has gone much quieter in recent years. It is, unfortunately, the case that, despite the sociopolitical reconstruction that commenced in 1994, neither education historiography nor the general social-scientific literature on education in South Africa succeeded in breaking loose from the ideological-paradigmatic straitjacket they had been forced into, and so, they remain fossilised. In this regard, the 1994 Constitution and the Creed of Human Rights, as the moral code for a globalised world, can be suggested as central reference points for the writing of the history and the social-scientific study of education in South Africa.

KEYWORDS: Afrikaans, comparative education, contextual factoring in, curriculum, demography, education, history of education, international context, language of learning and teaching, universities

TREFWOORDE: Afrikaans, demografie, historiese opvoedkunde, internasionale konteks, kontekstuele verrekening, kurrikula, onderwys, onderwysvoertaal, universiteite, vergelykende opvoedkunde

OPSOMMING

Afrikaans is tans op die vooraand van die 100-jarige viering van die erkenning daarvan as amptelike taal (1925–2025). Hierdie artikel bied ’n ondersoek van die ontwikkeling van Afrikaans in die onderwyssektor en die aanwending daarvan vir ’n bepaling van ’n strategie met die oog op die toekoms. Die geskiedenis van Afrikaans voor die erkenning daarvan as landstaal sowel as die ontwikkelingsgang van die taal sedert amptelike erkenning word gerekonstrueer. Die geskiedenis van die bemagtiging van Afrikaans as volwaardige onderwystaal is ’n verhaal met prestasies wat min taalgemeenskappe nog kon ewenaar. Tog is drie gewigtige kontekstuele verrekeningsfoute in die poging vir die onderwysmatige bemagtiging van Afrikaans gemaak. Hierdie drie foute word as aanskouingsles aangebied. Riglyne vir die Afrikaanssprekende gemeenskap in die benutting van demografiese, ekonomiese, internasionale en ander kontekstuele kragbronne in die verskansing en voortgesette ontwikkeling van Afrikaans as onderwystaal vir die volgende 100 jaar word daaruit onttrek.

Inleiding

Die Afrikaanssprekende gemeenskap is tans op die vooraand van die 100-jarige viering van die amptelike erkenning van die taal as landstaal. Terselfdertyd staar die taal uitdagings in die gesig wat betref funksieverlies en doelbewuste pogings om die openbare gebruik van die taal af te skaal en selfs uit te faseer. Die posisie van die taal in die onderwyssektor is kritiek vir die toekomstige funksies van die taal in die Suid-Afrikaanse samelewing. Daarom is ’n ondersoek na die wordingsgang van Afrikaans in die onderwyssektor en die aanwending van insigte daaruit verkry vir ’n bepaling van ’n strategie om die toekoms tegemoet te gaan, sinvol. Die ondersoek sluit Afrikaans as taal van onderrig en leer sowel as Afrikaans as vak (in hierdie geval ook as huistaal sowel as addisionele taal) in. Dít is die doel van hierdie artikel.

Die artikel begin met ’n metodologiese verantwoording en uiteensetting van die teoretiese raamwerk waarbinne die studie geskied het. Daarna word die wordingsgang van Afrikaans as onderwystaal in elk van die tydperke – die situasie van 1925, die tydperk 1925 tot 1948, die tydperk 1948 tot 1994 en laastens die tydperk 1994 tot 2024 – verken. Die huidige situasie, in 2025, word dan krities in oënskou geneem. Op grond van die historiese rekonstruksie en die bestekopname via die huidige situasie van Afrikaans as onderwystaal word uitsprake oor die toekomsvooruitsigte van die taal ten slotte gemaak.

Metodologiese verantwoording

Die metodologie wat in die navorsing waaroor in hierdie artikel verslag gedoen word, gebruik is, is dié van die twee susterswetenskapsvelde vergelykende en historiese opvoedkunde. Vergelykende opvoedkunde behels ’n drie-in-een-blik op onderwys (vergelyk Wolhuter, 2024). In die eerste plek fokus vergelykende opvoedkunde op onderwys-*stelsels*. Van hierdie onderwysstelsels is *nasionale* onderwysstelsels die opsigtelikste. In die tweede plek is vergelykende opvoedkunde op die samehang tussen onderwysstelsels en nasionale, maatskaplike kontekste toegespits. Nasionale, maatskaplike kontekste word ontleed as bestaande uit die volgende substelsels: geografie, demografie, vlak van wetenskaplike en tegnologiese ontwik-

keling, sosiale stelsel (waaronder taal val) en dinamika, ekonomie, politiek en godsdiens en lewens- en wêreldbeskouing. Hierdie samehang tussen onderwysstelsel en maatskaplike konteks is 'n tweerigtingsamehang. Enersyds is die maatskaplike, kontekstuele faktore vormgewende faktore van onderwysstelsels. Andersyds het onderwysstelsels 'n bepaalde uitkoms ten opsigte van die maatskaplike konteks. Derdens vergelyk navorsers in die veld van vergelykende opvoedkunde verskillende onderwysstelsels in hul kontekstuele samehange. Op hierdie wyse word algemener en meer genuanseerde uitsprake oor onderwysstelsels en onderwysstelsel-kontekstuele samehange bereik.

Naas die aanwending van 'n kontekstuele perspektief ter begryping en evaluering van 'n onderwysstelsel is die benutting van internasionaal vergelykende perspektiewe 'n tydbeproefde en aanvaarde metode om tot 'n vollediger begrip van openbare maatskaplike vraagstukke te kom (Pawson, 2006), onderwyskwessies inkluis (Crossley, 2014). Die sistematiese rekonstruksie van buitelandse (internasionale) ondervinding en die aanwending daarvan ter beligting van binnelandse onderwysvraagstukke, asook vir die identifisering van die gepaardgaande oorsake en moontlike gevolge van die stand van sake en die wegaanwysing van moontlike oplossings vir 'n bepaalde probleem, strek tot ten minste twee eeue in die verlede terug (Wolhuter, 2019:4).

Die metode van historiese opvoedkunde – 'n rekonstruksie van die onderwysverlede en die vertolking daarvan in die konteks van die hede ten einde toekomsscenario's te identifiseer en te ontwerp – is eweneens 'n erkende benadering tot onderwysvraagstukke (vergelyk Gutek, 2006:7). 'n Historiese perspektief dra by tot 'n beter begrip van die huidige onderwysopset, wat 'n gekristalliseerde situasie is – die uitkoms van kragte wat oor 'n lang tydperk werksaam was (Le Roux & Wassermann, 2016:6). Verder belig dit die verlede van bepaalde onderwyspraktyke (Le Roux & Wassermann, 2016:7), wat tot die uitskakeling van moontlike toekomstige, duur foute kan lei (Van der Walt & Wolhuter, 2016:1019). Soos reeds gestel, moet die huidige konteks ook duidelik in so 'n skema figureer. In die geval van Suid-Afrika sal dit byvoorbeeld beteken dat die ongelykhede in die onderwysstelsel en die huidige noodsaak van en aandrang op gelykskakeling (vergelyk Le Cordeur, 2024b) in so 'n skema moet figureer.

Teoretiese raamwerk

Die navorsing waaroor daar in hierdie artikel verslag gedoen word, steun op drie teoretiese raamwerke. Hierdie raamwerke is die teorie oor taal van onderrig en leer, Fischman se teorie oor die sterkte van 'n taal in 'n samelewing en teorie uit die wetenskapsveld kurrikulumstudies oor taal.

Daar bestaan 'n gewigtige volume literatuur oor die wenslikheid van moedertaal as die taal van onderrig en leer in onderwysinstellings (vergelyk Wolhuter & Van der Walt, 2022). Uitsprake oor die wenslikheid van moedertaal as onderwysmedium is gebaseer op die volgende oorwegings: menseregteoorwegings, die gebruik van 'n taal as onderwysmedium as 'n kritieke faktor in die oorlewingskanse van enige taal in 'n samelewing, onderwyskundige oorwegings (veral die kognitiewe ontwikkeling en prestasievlakke van leerders, maar ook oorwegings ten opsigte van die daarstel van gelyke geleenthede) en oorwegings ten opsigte van die bydrae van onderwys in die skepping van menslike kapitaal. Hierdie argumente kan gevind word in onder meer publikasies van UNESCO (1953) en die Wêreldbank (2021).

Fishman (1991) onderskei tussen die volgende agt vlakke in die ontwikkeling- of welstandsvlak van 'n taal in 'n samelewing:

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a11

1. Die taal word gebruik as onderwysmedium, in die werksplek, in die massamedia en op nasionale vlak deur die regering.
2. Die taal word deur die streeks- en plaaslike media en regeringsdienste gebruik.
3. Die taal word op streeksvlak deur eerste- sowel as tweede- en vreemdetaalsprekers gebruik.
4. Geletterdheid word deur middel van die taal bewerkstellig en bevorder.
5. Die taal word in mondelinge en geskrewe kommunikasie deur alle eerstetaalsprekers van die taal gebruik.
6. Die taal word net as mondelinge kommunikasiemedium gebruik, en net deur eerstetaalsprekers oor alle generasies heen.
7. Die volwasse geslag eerstetaalsprekers ken die taal goed genoeg om met hul ouers te kommunikeer, maar dra nie die taal aan hul kinders oor nie.
8. Net eerstetaalsprekers ouer as 65 jaar verstaan en praat nog die taal.

Uit hierdie hiërargie van vlakke van welstand van ’n taal in ’n samelewing is dit duidelik dat *onderwys* (dit is die gebruik van taal as medium van onderrig en leer, sowel as die voorkoms van taal as vak, hetsy as eerste, tweede of derde taal) die stutpilaar van ’n taal is om sy welstandsvlak in ’n samelewing te handhaaf.

In skoolkurrikula beklee tale ’n belangrike plek en het nog strykdeur die geskiedenis van skole ’n belangrike plek daarin beklee. In die laaste, omvattende wêreldwye ondersoek na kurrikula – die ondersoek van UNESCO twee dekades gelede – is bevind dat die meeste aandag in skoolkurrikula aan tale en letterkunde bestee word: 40,9% van kurrikulumtyd in die eerste skooljaar, waarna dit geleidelik afneem, maar steeds ’n aansienlike plek in die kurrikulum opneem, tot 29,4% in die agste skooljaar (Benavot, 2004). Watter tale in skoolkurrikula onderrig word, word bepaal deur die maatskaplik-kontekstuele, vormgewende faktore van ’n bepaalde onderwysstelsel, dit wil sê die geografie, demografie, stand van tegnologiese ontwikkeling, sosiokulturele situasie, ekonomie, politiek en godsdiens en lewens- en wêreldbeskouing.

Vervolgens word die stand van Afrikaans in die Suid-Afrikaanse samelewing, en spesifiek in die onderwyssektor, vir elke tydvak voor, tydens en ná 1925 ondersoek.

Die situasie teen 1925

Maatskaplike konteks

Teen 1925 was Die Unie van Suid-Afrika maar vyftien jaar oud. Stemreg was grotendeels tot die wit bevolkingsgroep en ook slegs tot mans beperk. Gedurende hierdie eerste jare van die Unie is die politieke agenda oorheers deur die verhouding of versoening tussen die twee wit bevolkingsgroepe (Afrikaans- en Engelssprekendes) – die Unie het maar agt jaar ná die einde van die Anglo-Boereoorlog (1899–1902) tot stand gekom – die Eerste Wêreldoorlog en (wit) arbeidskwessies.

Omdat die Uniewordingprojek ’n projek van die wit bevolkingsgroep was, het die diskoers oor die kwessie van wat die ampstale van die nuwe staat sou wees net die tale van die wit bevolking ingesluit. Daar was ’n mening, wat selfs deur Smuts gehuldig is, dat Engels die enigste amptelike taal moes wees (Brits, Spies, Grundlingh & Ngqulunga, 2022:336). Daarenteen het MT Steyn op die Nasionale Konvensie, wat die Grondwet vir die Unie opgestel het, aangedring op volle en gelyke status van die twee tale, Engels en Nederlands (*ibid.*). Steyn se standpunt het geseëvier en artikel 137 van die Grondwet van Die Unie van Suid-Afrika het

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a11

soos volg bepaal: “Beide die Engelse en die Hollandse taal sal amptelike tale van die Unie wees en sal op ’n grondslag van gelykheid behandel word en gelyke vryheid, regte en voorregte geniet” (soos aangehaal deur Brits *et al.*, 2022:336).

Teen hierdie tyd was Afrikaans as spreektaal, wat vanaf 1652 al ’n ander pad as Nederlands geloop het, reeds duidelik sigbaar in Suid-Afrika[1] in so ’n mate dat die Genootskap van Regte Afrikaners reeds op 14 Augustus 1875 in die Paarl gestig is met die doel om Afrikaans tot skryftaal te verhef (Carstens & Raidt, 2019:324-333). Hierdie mikpunt was egter nog ver van bewaarheid. ’n Aanduiding hiervan is dat die volledige Afrikaanse vertaling van die Bybel eers in 1933 verskyn het.

Wat in die konteks van die jare 1910 tot 1925 in ag geneem moet word, is dat ofskoon die Afrikaanssprekende gemeenskap demografies die meerderheid onder die wit bevolkingsgroep was, hulle ekonomies of finansieel ver agter die Engelssprekende komponent was. Gedurende die Anglo-Boereoorlog is 30 000 plaasopstalle deur Roberts se verskroeideaardebeleid afgebrand (Dommisse, 2021:16). Een van die uitkomste van die oorlog was die armblankevraagstuk onder Afrikaners. Die Carnegie-kommissie het in 1932 beraam dat 300 000 uit die totale wit bevolking van 1,8 miljoen armblankes was. Selfs in 1936 was die per capita-inkomste van wit Afrikaners 86 Britse pond teenoor 142 Britse pond onder ander lede van die wit bevolkingsgroep (Dommisse, 2021:17). In hierdie konteks was daar ’n gevoel van meerderwaardigheid onder baie Engelssprekendes voelbaar, wat selfs onsensitief in die openbare diskoers uitgespreek is, byvoorbeeld by geleentheid deur die visekanselier van die Universiteit van Kaapstad (Dommisse, 2021:17).

Die Afrikaanssprekende gemeenskap was dus in ’n situasie waar Nederlands wel as amptelike taal erken is, maar waar Afrikaanssprekendes binne die wit sektor van die bevolking hulleself ekonomies in ’n agtergeblewe situasie bevind het. Verder het hulle hul ook in die situasie bevind dat Nederlands nie hul huistaal of eerste taal was nie, maar ’n vreemde taal wat hulle met moeite, indien enigsins, kon lees, wat nog meer te praat, maar dat hul eerste taal nog nie as skryftaal bemagtig is nie.

Onderwys

Die Moesliemskole van die Kaapse Moslemgemeenskap het Afrikaans in die 19de eeu as onderrigmedium begin gebruik. Die Moslem Theological School in Kaapstad was die eerste skool in Suid-Afrika wat Afrikaans as taal van onderrig en leer gebruik het (Van Heerden, 2021; Willemse, 2018; Davids, Willemse & Dangor, 2023). Teen 1815 het Afrikaans Maleis as die onderrigtaal in Moesliemskole (madrassas) in Kaapstad vervang en teen die 1840’s was Arabiese Afrikaans goed gevestig as onderrigmedium in hierdie skole. Skryfoefeninge is in Kaapse Afrikaans gedoen, maar met die Arabiese alfabet (*ibid*.) as vertrekpunt.

Elders, in staatskole (vir wit leerders) en sendingskole (vir swart leerders), was die amptelike voertale Engels en Nederlands, ofskoon hoofsaaklik Engels. Die verengelsingpogings wat die Transvaalse en Oranje-Vrystaatse ná-Anglo-Boereoorlog-regerings in die onderwyssektor van stapel gestuur het, het tot die stigting van meer as 200 Christen-nasionale skole (CNO-skole) in ’n baie kort tyd deur die burgerlike Afrikanersamelewing gelei (Booyse, 2011:173-174).

[1] Die skrywer is bewus daarvan dat meer as een variëteit, soos onder meer Kaapse Afrikaans, reeds vroeg as spreektaal gebruik is.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a11

Geleidelik is mylpale in die ontwikkeling van Afrikaans as *onderwystaal* (as voertaal sowel as *vak* in skole en aan universiteite) egter wel bereik. Die eerste doktorale proefskrif in Afrikaans is in 1910 deur Willem Steenkamp aan die Vrye Universiteit van Amsterdam ingedien (*ibid.*). In 1914 is Afrikaans as voertaal op laerskoolvlak in die Kaap, Transvaal en Oranje-Vrystaat erken. Aan die Universiteit van Stellenbosch (en sy voorloper Victoria Kollege), was alle onderrig tot 1920 in Engels (Kapp, 2015:170). Nederlands/Afrikaans sou stap vir stap ingevoer word soos nie-Afrikaansmagtige dosente aftree. Dit was die begin van 'n omskakelingsproses na Afrikaans as enigste voertaal aan die Universiteit van Stellenbosch – 'n proses wat in 1946 voltooi is. In 1918 is DF Malherbe as die eerste professor in Afrikaans by die Universiteit van Stellenbosch aangestel. In 1919 is die gebruik van Afrikaans as voertaal tot aan die einde van die hoërskooltydperk gewettig. Ander mylpale in die ontwikkeling van Afrikaans as skryftaal, aangepas om hoërordefunksies te verrig, sluit in die stigting van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1909, die begin van die werk aan die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* in 1911 (formeel tot stand gebring in 1926) en die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* wat die eerste keer in 1917 verskyn het.

Dit is binne hierdie maatskaplike en onderwyskonteks dat Afrikaans, kragtens Wet 8 van 1925, Wet op de officiële talen van de Unie, naas Engels en Nederlands, op 27 Mei 1925 'n amptelike taal van Suid-Afrika geword het. Terwyl goeie aanvoorwerk vir die bemagtiging van Afrikaans reeds in die samelewing gedoen is, het Afrikaans egter nie dieselfde middele (soos uitgebreide woordeboeke en ander publikasies) as Engels gehad nie en het die sprekers van Afrikaans ook nie dieselfde finansiële of ekonomiese krag as Engelssprekendes gehad om die taal te bevorder nie. By die beoordeling van hierdie tydperk kan ook, met die voordeel van nakennis, kritiek uitgespreek word dat die wit Afrikaanssprekende gemeenskap nóg Afrikaanssprekendes uit ander bevolkingsgroepe nóg sprekers van inheemse Afrikatale saam met hulle geneem het op hul georganiseerde poging vir die bevordering van Afrikaans.

Die tydperk 1925 tot 1948

Maatskaplike konteks

Polities was die tydperk 1925 tot 1948 eers gekenmerk deur die Pakt-regering – 'n koalisie van twee partye waarvan die steun- en politieke basis van die een op die belange van wit Afrikaners en die ander op die belange van wit arbeiders berus het. Dié regering het ná die 1924-verkiesing aan bewind gekom, in die nagloed van die wit arbeidsonrus gedurende die vroeë 1920's. Gevolglik was die wit politieke diskoers baie inwaarts georiënteer en die negering van ander bevolkingsgroepe, wat die Uniewording en die eerste tydperk daarna gekenmerk het, het voortgeduur (Simpson, 2021:77-91).

Ekonomies het die 1933-depressie die land swaar getref. Dit het opnuut die wit Afrikaanssprekende komponent van die bevolking se pogings om hul ekonomiese agterstand (teenoor die Engelssprekende komponent van die wit bevolking) in te haal, gekortwiek. Teen 1939 was slegs 3% van die ingenieurs, 4% van die rekenmeesters, 11% van die prokureurs, 15% van die mediese dokters en 21% van die joernaliste in Suid-Afrika Afrikaners (Giliomee, 2019:87). Teen 1930 het een uit elke vier Afrikaners nog in die kategorie van armblankes geval (*ibid.*).

As gevolg van 'n sameloop van omstandighede het daar weer 'n regeringsverandering in 1939 plaasgevind. Die nuwe regerende party was toegespits op internasionale vraagstukke, soos die Tweede Wêreldoorlog (1939–1945) wat toe uitgebreek het. Die lugaanvalle op

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a11

Engeland, veral Londen, en die ontruimingsoefening van Normandië in 1944 was vir Suid-Afrika, as deel van die Statebond en as deelnemer aan die Geallieerde oorlogspoging, aktuele sake.

Dit was in hierdie konteks, met knellende ekonomiese en internasionale vraagstukke, wat die regering van die dag homself bevind het. In hierdie skema van kontekstuele kragte het die bevordering van Afrikaans van owerheidskant nie die hoogste prioriteit geniet nie, terwyl die burgerlike samelewingsektor van die Afrikaanssprekende gemeenskap ook nie kapitaalkragtig was om die taal te bevorder nie. Tog het mylpale in die bemagtiging van die taal vir hoërordefunksies nie uitgebly nie. Die opvallendste voorbeeld is sekerlik die verskyning van die Afrikaanse vertaling van die Bybel in 1933. Reeds in 1923 het die eerste Psalmboek (wat wyd in Afrikaanse kerke gebruik is) in Afrikaans verskyn. Verder is die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging in 1930 gestig, die *Afrikaanse Kinderensiklopedie* het in 1943 verskyn, vele vakwoordeboeke is gepubliseer en daar is begin om hofuitsprake in Afrikaans te lewer. Die eerste voltydse Afrikaanse radiodiens het op 25 Oktober 1937 met uitsendings begin. Netsoos in die ekonomie, het die taal van die staatsdiens egter oorwegend Engels gebly (vergelyk Carstens & Raidt, 2019:432-434, 436-443). In 1939 het minder as ’n kwart van die senior amptenare in die staatsdiens Afrikaans as eerste taal gepraat (Pauw, 1946).

Onderwys

Wat wit onderwys betref, was daar gedurende hierdie tydperk volgehoue groei ten opsigte van leerdergetalle, die getal skole, onderwyserskwalifikasies en onderwysersalarisse (Booyse, 2011). ’n Noemenswaardige ontwikkeling was dat die voertaal aan die histories Afrikaans-mediumuniversiteite in hierdie tydperk verskuif het van oorwegend Engels tot tweetalig tot enkelmedium Afrikaans. Verder het die Universiteit van Suid-Afrika in 1947 as afstands-universiteit tot stand gekom. Dié universiteit, wat wêreldbaanbrekerswerk op die gebied van afstandsonderwys op universitêre vlak gedoen het, sou mettertyd tot die grootste universiteit in Suid-Afrika en Afrika groei. Van die begin af is Afrikaans as voertaal op ’n gelyke basis as Engels gebruik.

Swart onderwys was in hierdie tydperk nog in die hande van sendinggenootskappe. Alhoewel daar sekerlik geargumenteer kan word dat sommige van hierdie instellings lofwaardige werk gedoen het (vergelyk Wolhuter, Potgieter & Steyn, 2011), was die finansiële bronne van hierdie sendinggenootskappe, teenoor die demografie en potensiële aanvraag, baie beperk (Christie, 1991:71). Terwyl wit onderwys gratis en (vir die laerskoolfase en die eerste jare van hoërskoolonderwys) verpligtend was, was dit nie die geval met onderwys vir swart leerlinge nie. Baie min swart kinders van skoolgaande ouderdom het skool voltooi; dié wat wel skool bygewoon het, het dit meestal net vir enkele jare gedoen (Christie, 1991:71). Volgens Christie (1991:71) was die swart skole se fasiliteite swak in vergelyking met dié van die wit skole. Teen 1928 het slegs ’n kwart van alle swart kinders enigsins skoolopleiding ondergaan en minder as 1% verder as die eerste twee skooljare gevorder (Giliomee, Mbenga & Nasson, 2022:378).

Om saam te vat, gedurende die tydperk 1925 tot 1948 is die patroon van die eerste dekades van die twintigste eeu voortgesit. Die bemagtigingsproses van Afrikaans vir hoërordefunksies, en die gebruik daarvan as onderwystaal in die besonder, het voortgegaan. In vergelyking met die Engelssprekende sektor van die wit bevolking het die Afrikaanssprekende sektor hom steeds op ’n ongelyke speelveld bevind wat die gebruikswaarde van die taal betref. Verder het die Afrikaanssprekende wit gemeenskap nie Afrikaanssprekendes van ander bevolkingsgroepe

saamgeneem in hul poging om Afrikaans te bemagtig nie en ook nie die steun of bewondering van die inheemse taalgemeenskappe gewen nie.

Die tydperk 1948 tot 1994

Maatskaplike konteks

Die jaar 1948 was ’n kritieke jaar in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika. In daardie jaar het die Nasionale Party die regering oorgeneem. Dié party het Afrikanerbelange sentraal gestel. Verder het die party, wat sy binnelandse rasse- en volkerebeleid betref, ’n beleid van volledige wetlik voorgeskrewe en afgedwonge territoriale, politieke en sosiale segregasie (“apartheid”) voorgestaan. Tien tuislande is territoriaal afgebaken vir swart Suid-Afrikaners, sekere groepsgebiede is aan bruin Suid-Afrikaners en Indiërs toegewys en die res van die land is aan wit Suid-Afrikaners toegeken. In hierdie tydperk het die ekonomiese posisie van die Afrikanergemeenskap baie verbeter en het dié gemeenskap polities gesproke die hef in die hand gehad. Ook die gebruik van Afrikaans vir hoërordefunksies, onder meer in die ekonomie en die staatsdiens, het toegeneem, met byvoorbeeld die staatsdiens wat Afrikaans oorheersend as voertaal begin gebruik het. Die regeringsbeleid van totale segregasie het hom egter teen drie kategorieë van struikelblokke vasgeloop.

Eerstens was dit mettertyd duidelik dat die segregasiebeleid op die demografiese en ekonomiese kontekstuele werklikhede van die land gestrand het. Die wit bevolkingskomponent het ’n ál kleiner persentasie van die totale bevolking gevorm. Waar wit mense in 1910 met die Uniewording ’n kwart van die totale bevolking van Suid-Afrika gevorm het, het dié getal reeds in 1948 na 20% verminder en daarna aanhou afneem. Teen 1994 was die wit bevolking slegs 12% van die totale bevolking. Die tuislande het nie tot ekonomies selfstandige entiteite ontwikkel nie en die stroom arbeiders van die tuislande na die res van die republiek kon nóg gestuit, nóg omgekeer word. Dit was in skrille kontras met die regering se oogmerk gedurende die vroeë 1960’s dat die stroom arbeiders vanaf die tuislande na die res van die republiek teen ongeveer 1977 omgekeer sou word (vergelyk Smit & Booysen, 1981).

Tweedens het swart politieke bewegings wat teen die regeringsbeleid was, die bevolking ál meer in burgerlike verset teen die regering georganiseer. Teen die laat 1980’s was burgerlike onrus ’n semipermanente verskynsel in groot dele van die land (Christie, 1991).

Derdens kon die regering ook nie sy beleid in die buiteland aanvaar kry nie. Die beleid het eenvoudig teen die hele gety van die wêreldgeskiedenis ingegaan, waar desegregasie aan die orde van die dag was. Selfs in die suidelike state van die Verenigde State van Amerika (wat die destydse Suid-Afrikaanse regering in die eerste jare ná sy bewindsoorname as buitelandse verwysingsraamwerk gebruik het) het die burgerregtebeweging van segregasie in die 1960’s in onguns verval en is dit permanent ongedaan gemaak. Teen die einde van die tagtigerjare het die Suid-Afrikaanse regering hom aan die ontvangkant van ’n hele reeks internasionale sanksies (wat ekonomiese sanksies, ’n olieboikot, ’n verbod op sportbande en ’n verbod op wapenhandel ingesluit het) bevind (Harricombe & Lancaster, 1995).

Sedert 1990 het die regering met swart politieke bewegings begin onderhandel vir ’n nuwe grondwet en politieke bestel. Die gevolg was dat ’n nuwe politieke bedeling in 1994 afgeskop het. Die kern van hierdie nuwe bedeling was ’n grondwet volgens die Westerse liberale model, gesteun deur die Handves van Menseregte, wat ten tyde van die opstel van die Grondwet en Handves wyd geloof is as een van die mees progressiewe handveste van menseregte in die wêreld (vergelyk Simpson, 2021). Tekenend van die internasionale agting

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a11

vir hierdie oorgang en nuwe bedeling is die Nobelprys vir Vrede in 1992 aan oudpresidente Nelson Mandela en FW de Klerk toegeken.

Onderwys

In die gunstige politieke omgewing van hierdie tydvak het wit onderwys (in elk van die vier provinsiale onderwysdepartemente), en Afrikaanse onderwys spesifiek, gedy. Dit was ’n tydperk van stygende inskrywingsgetalle en die stigting van nuwe skole en selfs twee nuwe wit Afrikaansmediumuniversiteite, naamlik die Universiteit van Port-Elizabeth (weliswaar tweetalig met Engels as voertaal op ’n gelyke basis met Afrikaans) (deesdae Nelson Mandela Universiteit) en die Randse Afrikaanse Universiteit (deesdae Universiteit van Johannesburg). ’n Aanduiding van die bemagtiging van Afrikaans vir hoërordefunksies, ook in die onderwyssektor, is dat daar teen die begin van die 1990’s reeds ongeveer 250 vakwoordeboeke vir onder meer die volgende vakgebiede uitgegee is: die brandweer, teater, fisika, liggaamlike opvoeding, kuns, rekenaars, spyskaarte, rugby, sterrekunde, skoenlappers, kragontwikkeling en finansies (Van Heerden, 2021).

In 1953 het die regering toegetree tot die voorsiening van swart onderwys met die promulgering van die Wet op Bantoe-onderwys, 47 van 1953. Swart onderwysinskrywingsgetalle het die hoogte ingeskiet (Giliomee, 2019:135). Slegs in die eerste vyf jaar ná die promulgering van hierdie wet het die getal swart hoërskoolleerders meer as verdubbel (*ibid*.) en in die volgende jare en dekades het hierdie momentum geensins afgeneem nie.

Die probleem was dat swart aktiviste nie hierdie beleid en stelsel aanvaar het nie omdat hulle die stelsel van Bantoe-onderwys as ’n onderdeel van die totale segregasiebeleid gesien het – ’n beleid wat hulle verwerp het in die nastrewing van hul ideaal van ’n onverdeelde Suid-Afrika met gelyke burgerskap vir almal. Verdere besware teen die Bantoe-onderwysstelsel was dat dié stelsel gekritiseer is as te outoritêr, dat dit ’n mentaliteit van swart onderdanigheid bevorder, dat dit Eurosentries was en nie die kulturele en natuurerfenis van Afrika tot sy reg laat kom nie en dat dit minderwaardig was in vergelyking met wit onderwys (vergelyk Christie, 1991; Mphahlele & Mminele, 1997:104-119).

Vanaf 1953 was die beleid dat moedertaal in die eerste drie jare die taal van onderrig en leer in die Bantoe-onderwysskole sou wees; vanaf die vierde jaar sou dit om die helfte Engels en Afrikaans wees. Dié beleid is egter nooit streng so geïmplementeer nie en die *de facto*-situasie was dat Engels vanaf die vierde skooljaar die voertaal was. In die middel van 1976 het die Departement van Bantoe-onderwys egter besluit dat die beleid van tweetalige onderwys voortaan streng geïmplementeer sou word. Synde hierdie beleid op swart leerders afgedwing is, het dit die vonk verskaf vir die uitbreek van grootskaalse opstande en oproer onder swart leerders vanaf 16 Junie 1976. Gou het ook swart universiteitstudente by die opstande aangesluit. Alhoewel die regering ná ’n tyd ’n mate van kalmte kon herstel, het ’n nuwe vlaag opstande teen 1984 uitgebreek, wat wyd in swart gemeenskappe (verder as net leerders en studente) gestrek het. Dit het nou die vorm van teenstand teen die algehele apartheidstelsel aangeneem en het teen die laat 1980’s ’n semipermanente verskynsel op die Suid-Afrikaanse politieke landskap geraak.

Om op te som: die tydperk 1948 tot 1994 was een van ongekende uitbreiding op onderwysgebied. Terwyl die wit Afrikaanssprekende gemeenskap sy onderwysagterstand teenoor die Engelssprekende wit gemeenskap opgehef het, en in ’n groot mate ook sy ekonomiese agterstand, was die probleem weer eens dat hierdie gemeenskap nie Afrikaanseerstetaalsprekers uit ander bevolkingsgroepe of die eerstetaalsprekers van die swart inheemse

tale met hom saamgeneem het in sy onderwysprojek (wat die bevordering en bemagtiging van Afrikaans ingesluit het) nie.

Die tydperk 1994 tot 2024

Maatskaplike konteks

Die konteks rakende die status en gebruik van Afrikaans het sedert die oorgang na die nuwe grondwetlike bedeling in April 1994 in Suid-Afrika beduidend verander, van een van twee amptelike tale (voor 1994) na een van twaalf (aanvanklik elf)[2] amptelike tale (ná 1994). Voorts was die nuwe politieke magsbalans nie meer so gunstig vir Afrikaans as in die voor-1994-era nie. Dit het uiteraard 'n impak op die gebruiks- en toekomspotensiaal van die taal in Suid-Afrika gehad.

Ondanks die lofwaardige waarborge van die Grondwet en die Handves vir Menseregte (soos vroeër vermeld), bevind die Afrikaanse taal hom in 'n situasie waar sy hoërordefunksies deur sowel die regering as die burgerlike samelewing een na die ander uitgeskuif word. Selfs die howe veroorloof die afskaffingsproses, ondanks uitdruklike grondwetlike waarborge vir die teendeel (Giliomee, 2019:317-322; vergelyk ook Currie & De Waal, 2013; Scholtz, 2021). 'n Onlangse voorbeeld van die afskaling van Afrikaans in openbare ruimtes of die funksieverlies van Afrikaans is die aankondiging dat aspirantprokureurs voortaan hul toelatingseksamen slegs in Engels (en nie meer in Afrikaans, soos wat die gebruik in die verlede was nie) sal mag aflê (Kok, 2024).

Onderwys

In die onderwyssektor het die Afrikaanssprekende gemeenskap insgelyks ná 1994 te staan gekom voor volgehoue regeringsgesteunde en selfs regeringsgeïnisieerde pogings om die plek van Afrikaans in die onderwyssektor te verklein. Hier kan byvoorbeeld verwys word na die afskaling van Afrikaans aan openbare universiteite, tot die punt waar daar vandag, ten minste op nagraadse vlak, nie meer een universiteit is waar Afrikaans op gelyke vlak as Engels as voertaal gebruik word nie, laat staan nog as uitsluitlike voertaal, alhoewel die Universiteit Stellenbosch en Noordwes-Universiteit se huidige taalbeleide daarvoor voorsiening maak. Die uitfasering van Afrikaans as voertaal aan universiteite is elke keer tot in die Grondwethof gedryf – in elke universiteit se geval om 'n ander rede, maar telkens duidelik in botsing met die bepalings van die Grondwet (Giliomee, 2019:317-322). Hierdie ongerymdheid was so hewig dat die politieke kommentator Leopoldt Scholtz (2021) tot die gevolgtrekking gekom het dat die Konstitusionele Hof inderwaarheid sê dat dit "wat in die Grondwet staan eintlik nie daar staan nie" (Carstens & Raidt, 2019:768-792).

Die getal Afrikaansenkelmedium- openbare skole het sedert 1994 skerp en aanhoudend gedaal (Giliomee & Schlemmer, 2006:242). Al sedert 1994 voer die nasionale sowel as provinsiale regerings gereeld hofsake teen Afrikaansenkelmediumskole omdat hulle na bewering taaleksklusief sou wees. Daar moet egter genoem word dat daar steeds 985 skole is wat Afrikaans eksklusief as voertaal gebruik, asook 967 Afrikaans-Engelsparallelmediumskole (Fedsas, 2024).

[2] Gebaretaal is in Julie 2023 as Suid-Afrika se amptelike 12de taal erken.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a11

Dit is egter geen rede tot gerustheid nie. Die jongste bedreiging vir die posisie van Afrikaans as voertaal is die omstrede *Wysigingswet op Basiese Onderwys* (ook bekend as die Bela-wet), wat op Vrydag 13 September 2024 formeel deur die President onderteken is. Ná 'n aanvanklike opskorting van die implementering van die klousules oor taalbeleid en toelatingsbeleid van skole, is hierdie twee klousules op 20 Desember 2024 ook deur die President bekragtig vir implementering. Alhoewel die jongste beskikbare weergawe van die Wet die mees verontrustende dele van die Wetsontwerp (dié oor taalbeleid en toelatingsbeleid van skole) baie versag het sedert die eerste weergawe van die Wetsontwerp in 2017; en alhoewel die Minister van Basiese Onderwys (lid van 'n opposisieparty wat teen die klousules gekant is) blykbaar eers nog regulasies en norme en standaarde oor taal- en toelatingsbeleid moet ontwikkel, sal die Wet steeds 'n groot verskuiwing van die lokus van mag oor die besluitneming ten opsigte van die voertaal van skole vanaf ouers of beheerliggame na die provinsiale Ministeries van Onderwys teweegbring.

Volgens Prince (2024) is dit veral hierdie aspek wat, gesien in die lig van die geskiedenis van owerheidspogings die afgelope 30 jaar om die posisie van Afrikaans as voertaal aan onderwysinstellings af te skaal, kommer wek onder die Afrikaanssprekende gemeenskap. Die kommer is dat die patroon waarvolgens enkelmediumskole, met die verklaarde doelstelling om dié skole meer inklusief te maak en meer en gelyke geleenthede vir almal te skep, parallelmedium gemaak kan word kragtens 'n ministeriële bevel. Gegee die politieke en demografiese konteks, en om praktiese oorwegings, is die vrees dat hierdie skole spoedig sal oorgaan tot eentalige Engelse instellings, soos dit die geval met byvoorbeeld die Afrikaanse universiteite die afgelope 30 jaar asook met talle voorheen Afrikaanse enkelmediumskole was. Die argument dat die voorkoms van al meer geïntegreerde woonbuurte moeilik te rym is met die voortbestaan van enkelmediumskole, het sekerlik meriete (Koorts, 2025), maar die onlangse geskiedenis van universiteite in Suid-Afrika wys dat parallelmedium-onderwysinstellings (dit is Afrikaans en Engels as medium) baie vinnig oorgaan na eentalig Engels.

Dat hierdie kommer oor die uitfasering van Afrikaans nie ongegrond is nie, kan gestaaf word deur die uitsprake van 'n opvoedkundige en openbare meningsvormer soos Jansen (2017:69-82), wie se hele oeuvre andersins op die basis van sosiale geregtigheid gebou is. Jansen (2017:69-82) raai die Afrikaanssprekende gemeenskap aan om die stryd om die behoud van Afrikaans as onderwysvoertaal te staak en hy beskou dié stryd as 'n futiele poging omdat die taal as 'n simbool van onderdrukking en van uitsluiting beskou word. Ter wille van balans moet vermeld word dat die verwikkelinge in die politieke konteks – die vorming van 'n regering van nasionale eenheid (RNE) in 2024 spesifiek – volgens sommige kommentators wel nuwe speelruimte vir die Afrikaanssprekende gemeenskap bied om Afrikaans in die onderwyssektor te verskans (vergelyk byvoorbeeld Le Cordeur, 2024a).

Wat verder in teenstelling staan met die korpus literatuur ten gunste van moedertaal as voertaal in die onderwys (soos vroeër verduidelik), asook met die bestaan van twaalf amptelike, grondwetlik verskanste tale en die regering se eie verklaring van steun vir die bevordering van meertaligheid en die dekolonialisering en Afrikanisering van onderwys, is die feit dat daar die afgelope 30 jaar nóg op universiteitsvlak nóg op skoolvlak enige vordering gemaak is om enige van die ander tale (behalwe Engels) as onderwysvoertaal te ontwikkel. Hierdie situasie kan waarskynlik toegeskryf word aan die gebrek aan politieke wil en die wye beskouing van die waarde van Engels in die arbeidsmark (Wolhuter & Van der Walt, 2022). Selfs as 'n vak is die studie van Afrikatale aan universiteite sedert 1994 aan die taan. Departemente van Afrikatale het verminder en studente-inskrywings vir Afrikatale het ná 1994 gekrimp (Mgqwashu, 2013:2). Aan die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) was daar byvoorbeeld in

1997 nog 25 000 studente vir Afrikatale geregistreer, maar teen 2008 het hierdie getal tot 3 000 gedaal (Shiraya, 2008:18).

Gevolgtrekking: Afrikaans as onderwystaal ná 100 jaar – prestasies, tekortkominge, uitdagings en toekoms

Prestasies

Die ontwikkeling van Afrikaans gedurende die afgelope 100 jaar van kwalik 'n skryftaal (in 1925 was die Bybel nog nie eers in Afrikaans vertaal nie) tot 'n taal bemagtig as 'n onderwys- en wetenskapstaal vir die hoogste funksies (as taal van doktorale proefskrifte en wetenskaplike publikasies van die hoogste orde – soos weerspieël in die Web of Science-tydskrifpoel) is geen geringe prestasie nie. 'n Aanduiding van die graad van sodanige prestasie is die feit dat Afrikaans slegs een van vier tale wêreldwyd (saam met Hebreeus, Hindi en Indonesies-Maleisies) is wat dié prestasie kon behaal (Giliomee, 2004). Verder is Afrikaans ten opsigte van die getal leerders wat die vak op skool bestudeer 'n beduidende taal. Vir die 2023-Matriekeksamen het 48 385 leerders die Afrikaans Huistaaleksamen geskryf, en 97 654 Afrikaans as Eerste Addisionele Taal (Republiek van Suid-Afrika, Departement van Basiese Onderwys, 2024). Hierdie getalle het die afgelope jare konstant gestyg, en boonop is die getal Afrikaans addisionele taalkandidate na Engels meer as vir enige ander van die twaalf amptelike tale (*ibid.*).

Tekortkominge

Uit die oorsig van die ontwikkeling van Afrikaans as onderwystaal die afgelope 100 jaar, soos hier bo aangebied, staan twee tekortkominge uit. Eerstens het die wit Afrikaanssprekende taalgemeenskap nie Afrikaanssprekendes uit ander bevolkingsgroepe saam met hulle geneem in hul poging tot die bemagtiging van die taal en die erkenning van die regte van die sprekers van Afrikaans nie. (Oor die bydraes uit ander bevolkingsgroepe ten opsigte van die oorsprong en ontwikkeling van Afrikaans, vergelyk Carstens & Le Cordeur, 2016). Die leser moet besef dat die wit Afrikaans-eerstetaalsprekers 'n minderheid in die totale gemeenskap van Afrikaans-eerstetaalsprekers is. Wit sprekers (2 710 461 sprekers) vorm slegs 39,5% van die gemeenskap van Afrikaans-eerstetaalsprekers, terwyl 50,2% (3 442 164 sprekers) histories as bruin, 8,8% (692 166 sprekers) as swart en 0,9% (58 700 sprekers) as Indiërs geklassifiseer is (South African Gateway, 2024). Hier moet erkenning gegee word aan die werk wat die Stigting vir die Bemagtiging van Afrikaans in die bruin gemeenskap gedoen het (vergelyk Carstens & Le Cordeur, 2016).

Tweedens het die wit Afrikaanssprekende gemeenskap nie daarin geslaag om ander inheemse taalgemeenskappe te inspireer om 'n soortgelyke poging ten opsigte van hul tale aan te wend nie. Voorts kon hulle ook nie daarin slaag om erkenning vir hul prestasies in die bemagtiging van Afrikaans onder ander taalgroepe of wye erkenning van die reg vir die gebruik van die taal in al die hoërordefunksies waarvoor bewese bemagtiging van die taal bestaan, te werf nie.

Uitdagings

Die twee geïdentifiseerde tekortkominge is ook die twee uitdagings waarvoor die Afrikaanssprekende gemeenskap te staan kom betreffende pogings om Afrikaans in die

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a11

onderwyssektor te verskans. Eerstetaalsprekers van Afrikaans onder ander bevolkingsgroepe as slegs die wit bevolkingsgroep moet betrek word ten einde 'n kragtiger poging vir die versterking van Afrikaans in die onderwyssektor moontlik te maak. Dan moet die ongeërgdheid oor Afrikaans teengegaan word en die negatiewe energie wat vermors word op pogings om Afrikaans te marginaliseer of uit te faseer, omgekeer word om Afrikaans eerder as 'n aanskouingsles vir ander inheemse taalgemeenskappe aan te bied. In sy TB Davie-lesing aan die Universiteit van Kaapstad in 2017 het die Ugandese akademikus Mahmood Mamdani die bemagtiging van Afrikaans in die twintigste eeu voorgehou as 'n model vir dekolonialisering en vir die ontwikkeling van ander tale in Suid-Afrika (Loots, 2017). Hierdie stelling het egter baie antagonisme uit die gehoor gelok (*ibid.*).

Toekomsvooruitsig

Ten slotte word 'n blik op die toekoms gewerp. Dit gaan hier oor toekomsmoontlikhede of -kanse sowel as voorstelle vir 'n pad om in die toekoms in te slaan. Daar word nie net gebruik gemaak van die historiese oorsig wat in die artikel aangebied is nie, maar ook teruggegryp na die instrumentarium van die metodologie van die vergelykende en historiese opvoedkunde- en onderwysnavorsing, soos vroeër onder navorsingsmetodologie verduidelik. Dit is ook die twee wetenskapsvelde vergelykende opvoedkunde en historiese opvoedkunde, wat die wetenskaplike *locus standi* van die skrywer is. Die institusionele *locus standi* van die skrywer is 'n navorsingseenheid oor menseregte in diversiteit in die onderwys, en daar word dan ook uit die voordeel van hierdie gesigspunt geput in die uitspel van 'n moontlike toekomspad.

Die eerste bron van krag vir Afrikaans en die bevordering daarvan is die demografie van die taal. Navorsing gedoen in 2022 deur die Afrikaanse Taalraad (die Afrikaanse Taalraad bevorder Afrikaans inklusief in sy volle diversiteit in 'n meertalige konteks) en Solidariteit se Navorsingsinstituut het bevind dat die getal Afrikaans-eerstetaalsprekers toegeneem het van 6 855 930 in 2011, tot 6 989 786 in 2016, tot 7 080 042 in 2021 en na verwagting verder behoort te styg tot 7 122 806 in 2031 (Mulder & Steenkamp, 2022). Met betrekking tot die getal eerstetaalsprekers is Afrikaans die derde grootste taalgroep in Suid-Afrika (naas isiZulu en isiXhosa). Insgelyks is Afrikaans wat getal tweedetaalsprekers betref, met 10,3 miljoen tweedetaalsprekers, ook na isiZulu en isiXhosa die derde grootste taal in Suid-Afrika (South African Gateway, 2024). Wat die totale getal eerste- en tweedetaalsprekers betref, is Afrikaans, met 17,2 miljoen eerste- en tweedetaalsprekers, ook die derde grootste taal in die land (*ibid.*). Ekonomies is die komponent Afrikaans-eerstetaalsprekers ook 'n krag om mee rekening te hou wanneer finansiële krag vir die beskerming en bevordering van die taal aangewend word. En terwyl die verswakkende staat tereg 'n groot bron van kommer is, skep dit meer ruimte vir die agentskap van die burgerlike samelewing (maar dan, om in te pas by 'n deurlopende tema in hierdie artikel, met die voorbehoud dat wie ook al in die burgerlike samelewing inisiatief neem, dit uit 'n inklusiewe benadering tot Afrikaans moet doen).

'n Verdere potensiële bron van krag kan wees om met die groter Nederlandse taalfamilie bande te smee, by name die (Nederlandse) Taalunie, wat in 1980 gestig is. In die Europese Unie en in wêreldverband is Nederlands ook 'n minderheidstaal. Daar is tekens dat 'n taalbewustheid in die onlangse verlede onder die Nederlandse taalgemeenskap ontstaan het en pogings ter bevordering van Nederlands word aangewend (Carstens & Raidt, 2019). Een voorbeeld hiervan is die opname *Staat van het Nederlands,*[3] wat elke twee jaar onderneem

[3] Vergelyk: https://taalunie.org/dossiers/8/staat-van-het-nederlands#.

word en wat die Afrikaanse Taalraad ook as model geneem het vir ’n eie opname onder die Afrikaanssprekende taalgemeenskap in 2024.

Verder behoort die Afrikaanse taalgemeenskap voortdurend op die uitkyk te wees vir geleenthede om die Afrikaanse taal in die onderwyssektor te verskans, te bevorder en uit te brei. Die volgende voorbeeld kan in hierdie verband genoem word. Na beraming sal Suid-Afrika teen 2025 jaarliks ongeveer 39 500 nuwe onderwysers benodig, en soveel as 52 000 jaarliks teen 2030 (Van der Berg, Gustafsson & Burger, 2020). Hierteenoor lewer die hoëronderwysstelsel tans slegs ongeveer 25 000 nuwe onderwysers per jaar op, waarvan slegs 17 000 betrekkings as onderwysers in Suid-Afrika aanvaar (*ibid*.). Hier is derhalwe ’n geleentheid vir die Afrikaanse taalgemeenskap om die Suid-Afrikaanse onderwysmark van onderwysers wat die Afrikaanse taal magtig is en die saak van die bevordering van Afrikaans in die onderwyssektor goedgesind is, te voorsien. Deur gewoon goeie opvoedings- en onderwysverhoudings tussen opvoedeling en opvoeder te vestig en die regte voorbeeld en gesindheid by die opvoeder te kweek, is hier ’n geleentheid om negatiewe stereotipes oor Afrikaans en die sprekers daarvan teen te werk. Ook hier geld, uit een van die sentrale temas in hierdie artikel, die voorbehoud dat sodanige Afrikaanssprekende onderwysers inklusief gebruik word, met die gedagte dat onderwysstudente uit sprekers van al die variëteite van Afrikaans gewerf sal word, soos aangedui deur onder meer Le Cordeur (2020; 2024c).

Wêreldwyd is private onderwysinstellings ’n groeiende verskynsel, en hier lê ook vir Afrikaans moontlikhede. Wêreldwyd is 38% van alle leerders in private preprimêre skole, 19% in private primêre skole, 27% in private sekondêre skole en 33% in private hoër-onderwysinstellings (UNESCO, 2022). In die lig van die regering se plan om een jaar preprimêre skoolbywoning by die verpligte skoolbywoningsiklus in te sluit, is daar ook op die vlak van voorskoolse onderwys duidelik ’n geleentheid om veld vir Afrikaans in die onderwyssektor te wen.

Waar Afrikaans as voertaal in skole gebruik word en as eerste taal onderrig word, is dit noodsaaklik dat hierdie leerders ook op die hoogste vlak in Engels onderrig moet word as deel van hul opvoedende onderwys aan die begin van die 21ste eeu (Van der Walt & Wolhuter, 2016). Dit is nodig ten einde hulself te handhaaf en kompeterend te bly in die huidige geglobaliseerde wêreld en in die huidige binnelandse konteks (waar, gegee wydverspreide negatiewe stereotipes oor Afrikaans en die sprekers daarvan, die speelveld in vele opsigte teen hulle gelaai is). Die internasionale status van ’n taal is ’n funksie van die produk van veral twee faktore, naamlik die demografie en ekonomiese krag van sy sprekergemeenskap. Op grond hiervan kan geargumenteer word dat die posisie van Engels as enkele wêreldtaal dalk in die toekoms uitgedaag en aangevul of selfs vervang kan word deur een of meer van die drie tale Mandaryns, Spaans en Duits. Dié argument kan eerstens gemaak word aangesien Spaans reeds etlike dekades gelede Engels as taal met die meeste sprekers in die Westelike halfrond verbygesteek het en die getal Spaanssprekendes selfs in die Verenigde State van Amerika vinniger groei as die getal Engelssprekendes. Tweedens het die getal Spaans-eerstetaalsprekers wêreldwyd reeds etlike jare gelede die getal Engels-eerstetaalsprekers verbygesteek. Met sowat 100 miljoen moedertaalsprekers is Duits die grootste moedertaalgroep in die Europese Unie (European Commission, Directorate-General for Communication, 2024) en tot onlangs is wyd voorspel dat die Europese Unie aanstons die sterkste ekonomie in die wêreld gaan word (vgl. Kissinger, 2022:140-149). Aan die ander kant kan dit nie ontken word dat Engels ten minste vir die afsienbare toekoms die enkele en onbetwiste internasionale *lingua franca* gaan bly nie (vgl. Vu, Winser & Walsh, 2020). Verder, gesien in die lig van die belangrikheid van taalvaardigheid en veeltaligheid, nie slegs in Suid-Afrika nie, maar ook in die hedendaagse

wêreld (vergelyk Miller & Neigert, 2024), behoort, naas Engels en die vele ander vakgebiede wat om ruimte in die kurrikulum meeding, deeglik voorsiening gemaak te word vir ander Suid-Afrikaanse tale, asook wêreldtale, in die onderwysvoorsiening aan Afrikaans-eerstetaalleerders.

Aan die begin van die artikel is die metode van vergelykende opvoedkunde en historiese opvoedkunde verduidelik. Eersgenoemde het die samehang tussen onderwys(stelsel) en konteks verduidelik. Uit die oorsig oor die wordingsgang van Afrikaans in die onderwys wat in die artikel aangebied is, is een gevolgtrekking wat (natuurlik baie maklik met die voordeel van terugskou) gemaak kan word, naamlik dat die wit Afrikaanssprekende gemeenskap in sy poging vir die bevordering van Afrikaans in die onderwyssektor (en verder) die konteks in belangrike opsigte verkeerd gelees het en dat dit dié gemeenskap uiteindelik duur te staan gekom het.

Vir dinamiese, visionêre bevordering van die taal oor die volgende 100 jaar deur die benutting van geleenthede wat hulle voordoen, is dit noodsaaklik om die konteks noukeurig en waaksaam waar te neem en dienooreenkomstig op te tree. Tweedens, in samehang hiermee is die taak om weer eienaarskap van die geskiedenis van onderwys op te neem ná die Afrikaanse stem in die onderwysgeskiedskrywing die afgelope jare baie stil geraak het. Dit is ongelukkig so dat die kielsog van die sosio-rekonstruksie wat in 1994 ’n aanvang geneem het, nie die onderwysgeskiedskrywing of die sosiowetenskaplike literatuur oor onderwys in Suid-Afrika kon losruk uit die ideologies-paradigmatiese keurslyf waarin dit steeds gefossileer is nie (vergelyk Wolhuter, 1999; 2018). In hierdie verband kan aanbeveel word dat die 1994-Grondwet en die Handves van Menseregte, as morele kode van ’n geglobaliseerde wêreld, as verwysingspunt vir die geskiedskrywing sowel as die sosiowetenskaplike studie van onderwys in Suid-Afrika gestel word.

ERKENNING

DIE PUK-
KANSELIERSTRUST

BIBLIOGRAFIE

Benavot, A. 2004. *A global study of intended instructional time and official school curricula, 1980–2000*. Paris: UNESCO.

Booyse, JJ. 2011. The provision of education during the first half of the 20th century. In Booyse, JJ, Le Roux, CS, Wolhuter, CC & Seroto, J (eds). *A history of schooling in South Africa: Method and context.* Pretoria: Van Schaik, pp. 169-214.

Brits, JP, Spies, SB, Grundlingh, A & Ngqulunga, B. 2022. ’n Nuwe Suid-Afrika in wording. In Giliomee, H, Mbenga, B & Nasson, B (reds.). *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika.* Kaapstad: Tafelberg, pp. 323-357.

Carstens, WAM & Le Cordeur, M. (reds.). 2016. *Ons kom van vêr: Bydraes van bruin Afrikaanssprekendes se rol in die ontwikkeling van Afrikaans.* Tygervallei: Naledi.

Carstens, WAM & Raidt, EH. 2019. *Die storie van Afrikaans: Uit Europa en van Afrika: Biografie van ’n taal.* Deel 2. Pretoria: Protea Boekehuis.

Christie, P. 1991. *The right to learn: The struggle for education in South Africa* (2nd ed.). Braamfontein: Ravan Press.

Crossley, M. 2014. Global league tables, big data and the international transfer of educational research modalities. *Comparative Education*, 50(1):15-26.

Currie, I & De Waal, J. 2013. *The Bill of Rights handbook.* Kaapstad: Juta.

Davids, A; H Willemse & A Dangor. 2023. *The Arabic Afrikaans Writing Tradition, 1815–1915*. Cape Town: Jacana.

European Commission, Directorate-General for Communication. 2024. *Special Eurobarometer survey "Europeans and their languages"*. doi:10.2766/28257 ISBN 978-92-68-12045-3. Datum van toegang: 23 Julie 2024.

Dommisse, E. 2021. *Fortuine: Die wel en wee van Afrikaner-magnate.* Johannesburg: Jonathan Ball.

FEDSAS. 2024. Onderwys in Syfers. Ongepubliseerde Navorsingsverslag, FEDSAS. https://www.fedsas.org.za/Documents/PublicSchools.

Fishman, JA. 1991. *Reversing language shift: Theoretical and empirical foundations of assistance to threatened language*. Clevedon: Multilanguage Matters.

Giliomee, H & Schlemmer, L. 2006. *'n Vaste plek vir Afrikaans: Taaluitdagings op kampus*. Stellenbosch: SUN PReSS.

Giliomee, H, Mbenga, B & Nasson, B. 2022. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika.* Kaapstad: Tafelberg.

Giliomee, H. 2004. The rise and possible demise of Afrikaans as public language. *Nationalism and Ethnic Politics,* 10(1):25-58.

Giliomee, H. 2019. *The rise and demise of the Afrikaners.* Cape Town: Tafelberg.

Gutek, G. 2006. George S Counts and the origins of social reconstructionism. In Riley, KL (ed.). *Social reconstruction: People, politics, perspectives.* Greenwich: Information Age Publishing, pp. 1-26.

Harricombe, LJ & Lancaster, FW. 1995. *Out in the cold: Academic boycotts and the isolation of South Africa.* Arlington: Information Resources Press.

Jansen, JD. 2017. *As by fire: The end of the South African university.* Cape Town: Tafelberg.

Kapp, PH. 2015. *Nalatenskap sonder einde: Die verhaal van Jannie Marais en die Marais-broers.* Stellenbosch: Het Jan Marais Nationale Fonds.

Kissinger, H. 2022. *Leadership: Six studies in world strategy*. London: Allen Lane.

Kok, M. 2024. Proks sal nou net Engels kan praat. *Rapport,* 1-3, 24, 7 Jan. 2024.

Koorts, L. 2025. Bela-gesprek is meer kompleks. *Die Burger,* 3 Januarie 2025. https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/lindie-koorts-bela-gesprek-is-meer-kompleks-20250103-4.

Le Cordeur, MLA. 2015. Die kwessie van Kaaps: Afrikaansonderrig op skool benodig 'n meer inklusiewe benadering. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 55(4):523-539.

Le Cordeur, M. 2020. 'n Strategie vir die insluiting van Kaapse Afrikaans by die formele skoolkurrikulum. Geplaas 19 Oktober 2020. https://www.litnet.co.za/n-strategie-vir-die-insluiting-van-kaapse-afrikaans-by-die-formele-skoolkurrikulum/.

Le Cordeur, M. 2024a. RNE kan ongelykheid in onderwys hanteer. *Netwerk24,* 24, 24 Jun. https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/michael-le-cordeur-rne-kan-ongelykheid-in-onderwys-hanteer-20240627 [8 Augustus 2024].

Le Cordeur, M. 2024b. Stem vir beter onderwys. *Beeld,* 24, 28 Mei. https://www.netwerk24.com/web-etikette/mense/michael%20le%20cordeur [7 Augustus 2024].

Le Cordeur, M. 2024c. Maak plek vir Kaaps in skole. *Die Burger*, 24 Augustus. https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/michael-le-cordeur-tyd-om-plek-te-maak-vir-kaaps-in-skole-20240824.

Le Roux, CS & Wassermann, J. 2016. The history of South African education up to 1994. In Horsthemke, K, Siyakwazi, P, Walton, E & Wolhuter, C (eds). *Education studies: History, sociology, philosophy*. Cape Town: Oxford University Press, pp. 2-44.

Loots, S. 2017. (Geen titel, meningskolom). *Rapport*, 17, 18 Sep.

Mgqwashu, EM. 2013. On developing academic literacy in the mother tongue for epistemological access. *Critical Issues in Language Planning,* 2013:1-13.

Miller, G & Neigert, M. 2024. Foreign language competence more than a "nice to have". *University World News,* 24, 19 Mar. https://www.universityworldnews.com/post.php?story=20240319100146800 [3 April 2024].

Mphahlele, MCJ & Mminele, SPP. 1997. Education through the ages, part 3. Pretoria: Kagiso.

Mulder, C & Steenkamp, C. 2022. *Die algemene demografie van Afrikaans 2022*. s.l.: Afrikaanse Taalraad.

Pauw, S. 1946. *Die beroepslewe van die Afrikaner in die stad.* Stellenbosch: Pro-Ecclesia.
Pawson, R. 2006. *Evidence-based policy: A realist perspective*. Thousand Oaks: Sage.
Prince, L. 2024. SA'ners "sal BELA-wet eenvoudig nie kan bekostig". *Beeld,* 24, 21 Maart. https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/politiek/saners-sal-bela-wet-eenvoudig-nie-kan-bekostig-20240321 [30 Maart 2024].
Republiek van Suid-Afrika, Departement van Basiese Onderwys. 2024. *2023 Diagnostic Report.* Pretoria: Departement van Basiese Onderwys.
Scholtz, L. 2021. Word Maties nou ge-Milner? *Netwerk24,* 21, 9 Maart. https://www.netwerk24.com/netwerk24/Stemme/Aktueel/is-maties-nou-ge-milner-20210308 [24 Maart 2022].
Shiraya, J. 2008. Knowledge of English is essential for kids' success. *Cape Argus*, 18, 16 Oct.
Simpson, T. 2021. *History of South Africa: From 1902 to the present*. Cape Town: Penguin Random.
Smit, P & Booysen, J. 1981. *Swart verstedeliking: Proses, patroon en strategie.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
South African Gateway. 2024. The 11 languages of South Africa. https://southafrica-info.com/arts-culture/11-languages-south-africa/#:~:text=IsiZulu%20is%20South%20Africa's%20biggest,%2C%20and%20isiNdebele%20(2%25) [31 March 2024].
UNESCO. 1953. The use of vernacular languages in education. http://unesdoc.unesco.org/images/0000/000028/002897EB.pdf [31 March 2018].
UNESCO. 2022. Private education has grown faster in South Asia than any other region in the world. https://world-education-blog.org/2022/11/02/private-education-has-grown-faster-in-south-asia-than-any-other-region-in-the-world/ [22 November 2022].
Van der Berg, S, Gustafsson, M & Burger, C. 2020. School teacher supply and demand in South Africa in 2019 and beyond. https://resep.sun.ac.za/wp-content/uploads/2022/03/DHET-Supply-and-Demand-Report-Phase-1.pdf [28 March 2022].
Van der Walt, JL & Wolhuter, CC. 2016. Eerste taal as onderrigmedium in hoër onderwys: 'n Internasionale perspektief. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 56(4-1):1016-1033.
Van Heerden, M. 2021. Afrikaans: 'n Tydlyn vir skole. https://www.litnet.co.za/afrikaans-n-tydlyn-vir-skole/ [23 Maart 2024].
Vu, T, Winser, W & Walsh, J. 2020. Teacher Attitudes Towards the English Language Curriculum Change: The case of Viet Nam. *TESOL International Journal,* 15(6):84-111.
Willemse, H. (red.). 2018. Achmat Davids: *Die Afrikaans van die Kaapse Moslems*. Kaapstad: SBA.
Wolhuter, C. 2018. Parameters for a cultural history of education in South Africa. *Education Research and Perspectives,* 45:64-68.
Wolhuter, CC & Van der Walt, JL. 2022. Strominge en teenstrominge in die vraag na die onderwys-taalmedium: 'n Internasionale en 'n Suid-Afrikaanse perspektief. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 62(4):715-742.
Wolhuter, CC, Potgieter, FJ & Steyn, HJ. 2011. 'n Gevallestudie van die bydrae van sendingonderwys tot die ontwikkeling van Afrika–omgekeerde spieëlbeeld van die stereotipiese uitbeelding in die literatuur. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap,* 47(1):23-41.
Wolhuter, CC. 1999. Sociaal-wetenschappelijke literatuur over onderwijs in Zuid-Afrika: Van verzuilen tot eensgezindheid vanuit verscheidenheid. *Pedagogische Studiën*, 76:361-370.
Wolhuter, CC. 2019. The philanthropic mission of comparative and international education bequeathed by Jullien: Continuing capstone of the field. In Wolhuter, CC (ed.). *The legacy of Jullien's work for comparative education*. London: Routledge, pp. 1-14.
Wolhuter, CC. 2024. *The global south in comparative and international education: A leitmotif.* Durbanville: AOSIS.
World Bank. 2021. *Loud and clear: Effective language of instruction policies for learning. A world bank policy paper*. Washington: World Bank.

Die trajek van Afrikaans as inheemse onderwystaal van 1925 tot 2025: Gedagtes oor die verlede, die hede en die toekoms

The trajectory of Afrikaans as indigenous education language from 1925 to 2025: Thoughts on the past, the present and the future

JOHAN BECKMANN
Navorsingsassosiaat: Kantoor vir Internasionale Betrekkinge
Universiteit van die Vrystaat
Suid-Afrika
E-pos: johan.beckmann21@gmail.com
ORCID: https://orcid.org/0000-0002-7252-8483

Johan Beckmann

JOHAN BECKMANN is 'n emeritus professor van die Universiteit van Pretoria (UP) waar hy vanaf 1992 in verskillende hoedanighede aan die Departement Onderwysbestuur en -beleid verbonde was, onder meer as departementshoof.

Prof. Beckmann het voor sy verbintenis met UP verskeie leiersposisies aan skole en statutêre onderwysersorganisasies beklee.

Hy was 'n stigterslid en die eerste voorsitter van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Onderwysreg (SARO) in 1975 en ook die eerste direkteur van die interuniversitêre sentrum vir onderwysreg en -beleid.

Hy is twee keer uitgenooi om lesings by die gesogte Oxford Round Table te lewer.

Sy publikasies fokus op onderwys-beleid- en onderwysreg-aangeleenthede met die klem op skoolbeheer en -bestuur en die devolusie van gesag en die hersentralisering van mag.

Sy publikasies sluit mede-outeurskap van boeke, redakteurskap of mederedakteurskap van internasionale joernale en boeke, artikels in internasionale en nasionale joernale en redakteurskap van internasionale kongresverrigtinge in.

JOHAN BECKMANN is professor emeritus of the University of Pretoria (UP). Since 1992 he has been attached to the Department of Education Management and Policy Studies in various capacities, including head of the department.

Before joining UP he served in various leadership positions at schools and in statutory teachers' organisations.

He was a founder member and the first chairperson of the South African Association for Education Law (SAELPA) in 1975 and also the first director of the interuniversity centre for education law and policy.

He was invited twice to read papers at the prestigious Oxford Round Table.

His publications are focused on education law and policy, especially with regard to school governance and management and the devolution of authority and the recentralisation of power.

His publications include co-authorship of books, editor or co-editorship of international journals and books, articles in international and national journals and editing of international conference proceedings.

Datums:
Ontvang: 2024-08-27 Goedgekeur: 2025-02-17 Gepubliseer: Maart 2025

Hy het vir 'n paar jaar as adjunk-professor aan die East China Normal University in Shanghai se sentrale sentrum vir die opleiding van sekondêre skoolhoofde gedien. Hy was ook 'n lektor in die internasionale aanlyn programme van die Finse Institute of Educational Leadership by die Universiteit van Jyväskylä. Hy het meer as 50 meesters- en doktorale studente begelei.	He was an adjunct professor at the East China Normal University in Shanghai's central centre for the training of secondary school principals for a number of years. He was also a lecturer in the international online programmes of the Finnish Institute of Educational Leadership of the University of Jyväskylä. He supervised more than 50 master's and doctoral students.

ABSTRACT

The trajectory of Afrikaans as indigenous education language from 1925 to 2025: Thoughts on the past, the present and the future

This article presents a critical overview of 100 years of Afrikaans as an official and an indigenous language of education. It is, however, perhaps not the type of Afrikaans article (philosophical/historical/theoretical) with which the readers of the Tydskrif vir Geesteswetenskappe (Journal of Humanities*) would normally be expected to engage – notwithstanding the fact that the article is about Afrikaans as a language of education.*

While I was searching for sources about language policy in higher education and training, I came across the vast amount of research that UNESCO has[1] *already done on language matters (among others that a language "dies" once every two weeks). The question arose as to how that fact could be linked to Afrikaans as a relatively new language of education (slightly more than 100 years old).*

I decided to focus on the development of Afrikaans as a language of education since 1925. In the introductory comments in the Afrikaans version of this article I set out reasons why I wanted to focus on the development trajectory of Afrikaans as an educational language. It started with a relatively calm development period, with some minor incidents having an impact on the development trajectory. Things started changing dramatically with the publication of the Bantu Education Act of 1953. Subsequent system changes followed, starting with the Soweto uprisings in 1976 and continuing until the beginning of the democratic era in 1994 when Afrikaans began facing intense pressure from a government dispensation that apparently sought to transform South Africa into a country in which English became the dominant language at the expense of all other languages spoken in South Africa, thereby creating a situation where these languages could eventually face extinction. After considering all the developments since 1925, I was inclined not to discard the possibility that Afrikaans might become extinct within the next 100 years, as suggested by Lagardien (2022).

In an autobiography by Meiring (2022), I unexpectedly came across official reports on how the British and the Americans[2] *attempted to use language assimilation, in addition to the*

[1] UNESCO's research reveals that approximately 4 000 indigenous languages are spoken internationally and that a grand total of 7 000 languages are spoken worldwide. One indigenous language becomes extinct every second week and more than half of the world's languages could be "dead" by 2100 (most of them probably indigenous languages).

[2] Other colonial powers followed similar strategies with the indigenous languages with which they came into contact.

Indian Residential School System (IRSS) in order to change the Canadian and American youth into well-mannered English-speaking Canadian and American youth with an English way of life deep into the 20th century.

Apart from the Soweto uprisings in 1976, the past hundred years was a relatively calm time for the development of the trajectory of Afrikaans as language of education. However, the Basic Education Laws Amendment Act (Bela)[3] 32 of 2024 (16 September 2024) changed the situation dramatically. The President has already signed the major part of the Bela Act into law. Sub-sections 4 and 5 which amend sub-sections 5 and 6 of the South African Schools Act of 1996 respectively are, however, still "frozen" (not signed into law yet subject to negotiations on the proposed amendments of the admission and language policies of public schools).

The proposed amendments to the two sub-sections of the Bela Law caused great trepidation, in particular in the school governing bodies and management structures of Afrikaans-speaking people. The two proposed amendments could be interpreted as mechanisms whereby schools' competencies and capabilities to determine the admission and language policies of schools with regard to especially the use of language, in particular Afrikaans, as language of Learning and Teaching, could be transferred to the Provincial Head of the Department of Education (HOD).[4]

In this article I will investigate the position of Afrikaans as language of education between 1925 and 2025. The timeslot between 1925 and 1994 (when education was governed solely by the apartheid government) will feature strongly, as will the post-democratic period from 1994 onwards (which will include important elements of the Bela law). UNESCO's reports will include discussions of the causes of the destruction of especially indigenous languages and will form part of the arguments.

It would seem that there are many phenomena and strategies that may influence the future of Afrikaans. The steps taken to reduce the status of indigenous languages in the face of the provisions of the negotiated Constitution of 1996 (RSA, 1996a) as the supreme law regarding the status of the languages of South Africa as a multilingual and diverse country should be taken into account. At this stage, English seems to be the only language of instruction at higher education level and it is also viewed as the sole language used in communication in the Department of Basic Education.

The linguicism or language discrimination/assimilation phenomenon provides lenses through which to observe the history of the trials and tribulations of Afrikaans. There are implications for the rights of language speakers emanating from the observations of what is happening to Afrikaans. I will refer to some of the implications and other phenomena that could be viewed as strategies that may be used to harm languages, shorten their lifespan, and even lead to their demise. Other forms of pressure exerted on languages by discrimination, assimilation, and linguicism, as well as pressure from outside and within languages as well as phenomena known as the death of language (or language murder or even language suicide) could have the same implications for indigenous languages. These can all alter the trajectory of languages, although they have not become generally used terminology in South Africa as yet.

---

[3] The Afrikaans for Bela is Belaw but it is used very seldom and everybody seems to refer to the Bela Act.

[4] Contestations concerning the ability to determine the language and admission policies of schools mostly take place between Afrikaans-speaking people and the government.

Towards the end of the 19th century, Afrikaans emerged as an indigenous language from the interaction between Dutch, Khoisan and Malay languages. Attempts to establish it as a language of teaching and learning (LOLT)[5] *started then, but it had to face fierce opposition from Dutch and English. Efforts to introduce Afrikaans as an official LOLT in schools began in the Cape Province in 1914 at the initiative of the well-known Afrikaans author CJ Langenhoven, and then spread to the entire country.*

One can distinguish two sentiments about the future of Afrikaans: an optimistic one (Afrikaans will not be destroyed) and a negative one (Afrikaans is not going to survive the onslaught). This article will survey the trajectory of the status of Afrikaans as an official language since 1925 (after it had become an official language in 1910 alongside English when the Union of South Africa was established).

This article will attempt to enable readers to develop a graphic representation of the development strategy of Afrikaans.

KEYWORDS: education language policy, language assimilation, language deterioration, language development, language discrimination, language pressure, language rights, language survival, mother-tongue education, multilingualism, statism

TREFWOORDE: onderwystaalbeleid, taalassimilasie, taalverval, taalontwikkeling, taaldiskriminasie, taaldruk, taalregte, taaloorlewing, moedertaalonderwys, veeltaligheid, verstaatliking

OPSOMMING

UNESCO het al ’n groot hoeveelheid navorsing gedoen oor taaltrajekte (en onder andere bevind dat daar elke twee weke ’n taal “sterf”). Vrae oor die toekoms van Afrikaans as ’n relatiewe jong taal het daardeur na vore gekom.

Behalwe vir die Soweto-opstand van 1976 en die uitvaardiging van die Wet op Bantoe-Onderwys van 1953 was die afgelope honderd jaar relatief rustig vir Afrikaans as onderwystaal. Die Wysigingswet op Wette op Basiese Onderwys, 32 van 2024 (algemeen bekend as die Bela-wet) het die situasie ingrypend verander.

In die artikel kom die posisie van Afrikaans as onderwystaal tussen 1925 en 1994 onder die soeklig. Belangrike elemente van die Bela-wet word ook belig. UNESCO se navorsingsverslae oor die uitwissing (“dood”) van veral inheemse tale sal op die Bela-wet toegepas word om versigtige afleidings oor die toekoms en voortbestaan van Afrikaans as onderwystaal te kan maak.

1. Inleiding

My belangstelling in taal en onderwys (as oudtaalonderwyser), asook in die verband tussen taalbeleid en -wetgewing het die trajek van die ontwikkeling van tale vir my laat uitstaan as tema vir die artikel.[6] My opvatting is versterk deur Lagardien (2022) se opmerking dat ten

[5] Dit kom voor asof LoLT ’n afkorting is wat identies in Afrikaans en Engels is.

[6] In die artikel sal daar ook terme voorkom wat waarskynlik nie algemeen onder studente van Afrikaans bekend is nie, soos taaldiskriminasie, verstaatliking en taalverdwyning.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a12

minste een van Suid-Afrika se 11 (tans 12) amptelike tale in die volgende 100 jaar vanweë taaldiskriminasie kan verdwyn.

Ek sal poog om ’n beeld te help skep van die ontwikkelingstrajek van Afrikaans as onderwystaal. Dit is nie ’n reglynige trajek nie, maar wissel na gelang van die omstandighede waarmee dit in aanraking kom. Ek vertrou die lesers sal ook hulle eie grafiese voorstellings van die trajek bou soos die geskiedenis van Afrikaans onder die loep kom.

Ek het gedink dat Afrikaans as onderwystaal vanaf 1925 op ’n rustige, gelyke pad was en dat die taal goed ontwikkel het as een van die twee amptelike onderwystale. Die ontwikkeling van hoër taalfunksies, soos om kursusse in hoër onderwys aan te bied, en vaktaalontwikkeling het Afrikaans ook toe gekenmerk. Teen die einde van die 1930’s het die botsings tussen die politieke groep wat glad nie enkelmedium- Afrikaanse skole wou hê nie en die groep wat dit wou hê, die ontwikkelingslyn van Afrikaans polities aangeraak.[7]

Ná die verkiesings van 1948 was daar ’n aanpassing, maar Afrikaans en Engels was steeds die amptelike tale. Die nuwe eerste minister, dr. DF Malan, het in 1953 die Wet op Bantoe-onderwys uitgevaardig. Dit was die eerste keer dat daar in Suid-Afrika (en in Afrika as geheel) een wet gekom het wat al die inheemse tale onder een dak geplaas het.

Die onderwys is onder apartheidsreëls in twee groepe verdeel: Afrikaans en Engels vir wit sprekers (as een groep) en al die ander tale (met hulle skole ingesluit) in die land onder sentrale regeringsbeheer. Die inheemse Afrikatale wat nie amptelike tale was nie en die *twee amptelike tale*, Afrikaans en Engels, is nie gelyk behandel nie. Dit, tesame met die ander reëls wat inheemse mense onder druk geplaas het, het gelei tot die Soweto-opstande van 1976.

Daarna is ’n nuwe regeringsbedeling geskep met aparte regeringsdepartemente vir Blanke [sic] onderwys, Kleurlingonderwys [sic] en Indiëronderwys, asook twee liggame vir Swart onderwys (dié wat binne die wit Republiek se grense geval het en dié wat daarbuite geval het). Hierdie bedeling is steeds gekenmerk deur ongelykheid, en die weerstand teen Afrikaans het toegeneem.

In 1994 het die nuwe bedeling aangebreek met 11[8] amptelike tale, maar moedertaal-onderwys is net vir 3 jaar toegelaat. Daarna moes kinders oorskakel na Engels as onderwystaal. Afrikaans is tans onder hewige druk en loop gevaar om sy status as onderwystaal te verloor en volgens die teorieë van taaldiskriminasie blootgestel te word aan moontlike verval.

Dit alles beteken dat die ontwikkelingstrajek van Afrikaans byna onvermydelik gelei het tot ’n situasie waar die taal in gevaar verkeer om uitgewis te word. Indien al die inheemse tale nie saamwerk teen die pogings van die regering om Suid-Afrika ’n eentalige land met Engels as amptelike taal te maak nie,[9] is daar ’n werklike kans dat Afrikaans as inheemse onderwystaal sal verdwyn, en dat dit gepaard sal gaan met ’n hele klomp sake wat die omgewing en lewensomstandighede van Afrikaanssprekendes ernstig sal benadeel. Afrikaanssprekende individue en organisasies sal elkeen sy eie beeld van die trajek van Afrikaans as onderwystaal moet opbou en daardeur in hulle toekomstige optrede gelei word.

---

7 Die Verenigde Party van genl. Smuts het teen 1941 al besluit teen enkelmedium- Afrikaanse skole (Truter, 2004:101), in teenstelling met hulle politieke opponente wat ten gunste van enkelmedium-Afrikaanse skole was en gekant was teen genl. Smuts se idee van twee tale, maar een groep mense, Suid-Afrikaners.

8 SA Gebaretaal is in Julie 2023 as die 12de amptelike taal erken.

9 Vergelyk Meiring (2022) se weergawe hier onder van wat in Kanada en die VSA gebeur het. Le Cordeur (2025) sinspeel ook daarop dat al die inheemse tale in Suid-Afrika saam behoort te staan om die regering se pogings om Engels die dominante taal te maak teen te staan.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a12

Meiring (2022:177-179), 'n lid van die Waarheid- en Versoeningskomitee (WVK) in Suid-Afrika ná 1994, het Kanada na afloop van die WVK se werk besoek. Daar het hy kennis gemaak met 'n regter, die voorsitter van 'n komitee wat 'n ondersoek soortgelyk aan dié van die WVK ingestel het na die Kanadese Indian Residential School System (IRSS)-projek om binne 'n eeu en 'n half die inheemse bevolking en hulle tale te assimileer en te verander en hulle in Engelssprekende Kanadese te verander (Meiring, 2022:177) omdat daar op die inheemse tale en die sprekers daarvan neergesien is.

Gedurende die IRSS-projek is 150 000 inheemse leerders in kosskole opgeneem om hulle te verwesters. Leerders mag nie hulle huistale gebruik het nie, is van hulle families geskei en het hulle identiteit en selfrespek verloor. 10 000 leerders is vanweë die dwingelandy oorlede (Meiring, 2022:177). Die Kanadese ondersoekkomitee se gevolgtrekking, wat ná 2000 gepubliseer is, het die IRSS se maatreëls as "kulturele volksmoord" geëtiketteer (Meiring, 2022:179) en daarmee aangetoon dat die verdwyning van 'n taal baie meer gevolge inhou vir die sprekers daarvan as net die verval van 'n taal in onbruik.

Volgens Waxman (2022) was daar baie ooreenkomste tussen die IRSS en die VSA se Indian Boarding Schools-projek. Ook die gekolonialiseerde Afrikalande het soortgelyke druk op hulle inheemse tale ervaar (Sayedayn, 2021; Kehinde, 2006, in Mart, 2011:191). Sayedayn (2021:134) voer aan:

> [c]olonization is often associated with economic and linguistic imperialism. What occurred in Ireland, Singapore, Kenya, and Papua New Guinea are good examples of this phenomenon. The identity of the colonized population comes to depend on mastering the language of the colonizer.

Ek stel vervolgens eers die sentrale navorsingsvraag en die akademiese argument aan die orde en bespreek dan die teoretiese benadering en die data-insameling.

2. Navorsingsvraag en -argument

Burger (2018) vra of die huidige voorgestelde wetswysigings oor Afrikaans as onderwystaal "nou regtig die begin van die einde vir Afrikaans is". Sy sê: "Suid-Afrika is vol swartgalliges wat glo als is aan't ondergaan – Afrikaans inkluis. Daar is ook optimiste wat sê nee wat, die taal was nog nooit so lewend nie."

Een kernvraag kom na vore:

- Hoe het Afrikaans as inheemse en skoolonderwystaal in die afgelope 100 jaar ontwikkel en watter bedreigings vir die voortbestaan daarvan is belig deur die bestudering van die trajekte van tale in internasionale verband?

Uit die vergelyking van Afrikaans met internasionale tale wil dit voorkom of Afrikaans ook elemente het wat kan ooreenstem met wat in internasionale tale wat verdwyn het, voorgekom het.

3. Teoretiese benadering en data-insameling

Die assimilering, verval, uitwissing, vernietiging, verswelging, diskriminasie, verstaatliking, verdwyning, dood (selfs selfdood) of moord van 'n inheemse taal word in talle bronne gekoppel aan die uitwissing van 'n inheemse taal. Skrywers wie se toeligting van die skade wat aan inheemse tale se ontwikkelingstrajekte vermeld kan word, sluit in Meiring (2022), Malan

(2010 en 2014), Sayedayn (2021), Mart (2011), Kehinde (2006, in Mart, 2011:191), Giliomee (2003), Bornman (2022) en Lagardien (2022).

Dit wil voorkom asof Coleman (2017) 'n baie relevante verskynsel in hierdie verband geïdentifiseer het, naamlik die vervanging van meervoudige onderwystale met 'n enkele dominante taal, naamlik Engels. Wat in Suid-Afrika besig is om plaas te vind (kyk par 4.1) kom ook in die gebiede voor wat deur Coleman (2017) en andere beoordeel word en sluit ook weerstand in teen die skynbare bevoordeling van Engels.

Presies hoe dit gebeur dat 'n inheemse taal soos Afrikaans "uitgewis" kan word, is nie baie duidelik nie. Meiring (2022) en Malan (2010 en 2014) verskaf wel nuttige inligting. Kehinde (2006, in Mart, 2011:191) vertel ook wat gebeur het wanneer tale in ander dele van Afrika vernietig is.

Coleman (2017:18) wys ook daarop dat wat besig is om te gebeur, is dat die globale homogenisering van onderwys en die taal van onderwys steeds toeneem. Coleman lig sy standpunt verder toe:

> As English is increasingly given the role of medium of instruction, in secondary schools and universities throughout the world, the educational functions of national, regional and local languages wither and die ... these languages begin to disappear from other contexts as well: 'English is fast replacing local languages, even in domains such as the home'. (Bunce *et al*., 2016a:1)

Coleman (2017:20) haal Manocha en Panda (2015) aan, wat 'n duidelike voorbeeld verskaf van een van die dinge wat kan gebeur met kinders wie se moedertaal nie die onderwystaal is van die skool wat hulle bywoon nie:

> In the Odia-medium schools the children's [SAORA] language and culture have no place [Insertion by the author]. The researchers record the devastating consequences when a child, using his home language, innocently asks a classmate to pass him a book:
>
> > *Rahul received a tight slap on his head ... The teacher yelled at Rahul, 'Why were you talking in Saora? Speak in Odia.'*
>
> The authors conclude with the heart-breaking observation that 'the students whose language and culture have no place in the school often drop behind; and all one sees are their big vacant eyes.'

Die beskrywings wat Meiring (2022) en Mart (2011) oor Kanada en die VSA verskaf, en Giliomee (2003) se beskrywing van wat tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog en in die skole met met Afrikaans as onderwystaal daarna tot in 2010 gebeur het, bevestig wat die ander outeurs sê. Een van die medewerkers van Coleman (2017) dui ook aan dat daar eintlik nog nie navorsing oor die uitwissingsfenomeen van inheemse tale gedoen is nie en dat baie navorsingswerk nog wag.

Data is ingesamel deur die analises van bronne oor Afrikaans, soos relevante gepubliseerde navorsingsartikels in Afrikaans en Engels. Regeringspublikasies en verslae van relevante en geloofwaardige navorsings- en ondersoekliggame is ook ontleed. Alle data is aan die hand van relevante teorieë oor toepaslike bedreigingsfenomene (wat tot die uitwissing van, of funeste gevolge vir 'n taal en sy sprekers kan lei) ontleed.

Die beskrywings van Meiring (2022) en onderwysreg- en beleidsdokumente is ook ondersoek op grond van die inligting wat na vore kom. Vrae oor moontlike skendings van die individuele en groepsfundamentele regte van sprekers van inheemse tale is ook gevra. Ek het ook betroubare nuus- en ander media gebruik.

4. Afrikaans versus Engels as dominante taal en ander invloede op die ontwikkeling van Afrikaans as onderwystaal

Dr. Henry Stone (1998:45), hoof van die Blanke (sic) eiesake onderwysdepartement voor 1994, sê dat daar "rooiwarm emosies" broei rondom tale, "want ... wie op 'n taal trap of sy suurstoftoevoer afsny, kry te doen met oorlewingsemosies. Subtiele en minder subtiele kragte ontspring by die Afrikaner uit 'n byna primordiale vrees ...".

Stone inisieer só 'n verkenning van die spanning tussen 'n onderwystaal en die persepsies van die mag en invloed van 'n dominante taal soos Engels. Potgieter (2015:4) twyfel nie dat Engels "onregmatig in omtrent elke denkbare hoekie van ... die staatshuishouding en ... ons elkedagse nasiehuishouding bevoordeel" word nie. Afrikaans moes "... sy eens magtige status as een van slegs twee amptelike tale ... ná 1994 ... prysgee (terwyl ... Engels ... fabelagtig in status én mag toegeneem het) ...".

McGovern (2019) beweer dat min mense sal dink dat Engels nie die "leading world language" is nie. Hy bring meer duidelikheid oor die status van Engels. Hy sê eerstens dat meer mense Spaans as Engels as hulle eerste taal praat. Al praat drie keer meer mense Mandaryns-Chinees as hulle eerste taal as Engels, is McGovern (2019) oortuig "… few would dispute that English is the leading world language", al is dit slegs die derde grootste eerstetaal (moedertaal) in die wêreld. Engels is die wêreld se *lingua franca* of die grootste tweedetaal (dit wil sê, aangeleerd en nie moedertaal nie) en is in hierdie verband meer as twee keer groter as Hindi (nommer 2) en moderne Standaard-Arabies (nommer 3). McGovern (2029) beskryf Engels as die internasionale taal van die sakewêreld, die handelswêreld, van wetenskap en geneeskunde en nog baie ander sleutelareas. Ook in die diplomatieke wêreld wat vroeër deur Frans oorheers is, is Engels nou dominant in die meeste streke van die wêreld.

Crystal (2003:426) word ook deur McGovern (2019) aangehaal waar hy sê dat niemoedertaalsprekers van Engels dit al hoe meer as 'n praktiese werkinstrument gebruik. Dit neem al hoe meer die gestalte aan van 'n lingua franca wat deur miljoene mense gebruik word wanneer hulle met mekaar praat (McCrum, in McGovern, 2019).[10]

Volgens Silva (1997) en Smit (1997:170) is Engels vanaf 1806 as skoolonderwystaal in die Kaap op onwillige gemeenskappe afgedwing. Die wedywering tussen Nederlands- en Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes oor die taalmedium in skole het toe begin. Giliomee (2003:5) illustreer uit die geskiedenis (teen die einde van die 19de eeu) dat druk op 'n taal uitgeoefen kan word van buite en van binne:

> The English-speaking part of the population tended to consider Afrikaans as a public language beneath contempt. The *Cape Argus* ... called Afrikaans a 'miserable, bastard jargon' …
>
> … even greater enemies of Afrikaans were those better-educated Afrikaners ... To them Afrikaans was an embarrassment … a language welded from different tongues … They considered Afrikaans an impoverished dialect, degenerate Dutch, an incomprehensible Creole tongue …

Die bostaande paragrawe gee 'n goeie aanduiding van die moeilike posisie waarin Afrikaans hom sou bevind, sou hy in 'n geskil met Engels betrokke raak in verband met die status van die twee tale as amptelike tale en as onderwystale. Dat sodanige twis sou kon lei tot 'n

[10] McGovern verskaf nie 'n publikasiedatum vir McCrum se werk nie.

koersverandering in die ontwikkeling van Afrikaans as skoolonderwystaal, is byna onbetwisbaar.

In wese handel twis oor skole en tale oor ’n geskil oor die waarde van ’n moedertaal en ander tale as die taal van onderwys en leer in skole. Hierdie saak word hier onder aangeraak.

4.1 Moedertaalonderwys

Bornman (2022) wys daarop dat sommige mense glo Engels is “... in elk geval die wêreldtaal ... die taal van globalisering en die globale mark” en dat dit daarom “... beter is dat ons kinders en studente in Engels studeer” en beter voorberei word vir die beroepswêreld. Bornman (2022) verwys na dié aannames as “wanpersepsies en mites”.

Moedertaalonderrig is ’n onderwerp “... waaroor daar wêreldwyd die meeste navorsing gedoen word” (Bornman, 2022). Bornman (2022) sê ook dat UNESCO se grootskaalse navorsingsprogramme telkens bevind het dat moedertaalonderrig “net eenvoudig die beste!” is.

4.2 Enkele aangeleenthede wat die ontwikkelingstrajek van ’n taal kan beïnvloed

4.2.1 Niemoedertaalsprekers en moedertaalsprekers

Giliomee (2003:5)[11] illustreer uit die geskiedenis (teen die einde van die 19de eeu) dat die optrede van moedertaalsprekers sowel as niemoedertaalsprekers die vorming en ontwikkeling van ’n taal kan beïnvloed.

4.2.2 Verstaatliking

Die konstitusionele juris Malan (2010:281-282) sê die “diskoers oor enkelmedium- openbare skole en oor voertale in onderwys” (taalassimilasie) speel teen die agtergrond van “wedywerende opvattings oor die staat” af. Volgens Malan behels ’n Jakobynse beskouing van verstaatliking dat die “staat gewoonlik kultureel die karakter van die dominante gemeenskap, gewoonlik die meerderheid” aanneem, en daarna almal forseer “om die karakter daarvan aan te neem en derhalwe daarin geassimileer te word”.

Malan (2010:282) sê ook dat opvoeding daarop gemik is dat kinders hulle “partikuliere identiteite moet aflê ten einde in ’n nuwe homogene staatsbepaalde identiteit op te gaan”. Malan (2014) meen verder dat “taalverval” of die bedreiging van inheemse of minderheidstale in ’n homogene staat grootliks die gevolg van “verstaatliking” is wat onvermydelik ’n invloed op die rigting van die ontwikkeling van ’n taal sal hê.

4.2.3 Taaldiskriminasie of taalassimilasie

Die begrip “taaldiskriminasie” is die Afrikaans vir “linguicism”. Dié begrip is in 1998 deur Skutnabb geskep (Skutnabb-Kangas & Phillipson, 1994) en poog om die verskynsel dat die vernietiging van ’n inheemse taal meer kan inhou as net die vernietiging van ’n taal, in een konsep vas te vang.

[11] Kyk par. 4 hier bo.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a12

Kehinde (2006, in Mart, 2022:191) vat die implikasies van taalassimilasie in Afrika saam en verwys na sommige vrese van inheemse taalsprekers: "Western colonisers are not content with pillaging human and material resources … They also … destroy the indigenous cultures (values, religion, language, and dressing codes)." Vergelyk ook Meiring (2022) en Waxman (2022) asook Manocha en Panda (in Coleman, 2019:20).

Al die verskillende elemente van taaldiskriminasie kan 'n invloed op 'n taal se ontwikkelingstrajek hê.

4.2.4 Taalverdwyning

Taalverdwyning is waarskynlik die grootste vrees van taalliefhebbers. Die werklikheid van die verdwyning van tale is duidelik uit internasionale data soos dié van die UN DESA Policy Brief (2023) en die UN Permanent Forum on Indigenous Issues (hierna UNPF, 2018). 40% van die tale wat in die wêreld gepraat word, kan verdwyn en 95% van die wêreld se tale kan teen die einde van die 21ste eeu verdwyn of ernstig bedreig word.

Volgens die UNPF (2018) word taalverdwyning deur "assimilationist policies, social pressure, demographic change and the emphasis on a homogeneous nation State model …" veroorsaak. Die druk van vreemdelinge (met groter hulpbronne) lei nie noodwendig tot die verdwyning van inheemse tale nie. Inheemse taalsprekers kan hulle suksesvol verset teen die druk op hulle tale (Sayedayn, 2021:137; UNPF, 2018).

4.2.5 Die grootste invloed op die trajek van Afrikaans as onderwystaal

Ek het reeds aangedui dat Afrikaans gemaklik van 1925 tot 1948 as onderwystaal kon ontwikkel toe net Engels en Afrikaans as amptelike tale en onderwystale erken is. In hierdie tydperk het 'n organisasie soos die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n groot rol gespeel in die gladde verloop van die ontwikkeling van Afrikaans as onderwystaal, onder andere deur die ontwikkeling van 'n spelstelsel vir Afrikaans, die ontwikkeling van vaktaalwoordeboeke, die stimulering van letterkunde in Afrikaans en ander bydraes om die ontwikkeling van Afrikaans stewig op koers te hou.

Die Akademie het 'n belangrike rol gespeel in die ophef van Afrikaans tot hoër funksies, soos universiteitsonderrig en navorsing.[12] 1909 is daarom 'n belangrike datum in die geskiedenis van Afrikaans met die stigting van "de Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst" (die SA Akademie). In die 116 jaar van sy bestaan (1909–2025) het die Akademie verskeie visionêre aksies geloods en Afrikaans bevorder.[13]

Die druk op Afrikaans as onderwystaal in die tydperke 1948 tot 1994 en van 1994 tot die hede is gekenmerk deur die felle druk op Afrikaans. Die hoofoorsaak van die spanning en druk op Afrikaans was polities en ekonomies van aard voor en tydens die oorgang na 'n demokrasie.

[12] Hiermee gee ek erkenning aan die rol van die Akademie.
[13] Kyk ook par 4.2.5 hier bo.

5. Afrikaans as taal en onderwystaal van ongeveer 1806 tot 1925 in die Kaap en Natal en die Oranje-Vrystaat en Transvaalse Republieke

Alhoewel die artikel handel oor Afrikaans as onderwystaal in die tydperk 1925 tot 2025, wil ek tog die tydperk 1806 tot 1925 as ’n inleiding gebruik tot ’n bespreking van die tydperk vanaf 1806 wat as ‘t ware “die tafel gedek het” vir insidente wat die gelykmatige ontwikkeling van Afrikaans as amptelike onderrigtaal vanaf 1925 in ’n mate gekniehalter het.

Volgens Carstens en Raidt (2019) was die “term ‘Afrikaans’ reeds teen 1875 in die omloop”, maar nog nie gevestig nie. In 1875 is die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) wat “hulle taal” wat hulle wou bevorder, Afrikaans genoem het, gestig (Willemse, 2015:4).

Van Oort (2008:54) merk op: “... die tweede koms van die Engelse in 1806 het die taalkontaksituasie aan die Kaap sodanig verander dat dit toenemend komplekse en spanningsvolle taalkontak tussen Nederlands, Engels en Kaaps-Hollands (Afrikaans) veroorsaak het”. Smit (1997:169-170) som die taalsituasie in die onderwys tot 1948 op as “an ongoing rivalry and competition between … two ... population groups, the Dutch/Afrikaans First Language speakers … and the English First Language speakers”.

In die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899–1902), “Britain crushed the two Boer republics and introduced English as the sole official language in the ex-republics” (Giliomee, 2003:6). Engels het toe die enigste taal in skole geword en saam daarmee ook ’n voorbeeld van die misbruik van mag rakende taal geword.

Afrikaanse kinders was ná die Suid-Afrikaanse Oorlog in Suid-Afrikaanse skole. Hulle mag nie Afrikaans in skole gepraat het nie en is gestraf as hulle dit wel sou doen. In hedendaagse menseregtetaal beteken dit dat Afrikaanse kinders se reg op die keuse van ’n onderwystaal in artikel 29(2) van die *Grondwet* (RSA, 1996a) hulle ontneem is en dat hulle identiteit en menswaardigheid aangetas is.

Die druk op Afrikaans- eerstetaalsprekende kinders se taal is vererger weens hulle swakker prestasies as Engelssprekende leerders. In 1915 kon net 15% van Afrikaanse leerders verder as standerd 5 (hedendaagse graad 7) vorder (Giliomee, 2003:9).

Die regering van die Kaap het ná die einde van die oorlog gepoog om Nederlands ernstig aan bande te lê (Giliomee, 2003:6). Die Nasionale Konvensie wat die grondwet van die Unie van Suid-Afrika moes opstel, het in artikel 137 van die grondwet bepaal dat beide Engels en Nederlands amptelike tale van die Unie op ’n gelyke grondslag sou wees (Giliomee, 2002:7). ’n Uitvloeisel daarvan was die ontstaan van dubbelmedium-, enkelmedium- en parallelmediumskole vir wit leerders.

Malherbe (1959) en Van Rensburg (2017) verwys na ’n ontwikkeling in 1914 as die “verrassende vordering” met Afrikaans ná Langenhoven se bewuswording van die ongemak van Afrikaanssprekendes met Hollands as skooltaal (Van Rensburg, 2017:55). Afrikaanssprekende kinders het nie Hollands geken nie en het uiters swak presteer.

In 1914 het die Afrikaanse skrywer en politikus CJ Langenhoven ’n lid van die Kaapse Provinsiale Raad geword. Op 23 April 1914 lê hy ’n voorstel aan dié Raad voor oor Afrikaans as LoLT (Language of Learning and Teaching)[14] nadat hy buite raadsvergaderings “stemme

[14] Die Afrikaanse ekwivalent hiervoor is Taal van Leer en Onderrig.

Ek kon net in een publikasie ’n Afrikaanse ekwivalent van die afkorting LoLT kry. Van der Walt en Steyn (2016:1037) gebruik die logiese Afrikaanse afkorting TvOl vir die term Taal van Leer en Onderrig. Of dit in die praktyk gebruik word, is ’n ope vraag. Die afkorting LoLT is waarskynlik meer algemeen bekend en in gebruik.

gewerf het" (Van Rensburg, 2017:57) en só die eerste aktivis vir Afrikaans as skooltaal geword het. Die Kaapse Provinsiale Raad het Langenhoven se voorstel eenparig aanvaar (Van Rensburg, 2017:57), maar hy moes sorg vir ondersteuning van die invoer van Afrikaans as skooltaal tot in standerd 4, die voorsiening van onderwysmateriaal in Afrikaans, gehalteversekering van die onderwysmateriaal, en die stigting van 'n standaardiseringskommissie vir Afrikaans. Die provinsiale rade van die Vrystaat en Transvaal het ook in 1914 sy voorstel ondersteun, maar in Natal het ouers eers in 1916 in 'n ordonnansie die reg gekry om 'n LoLT te kies.[15]

6. Afrikaans as skoolonderwystaal van 1925 tot 1948

Die bespreking van die tydperk van 1925 tot 1948 word beperk tot die werk van Truter (2004),[16] Giliomee (2003), Stanley (2018) en die South African History Online (SAHO, 2019).

Die South African History Online (SAHO, 2019) berig dat die regering in 1936 'n Kommissie van Ondersoek na Swart Onderwys aangestel het. Daar is egter feitlik niks gedoen om die geïdentifiseerde probleme te hanteer nie. Hierdie versuim of onvermoë van die regering om swart onderwys se probleme te hanteer, het hulle die argwaan van swart mense teenoor Afrikaanse mense op die hals gehaal.

Die stygende getal arm Afrikaners het bygedra tot die "urgency to demand that the schools switch from Dutch to Afrikaans as medium of instruction" (Giliomee, 2003:14). Nadat Afrikaans die status van amptelike taal in 1925 verwerf het, het dit Nederlands feitlik onmiddellik as skoolonderwystaal vervang. Die Afrikaanse skole het sedert die 1920's in 'n toenemende mate enkelmediumskole geword (Giliomee, 2003:14). Tussen 1932 en 1958 het enkelmedium- Afrikaanstalige skole van 28% tot 62% vermeerder.

In 1938 het Malherbe 18 000 leerders by 'n ondersoek betrek en bevind dat tweetalige skole voordele bo eentalige skole het. Volgens Truter (2004:99) was die voordele van tweetalige skole bo eentalige skole volgens Malherbe dat dit

> a type of school [was] where English and Afrikaans speaking children [could] associate freely together so that they learn to know each other as well as each other's language; and where the method of instruction is such that every child, no matter what the language of his home or his schoolmates, is guaranteed to become an educated, bilingual South African.

Daar was sterk weerstand teen sy siening deur voorstanders van moedertaalonderwys as LoLT.

Die SAHO (2019) verwys na die 1940-Kommissie van Ondersoek na griewe by swart skole. Weens vrees dat dit tot meer woede by die kinders kon lei, is die bevindinge nie geopenbaar nie

Die weerstand teen Afrikaans as enigste LoLT het deels voortgespruit uit Afrikaans se sukses gedurende die 1920's en 1930's. Afrikaanse enkelmediumskole het vermeerder en provinsiale onderwyswetgewing het die "reg van ouers om die voertaal ... bokant standerd vier (later standerd ses) te kies" erken (Truter, 2004:154).

Die Verenigde Party-regering (VP) van genl. Smuts het een nasieskap (Afrikaans- én Engelssprekend) in die vorm van tweetalige skole nagestreef (Truter, 2004:101). Volgens hulle moes die onderwysstelsel kinders goeie Suid-Afrikaners maak en nie goeie nasionaliste nie.

---

15 Truter (2004:45-76) verskaf 'n volledige bespreking van hoe Afrikaans 'n skooltaal in al vier gebiede geword het.

16 Ek gebruik hier Truter (2004) se indeling van 1928 tot 1948 in twee tydperke.

Die beginsel van moedertaalonderwys is aanvaar, mits die invoer van Afrikaans as tweede LoLT op 'n meer opvoedkundig-aanvaarbare tydstip sou plaasvind.

In die 1920's en 1930's is verpligte moedertaalonderwys van standerd 4 tot standerd 6 uitgebrei (Truter, 2004:77). Behalwe enkelmediumskole het daar ook parallelmediumskole ontwikkel. Dubbelmediumskole is vir eers geïgnoreer, maar het ná 1939 in die partypolitieke arena beland. Die provinsiale en nasionale verkiesings in 1943 het in 'n mate gewentel om die taalbeleid in skole met genl. Smuts se party, wat tweetalige skole voorgestaan het, en die opposisie wat enkelmedium- Afrikaanse skole voorgestaan het.

Genl. Smuts se party het die 1943-verkiesing gewen en dubbelmediumskole as beleid gepromoveer. Die VP-kongres het reeds in 1941 besluit om enkelmediumskole, veral Afrikaansmediumskole, af te skaf (Truter, 2004:101). Die uitslag van die parlementêre en die provinsiale verkiesing was 'n oorwinning vir die VP en dus 'n oorwinning vir die beginsel van tweetalige skole en 'n terugslag vir eentalige Afrikaansmediumskole.

In reaksie op die ontwikkelings het adv. CR Swart in 1944 'n mosie in die parlement ingedien vir 'n besluit ten gunste van die beginsel van moedertaalonderrig in primêre, sekondêre en hoër onderwys (Truter, 2004:101-102). Genl. Smuts het 'n teenvoorstel ter tafel gelê. Dit is aanvaar en het tot in 1948 gegeld.

7. Afrikaans as skoolonderwystaal van 1948 tot 1994

Esterhuizen (s.j.) bespreek die geskiedenis van die amptelike tale in Suid-Afrika. Voor 1994 was daar "net drie tale wat op verskillende tye ... die amptelike tale was: Nederlands, Engels en Afrikaans" (die ander Suid-Afrikaanse tale het op daardie stadium nie die status van amptelike tale gehad nie). Afrikaans was vanaf 1925 'n amptelike taal en 'n skooltaal, maar sonder enige werklike mag. Nadat 'n Afrikaanssprekende party, die Nasionale Party, die regering in 1948 oorgeneem het, het Afrikaans in 1950 die "hooftaal" geword, al het Engels steeds "'n groot rol gespeel".

Afrikaans was vanaf 1948 'n LoLT (Truter, 2004:123) en enkelmediumskole het amptelike NP-beleid geword. Die oorwegend Engelssprekende Natal het eers in 1969 moedertaalonderwys gemagtig. Daar was ook teenstand teen pogings om Afrikaans die "hooftaal" in die onderwys ten koste van die dominante Engels te maak.

Een jaar ná die promulgering van die *Wet op Bantoe-onderwys* sê Coetzee (1954:1973) dat subartikels 2(a-b) van hierdie wet die beheer oor naturelle-onderwys by die Unieregering geplaas het en provinsiale rade se bevoegdhede heeltemal weggeneem het (Coetzee, 1954:174), waarskynlik vanweë vrese dat van die provinsies deur ander partye as die heersende party geregeer kon word en aan die onderwysstelsels sou verander. Naturelle-onderwys (sic) het 'n parallelle stelsel van die ander onderwysstelsels geword, maar was minder bevoorreg as die twee hoofstelsels.

Volgens Giliomee (2003:15) sou Afrikaans en 'n wit regering in 1960 baie versterk gewees het as die bruin Afrikaanssprekende gemeenskap van 1,5 miljoen by die 1,8 miljoen wit Afrikaanssprekendes betrek is (Giliomee, 2003:15). Die voortbestaan van Afrikaans as onderwystaal sou dan ook 'n sterker kans gehad het en die ontwikkelingspatroon van Afrikaans sou meer opwaarts geneig het.

Die regering het in 1960[17] die LoLT-beleid in bruin skole ingrypend gewysig sonder om die bruin gemeenskap te raadpleeg. In 1936 is sowat 42 000 bruin kinders slegs in Afrikaans

[17] Datum afgelei uit Giliomee (2003:16) se publikasie.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a12

onderrig (Giliomee, 2003:16). In 1970 is byna alle bruin kinders in Afrikaans onderrig. Hierdie ingryping van die regering het neergekom op wat Malan (1910) "verstaatliking" sou noem.

Die ignoreer van die bruin gemeenskap in besluitneming oor gedeelde belange het verdere druk op Afrikaans as onderrigtaal geplaas. Die bruin gemeenskap kon die beperking van hulle LoLT as onderdrukking gesien het. Waar owerhede gewoonlik 'n "vreemde" maar dominante taal as amptelike taal probeer vestig, het die owerheid nou sprekers wat sy LoLT-keuse gedeel het, vervreem.

Giliomee (2003:16) waarsku teen gevare vir Afrikaans in die gebeure ná 1948. Afrikaans, apartheid en die Afrikaans-beheerde staat het niewit Afrikaanssprekendes laat voel hulle "had become locked in a tight and suffocating embrace. Afrikaans had become the language of the oppressor …". Hierdie gevoel wat by niewit Afrikaanssprekendes moes ontstaan het, moes hulle laat dink het hulle word uit eie geledere onderdruk en sou hulle geesdrif vir Afrikaans ondermyn het – iets wat ook in die ontwikkelingskurwe van Afrikaans sigbaar sou wees.

Giliomee (2003:16) verwys na 'n stelling van Alan Paton, die skrywer van *Cry the beloved country*, wat in 1976 deur prof. Jakes Gerwel van die Universiteit van Wes-Kaapland aangehaal is: "... 'only a fool or a philologist' would discuss Afrikaans without thinking immediately of Afrikaner nationalism and its close association with apartheid".

Volgens Giliomee (2003:16) het Afrikaans volgens Paton die definiërende eienskap van die staat geword en het die grootste deel van die bevolking die staat (insluitende Afrikaans) geïdentifiseer in terme van "its image of arrogance and cruelty".

Afrikaners se begeerte om hulle taal as LoLT te behou, het toegeneem saam met hulle vrees dat "Afrikaans, the very symbol of their roots in Africa, would not survive" (Giliomee, 2003:16). Die eienskappe van 'n moontlike slagoffer van taaldiskriminasie is al hoe duideliker deur Afrikaans vertoon.

As 'n mens na die termyn 1969 tot 1994 kyk, val dit op dat die getal leerders wat Afrikaans as LoLT gebruik het, verbasend vanaf 1948 in sekondêre skole verminder het (Behr & MacMillan, 1971:63, in Truter, 2004:124-125.) Die projeksie van 'n 1970-sensus was dat Afrikaanssprekendes wat Afrikaans as LoLT gebruik, bestendig sou afneem (Giliomee, 2003:16-17). In 1970 was hulle 18% van die bevolking en die raming vir 2000 was 15%. Volgens Stats SA (2022) se verslag oor die 2022-sensus het die persentasie van die bevolking wat Afrikaans die meeste as huistaal gebruik, tot 10,6% in 2022 gedaal. Op die grafiek van die ontwikkeling van Afrikaans as onderwystaal sal die persentasie van die bevolking wat Afrikaans die meeste as huistaal gebruik het, vanaf 1969 deur 'n afwaartse streep verteenwoordig word.

FEDSAS (die Nasionale Verteenwoordigende Organisasie vir Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole) het in Oktober 2023 'n reeks PowerPoint-skyfies met uittreksels uit die Luritz Nasionale Databasis van Desember 2021 versprei. Die skyfies vul die data in die bostaande paragrawe visueel goed aan.[18]

[18] Soos deur een van die keurders tereg opgemerk is, is die skryfwyse van die woorde Nood-Kaap en Wes-Kaap in Figuur 1, 2 en 2 met 'n koppelteken. Aangesien hierdie figure gekopieer is uit FEDSAS-dokumentasie is die skryfwyse onveranderd gelaat.

Aantal Afrikaanse skole 2021

Provinsie	Enkelmedium	Meertalig	Totale aantal Afr skole	% in provinsie
Oos-Kaap	145	150	295	5,77% (5 109)
Vrystaat	73	71	144	14,55% (990)
Gauteng	119	127	246	11,9% (2 067)
KZN*	9	29	38	0,66% (5 801)
Limpopo	15	33	48	1,31% (3 675)
Mpumalanga*	8	99	107	6,47% (1 654)
Noordkaap	215	83	298	54,68% (545)
Noordwes	50	37	87	6% (1 450)
Weskaap	553	366	919	63,42% (1 449)
Nasionaal	1 187	995	2 182	9,6% (22 740)

FEDSAS

Figuur 1: *Aantal Afrikaanse skole in 2021 (FEDSAS, 2023)*

Afrikaanse skole 2016

Provinsie	Afrikaanse Skole (enkelmedium)	Totale aantal skole in provinsie (% Afrikaanse skole)
Oos-Kaap	345 (173)	5 469 (6.31%)
Vrystaat	175 (78)	1 214 (14.42%)
Gauteng	261 (137)	2 083 (12.53%)
KZN*	49 (10)	5 895 (0.83%)
Limpopo	56 (15)	3 867 (1.45%)
Mpumalanga*	97 (17)	1 725 (5.6%)
Noordkaap	306 (184)	545 (56%)
Noordwes	103 (51)	1 471 (7%)
Weskaap	1 097 (609)	1 450 (75.66%)
Nasionaal	2 489 (1274)	23 719 (10.43%)

FEDS

Figuur 2: *Afrikaanse skole in 2016 (FEDSAS, 2023)*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a12



Provinsie	Afrikaanse skole 2016	Totale aantal skole 2016	Afrikaanse skole 2021		Totale aantal skole 2021	
Oos-Kaap	345 (173)	5469 (6.31%)	295 (145)	↓	5 109 (5.77%)	↓
Vrystaat	175 (78)	1214 (14.42%)	144 (73)	↓	990 (14.55%)	↑
Gauteng	261 (137)	2083 (12.53%)	246 (119)	↓	2 067 (11.9%)	↓
KZN*	49 (10)	5895 (0.83%)	38 (9)	↓	5 801 (0,66%)	↓
Limpopo	56 (15)	3867 (1.45%)	48 (15)	↓	3 675 (1.31%)	↓
Mpumalanga*	97 (17)	1725 (5.6%)	107 (8)	↑	1 654 (6.47%)	↑
Noord Kaap	306 (184)	545 (56%)	298 (215)	↓	545 (54.68%)	↓
Noordwes	103 (51)	1471 (7%)	87 (50)	↓	1 450 (6%)	↓
Wes-Kaap	1097 (609)	1450 (75.66%)	919 (553)	↓	1 449 (63.42%)	↓
Totaal	**2489 (1 274)**	**23719 (10.43%)**	**2 182 (1 187)**	↓	**22 740 (9,6%)**	↓

Figuur 3: *Verandering in Afrikaanse skole oor ses jaar (FEDSAS, 2023)*

In figuur 4 word die klein groei in die toename van die gesamentlike Afrikaanse bevolking van 2021 tot 2041 aangedui, sowel as die groei van die getal bruin, wit en swart Afrikaanssprekendes.

Die jaar 1976 laat Suid-Afrikaners onmiddellik aan die Soweto-opstand van 1976 dink. Die aspekte van die onderwys wat soveel ontevredenheid en argwaan by swart mense laat ontstaan het, het voor 1976 onbeteueld voortgeduur. Afrikaanssprekendes het die probleme óf nie verstaan nie, óf wou of kon dit nie hanteer nie.

Die totale skeiding tussen rassegroepe se skole het voortgeduur. Per capita-besteding aan swart onderwys het minder gebly as dié aan wit onderwys (ongeveer een-tiende daarvan). Swart skole se fasiliteite, onderwysers en teksboeke was swak (Amoako, 2020) en gevoelens van onderdrukking, rassediskriminasie, minderwaardigheid en uitsigloosheid het toegeneem. Ontevredenheid oor hulle behandeling deur wit Afrikaanssprekendes het meer intens geword en het begin lei tot gewelddadige verset en opstand teen die taalbeleid. Wat Amoako (2020) hier sê, ondersteun in 'n mate die opvattings dat die verset nie soseer teen Afrikaans gerig was nie, maar teen die hele regeringsbedeling wat deur Afrikaanssprekendes vir hulle onderdrukking verantwoordelik was.

Stanley (2018:1040) weerspreek algemene opvattings dat leerderopstande en -proteste eers teen 1970 begin het. Sy sê: "South African student protests and related activities in predominantly mission schools and colleges … occurred well before 1920." Dit het gepaardgegaan met politieke protes teen "racial policies and practices by the state …" (Stanley, 2018:1042-1043).

Die leerders se beskouing was dat hulle inrigtings deel van die staatsmasjinerie op die plaaslike vlak was en nie soseer dat dit Afrikaanse skole was nie (Stanley, 2028:1048). Dit

Figuur 4: *Relatiewe groei van die Afrikaanse bevolking 2021 tot 2041* (https://afrikaans.com/2023/04/04/engels-is-die-taal-van-die-toekoms-wat-praat-jy-tog/ [16 November 2024].

was 'n voorafskaduwing van die gewelddadige protesaksies in die 1970's en daarna. Dit resoneer ook met Malan (2014) se siening van "verstaatliking" as die hoofoorsaak van die verval van inheemse nie-onderwystale.

Die toenemende vrees oor die toekoms van Afrikaans het waarskynlik sommige Afrikanerpolitici en -ampsdraers gedurende die 1970's hulle magte laat oorskry (Giliomee, 2003:17). Dr. AP Treurnicht, die adjunkminister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, het gemeen dat Afrikaans net kon oorleef as die regering die LoLT in swart skole bepaal het, omdat dié skole subsidies van die staat ontvang het (Giliomee, 2003:17).

Amoaka (2020) verduidelik die ontstaan van die Soweto-opstand van 1976. Hy verwys na die "Afrikaans-medium decree" wat deur die minister van Bantoe-onderwys en -ontwikkeling (1974) uitgevaardig is. Hierdeur is beide Afrikaans en Engels verpligtend in swart sekondêre skole gemaak (en nie net Afrikaans nie). Volgens Verhoef (2016)[19] is die dekreet nie op alle skole afgedwing nie en die Cillié-kommissie van ondersoek het syfers verskaf oor skole wat vrygestel is van die gebruik van Afrikaans.

[19] Vergelyk voetnota 5.

Volgens dr. Treurnicht moes die dekreet swart mense toerus om met Afrikaans- en Engelssprekende wit mense te kan kommunikeer (Amoaka, 2020). Die dekreet was baie onpopulêr, ook onder ouers en swart gemeenskapsorganisasies (Giliomee, 2003:17).

Op 16 Junie 1976 het verset deur leerders in Soweto begin. Leerders het plakkate met slagspreuke soos "If we must do Afrikaans Vorster[20] must do Zulu" gedra (Giliomee, 2003:17). Ná 16 maande en verskeie konfrontasies met die polisie was 600–700 swart mense dood.

Die twaalfjarige Hector Pieterson is op 16 Junie 1976 deur die polisie doodgeskiet. Die fotograaf Sam Nzima het 'n foto geneem van Hector wat weggedra word na Nzima se motor. By 'n nabygeleë kliniek is hy dood verklaar. Die foto het skokgolwe deur die wêreld gestuur en gelei tot vrae oor Afrikaans.

Die 1974-dekreet is deur sommige mense as die enigste oorsaak van die opstande voorgehou. Andere het polities-geïnspireerde motiewe geblameer en taal net as 'n periferale oorsaak beskou. Pohland-McCormick (2006) verklaar: "The attacks on the symbols and institutions of the apartheid state … indicated a political crisis that called into question the structures of apartheid and the system of thought it was premised on." Shebone, Barrell en Seegers (2007:355) meen dat leerders in Soweto geweier het om "nog langer aandadig aan hulle eie verdrukking te wees. Die verwerping van Afrikaans as onderrigmedium het 'n opstand ontlok ...".

Inwoners van Soweto het Afrikaans al twee dekades voor die onluste "die taal van die onderdrukker genoem" (Shebone *et al., 2*007:363). 'n 1972-meningspeiling het bevind dat 98% van die swart jongmense in Soweto nie Afrikaans as LoLT wou hê nie, omdat dit hulle kanse op werk in Johannesburg sou benadeel. Ongeveer 50% van die respondente het gedink Afrikaners "is die wreedste en mins simpatieke groep in Suid-Afrika".

Drie weke ná die begin van die opstand het MC Botha, die destydse minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en Bantoe-onderwys, aangekondig dat skoolhoofde self verder die voertaal in hulle skole kon bepaal. Afrikaans het nog verder veld as LoLT in swart sekondêre skole verloor. Die proteste en geweld het vir nog meer as 'n jaar voortgeduur (Pohland-McCormick, 2006).

Volgens Shebone *et al.* (2007:364) het Kunene (s.d.) van die Zoeloe-koerant *Ilanga* die oorsake van die Soweto-opstand in een paragraaf vasgevang:

> Swartes vernietig nie fasiliteite nie ... Hulle vernietig simbole van die hele stelsel wat wittes vir hulle bedink het ... paswette ..., Bantoe-onderwys ..., geen verblyfsekerheid nie ... onbillike verdeling van die land se rykdom, en 'n ontkenning van die demokratiese reg op besluitneming.[21]

Kunene het afgesluit met die stelling dat Afrikaans feitlik "patologies verag, verwens, verafsku en gehaat" word. Afrikaners wou egter steeds hulle taal as LoLT en amptelike taal behou. Die begeerte het toegeneem namate die vrese dat "Afrikaans, the very symbol of their roots in Africa, would not survive" toegeneem het.

8. Afrikaans as skoolonderwystaal vanaf 1994

'n Verslag van die Afrikaanse Taalraad (ATR) en die Solidariteit Navorsingsinstituut oor die algemene demografie van Afrikaans is in November 2022 bekendgestel. Volgens *LitNet* (2022)

[20] Die eerste minister van die RSA ten tyde van die opstande.

[21] Die oorspronklike stelling is in Afrikaans gepubliseer. Hierdie aanhaling is nie 'n vertaling nie.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a12

het Steenkamp, die ATR-hoof, aangedui dat die verslag die "kwesbare aspekte van Afrikaans" aanraak. Daar is bevind dat Afrikaanssprekendes "krimp as 'n persentasie van die land se algehele bevolking" en dat hulle bedingingsmag teenoor die staat daardeur verswak word.

Steenkamp (2004) is oortuig dat Afrikaanssprekendes "buite hulle gemaksone sal moet beweeg om die lewenskragtigheid van Afrikaans te behou en uit te bou". Afrikaans sal moet afsien van sy witmanstaalbeeld en saam met ander Afrikaanssprekendes en ander inheemse taalsprekers werk om Afrikaans teen die beleid van Engels as die dominante taal in Suid-Afrika te verskans. Beide standpunte verdien ondersteuning: beter samewerking "tussen Afrikaanse organisasies en netwerke" en "nuwe in-diepte gesprekke tussen wit, bruin en swart Afrikaanssprekendes oor kwessies soos identiteit, taal, en die onderwys".

Die vermindering van Afrikaans se toegang tot staatshulpbronne word nou ook as 'n vorm van druk op Afrikaans as LoLT genoem. Verminderde toegang tot staatshulpbronne is waarskynlik 'n skending van artikel 3(2) van die Grondwet van 1996 (RSA, 1996a) en onderhewig aan moontlike regsoptrede. Hierdie artikel bepaal dat:

> Alle burgers ... in gelyke mate (a) geregtig [is] op die regte, voorregte en voordele van burgerskap en (b) onderworpe aan die pligte en verantwoordelikhede van burgerskap [Invoeging tussen hakies en verskuiwing van [is] deur die outeur].

Die posisie van Afrikaans het vanaf 1994 aansienlik verander in die lig van nuwe grondwetlike en ander regsbepalings. Subartikel 6(1) van die Grondwet van 1996 verklaar 11 tale[22] as die amptelike tale van die RSA. Subartikel 2 verwys na die negatiewe geskiedenis van inheemse tale en gelas die staat om maatreëls te tref om hulle status en gebruik te bevorder. Afrikaans is nou in 'n vreemde posisie waar dit net een van 12 amptelike tale is teenoor ander tye wat dit een van twee of drie was. Vanaf 1806 was Engels altyd een van, of die enigste amptelike LoLT.

Artikel 29(2) van die Grondwet van 1996 (RSA, 1996a) gee **elkeen**[23] die reg om 'n LoLT te kies in openbare instellings waar dit "redelikerwyse doenlik" is. Die frase "redelikerwyse doenlik" is onduidelik en skep 'n geleentheid om iemand te verhoed om hierdie reg uit te oefen as die LoLT deur 'n gemagtigde persoon nie as "redelik doenlik" beskou word nie.

Die res van die artikel verplig die staat om alle redelike alternatiewe (ook enkelmediuminstellings) te oorweeg om aan almal redelike toegang tot hierdie reg te verseker. Billikheid, doenlikheid en die regstel van rassediskriminasie van die verlede moet verseker word.

Die laaste drie toevoegings hier bo is 'n kompromis wat ter elfder ure tydens die KODESA-onderhandelings aanvaar is. Dit bevat newelagtige en versluierde taal en die bepalings is so vaag dat enige of al drie van die voorbehoude gebruik sou kon word om die keuse van Afrikaans as LoLT te verydel.

In die koerantartikel "Afrikaans: 'Angie draai mense 'n rat voor die oë'" verwys Price (2024) na oudminister Motshekga se uitspraak in Bloemfontein in Mei 2024 dat die Belawetsontwerp nie "Afrikaans as moeder- en onderrigtaal in openbare skole sal vernietig nie". Sy verwys ook na die Departement van Basiese Onderwys (hierna DBO) se voorneme om moedertaalgebaseerde tweetalige onderwys (MTO) vanaf 2025 by openbare skole in te faseer.

---

22 Eintlik 12 as Suid-Afrikaanse Gebaretaal bygereken word.

23 Die beklemtoning is nodig in die lig van hoe die Grondwet van 1996 elke reg formuleer. Niemand mag op grond van onbillike diskriminasie van toegang tot 'n fundamentele mensereg uitgesluit word nie.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a12

Sy het bygevoeg dat die DBO eerder "by Afrikaanse skole wil leer hoe om ook ander landstale in skole uit te bou".

Alana Bailey (in Price, 2024), die hoof van Afriforum se kultuursake, was skepties oor dié uitlatings wat Afrikaners gerus wou stel. Bailey het aangevoer dat enkelmedium-Afrikaanse skole se "personeellede en beheerliggame gewoond daaraan" is om deurlopend "onder druk te verkeer om na dubbel- of parallelmedium om te skakel. Die minister self en ander ANC-politici se venynige aanvalle op Afrikaanse skole in die verlede maak die ware stand van sake duidelik".

President Ramaphosa het ook voor die nasionale verkiesing op 29 Mei 2024 verwys na die belangrikheid van moedertaalonderwys. Beide president Ramaphosa en minister Motshekga se versekerings in die aanloop tot die nasionale verkiesing van Mei 2024 is met skeptisisme ontvang en as 'n "verkiesingsfoefie" afgemaak.

Currie en De Waal (2010) behandel die menseregte wat in hoofstuk 2 van die Grondwet (RSA, 1996a) verskans is. Artikels 30 en 31 word as minderheidsregte bestempel. Artikel 30 handel oor taal en kultuur: Elkeen (Afrikaanssprekendes ingesluit) het die reg om die taal van eie keuse te gebruik en om aan die kulturele lewe van eie keuse deel te neem mits "niemand wat hierdie regte uitoefen" dit doen "op 'n wyse wat met enige bepaling van die Handves van Regte onbestaanbaar is nie".

Artikel 31 handel oor die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe. Dit beskerm persone "wat aan 'n kultuur-, godsdiens- of taalgemeenskap behoort" en bepaal: Hulle mag nie die reg ontsê word om "saam met ander lede van daardie gemeenskap (a) hul kultuur te geniet, hul godsdiens te beoefen en hul taal te gebruik nie; en (b) kultuur-, godsdiens- en taalverenigings en ander organe van die burgerlike gemeenskap te vorm, in stand te hou en daarby aan te sluit nie", mits die reg nie uitgeoefen word "op 'n wyse wat met enige bepaling van die Handves van Regte onbestaanbaar is nie".

Currie en De Waal (2010) bespreek ook toepaslike aspekte van individuele regte in die lig van die ontwikkeling van 'n taal as onderwystaal. Individuele regte in die Handves van Regte in die Grondwet van 1996 (RSA, 1996a), soos gelykheid voor die reg (artikel 9), menswaardigheid (artikel 10) en kinderregte (artikel 28, subartikel 2 in die besonder), beskerm taalregte op verskeie wyses. Gelykheid voor die reg (artikel 9) kan ontoelaatbaar beperk word deur nie aan 'n leerder sy/haar keuse van 'n LoLT beskikbaar te stel nie. Artikel 10 (menswaardigheid) kan eweneens geskend word deur nie moedertaalonderrig vir 'n leerder moontlik te maak nie en hom/haar bloot te stel aan ander dominante (en soms onverstaanbare) tale.

Artikel 28(2) van die Grondwet van 1996 (RSA, 1996a) verklaar dat 'n kind se beste belang "... van deurslaggewende belang (is) in elke aangeleentheid wat die kind raak". As 'n kind die reg ontneem sou word om in die LoLT van sy/haar keuse onderrig te word, kan dit 'n skending van 'n fundamentele reg van so 'n kind (iemand jonger as 18) wees en aan die ouers of voogde van sodanige leerder goeie rede gee om hulle op regsbeskerming te beroep.

Sedert 1996 gee regspraak in howe op drie vlakke blyke daarvan dat Giliomee se vermoedens onnodig pessimisties was. Waar onderwysdepartemente Afrikaanse skole soms wou dwing om leerders wat Engels as LOLT verkies in te neem en hulle taalbeleid te wysig, het die howe al by 'n paar geleenthede teen departemente besluit. Sedert 2002 het howe rakende die volgende skole, naamlik die Laerskool Potgietersrus, Hoërskool Ermelo, Laerskool Middelburg, Mikro Laerskool, Hoërskool Overvaal, Seodin-skole, Hoërskool Fochville en

die Rivonia Laerskool almal bevindings gemaak wat Giliomee se vermoedens weerspreek of nuanseer.[24]

Namate die stryd om die behoud van Afrikaans as onderwystaal voortwoed, is dit baie moontlik dat sake na die howe geneem sal word om beslissings oor twispunte te kry.

9. Die Presidensie van die Republiek van Suid-Afrika. 2024. Die Wysigings-wet op Wette op Basiese Onderwys (Wet No. 32 van 2024)(16 September 2024)[25]

Die Departement van Basiese Onderwys probeer al van 2013 af die basiese onderwyswette wysig om die onderwysstelsel te verbeter. Die jongste weergawe van die Wysigingswet op Wette op Basiese Onderwys is op 16 September 2024 gepubliseer – nadat die president die Wysigingswet onderteken en dit sodoende wetgewing gemaak het, behalwe die sub-artikels van die wysingswet wat wysigings van artikels 5 (wat oor openbare skole se toelatingsbeleid handel) en 6 (wat oor openbare skole se taalbeleid handel), van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 (RSA, 1996b) voorstel en wat vir verdere onderhandelinge uit die goedgekeurde deel van die wetgewing onttrek is.

10. Waaroor handel die debatte oor die Bela-wet?

Die fel woordestryd (insluitende dreigemente oor moontlike hofsake uit Afrikaanse geledere) wat ná die publikasie van die wetsontwerp ontstaan het, is algemene kennis. Dit is veral die voorgestelde wysigings aan subartikels 5 en 6 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 (RSA, 1996b) wat die vurige debatte ontlok het. Le Cordeur (2025) beweer in ’n rubriek dat daar 56 redes is waarom Bela nodig is. Wat hy waarskynlik probeer sê, is dat die Bela-wet 56 artikels bevat wat almal gerig is op die verbetering van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. Dit is korrek, maar hy probeer daarmee die kommer veral in Afrikaanse geledere dat die implementering van die Bela-wet ’n ernstige bedreiging vir die voortbestaan van Afrikaans as taal (veral as onderwystaal) inhou, as oordrewe voorhou en dat dit nie die heftige reaksie wat daartoe gelei het, regverdig nie.

Soos in 9 hier bo aangedui, stel die twee wysigings waaroor die hewige debat handel, veranderinge voor aan artikel 5 van die Skolewet van 1996 wat openbare skole se toelatingsbeleid reguleer, asook aan subartikel 6, wat oor openbare skole se taalbeleid handel. Die ander 54 voorgestelde wysigings is meer administratief van aard en het nie weerstand ontlok nie. Die wysigings aan artikels 5 en 6 is meer polities van aard en hou nou verband met die eerbiediging al dan nie van mense se fundamentele regte rakende toegang tot onderwys en onderwystale.

Die artikels is só geskryf dat dit vertolk kan word as die toekenning van onbeperkte mag aan die provinsiale direkteurs van onderwys om die toelatings- en taalbeleide van openbare skole te bepaal en skole te dwing om die bepalings van die direkteurs te aanvaar, ten spyte van die teenkanting daarteen wat in die geledere van veral Afrikaanssprekendes bestaan.

---

[24] Toegang tot die sake is op die webwerf saflii.org/za/cases.

[25] Algemeen bekend as die Bela-wet. Dit is interessant dat die Bela-wet ook in Afrikaans gepubliseer is. Wetgewing word al hoe meer net in Engels gepubliseer.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a12

Artikel 5[26]

Die bestaande artikel 5 in die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 (RSA, 1996b) bevat eintlik net regeringsvoorskrifte wat deur skole se bestuur en beheerliggame uitgevoer moet word. Subartikel 5(5) bepaal dat die beheerliggaam van 'n openbare skool die toelatingsbeleid van sodanige skool bepaal, onderhewig aan enige toepaslike provinsiale wetgewing. Subartikel 5(7) bepaal dat 'n aansoek om die toelating van 'n leerder tot 'n openbare skool aan die betrokke provinsiale onderwysdepartement gemaak moet word en bepaal ook hoe dispute oor toelating hanteer moet word. Dit is belangrik om daarop te let dat die beheerliggaam van 'n skool nie die toelatingsbeleid van die skool aan die direkteur van onderwys van die provinsie hoef voor te lê vir goedkeurig of implementering nie.

Al die bepalings oor die toelatingsbeleid van leerders word oorkoepel deur artikel 29(1) (a) en (b) van die Grondwet van 1996 (RSA, 1996a) wat soos volg lui:

> 29. (1) Elkeen het die reg–
>
> (a) op basiese onderwys, met inbegrip van basiese onderwys vir volwassenes; en
> (b) op verdere onderwys wat die staat deur middel van redelike maatreëls in toenemende mate beskikbaar en toeganklik maak.

In die onderstaande paragraaf sal ek poog om kortliks aan te dui waaroor die betrokke partye by die onderhandelinge oor die wysigings gedebatteer het.

As die Bela-wet bekragtig word en in werking tree, sal artikel 5 van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 (RSA, 1996b) gewysig word deur byvoegings tot die huidige subartikel 5(5), wat slegs bepaal dat die toelatingsbeleid van 'n openbare skool deur die beheerliggaam bepaal word. Die byvoegings sluit in:

1) Dat die toelatingsbeleid ooreenkomstig die Grondwet en tersaaklike wetgewing bepaal moet word.
2) Die beheerliggaam moet by die oorweging van die toelatingsbeleid of wysigings daarvan vir goedkeuring **deur die provinsiale onderwyshoof** daarvan oortuig wees dat die algemene behoeftes van die breër gemeenskap in die betrokke onderwysdistrik in ag geneem is [Beklemtoning bygevoeg deur die skrywer]. Die volgende faktore moet volgens subartikel 5(a) in ag geneem word, maar dit sluit nie noodwendig ander faktore uit nie:
    a die beste belang van die kind met die klem op gelykheid (soos in artikel 9 van die Grondwet) en billikheid
    b die beskikbaarheid van toegang tot ander skole in die gemeenskap[27]
    c die beskikbare hulpbronne van die skool en die doelmatige en doeltreffende van staatshulpbronne en
    d die beskikbare spasie vir leerders by die betrokke skool.
3) Ná oorlegpleging met die betrokke skool se beheerliggaam het die provinsiale onderwyshoof van die provinsie se onderwysstelsel ooreenkomstig die wysiging *die finale gesag*

[26] In die besprekings van die bepalings oor die toelatingsbeleid en skooltaalbeleid sal ek op enkele uitsonderings na die teks van die gewysigde artikels 5 en 6 van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 (RSA, 1996b) woordeliks aanhaal om te probeer verhoed dat hierdie artikel tot enige verwarring aanleiding gee.

[27] Hierdie aspek het sterk gefigureer in die Mikro- en Overvaal-hofsake waarna hier bo verwys is.

om ’n leerder tot ’n openbare skool toe te laat ingevolge subartikel 5(b), onderhewig daaraan dat die leerder of ouers van die leerder wat toegang tot die openbare skool geweier is, binne 14 dae ná ontvangs van die kennisgewing oor die weiering appèl by die uitvoerende raad mag aanteken [Beklemtoning bygevoeg deur die skrywer].

4) Ingevolge subartikel 5(c) moet die toelatingsbeleid wat volgens artikel (5) opgestel is elke drie jaar hersien word, of wanneer die faktore in subartikel 5(a) verander, of wanneer omstandighede dit vereis, of op versoek van die direkteur-generaal
5) Subartikel 5(f) verskaf die wetlike reëls wat vir die hantering van appèlle geld.[28]

’n Mens kan die bekommernis oor die nuwe magte van die departementshoof begryp. Wanneer ’n departementshoof toelating tot ’n openbare skool weier, kan dit gebeur dat skole (geleidelik) in enkelmedium- Engelse skole of dubbelmediumskole (Engels en ’n inheemse taal) verander. Só kan skole enkelmedium- Engelse skole word en kan die inheemse tale uit die skoolomgewing verdwyn en uiteindelik heeltemal van die toneel verdwyn met al die negatiewe gevolge van so ’n verdwyning of uitsterf van ’n taal.

Afrikaans kan onder groot druk kom ingevolge die nuwe artikel (5). Dit is egter nie waar dat die DH se nuwe magte aan hom/haar vrye teuels verskaf wat betref die toelating van leerders tot openbare skole nie. Die departementshoof is verplig om oorleg met die beheerliggaam van ’n skool te pleeg. Daar is ook baie duidelike voorsiening vir appèlle teen departementshoofde se besluite.

Wat egter ook baie duidelik is, is dat beheerliggame ten volle vertroud moet wees met hulle verpligtinge en regte in hierdie verband. Dit is ook van wesenlike belang dat skole ondersteun sal moet word deur verenigings van beheerliggame (soos onder andere FEDSAS) wat hulle van ingeligte regsadvies sal kan voorsien. Dit is verder duidelik dat al die verenigings van beheerliggame van skole met ’n inheemse taal as medium verkieslik in een verkose liggaam of in harmonie met mekaar sal moet werk. Hulle sal ook in gesonde verhoudings met die uitvoerende gesag rakende onderwys in die provinsies moet funksioneer.

Indien net Afrikaanse openbare skole (enkel- of dubbelmedium) sal appelleer teen Departementshoofde se besluite, sal dit daartoe kan lei dat hulle van rassisme (as onbillike diskriminasie ingevolge artikel 9(3) van die Grondwet van 1996 (RSA, 1996a)) beskuldig kan word. Soos sommige individue en organisasies vrees, kan dit grootliks daartoe bydra dat die doodsklok vir Afrikaans as onderwystaal en op ander terreine kan lui tensy al die inheemse tale saamwerk soos in die bostaande paragraaf aangevoer.

Artikel 6

Die huidige subartikel 6(1) verleen aan die minister van basiese onderwys die mag om sonder raadpleging van skole en skoolbeheerliggame die norme en standaarde vir die taalbeleid van ’n openbare skool te bepaal, maar die minister is nie verplig om dit te doen nie. Terwyl die minister van basiese onderwys die norme en standaarde van openbare skole se taalbeleide kan bepaal, verleen die huidige subartikel 6(2) aan skoolbeheerliggame die bevoegdheid om die taalbeleid van ’n openbare skool te bepaal onderhewig aan die Grondwet, die Skolewet, en enige toepaslike provinsiale wetgewing. Volgens subartikel 6(3) mag geen vorm van rassisme voorkom as die artikel geïmplementeer word nie, terwyl subartikel 6(4) bepaal dat ’n erkende gebaretaal die status van ’n amptelike taal in hierdie verband sal geniet.

[28] Hierdie bepalings wyk nie eintlik af van gebruiklike wetlike bepalings oor appèlle nie..

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a12

Dit is ook in hierdie geval belangrik om daarop te let dat die beheerliggaam van ’n skool nie die taalbeleid van die skool aan die direkteur van onderwys van die provinsie hoef voor te lê vir goedkeurig of implementering nie.

In die onderstaande paragrawe sal ek probeer om kortliks aan te dui waaroor die betrokke partye by die onderhandelinge oor die wysigings van hierdie subartikel gedebatteer het. Hierdie artikel is besonder vaag, en kan lei tot byna enige interpretasie by die toepassing daarvan – iets wat nie gesonde bepalings van taalbeleide kan verseker nie.

Die Bela-wet bevat die volgende wysigings van die huidige artikel 6 van die Skolewet van Suid-Afrika 84 van 1986 (RSA, 1996b):

1. Die taalbeleid van ’n openbare skool moet beperk wees tot een of meer van die amptelike tale wat in artikel 6(1) van die Grondwet van 1996 (RSA, 199a) genoem word (subartikel 6(2).
2. ’n Erkende Suid-Afrikaanse gebaretaal sal in terme van subartikel 6(4) ook wat die taalbeleid betref die status van ’n amptelike taal geniet (subartikel 6(4)).
3. Subartikel 6(5) stem grootliks ooreen met die subartikel in artikel 5 wat die byvoegings van die Bela-wet lys. Die volgende verskillende byvoegings oor faktore wat in ag geneem moet word by die bepaling van die openbare skool se taalbeleid word egter gemaak:
    a Die taalbepalings in artikel 6(2) van die Grondwet (subartikel 6(b))
    b Artikel 29(2) van die Grondwet oor die keuse van onderrigtale (subartikel 6(c))
    c Die veranderende getal leerders wat die onderrigtaal by die openbare skool praat (subartikel 6(d))
    d Die inskrywingstendense van die openbare skool (subartikel 6(f)).
    e Subartikel 6(6) bevat ook bepalings oor die hersiening van die taalbeleid soortgelyk aan dié oor die hersiening van die toelatingsbeleid.
    f Subartikel 6(7) bevat die bepaling wat waarskynlik die grootste oorsaak van twis oor die Bela-wet is. Dit bepaal naamlik dat die DH, ondanks die bepalings van subartikel 6(2), waar prakties moontlik en onderhewig aan subartikel 6(5) (wat handel oor die faktore wat in ag geneem moet word wanneer die taalbeleid opgestel word) ’n **openbare skool opdrag kan gee om meer as een taal van onderrig aan te neem** [Beklemtoning deur die skrywer bygevoeg].
    g Subartikel 6(8) plaas beperkings op die bevoegdheid van die DH om by die vasstelling van die moontlikheid vir ’n openbare skool om meer as een taal van onderrig te hê deur hom/haar te verplig om onder andere die volgende faktore te oorweeg:
        i Die beste belang van die kind met die klem op gelykheid en billikheid soos in artikel 9 van die Grondwet beoog
        ii Die veranderende getal leerders wat die taal van onderrig by die openbare skool praat
        iii Die noodsaaklikheid van die doeltreffende gebruik van klaskamerruimte en hulpbronne van die openbare skool
        iv Die algemene taalbehoeftes van die breër gemeenskap waarbinne die openbare skool geleë is.
    h Subartikel 6(9) verbied die provinsiale onderwysdepartementshoofde om aan ’n skool opdrag te gee om meer as een taal van onderrig aan te neem **tensy** [Beklemtoning deur die skrywer bygevoeg]:

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a12

i Die skool en die beheerliggaam skriftelik van die departementshoofde se voorneme om op te tree ooreenkomstig subartikel 6(7) verwittig is (subartikel 6(9)(a)) en ook van redes vir die voorneme voorsien is
ii Die ouers wat met die skool geassosieer is, en die gemeenskap waarin die skool geleë is, in kennis gestel is van die departementshoofde se voornemens om so op te tree en die redes daarvoor aan hulle voorsien is (subartikel 6(9)(b). Subartikels 6(9)(b)(i-iii) verskaf 'n lys van voorbeelde van wyses waarop die kommunikasie met die ouers wat met die skool geassosieer is en die breër gemeenskap gekommunikeer kan word.
iii Die skool, die beheerliggaam, die ouers van die skool, en die gemeenskap waarin die skool geleë is, 'n redelike geleentheid gegun is om vertoë oor sodanige stap, aan die departementshoofde te rig (subartikel 6(9)(c)).
iv Subartikels 6(9)(d) en (e) gee toeligting oor wat met subartikel 6(9)(c) bedoel word, naamlik dat 'n openbare verhoor, met redelike kennisgewing, met die departementshoofde gehou moet word het om die gemeenskap in staat te stel om vertoë aan hulle te rig in verband met sodanige voornemens (subartikel 6(9)(d) en dat enige vertoë wat aan die departementshoofde gerig word, behoorlik oorweeg word (subartikel 6(9)(e).
v Subartikels 6(10)(a) en (b) verplig die departementshoofde om die skool en die beheerliggaam te verwittig (soos beoog in subartikels 6(9)(b)(i-iii)) van hulle besluite ooreenkomstig subartikel 6(7) en die redes daarvoor.
vi Subartikel 6(11) bepaal duidelik dat, indien die departementshoofde ingevolge subartikel 6(7) wil optree, hulle nie die opdrag kan instel voordat alle nodige stappe gedoen is nie, om te verseker dat die skool die nodige hulpbronne met inbegrip van opvoeders en leer- en onderrigondersteuningsmateriaal het wat die skool in staat sal stel om voldoende onderrig in die bykomende taal of tale van onderrig te voorsien.
vii Subartikels 6(12–14) bepaal die verskillende appèlprosesse wanneer beheerliggame by 'n lid van die uitvoerende raad beswaar wil maak, binne 14 dae ná die ontvangs van die opdrag van die DH kragtens subartikel 6(7).

Beide die wysigings van artikel 5 en 6 van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 (RSA, 1996b) maak dit vir departementshoofde moontlik om op twee verskillende wetlike wyses (deur die toelating van 'n leerder teenstrydig met die skool se toelatingsbeleid en die afdwing van 'n ekstra onderrigtaal op 'n skool) die posisie van Afrikaans as onderrigtaal aan 'n openbare skool te verander tot die nadeel en uiteindelike verdwyning van Afrikaans as onderrigtaal.

Om hierdie bevoegdheid van die departementshoofde te beperk in die lig van die wysigingsklousules is dit vir beheerliggame, skole, gemeenskappe en verenigings van beheerliggame nodig om kennis te neem van, en te handel ooreenkomstig die betekenis en implikasies van onder andere die volgende frases en konsepte met regskonnotasies wat in die wysigings van artikel 6 van die Skolewet voorkom of geïmpliseer word:

1. Die redes vir die ingrypende stappe wat die departementshoofde wil neem ingevolge subartikels 5 en 6 van die Skolewet (soos gewysig), ten spyte van teenkanting wat hulle mag ervaar, moet aanvaarbaar en wettig wees. Beide vereistes waaraan die redes wat departementshoofde aanvoer moet voldoen het aan duidelike regskonnotasies (behalwe die gewone woordeboekbetekenisse) waaroor die geaffekteerde skole

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a12

en persone behoorlik ingelig moet wees. Hulle moet ook in staat wees om toepaslike regstappe te volg om wat hulle as onaanvaarbaar beskou, teen te staan.

2. Dit is goed dat die breër gemeenskap (ouers en ander gemeenskapslede en -organisasies) in voorgeskrewe prosesse wat moet lei tot die neem van 'n besluit, deur die departementshoofde betrek moet word. Hierdie betrokkenheid gebeur egter nie outomaties nie en moet doelgerig deur die skole en beheerliggame en ander belanghebbendes aangemoedig en georganiseer word.
3. Alle belanghebbendes behoort kennis te neem van riskante kommunikasiewyses wat departementshoofde kan gebruik. Die gebruik van 'n koerant kan problematies wees, as gevolg van onder andere die politieke konnotasies van koerante, die tale waarin dit gepubliseer word, en die toeganklikheid daarvan vir diegene wat van die kommunikasie kennis behoort te neem.
4. Daar word ook genoem dat die departementshoofde behoorlike oorweging moet skenk aan vertoë wat aan hulle gerig word. Beoordeling van vertoë behoort onpartydig te wees en behoort nie sommige rolspelers te bevoordeel en ander te benadeel nie. Persone betrokke by die beoordeling van vertoë behoort toepaslike onderwys- en regskennis en -ervaring te hê.

11. Slot

Die bespreking van, en die debattering oor die twee artikels wat nog nie afgehandel is nie, sal waarskynlik tot die grootste opwaartse kurwe of afwaartse beweging van die ontwikkelingstrajek van Afrikaans as onderwystaal lei. Die voorgestelde wysigings stel nie die bevoegdhede van beheerliggame ter syde nie, maar verleen aan die hoofde van die provinsiale departemente van basiese onderwys (departementshoofde) magte wat hulle in staat sal stel om skoolbeheerliggame se toelatings- en taalbeleidsvoorstelle te wysig. Dit is egter bevoegdhede wat aan regsvereistes moet voldoen en daarom verskeie partye in staat kan stel om teen departementshoofde se besluite te appelleer. Die laaste moontlike stap wat vir skole se beheerliggame (wat hulle pligte behoorlik nagekom het) beskikbaar sal wees, sal wees om die howe te nader.

Onbevestigde bewerings dat skole tale (veral Afrikaans) gebruik om leerders uit Afrikaanse openbare skole te sluit, het sterk in die debatte gefigureer. Dit plaas druk op beheerliggame (met skoolhoofde as ex officio-lede) wanneer hulle taal- en toelatingsbeleide ontwikkel, hersien of implementeer. Karvelas en Beckmann (2006) het 'n gevallestudie gedoen en gevind dat bewerings in die meeste gevalle onwaar was.

Wanneer enkelmedium- Afrikaanse skole parallelmedium word, verdwyn Afrikaans meermale as taal van leer en onderrig en word skole Engels- of parallelmedium (Bailey, 2024, in Price, 2024). FEDSAS (2023) se syfers wys dat die getal Afrikaanse enkelmediumskole van 2016 tot 2021 met 9,6% afgeneem het. Die druk op Afrikaans word al hoe meer intens en die moontlikheid van die verdwyning van Afrikaans as onderrigtaal en omgangstaal word steeds sterker in ooreenstemming met die beginsels van taaldiskriminasie.

Dit wil voorkom of Afrikaanssprekendes en ander inheemsetaalsprekers sal moet saamspan om die druk op hulle tale suksesvol teen te staan.[29] Dit impliseer die bestaan van behoorlik funksionerende beheerliggame by alle skole, die bestaan van verskeie provinsiale en nasionale beheerliggaamfederasies wat almal saamwerk om onbillike en onregmatige druk op skole teen

[29] Vergelyk ook Le Cordeur (2025).

te staan. Alhoewel druk op ’n taal gewoonlik van buite en vanweë wetswysigings en bewindsverandering in ’n land veroorsaak kan word, kan die sprekers ook van binne af druk op ’n taal plaas.[30]

Die Wet op Bantoe-onderwys 47 van 1953 het die inheemse tale (behalwe Afrikaans) in ’n diskriminerende stelsel opgeneem wat, saam met apartheid en onderdrukking, tot aggressie, haat en gewelddadige verset teenoor Afrikaans gelei het. Ná die aanbreek van die nuwe (demokratiese) politieke bedeling in 1994 het Afrikaans net een van tien inheemse tale geword.

Die Bela-wet kan met die einde of die oorlewing van Afrikaans verbind word. Die einde van Afrikaans kan gepaard gaan met heelwat taal- en nietaalverskynsels wat die einde van ’n hele taal-, kultuur- en regsgemeenskap met funeste gevolge kan beteken. Meiring (2022), Kehinde (2006, in Mart, 2011:191), Kunene (s.d.) in Shebone *et al*., 2007:364), Manocha en Panda (2025 in Coleman, 2017), en Amoako (2020) het die gevolge van die verdwyning van ’n inheemse taal as ’n veelvoudige verskynsel beskryf. Al hierdie skrywers het feite aan die lig gebring en stellings gemaak wat tot die oortuiging kan lei dat Afrikaans se toekoms in die weegskaal kan wees.

Alhoewel Afrikaans in ’n onbenydenswaardige posisie is, is daar genoeg aanduidings dat dit ook die potensiaal en geleenthede het om die stryd om oorlewing te wen. Dan moet daar egter die wil wees om dit te doen saam met ander nie-Engelse taalgebruikers in die land (vergelyk ook Sayedayn, 2021:137; UNPF, 2018). Die druk van vreemdelinge (met groter hulpbronne) lei nie noodwendig tot die verdwyning van inheemse tale nie. Inheemsetaalsprekers kan hulle wel suksesvol verset teen die druk op hulle tale (Sayedayn, 2021:137; UNPF, 2018).

Die ontwikkeling van Afrikaans as onderwystaal grafies voorgestel as ’n lyn met insinkings en stygende lyne kan ’n redelike volledige en geskakeerde beeld van die ontwikkelingstrajek van Afrikaans daarstel. Dit kan lesers ook in staat stel om ’n mening te vorm oor die moontlike verdwyning of verbetering van Afrikaans as amptelike onderwystaal in die era ná die inwerkingtreding van wysigings aan die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 (RSA, 1996b). Die wysigings sal die konsensus wat bereik kan word oor watter Bela-wysigings aan die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 (RSA, 1996b) aangebring kan word ter wille van die verbetering van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel, weerspieël.

BIBLIOGRAFIE

Afriforum. 2020. Wêreldwye feite oor Afrikaans. https://www.wereldwyd.-co.za-/wereldwye-feite-oor-afrikaans/ [10 Julie 2024].

Amoako, HK. 2020. History of education in South Africa: 1900–1990. https://african-research.com/research/education/history-of-education-in-south-africa-1900-1990/ [30 Julie 2024].

Bornman, E. 2022. Ouers, studente en kinders: Moet en kan hulle iets doen in die stryd vir Afrikaans? https://afriforum.co.za/ouers-studente-en-kinders-moet-en-kan-hulle-iets-doen-in-die-stryd-vir-afrikaans/ [16 Julie 2022].

Burger, A. 2018. Kommer oor Afrikaans. Oordrewe of nie? https://www.uj.ac.za/wp-content/uploads/2021/10/wesby-by25082018-008.pdf [12 Julie 2024].

Carstens, WAM & Raidt, EH. 2019. *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika – Biografie van ’n taal*. Deel 2. Pretoria: Protea Boekhuis.

Coetzee, JH. 1954. Die Wet op Bantoe-onderwys, 1953. *Koers,* 21(4)*:*173-179.

Coleman, H (ed.). 2017. Development and multilingualism: An introduction. In Coleman, H (ed.). *Selected proceedings of the 11th Language & Development Conference*. New Delhi, India, 2015.

[30] Vergelyk ook verder Giliomee (2003) en Bornman (2022).

Currie, I & De Waal, J. 2010. *The Bill of Rights Handbook*. 5de uitgawe. Claremont: Juta & Company Ltd.

Die Presidensie van die Republiek van Suid-Afrika. 2016a. Goedkeuring van die President van Suid-Afrika van Basic Education Laws Amendment Act, 32 of 2024. Kaapstad: Republiek van Suid-Afrika.

Die Presidensie van die Republiek van Suid-Afrika. 2016b. Bepaling van die inwerkingstredingdatum van die Basic Education Laws Amendment Act, 32 of 2024 in die Proklamasiekennisgewing 237 van 2024 in Staatskoerant 51836 van 2014. Kaapstad: Republiek van Suid-Afrika.

Esterhuizen, Z. s.j. Suid-Afrika se amptelike tale. https://weet.co.za-skoolwerk-/suid-afrika-se-amptelike-tale/ [29 Julie 2024].

FEDSAS (Die Nasionale Verteenwoordigende Organisasie vir Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole). 2023. Onderwys in getalle. Skyfiereeks, FEDSAS, Bloemfontein.

Giliomee, H. 2003. The rise and possible demise of Afrikaans as a public language. *PRAESA Occasional Papers,* No 14. http://www.praesa.-org.za/wp-content/uploads/2017-/01/-Paper14.pdf [29 Julie 2024].

Karvelas, N & Beckmann, J. 2006. Stifling transformation through enrolment manipulation? *Education Management Association of South Africa 8th International Conference Mini-journal*, 1(1):41-48.

Lagardien, I. 2022. Afrikaans may die – what is significant is whether it will be killed or suffer a 'natural' death. https://www.dailymaverick.co.-za/opinionista/2022-11-10-afrikaans-may-die-what-is-significant-is-whether-it-will-be-killed-or-suffer-a-natural-death [13 Julie 2022).

Le Cordeur, M. 2025. Daar is 56 redes waarom Bela nodig is. https://www.-netwerk24-com/netwerk24/stemme/menings/michael-le-cordeur-daar-is-56-redes-waarom-bela-nodig-is-20250106 [15 Januarie 2025).

LitNet. 2022. Persvrystelling: Bekendstelling van "Die algemene demografie van Afrikaans (2022)". https://www.litnet.co.za/persvrystelling-bekendstelling-van-die-algemene-demografie-van-afrikaans-2022/ [30 Julie 2024].

Malan, K. 2010. Die Grondwet, onderwysowerhede en die pad vorentoe vir Afrikaanse skole. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 50(2):261-283.

Malan, K. 2014. Taalverval met besondere verwysing na die ideologie en praktyke van verstaatliking. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(3):462-480.

Malherbe, DF. 1959. Herinneringe in verband met die Akademie. In: *Feesalbum 1909–1959.* Pretoria: Wallachs Drukkers- en Uitgewersmaatskappy.

Mart, C. 2011. British colonial education policy in Africa. *Internal Journal of English and Literature,* 2(9):190-194.

McGovern, K. 2019. How did English become the 'global language'? FAQ/Medium. https://medium.com/english-language-faq/why-did-english-become-the-global-language-9bbc14b532cd [15 Julie 2024].

Union of South Africa [SA]. 1913. *Natives Land Act, 27 of 1913*.

Meiring, P. 2022. *In daardie tyd was daar reuse*. Wellington, Suid-Afrika: CLF Uitgewers.

Pohland-McCormick, H. 2006. "*I saw a nightmare …" Doing violence to memory: The Soweto Uprising, June 16, 1976*. New York City: Columbia University Press. http://www.-gutenberg-e.org/pohlandt-mccormick/PM.abb.html [1 Augustus 2024].

Potgieter, FJ. 2015. Die waarde van Afrikaans in die huidige Suid-Afrikaanse onderwysbedeling. *Woord en Daad,* 54(426):4-9.

Republiek van Suid-Afrika [RSA]. 2024. Wysigingswet op Wette op Basiese Onderwys, 2024. Wet No. 32 van 2024. Sabinet Aanlyn.

Price, L. 2024. Afrikaans: 'Angie draai mense 'n rat voor die oë'. https://www.netwerk24.com-/netwerk24/nuus/onderwys/afrikaans-angie-draai-mense-n-rat-voor-die-oe-20240522 [21 Augustus 2024].

Republiek van Suid-Afrika [RSA]. 1996a. *Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1976. Pretoria: Staatsdrukkery.

Republiek van Suid-Afrika [RSA]. 1996b. *Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996* (SASA). Pretoria: Staatsdrukkery.

Republiek van Suid-Afrika [RSA]. 2024. *Basic Education Laws Amendment Bill (Bela) (Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette*). Pretoria: Staatsdrukker.

Sayedayn. S. 2021. Language & colonization: Statement of the problem. *Journal of School & Society,* 7(1):134-138.

Shebone, K, Barrell, H & Seegers, A. 2007. Op soek na 'n nuwe orde. In: Giliomee, H & Mbenya, B (reds.). *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Silva, P. 1997. South African English: Oppressor or Liberator? In: *The major varieties of English*, Papers from MAVEN 97, Vaxjo, 20–22 November 1997.

Skutnab-Kangas, T & Phillipson, R. 1994. Discrimination and Minority Languages. *The Encyclopedia of Language and Linguistics* (1994). Pergamon Press & Aberdeen University Press, 993-995. http://www.tove-skutnabb-kangas.org/dl/205-Skutnabb-Kangas-T-Phillipson-R-2001-Discrimination-and-Minority-Languages-In-Mesthrie-Concise-Encyclopedia-Sociolinguistics.pdf [17 Julie 2024].

Smit, U. 1997. Language policy and education in South Africa. In: Wodak, R & Corson, D (eds). *Encyclopedia of Language and Education, Volume 1: Language Policy and Political Issues in Education.* Kluwer Academic Publishers, pp. 169-178.

South African History Online [SAHO]. 2019. *The History of Education: 1658 to present*. https://www.sahistory.org.za/article/history-education-1658-present [17 Julie 2024].

Stanley, L. 2018. Protest and the Lovedale Riot of 1946: 'Largely a Rebellion against Authority'? *Journal of Southern African Studies*, 44(6):1039-1055.

Stats SA. 2023. *Census 2022. Statistical release*. Pretoria: Stats SA.

Steenkamp, C. 2024. Kan die nuwe bedeling lei tot 'n Afrikaanse lente? https://www.-netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/kan-die-nuwe-bedeling-lei-tot-n-afrikaanse-lente-20240712 [17 Julie 2024].

Stone, H. 1998. "Die wêreld die draai. Gedagtes rondom uitdagings aan die Afrikaanse minderheid in die nuwe onderwysbedeling in Suid-Afrika." Persoonlike publikasie.

Truter, EJJ. 2004. Taalbeleid in die onderwys. *Acta Academica*, *2004 Supplementum*, 2:123-150.

UN DESA Policy Brief No. 151. 2023. Why indigenous languages matter: The international decade on indigenous languages 2022–2032. https://www.un.-org/development/desa-/dpad-/wp-content/uploads/sites/45/publication/PB151.pdf [17 Julie 2024].

Unie van Suid-Afrika [SA]. 1909. *Grondwet van die Unie van Suid-Afrika in 1910*. Kaapstad: Unie Parlement.

Unie van Suid-Afrika [SA]. 1925. *Wet op Amptelike Tale van Suid-Afrika, Wet 8 van 1925*. Kaapstad: Unie Parlement.

Unie van Suid-Afrika. 1953. *Wet op Bantoe-onderwys 47 van 1953*. Pretoria: Staatsdrukker.

UN Permanent Forum on Indigenous Issues. 2018. Together we achieve. https://www.un.org/development/desa/indigenouspeoples/wp-content/uploads-/sites/19/2018/04/Indigenous-Languages.pdf [17 Julie 2024].

Van Rensburg, C. 2017. Die slag toe slim sy baas gevang het. *Stellenbosch Papers in Linguistics,* 48:51-66.

Van Rensburg, C. 2018. *Van Afrikaans gepraat.* Pretoria: Lapa.

Van Oort, CP. 2008. Die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans: 'n inklusiewe perspektief en implementering in 'n lesreeks. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Potchefstroom: NWU.

Verhoef, G. 2016. "Sonder onderwys, geen bevryding". Moedertaalonderrig en gemeenskap in die grondslag vir swart onderwys in Suid-Afrika, 1952–1990. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(3):747-762.

Waxman, OB. 2022. The history of native American Boarding schools is even more complicated than a new report reveals. https://time.com/6177069/american-indian-boarding-schools-history/ [19 Desember 2022].

Willemse, H. 2015. The hidden histories of Afrikaans. https://www.up.ac.za-/media/-shared/45/willemse_mistra-20151105-2_2.zp80127.pdf [22 Januarie 2025

Afrikaans in die hoër onderwys: Enkele tendense uit die ondersoeke *Staat van het Nederlands* en Stand van Afrikaans

***Afrikaans in tertiary education: Some trends evident from the studies* Staat van het Nederlands *and* Stand van Afrikaans**

Elirea Bornman
Departement Kommunikasiewetenskap
Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: elireabornman@gmail.com

Conrad Steenkamp
Hoof- Uitvoerende Beampte
Afrikaanse Taalraad
Kaapstad, Suid-Afrika
E-pos: conrad@afrikaansetaalraad.co.za

Roné Wierenga
Navorsingskoördineerder Afrikaanse Taalraad
Noordwes-Universiteit en Gent Universiteit
Suid-Afrika en België
E-pos: rone@viva-afrikaans.org

WAM Carstens
Navorsingsfokusarea Taal en Literatuur in die SA Konteks, Noordwes-Universiteit
Potchefstroom, Suid-Afrika
E-pos: Wannie.Carstens@nwu.ac.za

Elirea Bornman

Conrad Steenkamp

Roné Wierenga

Wannie Carstens

Elirea Bornman is ’n navorsingsgenoot en emeritus professor in die Departement Kommunikasiewetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika. Sy het ’n doktorsgraad in Sosiale Sielkunde aan Unisa verwerf en was voorheen werksaam by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), waar sy by verskeie navorsingsprojekte betrokke was. Haar navorsingsbelangstellings fokus veral op etniese en nasionale identiteit en die rol van taal in identi-

Elirea Bornman is a research fellow and professor emeritus in the Department of Communication Science at the University of South Africa. She holds a doctoral degree in Social Psychology from Unisa. Previously, she was employed at the Human Sciences Research Council (HSRC), where she was involved in various research projects. Her research interests focus in particular on ethnic and national identity and the role of language in identity formation.

Datums:
Ontvang: 2024-12-04 Goedgekeur: 2025-02-20 Gepubliseer: Maart 2025

teitsvorming. Sy is die outeur of mede-outeur van verskeie boeke, hoofstukke in boeke, artikels in nasionale en internasionale vaktydskrifte, kongreslesings en navorsingsverslae. Sy het in 2018 'n C2-navorsingsgradering van die NNS ontvang.	She is the author or co-author of several books, chapters in books, articles in national and international journals, presentations at conferences and research reports. She received a C2-research rating from the NRF in 2018.
Conrad Steenkamp is die uitvoerende hoof van die Afrikaanse Taalraad, 'n organisasie wat hom beywer vir die bevordering van Afrikaans in sy volle diversiteit en vir versoening tussen die sprekers van die taal. Hy het 'n PhD in Sosiale Antropologie aan die Universiteit van die Witwatersrand verwerf, 'n MSc in die Omgewingswetenskappe (*Diplom in den Umweltwissenschaften*) aan die Universiteit Bielefeld in Duitsland, en 'n MBA aan die European Institute for Purchasing Management, Genève. Hy was postdoktorale navorsingsgenoot aan die Centre for Integrated Study van die Human Dimensions of Global Change van Carnegie Mellon-Universiteit in Pittsburgh, VSA, en het 20 jaar ervaring as konsultant in die omgewings- en ontwikkelingsektor. Hy was onder meer betrokke by die onderhandelinge oor grondeise wat beskermde gebiede raak en het wye ervaring in die bestuur van kulturele en natuurlike hulpbronne, veral op gemeenskapsvlak.	**Conrad Steenkamp** is the CEO of the Afrikaanse Taalraad (Afrikaans Language Board). He has a doctoral degree in Social Anthropology from the University of the Witwatersrand in Johannesburg, and held a post-doctoral fellowship at Carnegie Mellon University's Centre for the Study of Human Dimensions of Global Change. He has an MSc in Environmental Counselling from the University of Bielefeld, Germany, and an MBA from the European Institute of Purchasing Management (EIPM) in Geneva. He completed a post-doctoral fellowship at Carnegie Mellon University's Center for the Integrated Study of Human Dimensions of Global Change in Pittsburgh, USA. With extensive experience as a consultant in the environmental and development sectors, he has participated in negotiations on land claims involving protected areas and has substantial expertise in managing cultural and natural resources, particularly at the community level.
Roné Wierenga is 'n doktorale student in beskrywende taalkunde aan die Noordwes-Universiteit en die Universiteit Gent. Haar PhD-projek behels 'n vergelykende studie van sintaktiese en semantiese variasie in variëteite van Afrikaans. Haar navorsing fokus op taalverandering, taalvariasie en kontrastiewe taalkunde. Sy is aktief betrokke by verskeie navorsingsprojekte, insluitende die Projek vir Variasie in Afrikaans (ProVARIA) en die Stand van Afrikaans. Sy dra ook by tot die uitbreiding en instandhouding van die Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Taalkunde (DBAT) en is 'n medewerker aan Afrikaanse grammatikas, soos VivA se Algemene Afrikaanse Grammatika en die Taalportaal-grammatika van Afrikaans, en aan taaltegnologieprojekte vir ander Suid-Afrikaanse tale en instansies.	**Roné Wierenga** is a doctoral student in descriptive linguistics at the North-West University and Ghent University. Her PhD project involves a comparative study of syntactic and semantic variation in lectal varieties of Afrikaans. Her research focuses on language change, language variation and contrastive linguistics. She is actively involved in several research projects, including the Project for Variation in Afrikaans (ProVARIA) and the *Stand van Afrikaans*. She also contributes to the continued development and maintenance of the Digital Bibliography of Afrikaans Linguistics (DBAT). Her research includes work on Afrikaans grammars, such as VivA's *Algemene Afrikaanse Grammatika* and the *Taalportaal* grammar, and language technology projects for other South African languages.
WAM (Wannie) Carstens het 'n DLitt in Afrikaanse taalkunde aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf en het onder meer aan die Universiteit van Stellenbosch (US), die Universiteit van Kaapstad (UCT) en die Noordwes-Universiteit (NWU) gedoseer. Hy is die outeur of mede-outeur van 'n verskeidenheid boeke oor	**WAM (Wannie) Carstens** obtained a DLitt in Afrikaans linguistics from the University of Stellenbosch and has taught at the University of Stellenbosch (SU), the University of Cape Town (UCT) and the North-West University (NWU). He is the author or co-author of numerous books on normative linguistics, text linguistics, text

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a13

normatiewe linguistiek, tekslinguistiek, teksredigering en die geskiedenis van Afrikaans. Hy was ook mederedakteur van ses boeke oor die Afrikaanse taalkunde. Hy het ongeveer 60 artikels en hoofstukke in verskillende tydskrifte en boeke gepubliseer en het meer as 90 voordragte gelewer by nasionale en internasionale kongresse. Sedert sy aftrede in 2017 het hy volgehou om navorsing te doen, artikels te publiseer, referate by kongresse te lewer en as skrywer of redakteur/mederedakteur van boeke op te tree. Hy het in 2019 'n C1-navorsingsgradering van die NNS ontvang, is die ontvanger van die CJ Langenhovenprys vir Afrikaanse taalwetenskap in 2022, en is in 2024 vereer met die Jan H Maraisprys vir sy bydrae om Afrikaans as wetenskaptaal te bevorder.	editing, and the history of Afrikaans. Additionally, he co-edited six books on Afrikaans linguistics. He has published approximately 60 articles and chapters in various journals and books and has presented more than 90 papers at various national and international conferences. Since his retirement in 2017, he has continued to conduct research, publish articles, deliver papers at conferences and act as author or editor/co-editor of books. He received a C1 research rating from the NRF in 2019, was awarded the CJ Langenhoven Prize for Afrikaans linguistics in 2022 and was honoured with the Jan H Marais Prize in 2024 for his contribution to the promotion of Afrikaans as a language of science.

ABSTRACT

***Afrikaans in tertiary education: Some trends evident from the studies* Staat van het Nederlands *and* Stand van Afrikaans**

This article examines the vitality of Dutch and Afrikaans in the higher education sector. Initially, the article considers the UNESCO (2003) report on the vitality of languages and the role of education – and higher education in particular – in determining the vitality of a language, the extent to which the language is transmitted from one generation to the next, and the modernisation of the language, which includes its ability to expand into new and emerging domains, such as new media, technological and scientific developments, and new professions.

The discussion of the state of Dutch is based on the results of three Staat van het Nederlands *studies conducted in 2016, 2018 and 2020 among panels of respondents from the Netherlands, Flanders and Suriname. The results indicate that Dutch is increasingly threatened by English in the higher education sector. Although tuition in career-orientated institutions was still predominantly offered in Dutch only, the use of Dutch was declining in university tuition. Of the different regions under consideration, the situation in the Netherlands was the worst. Only 28,1% of the students said that they received tuition in Dutch only. The corresponding percentages were 43,5% in Flanders and 64,3% in Suriname. The option "English only" was chosen by respondents in all three countries. The authors of the reports also voiced concerns about the fact that most Dutch academics and researchers strive to publish their articles in high-ranking English journals. English is furthermore increasingly becoming the dominant language at academic conferences – even conferences focusing on the Dutch language.*

*In 2024 the Afrikaans Language Board (*Afrikaanse Taalraad*) initiated a similar investigation into the state of Afrikaans. This study took the form of a questionnaire survey among a random sample of 2 083 Afrikaans-speaking respondents. The sample included 114 respondents who indicated that they were studying at a higher education institution and answered the questions on language use in the higher education sector. Since there are no longer any public universities in South Africa that can be regarded as "Afrikaans only" universities, it can be predicted that the situation of Afrikaans is worse than that of Dutch in the above-mentioned three Dutch-speaking regions.*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a13

Surprisingly, the percentage of students who indicated that they received tuition in Afrikaans only (27,3%) compared quite well with the corresponding percentage for the Netherlands (28,1%), but were far lower than that for Flanders and Suriname. Most of the respondents (53,0%) indicated that they received tuition in Afrikaans and English, while only 8,5% of the respondents said that they received tuition in English only. The conclusion is that the majority of Afrikaans-speaking students – even those studying at institutions that still offered a range of courses through the medium of Afrikaans – received tuition in English and Afrikaans, and not in Afrikaans only.

Responses to questions examining various dimensions of university teaching revealed the limited use of Afrikaans in the higher education sector. Of the full respondent group, only slightly more than a quarter indicated that they spoke only Afrikaans to lecturers and that lecturers always presented classes in Afrikaans (27,4% and 28,0%, respectively). Less than a quarter of the respondents said that study material was always in Afrikaans (23,2%), that handbooks were in Afrikaans (20,9%), that they always did assignments in Afrikaans (22,5%), and that they always wrote examinations in Afrikaans (24,8%).

The study also examined language use in social interaction on campuses of higher education institutions and in official communication from these institutions to students and parents. Only 26,8% of the respondents indicated that they always spoke Afrikaans with fellow students. The percentages were even lower for always using Afrikaans in discussions with fellow students outside lecture halls (24,6%) and in student accommodation (23,4%). Newsletters that were always in Afrikaans from higher education institutions were reported by only 16,3% of the students. Only 21,0% of the students indicated that the websites of their institutions were fully available in Afrikaans. The responses indicated that English was the only other language used in their higher education institutions.

The conclusion is that the position of Afrikaans in higher education is a cause for serious concern. In higher education, Afrikaans is still used and heard only in small pockets here and there. That is the case not only at universities and colleges, which are predominantly English, but also at institutions that still claim that they offer a range of qualifications through the medium of Afrikaans. This article makes recommendations for further research. In particular, it is recommended that research be conducted among students of Northwest University and Stellenbosch University to establish the reasons why they do not receive tuition in Afrikaans only while they are registered for courses the universities claim to offer through the medium of Afrikaans.

KEYWORDS: higher education; position of Afrikaans; position of Dutch; teaching in Afrikaans; assignments; examinations; discussions with lecturers; discussions with fellow students; websites

TREFWOORDE: hoër onderwys; stand van Afrikaans; stand van Nederlands; Suid-Afrika, onderrig in Afrikaans; werkopdragte; eksamens; gesprekke met dosente; gesprekke met medestudente; webwerwe

OPSOMMING

In die artikel word gefokus op die stand van Afrikaans in die hoër onderwys in Suid-Afrika. Die besprekings word gebaseer op response van 114 studente wat ingesluit is in die ewekansige landswye steekproef van Afrikaanssprekendes wat deelgeneem het aan die Stand van Afrikaans-vraelysondersoek in 2024. Die vrae het aspekte soos die onderrigtaal, handboeke, studie-

materiaal, werkopdragte en eksamens gedek. Daar is ook gekyk na die taal van sosiale interaksie soos gesprekke met medestudente en die taal wat in studentebehuising gebruik word. Die taal waarin hoëronderriginstellings met studente en hulle ouers kommunikeer, soos webwerwe en nuusbriewe, is ook ondersoek.

Die resultate word vergelyk met tendense wat na vore getree het in die *Staat van het Nederlands*-ondersoeke in Nederland, Vlaandere en Suriname. Slegs 27,3% van die studente het aangedui dat hulle deurentyd in Afrikaans onderrig ontvang het. Die gegewens vir die verskillende dimensies van onderrig dui verder daarop dat die ruimte van Afrikaans in die hoër onderwys tans beperk is. Aanbevelings vir verdere navorsing word in die slotopmerkings gemaak.

1. Inleiding

"I speak my favourite language
because
that's who I am.

We teach our children [in] our favourite language,
because
we want them to know who they are."

(Christine Johnson, Tohono O'odham elder, American Indian Language Development Institute, June 2002)

Die verslag van die *UNESCO Ad Hoc Expert Group on Endangered Languages* (2003:1) begin met die bogenoemde aanhaling. Die verslag fokus op faktore wat die vitaliteit van 'n taal bepaal en daartoe bydra dat 'n taal óf gedy óf wegkwyn en uiteindelik uitsterf. UNESCO beskou taaldiversiteit as 'n belangrike komponent van die erfenis van die mensdom. Elke taal vergestalt die unieke kennis en kultuur van 'n sekere groep mense. Die verlies van een taal is gevolglik 'n verlies vir die totale mensdom.

Die aanhaling hier bo plaas die klem op die bepalende rol wat onderrig in die lewenskragtigheid van 'n taal speel. Volgens UNESCO (2003) word 'n taal bedreig wanneer sprekers ophou om die taal te gebruik, wanneer die taal toenemend slegs in beperkte domeine gebruik word en wanneer dit nie langer van een generasie na 'n volgende generasie oorgedra word nie. Daar is gevolglik nie nuwe sprekers – volwassenes en kinders – nie. Die onderwys speel 'n belangrike rol in die oordrag van die taal tussen generasies (Rys *et al*., 2017). As 'n taal vir kommunikasie in die onderwys gebruik word, is daar 'n baie kleiner kans dat dit kan uitsterf. Taalgeletterdheid is verder belangrik. Dit is veral belangrik dat boeke en leermateriaal om die taal aan te leer, beskikbaar moet wees.

Dit is egter nie genoegsaam dat 'n taal formeel deur kinders, studente en volwassenes aangeleer word nie (UNESCO, 2003). Dit is nodig dat 'n taal die uitdagings van moderniteit en ontwikkeling die hoof kan bied. Dit beteken dat die gebruik van die taal moet uitbrei na nuwe en ontluikende domeine, soos nuwe beroepe en tegnologieë, nuwe media en die internet. 'n Taal wat dit nie doen nie, loop gevaar om irrelevant en gestigmatiseer te word. Ook hier speel die onderwys 'n kritieke rol.

Twee kriteria is hier van belang: (a) tot op watter vlak en (b) hoe wyd onderwys in die betrokke taal plaasvind. 'n Taal wat die medium van onderwys is vir alle vakgebiede tot op die hoogste vlak, het 'n groter kans om te gedy as 'n taal wat beperk is tot taalonderrig. Dit is

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a13

verder belangrik dat geskrewe materiaal oor ’n breë front beskikbaar moet wees om die gebruik van die taal op alle terreine, ook op nuwe en ontluikende terreine, te ondersteun.

Ten einde terminologie te skep en uit te brei om tred te hou met ontwikkelings in die wetenskap, tegnologie en beroepswêreld, moet ’n taal ’n proses van intellektualisering ondergaan (Khumalo, 2017). Intellektualisering behels dat die standaardspreektaal omvorm, uitgebrei en gemoderniseer word sodat die terminologie die volle omvang van wetenskaplike strengheid en presisie kan verwoord en die taal die vermoë het om die volle kompleksiteit van wetenskaplike denke weer te gee. Volgens Finlayson en Madiba (2002) behels intellektualisering die radikale transformasie van die kapasiteit en rol van ’n taal sodat dit uitdrukking kan gee aan alle vorme van kennis in alle lewensfere. Die intellektualisering van ’n taal vind egter nie spontaan plaas nie. Dit impliseer gewoonlik bewustelike en gerigte prosesse wat deur uitgewers en private organisasies geïnisieer kan word, maar veral binne die hoër onderwys momentum word (Alberts, 2014). Dit beteken dat die hoër onderwys ’n sleutelrol speel in die groei en ontwikkeling van ’n taal om by die moderne wêreld aan te pas sodat dit in alle lewensdomeine – en nie slegs in sosiale en intieme sfere nie – gebruik word.

Die gebruik in die hoër onderwys van die tale wat deur plaaslike groepe gepraat word, is, soos die aanhaling hier bo aandui, verder ’n belangrike manier om plaaslike kulture en identiteite te ondersteun, te beskerm, uit te bou en aan ’n nuwe geslag oor te dra (Aziakpono & Bekker, 2010; Bornman & Potgieter, 2017). Daarbenewens hou moedertaalonderrig, ook in die hoër onderwys, verreikende voordele vir leer in (Bornman *et al*., 2017; Webb, 2006). In die eerste plek bevorder moedertaalonderrig die kognitiewe, sosiale en affektiewe vaardighede wat die verwerwing van kennis en begrip fasiliteer. Die verwerwing van kennis is ook nie ’n geïsoleerde proses nie, maar vind plaas in die wisselwerking tussen dosente, studente en die leermateriaal. Doeltreffende kommunikasie, wat ook deur die gebruik van die moedertaal bevorder word, is gevolglik ’n integrale komponent van suksesvolle leer. Deelname aan vakkundige diskoerse word verder deur die gebruik van die moedertaal bevorder, terwyl navorsing aandui dat moedertaalleerders meer aktief en met meer selfvertroue aan die leerproses deelneem (vergelyk o.m. Hornberger, 1987; Hurst, 2016; Webb, 2006).

Bull (2012) asook Mortensen en Haberland (2012) wys daarop dat moedertaalonderrig in die hoër onderwys toenemend ondergrawe word deur prosesse van internasionalisering en globalisering asook deur globalistiese ideologieë. Internasionalisering, en veral die vermoë om internasionale studente te werf, word toenemend beskou as ’n kerndoelwit van hoër-onderriginstellings om as wêreldklasuniversiteite gereken te word. Ander tale as Engels word as ’n hindernis vir studentemobiliteit beskou en gevolglik word veral nagraadse kursusse toenemend in Engels aangebied. Die strewe na internasionalisering hang nou saam met prosesse van globalisering waar hoëronderriginstellings toenemend beskou word as ’n integrale deel van die globale kennisekonomie. Engels – as die voertaal van die globale ekonomie – dring dan ook orals in.

Die hoër onderwys is geen uitsondering nie. Bull (2012) wys wel daarop dat globalisering nie slegs deur werklike prosesse van integrasie en die wêreldwye verspreiding van kapitalisme en ’n globale kennisekonomie in die hand gewerk word nie. Dit word ook aangedryf deur globalistiese ideologieë waarvolgens globaliserende kragte as ‘t ware as “natuurlik” en onvermydelik beskou word. In hulle strewe om wêreldklasuniversiteite te word, oordeel universiteitsbesture dikwels dat hulle nie anders kan as om die kommersialisering en kommodifisering, en die gepaardgaande verengelsing, van hoër onderwys te ondersteun nie. Die taalkeuses van studente en hulle ouers word ook deur globalisme beïnvloed. In plaas daarvan om die voordele van moedertaalonderrig in ag te neem wanneer hulle taalkeuses maak, glo baie studente dat

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a13

Engels die sleutel is wat vooruitgang in die globale ekonomie ontsluit. Studente glo ook dikwels (verkeerdelik) dat die res van die wêreld eentalig Engels is (Balfour, 2007).

UNESCO (2003) moedig taalgemeenskappe aan om die situasie waarin hulle tale verkeer te ondersoek ten einde te bepaal welke aksies nodig is om die oorlewing van die tale te verseker en die vitaliteit daarvan in verskillende domeine te bevorder. In respons op UNESCO (2003) se verslag het die Taalunie[1] (2017, 2019, 2021; Rys *et al*., 2017, 2019, 2021), in samewerking met die Meertens Instituut, die Universiteit Gent asook die Instituut voor de Opleiding van Leraren en Anton de Kom Universiteit van Suriname, 'n reeks ondersoeke geloods om die vitaliteit van Nederlands in verskillende domeine te bepaal.

Die hoër onderwys was een van hierdie domeine. In 2024 het die Afrikaanse Taalraad die Nederlandse ondersoeke[2] opgevolg en 'n landswye ondersoek na die stand van Afrikaans geloods. Die resultate van een aspek van hierdie ondersoek – die Stand van Afrikaans 2024 – word in hierdie artikel bespreek. Hierdie bespreking word in perspektief geplaas teen die agtergrond van tendense wat in die *Staat van het Nederlands*-ondersoeke na vore getree het.

2. Die Stand van Nederlands in die hoër onderwys

Die eerste van die *Staat van het Nederlands*-ondersoeke is in 2016 onderneem en dit is daarna in 2018 en 2020 herhaal (Rys *et al*., 2017, 2019, 2021). Al drie ondersoeke het die vorm van internetopnames aangeneem waar vraelyste aan 'n paneel respondente in elke deelnemende land/streek – die sogenaamde Staat-Ned-panele – gestuur is om te voltooi. In Nederland en Vlaandere is die paneellede deur die Meertens Instituut en die Universiteit Gent gewerf. Respondente wat bereid was om op die paneel te dien, is ook gevra om hulle bereid te verklaar om aan die tweejaarlikse opvolgondersoeke deel te neem.

Die eerste ondersoek het 3 003 Nederlanders (onder wie 133 Friese), 3 419 Vlaminge en 113 Brusselaars betrek. In die ontleding van die data is onderskei tussen die respondente van Friesland en dié van ander Nederlandse streke. In die 2018-opname is 'n paneel van Suriname (die Suid-Amerikaanse staat waar Nederlands ook die amptelike taal is) betrek. Hierdie paneel het 3 624 Nederlanders (317 Friese ingesluit), 2 513 Vlaminge, 130 Brusselaars en 730 Surinamers ingesluit. Die 2020-ondersoek het 3 195 Nederlanders, 186 Friessprekendes, 4 007 Vlaminge, 309 Brusselaars en 949 Surinamers betrek.

Die 2016-ondersoek is as die nulmeting beskou en het 'n groot aantal domeine – waaronder ook die onderwys en hoër onderwys – ingesluit (Rys *et al*., 2017). Nie al die domeine is in die 2018-ondersoek herhaal nie. Aangesien die 2016-opname egter verengelsingsdruk in die hoër onderwys en wetenskapsbeoefening aan die lig gebring het, is die betrokke vrae in 2018 en weer in 2020 herhaal (Rys *et al*., 2021). Alhoewel die vraelyste nie wetenskapsbeoefening gedek het nie, is bykomende inligting ingesamel oor die taal wat in proefskrifte, verhandelings en wetenskaplike artikels gebruik word. Bykomende navorsing is ook oor die taal van onderrig by geselekteerde universiteite gedoen.

---

1 Voorheen bekend as die Nederlandse Taalunie

2 Die vrae wat sentraal staan in die *Staat van het Nederlands* is die volgende: Wanneer en hoe dikwels gebruik inwoners van Nederland, Vlaandere, Brussel en Suriname Nederlands en in watter sosiale situasies? Met hierdie navorsing monitor die Taalunie sedert 2016 die gebruik en posisie van die Nederlandse taal. Die navorsing word periodiek herhaal om ontwikkelinge te volg en nuwe beleid te kan ontwikkel om die posisie van Nederlands waar nodig te versterk. Met die resultate kan die samelewingsdebat oor die posisie, krag en potensiële bedreiging van Nederlands op grond van feitelike gegewens gevoer word. Bron: Anonieme keurder.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a13

Die vrae is gestel aan ouers van studente wat besig was met hoër onderwys asook aan respondente wat self besig was met naskoolse studie. Min ouers het gereageer en hierdie groep is in die uiteindelike resultate buite rekening gelaat. Daar word in die Europese Nederlandssprekende gebiede onderskei tussen instellings wat beroepsgerigte onderrig aanbied aan die een kant en universiteite aan die ander kant.

In die volgende afdeling word hoofsaaklik aandag geskenk aan die respondente se antwoorde op die vraag: "*Mijn docenten geeft niet-taalvakken in het Nederlands"* ("My dosente bied nie-taalvakke in Nederlands aan"). Die responsopsies was die volgende: "*Altijd"* (altyd), "*Vaak"* (dikwels). "*Soms"* (soms) , "*Zelden"* (selde) , "*Nooit"* (nooit), en "*Niet van toepassing"* (nie van toepassing nie). Daar word ook kortliks verwys na die response op soortgelyke vrae oor die taal waarin studente met dosente en mede-studente kommunikeer, die taal waarin werkopdragte gedoen word asook die taal wat in die webwerwe van hoëronderriginstellings gebruik word.

2.1 Beroepsgerigte instellings

Wat onderrig by beroepsgerigte instellings betref, het relatief hoë persentasies – meer as wat die geval vir universiteite was – die opsie *Altijd Nederlands* gekies. Vir Vlaandere was hierdie persentasie so hoog as 75,1% in vergelyking met die 70,3% vir Suriname en 68,1% vir Nederland (Rys *et al*., 2021; Taalunie, 2021). Die persentasie vir *Zowel Engels as Nederlands* was ook die kleinste vir Vlaandere (16,6%) in teenstelling met 19,1% vir Suriname en 20,1% vir Nederland. In Nederland het 4,5% van die respondente aangedui dat Fries ook gebruik word. Vir die vrae wat gefokus het op die taal wat gebruik is in kommunikasie met dosente en studente, asook die taal van leermateriaal, was die aantal respondente wat gereageer het te min om werklik betroubare gevolgtrekkings te maak.

Rys *et al*. (2021) kom tot die gevolgtrekking dat beroepsgerigte onderrig in Nederland, Vlaandere en Suriname nog hoofsaaklik in Nederlands geskied. In al hierdie lande was daar wel sprake dat Engels met Nederlands gekombineer word. In al drie lande speel ander tale as Engels ook 'n rol. Fries word in Nederland genoem, Frans in Vlaandere en Sranantongo in Suriname.

2.2 Universiteite

Die taalsituasie by universiteite het egter skerp van dié van beroepsgerigte instellings verskil. Die respons *Altijd Nederlands* is die meeste in Suriname (64,3%) gekies in vergelyking met die 43,5% vir Vlaandere en slegs 28,1% vir Nederland (Rys *et al*., 2021; Taalunie, 2021). In Suriname is *Zowel Engels as Nederlands* ook die minste gekies (26,4% teenoor 37,8% in Vlaandere en 48,5% in Nederland). Die gevolgtrekking kan gemaak word dat "slegs Nederlands" die minste en "sowel Engels as Nederlands" die meeste in Nederland gekies is.

Die respons *Altijd Engels* het ook voorgekom by universiteite in Nederland en Vlaandere. Dit was veral die geval in Nederland waar hierdie opsie deur 14,3% van die respondente gekies is. Die ooreenstemmende persentasies vir Vlaandere was 5,3%. Daar was 'n klein persentasie Vlaamse studente (1,9%) wat aangedui het dat hulle slegs in Frans onderrig ontvang. Volgens Rys *et al*. (2021) het hierdie studente waarskynlik aan Franstalige universiteite gestudeer. In die meertalige Suriname was daar geen studente wat aangedui het dat hulle geheel en al in 'n ander taal onderrig ontvang het nie.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a13

Volgens die Taalunie (2021) het tendense ten opsigte van onderrigtale vir nie-taalvakke in Nederland sedert 2018 redelik stabiel gebly: 53,1% van die respondente het gerapporteer dat *Zowel Engels als Nederlands*, 23,1% dat *Altijd Nederlands* en 18,4% dat *Altijd Engels* gebruik is. In Vlaandere het die respons *Zowel Engels as Nederlands* toegeneem na 47,9%, terwyl die keuse vir *Altijd Nederlands* afgeneem het na 34,1% en *Altijd Engels* bykans verdubbel het na 6,9%. Terwyl dit gevolglik uit die ondersoeke voorkom of die opmars van Engels as onderrigtaal in die hoër onderwys in Nederland effens afgeplat het, gaan dit in Vlaandere stadig maar seker voort.

In Nederland en Vlaandere kon agteruitgang in die gebruik van slegs Nederlands ook in ander domeine van die hoër onderwys (kommunikasie met dosente, kommunikasie met medestudente, webwerwe en werkopdragte) waargeneem word sedert die nulmeting in 2016. Daar was verder ’n toename in die gebruik van Engels ten opsigte van studiemateriaal, werkopdragte en so meer. In Vlaandere en Brussel het Frans ook ’n rol gespeel en in Suriname ook Sranantongo, laasgenoemde meestal in mondelingse kommunikasie.

Rys *et al*. (2021) maak die gevolgtrekking dat Nederlands in die hoër onderwys toenemend deur Engels bedreig word. Hierdie bedreiging word die ergste in Nederland ervaar, maar kan ook duidelik in Vlaandere waargeneem word. Die indringing van Engels is die minste in Suriname waar die meerderheid van studente aangedui het dat hulle steeds onderrig slegs in Nederlands ontvang het.

2.3 Houdings teenoor Nederlands

Houdings teenoor Nederlands as onderrigtaal is ondersoek met die stelling: “In het hoger onderwijs mogen niet-taalvakken in een andere taal dan het Nederlands worden gegeven.” (“In die hoër onderwys kan ’n ander taal as Nederlands in die onderrig van nie-taalvakke gebruik word.”) Die resultate weerspieël die veranderende taalklimaat in die hoër onderwys en het nie veel tussen die drie opnames verskil nie (Rys *et al*., 2021; Taalunie, 2021).

Onder moedertaalsprekers was veral die Brusselaars positief oor die gebruik van ander tale (87,7%); ’n tendens wat waarskynlik die gevolg is van die meertalige samestelling van die Brusselse bevolking. Hulle is gevolg deur die Friese (76,4%), die Vlaminge (76,1%), die Nederlanders (61,6%) en die Surinamers (54,8%). Onder nie-moedertaalsprekers is dit veral die Friese (81,8%) wat besonder positief oor die gebruik van ander tale, vermoedelik hoofsaaklik Fries, op universiteitsvlak was.

2.4 Bykomende inligting

Soos reeds genoem, het die Taalunie ook bykomende indieptenavorsing oor die gebruik van Nederlands by hoëronderriginstellings gedoen (Rys *et al*., 2017, 2019, 2021). In 2016 is gekyk na die taal van studiegidse by drie universiteite (die Universiteit Leiden en die Tegniese Universiteit van Eindhoven in Nederland en die Universiteit Gent in Vlaandere). In 2018 is navorsing gedoen oor die onderrigtaal in ’n vak in die Geesteswetenskappe (Geskiedenis) en ’n vak in die Natuurwetenskappe (Wiskunde) by die Universiteit Utrecht (Nederland), die Universiteit Antwerpen (Vlaandere) en die Anton de Kom Universiteit in Paramaribo (Suriname).

In 2020 is weer gekyk na die taal van studiegidse vir die twee vakke wat ondersoek is. Al hierdie ondersoeke het verengelsingstendense aan die lig gebring. Dit het geblyk dat voorgraadse kursusse (baccalareusgrade) hoofsaaklik in Nederlands aangebied is, terwyl

nagraadse kursusse (veral gedoseerde meestersgrade) merendeels in Engels aangebied is. Dit was die geval by al die universiteite asook vir albei die vakke wat ondersoek is. Die Universiteit Utrecht in Nederland het die sterkste Engelse oriëntering geopenbaar.

Die feit dat studiegidse vir voorgraadse kursusse hoofsaaklik in Nederlands was, is vreemd inaggenome die response in die vraelysopname wat dui op ’n toename in die gebruik van Engels in onderrigsituasies. Volgens Rys *et al*. (2021) kan die diskrepansies moontlik toegeskryf word aan die beperkte aard van die navorsing (slegs twee vakke en enkele universiteite).

Daar kan ook diskrepansies wees tussen dit wat in jaarboeke staan en dit wat in die praktyk gebeur. So kan dit wees dat dosente lesings in Engels gee ter wille van studente in die klas wat nie Nederlands goed verstaan nie, maar dat die jaarboek aandui dat die kursus in Nederlands aangebied word. Dit kan ook wees dat sommige dosente nie Nederlands behoorlik magtig is nie en daarom lesings eerder in Engels aanbied.

2.5 Wetenskapsbeoefening

Rys *et al*. (2017) spreek ook kommer uit oor verengelsing in die domein van wetenskapsbeoefening. Hulle wys byvoorbeeld daarop dat Nederlandse navorsers en akademici merendeels verkies om in Engels te publiseer. ’n Belangrike rede is dat die aantal publikasies van ’n individu in sogenaamde A1-tydskrifte (dit is internasionale tydskrifte met ’n hoë impakfaktor waar artikels anoniem en onafhanklik beoordeel word) ’n groot rol speel in aanstellings en bevordering in die akademie. Die meerderheid van A1-tydskrifte publiseer meestal in Engels. Rys *et al*. (2017) wys verder op ’n sterk tendens dat voordragte by wetenskaplike kongresse toenemend in Engels aangebied word. Dit gebeur selfs by kongresse wat op die Nederlandse taal fokus.

Die keuse van Engels wanneer nuwe navorsing gepubliseer of in kongreslesings gerapporteer word, het volgens Rys *et al*. (2017) belangrike implikasies vir die vitaliteit van Nederlands. As Nederlands nie langer in wetenskaplike publikasies gebruik word nie, kan dit die ontwikkeling van nuwe terminologie vir ontluikende velde verhinder.

Nie alleen word Nederlands nie verder verryk deur nuwe terminologie nie, maar bestaande wetenskaplike terminologie kan in onbruik raak. Rys *et al*. (2017) spreek dan ook die voorneme uit om in toekomstige ondersoeke van die *Staat van het Nederlands* verder en in meer diepte te kyk of die snelle verengelsingstendense in wetenskapbeoefening voortduur.

Vervolgens word gerapporteer oor hoe die ooreenstemmende Afrikaanse ondersoek in hierdie verband verloop het.

3. Die Stand van Afrikaans 2024

Afrikaans in die hoër onderwys het sedert 1994 ’n uiters stormagtige tydperk beleef (Bornman *et al*., 2017, 2021). Ten spyte van die feit dat Afrikaans in die Grondwet van Suid-Afrika (1996) as een van (tans) twaalf amptelike tale erken word, word die hoëronderwyssektor gekenmerk deur die hegemonie van Engels. Hierdie verengelsing word in ’n groot mate aangevuur deur die aandrang op transformasie (Department of Education, 1996). Volgens Badat (2010) het transformasie ten doel om die sosiale, politieke en ekonomiese ongelykhede van apartheid uit te wis en gelyke toegang vir almal tot hoër onderwys en in die besonder groter deelname van swart mense, vroue, gestremdes en volwasse leerders te bevorder. Dit impliseer dat die taal van onderrig ook vir hierdie groepe toeganklik moet wees.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a13

Net soos wat taal in Europa as ’n hindernis vir studentemobiliteit beskou word (Bull, 2012; Mortensen & Haberland, 2012), word ’n taal soos Afrikaans deur baie beskou as ’n struikelblok wat gelyke toegang tot hoëronderriggeleenthede belemmer (Mzangwa, 2019). Engels word gevolglik as die enigste (of dominante) taal van onderrig gepropageer. Volgens Pandor (2018) bestaan daar verder ’n sterk verwagting dat die demografie van akademiese personeel by historiese wit hoëronderriginstellings moet verander en dat veral meer swart professore aangestel moet word. Hoëronderriginstellings is gevolglik onder druk om akademici aan te stel wat nie noodwendig Afrikaans magtig is nie.

Daar is verder by die Suid-Afrikaanse regering ’n onwilligheid, en selfs onvermoë, om meertaligheid in die hoër onderwys te bevorder en die intellektualisering van alle Suid-Afrikaanse tale te fasiliteer sodat elke taal – en ook Afrikaans – kan uitdrukking gee aan alle vorme van kennis en volledig as onderrigtaal in die hoër onderwys kan dien (Van der Walt & Steyn, 2016).

Die *Staat van het Nederlands*-ondersoeke het Afrikaanse navorsers en die Afrikaanse Taalraad geïnspireer om in samewerking met die Taalunie in Nederland ’n soortgelyke ondersoek te loods om die stand van Afrikaans te ondersoek. Dit sou baanbrekerswerk in die Suid-Afrikaanse konteks wees. Befondsing is van Die Dagbreek Trust verkry en MarkData[3] is in 2024 gekontrakteer om die landswye ondersoek te onderneem. Die vraelys wat in die Nederlandse ondersoeke gebruik is, is met behulp van kundiges op verskillende terreine vir die Suid-Afrikaanse konteks aangepas.

Die oorkoepelende navorsingsvraag vir die ondersoek na die Stand van Afrikaans 2024 was die volgende:

- In watter mate word Afrikaans in verskillende lewensdomeine deur Afrikaanssprekendes gebruik?

Net soos in die Nederlandse ondersoeke, is vrae oor die hoër onderwys ook ingesluit. Die navorsingsvrae wat die ondersoek na die stand van Afrikaans in hierdie domein gerig het, was die volgende:

- In watter mate word Afrikaans vir onderrig in die hoër onderwys gebruik?
- In watter mate word tale wat afwyk van Standaardafrikaans in die hoër onderwys gebruik?
- In watter mate is studiemateriaal in die hoër onderwys in Afrikaans?
- In watter mate kan studente in Afrikaans rekenskap gee van hulle kennis en insig?
- In watter mate kan studente in Afrikaans met dosente kommunikeer?
- In watter mate kan studente met medestudente in Afrikaans kommunikeer?
- In watter mate kommunikeer hoëronderriginstellings met studente, ouers en/of voornemende studente in Afrikaans?

Multistadium- gestratifiseerde waarskynlikheidsteekproefneming is geïmplementeer om ’n steekproef van Afrikaanssprekende huishoudings te trek. Die teikenpopulasie was Afrikaanssprekendes in die 50 areas wat deur die Solidariteit Navorsingsinstituut[4] geïdentifiseer is as streke met ’n relatief hoë persentasie Afrikaanssprekende inwoners (Afrikaanse Taalraad &

[3] MarkData was vroeër bekend as die vraelys- en opinienavorsingsentrum van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). In 1996 het hierdie sentrum geprivatiseer as ’n onafhanklike agentskap wat fokus op marknavorsing wat strategiese insig fasiliteer.

[4] Raadpleeg vir meer inligting: https://solidariteit.co.za/bemagtig-met-inligting.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a13

Solidariteit Navorsingsinstituut, 2022). Die Solidariteit-data is geverifieer deur vergelykings met die GeoTerraImage (GTI)-inligting wat op ’n gereelde basis aangepas word. Hierdie inligting is gebruik om opnemersgebiede (sogenaamde *enumerator areas* of EA’s of OG’s in Afrikaans) te trek. Die steekproef is verder gestratifiseer om te verseker dat die volgende verteenwoordig word:

- Metro’s, nie-metro stedelike en nie-metro landelike gebiede wat in die 50 streke ingesluit is
- Al nege provinsies
- Lae-, hoë- en middel-inkomstegebiede soos geïdentifiseer deur die GTI
- Die rassegroepe wat in die 50 streke teenwoordig is.

Ten einde te kwalifiseer om aan die ondersoek deel te neem, moes ’n persoon Afrikaans as huistaal of addisionele taal gehad en 16 jaar of ouer gewees het. In stedelike OG’s is vier tot agt en in niestedelike OG’s ses tot tien onderhoude per OG gevoer. Hierdie metodologie het meegebring dat die finale gerealiseerde steekproef alle bevolkings-, geslag- en ouderdomsgroepe, asook al die provinsies van Suid-Afrika, ingesluit het.

Die aanvanklik beplande steekproefgrootte was 1 500. Ná die opname is egter besluit dat daar nie genoeg inligting oor skoolgaande kinders ingesamel is nie. Daar is toe teruggegaan na die oorspronklike stedelike OG’s en spesifiek gesoek na huishoudings waar kleuters, laer- en/of hoërskoolleerlinge teenwoordig was. So is ’n bykomende 500 onderhoude gevoer.

Die finale gerealiseerde steekproef was 2 083 respondente. Die finale datastel is geweeg deur Ontwerp- en RIM-wegingsbeginsels te gebruik. Dit behels die regstelling van die disproporsionele steekproefontwerp wat by die multistadium- gestratifiseerde keuringsproses ingestel is, asook vir die demografiese eienskappe wat nie gestrook het met die populasieprofiele nie.

In die finale steekproef het 114 respondente aangedui dat hulle of hulle kinders besig was met naskoolse onderwys. Die demografiese samestelling van hierdie groep word in Tabel 1 weergegee.

Die meeste vrae wat op hoër onderwys gerig was, is uiteindelik deur 114 respondente voltooi. In die Suid-Afrikaanse vraelys word die term “Skoolafrikaans” gebruik om respondente te help om te onderskei tussen Standaardafrikaans en variëteite soos byvoorbeeld Kaaps. In hierdie artikel word die term ”Afrikaans” gebruik om Standaardafrikaans aan te dui.

Op aanbeveling van MarkData word persentasies gebruik om die bevindings weer te gee. Dit word gedoen, omdat die finale datastel geweeg is en die gerealiseerde frekwensies (aantal respondente) dikwels nie die geweegde persentasies direk weerspieël nie. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die aantal respondente vir al die provinsies – maar veral in die geval van Mpumalanga, die Vrystaat en Noordwes – laag was. (Daar was geen respondente vir KwaZulu-Natal nie.) Tendense vir die verskillende provinsies word wel uitgewys, veral omdat sekere provinsies geassosieer word met instellings wat aandui dat hulle kwalifikasies in Afrikaans aanbied.

Die resultate behoort bloot as ’n aanduiding van moontlike tendense beskou te word. Daar moet eerder gefokus word op die totale persentasies vir die hele ondersoekgroep. Verdere navorsing is nodig alvorens betroubare gevolgtrekkings ook vir provinsies en ander subgroepe getref kan word. Oor die behoefte aan verdere navorsing word in die slotopmerkings meer gesê.

TABEL 1: Demografie van die steekproefrespondente betrokke by naskoolse onderwys

Kursusse waarby respondente betrokke was		
	n	**%**
Voorgraadse diploma	6	5,3
B-graad	4	3,5
Honneursgraad	14	12,3
M-graad	8	7,0
Doktorale studie	4	3,5
Nagraadse diploma	9	7,9
Tegniese opleiding	5	4,4
Beroepsgerigte opleiding	57	50,0
’n Sertifikaat	6	5,3
Nie-formele klasse	1	0,9
Totaal	114	100,1
Provinsie		
Gauteng	30	26,3
KwaZulu-Natal	0	0,0
Mpumalanga	5	4,4
Noord-Kaap	12	10,5
Limpopo	9	7,9
Noordwes	6	5,3
Oos-Kaap	18	15,8
Vrystaat	5	4,4
Wes-Kaap	29	25,4
Totaal	114	100,0
Ras		
Bruin	62	54,4
Indiër	0	0,0
Swart	10	8,8
Wit	41	36,0
Griekwa/Nama/Khoisan	0	0,0
Asiër	0	0,0
Onbekend/Verkies om nie te beantwoord nie	1	0,9
Totaal	114	100,1

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a13

TABEL 1: Demografie van die steekproefrespondente betrokke by naskoolse onderwys *(vervolg)*

	n	%
Geslag		
Manlik	48	42,1
Vroulik	65	57,0
Onbekend/Ander	1	0,9
Totaal	114	100,0

4. Tendense ten opsigte van Afrikaans in die hoër onderwys

Anders as wat in die Europese en Suid-Amerikaanse Nederlandssprekende gebiede die geval was, het Suid-Afrika nie meer openbare universiteite wat as "Afrikaanse" universiteite bekend staan nie. Dit beteken dat selfs op voorgraadse vlak alle universiteite feitlik alle kursusse in die eerste plek in Engels aanbied. Volgens inligting wat deur die Afrikaanse Taalraad ingesamel is, bied die Universiteit Stellenbosch[5] en die Noordwes-Universiteit (NWU) nog 'n aantal kursusse in verskillende fakulteite in Afrikaans aan (Afrikaanse Taalraad, s.d.).

Om die toenemende verengelsing in die hoër onderwys teen te werk en 'n tuiste vir die Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe te bied, het Akademia as 'n privaat klassieke tersiêre instelling in 2011 sy deure geopen (Akademia, s.d.). Hierdie instelling bied 'n aantal grade en nagraadse diplomakursusse in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Geesteswetenskappe, Opvoedkunde en Natuurwetenskappe aan.

Daar is ook 'n aantal beroepsgerigte instellings waar Afrikaans nog as onderrigmedium gebruik word (Afrikaanse Taalraad, s.d.). So bied die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie (KSUT) 'n aantal diplomakursusse in onderwysrigtings aan (Afrikaanse Taalraad, s.d.). Die Sol-Tech Opleidingsentrum, wat op die inisiatief van Solidariteit gestig is, bied 'n wye reeks tegniese kursusse in Afrikaans aan. Die instelling Akademiese Reformatoriese Opleiding en Studies (AROS) bied onderwysgrade en -diplomas aan; by die Centurion Akademie kan op sekere kampusse spesifieke diploma- en sertifikaatkursusse in Afrikaans geneem word; die Afrikaanse Protestantse Akademie (APA) bied voorgraadse Baccalareusgrade en nagraadse onderwysdiplomas aan; terwyl die Christelike Gereformeerde Teologie Seminarium[6] teologiese opleiding aanbied.

Hierdie gegewens behoort reeds 'n aanduiding te gee dat Afrikaans in die Suid-Afrikaanse hoër onderwys in 'n noutegang is. Daar is slegs enkele universiteite en instellings (Akademia, AROS, die Universiteit Stellenbosch, die Noordwes-Universiteit) wat nog aandui dat hulle 'n reeks grade en ander tersiêre kwalifikasies in verskillende fakulteite in Afrikaans aanbied. 'n Soortgelyke situasie geld vir beroepsgerigte instellings. Dit is teen hierdie agtergrond wat tendense oor die gebruik van Afrikaans geëvalueer moet word.

[5] Vroeër: die Universiteit van Stellenbosch . Vergelyk: https://www.sun.ac.za/afrikaans/meer-oor/waaromus.

[6] Vergelyk https://christianhub.com/organisations/christelike-gereformeerde-teologiese-seminarium

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a13

4.1 Taal van onderrig by hoëronderwysinstellings waar studente gestudeer het

Die persentasie respondente wat aangedui het dat hulle alleenlik in Afrikaans onderrig ontvang het (27,3%), vergelyk verrassend nie sleg met die ooreenstemmende persentasie (28,1%) vir Nederland nie (Tabel 2; Figuur 1). Dit is wel aansienlik laer as wat vir Vlaandere (43,5%) en Suriname (64,3%) die geval was. Aansienlike verskille kan ook tussen die provinsies waargeneem word. Tot soveel as 76,4% van die respondente van Mpumalanga (hou egter die klein aantal respondente in ag) en 52,2% van die Noord-Kaap het aangedui dat hulle altyd in Afrikaans onderrig ontvang.

Vir die twee provinsies waar 'n universiteit geleë is wat nog aandui dat hulle 'n aantal kwalifikasies in Afrikaans aanbied – Noordwes en die Wes-Kaap – was die ooreenstemmende persentasies egter so laag as 25,7% en 25,3% respektiewelik. (Die klein aantal respondente vir Noordwes moet wel in ag geneem word.) Dit is moeilik om te verklaar waarom sulke relatief hoë persentasies respondente in Mpumalanga en die Noord-Kaap nog deurgaans onderrig in Afrikaans ontvang. Dit wil voorkom of die Afrikaanse aanbod by instellings in Noordwes en die Wes-Kaap selfs meer beperk is as wat hierdie instellings geneig is om voor te gee. Die afleiding kan gemaak word dat dit vir die meerderheid van die studente nie moontlik was om al hulle vakke/kursusse in Afrikaans te neem nie.

Daar was min sprake van onderrig uitsluitlik in 'n dialek ('n taalvorm wat afwyk van Standaardafrikaans). Slegs 2,5% van die totale ondersoekgroep het hierdie opsie gekies. Dit was ook net in die Noord-Kaap (6,4%), die Oos-Kaap (5,5%) en Gauteng (3,6%) waar respondente aangedui het dat hulle slegs in 'n dialek (oftewel 'n variëteit van Afrikaans) onderrig ontvang het. Dit is egter wel merkwaardig dat dieselfde twee provinsies (Oos-Kaap – 19,9%; Noord-Kaap – 7,8%) asook die Wes-Kaap (8,2%) aangedui het dat hulle soms onderrig ontvang in iets tussen Skoolafrikaans en 'n dialek. Dit is egter slegs respondente in die Oos-Kaap (10,9%) wat aangedui het dat hulle onderrig in Afrikaans en 'n dialek ontvang.

Die totale persentasie respondente wat die opsie "Slegs Engels" gekies het (8,5%) was laer as wat verwag kon word. Relatiewe hoë persentasies respondente van Limpopo (38,3%) en Noordwes (22,9%) – asook respondente van Gauteng (7,8%) en die Oos-Kaap (14,4%) – het hierdie opsie gekies. Dit is verder opvallend dat geen respondente van Mpumalanga en die Wes-Kaap aangedui het dat hulle slegs in Engels onderrig ontvang nie.

"Engels en Afrikaans" was nie slegs die opsie wat deur die meerderheid (53,0%) van die totale ondersoekgroep gekies is nie, maar soveel as 73,9% van respondente van die Vrystaat, 73,8% van Gauteng, 63,2% van die Wes-Kaap en 51,4% van Noordwes het aangedui dat hulle onderrig in Afrikaans en Engels ontvang. Onderrig in Afrikaans en Engels is deur 23,6% van die respondente in Mpumalanga aangedui en deur deur 28,5% van die respondente in die Oos-Kaap. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat onderrig in provinsies wat tradisioneel met Afrikaanse onderrig geassosieer is (soos die Wes-Kaap met die Universiteit Stellenbosch en Noordwes met Noordwes-Universiteit)), hoofsaaklik in Afrikaans en Engels geskied en dat ook hier min studente kan sê dat hulle slegs in Afrikaans onderrig ontvang het.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a13



Figuur 1: *Respondente wat aangedui het dat hulle slegs in Afrikaans onderrig ontvang*

4.2 Die gebruik van Afrikaans wat aspekte wat met hoër onderwys verband hou, betref

In opvolgvrae is gepoog om dieper te kyk na verskillende dimensies van hoër onderrig en 'n meer gevarieerde peiling te maak van die mate waarin Afrikaans gebruik word. Daar is gekyk na die taal wat in gesprekke met dosente gebruik word, die taal waarin klasse gegee word, die taal van studiemateriaal asook die taal waarin werkopdragte gedoen en eksamens geskryf word (Figuur 2; Tabel 3).



Figuur 2: *Frekwensie van die gebruik van Afrikaans in aspekte wat met hoër onderwys verband hou*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a13

TABEL 2: Taal van onderrig by hoëronderwysinstellings

	Totaal	**Gauteng**	**KwaZulu-Natal**	**Mpuma-langa**	**Noord-Kaap**	**Limpopo**	**Noordwes**	**Oos-Kaap**	**Vrystaat**	**Wes-Kaap**
	%	**%**	**%**	**%**	**%**	**%**	**%**	**%**	**%**	**%**
Totaal	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100
Slegs iets na aan Skoolafrikaans	27,3	14,8	0,0	76,4	52,2	30,9	25,7	20,9	26,1	25,3
Slegs ’n dialek van Afrikaans	2,5	3,6	0,0	0,0	6,4	0,0	0,0	5,5	0,0	0,0
Iets tussen Skool-afrikaans en ’n dialek	6,1	0,0	0,0	0,0	7,8	0,0	0,0	19,9	0,0	8,2
Skoolafrikaans en ’n dialek van Afrikaans	2,6	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	10,9	0,0	3,2
Slegs Engels	8,5	7,8	0,0	0,0	0,0	38,3	22,9	14,4	0,0	0,0
Engels en Afrikaans	53,0	73,8	0,0	23,6	33,6	30,9	51,4	28,5	73,9	63,2
Afrikaans en ’n ander taal	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
Engels en ’n ander taal	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
Totaal	100	100	100	100	100	100,1	100	100,1	100	99,9

TABEL 3: Gebruik van Afrikaans in aspekte wat met hoër onderwys verband hou

	Totaal	Gauteng	KwaZulu-Natal	Mpuma-langa	Noord-Kaap	Limpopo	Noordwes	Oos-Kaap	Vrystaat	Wes-Kaap
	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%
U/u kinders praat Afrikaans met dosente										
Altyd	27,4	11,5	0,0	52,8	58,4	0,0	25,7	29,8	79,5	25,3
Meestal	29,0	4,4	0,0	23,6	28,7	30,9	14,2	31,7	20,5	22,4
Soms	23,4	44,5	0,0	0,0	0,0	0,0	22,9	5,5	0,0	37,4
Selde	6,0	11,5	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	5,4	0,0	8,3
Nooit	10,0	7,8	0,0	0,0	0,0	69,1	37,2	4,4	0,0	0,0
N.V.T.	13,1	20,3		23,6	12,8	0,0	0,0	23,2	0,0	6,5
Dosente gee klas in Afrikaans										
Altyd	28,6	11,5	0,0	52,0	58,6	30,9	25,7	26,3	79,5	22,8
Meestal	13,1	7,0	0,0	0,0	14,4	0,0	0,0	15,4	0,0	28,2
Soms	26,5	48,9	0,0	0,0	6,4	0,0	25,7	19,9	0,0	32,9
Selde	6,6	8,0	0,0	23,6	0,0	0,0	0,0	0,0	20,5	10,3
Nooit	13,7	7,8	0,0	0,0	6,4	69,1	48,6	15,2	0,0	2,6
N.V.T.	11,5	16,8	0,0	23,6	14,2	0,0	0,0	23,2	0,0	3,2

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a13

TABEL 3: Gebruik van Afrikaans in aspekte wat met hoër onderwys verband hou *(vervolg)*

	Totaal	Gauteng	KwaZulu-Natal	Mpuma-langa	Noord-Kaap	Limpopo	Noordwes	Oos-Kaap	Vrystaat	Wes-Kaap
	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%
Studiemateriaal is in Afrikaans										
Altyd	23,2	8,0	0,0	47,2	65,0	30,9	37,2	5,5	26,1	23,3
Meestal	18,8	15,0	0,0	29,2	20,8	0,0	0,0	30,7	0,0	25,2
Soms	25,3	48,9	0,0	0,0	0,0	0,0	25,7	15,4	53,4	24,5
Selde	6,3	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	9,9	0,0	18,6
Noooit	12,3	7,8	0,0	0,0	6,4	38,3	37,2	15,2	20,5	5,2
N.V.T.	14,1	20,3	0,0	23,6	7,8	30,9	0,0	23,2	0,0	3,2
Handboeke is in Afrikaans										
Altyd	20,9	8,0	0,0	76,4	44,3	30,9	11,5	9,8	26,1	20,8
Meestal	14,0	3,5	0,0	0.0	35,2	0,0	14,2	14,4	0,0	24,6
Soms	28,7	52,5	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	22,0	53,4	35,3
Selde	7,5	3,6	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	9,9	20,5	16,1
Nooit	14,1	12,2	0,0	0,0	6,4	38,3	74,3	20,7	0,0	0,0
N.V.T.	14,8	20,3	0,9	23,6	14,2	30,9	0,0	23,2	0,0	3,2

TABEL 3: Gebruik van Afrikaans in aspekte wat met hoër onderwys verband hou *(vervolg)*

	Totaal	Gauteng	KwaZulu-Natal	Mpuma-langa	Noord-Kaap	Limpopo	Noordwes	Oos-Kaap	Vrystaat	Wes-Kaap
	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%
U/u kinders doen werkopdragte in Afrikaans										
Altyd	22,5	8,0	0,0	52,8	58,6	30,9	37,2	0,0	26,1	26,0
Meestal	10,8	3,5	0,0	23,5	20,8	0,0	0,0	11,0	0,0	19,4
Soms	32,5	56,9	0,0	0,0	0,0	0,0	11,5	29,8	53,4	38,4
Selde	8,6	3,6	0,0	0,0	0,0	0,0	14,2	20,8	20,5	10,4
Nooit	8,9	3,5	0,0	0,0	6,4	38,3	37,2	15,2	0,0	0,0
N.V.T.	16,6	24,6	0,0	23,6	14,2	30,9	0,0	23,2	0,0	5,9
U/u kinders skryf eksamens in Afrikaans										
Altyd	24,8	8,0	0,0	52,8	50,8	30,9	37,2	31,9	26,1	17,6
Meestal	12,4	7,9	0,0	23,6	12,9	0,0	0,0	9,9	0,0	25,2
Soms	24,3	40,9	0,0	0,0	6,4	0,0	11,5	14,2	53,4	30,1
Selde	8,7	11,5	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	5,5	0,0	18,7
Nooit	13,3	11,3	0,0	0,0	6,4	38,3	51,4	15,2	20,5	2,6
N.V.T.	16,5	20,3	0,0	23,6	23,5	30,9	0,0	23,2	0,0	5,9

Van die totale ondersoekgroep het net meer as ’n kwart aangedui dat hulle altyd Afrikaans met dosente praat (27,4%) en dat dosente altyd in Afrikaans klas gee (28,6%). Die persentasies vir die ander dimensies is laer as 25%: 23,2% vir studiemateriaal, 20,9% vir handboeke, 22,5% vir werkopdragte en 24,8% vir eksamens.

Hierdie gegewens dui daarop dat min Afrikaanssprekende studente nog die voorreg het om in Afrikaans te studeer en deurgaans aktiwiteite wat met hoër onderwys verband hou, in Afrikaans te beoefen. Daar is ook min sprake van akademiese gesprekke en debatte – wat so ’n belangrike rol in leer speel (Webb, 2006) – tussen dosente en studente in Afrikaans. Die feit dat die meeste van hierdie persentasies, veral dié wat met onderrig, werkopdragte en eksamens verband hou, tot onder of na aan 25% gedaal het, is ’n aanduiding dat Afrikaans in die hoër onderwys ernstig bedreig word.

As ’n mens na die Wes-Kaap en Noordwes kyk (die provinsies met universiteite wat aandui dat hulle nog ’n reeks kwalifikasies in Afrikaans aanbied), is dit verder opvallend hoe min studente deurgaans Afrikaans in hierdie situasies gebruik en/of toegang tot Afrikaanse leermateriaal het. Wat Noordwes betref (hou die klein aantal respondente in gedagte), het slegs in die geval van studiemateriaal, werkopdragte en eksamens net meer as ’n derde (37,2%) van die studente aangedui dat hulle altyd Afrikaans gebruik.

Die situasie in die Wes-Kaap is selfs swakker. Hier het skaars ’n kwart van die studente aangedui dat hulle altyd Afrikaans met dosente praat (25,3%) en werkopdragte in Afrikaans doen (26,0%). Vir al die ander situasies was die gebruik van *“*Altyd Afrikaans*”* selfs laer. Dit is veral opvallend dat slegs 17,6% van die Wes-Kaapse studente aangedui het dat hulle altyd hulle eksamens in Afrikaans skryf. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die aanbod van Afrikaans in die praktyk beperk is selfs by universiteite wat aandui dat hulle nog verskeie kwalifikasies in Afrikaans aanbied.

Soos wat Rys *et al*. (2021) bespiegel ten opsigte van hoër onderwys in Nederland, is daar waarskynlik faktore op grondvlak wat taalgebruik beïnvloed. Dit is moontlik dat dosente aangestel word – hoofsaaklik as gevolg van transformasiedruk – wat nie Afrikaans magtig is nie en vir alle groepe moet klasgee. Dit is waarskynlik ook minder werk vir dosente om lesings slegs in Engels voor te berei en aan te bied, al is hulle daartoe in staat en veronderstel om sekere klasse in Afrikaans te gee. Dit is verder veral verontrustend dat lae persentasies studente aandui dat hulle werkopdragte en eksamens altyd in Afrikaans doen.

Dit impliseer dat Afrikaanssprekende studente nie alleenlik nie die voordele geniet van die beter insig en begrip wat moedertaalonderrig bied nie, maar dat hulle ook nie hulle moedertaal kan gebruik om beter uitdrukking van hulle kennis en insig te gee nie (Bornman *et al*., 2017). Dosente wat nie Afrikaans magtig is nie, kan ook nie werkopdragte en eksamens in Afrikaans nasien nie, wat waarskynlik die rede is waarom studente dit ook in Engels moet doen.

Dit is opvallend dat relatief hoë persentasies studente van die Vrystaat aangedui het dat hulle net Afrikaans met dosente praat (79,5%) en dat daar slegs in Afrikaans klas gegee word (79,5%). Die persentasies “Altyd Afrikaans” vir die ander kategorieë was egter laag – deurgaans 26,1%. Dit wil voorkom of Afrikaans nie sy teenwoordigheid by hoëronderwysinstellings in die Vrystaat verloor het nie. Nietemin moet die meerderheid Afrikaanssprekende studente belangrike aspekte van hulle studies soos werkopdragte en eksamens in Engels doen. Weens die klein aantal respondente vir die Vrystaat (5), is dit nie moontlik om werklik te weet of hierdie gegewens slegs die ervarings van individue of algemene tendense weerspieël nie.

Dit is moeilik om te verklaar waarom relatief hoë persentasies studente in Mpumalanga – meer as 50% behalwe in die geval van handboeke – aangedui het dat hulle altyd met dosente

Afrikaans praat, altyd klas in Afrikaans kry, hulle studiemateriaal altyd in Afrikaans is, hulle hul werkopdragte in Afrikaans voltooi en altyd eksamens in Afrikaans skryf. (Die feit dat daar net vyf respondente vir Mpumalanga was, moet hier in gedagte gehou word.)

Mpumalanga word oortref deur die Noord-Kaap waar respektiewelik 58,4%, 58,6%, 65,0%, 58,6% en 50,8% van die studente aangedui het dat hulle altyd Afrikaans met dosente praat, altyd in Afrikaans klas het, dat leermateriaal altyd in Afrikaans is, dat hulle altyd in Afrikaans werkopdragte doen en altyd in Afrikaans eksamens skryf. Dit is slegs in die geval van handboeke wat die ooreenstemmende persentasie laer as 50% is (44,3%). Die Taalraad, die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) en ander instansies betrokke by hoër onderwys sal weer moet kyk na hoëronderriginstansies in hierdie provinsies en hoe hulle aan hulle ondersteuning kan bied om hulle Afrikaanse aanbod verder te versterk.

Die provinsie wat deurgaans die swakste gevaar het, is Gauteng. Klein persentasies studente (11,5%) het aangedui dat hulle altyd met dosente Afrikaans praat en altyd klas in Afrikaans kry. Vir die ander kategorieë was die ooreenstemmende persentasies 8%, wat minder as ’n tiende van die studente verteenwoordig. Waar Gauteng voorheen die tuiste was van groot Afrikaanse universiteite, soos die Universiteit van Pretoria (UP) en die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU),[7] terwyl die voormalige tweetalige Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) ook hier geleë is, wil dit voorkom of Afrikaans grootliks sy teenwoordigheid in die hoër onderwys in hierdie provinsie verloor het. ’n Mens kan aanvaar dat daar waarskynlik nie studente van Akademia of ander Afrikaanse instellings soos AROS in die steekproef was nie. Behalwe vir hierdie kleiner hoëronderriginstellings, is Afrikaans in die hoër onderwys klaarblyklik vinnig besig om in hierdie provinsie te verdwyn.

4.3 Afrikaans as kommunikasiemedium en sosiale omgangstaal by hoëronderriginstellings

Universiteite word gewoonlik nie slegs gesien as plekke van onderrig nie, maar word ook geassosieer met sosiale interaksie en aktiwiteite (Selim, 2023). Hierdie sosiale interaksie speel weer ’n belangrike rol in die vorming van studente se nasionale en kulturele identiteit (Bornman & Potgieter, 2017).

Die studentesamestelling op alle Suid-Afrikaanse universiteitskampusse – met die moontlike uitsondering van instellings wat uitsluitlik Afrikaans is – het sedert die einde van apartheid meer multikultureel en divers geword (Ngidi & Mncwango, 2022). Dit beteken dat ’n velerlei tale in sosiale ruimtes gepraat word. Vir die Afrikaanse gemeenskap is dit belangrik dat daar wel op kampusse ’n Afrikaanse sosiale en kulturele wêreld bestaan. Anders as wat waarskynlik vir Nederlands die geval is, is dit vir Afrikaanssprekende studente in ’n mindere mate moontlik om deurgaans Afrikaans in gesprekke met medestudente en dosente te gebruik. Gesonde identiteitsvorming berus daarop dat hulle hul taal vryelik en op alle terreine kan praat en sonder skaamte of terughouding hulle kultuur kan beoefen. Hulle moet ook voel dat hulle taal en kultuur aanvaar en geag word.

In die volgende reeks vrae is gekyk na die taal van sosiale interaksie asook amptelike kommunikasie van hoëronderriginstellings, soos nuusbriewe. Die totale persentasies soos weerspieël in Figuur 3 en Tabel 4 wys dat Afrikaans ook – net soos in die geval van onderrigdimensies – in die sosiale omgang gekrimp het en waarskynlik op die meeste kampusse feitlik onsigbaar geword het. Slegs op die eerste, algemene stelling het meer as ’n kwart

[7] Die voorloper van die hedendaagse Universiteit van Johannesburg.

(26,8%) van die studente aangedui dat hulle altyd Afrikaans met hulle medestudente praat.

Vir kommunikasie buite lesingsale en in koshuise, kommunes en/of studenteverblyf is die ooreenstemmende persentasies selfs laer (24,6% en 23,4% respektiewelik). Selfs die "Soms Afrikaans"-opsies is deur minder as 'n derde van die studente gekies (33,0% vir algemene kommunikasie, 28,2% vir kommunikasie buite lesinglokale en 24,5% vir kommunikasie in studentebehuising). Dit is veral opvallend hoe min Afrikaans in die verskillende vorme van studentebehuising gepraat word.

Wat die gegewens vir provinsies betref, is dit opvallend dat die persentasies vir "Altyd Afrikaans" deurgaans die hoogste is vir die Noordwesprovinsie. (Neem wel die klein aantal respondente in ag.) Vir algemene kommunikasie is die ooreenstemmende persentasie so hoog as 77,1%; vir kommunikasie buite lesingsale 62,8% en vir kommunikasie in studentebehuising 51,4%. Hierdie gegewens kan beskou word as 'n aanduiding dat kampusse in Noordwes – ten spyte van die inkorting van onderrig in Afrikaans – nog wel in 'n mate 'n Afrikaanse sosiale en kulturele ruimte vir Afrikaanssprekende studente skep.

Ook in die Oos-Kaap het relatief hoë persentasies Afrikaanssprekende studente aangedui dat hulle "Altyd Afrikaans" in algemene kommunikasie met medestudente (57,3%), buite lesinglokale (41,4%) en in studentebehuising (49,5%) gebruik. Ook op kampusse in die Noord-Kaap (soos moontlik op dié van die Sol Plaatje Universiteit in Kimberley) blyk dit dat daar nog in 'n mate 'n Afrikaanse leefwêreld bestaan.

Dieselfde kan ongelukkig nie van die Wes-Kaap gesê word nie. Vir algemene kommunikasie tussen studente is die persentasie vir die "Altyd Afrikaans"-opsie slegs 25,4% en vir kommunikasie buite lesinglokale en in studenteverblyf so laag as 20,8% en 20,7% respektiewelik. Selfs die opsie "Soms Afrikaans" is deur slegs 27,1%, 27,0% en 26,4% respektiewelik vir algemene kommunikasie, kommunikasie met medestudente en interaksie in studenteverblyf van die studente gekies. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die sosiale en kulturele ruimtes vir Afrikaanssprekende studente klein is op die kampusse waar hulle in die Wes-Kaap studeer.

Ook in die ander provinsies is die gebruik van Afrikaans beperk. Dit is veral die geval in Gauteng. Net soos in die geval van aspekte wat met onderrig verband hou, is die teenwoordigheid van Afrikaans in die sosiale en kultuurlewe gering. Studente in hierdie provinsie ervaar waarskynlik min verbondenheid met hulle taal- en kultuurgroepe in hierdie hoogs diverse, maar ook geglobaliseerde, onderwyskontekste. Hulle is vryswewende individue in 'n geglobaliseerde en verengelsde wêreld. Daar is wel aanduidings dat hulle 'n mate van sosiale ondersteuning van hulle lidmaatgroepe ervaar in dié opsig dat relatief hoër persentasies (meer as in die geval van "Altyd Afrikaans") aangedui het dat hulle "Soms Afrikaans" gebruik in sosiale verkeer by die instellings waar hulle studeer (44,5% algemene kommunikasie; 48,9% in kommunikasie buite lesingsale; 48,9% in kommunikasie in studenteverblyfplekke).

Dit is interessant dat relatief hoë persentasies studente by instellings in die Vrystaat, Mpumalanga en die Noord-Kaap ook aangedui het dat hulle soms Afrikaans in sosiale kontekste by hulle instellings gebruik. Wat by die Vrystaat opval, is dat slegs 26,1% van die respondente gesê het dat hulle altyd Afrikaans by hulle studenteverblyf gebruik. Daar was geen respondente wat aangedui het dat hulle meestal of soms Afrikaans gebruik nie. Dit is moontlik dat die respondente wat aangedui het dat hulle wel altyd Afrikaans praat, in privaat behuising gewoon het. By ander behuising – moontlik dié wat deur die universiteit voorsien word – was daar min sprake van 'n Afrikaanse sosiale en kulturele wêreld.

Net soos die geval met onderrigaktiwiteite was, kan die gevolgtrekking gemaak word dat Afrikaans 'n mindere plek ook in die sosiale en kulturele lewe van onderriginstellings inneem.

Afrikaans het wel nie heeltemal verdwyn nie. Afrikaanssprekende studente is orals op ons kampusse en dit wil voorkom of daar nog geleenthede bestaan, ofskoon beperk, om in sosiale verkeer hulle taal te gebruik.

Min hoëronderriginstellings het ook die moeite gedoen om met Afrikaanssprekende studente en hulle ouers in Afrikaans te kommunikeer. So min as 16,3% van die totale groep respondente het aangedui dat nuusbriewe en ander vorme van kommunikasie altyd in Afrikaans was. As die "Altyd", "Meestal" en "Soms"-opsies bymekaar getel word, dui dit daarop dat 63,7% van die respondente aangedui het dat daar per geleentheid met hulle in Afrikaans gekommunikeer word. Met die uitsondering van die Noord-Kaap waar 52,2% van die respondente aangedui het die instellings altyd met hulle in Afrikaans kommunikeer, is die ooreenstemmende persentasies vir al die provinsies laag. Vir die Wes-Kaap is dit so laag as 14,3% – selfs laer as die 16,3% vir Gauteng. Die feit dat hoëronderriginstellings so min met Afrikaanssprekende studente in hulle moedertaal kommunikeer, is 'n aanduiding van 'n gebrek aan erkenning van en agting vir die moedertaal van Afrikaanssprekende studente.



Figuur 3: *Die gebruik van Afrikaans in sosiale verkeer en nuusbriewe van hoëronderriginstellings*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a13

TABEL 4: Gebruik van Afrikaans in sosiale verkeer en amptelike kommunikasie

	Totaal	Gauteng	KwaZulu-Natal	Mpuma-langa	Noord-Kaap	Limpopo	Noordwes	Oos-Kaap	Vrystaat	Wes-Kaap
	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%
U/u kinders praat Afrikaans met medestudente										
Altyd	26,8	11,5	0,0	23,6	57,3	30,9	77,1	11,0	26,1	25,4
Meestal	7,7	4,4	0,0	0,0	6,4	0,0	0,0	15,4	0,0	17,9
Soms	33,0	44,5	0,0	52,8	6,4	0,0	11,5	34,9	73,9	27,1
Selde	8,4	11,5	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	5,5	0,0	21,1
Nooit	7,0	7,8	0,0	0,0	0,0	38,3	11,5	9,9	0,0	2,6
N.V.T.	17,2	20,3	0,0	23,6	29,9	30,9	0,0	23,2	0,0	5,9
U/u kinders praat Afrikaans met medestudente buite lesinglokale										
Altyd	24,6	11,5	0,0	23,6	41,4	30,9	62,8	19,9	26,1	20,8
Meestal	15,4	7,0	0,0	0,0	36,5	30,9	0,0	20,7	20,5	19,4
Soms	28,2	48.9	0,0	52,8	0,0	0,0	11,5	11.0	53,4	29,6
Selde	10,2	8,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	4,4	0,0	24,3
Nooit	3,1	7,8	0,0	0,0	0,0	0,0	11,5	15,3	0,0	0,0
N.V.T.	18,5	16,8	0,0	23,6	22,1	38,3	14,2	28,7	0,0	5,9

TABEL 4: Gebruik van Afrikaans in sosiale verkeer en amptelike kommunikasie *(vervolg)*

	Totaal	Gauteng	KwaZulu-Natal	Mpuma-langa	Noord-Kaap	Limpopo	Noordwes	Oos-Kaap	Vrystaat	Wes-Kaap
	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%
U/u kinders praat Afrikaans in koshuise/kommunes/studenteverblyf										
Altyd	23,4	8,0	0,0	47,2	49,5	30,9	51,4	10,9	26,1	20,7
Meestal	11,1	15,0	0,0	29,2	12,8	0,0	0,0	13,3	0,0	25,2
Soms	24,5	48,9	0,0	0,0	6,4	0,0	11,5	16,5	0,0	27,0
Selde	9,2	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	20,9	0,0	13,4
Nooit	3,1	7,8	0,0	0,0	0,0	0,0	11,5	4,4	0,0	2,6
N.V.T.	28,7	20,3	0,0	23,6	31,2	69,1`	25,7	34,0	73,9	11,0
Nuusbriewe is in Afrikaans										
Altyd	**16,3**	**8,0**	**0,0**	**23,6**	**52,2**	**30,9**	**14,2**	**0,0**	**0,0**	**14,3**
Meestal	**13,7**	**3,5**	**0,0**	**23,6**	**25,7**	**0,0**	**11,5**	**16,5**	**0,0**	**26,4**
Soms	**33,7**	**52,5**	**0,0**	**29,2**	**8,0**	**0,0**	**11,5**	**24,3**	**0,0**	**48,4**
Selde	**6,8**	**3,6**	**0,0**	**23,6**	**0,0**	**0,0**	**-,-0,0**	**15,3**	**20,5**	**5,2**
Nooit	**19,8**	**12,2**	**0,0**	**0,0**	**6,4**	**0,0**	**62,8**	**20,7**	**79,5**	**2,6**
N.V.T.	**9,7**	**20,3**	**0,9**	**0,0**	**7,8**	**59,1**	**0,0**	**23,2**	**0,0**	**3,2**

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Jaargang 65 No. 1: Maart 2025
doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a13



Figuur 4: *Die gebruik van Afrikaans op webwerwe van hoëronderriginstellings*

Die webwerwe van hoëronderriginstellings dien 'n verskeidenheid funksies. In die eerste plek vestig dit die plek van die betrokke universiteit in die digitale ruimte (Bushnaq, 2023). Dit dien verder as 'n inligtingsbron van dit wat die instelling aan voornemende studente kan bied. As sodanig is dit 'n belangrike werktuig om voornemende studente te lok asook om alumni en ander donateurs te oortuig om geld en ander hulpbronne aan die instelling te skenk. Die taal van 'n webwerf is waarskynlik ook 'n aanduiding van die instelling se ingesteldheid teenoor taal en kultuur en die aard van die taalklimaat by die instelling. Dit is verder belangrik om in gedagte te hou dat tegnologie en programmering dit vir enige instansie moontlik maak om iets soos 'n webwerf volledig in 'n aantal tale toeganklik te maak.

Slegs 21,0% van die ondersoekgroep het gesê dat die webwerf van hulle instelling volledig in Afrikaans beskikbaar was. Verder het 14,4% gesê dat min Afrikaans op die webwerwe gebruik is en 14,1% dat geen Afrikaans gebruik is nie. Slegs in Mpumalanga en die Noord-Kaap het meer as die helfte van die respondente – 76,4% en 52,2% respektiewelik – aangedui dat die webwerwe van hulle instellings volledig in Afrikaans was. Slegs 19,2% van die respondente van Mpumalanga het aangedui dat daar min Afrikaans en 23,6% dat daar geen Afrikaans op die webwerwe van hulle instellings was nie.

Vir die ander provinsies lyk die prentjie heel anders. Vir die Wes-Kaap was die ooreenstemmende persentasie slegs 22,6% en vir Noordwes het geen enkele respondent aangedui dat die webwerf van hulle instelling volledig in Afrikaans was nie. Wat Noordwes betref, is dit insiggewend dat geen studente aangedui het dat 'n groot deel van die webwerf van hulle instelling in Afrikaans was nie. Daar was wel 52,8% wat gesê het dat die betrokke webwerwe deels in Afrikaans was. Daar was egter ook 37,2% wat te kenne gegee het dat daar geen Afrikaans op die webwerwe was nie.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a13

TABEL 5: Die gebruik van Afrikaans op die webwerwe van hoëronderriginstellings

	Totaal	Gauteng	KwaZulu-Natal	Mpuma-langa	Noord-Kaap	Limpopo	Noordwes	Oos-Kaap	Vrystaat	Wes-Kaap
	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%
Die mate waarin Afrikaans op webwerwe gebruik word										
Alles Afrikaans	21,0	16,0	0,0	76,4	52,2	30,9	0,0	0,0	0,0	22,6
Groot deel Afrikaans	18,0	18,6	0,0	0,0	6,4	0,0	0,0	19,9	53,4	27,2
Deels Afrikaans	16,8	19,5	0,0	0,0	0,0	0,0	62,8	19,9	0,0	20,0
Min Afrikaans	14,4	15,0	0,0	0,0	19,2	0,0	0,0	9,9	46,6	18,7
Geen Afrikaans	14,1	11,4	0,0	23,6	8,0	38,3	37,2	27,1	0,0	0,0
Het nie ’n webwerf nie	15,7	19,5	0,0	0,0	14,2	30,9	0,0	23,2	0,0	11,5

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a13

'n Soortgelyke prentjie word weerspieël in die data vir die ander provinsies. Ook vir die Oos-Kaap en die Vrystaat het geen respondente aangedui dat die webwerwe van hulle instellings volledig in Afrikaans toeganklik was nie. Daar moet wel gemeld word dat, alhoewel die persentasies vir Gauteng vir die eerste drie kategorieë (alles Afrikaans; groot deel Afrikaans; en deels Afrikaans) relatief klein was, daar tog gesamentlik 55,8% van die respondente aangedui het dat daar 'n Afrikaanssprekende komponent op die webwerwe van hulle instellings was.

Die feit dat Afrikaans in 'n beperkte mate voorgekom het op die webwerwe van hoëronderriginstellings, impliseer waarskynlik ook dat die webwerwe nie toeganklik is in ander Suid-Afrikaanse tale, met die uitsondering van Engels, nie. Dit dui weer op 'n ingesteldheid wat anglisering as vanselfsprekend ervaar asook 'n gebrek aan toewyding om 'n meertalige taalklimaat te skep.

Die taal van die webwerwe van die instansies waar die studenterespondente gestudeer het, skep nie die indruk dat die taal van Afrikaanssprekende studente erken en gerespekteer is nie. Dit skep verder die indruk dat die meeste hoëronderriginstellings nie werklik belangstel om Afrikaanssprekende studente te werf nie.

4.5 Ander tale wat in die hoër onderwys gebruik word

Engels is die enigste ander taal wat deur respondente genoem is wat gebruik is by die instellings waar hulle studeer. Dit dui weereens op die homogeniserende verengelsingsproses wat tans besig is om in die hoër onderwys in Suid-Afrika af te speel.

5. Slotopmerkings

Die resultate wat in hierdie artikel bespreek is, skilder deurgaans 'n prentjie van beperkte ruimtes vir Afrikaans in die hoër onderwys. Die gebruik van Afrikaans het in so 'n mate ingekrimp dat 'n mens die indruk kry dat die taal by baie hoëronderriginstellings bykans onsigbaar geword het. Dit wil voorkom of die impak van Afrikaanse instellings soos Akademia en AROS op hierdie stadium nog beperk is en dat die meerderheid Afrikaanssprekende studente hulle taal slegs in 'n beperkte mate kan gebruik by die hoëronderriginstellings waar hulle studeer.

Terwyl die Taalunie kommer uitspreek oor die bedreiging van Nederlands deur die opmars van Engels in die hoër onderwys (Rys *et al*., 2021), is die situasie van Afrikaans waarskynlik veel meer kritiek. Slegs klein persentasies Afrikaanssprekende studente geniet nog die voorreg om deurgaans in Afrikaans onderrig te ontvang, toegang tot Afrikaanse leermateriaal te hê, werkopdragte in Afrikaans te doen en eksamens in Afrikaans af te lê. By die meeste Suid-Afrikaanse hoëronderriginstellings bestaan daar klaarblyklik ook nie 'n meertalige kultuur waarbinne studente toegelaat en selfs aangemoedig word om hulle taal in alle akademiese en sosiale ruimtes te gebruik nie.

Die beperkte gebruik van Afrikaans in die hoër onderwys hou in die eerste plek 'n ernstige bedreiging vir die vitaliteit van die taal in (UNESCO, 2003). Die volgehoue intellektualisering en modernisering van die taal ten einde nuwe en ontluikende terreine te beskryf, word waarskynlik aan bande gelê (Alberts, 2014; Finlayson & Madiba, 2002; Khumalo, 2017). Dit kan meebring dat die taal weer soos in die vorige eeu – toe Afrikaans dikwels as 'n "kombuistaal" gebrandmerk is – as minderwaardig gestereotipeer kan word. Dit kan studente en ander sprekers motiveer om eerder globalistiese ideologieë aan te hang waarin Engels as die (enigste) taal beskou word wat die deure na die globale wêreld van moderniteit en wetenskaplike en tegnologiese ontwikkeling kan oopsluit (Bornman *et al*., 2021).

Die beperkte gebruik van Afrikaans by hoëronderriginstellings impliseer dat min Afrikaanssprekende studente die voordele van moedertaalonderrig geniet (Bornman *et al*., 2017; Webb, 2006) – voordele wat in werklikheid in die Grondwet van Suid-Afrika (1996) aan hulle toegeken word. Hulle identiteitsvorming word waarskynlik ondergrawe deur die gebrek aan ’n meertalige taal- en kulturele klimaat by die meeste hoëronderriginstellings wat impliseer dat hulle taal en kultuur nie erken en gekoester word nie en dat geleenthede om hul taal vryelik in sosiale ruimtes te gebruik, beperk is. Terwyl die internet geleenthede skep om meer as een taal op webwerwe te gebruik, wil dit voorkom of dit nie vir hoëronderriginstellings ’n saak van erns is om met studente, hulle ouers en/of voornemende studente in hulle moedertaal, in hierdie geval Afrikaans, te kommunikeer nie.

Alhoewel hierdie navorsing belangrike tendense in die stand van Afrikaans in die hoër onderwys aan die lig gebring het, was die aantal respondente te min om veralgemenings te maak. Veel meer indieptenavorsing is nodig om vas te stel wat die dinamika is wat die gebruik van Afrikaans in die praktyk beïnvloed. Daar sal veral gekyk moet word na universiteite soos die Noordwes-Universiteit en die Universiteit Stellenbosch wat nog amptelik aandui dat hulle ’n reeks kwalifikasies in Afrikaans aanbied.

Die vraag is waarom so min studente in die betrokke provinsies ervaar dat hulle deurgaans in Afrikaans onderrig ontvang en belangrike aktiwiteite wat met leer verband hou, soos werkopdragte en eksamens, altyd in Afrikaans kon doen. Ondersoeke soortgelyk aan die Stand van Afrikaans moet gedoen word met veel groter ondersoekgroepe van studente spesifiek aan sodanige instellings. Daar moet ook ondersoek ingestel word na die redes vir die beperkte omvang van onderrig in Afrikaans. Soos in die *Staat van het Nederlands*-ondersoeke kan ook gekyk word na die taal van studiegidse en ander leermateriaal vir spesifieke dissiplines en fakulteite, maar veral ook na die taal waarin lesings aangebied word.

Die Afrikaanse taalgemeenskap het belangrike stappe geneem om wetenskapsbeoefening in Afrikaans aan te moedig en te bevorder. So bied ’n vaktydskrif soos die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (TGW), asook die verskillende afdelings van *LitNet Akademies,* aan Afrikaanssprekende akademici die geleentheid om in Afrikaans in geakkrediteerde tydskrifte te publiseer. Hiermee word ook gepoog om Afrikaans as akademiese en vaktaal te bevorder. Die kommer wat deur die Nederlandse navorsers uitgespreek word, geld ook vir Afrikaans. Navorsing behoort deurgaans gedoen te word om vas te stel of hierdie inisiatiewe voldoende is om te verseker dat die bestaande terminologie in alle vakgebiede steeds gebruik word en dat nuwe terminologie vir ontluikende velde geskep word.

In Nederland word verengelsing in die hoër onderwys waarskynlik hoofsaaklik aangevuur deur die transformerende druk van internasionalisering, globalisering en globalistiese ideologieë wat meebring dat Engels as onderrigtaal verwelkom word (Bornman *et al*., 2021; Bull, 2012; Mortensen & Haberland, 2012). In Suid-Afrika is die situasie meer kompleks. Benewens globaliseringsdruk, speel politieke faktore ook ’n bepalende rol.

Die uitdaging vir taalaktiviste, akademici en navorsers is om vol te hou om druk toe te pas op die Suid-Afrikaanse regering en die bestuur van hoëronderriginstellings om moedertaalonderrig – en derhalwe ook onderrig in Afrikaans – te omarm en te bevorder sodat moedertaalonderrig in die hoër onderwys vir alle Suid-Afrikaanse studente toeganklik sal wees.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a13

BIBLIOGRAFIE

Akademia. s.d. *Akademia: Jou Afrikaanse tuiste*. https://akademia.ac.za/ [19 November 2024].

Alberts, M. 2014. Terminology development at tertiary institutions: A South African perspective. *Lexikos,* 24:1-26.

Afrikaanse Taalraad. s.d. *Afrikaans in hoër onderrig*. https://www.afrikaansetaalraad.co.za/wp-content/uploads/2020/07/SNI-Afrikaanse-kursusse-en-vakke_Interaktiewe-PDF.pdf [19 November 2024].

Afrikaanse Taalraad & Solidariteit Navorsingsinstituut. 2022. *Die algemene demografie van Afrikaans*. Pretoria: Afrikaanse Taalraad & Solidariteit Navorsingsinstituut.

Aziakpono, P & Bekker, I. 2010. The attitudes of isi-Xhosa-speaking students towards language of teaching and learning issues at Rhodes University, South Africa: General trends. *South African Linguistics and Applied Language Studies,* 28(1):39–60. doi:10.29891/16073614.2010.488442.

Badat, S. 2010. The challenges of transformation in higher education and training institutions in South Africa: Paper commissioned by the Development Bank of South Africa. https://www.dbsa.org/sites/default/files/media/documents/2022-11/ The Challenges of Transformation in Higher Education and Training Institutions - 2010.pdf [10 Desember 2025].

Balfour, RJ. 2007. University language policies, internationalism, multilingualism, and language development in South Africa and the UK. *Cambridge Journal of Education*, 37(1):35-49. doi: 10.1080/03057640601178998.

Bornman, E, Pauw, JC, Potgieter, PH & Janse van Vuuren, HH. 2017. Moedertaalonderrig, moedertaalleer en identiteit: Redes vir en probleme met die keuse van Afrikaans as onderrigtaal. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 57(3):724-746. doi:10.17159/2224-7912/2017/v57n3a4.

Bornman, E, Janse van Vuuren, HH, Pauw, JC & Potgieter, PH. 2021. Globalisme en taal in die hoër onderwys: Redes vir die keuse van Engels as onderrigtaal. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 61(1):307-328. doi:10.17159/2224-7912/2021/v61n1a18.

Bornman, E & Potgieter, PH. 2017. Language choices and identity in higher education: Afrikaans-speaking students at Unisa. *Studies in Higher Education,* 42(8):1474-1487. doi: 10.1080/03075079.2015.1104660.

Bull, T. 2012. Against the mainstream: Universities with an alternative language policy. *International Journal of the Sociolinguistics of Language*, 216:55-73. doi:10.515/ijsl-2012-0039.

Bushnaq, M. 2023. 21 of the best college websites (and why they're so great). https://morweb.org/post/college-websites [21 November 2024].

Department of Education. 1995. *Green paper on higher education transformation*. Pretoria: Department of Education.

Grondwet van Suid-Afrika. 1996. http://www.constitutionnet.org/files/AFRIKAAN.PDF [26 Oktober 2013].

Finlayson, R & Madiba, M. 2002. The intellectualization of the indigenous languages of South Africa: Challenges and prospects. *Current Issues in Language Planning*, 3(1):40-61.

Hornberger, NH. 1987. Bilingual education success, but policy failure. *Language in Society*, 16:205-226.

Hurst, E. 2016. Navigating language: Strategies, transformations, and the 'colonial wound' in South African education. *Language and Education*, 30(3):219-234. doi:10.1080/09500782.2015.1102274.

Khumalo, L. 2017. Intellectualization through terminology development*. Lexikos,* 27:252-264.

Mortensen, J & Haberland, H. 2012. English – the new Latin of academia? Danish universities as a case. *International Journal of the Sociolinguistics of Language*, 216:175-197. doi:10.1515/ijsl-2012-0045.

Mzangwa, ST. 2019. The effects of higher education policy on transformation in post-apartheid South Africa. *Cogent Education*, 6:1592737. doi:10.1080/23386X.2019.1592737.

Pandor, GNM. 2018. Contested meanings of transformation in higher education in post-apartheid South Africa*.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika.

Rys, K, Van der Meulen, M, Hinskens, F, Van der Gucht, F, De Caluwe, J, Heeringa, W & Van der Peet, M. 2017. *Onderzoeksrapport: Staat van het Nederlands*. Den Haag: Taalunie, Meertens Instituut & Universiteit Gent.

Rys, K, Heeringa, W, Van der Peet, M, Hinskens, F, De Caluwe, J, Misier, SD, Balesar, U & Rozenblad, M. 2019. *Staat van het Nederlands: Onderzoeksrapport 2019.* Den Haag: Taalunie, Meertens Instituut & Universiteit Gent.

Rys, K, Heeringa, W, Rutten, JS, Hinskens, F, De Caluwe, J, Balesar, U & Misier, MD. 2021. *Onderzoeksrapport 2021: Staat van het Nederlands*. Den Haag: Taalunie, Meertens Instituut, Universiteit Gent, Universiteit van Suriname.

Selim, A. 2023. The dark side of university social life. https://medium.com/@ASll0_/the-dark-side-of-university-social-life-7dc0eb74b44b [21 [21 November 2024].

Taalunie. 2017. *De Staat van het Nederlands: Publieksrapport 2017*. Den Haag: Taalunie.

Taalunie. 2019. *De Staat van het Nederlands: Publieksrapport 2019.* Den Haag: Taalunie.

Taalunie. 2021. *De Staat van het Nederlands 2021: Publieksrapport*. Den Haag: Taalunie.

UNESCO Expert Group on Endangered Languages*. 2003. Language vitality and endangerment.* Paris: UNESCO.

Van der Walt, H & Steyn, H. 2016. Afrikaans as taal van onderrig en leer aan skole en ander onderwysinstansies: "Ou" wyn in nuwe sakke. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 56(4-1):1034-1047. doi: 10.17159/2224-7912/2016/v56n4-1a10.

Webb, VN. 2006. Perspektiewe op moedertaalonderrig. *Supplement – Moedertaalonderrig: Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Junie:37-50

Boublok en poolster: Deurdagte oplossings vir hardnekkige taalprobleme[1]

Building blocks and lodestars: Well-considered solutions for persistent language problems

Albert Weideman
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein
Suid-Afrika
E-pos: albert.weideman@ufs.ac.za
ORCID: https://orcid.org/0000-0002-9444-634X

Albert Weideman

Albert Weideman is professor in toegepaste taalstudie en navorsingsgenoot aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy is 'n gegradeerde navorser by die Nasionale Navorsingstigting (NNS), en het al bykans 100 artikels in geakkrediteerde plaaslike en internasionale vaktydskrifte gepubliseer. Hy is die outeur van verskeie boeke oor aspekte van toegepaste taalkunde: *Responsible design in applied linguistics: Theory and practice* (Springer, 2017), *A theory of applied linguistics: Imagining and disclosing the meaning of design* (Springer, 2024). 'n Vroeëre boek, getitel *Beyond expression: A systematic study of the foundations of linguistics* (Van Schaik/Paideia Press, 2009), is in 2021 in Portugees gepubliseer as *Além da expressão: um estudo sistemático dos fundamentos da linguística* (P & B Publishers, Brasilië). Hy was onlangs die hoofredakteur van *Assessing academic literacy in a multilingual society: Transition and transformation* (2021, Multilingual Matters), mede-redakteur van *Ethics and context in second*

Albert Weideman is Professor of Applied Language Studies and Research Fellow at the University of the Free State. He is a rated researcher with the National Research Foundation (NRF), and has published nearly 100 articles in accredited local and international journals. He is the author of several books on aspects of applied linguistics: *Responsible design in applied linguistics: Theory and practice* (Springer, 2017), *A theory of applied linguistics: Imagining and disclosing the meaning of design* (Springer, 2024). An earlier book, titled *Beyond expression: A systematic study of the foundations of linguistics* (Van Schaik/Paideia Press, 2009), was published in Portuguese in 2021 as *Além da expressão: um estudo sistemático dos fundamentos da linguística* (P&B Publishers, Brazil). Most recently, he was the editor-in-chief of *Assessing academic literacy in a multilingual society: Transition and transformation* (2021, Multilingual Matters), co-editor of *Ethics and context in second language testing: Rethinking*

[1] Hierdie artikel is 'n verwerking van die teks van die vierde Christo van Rensburg-gedenklesing, gelewer in November 2023 op die Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit. Alhoewel dit steun op die inhoud van die oorspronklike lesing, is sover moontlik gepoog om die gesprekstrant te formaliseer. Dit mag nogtans soms steeds deurskemer.

Datums:
Ontvang: 2024-06-05 Goedgekeur: 2024-11-03 Gepubliseer: Maart 2025

language testing: Rethinking validity in theory and practice (Routledge, 2024), en bydraer tot Cambridge University Press se reeks *Studies in Language Testing* (*SILT*) #55.

Sy navorsingsfokus is die ontwikkeling van die teorie van die toegepaste taalkunde. Hy is ook 'n deskundige taaltoetser, wie se ontwerpe in Suid-Afrika, asook in Viëtnam, Australië, Namibië, Singapoer, België en Nederland gebruik word.

Verdere biografiese en professionele inligting is beskikbaar by: https://albertweideman.com/

validity in theory and practice (Routledge, 2024), and contributor to Cambridge University Press's series *Studies in Language Testing* (SILT) #55.

His research focus is the development of the theory of applied linguistics. He is also an expert language tester, whose designs have been used in South Africa, as well as in Vietnam, Australia, Namibia, Singapore, Belgium and the Netherlands.

Further biographical and professional information is available at: https://albertweideman.com/

ABSTRACT

Building blocks and lodestars: Well-considered solutions for persistent language problems

The appreciation we have for the work of Christo van Rensburg often derives from his insights into the origins of Afrikaans. Perhaps it underestimates his contribution to the establishment of exciting and, on reconsideration, significant language interventions. One such intervention was the establishment of what is known today as the Unit for Academic Literacy at the University of Pretoria. This contribution explores the conceptualisation and theoretical grounding of these kinds of initiatives from the perspective of applied linguistics. It is an invitation to reflect on the nature of applied linguistics, and on the fundamental notions operative in that field that will allow us to conceptualise the principles of language intervention design. These principles facilitate evaluating whether the designed solution is of good or of lesser quality. In this exposition applied linguistics is defined rather as a discipline of design than as that suggested by the single discipline from which its name derives, namely linguistics. Designed language interventions are central in applied linguistics, even in the broad definitions of the field. However, to be able to design language policies, language courses, and language tests responsibly, the designers of these interventions have to seek theoretical grounds. The analysis presented here acknowledges that theory begins with abstraction. We abstract away from factual language objects, events, states or interactions. The first abstraction recognises six types of applied linguistic artefacts, operative on both the normative and factual sides of the modality of design. Thus, language curricula function as the normative requirements for factual language courses; language constructs and test specifications set the normative conditions for language assessment instruments; and institutional language policies regulate and determine the factual arrangements for language use within organisations. Without theoretical support for the design, the intervention may remain just another plan. It is noteworthy that the supporting theory does not always derive from linguistics, but from a variety of other disciplines. Design is the nucleus of what we call the technical mode of experience, and responsible design needs grounding. That we find in examining the connections of the technical modality of design with the other modes of experience. These connections between modalities are the first steps towards forming basic applied linguistic concepts and ideas. Their investigation reveals fundamental analogical concepts and ideas that stretch across the particular conditions which apply to language courses, tests and policies. What is more, the focus on the technical mode as being characteristic of their design, in the sense of being the leading idea in their development, reveals that it functions not only as a modality

of experience, but also as a mode of explanation. In this case, the explanation is of how it is possible to form technical concepts and ideas, and how these may be articulated. It is clear that two sets of technical insights can be distinguished: technical concepts and technical ideas. From these two starting points we can distinguish respectively the building blocks, true foundation stones of language intervention design, and their complementary ideas, the technical lodestars that focus our designs on the future. The founding concepts may be termed constitutive concepts. They include the concepts of technical unity, technical limitations, technical regularity, effect, differentiation, appeal, and theoretical defensibility, which are considered first, with accompanying examples. Thereupon we examine the direction-setting technical ideas, labelled regulative ideas since they derive from concept-transcending notions. They include the ideas of technical meaningfulness, implementability, efficiency, harmony, justice, fairness and reputability. Again, illustrations taken from the South African context are provided to elucidate these. Taken together, these principles invite the designers of language interventions to give shape to them, and to do so responsibly. The discussion concludes by identifying several shortcomings in applied linguistic interventions in South Africa, both at university and at secondary school. Despite positive developments, and a much greater awareness of the necessity to pay more deliberate attention to the design of language interventions, there are several remaining challenges. Developments within applied linguistics show how Afrikaans has benefited from, and is likely to continue to benefit from growing interest in the field. Utilising the principles of reliability, validity, theoretical defensibility, and the guiding norms of justice and fairness, we may entertain the hope that we may be able to design language solutions more competently, and in time.

KEYWORDS: applied linguistics; language interventions; intervention designs; theory; fundamental concepts; fundamental ideas; language policy; language courses; language tests

TREFWOORDE: toegepaste taalkunde; taalingrypings; ontwerp van taalingrypings; teorie; fundamentele begrippe; fundamentele idees; taalbeleide; taalkursusse; taaltoetse

OPSOMMING

Omdat ons waardering vir die werk van Christo van Rensburg dikwels wentel om die oorspronge van Afrikaans, onderskat dit miskien sy bydrae tot die totstandkoming van betekenisvolle taalingrypings, soos die oprigting van die Universiteit van Pretoria se Eenheid vir Akademiese Geletterdheid. Hierdie bydrae pluis die konseptualisering van sulke inisiatiewe deur middel van die toegepaste taalkunde uit. Die toegepaste taalkunde word hier gedefinieer as ’n dissipline gekenmerk deur ontwerp. Taalintervensies se ontwerp staan sentraal daarin, selfs in die breedste definisies van die veld. Om egter verantwoordelik te kan ontwerp aan taalbeleide, taalkursusse en taaltoetse, soek die ontwerpers van hierdie ingrypings teoretiese begronding. Die ondersteunende teorie kom nie altyd uit die taalkunde nie, maar uit ’n verskeidenheid ander dissiplines. *Ontwerp* is die kern van wat ons die tegniese modus van ons ervaring kan noem.

Die begronding van verantwoordelike ontwerp vind ons deur die konneksies tussen die tegniese modaliteit van ontwerp en ander modusse van ons ervaring te ondersoek. Twee stelle tegniese insigte, tegniese begrippe en tegniese idees, word onderskei. Vanuit hierdie vertrekpunte kan ons sowel die boublokke, die basiese begrippe van taalintervensie-ontwerp, as hul

teëhangers, die tegniese poolsterre wat ons ontwerp op die toekoms rig, onderskei. Die fundamentele begrippe van tegniese eenheid, tegniese beperkings, tegniese reëlmatigheid, effek, differensiasie, aantreklikheid en teoretiese regverdigbaarheid word eers aan die orde gestel. Daarna kom die rigtinggewende tegniese idees van betekenisvolheid, implementeerbaarheid, doeltreffendheid, belyning, regverdigheid, billikheid en gesaghebbendheid aan die orde. Tesaam nooi hierdie beginsels die ontwerpers van taalingrypings uit om verantwoordelik aan hulle gestalte te gee.

Oorsprong, boublok en poolster

Hierdie is ’n betragting, ’n oordenking van wat dit behels om ’n taalingryping te ontwerp. Wat volg, is derhalwe ’n ondersoek van wat die ontwerp van ’n taalingryping omvat, en hoe dit op ’n betekenisvolle en rigtinggewende manier aangepak kan word. Ter aanvang gaan die fokus wees op die boustene, die basiese of fundamentele elemente van sulke ontwerpe, en met watter afwagting en toekomsgerigtheid die ontwerpte oplossings gestalte kan kry. Kortom: die saamdink handel oor die beginsels van ontwerp. Soos wat ek hoop om hier onder aan te toon, is dit voldoening aan die beginsels vir ontwerp wat goeie van minder geslaagde taalintervensies onderskei. Vir die twee stelle ontwerpbeginsels wat opgehaal gaan word, en waaraan ons die ontwerp kan meet, word die beeld van boublok en poolster gebruik.

Die bespreking wat volg, verwys veral na die geskiedenis van die toegepaste taalkunde in Suid-Afrika en in Afrikaans, wat nog gesaghebbend beskryf moet word, eerder as om in die eerste plek na die internasionale literatuur te verwys, alhoewel die raakpunte daarmee ook aan die orde sal kom. Suid-Afrika is wel deel van globale ontwikkelings in die toegepaste taalkunde, maar die fokus in hierdie spesiale uitgawe is op Afrikaans. In die algemeen weet ons dat van die vroegste tye af daar bewustelik en deurdag gepoog is om op verantwoordelike wyse Afrikaanse spelling te standaardiseer, Afrikaanse woordeboeke te maak, en die reikwydte van Afrikaans uit te brei na sy sogenaamde hoër funksies, byvoorbeeld in die akademie, in howe, in omgang met die staat en sy amptenare, in die onderwys op alle vlakke, e.s.m. Hierdie spesiale uitgawe vier een van die mylpale in die geskiedenis van ons omgang met Afrikaans, te wete die erkenning daarvan as amptelike taal. Maar daar is vele ander merkers langs die pad vir Afrikaans. Die saamstel en die publikasie van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, wat nou al oor ’n eeu strek, is miskien die blywendste voorbeeld van bewuste ingryping om taal te bereël, wat kenmerkend van toegepaste taalkundige hantering van taal is. Soos Christo van Rensburg in etlike analises uitgewys het (bv. Van Rensburg, 2017a; 2017b; 2021), was besluite wat geneem is by die saamstel of onderneming van hierdie werk dikwels nie van talige aard, of regverdigbaar met verwysing na teorie nie. Ons kan sulke werk as toegepaste taalkunde beskou, maar dit verg verdere uitpluis en argument wat ek ter wille van fokus nie hier gaan onderneem nie. ’n Goeie beginpunt vir verdere oorweging hieroor is die pionierswerk oor die toegepaste taalkunde in Afrikaans (Carstens & Van Dyk, 2022), asook die opgedateerde uitgawe van Carstens en Bosman (2017) wat ook ’n bespreking daarvan bevat, en waarna daar later teruggekom gaan word (sien Carstens & Bosman, 2024).

Benewens die amptelike erkenning van Afrikaans is daar veel ander belangrike historiese mylpale. Die oorsprong van ons taal het Christo van Rensburg sy lewe lank interesseer, en met die verhale van daardie begin het hy ons konstant geboei. Die verhale is gekoppel aan klein skepe wat al hoe meer dikwels in die laaste helfte van die 16de eeu, en die eerste helfte van die 17de, om die suidpunt van die groot kontinent waarop ons ons bevind, geseil het. Hulle wegwyser snags was die sterre, vaste punte waarop hulle kon peil trek om hulle, op ’n goeie

dag êrens in die toekoms, te besorg waar hulle wou wees. Daardie mense wat peil getrek het op die sterre, en wat uiteindelik hier gevestig het, het gearbei en gebou op 'n skaal wat ons steeds in bewondering laat. Dit terwyl die taal wat die sement was van hul interaksie algaande verder gegroei en ontluik het. Ons beroep ons van vroeg af al op die poolster vir koers, en maak staat op boublokke vir standvastigheid. Vastrapplek en die verwagting van die toekoms; struktuur en rigting: dit was van meet af aan die twee begeleidende voorwaardes vir ons planne, en dit sal in hierdie bydrae ook metafories so aangewend word.

Begrip vir die oorspronge van Afrikaans is waarvoor ons in die werk van Christo van Rensburg die meeste waardering het, en ten regte. Van sy mees belangwekkende werk wentel dikwels om die bepaling van daardie oorspronge. Maar nie uitsluitlik nie. As ons fokus slegs op die verstaan van waar Afrikaans begin het, onderskat dit bes moontlik dat sy bydrae ook ondersteunend was vir die totstandbring van opwindende en, by nabetragting, betekenisvolle taalingrypings.

Die institusionele oprigting van taalingrypings

Een so 'n intervensie was die oprigting van wat vandag die Eenheid vir Akademiese Geletterdheid (EAG of UAL op Engels) aan die Universiteit van Pretoria is. Dis betekenisvol dat hierdie ingryping nie lukraak of geïsoleerd aangepak is nie, maar institusioneel beslag gekry het. Ook eers ná rype oorweging: voor die oprigting het ons van heinde en verre saamgetrek, na ontledings geluister, en sake oordink, voor die planne ten uitvoer gebring is (Van Rensburg & Weideman, 2002; Lepota & Weideman, 2002). Net soos ander taalingrypings, die ontwikkeling van 'n taalbeleid, of die instelling van 'n taalkursus, is die voorbeeld waarna ek hier verwys 'n institusionele aangeleentheid, in hierdie geval by 'n instelling vir hoër onderwys. Dit was destyds 'n merkwaardige ingryping, te meer so omdat dit die institusionele belemmerings van die universiteit, veral die institusionele traagheid daarvan om te reageer op belangrike sosiale impulse, kon systap.

Hierdie soort sub-institusionele eenhede soos die EAG/UAL het met die verloop van tyd algemeen geword by talle universiteite en in talle gedaantes en organisatoriese vorms. Na twee deeglike eksterne evaluasies het die Eenheid van Akademiese Geletterdheid geblyk vir baie die pasaangeër te wees (Weideman, 2003). Veral uniek was die plan wat bedink is: maak die kursusse wat aangebied word om akademiese taalvermoë te ontwikkel vir almal verpligtend, maar miskien van korter duur vir die wat reeds bekwaamheid kan demonstreer. Daarmee saam: sluit die krediete vir hierdie kursusse in by die normale kursus. Moet nie die studente wat ondersteuning kort en 'n agterstand toon, belas met ekstra werk nie.

Hierdie bydrae pluis die begronding van sulke inisiatiewe deur middel van die toegepaste taalkunde uit. Eers word die aard van die toegepaste taalkunde behandel, en daarna word die kenmerkende modus daarvan bekyk: hoe die idee van plan maak en ontwerp ons begelei om taalingrypings met oorweging en rasionaliteit te kan konsipieer. Ten besluite word die stand van die toegepaste taalkunde in Suid-Afrika oorweeg, en die uitdagings wat nog voorlê.

Taalingrypings: norm en feit, bloudruk en uitvoering

Die oprigting van eenhede wat akademiese geletterdheid bevorder, is taalingrypings van institusionele aard. Natuurlik is eenhede soos hierdie nie al soort taalintervensie nie. Taalingrypings kan ook meer algemeen beskou word, as reaksies op wydlopende, soms grootskaalse, en dikwels weerstandige taalprobleme. Die reaksies is wel sosiaal gebonde aan die een of

ander organisasie, maar in die meer abstrakte sin kan ons hul beskou as deurdagte oplossings vir hardnekkige taalprobleme. Ons tref daardie oplossings aan in die gestalte van taalbeleide, taalkursusse en taaltoetse. Laasgenoemde behels metings van taalvermoë. Eintlik is die saak effe meer gekompliseerd, want al hierdie taalintervensies het sonder uitsondering sowel ’n normatiewe as ’n feitelike kant. Reeds ’n dekade lank herkou ons aan hierdie siening (Tabel 1), dat die taaloplossings in drie hoofvorme na vore tree, en dat norm en feit sonder uitsondering saamhang in hul ontwerp (Weideman, 2011).

TABEL 1: Vlakke van toegepaste taalkundige artefakte

Voorwaardestellende artefak	**Eindgebruiker formaat**
taalkurrikulum	taalkursus
konstruk en toetsspesifikasies	taaltoets
taalbeleid	taalbestuur en -reëlings

Dit beteken dat geen taalkursus sy sout werd gaan wees as dit nie die vergestalting van ’n deurdagte kurrikulum behels nie; dat geen betroubare en geldige toets van taalvermoë gemaak sal kan word as ’n mens dit nie terugskouend kan verbind aan wat gemeet word (die “konstruk”) en aan wat die spesifikasies is waaraan items moet voldoen nie; dat geen behoorlike taalbestuur gepleeg kan word as daar nie ’n rigtinggewende taalbeleid is nie. Taalingrypings het ’n normatiewe (voorwaardestellende) en ’n feitelike kant, wat die koppelvlak daarvan met die eindgebruiker aandui, en hierdie twee kante is onskeibaar. As ons verder kyk (Figuur 1), sien ons dat dit wat al die verskillende intervensies, aan die normkant of aan die feitelike kant, in gemeen het, die moment van ontwerp is.



Figuur 1: *Norm en feit in ontwerp*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a14

Oorweeg ons daarna die geskakeerdheid van norme van verskillende funksionele aard (te vinde in taalbeleid, kurrikulum, of konstruk) en die konkrete, feitelike vergestaltings daarvan (in taalreëlings, taalkursusse en taaltoetse), word die definisie van die toegepaste taalkunde soveel gouer helder. Die sestal samehangende artefakte is elk óf ’n ontwerpvereiste (’n norm) óf ’n feitelike gestalte van ’n plan vir die betrokke ingrypings. In elk staan “ontwerp” sentraal (Weideman, 2017), en artefak word as wisselterm daarvoor gebruik vir die norm of die konkrete vorm wat die ontwerp aanneem, omdat dit bewustelik en met oorleg saamgestel word.

In hierdie uiteensetting word die toegepaste taalkunde dus eerder gedefinieer as ’n dissipline gekenmerk deur ontwerp as deur die enkele vakkundige oorsprong wat – effe misleidend – deur sy naam gesuggereer word. In die lig van latere ontwikkelings in die toegepaste taalkunde is hierdie ’n ongelukkige keuse van naam, maar dis agterhaal deur die praktyk van ontwerp (Weideman, 2017; 2018). Al hierdie kwessies wentel eintlik om hoe die toegepaste taalkunde gedefinieer word. Dit is hier nie die fokus van die analise nie, maar hierdie aangeleentheid en die debat hieroor word uitvoerig bespreek in die proloog tot ’n teorie van die toegepaste taalkunde (Weideman, 2024: xi-xvi). Daardie bespreking toon hoe die definisie van die toegepaste taalkunde steeds kontensieus bly, en bied ’n opsomming van die geskiedenis en die huidige stand van die debat op globale vlak (sien ook Van Dyk & Weideman, 2024). Vir die doel van hierdie analise gaan die perspektief dat taalintervensies se ontwerp sentraal staan in die toegepaste taalkunde, selfs in die breedste moontlike definisies van die veld, aangewend word.

Ons kan op twee maniere die saak begripsmatig benader: ons kan eerstens terugskouend die artefakte in die tweede kolom van Tabel 1 (te wete: kursusse, assesserings, en taalreëlings) meet aan hoe hulle voldoen aan die vereistes wat die norme in die eerste kolom stel. Of ons kan vooruitskouend vanuit die vereistes kyk na hoeveel verskillende of verbeterde weergawes van die gebruiker-koppelvlak artefakte daar moontlik bedink kan word. Maar altyd wentel dit om die ontwerp van ’n taalingryping om ’n weerbarstige taalprobleem die hoof te bied. Daar is ’n wisselspel tussen bloudruk en uitvoering, tussen die norm vir ontwerp en die feitelike ontwerp.

Om verantwoordelik te kan ontwerp aan taalbeleide, taalkursusse en taaltoetse soek die ontwerpers van hierdie ingrypings teoretiese begronding. Om te kwalifiseer as toegepaste taalkundige ontwerp of artefak, benodig ons teoretiese ondersteuning vir daardie taalingryping se ontwerp. Wat van belang is, is dat die ondersteunende teorie nie altyd uit die taalkunde kom nie, maar uit ’n verskeidenheid ander dissiplines (Weideman, 2021). Of die teoretiese ondersteuning mag miskien voortkom uit die analise van die empiriese kwaliteite van die toegepaste taalkundige artefak. Dit bring nog eens na vore dat wat toegepas word, nie slegs taalkunde is nie, maar potensieel veel meer.

Abstraksie en wederkerigheid: teoretiese begronding van ’n ontwerpte taaloplossing

Die fundamentele belangrikheid van teoretiese begronding vir die ontwerp van ’n taalingryping word duidelik wanneer ons begripsmatig verder na die saak kyk. Indien die kernbetekenis van ontwerp die toegepaste taalkundige oplossings vir taalprobleme definieer, het ons alreeds, moontlik ongemerk, ’n pad van analitiese abstraksie gestap. Ons het die modus van ontwerp as die kenmerkende van sulke taalintervensies as’t ware uitgelig uit al die ander moontlike modaliteite wat betrokke is, en dit spesifiek geïdentifiseer as die karakteristieke modus.

Die pad van abstraksie is ’n onvermydelike een vir wetenskaplike ondersoek. Deur ontwerp as gemeenskaplike element te identifiseer in die ses ontwerpe of artefakte in Tabel 1, het ons

klaar ons voete op die weg van abstraksie geplaas. Wetenskaplike navorsing analiseer wel konkrete dinge (soos taal); dit ontleed reële gebeurtenisse (soos menslike interaksie deur middel van taal), beskou werklike probleme of toestande (soos taalkonflik binne instellings) indringend, of ondersoek verhoudings tussen mense wat deur taal bemiddel of beduiwel word. Maar dit doen ook meer. Benewens taalobjekte, -subjekte, -gebeurtenisse, -toestande of -relasies en die probleme wat hulle oplewer, kan ons ook abstraherend kyk na die modaliteite wat betrokke is by die ontwerp van oplossings vir die probleme. Lig ons die modus van ontwerp uit, kyk ons vanuit 'n tegniese, ontwerpshoek na die taalplanne wat ontwikkel en voorgestel word.

In Figuur 2 word die saak grafies voorgestel, en die nuwe terme daarin (konstitutiewe begrippe en regulatiewe idees, oftewel boustene en poolsterre) word weldra verder verduidelik.



Figuur 2: *Funderende en leidinggewende funksies van die ontwerp van toegepaste taalkundige ingrypings*

Benewens die aanduiding van die tegniese aspek as kwalifiserende funksie, is twee verdere onderskeidings in hierdie voorstelling relevant. Ten eerste is daar tesame met die deurslaggewende aard van die tegniese modus, ook 'n aanduiding dat die ontwerp gefundeer word met verwysing na die teoretiese onderbou daarvan. Die tegniese modus is die kenmerkende funksie van ontwerp, maar in die geval van die toegepaste taalkunde is die belangrike fondament daarvan geleë in die logies-analitiese aspek van ons ervaring. Hierdie twee funksies, die tegniese en die analitiese, is twee kernfunksies van ontwerp: 'n eerste bousteen en 'n eerste poolster. Die wisselwerking tussen hierdie twee terminale (in die sin van funderende en kenmerkende) funksies is van kernbelang in die toegepaste taalkunde. Die ontwerp van 'n kursus, die maak van 'n taalplan, of die opstel van 'n taaltoets vereis, soos ons reeds opgemerk het, uit die oogpunt van die toegepaste taalkunde altyd 'n teoretiese begronding. Kortom: ontwerp is die kern van wat ons die tegniese modus van ons ervaring kan noem, en verantwoordelike ontwerp benodig begronding. Die funksie van tegniese ontwerp, prominent in die aanwending van die tegniese verbeelding van die toegepaste taalkundige, lei wel die hele ontwerpproses. Die teoretiese onderbou is ondergeskik daaraan, maar essensieel. Dit kan die ontwerp by verdere nadenke tot verstelling en verandering beweeg. Daar is wisselwerking tussen tegniese leiding en logies-analitiese fundering; die twee kernfunksies beïnvloed mekaar, en is wederkerig.

Waar vind die toegepaste taalkunde die teoretiese begronding? Van belang vir hierdie bespreking is dat die ondersteunende teorie, soos ons reeds opgemerk het, nie altyd uit die taalkunde kom nie, maar uit 'n verskeidenheid ander dissiplines: die sielkunde (bv. vir teorieë oor hoe ons leer); en die sosiologie of politieke studies (vir hoe verhoudings met ander deur

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a14

mag en gesag beïnvloed word). Daarbenewens maak die toegepaste taalkunde ook staat op metodologieë, soos die van wiskundige statistiek, om die resultate van byvoorbeeld taaltoetse en ander ondersoeke te kan analiseer. Die toegepaste taalkunde is lank nie meer die toepassing van taalkunde, of slegs van taalteorieë nie.

Ten tweede sien ons dat hierdie maar twee funksies tussen talle is. Daar is ook ander aspekte op die horison, wat, soos ons in die volgende afdeling sal illustreer, van vroeëre tot latere dimensies in die orde waarin hulle aangegee word, aangemerk kan word. As ons die orde daarvan van links na regs sou lees (soos in Figuur 3), verskyn sommige voor die tegniese en ander weer na die tegniese op die kim van begripsvorming. Dit is die vele relasies tussen die tegniese en hierdie ander aspekte van ons ervaring wat die basis bied vir begripsvorming in die toegepaste taalkunde. Dit beantwoord die vraag: Wat maak begripsvorming in die toegepaste taalkunde moontlik? Die antwoord is: die verhoudings tussen die leidinggewende tegniese funksie van ’n taaltoets, ’n taalplan of ’n taalkursus en die ander modaliteite van ons ervaring. Daardie verhoudings genereer fundamentele begrippe in die toegepaste taalkunde. Dit verg verdere aandag en verheldering.

Hoe geskied begripsvorming in die toegepaste taalkunde?

Fundamentele begrippe (boustene) en idees (poolsterre) in die toegepaste taalkunde vind hulle oorsprong in die relasies tussen modaliteite. In hierdie geval is die analogiese verhoudings tussen die tegniese modus en die ander modaliteite, oftewel aspekte of funksies, van ons ervaring ter sprake. Dis belangrik om daarop te let dat die vraag oor hoe begripsvorming in die toegepaste taalkunde geskied, nie ’n vraag is wat deur die toegepaste taalkunde beantwoord kan word nie. Anders gestel: die metodologieë van die toegepaste taalkunde maak voorsiening daarvoor om byvoorbeeld behoefte-analises vir taalgebruik te kan doen, of om statistiese analises van taaltoetsresultate te kan uitvoer. Hierdie tipe analise kan nie, en is ook nie gepas om die toegepaste taalkunde te beskryf of te definieer nie. Dissiplines kan hulleself nie beskryf of definieer nie. Daarvoor is die meer omvattende blik van die filosofie nodig. Die filosofiese uitgangspunt van die stelling dat ons moet kyk na die modale relasies tussen die tegniese aspek van ons ervaring met ander modusse is van soortgelyke aard: dit strek begripsmatig buite die bestek van die toegepaste taalkunde self.

Die verdere uitgangspunt hier is dat elke modaliteit iets kenmerkends bied – ’n primitiewe idee – wat dit uniek maak, en onderskei van ander. Daardie unieke geaardheid mag ons verlei om te dink dat daardie funksie voorrang het bo ander, of selfs die enigste verklaring vir die ander (of sommer vir alles) bied. Vandaar die vele -ismes, wat selfverheffend verklaar vanuit die bedenklike grond dat alles gevoel is, of dat alles verklaar kan word as ’n aaneenskakeling van oorsaak en gevolg, of dat alles geskiedenis (en dus relatief) is, of dat alles om politieke mag wentel, telkens na gelang van die aspek wat tot verklaringsgrond verhef is. Die beste respons op hierdie soort verabsolutering is om daarop te wys dat elke funksie van ons bestaan terselfdertyd ook in verhouding staan met vele ander, en dus nie absoluut kan wees nie. Neem ons dit nog ’n stappie verder, bemerk ons dat daar talle analogiese begrippe is, wat hierdie verhoudings tussen modaliteite uitdruk.

As voorbeeld van sulke analogiese begrippe neem ons in hierdie bespreking die tegniese modus. Dit verwys by geleentheid na die numeriese kant van ons wêreld, na die ruimtelike sy daarvan, of die kinematiese, die analitiese, die sosiale, die ekonomiese, juridiese, en so meer. Ons kan dan praat van tegniese eenheid, van tegniese reikwydte, tegniese betroubaarheid, van teoreties-tegniese begronding, van tegniese implementeerbaarheid, tegniese nuttigheid, tegniese

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a14

regverdigheid, en dies meer. Hierdie begrippe en idees bring die verhoudings tussen die tegniese aspek en ander tot uitdrukking. Op sigself is hierdie analogiese begrippe fundamentele of primitiewe grondbegrippe in die toegepaste taalkunde.

Die tegniese kant van ons ervaring bestaan derhalwe nie in isolasie nie. Ander onderskeibare aspekte van ons ervaring sluit in die numeriese, die ruimtelike, die kinematiese, die fisiese, die organiese, die gevoels- of sensitiewe aspek, die logies-analitiese, die linguale, die sosiale, die ekonomiese, die estetiese, asook die juridiese, etiese en geloofsdimensies. Elke aspek van die modale struktuur van ons ervaring is terselfdertyd 'n verklaringswyse van 'n fenomeen, ding, subjek, proses, gebeure of stand van sake. Die verklaringswyse hang af vanuit watter modale hoek na die konkrete objek, fenomeen, proses of agent gekyk word. In die geval van die toegepaste taalkunde soek ons na verklarings uit die gekose invalshoek van die tegniese modaliteit. Die vele verhoudings tussen die tegniese en die ander aspekte bied aan ons gronde vir die verklaring van dinge soos ontwerpe, planne vir die uitskakeling van moeilike taalprobleme. Veral bied dit langs die weg van grondbegrippe verklarings aan van daardie tegniese idees en begrippe wat dit moontlik maak om ons ontwerpe beter te kan verstaan en te kan beoordeel.

Die relasies tussen die tegniese en ander aspekte kan opgesom word soos in Figuur 3. Die verhoudings gee vir ons 'n aanduiding van die basiese begrippe en fundamentele idees waarmee ons vanuit die hoek van die tegniese modus taalingrypings beter kan leer ken en verstaan.



Figuur 3: *Fundamentele grondbegrippe in die toegepaste taalkunde*

Wat is die nut van al hierdie terugskouende oftewel funderende, konstitutiewe begrippe (sien ook Figuur 2) en vooruitskouende of regulatiewe, rigtinggewende tegniese idees? Of is dit maar alles net 'n filosofiese oefening? Die nut van hierdie perspektiewe kan uitgelig word deur op slegs 'n aantal van hierdie boustene en poolsterre te fokus.

Beginsels van ontwerp: meetstokke vir professionaliteit

Elk van die analogiese begrippe en idees in die toegepaste taalkunde wat in Figuur 3 bemerk is, oefen 'n appèl uit op die ontwerpers van taalingrypings om aan die beginsels van ontwerp wat deur hul blootgelê word, te beantwoord. 'n Kursus, toets of taalplan moet 'n eenheid wees, moet 'n gespesifiseerde reikwydte hê, moet betroubaar wees, geldig gebruik kan word, gedifferensieerd wees, intuïtief aantreklik wees en teoreties verdedig kan word. Dit is die boublokke van ontwerp.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a14

Aan die ander kant kyk ons na die poolsterre wat die ontwerp begelei. Dan kom die rigtinggewende tegniese idees in sig van betekenisvolheid ('n verwysing na die linguale), implementeerbaarheid ('n sosiale analogie), doeltreffendheid (wat die ekonomiese kant bybring), belyning ('n eggo van die estetiese), regverdigheid (wat verwys na die juridiese), billikheid ('n etiese oorweging) en gesaghebbendheid (wat analogies herinner aan die geloofsaspek).

Elke konseptuele boublok of poolster nooi tesaam as beginsels die ontwerpers van taalingrypings uit om verantwoordelik aan hulle gestalte te gee. Om vir 'n oomblik terug te keer na Tabel 1 en Figuur 1: ons ontwerp van taalingrypings gee feitelike, konkrete gestalte aan hierdie beginsels. Die normsy van die tegniese dimensie van ons ervaring is die bron van die beginsels waaraan die ontwerpers van oplossings van taalprobleme beantwoord.

Wat ons met hierdie beginsels doen, hoe ons as toegepaste taalkundiges toesien dat ons ontwerpe aan hulle voldoen: dit alles maak van hierdie beginsels nuttig. Hul dra by tot die verantwoordelike ontwerp van taalingrypings, want hulle maak die normatiewe maatstawwe uit waaraan ons ontwerpe beantwoord.

Voldoen ons ontwerpe van taalingrypings aan die norme?

Met hierdie vraag kom ons by die kern van die nuttigheid van die beginsels van ontwerp uit. Die bron van die beginsels is nie die wetenskap nie. Hulle word wel blootgelê in sorgvuldige analise, en daarna vasgevang in begrippe en idees behorende by die toegepaste taalkunde. Elke tegnies-gestempelde begrip of idee genereer op sy beurt 'n beginsel van toepassing op die ontwerp van taaltoetse, taalkursusse en taalplanne.

Die toepassing van ontwerpbeginsels is inderdaad genoeg om boeke vol daaroor te skryf. Ek verwys eerstens na enkele geykte begrippe, voor ek 'n paar idees wat in die besonder betrekking het op die ontwerp van toegepaste taalkundige ingrypings in Suid-Afrika, bespreek. Die meeste van die illustrasies wat aangebied word, kom uit die subveld van taaltoetsing, maar is geldig en van toepassing ook oor die subvelde van taalbeleid en taalkursusontwerp heen.

As 'n eerste voorbeeld van 'n geykte voldoening aan die beginsel van tegniese eenheid kan ons die graad van homogeniteit van 'n taaltoets neem, soos gemeet aan 'n faktoranalise. Figuur 4 stel die tegniese eenheid-in-veelheid voor van items in 'n toets van akademiese geletterdheid.



Figuur 4: *Faktoranalise van Test of Academic Literacy Levels (TALL), 2016*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a14

Die vraag vir die taaltoetsontwerper in hierdie geval is: is die rofweg drie groeperings van items uit verskillende subtoetse voldoende geïntegreer, om nog te kan voldoen aan die beginsel van tegniese eenheid? Die antwoord in hierdie geval was: die meer as 60 items in die toets het wel genoegsame homogeniteit, want hulle meet slegs een faktor (akademiese geletterdheid), alhoewel daar ook, soos uit ander analises sal blyk, gesonde differensiasie van subtoetse sal wees.

'n Verdere, eintlik oorbekende voorbeeld van tegniese reëlmatigheid of konsistensie is te vinde in metings van betroubaarheid van taaltoetse. Dit word in die reël gegenereer deur konvensionele statistiese analises wat die korrelasiekoëffisiënte van 'n taaltoets indekseer op 'n skaal van 0 (hoegenaamd nie betroubaar) tot 1 (volkome betroubaar). In Tabel 2 word die betroubaarheid van die Toets van Akademiese Geletterdheid vir Nagraadse Studente (TAGNaS) se 2017-aanwending aangetoon.

TABEL 2: Betroubaarheidsindeks en ander beskrywende statistiek: Verfynde loodstoets van TAGNaS (2017)

Aantal toetslinge	99	Aantal items	93
Minimum punttotaal	0	Maksimum punttotaal	100
Gemiddelde toetspunt	48.05	Standaardafwyking	16.04
Gemiddelde P-waarde	48.05	Standaard metingsfout	4.67
Gemiddelde diskriminasiewaarde	0.35	Koëffisiënt alpha	0.92
Wanklassifikasies			
Bereken op alpha			
- Soortgelyke toets: Persentasie	8.2		
Aantal	8		
- Dieselfde toets: Persentasie	5.9		
Aantal	6		

Alhoewel die aantal toetslinge in hierdie loodstoets relatief klein is (n=99), en alhoewel dit nog nie die finale weergawe van die toets was nie, het die toets tog hoogs bevredigende resultate gelewer: die gemiddeld (op 48,05%) was amper by die gesogte 50% moeilikheidsgraad (*P*-waarde), en die gemiddelde diskriminasiewaarde van items 'n baie toereikende 0.35. Belangrikste egter was die hoë betroubaarheidsmeting van 0,92. Die toets is dus nie heeltemal betroubaar nie, maar nogtans hoogs betroubaar. Met hierdie voorbeeld kan ons terselfdertyd billikheid illustreer: 'n relatief klein aantal (tussen 6% tot 8% van die toetslinge) kon moontlik wanklassifiseer gewees het deur die toets. Die moontlike wanklassifikasie word bereken op grond van die betroubaarheidsindeks van die toets. Billikheidshalwe sou die toetsadministrateurs aan vier van die 99 toetslinge wat net onder die afsnypunt presteer het, miskien 'n tweede kans wou gee, deur hulle te vra om 'n hertoets te doen. Slegs vier, en nie agt nie, want daar is 'n gelyke kans dat toetslinge tot hul voordeel eerder as hul nadeel gewanklassifiseer is.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a14

Die voorbeelde in Figuur 4 en Tabel 2 illustreer hoe twee van die boustene van taaltoetsontwerp en een poolsterbeginsel gestalte gekry het. Elkeen van hierdie beginsels is presies dit: beginpunte wat feitelik verwesenlik moet word. In elke geval kan dit anders uitloop. Dit beteken ook dat daar geen algemene, vir alle tye en toestande, geldende oplossings sal wees nie. Elke oplossing wat vir 'n taalprobleem aangebied word, sal in feite verskil van elke ander oplossing van dieselfde probleem. Elkeen gee op eie wyse gestalte aan die toegepaste taalkundige oplossing. Maar tog moet elkeen altyd regverdigbaar wees met verwysing na die fundamentele beginsels vir die ontwerp van sulke oplossings.

Die oorblywende vraag is gevolglik: Hoe sal ons weet of ons ontwerpe tot so 'n mate voldoen aan die beginsels dat ons kan praat van vordering, en spesifiek vordering in terme van die professionaliteit waarmee ons tans in Suid-Afrika met hierdie dissipline van ontwerp omgaan?

Die beoordeling van professionele vordering

Het ons genoeg in Suid-Afrika gedoen om professionaliteit na die toegepaste taalkunde te bring? Waar skiet ons tekort, gemeet ook aan internasionale tendense?

Daar is uiters bemoedigende tekens van 'n ontluikende ingeligtheid. Die eerste is die verskyning van Carstens en Van Dyk (2022) se *Toegepaste taalkunde in Afrikaans*. In 38 hoofstukke word die toegepaste taalkunde behoorlik van alle kante beskou. Die redakteurs van *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde* (KAT) (Carstens & Bosman, 2017) het in hierdie verwysingsbron se derde, hersiene uitgawe (Carstens & Bosman, 2024), 'n hoofstuk opgeneem oor die toegepaste taalkunde (Van Dyk & Weideman, 2024).

As 'n mens egter net kyk na die subdissipline binne die toegepaste taalkunde waaruit die meeste van die voorbeelde in hierdie bydrae geneem is, die subveld van taaltoetsing, lyk die prentjie minder rooskleurig. Inderdaad het die Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment (ICELDA), 'n samewerking tussen vier universiteite (NWU, UP, Stellenbosch en Akademia) wat al langer as 20 jaar bestaan (ICELDA, 2023), en NExLA (die Network of Expertise in Language Assessment) (NExLA, 2023) baanbrekerswerk verrig, maar daar is vele uitdagings van taalprobleme wat roep om herstel en remediëring. Dit is probleme wat óf verwaarloos is, óf waarvoor swak oplossings gebied is of word, of selfs nog nooit behoorlik geïdentifiseer is om nagevors te kan word nie. Hulle word vermeld en bespreek in die volgende afdeling.

Ter afsluiting word enkele voorbeelde voorgehou van watter besondere uitdagings daar voorlê in die ontwerp van deurdagte en deugsame oplossings vir van die mees weerbarstige taalprobleme van ons tyd. Die vordering wat ons gemaak het, is egter nie te versmaai nie. Daar is vier punte waar inkrementele vordering gemaak is, naamlik met:

- meer ekonomiese taaltoetsing, deur voortdurend te slyp aan nuwe formate vir die assessering van taalvermoë (Weideman & Van Dyk, 2023);
- die differensiasie van ons meting van talle vlakke van taalvermoë, van ontluikende geletterdheid regdeur tot by toetse van akademiese geletterdheid op nagraadse vlak;
- soortgelyke meertalige differensiasie van toetse nie net in Engels en Afrikaans nie, maar in vele ander Suid-Afrikaanse tale, en waarin die Noordwes-Universiteit (NWU) ongetwyfeld die voorloper is;
- 'n veel groter bewustheid van die potensiaal van taaltoetsing om 'n analities-wetenskaplike basis te bied vir die verstaan van die omvang van taalprobleme.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a14

Die uitdagings

Sou ons die enkele boublokke wat reeds genoem is, te wete tegniese homogeniteit en betroubaarheid, vir eers daar laat, kan ons ’n blik kry op van die groter uitdagings wat die toegepaste taalkunde in Suid-Afrika in die gesig staar.

Eerstens die uitdaging waarvoor die formulering van verantwoordelike taalbeleid aan Suid-Afrikaanse universiteite ons te staan bring. ’n Mens kan jou nie indink dat hierdie saak, wat vir meer as een universiteit ook meer as een keer tot in die hoogste hof gaan draai het, iemand kan bevredig nie. Laat ons die lig van die poolster “tegniese belyning” egter op hierdie aangeleentheid skyn, merk ons gou dat daar ’n dieper probleem lê. Hierdie probleem, soos Du Plessis (2021) oortuigend aantoon, is die belyning van institusionele taalbeleid met die werklike taalbehoeftes van veral nuwe aankomelinge op universiteit. Daardie belyning ontbreek tans. Die kniebuiging wat gemaak word na die kant van meertaligheid in die voorskrifte van die Departement van Hoër Onderwys, of selfs die meer modieuse begrip van transtaligheid, is bloot dit. So gretig was universiteite om gedienstig in te val (soms met woord eerder as met daad) by regeringsvoorskrifte dat hulle vanaf 2004 nie hulle eie akademici se kritiese stemme op hierdie punt gehoor het nie. Du Plessis verwys na analises van akademici asook die bevindings van regeringsaangestelde kommissies – die name van Soudien, Gerwel, en Van der Walt kom na vore – wat bloot geïgnoreer is. Die gevolg is dat dit die studente is wat ly: hulle universiteit se taalbeleid gaan mank aan reëlings wat dit vir hulle moontlik sou maak om die taal waarin hulle moet studeer, behoorlik te ontwikkel. Soos Du Plessis (2021:3) dit stel: “... regarding academic literacy it [the *Language Policy for Higher Education*] merely ‘encourages’ higher education institutions to give attention to language proficiency and to make provision for academic literacy ...”. Van ’n belyning van die taalbehoeftes van studente met effektiewe institusionele reëlings is daar min te sien (Weideman, 2019). In die gretigheid om oor te skakel na die verleentheid van geradbraakte Engels as administratiewe taal is die studente se behoeftes geïgnoreer.

’n Taaloudit van taalhulpbronne by universiteite is onlangs afgehandel deur SADiLaR (Van Dyk *et al*., 2023; Van Dyk, 2024), en ons sien uit na die bestudering van die bevindinge daarvan. Of daar ’n positiewe antwoord gaan kom op die vraag wat Du Plessis (2021:3) stel, is te betwyfel: “Is the strong movement towards supporting the language development of students to ensure greater academic success adequately supported by sectoral and institutional policies?”

Dit is nie net universiteite en die Departement van Hoër Onderwys wat uitdagings in die gesig staar nie. Een van die grootste kortsluitings, ’n taalprobleem wat jaarliks al naby aan ’n miljoen skoliere raak, lê in die – om dit sagkens te stel – onbevredigende assessering van taal in die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) eksamen wat aan die einde van die sekondêre skoolfase afgelê word. Ongeveer tien jaar gelede het Umalusi vir ICELDA getaak om die tuistaaleksamens te ondersoek. Soos die vorige drie ondersoeke wat Umalusi daaroor aangevra het (Umalusi, 2008; 2011; 2012a; 2012b; sien ook 2012c; opgesom in Du Plessis, 2014a; ook Du Plessis, Steyn & Weideman, 2015), aangetoon het, was daar groot diskrepansies tussen die gemiddeldes van die hoogste en laagste uitkomste tussen die (toe) 11 tuistale: ’n verskil van meer as 12%, wat opskuif na ’n stewige 28% wanneer ’n mens kyk na die gemiddeld vir eerste addisionele taal. Wat die vorige verslae aangedui het, en wat hierdie ondersoeke bevestig het, was dat die tuistaalassesserings nie vergelykbaar was nie. Nie net het die eksaminatore volgens die verslae nie by die assesseringsriglyne gehou nie, wat op sigself verstommend is, maar die vrae was so opgestel dat dit geen kognitiewe eise aan leerlinge gestel het nie. Al

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a14

hierdie gebreke is nie slegs bevestig nie, maar in besonderhede uitgewys in die gedetailleerde analises van die vraestelle (Du Plessis & Weideman, 2014; Du Plessis, 2014a; 2014b; Steyn, 2014; 2018; Du Plessis & Du Plessis, 2015). En waar die probleem 10 jaar gelede ’n halfmiljoen skoliere in graad 12 geraak het, is die ordegrootte nou so dat dit bykans ’n miljoen leerlinge raak (*Rapport*, 2023a). Ná talle jare is daar nog geen aanduiding dat Umalusi die probleem opgelos het nie.

Die werk wat Bart Deygers doen in ondersoeke na die regverdigheid van taaltoetse vir immigrasie en burgerskap in Europa (Deygers & Vanbuel, 2022; Schildt, Deygers & Weideman, 2023) maak ons attent op ’n tekortkoming aan die kant van die toegepaste taalkundiges, die ontwerpers van taaltoetse. Dit is dat ons nie genoegsaam in interaksie gaan met professionele kollegas in ander velde (soos staatsadministrasie) nie. Sy aanbeveling is dat ons eers moet gaan leer hoe om om te gaan met ander professionele mense. Deygers en Vanbuel (2022) merk nogtans op:

> If there is no political will, if the societal partners are not willing to open a debate … trying to enact policy change as a researcher may be futile … [A]t the governmental level, research data may be used when they are politically usable, but if research outcomes are opposed to the current line of policy, they may well be disregarded.

Een van die groot uitdagings vir verantwoordelike ontwerp vir ’n sorgwekkende taalprobleem is dat ons moet leer hoe ons invloed kan uitoefen op die burokrasie. Ons moet by onsself begin, en kyk of ons hoorbaar, verstaanbaar en oorredend genoeg kan word.

Terwyl ons selfondersoekend na binne kyk, is dit ook die moeite werd om na ons ontwerpe te kyk na aanleiding van die beginsel van teoretiese verdedigbaarheid. Kan die taalintervensies wat voorgestel word, teoreties begrond word? Hoe bekwaam is taalonderwysers om te weet hoe om taalvermoë te toets? Hoeveel nadenke gaan daar in die beplanning van die taalontwikkeling van leerlinge en taalstudente in? Of selfs: is enige plan genoeg? Die basisfunksie, die hoeksteen in die fondament van die toegepaste taalkunde, is immers die teoreties-analitiese aspek van ons ervaring. Sonder deurdink, en teoretiese begronding, of dan ten minste behoorlike analise van empiriese gegewens oor die ingryping, het ons nie ’n toegepaste taalkundige artefak nie. By deurdink en begronding op tegnies-wetenskaplike wyse staan en val die deeglikheid van die ontwerp van die taalingryping.

Daarmee kan ons dan laastens vra: Weet ons in Suid-Afrika genoeg? Ons kan min fout vind met die teoretiese rasionaal van die taalkurrikula op skool, maar daar is ’n amper volkome disharmonie tussen kurrikulum en assessering. Dit is bevind deur ons ondersoeke waarna ek reeds verwys het. Hierdie ondersoeke toon ook aan dat die vermoede gegrond mag wees dat die verdedigbare teoretiese onderbou van die kurrikula fundamenteel misverstaan word deur sowel onderwysowerheid as taalonderwysers. In een subveld van die toegepaste taalkunde, te wete taaltoetsing, moet die antwoord op die vraag of ons genoeg weet, nog beantwoord word. Die verdere beginsels ter sprake hier is veral dié van tegniese interpreteerbaarheid, geregtigheid en ook billikheid. Daaroor, veral in die tendens wat assesseringsgeletterdheid genoem word (Taylor, 2009; 2013; Inbar-Lourie, 2017), is ons amper 30 jaar agter die res van die wêreld. Uit ons interaksie met taalonderwysers blyk dit soms dat hulle te min weet van hoe om taalvermoë te toets, want dit word, volgens hul vertelling, feitlik nooit ingesluit in hul opleiding nie. Miskien kursories wanneer kursusse in opvoedkundige sielkunde assessering in die algemeen aanraak, maar dit word nie juis met taalonderwys in verband gebring nie. As daar dus leemtes is in die kennis van hoe om taalvermoë verantwoordelik te meet, moet dit reggestel kan word. Dan is daar die uitdaging wat betrekking het op administratiewe personeel

wat by universiteite billike besluite moet neem oor hoe die resultate van taaltoetse aangewend moet word vir toelating van voornemende studente in ’n gesogte professionele kursus. Ons moet begin bepaal hoeveel kennis sulke besluitnemers het van wat die resultate beteken. Verder moet ons begin ondersoek instel na hoeveel diskresie hulle het om die resultate anders as meganies te interpreteer. As ons dit nie bepaal nie, mag die waarskynlike uiteinde tegniese ongeregtighede en onbillikheid wees. Ons weet nog nie genoeg om afleidings met sekerheid te kan maak nie, wat ’n uitdaging vir navorsing bied. Ons het wel nou die geleentheid om, op die grondslag van die SADiLaR-ondersoek na taalhulpbronne aan universiteite (Van Dyk *et al*., 2023), universiteitsbeleid en die interpretasie van sulke hoëvlak besluite eers beter te verstaan, en dan te remedieer waar daar regstellings kort. Omdat dit ’n aansienlike impak het op studente se toekoms, is dit ons verantwoordelikheid as toegepaste taalkundiges om toe te sien dat die rigtinggewende beginsels van tegniese geregtigheid, interpreteerbaarheid en billikheid gestalte kry in die aanwending van hierdie soort taalingrypings.

Ten slotte

Die nuus oor die stand van die toegepaste taalkunde in Suid-Afrika bevat beslis minder bemoedigende elemente. As ’n mens terugdink aan die verset teen apartheid, sal jy jouself daaraan kan herinner dat dit nie net burgerlike organisasies was wat institusioneel daarby betrokke was nie. Die kerke en die universiteite het ook hulle stemme luid laat hoor. In die Afrikaanse gemeenskap is eersgenoemde tans besig met ander strydpunte, nie met taal en onderwys nie. Maar, anders as die res van die burgerlike samelewing, is die universiteite wat taalkwessies betref net te stil. Daar is wel enkele uitsonderings, waar die werk van RESEP (Research on Economic Policy), ’n navorsingsgroep aan die Universiteit van Stellenbosch, uitstaan (*Rapport,* 2023b). Daar is ook die enkele kritiese voorbeelde waarna vroeër verwys is in die bespreking van die rigtinggewende ontwerpbeginsel van die harmonisering van taalbeleid en taalaanbod.

Daar is ook positiewe kante. Daar is geen twyfel nie dat daar in Suid-Afrika al ’n ent gevorder is met die verbreding van die toegepaste taalkunde. Die winste waarna hier verwys is, is baanbrekerswerk, en heilsaam vir die oplossing van taalprobleme. Die ervaring wat deur instellings soos ICELDA (vir universiteite) en NExLA (vir individue) opgebou is, is goeie boustene op organisatoriese vlak. Daarvan getuig die meer as 150 publikasies wat die afgelope 20 jaar in taaltoetsing gedoen is (NExLA, 2023). Die eksperimentering met meer ekonomiese formate van taaltoetse (Weideman & Van Dyk, 2023) is nog lank nie afgeloop nie. Die aanwending van masjienleer om dit verder te neem, is reeds op die projekhorison. Wat betref die ontwerp van toetse wat op funksionele wyse akademiese geletterdheid toets, geniet Suid-Afrikaanse kundiges wêreldwye erkenning (Elder & Read, 2015; Read, 2015; 2016; Weideman, Read & Du Plessis, 2021; Van Dyk, 2021), veral wat verheldering betref van die konstruk van akademiese geletterdheid. Kyk ons breër, staan die publikasie van ’n formidabele verwysingswerk wat ek reeds vermeld het, *Toegepaste taalkunde in Afrikaans* (Carstens & Van Dyk, 2022), uit. In ’n konteks van veeltaligheid is daar gevolglik goeie nuus vir Afrikaans: ten minste wat die ontwikkeling van die toegepaste taalkunde betref, is Afrikaans en die bydraes ten bate van Afrikaans prominent. Dan is daar uit professionele hoek nog beter nuus: die Universiteit van Pretoria het onder leiding van dr. Avasha Rambiritch onlangs goedkeuring van die owerhede verkry om in 2025 ’n magistervlak-kwalifikasie in te stel in die toegepaste taalkunde. ’n Ooreenstemmende proses word aan die NWU deur prof. Gustav Butler onderneem, en gesprekke met Akademia se fakulteit opvoedkunde is positief om dit ook daar

aan te bied. Weer eens sal Afrikaans baat veral by laasgenoemde se betrokkenheid, want die kwalifikasie sal ongetwyfeld woeker met die professionele bydraes wat Afrikaans kan maak, en vir Afrikaans gemaak kan word, in die ontwerp van oplossings vir hardnekkige taalprobleme.

Suid-Afrika se taalprobleme is van so ’n orde dat dit nie in een leeftyd opgelos kan word nie. Om lukraak, ideologies-gedrewe of politiek gedienstige oplossings vir taalprobleme te kan vermy, is meer professioneel gekwalifiseerdes nodig. Daar is ’n behoefte aan ’n verbreding van ’n veel groter orde in die toegepaste taalkunde om verantwoordelik te kan ontwerp aan deurdagte oplossings vir daardie probleme. Met oorleg en met verbeeldingryke ingrypings, die voet op die boustene van betroubaarheid, geldigheid en teoretiese onderlegdheid, en die oog op die poolsterre van geregtigheid en billikheid, kry ons dit miskien meer bekwaam, en ook gouer, reg.

BIBLIOGRAFIE

Carstens, WAM & Bosman, N. (Reds.). 2017. *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. Tweede uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Carstens, WAM & Bosman, N. (Reds.). 2024. *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. Derde uitgawe. Van Schaik.

Carstens, WAM & Van Dyk, TJ. (Reds.). 2022. *Toegepaste taalkunde in Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.

Deygers, B & Vanbuel, M. 2022. Advocating an empirically-founded university admission policy. *Language Policy*. https://doi.org/10.1007/s10993-022-09615-6.

Du Plessis, C. 2014a. A historical and contextual discussion of Umalusi’s involvement in improving the standards and quality of the examination of Home Languages in Grade 12. Interim report to Umalusi. Bloemfontein: Inter-Institutional Centre for Language Development and Assessment (ICELDA).

Du Plessis, C. 2014b. Issues of validity and generalisibility in the Grade 12 English Home Language examination. *Per Linguam,* 30(2):1-19. http://dx.doi.org/10.5785/30-2-602.

Du Plessis, C. 2016. Developing a theoretical rationale for the attainment of greater equivalence of standard in the Grade 12 Home Language exit-level examinations. PhD-proefskrif, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Du Plessis, C & Du Plessis, T. 2015. Dealing with disparities: the teaching and assessment of official languages at first language level in the grade 12 school-leaving phase in South Africa. *Language, Culture and Curriculum*. [Aanlyn]. https://doi.org/10.1080/07908318.2015.1083999.

Du Plessis, C, Steyn, S & Weideman, A. 2015. Towards a construct for assessing high level language ability in Grade 12. Report to Umalusi. [Aanlyn]. http://www.umalusi.org.za/docs/research/2013/psw.pdf. Geraadpleeg 26 Oktober 2015.

Du Plessis, C & Weideman, A. 2014. Writing as construct in the Grade 12 Home Language curriculum and examination. *Journal for Language Teaching*, 48(2):121-141. [Aanlyn]. http://dx.doi.org/10.4314/jlt.v48i42.6.

Du Plessis, T. 2021. Institutional language policy and academic literacy in South African higher education – a two-pronged or a forked-tongue approach? In Weideman, A, Read, J & Du Plessis, T (eds). *Assessing academic literacy in a multilingual society: Transition and transformation* (Hoofstuk 1, pp. 3-21). (New Perspectives on Language and Education; 84). Bristol: Multilingual Matters.

Elder, C & Read, J. 2015. Post-entry assessments in other countries: The Test of Academic Literacy Levels (TALL) (South Africa). In J Read, *Assessing English proficiency for university study.* Basingstoke, UK: Palgrave Macmillan, pp. 70-75.

ICELDA (Inter-Institutional Centre for Language Development and Assessment). 2023. https://icelda.com/.

Inbar-Lourie, O. 2017. Language assessment literacy. In E Shohamy, I Or, & S May (eds). *Language testing and assessment. Encyclopedia of language and education*. Cham: Springer International Publishing pp. 257–270. https://doi.org/10.1007/978-3-319-02261-1_19.

Lepota, B, & Weideman, A. 2002. Our ways of learning language. *Journal for Language Teaching,* 36(3 & 4):206–219. https://doi.org/10.4314/jlt.v36i3-4.5987.

NExLA (Network of Expertise in Language Assessment) 2023. Bibliography. http://nexla.org.za/research-on-language-assessment/.

Rapport. 2023a. Bela soos 'n flitslig: Belig een ding, res bly donker. 29 Oktober 2023, p. 2.

Rapport. 2023b. Armes net te ver agter vir SA se gr. R. 29 Oktober 2023, p. 4.

Read, J. 2015. *Assessing English proficiency for university study*. Basingstoke, UK: Palgrave Macmillan.

Read, J (ed.). 2016. *Post-admission language assessment of university students*. Cham, Switzerland: Springer.

Schildt, L, Deygers, B & Weideman, A. 2023. Language testers and their place in the policy web. *Language Testing* (Aanlyn eerste: artikel aanvanklik aanlyn gepubliseer op 17 Augustus). https://doi.org/10.1177/02655322231191133.

Steyn, S. 2014. Towards the development of equal and fair Home Language assessments: Outline of a pilot study. MS. Interim report to Umalusi.

Steyn, S. 2018. A theoretical justification for the design and refinement of a Test of Advanced Language Ability (TALA). MA thesis, University of the Free State.

Taylor, L. 2009. Developing assessment literacy. *Annual Review of Applied Linguistics* 29, 21–36. https://doi.org/10.1017/S0267190509090035.

Taylor, L. 2013. Communicating the theory, practice and principles of language testing to test stakeholders: Some reflections. *Language Testing,* 30(3), 403–412. https://doi.org/10.1177/0265532213480338.

Umalusi (Council for Quality Assurance in General and Further Education and Training). 2008. *The role of IRT in selected examination systems.* Pretoria: Umalusi.

Umalusi (Council for Quality Assurance in General and Further Education and Training). 2011. *Comparative Analysis of the National Senior Certificate HL, 2008-2010: Afrikaans; English; isiNdebele; isiXhosa; isiZulu; and SiSwati*. Research report. Pretoria: Umalusi.

Umalusi (Council for Quality Assurance in General and Further Education and Training). 2012a. *The standards of the National Senior Certificate Home Language examinations: A comparison of South African official languages.* Pretoria: Umalusi.

Umalusi (Council for Quality Assurance in General and Further Education and Training). 2012b. *Developing a Framework for assessing and comparing the cognitive challenge of Home Language examinations*. Pretoria: Umalusi.

Umalusi (Council for Quality Assurance in General and Further Education and Training). 2012c. *Technical report on the quality assurance of the examinations and assessment of the National Senior Certificate (NSC) 2012*. Pretoria: Umalusi.

Van Dyk, T. 2021. What the data tell us: an overview of language assessment research in South Africa's multilingual context. In A Weideman, J Read, & LT du Plessis (eds). *Assessing academic literacy in a multilingual society: Transition and transformation*. New Perspectives on Language and Education; 84. Bristol: Multilingual Matters, pp. 218-236.

Van Dyk, T. 2024. Language resource audits and social justice: a view from the south. Voorstel vir 'n rapport by die Language Testing Research Colloquium 2024 (Innsbruck).

Van Dyk, TJ, Wilken, I, Ravyse, N, Du Plessis, D, Khumalo, L & Steyn, J. 2023. *National Language Resources Audit.* Potchefstroom: SADiLaR.

Van Dyk, T & Weideman, A. 2024. Toegepaste taalkunde. Carstens, WAM & Bosman, N (reds.). *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. Derde hersiene uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Van Rensburg, MCJ. 2017a. Ná honderd jaar: Die Afrikaans van die eerste taalkommissie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 57(2-1): 249-270. http://dx.doi.org/10.17159/2224-7912/2017/v57n1a3.

Van Rensburg, MCJ. 2017b. Die slag toe slim sy baas gevang het. *Stellenbosch Papers in Linguistics,* 48: 51-66. https://dx.doi.10.5774/48-0-280.

Van Rensburg, MCJ. 2021. *Die Afrikaanse woordelys en spelreëls se eerste honderd jaar*. Pretoria: SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Van Rensburg, MCJ. & Weideman, A. 2002. Language proficiency: current strategies, future remedies. *Journal for Language Teaching,* 36(1 & 2):152-164.

Weideman, A. 2003. Assessing and developing academic literacy. *Per Linguam,* 19 (1 & 2):55-65.

Weideman, A. 2011. Straddling three disciplines: Foundational questions for a language department. *Acta Varia,* 1. 30th DF Malherbe-Gedenklesing. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Weideman, A. 2017. *Responsible design in applied linguistics: theory and practice*. Cham: Springer International Publishing. [Aanlyn]. https://doi.org/10.1007/978-3-319-41731-8.

Weideman, A. 2018. Positivism and postpositivism. In CA Chapelle (ed.). *The encyclopedia of applied linguistics*. Wiley & Sons. [Aanlyn]. https://doi.org/10.1002/9781405198431.wbeal0920.pub2.

Weideman, A. 2019. Definition and design: Aligning language interventions in education. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus, 56*: 33-48. https://doi.org/10.5842/56-0-782.

Weideman, A. 2021. Ten theses on "Is applied linguistics linguistics applied?" *Academia Letters*, Article 2248/ https://www.academia.edu/50109549/Ten_theses_on_Is_applied_linguistics_linguistics_applied_.

Weideman, A. 2024. *A theory of applied linguistics: Imagining and disclosing the meaning of design*. Educational Linguistics series number 65. Cham: Springer. https://doi.org/10.1007/9783031675591.

Weideman, A, Read, J & Du Plessis, T (eds). 2021. *Assessing academic literacy in a multilingual society: Transition and transformation*. New Perspectives on Language and Education; 84. Bristol: Multilingual Matters.

Weideman, A & Van Dyk, T. 2023. Achieving technical economy: A modification of cloze procedure. *Language Teaching Research Quarterly*, 37:144-160, honouring James D. Brown. https://doi.org/10.32038/ltrq.2023.37.07.

Neerslagvoorbeelde van veral *taal*, maar ook *ruimte*, as kulturele identiteitsmerkers in Afrikaanse digkuns, 1925–2024

Examples of especially* language, *but* space *as well, as cultural identity markers in Afrikaans poetry, 1925–2024

Bernard Odendaal
Navorsingsfokusarea vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom, Suid-Afrika
E-pos: bernard.odendaal@nwu.ac.za

Bernard Odendaal

Bernard Odendaal was 22 jaar lank werksaam as dosent in Afrikaanse en Nederlandse letterkunde aan die Universiteit van die Vrystaat, voordat hy in 2012 aangestel is as direkteur van die ATKV-Skryfskool van die Noordwes-Universiteit, asook as professor in Skryfkuns aan dieselfde instelling. Hy het in 2021 afgetree. Twee digbundels asook een essaybundel uit sy pen het by uitgewers verskyn. Hy is ook die medevertaler van Franse chansons wat in verskeie Afrikaanse kabarette benut, op drie CD's vasgelê en ook as die bundel *Piaf & Brel. Luisterryk!* uitgegee is. As vakkundige lewer hy meer as vyftig referate by nasionale en internasionale kongresse, is hy die skrywer van meer as 250 resensies oor letterkundewerke en die outeur of mede-outeur van meer as 50 vaktydskrifartikels en akademiese boekbydraes. Hy is sedert 2012 die houer van 'n C2-kategoriegradering van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) en is in 2015 vereer as een van ses wenners van die ATKV-SA Akademieprys vir gepubliseerde vakartikels in geakkrediteerde tydskrifte.

Bernard Odendaal had been a lecturer of Afrikaans and Dutch literature at the University of the Free State for 22 years before he was appointed director of the ATKV School of Creative Writing and professor of Creative Writing at the North-West University in 2012. He retired in 2021. Two volumes of poems and one collection of essays from his pen have been published. He is also the co-translator of French chansons that were used in various Afrikaans cabarets and recorded on three CDs, followed by publication as the collection *Piaf & Brel. Luisterryk!* (Brel & Piaf. Splendid!). As a scholar, he has delivered more than 50 papers at national and international conferences, he is the author of more than 250 reviews of literary works and the author or co-author of more than 50 specialist journal articles and academic book contributions. He has been the holder of a C2 category rating from the National Research Foundation (NRF) since 2012 and was honoured in 2015 as one of six winners of the ATKV-SA Academy Prize for published academic articles in accredited journals.

Datums:
Ontvang: 2025-01-15 Goedgekeur: 2025-01-28 Gepubliseer: Maart 2025

ABSTRACT

Examples of especially* language, *but* space *as well, as cultural identity markers in Afrikaans poetry, 1925–2024

Because of the diversity which characterises the composition of the South African population, together with the impact developments during colonial times, the apartheid dispensation and the post-colonial era have had on it, language *(variety) and* space *have been, and still are, salient markers of cultural identities in this "[o]mstrede land" (contentious country – Changuion & Steenkamp, 2011). Their prominence in this regard is also reflected in South African literature.*

After defining the concept cultural identity*, i.e. with special reference to observations by Urrieta (2018) in this regard, as well as to the either essentialist or flexible, transformational shapes cultural identities can take, some details are offered concerning the reasons why particularly* language *(variety) and locality concepts like* place*,* country*,* land *and* landscape *are so prominent as markers thereof in Afrikaans literature. This is followed by a summary survey of the literary-historical development reflected in the manifestation of such markers in representative works by Afrikaans poets over the past hundred years, i.e. since Afrikaans had attained official language status in 1925.*

The relevant periods in the history of Afrikaans literature are distinguished with reference to, among others, Van Coller and Odendaal (2009). During a phase of energetic, Afrikaner nationalist patriotism, covering the early twentieth century until about 1934, initially, after the Ango-Boer War of 1899–1902, deposits of strong collective views of the above-mentioned cultural identity factors dominated in Afrikaans poetry – until more individualistic views came to the fore in poetry from the later period of the Second Afrikaans Movement (the 1920s and early 1930s). Poems by, among others, Toon van den Heever, serve as examples of the latter.

This was followed by a period characterised by "liberal nationalism" (Louw, 1958) and international outreach (1934–1955). For example, international aesthetic standards were accepted as creative guidelines for Afrikaans literary art – of which NP van Wyk Louw's poem "Die beiteltjie" (The chisel) bears witness in a resonant manner. Stronger figurative verse with expanded vocabulary usage, of which a growing sensitivity to colloquialism was one expression, gained prominence. Furthermore, there was a greater openness to interaction with other literature systems than before. For example: Work by Elisabeth Eybers, an Afrikaans poet who would later settle permanently in the Netherlands, could increasingly be considered as belonging to both the Afrikaans and Dutch literary systems.

In the aftermath of the apartheid regime in South Africa there followed a literary period (1955–1989) in which political resistance and pervasive alienations among South African population groups found increasing expression. This was accompanied by increasing international isolation of the Afrikaans literature system. From the mid-sixties, more and more Afrikaans writers and intellectuals became alienated from the Afrikaner nationalist "Volksbeweging" (people's movement; Giliomee, 2004). During the late 1950s and the 1960s, "Sestiger" *('Sixties') writers advanced towards a broader internationalism, a quest for thematic expansion away from "the traditional Afrikaans motifs" (Kannemeyer, 2005), together with experimentation with new techniques and forms. In the 1970s and 1980s an African focus came to the fore, soon linked with the heightened resistance to the apartheid system and its socio-political limitations, for example in the Afrikaans* "betrokke" *(involved) and* "grens" *(border) literary movements of these decades (Van Coller, 2002). Poetry from this period in which the cultural identity markers* language *(variety),* place*,* land*,* country *and* landscape *were thematically foregrounded, including works by Peter Blum, PJ Philander, Adam Small,*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a15

Breyten Breytenbach and Antjie Krog, testified to the fact that earlier association with traditional views of Afrikaans cultural identity views had become increasingly displaced by counter- and (transformative) dis-identification of the former (Viljoen, 2010).

Finally, the focus shifts to poem examples from the most recent period in Afrikaans literary history, a period in which sociopolitical aspirations towards democratisation, cultural identity (re)formation and intra- as well as inter-systemic rapprochement have also manifested conspicuously in the field of literature (1990 to the present). Expressions of such trends in Afrikaans poetry are, among other things, several publications of translated poetry from other South African languages into Afrikaans, and vice versa; striving to make more poets from previously marginalised communities heard, for example by way of increasing mainstream publication of, and awards received for, volumes written in socio- and dialects, so that an Afrikaans poetic polyphony has become more noticeable than before; a heterogeneity and fluidity regarding the formation of a contemporary Afrikaans cultural identity, accompanied by a strong awareness of language *and* place *in poems by, among others, Lynthia Julius, Gilbert Gibson and Ronelda Kamfer; and an Afrikaans cultural pessimism, for example in poems by Danie Marais and Breyten Breytenbach, namely because of loss of high language functions for Afrikaans and perceived discrimination against Afrikaans speakers, as well as of a "diaspora" of Afrikaans speakers and a breakdown of* "die eertydse ideaal van Afrikaner-eenheid" *(the former ideal of Afrikaner unity; Roos, 2015).*

From the above-mentioned literary-historical overview, it therefore appears that the mentioned reflected cultural identity markers have taken on increasingly complicated and tension-laden forms in the Afrikaans poetry of the last hundred years, due to political and economic-social developments in both apartheid South Africa and the ANC-ruled democratic dispensation since 1994. It also appears that language*(-variety) as a marker of cultural identity has, in the era of the new South African dispensation, become even more noticeable than the mentioned concepts of locality in recent Afrikaans poetry as a factor concerning issues of cultural identity.*

KEYWORDS: cultural identity marker, language (variety), space (place, country, land, landscape), Afrikaans poetry 1925–2024, Second Afrikaans Movement, from essentialising collective to individualistic views on cultural identity formation factors, phase of "liberal" nationalism, international aesthetic standards, increasing colloquiality in poetry, period of political resistance and estrangement, literary system isolation, growing focus on Africa, identification/disidentification with Afrikaansness, (satirising) actuality and involved literature, phase of systemic democratisation and inclusivity, socio- and dialectic poetry writing (Afrikaans polyphony), (Afrikaans) cultural identity (re)formation, (Afrikaans) cultural pessimism, "new resistance", diaspora

TREFWOORDE: kulturele identiteitsmerker, taal(-variëteit), ruimte (plek, land, grond, landskap), Afrikaanse digkuns 1925–2024, Tweede Afrikaanse Beweging, van essensialiserend kollektiewe na indiwidualistiese sienings van kultuuridentiteitsvormende faktore, fase van "liberale" nasionalisme, internasionale estetiese standaarde, groeiende spreektaligheid in poësie, periode van politieke weerstand en verwydering, literatuursistemiese isolasie, groeiende Afrika-fokus, identifikasie/

disidentifikasie met Afrikaansheid, (satiriserende) aktualiteits- en betrokke literatuur, fase van sistemiese demokratisering en inklusiwiteit, sosiolektiese en geolektiese digwerk (Afrikaanse meerstemmigheid), (Afrikaanse) kultuuridentiteits(her)vorming, (Afrikaanse) kultuurpessimisme, "nuwe verset", diaspora

OPSOMMING

Weens die verskeidenheid wat die Suid-Afrikaanse bevolkingsamestelling kenmerk, asook die impakte van koloniale, apartheidsbedeling- en postkoloniale ontwikkelings daarop, was en is *taal*(-variëteit) en *ruimte* (lokaliteitkonsepte soos *plek*, *land*, *grond* en *landskap*) uitstaande merkers van kultuuridentiteite alhier, ook soos dit in die letterkunde tot uitdrukking kom. Ná 'n omskrywing van die begrip *kulturele identiteit* en 'n verantwoording oor waarom veral *taal*(-variëteit) en lokaliteit so opval as merkers daarvan in die Afrikaanse letterkunde, word die ontwikkelingsgang in die digkunsneerslae daarvan sedert Afrikaans 'n honderd jaar gelede amptelike landstaalstatus verwerf het, in hierdie oorsigartikel ondersoek. Sterk kollektiewe (Afrikanernasionalistiese) sienings van die genoemde identiteitsfaktore in digwerk van ná die Anglo-Boereoorlog groei tot meer indiwidualistiese beskouings daarvan in poësie uit die later tydperk van die Tweede Afrikaanse Beweging (die 1920's en vroeë 1930's). Daarna kom neerslae daarvan in 'n literatuurperiode gekenmerk deur "liberale" nasionalisme en ook internasionale uitreiking (1934–1955) onder die loep, gevolg deur digwerk uit 'n fase waarin politieke weerstand en diepgaande verwydering tussen bevolkingsgroepe, gepaardgaande met toenemende internasionale isolasie, die Suid-Afrikaanse konteks kenmerk (1955–1989). Laastens word op gedigvoorbeelde uit die mees onlangse periode in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis gefokus, 'n tydperk waarin sosiopolitieke strewes na demokratisering, identiteitsvorming/-hervorming en intra- sowel as intersistemiese toenadering ook op literêre terrein opvallend manifesteer (1990 tot tans).

Uit die oorsig sal blyk dat die genoemde weerspieëlde kultuuridentiteitsmerkers toenemend verwikkelde en spanninggelade gedaantes aangeneem het vanweë polities- en ekonomies-maatskaplike ontwikkelings in sowel apartheid-Suid-Afrika as die ANC-regeerde demokratiese bedeling van ná 1994. Ook sal blyk dat *taal*(-variëteit) as kultuuridentiteitsmerker onlangs selfs meer opvallend as die genoemde lokaliteitsbegrippe op die voorgrond te staan gekom het betreffende Afrikaanse kultuuridentiteitsvraagstukke.

1. Inleiding

Vanweë die groot kulturele diversiteit wat die Suid-Afrikaanse bevolkingsamestelling kenmerk, asook die impakte van koloniale, apartheidsbedeling- en postkoloniale ontwikkelings daarop, was en is *taal*(-variëteit) en *ruimte* besonder belangrike faktore in die vorming van identiteite in hierdie "[o]mstrede land" (Changuion & Steenkamp, 2011).

Ook op kulturele vlak het dié twee identiteitsvormingsfaktore 'n deurslaggewende rol gespeel alhier, en is dit steeds belangrik – onder meer soos dit tot uitdrukking kom in literêre werke. In hierdie oorsig oor neerslagvoorbeelde van dié twee kultuuridentiteitsmerkers in die Afrikaanse digkuns sedert Afrikaans in 1925 'n amptelike landstaal geword het, sal die fokus in die besonder val op die *taal*-motief, maar ook ruimtelike elemente soos *plek*, *grond*, *land* en *landskap* sal ter sprake gebring word waar dit literêr-histories op die voorgrond getree het in hierdie verband.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a15

2. Kortliks oor die begrip *kulturele identiteit* en die rol wat *taal*(-variëteit) en ruimtelike elemente in die vorming daarvan speel

Soos ander identiteitsbegrippe is *kulturele identiteit* 'n komplekse en dinamiese konsep. Soos Urrieta (2018:3) uitwys, het identiteite te doen met "self-understandings, especially those with strong emotional resonances", dikwels met *geslagtelikheid/gender*, *ras* en *klas* as merkers daarvan. Ook *etnisiteit*, *taal*(-variëteit) en die genoemde ruimtelike begrippe is by sodanige identiteitsvorming te verreken (Viljoen, 2009:78). Konstruksies van indiwiduele selwe (identiteite) is derhalwe nie los te dink van die maatskaplike wêrelde waaruit hulle voortspruit nie. Dit staan nooit "outside of the external 'reality' of social, cultural, political, economic, and philosophical forces" wat dit omring nie (Urrieta, 2018:7), en behels sowel innerlike as uiterlike prosesse.

Met *kulturele identiteit* word spesifiek 'n kombinasie van self- én kollektiewe konstruksies of kodes van "understandings of belonging" bedoel – "learned ways of knowing (epistemologies) and being in the world (ontologies)" (Urrieta, 2018:19). As sosiokulturele konstruksie is dit juis geskoei op gemeenskaplike ervarings en word dit deur gedeelde kulturele kodes bepaal, waaronder identifisering met 'n taal(-groep) en/of bewoningsgebied. Kodebotsings, byvoorbeeld vanweë hiërargiese veranderings in die maatskaplike bestel, of as gevolg van migrasieverskynsels en gepaardgaande blootstelling aan uiteenlopende kulturele kodes en wat aanleiding kan gee tot "veelvoudige groepsidentifikasie" (Hough &Van Zyl, 2012:288-289), gee weer aanleiding tot relativering of bevraagtekening daarvan.

Die konstruksie van so 'n kulturele identiteit kan 'n essensialistiese aard aanneem, oftewel 'n "continuous classification act" word wat afgestem is op polities-maatskaplike posisionering en magbekleding (Urrieta, 2018:10). Vestergaard (2001:20-21) en Joubert (2017:51) is byvoorbeeld van mening dat die identiteit van Afrikaners (wit Afrikaanssprekendes) in die loop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gekonstrueer is deur hoofsaaklik kollektiewe, ideologiese denkrigtings en magsapparate – dikwels kenmerkend van sogenaamde imperiale geskiedskrywings (Viljoen, 2009:82). In die besonder tydens die apartheid-era was, onder meer, die toenmalige, rasgebaseerde politieke beleid, Calvinistiese leerstellings en Afrikaanse (standaard-)taalnasionalisme deurslaggewende oorwegings in dié verband – laasgenoemde sodanig dat Afrikaans in die oë van baie mense 'n simbool van apartheid en onderdrukking geword het (Bosch, 2000:52; vergelyk ook Hough & Van Zyl, 2012:289).

Veral die rasgebaseerde apartheidsbeleid en die gedwonge populasieskeidings as vergestalting daarvan het, soos welbekend is, vervreemding (keldering van vrye identiteitsvorming – Mellet, 2010:5) en weerstand meegebring, op sowel nasionale as internasionale vlak. Die oorwegend negatiewe en onaanvaarbare definiëring van die identiteit van 'n (onderdrukte) ander deur die dominante groep gee, dikwels, aanleiding tot 'n meer of minder "lojale verset" vanuit die geledere van die dominante, onderdrukkende groep (om 'n formulering by NP van Wyk Louw te leen, naamlik as titel van sy 1939-versameling "[k]ritiese gedagtes oor ons Afrikaanse kultuurstrewe en ons literêre beweging"). Méér dikwels ontketen dit egter 'n politieke stryd, van selfs gewelddadige aard, om erkenning en legitimiteit (Stokes, 1997:7). Sodanige stryd, binnelands sowel as aan die grense van Suid-Afrika, het veral die laaste twee dekades van die apartheidsbestel gekenmerk. In weerwil van "wit bevoorregting" het Afrikaners hulle voor 1994 dus in 'n soort "identity trap" (Stokes, 1997:7; Vestergaard, 2001:21) van isolasie en versmorende magsverhoudings bevind.

Identiteitskonstruering kan egter ook 'n ander aard aanneem, gekenmerk deur transformasie, heterogeniteit, vloeibaarheid en ambivalensie – 'n "process of becoming with multiple

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a15

consciousness depending on social location" (Urrieta, 2018:4). Kulturele identiteit is dan 'n saak van *wording* ("becoming") eerder as van *syn* ("being"); die konstruksie daarvan word gerig deur sowel die verlede as die toekoms (Hall, 1996:435). Viljoen (2009:99-100) wys byvoorbeeld in hierdie verband uit hoe onlangs veranderde sosiopolitieke omstandighede, soos hier te lande die demokratisering van postapartheid-Suid-Afrika, en die druk van globalisering mense as 't ware dwing tot durende onderhandeling van hulle persoonlike én groepsidentiteite.

Naas "broad identity markers" (Urrieta, 2018:20) van kulturele identiteit, soos *nasionaliteit*, *ras*, *etnisiteit*, *geslagtelikheid* en *maatskaplike stand (klas*), is dus ook "local particularities" soos "language inflection" (tongval, of taalvariëteit) en *ruimte* te verreken in hierdie verband. Nel (2012:237) noem dat die verband tussen spesifiek ruimtelike faktore en identiteit in die algemeen erken word; (kulturele) identiteitsverandering vind nie net vanweë innerlike ervarings plaas nie, maar ook weens verandering in ruimtelike elemente.

Soos voorheen vermeld, sluit die begrip *ruimte* elemente soos *plek*, *landskap*, *grond* en *land* in. Waar *ruimte* eerder 'n abstrakte "behoefte of konsep" uitdruk, verwys *plek* na "'n spesifieke materiële ruimtelike lokaliteit" (Smith, 2012:896), maar wat terselfdertyd die maatskaplik-kulturele persepsie en talige konstruksie (benoeming) daarvan én die indiwiduele verbondenheid wat daarmee aangevoel word, behels (Buell, 2005:63; Smith, 2012:891). Trouens, ruimtelike konsepte is deurgaans "onlosmaaklik verbonde" (Lambrechts, 2020:178) aan beide persoonlike én kulturele identiteitskonstruksies. Viljoen (2009:78) haal Darian-Smith, Gunner en Nuttall (1996:3) soos volg in verband met *plek* aan: "It is through the cultural processes of imagining, seeing, historicizing and remembering that space is transformed into place."

In navolging van, onder andere, Prohansky *et al.* (1983), Cross (2001) en Fokkema (1996) onderskei Lambrechts (2020:179-180) die afsonderlike, maar interafhanklike begrippe *plekgebondenheid* en *plekbewustheid* as identiteitvormende faktore. Eersgenoemde is van deurslaggewende belang vir persoonlike identiteitskonstruksie en verteenwoordig 'n diepgaande emosionele verbintenis met 'n plek, "'n gevoel van behoort" (Lambrechts, 2020:179). By die ontwikkeling van *plekbewustheid* kom "die bewustheid van 'n plek binne [...] bepaalde kulturele, historiese en ruimtelike" én "gekonstrueerde sosiale en kultureelgedeelde betekenisse" ter sprake; dit tree kenmerkend op die voorgrond wanneer 'n groep se leefruimte of kulturele identiteit bedreig of uitgedaag word (Lambrechts, 2020:180).

Die begrip *grond* – "en by wyse van ekstrapolasie ook die plaas" (Viljoen, 2009:87) – word benut om fisiese ruimtes aan te dui wat in besit geneem (kan) word, en derhalwe dikwels ook geassosieer staan met mag- en vryheidverwerwing (Smith, 2012:894). Die term *land* kan as betekenisverwant aan *plek* én *grond* gesien word, hoewel spesifiek as ruimtelike merker van 'n nasionale identiteit, dit wil sê 'n kulturele identiteit wat spesifiek bowe-persoonlik van aard is (Viljoen, 2009:92).

Landskap dien weer as duider van 'n dieper, spirituele, selfs estetiese (Viljoen, 2009:78 en 86) betekeniskant van bogenoemde ruimtelike identiteitsmerkers. Mitchell (1994:15) bestempel dié term as 'n aanduiding van "a 'poetic' property [...] rather than a 'material' one", naamlik waar "a physical and multisensory medium (earth, stone, vegetation, water, sky, sound and silence, light and darkness, etc.)" geënkodeer word met "cultural meanings and values".

Tans word 'n era beleef waarin die grense tussen samelewings met verskillende tradisionele kulture en gewoontes vervaag. Die konfrontasie met kulturele veelvuldigheid en met die beduidende wedersydse deurdringing van kulture, byvoorbeeld in grootstadsomgewings, bring komplisering van die bewustheid van kulturele norme en gedragspatrone mee, soos ook van

die verhouding subjek en omringende ruimte (insluitende taalomgewing). Werke van eietydse Afrikaanse digters soos, onder andere, Breyten Breytenbach en Antjie Krog weerspieël die idee van vermenging en hibriditeit as 'n wesenlike bestanddeel van die tuishoortbelewenis in 'n diverse samelewing soos die Suid-Afrikaanse, dikwels verpersoonlik in die beeld van 'n nomade of reisende (Viljoen, 2009:122; Viljoen, 2001; Sienaert, 2001).

3. Waarom speel veral *taal*(-variëteit), maar ook ruimtelike elemente, so 'n opvallende merkerrol in neerslae van kultuuridentiteit in die Afrikaanse literatuur?

Die belang van *taal* en *ruimte* as merkers van 'n Afrikaner- of ander Afrikaanse identiteit blyk al uit die feit dat die eerste poging tot die skryf van 'n Afrikaanse volkslied, in 1875, hierdie motiewe vooropstel. In die liedteks "Die Afrikaanse volkslied", met Arnoldus Pannevis, CP Hoogenhout, DF du Toit en SJ du Toit as skrywers daarvan (Die Genootskap van Regte Afrikaners, 1975/1878:1-2), word, in hoofletters in die openingsreëls van die eerste twee strofes, beklemtoon dat "[e]en ider nasi" se identiteit bepaal word deur "sijn LAND" en "syn (sic) TAAL".

Dié verbandlegging tussen *taal*(-variëteit) en ruimtelike begrippe soos *plek, grond*, *land* en *landskap* as merkers van 'n Afrikaner- of andersoortige Afrikaanse kultuuridentiteit bly tot vandag toe van belang. *Taal* en *ruimte* staan as motiewe derhalwe dikwels eng verweef in die Afrikaanse literêre tradisie, waaronder in die plaasroman as uiting daarvan (vergelyk o.m. Coetzee, 1986; Van Coller, 1995, 2006). Viljoen (2009:78-79) noem in dié verband dat die Nobelpryswennende, Engelssprekende Suid-Afrikaanse skrywer JM Coetzee (1992:377) moes krities staan teenoor 'n uitspraak deur selfs die vrysinnige, in die 1960's debuterende Breyten Breytenbach in hierdie verband:

> He is a poet, moreover, whose emotional makeup includes feelings of passionate intimacy with the South African landscape that, Afrikaners like to think, can be expressed only in Afrikaans, and therefore (here comes the sinister turn in the reasoning) can be experienced only by the Afrikaner. Closeness of fit between land and language is – so the reasoning goes – proof of the Afrikaners' *natural* ownership of the land. [Oorspronklike kursivering.]

Hough en Van Zyl (2012:289–290) wys daarop dat die verband *taal*(-variëteit) en ruimtelike elemente wat die Afrikaanse kultuuridentiteit betref, selfs voortleef in die wyse waarop die drie primêre dialekte van Afrikaans onderskei word op grond van horisontale begrensing (geografiese vlak) eerder as van vertikale aspekte (sosiolinguistiese vlak): Kaapse Afrikaans (of Kaaps; die suidwestelike gebied van Suid-Afrika), Oranjerivier- of Gariepafrikaans (Noord-Kaap) en Oosgrensafrikaans (Oos-Kaap; latere basis van sogenaamde Standaardafrikaans).

Met die opkoms van Afrikanernasionalisme in die laat-negentiende en vroeg-twintigste eeue, en later onder die apartheidsbedeling, is Standaardafrikaans tot 'n kernwaarde van die na mag strewende Afrikaneridentiteit gereken. Dit is ook in samehang hiermee dat die genoemde persepsie te begryp is dat die Suid-Afrikaanse landskap slegs deur middel van Afrikaans, in hoofsaak juis Standaardafrikaans, op genoegsaam sprekende wyse uitgedruk of weergegee kan word.

Soos verderaan belig sal word, dien die toenemende erkenning van sosiolekte (groepsvariëteite) en geolekte (streeksvariëteite) van Afrikaans egter as 'n faktor ter bemagtiging van veral voorheen polities en ekonomies gemarginaliseerde gemeenskappe in die nuwe, demokratiese Suid-Afrikaanse bestel (Hough &Van Zyl, 2012:284; Raath & Brits, 2019). Sodanige ontwikkeling val saam met die (teoretiese/konstitusionele) strewe in die eietydse

Suid-Afrika – in aansluiting by tendense in ander wêrelddele (Carstens, 2003) – na bevordering van diverse kulturele identiteite, in die besonder op die terreine van die literatuur en ander kunsuitinge (Odendaal, 2016:313-322).

4. Neerslagvoorbeelde van veral *taal*, maar ook ruimtelike begrippe soos *plek*, *grond*, *land* en *landskap*, as merkers van kultuuridentiteit in die Afrikaanse digkuns sedert 1925

Met die oog op hierdie voëlvlugblik op die wyses waarop veral *taal*(-variëteit), maar ook die bovermelde ruimtelike motiewe as merkers van Afrikaanse kultuuridentiteitsontwikkelings oor die afgelope eeu neerslag gevind het in die poësie kan, op die spoor van onder andere Van Coller en Odendaal (2009), breedweg onderskei word tussen die volgende periodes in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis:

- 'n fase van energieke, Afrikanernasionalistiese patriotisme, strekkende van vroeg in die twintigste eeu tot ongeveer 1934, waardeur dit aansluiting vind by die sogenaamde "Tweede Afrikaanse Beweging";
- 'n periode gekenmerk deur "liberale" nasionalisme en ook internasionale uitreiking (1934–1955);
- 'n fase waarin politieke weerstand en diepgaande verwyderings tussen Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe literêre weerspieëling vind, gepaardgaande met toenemende internasionale isolasie van die Afrikaanse literatuursisteem (1955–1989);
- en 'n fase waarin sosiopolitieke strewes na demokratisering, identiteitsvorming/-hervorming en intra- sowel as intersistemiese toenadering opvallend neerslag vind in die Afrikaanse literatuursisteem (vanaf ongeveer 1990 tot tans).

4.1 Die tydperk van die Tweede Afrikaanse Beweging: enkele digwerkneerslae van 'n groei vanaf sterk kollektiewe (Afrikanernasionalistiese) na meer indiwidualistiese sienings van veral taal, maar ook van ruimte as kulturele identiteitsfaktore

Welbekend is die materiële en psigologiese ramp wat die Anglo-Boereoorlog van 1899–1902 vir Suid-Afrikaners, in die besonder wit Afrikaanssprekendes, oftewel Afrikaners, van die twee voormalige Boererepublieke meegebring het. Afrikaners het oor geen politieke mag meer beskik nie en Brittanje het, in weerwil van sekere bepalings van die vredesooreenkoms, alles in die stryd gewerp om veral die Afrikaners te verengels.

'n Strewe na sosiopolitieke mag het egter algaande posgevat onder Afrikaners (Roos, 2015:93), en gou is die eerste pogings aangewend om die verengelsingspraktyke van die Britte teen te werk. Die reaksie vanuit kerklike en Afrikaanse kulturele geledere was die vestiging van sogenaamde Christelik-Nasionale Opvoedingskole (CNO-skole), waar die medium van onderrig Nederlands sou wees, asook pogings om 'n vereenvoudigde Nederlandse spelling daar te stel wat dié Europese taal aantrekliker vir Afrikaners sou maak (Kannemeyer, 1978:84). Sulke stappe kon egter nie standhou teen 'n wending na die "volkstaal" toe nie, dit wil sê op die spoor van die "Ons skryf so's ons praat"-strewe van die leiers van die Eerste Taalbeweging in die laaste kwart van die vorige eeu (Kannemeyer, 1978:52). Wat tradisioneel bekend geword het as die Tweede Taalbeweging, ook al die Tweede Afrikaanse Beweging genoem (Koch, 2022:376), het op stryk gekom – juis grootliks moontlik gemaak deur die bestaande Nederlandse kulturele infrastruktuur in Suid-Afrika.

'n Verskeidenheid Afrikaanse kultuurorganisasies is gevorm, waarvan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Letterkunde en Kuns (gestig 1909) 'n belangrike rol gespeel het in die stabilisering en standaardisering van die Afrikaanse taal deur middel van grammatika- en woordeboeke. Afrikaans, in plaas van Nederlands, is in gebruik geneem as medium van skoolonderwys naas Engels (vanaf 1914); mettertyd sou dit Nederlands as een van die twee amptelike tale van die Unie van Suid-Afrika vervang. Enersyds was hierdie taalbeweging dus "'n stryd teen Nederlands" (Carstens & Raidt, 2019:338); andersyds, vanweë die strewe om invloedryke Afrikaners te oortuig van die geskiktheid van Afrikaans as kultuurtaal – deur CJ Langenhoven (aangehaal deur Carstens & Raidt, 2019:350) op rassistiese en valslike wyse bestempel as "enigste witmanstaal wat in Suid-Afrika gemaak is" – is daar, veral wat spelling en woordeskatkeuses betref, aangeleun by die "Nederlandse stamtaal" (Steyn, 2014:159).

'n Energieke Afrikaneridentiteitsvorming en 'n groeiende nasionale bewussyn het dus in hoofsaak die Tweede Afrikaanse Beweging gekenmerk. Kannemeyer (1988:41) noem dat een van die belangrike verskille tussen die Eerste en Tweede Bewegings die behoefte tydens laasgenoemde was "om die diepste wese van die Afrikanervolk" uit te druk, 'n ernstiger strewe dus as die opvoedkundige en vermaaklikheidswaarde van literêre werk wat die yweraars van die Eerste Beweging oorwegend vooropgestel het. Dit is, en algaande meer pertinent so, as die "natuurlike" taak (Kannemeyer, 1978:92) van skrywers gesien om Afrikaans tot 'n kultuurtaal en 'n sensitiewe instrument – iets wat die diepste emosies van die nasie én die individu kon vertolk – te ontwikkel.

Wat die digkuns betref, ondersteun Ohlhoff (2016:40) sienings van Opperman (1959:153-154) dat die onderhawige tydperk as 't ware twee ontwikkelingstadia verteenwoordig. Die "eerste geslag" digters van hierdie periode, met die moontlike uitsondering van die meer kosmopolitiese en minder patriotiese en nasionalistiese C Louis Leipoldt (Koch, 2022:351), het nie die "volle" werklikheid aangedurf nie (Kannemeyer, 1978:104). Hulle (veral dan Jan FE Celliers en Totius)

> kies net 'n stuk daarvan, omdat [hulle] aan [...] bepaalde familiekring[e], bepaalde kerk[e], bepaalde politieke party[e] en 'n bepaalde volk behoort. [Hul] kuns staan in diens daarvan, [en] [hulle] lewer dus 'n soort didaktiek. (Ohlhoff, 2016:40)

Terselfdertyd was die behoefte egter vaardig dat die waarde van Afrikaans as kultuurtaal bewys moes word deur literêre werk van gehalte. Op hierdie wyse moes bygedra word tot die amptelike erkenning van Afrikaans as landstaal (Kannemeyer, 1978:92) wat, soos aangetoon, in Mei 1925 sou volg.

Die Afrikaanse literêre sisteem het gedurende hierdie "eerste geslag"-tyd eerder insulêre tendense vertoon, getrou aan wat Jurij Lotman (1977) 'n estetika van identifikasie sou noem. Waarskynlik spreek Jan FE Celliers se liries-epiese *Unie-kantate* uit 1910 klinkend hiervan. Dié werk van Celliers is later deur iemand soos Kannemeyer (1978:112) as "'n gedrogtelike stuk allegorisering van die Suid-Afrikaanse geskiedenis" tot en met die unifikasie van Suid-Afrika bestempel. Tog blyk die waarskynlikheid dat dit wel as verteenwoordigend van die destyds heersende sentimente of strewes geag is, uit die feit dat die slotgedig van dié kantate deur die samesteller EC Pienaar ingesluit is by 'n bloemlesing uit Afrikaanse digwerk tot ongeveer 1920. Dit was bedoel "voor Groot-Nederland" as teikenpubliek, met *Dichters uit Zuid-Afrika* as hooftitel. Uit die openingstrofe van dié slotgedig, "Unie-lied", spreek die verweefdheid van *taal* en *land* as geagte merkers van 'n bowe-persoonlike, nasionale identiteit wat mag- en vryheidverwerwing moet bevorder, duidelik:

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a15

Daar klink 'n lied,
daar bruis 'n roep,
van Kaap tot ower (sic) Vaal,
van oos tot wes, van strand tot strand:
"Ons gee mekaar die broederhand;
ons smeed (sic) 'n sterke eenheidsband
van Afrikaanse staal!"
(Celliers, 1974:89)

Dan, egter, wanneer die periode-ontwikkelings aanbreek waarop in hierdie oorsigstudie gefokus sal word, volg 'n fase van "kentering" (Kannemeyer, 1978:94) – volgens Koch (2022:382-383) 'n fase van ontwikkelingsversnelling – in die taal- en literatuurbeskouings van die Tweede Taalbeweging. Soos Ohlhoff (2016:40) dit stel:

> Eers in en veral na die twintigerjare, wanneer die bestaan en regte van die Afrikaanse volk beveilig is, kan die Afrikaanse skrywer dit bekostig om die volle kunstenaarskap te aanvaar – ook met die wesenlike boosheid [= strewe na ideologiese onpartydigheid] van die kuns.

Die kontroversie oor die publisering van die bundel *Gedigte* (1919; uitgebreid, en met *Eugène en ander gedigte* as titel, herdruk in 1931, en weer in 1939 en 1951) deur 'n prominente regsfiguur, naamlik Toon van den Heever, is 'n goeie voorbeeld van laasgenoemde ontwikkeling. "[V]oorproewe" van dié gedigte van Van den Heever is voorheen in die tydskrif *Die Brandwag* gepubliseer, deels nog in Nederlands (Antonissen, 1955:177). Hulle bereik egter hulle mees treffende gehalte in die Afrikaans wat tussen 1917 en 1937 verskillende fases van standaardisering ondergaan het (Koch, 2022:376), en waarvan Van den Heever die ontwikkelingsvariante in die onderskeie drukke van die bundel benut. Soos Kannemeyer (1978:101) en, later en in meer besonderhede, ook Koch (2022:439-444) uitwys, is die bundel positief deur Eugène Marais ('n prominente digter, maar sosiale randfiguur), Lydia van Niekerk en JFW Grosskopf ontvang.

Nie een van dié resensente was egter sentrale figure binne die Afrikaanse literêre veld nie. Vooraanstaande kritici soos Gerrit Dekker en die genoemde EC Pienaar, hierteenoor, het Van den Heever skerp gekritiseer oor sy beïnvloeding deur die Engelse digter Robert Browning (per implikasie 'n imperialistiese digter) en oor sy gebruik van klassieke mitologie en filosofie (per implikasie idees vreemd aan die Afrikaner-Calvinistiese ervaring) in sy gedigte.

'n Groter mate van indiwidualisme, ook aangewakker deur vrymoediger kennismaking met "resenter buitelandse modelle (onder meer die [Nederlandse] Tagtigers)" (Kannemeyer, 1978:221), kenmerk die "kentering/versnelling" wat hierdie "[d]igters van die tweede generasie" (Ohlhoff, 2016:40) in die Afrikaanse poësie teweeggebring het. Die feit dat Eugéne N Marais, wie se "Winternag" (1905) vroeg in die ontwikkeling van die Tweede Taalbeweging op Afrikanernasionalistiese trant uitgelig is as toonbeeld van hoe Afrikaans as literêre (dus: hoëfunksie-)taal kan dien (Kannemeyer, 1978:104; Ohlhoff, 2016:41), se werk tematies nie tot Afrikanernasionalistiese digwerk van die eerste geslag digters uit hierdie periode behoort nie, blyk uit 'n minder bekende gedig van hom: "Die lied van Suid-Afrika". Dit is oorspronklik in 1926 in *Die Huisgenoot* gepubliseer, en in bundelverband opgeneem in *Versamelde gedigte* uit 1933 (Marais, 2005:86).

In teenstelling met die gunstige, liefdevolle verhouding tussen *land*, *taal* en "nasi" wat uit die voorheen vermelde openingstrofes van Die Genootskap van Regte Afrikaners se "Die

Afrikaanse volkslied", maar ook uit CJ Langenhoven se "Die stem van Suid-Afrika" uit 1918 spreek (Kannemeyer, 1978:230; Ohlhoff, 2016:43), word Suid-Afrika as 'n wrede en gevoellose vrou uitgebeeld. Sy staan geteken as synde "onverskillig [...] teenoor die leed" en "trou" van "haar kinders" (Kannemeyer, 1978:230). Trouens, soos uit die voorlaaste strofe van die gedig blyk, staan die land só vervreemd teenoor sy bewoners dat dit ook in 'n posisie verwyderd van hulle name en hulle taal beland het: "Ek adem nooit hulle name meer, / nooit kon ek hulle kinders noem; / in vreemde tale hoor ek weer / die dowwe fluistering van hulle roem."

Dít alles staan in kennelike kontras met die dikwels intieme ervaring van die "rustigheid en vreugde van die [Suid-Afrikaanse] natuur" soos meermale voorheen besing deur Celliers en Leipoldt (Ohlhoff, 2016:43), en hou verband met Marais se lewensiening dat "lyding [...] die kern [is] van die menslike bestaan, eintlik die enigste werklikheid [...]. Indien daar 'n mag of 'n God bestaan wat heers oor die skepping, is hy onvriendelik of afsydig" (Lindenberg, 1965:29).

Met sienings soos hierdie staan Marais "veel nader aan die Twintiger Toon van den Heever [...] met sy geloofsworsteling" as aan die eerste digtersgeslag van hierdie literêre periode wat saamval met die Tweede Afrikaanse Beweging (Ohlhoff, 2016:43). Want ook uit Van den Heever se werk spreek 'n meer indiwidualistiese, selfs "'n groter filosofiese" (Kannemeyer, 1978:241), en 'n minder nasionalisties-kollektiewe belewenis van, byvoorbeeld, 'n stuk Suid-Afrikaanse *landskap* as kulturele identiteitsmerker. Iets hiervan blyk uit wat waarskynlik Van den Heever se bekendste gedig geword het, "In die Hoëveld", uit die vermelde bundel *Eugéne en ander gedigte* (1919/1931). Dit is al deur lesers aangewys as die 16de gewildste gedig in Afrikaans (Leserskring, 2013), en die slotstrofe lui soos volg:

> Op die Hoëveld, waar dit wyd is, waar jy baie ver kan sien,
> (Die ylblou bring 'n knop dan in jou keel)
> Staan my huisie nog en wag vir my, wag al 'n jaar of tien,
> Waar die bokkies op die leigrafstene speel.
> Maar as die tering kwaai word en ek hoor die laaste fluit,
> Dan sweef ek na die Hoëveld op die wind
> En soek dan in die maanlig al die mooiste plekkies uit
> Waar ek kleiosse gemaak het as 'n kind.

Soos Kannemeyer (1978:241) en ook Ohlhoff (2016:50) aantoon, is dit slegs oënskynlik 'n verwoording van 'n digterlik gelade "weemoedige verlange" na die vrye, ruim landelike omgewing waarvandaan die spreker in die gedig, nou 'n teringlydende mynwerker, uit materiële nood na die beklemmende stad moes kom. Trouens, op "subtiele wyse word [...], deur die dubbele betekenis wat die 'laaste fluit' in die konteks van die siekte kry, gesuggereer dat die spreker nie meer lank het om te lewe nie" (Ohlhoff, 2016:50) – dat terugkeer na "waar dit wyd is, waar jy baie ver kan sien", vir die sprekende ek nie moontlik is nie.

Dit gaan dus om maatskaplike problematiek, om 'n multisensoriese medium (die Hoëveldse platteland en die sintuiglike belewenisse wat dit bied) wat geënkodeer geraak het met "cultural meanings and values", soos Mitchell (1994) aangaande die begrip *landskap* verduidelik. Die blikhoek op die Hoëveld verteenwoordig dié van verarmde boeremense wat moes verstedelik en in die proses, as arbeiders aldaar, hulle identiteitsvormende band met hulle omgewing(s) van herkoms verloor. In "teenstelling tot [byvoorbeeld] Totius se 'exempel'-kuns in *Trekkerswee*" (Kannemeyer, 1978:241), word die probleem egter op indiwiduele vlak beleef, deur 'n "ek", en nie (soseer) as 'n kollektiewe of ideologiese uitdaging nie.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a15

4.2 'n Fase van "liberale" nasionalisme ("Dertig" tot 1955) – Europa én Afrika

4.2.1 Bereiking van kulturele konsolidasie onder wit Afrikaanssprekendes

Die drie dekades wat gevolg het op die verwerwing van Afrikaans se status as amptelike taal kan gesien word as 'n tydperk van kulturele konsolidasie vir spesifiek wit Afrikaanssprekendes. Ohlhoff (2016:52) vermeld in hierdie verband die rol van verskillende kulturele organisasies, asook van die Afrikaner Broederbond, wat spesifiek Afrikanereenheid wou bevorder en Afrikaneroorheersing van die openbare lewe (polities, kultureel, selfs ekonomies) nagestreef het. Die skadukant van hierdie kulturele en politieke selfopheffing was dat die sporadiese rasdiskriminerende wette wat reeds bestaan het, sedert 1948 'n spesifieke vorm volgens die groepsgebiede- en tuislandebeleid van die destydse Nasionale Party-bewind aangeneem het.

Binne die literêre sfeer kon 'n soortgelyke konsolidasieproses as op die maatskaplik-politieke en kulturele terreine bespeur word. 'n Verskeidenheid Afrikaanse literatuurgeskiedenisse en poësie-, prosa- en dramabloemlesings is gepubliseer (vergelyk Kannemeyer, 1978:284-289; Van Coller & Odendaal, 2009:28), wat onder meer vir skool- en naskoolse onderwysdoeleindes benodig is. Terselfdertyd het die Afrikaanse literêre kritiek van krag tot krag gegaan, gekenmerk deur 'n ontwikkeling vanaf 'n fase van psigologiese oriëntasie (belangstelling in die persoonlikheid van die outeur) na 'n fase van sterk, byna uitsluitlike teks-oriëntasie (in ooreenstemming met internasionale kritiese tendense soos "New Criticism" en die Russiese Formalisme; vergelyk Wiehahn, 1965:159-160).

Gedurende die 1950's was Afrikaanse literêre kritici soos H van der Merwe Scholtz, in noue samewerking met professor WGs Hellinga van Amsterdam, verantwoordelik vir 'n unieke soort poësieteks-georiënteerde kritiek. Hul "Stilistiek op Linguistiese Grondslag" is al beskou as 'n hoogtepunt in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse literêre kritiek (Antonissen, 1979:123; Johl, 1986:37-38).

4.2.2 Aanvaarding van internasionale estetiese standaarde as skeppende riglyn – en 'n openheid vir wisselwerking met ander literatuursisteme

'n Selfs merkwaardiger datum vir die Afrikaanse literatuurgeskiedenis as die jaar waarin Afrikaans amptelike landstaalstatus gekry het, dit wil sê sover dit veral die Afrikaanse digkuns, maar ook die verhouding tussen die Afrikaanse en Nederlandse (en Vlaamse) literatuursisteme betref, was die jaar 1934. Die publikasie van WEG Louw se *Die ryke dwaas* was die onmiskenbare bevestiging, voorafgeskadu deur bundels soos die genoemde debuut van Toon van den Heever, dat 'n nuwe fase in die ontwikkelingsgang van die Afrikaanse letterkunde aangebreek het (Ohlhoff, 2016:53).

Die digtersgeslag van Dertig het hulle verskyning gemaak. Hulle wou nie hulle werk in die tradisionele nasionalistiese vorm gegiet sien nie, en was oortuig daarvan dat die beste wyse waarop die Afrikaanse literatuur gedien kon word, "die opheffing daarvan tot internasionale estetiese standaarde was – soortgelyk aan wat die Tagtigers in die 1880's aangaande die Nederlandse literêre sisteem probeer vermag het" (Van Coller & Odendaal, 2009:29). Trouens, die Afrikaanse Dertigers was baie aan Nederlandse literêre geslagte soos die Tagtigers en sogenaamde Generasie van 1910 verskuldig.

Op die spoor van die genoemde Nederlandse literatuurstrominge was die Dertigers se digwerk individualisties van inslag; terselfdertyd, egter, was 'n bepaalde "gerigtheid op die volksgroep en bewustheid van 'n diens aan die volksgroep" (Ohlhoff, 2016:55) steeds aanwesig.

Roos (2015:108) toon iets aan van dié versmelting van oënskynlik uiteenlopende strewes – na internasionale estetiese standaarde én na kultuuridentiteitsgetrouheid – deur te verwys na oproepe wat gedoen is "om nader aan 'n geïdealiseerde Dietse wêreld te beweeg. Dat die Afrikaner bestem was om 'n heroïese, aristokratiese elite in Afrika te vorm, is in talryke debatte en essays beweer".

WEG Louw se ouer broer, NP van Wyk Louw, wat 'n jaar ná sy jonger broer as digter gedebuteer het (met die indiwidualisme suggererende bundeltitel *Alleenspraak*), het die leidende figuur van die nuwe geslag geword. Hy was nie net die vaardigste en oortuigendste formuleerder van hierdie generasie se ideale nie, maar ook die mees geagte digter onder hulle (Van Coller & Odendaal, 2009:29). Tydens die aanvangsfase van sy literêre loopbaan het hy essays oor verskillende aspekte van kultuur geskryf. Hoewel hy krities gestaan het jeens verskeie aspekte van die Afrikaanse kultuur (byvoorbeeld die onbekwaamheid van die voorste literêre kritici en die gebrek aan hoë literêre standaarde), het hy hoofsaaklik met empatie en respek geskryf oor die ouer Afrikaanse skrywersfigure, veral digters. Sy skryfwerk was getint met wat hy, by wyse van een van sy opstelbundels (Louw, 1958), as "liberale nasionalisme" gemunt het. Van Coller en Odendaal (2009:29) vervolg: "Nadat hy sy bona fides op hierdie wyse gevestig het, het hy meer sentrale aspekte van die literêre sisteem aangeval: Hy het die afsonderlike Afrika-identiteit van Afrikaans beklemtoon, maar tog ook die Europese tradisie as oorsprong van Afrikaans benadruk, dus gestel dat Afrikaans sowel die 'groot, helder Weste' as 'magiese Afrika' in hom bevat (Louw, 1961:155)."

4.2.3 'n Kritiese standpuntinname jeens Engelse kulturele beïnvloeding

Soos Van Coller en Odendaal (2009:30) verder uitwys, het Van Wyk Louw steeds krities bly staan teenoor Engelse invloede op Afrikaanse skryfwerk en was hy dus,

> sonder om dit prontuit te stel, gekant teen 'n nouer verbintenis tussen die Afrikaanse en Suid-Afrikaans Engelse literature. Die nasionalistiese gevoelens jeens die Britte het dus steeds, selfs in die literêre sisteem, sy uitwerking gehad.

In WEG Louw se bundel *Naggesprek en ander gedigte*, hoewel dit eers dekades ná die hoogbloei van die Dertigertydperk verskyn het, naamlik in 1972, bevat die titelgedig, aangebied as 'n verbeelde gesprek tussen hom en sy toe reeds oorlede ouer broer en kennelik bio- en outobiografies van aard, dele wat getuig van sulke destydse sentimente (Ohlhoff, 2016:52-53). Daarin onthou die jonger Louw byvoorbeeld dat hulle moeder Engelssprekend was, en dat hulle as haar seuns 'n belangrike deel van hulle opvoeding in Engels ontvang het. Dan slaan nie net sy taalnasionalisme deur nie, maar ons hoor ook hoe 'n diep, spirituele verbondenheid met *landskap*, waarvan die beskrywing herinner aan die Roggeveldse omgewing waarin die Louw-broers grootgeword het, op die voorgrond tree as simbool van 'n Afrikaanse (meer spesifiek: Afrikaner-)kultuuridentiteit (Louw, 1972:9).

> Op die trein soheentoe [eenkeer na hul ouerhuis toe] in die kompartement
> dié aand, het 'n ware Engelsman my gevra
> hoe lank gelede my ouers hierheen verhuis het.
> Ek was gevlei, want die Rooitaal kon ek gooi
> met die beste, mees onberispelike aksent.
> Tog, agterna, het ek my lam geskrik:
> 'Is dít wat ander van my dink?' En daardie hele maand –
> dit was verkiesingstyd, dié mense Nasionaal –

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a15

het ek besef: tot hiernatoe, nie verder!
Engelse briewe van die huis het ek nié beantwoord;
en, tuis, vir Engels 'n dowe oor gedraai,
al hád ek Engels lief[.]

[...]

Ons nasie was sterk en taai: olienhoutbome
wat vastrap in 'n skraal wêreld van koppies en kranse,
maar hul wortels diep deur die klip vir water
laat binnedring. Vir óns kon hul [die Engelse] nie breek!

Oor hulle beide se loopbane as digters en literatuurdosente skryf WEG Louw (1972:6), vroeër in "Naggesprek", soos volg:

En toe het ons avontuur begin
met woorde wat 'n lewe lank sou duur.
Want woorde is die weë na die hart,
waarmee mens tastend – soos 'n blinde op goed geluk –
na ander mense soek, saam uitgespoel
in een gesamentlike nood; maar meer:
ook na die waarheid en die hart van dinge.

Anders as by die digters van veral die eerste geslag in die tydperk van die Tweede Beweging, was die Afrikaanse literatuursisteem van die onderhawige tydperk kennelik nie insulêr van aard nie. Die oopheid vir ander literature naas die Engelse, insluitende die Franse en Spaanse (Uys Krige), die Duitse en Russiese (NP van Wyk Louw), maar veral die Nederlandse en Vlaamse, het gespreek van groeiende vertroue ten opsigte van die eie kultuuridentiteit onder Afrikaners (Van Coller & Odendaal, 2009:30) – maar ook ten opsigte van die seggingskrag van die Afrikaanse taal as kulturele instrument.

4.2.4 NP van Wyk Louw se "Die beiteljie" – oor die onvermoede (kulturele) krag van geslypte (Afrikaanse) digkuns

Die Dertigers het digwerk van wêreldgehalte gelewer – sodat 'n mededigter uit 'n latere geslag, Adam Small, die mening kon huldig (vergelyk La Vita, 2016; ook Willemse, 2019) dat iemand soos Van Wyk Louw, indien hy in 'n internasionaal bekender taal sou geskryf het, 'n Nobelpryswenner kon gewees het.

Van die voorheen skaars vermoede kragtige uitwerking van verfynde taal- en literêre vakmanskap, dit waarna die Dertigers met Afrikaans as instrument gestreef het, getuig Van Wyk Louw se "Die beiteltjie" – wat in sy bundel *Nuwe verse* die lig gesien het (Louw, 1954:31-32) – op simboliserende wyse. Hoewel ook ander interpretasies van die simboliek in die gedig moontlik is (byvoorbeeld Ohlhoff, 2016:92), bevat dit kennelik

> 'n suggestie van die skoonheid en mag van die (digterlike) woord, onder andere deur die herhaalde gebruik van 'klink' en deur die beskrywende woord 'blink'. [...] Die besondere aandag wat die spreker aan iets so skynbaar onbenulligs soos 'n beitel gee, werk ook in die simboliseringsproses mee, net soos die feit dat die beitel algaande eienskappe kry [= impakte teweegbring] wat dit normaalweg nie het nie. (Ohlhoff, 2016:56)

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a15

Van laasgenoemde spreek die vier slotstrofes van die gedig:

> [T]oe, onder my tien vingers bars
> die grys rots middeldeur
> en langs my voete voel ek
> die sagte aarde skeur,
>
> die donker naat loop deur my land
> en kloof hom wortel toe –
> só moet 'n beitel slaan
> wat beitel is, of hoé?
>
> Dan, met twee goue afgronde
> val die planeet aan twee
> en oor die kranse, kokend,
> verdwyn die vlak groen see
>
> en op die dag sien ek die nag
> daar anderkant gaan oop
> met 'n bars wat van my beitel af
> dwarsdeur die sterre loop.

Nie net druk die taal, as geslypte digterlike instrument, persoonlike ervarings en vraagstukke onthullend uit nie; ook die (nasionale) werklikhede en vraagstukke van "my land" kan "wortel toe" gekloof word. Selfs universele openbarings word moontlik.

4.2.5 1940–1955: sterker beeldende verskuns met verruimde woordeskatbenutting

Hoewel "'n bepaalde kunsmatigheid [...] enige literêre periodisering" kenmerk (Ohlhoff, 2016:123), en geen "skerp skeidslyn" te trek is tussen die werk van die Dertigers en van "Veertigers" soos DJ Opperman, SJ Pretorius en Ernst van Heerden nie (Grové, 1965a:5), vertoon die digwerk deur laasgenoemde geslag motiewe en kenmerke wat wel verskil van dié van die Dertigers. Soos Ohlhoff (2016:123) bondig uitwys: "[Hulle] periodekode word tematies gekenmerk deur die [Tweede Wêreld-]oorlog, die stad met die ekonomiese vraagstukke wat verblyf daar meegebring het, 'n ander soort vers, 'n ruimer taalgebruik en 'n andersoortige beeldgebruik."

Grové (1965b:6-7) vat die versbou-, taalgebruik- en beeldspraakkenmerke van die digwerk deur dié tweede geslag uit die onderhawige literêr-historiese periode soos volg saam:

> Die Veertiger gaan 'n harde, kantige, anti-idilliese, anti-liriese, weerbare vers ontwikkel [...] 'n strakker, objektiewe vers, 'n gedig wat veel meer op beelding as op klank staatmaak. [...] Die mooi woord [van Dertig] maak plek vir die sinvolle woord: in prinsipe word die hele taal vir die poësie bruikbaar gemaak.

Soos wat sy vriend en kollega aan die Universiteit van Kaapstad, Van Wyk Louw, die leidende woord gevoer het oor die Dertigers se strewes en poëtikale beskouings, het Opperman die sienings van sy geslag gesaghebbend vertolk (vergelyk veral, Opperman, 1959:142-155, 1974:67-76). En nes Van Wyk Louw was hy baie verskuldig aan die kontemporêre Nederlandse poësie (van byvoorbeeld Nijhoff en Achterberg) en het hy selfs by sekere dimensies van hul poëtikas aanklank gevind (Van Coller & Odendaal, 2009:30-31). Opperman (1974:74) wys uit dat hy, soos die twee genoemde Nederlandse digters, "nie ten gunste van eksegese binne

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a15

die kunswerk is tensy dit struktureel, d.w.s. esteties en formeel, verantwoord is nie"; soos by hulle "is beelding hoofsaak" vir hom as Afrikaanse digter.

Soos Van Wyk Louw s'n, was die werk van Opperman wel deurspek met nasionalistiese neigings en motiewe (Van Coller & Odendaal, 2009:31). Hy het egter terselfdertyd daarop aangedring dat die kunstenaar sodanige neigings of verbondenhede moet kan oorstyg, dat hy/sy die "volle" werklikheid moet verken en "ewe partydig vir almal, of eerder geheel en al onpartydig, in 'n groot mate dus amoreel deur sy onpartydigheid" moet wees (Opperman, 1959:149). Sodanige kwalifisering van sy (kulturele) identiteitsverbondenheid het meegebring dat hy 'n vroeë ontmaskeraar kon wees van die rassistiese verderflikhede van die Afrikaner-nasionalisme, van die onregte wat so 'n essensialistiese kultuuridentiteitstrewe in die hand werk. Dit egter op "nie-eksegetiese", beeldende wyse. Opperman het derhalwe dikwels verre historiese verhale en figure, waaronder uit die Middeleeuse Nederlandse en Vlaamse literatuur (Van Coller & Odendaal, 2009:30), benut om sulke kommentaar op die kulturele en sosio-politieke omstandighede in die destydse Suid-Afrika te lewer.

In die volgende, wydbekende gedig (Opperman, 1956:26) word die rasgebaseerde onderskeidinge in terme van die apartheidsbeleid, vanaf woongebied- tot religieus-morele aansprake, op treffende wyse teen 'n meer universele agtergrond bevraagteken en as onhoudbaar geïmpliseer (Ohlhoff, 2016:134).

Kersliedjie

Drie outas het in die haai Karoo
die ster gesien en die engel geglo,

hul kieries en drie bondels gevat
en aangestryk met 'n jakkalspad

al agter die ding wat skuiwend skyn
op 'n plakkie, 'n klip, 'n syferfontein,

oor die sink en die sak van Distrik Ses
waar 'n kersie brand in 'n stukkende fles,

en daar tussen esels en makriel
die krip gesien en neergekniel.

Die skaapvet, eiers en biltong
nederig gelê voor God se klong

en die Here gedank in gesang en gebed
vir 'n kindjie wat ook dié volk sou red ...

Oor die hele affêre het uit 'n hoek
'n broeis bantam agterdogtig gekloek.

Opvallend is die strategiese inbedding van Suid-Afrikaanse gegewens – poëtiese *landskap*- ("haai Karoo") en nugtere *plek*-verwysing ("Distrik Ses") en al, en verwoord in die hoofsaaklik eenvoudige Afrikaans van inheemse veewagters – op 'n vervlegting van twee Bybelse verhaal-raamwerke rondom die Kersgebeure: dié van die skaapwagters en die drie wyse manne uit die Ooste, wat algar die pasgebore Verlosser besoek waar hy in 'n stalkrip lê. Sodanige deur-eenskuiwing van verwysings dien nie slegs ter relativering, en derhalwe ontluistering, van die "outas" se (ook polities-) naïewe goedgelowigheid nie. Dit is ook, en ten diepste, oor die

vermelde destydse religieus-morele regverdigings vir die apartheidstelsel dat die "broeis bantam agterdogtig gekloek" het.

4.2.6 Elisabeth Eybers – tussen twee tale en leefwêrelde

Elisabeth Eybers, een van die Dertigers, was die eerste vroulike digter van faam en met kanonieke status in die Afrikaanse sisteem. Sy is telkemale met belangrike literêre pryse vereer, maar veral vir bundels wat ná haar verhuising na Amsterdam in 1961 die lig gesien het. In 'n huldigingsartikel oor haar by haar tagtigste geboortedagherdenking, kon Kannemeyer (1996:28) byvoorbeeld stel dat sy "deur gesaghebbendes as die grootste lewende vroulike digter in Afrikaans beskou word".

Opvallend is dat sy op 'n relatief vroeë stadium in haar digterskap ook ongewone erkenning, vir Afrikaanse literêre werk, in die Nederlandse letterkundewêreld gekry het. Ena Jansen (1996:52) beweer byvoorbeeld dat waarskynlik slegs die eerste twee van Eybers se bundels nét in Suid-Afrika verskyn het en nie ook, hoewel in kleiner oplae, in Nederland nie. Reeds vanaf so vroeg as 1948 is haar bundels voorts in Nederlandse tydskrifte geresenseer (Jansen, 1996:44). Die ontvangs aldaar van haar digwerk was veel beter as dié van Van Wyk Louw en Opperman (kyk Jansen, 1996:49 en 61-72).

In aansluiting by onder meer Dubois (1975:41-52) verklaar Jansen (1996:62) die beter resepsie van Eybers se werk in Nederland aan die hand van bepaalde kenmerkverskille tussen Eybers en haar twee landgenote se digkuns. Nederlandse lesers ondervind geen besondere probleme met Eybers se Afrikaanse taalgebruik nie. Eybers benut bowendien algaande sedert haar verhuising na Amsterdam al hoe meer iets wat al deur kommentators as 'n "tussentaal" tussen Afrikaans en Nederlands bestempel is (vergelyk Jansen, 1996:55).

Voorts word die toeganklikheid van die temas in Eybers se bundels deur Nederlandse kritici benadruk. Dit gaan meestal om intieme (vroulike) ervarings van verskynsels wat universeel en derhalwe ook bekend aan Nederlandse lesers is: geboorte en dood, geslagtelike liefde, moederskap en dergelike. Daarenteen verwoord resensente en kritici meermale hulle ervaring van verwyderdheid, van 'n groter "moeilikheidsgraad" (Jansen, 1996:68), by die lees van Opperman en Van Wyk Louw se werk, veral vanweë die besondere, "nadruklik-konkrete" (Jansen, 1996:72) bemoeiing met die vraagstukke en die landskappe van Suid-Afrika daarin. Boonop het die Nederlanders in daardie jare buitengewoon krities gestaan teenoor die "rasse-oormoed" van die Afrikaner-politiek (Jansen, 1996:72), waarvan hulle gemeen het daar spore in Opperman en Van Wyk Louw se poësie te vinde is.

In die afgelope ses dekades is derhalwe meermale stellings gemaak met die implikasie dat Eybers en haar werk as ten volle behorende tot beide die Afrikaanse én Nederlandse literatuursisteme beskou moet word. Ook sou haar status as uitgewekene na Nederland, en die "uitwijktaal" wat sy volgens die beoordelaars vir die PC Hooft-prys gebruik (uitlating by die toekenning van dié prys aan haar in 1991), gesien kon word in die lig van die prominensie wat sogenaamde migranteliteratuur die afgelope dekades in Nederland geniet (Jansen, 1991:85).

Maar het Eybers self haar as behorende tot die Nederlandse literêre sisteem, asook (volledig) tot die Nederlandse samelewing gesien? Uiteraard minstens nie aanvanklik nie. Uit een van haar vroeër bundels uit die tydperk dat sy in Amsterdam woonagtig was, met die sprekende titel *Onderdak* (1968), staan die "verbinding tussen taal en verhoudings" sterk op die voorgrond as tema (Ohlhoff, 2016:104-105). Om betrokke te kan raak by mense, om dus kultureel met hulle te kan identifiseer, word byvoorbeeld bemoeilik wanneer daar taalverskille tussen jou en hulle bestaan.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a15

Eybers verwoord iets hiervan in haar gedig "Tongval" uit daardie bundel (Eybers, 1995:35):

> Jou binnelandse vriende is vriendelik
> teenoor die lig bevreemde vreemdeling
> uit 'n onordeliker kontinent.
> Om saam te klink ten spyte van aksent
> wil ek die vasgelegde wette leer
> maar merk, as een haar meesterlik ontferm
> oor my wat onvolledig konformeer
> en hulp aanraai van 'n logopedis,
> hoe eiesinnig strotteweefsel is
> wat die essensiële taal beskerm.

Maar dis veral die *landskap*-faktor, die herinneringe aan die weidsheid en hardheid van byvoorbeeld die Wes-Transvaalse platteland waarbinne sy grootgeword het, wat lank 'n hindernis gebly het vir haar om kultureel met die geordende, knusse Nederlandse leefwêreld te identifiseer. Hieroor het sy al, ná 'n vroeë besoek aan Nederland, in 1950 gedig in haar bundel *Tussensang* (Eybers, 1995:11). Hier volg enkele grepe uit die gedig "Tuiskoms in Junie" uit daardie bundel:

> […]
> As ek my oë teen die skittering sluit
> onthou ek skielik Holland – groengeruit
> die nette akkers, en egalig grou
> die lae lug, pophuisies rooi en blou,
> 'n skuit skuif deur die weiland, langs die sluis
> kantel die wydsbeen meul se skewe kruis,
> [...] – alles kon
> ek opnoem uit my kinderrympiesboek:
> [...].
>
> Hoe wyd en leeg die vyftig-myl vallei
> wat na die pers Magaliesberge vloei!
> Desemberson en Junieryp het àls
> geskroei wat in Oktober groen en mals
> gebot het langs die spruit en in die kloof …
> O later land van opstand en geloof
> wat altyd verder oopvou vir die trek,
> jou ruimte kan nog steeds die onrus wek
> wat mense na 'n altyd barrer streek
> oor steen en stof voortlok [...].

Die "onrus" wat die waarneming van die verskroeide Magaliesbergse landskap in die spreker wek, is kwalik as eenduidig gunstig te interpreteer. Dit verteenwoordig uiteenlopende geestesgesteldhede met betrekking tot die "later land" wat Suid-Afrika onder die apartheidsbedeling geword het: "opstand" daarteen sowel as "geloof" daarin (dat 'n verdere, bevrydende "trek" mag volg); vervreemding daarvan, maar ook voortgesette kulturele identifikasie daarmee.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a15

4.2.7 'n Groeiende gevoeligheid vir spreektaligheid in die poësie as uiting van 'n versterkende liberaal-nasionalistiese ingesteldheid

Soos, onder andere, Kannemeyer (2005:269) uitwys, was 'n gerigtheid op die ruimer Afrika-werklikheid en ongerustheid oor die politieke werklikhede van apartheid-Suid-Afrika diskursiewe konstruksies wat reeds in hierdie "derde beweging"-tydperk (Kannemeyer, 2005:120) van die Afrikaanse literatuurgeskiedenis sterker op die voorgrond getree het.

Één uiting hiervan was 'n stilistiese verskuiwing na die spreektalige en volksaardige toe. Robinson (1971:186) het aangedui dat sodanige verskuiwing inderwaarheid 'n soort voortsetting verteenwoordig van die "onopgesmukte spreektaal" of "primitiewe segswyse[s]" wat al in sekere vroeë werke van C Louis Leipoldt en Eugène N Marais neerslag gevind het, dit wil sê in 'n era vóórdat die beskrywing van sogenaamde Standaardafrikaans 'n eerste keer voltrek is.

In kleiner onderdele van die werk van SJ Pretorius, 'n generasiegenoot van Opperman, was byvoorbeeld elemente van die "[p]lat spreektaal" (Britz, 1999:474) van sy grootwordwêreld in Griekwaland-Wes teenwoordig – soos al spreek uit sy debuutbundel, *Vonke* (Pretorius, 1943). Op hierdie wyse is begin om ook die stemme van nie-wit Afrikaanssprekendes te laat hoor – 'n ontwikkeling wat in die literêre periodes hierna steeds opvallender sou word.

In 1954 verskyn Van Wyk Louw se vierde digbundel, op veelseggende wyse *Nuwe verse* getiteld (De Wet, 2024), waaruit die voorheen vermelde "Die beiteltjie" aangehaal is. Soos Kannemeyer (1978:413) dit stel, het dié bundel "die tweede fase in Van Wyk Louw se poësie af[gesluit] en [...] die derde fase in[gelei]". Belangrike dele van die bundel is geskryf tydens Louw se verblyf as hoogleraar in Amsterdam (1950–1957), waar hy, naas die ervaring van die "stimulus van 'n nuwe land" (Steyn, 1998:565), ook die opwinding én onstuimige gevolge beleef van 'n (buite-egtelike) liefdesverhouding met die digteres Sheila Cussons (Steyn, 1998:574-608).

As uitvloeisel van dié verblyf in die vreemde vind veral herinnerings aan die Roggeveldse platteland waarbinne hy grootgeword het, neerslag in heelparty van die *Nuwe verse*-gedigte. Ter vaslegging van dusdanige herinnerings benut hy die (veelrassige) omgangstaal van dié streek, oftewel "Rôevelds" (Van Rensburg, 2015:98), as poëtiese konstruk (De Wet, 2024).

Die ongenommerde gedigreeks "Klipwerk" daarin is waarskynlik die bekendste in laasgenoemde verband (kyk, onder meer, Van Rensburg, 2015 en De Wet, 2024). Dit bied, soos Ohlhoff (2016:93) dit stel, "'n ryk geskakeerde beeld [...] van 'n volkse bestaan, 'n wêreld van erns en spel, van uitbundige lewe en die bedreiging van die dood, van erotiek en liefdesbedrog, van realiteit en bygeloof". In die oproep hiervan, gaan Ohlhoff (2016:94) voort, speel ook die benutte "volkse" taalvariëteit met sy "soms 'kras' segswyses, die versluierde uitdrukking, die irrasionele gedagtespronge en sprekerwisselings" 'n onmisbare rol (Ohlhoff, 2016:93-94).

Één gedigaanhaling uit die "Klipwerk"-reeks ter illustrasie:

Klippie-nat-spu, vang die haas!
sy ore skyn al deur
gisternag se as-plek
lê baie baie ver

hou my pote, hardepad,
by Perdeplaas verby
vir hierdie klong moet die meisies nie

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a15

wéér in die Rôveld kry[.]
(Louw, 1954:48)

Plek én (streeks-)*taal* vat as 't ware hande as merkers van die kulturele herkomsidentiteit, ook vir die seksueel losbandige wat die hasepad moet kies uit daardie wêreld.

4.3 'n Tydperk in die skadu van apartheid en die wêreldwye veroordeling daarvan: 1956–1990

Rondom 1955 het daar 'n aantal werke op die boekrakke verskyn wat klaarblyklik 'n nuwe era in die Afrikaanse literatuur aangekondig het: die eerste romans en kortverhale deur Etienne Leroux en Jan Rabie, Peter Blum se eerste poësiebundel en die eerste drama deur Bartho Smit (kyk Kannemeyer, 1988:246-249).

'n Tydperk van openheid vir 'n selfs nóg groter internasionale literêre konteks as die Laaglandse, wat 'n uitstaande verwysingswêreld in werke uit die voorafgaande Afrikaanse literatuurperiodes was, het aangebreek. In veral die 1960's is dus met sowel tematiese as strukturele en genretegniese aspekte van internasionale aktualiteit geëksperimenteer; dit terwýl, vanaf veral die 1970's, 'n groter betrokkenheid by Afrika en die Suid-Afrikaanse sosio-politieke omstandighede geopenbaar is.

Die vernuwing was nie beperk tot die literêre sfeer nie. Die hele polities-maatskaplike bedeling in Suid-Afrika, waar dit in die skaduwee gestaan het van binnelandse verset teen en wêreldwye veroordeling van die apartheidsbeleid van die Nasionale Party, is daardeur geraak. Die grondslae en taboes van Afrikanernasionalisme is toenemend bevraagteken, sodat die literêre, morele, religieuse en politieke konvensies van die Afrikaner uiteindelik verander het.

Die ekonomiese bloeiperiode wat Suid-Afrika onder die Nasionale Party sedert die 1950's beleef het (Giliomee, 2012a:434), het die Afrikaner-establishment wel met "'n soort euforie" (Kannemeyer, 2005:262) van mag en welvaart gelaat. 'n Sterk eenheidsgevoel het die meerderheid Afrikaners rondom faktore soos taal, kultuur, godsdiens en wêreldbeskouing gebind, terwyl ook, ná republiekwording in 1961, doelbewus gestreef is om nasionale eenheid met wit Engelstalige Suid-Afrikaners te bevorder. Die groeiende welvaart het egter ook toenemende verstedeliking en gepaardgaande stygende deelname aan naskoolse onderwys deur Afrikaners in die hand gewerk. Kannemeyer (2005:266) spel sekere konsekwensies hiervan uit:

> [D]ie verstedelikte Afrikaners [begin] hulle ontuis voel binne die grense wat die volksleiers polities, religieus en kultureel vir hulle afgebaken het. Veel meer as vroeër ontwikkel hulle 'n kritiese ingesteldheid wat, met die emansipasie van Afrika en die ontwikkeling van die Europese welsynstate met hulle vrysinnige samelewings, hulle op 'n nuwe wyse laat kyk na die Afrikaners se waardestelsel en nasionalistiese oortuigings.

Vanaf die middel-1960's raak al hoe meer Afrikaanse skrywers en intellektuele van die "volksbeweging" (Giliomee, 2004:498) vervreem. Die toenemende isolering vanuit 'n belangrike, oud-koloniale literêre verwysingsisteem soos die Nederlandstalige via die instelling van kulturele boikotte, het gehelp om hierdie vervreemdingsgevoel aan te wakker.

Die skrywers en intellektuele gaan soek in daardie tyd dikwels nuwe idees en begeestering in veral die breër Europa met sy vrysinnighede. Dit word as 't ware die "ideologie" van "Sestig" (soos die eerste fase van vernuwing in hierdie tydperk bekend geword het) om "baie van die taboes en vooroordele" van die Afrikaner-beheerde samelewing af te breek en konvensionele opvattings oor letterkunde, moraliteit, godsdiens en Suid-Afrikaanse politiek te wysig (Kannemeyer, 2005:268).

Binnelands is daar, naas die parlementêre opposisie se kritiek, toenemende besware deur geestelikes en regsgeleerdes. Uit bruin en swart geledere word die apartheidswette en die ontwrigtende ingrepe wat dit op hul daaglikse lewens maak, begroet met "eise om groter politieke regte, protesoptogte, oproer, dade van sabotasie", ensovoorts (Kannemeyer, 2005:264). Hierdie soort versetoptredes is enersyds deur die regering begroet met dikwels gewelddadige maatreëls. Andersyds is die regering genoop tot beleidshersienings deur die vrae wat deur sulke gebeure opgewerp is oor (die kwaliteit van) die voortbestaan van die Afrikaner én van die Afrikaanse taal wat, omdat dit as "a basic constituent of Afrikaner nationalism" (Webb & Kriel, 2000:19) so vervleg geraak het met die apartheidsideologie, "'n sterk afstotende mag" jeens mense van ander tale en kulture begin uitoefen het (DJ Opperman in 'n 1960-artikel in *Die Burger*, aangehaal deur Giliomee, 2004:469). Daar is byvoorbeeld gepoog om groter geleenthede tot sosiopolitieke selfverwesenliking aan swart mense te gee in terme van die (onsuksesvolle) tuislandbeleid, asook om geleidelik weg te beweeg van bepaalde vorme van kleurdiskriminasie.

In 1976 het die "Soweto-opstande" opgevlam. Soos welbekend is, was die vonk in die kruitvat die besluit van die destydse departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling om Afrikaans naas Engels as medium van onderrig in gevorderde swart en Asiër-skole in te voer (Steyn, 2014:390-391). Daaragter het egter groeiende ontevredenheid met die minderwaardig geagte Bantoe-onderwysstelsel, stygende behuisingstekorte en die onsimpatieke behandeling deur Bantoe-administrasierade geskuil (Grobler, 2012:383). Die gevolg vir Afrikaans was egter dat dit in die oë van die slagoffers van die apartheidstelsel geassosieer geraak het met vernedering, verontregting en gewelddadigheid – iets wat tot vandag toe in ons land ervaar word in óf onverskilligheid óf 'n bepaalde vyandigheid jeens die taal (Van Vuuren, 1999:247; Kannemeyer, 2005:553-555).

As verbode organisasie het die ANC nuwe lewenskrag geput uit die Soweto-gebeure en wat daarop gevolg het en hul voorberei op ontwrigting- en terreurdade wat in die 1980's gepleeg is (Grobler, 2012:384; Giliomee, 2012b:392). Internasionale politieke kritiek op die apartheidsbestel, en Suid-Afrika se gevolglike politieke isolering, asook ekonomiese disinvestering, kulturele en sportboikotte, het daarby sodanig toegeneem dat dit teen die einde van die tagtigerjare duidelik was dat die situasie in Suid-Afrika nie volhoubaar was nie. Selfs binne die Nasionale Party was daar invloedryke hervormingsgesindes "wat hulle al hoe meer met universele waardes soos vryheid en gelykheid ongeag kleur geïdentifiseer het" (Giliomee, 2012b:397). Soos Johl (1986:vi) dit stel: Daar het 'n "krisis in Afrikaner-geledere [ontstaan] oor kwessies soos identiteit".

Teen die einde van die 1980's was daar inisiatiewe deur Afrikaner-intellektuele tot gesprekvoering met ANC-leiers (Giliomee, 2012a:413-414). Kort daarna breek die einde van die wêreldwye invloed van die kommunisme aan toe die Berlynse Muur val (November 1989); die "rooi gevaar" as verskoning vir die beleid van afsonderlike ontwikkeling verdwyn. In Februarie 1990 word die ontbanning van die ANC en ander vryheidsbewegings afgekondig, asook die vrylating van politieke gevangenes. 'n Onderhandelingsproses word aan die gang gesit wat sou uitloop op die totstandkoming van die volle demokratiese Republiek van Suid-Afrika in 1994, met die ANC-leier Nelson Mandela as staatshoof.

4.3.1 'n Sisteemverandering in twee fases vir die Afrikaanse letterkunde

Soos Kannemeyer (1988:246) verduidelik, het vernuwing in die Afrikaanse literatuur tussen 1955 en 1989 in twee fases geskied.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a15

Gedurende die laat-1950's en 1960's was daar by die "Sestigers" 'n swaai in die rigting van 'n breër internasionalisme. Die Afrikaanse literêre sisteem is oopgemaak vir temas en standpunte uit byvoorbeeld die Franse en Duitse eksistensialisme en die absurde teater. Die Nederlandse literêre sisteem was maar een van 'n verskeidenheid waarby hierdie Sestigers aansluiting gesoek het.

Daar was dus 'n strewe na tematiese verruiming, wég van "die tradisionele Afrikaanse motiewe" (Kannemeyer, 2005:275), tesame met eksperimentering met nuwe tegnieke en vorme. Van Vuuren (1999:249) sluit deels hierby aan as sy skryf dat die Afrikaanse digkuns in hierdie tydperk die volle neerslag van die internasionale modernisme beleef.

Anders as vir die Afrikaanse prosa (en deels die drama) was Sestig nie vir die Afrikaanse digkuns dié mylpaal in die bereiking van 'n internasionale peil in gehalte en professionaliteit nie. Daardie "hoë vlug" (Kannemeyer, 1978:279) is vir die Afrikaanse poësie al met die vernuwing van Dertig bereik. Voortaan sou dit die voorrangposisie wat dit in die Afrikaanse literêre sisteem geniet het, algaande aan veral die prosa afstaan; dit ten spyte van die feit dat "daar op die gebied van die digkuns werke gepubliseer [is] wat die beste op prosagebied ten minste ewenaar en selfs oortref" het (Kannemeyer, 1978:279).

Die groeiende Afrikafokus in veral die 1970's en 1980's is gou geskakel met die genoemde verhewigde weerstand teen die apartheidsisteem en sy maatskaplik-politieke beperkings, byvoorbeeld in die Afrikaanse "betrokke" en "grens"-literatuurbewegings van hierdie dekades (vergelyk onder andere Van Coller, 2002:131-162). Hoewel hy vroeëre verkennings van die sosiopolitieke aktualiteite van Suid-Afrika in die Afrikaanse letterkunde erken, meen Kannemeyer (2005:269) dat hierdie tweede ontwikkeling in die Afrikaanse letterkunde van ná 1955 "'n hernieude belangstelling verteenwoordig vir die politieke en sosiale in die wydste sin en 'n verkenning van die vasteland van Afrika" – nie slegs as tematiese gegewens nie, maar ook as bronne van stilistiese verruiming. Die siening van John (s.d.:1, soos aangehaal deur Odendaal, 2016:252) dat die Afrikaanse digkuns van ná 1970 gekenmerk word deur 'n spanning tussen 'n estetiese preokkupasie en 'n gerigtheid op die eietydse werklikheid, lyk of dit ook deels by dié van Kannemeyer aansluit. Van Vuuren (1999:249) het egter gelyk as sy die sosiopolitieke betrokkenheid, wat die Afrikaanse poësie betref, sien as iets wat ongeveer gelyktydig met die modernistiese internasionaliseringstendens gemanifesteer het, reeds by die Sestigers en hulle onmiddellike voorgangers.

Van laasgenoemde sou die openingsgedig (opgedra aan DJ Opperman en met "Nuus uit die binneland" as titel) van Peter Blum se debuutbundel uit 1955, *Steenbok tot poolsee*, as voorbeeld kon dien. In die eerste twee strofes, met hulle "breë versmaat" (Odendaal, 2015a:375), word die ervarings van behaaglike intimiteit, skoonheid en beskaafdheid van die Bolandse landskap opgeroep, dit wil sê waar dit herinner aan verre, ou koloniale sentra soos "die graafskap Surrey" in Groot Brittanje en Delft in die Nederlande. Dan volg, by wyse van "beeldspraak en woordkeuses [...] asook deur [...] rukkerige versbeweging" (Odendaal, 2015a:375), die uitbeelding van die Afrika-werklikheid in die slotstrofe:

> Maar as die bergwind so rukkerig waai
> en tussen ons rondkrap soos 'n stok
> in 'n miershoop – in die palms blaai
> nes 'n barbaar in 'n keurige boek –
> dan is ons rillend buite alle mure
> wat ons opstapel in redelike ure
> met doel en plan –
> ruik ons droogte en brand, en gerug

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a15

van sprinkaan, aardbewing en oproer
op daardie skroeiende binnelandse lug
– dan, dan
weet ons op watter vasteland ons boer.

Met dié gedig, en sy welbekende slotreël, kan die groeiende bemoeiing in die onderhawige Afrikaanse literatuurtydpek aangedui word met wat Viljoen (2010:179-180) die "nasionale avontuur" noem. Blum kontrasteer in dié gedig die ervaring van die "onwerklikheid" en die "vernislaag" van die (Noord-)Europese leefwyse wat deur wit mense in Suid-Afrika gehandhaaf wil word – 'n abstrakte "behoefte of konsep" dus, soos voorheen vermeld aangaande die begrip *ruimte* (Smith, 2012:896) – met die "[d]emaskering en ontromantisering" daarvan deur die aanvoeling van die "ongenaakbare" Afrika-werklikheid (Odendaal, 2015a:372), van die *plek* of *land* waarin hulle hul bevind.

Viljoen (2010:179) onderskei drie reaksies ("sub-avonture") met betrekking tot die nasionale ideaal in die Afrikaanse letterkunde: identifikasie (insluitende satirisering daarvan) of kontra-identifikasie (protes, weerstand, stryd) daarmee, en disidentifikasie (transformasie) daarvan. Wat die Afrikaanse digkuns tussen 1960 en 1976 betref, en des te meer aangaande poësie in dié taal uit die tydperk tot die vroeë 1990's wat hierop sou volg, blyk dat veral satirisering van en weerstand teen die nasionalistiese ideaal en sosiopolitieke praktyke van die apartheidstaat die botoon begin voer het. Op die spoor van omskrywings soos deur Brink (1992:39-40) benut, kan hier ook ruimte gemaak word vir bestempelings soos "aktualiteitsliteratuur" (die "herskep van 'n herkenbare stuk aktualiteit") en "betrokke literatuur" (waaruit duidelik blyk dat die skrywer staan as "antagonis van die behoudende, verstarrende magte in die samelewing", met 'n duideliker visie om dit "verander" te kry).

Bowendien het die internasionale isolasie van die Afrikanernasionalistiese regime, wat ook kulturele isolasie ingehou het, sig in die 1970's en -80's steeds sterker voelbaar gemaak in die Afrikaanse literêre sisteem. Die wyse waarop verkeer tussen die Afrikaanse en Nederlandstalige sisteme ongeveer tot stilstand gekom het (soos beskryf in Van Coller & Odendaal, 2009:32-35), is 'n voorbeeld hiervan. Afrikaanse pogings om die ou relasies tussen die Afrikaanse en Nederlandstalige sisteme in stand te hou of te laat herleef, is meestal met afwysing en stilswye begroet (Schott, 2000:57-58) – ten spyte van die feit dat die meerderheid Afrikaanse skrywers, kritici en akademici krities (satiriserend en/of weerstandig) ingestel was jeens die apartheidsisteem (Zuiderent, 2000:26).

Vanweë die maatskaplik-politieke omstandighede het die Afrikaanse sisteem trouens ook met die Engelstalige Suid-Afrikaanse sisteem op gespanne voet gestaan. Hierin het, veral aanvanklik, verskille in literatuursienings met betrekking tot die relatiewe belang van "inhoud" teenoor "vorm", van "die besondere" teenoor "die universele", van "gemeenskapbetrokkenheid" teenoor "die persoonlike", en van 'n Afrika- teenoor 'n Europese gerigtheid 'n rol gespeel (Galloway & Steenberg, 1993:1-2).

Brink (1991:5) beskou veral die fase in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis ná 1976 as verteenwoordigend van die ware emansipasie van die sisteem. Opvallende kenmerke van hierdie emansipasie is volgens hom, in aansluiting by die Engelstalige Suid-Afrikaanse literatuursisteem, 'n groeiende tematiese fokus op Afrika, weg van die koloniale (Europese) sentrum, asook 'n groter, meer demokratiese toeganklikheid en 'n herbesoek aan die geskiedenis in die postmodernistiese en postkoloniale sin van die woord.

Dit is teen die agtergrond van bogenoemde dat Kannemeyer (2005:560) se gevolgtrekking beoordeel moet word dat die verhewigde aktuele betrokkenheid en die uitgesproke of geïmpliseerde sosiopolitieke kritiek in die Afrikaanse literatuur van ná ongeveer 1976 die

"finale afrekening en breuk" met die amptelike apartheidsideologie inlui. Wat spesifiek die Afrikaanse digkuns uit hierdie fase betref, vermeld Kannemeyer (2005:561-562) "die strydpoësie van baie bruin digters in die dialek van die Kaapse Vlakte" en van "bannelinge" in hierdie verband, soos ook die "politieke aktualiteit" in die werk van byvoorbeeld Breyten Breytenbach en Antjie Krog. Die "aandringende werklikheid" (Roodt, 1991:3), en die "lewe" en die "mens", eerder as die kuns (John, s.d.:1; aangehaal deur Odendaal, 2016:275), staan selfs sterker op die voorgrond as in die digkuns van die Sestigers.

4.3.2 Afrikaanse pleknaamgewing as kulturele identiteitsmerkers in aktualiteitsdigwerk deur Peter Blum en PJ Philander

Die hier bo vermelde openingsgedig uit Peter Blum se debuutbundel kan as voorafskaduwend gesien word van die verskuiwing, algaande weg van 'n breë internasionale na 'n groeiende Afrika-fokus, wat die onderhawige tydperk in die Afrikaanse poësie gekenmerk het. Kannemeyer (2008:18) noem Blum "die herout van [daardie] vernuwing".

Van Europese herkoms, wyd belese en intellektueel ingestel, staan hy relatief onbevange van die Afrikaanse poësietradisie tot in daardie stadium. Hy bied 'n "skerp en bevraagtekenende" blik op die (Suid-)Afrikaanse werklikheid (Foster, 2000) en toon 'n sterk vernuwingsdrang. Veral taal en poësie het die verkenningsinstrumente geword waarmee hy die veelkantigheid en die teenstrydighede van hierdie wêreld wil blootlê. Taalspel van allerlei aard; die benutting van verskillende taalregisters; kontrasterings en teenstellings; beoefening van sowel geykte digvorme as "lewendige ondergeordende" vorme (Cloete, 1980:134) – dit alles deurspek sy werk. So word die besonderse aard van die satire wat uit sy oeuvre van twee digbundels spreek, onderskraag, naamlik soos dit bepaal word deur 'n "oop" of "afsydige" standpunt (Schutte, 1975:381 e.v.). Dit is 'n satire wat nie die ontdoening ongedaan maak nie, maar ruimte laat vir simpatie met die ontdaandes (Odendaal, 2015a:373).

In die volgende gedig van hom, eweneens uit *Steenbok tot poolsee* (Blum, 1955:20-21), staan *taal* (naamgewing, hoofsaaklik deur middel van Afrikaans) en *plek* of *grond* ("my plaas") voorop as merkers van die (Afrikaner-)spreker se kulturele identiteit en geskiedenis. Die opnoem van plekname bevat iets van die speelsheid van 'n kleutervers, maar het kennelik ernstige betekenisimplikasies. Hier volg 'n aantal strofes daaruit:

Aftelrympie

My plaas se naam is Kleinbegin:
met God se hulp sal ek oorwin.

My plaas se naam is L'Avenir:
ek swaai my sweep met krag en swier.

My plaas se naam is Vyandsvlei:
buurman se rook, bly ver van my.

[...]

My plaas se naam is Vredendal:
die bergstroom torring aan sy wal.

My plaas se naam is Luiperdkom:
alreeds begin die werkers brom.

My plaas se naam is Nooitgedag:
dit lyk my ek oorskat my krag.

[...]

My plaas se naam is Kansverbeur:
'n stal se bouval noem my Seur.

Allesverloren is my plaas:
Leë murasies noem my Baas.

Dié gedig, ironieserwys in koeplette met sterk manlike eindryme gestruktureer, sinspeel, in den brede gesien, op die paradoksale maar onafwendbare aftakeling van wat die mens as eiendomlike en as verweer tot stand bring. Dit geskied egter op die wyse van 'n kinderlike namespel – hoofsaaklik in Afrikaans, met die swierig-optimistiese "L'Avenir", oftewel "Die toekoms", in Frans as opvallende, want uiteindelik ironiserende, uitsondering. Sodoende kan die implikasies van die gedig (wit) lesers van dié taal des te meer onthuts. Vandaar dat iemand soos Schutte (1975:387) die namespel wil interpreteer as 'n "stelselmatige aftel van die Afrikaner se lot" – vanaf "Kleinbegin", deur gewaande "Vredendal" tot die "[l]eë murasies" van 'n "Allesverloren" toe.

Plekbenoeming kan gesien word as 'n psigologiese én kulturele "uitbreiding van die self in die omgewing" en "deel van die proses van identiteitskepping: beide van die plek en van die self" (Smith, 2012:891). Gestel in terme wat voorheen in hierdie verband ter sprake gebring is (in navolging van Lambrechts, 2020:180): In "Aftelrympie" word 'n aanvanklike groei in *plekgebondenheid*, as element van identiteitskonstruksie en tekenend van diepgaande emosionele verbintenisse met plase as *plek*, ontluisterend opgevolg deur toenemende *plekbewustheid* in die lig daarvan dat die "ek" (as Afrikaner) se leefruimte of kulturele identiteit bedreig of uitgedaag word. Die rymende koeplette wat telkens net 'n enkele sin bevat, terwyl die sinsbou 'n vaste patroon handhaaf, is 'n opvallend vormlike onderskraging van die onafwendbaarheidsindruk van dié ontwikkelings.

Om 'n verskeidenheid van redes (Kannemeyer, 2008:21) verlaat Blum Suid-Afrika in 1960 – waarna hy hom, veral weens die destydse politieke ontwikkelings hier te lande, volledig van Suid-Afrika, Afrikaans en die Afrikaanse letterkunde distansieer. "Oop" of "afsydige" satirisering – demaskering – van die Afrikanernasionalistiese ideaal het op volkome kontra-identifikasie daarmee uitgeloop.

Afrikaanse pleknamegebruik met ernstige betekenisimplikasies van 'n ander soort word deur PJ Philander ingespan in die 1960-digbundel uit sy pen, *Vuurklip*. Die drie dele van 'n monoloog daarin, gevoer deur 'n voortvlugtende Khoi-leier met die sprekende naam "Jager Afrikaner", dra die onderskeie titels "Tulbagh", "Hantam" en "Grootrivier". Dit behels, agtereenvolgend, 'n vernoeming van 'n Nederlandssprekende Kaapse goewerneur (Raper *et al*., 2014:508), 'n streeksnaam van Khoi-oorsprong (Raper *et al*., 2014:175) en, laastens, 'n Afrikaanse vertaling van wat oorspronklik ook 'n pleknaam van Khoi-herkoms was, naamlik *!Garib* of *Gariep* (vergelyk die inskrywing "Oranjerivier" in Raper *et al*., 2014:395).

Die plasingsvolgorde én die herkoms van dié drie plekname as afdelingtitels druk dus reeds iets van die steeds verdere verplasing en kulturele-identiteitsmiskenning uit wat die voortvlugtende én sy sedert vroeë tye inheemse stamgenote moes beleef. Hulle moes naamlik vanaf hulle tradisionele Kaapse tuiste al dieper die binneland in uitwyk vanweë die sewentiende- en agtiende-eeuse toeëiening van grond aan die suidpunt van Afrika deur Europese koloniste (Viljoen, 2005:97-98). Op kennelik ondermynend-ironiserende namespelwyse word op die

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a15

onhoudbaarheid van "white hegemony and ownership" toegespeel (Viljoen, 2005:100), 'n tema wat vanaf die 1960's steeds meer prominent in die Afrikaanse literatuur sou voorkom.

4.3.3 Identifikasie én disidentifikasie met Afrikaansheid in die werk van Breyten Breytenbach

Breyten Breytenbach neem ongetwyfeld die mees sentrale posisie in die Afrikaanse literatuursisteem van die periode 1955–1989 in (Odendaal, 2016:272). Hy het 'n toonaangewende rol daarin gespeel, veral wat die poësie betref, terwyl ook sy hoë openbare profiel en uitdagende uitlatings met betrekking tot ideologiese, maatskaplik-politieke en poëtikale aspekte tot sy invloed bygedra het. Vanweë sy verblyf in Europa sedert 1960 het hy al dieper onder die indruk gekom van die verontregtings wat die apartheidsbeleid meegebring het, en steeds sterker betrokke geraak by "anti-Suid-Afrikaanse politiek" aldaar (Terblanche, 2025). Hy was byvoorbeeld betrokke by die stigting van 'n ondergrondse versetgroep, Okhela (Galloway, 1990). In 1975 word hy in hegtenis geneem nadat hy Suid-Afrika met 'n vervalste paspoort binnegekom het.

Die tronkervaring was vir Breytenbach inderwaarheid 'n soort self-afstroping waarin die "ek" "yk" word; daar ís identifikasie met breë Suid-Afrikanerskap en met Afrika, naamlik "as 'n toestand [...] met al sy ellende en armoede" (Viljoen, 1998:275). Meer nog: Suid-Afrikaner- en Afrikaan-skap sien hy as "'n proses" van noodsaaklike metamorfose na groter regverdigheid en geregtigheid (Viljoen, 1998:282). Waarmee hy hom egter wesenlik vereenselwig, is eerder die voortdurend permuterende universele menslikheid, onderworpe aan prosesse van groei en ontbinding (Odendaal, 2016:257), in sy oeuvre onder meer vergestalt in die Kamiljoen-figuur wat prominent in *nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde* (Breytenbach, 1993) figureer.

Ná Peter Blum se werk van die 1950's is dit dus Breytenbach se digkuns wat "'n nuwe inset" (Kannemeyer, 2005:374) vir die Afrikaanse poësie bewerkstellig. Naas tematiese vernuwings vestig hy die belang van 'n tipe vrye vers waarin staatgemaak word op verrassende, meerduidige spel met die Afrikaanse taal en met beelding vir trefkrag. In sy volstrek kreatiewe strewe tot identiteits(re)konstruksie – kulturele identiteit as 'n saak van "becoming" eerder as van "being" (Hall, 1996:435) – benut Breyten Breytenbach 'n verskeidenheid diskoerse en registers (Viljoen, 1998:289-290). Afrikaans soos dit deur Breytenbach in sy kinderjare uit die volksmond gehoor is, is van vroeg-vroeg in sy oeuvre, maar algaande al sterker, 'n tongval wat hy opvallend benut.

Volksliedjies, spreekwoorde, name en plekname, frases en verhale uit die Bybel, ensovoorts eggo nie net in sy digkuns nie, maar word, soos Viljoen (1998:290) dit stel, "ontbind en hersaamgestel, uit hulle kategorieë gehaal, waardeur hulle 'n nuwe, meerdimensionele seggingskrag kry. Sodoende word die tradisionele Afrikaanse wêreldbeeld egter ook gedebunk en gekritiseer." Identifikasie én disidentifikasie met Afrikaansheid vind sodoende taalvergestalting.

As 'n vroeë voorbeeld uit sy oeuvre van laasgenoemde tematiek, waarin sy identifikasie met die Afrikaanse kultuuridentiteit voorgestel word as iets wat maar "gedog" was, kan die volgende grepe uit 'n welbekende gedig van hom dien (Breytenbach, 1969:67-69).

die hand vol vere

mammie
    ek het gedog
as ek eendag huis toe kom

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a15

sal dit onverwags so teen die skemerdag wees
[...]

dis nog blouerig
ek maak sjuut en saggies die agterplaas-hek oop
ou Wagter knor-blaf
maar stert-herken my dan
[...]
pa skrik wakker verdwaas so deur die wind
maar mammie is reeds buite
met ’n kamerjas en rooi wange

en daar staan ek lewensgroot
op die lawn naby die sementdammetjie
waar die nuwe buitekamers aangebou is
    effens verweer deur die verre reis
[...]
nuwe Italiaanse skoene vir die okkasie
my hande vol presente
[...]
en agter my my karavaan
soos dit ’n reisiger van oorsee betaam
my vrou en kinders strikgedas
elkeen met drie Bolandwoorde in die mond
[...]

net duskant die wingerd groei ’n mak roos
mensig maar die lug is knypskoon
daar kom kyk pa ook wat skort
so op sy nugter maag
die berge het grys geword
en die akkerbome dik
maar wat
    mammie
ek het gedog ek sal sommerso daar wees
soos ’n kleurlingkoor met Kersoggend
mammie
ek het gedog hoe ons dan sal huil
en tee drink

blinde Wagter kon glo nie wag nie
en is glo-glo dood …
[...]
slaap gerus met die een oor oop:
anders as ou dog
waar ek ’n veertjie plant
kom ’n kêk-kôk hoender op!

Die verlangde Afrikaanse kultuuridentifikasie spreek uit die benutting van die omgangsidioom (“Bolandwoorde”) van Breytenbach se grootwordwêreld, maar ook uit die deernisvolle

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a15

vermelding van die bekende dinge van daardie *plek* waarheen hy hom verbeel hy "huis toe kom". Hy prent hom in hoe hy in kennelike blydskap terugverwelkom word daar. Die hond, byvoorbeeld, sal hom "stert-herken". Tog is daar meerdere verwysings in die gedig wat die vervreemdheid van die "ek" te midde van die terugkeer na die bekendhede van voorheen sou beklemtoon. Hy sou hom "effens verweer deur die verre reis" voel, terwyl hy uitlandse ("Italiaanse") skoene dra; sy vrou en kinders sou waarskynlik elkeen maar net "drie Boland-woorde in die mond" hê; en hy sou sien: "die berge het grys geword / en die akkerbome dik".

Hy sou die *plekbewustheid* ervaar van een wie se kulturele identiteit uitgedaag staan. Waar hy gedink het hy sou "sommerso daar [kan] wees / soos 'n kleurlingkoor met Kersoggend", en al sou hy hóé droom dat hy, op volksmondtrant gestel, "anders as ou dog / [...] 'n veertjie plant" waaruit wel "'n kêk-kok hoender" groei, sou hy te staan bly kom voor 'n onwerklikheid.

4.3.4 (Kaapse) Afrikaans word die poësietaal van verset en kontra-identifikasie in die hande van Adam Small

Kannemeyer (2005:285-291) wys uit hoe Adam Small, as belangrike vroeë aanwender van die Kaapse variëteit van Afrikaans soos dit veral deur die "Bruinmense" gepraat word, "die verhewigde maatskaplike bewussyn" van Sestig taalgestalte in ook die digkuns laat aanneem het. Deur die benutting van satire, onderskraag deur juis die gebruik van die Kaapse tongval, waarna hy verkies het om te verwys met die term "Kaaps" (Gerwel, 2012:17), stel hy die onhoudbaarheid van die apartheidstelsel en van die "valse waardes" van die "gesagsfigure" van dié stelsel aan die kaak (Van Wyk, 2007).

In die welbekende gedig "Doemanie" uit Small (1973:25) se debuutbundel, *Kitaar my kruis*, is dit byvoorbeeld die Standaardafrikaans van die Bybel en van predikante wat "verspreek word as toetssteen vir 'n skyn-christendom en in die besonder vir die rasbewuste Suid-Afrikaanse variëteit daarvan" (Small, 1973:9):

> 'n proefiet van Jesus djy?
> 'n proefiet?
> djy moet djou palys-hys
> djy moet djou aeroplane-motorkar
> djy moet daai kamma sêd smile van djou
> en djou tears
> en djou woerawarra op die pulpit[?]

Sodanige satirisering word dus "'n indirekte, maar skerp vorm van ideologiese kritiek" (Van Vuuren, 1999:253). Op grond van die intieme identifikasie met die uitgebeelde onderdrukte karakters wat deur sodanige aanwending van dié sosiolek uitgedruk word, inspireer hy 'n hele generasie digters ná hom om Kaaps as protestaal aan te wend (Van Vuuren, 1999:253; Viljoen, 2005:106; Van Wyk, 2007).

Op die spoor van "'n hele skool" veral "swart" digters in Engels (Van Vuuren, 1999:279) verskyn daar naamlik vanaf veral die laat-1970's 'n hele paar bundels waarin Kaaps-Afrikaanse "struggle"-verse opgeneem is. Sulke digters sien hulleself as bydraers tot "Black Consciousness poetry", wat nie "in die eerste plek 'n estetiese doel [nastreef] nie, maar 'n pragmatiese een", naamlik die vestiging van die aandag "op die sosiale ongeregtighede in die land en die lot van die werkersklas" (Foster, 2000). Vandaar dat iemand soos Van de Rheede (1983:33) indertyd al 'n saak wou uitmaak dat die benutting van "Kleurling-Afrikaans" deur byvoorbeeld sulke digters, Afrikaans ook 'n voordelige status laat verwerf het as protes- en bevrydingstaal – 'n

destabilisering van die Afrikaners se idees van kulturele meerderwaardigheid by wyse van ontwrigting van die norme van Standaardafrikaans (Viljoen, 2005:106).

Baie bekend in hierdie verband is die gedig "Die Here het gaskommel" van Small (1973:27), ook uit sy debuutbundel, waarvan die slotstrofes soos volg lui:

> lat die wêreld ma' praat pêllie los en vas
> wat daarvan
> wat daarvan
> wat maak dit saak
> soes die Engelsman sê it cuts no ice
> die Here het gaskommel
> en die dice het verkeerd geval vi' ons
> daai's maar al
>
> so lat hulle ma' sê skollie pêllie
> nevermind
> daar's mos kinners van Gam en daar's kinners van Kain
> so dis allright pêllie dis allright
> ons moenie worry nie[.]

In 'n studie na die kulturele "meestersimbole" wat nog tot in die tagtigerjare van die vorige eeu in Afrikaanse skoolhandboeke weerspieël is, het Du Preez (1983:73; ook Hagen, 1999:7) onder meer die volgende onderskei:

- Blankes is superieur; swart mense minderwaardig.
- Die Afrikaners staan in 'n uitverkorenheidsverhouding tot God.
- Suid-Afrika behoort regmatig aan die Afrikaners.

Op onthutsende, ten diepste weerstandige trant, word in Small se gedig op juis sulke essensialistiese identiteitsienings ingespeel. Dit blyk uit die spreker in die gedig se (ironiserende) poging om berusting ("dis allright / ons moenie worry nie") by sprekers van Kaaps in die vir hulle vernederende apartheidsbedeling ("hulle [...] sê skollie pêllie") aan te moedig. Om daaroor te praat, in 'n taalidioom wat konfronterend teenoor Standaardafrikaans staan, "cuts nou ice". Ou-Testamentiese verwysings ("kinners van Gam [...] kinners van Kain") word ingespan om die oënskynlike bestemdheid van die apartheidsbestel aan te dui – maar nie sonder om die ondermynend humoriserende beeld van 'n God wat dobbelstene skommel, te betrek nie.

Kontra-identifikasie, die tweede van die "sub-avonture" wat Viljoen (2010:179) onderskei met betrekking tot die "nasionale ideaal" (Afrikanernasionalistiese strewes) soos uitgebeeld in die Afrikaanse letterkunde, spreek onteenseglik uit 'n gedig soos dié. Small se blywende bemoeienis met Afrikaans/Kaaps as literatuurtaal, naas die "verwerpende" keuse ten gunste van Engels wat hy in ander gevalle in sy oeuvre uitgeoefen het (Odendaal, 2017:51), kan gesien word as 'n soort dubbelloop-manifestasie van wat iemand soos Brink (1992:40) as "betrokke literatuur" sou bestempel – met as oogmerk steeds om Afrikaners nie net met betrekking tot hulle polities-ideologiese beskouings tot besinning te probeer bring nie, maar ook wat betref hulle uitsluitende taalbeskouings ten gunste van Standaardafrikaans.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a15

4.3.5 *Disidentifikasie met, en die sug na transformasie van, 'n koloniale (Suid-)Afrikaanse kultuuridentiteit – Antjie Krog se* Lady Anne *(1989)*

Antjie Krog se *Lady Anne* staan in die teken van die postkoloniale diskoers, meer spesifiek soos dit apartheid- en postapartheid-Suid-Afrika betref. Die vraag na wat 'n (Afrika- en) Suid-Afrikaanse identiteit behels, is 'n sentrale kwessie in die bundel (Odendaal & Van Coller, 2010:63).

Opvallend is die (verkapte) verhalende inslag van die bundel, met verskillende vertellers/sprekers wat ten tonele gevoer word. Dit kan derhalwe as "'n roman van 'n bundel" (Brink, 1989:13) bestempel word, met die vraagstuk van Afrikanisering (of verinheemsing) van blankes in Suid-Afrika as sentrale tema. Dit is 'n vraagstuk wat ten tye van die verskyning van die bundel, in die tydperk voordat die politieke transformasie vanaf 1990 op gang gekom het, in die brandpunt gestaan het – hoewel dit steeds relevansie het.

Die historiese Britse figuur lady Anne Barnard, wat vanaf 1797 tot 1802 aan die Kaap vertoef het, dien as metafoor waardeur Krog haar eie en die eietydse Suid-Afrikaanse aktualiteit (wou) verken om haar ten opsigte daarvan te kan posisioneer. Die bundel word egter ook meer as 'n ekspressiewe teks. Om rekenskap te gee van die situasie waarbinne Krog ervaar het dat sy haar (en haar landgenote hulle) bevind, word gesien as deel van haar digterlike taak. In die eerste "slot"-gedig (Krog, 1989:107) heet dit byvoorbeeld:

> Die leuse van my vader wil ek herhaal:
> hy wat versuim om sy lewe
> en dié se plek noukeurig te ondersoek,
> het die Skrywer van sy verhaal gefaal.

Dié rekenskapgewing geskied in en deur die skryf van die bundel, in Afrikaans (ook, op enkele fragmente na, waar dele uit die geskrifte van lady Anne Barnard weergegee word) en op die wyse van die poësie. "Feitelikhede uit lady Anne se bestaan en uit die eietydse aktualiteit van Antjie Krog word verweef met poëtiese "verdigsel". Die digter sê immers: 'ek moes baie jok en verkort'" (Viljoen, 1989:8). Die poëtiese werkswyse herinner daarom sterk aan "New Journalism" of "faction", waarin die boeiende spelmoontlikhede van die verhouding tussen feit en fiksie uitgebuit word.

Laasgenoemde is bevorderlik vir die oorredende gehalte van *Lady Anne* as teks. Die ekspressiwiteit van die bundel (die outentiekheid van die liriese belydenis, versterk deur datum-, plek- en ander outobiografiese verwysings), asook die literêrheid daarvan, word juis oorredend aangewend (Odendaal & Van Coller, 2010:71). Dit gaan naamlik om die verhoging van die waarskynlikheid of geloofwaardigheid van die (eksemplariese) worstelstryd wat werklike kunstenaarspersoonlikhede, soos lady Anne Barnard en Antjie Krog, hier te lande gevoer het.

In die lig van die bostaande argument lyk dit gepas om die hoof- of sluitmotief wat die opbousamehang in *Lady Anne* bewerkstellig, te beskryf as die *noodsaak* van postkoloniale Afrikanisering in Suid-Afrika (Odendaal & Van Coller, 2010:71) – ook wat die Afrikaanse kultuuridentiteit betref. 'n Kerngedig in hierdie verband is "parool" (Krog, 1989:35-38), een wat deur Kannemeyer (1989:39) as die "ars poetica van die politieke vers" bestempel is. Die skrywende subjek ervaar dat die elitistiese (Westerse) estetiese tradisie waarbinne sy opgevoed is en waarvan sy sukkel om haar te bevry, ontoereikend, nutteloos en daarom verwerplik is in die Suid-Afrikaanse konteks van armoede, onreg en onderdrukking. Hiér is rewolusionêre poësie nodig:

woorde as AK 47's moet veg
poësie moet nuttig wees, daad, belas
met die uitering van die stryd altyd part
staan poësie kan rewolusie puur[.]
(Krog, 1989:35)

Daarom, om haar met Afrika en die swart man van Afrika te kan versoen, moet sy 'n "nuwe alfabet" leer: "A is altyd teen apartheid / B is blind vir kleur" (Krog, 1989:91). Geen afskeidname van die *taal* of *plek* (en estetiese *landskap*) waarin of waarbinne sy tot dusver geskryf het, word beoog nie, maar 'n transformasie in die kultuuridentiteit waarvan dit voorheen as merkers gedien het:

in hierdie destruktiewe suidoostewind in Bo-Meulstraat
wil die digter 'n gedig skryf
verby die drag geraamtes
van almal wat mank en Afrikaans is
maar die tong sal anders moet lê:
bevry die allerwoordste woord deur vers
wat wil klapwiek namekaar (sic) en nuut
die gedig sal wys hoe
woord in hierdie landskap waar word[.]
(Krog, 1979:100)

4.4 'n Fase van demokratisering, kultuuridentiteits(her)vorming en intersistemiese toenadering (1990–tans)

4.4.1 Demokratisering en intersistemiese toenadering sedert 1990

Soos voorheen genoem, het die val van die Berlynse Muur in 1989 die einde van die Koue Oorlog ingelei; ook die kommunisties ondersteunde insypeling van gewapende rebelle uit noordelike buurlande na Suid-Afrika is beëindig. Die aanbreek van Suid-Afrika se nuwe demokrasie het hierdeur moontlik geword, maar ook die herstel van die kulturele en ander bande met die buiteland. Voorts het dit 'n verhewigde talige en literêre wisselwerking teweeggebring vir die Afrikaanse met anderstalige literatuursisteme.

Onder meer Van Coller en Odendaal (2009:36-37) wei uit oor die toenadering tot en vanuit die Nederlandstalige wêreld ná 1990. Verskeie vertalings van Afrikaanse werke sou in Nederlands verskyn, en andersom nog meer so. Nederlandstalige skrywers het gereeld besoeke aan Suid-Afrika afgelê, onder meer by wyse van steun deur die (Nederlandse) Taalunie. Omgekeerd speel Afrikaanse skrywers soos Breyten Breytenbach, Etienne van Heerden, Riana Scheepers, Marlene van Niekerk, Antjie Krog en Ronelda Kamfer rolle van wisselende belang in die Nederlandstalige literêre sisteme (aldus, onder andere, T'Sjoen, 2013). Onder meer die Nederlandse digter en rubriekskrywer Gerrit Komrij se bloemlesing *De Afrikaanse poëzie in 1.000 en enige gedichten* (1999) en die Afrikaanse literator Wilfred Jonckheere se versameling *Die platgetrapte kroontjie: Afrikaanse en Nederlandse gedigte oor die Anglo-Boere-oorlog* (2001) onderstreep dié toenaderingstendens tussen die sustertaalsisteme op die poësieterrein.

Ook op navorsingsgebied het daar, op allerlei wyses, intersistemiese wisselwerking tussen literatore voorgekom. Publikasies soos *Over grenzen. Een vergelijkende studie van Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse poëzie / Oor grense. 'n Vergelykende studie van Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse poësie* (Foster, T'Sjoen & Vaessens, 2009), *Toenadering. Literair*

grensverkeer tussen Afrikaans en Nederlands (T'Sjoen & Foster, 2012) en die tweedelige *Verbintenis en venster: die Nederlandstalige letterkunde van aanvang tot hede. 'n Literatuurgeskiedenis in Afrikaans* (Van Coller, 2019; Van Coller, De Geest & Du Plooy, 2019) is toonbeelde hiervan.

Soos onder meer Crous (2009:215) aantoon, verbreed die horisonne vir die Afrikaanse letterkunde egter ná die demokratisering van Suid-Afrika sodanig dat, nog meer as tevore, interaksie met literature uit ook ander tale as Nederlands en Vlaams plaasvind. Onder hierdie ander tale tel Noord-Amerikaanse Engels, Duits, Spaans, Italiaans en selfs Antieke en Oosterse tale. Ook tale uit ander dele van die Afrika-kontinent is in hierdie verband ter sprake:

> The pre-1994 romanticising of the African continent as exotic other is now replaced by an unsentimental perspective. The poetry of contemporary poets is more global, dealing with issues such as ecocriticism, migration, and the formation of an identity and subjectivity in a changing local and global context. (Crous, 2009:215)

4.4.2 'n Inklusiewe Suid-Afrikaanse literatuursisteem?

Nog 'n faktor waarop ag geslaan moet word, is die ideaal van 'n inklusiewe Suid-Afrikaanse literatuursisteem wat alle (inheemse) taalgrense oorskry – iets wat Viljoen (2010:170) meen vir die meeste mense steeds "ondenkbaar" bly vanweë die "verskillende tale en mense" wat dit sal moet bevat, deur "geografiese en politieke grense van allerlei slag" van mekaar geskei.

Dit is egter 'n feit dat die Engelstalige Suid-Afrikaanse literatuur, nes die "vernacular of South African English" (Louw, 2004:55) wat as taal van nasionale-eenheidsidentiteit benut word, toenemend 'n sentrale posisie in so 'n konstruksie (sal) beklee. Sommige Afrikaanse outeurs het hul daarom reeds tot Engels as medium van uitdrukking in hul skryfwerk gewend (Van Coller & Odendaal, 2007:98-100).

Antjie Krog, wat deur sommige kommentators (vergelyk Van Coller & Odendaal, 2003) al as die *poet laureate* van die huidige Suid-Afrikaanse bedeling – oftewel as "South African writer of the national situation" (Garman, 2015:70-71) – beskryf is, het reeds gewaarsku dat Afrikaanse literêre werke in die toekoms, onmiddellik ná aanvanklike publikasie, in Engels vertaal sal moet word indien die outeurs gehoor wil word waar dit saak maak. Met die Engelse omsettings van 'n keur uit haar eie digkuns tot en met *Kleur kom nooit alleen nie* (Krog, 2000a), gebundel in *Down to my last skin* (Krog, 2000b), asook met die gelyktydige publikasie in Afrikaans en Engels van haar bundels sedert *Verweerskrif* / *Body Bereft* (Krog, 2006a en 2006b), voeg sy die daad by die woord.

'n Ander strategie is om die Afrikaanse letterkunde aan te pas met die oog op die huidige Suid-Afrikaanse literêre bedeling. Antjie Krog, byvoorbeeld, probeer om die beeld van dié literêre sisteem te verander deur poësie uit die inheemse Afrikatale (*Met woorde soos met kerse*; Krog, 2002), ook liedjies en anekdotes uit 'n uitgestorwe Santaal (*die sterre sê 'tsau'*; Krog, 2004), in Afrikaans te vertaal en wen sodoende die guns van sommige voorheen stoere teenstanders van Afrikaans. Mokitimi, Lenake en Swanepoel (2004) se samestelling van *Swerfsange. Liedere van Basotho-mynwerkers* vind aansluiting by hierdie toenaderingspogings, soos soortgelyke werk deur byvoorbeeld Pieter W Grobbelaar en Leon Rousseau ten aansien van poësie vir kinders (vergelyk De Wet, 2005:48).

4.4.3 Enkele impakte van die sosiopolitieke omwenteling ná 1990 op die poësiepublikasie-sisteem

Die toekenning van amptelike status aan elf Suid-Afrikaanse tale in 1994, maar wat weens die genoemde nastrewing van 'n enkele, homogeniserende nasionale identiteit haas onvermydelik daarop uitgeloop het dat Engels die gebruikstaal in onder meer die werkplek en die openbare sektor geword het, het 'n steeds groeiende statusafname van Afrikaans in dié sfere meegebring. Dié ontwikkeling het voorts 'n afname in leerder- en studentegetalle in die Afrikaansklasse aan onderwysinstellings, en dus ook 'n ineenstorting van die voorskryfmark tot gevolg gehad (Venter & Galloway, 2003:7; Adendorff, 2003:73-74). Die vrees is byvoorbeeld herhaaldelik uitgespreek dat die Afrikaanse digkuns, as 'n gemarginaliseerde genre, 'n "voortbestaanskrisis" beleef (Odendaal, 2006:107).

Sulke pessimisme oor die poësie in gedrukte formaat kontrasteer met die klaarblyklike bloei wat die Afrikaanse poësie op podia tydens byvoorbeeld kunste- en literêrefees-geleenthede beleef (Adendorff, 2003:64-66; 2006:129-147). Verwant aan die podium-optredes is die wyse waarop woordkunstenaars as vennote van visuele kunstenaars op kunsuitstallings by feeste en ander geleenthede optree (vergelyk Odendaal, 2024 vir 'n oorsig hiervan). Aanvullend tot die "uitvoerende" en uitstallingsgeleenthede, is daar die uitreiking van "(t)alryke nuwe toonsettings van Afrikaanse gedigte in verskillende musikale subgenres" (Bosman, 2003:105; vergelyk ook Kleyn, 2008:15 in hierdie verband). Gediguitvoerings soos bogenoemde funksioneer op die raakvlak tussen die Afrikaanse literêre en musieksisteme. Die publikasie van heelparty liedteksbundels is 'n verdere aanduiding van die vervaging van sodanige tradisionele genre- en sisteemgrense (Odendaal, 2016:318).

Ál bogenoemde ontwikkelings het tot gevolg gehad dat die dominansie van die elitêre estetiese poësieopvatting, wat kenmerke soos kompleksiteit en normdeurbreking vooropstel, ter diskussie gestel is (Van Vuuren, 1999:262; Adendorff, 2003; Klopper, 2009). Waarskynlik word die "demokratiseringstendens" in die Afrikaanse literatuur op sy daadwerklikste gedemonstreer as 'n mens die 2000- en 2008-uitgawes van *Groot verseboek*, beide kere met André P Brink as samesteller, vergelyk met vorige uitgawes onder samestellerskap van DJ Opperman (Odendaal, 2016:319). Uiteraard weerspieël die verskillende samestellings die poësiebeskouings van die onderskeie samestellers, maar hulle is ook uitings van heersende ideologiese en derhalwe ook heersende poësiebeskouings.

'n Kritikus soos Hein Willemse (1999) kon byvoorbeeld oortuigend aantoon dat DJ Opperman se verseboeksamestellings wesenlik 'n Afrikanernasionalistiese belewing vergestalt het, met literêr-historiese belang en estetiese gehalte as verdere deurslaggewende kriteria.

Met *Groot verseboek 2000* en die driedelige 2008-uitgawe val die klem steeds sterker op insluiting. In 'n aansienlik groter mate as vroeër is, byvoorbeeld, werk van digters ingesluit wat nie voorheen in solobundels nie, maar "slegs" in geleentheid- en introduksiebloemlesings verskyn het. Stemgewing aan gemarginaliseerdes vind ook neerslag in die groeiende akkommodering van skryfwerk in niestandaardvorme van Afrikaans in die kanon (Odendaal, 2016:320).

Op grond van hierdie soort inisiatiewe het die posisie wat die publikasie van "serious" Afrikaanse poësie (Viljoen, 2011:17) betref, sedert die millenniumwending en ná die insinking van die 1990's, aansienlik verbeter – sodanig dat Kleyn (2008:18), in 'n bestekopmaking van die stand van die Afrikaanse poësie tussen 2004 en 2007, tot die gevolgtrekking kon kom dat dit as genre "nie meer aan die spreekwoordelike agterspeen suig nie".

Die NB-uitgewersgroep en Protea Boekhuis het aanvanklik hierin die toon aangegee, maar meer onlangs gestigte, kleiner publikasiehuise, soos Naledi, Turksvy Publikasies en Imprimatur, blyk ’n toenemend belangrike rol te speel om nuwe Afrikaanse digkuns die lig te laat sien (Odendaal, 2024).

4.4.4 ’n Afrikaanse meerstemmigheid klink op

Die herhaaldelik uitgespreekte behoefte aan meer (en nuwe) swart en bruin “stemme” in die Afrikaanse digkuns (Odendaal, 2015b:41) sluit by hierdie begeerte na transformering van die Afrikaanse literatuursisteem aan.

’n Verskynsel wat duidelik daarop afgestem was om skryfwerk deur onder meer sistemies gemarginaliseerde groepe te bevorder, is dié van die voorheen vermelde geleentheid- en introduksiebloemlesings (Adendorff, 2003:52-53; Odendaal, 2015b:41-42). Voorts: Hoewel bruin en swart digters hulle aanvanklik dikwels, soos in die periode vóór 1990, tot selfpublikasie gewend het, laat al hoe meer van hulle algaande ook solopublikasies by veral hoofstroomuitgewers die lig sien (Odendaal, 2015b:41). Dit word trouens, soos De Wet (2024) uitwys, ’n opvallende tendens: Tussen 2020 en 2023 het sewe debuutbundels, geskryf in sosiolekte (groepsvariëteite) of geolekte (streeksvariëteite) van Afrikaans, deur digters uit hierdie voorheen gemarginaliseerde groepe op hierdie wyse verskyn.

Dit is ook betekenisvol in hierdie verband dat heelparty digters uit hierdie geledere in die afgelope dekade en ’n half ontvangers geword het van belangrike literêre pryse, veral vir debuutwerk. Voorbeelde van laasgenoemde is: Ronelda Kamfer, wat in Kaaps sowel as Standaardafrikaans skryf, wat die Eugéne Marais-prys sowel as die Ingrid Jonker-prys (vir poësie; 2009), Die Kanna-toekenning vir Afrikaans Onbeperk vir ’n Jong Stem (vir poësie; 2012) en die ATKV-Woordveertjie vir poësie (2017) ontvang; Nathan Trantraal, met Kaaps as skryftaal, aan wie die ATKV-Woordveertjie én die Ingrid Jonker-prys vir poësie (onderskeidelik in 2014 en 2015) toegeken word; Jolyn Phillips, met benutting van “radbraak”- of “diglossie”-elemente (Phillips, 2017:64; De Wet, 2024) ter doelbewuste ondermyning van die standaardvariëteit van Afrikaans in haar debuut, wat die Universiteit van Johannesburg-prys vir poësie in 2016 vir haar inpalm; Lynthia Julius, digtende in Gariepafrikaans, wat die ontvanger van die SALA-prys vir ’n debuutwerk (2021) is; Ryan Pedro, wat Kaaps en elemente van Weskus-Afrikaans digterlik ontgin en met die Universiteit van Johannesburg-debuutprys beloon word (2021); en Ashwin Arendse, wat die Swartlandse streekstaal benut en sowel die Ingrid Jonker-prys vir poësie (2021) as die Eugène Marais-prys vir digkuns (2022) ontvang.

Die uitstaande “betrokke” digter in “Kaaps” uit die periode vóór 1990, Adam Small, het in die periode van demokratisering een van die mees gevierde en sentraal gekanoniseerde Afrikaanse skrywers geword (Odendaal, 2017). Sprekend hiervan is die feit dat die eerste in die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se reeks boekpublikasies ter huldiging van Hertzogprys-wennende Afrikaanse skrywers juis op Small gefokus het (Van der Elst, 2017). Verdere getuienis van dusdanige status wat hy en sy werk in die Afrikaanse literêre kanon geniet, is die versameling nuutgeskrewe huldigingsverse aan hom deur bruin én wit mededigters, vergesel van “’n CD met voorlees-gedigte” deur Small, wat onder die titel *vi’ Adam Small. ’n Digbundel* die lig gesien het (Myburgh *et al*., 2012).

Soos voorheen aangedui en uit bostaande drie paragrawe bemerk kan word, het hy ’n geslag nuwe digters begeester om niestandaardvariëteite van Afrikaans aan te wend. Terselfdertyd kon opkomende digters soos Ronelda Kamfer en Nathan Trantraal beweer dat Small, wat nie soos hulle van huis uit ’n Kaaps-spreker was nie, in die nuwe sosiopolitieke

bedeling kwalik gesien kan word as ’n werklik waardige vertolker van die gemarginaliseerdes se situasie; op strategies opponerende wyse teenoor hom kon hulle poog om hulleself as sodanige woordvoerders binne die eietydse literatuursisteem geposisioneer te kry (vergelyk Odendaal, 2017:58-59).

4.4.5 Die eietydse (Suid-)Afrikaanse identiteitsvraagstuk

Die sosiopolitieke veranderinge van die vroeë 1990’s in Suid-Afrika het onvermydelik ’n nuwe impetus aan (postkoloniale) refleksie oor identiteit in die Afrikaanse letterkunde gegee (Crous, 2009:200). Dit is iets wat sy neerslag laat sien in die reeds bespreekte pogings om die sisteem “oper” te maak. Transformering van die Suid-Afrikaanse samelewing en die groeiende ekonomiese en kulturele globaliseringsneiging het ’n voortsetting meegebring van, enersyds, nostalgiese herinneringskuns en, andersyds, skryfkuns wat ’n bepaalde streeks- of groepsidentiteit of -realiteit tot onderwerp het. Dit behels tendense wat al so vroeg as verskeie gedigte in die na Nederland plekverplaaste Van Wyk Louw se genoemde *Nuwe verse* uit 1954 gestalte begin aanneem het (Van Vuuren, 1999:297; De Wet, 2024).

Die genoemde tendens van die verskyning van steeds meer bundels waarin sosio- of geolekte van Afrikaans benut word, val saam met die verwoording van tematiek soos die “belewenis van vervreemding en die problematiek rondom identiteit en die vestiging daarvan”; identiteitsvraagstukke staan kennelik “vervleg met taalkeuse” en meermale ook met *plekgebondenheid* of *-bewustheid* (oftewel: streekverbondenheid, al dan nie; De Wet, 2024).

Hiervan kan aspekte van Lynthia Julius (2020) se debuutbundel *Uit die kroes* ter illustrasie dien. Sy is gebore in die Namakwalandse dorpie Springbok en het grootgeword in die stad Kimberley. Sy vertel (aan Taljard, 2020) haar hart bly voortdurend in Namakwaland. Sy het nie aangepas in Kimberley nie, al het sy jare daar gebly. Die bundeltitel bevat eerstens ’n verwysing na die feit dat sy, as afstammeling van die Namavolk (en na wie Namakwaland vernoem is), wydstaande en kroes hare het – dus ’n uiterlike identiteitsmerker. Hare is egter ’n identiteit wat weens Suid-Afrika se lang koloniale geskiedenis, met die apartheidsbestel as ’n laat uitdrukking daarvan, erg gekompliseerd is (in vergelyking met dié van haar voorsate).

In *Uit die kroes* as titel klink ook die uitdrukking “deur die smeltkroes gaan” op. Volgens die primêre bronne oor liminaliteit (vergelyk byvoorbeeld Viljoen & Van der Merwe (2006) in hierdie verband) is pyn en verwonding een van die belangrikste aspekte van die liminale toestand (soos dit byvoorbeeld in inisiasierites voorkom) ten einde ’n nuwe identiteit te konstrueer. Daar is ’n aantal gedigte in Julius se bundel wat oor sulke (fisieke sowel as geestelike) pyn handel.

In die gedig “Ontheemding” (Julius, 2020:41-42) word sowel ’n elegie vir die Nama-taal en -kultuur as ’n besinning oor hoe ras, taal én plek die belewing van geborgenheid kompliseer, op treffende wyse verwoord. Grepe uit dié gedig lui soos volg:

> [...]
>
> Ek is toe verkimberley, ’n whyster gemaak
> ek kon nog nooit soos hulle praat
> as ek in Springbok kom is ek te stad
> in Kimberley te Nama
>
> [...] My ma sê haar ouma was ’n Namavrou
> die grootmense het onder die skerm gesit en hulle taal gepraat
> die kinders weggejaag want dit was ’n grootmenstaal

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a15

My ma ken baie antwoorde
sy's 'n goed belese vrou
maar sy het nie antwoorde
as ek vra wie die god van die Namas is nie[.]

Die identiteitsvraagstuk, "dikwels in terme van die fisiese en ideologiese ruimtes uitgebeeld" (De Beer & Du Plooy, 2011:88), staan in die literatuur uit die onderhawige tydperk dikwels met die perspektiefproblematiek in verband. 'n Voorbeeld: Soos in verskeie van sy vorige bundels skryf Breyten Breytenbach, luidens die gedig "ek se plek" (Afrika, 1998:72), "gapende poësie van omvorming" in *Papierblom (72 gedigte uit 'n swerfjoernaal)*. Die voortdurende omvorming betref ook die digterlike self. Die feit dat meer as een selfportret in die bundel aangetref word, hou hiermee verband; so ook die voorheen vermelde "kamiljoen"-figuur waarna ook in hierdie bundel 'n hele aantal kere verwys word. *Papierblom* is boonop uitgegee onder 'n pseudoniem, naamlik "Jan Afrika".

Dié skuilnaam suggereer 'n verbintenis van 'n Dietse Jan Alleman met die Afrika-kontinent, maar moet minstens gedeeltelik ironies verstaan word. Weens sy lewensomstandighede en sy rusteloos-kreatiewe aard, het Breytenbach 'n wêreldburger en eintlik 'n vaderlandlose geword. Hoewel hy met ontroering kon skryf oor veral die Boland, kon hy hom nie werklik vereenselwig met sy geboorteland nie – het hy, soos voorheen al uitgewys, disidentifikasie náás identifikasie daarmee beleef; het hy gevoel: "I am no longer one of us" (soos die titel van die gedig op bladsy 128 van *Papierblom* lui).

Meermale neem die hantering van die motief van ruimtelike elemente as kulturele identiteitsmerkers die vorm aan van 'n toe- en/of onteieningsvraagstuk. Gilbert Gibson het byvoorbeeld op 'n plaas naby Marquard in die Oos-Vrystaat grootgeword. Intussen het hy 'n loopbaan as internis betree en gevolg. Hy vertel (Smith, 2005) dat hy lanklaas op die plaas was, maar sê dat daardie grootwordervaring 'n raamwerk gevestig het waardeur hy na die wêreld bly kyk:

> Al daardie plekname en goed wat ons so ligtelik gebruik, soos Sannaspos, die veldslae, plekname in die Vrystaat, daardie plekke verteenwoordig die voorgeslagte. Dit gaan natuurlik nou verlore, maar daai bril is 'n bril wat jy opsit.

In grepe uit die gedig "mens kan 'n plaas klein bêre" (Gibson, 2005:17), uit sy debuutbundel *boomplaats*, blyk hoe daardie gegewe sy identiteit onherroeplik markeer, al is dit in afgeskaalde formaat en beklad met skuldgevoelens (sodat die geïmpliseerde Afrikaner- of Boere-identiteit nie langer 'n magbekleënde, essensialistiese aard aanneem nie):

mens kan 'n plaas klein bêre
opgedis in die spore die
geeste die bene langs die asvure
mens dra hom hier, bv.
[...]
drie blikblomme van jare terug se grafte;
[...]
[...]; 'n stukkie rooi
van die voorkant van 'n
speelgoedtrekker; [...]
[...] ; 'n boutjie
uit die waenhuis; [...]

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a15

[...]
[...]; dit alles,
die skuld van die derde en die vierde geslag
die geeste en die bene
bo al die hele ruimte op in die kop.
mens kan 'n plaas klein bêre, so[.]

'n Klassiek geworde Afrikaanse lied oor grondonteiening is David Kramer se "So long, Skipskop". Eintlik moet 'n mens die pleknaam uitspreek as "Skips-kop", want dit verwys na 'n heuwel, daar naby dié kusdorpie in die Overberggebied vanwaar in die verlede talle skipbreuke dopgehou kon word. Die gedwonge verskuiwing van die inwoners gedurende die apartheidsjare, en wat die inspirasie vir Kramer se alombekende lied was, kan ook as 'n soort skipbreuk, maar een van sosiopolitieke aard, gesien word (Odendaal, 2011).

Die reeds vermelde digter in (gedeeltelik) Kaaps, Ronelda Kamfer, se voorgeslagte was onder diegene wat verplig was om weg te trek uit daardie omgewing, deur die apartheidsregering van destyds geoormerk om tot 'n militêre oefenterrein omskep te word – mense wat dus grondonteiening en gepaardgaande mag- en vryheidverlies moes beleef.

Sy het in 2009 navorsing oor daardie stuk geskiedenis gedoen vir haar tweede bundel, *grond / Santekraam*. Uit die gedig "oorvertel 1" (Kamfer, 2011:16) blyk dat sommige van die mense wat daardie trauma moes beleef, nie net vir die apartheidsregering kwaad bly nie. Hulle verwyt ook die wit man David Kramer 'n bietjie, omdat hy hom, in 'n soort kultuuridentiteit-toeëieningsdaad, van dié lotgevalle asook van die "Kaapse aksent" van bruin mense gaan bedien het om 'n allemanstreffer van 'n lied daar te stel. 'n Greep uit wat deur 'n "oom" aan haar vertel is, lui in dié gedig soos volg:

[...]
ek was nog 'n kind gewees daai tyd
daai fokken Kramer-jong het mos
daai song gesing so long Skipskop
met 'n Kaapse aksent nogals pure
djasgeit wit mense se sad en onse sad
is different hulle huil oor die plek
oor dit mooi was
onse mense huil oor hulle
net moet maak soos gesê was
[...].

Dikwels met die identiteitsvraagstuk verbonde staan die reis- of swerfmotief in Afrikaanse digbundels van die afgelope drie dekades (Odendaal, 2016:330). Dié verbandlegging is in die onderhawige tydperk selfs opvallender as voorheen in die Afrikaanse letterkunde (De Beer & Du Plooy, 2011:89-92).

Politieke veranderings in die land het dit enersyds vir voorheen uitgeweke Suid-Afrikaners, waaronder "displaced by exile"-digters soos PJ Philander en Julian de Wette (Viljoen, 2005:108-109), moontlik gemaak om hul geboorteland te besoek of hierheen terug te keer en nuwe bundels die lig te laat sien (Odendaal, 2016:331). Aan die ander kant het die herstel van buitelandse betrekkinge sedert 1990 besoeke deur Suid-Afrikaners aan die buiteland aansienlik laat toeneem. Globalisering, die belewing van die "wêreld as dorp", waartoe ook die ontwikkeling van die digitale media sterk aanleiding gee, versterk die literêre vergestalting van die reis- of swerfmotief (Roos, 2015:182 en 185), dikwels juis as uiting van identiteitsoeke

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a15

(soos De Beer & Du Plooy, 2011:89, aangaande dié motief in die werk van vroulike Afrikaanse digters sedert 1994 uitwys). *Plekbewustheid*, naamlik dat dit "'n manifestasie van persoonlike en kultuurvorming" is (Lambrechts, 2020:180), tree op die voorgrond in sulke werk deur reisendes of migrerendes.

Naas indrukke van die besoekte of na verhuisde wêrelddele vind behoue insigte aangaande die "eie egte land" (Du Plooy, 2003:49) neerslag in digbundels van veteraanswerwers soos Breytenbach en Joan Hambidge, maar ook in bundels deur Danie Marais, Ronel Nel, Carina Stander, Ilse van Staden, ensovoorts.

Die verhouding tussen Suid-Afrika / Afrikaans en die Lae Lande / Nederlands en Vlaams is prominent in hierdie verband, soos spreek uit digbundels deur meermalige besoekers aan die Lae Lande soos Hein Viljoen, Heilna du Plooy, Bernard Odendaal en Hennie van Coller (Odendaal, 2016:331), maar ook uit bundels van emigrante na Nederland soos Marlene van Niekerk (2013, 2017a en 2017b) en Carina van der Walt (2021).

4.4.6 (Afrikaanse) kultuurpessimisme, 'n "nuwe verset" en 'n "diaspora"

Pessimisme oor die handhawing en uitbouing van die Afrikaner- of breër Afrikaanse kultuur, dit wil sê ook oor die voortbestaan van Afrikaans en die nut en waarde van letterkunde, is 'n volgende redelik opvallende tematiese ontwikkeling in die onderhawige Afrikaanse digkunstydperk (Viljoen, 2011:22-23). Een van die belangrikste tendense sedert die 1990's in die breër Afrikaanse letterkunde, so wys Roos (2015:186, 205) uit, is juis "werke waarin die verlede gedissekteer" word en waarin die identiteitskonsep sentraal staan. Motiewe soos 'n "oenskynlik finale versplintering van Afrikanerdom" en 'n teloorgang van "die eertydse ideaal van Afrikaner-eenheid" (Roos, 2015:165) is hierby te bespeur. Breyten Breytenbach en Wilma Stockenström is bekend vir dusdanige pessimisme in hulle werk, ook in hulle digwerk; sodanige kultuuridentiteitsvraagstukke deurspek egter bundels van talle ander digters uit hierdie periode (Odendaal, 2016:332-333).

Marius Crous (2003:37) doen byvoorbeeld 'n oproep tot selfondersoek, tot kultuuridentiteitstransformasie deur Afrikaanssprekendes, en spesifiek in terme van taal. Kennelik is dit veral Standaardafrikaanssprekers, oftewel die voorheen maghebbende Afrikaners, wat hiertoe aangemoedig word. Grepe uit die betrokke gedig lui:

> kom ons bid saam in 'n taal
> wat die sonde in hom dra
> van gemartelde kinders verminkte vroue
> tereggestelde mans verslaafde volgelinge
> 'n taal wat nooit wou mooipraat
> nooit vanaf preekstoele in lesingsale
> in skoolsale koerante
> wou skree teen onreg
> laat die taal gereinig word
> laat dit 'n taal van genade word
> [...]
> laat god hom weer ná al die jare
> verstaan[.]

In reaksie op "nuwe onregte en nuwe onheile" wat, luidens die agterblad van die poësiebloemlesing *Nuwe verset* (in 2000 saamgestel deur Hugo, Rousseau & Du Plessis), in die

post-apartheid-Suid-Afrika opduik, vertolk talle digters egter toenemend ook hulle misnoeë oor sosiopolitieke ontwikkelings soos die volgende: die ontoeganklikwording van geleenthede vir byvoorbeeld Afrikaanstaliges; die verval van infrastruktuur, moraliteit en omgewing; skrikwekkend groeiende (gewelddadige) misdaad, waaronder moorde op plase en in die platteland "wat in baie kringe as polities geïnspireerde handelinge beskou" word (Roos, 2015:165); toenemende grondeise deur swart mense en die (omgekeerde) rassisme wat in maatreëls soos dié ter bevordering van swart ekonomiese bemagtiging skuilgaan.

Die derde afdeling van die bloemlesing, "Ons het die waarheid vertel" getiteld (Hugo, Rousseau & Du Plessis, 2000:62-80), weerspieël 'n aanspraak op openhartigheid, asook die uitspreek van waardes of voorwaardes vir 'n werkbare saambestaan in Suid-Afrika. Dat heelparty bruin digters hulle stemme in die gees hiervan laat hoor, laat Adendorff (2003:102) in dié nuwe verset selfs 'n voortsetting van "die sogenaamde *struggle*-poësie van die jare sewentig en tagtig" bemerk.

Die "[a]l hoe meer gespanne politieke en maatskaplike opset waarin veral blankes onseker [geword het] oor hulle plek in die [nuwe] bedeling", lei egter ook tot opmerklike emigrasie – 'n fenomeen wat al beskryf is met die term "diaspora" (Roos, 2015:165, 194). Die positiewe kant van laasgenoemde, versterkend van die effek van globalisering wat "ervaar word in die vorm van makliker kommunikasie en toenemende gedeelde belange" (Roos, 2015:201), is dat nuwe, meer inklusiewe identiteite geproduseer word as die historiese, dikwels beperkende kultuuridentiteite. Hiervan getuig, onder meer, die minstens tien digbundels deur Afrikaanse uitgewekenes wat in die dekade ná 2012 verskyn het (De Wet, 2024).

Hierdie soort werke is egter dikwels terselfdertyd tematies deurspek van nostalgiese herinneringe aan plekke en naasbestaandes in Suid-Afrika. By laasgenoemde sluit die feit aan dat sulke uitgewekenes steeds Afrikaans benut as digtaal. Dit herinner aan die bewese verskynsel dat groepe Suid-Afrikaners wat in die buiteland woon, verkies om in Afrikaans (of ander Suid-Afrikaanse inheemse tale) eerder as Engels met mekaar te kommunikeer, aangesien dit hulle "nie net troos [nie]", maar boonop "'n gevoel [besorg] van êrens behoort [sic]" (Parker, 2015:4-5).

In sy 2006-debuutbundel, met die veelseggende titel *In die buitenste ruimte*, verwoord Danie Marais sommige van die ekspatriaatsentimente. Hy het, vanweë 'n mislukkende huwelik met 'n Duitse vrou, 'n tydperk van "nege verloopte jare" in diepe ongelukkigheid in Duitsland deurgebring, voordat hy weer teruggekeer het na Suid-Afrika (Terblanche, 2019). Die genoemde vertroostingselemente aangaande die benutting van Afrikaans deur uitgeweke Suid-Afrikaners word in dié bundel egter geproblematiseer deur twyfel oor die voortbestaansmoontlikhede daarvan, met name wat hoëfunksie-aanwendings betref, in 'n Suid-Afrikaanse bedeling wat tans nié bevorderlik is vir inheemse tale in sulke funksies nie. Met betrekking tot laasgenoemde lui twee gediggrepe uit dié bundel soos volg:

> In Duitsland praat jy lekker Duits,
> tot jy een oggend skielik weer
> soos iemand wat by die tandarts was
> sukkel om "selbstverständlich" te sê.
>
> In Duitsland is Afrikaans die moordwalvis
> wat jy grootmaak in die bad,
> is dit Afrikaans wat opkrul soos die luislang
> onder sy vyeboom in die woonkamer.
> Afrikaans word jou huisgod, jou altaar;

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a15

die potplant langs jou hi-fi
wat soos die *Little Shop of Horrors* se Audrey II
in die maanskyn groei om lang gevaarlike skadu's
oor die buurt se dakke te gooi.
(Marais, 2006:44)

[...] jy begin verstaan hoekom die mense altyd wil weet
waar jy vandaan kom
"wo du herkommst"
en jy wonder
of jy dalk eendag in 'n Duitse aftree-oord sal moet antwoord:
die taal waarin ek gebore is het verdwyn soos 'n tuisland
moes toemaak soos 'n haarsalon vir honde
aan die verkeerde kant van die spoor.
(Marais, 2006:77)

5. Enkele slotopmerkings

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die motiewe *taal*(-variëteit) en *ruimte* (in die vorm van die konsepte *plek, land, grond* of *landskap*) deurentyd opgeduik het as belangrike merkers van Afrikaanse kultuuridentiteit in digwerk in dié taal, juis ook gedurende die honderd jaar (1925–2025) waarin dié taal amptelike landstaalstatus geniet.

Opvallend is voorts dat die hantering van dié motiewe toenemend verwikkelde en spanninggelade gedaantes aangeneem het vanweë polities- en ekonomies-maatskaplike ontwikkelings in eers apartheid-Suid-Afrika en daarna in die ANC-regeerde demokratiese bedeling van ná 1994. Die Afrikaanse kulturele identiteit waarna met die Afrikanernasionalistiese apartheidsideologie gestreef is, het 'n essensialistiese aard gehad. Die binnelandse én buitelandse veroordeling daarvan en weerstand daarteen het tot die genoemde bedeling van ná 1994 aanleiding help gee, maar ook tot die ontwikkeling van kultuuridentiteitsienings wat opvallender deur ambivalensie, vloeibaarheid en heterogeniteit gekenmerk word.

Grondbesitvraagstukke bly steeds aktueel in Suid-Afrika, soos onder andere deur Changuion en Steenkamp (2011) aangetoon. Daarby problematiseer pleknaamveranderings binne die huidige bestel, asook die eietydse emigrasietendens soos dit versterk word deur die groeiende globaliseringsverskynsel, Afrikaanssprekendes se belewenis van *plek-*/*land-*/*grond* -verbondenheid as kultuuridentiteitsbepalende faktor.

Eietydse Afrikaanse woordkunstenaars word veral geraak deur twee ontwikkelings wat met *taal* as kulturele identiteitsmerker saamhang: die opkoms van digkuns in ander Afrikaansvariëteite as die standaardvorm, asook die verlies aan hoë funksies wat dié taal (soos ander inheemse tale) se toekoms bedreig. Gevolglik blyk dié kultuuridentiteitsmerker, minstens op literêre terrein, opvallender as bogenoemde ruimtelike konsepte op die voorgrond te staan gekom het betreffende eietydse Afrikaanse identiteitsvraagstukke. Laasgenoemde word opvallend weerspieël in die voorkoms van sulke motiewe in meer onlangs gepubliseerde digbundels.

Die aktualiteit hiervan word byvoorbeeld gedemonstreer deur 'n gedig wat Breyten Breytenbach, toe reeds meer as 'n halwe eeu woonagtig buite die grense van Suid-Afrika (Terblanche, 2025), in 2016 geskryf het ter ondersteuning van die sogenaamde Gelyke Kanseveldtog. Met dié veldtog beywer deelnemers hulle "vir die voortbestaan van Afrikaans as akademiese taal", byvoorbeeld aan die Universiteit Stellenbosch (PEN Afrikaans, 2016).

die tongvervreemding

wanneer jy die moedertong
    in my mond laat verdor
neem jy die wêreld weg
verduister jy my geheue
maak jy dat ek as vreemdeling
    en sonder ’n eie paar skoene
die toekoms moet ondergaan
wat ek nie meer fatsoeneer nie
wat ek nog net interpreteer
en nie penetreer nie

wanneer jy die taal
    van my wegneem
ruk jy die hart uit my drome
om dit te vervang
met die mondmaniere
van ’n tong wat nog net
    die blinde werk van miere kan doen

wanneer jy van my ’n massasyfer maak
om soos ’n gefnuikte papegaai
    te pik-pik na sy nabootsing
maak jy dat ek ’n weesmens is
in die leë huis van my vaders
sonder taal om my afwesigheid te beween[.]

BIBLIOGRAFIE

Adendorff, E. 2003. Digdebute teen die millenniumwending: ’n Polisistemiese ondersoek. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Adendorff, E. 2006. “Planke toe met die poësie!” ’n Voorlopige ondersoek na *performances* en *happenings* in die Nederlandse en Afrikaanse poësiesisteme. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans,* 13(2):129-147.

Afrika, J (ps. Breyten Breytenbach). 1998. *Papierblom (72 gedigte uit ’n swerfjoernaal)*. Kaapstad, Pretoria en Johannesburg: Human & Rousseau.

Antonissen, R. 1955. *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede*. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, Port Elizabeth en Pietermaritzburg: Nasou Bpk.

Antonissen, R. 1979. *Verkenning en kritiek*. Pretoria: HAUM-literêr.

Blum, P. 1955. *Steenbok tot poolsee*. Kaapstad: Tafelberg.

Bosman, M. 2003. Het Afrikaanse *rock* iets vir die Afrikaanse poësie te sing? *Stilet,* XV(1):101-121.

Bosch, B. 2000. Ethnicity markers in Afrikaans. *International Journal of the Sociology of Language*, 144(1):51-68.

Breytenbach, B. 1969. *Kouevuur*. Kaapstad: Buren-Uitgewers Bpk.

Breytenbach, B. 1993. *[N]ege landskappe van ons tye bemaak aan ’n beminde*. Groenkloof & Somerset-Wes: hond/ithaka.

Brink, AP. 1989. Antjie Krog se *Lady Anne*: ’n Roman van ’n bundel. *Vrye Weekblad*, 18 Augustus:13.

Brink, AP. 1991. *Afrikaans: Op pad na 2000*. Tiende DF Malherbe-gedenklesing, 15 Mei 1991. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Brink, AP. 1992. Betrokke literatuur. In: Cloete, TT (red.). 1992:38-41.

Brink, AP (samest.). 2000. *Groot verseboek 2000*. Kaapstad: Tafelberg.
Brink, AP (samest.). 2008. *Groot verseboek (drie dele)*. Kaapstad: Tafelberg.
Britz, EC. 1999. S.J. Pretorius (1917–1995). In: Van Coller, HP (red.). 1999:473-486.
Buell, L. 2005. *The Future of Environmental Criticism*. Malden, MA: Blackwell Publishing.
Carstens, THM. 2003. Aspekte van nasionale en kulturele identiteit in 'n verenigende Europa sedert 1958. Enkele gevallestudies. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
Carstens, WAM & Raidt, EH. 2019. *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika – Biografie van 'n taal, deel 2.* Pretoria: Protea Boekhuis.
Celliers, JFE. 1974 (tweede uitgawe van 'n samebundeling van Celliers se digwerk; eerste uitgawe 1920). *Die Vlakte en ander gedigte*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Bpk.
Changuion, L & Steenkamp, B. 2011. *Omstrede land. Die historiese ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Grondvraagstuk, 1652–2011*. Pretoria: Protea Boekhuis.
Cloete, TT. 1980. Poësie. In: Cloete, TT, Grove, AP, Smuts, JP & Botha, E (reds.). 1980:115-291.
Cloete, TT (red.). 1992. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-literêr.
Cloete, TT, AP Grove, JP Smuts & E Botha (reds.). 1980. *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig*. Goodwood: Nasou Beperk.
Coetzee, JM. 1986. Farm Novel and "Plaasroman" in South Africa. *English in Africa*, 13(2):1-19.
Coetzee, JM. 1992. *Doubling the Point: Essays and Interviews* (edited by David Atwell). Cambridge, Massachusetts & London: Harvard University Press.
Cross, JE. 2001. *What is sense of place?* https://www.researchgate.net/publicatio/282980896 [22 November 2024].
Crous, M. 2003. *Brief uit die kolonies*. Pretoria: Protea Boekhuis.
Crous, M. 2009. Afrikaans poetry: New voices. *Current Writing,* 21(1 & 2):200-217. http://www.tandfonline.com/doi/pdf/10.1080/1013929X.2009.9678318 [27 Mei 2024].
Darian-Smith, K, Gunner, L & Nuttall, S (eds). 1996. *Text, Theory, Space: Land, Literature and History in South Africa and Australië*. London & New York: Routledge.
De Beer, AM & Du Plooy, H. 2011. Ruimte as tema en metafoor in die poësie van enkele vroulike Afrikaanse digters: 1994–2005. *Literator,* 32(1):73-98.
De Wet, K. 2005. Afrikaanse kinder- en jeugpoësie sedert 1970. In: Wybenga, G & Snyman, M. (reds.). 2005:41-55.
De Wet, K. 2024. Vernuwing, vervreemding en taalvariante. NP Van Wyk Louw se *Nuwe verse* en die eietydse poësie. *LitNet Akademies (Geesteswetenskappe)*, 21(1). https://www.litnet.co.za/vernuwing-vervreemding-en-taalvariante-n-p-van-wyk-louw-se-nuwe-verse-en-die-eietydse-poesie/ [12 April 2024].
Die Genootskap van Regte Afrikaners. 1975 (oorspronklike uitgawe: 1878). *Afrikaanse gedigte. Faksimilee-weergawe van die oorspronklike uitgawe*. Kaapstad: Human & Rousseau (vir die Patriot-Vereniging vir Afrikaanse Teksuitgawes van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns).
Dubois, PH. 1975. Nederlandse kritiek over Elisabeth Eybers. In: Nienaber-Luitingh, M (samest.). 1975:41-52.
Du Plooy, H. 2003. *In die landskap ingelyf*. Pretoria: Protea Boekhuis.
Du Preez, JM. 1983. *Africana Afrikaner. Meestersimbole in Afrikaanse skoolhandboeke*. Alberton: Librarius Felicitas.
Eybers, E. 1950. *Tussensang*. Johannesburg: Constantia.
Eybers, E. 1968. *Onderdak*. Kaapstad: Human & Rousseau.
Eybers, E. 1995. *Uit en tuis. Afrikaanse verse uit Amsterdam* (saamgestel deur Ena Jansen & Hans Ester). Kaapstad, Johannesburg & Pretoria: Human & Rousseau.
Fokkema, DW. 1996. *Culturele identiteit en literaire innovatie.* Utrecht: University Utrecht. Faculteit der Letteren.
Foster, R. 2000. Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960[1]. *LitNet: PoësieNet*, www.oulitnet.co.za/poesie/09beelde.asp [15 Mei 2024].
Foster, R, T'Sjoen, Y & Vaessens, T (reds.). 2009. *Over grenzen. Een vergelijkende studie van Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse poëzie / Oor grense. 'n Vergelykende studie van Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse poësie.* Leuven & Den Haag: Acco.

Galloway, F. 1990. *Breyten Breytenbach as openbare figuur*. Pretoria: HAUM-Literêr.
Galloway, F & Steenberg, DH. 1993. Literatuur en konteks in Suid-Afrika in 1985. *Literator,* 1993 (Supplementum 1):1-3.
Garman, A. 2015. *Antjie Krog and the Post-Apartheid Public Sphere. Speaking Poetry to Power*. Pietermaritzburg: University of KwaZulu-Natal Press.
Gerwel, J. 2012. *Language and silence*: Persoonlike herinneringe aan Adam Small, die digter-intellektueel. *Tydskrif vir Letterkunde*, 49(1):15-18.
Gibson, G. 2005. *[B]oomplaats*. Kaapstad: Tafelberg.
Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners. 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.
Giliomee, H. 2012a. Apartheid: 'n ander blik In: Pretorius, F (red.). 2012:429-441.
Giliomee, H. 2012b. "Aanpas of sterf", 1978–1984. In: Pretorius, F (red.). 2012:389-403.
Grobler, J. 2012. Swart verset teen apartheid, 1950's–1980's. In: Pretorius, F (red.) 2012:369-388.
Grové, AP. 1965a. *DJ Opperman*. Kaapstad: Nasou Bpk.
Grové, AP. 1965b. *Fyn net van die woord*. Kaapstad: Nasou Bpk.
Hagen, L. 1999. Kulturele identiteit. Die "Alternatiewe Afrikaans Beweging" van die tagtigerjare. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
Hall, S. 1996. *Critical Dialogues in Cultural Studies* (edited by David Morley and Kuan Hsing Chen). London & New York: Routledge.
Hough, L & Van Zyl, D. 2012. Die "vertaling" van kulturele identiteit in *Mamma Medea* van Tom Lanoye (2001) en Antjie Krog (2002). In: T'Sjoen, Y & Foster, R (reds.). 2012:283-302.
Hugo, D, Rousseau, L & du Plessis, P (samests.). 2000. *Nuwe verset*. Pretoria: Protea Boekhuis.
Jansen, E. 1991. Eybers loop op unieke koord. *De Kat*, Julie:85.
Jansen, E. 1996. *Afstand en verbintenis. Elisabeth Eybers in Amsterdam*. Pretoria: JL van Schaik Akademies.
Johl, R. 1986. *Kritiek in krisis: Vryheid vir die teks*. Durban: Butterworth.
John, P. S.d. Afrikaanse poësie V: Ná 1970. Myfundi.co.za/skoolnuus/a/Afrikaanse_poesie_V/Na_1970/ [16 Junie 2011 – tans onbeskikbaar].
Jonckheere, WF. 2001. *Die platgetrapte kroontjie: Afrikaanse en Nederlandse gedigte oor die Anglo-Boere-oorlog*. Pretoria: Protea Boekhuis.
Joubert, CJ. 2017. Die verhouding tussen ruimte en identiteit in Eben Venter se prosakuns: ballingskapliteratuur en die postkoloniale diskoers. Ongepubliseerde DLit et PhD-tesis. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
Julius, L. 2020. *Uit die kroes*. Kaapstad: Kwela Boeke.
Kamfer, RS. 2011. *[G]rond/Santekraam.* Kaapstad: Kwela Boeke.
Kannemeyer, JC. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur, deel 1*. Kaapstad & Pretoria: Academica.
Kannemeyer, JC. 1988. *Die Afrikaanse literatuur 1652–1987*. Kaapstad & Pretoria: Academica.
Kannemeyer, JC. 1989. Die horries van A.E. Samuel (gebore Krog). *Tydskrif vir letterkunde,* 27(3):33-42.
Kannemeyer, JC. 1996. *Ontsyferde stene*. Stellenbosch: Inset.
Kannemeyer, JC. 2005. *Die Afrikaanse literatuur 1652–2004*. Kaapstad & Pretoria: Human & Rousseau.
Kannemeyer, JC (red.). 2008. *Briewe van Peter Blum*. Hermanus: Hemel & See Boeke.
Kleyn, L. 2008. 'n Ander bestekopname van die Afrikaanse poësie, 2004–2007. *LitNet Akademies*, 5(1), https://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/9619/Kleyn_Ander(2008).pdf?sequence=1 [28 Mei 2024].
Klopper, A. 2009. Die opkoms van Afrikaanse rock en die literêre status van lirieke, met spesifieke verwysing na Fokofpolisiekar. Ongepubliseerde MLitt-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
Koch, J. 2022. *A History of South African Literature: Afrikaans Literature. Part Two: The Period of Emancipation 1900–1930*. Pretoria: Van Schaik.
Komrij, G. 1999. *De Afrikaanse poëzie in 1 000 en enige gedichten*. Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker.
Krog, A. 1989. *Lady Anne*. Bramley: Taurus.
Krog, A. 2000a. *Kleur kom nooit alleen nie*. Kaapstad: Kwela Boeke.
Krog, A. 2000b. *Down to my last skin. Poems*. Johannesburg: Random House.

Krog, A. 2002. *Met woorde soos met kerse. Inheemse verse uitgesoek en vertaal deur Antjie Krog.* Kaapstad: Kwela Boeke.

Krog, A. 2004. *[D]ie sterre sê 'tsau'. /Xam-gedigte van Diä!kwain, Kweiten-ta-//ken, /A!kúnta, / Han≠kass'o en //Kabbo, gekies en versorg deur Antjie Krog.* Kaapstad: Kwela Boeke.

Krog, A. 2006a. *Verweerskrif*. Roggebaai: Umuzi.

Krog, A. 2006b. *Body Bereft*. Roggebaai: Umuzi.

Lambrechts, M. 2020. Die invloed van plek en ruimte op die identiteitskonstruksie van vrouemigrante binne die Suid-Afrikaanse konteks na aanleidingvan

Zebra crossing (2013) deur Meg Vandermerwe. *LitNet Akademies*, 17(1):171-196. https://www.litnet.co.za/die-invloed-van-plek-en-ruimte-op-die-identiteitskonstruksie-van-vrouemigrante-binne-die-suid-afrikaanse-konteks-na-aanleiding-van-zebra-crossing-2013-deur-meg-vandermerwe/ [22 November 2024].

La Vita, M. 2016. Video: Adam Small lees 1 van sy eie gedigte. *netwerk24.com,* 25 Junie. http://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/oop-kaarte-terug-uit-die-stilte-20160625-2 [11 April 2024].

Leserskring (samest.). 2013. *Die gewildste Afrikaanse gedigte*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Lindenberg, E. 1965. *Onsydige toets*. Kaapstad: Academica.

Lotman, J. 1977. *The Structure of the Artistic Text* (vertaal deur Ronald Vroom). Ann Arbor, VSA: University of Michigan Press.

Louw, NP van W. 1939. *Lojale verset. Kritiese gedagtes oor ons Afrikaanse kultuurstrewe en ons literêre beweging*. Kaapstad, Bloemfontein & Port Elizabeth: Nasionale Pers Bpk.

Louw, NP van W. 1954. *Nuwe verse*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Bpk.

Louw, NP van W. 1958. *Nasionale liberalisme. Gedagtes oor die nasionalisme, liberalisme en tradisie vir Suid-Afrikaners, met 'n kulturele nadrup*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Bpk.

Louw, NP van W. 1961. *Vernuwing in die prosa*. Pretoria & Kaapstad: Academia.

Louw, PE. 2004. Political power, national identity, and language: the case of Afrikaans. *International Journal of Sociolinguistics*, 170:43-58.

Louw, WEG. 1972. *Naggesprek en ander gedigte*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers

Marais, D. 2006. [*I*]*n die buitenste ruimte*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Marais, EM. 2005. *Versamelde gedigte* (geredigeer deur Baard, M, Kannemeyer, JC, Roets, K, Stassen, N & Viviers, M). Pretoria: Protea Boekhuis.

Mellet, PT. 2010. *Lenses on Cape Identities: Exploring Roots in South Africa*. Suid-Afrika: DIBANISA.

Mitchell, WJT. 1994. Imperial Landscape. In: Mitchell, WJT (ed.). 1994:5-34.

Mitchell, WJT (ed.). 1994. *Landscape and Power*. Chicago & London: The University of Chicago Press.

Mokitimi, MIP, Lenake, M & Swanepoel, C. 2004. *Swerfsange. Liedere van Basotho-mynwerkers*. Pretoria: Van Schaik.

Myburgh, M, Marais,D, Luyt, M & Bester, I. 2012. *[V]i'Adam Small. 'n Digbundel*. Tygervallei: Naledi.

Nel, A. 2012. Amsterdam "deur die vensters van fiksie". Literêre verbondenheid en relasionele ruimte in *Die sneeuslaper* van Marlene van Niekerk. In: T'Sjoen, Y & Foster, R (reds.). 2012:229-245.

Nienaber-Luitingh, M (samest.). 1975. *Ter wille van die edel spel. 'n Bundel saamgestel ter geleentheid van Elisabeth Eybers se sestigste verjaardag*. Pretoria & Kaapstad: Human & Rousseau.

Odendaal, BJ. 2006. Tendense in die Afrikaanse poësie in die tydperk 1998 tot 2003. In: Van Coller, HP (red.). 2006:105-148.

Odendaal, BJ. 2011. Resensie: *grond/Santekraam* (Ronelda S Kamfer). *Versindaba*, 25 Augustus https://versindaba.co.za/2011/08/25/resensie-grondsantekraam-ronelda-s-kamfer/ [4 Junie 2024].

Odendaal, BJ. 2015a. (Profiel van) Peter Blum (1925–1990). In: Van Coller, HP (red.). 2015:370-396.

Odendaal, BJ. 2015b. Omgangsvariëteite van Afrikaans in die digkuns sedert Sestig. *Stilet*, 27(2):32-62.

Odendaal, BJ. 2016. Die Afrikaanse poësie 1960–2012. In: Van Coller, HP (red.). 2016:243-364.

Odendaal, BJ. 2017. Adam Small se literêre status vóór en ná 1990 – met klem op sy digterskap. In: Van der Elst, J (red.). 2017:45-72.

Odendaal, BJ. 2024. Neerslae van mediosferiese veranderings, veral die meer onlangse digitale wending, in die skep en ervaar van digkuns, gedemonstreer met Afrikaanse voorbeelde. *LitNet Akademies (Geesteswetenskappe)*, https://www.litnet.co.za/neerslae-van-mediosferiese-veranderings-veral-die-meer-onlangse-digitale-wending-in-die-skep-en-ervaar-van-digkuns-gedemonstreer-met-afrikaanse-voorbeelde/ [28 Mei 2024].

Odendaal, BJ & Van Coller, HP. 2010. Die liriese intrige in Antjie Krog se *Lady Anne* (1989). *Stilet*, 22(3):63-88.
Ohlhoff, H. 2016. Perspektief op die Afrikaanse poësie – Die poësie van voor 1900 tot 1960. In: Van Coller, HP (red.). 2016:3-242.
Opperman, DJ. 1956. *Blom en baaierd*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Bpk.
Opperman, DJ. 1959. Kuns is boos! *Wiggelstok*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, pp. 142-155.
Opperman, DJ. 1974. Kolporteur en kunstenaar. *Naaldekoker*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers, pp. 67-76.
Parker, M. 2015. Patterns of use of and attitudes towards the Afrikaans language by South African expatriates: A sociolinguistic perspective. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
PEN Afrikaans. 2016. Pen Afrikaans Nuusbrief: November 2016. *Versindaba*, 4 Desember, https://versindaba.co.za/2016/12/04/pen-afrikaans-nuusbrief-november-2016/ [10 Junie 2024].
Philander, PJ. 1960. *Vuurklip.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk.
Phillips, J. 2017. *[R]adbraak.* Kaapstad: Human & Rousseau.
Pienaar, EC. 1920. *Dichters uit Zuid-Afrika, Bloemlezing voor Groot Nederland*. Pretoria & Amsterdam: JH de Bussy.
Pretorius, F. (red.). 2012. *Geskiedenis van Suid-Afrika. Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg.
Pretorius, SJ. 1943. *Vonke*. Pretoria: JL Van Schaik.
Raath, A & Brits, P. 2019. Inheemse kennis as beskermbare kulturele identiteitsbate: Kanttekeninge by die beoogde beskerming van inheemse kennis in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59(3):345-366.
Raper, PE, Möller, LA & du Plessis, LT. 2014. *Dictionary of Southern African Place names*. Johannesburg & Kaapstad: Jonathan Ball Publishers.
Robinson, A. 1971. Aspekte van die poësievernuwing in Afrikaans na 1950. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Chistelike Hoër Onderwys.
Roodt, PH. 1991. Rondom die literatuur en kritiek van die tagtigerjare: Elize Botha, Joan Hambidge en Charles Malan in gesprek met PH Roodt. *Stilet,* 3(1):1-20.
Roos, H. 2015. 'n Perspektief op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu tot 2000. In: Van Coller, HP (red.) 2015:92-271.
Schott, H. 2000. Suid-Afrika en Nederland: is die Kaap weer Hollands? *Stilet*, XII(2):47-62.
Schutte, HJ. 1975. Geestigheid as literêre perspektief. Ongepubliseerde DLitt-proefskrif. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
Sienaert, M. 2001. *The I of the Beholder: Identity Formation in the Art and Writing of Breyten Breytenbach*. Cape Town: Kwela Books.
Small, A. 1973 (eerste druk 1962). *Kitaar my kruis*. Kaapstad: HAUM.
Smith, C. 2005. Die memorie hou alles in stand, meen dié digter-arts. *Volksblad*, 13 Julie:10.
Smith, S. 2012. Plek en ingeplaaste skryf. 'n Teoretiese ondersoek na ingeplaaste skryf as ekopoëtiese skryfpraktyk. *LitNet Akademies*, 9(3):887-928. https://journals.co.za/doi/pdf/10.10520/EJC129809 [22 November 2024].
Steyn, JC. 1998. *Van Wyk Louw. 'n Lewensverhaal* (dele I en II). Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
Steyn, JC. 2014. *"Ons gaan 'n taal maak." Afrikaans sedert die* Patriot-*jare*. Pretoria: Kraal Uitgewers.
Stokes, G. 1997. Introduction. In: Stokes, G. (ed.). 1997:1-22.
Stokes, G (ed.). 1997. *The politics of identity in Australia*. Cambridge University Press.
Taljard, M. 2020. Daai goed speel nie op my tv nie … (onderhoud met Lynthia Julius). *Versindaba,* https://versindaba.co.za/2020/09/11/daai-goed-speel-nie-op-my-tv-nie/ [4 Junie 2024].
Terblanche, E. 2019. Danie Marais (1971–). *LitNet: ATKV/LitNet-Skywersalbum*, 13 Junie, https://www.litnet.co.za/danie-marais-1971/ [10 Junie 2024].
Terblanche, E. 2025. Breyten Breytenbach (1939–2024). *LitNet: ATKV/LitNet-Skywersalbum*, 14 Januarie, https://www.litnet.co.za/breyten-breytenbach-1939/ [15 Januarie 2025].
T'Sjoen, Y. 2013. Beloken blikvelden in de Lage Landen: Eenentwintigste-eeuwse receptie van Nederlandse vertalingen van Afrikaanse poëzie. *Tydskrif vir letterkunde,* 50(1):16-35.
T'Sjoen, Y & Foster, R (reds.). 2012. *Toenadering. Literair grensverkeer tussen Afrikaans en Nederlands*. Leuven en Den Haag: Acco.

Urrieta, L. 2018. Cultural identity theory and education. What we have learned about selves and others. In: Urrieta, L & Noblit, GW. (eds). 2018:1-33.
Urrieta, L & Noblit, GW (eds). 2018. *Cultural constructions of identity. Meta-ethnography and theory*. New York: Oxford University Press.
Van Coller, HP. 1995. Die Afrikaanse plaasroman as ideologiese refleksie van die politieke en sosiale werklikheid in Suid-Afrika. *Stilet*, 7(2):22-31.
Van Coller, HP. 2002. 'n Eietydse Afrikaanse terugblik op die grensoorlog. In: Van der Merwe, CN & Wolfswinkel, RW (reds.). 2002:131-162.
Van Coller, HP. 2006. Die representasie van plaas, dorp en stad in die Afrikaanse prosa. *Stilet,* 18(1):90-121.
Van Coller, HP. 2019. *Verbintenis en venster: die Nederlandstalige letterkunde van aanvang tot hede. 'n Literatuurgeskiedenis in Afrikaans, deel 1.* Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
Van Coller, HP (red.) 1998. *Perspektief & profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis, deel 1*. Pretora J.L. van Schaik Akademies.
Van Coller, HP (red.). 1999. *Perspektief & profiel. Deel 2*. Pretoria: JL van Schaik.
Van Coller, HP (red.). 2006. *Perspektief & profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis, deel 3*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
Van Coller, HP (red.). 2015. *Perspektief & profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis, Deel 1* (tweede uitgawe). Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
Van Coller, HP (red.). 2016. *Perspektief & profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis, Deel 3*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
Van Coller, HP & Odendaal, BJ. 2003. *Kleur kom nooit alleen nie* (Antjie Krog) en *Die burg van hertog Bloubaard* (HJ Pieterse): 'n poëtikale beskouing, dele 1 en 2. *Stilet*, 15(1):16-35 en 36-64.
Van Coller, HP & Odendaal, BJ. 2007. Antjie Krog's role as translator: a case study of strategic positioning in the current South African literary poly-system. *Current writing*, 19(2):94-121.
Van Coller, HP & Odendaal, BJ. 2009. Die verhouding tussen die Afrikaanse en Nederlandse literêre sisteme. 'n Chronologiese oorsig. In: Foster, R, T'Sjoen, Y & Vaessens, T (reds.). 2009:19-45.
Van Coller, HP, De Geest & Du Plooy, H (reds.). 2019. *Verbintenis en venster: die Nederlandstalige letterkunde van aanvang tot hede. 'n Literatuurgeskiedenis in Afrikaans, deel 2.* Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
Van den Heever, T. 1919/1931. Aanvanklike titel: *Gedigte*; twaalf jaar later uitgebreid herdruk as *Eugène en ander gedigte*. Pretoria: JL van Schaik.
Van der Elst, J (red.). 2017. *Adam Small: Denker, digter, dramaturg. 'n Huldiging*. Pretoria: Protea Boekhuis.
Van de Rheede, I. 1983. Kommentaar oor enkele aspekte van "Kleurling-Afrikaans". *Standpunte*, 36(6):30-37.
Van der Merwe, CN & Wolfswinkel, RW (reds.). 2002. *Over Nederlands en Zuid-Afrikaans oorlogsproza*. Haarlem: In de Knipscheer.
Van der Walt, C. 2021. *Landluisteraar. Gedigte*. Gansbaai: Naledi.
Van Niekerk, M. 2013. *Kaar*. Kaapstad: Human & Rousseau.
Van Niekerk, M. 2017a. *Gesant van die mispels. Gedigte by skilderye van Adriaen Coorte ca. 1659–1707*. Kaapstad: Human & Rousseau.
Van Niekerk, M. 2017b. *In die stille agterkamer. Gedigte by skilderye van Jan Mankes 1889–1902*. Kaapstad: Human & Rousseau.
Van Rensburg, C. 2015. "Klipwerk": 'n Rooihakskeenlesing. *Stilet*, 17(2):83-111.
Vestergaard, M. 2001. Who's got the map? The Negotiation of Afrikaner Identities in Post-Apartheid South Africa. *Daedalus*, 130(1):19-44.
Van Vuuren, H. 1999. Perspektief op die moderne Afrikaanse poësie (1960–1997). In: Van Coller, HP (red.). 1999:244-304.
Van Wyk, S. 2007. Die Groot Small – oor die lewe en werk van Adam Small. *LitNet Akademies (Geesteswetenskappe)*, https://www.litnet.co.za/die-groot-small-oor-die-lewe-en-werk-van-adam-small/ [16 Mei 2024].
Venter, MR & Galloway, F. 2003. Boekkultuur kort dringend 'n inspuiting. *Die Burger*, 6 Januarie:7.

Viljoen, H. 1998. Breyten Breytenbach (1939–) alias Panus, alias Don Espejuelo, Alias Bangai Bird, alias Kamiljoen. In: Van Coller, HP (red.). 1998:274-293.
Viljoen, H. 2010. Groot avonture in die (onlangse) Afrikaanse poësie. *Stilet*, 23(2):169-196.
Viljoen, H & Van der Merwe, CN. 2006. Oor die drumpel: liminaliteit en literatuur. *Literator*, 27(1):ix-xxvi.
Viljoen, L. 1989. Krog se virtuose kompleksiteit. *Die Burger*, 28 Desember:8.
Viljoen, L. 2001. "A White Fly on a Sombre Window Pane": The Construction of Africa and Identity in Breyten Breytenbach's Poetry. *Literator*, 22(2):1-19.
Viljoen, L. 2005. Displacement in the literary texts of black Afrikaans writers in South Africa. *Journal of Literary Studies*, 21(1-2):93-118.
Viljoen, L. 2009. *Ons ongehoorde soort. Beskouings oor die werk van Antjie Krog.* Stellenbosch: SUN Press.
Viljoen, L. 2011. Of Chisels and Jackhammers: Afrikaans Poetry, 2000–2009. *Current Writing,* 23(1):17-34.
Webb, V & Kriel, M. 2000. Afrikaans and Afrikaner nationalism. *International Journal of the Sociology of Language,*144:19-49.
Wiehahn, R. 1965. *Die Afrikaanse poësiekritiek*. Kaapstad & Pretoria: Academica.
Willemse, H. 1999. 'n Inleiding tot buite-kanonieke Afrikaanse kulturele praktyke. In Van Coller, HP (red.). 1999:3-20.
Willemse, H. 2019. NP Van Wyk Louw deur die oë van Adam Small. *LitNet Akademies (Geesteswetenskappe)*, 14(3), https://www.litnet.co.za/category/litnet-akademies-geesteswetenskappe [11 April 2024].
Wybenga, G & Snyman, M. (reds.). 2005. *Van* Patrys-hulle *tot* Hanna Hoekom*. 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek*. Pretoria: LAPA Uitgewers.
Zuiderent, A. 2000. Van *Dietse dichten* tot *Oor die eenheid van die digbundel*. Wat hebben Zuid-Afrika en ik met elkaar te maken? *Stilet*, XII(2):23-38.

Afrikaanse drama en toneel van 1925 tot 2025: Enkele teaterhistoriese opmerkings

Afrikaans drama and theatre from 1925 to 2025: A few theatre-historical remarks

Marisa Keuris
Navorsingsgenoot
Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap
Universiteit van Suid-Afrika
Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: marisakeuris17@gmail.com

Marisa Keuris

Marisa Keuris is 'n afgetrede professor in Algemene Literatuurwetenskap en tans navorsingsgenoot in die Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika. Haar navorsing is sedert haar doktorale studie, *Dramateorie vandag: die bydrae van die drama-en teatersemiotiek* (1988), gefokus op kontemporêre drama- en teaterstudies. In 1996 publiseer sy *Die dramateks: 'n Handleiding* (ook in Engels uitgegee deur Van Schaik Uitgewers), wat daarna ook in Noord-Sotho, isiZulu en isiXhosa vertaal en uitgegee is. Sy het in beide Afrikaans en Engels gepubliseer oor die werke van bekende Suid-Afrikaanse dramaturge (onder andere Reza de Wet, Yaël Farber, Pieter Fourie, Athol Fugard, Harry Kalmer, Deon Opperman, Adam Small, Janet Suzman, NP van Wyk Louw). Sy is, saam met Temple Hauptfleisch, mederedakteur van twee boeke as deel van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se huldigingsreeks vir Hertzogpryswenners, naamlik (1) *Reza de Wet: Die dramaturg as dromer – 'n Huldiging* (2020), asook (2) *Bartho Smit: Koorddanser tussen triomf en tragedie – 'n Huldiging* (2023).

Marisa Keuris is a retired professor of Theory of Literature and currently Research Fellow in the Department of Afrikaans and Theory of Literature, University of South Africa. Since the completion of her doctoral thesis, *Dramateorie vandag: die bydrae van die drama- en teatersemiotiek* [*Drama theory today: the contribution of drama and theatre semiotics*] in 1988, she has focused in her research on contemporary drama and theatre studies. In 1996 she published *The play: a manual* (published in Afrikaans and English by Van Schaik Publishers), which was subsequently also translated and published in Northern Sotho, isiZulu and isiXhosa. She has published in both Afrikaans and English on the work of well-known South African playwrights (inter alia Reza de Wet, Yaël Farber, Pieter Fourie, Athol Fugard, Harry Kalmer, Deon Opperman, Adam Small, Janet Suzman, NP van Wyk Louw). She is co-editor, with Temple Hauptfleisch, of two books which are part of a series on Hertzog prize winners commissioned by the South African Academy for Science and Arts, namely (1) *Reza de Wet: Die dramaturg as dromer – 'n Huldiging* (2020), and (2) *Bartho Smit: Koorddanser tussen triomf en tragedie – 'n Huldiging* (2023).

Datums:
Ontvang: 2024-06-29 Goedgekeur: 2024-11-06 Gepubliseer: Maart 2025

ABSTRACT

Afrikaans drama and theatre from 1925 to 2025: A few theatre-historical remarks

An overview of the last hundred years of Afrikaans drama and theatre indicates that two main approaches were followed when this period was documented, namely an approach that focused largely on the dramatic text (the written and published play) as a literary text and was discussed as such within the various literary histories (see Antonissen, Dekker, Cloete, Kannemeyer, Van Coller), and another approach that focused on theatre and performance activities within this period (as recorded by Bosman, Binge, Botha and others).

In this article I argue for an integrated approach (as propagated by the well-known theatre historiographer Postlewait) and try to illustrate how particular events within the history of Afrikaans theatre have influenced and determined the production of plays in this century. The following four periods are distinguished: (1) the early development of Afrikaans drama and theatre (1925–1947): pioneers and trailblazers; (2) the National Theatre Organisation (NTO) and the development of the Afrikaans professional theatre (1947–1962); (3) the performing arts councils, namely the Performing Arts Council of the Transvaal (PACT), the Cape Performing Arts Board (CAPAB), the Performing Arts Council of the Orange Free State (PACOFS), and the Natal Performing Arts Council (NAPAC): 1963 to early 1990s; and (4) post-1994: art festivals, the Covid-19 pandemic.

While most literary historians see the first period (1925–1947) as one which did not yield many plays of value (especially when compared to what was produced by poets and novelists during these years), too little attention was given in the literary discussions to the difficult conditions within which the first theatre pioneers had to work (inter alia, financial limitations, poor infrastructure, long travelling distances). Theatre historical works, for example the memoires of Hendrik and Mathilde Hanekom (written by Anna Minnaar-Vos), Anna Neethling-Pohl and others were referenced to illustrate these conditions and to commend the theatre pioneers for establishing the first Afrikaans theatre in the country.

While more Afrikaans plays were produced in the second period (1947–1962), little reference was again made in the literary histories of the work done in the theatre organisations of this period to develop Afrikaans theatre, as well as the material conditions impacting on theatre practitioners and administrators. To address this mainly "literary" perspective, reference is made to "Oom Breytie" Breytenbach's contribution as theatre administrator of the NTO.

In the third period under discussion (1963–1990s) the establishment of the regional performance arts councils (PACT, CAPAB, PACOFS, NAPAC) brought about financial security for theatre practitioners and consequently Afrikaans theatre (and the production of new Afrikaans plays) blossomed. Beautiful performances of plays (with specially designed costumes and décor sets) were presented during this period, within state-of-the-art theatre complexes – but "for whites only". This situation could not continue, and after strong criticism from outside South Africa (inter alia the "Equity boycott" of the period 1963 to the 1980s), and domestically by the writers/playwrights ("Sestigers") themselves, these art councils were disbanded in the early 1990s and changed from production houses to receiving houses. While some reference is made to certain initiatives originating from the theatre practitioners (namely "Kampustoneel": 1983–1993) in the literary overviews, the enormous changes wrought by the implosion of the art councils – also on the playwrights – are scarcely mentioned in these studies.

In more recent literary reviews, some academics (inter alia Odendaal and Coetser) expressed concern about the situation regarding Afrikaans plays and mentioned a clear decline in the number of published plays since the late 1980s. In the final period under discussion

(Post 1994) the emergence of art festivals, namely first the Klein Karoo National Arts Festival (KKNK) in 1995, followed by the Aardklop National Festival (Aardklop), the Toyota Stellenbosch Woordfees, the Vrystaat Kunstefees/Arts Festival, and more recently the Suidoosterfees, ushered in a new period for Afrikaans theatre. Some interesting links to the early days of pioneer theatre practitioners, as well as national "volksfeeste" are now drawn by academics. The precariousness of festivals, however, were dramatically demonstrated when the Covid-19 global pandemic in 2020 had a devasting effect on all festivals and indeed on most theatrical activities in South Africa. It is only since 2023 that it seems as if these festivals, and the Afrikaans theatre industry, have recovered again. In the words of Hendrik and Mathilde Hanekom in 1925 "Die spel gaan voort" ("The show must go on")!

KEYWORDS: drama, theatre, literary history versus performance history, NTO, performance arts councils, arts festivals

TREFWOORDE: drama, toneel, literatuurgeskiedenis versus toneelgeskiedenis, NTO, streekrade, kunstefeeste

OPSOMMING

'n Voëlvlug oor honderd jaar van Afrikaanse drama en toneel wys uit dat twee perspektiewe meestal gevolg is in die optekening van hierdie tydperk, naamlik 'n benadering wat oorwegend fokus op die drama as 'n literêre teks wat as sodanig in die onderskeie literatuurgeskiedenisse bespreek is (vergelyk bronne soos Antonissen, Dekker, Cloete, Kannemeyer, Van Coller), en 'n ander benadering wat weer fokus op die toneelaktiwiteite en -ontwikkelinge van hierdie periode, (soos gevind in die werke van onder andere Bosman, Binge en Botha).

In hierdie artikel pleit ek vir 'n geïntegreerde benadering (met verwysing na die bekende teaterhistorikus Postlewait (2009) se werk) en illustreer aan die hand van vier hooftydperke hoe bepaalde gebeurtenisse binne die Afrikaanse toneelgeskiedenis die produksie van dramas in hierdie jare beïnvloed en bepaal het. Die vier tydperke wat onderskei word, is (1) die vroeë ontwikkeling van die Afrikaanse drama en toneel (1925–1947): pioniers en baanbrekers; (2) die Nasionale Teaterorganisasie (NTO) en die ontwikkeling van die Afrikaanse beroepsteater (1947–1962); (3) die uitvoerende streekrade (Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste, TRUK; Streekraad vir die Uitvoerende Kunste in die Oranje-Vrystaat, SUKOVS; Kaaplandse Raad vir die Uitvoerende Kunste, KRUIK; en die Natalse Raad vir die Uitvoerende Kunste, NARUK), 1963 tot die vroeë 1990's; en (4) post-1994: kunstefeeste en die Covid-19-pandemie.

1. Inleidend

Indien die viering van Afrikaans se amptelike status vir 100 jaar in 2025 as tydperk geneem word om ook te besin oor die Afrikaanse drama en toneel van die afgelope eeu, kan dit slegs gedoen word deur kortliks uiteen te sit wat die bepaalde uitgangspunte is wat die oorkoepelende argument van hierdie oorsig onderlê. Die terme *drama* en *toneel* verwys sowel na die dramateks as die opvoering van die geskrewe teks. Die bestudering van die geskrewe dramateks met 'n klem op sy literêre aspekte (temas, motiewe, dramastruktuur, karakteriserings, en dies meer) is tradisioneel deur literatore onderneem, terwyl die opvoering(s) daarvan hoofsaaklik aandag ontvang het van teatermakers.[1] Bekende ouer teoretici, soos Nicoll (1962) en Styan (1975),

[1] In my doktorale studie (Marisa Mouton) van 1989, *Dramateorie vandag: Die bydrae van die drama-en teatersemiotiek*, beklemtoon ek deurgaans die opvoeringsgerigtheid van die dramateks.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a16

het in hulle werke die *opvoeringsgerigtheid* van die dramateks erken en betoog dat die dramateks nie net as 'n literêre produk bestudeer moet word nie, maar dat dit deurgaans in verband gebring moet word met die opvoering daarvan en met aspekte wat die opvoering beïnvloed. Nicoll (1962:47) se uitgangspunt is die volgende: "[S]ince a play is primarily intended for the stage, the perusal of its text must be bound by thought of the theatre."

Saam met die opvoeringsgerigtheid van die dramateks beklemtoon Styan (1975:108) ook sy beskouing van die teks as "an historical event" en dat die ondersoeker deurentyd moet onthou dat 'n dramaturg (ge)skryf (het) binne 'n sekere historiese tydperk. Mouton (1989:14) stel dit soos volg:

> Hierdie historiese studies kyk byvoorbeeld na aspekte soos die verhoogruimte, die verhouding tussen die toeskouer en die speler, teaterkonvensies, tegnologiese veranderinge wat die opvoering van die teks kon beïnvloed, sosio-politieke faktore, bekende drama- en teaterteoretici, teoretiese geskrifte, die publisering en verspreiding van dramatekste, en dies meer.

Die indeling van die Afrikaanse drama en toneel binne 'n bepaalde eeu (1925–2025) in vier periodes soos in die bespreking hier onder gedoen, kan sowel verdedig as gekritiseer word. In Postlewait se omvattende studie, *The Cambridge introduction to theatre historiography* (2009), bespreek hy die voor- en nadele van verskeie vorme van periodisering van die vroegste vorme van teater tot die huidige era. Uit sy bespreking blyk dit duidelik hoe ingewikkeld hierdie proses is (Postlewait, 2009:191):

> It should be clear that periodization is always more than a descriptive matter because it is a process of concept formation, an ordering process imposed upon the historical data. It is a form of representation, a "representing" that must necessarily balance between documentation and interpretation, reconstruction and deconstruction.

Postlewait verskaf wel in sy hoofstuk "The criteria for periodization" (2009:191-193) aanbevelings wat die teaterhistorikus kan volg om 'n bepaalde periode-indeling te ontwikkel, maar noem ook dadelik dat daar nie 'n formule vir hierdie proses bestaan nie. As eerste bepaling noem hy die volgende:

> Whatever the method of periodization we use to group together events, people, works, conditions, etc., we accept the need to provide them with a shared temporal identity. We simplify in order to make general statements. We cannot avoid periodization any more than we can avoid generalization. In fact, period concepts are basic and essential generalizations. (2009:192)

Die "theatrical event" (wat sowel in 'n beperkte as 'n wye sin bedoel kan word) is vir hom 'n kernbegrip. Terwyl 'n gebeurtenis gesitueer is in 'n bepaalde tyd en ruimte, is hierdie "boundaries ... framed by an idea of change" (2009:106). Hoewel hierdie veranderinge heel kompleks kan wees, moet die ondersoeker bedag wees op daardie gebeurtenisse wat wel aanleiding gee tot duidelike veranderinge in spesifieke geskiedenisse. In die bespreking hier onder word vier tydperke onderskei wat bepaalde oorgange binne die Afrikaanse drama en toneel vanaf 1925 tot 2025 uitlig, naamlik (1) die pionierstydperk van die reisende teatergeselskappe (1925 tot in die vroeë 1950's); (2) die ontwikkeling van die beroepsteater (1947 tot 1962, die jare van die NTO); (3) die totstandkoming van die onderskeie streekrade en hulle ontbinding (1963 tot die 1990's: TRUK, SUKOVS, KRUIK, NARUK); en (4) die opkoms van die kunstefeeste vanaf 1995 tot die hede en die Covid-19-pandemie.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a16

Hierdie vier tydperke is gekenmerk deur sekere gebeure wat hulle inlei of afsluit, byvoorbeeld die vestiging van reisende teaterorganisasies; die totstandkoming van die NTO; die streekrade en hulle ontbindings of uitfaserings; die stigting van die onderskeie kunstefeeste en die impak van die Covid-19-pandemie.

Binne die onderskeie Afrikaanse literatuurgeskiedenisse wat hierdie tydperke dek, vind die ondersoeker meestal 'n fokus op geskrewe (en gedrukte) dramateks waar die tekste onder die hoofopskrif *Drama* beskryf, bespreek en geëvalueer is vanuit 'n oorwegend literêre invalshoek. Inligting wat meer fokus op aspekte soos bepaalde opvoerings, die ontwikkeling van verskillende teaterorganisasies (onder andere die NTO, Volksteater, die onderskeie streekrade), asook die werk en bydrae van teatermakers (akteurs, regisseurs, teateradministrateurs), word gewoonlik gevind in studies wat eerder die geskiedenis van die *Toneel* in Afrikaans omskryf. In hierdie artikel betoog ek vir 'n benadering wat beide *Drama* en *Toneel* integreer en illustreer hier onder aan die hand van enkele voorbeelde die waarde van so 'n benadering.

Ook vir Postlewait (2009:125) is dit belangrik om die dramateks en die opvoeringsaspekte saam te voeg:

> Instead of keeping the dramatic text and performance text separate, we slide back and forth between them as we gather information. Their differences do not dissolve, for we always have to keep in mind the distinctions between the two sources, but our historical task requires us to negotiate their relationship.

2. Historiese agtergrond

Die ontwikkeling van Westerse toneel in Suid-Afrika – hoofsaaklik eers vanaf 1800 – het duidelik in twee strome plaasgevind, naamlik 'n aanvanklike Engelstalige een en 'n latere, kleiner Hollandse stroom. Hierdie geskiedenis is in Bosman (1928; 1980) op omvattende wyse opgeteken, terwyl Fletcher se werk *The story of South African theatre: 1780–1930* (1994) 'n meer beknopte – maar ook waardevolle – omskrywing van dié geskiedenis gee.

Die invloed van die Hollandse toneel op die ontluikende Afrikaanse toneel het vir etlike jare geduur, soos wat Binge ook aantoon in *Ontwikkeling van die Afrikaanse toneel 1832 tot 1950* (1969) in die eerste twee hoofstukke van die studie.

Die ontwikkeling van Afrikaans as inheemse taal, tesame met 'n nasionalistiese strewe om 'n nuwe volk (Afrikaners) te vestig, het ook neerslag gevind in die heel vroegste vorme van Afrikaanse toneel in Suid-Afrika, byvoorbeeld in die werk van SJ du Toit in die tydperk ná 1875. Hy is by uitstek bekend vir sy werk as taalaktivis, soos blyk uit Antonissen (1965:26) se aanhaling van hierdie "Ware Afrikaander":

> Wij bedoelen Afrika's toekomst – een eigen nationaliteit. Doch zonder taal geen natie. Daarom, Afrikaanders, houdt uw land, uw volk, *uwe taal* in eere!

Dit is duidelik dat SJ du Toit die vestiging van Afrikaans as taal sien binne 'n groter konteks, naamlik die "Afrikaander" as 'n eie nasie. Hierdie konteks is belangrik, want dit verklaar eintlik hoekom iemand wat nie juis as dramaturg bekend is nie, twee dramatiese werke geskryf het wat wel binne die annale van Afrikaanse drama en toneel as van historiese belang gereken word. Die eerste werk, *Magrita Prinslo, of Liifde getrou tot in di dood: 'n Historiese toneelstuk uit di tyd fan di Grote Trek*, is in 1897 in *Die Patriot* gepubliseer. Hoewel al die literatuurgeskiedenisse na hierdie drama verwys, is die kritiek deurgaans slegs op die werk self gefokus en redelik afwysend; lees byvoorbeeld Kannemeyer (1988:36-37):

> Die drama *Magrita Prinslo, of Liifde getrou tot in di dood* bestaan uit vyf bedrywe, maar daar is so min samehang en innerlike noodwendigheid dat mens eerder kan praat van 'n verhaal in dertien tonele ... In hoofsaak het ons hier die tipiese romantiese resep van die held, heldin en skurk wat die patroon van die Afrikaanse drama en prosa tot ongeveer 1920 sal wees.

Hierdie werkie (net 12 bladsye lank) word egter deur teaterhistorici soos Fletcher (1994:114) beskou as die eerste gepubliseerde drama in Afrikaans[2] en is in 1917 uitgebrei deur Bosman tot 'n meer volwaardige drama wat daarna gereeld opgevoer is. Kapp (1975:80) stel die volgende:

> In die tydperk vóór 1920 was daar eintlik net 'n handjievol toneelstukke wat jaar ná jaar op die feeste [Geloftefeeste – MK] aangebied is. Die gewildste was S.J. du Toit se *Magrita Prinslo* wat in 1896 verskyn het – die eerste toneelstuk met die Groot Trek as tema.

Hierdie drama is vir 'n paar dekades voor honderde (of selfs meer) mense opgevoer en kan beskou word as voorloper tot die stroom van "nasionalistiese" werke wat daarop gevolg het.[3] Hoewel sy "literêre" waarde deur die meeste literatore nie hoog aangeslaan is nie, besit die werk heelwat teater- en kultuurhistoriese waarde wat wel binne die Afrikaanse toneelgeskiedenis meer erkenning behoort te geniet.

3. Drama en Toneel 1925–2025

In verskeie literatuurgeskiedenisse (Dekker, 1958; Antonissen,1965; Cloete e.a., 1980; Kannemeyer, 1988; Van Coller, 2016) is die geskiedenis van die Afrikaanse drama, asook sy voorgeskiedenis uit die sogenaamde Hollands-Afrikaanse drama van die 18e en 19e eeu, meestal deeglik bespreek. Besonder nuttig is die oorsigte in Van Coller (2016), veral Rob Antonissen se *Perspektief op die Afrikaanse drama 1906–1966*; André P Brink se *Die Afrikaanse drama 1967–1977*; Louw Odendaal se *Die Afrikaanse drama sedert 1978* en JL Coetser se *'n Oorsig van die Afrikaanse drama en teater van 1990 tot 2010*. Talle ander gerekende literatore en nagraadse studente het ook bydraes gelewer wat dramas binne hierdie eeu krities bespreek en evalueer in 'n groot verskeidenheid studies (onder andere resensies, artikels, boeke, verhandelinge, proefskrifte), maar wat vir 'n kort bestek te veel is om op te noem. Oorwegend is die studies 'n ryk bron van inligting vir enige navorser van die Afrikaanse drama en sy ontwikkeling van aanvang tot hede.

Naas die oorwegend literêre studies waar die gedrukte dramateks by uitstek bespreek word, word belangrike bronne gevind wat meer fokus op die ontwikkeling van die Afrikaanse toneel, veral die studies van Bosman (1928; 1980), Binge (1969) en Botha (2006). Bosman gee in sy twee boeke wat handel oor die beginjare van die Suid-Afrikaanse toneel, naamlik *Drama en toneel in Suid-Afrika Deel I 1652–1855* en *Drama en toneel in Suid-Afrika Deel II 1856–1912*, 'n gedetailleerde oorsig van meer as twee eeue van toneelaktiwiteite in Suid-Afrika. Vir die teaterhistorikus en -navorser van die Suid-Afrikaanse drama en toneel is hierdie werke van onskatbare waarde. Die chronologies geordende studie van Binge (1969), *Ontwikkeling van die Afrikaanse toneel 1832 tot 1950,* gee 'n meer gefokusde blik op die ontstaansgeskiedenis van die Afrikaanse toneel in Suid-Afrika. Botha (2006) se *Voetligte en*

---

2 "*Magrita Prinslo*, written by Dominee S.J. du Toit who had been so active in 'Die Genootskap' was the first Afrikaans play to be printed, and sold out almost immediately" (Fletcher, 1994:110).

3 Vir 'n meer volledige bespreking van hierdie drama, lees Keuris (2012) en (2019).

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a16

applous! Die beginjare van die Afrikaanse beroepstoneel stel die pioniers van hierdie tydperk (Wena Naudé, die Hanekoms, André Huguenet en Lydia Lindeque) self aan die woord deur uittreksels van hulle herinneringe soos opgeneem in artikels, boeke en memoires (dikwels argiefmateriaal) aan die leser beskikbaar te stel.

Soos in die geval van die drama, is daar ook nog vele studies wat hierdie tydperk en die res van die eeu vanuit 'n meer persoonlike perspektief bespreek (byvoorbeeld die optekeninge van bekende teaterpersoonlikhede se persoonlike toneelervarings, soos dié van André Huguenet, Hendrik en Mathilde Hanekom, Anna Neethling-Pohl, Wilna Snyman, Marius Weyers).[4] Van belang is ook Hermien Dommisse (1989) se *Voetspore* waar sy veral in die tweede helfte van die boek die geskiedenis wat sou lei tot die ontbinding van die streekrade met kritiese insig weergee. Die nuwe reeks huldigingsbundels van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, onderskeidelik vir Adam Small (Van der Elst, 2017), Pieter Fourie (Olivier, 2019), Reza de Wet (Hauptfleisch & Keuris, 2020) en Bartho Smit (Hauptfleisch & Keuris, 2023), verskaf voorts meer gefokusde studies oor bekende Afrikaanse dramaturge en teatermakers. Ongepubliseerde studies, soos gevind in proefskrifte en verhandelinge, gee ook heelwat inligting van teaterhistoriese belang, byvoorbeeld Johann van Heerden (2008) se navorsing oor die opkoms en eerste tien jaar van die kunstefeeste, Nico Luwes (2012) se studie oor Pieter Fourie asook Pieter Taljaard se studie oor Gerben Kampen (2020).

Hoewel eersgenoemde literatuurgeskiedenisse en -oorsigte soms wel verwys na enkele aspekte wat die opvoering van dramas beïnvloed het, bly die oorsigte nog grootliks geaard in 'n literêr-georiënteerde teksbenadering. Terwyl hierdie artikel geensins die groot bydrae wat die oorwegend literêre benadering binne die korpus van dramastudies gemaak het, wil ontken nie, is die betoog wel dat, wanneer historiese oorsigte saamgestel word, groter erkenning gegee behoort te word aan bronne wat veral die opvoeringsgerigtheid van dramas beklemtoon, asook aan die spesifieke konteks wat duidelik invloed uitgeoefen het op veral die toneelgeskiedenis van die werke wat meer prominent by sodanige oorsigte betrek behoort te word. 'n Argument word derhalwe gevoer vir 'n historiese oorsig van die Afrikaanse drama wat ook die *toneel* in ag neem, met ander woorde wat die unieke aard van die dramatiese genre deurgaans erken en nie net hoofsaaklik op die literêre aspekte van die dramateks fokus nie.

Hoewel daar by die onderstaande afdelings wel kortliks verwys sal word na die bekende literatuurgeskiedenisse se oorsigte oor gepubliseerde dramas, poog ek met hierdie artikel om die kollig meer te laat val op die breër konteks waarbinne hierdie werke opgevoer is, byvoorbeeld hoe bepaalde teaterhistoriese gebeurtenisse (byvoorbeeld die ontstaan van die Nasionale Toneelorganisasie (NTO), die instelling en verbrokkeling van die streekrade, die ontstaan en groei van die kunstefeeste) die werk van dramaturge en teatermakers beïnvloed het en vandag steeds grootliks bepaal. In hierdie proses is 'n unieke Afrikaanse drama- en teatergeskiedenis opgebou.

Hierdie onderskeid sluit duidelik meer aan by hoe 'n teaterhistorikus die verskillende ontwikkelingsfases van die Afrikaanse drama en toneel sal indeel in teenstelling met die onderskeid wat meestal gevolg is in die genoemde literatuurgeskiedenisse. Vergelyk byvoorbeeld Antonissen, Brink en Odendaal se individuele besprekings in Van Coller (2016:129-295), wat die drama aan die hand van "dekades" struktureer.

---

[4] André Huguenet se *Applous* (1950); Anna Minnaar-Vos se *Die spel gaan voort: Die verhaal van Hendrik en Mathilde Hanekom* (1969); Anna Neethling-Pohl se *Dankbaar die uwe* (1974); Wilna Snyman se *Memoires* (2006) en die onlangse biografie van Chris Vorster (2023) oor *Marius Weyers*.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a16

Die ontwikkeling van die Afrikaanse drama en toneel is in hierdie tydperke onlosmaaklik verbind aan die ontwikkeling van die Afrikaanse taal: vanaf sy wortels in die vroeë Hollands-Afrikaanse werke tot die huidige gebruik van Kaaps op die Afrikaanse verhoog.[5]

4. Die vroeë ontwikkeling van die Afrikaanse Drama en Toneel (1925–1947): Pioniers en baanbrekers

4.1 Drama

In hierdie tydperk is die meeste skrywers van literatuurgeskiedenisse (soos Antonissen en Dekker) dit eens dat, terwyl die Afrikaanse digkuns en prosa reeds figure oplewer wat verdienstelike werke publiseer, die Afrikaanse drama nie werklik dramaturge van gelykstaande statuur opgelewer het nie. Antonissen (1965:208) som hierdie tydperk soos volg op:

> Die eie dramaliteratuur is nog maar skraal gestoffeer, en weinig daarvan kan in aanmerking kom om ’n repertoire te help opbou.

Dekker (1958) verskaf in *Afrikaanse literatuurgeskiedenis* (wat die tydperk van voor 1900 tot aan die einde van die 1950’s bespreek) in Deel IV: *Die drama* (1958:333-373) ’n opmerklik korter bespreking oor die drama as in sy gedeeltes oor die poësie en die prosa van hierdie tyd. Hy verwys in sy inleidende gedeelte wel kortliks na die moeilike omstandighede waarbinne die rondreisende toneelgeselskappe moes optree, voordat hy die dramas in hierdie tydperk indeel as “Historiese dramas”, “Bybeldramas”, “Klugte en blyspele”, en “Dramas uit die daaglikse lewe”. Hy verskaf kort besprekings van die dramas van C Louis Leipoldt, JFW Grosskopf, HA Fagan, WA de Klerk, GJ Beukes en andere.

Hoewel ook Antonissen in sy afdeling “Die derde dekade” (1920’s) “’n oomblik stil [staan] by die toestand van ons toneelwese” (Antonissen, 2016:133) en verwys na die swaarkry wat die vroeë jare van die reisende toneelgeselskappe gekenmerk het, wy hy die res van sy bespreking meestal aan kort omskrywings van die dramas van CJ Langenhoven, JFW Grosskopf en C Louis Leipoldt. Hy omskryf “Die vierde dekade” (1930’s) as: “Op die gebied van drama en toneel word daar geen wondere verrig nie” (2016:136), hoewel hy verdienste vind in die werke van HA Fagan, Uys Krige en NP van Wyk Louw. In sy bespreking van “Die vyfde dekade” (1940’s) verwys hy na die werk van verskeie toneelorganisasies (onder meer die Krugerdorpse Dramavereniging en die Volksteater). Sy opmerking oor die reisende teatergroepe is redelik afwysend (2016:139):

> Die beroepstoneel gaan verder in die ou spoor: wedywering van ’n tiental groepe om, ter wille van die materiële bestaan, die guns van Jan Publiek te wen en te behou.

In hierdie jare beklemtoon hy die groeiende aantal vertalings, veral van “klassieke” stukke,[6] terwyl “[d]ie groot oorspronklike drama in Afrikaans ... nog uit [bly], maar daar is wel ’n paar aanduidings dat dit op koms is” (2016:139).

4.2 Toneel

Antonissen en ander literatore se kritiese opmerkings oor hierdie jare is heel gefundeer as daar net vanuit ’n literêr-historiese perspektief daarna gekyk word. As ’n mens egter na teater-

[5] Vergelyk Keuris 2022.

[6] Veral mev. AE Carinus-Holzhausen was bekend vir haar vertalings en volgens Botha (2006:180) het sy ongeveer 84 werke vertaal of verwerk (uit Nederlands, Duits, Frans en Engels).

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a16

historiese geskrifte kyk wat die vroeë toneelontwikkeling (veral die reisende toneelgeselskappe) in hierdie tydperk skets, kom daar ’n ander prentjie na vore. Veral die optekening van persoonlike herinneringe van teaterpioniers soos Mathilde en Hendrik Hanekom, André Huguenet, Anna Neethling-Pohl en andere gee die hedendaagse leser ’n blik op ’n wêreld waar akteurs meestal moes improviseer met min geld, opgetree het in swak toegeruste dorp- en/of kerksale, maar ook een waar hierdie teatergehore dikwels op kinderlike wyse meegevoer word deur voorstellings.

4.3 Hendrik (1896–1952) en Mathilde Hanekom (1899–1977): Eerste reisende Afrikaanse toneelgeselskap

In Minnaar-Vos se boek *Die spel gaan voort: Die verhaal van Hendrik en Mathilde Hanekom* (1969) gee sy aan die hand van vele onderhoude wat sy met Mathilde gevoer het ná Hendrik se afsterwe in 1952 ’n blik op die kleurryke en selfs avontuurlike lewe wat hierdie twee teaterpioniers gelei het.

Hulle besluit om in Augustus 1925 *Die Afrikaanse Toneelgeselskap* in Pretoria te stig. Saam met ’n handvol spelers gaan hulle met Afrikaanse toneel op reis deur die land. Gesien teen die agtergrond van ’n baie konserwatiewe Afrikanergemeenskap in daardie jare is dié optredes dapper, soos wat Hermien Dommisse (aangehaal deur Minnaar-Vos (1969:34)) ook uitwys:

> Al wat hulle daardie aand in Augustus 1925 geweet het, was dat die wêreld braak lê: “Daar was geen teaters nie; daar was nie ’n toneelbewuste publiek nie; daar was geen opgeleide toneelspelers nie; daar was feitlik geen Afrikaanse toneelstukke nie; daar was hoegenaamd geen toneelorganisasie nie. Daar was alleen ’n totale toneeldonkerte wat verlig moes word deur die stralende hoop van ’n handjievol entoesiaste.”

In die jare wat volg, omskryf Minnaar-Vos hoe moeilik – maar ook bevredigend – hierdie jare was. Die Hanekoms het ’n klein toneelgeselskap begin, terwyl Hendrik uit nood self ’n paar Afrikaanse dramas geskryf het, en hulle het al reisende vele dorpe besoek waar die inwoners nog nooit enige toneel gesien het nie.

Terwyl die Hanekom-geselskap tydens die depressiejare baie swaarkry beleef, skryf Minnaar-Vos (1969:131) dat “’n ware ontploffing op toneelgebied” plaasvind. Talle nuwe geselskappe[7] reis deur die land (onder andere dié van André Huguenet wat aanvanklik saam met die Hanekoms en Paul de Groot begin het, maar in 1931 sy eie geselskap stig en met *Ampie*[8] groot sukses behaal).

Hoewel kritici korrek uitwys dat hierdie tydperk geen werklike groot inheemse dramas opgelewer het nie, behoort die fokus myns insiens eerder te wees op die baanbrekerswerk wat die teaterpioniers gedoen het om toneel in hierdie moeilike jare te vestig. Sonder hierdie pioniers sou daar in der waarheid geen Afrikaanse toneel gewees het nie.

---

7 Byvoorbeeld James Norval en sy vrou, Anna Cloete, in 1932; Willem van Zyl en Wena Naudé in 1937; Ackerman en Pikkie Uys, en vele ander (Minnaar-Vos (1969:132-134)).

8 Jochem van Bruggen se *Ampie* – verwerk vir die verhoog in 1930 – was geweldig suksesvol by gehore. Lees Huguenet se *Applous!* in hierdie verband (1950:92-99).

4.4 Anna Neethling-Pohl en 'n nasionalistiese oplewing

'n Teaterpersoonlikheid wat in hierdie jare 'n groot rol gespeel het, was Anna Neethling-Pohl (1906–1992). Soos Mathilde Hanekom teken (latere prof.) Anna Neethling-Pohl ook haar herinneringe oor die vroeë pioniersjare op in 'n biografiese werkie, *Dankbaar die uwe* (1974). Sodoende kry die leser nog 'n blik op die moeilike omstandighede waaronder die eerste Afrikaanse toneelpioniers moes werk. Soos die Hanekoms verskillende generasies opgelewer het wat naam gemaak het in die Afrikaanse toneelwêreld,[9] het die Pohl-familie vir dekades 'n groot bydrae gelewer tot die Afrikaanse toneel. Pieter Pohl, die vader, was bekend vir sy werk in amateurteater (Binge, 1969: 62). Hoewel hy hoofsaaklik in Graaff-Reinet werksaam was, is dit veral sy kinders wat uiteindelik regdeur Suid-Afrika groot bekendheid sou verwerf, naamlik Anna Neethling-Pohl, Truida Pohl, Jan Pohl en Snaps Pohl (Binge, 1969:62).

Van vroeg af blyk Anna se liefde vir die Afrikaanse taal en hierdie liefde leef sy nie net uit in die talle rolle wat sy in Afrikaans op die verhoog speel nie, maar sy dra dit ook oor in haar radiowerk en tientalle optredes as woordkunstenaar waar sy veral Afrikaanse gedigte voordra.

Anna was, soos die Hanekoms, betrokke by inisiatiewe om die Afrikaanse toneel te bevorder deur teaterorganisasies te skep en te vestig, byvoorbeeld die stigting van *Die Volksteater* in 1936. Selfs gedurende die moeilike oorlogsjare (1940–1945) werk sy onverpoosd voort aan produksies, sodat Binge (1969:221) hierdie jare se werk soos volg omskryf:

> … 'n kragvertoning deur Anna Neethling-Pohl ongeëwenaar in die geskiedenis van die Afrikaanse toneel ... Van die 24 stukke wat die Volksteater tydens die Tweede Wêreldoorlog opvoer, het sy geheel of gedeeltelik die leiding van agttien opvoeringe waarin sy telkens belangrike rolle speel, sommige van die grootste toneelskeppinge wat die Afrikaanse toneel opgelewer het.[10] Dit is in die aangesig van papiertekort, die tekort aan toneelboumateriaal, vervoermoeilikheid en groot spanning wat mettertyd oplaai tussen neutrales, voor- en teenstanders van deelname aan die oorlog, veral in Pretoria self.

In sy bespreking van die *Volksteater* se bydrae tot die ontwikkeling van die Afrikaanse toneel gee Binge (1969:201-229) nie net die ontstaansgeskiedenis van hierdie teater weer en die invloed wat dit vir 'n dekade uitgeoefen het op veral die Afrikaanse toneel in "die Noorde" (Pretoria) nie, maar belig hy ook deurgaans die groot rol wat Anna Neethling-Pohl binne hierdie teater gespeel het. Volgens Binge (1969:203) was sy "die grootste figuur wat die Afrikaanse toneel tot 1950 opgelewer het".

Sy tree op by verskeie nasionalistiese herdenkings (veral Geloftefeeste) en is 'n vurige ondersteuner van Afrikanerideale. Haar betrokkenheid by die Groot Trek se eeufeesvieringe van 1938 by die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in Pretoria beskryf sy in hoofstuk 9 onder die opskrif *Die dieper reg* (Neethling-Pohl, 1974:112-118). Hierdie aspek – naamlik die groot rol wat dramas en dramatiese voorstellings by volksfeeste (onder andere die Van Riebeeck-fees in 1952 en veral die Geloftefeeste) gespeel het en wat duidelik deur nasionalistiese oortuigings aangevuur is – word skaars bespreek in die bogenoemde

[9] Mathilde en Hendrik se dogter, Tilana, het as aktrise in vele produksies opgetree, terwyl haar man, Eghard van der Hoven, later die pos van uitvoerende direkteur by TRUK sou beklee vanaf 1967 tot 1983.

[10] Werke soos *Oorlog is oorlog* deur Grosskopf, *Die wildsboudjie* deur Fritz Steyn, *Die heks* deur C Louis Leipoldt, *Lenie* deur HA Fagan, asook vertaalde werk van Suderman, Yeats, Schiller, Maeterlinck e.a..

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a16

literatuurstudies. By die feeste was die opkoms groot en duisende toeskouers het die opvoerings bygewoon. Vergelyk Kapp (1975) wat talle voorbeelde gee van hoe sekere dramas, dramatiese tablo's en voorstellings baie gewild was by die volksfeeste in die 1950's tot in die 1970's.

5. Die NTO en die ontwikkeling van die Afrikaanse Beroepsteater (1947–1962)

5.1 Drama

Volgens Antonissen (1965:155) is dit eers teen die 1950's dat 'n mens "die ontwikkeling van die drama-literatuur" kry. NP van Wyk Louw en DJ Opperman se versdramas verskyn in dié tyd, terwyl verdienstelike dramas ook deur DF Malherbe, Uys Krige, WA de Kerk en GJ Beukes gelewer word. Ten spyte van die nuwe werk wat ontstaan het in die 1950's, beklemtoon Binge (1969) steeds die groot rol wat Afrikaanse dramavertalings in hierdie tydperk speel. Volgens hom (1969:142) was "stellig meer as 95 persent" van die opgevoerde stukke vertaalde werke, onder meer uit Duits, Frans, Engels, Italiaans en Iers.

Terwyl die korpus van betekenisvolle dramas geleidelik groei in hierdie jare, beweeg die amateurtoneel van die voorafgaande dekades toenemend in 'n professionele rigting (veral met die werksaamhede van die NTO).

5.2 "Oom Breytie" Breytenbach en die NTO: 1947–1962

In 'n spesiale tweetalige huldigingsboek onder redakteurskap van Temple Hauptfleisch (1985) verskyn *Die Breytie-boek/The Breytie Book*. Daarin is 'n versameling artikels vervat oor Suid-Afrikaanse teater wat opgedra word aan PPB Breytenbach (1904–1984) om hom te huldig vir die enorme bydrae wat hy vir vele dekades as teateradministrateur uitgeoefen het.

In 'n ongepubliseerde verslag deur Rinie Stead[11] (Die geskiedenis van die Nasionale Toneelorganisasie – NTO: 1947–1962) gee sy in 852 bladsye hierdie geskiedenis weer. Uit die lywige verslag kom dieselfde punte telkens jaarliks na vore: (1) hoe beperkte fondse die bedrywighede van die organisasie kniehalter, ten spyte van 'n subsidie wat wel jaarliks aan hulle toegeken word deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap;[12] (2) die versugting vir 'n toneelskool/opleidingsentrum[13] vir teatermakers; (3) 'n tekort aan goeie inheemse Afrikaanse dramas wat dikwels lei tot keuses van dramas wat kritiek[14] in die pers,

---

11 Hierdie manuskrip is goedgunstiglik aan my geleen deur prof. Temple Hauptfleisch, in wie se besit dit is.

12 Volgens Stead (s.d.:852): "Die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap moes jaarliks die geouditeerde NTO-staat bestudeer het. Hy het hoeveel versoekskrifte ontvang, duidelik gemotiveer, en deputasies van NTO te woord gestaan wat die organisasie se posisie verduidelik het. Tog skyn dit nooit tot die verantwoordelike amptenare deur te gedring het nie dat die organisasie, vir gesonde groei en uitbreiding, voortdurend aan voldoende geldelike bystand mank gegaan het."

13 Volgens Stead (s.d.:854): "Die beheerraad se vergeefse geveg vir die totstandkoming van 'n eie toneelskool is 'n bedroewende verhaal. … 'n Praktiese skool, verbonde aan 'n teater, is beplan om akteurs en tegnici (daaruit vloeiende waarskynlik ook later regisseurs) vir 'n verhoogloopbaan op te lei – in teenstelling met die akademiese dramakursus wat die Departement toe en daarna aan 'n groeiende getal universiteite goedgekeur het."

14 WEG Louw spreek dikwels sy opinies en kritiek uit oor die keuses van dramas in resensies en besprekings in dagblaaie. Ook die keuse van vertaalde werke word dikwels deur Louw e.a. gekritiseer.

die publiek en ook onder lede van die organisasie self uitlok;[15] (4) onderlinge botsings tussen bestuurslede (veral spanning tussen noordelike en suidelike faksies, gesentreer in Kaapstad en Stellenbosch versus Pretoria); en (5) logistieke probleme ten opsigte van die maandelange reisprogramme vir toneelstukke (onder meer swak bemarking in sommige dorpe, fisiese ontberinge weens storms en ongelukke met hulle voertuie op swak paaie).

Ná 14 jaar is die NTO op 31 Desember 1962 ontbind deur die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Samesprekings wat toe reeds aan die gang was om groter steun aan die uitvoerende kunste te gee, lei tot die stigting van die onderskeie streekrade.

In die literatuurgeskiedenisse word die NTO se werksaamhede skaars genoem, hoewel bogenoemde lys van probleme (finansies, infrastruktuur, min ondersteuning van staatskant) tog duidelik die skryf en produksie van inheemse dramas moes beïnvloed het.

6. Die streekrade (TRUK, KRUIK, SUKOVS, NARUK): 1963 tot die 1990's

Uit die as van die NTO verrys daar vanaf 1963 'n nuwe bedeling vir (Suid-)Afrikaanse toneel met die totstandkoming van die onderskeie streekrade in Suid-Afrika (TRUK, SUKOVS, KRUIK en NARUK).[16] 'n Mens vind hier die ambivalente situasie van terselfdertyd 'n hoogbloei vir die Afrikaanse toneel as gevolg van beter befondsing vir die kunste, die ontwikkeling van kunstekomplekse van internasionale gehalte en meer finansiële sekuriteit vir die kunstenaars, maar daarmee saam ook 'n uitvoerende kuns wat ingebed is in 'n politieke bestel wat die ideologie van apartheid voorstaan: al hierdie voordele word naamlik vir wit mense (sowel kunstenaars as toeskouers) gereserveer.

Terwyl al die uitvoerende kunste (opera/operettes, ballet en teater) 'n tuiste gevind het in hierdie nuwe kunstekomplekse, wat naas al die kunstenaars (byvoorbeeld vaste dramageselskappe) ook werk verskaf het aan 'n groot aantal tegniese personeellede, is die teaters eers laat in die sewentigerjare oopgestel vir alle rasse. Die Afrikaanse toneel gedy in hierdie jare met heelwat nuwe Afrikaanse dramas wat opgevoer word.

6.1 Sestigerdramaturge: Brink, Barnard, Smit e.a. – verset teen die ou orde

In Van Coller (2016) bespreek André P Brink en Louw Odendaal hierdie tydperk, met verwysing na die dramas (gepubliseerde werke) wat tussen 1967 en 1991 verskyn het (Antonissen, 2016; Brink, 2016):

Brink (2016:151-152) omskryf die werke soos volg:

> Die Afrikaanse drama vertoon in die tydvak 1967–1977 enkele tekens van lewe en vernuwing, onder meer in die verskyning van 'n hele paar nuwe dramaturge; maar die bedreiging van sensuur – wat ten opsigte van 'n openbare (en in hoofsaak staatsgesubsideerde) medium soos die teater 'n nog meer funeste rol speel as ten opsigte van die literatuur – oefen 'n al meer inhiberende uitwerking op die drama uit. Dit bly die stiefkind van die Afrikaanse literatuur.

[15] Volgens Stead (s.d.:853): "'n Mens wonder of sake anders sou verloop het indien die organisasie hom op meer kunssinnige aanbiedings kon toegelê het. 'n Beter balans, meer aanvaarbare stukke deurgaans, meer gebalanseerde rolverdelings, volgehoue hoogstaande regie, kon moontlik heelwat van die teenstand laat verflou en die kwaai kritiek irrelevant gemaak het."

[16] 'n Goeie bron om te raadpleeg vir die ontstaansgeskiedenis van elk van hierdie streekrade, asook die naamsveranderinge wat elkeen ondergaan het in die 1990's, is die aanlyn-ensiklopedie ESAT.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a16

Brink (2016:152-157) bespreek kortliks die werke van Uys Krige, NP van Wyk Louw, DJ Opperman, Bartho Smit en Chris Barnard, terwyl Tim Huisamen (in dieselfde hoofstuk in Van Coller, 2016) weer André P Brink se werke in hierdie dekade bespreek, asook dié van PG du Plessis en Pieter Fourie (Brink, 2016:157-162).

Ook Odendaal se daaropvolgende bespreking (*Die Afrikaanse drama sedert 1978*) beklemtoon die besondere bydrae wat Pieter Fourie maak ten opsigte van inheemse Afrikaanse dramas (Odendaal, 2016:162-166). Dit is interessant dat Odendaal, wat self 'n teaterpraktisyn was, wel in sy oorsig telkens verwysings na die teater en opvoeringsaspekte inbring. Dit is met ander woorde 'n duidelike wegbeweeg van die oorwegend literêre besprekings van vroeër wat dikwels op literêre temas of motiewe gefokus was. 'n Voorbeeld is sy bespreking van Reza de Wet se werke wat hy inlei met: "Soos Fourie openbaar sy, as praktiserende teatermens, 'n skerp sin vir die teatermatige en poog sy met elke nuwe drama om die grense van teater uit te brei" (Odendaal, 2016:166). In die res van sy oorsig (waarvan die dramas van onder meer Charles J Fourie, Deon Opperman en Pieter-Dirk Uys veral met waardering bespreek word), is daar telkemale verwysings na opvoerings, opvoerbaarheid, hoe 'n gehoorlid bepaalde dialoog sal ervaar, ensovoorts.

Hoewel Odendaal (2016:230) verwys na sekere inisiatiewe wat in dié tyd die Afrikaanse toneel bevorder het (waaronder Kampustoneel), bespreek hy geensins die totstandkoming van die onderskeie streekrade nie – sekerlik die grootste bepalende faktor wat die Afrikaanse toneel vir 'n paar dekades sou beïnvloed.

6.2 Verset teen en ondergang van die uitvoerende streekrade

Kritiek teen die toepassing van die Nasionale Party se rasgebaseerde wetgewing binne die onderskeie streekrade het verskeie vorme aangeneem. Van buite die land het veral die Engelse "Equity boycott" vanaf 1963 'n lang periode van kulturele boikot ingelei wat ook deur ander lande oorgeneem is en wat alle uitvoerende kunstenaars (Afrikaans en Engels) se werk tot die 1980's beïnvloed het,[17] terwyl binnelands die skreiende behandeling van Adam Small, veral tydens die 1977-opvoering van *Kanna hy kô hystoe*,[18] tot heelwat negatiewe publisiteit aanleiding gegee het. Toepassing van sensuur deur die Publikasieraad het tot die verbanning van verskeie dramas gelei, asook tot die kansellering van verskeie produksies (veral van Bartho Smit se werke).

Hierdie tydperk (1963 tot die vroeë 1990's) is 'n onstuimige tydperk, soos ook blyk uit die optekening daarvan deur Hermien Dommisse in *Voetspore* (1998),[19] asook Nico Luwes (2012) se studie oor Pieter Fourie – veral die jare by KRUIK – en Taljaard (2020) se studie oor Gerben Kampen – veral die jare by TRUK.

---

17 Bespreek in Eichbaum (1986) se spesiale uitgawe van *Scenaria* ("The arts in South Africa: A force for social change").

18 Vergelyk Keuris (2017:144): "Adam Small moes 'n spesiale permit kry om in die Vrystaat te wees vir die repetisies van die stuk en kon, weens die wetgewing van die tyd dat gehore net blank kon wees, nie self die opvoering van sy drama bywoon nie". Die volledige bespreking is te lees op bladsye 135-155.

19 In 1998 verskyn *Voetspore*, waarin 'n keur van artikels wat Dommisse tussen 1950 tot 1995 geskryf het, gepubliseer word. Die reeks van artikels gee in chronologiese volgorde 'n boeiende blik op hoe die Afrikaanse toneel ontwikkel het: vanaf die vroeë pioniersdae tot die vestiging van Afrikaanse drama-departemente (o.m. in 1961 by die Universiteit van Stellenbosch), asook die vele gesprekke en berade wat vanaf die laat-tagtigerjare gevoer is oor wat 'n nuwe bestel vir die uitvoerende kunste sou behels.

Dommisse (1998:100-203) se beskrywing van die tydperk van 1988 tot 1995, toe die ontbinding van die onderskeie streekrade op aandrang van politici en aktiviste gevolg het, is van besondere belang vir enige navorser van daardie jare. Vir dekades het sy gewaarsku dat die toepassing van rasseskeiding en die ongelyke bevoorregting van wit kunstenaars 'n onding is en verhoudinge tussen die rasse so sou versuur dat dit moeilik herstel sou kon word – 'n voorspelling wat in die 1990's bewaarheid is toe die vier uitvoerende streekrade ontbind is. Van Heerden (2008:20-55) gee 'n gedetailleerde bespreking van die einde van die streekrade, veral die finansiële skandale wat die laaste jare van TRUK gekenmerk het.

7. Post-1994: Kunstefeeste en die Covid-19-pandemie

7.1 Drama

In die mees onlangse oorsig in Van Coller (2016) lei Johan Coetser (2016:233-296 sy bespreking getiteld "'n Oorsig van die Afrikaanse drama en teater van 1990 tot 2010" in met die volgende uitspraak:

> In hierdie perspektief word aanvaar dat dramas geanker is in werklikhede wat vir dramaturge en gehore herkenbaar is en dat dramas geskep word om opgevoer te word, ongeag daarvan of dit wel gebeur. Drama en teater is kante van dieselfde munt.

Met hierdie woorde vervang Coetser die vorige tradisie van 'n oorwegend literêr- georiënteerde benadering ten opsigte van die Afrikaanse drama na een wat onomwonde die Afrikaanse drama met die opvoering daarvan (die toneel) verbind. Die erkenning van hierdie "verbintenis" was dalk onvermydelik, aangesien Coetser ook die volgende opmerk (2016:280):

Nieteenstaande die groot aantal Afrikaanse dramas wat tydens die vier kunstefeeste opgevoer word, word min daarvan formeel deur uitgewerye gepubliseer.

Die klein korpus van gepubliseerde Afrikaanse dramateksteste kan aan verskeie oorsake toegeskryf word (onder meer daaraan dat uitgewerye meestal net dramas uitgee wat op die skolemark gerig is of wat moontlik vir die Hertzogprys vir Drama[20] in aanmerking geneem kan word). Ook Temple Hauptfleisch (in Olivier, 2019:99-100) verwys na studies wat die destydse SESAT (Sentrum vir Suid-Afrikaanse Teaternavorsing) by die RGN gedoen het en wat reeds in die vroeë 1980's "die uiters benarde toestand waarin die Afrikaanse drama verkeer" geïdentifiseer het. Ook Van Coller en Van Jaarsveld (2006: 69) stel dat "[d]ie aantal gepubliseerde Afrikaanse dramas [...] in die afgelope jare sterk afgeneem [het]". Hoewel gepubliseerde dramateksteste al hoe skaarser word, lewer hierdie jare steeds 'n sterk stroom van toneelaktiwiteite op.

7.2 Kampustoneel (1983 tot 1993)

'n Inisiatief wat die probleem van min oorspronklike Afrikaanse dramas daadwerklik aangepak het, was Kampustoneel. Volgens Hauptfleisch (in Olivier, 2019:100) het die toetrede van die ATKV (met konsultasie van die RGN, akademici, asook ervare toneelmense soos Eghard van

[20] Die Hertzogprys vir Drama is vanaf die 1980's toegeken aan: Henriette Grové (1981), Uys Krige (1985), Chris Barnard (1991), Reza de Wet (1994 en 1997), André P Brink (2000), Pieter Fourie (2003), Deon Opperman (2006 en 2009), Adam Small (2012), Tertius Kapp (2015), Pieter-Dirk Uys (2018), Nicola Hanekom (2021 en 2024).

der Hoven, Louw Odendaal, Peet van Rensburg) meegewerk om die Kampustoneel-projek te vestig:

> Die projek was uiters suksesvol en het in die daaropvolgende tien jaar of so die eerste werke van ’n hele reeks nuwe dramaturge die lig laat sien, onder andere werke van Ben Dehaeck, Hennie Aucamp, Deon Opperman, Reza de Wet, Thijs Nel, Charles Fourie, Susan Coetser, Ampie van Straaten, Corlia Fourie, George Weideman, Marc Hosten en Nico Luwes.

7.3 KKNK 1995

Vir Hauptfleisch (in Olivier, 2019:101) is die daaropvolgende ontstaan van die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) uit Kampustoneel

> … ’n natuurlike ontwikkeling in reaksie op die kwynende statuur en rol van streekrade in die nuwe bestel, in ’n tyd waarin alle tekens van die vorige regime (verstaanbaar dalk) stelselmatig verwerp of gewysig is. Die stigting van die Klein Karoo Nasionale Kunstefees as die eerste Afrikaanse kunstefees ... was dus ook ’n enorme keerpunt in ons kulturele lewe, ’n reddingsboei vir taal, kultuur en kunstenaars.

Hoewel die waarde van die KKNK (en ook die kunstefeeste wat daarna ontstaan het) duidelik nie ontken kan word nie – dit bly tot groot mate ’n reddingsboei vir die Afrikaanse toneel – wys ander navorsers (o.a. Van der Vyver, 2007) daarop dat “die bywoning van toneel steeds nie ’n prioriteit vir feesgangers is nie”. Volgens Van der Vyver (2007:57) maak dit kunstenaars en teatermakers “moedeloos” dat feesgangers

> ... soveel tyd en geld spandeer om hulle nie-amptelike volkskultuur te beoefen (deur middel van kuier, gemaklike vermaaklikheidsvertonings, vlooimarkte, kosstalletjies en biertente), dat hulle nie by die kunste uitkom wat volgens die kunstenaars die primêre doel van die kunstefeeste is (of behoort te wees) nie.

’n Aantal nagraadse studies (veral Kitshoff, 2006; Van Heerden, 2008; Hattingh, 2010) gee ’n vollediger prentjie van die toestande, kwessies en struikelblokke waarmee die teatermaker vanaf 1995 te make het. Uit al hierdie studies blyk ’n tekort aan geld die grootste probleem te wees: produksies is duur en borge beperk. Min geld het ’n beduidende invloed op die aard van teaterproduksies, byvoorbeeld beperkings ten opsigte van die aantal opvoerings, en kostes wat die betaling van ’n opvoerruimte/teater, akteurs, ’n regisseur, tegnici, ensovoorts insluit. Dit het tot gevolg dat dramas gewoonlik beperk word tot nie meer as vier karakters nie. Die dae van groot, duur produksies soos deur die ou streekrade opgevoer, is skynbaar vir altyd verby.[21]

Die outeurs wys egter ook op meer as net die ekonomiese aspekte wanneer die kunstefeeste (met veral ’n fokus op die oudste en grootste een, die KKNK) ter sprake is, naamlik wat Kitshoff (2006: 6) die aard en betekenis van hierdie feeste noem. Hy bespreek op diepgaande wyse – vanuit ’n meer historiese hoek – die eerste Afrikaanse volksfeeste en beklemtoon “die

[21] TRUK publiseer self twee pragpublikasies in 1973 en 1983, naamlik *Dekade/Decade 1963–1972*; en *Dekade/Decade 1973–83* as “’n oorsig in beeld/A pictorial review”, waarin foto’s en illustrasies opgeneem is van die meer as 31 000 aanbiedings (toneel, musiek, ballet) wat Truk opgevoer het in hierdie twee dekades. Die foto’s dokumenteer die spesiaal geboude dekorstelle en pragtige kostuums waardeur die meeste produksies in hierdie jare gekenmerk is.

komplekse verweefdheid van die taal en die Afrikaner-identiteit", asook 'n "veronderstelde kultuur" binne hierdie groep deur te verwys na die oorsprong van Afrikaans (onder meer ook die werk van die GRA-beweging) en die ontstaan van Afrikanernasionalisme. Hierdie aspekte resoneer in heelwat debatte wat gevoer is deur talle akademici, teatermakers en die onderskeie administrateurs van die kunstefeeste oor die aard en wese van hierdie feeste. Ook vrae oor Afrikaans se rol by hierdie feeste is indringend bespreek (onder meer op *LitNet* se Teaterindaba van 2005).

Terwyl die taalkwessie (en daarmee saam die hele politieke bagasie van Afrikaans) omvattend op verskeie platforms (ook binne die feeste)[22] bespreek is, is daar ook oor die toestand van die Afrikaanse toneel binne teater- en akademiese kringe gedebatteer. Heelwat teaterpraktisyns (o.a. Marthinus Basson en Saartjie Botha) het hulle kommer oor die oënskynlike vervlakking en kommersialisering van hierdie feeste uitgespreek: steeds trek klugte/komiese stukke die grootste gehore, terwyl ernstige stukke heelwat minder toeskouers kry.

7.4 Die Covid-19-pandemie (2020)

Terwyl 'n mens moet aanvaar dat sogenaamde ernstige toneel (soos in die res van die wêreld) altyd kleiner gehore sal trek, het 'n selfs groter gevaar op die onderskeie kunstefeeste en teatermakers gewag, naamlik die vernietigende Covid-19-pandemie wat begin het vroeg in 2020. Die verwoestende uitwerking van hierdie wêreldwye pandemie sou in 2020 tot die sluiting van alle kunstefeeste lei en dit het die meeste Afrikaanse toneelbedrywighede vir ten minste 'n jaar en selfs langer geknou. Vanaf 2023 vind 'n geleidelike herstel plaas, maar daar lê vermoedelik nog moeilike tye voor vir die feeste (veral gesien teen die agtergrond van 'n globale ekonomiese insinking wat ook die finansies van die getroue toneelganger 'n knou gegee het).

8. Ten slotte

Die geskiedenis van die Afrikaanse drama en toneel van die laaste eeu is een wat erkenning moet gee aan sowel die vele dramatekste geskryf deur dramaturge in hierdie periode, as die groot aantal opvoerings opgevoer deur teatermakers in hierdie tyd.

Hierdie eeu het begin met beide dramaturge en teaterpioniers wat die Afrikaanse drama en toneel wou vestig en ontwikkel in uiters moeilike omstandighede. Op ekonomiese, sosiale en historiese gebied was dit swaarkryjare, terwyl daar op kulturele gebied geen professionele beroepsteater (met infrastruktuur soos teaters, opleiding vir regisseurs en akteurs, ens.) bestaan het nie. Terwyl die meeste literatuurgeskiedenisse tot voor 1960 die drama (in vergelyking met die digkuns en prosa) nog (soos Brink dit noem) as 'n "stiefkind" beskou, werk toneelorganisasies hard om toneel tot na die kleinste dorpies te bring.

Eers met die totstandkoming van die vier streekrade vir die uitvoerende kunste (TRUK, KRUIK, SUKOVS en NARUK) kry hierdie kunstenaars meer finansiële sekuriteit en breek 'n bloeitydperk vir die Afrikaanse drama en toneel aan met pragtige produksies wat in teaters

[22] Nie net by die KKNK nie, maar veral ook by die Aardklop Nasionale Kunstefees (ontstaan in 1998 te Potchefstroom), die (Toyota US) Woordfees (ontstaan 2000 te Stellenbosch), die Vrystaatse kunstefees (ontstaan as Die Volksblad Kunstefees in 2001 te Bloemfontein), en die Suidoosterfees (2003 in die Wes-Kaap).

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a16

van wêreldstandaard – maar voor "slegs blankes" – opgevoer word. Van ons bekendste dramaturge skryf dramas vir die verhoog. Hierdie toedrag van sake kon egter nie voortduur nie: fel kritiek uit die buiteland, maar ook vanuit die geledere van die kunstenaars self (dramaturge, teatermakers en teateradministrateurs) veroorsaak ná 'n aantal onstuimige jare dat die streekrade in hulle ou vorm tot niet gaan. Die vestiging van Kampustoneel (1983–1993) in hierdie jare gee die Afrikaanse toneel (en daarmee saam ook die publikasie van nuwe Afrikaanse dramas) wel 'n hupstoot.

Die optekening in literatuurgeskiedenisse van die Afrikaanse dramageskiedenis (hoofsaaklik gerig op 'n literêre perspektief) is 'n onvolledige een sonder die gelyktydige erkenning van wat in die Afrikaanse toneelgeskiedenis in ooreenstemmende tydperke plaasgevind het. Hierdie beskouing word ondersteun deur die duidelik prekêre posisie waarin die publikasie (en verkope) van Afrikaanse dramatekste hulle al geruime tyd bevind. 'n Fokus slegs op die gedrukte drama ontken in der waarheid die ryke verskeidenheid van toneelaktiwiteite wat landswyd plaasvind – veral by die kunstefeeste, maar ook by skole, universiteite en onafhanklike teaters. Terwyl die gepubliseerde dramateks 'n al hoe kleiner wordende plek inneem, blyk vertalings en verwerkings steeds gewild: vanaf die pioniersjare tot die hedendaagse teaterproduksies loop dit soos 'n goue draad deur hierdie geskiedenis.[23]

Vanaf 1995 skyn dit asof die Afrikaanse toneel weer floreer met feesgangers wat na die kunstefeeste stroom. Interessante verbande tussen die vroeëre Afrikanernasionalistiese feeste en die nuwe kunstefeeste word in akademiese studies uitgewys.[24] Ook die Afrikaanse taal neem nuwe vorme aan, waarvan die gebruik van Kaaps[25] 'n duidelike nuwe stroming is.

Maar daar is ook wanklanke: kunstenaars kla oor te min geld vir produksies, swak infrastruktuur (die terugkeer na die pioniersjare van skool- en of kerksale vir opvoerings!), en klein gehore vir "ernstige" en eksperimentele werke. In Januarie 2020 tref 'n wêreldwye pandemie (Covid-19) ook Suid-Afrika en op kort kennisgewing sluit eers die KKNK-fees van Maart 2020 en daarna alle ander kunstefeeste – die toneelgemeenskap word landswyd in krisis gedompel.

Tans word ook hierdie terugslag weer geleidelik deur die kunstenaars, administrateurs en teatermakers die hoof gebied. Op 11 April 2024 kondig Hugo Theart (artistieke direkteur en uitvoerende hoof van die KKNK) aan dat hierdie fees die bywoningsgetalle van die 2019-fees (voor-Covid) verbygesteek het en dat hulle reeds vir hulle 30ste KKNK-fees in 2026 beplan (Bailey, 2024).

"Die spel gaan voort! " – Hendrik en Mathilde Hanekom[26] (1925)

BIBLIOGRAFIE

Antonissen, R. 1965. *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede*. Derde uitgawe. Kaapstad: Nasou.

Antonissen, R. 2016. Perspektief op die Afrikaanse drama 1906–1966. In Van Coller, HP. (red.). *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis,* Deel 2. Tweede uitgawe. Pretoria: Van Schaik, pp. 128-151.

Bailey, K. 2024. KKNK 2024 se kaartjieverkope, bywoning beter as voor Covid-19. *Netwerk 24*, 11 April. https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/feeste/kknk/kknk-2024-se-kaartjieverkope-bywoning-beter-as-voor-covid-19-20240411 [20 Junie 2024].

23 Vergelyk Keuris (2020).
24 Vergelyk Kapp (2015).
25 Vergelyk Keuris (2022).
26 Aangehaal in Anna Minnaar-Vos (1969:241).

Binge, LWB. 1969. *Ontwikkeling van die Afrikaanse toneel (1832 tot 1950)*. Publikasiereeks Nr. 29. Pretoria: J.L. van Schaik.

Bosman, FCL. 1928. *Drama en toneel*, *Deel I: 1652–1855*. Pretoria: JH de Bussy.

Bosman, FCL. 1942. *Di bedriegers, Magrita Prinslo en ander Afrikaanse dramas en samesprake tot 1900.* Patriot-Vereniging vir Afrikaanse Teksuitgawes Nr. 5. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Bosman, FCL. 1980. *Drama en toneel in Suid-Afrika, Deel II: 1856-1912*. Pretoria: Van Schaik.

Botha, D. 2006. *Voetligte en applous! Die beginjare van die Afrikaanse beroepstoneel*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Brink, AP. 1974. *Aspekte van die nuwe drama*. Pretoria: Academica.

Brink, AP. 2016. Die Afrikaanse drama 1967–1977. In Van Coller, HP. (red.). *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis,* Deel 2. Tweede uitgawe. Pretoria: Van Schaik, pp. 140-150.

Cloete, TT, Grové, AP, Smuts, JP & Botha, E. 1980. *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig*. Goodwood: Nasou.

Dekker, G. 1958. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Kaapstad: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery.

Coetser, JL. 2016. 'n Oorsig van die Afrikaanse drama en teater van 1990 tot 2010. In Van Coller, HP. (red.). *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis,* Deel 2. Tweede uitgawe. Pretoria: Van Schaik, pp. 233-295.

Dommisse, H. 1998. *Voetspore*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Du Toit, SJ. 1897. *Magrita Prinslo, of Liifde getrou tot in di dood: 'n Historiese toneelstuk uit di tyd fan di Grote Trek*. Paarl: Die Patriot.

ESAT: *Encyclopaedia for South African Theatre, Film, Media and Performance* (esat.sun.ac.za).

Fletcher, J. 1994. *The story of South African theatre 1780–1930*. Cape Town: Vlaeberg.

Hattingh, J. 2010. Die bemarking van die Afrikaanse teater: Vraag en aanbod ten opsigte van toneel as produk. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

Hauptfleisch, T. (red.). 1985. *Die Breytie-boek/The Breytie book: 'n Versameling artikels oor Suid-Afrikaanse teater opgedra aan PPB Breytenbach.* Randburg: Limelight Press.

Hauptfleisch, T. 2019. Die Dobermann in die hoenderhok – Pieter Fourie en die Afrikaanse teatersisteem. In Olivier, F. (red.). 2019. *Pieter Fourie: Teatermaker – 'n Huldiging*. Pretoria: Protea Boekhuis, pp. 93-112.

Hauptfleisch, T & Keuris, M. (reds.). 2020. *Reza de Wet: Die dramaturg as dromer – 'n Huldiging*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Hauptfleisch, T & Keuris, M. (reds.). 2023. *Bartho Smit: Koorddanser tussen triomf en tragedie – 'n Huldiging*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Huguenet, A. 1950. *Applous! Die kronieke van 'n toneelspeler*. Kaapstad: HAUM.

Kannemeyer, JC. 1988. *Die Afrikaanse literatuur (1652–1987)*. Pretoria: Academica.

Kapp, PH. 1975. Deel III: Ons volksfeeste. In Grobbelaar, PW. (red.). 1975. *Die Afrikaner en sy kultuur*. Kaapstad: Tafelberg.

Kapp, T. 2015. *"met bier en bloed en dans en trom": Afrikaanse kunstefeeste en NP van Wyk Louw se kultuurkritiek*. Johannesburg: Universiteit van Johannesburg. https://www.uj.ac.za/wp-content/uploads/2021/10/np-van-wyk-louw-lesing-2015_tertius-kapp_dans-en-trom.pdf [5 April 2024].

Keuris, M. 2010. The representation of Khoisan characters in early Dutch-Afrikaans dramas in South Africa. In Hutchison, Y. (ed.). *African theatre: Histories 1850–1950*. Melton, Suffolk: James Currey, pp. 107-121.

Keuris, M. 2012. "Theatre as a memory machine": *Magrita Prinslo* (1896) and *Donkerland* (1996). *Journal of Literary Studies*, 28(3):77-92.

Keuris, M. 2017. Herinneringe en herbesinnings – *Kanna hy kô hystoe*. In Van der Elst, J. (red.). *Adam Small: Denker; digter; dramaturg – 'n Huldiging*. Pretoria: Protea Boekhuis, pp. 135-155.

Keuris, M. 2019. *Magrita Prinslo* (1896), *Magdalena Retief* (1938) and *Mies Julie* (2012): From historical Afrikaner Mothers of the Nation to a Modern Afrikanermeisie (Girl). *Journal of Literary Studies*, 35(3):65-79.

Keuris, M. 2020. Die veranderende wêreld van Afrikaanse dramavertalings en verwerkings: Enkele opmerkings. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 60(1):1-14.

Keuris, M. 2022. 'n Voëlvlug oor die ontwikkeling en gebruik van Kaapse Afrikaans (Kaaps) in Afrikaanse dramas. *Journal of Literary Studies*, 38(2):1-20.

Kitshoff, H. 2006. Die opkoms, dinamika en betekenis van die Klein Karoo Nasionale Kunstefees: 1995–2005. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Luwes, N. 2012. Pieter Fourie(1940-) se bydrae as Afrikaanse dramaturg en kunsbestuurder: 1965–2010. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Minnaar-Vos, A. 1969. *Die spel gaan voort: Die verhaal van Hendrik en Mathilde Hanekom.* Kaapstad: Tafelberg.

Mouton, M. 1989. *Dramateorie vandag. Die bydrae van die drama- en teatersemiotiek*. Potchefstroom: Departement Sentrale Publikasies, PU vir CHO.

Neethling-Pohl, A. 1974. *Dankbaar die uwe*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Nicoll, A. 1962. *The theatre and dramatic theory*. London: George G Harrap.

Odendaal, LB. 2016. Die Afrikaanse drama sedert 1978. In: Van Coller, HP. (red.). *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*, Deel 2. Tweede uitgawe. Pretoria: Van Schaik, pp. 150-215.

Olivier, F. (red.). 2019. *Pieter Fourie: Teatermaker – 'n Huldiging*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Postlewait, T. 2009. *The Cambridge introduction to theatre historiography.* Cambridge: Cambridge University Press.

Snyman, W. 2006. *Memoires*. Hermanus: Hemel en See Boeke.

Stead, R. s.d. Die geskiedenis van die Nasionale Toneelorganisasie (NTO): 1947–1962. Ongepubliseerde verslag. Pretoria: RGN.

Styan, JL. 1975. *Drama, stage and audience*. Cambridge: Cambridge University Press.

Taljaard, PG. 2020. Gerben Kamper 's life, work and contribution to the South African theatre: 1972–2016. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Van Coller, HP & Van Jaarsveld, A. 2006. Tendense in die Afrikaanse drama en teaterwêreld – 'n bestekopname (met verwysing na enkele Sanlamprysfinaliste). *Stilet*, 18(1):69-89.

Van Coller, HP. (red.). 2016. *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis,* Deel 2. Pretoria: Van Schaik.

Van der Elst, J. (red.). 2017. *Adam Small: Denker; digter; dramaturg – 'n Huldiging*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Van der Vyver, LM. 2007. Breytenbach by die Afrikaanse kunstefeeste: karnaval en ritueel in sy dramatiese oeuvre. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Van Heerden, J. 2008. Theatre in a new democracy: Some major trends in South African theatre. Ongepubliseerde DPhil-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

Vorster, C. 2023. *Marius Weyers*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Die rol van die 1920-proefvertaling in die ontluiking van Afrikaans as ’n Bybeltaal

The role of the 1920 trial translation in the development of Afrikaans as a Bible language

JA Naudé
Departement Hebreeus
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein
Suid-Afrika
E-pos: naudej@ufs.ac.za

Jacobus Naudé

Jacobus A Naudé is ’n senior professor in die Departement Hebreeus aan die Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, Suid-Afrika, waar hy Bybelhebreeuse taalkunde en Bybelvertaling (antieke en moderne vertalings) aanbied. In sy navorsing fokus hy op pre-moderne Hebreeuse taalkunde, spesifiek vanuit ’n generatiewe perspektief, sowel as op godsdiens- en Bybelvertaling vanuit ’n kompleksiteitsteoretiese gesigspunt. Hy publiseer oor temas soos die semiotiek van alteriteit, sensuur, oraliteit, die rol van paratekste/metatekste en die beskrywing van die ontluiking van Afrikaanse en Engelse Bybelvertalings in 70 hoofstukke in boeke en 208 artikels in akademiese vaktydskrifte. Hy is redakteur van vier volumes oor die interaksie tussen vertaalkunde en religieuse vertaling en is mede-outeur van die *Biblical Hebrew Reference Grammar* (2de uitgawe, Bloomsbury, 2017). Hy is mederedakteur van *Linguistic Studies in Ancient West Semitic* (PSU Press) en dien op die adviespanele van *The Bible Translator*, *Handbook of Translation Studies, Handbook of Terminology, Journal of Northwest Semitic Languages,* en die National Association of Professors of Hebrew. Hy het gedien op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se begeleidingskomitee en drie redaksionele komitees vir die Bybelvertalingsprojek van die 2020-vertaling in Afrikaans, asook as vertaalkonsultant vir die Dinka Cam Bybel (Suid-Soedan, 2024).

Jacobus A Naudé is a senior professor in the Department of Hebrew at the University of the Free State, Bloemfontein, South Africa, where he teaches Biblical Hebrew linguistics and Bible translation (ancient and modern translations). His research focuses on pre-modern Hebrew linguistics, especially from a generative perspective, as well as on religious and Bible translation from a complexity theoretical viewpoint. He has published on themes such as the semiotics of alterity, censorship, orality, the role of paratexts/metatexts and the description of the emergence of Afrikaans and English Bible translations in 70 chapters in books and 208 articles in academic journals. He edited four volumes on the interaction of translation studies and religious translation and co-authored *A Biblical Hebrew Reference Grammar* (2nd edition, Bloomsbury, 2017). He co-edits the series *Linguistic Studies in Ancient West Semitic* (PSU Press) and serves on the advisory boards of *The Bible Translator*, *Handbook of Translation Studies*, *Handbook of Terminology, Journal of Northwest Semitic Languages* and the National Association of Professors of Hebrew. He served on the steering committee and the three editorial committees of the 2020 Afrikaans Bible translation project for the Bible Society of South Africa and as translation consultant for the Dinka Cam Bible (South Sudan, 2024).

Datums:
Ontvang: 2024-06-01 Goedgekeur: 2024-11-16 Gepubliseer: Maart 2025

ABSTRACT

The role of the 1920 trial translation in the development of Afrikaans as a Bible language

The aim of this essay is to demonstrate the role of the 1920 trial translation of the Gospel of John, the Prophet Hosea and the Prophet Jonah in the emergence of Afrikaans as a Bible language by means of a description and analysis of selected translation proposals with respect to a constellation of features including divine forms of address and epitheta (considering the Afrikaner epistemological tradition of Neo-Calvinism prevalent during the 1920s), morphophonological and morphosyntactic change and lexical alternatives, as well as the translation choices thereof in the subsequent translations.

The trial translation was reported as lost in 1934, but was discovered on 16 March 2023 in a file at the Dutch Reformed Church Archives at Stellenbosch.

After the Bible translations of the Bible Translation Movement (1872–1911), there was much controversy about Afrikaans as a Bible language. There was no fixed form of Afrikaans as a written language when the Synod of the Dutch Reformed Church in the Free State commissioned a translation of the Bible in Afrikaans in 1916. The translators decided at their first meeting in the beginning of 1917 to undertake a trial translation of the Gospel of John, the Prophet Hosea and the Prophet Jonah, which could then serve as a guide for translating the rest of the Bible.

The negative criticism during 1918 and 1919 of the language use of the proofs of the 1920 trial translation after its circulation from the last quarter of 1917 enhanced the publication of the next trial translation titled Die Vier Evangelië en die Psalme *(The Four Gospels and the Psalms) in 1922, which also received negative critique. The Afrikaans translation project was then reconceptualised considering the previous two failures. The third trial translation titled* Die Vier Evangelies en die Boek van die Psalms *(The Four Gospels and the Book of Psalms) published in 1929 was well received and served as a guide for the successful translation of the first complete Bible in 1933. With this translation Afrikaans as a Bible language was established, which was only possible after Afrikaans had achieved recognition as an official language in 1925.*

In the 1920 trial translation the alternative formulations, which were placed between brackets, are only found in the translations of three of the six translators and only in the following passages: Jonah 1-4, Hosea 2, John 10-13,15 and 20:4. These cases reveal that there were translation problems which compelled the translators to exercise translation choices. Therefore, these alternative formulations are first described and analysed.

The emerging role of Afrikaans as a Bible language during 1912–1923 is demonstrated by comparing the issues in the verses described above with their renderings in the Dutch Statenvertaling, the Bible translations of the Bible Translation Movement (1872–1911) and the 1922 trial translation. I also follow the trajectory of these issues through 1923–1967 with the 1929 trial translation and the appearance of the first complete Bible translation in Afrikaans in 1933, as well as its revision in 1953.

In the emergence of Afrikaans as a Bible language, the problem of the translators was to free themselves from the bonds of the Dutch language and writing tradition, especially the words and expressions of the State Translation, so that Afrikaans could be used according to its own idiom.

The analysis is in line with the view of Marais (2014; 2019; 2023) namely, that the conceptualisation of translation has expanded to encompass translation as a complex, unpredictable process (rather than solely a product). Complex systems are adaptive, dynamic (constantly changing) and emergent (having the tendency to self-organise to reach a subsequent

higher state), following particular trajectories because of the influence of attractors. Translation is also a meaning-making process driven by translation agents and attracted by a purpose or skopos which must satisfy the needs of the audience, and which is informed, amongst others, by the translation brief (Nord, 2023:180).

KEYWORDS: translation studies, Kobus Marais, Christiane Nord, Bible translation, trial translation, trajectory, language development, written language, colloquial speech, contemporary speech, form of address, pronoun, proper noun, relative pronoun, attributive adjective, variant, church language, Son of Man, Afrikaans, Dutch

TREFWOORDE: vertaalkunde, Kobus Marais, Christiane Nord, Bybelvertaling, proefvertaling, trajek, taalontwikkeling, skryftaal, omgangstaal, hedendaagse taalgebruik, aanspreekvorm, voornaamwoord, eienaam, betreklike voornaamwoord, attributiewe byvoeglike naamwoord, wisselvorm, kerktaal, Seun van die Mens, Afrikaans, Nederlands

OPSOMMING

Nadat die Vrystaatse Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk goedkeuring verleen het vir ’n vertaling van die Bybel in Afrikaans tydens die sitting van 25 Mei 1916, het die vertalers voor ’n moeilike probleem te staan gekom. As skryftaal het Afrikaans nog nie ’n vaste vorm gehad nie en daar moes derhalwe na ’n eenvormige standaard gesoek word. Om dit te verkry, het die vertalers op 4 April 1917 besluit om eers ’n voorlopige vertaling van die Evangelie van Johannes, die boek Hosea en die boek Jona te maak en dit privaat te sirkuleer sodat ’n standaardteksvorm vasgestel kon word.

Hierdie proefvertaling wat deur die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap (BBBG) gepubliseer is, is in 1934 as verlore aangemeld. Op 16 Maart 2023 is die vertaling egter in die NG Kerk Argief op Stellenbosch opgespoor.

In hierdie bydrae word die ontluikende rol van die 1920-proefvertaling vir Afrikaans as Bybeltaal gedemonstreer deur die beskrywing en ontleding van geselekteerde vertaalvoorstelle en -keuses. As een van die tekste van ’n aanvangstekensisteem vir ’n Bybelvertaling in Afrikaans word die trajek daarvan gevolg deur die proefvertalings van 1922 en 1929, sowel as die eerste volledige vertaling van 1933 (en sy hersiening in 1953), om die invloed daarvan op die ontluiking van Afrikaans as Bybeltaal te bepaal.

> Van ‘brabbeltaal’ tot Bybeltaal, van ‘kombuistaal’ tot kerktaal en kanseltaal, van ‘bastertaal’ (‘verbasterde Hollands’) tot rasegte Afrikaanse taal, van ‘dialek’ tot selfstandig volgroeide en volwaardige taal – dit is die wonder van die ontwikkeling van Afrikaans in ’n klein aantal jare – minder as ’n halfeeu. (Du Plessis, 1959:91)

1. Inleiding

Die Nederlandse Statenvertaling (1637) is hoofsaaklik deur Afrikaanse Bybellesers gebruik totdat die eerste volledige Bybel in Afrikaans gedurende 1933 amptelik deur kerke in Suid-Afrika in gebruik geneem is.

Afgesny van die Nederlandse invloed ná die tweede Britse oorname van die Kaap in 1806, was die gevolg die ontwikkeling van ’n aantal verskillende Afrikaanse variëteite aan die Kaap en in die binneland in die omgewing van die Gariep, die destydse Oosgrens en later in die

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a17

Oranje-Vrystaat Republiek en die Zuid-Afrikaanse Republiek (Conradie & Groenewald, 2014:27-60; Van Rensburg, 2012).

Teen hierdie agtergrond is die vertalings van die Bybelvertalingsbeweging (1872–1911) in die Paarl gedoen (Naudé, 2020:873-875). 'n Ongepubliseerde vertaling van Markus was reeds in 1878 beskikbaar en 'n proefvertaling is in 1889 gepubliseer. Gepubliseerde vertalings van Genesis (1893), Matteus (1895), Openbaring (1898), Hooglied (1905), Psalms (1907), Handelinge (1908a) en Markus (1908b) het gevolg. Daar was egter nog diegene, soos die politikus Jan Hendrik Hofmeyr (1845–1912), wat die voortgaande gebruik van Nederlands in plaas van die opkomende Afrikaans bepleit het (Hofmeyr, 1913:647-660). Nederlands is nog steeds in die NG kerk gebruik tot 1920. Bybellesers was nog oortuig daarvan dat die dominansie van die Nederlandse taal en die Statenvertaling steeds verkiesliker was as die Afrikaanse "dialek" en 'n Afrikaanse Bybelvertaling. Dit was die belangrikste rede vir die mislukking van hierdie projek (Naudé, 2008). Die eenvoudige en alledaagse spreektaal kon nie sonder meer die statige taalgebruik van die Statenbybel vervang en Bybeltaal word nie. Vir Bybellesers was vertalings soos "di Gees van God broei op di waters" (Gen. 1:2) in 1893 en "uw knopkiri en wandelstok fertroos my" (Ps. 23:5) in 1907 onaanvaarbaar (Du Plessis, 1959:93).

Die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 het die impak van Britse imperialisme verminder en waar die Afrikaanse jeug in beheer gekom het, is die gebruik van Afrikaans bepleit – ook in die kerk (Spies, 1986:222-227). Op kerklike aandrang word daar besluit om die Statenbybel in Afrikaans te vertaal as die volgende projek vir die vertaling van die Bybel (1912–1923). Ten opsigte van hierdie tweede poging van 'n Bybelvertaling in Afrikaans meld Oberholster (1958:75) dat die vertalers aan die begin voor 'n moeilike probleem te staan gekom het. As skryftaal het Afrikaans nog nie 'n vaste vorm gehad nie en daar moes dus na 'n eenvormige standaard gesoek word. Om dit te probeer verkry, is op 4 April 1917 besluit "om eers 'n voorlopige vertaling van die boeke Jona, Hosea en die Evangelie van Johannes te maak, en dit privaat te sirkuleer, om langs dié weg tot 'n standaard teksvorm (sic) te geraak".

In sy boek *The Book of a Thousand Tongues* noem Eric M North (1938:108) ten opsigte van Afrikaans dat die 1933-vertaling "began with the tentative publication of Hosea, Jonah and St John in 1920".

In sy studie oor die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling meld Nienaber (1934:172) dat hy hierdie proewe nie in die hande kon kry nie. Op 'n navraag gedurende Februarie 2023 aan die BBBG se argief by Cambridge Universiteit kon die argivaris net die volgende inskrywing opspoor: "The Bible House Library possesses galley proofs of St John's Gospel, Hosea and Jonah, prepared by the Committee appointed by the Synods of the Dutch Reformed Church and published by the BFBS." Op 16 Maart 2023 het ek die dokument gevind in 'n lêer (OPEN-FOLDER 1922 Joh-Hosea-Jon) wat in die NG Kerk Argief op Stellenbosch bewaar word. Die eksemplaar, wat sonder titelblad en ook ongedateerd is, is duidelik 'n drukproef met 45 genommerde bladsye met *Die Heilige Evangelie volgens die Beskrijwing van Johannes*, *Die Profeet Hosea,* en *Die Profeet Jona*.

Die proefvertaling het volgens die notules van die vertalers reeds in 1917 gesirkuleer, maar weens North se verwysing na 1920 as die publikasiedatum, word in hierdie bydrae daarna verwys as die 1920-proefvertaling van Johannes, Hosea en Jona (AFN 1920). In hierdie bydrae beoog ek om die ontluikende rol van die 1920-proefvertaling vir Afrikaans as Bybeltaal te demonstreer deur die beskrywing en ontleding van geselekteerde vertaalvoorstelle met verwysing na goddelike aanspreekvorme en epiteta (in die lig van die epistemologiese tradisie van Neo-Calvinisme), morfofonologiese en morfosintaktiese taalverandering en wisselvorme, asook die vertaalkeuses in die daaropvolgende vertalings.

Die uitgangspunt van hierdie ondersoek is gebaseer op die sienings in Marais (2014; 2019; 2023), wat die konseptualisering van vertaling uitbrei na ’n komplekse, onvoorspelbare proses (eerder as net ’n produk). Komplekse sisteme is aanpasbaar, dinamies (verander voortdurend), ontluikend (met die neiging om self te organiseer om ’n later hoër toestand te bereik) en volg spesifieke trajekte as gevolg van die invloed van aantrekkers. Die aanvangstekensisteem sluit al die veelvlakkige, komplekse en ontluikende kenmerke wat insette lewer in die vertaalproses in en die daaropvolgende tekensisteem dui die uitkoms aan wat uit die vertaalproses te voorskyn kom. Volgens Nord (2023:180) is vertaling funksionalisties en daarom ’n betekenisgewende proses wat deur vertaalagente (Conradie, 1985:464-487) gedryf word en aangetrek word deur ’n doel of *skopos*, wat die behoeftes van die gehoor moet bevredig en, onder andere, deur die vertaalopdrag bepaal word.

Die metodologie wat in hierdie ondersoek gevolg word, is ’n narratiewe raammodel (Baker, 2006). Hiervolgens kan geen spesifieke vertaalkeuse as willekeurig beskou word nie, maar as ingebed in en as ’n bydrae tot die beliggaming van ’n konkrete sosiale werklikheid (Naudé, 2005a; 2005b). Elke keuse in vertaling tree op as ’n indeks wat ’n narratief of ’n verhaal is van die wêreld, of ’n aspek daarvan. Die natuurlike neiging van komplekse sisteme vir wanorde (entropie) word beperk deur die proses van vertaling self, wat die behoefte aan gereelde hersiening en hervertaling impliseer. In hierdie bydrae verwys die term “hersiening” na die proses van redigering, regstelling en modernisering van ’n bestaande vertaling vir herpublikasie, terwyl die term “hervertaling” verwys na ’n volgende vertaling van ’n begin- of aanvangsteks in dieselfde taal (Koskinen & Paloposki, 2010).

Hierdie bydrae is soos volg georganiseer. Afdeling 2 is ’n beskrywing en analise van die 1920-proefvertaling van Johannes, Hosea en Jona met die fokus op die voorkeurvertalings of ander bruikbare vertalings wat as gids vir die vertaalwerk gebruik kon word. Afdeling 3 is ’n beskrywing en analise van vertaalkeuses van die 1922-proefvertaling op grond van die 1920-proefvertaling. Die trajek van hierdie kwessies deur die derde poging met ’n proefvertaling (1929) en die verskyning van die eerste volledige Bybelvertaling in Afrikaans in 1933, sowel as die hersiening daarvan in 1953, word in Afdeling 4 aangebied. In Afdeling 5 volg die gevolgtrekkings.

2. Die 1920-proefvertaling van Johannes, Hosea en Jona

2.1 Geskiedkundige agtergrond

In 1912 verskyn die Afrikaanse Kinderbybel van WJ Conradie met die titel “Bijbel geskiedenis vir ons volk”, wat gretig gelees en later in skole gebruik is en bygedra het om vooroordeel teen die gebruik van Afrikaans in die godsdiens uit die weg te ruim (Nienaber, 1934:59; Keet & Groenewald, 1985:223-224). Geykte vorme is behou, byvoorbeeld *Gods Koninkryk*, *verlore soon*, *Soon des Mensen*, terwyl die Tien Gebooie en Onse Vader onveranderd in Nederlands gelaat is (Nienaber, 1934:59; Keet & Groenewald, 1985:223-224). Daar was nog nie konsensus oor spelling en vorme nie en voorbeelde van woorde wat probleme veroorsaak het, was *gelowe, glo*, of *geloof*; *gedo*, *gedoë* of *gedoog*, en *teunaan* of *teen* (Nienaber, 1934:59).

Op 24 en 25 Julie 1914 het die kongres van die Afrikaanse Taalvereniging (ATV) te Stellenbosch aanbeveel dat die Bybel in Afrikaans vertaal moes word, die sinodes van die NG Kerk versoek word om Afrikaans naas Nederlands as die amptelike taal van die kerk te erken, asook om teologiese studente toe te laat om hulle eksamens in Afrikaans af te lê (Notule van ATV-kongres, 24 en 25 Julie 1914; Nienaber, 1934:60-61).

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a17

In reaksie op die hewige kritiek oor die besluite van die Afrikaanse Taalvereniging, word ’n ope vergadering gehou (*Ons Moedertaal*, 15 September 1914: 61-66; Nienaber, 1934:61-62). By die vergadering lewer prof. BB Keet ’n toespraak oor “Die Bybel in Afrikaans” en behandel drie vrae. 1. Is ’n nuwe vertaling van die Bybel nodig? 2. Hoe moet die werk verrig word? 3. Van wie moet dit uitgaan? Keet motiveer die vertaling van die Bybel in Afrikaans deur aan te toon dat die skrywers die Nuwe Testament in Hellenistiese Grieks, die volkstaal, geskrywe het. Dit was nie in Attiese Grieks, die taal van die geleerdes, nie. Verder het Martin Luther tydens die Hervorming die Bybel in Duits, die volkstaal, vertaal. Vir Keet was dit vir die armblankes, die bruin mense en die plattelanders noodsaaklik dat die Bybel in Afrikaans moet wees, sodat hulle dit kon verstaan. Hy wou dat die bevordering van die Afrikaanse vertaling geen aanstoot gee nie.

Hy pleit dus dat die vertaling uit die Statenvertaling geskied en nie uit die oorspronklike tale nie, omrede:

- Die Statenvertaling ’n goeie vertaling was.
- Daar in Suid-Afrika nie kundiges was om ’n totaal nuwe vertaling aan te durf nie.
- Die Statenvertaling so bekend was dat ’n splinternuwe vertaling meer aanstoot sou gee.

Hy het gepleit dat die sinodes van die Hollandse kerke in Suid-Afrika die vertaling moes onderneem. Volgens hom sou die Bybel Afrikaans as taal verhef deur die kragtige en suiwerende invloed van die Bybel op alle tale. Om die verhewenheid van Afrikaans as Bybeltaal te bewys, bied hy ’n vertaling van Jona 4:1-4 aan (Nienaber, 1934:166-167, AFN 1914).

In April 1916 het Vrystaatse onderwysers die noodsaaklikheid van ’n Bybelvertaling in Afrikaans bespreek, omdat Afrikaans en nie meer Nederlands nie in skole bestudeer word (Nienaber, 1934:62). Die Vrystaatse Sinode van die NG Kerk besluit op 25 Mei 1916 ten gunste van ’n Afrikaanse Bybelvertaling: “De Synode besluite tot het vertalen van den Bijbel in Afrikaansch, en noodigt hiertoe uit de zamenwerking van de Ned. Ger. Kerken in de andere Provinciën, alsook van die Ger. en Hervormde Kerken. Zij drage dit werk op aan een speciale Commissie, die in onderhandeling zal treden met de Synodale Commissiën van gemelde Kerken, ten einde de kundigste en geschikste mannen voor dit werk te erlangen” (Acta Synodi Vrijstaat, 16 Mei 1916; Nienaber, 1934:64).

Die kommissie het op 9 Augustus 1916 vergader en die sinodes van al die ander provinsies en ander susterkerke uitgenooi om aan die projek deel te neem (Nienaber, 1934:65). In 1917 gee die BBBG sy goedkeuring en bied aan om vir die vertaling en publikasie te betaal. Ná vele vergaderings volg die sinodes van die ander provinsies die voorbeeld van die Vrystaat wat betref die erkenning van die gebruik van Afrikaans in die kerk en deelname aan die Bybelvertaling (Nienaber, 1934:65-69).

2.2 Die vertaalproses

Die Bybelvertaling begin amptelik op 22 November 1916 in Bloemfontein met die Breë Vergadering, bestaande uit die Vrystaatse Sinode se Kommissie van Bybelvertaling en die afgevaardigdes van die Gereformeerde Kerk (Nienaber, 1934:73). Daar is besluit om die Statenvertaling in Afrikaans te vertaal, met noukeurige raadpleging van die brontekste (Notule van die Breë Kommisie, 22 November 1916; Nienaber, 1934:74). As vertalers vir die Ou Testament is dr. BB Keet (Graaff-Reinet), dr. JD du Toit (Potchefstroom) en dr. TB Muller (Philippolis) benoem, en vir die Nuwe Testament is dr. GBA Gerdener (Kaapstad), prof.

F Postma (Potchefstroom) en ds. NJ van der Merwe (Wepener) benoem (Nienaber, 1934:79). Die eerste taaladviseurs was: proff. JJ Smith, TH le Roux en DF Malherbe (Nienaber, 1983:70).

Op 4 April 1917 het die vertalers in Bloemfontein byeengekom. Benewens die hoofwerk waarvoor al die Bybelboeke onder die ses vertalers verdeel is, is besluit om ’n voorlopige vertaling as ’n Afrikaanse standaardteks voor te berei (Nienaber, 1934:80). Hiervoor moes dadelik een boek van die Nuwe Testament (Johannes) en twee van die korter boeke van die Ou Testament (Hosea en Jona) vertaal word. Dit moes gedruk en privaat as ’n tentatiewe vertaling gesirkuleer word, om naastenby die teksvorm vas te stel wat vir die hele vertaling gebruik kon word (Notule van die Afrikaanse Bybelkommissie, 4 April 1917; *De Kerkbode* 10 Mei 1917, p. 440).

Vir hierdie voorlopige proefvertaling is die volgende persone aangewys: dr. Keet vir die boeke Jona en Hosea 1-2, dr. Muller vir Hosea 3-8, dr. Du Toit vir Hosea 9-14, prof. Postma vir Johannes 1-9, ds. Gerdener vir Johannes 10-15 en ds. Van der Merwe vir Johannes 16-21 (Nienaber, 1934:79). Elke vertaler moes die vertaling gebruik wat hy ken, maar ander bruikbare vertalings moes tussen hakies geplaas word. Die spelling, soos deur die ZA Akademie se Spelreëls bepaal, moes gevolg word. Die voorlopige vertalings moes teen 15 Mei 1917 gereed wees vir sirkulasie onder die vertalers (Nienaber, 1934:80).

Die vertalers het weer op 2 en 3 Julie 1917 in Bloemfontein byeengekom, waartydens vier hoofstukke van die voorlopige vertaling behandel is, naamlik Hosea 3 en 9, Jona 1 en Johannes 1 (Notule van die Vertalers 2 en 3 Julie 1917; *De Kerkbode* 23 Augustus 1917, p. 815; Nienaber, 1934:81). Sinskonstruksie en woordvorme is bespreek, byvoorbeeld die plek van die tweede *nie* in ’n sin, die uitgang *-e* by byvoeglike naamwoorde, die spelling van eiename, keuses tussen wisselvome soos *na* en *naar*, *soos* en *soals*, asook *die* of *wat* as betreklike voornaamwoord (Nienaber, 1934:81). Geen vaste besluite is geneem nie.

Daar is besluit om ’n oplaag van honderd eksemplare van die voorlopige vertaling van die Johannes-evangelie, Hosea, en Jona as proefvertaling te druk vir gratis verspreiding onder die hersieners, adviseurs, vertalers en ander belangstellendes. Die drukproewe moes binne drie weke deur proff. Du Toit en Postma vir konsekwentheid gekontroleer word. Die kommissie het onderneem om teen 15 Oktober 1917 die proefvertaling aan die belangstellendes te gee vir noukeurige nasiening en om kommentaar voor 15 Desember 1917 aan ds. Van der Merwe te stuur (Nienaber, 1934:81-82).

2.3 Beskrywing en analise van vertaalvoorstelle

2.3.1 Voorkeurvertalings en ander bruikbare vertalings

In die 1920-proefvertaling word die ander bruikbare vertalings, wat tussen hakies geplaas moes word, net gevind in die vertalings van drie van die ses vertalers, en wel in Jona 1-4, Hosea 2, Johannes 10-13, 15 en in Johannes 20:4. Hierdie gevalle dui vertaalprobleme aan waaroor die vertalers uiteindelik vertaalkeuses moes uitoefen. Dit word in hierdie bydrae beskryf en ontleed. Dit behels aanspreekvorme, voornaamwoorde, eiename, die uitgang *-e* by byvoeglike naamwoorde, vertaalkeuse by wisselvorme, en *die* of *wat* as betreklike voornaamwoorde (vergelyk Steyn, 1989 vir koerante se soortgelyke grammatiese probleme in 1917; Scholtz, 1980). Gegewe die omvang, word die ondersoek beperk tot hierdie kwessies. Die gebruik van *vir* in die *beter dan/as*-konstruksie (Hosea 2:6) sal in ’n toekomstige bydrae beskryf en ontleed word. Hierdie vertalings word met die 1917-uitgawe van die Statenvertaling (1637) vergelyk, wat ’n herdruk van die 1900-uitgawe is en waarskynlik die uitgawe is wat

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a17

deur Afrikaanse lesers gebruik is. Geeneen van die tekste in die 1920-proefvertaling het parallelle in die vertalings van die Bybelvertalingsbeweging (1872–1911) nie. Waar vergelykings getref word, word dit met voorbeelde in soortgelyke kontekste gedoen.

2.3.2 Vertaalvoorstelle oor goddelike aanspreekvorme en epiteta

Die vertaling van Godsname, aanspreekvorme en epiteta is van die belangrikste aspekte wat 'n rol speel in die aanvaarbaarheid van 'n Bybelvertaling. Die gebruik van Afrikaanse voornaamwoorde en voornaamwoordelike aanspreekvorme in Afrikaanse Bybelvertalings is nie hiervan uitgesluit nie, soos blyk uit die publikasies van Scholtz (1963), Nienaber (1982), Steyn (2009:146-147), Kotzé (2020) en Conradie (2020:1052-1053). Die analises is konteksloos sonder inagname van die Neo-Calvinistiese tradisie met die oorsprong in die fundamentalistiese teologie van Amsterdam en Princeton wat 'n rol in die vertaalkeuses van die vertalers gespeel het, byvoorbeeld die gebruik van hoofletters of Nederlandse vorme vir goddelike aanspreekvorme (Naudé, 2005:26-27). Dié publikasies neem ook nie die unieke aard van die doeltaal wat gedurende die vertaalproses ontwikkel en verskil van gebruikstaal in aanmerking nie (Beerle-Moor & Voinov, 2012).

Vervolgens word die vertaalvoorstelle van goddelike aanspreekvorme vir die 1920-proefvertaling (AFN 1920) bespreek en met die vorme in die Statenvertaling (SV 1917) vergelyk.

In die gevalle waar God of Jesus aangespreek word, word *Gij* (met hoofletter) as voorkeurvertaling voorgestel en *U* (hoofletter) in hakies as 'n ander bruikbare vertaling (1)(a) en (2)(a). In SV 1917 word *Gij* (met hoofletter) gebruik wanneer God aangespreek word (1)(b), maar *gij* (met kleinletter) wanneer Jesus aangespreek word (2)(b). (HEERE is die vertaling van die tetragrammaton YHWH, die persoonlike naam van God in Hebreeus).

(1) Jona 1:14
(a) AFN 1920: Gij (U) HEERE!
(b) SV 1917: Gij, HEERE!

(2) Johannes 10:24
(a) AFN 1920: Als Gij (U) die Christus is
(b) SV 1917: indien gij …

In AFN 1920 word *Gij* (*U*) ook in Jona 2:2, 3, 6; 4:2; en Johannes 10:24 (2x); 11:3, 8, 21, 22, 27, 41, 42 gebruik. (In AFN 1914 word *gy* in Jona 4:2 gebruik.) In Johannes 1-9 en 16-21 word net *U* gebruik. Wanneer God en Jesus aangespreek word, stel twee van die vertalers *Gij* as voorkeurvertaling voor en *U* as ander bruikbare vertaling, terwyl twee vertalers slegs *U* gebruik. Soos blyk uit (3) en (4) word daar nie onderskeid getref tussen die sprekers (volgelinge en nievolgelinge, onderskeidelik) se gebruik van die hoflikheidsvorm nie.

(3) Johannes 1:50
(a) AFN 1920: Nathánaël antwoord en sê vir Hem: Rabbi! U is die Soon van God, U is die Koning van Israël.
(b) SV 1917: ... en zeide tot hem: Rabbi! gij zijt de Zone Gods, gij zijt de Koning Israëls.

(4) Johannes 2:18
(a) AFN 1920: Die Jode antwoord toe en sê vir Hem: Watter teken toon U ons dat U hierdie dinge doen?
(b) SV 1917: … en zeiden tot hem: Wat teeken toont gij ons, dat gij deze dingen doet?

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a17

Wanneer Jesus sy volgelinge aanspreek, word die persoonsvoornaamwoorde *jij* (5) in enkelvoud en *julle* (6) vir die meervoud gebruik. Die SV 1917 gebruik deurgaans *gij*. In die voorwerpsposisie word *jou* (5) gebruik in AFN 1920 en *u* in SV 1917. As Jesus na God verwys, word die besitsvoornaamwoord *Uw* vir die tweede persoon gebruik en *Sijn* in die derde persoon wanneer daar na Jesus verwys word (7). Die SV 1917 gebruik dieselfde vorme, maar met kleinletters: *uw* en *zijn*. Die vorm *Hij* word gebruik in die onderwerpsposisie wanneer daar na Jesus verwys word. Die SV 1917 het weereens dieselfde vorm, maar begin met 'n kleinletter. Die vorm *Hem* ((5)(a) en (13)(a)), word gebruik wanneer Jesus die referent is.

(5) Johannes 1:49
(a) AFN 1920: Nathánaël sê vir Hem: Vanwaar ken U mij? Jezus antwoord en sê vir hom: Voordat Filippus jou geroep het, toe jij onder die vijeboom was, het ik jou gesien.
(b) SV 1917: Nathánaël zeide tot hem: Van waar kent gij mij? Jezus antwoordde en zeide tot hem: Eer u Filippus riep, daar gij onder den vijgeboom waart, zag ik u.

(6) Johannes 16:30-31
(a) AFN 1920: Nou weet ons (dissipels), dat U alle dinge weet, en U het nie nodig, dat iemand U sal vra nie. Hierom geloof ons, dat U van God uitgegaan het.
Jezus antwoord hulle: Glo julle nou?
(b) SV 1917: Nu weten wij, dat gij alle dingen weet, en gij hebt niet van noode, dat u iemand vrage. Hierom gelooven wij, dat gij van God uitgegaan zijt.
Jezus antwoordde hun: Gelooft gij nu?

(7) Johannes 17:1
(a) AFN 1920: Dit het Jezus gespreek, en Hij hef Sijn oë op ... en sê: Vader! ... verheerlik Uw Soon, sodat Uw Soon ook U mag verheerlik.
(b) SV 1917: … en hij hief zijne oogen op ... en zeide: Vader! ... verheerlijk uwen Zoon, opdat ook uw Zoon U verheerlijke.

Wanneer die besitter Sion ('n goddelike/heilige stad) is wat as vroulik voorgestel word, word die tweedepersoons- besitlike voornaamwoord *uw* of alternatiewelik *jouw* (8) gebruik om na Sion te verwys. SV 1917 gebruik in hierdie geval slegs *uw* as besitlike voornaamwoord, maar die stad word aangespreek as *gij* (*dochter Zion*).

(8) Johannes 12:15
(a) AFN 1920: Vrees nie, dogter van Sion! Kijk daar! uw (jouw) Koning kom
(b) SV 1917: Vrees niet, gij dochter Zion! zie, uw Koning komt

Ik en *Mij* is onderskeidelik die voornaamwoord vir die eerste persoon enkelvoud in onderwerp- en voorwerpsposisie wanneer God aan die woord is (9). Die persoonlike voornaamwoord vir die derde persoon vroulik enkelvoud, as onderwerp gebruik, is *sij*. Die enkelvoud derde persoon vroulike voornaamwoord vertoon die vorm *haar* in die voorwerpsposisie, waar dit as besitlike voornaamwoord gebruik word en na 'n voorsetsel. Die meervoudsvorm van die derde persoon na 'n voorsetsel is *hulle*.

(9) Hosea 2:12
(a) AFN 1920: En Ik sal oor haar besoek die dae van die Baäls, waarin sij aan hulle (dié) gewierook het en haar versier het met haar voorhoofsiersel, en haar halssierraad, en het haar boele agterna gegaan, maar het Mij vergeet, spreek die HEERE.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a17

(b) SV 1917: En Ik zal over haar bezoeken de dagen des Baäls, waarin zij dien gerookt heeft, en zich versierd met haar voorhoofdsiersel, en haar halssieraad, en is hare boelen nagegaan, maar heeft Mij vergeten, spreekt de HEERE.

AFN 1920 stel *Mensesoon* voor as die vertaling van die epiteton ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου (letterlik: die seun van die mens), 'n benaming vir Jesus. 'n Ander bruikbare vertaling wat voorgestel word, is *Soon des mensen* (10).

(10) Johannes 12:23 (ook Johannes 12:34 (2x))
(a) AFN 1920: Die uur is gekom vir die Mensesoon (Soon des mensen) om verheerlik te word.
(b) SV 1917: … de Zoon des menschen …

Die voorstel van AFN 1920 is soortgelyk aan die vertalings van die Bybelvertalingsbeweging (1872–1911) wat die Griekse frase vertaal met *Menseseun* (11) en (12).

(11) Matteus 8:20
AFN 1895: ... di Menseseun het ni 'n plek waar Hy syn hoof neerlê ni.

(12) Markus 8:31-32
AFN 1908b: ... dat di Menseseun baing moes ly.

Dieselfde konstruksie word in AFN 1920 vir die vertaling van Ιούδας Σίμωνος Ἰσκαριώτου [letterlik: van Judas van Simon van Iskariot] voorgestel met 'n ander bruikbare vertaling, waarskynlik as gevolg van invloed van die verkorte vorm *Judas Iskáriot* in byvoorbeeld Markus 10:4 (13).

(13) Johannes 13:2 (ook Johannes 13:26)
(a) AFN 1920: die hart van Judas Simonssoon Iskáriot (Judas Iskáriot, *soon van* Simon) gegee het dat hij Hem sou verraai
(b) SV 1917: … Judas, Simons *zoon*, Iskariot

2.3.3 Vertaalvoorstelle bepaal deur morfofonologiese verandering

Ten opsigte van die gebruik van verboë (met uitgang -*e*) en onverboë (sonder uitgang -*e*) vorm van die byvoeglike naamwoord *groot* word in die vertaling van Jona in AFN 1920 die verboë vorm deurgaans gebruik met die onverboë vorm as ander bruikbare vertaling (14)(a). SV 1917 gebruik die verboë vorm (*groote*) (14)(b).

(14) Jona 1:2; 3:3; 4:11
(a) AFN 1920: die grote (groot) stad
(b) SV 1917: de groote stad

Ander gebruiksgevalle in Jona van AFN 1920 is *'n grote (groot) wind* (1:4); *grote (groot) vrees* (1:10, 16); *grote (groot) storm* (1:4,12); *'n grote (groot) vis* (1:17). SV 1917 gebruik die verboë vorm (*groote*) in al die gevalle. In Jona 3:7 het die onverboë vorm van *groot* egter voorkeur bo die verboë vorm.

(15) Jona 3:7
(a) AFN 1920: sij groot (grote) manne
(b) SV 1917: zijner grooten

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a17

In Johannes word alleen die onverboë vorm van *groot* gebruik (16).

(16) Johannes 6:2 (ook 6:5; 12:12)
(a) AFN 1920: ’n groot skare
(b) SV 1917: eene groote schare

Ander gebruiksgevalle in Johannes van AFN 1920 is *’n groot menigte* (5:3); *’n groot gemompel* (7:12); *die groot dag* (7:37); *’n groot aantal van die Jode* (12:9); *vol groot visse* (21:11). In AFN 1920 word die gebruik van *baie* (in plaas van *baing* (12)) ingevoer – in Jona as ander bruikbare vertaling (17)(a) en (18)(a) in plaas van die voorkeurvertaling *grote* of *groot*, maar in Johannes (19) en Hosea (20) word *baie* gebruik as aanbevole vertaling.

(17) Jona 4:1
(a) AFN 1920: Dit het Jona groot verdriet aangedoen (baie verdrietig gemaak)
(b) SV 1917: Dit verdroot, Jona *met* groot verdriet

(18) Jona 3:3
(a) AFN 1920: En Ninevé was ’n grote (groot) stad van God (’n baie groot stad)
(b) SV 1917 … eene groote stad Gods

(19) Johannes 6:10
(a) AFN 1920: En daar was baie gras op die plek
(b) SV 1917: … veel gras …

(20) Hosea 9:9
(a) AFN 1920: Hulle het hulleself baie diep verderwe
(b) SV 1917: … zeer diep verdorven

By voorsetsels met *in* word as ander bruikbare vertaling *op* voorgestel (21).

(21) Hosea 2:8
(a) AFN 1920: Mij koring wegneem in (op) sij tyd en Mij mos in (op) sij bepaalde tijd.
(b) SV 1917: … op zijnen tijd, en mijnen most op zijnen gezetten tijd.

Die saamgetrokke vorm van *geen* word in Jona as ander bruikbare vertaling voorgestel (22) en (23).

(22) Jona 3:7
(a) AFN 1920: Laat geen (g’n) mens of dier
(b) SV 1917: Laat mensch noch beest

(23) Jona 4:11
(a) AFN 1920: mense ... wat geen (g’n) onderskeid weet tussen hul regterhand en hul linkerhand nie
(b) SV 1917: … die geen onderscheid weten …

Die vol vorm *geen* word in AFN 1920 Johannes gebruik.

2.3.4 Vertaalvoorstelle bepaal deur wisselvorme

Ten opsigte van vertaalkeuse word ander bruikbare vertalings vir die volgende voorkeurvertalings voorgestel (24-41):

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a17

TABEL 1: Vertaalvoorstelle bepaal deur wisselvorme

		SV 1917	**AFN 1920**
24	Jona 1:5	zeelieden	seeliede ~ matrose
25	Hosea 2:10	hoogtijden	feeste ~ hoogtije
26	Hosea 2:17	krijg	krijg ~ oorlog
27	Johannes 10:16	kudde	trop ~ kudde
28	Johannes 11:39	gestorvenen	oorledene ~ dode
29	Johannes 13:4	linnen doek	handdoek ~ linnedoek
30	Johannes 13:4	omgordde	gebind ~ omgord
31	Jona 3:5	geloofden aan God	aan God geglo ~ geloof
32	Johannes 10:25	gij gelooft	julle geloof ~ glo
33	Jona 2:7	overstelpt	oorstelp ~ oorweldig
34	Jona 4:7	opgaan van den dageraad	dageraad opgaan ~ dag begin te breek
35	Hosea 2:6	aantreffen	ontmoet ~ aantref
36	Hosea 2:16	wegdoen	wegdoen ~ wegmaak
37	Hosea 2:18	ondertrouwen	ondertrouw ~ verloof
38	Hosea 2:20	geschieden	gebeur ~ geskied
39	Johannes 11:15	om uwentwil	ter wille van julle ~ om julle ontwil
40	Johannes 11:33, 38	bewogen	aangedaan ~ verontwaardig
41	Johannes 20:4	sneller dan	sneller dan ~ gouwer als

2.3.5 Vertaalvoorstelle bepaal deur morfosintaktiese verandering

Die betreklike voornaamwoord *wat* word as ander bruikbare vertaling voorgestel in plaas van *die* (42).

(42) Johannes 12:44
(a) AFN 1920: Hij wat in Mij geloof, geloof nie in Mij nie, maar in Hem, Die (wat) Mij gestuur het.
(b) SV 1917: Die in mij gelooft, gelooft in mij niet, maar in dengenen, die mij gezonden heeft.

Dieselfde vertaalvoorstel word herhaal in AFN 1920 Johannes 10:29, 36; 11:27, 37; 12:13, 49; 15:21, 26.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a17

2.4 Resepsie van die 1920-proefvertaling

In die terugvoer in Desember 1917 van prof. JJ Smith, een van die taaladviseurs, meld hy dat die vertaling van Jona te veel kommas gebruik en die punktuasie van Johannes verbeter moet word, terwyl Hosea se punktuasie in orde is (Nienaber, 1983:70). Smith beveel aan dat eerder die fonetiese punktuasiesisteem wat die natuurlike spraakritme volg in plaas van die ou grammatiese skryfsisteem met al sy kommas, wat hy hinderlik vind, as punktuasie-sisteem gebruik word. Hy is ook oortuig dat die skryftaal so natuurlik moontlik moet wees, sonder om in platvloersheid te verval en daarom moet dit spreektaalvorme soos *ek*, *as*, *na*, *bring* en *dink* ook in die skryftaal benut (Nienaber, 1983:70).

Die derde vertalersvergadering het op 16 Januarie 1918 en die daaropvolgende dae in Kaapstad plaasgevind, waartydens vorme waaroor daar verskil bestaan, sowel as die terugvoer deur ongeveer dertig individue oor die 1920-proefvertaling, bespreek is (Nienaber, 1934:82).

Daar is besluit om die volgende woordvorme te gebruik: *Ek* in plaas van *ik, hom* (ook vir God) in plaas van *hem*, *toe, soos, as, my, sy, dit is, bring, drink, U* vir God en *u* in plaas van *jy* en *julle* in twyfelagtige gevalle, en *geen*. Verder volg punktuasie die fonetiese sisteem, versnommers word sonder punt geskryf, en ’n vers begin met ’n kleinletter as die voorafgaande vers afgesluit word met ’n dubbelpunt *en* of *of*. Op grond van die terugvoer op die proefvertaling is besluit dat die vorm *seun* in die algemeen gebruik word, behalwe in verhewe style in geykte uitdrukkings soos *Soon des Mensen*, *Soon van God*. Die spelling *baie* word gevolg, en word naas *veel* gebruik. *Wat* word as die enigste betreklike voornaamwoord en *jou* as besitlike voornaamwoord (voorlopig sonder die slot *w*) gebruik. *Israel* moet sonder deeltekens geskryf word (Notule van Vertalers, 16 Januarie 1918; Nienaber, 1934:82-83).

3. Die impak van die 1920-proefvertaling op die ontluiking van Afrikaans as Bybeltaal in die 1922-proefvertaling

3.1 Vertaalproses

Die sirkulasie in 1917 van die 1920-proefvertaling het die polemiek vir of teen Afrikaans weer laat opvlam. Hierdie debat het die vertalers op die vierde vergadering wat vanaf 7 Julie 1919 in Bloemfontein plaasgevind het, laat besluit om by die Breë Kommissie vir Bybelvertaling aan te beveel om die kerklike publiek so gou moontlik oor die resultate van die Bybelvertaling in te lig, sodat wegbeweeg kon word van die teoretiese kritiek ten gunste van ’n meer gegronde beoordeling van die werk. Daarom is besluit dat *Die Vier Evangelië en die Psalme* so gou moontlik in druk moes verskyn. Daarvoor moes Keet *Lukas*, Postma *Markus*, Van der Merwe *Matteus* en Du Toit die *Psalms* afhandel (Notule van Vertalers, 7 Julie 1919). Die hersiening van die vertaling van die *Psalms* en eerste sewe hoofstukke van *Matteus* is tydens die vergadering afgehandel (Nienaber, 1934:84).

Op die vertalersvergadering op 20 Julie 1920 te Bloemfontein is aandag gegee aan die voorlopige proewe van Markus, Lukas en die Psalms en sekere veranderinge is aanbeveel (Notule van die Vertalers, 20 Julie 1920; Nienaber, 1934:87). Die volgende beginsels is neergelê:

- Spelling volg die spelreëls van die SA Akademie.
- Platheid en omskrywing moes vermy word.
- Waar daar misverstand oor Nederlandse en Afrikaanse woorde bestaan, moes ondubbelsinninge woorde in die plek daarvan gebruik word nadat die bronteks geraadpleeg is.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a17

- Eiename bly onveranderd, behalwe dat *Z* in *S* en *V* in *W* verander word.
- Die *Y* in *Egypte* en ander woorde word gehandhaaf.
- Verouderde woorde met verouderde betekenis word verander ná raadpleging van die bronteks (Notule van die Vertalers, 20 Julie 1920; Nienaber, 1934:87-88).

Die Bybelvertalingskommissie het in hulle verslag vir die Vrystaatse Sinode van 1922 gemeld dat die vertaling van *Die Vier Evangelië en die Psalme* ter perse is en dat die drukwerk in Duitsland deur die BBBG gedoen word.

3.2 Beskrywing en analise van vertaalkeuses

3.2.1 Vertaalkeuse by goddelike aanspreekvorme en epiteta

Net soos by Johannes 1-9 en 16-21 in AFN 1920 word net *U* in AFN 1922 as aanspreekvorm vir God en Jesus gebruik. Dit geld ook nou vir die gevalle in AFN 1920 waar *U* as 'n ander bruikbare vertaling naas *Gij* voorgestel is, naamlik Johannes 10:24 (2x); 11:3, 8 (2x), 21, 22, 27, 41 (2x), 42 (2x).

Net soos by AFN 1920 (3)(a) en (4)(a) word daar nie onderskeid getref tussen die sprekers (volgelinge en nievolgelinge, onderskeidelik) se gebruik van die hoflikheidsvorm nie. Wanneer Jesus sy volgelinge aanspreek, volg AFN 1922 die SV 1917 deur die persoonsvoornaamwoorde *u* vir die enkelvoud (44) sowel as die meervoud (45) te gebruik in plaas van *jij* (5)(a) in enkelvoud en *julle* (6)(a) vir die meervoud soos in AFN 1920. Die SV 1917 gebruik deurgaans *gij*. In navolging van SV 1917 (5)(b) word in AFN 1922 in die voorwerpsposisie *u* (43) in plaas van *jou* (5)(a) van die AFN 1920 gebruik. As Jesus na God verwys, word die besitsvoornaamwoord *U* in AFN 1922 in plaas van Uw (soos in AFN 1920) vir die tweede persoon gebruik en *Sy* in plaas van *Sijn* (soos in AFN 1920) in die derde persoon wanneer na Jesus verwys word (45). Die vorm *Hy* in plaas van *Hij* word gebruik in die onderwerpsposisie wanneer na Jesus verwys word (45). Hieruit kan afgelei word dat AFR 1922 voorkeur het vir voornaamwoordsvorme met vol vokale (soos *ek*, *my*, *hy*, *hom*, *sy*, *haar*). Die vorm *hem* (43) of *Hem* (48), word egter gebruik wanneer Jesus die referent is.

(43) Johannes 1:49 (Vergelyk met (5))
AFN 1922: Nathánaël sê vir hem: Vanwaar ken U my? Jesus antwoord en sê vir hom: Eer Filippus u geroep het, toe u onder die vyeboom was, het Ek u gesien.

(44) Johannes 16:30-31 (Vergelyk met (6))
AFN 1922: Nou weet ons (dissipels), dat U alle dinge weet, en U het nie nodig, dat iemand U sal vra nie. Hierom geloof ons, dat U van God uitgegaan het.
Jesus antwoord hulle: Geloof u nou?

(45) Johannes 17:1 (Vergelyk met (7))
AFN 1922: Dit het Jesus gespreek, en Hy hef Sy oë op na die hemel, en sê: Vader! die uur het gekom, verheerlik U Soon, sodat ook U Soon U kan verheerlik.

Wanneer die besitter Sion is, word die tweedepersoons- besitlike voornaamwoord *u* in AFN 1922 in plaas van *uw* of alternatiewelik *jouw* soos in AFN 1920 gebruik (46).

(46) Johannes 12:15 (Vergelyk met (8))
AFN 1922: Vrees nie, dogter van Sion! Siet! u Koning kom

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a17

Ek en *My* is onderskeidelik die voornaamwoord vir die eerste persoon enkelvoud in onderwerp- en voorwerpsposisie wanneer die Here of God aan die woord is (vergelyk met (9)(a)). Die persoonlike voornaamwoord vir die derde persoon vroulik enkelvoud as onderwerp gebruik, is *sy*. Die enkelvoud derde persoon vroulike voornaamwoord vertoon die vorm *haar* in die voorwerpsposisie, waar dit as besitlike voornaamwoord gebruik word en na ’n voorsetsel. Die meervoudsvorm van die derde persoon na ’n voorsetsel is *hulle*.

In AFN 1922 is die ander bruikbare vertaling van AFN 1920, naamlik *Soon des mensen,* in plaas van *Mensesoon gebruik*, wat in AFN 1920 die voorkeurvertaling vir die epiteton ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου (47) is.

(47) Johannes 12:23 (Vergelyk met (10))
AFN 1922: Die uur het gekom, dat die Soon des mensen sal verheerlik word.

In AFN 1922 word die ander bruikbare vertaling in AFN 1920 gevolg in plaas van die voorkeurvertaling *Judas Simonssoon Iskáriot* (48).

(48) Johannes 13:2 (Vergelyk met (13))
AFN 1922: toe die duiwel dit al in die hart van Judas Iskariot, die soon van Simon, gegee het om Hem te verraai

3.2.2 Vertaalkeuse by morfofonologiese verandering

Ten opsigte van die gebruik van verboë en onverboë vorm van die byvoeglike naamwoord *groot,* word in die vertaling van Johannes alleen die onverboë vorm van *groot* gebruik, byvoorbeeld *’n groot skare* (6:2; 6:5; 12:12) soos in AFN 1920 (16)(a).

Ander voorkeurvertalings in AFN 1920 Johannes word in AFN 1922 behou: *’n groot menigte* (5:3); *’n groot gemompel* (7:12); *die groot dag* [*dag* is nie in die bronteks nie, maar word veronderstel en daarom onderstreep] (7:37); *’n groot skare van die Jode* (12:9); *vol groot visse* (21:11). Die gebruik van *baie* is behou in AFN 1922 Johannes 6:10 (19)(a). Die vol vorm *geen* word steeds in AFN 1922 Johannes gebruik (vergelyk (22)(a) en (23)(a)).

3.2.3 Vertaalkeuse by wisselvorme

Die volgende vertaalkeuses word in AFN 1922 uitgeoefen:

(a) Ander bruikbare (meer formele) vertalings van AFN 1920, naamlik *kudde* in plaas van *trop* (27), *linnedoek* in plaas van *handdoek* (29), en *omgord* in plaas van *gebind* (30).
(b) Die voorkeurvertalings van AFN 1920, naamlik *oorledene* in plaas van *dode* (28), *geloof* in plaas van *glo* (32), *ter wille van julle* in plaas van *om julle ontwil* (39).
(c) Nuwe skepping: *sneller as* in plaas van die voorkeurvertaling *sneller dan* of ander bruikbare vertaling *gouwer als* (41).
(d) In plaas van die voorkeurvertaling *erg aangedaan in die gees* of ander bruikbare vertaling *verontwaardig* van AFN 1920 (40), word die SV 1917 letterlik vertaal as *word Hy seer bewoë in die gees*.

3.2.4 Vertaalkeuse by morfosintaktiese verandering

Die betreklike voornaamwoord *wat* word deurgaans gebruik in relatiewe sinne in AFN 1922.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a17

(49) Johannes 12:44 (Vergelyk met (40))
AFN 1922: Hy, wat in My geloof, geloof nie in My nie, maar in Hem, wat My gestuur het.

3.3 Resepsie van die 1922-proefvertaling

Daar is altesaam 70 000 kopieë van *Die Vier Evangelië en die Psalme* versprei (Naudé, 2004:133). Baie kritiek is oor die taalgebruik van die proefvertaling gelewer. Veral oor die gebruik van tydsvorme (byvoorbeeld die onvoltooide verlede tyd en die verlede tydsgebruik van die teenswoordige tydsvorm) en Nederlandismes in die vertaling (byvoorbeeld "is gehoor word" en "verwagtende was") was daar hewige kritiek (Nienaber, 1934:102, 104).

Daar was 'n polemiek in *De Kerkbode* oor die aanspreekvorm *u*, wat deurgaans in AFN 1922 gebruik is. Voorstanders van die gebruik van *jy, jou* en *julle* argumenteer dat Afrikaans nie anders moet wees as baie Europese tale soos Frans en Duits waarin die Here as *jy* aangespreek word nie. 'n Argument teen die gebruik van *jy*, *jou* en *julle* was dat dit nie strook met die atmosfeer in godsdiensoefeninge nie (Steyn, 2009:146-147).

Een vraagstuk was of die epiteton *Soon des mensen* in AFN 1922 as *Seun van die mens* vertaal kan word. Een van die taaladviseurs, prof. DF Malherbe, was van mening dat *Soon des mensen* gehandhaaf moet word, terwyl prof. LJ du Plessis dit 'n "taalkundige gedrog" genoem het (Nienaber, 1983:76).

Die Vier Evangelië en die Psalme as proefvertaling misluk weens die interferensie van die Nederlandse taal met uitdrukkings soos "om Syns Naams wil" en "my beker is oorvloeiende" (Ps 23:3, 5), wat onaanvaarbaar was in 'n tyd toe Afrikaans as taal belangrik geword het vir 'n nuwe identiteit vir die Afrikaner (Smit, 1970:228).

4. Die impak van die 1920-proefvertaling op die ontluiking van Afrikaans as Bybeltaal vanaf 1923 tot 1967

4.1 Die vertaalproses

In die lig van die negatiewe kritiek op die *Die Vier Evangelië en die Psalme* het die vertalers besef dat 'n suiwerder Afrikaanse vorm nodig is om meer onafhanklik van die Nederlandse Statenvertaling te raak. Daar moes eerder uit die Hebreeuse en Griekse brontekste vertaal word omdat Afrikaans die potensiaal het om aan te pas by die Nabye-Oosterse taal en kultuur (Venter, 1953; Steyn, 2009:143-146). Uit hierdie gesigspunt volg die vertaalopdrag vir die 1933-vertaling: Vertaal uit Hebreeuse en Griekse brontekste in Afrikaans om die styfheid van die Nederlands aan die een kant en die platheid van die gewone Afrikaanse spreektaal aan die ander kant te vermy (Du Plessis, 1959:93; Naudé, 2009:64-68). 'n Eie, volwaardige, volgroeide Bybeltaal is hierdeur geskep (Du Plessis, 1959:94).

Tydens die vertalersvergadering op 10 en 11 Julie 1923 is besluit dat eiename konsekwent volgens die Afrikaanse spelreëls gespel sou word. Daar is besluit om die woord *Hom* vir *Hem* te gebruik, *jy*, *jou* en *julle* sou konsekwent toegepas word, en *U* sou alleen gebruik word vir die Opperwese en wanneer 'n mindere 'n meerdere toespreek.

Uit die hergekonseptualiseerde projek verskyn *Die Vier Evangelies en die Boek van die Psalms* in 1929 as proefvertaling. Die volledige Bybel in Afrikaans is in 1933 in gebruik geneem, en in 1953 verskyn 'n hersiene uitgawe.

4.2 Die taalgebruik van die 1929-proefvertaling, die 1933-vertaling en die 1953-hersiening

4.2.1 Vertaalkeuse by goddelike aanspreekvorme en epiteta

Soos in AFN 1922 word in AFN 1929 net *U* as aanspreekvorm vir God en Jesus gebruik. Dit word in AFN 1933 en AFN 1953 nagevolg. Net soos by AFN 1920 en AFN 1922 word daar nie in AFN 1929 onderskeid getref tussen die sprekers (volgelinge en nievolgelinge) se gebruik van die hoflikheidsvorm nie en word *U* elke keer gebruik. Dit word in AFN 1933 en AFN 1953 nagevolg.

In AFN 1929 word, wanneer Jesus sy volgelinge aanspreek, die persoonsvoornaamwoorde *jy* in enkelvoud en *julle* vir die meervoud gebruik teenoor die AFN 1922 wat die persoonsvoornaamwoorde *u* vir die enkelvoud (43) sowel as vir die meervoud (44) gebruik. Die AFN 1929 stem hierin ooreen met AFN 1920 (5)(a) en (6)(a), maar met die vorm van die vol vokaal *jy* in die enkelvoud en *julle* vir die meervoud. In die voorwerpsposisie word *jou* in AFN 1929 net soos in AFN 1920 (5)(a) gebruik, teenoor die *u* in AFN 1922 (43). As Jesus na God verwys, word in AFN 1929 die besitsvoornaamwoord *u* in kleinletters vir die tweede persoon gebruik en *sy* word gebruik in die derde persoon wanneer daar na Jesus verwys word, teenoor die hoofletters in AFN 1922 (45). Net soos in AFN 1922 word die vorm *Hy* gebruik in die onderwerpsposisie wanneer daar na Jesus verwys word (45). Hierdie gebruike van die voornaamwoorde word onveranderd nagevolg in AFN 1933 en AFN 1953.

Wanneer die besitter Sion is, word die tweedepersoons- besitlike voornaamwoord *jou* in plaas van *u* (soos in AFN 1922 (46)) gebruik. Dit word telkens net so in AFN 1933 en AFN 1953 nagevolg.

In 1929 word die Afrikaanse vorm *Seun van die mens* as die vertaling van die epiteton ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου gebruik in plaas van AFN 1922 (47) en ’n ander bruikbare vertaling van AFN 1920 (10)(a), naamlik *Soon des mensen*. Dit word in AFN 1933 en AFN 1953 nagevolg.

Die konstruksie *Judas Iskariot, die soon van Simon* in AFN 1922 (48) word in AFN 1929 vertaal om te lees *Judas Iskáriot, die seun van Simon*. Dit word net so in AFN 1933 en AFN 1953 nagevolg.

4.2.2 Vertaalkeuse by morfofonologiese verandering

Ten opsigte van die byvoeglike naamwoord *groot*, word in die vertaling van Jona in AFN 1933 die onverboë vorm (50) gebruik, behalwe by Jona 3:3 (51) waar die verboë vorm van AFN 1920 steeds gebruik word. In AFN 1953 is dit wel verander na die onverboë vorm.

(50) Jona 1:2; 4:11 (Vergelyk met (14))
AFN 1933: na die groot stad Ninevé

(51) Jona 3:3
AFN 1933: ’n ontsaglike grote stad
AFN 1953: ’n ontsaglike groot stad

Ander gebruiksgevalle in Jona van AFN 1933 en AFN 1953 is *groot storm* (1:4,12), *’n groot vrees* (1:16), *’n groot vis* (1:17) en *sy groot manne* (3:7). In AFN 1929, AFN 1933 en AFN 1953 Johannes word alleen die onverboë vorm van *groot* gebruik.

Die gebruik van *baie* in Johannes 6:10, soos in AFN 1920 (19)(a) en AFN 1922, word steeds in AFN 1929, AFN 1933 en AFN 1953 gebruik. In Johannes 7:12 is daar ’n uitbreiding van die gebruik van *baie* in AFN 1929 (52), waar dit die funksie van *groot*, oorneem in ’n

idiomatiese vertaling soos in AFN 1920 en AFN 1922. Dit word nagevolg in AFN 1933 en AFN 1953.

(52) Johannes 7:12
AFN 1922: En daar was ’n groot gemompel
AFN 1929: daar is baie oor hom gemompel

In Jona word beide die voorkeurvertaling *groot* en die ander bruikbare vertaling met *baie* van AFN 1920 (17)(a) deur ’n idiomatiese vertaling in AFN 1933 vervang en in AFN 1953 nagevolg.

(53) Jona 4:1
AFN 1933: Maar Jona was hieroor erg ontstemd

Die *baie* in die ander bruikbare vertaling van Jona 3:3 in AFN 1920 (18)(a), naamlik *’n baie groot stad*, word met ’n meer beskrywende term *ontsaglike* vervang om te lees *’n ontsaglike groot stad* (51). Die vertaling *baie diep verderwe* van AFN 1920 Hosea 9:9 (20)(a) word met ’n idiomatiese vertaling *baie, baie verkeerd gehandel* in AFN 1933 vervang en in AFN 1953 behou.

Die gebruik van die voorsetsels *in* en *op* (21)(a) word gevestig in AFN 1933 en AFN 1953 – *in* by tydsverloop en *op* by spesifieke tyd (54). Die gebruik van die voorsetsel *aan* in AFN 1922 om die voorwerp aan te dui, word in AFN 1933 geskrap (55). Dit word in AFN 1953 gevolg.

(54) Hosea 2:8
AFN 1933: Daarom sal Ek my koring terugneem in die oestyd en my mos op die bepaalde tyd,

(55) Johannes 8:5
AFN 1929: en Moses het aan ons in die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig
AFN 1933: en Moses het ons in die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig

Slegs *geen* word in AFN 1933 en AFN 1953 gebruik (56) of met ’n *nie*-konstruksie vervang (57).

(56) Jona 3:7 (Vergelyk met (22)(a))
AFN 1933: geen mens of dier

(57) Jona 4:11 (Vergelyk met (23)(a))
AFN 1933: mense ... wat die onderskeid tussen hulle regter- en hulle linkerhand nie weet nie

4.2.3 Vertaalkeuse by wisselvorme

Die volgende vertaalkeuse word in AFN 1929, AFN 1933 en AFN 1953 uitgeoefen:

(a) Ander bruikbare vertalings van AFN 1920, naamlik *oorlog* in plaas van *krijg* (27), *toe die dag breek* in plaas van *toe die dageraad opgaan* (34), *verloof* in plaas van *ondertrouw* (37), *kudde* in plaas van *trop* word behou, maar *linnedoek* (29) word met *doek* vervang en *omgord* (30) word met *vasgemaak* vervang. Die ander bruikbare vertalings *om julle ontwil* vervang voorkeurvertaling *ter wille van julle* (39). Die voorkeurvertaling *geloof* (32) word vervang met die ander bruikbare vertaling *glo*.
(b) Die voorkeurvertalings van AFN 1920 word behou, naamlik *oorledene* in plaas van *dode* (28), *seeliede* in plaas van *matrose* (24) en *geglo* in plaas van *geloof* (31).

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a17

(c) Nuwe skepping: *feestye* in plaas van die voorkeurvertaling *feeste* of die ander bruikbare vertaling *hoogtije* (25), *versmag* in plaas van die voorkeurvertaling *oorstelp* of die ander bruikbare vertaling *oorweldig* (33), *inhaal* in plaas van die voorkeurvertaling *ontmoet* of die ander bruikbare vertaling *aantref* (35), *verwyder* in plaas van die voorkeurvertaling *wegdoen* of die ander bruikbare vertaling *wegmaak* (36), onvertaald/ weggelaat in plaas van die voorkeurvertaling *gebeur* of ander bruikbare vertaling *geskied* (38), *vinniger as* vervang *sneller as* (41).

(d) Soos in AFN 1922 word nie die voorkeurvertaling of ander bruikbare vertaling gebruik nie, maar word die SV 1917 (40) letterlik vertaal as *geweldig bewoë geword in sy gees*.

Die keuses behels die verwydering van Nederlandse leenwoorde en verouderde vorme en die vervanging daarvan met deftige en idiomatiese Afrikaanse vorme.

4.2.4 Vertaalkeuse by morfosintaktiese verandering

Die betreklike voornaamwoord *wat* word in AFN 1929, 1933 en 1953 gebruik. Daar is ontwikkeling van *Hij wat* in AFN 1920 (42) en *Hy, wat* in AFN 1922 (49) na *Die wat* in 1929 (58)(a) en na *Wie* in AFN 1933 en AFN 1953 (58)(b).

(58) Johannes 12:44
(a) AFN 1929: Die wat in My glo, glo nie in My nie, maar in Hom wat My gestuur het.
(b) AFN 1933: Wie in My glo, glo nie in My nie, maar in Hom wat My gestuur het.

4.3 Resepsie van die 1929-proefvertaling, die 1933-vertaling en die 1953-hersiening

Die Vier Evangelies en die Boek van die Psalms (*1929)*, *die 1933-vertaling* en *die 1953-hersiening* is positief ontvang en die 1953-hersiening is steeds die topverkoper van die Bybel in Afrikaans. Van *Die Vier Evangelies en die Boek van die Psalms* (*1929)* is 19 758 eksemplare verkoop (Naudé, 2004:134). Daar is 300 000 kopieë in die eerste twee jaar ná publikasie van AFN 1933 verkoop (North, 1938:108). Vanaf 1933 tot 1953 is 1 944 458 eksemplare van die 1933-vertaling verkoop en 4 996 561 eksemplare van die 1953-hersiening in die eerste vyftig jaar van die gebruik daarvan (Naudé, 2004:134).

5. Gevolgtrekkings

Tussen 1912 en 1923 was daar nie net ’n worsteling om ’n Afrikaanse standaardtaal tot stand te bring nie, maar ook ’n Bybeltaal wat aanvaarbaar vir gebruikers sou wees. Ooreenstemming tussen twee moontlikhede moes gevind word. Aan die een kant moes die styl natuurlik wees sodat dit as eg ervaar word, maar aan die ander kant moes die presiese register gevind word om die waardigheid en verhewenheid van die Bybel te weerspieël (Conradie, 1983:106). Dit is uiteindelik gevind in die 1953-hersiening, met enersyds die afwyking van die spreektaal en terugval op die Nederlands en andersyds die wegskaaf van Neerlandismes – ’n goue middeweg sonder om nederlandisties te word (Du Plessis, 1959:94). In hierdie proses het die 1920-proefvertaling ’n onontbeerlike rol gespeel.

Die 1920-proefvertaling het van die belangrikste grammatiese vertaalprobleme waarvoor vertaaloplossings vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans gevind moes word, aan die orde gestel. Die ses vertalers daarvan was geografies verteenwoordigend vir die bepaling van die

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a17

TABEL 2: Vertaalvoorstelle van die 1920-proefvertaling en vertaalkeuses uitgeoefen

	SV 1917	**1920**	**1922**	**1929**	**1933**	**1953**
	Goddelike aanspreekvorme en epiteta					
God	Gij	Gij ~ U	U	U	U	U
Jesus	gij	Gij ~ U	U	U	U	U
Sion	uw	uw ~ jouw	u	jou	jou	jou
Here/God	Ik/Mij	Ik/Mij	Ek/My		Ek/My	Ek/My
ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου	Zoon des menschen	Mensesoon ~ Soon des mensen	Soon des mensen	Seun van die mens	Seun van die mens	Seun van die mens
	Morfofonologiese verandering					
> onverboë b.nw.	groote	grote ~ groot	groot	groot	groot/grote	groot
invoer van baie	veel/groote	grote/groot ~ baie	baie	baie	baie/groot	baie/erg/ ontsaglik /baie baie
volvorm *geen*	Laat mensch noch beest	Laat geen (g'n) mens of dier	geen	geen	geen	
voorsetsel *in* ~ op	most op zijnen gezetten tijd	mos in (op) sij bepaalde tijd			*in* – tydsverloop *op* – spesifieke tyd	*in* – tydsverloop *op* – spesifieke tyd
	Wisselvorme					
	zeelieden	seeliede ~matrose		seeliede	seeliede	
	hoogtijden	feeste ~ hoogtije			feestye	feestye
	krijg	krijg ~ oorlog			oorlog	oorlog
	kudde	trop ~ kudde	kudde	kudde	kudde	kudde
	gestorvenen	oorledene ~ dode	oorledene	oorledene	oorledene	oorledene
	linnen doek	handdoek ~ linnedoek	linnedoek	doek	doek	doek
	omgordde	gebind ~ omgord	omgord	vasmaak	vasmaak	vasmaak

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a17

TABEL 2: Vertaalvoorstelle van die 1920-proefvertaling en vertaalkeuses uitgeoefen *(vervolg)*

	SV 1917	**1920**	**1922**	**1929**	**1933**	**1953**
	geloofden	geglo ~ geloof	geloof	glo	geglo/glo	geglo/glo
	overstelpt	oorstelp ~ oorweldig			versmag	versmag
	opgaan van den dageraad	dageraad opgaan ~ dag begin te breek	die dag breek	die dag breek		
	aantreffen	ontmoet ~ aantref			inhaal	inhaal
	wegdoen	wegdoen ~ wegmaak			verwyder	verwyder
	ondertrouwen ~ verloof	ondertrouw			verloof	verloof
	geschieden	gebeur ~ geskied			ø	ø
	uwentwil	ter wille van julle ~ om julle ontwil	ter wille van julle	om julle ontwil	om julle ontwil	om julle ontwil
	bewogen	aangedaan ~ verontwaardig	*word seer bewoë*	geweldig bewoë geword	geweldig bewoë geword	geweldig bewoë geword
	sneller dan	sneller dan ~ gouwer als	sneller as	vinniger as	vinniger as	vinniger as
	Morfosintaktiese verandering van die betreklike voornaamwoord					
die > wat	die	die ~ wat	wat	wat/ hy wat	wat/ die wat	wat/ wie

eenvormige standaard vir die Bybeltaal van Afrikaans wat nog nie ’n vaste skryfvorm gehad het nie. Dit was ook bepalend vir die vertaalmetodologie wat gevolg moes word. Die bevindinge van die beskrywing en analise van die voorkeur- sowel as ander bruikbare vertalings, en die vertaalkeuses soos in die daaropvolgende vertalings, word in Tabel 2 saamgevat.

Die volgende is voorbeelde van kwessies in die 1920-proefvertaling wat teruggevind word in die hervertalings van 1983 (Louw, 1986; Vosloo, 1986; Ponelis, 2002), sowel as 2020 (De Wet, 2020; Naudé, 2020) en hulle onderhawige proefvertalings, wat nie in hierdie bydrae ontleed is nie en die tydperke van 1967 tot 1992 en 1997 tot 2020, respektiewelik, dek:

(a) Oor die *jy-jou-U*-kwessie van AFN 1920 en AFN 1922 het die vertalers van AFN 1929, AFN 1933 en AFN 1953 uiteindelik besluit dat *U* gebruik word as aanspreekvorm wanneer ’n meerdere of ’n vreemdeling, of as ’n beleefdheidsvorm van mens teenoor mens en dat *jy* en *jou* teenoor gelykes en minderes gebruik word, maar nooit

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a17

teenoor jou meerdere, en allermins teenoor die Opperwese (Steyn, 2009:146-147). In die AFN 2020 word hierdie besluit verder verfyn:

> Wanneer Jesus hoflik of eerbiedig aangespreek word, word 'U/Uself' gebruik in die vertaling. Wanneer Jesus egter afwysend of aggressief aangespreek word, word 'jy/jyself' gebruik, en 'hy/hom' wanneer so 'n spreker (of iemand wat Jesus nog nie as Messias aanvaar nie) oor Jesus praat. (AFN 2020, Voorwoord)

(b) Sedert 1929 word die Afrikaanse vorm *Seun van die mens* as die vertaling van die epiteton ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου gebruik in plaas van die vertaling *Soon des mensen* in AFN 1922 en die ander bruikbare vertaling soos in AFN 1920 voorgestel. Dit word net so in AFN 1933 en AFN 1953 nagevolg, asook in die hervertaling soos in AFN 1983 en die proefvertalngs daarvan (AFN 1971, AFN 1975 en AFN 1979). In die hervertaling van AFN 2020 en die proefvertaling daarvan (AFN 2014) is die vorm *Seun van die Mens*.

(c) Die ander bruikbare vertaling in AFN 1922 Johannes 13:2 *Judas Iskariot, die soon van Simon* wat in AFN 1929 vertaal is as *Judas Iskáriot, die seun van Simon* en net so in AFN 1933 en AFN 1953 nagevolg, maar is in beide die hervertalings en hulle proefvertalings verander na *Judas, seun van Simon Iskariot*.

(d) Ten opsigte van die gebruik van die onverboë vorm van die byvoeglike naamwoord *groot* saam met *baie*, word in die hervertaling van Jona 3:3 in AFN 1983 die onverboë vorm van die ander bruikbare vertaling van AFN 1920 steeds gebruik, naamlik 'n *baie groot stad*, maar in die hervertaling van Jona 3:3 in AFN 2020 word *baie* vervang deur *'n uitsonderlike groot stad*.

(e) Die voorkeurvertaling *handdoek* in AFN 1920 word in AFN 1983 en die proefvertalings AFN 1971, AFN 1975, AFN 1979 daarvan teruggevind, terwyl die ander bruikbare vertaling in AFN 1920 Johannes 13:4 *linnedoek* wat in AFN 1922 gebruik is, maar met *doek* vervang is in AFN 1929, AFN 1933 en AFN 1953 weer in AFN 2014 en AFN 2020 teruggevind word. Die ander bruikbare vertaling *matrose* (Jona 1:5) in AFN 1920 word in AFN 1983 en AFN 2020 teruggevind.

Die volgende vertaalkeuses soos voorgestel in AFN 1920 het deel van die Bybeltaal geword: (a) Ander bruikbare vertalings van AFN 1920, naamlik *oorlog*, *toe die dag breek*, *kudde*, *oorledene*, *om julle ontwil*; (b) die voorkeurvertalings van AFN 1920, naamlik *geglo*; en (c) die betreklike voornaamwoord *wat*.

In die ontluiking van Afrikaans as Bybeltaal was die probleem vir die vertalers om hulle te bevry van die bande van 'n dominante Nederlandse skryftradisie, woorde en uitdrukkingswyses van die Statenvertaling sodat Afrikaans gebruik kon word volgens sy eie idioom. Die bevryding het eers in Mei 1925 gekom toe Afrikaans amptelike status verkry het en Nederlands sy dominansie as amptelike taal naas Engels moes prysgee. Eers toe kon die eise wat Bybelvertaling stel 'n onontbeerlike rol in die ontwikkeling van 'n skryftaal en 'n deftige styl van 'n jong taal speel.

BIBLIOGRAFIE

Baker, M. 2006.*Translation and conflict: A narrative account.* New York: Routledge.

Beerle-Moor, M & Voinov, V. 2012. Introduction to language vitality through Bible Translation. In Beerle-Moor, M & Voinov, V (eds). *Language vitality through Bible translation*. New York: Peter Lang, pp. 1-17.

Conradie, CJ. 1983. Afrikaanse Bybelvertalings: 'n taal in wording. In Sinclair, AJL (red.). *G.S. Nienaber – 'n huldeblyk: Studies opgedra aan prof. dr. GS Nienaber in sy tagtigste jaar*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland, pp. 105-111.

Conradie, CJ. 1985. Die normering van Afrikaanse Bybeltaal. In Botha, RP & Sinclair, M. (reds.). *Norme vir taalgebruik*. SPIL Plus 10. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch, pp. 464-487.

Conradie, CJ. 2020. Taalverandering in die Afrikaanse vertalings van die Evangelie van Markus. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 60(4-1):1047-1065.

Conradie, CJ & Groenewald, G. 2014. Die ontstaan en vestiging van Afrikaans. In Carstens, W & Bosman, N. (reds.). *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik, pp. 27-60.

Conradie, WJ. 1912. *Bijbel geskiedenis vir ons volk*. Kaapstad: HAUM.

De Wet, K. 2020. Die derde Afrikaanse Kerkbybel: Proses en praktyk van 'n direkte vertaling. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 60(4-1):1007-1027.

Du Plessis, SJ. 1959. Afrikaans as kanseltaal. In Labuschagne, GJ. (red.). *Feesbundel aangebied ter geleentheid van die viering van "die wonder van Afrikaans"*. Johannesburg: Dagbreek Boekhandel, pp. 89-95.

Hofmeyr, JH. 1913. *Het leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan)*. Kaapstad: Van De Sandt De Villiers Drukpers.

Keet, BB & Groenewald, EP. 1985. Die Bybel in Afrikaans. In Wegener, GS. *In die begin was die Woord*. Kaapstad: Human & Rousseau, pp. 221-238.

Koskinen, K & Paloposki, O. 2010. Retranslation. In Gambier, Y & Van Doorslaer L. (eds). *Handbook of Translation Studies, Volume 1*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins, pp. 294-298.

Kotzé, EF. 2020. Gesag en solidariteit: Aanspreekvorme en pronominale persoonsverwysings in die Afrikaanse Bybelvertaling van 2020. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 60(4-1):1066-1091.

Louw, JP. 1986. Die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling: Kritiese Evaluering – Nuwe Testament. In Louw, JP, Vosloo, W & Webb, VN. (reds.). *Die taal van die Bybel en die predikant*. Pretoria: NG Kerkboekhandel, pp. 1-11.

Marais, K. 2014. *Translation theory and developmental studies: A complexity theory approach*. London: Routledge.

Marais, K. 2019. *A (bio)semiotic theory of translation: The emergence of social-cultural reality*. London: Routledge.

Marais, K. 2023. *Trajectories of translation: The thermodynamics of semiosis*. London: Routledge.

Naudé, JA. 2004. Afrikaanse Bybelvertalings 'vir Afrika'. Die vertalers en hulle kulturele agenda. *Acta Theologica,* 24(1):127-146.

Naudé, JA. 2005a. Translation and cultural transformation. The case of the Afrikaans Bible translations. In Hung, E. (ed.). *Translation and cultural change: Studies in history, norms and image-projection.* Amsterdam: Benjamins, pp. 19-42.

Naudé, JA. 2005b. The Afrikaans Bible translations and the formation of cultural, political and religious identities in South Africa. In House, J, Ruano, RM & Baumgarten, N. (eds). *Translation yearbook of the International Association for Translation & Intercultural Studies 2005*. Seoul: IATIS, pp. 167-179.

Naudé, JA. 2008. The role of pseudo-translations in early Afrikaans travel writing. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies,* 26(1):97-106.

Naudé, JA. 2009. "Soos 'n hamer wat 'n rots vermorsel": Die Afrikaanse Bybel van 1933 as vertaling. *Acta Theologica,* 29(2):54-73.

Naudé, JA. 2020. Nuwe en ou skatte: Die 2020- Afrikaanse vertaling van die Bybel as 'n hervertaling. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 60(4-1):869-891.

Nienaber, PJ. 1934. *Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling en 'n hoofstuk oor die vertaling van die Psalm- en Gesangboek en die Formuliere*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Nienaber, PJ. 1959. Afrikaans verower die Kerk. In Du Buisson, MS. (red.). *Die wonder van Afrikaans. Bydraes oor die ontstaan en groei van Afrikaans tot volwaardige wêreldtaal*. Johannesburg: Voortrekkerpers, pp. 60-83.

Nienaber, PJ. 1982. Die aanspreekvorme in die Afrikaanse Bybel van 1933. *Acta Academica, Reeks B,* 16:104-108.

Nienaber, PJ. 1983. Die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns en die Afrikaanse Bybelvertaling tot 1933. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 23(2):69-77.
Nord, C. 2023. Functionalist approaches. In Meylaerts, R & Marais, K. (eds). *The Routledge handbook of translation theory and concepts.* London: Routledge, pp. 169-184.
North, EM. 1938. *The Book of a Thousand Tongues*. New York: Harper & Brothers.
Oberholster, JAS. 1958. *Die Bybel in Afrikaans*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
Ponelis, F. 2002. The language ecology of a new Afrikaans Bible. In Naudé, JA & Van der Merwe, CHJ. (eds). *Contemporary Translation Studies and Bible translation*. *A South African perspective*. *Acta Theologica* Supplementum 2. Bloemfontein: Publication Office of the University of the Free State, pp. 280-289.
Scholtz, J du P. 1963 [1953]. Die geskiedenis van die Afrikaanse aanspreekvorme. In Scholtz, J du P. (red.). *Taalhistoriese opstelle. Voorstudies tot 'n geskiedenis van Afrikaans*. Pretoria: JL van Schaik, pp. 52-72.
Scholtz, J du P. 1980. *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
Smit, AP. 1970. *God het laat groei. Geskiedenis van die Bybelgenootskapsbeweging in Suider-Afrika 1820–1970*. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
Spies, SB. 1986. Rekonstruksie en unifikasie, 1902–1910. In Cameron, T & Spies, SB. (reds.). *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld.* Kaapstad: Human & Rousseau, pp. 219-227.
Steyn, JC. 1989. 'n Paar aantekeninge oor Afrikaanse koerante se grammatiese probleme in die 'owergangtijdperk' tot omstreeks 1917. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 7(1):20-29.
Steyn, JC. 2009. Die Afrikaans van die Bybelvertaling van 1933. In Naudé, JA. (ed.). *The Bible and its translations: Colonial and postcolonial encounters with the indigenous*. *Acta Theologica* Supplementum 12. Bloemfontein: Publication Office of the University of the Free State, pp. 130-156.
Van Rensburg, MCJ. 2012. *So kry ons Afrikaans*. Pretoria: LAPA.
Venter, H. 1953. 'n Afrikaanse Bybelstyl. *Koers,* 21(3):130-134.
Vosloo, W. 1986. Die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling: 'n Beoordeling van die Ou Testament. In Louw, JP, Vosloo, W & Webb, VN. (reds.). *Die taal van die Bybel en die predikant*. Pretoria: NG Kerkboekhandel. pp. 12-30.

BYBELVERTALINGS

Afrikaans

1878. *Die Evangelie volgens die beskrywing van Markus na die Hollandse vertaling van die State Bybel*. Ongepubliseerd.
1889. *Di Bybel in Afrikaans – Dri Proewe deur SJ du Toit*. Paarl: DF du Toit.
1893. *Di Eerste Boek van Moses genoem Genesis*. Paarl: DF du Toit.
1895. *Di Evangeli vollens Mattéus*. Paarl: DF du Toit.
1898. *Di Openbaring van Jesus Gristus met antekeninge deur SJ du Toit.* Paarl: DF du Toit Drukkers en Uitgewers.
1905. Di Hoogliid fan Salomo. *Stemmen des Tijds* 1(1):14-20; 1(2):18-20.
1907. *Di Psalme in Afrikaans fertaald*. Paarl: Paarl Drukkers.
1908a. Di Handelinge fan di Apostels. *Stemmen des Tijds* 3(3):11-14; 3(4):4-12; 3(7):8-12; 3(9):2-8; (3)(10-11):15-21.
1908b. Di Evangeli follens Markus. *Stemmen des Tijds* 4:4-11; 4(9):12-14; 4(12):1-8.
1920. *Die Heilige Evangelie volgens die Beskrijwing van Johannes*, *Die Profeet Hosea, Die Profeet Jona*. Kaapstad: BBBG.
1922. *Die Vier Evangelië en die Psalme*. Kaapstad: BBBG.
1929. *Die Vier Evangelies en die Boek van die Psalms*. Kaapstad: BBBG.
1933. *Die Bybel in Afrikaans*. Kaapstad: BBBG.
1953. *Die Bybel in Afrikaans*. 1933. Kaapstad: BBBG.

1971. *'n Proefvertaling van 1 Samuel, Amos, Maleagi, Die Evangelie volgens Johannes, Die Brief aan die Fillippense, Die Brief aan die Kolossense vertaal uit die oorspronklike tale.* Kaapstad: BGSA.
1975. *Die Blye Boodskap.* Kaapstad: BGSA.
1979. *Die Nuwe Testament en die Psalms.* Kaapstad: BGSA.
1983. *Die Bybel. Nuwe Vertaling*. Kaapstad: BGSA.
2014. *Nuwe Testament en Psalms. 'n Direkte Vertaling*. Bellville: BGSA.
2020. *Die Bybel 2020-vertaling*. Bellville: BGSA.

Nederlands

1917 [1637]. *Bijbel dat is de gansche Heilige Schrift.* Herdruk van die 1900-uitgawe. Londen: BBBG.

DOKUMENTE

Acta Synodi Vrijstaat, 16 Mei 1916.
De Kerkbode, 10 Mei 1917.
De Kerkbode, 23 Augustus 1917.
Notule van ATV-kongres, 24 en 25 Julie 1914.
Notule van die Afrikaanse Bybelkommissie, 4 April 1917.
Notule van die Breë Kommissie, 22 November 1916.
Notule van Vertalers, 2 en 3 Jule 1917.
Notule van Vertalers, 16 Januarie 1918.
Notule van Vertalers, 7 Julie 1919.
Notule van Vertalers, 20 Julie 1920.
Ons Moedertaal, 15 September 1914.

Die ervaring van Afrikaans as konferensietaal in ’n oorwegend Engelstalige globale omgewing

The experience of Afrikaans as a conference language in a predominantly English-language global environment

Bert Olivier
Departement Filosofie
Universiteit van die Vrystaat
Suid-Afrika
E-pos: OlivierG1@ufs.ac.za

Bert Olivier

Bert Olivier is Ereprofessor in Filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat, Suid-Afrika. Sy werk is interdissiplinêr en sy publikasies omvat artikels en boeke oor ’n breë verskeidenheid van dissiplines soos filosofie, letterkunde, psigoanalise, sosiale teorie, argitektuur- en filmteorie. In 2004 is die Stalsprys vir Filosofie deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan Bert toegeken, terwyl die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in 2012 ’n Uitsonderlike Professorskap aan hom toegeken het. Hy is ook ’n NNS-gegradeerde navorser, en sy publikasies in populêre media strek oor ’n uitgebreide gebied wat filosofiese, kulturele en sosio-politieke sake insluit.

Bert Olivier’s principal position is that of Honorary Professor of Philosophy at the University of the Free State, South Africa. He has published academic articles and books across a wide variety of disciplines, including philosophy, art theory, architecture, literature, psychoanalytic theory, cinema, communication studies and social theory. Bert received the South African Stals Prize for Philosophy in 2004, and a Distinguished Professorship from Nelson Mandela Metropolitan University in 2012. He is also an NRF-rated researcher, and has written extensively in popular media on philosophical, cultural and sociopolitical issues.

ABSTRACT

The experience of Afrikaans as a conference language in a predominantly English-language global environment

A title such as the above may come across as strange, even eccentric, but when it is placed in the global context of the dominance of (particularly American) English, it makes perfect sense to anyone who understands, and is capable of experiencing, the delight of communicating in one’s mother tongue with colleagues and friends who do not need one’s words to be translated into English. Provisionally this should be understood from the perspective of Heidegger’s

Datums:
Ontvang: 2024-04-16 Goedgekeur: 2024-09-30 Gepubliseer: Maart 2025

notion of language as "the house (home) of being", the ontological implications of which entail the claim that, even if being is more than (human) language, as far as humans are concerned, one can only grasp being insofar as it is encountered in this "house" (language). Heidegger's notion is matched by Gadamer's commensurate remark, "Being that can be understood, is language" – again, not a denial of being's extra- or trans-linguistic ontological status, but simply an affirmation that human beings are ineluctably dependent on language (in the broadest sense of the term) for coming to grips with being in any form or incarnation. To be able to comprehend what is meant by the above claims, Fredric Jameson's (personal) remark concerning what he termed the "geopolitical aesthetic" has to be clarified. What he meant by this was that, by the final decades of the previous century American cultural values, particularly as embodied in (American) English, had become pervasive in the international cultural sphere, particularly in the guise of Hollywood artefacts – so much so that the only two cultures which, in Jameson's estimation, were still capable of "holding out" against American encroachment, were the French and the Cuban, both of which produced artefacts which are authentic embodiments of their respective cultures, in the process resisting being swamped by American cultural products.

This interesting phenomenon – a kind of linguistic neocolonialism – was placed in a different perspective when my partner and I attended an educational conference in Osaka, Japan, about 10 years ago. We listened to a presentation where two linguists – a Japanese woman and an English man – reported on the high statistical frequency with which Japanese as a spoken language was pervaded by American-English expressions, even when Japanese equivalents were readily available to the Japanese speakers. The husband-and-wife team of linguists did not offer an explanation for this phenomenon which, one has reason to believe, has counterparts in other linguistic-cultural spheres, including where young Afrikaans-speakers frequently intersperse their Afrikaans with American-English words and expressions, such as "cool". Nevertheless, the explanation for this ostensibly incongruous phenomenon is not itself linguistic, but anthropological: it is a contemporary variation on the familiar theme of "cargo cults" which, according to anthropologists, lends itself to being interpreted in terms of perceived differences in cultural power pertaining to colonising and colonised cultures, respectively. What are "cargo cults"? These are quasi-religious movements among "primitive" ("premodern") people that centre on the belief that the ancestors would send them shiploads of "cargo" (or "goods") comprising western artefacts such as guns, jewellery and other trinkets, to enable them to gain cultural independence and prosperity. In other words, the "cargo" is a metonymy for the superior colonial (or colonising) culture. Today the increasing appearance of American-English words and phrases, seamlessly interwoven in sentences spoken in other languages, signifies a contemporary manifestation of "cargo cults", albeit in non-religious form. Like the "cargo" which, in earlier beliefs, would impart unheard-of power to previously disempowered people, the interspersion of such words and phrases in spoken sentences of other languages (including Afrikaans) signifies a similar (unconscious) aspiration to the neocolonial cultural power metonymically represented by these American-English linguistic migrants. The point of this anthropological digression is that, speaking a language like Afrikaans in public, without recourse to the cultural flotsam and jetsam of (especially American) English – which may take a conscious effort – brings the rich reward of enjoyable cultural self-empowerment to those who engage in it.

This enriching experience may take several forms, one of which is the philosophical exchange between colleagues at the biennial conference(s) of the NAWG (Nederlands-Afrikaanse Wysgerige Vereniging, or Dutch-Afrikaans Philosophical Society), conducted in

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a18

either Afrikaans, Dutch or Flemish among participants who – given the fundamental linguistic similarities of these three languages – understand one another. But it is not only mutual understanding that is at stake here. In terms of Heidegger's characterisation of language as "the house of being", it means that there is something about mother-tongue speech (and writing) that activates a "homecoming" of sorts. What this means is that, if language may generally be seen as essential for understanding the being of things and events – and not only that, but "being as such" – then the first language a human being learns (in the sense that she or he gains competence in the language) could be regarded as occupying a kind of paradigmatic place in this "relationship", if it could be called that, between language and being. "Language is the house of being" denotes an intimate relationship, even a primordial "oneness" of language and being, although, paradoxically – as noted – the one cannot be reduced to the other. Put differently, in some distorted or perverted forms of language-use, "being" could be said to be "not at home" (think of the discourse of "woke" culture), while "being" ineluctably exceeds language in a manner that is inaccessible to the latter; as soon as being is articulated in language, it has been brought into its ambit, or perhaps rather, being has entered its linguistic home, as it were. The argument concerning mother tongue language is that, given the above, it is – metaphorically speaking – the first "home of being" with which a person becomes familiar, and every subsequent ontological "home" (or "house") of language that such a person may get to know, will be appropriated on the basis of the familiarity that he or she has with their first, paradigmatic linguistic home. This does not mean that any second or third linguistic home may not become as familiar as the first one – after all, given the translatability of one language to another presupposes the "primordial" oneness of language – but the paradigmatic status of the first natural language to instantiate language in the more encompassing sense remains, as demonstrated in the oft-encountered remark, "As one would say in (for example) Afrikaans…" (followed by the apposite saying). These considerations are brought to life at the biennial conferences of the Nederlands-Afrikaanse Wysgerige Vereniging (Dutch-Afrikaans Philosophical Society), rotating between Holland, Belgium and South Africa, when participants from these three countries communicate with one another in their own historically and semantically, as well as syntactically related language(s), which – for the duration of the conference(s) – seem to escape the global context where American English dominates.

Having written predominantly in English during the apartheid years, it was a kind of liberation for myself to rediscover the graphic qualities of Afrikaans as a written language, and in the context of the NAWG conferences this turned out to be the case, too, for spoken Afrikaans, for reasons mentioned above. What has to be added is that, in contrast with speaking Afrikaans socially, among friends – when one relies mostly on colloquial Afrikaans – speaking it among philosophical colleagues from three different, but linguistically closely related language groups, seems to concentrate one's linguistic powers of articulation to the point where one truly enters the "house of being" through the language one speaks. This is demonstrated by discussing two papers presented by a Dutch and a Flemish delegate, respectively, at one of these conferences, and by showing how thinking and speaking combine – during the ensuing discussions – to "guard" the house of being, namely language in the guise of one's mother tongue.

KEYWORDS: Afrikaans-speaking, American English, Gadamer, globalisation, Heidegger

TREFWOORDE: Afrikaanssprekend, Amerikaanse Engels, Gadamer, globalisering, Heidegger

OPSOMMING

’n Titel soos die bostaande mag eienaardig, selfs eksentriek voorkom, dog wanneer dit in die globale konteks van die dominansie van (hoofsaaklik Amerikaanse) Engels geplaas word, is dit volkome sinvol vir ’n moedertaal-spreker. Voorlopig kan dit verstaan word vanuit Heidegger se opvatting van taal as “die huis (tuiste) van syn”. Daar moet verduidelik word wat ek hiermee bedoel, en daarvoor begin ek deur op Fredric Jameson se opmerking oor die “geopolitiese estetiese” (“geopolitical aesthetic”) uit te brei, wat daarop neerkom dat, teen die laaste dekades van die vorige eeu, Amerikaanse kultuur – veral in Hollywood-gewaad – die internasionale sfeer deurtrek het, met die gevolg dat die enigste twee kulture wat volgens Jameson nog daarteen “uitgehou” het, die Franse en die Kubaanse was. Hierdie interessante verskynsel is in ’n ander perspektief geplaas toe ek en my lewensmaat ongeveer 10 jaar gelede ’n opvoedkundige konferensie in Osaka, Japan, bygewoon het, en die ervaring gehad het van twee Japannese taalkundiges wat ’n referaat gelewer het oor die statistiese frekwensie waarmee Japannese se eie spreektaal met Amerikaans-Engelse uitdrukkings deurspek is – waarvoor hulle geen verklaring aangebied het nie. In die lig van die internasionale (neokoloniale) dominansie van Amerikaanse Engels is dit egter geensins verbasend nie, en vind ’n mens dieselfde verskynsel in die geredelikheid waarmee veral jong Afrikaanssprekendes Amerikaans-Engelse uitdrukkings (byvoorbeeld “cool”) in hul spreektaal gebruik. Die verklaring is myns insiens voor die hand liggend, en kan aan die hand van die antropologiese verskynsel van “cargo cults” (“vragkultusse”) verduidelik word, wat ’n metonimiese verklaring van artefakte insluit. Teen hierdie agtergrond word daar dan aandag geskenk aan die genot wat ’n mens ervaar wanneer jy jou by konferensies van die Nederlands-Afrikaanse Wysgerige Vereniging tussen Afrikaans- en Nederlandssprekende kollegas bevind. Die *redes* hiervoor word op verskillende vlakke geformuleer, insluitende die kulturele, psigologiese, taalkundige en filosofiese, waar laasgenoemde met die fenomenologiese betekenis en implikasies van die talige leefwêreld te make het.

Inleiding: Amerikaans-Engelse taaldominansie en “vragkultusse”

> Language is the flower of the mouth. In language the earth blossoms toward the bloom of the sky. (Martin Heidegger, 1971:99)

’n Titel wat van die ervaring van Afrikaans as konferensietaal in ’n oorwegend Engelstalige globale omgewing melding maak, en wat met die praat van Afrikaans in ’n oorwegend neokoloniale, “Amerikaniserende” Engelstalige omgewing in verband staan, mag eienaardig, en selfs eksentriek voorkom, dog wanneer dit in die globale konteks van die dominansie van Amerikaanse Engels geplaas word, is dit volkome sinvol vir ’n Afrikaanse moedertaalspreker. Dit is immers onontkenbaar dat ons vandag vir ’n geruime tyd reeds die internasionale uitwerking van neokoloniale magsverhoudinge kan waarneem, waarbinne onderlinge taalverhoudinge eweneens verstaan moet word. Michael Hardt en Antonio Negri beweer in hierdie verband (Hardt & Negri, 2001: 246; kyk ook Olivier, 2019a):

> Little by little, after the Vietnam War the new world market was organized: a world market that destroyed the fixed boundaries and hierarchical procedures of European imperialisms. In other words, the completion of the decolonization process signaled the point of arrival of a new world hierarchization of the relations of domination – and the keys were firmly in the hands of the United States. The bitter and ferocious history of the first period of decolonization opened onto a second phase in which the army of command wielded its power less through military hardware and more through the dollar.

Met bostaande karakterisering van wat in wese op ’n situasie van globale neokolonialisering neerkom, moet onthou word dat, sedert 1994 (toe Suid-Afrika na ’n konstitusionele demokrasie oorgegaan het), die toenemende klem op Engels as amptelike taal – of as *lingua franca* – geplaas is, wat geleidelik die vermindering van Afrikaanstalige konferensies tot gevolg gehad het. Op sigself is dit op pragmatiese gronde verdedigbaar wat interpersoonlike kommunikasie by vakkundige en ander konferensies betref, dog die (negatiewe) uitwerking daarvan op die voortgaande gebruik van Afrikaans as vaktaal – verbaal sowel as skriftelik – kan nie onderskat word nie. Verreweg die grootste aantal vaktydskrifte in Suid-Afrika word tans in Engels gepubliseer, en tydskrifte wat vroeër artikels in sowel Afrikaans as Engels gepubliseer het, beperk sodanige publikasie deesdae merendeels tot Engels. Met hierdie veranderinge in ’n mens se taalomgewing oor die afgelope drie dekades in gedagte, sal dit waarskynlik nie vreemd voorkom om te verneem dat Afrikaanssprekende kongresgangers – of meer spesifiek, *hierdie* kongresganger – besondere genot uit hul deelname aan konferensies put nie, waar hulle die toenemend-rare ervaring beleef, om referate (asook die beprekings wat hieruit voortvloei) in Afrikaans te lewer. Indien ’n mens onproblematies in Engels kan kommunikeer, is dit in pragmatiese terme (vanselfsprekend) maklik om aan Engelstalige konferensies deel te neem, en tog ervaar ’n mens die Afrikaanse ekwivalent hiervan anders. Waarom? Dit het myns insiens met die fenomeen van ’n mens se “taaltuiste” te make.

Hierdie verskynsel kan vanuit Heidegger se opvatting van taal as “die huis (tuiste) van syn” verstaan word. Om te verduidelik wat ek hiermee bedoel, kan van Fredric Jameson se opmerking oor die “geopolitiese estetiese” (“geopolitical aesthetic”), uitgegaan word – ’n opmerking wat hy in die 1990’s gedurende ’n persoonlike gesprek met my gemaak het, tydens ’n besoek aan die (destydse) Universiteit van Port Elizabeth. Om sinvol hierop uit te brei, moet ’n mens daarvan kennis neem dat, teen die laaste dekades van die vorige eeu, Amerikaanse kultuur – en hiermee het ek veral Hollywood-kultuur in gedagte – die internasionale sfeer as neokoloniale mag deurtrek het. Jameson het hierna verwys as die “geofisiese estetiese” (“the geophysical aesthetic”). As gevolg hiervan was daar gedurende hierdie tyd slegs twee kulture wêreldwyd wat volgens Jameson nog teen sodanige Amerikanisering “uitgehou” het, naamlik die Franse en die Kubaanse.

In die diskussie wat gevolg het, het dit duidelik geword dat hy die globale, internasionale verspreiding van Amerikaanse kulturele waardes aan die hand van Amerikaanse Engels – meer in die besonder in die gewaad van Hollywood-rolprente – gedurende die laaste dekades van die vorige eeu in gedagte gehad het. Vandaar Jameson se oortuiging dat dit nog slegs die bogenoemde twee kulture was – die Franse en die Kubaanse – wat in staat was om via die skepping van kulturele produkte as egte beliggaming van hul onderskeie kulture, suksesvolle weerstand teen die Amerikaanse kulturele hegemonie te bied. Nodeloos om te beklemtoon, kan ’n mens spesifieke kulturele uitwerkings van hierdie interessante hegemoniese verskynsel op ander tale en taalgebruike te wagte wees.

Sodanige wydverspreide kulturele uitwerkings is tydens die geleentheid om ongeveer tien jaar gelede aan ’n opvoedkundige konferensie in Osaka, Japan, deel te neem, in perspektief geplaas. Gedurende een van die aanbiedings deur twee taalkundiges – ’n Engels-Japannese egpaar – is daar oor die verrassend-hoë statistiese frekwensie van Amerikaans-Engelse uitdrukkings in alledaagse, gesproke Japannees verslag gedoen. Hierdie verskynsel, dat gesproke Japannees met Amerikaanse uitdrukkings deurspek is, bestaan in weerwil van die feit dat Japannese ekwivalente geredelik, sonder uitsondering, vir die bevoorkeurde Amerikaanse sinsnedes of woorde beskikbaar is.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a18

Die twee taalkundiges het geen verduideliking vir die eienaardige verskynsel aangebied nie, en het alleenlik in statistiese terme op die verstommende toevlug van Japannese tot Amerikaanse taalfragmente tydens alledaagse kommunikasie gekonsentreer. Waarop dit 'n mens se aandag gevestig het, is die feit dat hierdie linguistiese leenfenomeen nie tot moedertaal-Japanneessprekendes beperk is nie, maar inderdaad oor 'n breë spektrum opmerklik is, insluitende (veral jong) Afrikaanssprekendes. Immers: uit alledaagse ervaring weet 'n mens byvoorbeeld dat dit niks buitengewoon is om die Amerikaans-Engelse uitdrukking, dat iets "cool" is, in Afrikaanse spreektaalgebruik teë te kom nie.

Waaraan moet 'n mens hierdie taalverskynsel toeskryf? Dit mag verrassend wees dat die verklaring daarvoor nie noodwendig linguisties is nie, maar antropologies. Dit is 'n tydgenootlike weergawe van die bekende antropologiese tema van "vragkultusse" ("cargo cults"). Op die vraag, wat "vragkultusse" behels, is dit insiggewend dat Lindstrom (2018) Peter Worsley aanhaal waar hy in die 1950's van vragkultusse skryf dat hulle neerkom op:

> …strange religious movements in the South Pacific [that appeared] during the last few decades. In these movements, a prophet announces the imminence of the end of the world in a cataclysm which will destroy everything. Then the ancestors will return, or God, or some other liberating power, will appear, bringing all the goods the people desire, and ushering in a reign of eternal bliss.

Hieruit kan 'n mens in diskoersanalitiese terme aflei dat hierdie eienaardige verskynsel met die verlies en herwinning van kulturele mag (van mense onder koloniale heerskappy) te make het, soos uit die gebruik van die frases, "liberating power" en "goods the people desire" blyk. "Diskoers" word as "taal in die diens van magbevordering" (Olivier, 2009) in die konteks van sosiale verhoudinge verstaan (waar "taal" in die breë sin begryp word van enige teken wat interpreteerbaar is, vanaf woorde tot beelde). Opsommend kan beweer word dat "vragkultusse" kwasi-godsdienstige bewegings onder "primitiewe" (met ander woorde "pre-moderne") mense is (of was), wat om die oortuiging wentel, dat die voorouers skeepsvragte ("cargo") bestaande uit Westerse kulturele artefakte soos juwele, vuurwapens, ensovoorts, aan hulle sou stuur, om hiermee langs mimetiese weg kulturele mag en onafhanklikheid te verwerf. Anders gestel, is "vrag" 'n metonimie vir die meerderwaardige, magtiger koloniale kultuur.

Teen hierdie agtergrond kan 'n mens dus sê dat, analoog aan die verskynsel van "vragkultusse", die opvallende huidige gereeldheid waarmee Amerikaans-Engelse woorde en frases hul verskyning in ander tale maak, naatloos ingeweef in die anderstalige sinne, dieselfde antropologiese sinlading as "vragkultusse" vertoon, naamlik, om as metonimie vir die (Amerikaanse) kultuur, wat op onbewuste vlak as meerderwaardig ten opsigte van jou eie kultuur ervaar word, te figureer – weliswaar in 'n niegodsdienstige, sekulêre sin. Dit is asof hierdie, bykans onwillekeurige, invoeging van frases wat met die gewaande "magtigste" wêreldkultuur geassosieer word, die anderstalige spreker via taal-mimese met ongekende kulturele mag beklee. Genoemde Amerikaanse taalmigrante wat hul opwagting in byvoorbeeld Japannees of Afrikaans maak, is simptomaties van die onbewuste kulturele of sosiale aspirasies van die spreker.

Hoe kan 'n mens hierdie wesenlik neokoloniale tendens aktief beveg? Soos ek voorheen geargumenteer het (Olivier, 2019a), bestaan die taak van wat breedweg as dekolonialisering verstaan kan word, vandag daarin om neokolonialisme (soos vroeër getipeer) op beide politiek-ekonomiese as kulturele vlak te weerstaan. Sodoende sou jy nie slegs verhoed dat 'n land soos Suid-Afrika eensydig deur ander moondhede as 'n bron van ekonomiese verryking misbruik word nie, maar terselfdertyd die neiging in die rigting van monolingualisme of eentaligheid

bestry. 'n Veeltalige benadering tot skool- en universiteitsopvoeding – wat vanselfsprekend kulturele winste sou oplewer – sou myns insiens noemenswaardig tot 'n sodanige projek bydra.

Taal as "Die huis van syn"

Die rede vir die voorafgaande antropologiese uitweiding is om beter te kan verstaan waarom die gebruik van Afrikaans as spreektaal in die openbaar, *sonder* enige toevlug tot die kulturele opdrifsels van Amerikaanse Engels (wat moontlik 'n doelbewuste poging sou verg), met 'n ryk beloning van genotvolle kulturele selfbemagtiging vir diegene wat hierdie taalavontuur onderneem, gepaardgaan. Sodanige verrykende belewenis kan natuurlik wyd-uiteenlopende vorme aanneem, soos byvoorbeeld wanneer – soos al meer as een keer met my en my lewensmaat gebeur het – 'n mens onverwags 'n mede-Afrikaansspreker in die vreemde raakloop. "Raakloop" impliseer hier vanselfsprekend dat jy daarvan bewus gemaak word dat die persoon of persone Afrikaanssprekend is, onder andere wanneer jy hulle met mekaar hoor praat, of andersom, en nie skaam is om jou verrassing ten aanhoor hiervan met hulle te deel nie (of andersom). Gewoonlik gee dit aanleiding tot 'n opgewonde gesprek oor die vreugde van sodanige onwaarskynlike ontmoeting, en moontlik selfs toevlug tot 'n restaurant of koffiewinkel om mekaar daar oor 'n drankie beter te leer ken. Soortgelyke onvoorspelbare ontmoetings is soos 'n oase in die woestyn, juis omdat 'n mens in daardie situasie vrye teuels aan kommunikasie in Afrikaans kan gee. En hoe vreemder die kultuur waarin jy jou bevind – soos die Chinese, of Koreaanse – hoe meer opwindend is die wedersydse uitruil (in Afrikaans) van ervaringe in die vreemde omgewing.

'n Ander, ietwat verskillende beliggaming van die genotservaring wat met ongebreidelde in-gesprek-tree met (onder andere) Afrikaanssprekendes gepaardgaan, word by die tweejaarlikse konferensies van die NAWG (Nederlands-Afrikaanse Wysgerige Vereniging) aangetref (kyk byvoorbeeld Olivier, 2017), waar deelnemers mekaar vanweë die fundamentele taalkundige ooreenkomste van hul onderskeie moedertale redelik goed verstaan. Die verskil is natuurlik dat 'n mens nog steeds Afrikaans praat, maar ook onder andere met Nederlandssprekende kollegas en vriende. Daarbenewens word referate in enige van hierdie verwante tale aangebied, met die verstandhouding, dat enige moontlike misverstand aan die hand van vrae en antwoorde gedurende besprekingstyd opgeruim kan word ten einde spesifieke stellings te verhelder, indien nodig. En ten tye van die informele gesprekke wat met teetyd en maaltye gepaardgaan, floreer die genieting van die mees natuurlike en spontane tongval waarmee 'n mens vertroud is – jou moedertaal. Terselfdertyd word wedersydse begrip hierdeur bevorder vanweë die verrykende uitwerking van die wisselwerking van die verwante tale – dit is juis die idiomatiese verskille wat 'n mens se begrip, nie alleen van die ander taal nie, maar ook van jou eie taal van semantiese skakerings voorsien wat 'n mens óf vergeet het, óf vir die eerste keer ontdek.

Dog is dit nie slegs wedersydse begrip wat hier op die spel is nie. Veeleer is dit die feitlik vóórbewuste gemak waarmee woorde en sinne hulself moeiteloos inspan, sonder 'n sweem van intellektuele afstand of inspanning. Soos iemand wat hom- of haarself in 'n rivier van woorde werp en tot hul verbasing soos 'n otter in die water baljaar. Eva Hoffman, wat as Poolse immigrant – eers na Kanada en later na Amerika – met jare van moeitevolle skool- en universiteitstudie van Engelse letterkunde en literêre teorie agter die blad, uiteindelik besef het dat sy tot op dié punt van taalvertroudheid met Engels (vergelykbaar met haar kennis van Pools) gevorder het, stel dit onverbeterlik waar sy skryf (Hoffman, 1989: 329-330):

> But this is the most important thing: that it was in English, and that English spoke to me in a language that comes from below consciousness, a language as simple and mysterious as a medieval ballad, a gnostic speech that precedes and supersedes our analytic complexities...
>
> …Perhaps I've read, written, eaten enough words so that English now flows in my bloodstream. But once this mutation takes place, once the language starts speaking itself to me from my cells, I stop being so stuck on it. Words are no longer spiky bits of hard matter, which refer only to themselves. They become, more and more, a transparent medium in which I live and which lives in me – a medium through which I can once again get to myself and to the world.

Die sinsnede, "can once again", in die laaste reël van bostaande aanhaling is 'n verwysing na Pools, die taal waarin sy haarself en die wêreld kon "bereik", en waarmee sy opgegroei het, in vergelyking waarmee Engels aanvanklik, soos iets vreemds, 'n "eksterne" bestaan gehad en doelbewus deur haar gemanipuleer moes word. In die talige en taal-gekonstitueerde ontmoetingsveld wat die NAWG-konferensie ontsluit, vind 'n vergelykbare herowering van die deursigtigheid en deurleefdheid van Afrikaans plaas, so asof taal die spreker praat, en nie andersom nie. Dit is moontlik verstaanbaar in die lig van die feit dat 'n mens (as universiteitsdosent) jouself gewoonlik in so 'n mate in 'n Engelstalige pedagogiese omgewing bevind, dat dit soms voel asof jy van Afrikaans vervreem word. Wanneer jy jou opnuut in 'n outentieke taaltuiste bevind, word jy die medium waardeur taal sigself laat hoor, en waarna jy kan luister.

Hierdie belewenis van die prioriteit van taal bo die spreker vind in Martin Heidegger se filosofie weerklank, met die gevolg dat 'n mens die hernude indompeling in die stroom van jou moedertaal by hierdie konferensies deur 'n Heideggeriaanse lens kan verstaan. Heidegger verstaan taal as "die huis van die syn". In die *Letter on Humanism* skryf hy (1998:239):

> But what "is" above all is being. Thinking accomplishes the relation of being to the essence of the human being. It does not make or cause the relation. Thinking brings this relation to being solely as something handed over to thought itself from being. Such offering consists in the fact that in thinking being comes to language. Language is the house of being. In its home human beings dwell. Those who think and those who create with words are the guardians of this home. Their guardianship accomplishes the manifestation of being insofar as they bring this manifestation to language and preserve it in language through their saying.

In denke kom syn tot taal. Hoe so? Dit is waarskynlik vir die meeste mense duidelik dat 'n mens op intuïtiewe wyse kan dink – in daardie vlietende oomblik wanneer 'n insig voor jou geestesoog verbyflits, wanneer dit deurbreek na wat as 'n "Aha-Erlebnis" (of 'n "Eureka-moment") bekendstaan. Dog hoe verbete jy ook al mag poog om aan daardie woordelose denkpeiling vas te hou, sou jy telkens daarin faal indien jy nie die syn van jou denk-onder-werp (of is dit voor-werp?) in die taalhuis wat daaraan behoort, verwelkom nie. Kortweg: vir 'n intuïtiewe in-sig om sin-volle syn te verower, moet denke in taal uitmond. En die taal waartoe dit die maklikste toegang verkry, is die taal wat moeiteloos, sonder bemiddelende ver-taling, die syn van dinge (of ontologies gestel, syndes) verklank.

Moontlik gebeur dit wat hier bo beskryf is, met opvallende moeiteloosheid by hierdie NAWG-konferensies, juis vanweë die feit dat hulle soos eilande in 'n internasionale see van Engels redding vir die taaldrenkeling bring. In Heidegger se bekende metaforiese terminologie (vir meer hieroor, kyk Olivier, 1998) verteenwoordig hulle 'n gesogte voorportaal van die huis van syn, waarin 'n mens telkens tuis voel wanneer jou denke en woorde dit ontsluit en jy jou

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a18

tussen ander bewoners van die huis bevind. Saam tree julle as bewakers van hierdie huis op, aan die hand van die woorde en sinne waartoe julle mede-denke toegang vind. Heidegger se filosofiese karakterisering van taal as "die huis van syn" het dus die implikasie dat die vroegste taal wat 'n mens aanleer, die eerste "kamer" in die "huis van die syn" is wat jy bewoon – immers: taal in die geheel daarvan is die "huis van syn", en by wyse van spreke leer jy weldra ander "kamers" daarvan in 'n mindere of meerdere mate ken (soos wat Eva Hoffman dit uitnemend met die "kamer" van Engels gedoen het), ofskoon jy miskien nie so intiem vertroud raak met hulle as met daardie eerste "kamer", met al die meubels, skilderye en ander voorwerpe wat dit herkenbaar maak nie. In watter mate 'n mens se geworteldheid in jou eerste taal – die (moeder-)taal wat jy in jou "oorspronklike omgewing" aanleer – die "grond" uitmaak waarop alle ander taalverwerwing steun, blyk uit hierdie ryk geskakeerde opmerking van Heidegger (1971:98-99):

> It is just as much a property of language to sound and ring and vibrate, to hover and to tremble, as it is for the spoken words of language to carry a meaning. But our experience of this property is still exceedingly clumsy, because the metaphysical-technological explanation gets everywhere in the way, and keeps us from considering the matter properly. Even the simple fact that we Germans call the different manners of speaking in different sections of the country *Mundarten*, modes of the mouth, hardly ever receives a thought. Those differences do not solely nor primarily grow out of different movement patterns of the organs of speech. The landscape, and that means the earth, speaks in them, differently each time. But the mouth is not merely a kind of organ of the body understood as an organism – body and mouth are part of the earth's flow and growth in which we mortals flourish, and from which we receive the soundness of our roots. If we lose the earth, of course, we also lose the roots.

Hieruit volg dat jou verhouding met jou moedertaal – die taal wat soos geen ander in die landskap en streek van jou grootwording geanker is – volgens Heidegger "oorspronklik" is. Anders gestel, kan beweer word dat die eerste taal wat jy verower – wat jy alleenlik kan regkry indien dit jou *eerste* verower – 'n soort paradigmatiese rol in die "verhouding" tussen syn en taal speel.

Wat beteken "paradigmaties" hier? Die etimologie van die term word as volg aangedui (*Online etymology dictionary*):

> …late 15c., "an example, a model," from Late Latin *paradigma* "pattern, example," especially in grammar, from Greek *paradeigma* "pattern, model; precedent, example," from *paradeiknynai* "exhibit, represent," literally "show side by side," from *para-* "beside" (see **para-** (1)) + *deiknynai* "to show" (cognate with Latin *dicere* "to show;" from PIE root **deik-** "to show," also "pronounce solemnly"). In 20c. it began to be used in the more specific philosophical sense of "logical or conceptual structure serving as a form of thought within a given area of experience, " especially in Thomas Kuhn's "The Structure of Scientific Revolutions" (1962).

Die verwysing na Kuhn (1962) is besonder waardevol hier, vir sover dit die betekenis van *paradigma* as "patroon", "voorbeeld" en "model" in die (natuur-)wetenskapsgeskiedenis lokaliseer. By Kuhn dra dit die betekenis, eerstens, van 'n funderende eksperiment wat as toetssteen funksioneer vir die wyse waarop die werklikheid, asook die aard van kennis, in die wetenskap verstaan word. Meer algemeen beteken dit dus, in die tweede plek, die ontologiese (werklikheids-) en epistemologiese (kennis-)onderbou waarop die wetenskap gefundeer is.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a18

Aanvanklik het Kuhn dit met verwysing na die natuurwetenskap – in die besonder die fisika – aangewend om tussen verskillende "paradigmatiese" opvattings daarvan te onderskei (soos die Aristoteliese, die Newtoniaanse en die Einsteiniaanse), maar namate sy gebruik van die term bekend geword het, het dit in 'n wyer konteks byval gevind as indeks van onderliggende, wisselende ontologiese en epistemologiese opvattings binne onderskeibare wetenskappe (vergelyk Olivier, 1984 vir 'n uitbreiding hierop).

In die lig hiervan is dit geen oordrywing om te beweer dat die eerste taal wat 'n mens aanleer – jou moedertaal – "paradigmaties" is vir alle ander tale wat 'n mens later mag verwerf nie, spesifiek in die betekenis van "paradigma" soos hier bo verduidelik. Dit mag wel so wees dat dit moeilik is om sekere idiomatiese uitdrukkings in een taal getrou in 'n ander taal te vertaal, selfs wanneer 'n ekwivalente idioom in die ander taal bestaan, maar desnietemin is 'n mens geneig om sodanige idiomatiese gesegdes wat jy in 'n ander taal teëkom, in jou eie taal te probeer vertaal. Myns insiens is die rede hiervoor juis daarin geleë dat jy steeds probeer om die "egte" betekenis daarvan te peil, en waar is dit beter om daarvoor te soek as in jou "eie" taal? Die volgende aanhaling uit Heidegger se *Letter on Humanism* werp meer lig op hierdie bewering (1998:254):

> We usually think of language as corresponding to the essence of the human being represented as *animal rationale,* that is, as the unity of body-soul-spirit. But just as ek-sistence – and through it the relation of the truth of being to the human being – remains veiled in the *humanitas of homo animalis,* so does the metaphysical-animal explanation of language cover up the essence of language in the history of being. According to this essence, language is the house of being, which is propriated by being and pervaded by being. And so it is proper to think the essence of language from its correspondence to being and indeed as this correspondence, that is, as the home of the human being's essence.
>
> But the human being is not only a living creature who possesses language along with other capacities. Rather, language is the house of being in which the human being ek-sists by dwelling, in that he belongs to the truth of being, guarding it.

'n Mens moet daarop let dat, wanneer Heidegger skryf dat die mens, wat aan die waarheid "behoort", in taal, die huis van syn, ek-sisteer (van die Latyn, *existere*, wat letterlik "tegemoet-staan" beteken), hy dit in normatiewe sin bedoel. Anders gestel: nie alle mense leef in ooreenstemming met die vermoë, om so te ek-sisteer nie, al is dit so dat alle mense potensieel daaroor beskik. Tweedens (soos vroeër kursories opgemerk) is dit ook belangrik om te onthou dat Heidegger nie beweer dat taal en syn sinoniem of identies is nie, met ander woorde dat syn in die omvattendheid daarvan linguisties van aard is nie. Syn oorskry taal, maar dit "bewoon" taal in die sin dat taal die enigste kommunikeerbare modus is waarin 'n mens enige synde (entiteit), of selfs die syn as sodanig, kan begryp of verstaan. Een van Heidegger se voormalige studente, Hans-Georg Gadamer, stel dit kernagtig soos volg (2004: 470): "*Being that can be understood is language*". Soos daaruit blyk, is syn ("being") *nie* tot taal reduseerbaar nie; taal (in die omvattende sin, wat ook beelde insluit) is egter 'n *voorwaarde* vir die verstaan van die syn.

Die rede waarom dit noodsaaklik is om hierdie taal-ontologiese insig in gedagte te hou, is om langs hierdie weg beter te kan verstaan waarom die "eerste kamer van die huis van syn" wat 'n mens betree – jou moedertaal – 'n paradigmaties-bevoorregte plek ten opsigte van synsverstaan beklee. En wanneer 'n mens jouself tussen ander mense bevind wat eweneens aanvanklik hierdie "synskamer" bewoon het, gedy interpersoonlike, taalbemiddelde verstaan ten beste. Dit is onder andere die geval by NAWG-konferensies.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a18

Die "denk- en taalomgewing" van 'n NAWG-Konferensie

Die term, "taalomgewing" is eintlik vanselfsprekend, maar aangesien daar by hierdie konferensies verskeie – weliswaar verwante – tale betrokke is, kan 'n mens eintlik meer akkuraat van "tale-omgewing" praat. Maar waarom dit met denke in verband bring? Vroeër is Heidegger (1998:239) se bewering onder die loep geneem, dat taal die "huis van syn" is, en dat denkers sowel as digters (breedweg, almal wat taal op deurdagte, skeppende wyse aanwend) via hul aktiwiteit hierdie synstuiste bewaak. By 'n konferensie soos dié van die NAWG geskied sodanige aktiewe bewaking van die synshuis op 'n besondere wyse, aangesien daar minstens twee aanverwante tale benut word, om insigte wat deur denke verower is aan die hand van elke spreker se moedertaal aan ander lede van hierdie denk- en taalgemeenskap te kommunikeer.

Wat is so besonder aan hierdie interpersoonlike kommunikasie aan die hand van Afrikaans en Nederlands? 'n Mens moet nie uit die oog verloor dat hierdie konferensies in die veld van filosofie beweeg nie, dit wil sê dié dissipline waar dit by uitstek oor *denke* gaan. Wat is denke? Dit mag 'n oorbodige vraag skyn te wees; almal weet immers wat denke is, nie waar nie! Tog sou die meeste filosowe – indien nie almal nie – daarop wys dat die *aktiwiteit* van "dink" geensins vanselfsprekend is nie. Wat 'n mens gewoonlik op naïewe wyse as denke verstaan, kan met die manier waarop 'n vaardige motorbestuurder intuïtief-onnadenkend deur verkeer vleg – sonder om doelbewus daarop te konsentreer – vergelyk word, in teenstelling met 'n leerling-motorbestuurder, wat deurentyd op elke handeling agter die stuurwiel moet konsentreer. Denke in die filosofiese betekenis daarvan is denk-*handeling*, en nie die onreflektiewe (en onrefleksiewe) bewussyn wat met jou alledaagse doen en late gepaardgaan nie. Denke is daarom juis in 'n meerdere of mindere mate "teen die stroom".

Heidegger se treffende metafoor van "*Holzwege*" ("woudpaaie") is 'n begrip wat 'n mens in staat stel om te verstaan wat "denke" in die aktiewe sin van die woord beteken. Volgens die vertalers van Heidegger se bundel, *Holzwege*, is dit 'n uiters meersinnige begrip (Heidegger, 2002: ix; kyk ook p. v). Enersyds benoem *Holzwege* voetpaaie in 'n woud wat na 'n oopte ("clearing") lei waar hout gekap word, en andersyds na woudpaaie wat vroeër hierdie doel gedien het, maar tans in die woud doodloop. Edgeworth (2006) verduidelik die "oopte" as volg:

> At the heart of Martin Heidegger's philosophy of being was his notion of the "clearing". The clearing is much more than just a space where something has been cleared away. It is an opening through which entities other than ourselves can emerge out of hiddenness, or are made visible by a bringing into the light. In one sense the clearing is the place or site where such unconcealment occurs, in the presence of the human form of being that Heidegger calls Dasein. In another sense Dasein *is* the clearing.

Die woud verteenwoordig *syn*, die oopte verteenwoordig die "plek" waar syn in verskyning tree, naamlik die mens (*Dasein*) self, en die woudpaaie staan vir *denke*. Die woudpad na 'n oopte verteenwoordig 'n "denk-pad" wat in 'n oop ruimte vir denke uitmond, terwyl 'n doodlooppad na 'n denkweg verwys waar sodanige oop denkruimtes nie (meer) gevind kan word nie. In teenstelling hiermee – so sou jy kon byvoeg – stel 'n snelweg deur die woud gebruiklike denkweë voor waar dinge so konvensioneel vanselfsprekend is dat aktiewe denke oorbodig is, omdat daar reeds namens almal "gedink" is. Dit volg dus dat die taal waarin sodanige konvensionele denkpaaie neerslag vind, die taal is waarin syn in die banale "alledaagsheid" daarvan teëgekom word.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a18

Ten einde die syn van dinge opnuut na vore te roep – of in "onverborgenheid" te laat verskyn, soos Heidegger dit sou stel – moet 'n mens al denkend alledaagse "dubbelsinnigheid" (*Zweideutigkeit*), "nuuskierigheid" (*Neugier*) en "geklets" (*Gerede*) ophef (Heidegger, 1978: 210-219) en taal op syngeoriënteerde wyse artikuleer. Laasgenoemde drie begrippe is konstitutief van wat Heidegger in *Zein und Zeit* van 1927 (1978:169-219) "alledaagsheid" noem, en wat 'n onvermydelik "onoutentieke" menslike bestaanswyse daarstel, 'n toestand waarin alle mense deurentyd leef, en wat slegs by wyse van uitsondering op bepaalde tye oorstyg kan word, wanneer 'n mens jou eie eindigheid en sterflikheid "vasberade" kan konfronteer, en sodoende jou "syn-tot-dood" kan aanvaar (Heidegger, 1978: 299-311). Filosofie en die kunste is denk- en synswyses wat – ofskoon dit geen waarborg bied nie – 'n mens in 'n relatief-bevoorregte posisie van refleksie plaas om op sodanige wyse die bedwelmende uitwerking van "alledaagsheid" te bowe te kan kom.

Teen hierdie agtergrond is dit meer verstaanbaar dat die denk- en taalomgewing van 'n NAWG-konferensie bevorderlik sou wees vir die soort denke en spreke waar die "huis van syn" aktief in bewaking geneem kan word. Waarom? Aangesien verwante tale tydens hierdie verrigtinge gepraat word, moet deelnemers deurentyd daarop bedag wees om reflektief (en refleksief) met die idiomatiese uiteenlopendheid van Nederlands en Afrikaans rekening te hou. Al is dit so dat die vryheid om in jou eie taal te kommunikeer 'n mens se tong as't ware vlerke gee, is dit onvermydelik dat 'n dialogiese patroon van interaksie tydens die vraag-en-antwoord-struktuur van bespreking rondom filosofiese temas sou ontstaan. Vandaar die noodsaaklikheid van denke, nie alleen wat die redenasie rondom filosofiese temas betref nie, maar ook sover dit die taalartikulering van vrae en antwoorde betref.

Neem byvoorbeeld die volgende twee aanbiedings van Nederlandse en Vlaamse kollegas, onderskeidelik – dié van Emanuel Rutten ("Retorica en vorming") en van Mark Wildschut ("Vorming en vertaling") tydens 'n NAWG-konferensie in Leiden, Nederland, etlike jare gelede (Olivier, 2019). Rutten het op een van die blinde vlekke van antieke Griekse filosofiegeskiedenis gekonsentreer, naamlik die verstommende rol van die "wysheidstradisie" wat die verskyning van filosofie in die 6de eeu v.C. voorafgegaan het. Hierdie voorfilosofiese tradisie onder die antieke Grieke is gekenmerk deur die prioriteit wat daarin aan retorika (die linguistiese kuns van oorreding), eerder as aan filosofie (die soeke na waarheid), gegee is. Terselfdertyd, so het Rutten aangetoon, is daar ook by filosofie aangeleun, wat die belange van waarheid bevorder het.

Kortweg het sy argument – sover as wat ek as Afrikaanssprekende sy snelle Nederlandse spreektempo kon verstaan – daarop neergekom dat Romeinse denkers soos Cicero en Quintilianus, wat op die vergete Griekse wysheidstradisie kommentaar gelewer het, 'n belangrike insig geboekstaaf het wat, by nadenke, eintlik vanselfsprekend voorkom. Dit het te make met die besef van die noodsaaklikheid om retoriese kundigheid met filosofiese kennis te kombineer ten einde waarheid effektief te bevorder. Sodanige retoriese sofistikering het volgens die wysheidsdenkers nie slegs met die regte woordkeuse te doen gehad nie, maar ook met die benutting van die gebare-potensiaal van die menslike liggaam in die geheel daarvan (tot op die punt van teatraliteit), asook met die volle klankspektrum van 'n mens se stem. Beknop gestel, kan beweer word dat, volgens die antieke wysheidstradisie, nóg 'n retorikus wat nie oor kennis beskik, nóg 'n filosoof sonder retoriese vaardighede, in die praktyk die mas sou kon opkom.

Rutten se welsprekendheid, asook sy ooglopend goed-gefundeerde aanbieding was 'n tydgenootlike beliggaming van die antieke wysheidtradisie se leerstellings, soos via Romeinse kommentators aan ons oorgedra. In weerwil van die idiomatiese verskille tussen Nederlands

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a18

en Afrikaans – of moontlik juis vanweë hierdie verskille, wat 'n Afrikaanssprekende uitgedaag het om reflektief na die spreker te luister – was dit 'n genot om na hom te luister en gedurende die daaropvolgende bespreking op die fynere nuanses van sy argument in te gaan. Die vereiste, om vlot en oortuigend te praat, en terselfdertyd op die epistemiese bronne van 'n breë spektrum van dissiplines staat te maak, is nie maklik haalbaar nie. Desnietemin was Rutten se referaat 'n tydige herinnering, dat die oortuigingskrag van 'n filosofiese argument nie alleen van die intellektuele inhoudskwaliteit daarvan afhanklik is nie, maar ook van die gepaardgaande retoriese "uitvoering" (of "optrede").

Juis omdat hierdie aanbieding sowel die filosofiese as retoriese aspekte van interpersoonlike kommunikasie, soos onder andere tydens konferensies, beklemtoon het, was die daaropvolgende bespreking, en selfs die voortgaande gesprek gedurende teetyd, des te meer genotvol vanweë die linguistiese vindingrykheid wat dit van gespreksgenote geverg het. Dit was asof 'n mens die geleentheid gegun is om daardie kamer van die "huis van syn" waarin jy jou bevind het, deeglik onder die loep te bring – om sover moontlik die meubels, versierings, kunswerke en ander ornamente van naderby te besigtig en in jou eie taal te identifiseer en inventariseer.

Wildschut se referaat oor "Vorming en vertaling" het tematies goed aangesluit by dié van Rutten. Hy het met die gesag gepraat van iemand wat Heidegger se *Sein und Zeit* (in 1927 gepubliseer) – berug vir die hermeneutiese moeilikheidsgraad daarvan – sowel as Oswald Spengler se oënskynlik onheilspellende *Untergang des Abendlandes* (van 1918) in Nederlands vertaal het. Gevolglik was lede van sy gehoor nie juis in 'n posisie om skepties te staan teenoor sy bewering, dat 'n vertaler voor 'n feitlik-onbegonne taak staan wanneer hy of sy 'n "vreemde" teks benader nie. Volgens Wildschut moet 'n vertaler die verskeidenheid van moontlike ekwivalente van 'n woord, 'n frase, 'n sin en selfs 'n paragraaf in oënskou neem ten einde op die beste vertaling daarvan te besluit. Hy of sy staan voor hierdie hermeneuties-interpretatiewe opgawe, omdat die verhouding tussen deel en geheel (wat semantiese betekenisvariasies betref) gedurig ten opsigte van volkstaal- en idiomatiese oorwegings in albei die betrokke tale verskuif. Die rede hiervoor, volgens Wildschut, is dat die noukeurigste interpretatiewe benadering van 'n uitdrukking in die idiomatiese status daarvan geleë is, waarvan die ekwivalent in die ander taal gevind moet word, wat dikwels geen maklike taak is nie. Bowendien word hierdie saak nog meer bemoeilik, hoe verder in die verlede die verskyningsdatum van 'n teks is – immers: die betekenis van die konstitutiewe sinne (asook hul sintaks) van 'n teks weerspieël vermoedelik die verband tussen woorde, sinne en die outeur se ervaring van die tyd waarin die teks geskryf is.

Slot

In die lig van die voorafgaande kan met reg volstaan word met die stelling dat konferensies soos dié van die NAWG, miskien juis vanweë die ambivalente struktuur daarvan – waar deelnemers aan die hand van nie-identiese, dog verwante tale met mekaar kommunikeer – die taalruimte skep waar genot-volle, denke-georiënteerde en wedersyds verrykende gesprekke plaasvind en gedy. Hierdie taalruimte kan verder as die beliggaming van Heidegger se suggestiewe idee van taal as die "huis van syn" begryp word, wat deur "denkers en digters" bewaak word. Soos hier bo gedemonstreer, kan die kommunikatiewe interaksies tussen deelnemers aan hierdie konferensies met reg in die kader van sodanige bewakingshandelinge geplaas word. Die feit dat hierdie aanbiedings en die daaruit-voortvloeiende besprekings in 'n mens se eie taal geskied, en bowendien in 'n ruimte waar die invloed van 'n steeds-

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a18

Amerikaniserende, Engels-gedomineerde wêreldkultuur tot 'n minimum beperk is, maak daarvan 'n besonder genotvolle ervaring.

BIBLIOGRAFIE

Edgeworth, M. 2006. The clearing: Heidegger and excavation. Studio Michael Shanks – Stanford: https://web.stanford.edu/group/archaeolog/cgi-bin/archaeolog/2006/09/01/the-clearing-heidegger-and-excavation/ (Toegang 7 Maart 2024.)

Gadamer, H-G. 2004. *Truth and Method*. Second, revised edition. Vert. hersien. Weinsheimer, J & Marshall, DG New York: Continuum.

Hardt, M & Negri, A. 2001. *Empire*. Cambridge, Mass.: Harvard University Press.

Heidegger, M. 1971. *On the Way to Language*. Vert. Hertz, P. New York: Harper & Row, Publishers.

Heidegger, M. 1998. Letter on Humanism. In Heidegger, M. *Pathmarks*. McNeill, W. (ed.). Cambridge: Cambridge University Press, pp. 239-276.

Heidegger, M. 2002. *Off the Beaten Track*. Vert. Young, J & Haynes K. Cambridge: Cambridge University Press.

Hoffman, E. 1989. *Lost in Translation: A Life in a New Language*. New York: Penguin (e-book version).

Kuhn, T. 1962. *The Structure of Scientific Revolutions*. Chicago: University of Chicago Press.

Lindstrom, L. 2018. Cargo Cults. In *The Open Encyclopedia of Anthropology*, ed. Stein, F.: https://www.anthroencyclopedia.com/entry/cargo-cults (Toegang 7 Februarie 2024.)

Olivier, B. 1984. Die logiese struktuur van 'n paradigma (The logical structure of a paradigm). *South African Journal of Philosophy,* (Special edition on the Philosophy of Science) 3:93-99.

Olivier, B. 1998. Heidegger and architecture – Preliminary remarks. In Olivier, B. *Critique, Architecture, Culture, Art*. Collected Essays. Port Elizabeth: University of Port Elizabeth, pp. 23-46.

Olivier, B. 2009. Lacan and the discourse of capitalism: Critical prospects. *Phronimon*: *Journal of the South African Society for Greek Philosophy and the Humanities*, 10 (1):25-42.

Olivier, B. 2017. An important conference for Afrikaans in Europe. Posted on the *Mail & Guardian*'s Thought Leader site, 15 June: https://thoughtleader.co.za/an-important-conference-for-afrikaans-in-europe/ (Toegang 7 Maart 2024.)

Olivier, B. 2019. Another important European conference for Afrikaans-speaking philosophers. Posted on the *Mail & Guardian*'s Thought Leader site, 28 May: https://thoughtleader.co.za/another-important-european-conference-for-afrikaans-speaking-philosophers/ (Toegang 7 Maart 2024.)

Olivier, B. 2019a. Decolonisation, identity, neo-colonialism and power. *Phronimon*, *Journal of the South African Society for Greek Philosophy and the Humanities*, 20:1-18.

Online etymology dictionary. Geen datum. Paradigm (n.) https://www.etymonline.com/word/paradigm (Toegang 7 Maart 2024.)

Wat sê die Grondwet nou eintlik? Aantekeninge oor grondwetlike taalregte en die beperkinge daarop

What does the Constitution actually say? Notes on constitutional language rights and their limitations

Terrence R Carney
Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap
Universiteit van Suid-Afrika (UNISA)
Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: carnetr@unisa.ac.za

Terrence Carney

Terrence R Carney is medeprofessor in Afrikaanse taalkunde aan die Universiteit van Suid-Afrika. Hy is 'n aktiewe navorser op die gebied van regstaal en fokus meestal op betekenis en begrip binne regskontekste asook op forensiese taalkunde. Naas sy publikasies in regstydskrifte, publiseer hy die boek *Linguistics for Legal Interpretation* in 2023, wat die aandag op taalkundige wetsuitleg vestig en op regspraktisyns en voorsittende beamptes afgestem is. Hy is tans mederedakteur van die vaktydskrif *Language Matters.*

Terrence R Carney is associate professor of Afrikaans linguistics at the University of South Africa. He is an active researcher of language and law and focuses mostly on meaning and comprehension within legal contexts and on forensic linguistics. In addition to his publications in law journals, he published the book *Linguistics for Legal Interpretation* in 2023, which draws attention to a linguistic approach to statutory interpretation and is targeted at legal practitioners and presiding officers. He is currently associate editor of the journal *Language Matters*.

ABSTRACT

What does the Constitution actually say? Notes on constitutional language rights and their limitations

Many South Africans refer to concepts like "the law" and what is "legal" without really knowing what the law entails. This is especially true of the Constitution and specifically language rights. Do South Africans in general know what the Constitution says about language, and do speakers of Afrikaans in particular know how Afrikaans is protected? Constitutional literacy is a requirement of good citizenry and good citizenry implies knowledge and comprehension of the Constitution.

Since Afrikaans was elevated to official language status in 1925, South Africa has seen five different constitutions implemented. A clear shift is visible where Afrikaans became one

Datums:
Ontvang: 2024-09-13 Goedgekeur: 2025-01-09 Gepubliseer: Maart 2025

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a19

of only two languages to serve as communication medium of the state. During this period, the duty to understand government fell to citizens. However, since the 1993 interim constitution, Afrikaans shared a more inclusive space with other languages and the duty to understand fell to government. Another visible shift is seen in both the progression and regression of Afrikaans as language of higher function. In the first 69 years as official language, Afrikaans grew in leaps and bounds but rapidly lost ground after 1994 in favour of English. Despite the fact that the new South African language dispensation has had a negative influence on the use and acceptance of Afrikaans in certain higher domains, the current Constitution still offers its speakers a number of fundamental rights through sections 6, 9, 29 and 35.

So, what does the Constitution actually say? Afrikaans is protected as one of the official languages of South Africa. Even though government and state departments are very lax in using languages apart from English, government still has a duty to communicate in Afrikaans, or welcome communication in Afrikaans directed at government, where practicable. The Constitution also protects Afrikaans as South African cultural heritage and prevents anyone from discriminating against speakers of Afrikaans based on language and cultural practice. In addition, speakers of Afrikaans have the right to receive education in the Afrikaans language, where this is practicable and fair. The Department of Education or educational institutions may not remove Afrikaans as language of tuition where there is a clear need and appreciation for Afrikaans and where implementation of an Afrikaans language policy does not prevent others from practising their constitutional rights. Lastly, anyone who finds themselves within reach of the long arm of the law is entitled to clear and understandable communication. This means that speakers may insist on speaking Afrikaans, either directly or through an interpreter, when they engage various authorities.

For speakers of Afrikaans to assert their constitutional language rights, they must improve their constitutional literacy on the one hand, and they must become active citizens in their democracy on the other. Ensuring that government fulfils their constitutional promise regarding Afrikaans, speakers must vigilantly police the state and hold it accountable where reasonable. That said, ordinary citizens are not the only ones with a responsibility. Linguists and language scholars can make valuable and necessary contributions as well. Linguists can assist by investigating the ways that speakers use language to communicate with government, and to monitor government's use and abuse of language. It is vital to understand how language functions and changes, and what limitations and challenges languages like Afrikaans experience within the much broader domain of the law. With a view of the next hundred years, there is a lot of work to be done.

KEYWORDS: Afrikaans; constitution; constitutional literacy; constitutional language rights; official language

TREFWOORDE: Afrikaans; amptelike taal; grondwet; konstitusionele geletterdheid; konstitusionele taalregte

OPSOMMING

Om goeie burgers te wees, moet Suid-Afrikaners weet en verstaan wat die Grondwet sê. Konstitusionele geletterdheid is van kardinale belang vir sowel die vooruitbeweeg van demokrasie as die versekering dat die individu se basiese regte nie vertrap word nie. Dit is veral van toepassing op taalregte en in die besonder die reg om Afrikaans in amptelike ruimtes te mag gebruik. Hoewel die ontwikkeling en gebruik van Afrikaans die afgelope honderd jaar sowel gegroei het as gekniehalter is, bied die Grondwet nog steeds beregtiging. Ondanks die

feit dat die amptelike status van Afrikaans inderwaarheid afgeneem het, beskerm die Grondwet sprekers met betrekking tot hul kulturele uitleef van Afrikaans, asook die reg om in Afrikaans onderrig te mag word. Noodsaakliker is Afrikaanssprekendes se verskanste reg om met die owerheid binne die regsisteem te mag kommunikeer, in Afrikaans. Om dié rede moet Afrikaanssprekendes 'n aktiewer rol speel by sowel die beskerming as die gebruik van Afrikaans as amptelike taal. En, juis daarom moet taalkundiges en taalnavorsers by die bestudering van taal (ook Afrikaans) binne die groter regskonteks betrokke raak.

Inleiding

Die frase, "die wet", word in baie opsigte metonimies gebruik. Dit wil sê, sprekers gebruik die frase om sowel na gepromulgeerde wette as na die morele waardes van die staat (en by implikasie, die volk) te verwys. Konsepte soos "die wet oortree" en "wat die wet sê" reflekteer dikwels 'n vae idee van wat 'n land se wette inderwaarheid behels. Ons hoor gereeld iets is "teen die wet", of dat iets "wettig" is. Wat beteken dit werklik? Weet die gemiddelde Suid-Afrikaner wat sy/haar basiese regte is en wat die Grondwet behels? Weet mense wat hul taalregte is? Dalk, maar waarskynlik nie. Selfs die Konstitusionele Hof, by monde van regter Skweyiya, erken dat 'n groot aantal Suid-Afrikaners moontlik nie weet wat hul regte is nie (*Kruger v President of the Republic of South Africa*, par. 23).

'n Peiling deur die Stigting vir Menseregte het in 2018 bevind dat Suid-Afrikaners gelykheid voor die reg as 'n belangrike mensereg ag (Foundation of Human Rights, 2018:11). Volgens die peiling het ten minste die helfte van respondente (N = 24 897) van die Grondwet en/of die Handves van Menseregte gehoor (Foundation of Human Rights, 2018:12). Kommerwekkend is egter die Stigting se gewaarwording dat kennis van die Grondwet afneem namate armoede toeneem. Die peiling het ook gepoog om vas te stel tot watter mate respondente weet wat die Grondwet sê. Hoewel response taamlik wat ras- en ouderdomsgroepe betref, verskil het, is die algemene kennis omtrent die Grondwet besonder swak. Op grond van agt waar/onwaar-stellings het geen verteenwoordigende respondentegroep bo 45% gehaal nie, wat meer as ses korrekte antwoorde aangedui het (Foundation of Human Rights, 2018:16-17). Suid-Afrikaners is nie die enigstes wat beperkte kennis van hul grondwet het nie; die gemiddelde Amerikaner ken ook nie die basiese regte in húl belangrikste wet nie (Stevens, 2023).

Fombad (2018:495) argumenteer dat konstitusionele geletterdheid van kardinale belang is vir die vooruitbeweeg van moderne demokrasieë. De Visser en Jones (2024:30, 32-36) sluit hierby aan en voeg by dat kennis van 'n grondwet tot "goeie burgerskap" bydra. Sowel Fombad as De Visser en Jones beskryf "konstitusionele geletterdheid" as 'n bewustheid en basiese kennis van die belangrikste regte vervat in 'n grondwet, wat die algemene waardes en doelwitte insluit. Fombad (2018:495) dui ook aan dat 'n gebrek aan konstitusionele geletterdheid 'n bedreiging vir demokrasie in Afrika inhou, veral omdat gewone burgers nie weet op watter wyses hulle beskerm word nie en sodoende die weg baan vir die elite om die uitwerking van die Wet te manipuleer. Daarom moet ons ons afvra hoe geletterd die gemiddelde Afrikaanssprekende is met betrekking tot sy/haar kennis van die huidige Grondwet en spesifiek elke Afrikaanssprekende se grondwetlike regte rakende Afrikaans. Terugkykend op die afgelope honderd jaar is dit 'n belangrike vraag om te stel. Meer nog omdat Suid-Afrika nie 'n nasionale taalwet het wat taalregte vestig, uitbrei en beskerm nie (Du Plessis, 2010). Hoe weet ons dus watter taalregte ons sedert 1925 gewen het? 'n Hersiening van die grondwetlike taalbepalings is 'n goeie begin.

Afrikaans en die Grondwet

Dit is welbekend dat die onderskeie Britse kolonies van Suid-Afrika deur middel van die Zuid-Afrika Wet tot 'n unie verklaar is. Die Zuid-Afrika Wet was die grondwet van die Unie van Suid-Afrika (hierna "Unie") en het by wyse van artikel 137 bepaal dat Engels en Hollands op gelyke voet die amptelike tale van die Unie sou wees. In 1925 word artikel 137 deur middel van die Wet op Officiële Talen van de Unie ten gunste van Afrikaans gewysig. Die bewoording van die taalwet is interessant, want dit het 'n tweeledige doel gehad:

- om enige bestaande verwarring met die betekenis van "Hollands" op te klaar, en
- Afrikaans by Hollands in te sluit.

Die bewoording is boeiend juis omdat daar klaarblyklik onsekerheid was omtrent die rol en teenwoordigheid van Hollands en Afrikaans, en wel in so 'n mate dat 'n wet ter verduideliking daarvan uitgevaardig moes word. Nóg 'n punt van belang is dat hoewel die gebruik van Afrikaans op amptelike vlak in die lewe geroep is, dit nie Nederlands op wetgewende wyse met Afrikaans vervang het nie. Die bewoording lei tot twee moontlike gevolgtrekkings: óf Suid-Afrika het as 't ware drie amptelike tale gehad, naamlik Afrikaans, Nederlands en Engels; óf Afrikaans en Nederlands is vir regsdoeleindes as een taal beskou. Waar die taalwet van 1925 Afrikaans by Nederlands ingesluit het, het artikel 119 van die 1961-grondwet die omgekeerde verklaar, naamlik dat Nederlands by Afrikaans ingesluit word. Wanneer die 1961-wet met die 1983-wet vergelyk word, is dit ooglopend dat die amptelike status en gebruiksmoontlikheid van Nederlands eers met die 1983-grondwet verdwyn het.

Sedert Afrikaans op 27 Mei 1925 as amptelike taal begin funksioneer het, was vyf grondwette in werking. Die 1909-wet is deur die 1961-wet vervang, waarmee die Unie van Suid-Afrika na 'n republiek verander is. Daarna is die 1961-wet met die 1983-wet vervang, wat die magte van die staatspresident uitgebrei het en (beperkte) stemreg aan 'n groter segment van die Suid-Afrikaanse bevolking gegee het. Tien jaar later is die 1983-wet deur die 1993-wet herroep. Laasgenoemde funksioneer as 'n tussentydse grondwet totdat die huidige 1996-grondwet in werking getree het. Die 1993-wet reflekteer daarom baie van die bewoording en beginsels wat in die huidige Grondwet vervat is.

Elkeen van hierdie grondwette verwys op een of ander manier na taal. Meestal word die amptelike tale benoem en hul funksie as kommunikasiemedium van die staat word uitgestippel.[1] As een van twee amptelike tale moes Afrikaans deur alle staatsorgane in elke provinsie gebesig word. Die gevolg daarvan op regsterrein was beduidend, want dit beteken dat alle staatsvorms, -kennisgewings, -waarskuwings, en -korrespondensies naas Engels in Afrikaans moes verskyn. Om te verseker dat burgers die taal van die staat verstaan, moes beide tale op skool onderrig word. Die staat se mandaat om te verseker dat almal Afrikaans en Engels magtig is, was daarom ook baie belangrik. Omdat die regering daarvoor gesorg het dat almal die twee tale van die staat kon verstaan en gebruik, was die implikasie dat 'n verskansing van taalregte in die grondwet onnodig was. Dit was byvoorbeeld onnodig om te verseker dat Suid-Afrikaners in 'n taal van hul keuse deur die polisie ondervra word of voor die regbank verskyn, want elkeen se Afrikaans en/of Engels moes voldoende gewees het om hom/haar op beide amptelike en nie-amptelike vlak te kon handhaaf. Of die gemiddelde Suid-Afrikaner se taalvaardigheid noukeurig

[1] Vergelyk artikels 108 en 109 in die 1996-grondwet; artikel 3 van die 1993-grondwet en artikel 89 van die 1983-grondwet. Du Plessis (2010) dui aan dat 'n nasionale taalwet hierdie grondwetlike artikels verder sou bevestig en uitbrei.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a19

genoeg was om altyd suksesvol met die staat te kan kommunikeer, is egter 'n ander vraag. Kyk gerus na die vroeë sake *R v Silber*, *R v Koller*, *R v Grundlingh* en *R v Hugo*.

Die eerste drie grondwette dwing *burgers* om die tale van die staat te praat. Daar is egter 'n duidelike verskuiwing in die 1993-grondwet, waar daar van die *staat* verwag word om die taal van burgers te praat. Dié verskuiwing is betekenisvol, want dit het verreikende gevolge. Dit impliseer dat taal en kommunikasie een van die staat se pligte teenoor burgers is. Daar is nóg 'n implikasie: dat die staat kennis neem van sowel standaard- as niestandaardvariëteite soos Gariepafrikaans of Sepitori, asook vereenvoudigde taal. Dit is in baie opsigte 'n idealistiese benadering tot taalregte, en in talle opsigte in 'n meertalige land soos Suid-Afrika onuitvoerbaar.

Dit is so dat Afrikaans as regstaal sedert 1925 baie gegroei het, en dat die gebruik van Afrikaans as regstaal terselfdertyd sedert die 1996-grondwet drasties gekrimp het (Harms, 2012:26; Giliomee, 2014). Dit word nie meer as 'n taal van rekordhouding in die hof gebruik nie (Docrat & Kaschula, 2019), min sake word in Afrikaans aangehoor en slegs geselekteerde wette word nog deur die staat in Afrikaans vertaal en beskikbaar gestel (byvoorbeeld die Wet op Nasionale Gesondheidsversekering).[2] As regstaal verloor Afrikaans dus veld namate die regsisteem toenemend verengels. Ten spyte daarvan verskans die 1996-grondwet belangrike taalregte wat ook op die uiteenlopende sprekers van Afrikaans betrekking het. Maar wat sê die grondwet nou eintlik?

Taal en taalregte in die 1996-grondwet

As voorloper tot ons huidige Grondwet het die 1993-wet 'n nuwe taalbedeling ingelui. Deur artikel 3 word die amptelike status na nege inheemse tale uitgebrei. Burgers mag voortaan in enige van die erkende Suid-Afrikaanse tale om hulp of diens vra. Burgers mag ook hulself in enige taal uitdruk en uitleef (art. 31). Artikel 32 bepaal verder dat burgers skoolopleiding in 'n taal van hul keuse mag ontvang. Artikel 107 is ewe belangrik deur persone die reg te gee om in 'n taal van hul keuse voor die regbank te verskyn. Alternatiewelik moet 'n tolk voorsien word om 'n persoon verstaanbaar te maak. Die rekord van die hof moet in al die land se amptelike tale bewaar word. Laastens bepaal Skedule 4 (XI) dat taal- en kultuurdiversiteit beskerm moet word.

Ons huidige Grondwet het daarop uitgebrei en is baie meer spesifiek omtrent taal, en by implikasie Afrikaans. Hoewel Afrikaans nou die panteon met elf ander tale deel, beskerm die Grondwet ons tale, ook Afrikaans, eksplisiet op verskeie belangrike vlakke. Van belang is onder meer artikels 6; 9(3); 29(2) en 35(k).

Deur na enkele voorbeelde te kyk, is dit duidelik hoe die insluiting van hierdie beskermingsmeganismes polities en idealisties van aard is, en dat die uitvoer/handhawing daarvan redelik uitdagend is vir 'n staat waar geld en dergelike hulpbronne beperk is. Maar sodra 'n mens dié taalregte van nader beskou, word die beperkinge in die regstaal gou duidelik.

Artikel 6(1) verhef 11 Suid-Afrikaanse tale tot amptelike tale, insluitende Afrikaans.[3] Subartikel (3) bepaal dat die nasionale en provinsiale regerings te alle tye ten minste twee van

[2] Sommige wette is kwansuis in Afrikaans beskikbaar, maar vertoon slegs in Engels wanneer dokumente afgelaai word. Die Inkomstewet Wysigingswet 12 van 2024 is een voorbeeld. Die Wet op Persoonlike Gebruik van Cannabis 7 van 2024 is na Sepedi vertaal, maar die Skedules is nog steeds in Afrikaans.

[3] Die Grondwet is in Julie 2023 gewysig om Suid-Afrikaanse gebaretaal as twaalfde ampstaal te erken. Sien artikel 1 van die Grondwet Agtien Wysigingswet.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a19

die elf tale moet gebruik, maar daar word nie voorgeskryf welke tale nie. Elke regering mag dit self bepaal na aanleiding van demografie asook die praktiese uitvoerbaarheid van ’n taalkeuse. As inwoners dus op ’n bepaalde taal aandring, mag ’n regering aanvoer dat die gebruik van daardie taal buite hul praktiese (bv. finansiële) vermoëns val. Die feit dat die staat die weg van die minste weerstand volg, is sigbaar in die voortbestaan van Afrikaans naas Engels op verskeie staatsdokumente. Dink hier byvoorbeeld aan motorregistrasiedokumente wat nog in beide tale verskyn. Tekste soos dié is reeds in Afrikaans beskikbaar en die dokumentuitleg is reeds gedoen. Weens die twee-taalbeginsel in artikel 6(3)(a) hoef die staat nie geld op addisionele vertalings en teksuitleg te spandeer nie. Artikel 6(4) plaas ’n verdere verpligting op die nasionale en provinsiale regerings om hul gebruik van ampstale te monitor. Dit het egter nie gebeur nie.

Die staat se bedenklike hantering van artikel 6 het tot *Lourens v President van die Republiek van Suid-Afrika* aanleiding gegee, waardeur die staat gedwing is om die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale (die Taalwet) in die lewe te roep. Laasgenoemde het op 2 Oktober 2012 in werking getree en het veral ten doel om elke staatsdepartement en -orgaan te dwing om ’n taalbeleid saam te stel en toe te pas. Die Wet het egter tot ’n teenoorgestelde resultaat gelei: talle staatsdepartemente het bloot ’n monotaalbeleid ten gunste van Engels ontwikkel (soos die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die Departement van Justisie). Waar departemente beweer dat hulle amptelike meertaligheid bedryf, laat die realiteit eenvoudig veel te wense oor (Mohlahlo & Ditsele, 2022). Strydom (2004:20) verwys hierna as ’n *de facto*-eentaligheid “wat onder die neus van die Grondwet se meertaligheidsbepalings” posvat.[4] Dit weerspieël ’n gebrekkige politieke wil om werklik krag aan meertaligheid te gee. Trouens, die Taalwet is onder meer gebrekkig omdat partydige staatsinstellings – vir wie veeltaligheid nie ’n prioriteit is nie – hul eie taalbeleide mag skep (Pretorius, 2013).

Wat staan ’n mens te doen? Afrikaanssprekendes sou klagtes by die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad kon lê (soos talle mense dikwels doen), of hulle sou daarop kon aandring dat ’n streekskantoor of ’n beampte van ’n staatsorgaan die individu in Afrikaans moet help, maar ’n positiewe resultaat is baie onwaarskynlik (Du Plessis, 2009). Dit beteken inderwaarheid dat artikel 6 van die Grondwet en artikel 4 van die Taalwet ’n niebeduidende uitwerking het, en soos Harms (2012:28) dit stel, skep dié bepalings ruimte vir politieke misbruik.

Artikel 9 van die Grondwet verklaar dat elkeen in Suid-Afrika gelyk is en gelyke beskerming voor die wet geniet. Daardie mensereg word verder deur subartikels (3) en (4) beskerm deur sowel die staat as persone te verbied om te diskrimineer. Taal is een van die gronde waarteen niemand mag diskrimineer nie. Dié verskansing het verreikende gevolge, want taal is nou verwant aan identiteit en identiteit is ’n belangrike faktor betreffende waardigheid (Strydom, 2004:19; Harms, 2012:21; Louw, 2022:7). As sodanig lees ’n mens dié subartikels saam met artikels 30 en 31 wat bepaal dat elkeen die reg het om die taal en kultuur van sy/haar keuse uit te leef. Niemand mag jou verhoed om jou taal te praat en op uiteenlopende maniere uit te leef nie (solank as wat die spreker se uitlewing nie iemand anders se grondwetlike regte skend nie, natuurlik). Wat beteken dit? ’n Werkgewer mag nie ’n “slegs Engels”-omgewing skep en almal dwing om Engels te praat as die werkerskorps meertalig is nie. ’n Werkgewer mag moontlik ’n geldige argument aanvoer dat die uitsluitlike gebruik van een taal veiligheid in die werkplek (of iets soortgelyks) kan/moet bevorder. In só ’n geval sou

[4] Tydens ’n vergadering van die Konstitusionele Hersieningskomitee se Taalportefeulje in 2020 is die vraag gestel wat presies daar met “ampstaal” bedoel word wanneer Engels klaarblyklik die enigste taal is wat op nasionale vlak gebruik word (CRC, 2020).

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a19

dit moeilik wees om ’n goeie teenargument te formuleer (Louw, 2022:11-12). Die keersy van die munt is ook geldig. As die meeste van die werkers ’n bepaalde taal besig, kan die werkgewer dit nie ignoreer nie en is daar ’n verpligting om noodsaaklike inligting ook in dáárdie taal te kommunikeer.

Die net span nog wyer. Wanneer belangrike inligting aan die groter publiek gekommunikeer moet word, wat ingeligte besluitneming raak, rus daar ook ’n plig op regerings- en private instansies om met plaaslike gemeenskappe in hul taal te kommunikeer (sien *Cape Killarney Property Investments (Pty) Ltd v Mahamba* en *South Durban Community Environmental Alliance v Minister of Forestry, Fisheries and the Environment*). Dus, hoewel artikel 6 oënskynlik min impak op die gebruik van amptelike tale het, bied artikel 9 ’n manier om die regering en private (regs)persone verantwoordelik te hou. Die onus is wel op die betrokke spraakgemeenskap om beide die staat en private organisasies te monitor.

Artikel 29(2) gee aan Suid-Afrikaners die reg om onderwys by staatsinstellings in ’n taal van hul keuse te ontvang. Beteken dit dat my kind by enige skool in Afrikaans onderrig mag word? Nee. Die versoek moet “redelik uitvoerbaar” wees. Dit is vanselfsprekend onredelik om van ’n skool te verwag om – ten koste van die meerderheid – aan een of twee leerders Afrikaansonderrig te voorsien wanneer honderde leerders nie Afrikaans verstaan nie en die skool nie die geld of menslike hulpbronne het om aan ’n noemenswaardige minderheid se wense te voldoen nie (*Nkosi v Vermaak*). Wat egter as minderheidsgroepe geld en wat redelik uitvoerbaar is, wissel van konteks tot konteks. Die minimum kriteria sluit billikheid, uitvoerbaarheid en ’n regstelling van vorige rasdiskriminerende wette en praktyke in.

Laasgenoemde is veral in die *Ermelo*-saak belig waar ’n skool aanvanklik gedwing is om sy Afrikaanse taalbeleid te verander om leerders vir wie daar nie ’n ander skool was nie, te akkommodeer. Adjunkhoofregter Moseneke het op sensitiewe wyse betoog dat leerders se grondwetlike reg tot basiese opvoeding aan ’n staatskool nie op grond van taal ontneem mag word nie. Ofskoon hy nie die Afrikaanssprekende leerders wil benadeel nie, word daar van hom verwag om ’n billike beslissing te maak. Die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) het ’n soortgelyke argument probeer bou toe hulle Afrikaans as onderrigtaal afgeskaf het (Giliomee, 2014; Du Plessis, 2017). Die Konstitusionele Hof het egter breedvoerig in die noemenswaardige *Chairperson of the Council of the University of South Africa (UNISA) v Afriforum NPC* aangedui waarom Unisa se afskaffing van Afrikaans ongrondwetlik was. Unisa kon eenvoudig nie voldoende aandui waarom hul besluit redelik uitvoerbaar was nie. Die hof het aangedui dat die vraag na Afrikaans groot genoeg was en die gebruik van Afrikaans aan Unisa nie personeel of sprekers van ander tale benadeel het nie.[5] Die eensydige besluit om ’n groot aantal Afrikaanssprekende studente van hul regte ingevolge artikel 29(2) te ontneem, het effektiewelik geboemerang juis omrede die voortsetting van Afrikaans aan Unisa as billik, uitvoerbaar en niediskriminerend beskou is.

Laastens bied artikel 35 noodsaaklike voorskrifte in die geval van arrestasie, aanhouding en beskuldiging. Dit is veral hier dat taal ’n kardinale rol speel, want individue moet in staat wees om ingeligte besluite te neem oor die pad vorentoe. Dit kan net gebeur indien die individu se menseregte beskerm en nagekom word. Om dit te verseker, moet enige kommunikasie toeganklik en verstaanbaar wees. Baie Suid-Afrikaners het nie genoegsame skoolopleiding

[5] In *Afriforum v University of the Free State* en *Gelyke Kanse v Chairperson of the Senate of the University of Stellenbosch* is daar telkens bevind dat die gebruik van Afrikaans ingevolge art. 29(2)(c) van die Grondwet tot rassespanning en uitsluiting kan lei. As sodanig word die versoek om Afrikaans te behou binne hierdie onderrigkonteks as onredelik beskou.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a19

om die sisteem noukeurig te navigeer nie. Die meeste van ons is – teen betaling – van ander afhanklik om ons daarmee by te staan. Die ideaal is selfbemagtiging. Volgens artikel 35(3)(k) het elke persoon die reg tot 'n regverdige verhoor wat insluit dat elkeen in 'n verstaanbare taal verhoor mag word. Let op dat die Grondwet van 'n "verstaanbare" taal praat, en nie 'n taal van die individu se keuse nie. Die staat word nie verplig om 'n regsproses in jóú taal te voer nie. Indien die individu nie die taal van die hof verstaan nie, moet 'n tolk dienooreenkomstig aangestel word. In *Thwala v S* het die beskuldigde hom tot die Konstitusionele Hof gewend omdat sy verhoor in Afrikaans plaasgevind het en nóg hy nóg sy verteenwoordiger Afrikaans magtig was. Ons hoogste hof het egter bevind dat die verhoor deurgaans getolk is en dat die beskuldigde die proses kon volg. Met ander woorde, die klem hier is eerder op begrip as taalvoorkeur.

In 'n ouer saak, *S v Pienaar*, het 'n Afrikaanssprekende beskuldigde versoek dat sy Engelssprekende regsverteenwoordiger onttrek omdat hy nie voldoende Engels magtig was nie en die verteenwoordiger nie kon verstaan nie. Hoewel die verhoorhof die versoek toegestaan het, het die hof nie 'n alternatiewe verteenwoordiger voorgestel of 'n tolk beskikbaar gemaak nie. Omdat die beskuldigde eintlik eentalig was, het die Departement van Justisie 'n verantwoordelikheid teenoor die beskuldigde gehad om hom in Afrikaans by te staan.

In sy beslissing van die *Pienaar*-saak maak regter Buys 'n waardevolle punt dat waar die betrokkenes binne die regsisteem oorwegend een taal praat, daardie taal voorrang moet geniet. Hy verwys na die feit dat die meerderheid sake in die Noord-Kaap in Afrikaans plaasvind. Voorsittende beamptes, regsverteenwoordigers en beskuldigdes is meestal Afrikaanssprekend. Om alle prosesse dan in Engels te moet bestuur (en telkens te moet tolk), bevorder nie die regsproses nie. Soos regter Buys dit stel: "Diegene wat dus direk betrokke is by die regsproses word as gevolg van die miskenning van hulle taal volle toegang tot en behoorlike begrip van hofverrigtinge ontsê" (par. 15).

Wat die Grondwet wel duidelik maak, is dat elkeen die reg het om alle kommunikasie binne die regsisteem te verstaan en vir elkeen om hom/haar verstaanbaar te maak. Daarom mag Afrikaanssprekendes binne die juridiese sfeer op Afrikaans aandring. Die staat het 'n plig om verstaanbaar te kommunikeer sodat elkeen 'n gelyke kans mag staan. Trouens, dit is een van die klaarblyklike veronderstellings van 'n taal wat amptelike status geniet, dat die staat daardie taal deurlopend sal gebruik en dat enigeen met die owerheid in daardie taal mag praat (Malan, 2015:119; Du Plessis, 2010:70-73).

Gevolgtrekking

Tydens die eerste 69 ampsjare het Afrikaans as instrument gedien waardeur alle Suid-Afrikaners met die staat moes praat. Sedert 1994 is Afrikaans se instrumentele rol meestal tot Afrikaanssprekendes beperk. Dit is so dat Afrikaans tans die knie voor Engels moet buig, soos soveel wêreldtale. Afrikaans word egter nog steeds grondwetlik beskerm en daardie beskerming bied etlike maniere waarop sprekers hulself mag laat geld. Dit vereis wel 'n aktiewer deelname aan die groter Suid-Afrikaanse demokrasie en ook konstitusionele geletterdheid. Dit is belangrik dat Suid-Afrikaners in die algemeen, en sprekers van Afrikaans in die besonder, kennis neem van hul taalregte asook dié van ander. In die belang van veeltaligheid is dit vir die Afrikaanse spraakgemeenskap ewe onontbeerlik om ander taalgroepe te ondersteun en bewus te wees van die ruimte wat ons in beslag neem. Om Afrikaans as amptelike taal lewend te hou, moet sprekers kreatief en gemotiveerd aan die demokrasie deelneem en die staat op etiese wyse verantwoordelik hou.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a19

Taalkundiges het ook ’n rol te speel. Van den Berg en Kotzé (2022:575) praat van ’n “interdissiplinêre operateur”, ’n taalkundige wat tussen taal- en regsdissiplines beweeg om reg en regverdigheid te probeer bewerkstellig. Om regsgeleerdes en taalaktiviste te onderskraag, is dit redelik en noodsaaklik dat taalnavorsers húl bydrae binne regsverband maak. Dit is nodig dat ons die veranderende rol van taal binne regskonteks beter verstaan. Dit is ook van belang om taal, regstaal en taal binne regskonteks te monitor om seker te maak dat die owerheid sy verantwoordelikheid teenoor burgers nakom en nie situasies skep waardeur sprekers op grond van taal benadeel word nie. As gewone mense benodig ons daagliks toegang tot inligting om ingeligte besluite te kan neem. Wanneer ons nie verstaan wat die staat en private organisasies vir ons sê nie, of erger, wanneer ons nie kan aflei watter inligting van ons weerhou word nie, is ons magteloos. Daarom is dit belangrik om te weet hoe taal, en veral Afrikaans, ons kan bemagtig. En juis hiér kan taalkundiges oor die volgende honderd jaar ’n verskil maak.

BIBLIOGRAFIE

Constitutional Review Committee. 2020. Language submissions: Overview. Parliamentary Monitoring Group. 9 October 2020. https://pmg.org.za/committee-meeting/31161/ [3 Junie 2024].

De Visser, M & Jones, BC. 2024. Unpacking constitutional literacy. *Global Constitutionalism*, 13(1):29-52.

Docrat, Z & Kaschula, RH. 2019. Monolingual language of record. A critique of South Arica’s new policy directives. In Ralarala, Kaschula & Heydon (eds). *New frontiers in forensic linguistics. Themes and perspectives in language and the law in Africa and beyond*. Stellenbosch: Sun Press, pp. 71-88.

Du Plessis, T. 2009. Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad en die regulering van taalsigbaarheid in Suid-Afrika – ’n ontleding van taalregteklagtes. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 27(2):173-188.

Du Plessis, T. 2010. ’n Taalwet vir Suid-Afrika? Die rol van sosiolinguistiese beginsels by die ontleding van taalwetgewing. *LitNet Akademies*, 7(2):65-97.

Du Plessis, T. 2017. Taalbeleidshersiening en die ontplanning van Afrikaans aan die Universiteit van die Vrystaat. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 53:78-96.

Fombad, CM. 2018. Constitutional literacy in Africa: Challenges and prospects. *Commonwealth Law Bulletin*, 44(3):492-513.

Foundation for Human Rights. 2018. *Democracy challenged: South Africa’s largest attitudinal survey on the Constitution*. Johannesburg: FHR.

Giliomee, H. 2014. Die troebel toekoms van die Afrikaner en Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(4):571-595.

Harms, LTC. 2012. Law and language in a multilingual society. *Potchefstroom Electronic Law Journal*, 15(2):21-31.

Louw, AM. 2022. Language discrimination in the context of South African workplace discrimination law. *Potchefstroom Electronic Law Journal*, 25:1-39.

Malan, K. 2015. Die begrip “amptelikheid” van ’n taal in die lig van onlangse buitelandse regspraak. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 78(1):116-120.

Mohlahlo, AL & Ditsele, T. 2022. Exploring multilingualism at the national department levels in South Africa post the *Use of Official Languages Act* of 2012. *Literator*, 43(1):1-9.

Pretorius, JL. 2013. The *Use of Official Languages Act*: Diversity affirmed? *Potchefstroom Electronic Law Journal*, 16(1):281-319.

Stevens, S. 2023. Do Americans know their rights? Survey says: No. *The Fire*. https://www.thefire.org/news/do-americans-know-their-rights-survey-says-no [22 July 2024].

Strydom, H. 2004. Het ons vordering gemaak na ’n menswaardige taalbedeling in Suid-Afrika? *Woord en Daad*, Winter 2004:19-21.

Van den Berg, K & Kotzé, EF. 2022. Forensiese linguistiek. In Carstens & Van Dyk (reds.). *Toegepaste taalkunde in Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers, pp. 559-580.

SAKE

Afriforum v University of the Free State 2018 (4) BCLR 387 (CC).
Cape Killarney Property Investments (Pty) Ltd v Mahamba 2000 (2) SA 67 (C).
Chairperson of the Council of the University of South Africa (UNISA) v Afriforum NPC 2022 (3) BCLR 291 (CC).
Gelyke Kanse v Chairperson of the Senate of the University of Stellenbosch [2019] ZACC 38.
Head of Department: Mpumalanga Department of Education v Hoërskool Ermelo (CCT40/09) [2009] ZACC 32.
Kruger v President of the Republic of South Africa (CCT57/07) [2008] ZACC 17.
Lourens v Die President van die Republiek van Suid-Afrika [2010] JOL 25222 (GNP).
Nkosi v Vermaak Saakno. 77/2007 (30 September 2008).
R v Grundlingh 1945 EDL 144.
R v Hugo 1939 WLD 387.
R v Koller 1939 CPD 444. *R v Silber* 1940 AD 187.
S v Pienaar 2000 (2) SACR 143 (NC).
South Durban Community Environmental Alliance v Minister of Forestry, Fisheries and the Environment (17554/2021) [2022] ZAGPPHC 741 (6 October 2022).
Thwala v S 2019 (1) BCLR 156 (CC).

WETTE

Grondwet van Suid-Afrika 32 van 1961.
Grondwet van Suid-Afrika 110 van 1983.
Grondwet van Suid-Afrika 200 van 1993.
Grondwet van Suid-Afrika 108 van 1996.
Grondwet Agtien Wysigingswet 3 van 2023.
Inkomstewet Wysingingswet 12 van 2024.
Wet op die Gebruik van Amptelike Tale 12 van 2012.
Wet op die Persoonlike Gebruik van Cannabis 7 van 2024.
Wet op Nasionale Gesondheidsversekering 20 van 2023.
Wet op Officiële Talen van de Unie 8 van 1925.
Zuid-Afrika Wet 1909.

Honderd jaar van Afrikaans as amptelike taal

A hundred years of Afrikaans as an official language

JD McLachlan
Vryskuttaalpraktisyn
Onrusrivier, Suid-Afrika
E-pos: tommcl@whalemail.co.za

EF Kotzé
Afrikaanse Taalkunde en Toegepaste Taalstudies
Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha
Suid-Afrika
E-pos: ernst.somerstrand@gmail.com

Tom McLachlan

Ernst Kotzé

Tom McLachlan is 'n beroepstaalpraktisyn wat die grootste deel van sy loopbaan in die Staatstaaldiens, vir die Suid-Afrikaanse Kernenergiekorporasie en in die Direktoraat Taaldiens van Unisa gewerk het. In die vroeë tagtigerjare was hy ook die hooftaalredakteur van die ensiklopediereeks *Wêreldspektrum*. Van 1995 tot 2013 was hy lid, ondervoorsitter en voorsitter van die Taalkommissie van die SA Akademie, en was as sodanig ten nouste betrokke by die negende en die tiende uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Hy was medeskrywer van *X-Kit Afrikaans for English speakers*, wat met 'n ATKV-Veertjie bekroon is, die skrywer van die taalgedeelte van die *HAT Taal- en Feitegids* en 'n medewerker aan verskeie woordeboeke. In 2015 ken die Akademie die CJ Langenhovenprys vir Taalwetenskap aan hom toe vir sy bydrae tot die Afrikaanse taalpraktyk en as lid van die Taalkommissie van die Akademie. Sedert sy aftrede is hy 'n aktiewe vryskuttaalpraktisyn.	**Tom McLachlan** is a professional language practitioner, who for a large part of his career worked as a language practitioner at the State Language Service, the South African Nuclear Energy Corporation and the Unisa Language Services Directorate. In the early 1980s he was the chief language editor of the Afrikaans encyclopaedia *Wêreldspektrum*. He served as member, deputy chairman and chairman of the Taalkommissie (language commission) of the SA Akademie from 1995 to 2013 and, as such, was closely involved in the ninth and tenth editions of the authoritative *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (Afrikaans word list and spelling rules). He co-authored the *X-Kit Afrikaans for English speakers*, which was awarded an ATKV-Veertjie, was the author of the language section of the *HAT Taal- en Feitegids* and has contributed to several dictionaries. In 2015, he was awarded the CJ Langenhoven Prize for Linguistics by the SA Akademie for his contribution to Afrikaans language practice and the Taalkommissie. Since his retirement he has become an active freelance language practitioner.
Ernst Kotzé is emeritus professor in Afrikaanse taalkunde en toegepaste taalstudies aan die Nelson Mandela-universiteit in Gqeberha (Port Elizabeth), voorheen ook navorsingsvennoot en dosent in forensiese linguistiek aan die	**Ernst Kotzé** is emeritus professor in Afrikaans Linguistics and Applied Language Studies at Nelson Mandela University in Gqeberha (Port Elizabeth), formerly a research partner and lecturer in forensic linguistics at the North-West

Datums:
Ontvang: 2024-10-06 Goedgekeur: 2024-11-16 Gepubliseer: Maart 2025

Noordwes-Universiteit in Potchefstroom. Hy het gestudeer aan die Universiteit van Kaapstad (BA en BA (Hons)) en die Universiteit van die Witwatersrand (MA en PhD). Navorsingsgebiede sluit in linguistiek en Afrikaanse taalkunde, sosiolinguistiek, leksikografie, taalbeplanning en -beleid, historiese taalkunde, vertaalkunde en forensiese linguistiek. As ontvanger van die Alexander von Humboldt-stipendium het hy postdoktorale navorsing gedoen in Duitsland, akademiese poste beklee by verskeie universiteite in Suid-Afrika, en as besoekende professor onderrig gegee in België en Japan. Kotzé is 'n NNS-geëvalueerde navorser, en het verskeie beurse en toekennings ontvang, onder andere die SA Akademie se CJ Langenhoven-toekenning vir Taalwetenskap in 2003 (Leksikografie), en die CL Engelbrechtprestasieprys (Taalkundige Navorsing), die Marnixring Internationale Toekenning (Belgies) vir die internasionale bydrae tot die ontwikkeling van Nederlands (en Afrikaans), en 'n besondere erepenning van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns vir diens aan Afrikaans as wetenskaps- en standaardtaal. Hy het in totaal 44 boeke, 56 vaktydskrifartikels en 41 bydraes in kongresverhandelinge oor sy navorsgebiede in Afrikaans, Engels, Duits, Frans en Japannees gepubliseer.

University in Potchefstroom. He studied at the University of Cape Town (BA and BA (Hons)) and the University of the Witwatersrand (MA and PhD). Research areas include linguistics and Afrikaans linguistics, sociolinguistics, lexicography, language planning and policy, historical linguistics, translation and forensic linguistics. As recipient of the Alexander von Humboldt Scholarship, he did postdoctoral research in Germany, held academic positions at various universities in South Africa, and taught at various universities in Belgium and Japan as a visiting professor. Kotzé is an NRF-rated researcher, and has received several scholarships and awards, including the SA Academy's CJ Langenhoven Award for Linguistics in 2003 (Lexicography), and the CL Engelbrecht Achievement Award (Linguistic Research), the Marnixring International Award (Belgian) for the international contribution to the development of Dutch (and Afrikaans), and a special honorary award from the SA Academy of Science and Arts for service to Afrikaans as a scholarly and standard language. He has published a total of 44 books, 56 journal articles and 41 contributions in congress papers on his research areas in Afrikaans, English, German, French and Japanese.

ABSTRACT

A hundred years of Afrikaans as an official language

The date 27 May 2025 marks the first centenary of Afrikaans as an official language of South Africa. The aim of this contribution is to clarify the concept of "official language" in general, to give some historical background and to place Afrikaans as an official language in the context of the varieties of Afrikaans. In the aftermath of the war between the British colonial power and the (defeated) Boer republics, a National Convention was convened, during which a Constitution for a new political entity, the Union of South Africa, was agreed upon. This included the recognition of both English and Dutch as official languages, the latter of which was subsequently defined by law to include Afrikaans. The introduction of that constitutional provision on 27 May 1925 meant that all written activities performed by the State that affected citizens had to be recorded in both languages. An inevitable corollary of this provision was that Afrikaans as an official language developed with rapid strides at the levels of orthography, terminology and grammatical consistency. Subsequent Constitutions (those of 1961 and 1983) extended the application to include the provincial level of government. Because Afrikaans had to function on an equal footing with the world language English in all spheres of government, it had to have a standardised variety to enable government to meet all the constitutional requirements and communicate effectively with a large portion of the population. At present, South Africa has twelve official languages (South African Sign Language having recently been added). While the previous Constitutions explicitly provided for the fields of application of the then official languages, the 1996 Constitution is silent on this count, and provides only

that all official languages should enjoy parity of esteem and must be dealt with equitably. However, although there is a provision that "the state must take practical and positive measures to elevate the status and advance" the use of official languages other than Afrikaans and English, it is vague and without any provision to require, or provide any incentive to give effect to the lofty ideals of parity and equity of all official languages. At the level of government, South Africa has become de facto *monolingually English.*

KEYWORDS: official language, formal language, recognition, standardisation, Dutch vs Afrikaans, English

TREFWOORDE: amptelike taal, formele taal, erkenning, standaardisering, Hollands vs Afrikaans, Engels

OPSOMMING

Op 27 Mei 2025 word die verklaring van Afrikaans tot 'n amptelike taal van Suid-Afrika 'n eeu vantevore gedenk. Die oogmerk van hierdie bydrae is om lig te werp op die begrip "amptelike taal" in die algemeen, om iets van die historiese agtergrond te skets en om Afrikaans as 'n amptelike taal in die konteks van die variëteite van Afrikaans te plaas. Ná die afloop van die Anglo-Boereoorlog is 'n Nasionale Konvensie van die twee verslane Boererepublieke en die bestaande twee Britse kolonies byeengeroep om 'n grondwet te beding vir die te stigte nuwe staatkundige entiteit, die Unie van Suid-Afrika. In dié grondwet is sowel Engels as "Hollands" as die amptelike tale van die Unie vasgelê, maar later is Afrikaans by wet by "Hollands" ingesluit.

Hierdie wysiging het op 27 Mei 1925 in werking getree, wat meegebring het dat alle skriftelike handelinge deur die staat wat die burgery geraak het, in albei tale moes geskied. 'n Noodwendige gevolg van dié bepaling was dat Afrikaans as amptelike taal met rasse skrede moes ontwikkel op die vlak van die ortografie, terminologie en grammatikale konsekwentheid. Latere Grondwette (dié van 1961 en 1983) het die gebruik van die twee amptelike tale ook na die provinsiale vlak uitgebrei. Omdat Afrikaans toe in alle regeringsfere op gelyke grondslag saam met die wêreldtaal Engels moes funksioneer, moes daar 'n standaardvariëteit wees wat die staat in staat gestel het om aan al die grondwetlike vereistes te voldoen en doeltreffend met 'n groot deel van die bevolking te kommunikeer.

Tans het Suid-Afrika twaalf amptelike tale (nadat Suid-Afrika Gebaretaal onlangs bygevoeg is). Vorige Grondwette het uitdruklik bepaal waarvoor die destydse amptelike tale gebruik moes word, maar die Grondwet van 1996 swyg daaroor. Hy bepaal wel dat die staat praktiese en daadwerklike maatreëls moet tref om die status van die tale te verhoog en hul gebruik te bevorder, en dat alle amptelike tale gelykheid van aansien moet geniet en billik behandel moet word, maar dit is vaag, en by gebrek aan vaste voorskrifte of enige aansporings vir gebruik, soos vantevore die geval was, ten einde uitvoering te gee aan die hoë ideale van gelykheid en billikheid, is Suid-Afrika van staatsweë *de facto* eentalig Engels.

&&&&&

Op 27 Mei 1925 het Afrikaans formeel 'n amptelike taal van Suid-Afrika geword. Dit het by wet van die Parlement geskied: die Wet op de Officiële Talen van de Unie, 1925 (Wet No. 8 van 1925).

Daardie gebeurtenis word vanjaar, 2025, herdenk, en in die afgelope paar maande is Afrikaanssprekendes reeds uit verskeie oorde van die komende herdenking bewus gemaak.

Uit dié bewusmakingsveldtog het dit egter ook geblyk dat daar soms misverstand oor die term *amptelike taal* is.

Hierdie kort meningstuk wil slegs iets oor die aanloop tot die verklaring tot amptelike taal sê en ’n bietjie lig werp op die term *amptelike taal*, wat kortliks omskryf kan word as die (of ’n) taal waarin ’n staat, regering of owerheid sy regeerwerk doen, die staatshuishouding bestuur en met sy landsburgers kommunikeer.

Die bewusmakingsveldtog het soms aan die lig gebring dat party mense “amptelike taal” gelyk wil stel met “formele taal”. Die twee is egter nie sinonieme nie, al word ’n amptelike taal dikwels, selfs meestal, in sy formele register gebruik. Hierdie beskouing dat amptelike taal dieselfde as formele taal is – in die geval van Afrikaans dus (formele) Standaardafrikaans – kon tot die persepsie gelei het dat ander variëteite as die standaardvariëteit deur die benaming “amptelike taal” en deur die herdenking van Afrikaans se verkryging van ampteliketaalstatus uitgesluit word, of dat dit weer net ’n eksklusiewe “witmenstaal-ding” soos in die vorige bestel sou wees.

Dit is egter nodig om met genoeg realisme na die geskiedenis van hierdie gebeurtenis te kyk. Eerstens moet ’n mens onthou dat die Suid-Afrika – en trouens die wêreld – van ’n eeu of anderhalf eeu gelede grootliks verskil het van dié van vandag. Die inhoud en toepassing van ’n begrip soos “menseregte”, byvoorbeeld, soos dit tans verstaan word, het wêreldwyd kwalik bestaan, en die verskillende koloniale moondhede het hulle maar min gesteur aan die behoeftes, en nog minder die regte, van die inheemse mense van hulle kolonies. Dit is ongelukkige historiese feite waaraan vandag helaas niks gedoen kan word nie. As ’n mens egter buite rekening laat dat geheel ander lewens- en wêreldbeskouings destyds gegeld het, en dan die sosiopolitieke omstandighede en gebeure van ’n eeu en meer gelede meet teen die standaarde, beskouinge en oortuigings van vandag, kan die ontwikkelingsgang van Afrikaans geskiedkundig skeefgetrek word. ’n Historiese perspektief is belangrik.

In die Anglo-Boereoorlog is die twee Boererepublieke, die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrijstaat, deur die koloniale moondheid Groot-Brittanje militêr verslaan, en kort daarna is daar toe begin om die bestaande twee Britse kolonies, die Kaapkolonie en Natal, en die twee verslane Boererepublieke tot ’n enkele staatkundige entiteit te verenig. Die Nasionale Konvensie het gevolg, waartydens op ’n grondwet vir die beoogde Unie van Suid-Afrika ooreengekom is. Met inagneming van die Britse oorheersing en die standpunte van party van die Britse leiersfigure hier te lande, asook die wesenlik Engelse owerhede in die Kaapkolonie en Natal, sou ’n mens kon verwag dat die te stigte Unie vir staatsdoeleindes eentalig Engels sou wees. Danksy die oortuigingswerk van oudpres. MT Steyn en genl. JBM Hertzog het die Unie se Grondwet, die Zuid-Afrika Wet, 1909 (wat deur die Britse Parlement aangeneem is!), egter in artikel 137 onder meer bepaal:

> De engelse alsmede de hollandse talen zijn officiële talen van de Unie. Zij [die twee tale] worden op een voet van gelijkheid behandeld en bezitten en genieten gelijke vrijheid, rechten en voorrechten.

In artikel 137 volg daar dan egter nog ’n bepaling wat uiters belangrik is, nie net omdat dit ’n idee gee van wat ’n amptelike taal is of behoort te wees nie, maar ook omdat dit die verdere ontwikkeling van Afrikaans wesenlik beïnvloed het. Dié bepaling het gelui:

> Alle akten, verslagen en verrichtingen van ’t Parlement worden in beide talen gehouden, en wetsontwerpen, wetten en kennisgevingen van algemeen publiek gewicht of belang door de Regering van de Unie uitgegeven, zijn en geschieden in beide talen.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a20

Dié bepaling het dit duidelik gemaak dat feitlik alles wat die staat skriftelik gedoen het wat die landsburgers geraak het, in albei tale moes geskied.

Die "Hollands" wat hier in Suid-Afrika deur veral gewone mense gebesig is, was egter glad nie homogeen nie en ver verwyderd van die Standaardnederlands van die tyd, en slegs enkeles in Suid-Afrika kon dit min of meer na behore skryf. Terselfdertyd was Afrikaans pas ná Uniewording nog kwalik gestandaardiseer en dikwels, veral in skriftelike taal, was dit maar 'n mengsel van gesproke Afrikaans en verleerde Nederlands, ofte wel "Hollands".

Mense soos CJ Langenhoven het hulle beywer vir die erkenning van Afrikaans as 'n volwaardige taal, veral nadat daar begin is om die ortografie van Afrikaans te standaardiseer, en daar was moontlik ook twyfel of die Afrikaans-Hollands wat noodwendig gebruik is, regtens aan artikel 137 van die Zuid-Afrika Wet voldoen het. Waarskynlik het Langenhoven-hulle ook besef dat Standaardnederlands in Suid-Afrika 'n verlore saak was. Danksy die ywer van Langenhoven en sy geesgenote is daar op 8 Mei 1925 'n gesamentlike sitting van die Volksraad en die Senaat gehou waarop 'n wet – Wet No. 8 van 1925 – aangeneem is om dit duidelik te maak dat "Hollands" in Suid-Afrika ook Afrikaans ingesluit het. Dié Wet het soos volg bepaal:

> Nademaal er twijfel ontstaan is aangaande de betekenis van het woord 'hollandse' in de Zuid-Afrika Wet, 1909; en
>
> nademaal het dienstig is die twijfel weg te nemen;
>
> Zij het bepaald door Zijn Majesteit de Koning, de Senaat en de Volksraad van de Unie van Zuid Afrika als volgt:
>
> 1. Het woord "hollandse"' in artikel *honderd zeven en dertig* van de Zuid-Afrika Wet, 1909, en elders in de Wet waar dat woord voorkomt, word hierbij verklaard het Afrikaans in te sluiten.
>
> 2. Deze Wet kan voor alle doeleinden worden aangehaald als de Wet op de Officiële Talen van de Unie, 1925, en word geacht van kracht geweest te zijn vanaf de een en dertigste dag van Mei 1910.

Hierdie Wet is op 27 Mei 1925 in *Buitengewone Staatskoerant* No. 1477 van 1925 afgekondig en het op daardie selfde dag in werking getree. Dit is ook interessant dat artikel 2 die Wet terugwerkend van krag gemaak het tot 31 Mei 1910, die datum waarop die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom het. Afrikaans was dus feitelik sedert Uniewording 'n amptelike taal van Suid-Afrika.

Nou moes die Afrikaans van die tyd op owerheidsvlak alles doen wat Engels kon doen, en dit het ongetwyfeld daartoe gelei dat Afrikaans ortografies, grammatikaal en terminologies met rasse skrede ontwikkel is en ontwikkel het. Die entoesiastiese deelname van baie Afrikaanssprekendes het wesenlik tot die ontwikkeling bygedra.

Bepalings soortgelyk aan dié van Wet No. 8 van 1925 is ook in die daaropvolgende grondwette (1961 [artt. 108–110] en 1983 [artt. 89–91]) vervat; trouens, die 1983-Grondwet het die bepalings uitgebrei deur uitdruklik te bepaal dat die vereiste van hierdie tweetaligheid ook provinsies geld, en selfs dat wanneer "enigiets van Staatsweë of deur of in opdrag van 'n instelling of liggaam beoog in artikel 84(1)(f) van die vorige Grondwet in 'n nuusblad gepubliseer word, die publikasie gelyktydig in albei die amptelike tale (moet) plaasvind". (Interessantheidshalwe kan genoem word dat die 1983-wet in art. 89(3) voorsiening maak vir die erkenning en gebruik in "selfregerende Swart gebiede" van "een of meer Swart tale" vir dieselfde doeleindes as wat vir Afrikaans en Engels voorgeskryf is.)

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a20

Hier bo is gesê dat ’n amptelike taal ’n taal is waarin ’n staat, regering of owerheid sy regeerwerk doen, die staatshuishouding bestuur en met sy landsburgers kommunikeer. Die staat “kommunikeer” op ’n menigte terreine met sy burgers; dit is nie net byvoorbeeld die president wat die nasie op TV toespreek of iets dergeliks nie. Een vorm van sodanige kommunikasie is dat landsburgers – en trouens alle inwoners – aan derduisende wette en voorskrifte en bepalings moet voldoen, al kry nie almal met al sulke wetgewing te doen nie. Dit is immers ’n algemeen aanvaarde beginsel van ’n demokrasie dat burgers nie aan wette onderwerp mag word of daarkragtens vervolg mag word as die wetgewing nie vrylik vir hulle toeganklik is nie.

’n Amptelike taal moet dus sulke kommunikasie moontlik maak. Dink maar aan plaaslike owerhede se bouregulasies, of spoedbeperkings in dorpsgebiede, of die vestiging van nywerheidsgebiede, of vullisverwydering. Provinsiale owerhede kan aan plaaslike owerhede binne hulle provinsie weer die raamwerk voorskryf waarbinne die plaaslike owerhede moet funksioneer. En dan kom daar nog sake by soos provinsiale paaie, gesondheidsorg, watervoorsiening, en so meer.

Op nasionale vlak is daar kwalik ’n terrein van die lewe waarop die staat nie pligte en verantwoordelikhede het en wetgewing van allerlei aard uitvaardig nie. Dit kan beroepsgesondheid en -veiligheid behels, of spoorweë en hawens, of grensbeheer, dieregesondheid en veesiektes, belastings, buitelandse betrekkinge, minerale en energie, nasionale paaie, die registrasie van geboortes en sterfgevalle, identiteitsdokumente, paspoorte, bestuurslisensies, wapenbeheer, intellektuele goedere, mynbou, strafproses, erfreg, gevangenisse, werkloosheidsversekering, mariene hulpbronne – werklik omtrent enigiets wat landsburgers raak.

Afrikaans moes dus op al sulke terreine op gelyke voet met die gevestigde wêreldtaal Engels funksioneer. Dit is vanselfsprekend dat die variëteit van ’n amptelike taal wat op dié terreine en nog vele ander doeltreffend moet funksioneer, die formele variëteit sal wees. Tog is ’n taal nie amptelik omdat hy formeel is en ’n ontwikkelde skryfstelsel het nie. ’n Amptelike taal moet wel formeel *kan* wees en ’n behoorlike skrifstelsel hê, maar hy is amptelik omdat die betrokke staat hom wetlik of andersins aangewys het as die taal waarin daardie staat sy werksaamhede verrig. In Brittanje is Engels seker nie wetlik as die amptelike taal aangewys nie, want daar is kwalik ’n ander taal wat ter sprake is, en in enige ander “eentalige” land sal die betrokke landstaal seker by verstek die amptelike taal word; in byvoorbeeld die vroeë bestaan van die VSA is daar by referendum besluit dat Engels die amptelike taal sal wees en nie Nederlands nie.

’n Amptelike taal is dus die taal (of die variëteit van daardie taal) waarmee die staat met die grootste moot van sy bevolking tegelykertyd kan kommunikeer. Daar is ’n menigte sake waaroor die staat met sy burgers kommunikeer, ongeag of almal die inhoud van die kommunikasie verstaan (iemand sal byvoorbeeld nie al die besonderhede van voorskrifte oor dieresiekte of bouregulasies so goed verstaan as ’n veearts of bou-ingenieur nie). Die Britse regering sal dus nie Keltiese tale soos Wallies, Iers of Skotse Gaelies, of geografies bepaalde (informele) variëteite van Engels, soos Skotse of Cockneyengels gebruik nie, want dit sal groot dele van die bevolking uitsluit.

Om wette, regulasies, reëls, voorskrifte, hofuitsprake en so meer te kan skryf, moet die taal, of die tersaaklike variëteit van die taal, sekere eienskappe hê, soos die nodige konsekwentheid van grammatika – sinsbou, spelling ens. – semantiek en woordeskat (by name terminologie). As die taal wat die staat vir sy werksaamhede gebruik, nie oor sulke eienskappe beskik nie, deug hy nie. In ’n demokratiese bestel moet ’n regering ook verslag doen van sy

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a20

werksaamhede en hoe hy belastingbetalers se geld bestee. As die betrokke taal hom nie in staat stel om dit te doen nie, is daar probleme.

Wanneer mense dus kla omdat Standaardafrikaans die ampteliketaalvariëteit van Afrikaans is, moet 'n mens vra of ander variëteite oor die vermoë beskik om as amptelike taal te funksioneer – byvoorbeeld die terminologie, stabiliteit en konsekwentheid het om daardie rol te vervul.

En dit geld allermins net Afrikaans.

Omdat 'n staat se amptelike taal op sulke terreine moet kan funksioneer, dra dit natuurlik by tot die voortgesette ontwikkeling en voortgesette standaardisering van die taal, maar die taal se amptelike status het niks te doen met sy letterkunde of sy gebruik as onderwystaal en dergelike nie. Daar is natuurlik oorvleueling en wedersydse beïnvloeding, maar "amptelike taal" is nie gelyk te stel aan "standaardtaal" of "standaardvariëteit" nie.

Samevattend dus: 'n Amptelike taal is die taal wat 'n owerheid, soos die staat, vir die doel van sy werksaamhede en kommunikasie met sy burgers gebruik. Omdat dit in die geval van 'n staat elke denkbare terrein van die staatshuishouding raak, moet die amptelike taal gestandaardiseer wees. Sedert Uniewording in 1910 tot en met die politieke oorgang van 1994 was Afrikaans en Engels ons land se amptelike tale, en die verheffing (in 1925, terugwerkend tot 1910) van Afrikaans tot amptelike taal het vereistes aan hom gestel wat noodwendig bygedra het tot sy ontwikkeling en standaardisering, maar daardie ontwikkeling en standaardisering is grotendeels aangedryf deur die sprekers van die taal.

Tans (2025) het Suid-Afrika deur die byvoeging van SA Gebaretaal twaalf amptelike tale. In teenstelling met ons vorige grondwette, wat redelik uitdruklik bepaal het waarvoor en hoe die amptelike tale gebruik moet word, swyg die 1996-Grondwet daaroor. Artikel 6(2) bepaal wel dat "die staat praktiese en daadwerklike maatreëls (moet) tref om die status van die tale te verhoog en hul gebruik te bevorder" en artikel 6(4) dat "alle amptelike tale gelykheid van aansien (moet) geniet en billik behandel (moet) word". In watter mate dit tans in Suid-Afrika verwesenlik word, is 'n ope vraag. Dit is seker begryplik dat die taalbeplanners en onderhandelaars in die aanloop tot die aanvaarding van die 1993-Grondwet welwillendheid teenoor almal en alle taalgroepe in die land wou toon. Die taalbeplanners het egter nagelaat om 'n billike en werkbare stelsel vir die gebruik van die aanvanklike elf tale te ontwikkel, en die onderhandelaars het eweneens nagelaat om so 'n stelsel in die Grondwet in te skryf.

Dit het daartoe gelei dat Suid-Afrika tans van staatsweë *de facto* eentalig Engels is. Die ontwikkeling en uitbouing van die nege skriftelike tale (buiten Engels en Afrikaans) is dus wesenlik in die hande van die sprekers van daardie tale, maar 'n mens kan met reg vra hoekom hulle die moeite sou doen as die staat in al drie regeringsfere onverskillig en afsydig daarteenoor staan.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a20

Afrikaans in die Verenigde State van Amerika: Gebruik, uitdagings en moontlikhede

Afrikaans in the USA: Usage, challenges and possibilities

Jacques du Plessis
Universiteit van Wisconsin–Milwaukee
VSA
E-pos: jacques@uwm.edu

Jacques du Plessis

Jacques du Plessis is ’n Pretorianer wat aan UNISA en die Universiteit van Pretoria studeer het, voordat hy in 1984 die kans op ’n buitelandse avontuur aangegryp het deur sy studie aan die Brigham Young-universiteit (BYU) in Utah, Amerika, voort te sit. Sedert 1985 doseer hy Afrikaans op universitêre vlak in die VSA. Hy skryf twee handleidings vir die aanleer van Afrikaans as vreemde taal en ontwikkel sagteware vir die aanleer van woordeskat en grammatika. Hy bied Afrikaans aan vir studente van die Universiteit van Wisconsin–Milwaukee, die Yale-universiteit, die Brigham Young-universiteit en die Universiteit van Chicago, asook vir individue van die owerheidshulpverleningsinstansie USAID. Hy ontwikkel voorts ’n toets aan die hand waarvan Afrikaanssprekende skoolgaande leerders in Florida en Texas krediet kan verwerf vir hulle Afrikaanse taalvaardigheid. Sedert 2003 hou hy die webwerf www.afrikaans.us in stand as ’n oop leerruimte vir Afrikaans as vreemde taal. Jacques is opgelei as assessor van spraakvaardighede van Afrikaans vir die ACTFL (American Council on the Teaching of Foreign Languages). Hy was president van die NCOLCTL (National Council of Less Commonly Taught Languages). Hy is lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, waarvan hy in die termyn 2021–2024 in die Raad gedien het. Soms doen hy ook vertaalwerk en by geleentheid tree hy as ’n tolk in howe en hospitale op.

Jacques du Plessis hails from Pretoria and studied at UNISA and the University of Pretoria before embracing the adventurous opportunity in 1984 to continue his studies at the Brigham Young University (BYU) in Utah, USA. Since 1985, he has been teaching Afrikaans at university level in the USA. He has written two manuals for learning Afrikaans as a foreign language, and has developed software for learning vocabulary and grammar in several languages. He has taught Afrikaans to students at the University of Wisconsin–Milwaukee, the Yale University, the Brigham Young University and the University of Chicago, as well as to individuals from the government aid agency USAID. He developed a test on the basis of which Afrikaans-speaking schoolchildren in Florida and Texas can earn credits for their Afrikaans language skills. Since 2003, he has been maintaining the website www.afrikaans.us as an open-learning resource for Afrikaans as a foreign language. Jacques is trained as an assessor of Afrikaans oral skills for the ACTFL (American Council on the Teaching of Foreign Languages) and is a former president of the NCOLCTL (National Council of Less Commonly Taught Languages). He is a member of the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (South African Academy for Science and the Arts) and served on its Council for the 2021–2024 term. From time to time he undertakes some translation work and occasionally acts as an interpreter in courts and hospitals.

Datums:
Ontvang: 2024-12-16 Goedgekeur: 2025-01-15 Gepubliseer: Maart 2025

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a21

ABSTRACT

Afrikaans in the USA: Usage, challenges and possibilities

This article compares foreign language acquisition in Europe and the USA and describes the American school and university systems, particularly regarding the challenges faced by less commonly taught languages. The focus then shifts to the teaching of Afrikaans over the past four decades and the reasons for its current precarious position. Finally, the future for Afrikaans is considered, along with the paths of other foreign languages, indicating possible options for Afrikaans to play a more significant role as a foreign language.

OPSOMMING

Hierdie artikel vergelyk vreemdetaalverwerwing in Europa en die VSA en beskryf die Amerikaanse skool- en universiteitstelsel, met spesifieke verwysing na die uitdagings wat minder gedoseerde tale stel. Die fokus skuif dan na die onderrig van Afrikaans in die VSA die afgelope vier dekades en die redes vir die huidige onbestendige posisie van Afrikaans. Laastens word die toekoms van Afrikaans aangeroer. Die pad van ander vreemde tale dui op moontlike opsies vir Afrikaans om ’n meer beduidende rol as vreemde taal te speel.

Inleiding

Die doel van hierdie bydrae is om inligting te verskaf oor die stand van Afrikaans in die Verenigde State van Amerika (VSA), tesame met persoonlike insigte verkry en ervaring opgedoen deur die skrywer in sy jare as dosent in die Amerikaanse tersiêreonderwysstelsel die afgelope 40 jaar.

Eerstens word die konteks van vreemdetaalonderrig in Amerika geskets, beginnende op skoolvlak (of K-12, soos dit in Amerika bekendstaan) en daarna op universiteitsvlak. Vervolgens word die rol van die owerheid en ander instansies in vreemdetaalonderrig beskou. Ten slotte word ’n samevattende besinning gebied oor die potensiaal van Afrikaans as ’n volwaardig erkende keuse vir aanleerders van vreemde tale in die toekoms.

Ten einde die toekomsmoontlikhede vir die onderrig van Afrikaans as vreemde taal beter te verstaan, is dit nuttig om vertroud te wees met die organisatoriese infrastruktuur van nie net skole en universiteite nie, maar ook van die owerheid in die VSA. In hierdie konteks moet die roete gevind word waarlangs Afrikaans se toekoms as taal in die VSA strategies beplan kan word.

Vreemdetaalonderrig op skoolvlak

Die Pew-navorsingsentrum (Devlin, 2018) het bevind dat Europeërs goed gemotiveerd is om vreemde tale aan te leer. Gemiddeld 92% van skoolgaande kinders in Europa leer vreemde tale aan. Europa se multikulturele konteks en oop grense en die voltydse vloei en wisselwerking tussen kulture maak die strategiese waarde van veeltaligheid voor die hand liggend omdat dit mededingendheid en volwaardige deelname op ekonomiese, politieke en maatskaplike vlak meebring. Soos aangedui in Figuur 1 hier onder, is dit glad nie die geval in Amerika nie – gemiddeld slegs 20% van skoolleerders leer ’n vreemde taal aan.

Die geopolitieke konteks van sowel Europa as Amerika oefen ’n sterk invloed op die aanleer, al dan nie, van vreemde tale uit. Amerika se dominante rol verklaar waarom ander tale nie so geredelik aangeleer word nie. Die data in Tabel 1 hier onder (“The National K-12 Foreign

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a21



***Figuur 1**: Gewildheid van vreemdetaalstudies in Amerika*

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a21

Language Enrollment Survey Report", 2017) word aan dié aanlyn verslag ontleen en toon dat Spaans die algemeenste vreemde taal is, met meer as 70% van vreemdetaalleerders wat dié taal neem. Die geweldige toename van immigrante uit Suid-Amerika wysig die Amerikaanse geopolitieke realiteit, wat ook die gewildheid van Spaans verklaar. Wanneer Spaans geneem word, behels dit soms nie 'n keuse nie, omdat dit die enigste opsie is. Daar moet ook in ag geneem word dat die VSA se leidende en dominante posisie op ekonomiese en militêre gebied, asook sy wydstrekkende betrokkenheid by politieke knelpunte oor die wêreld heen, beteken dat hy nie sommer die strategiese waarde van vreemde tale kan ignoreer nie.

Vervolgens word die verskil tussen vreemdetaalonderrig op skool en dié op universiteit oorweeg.

In Suid-Afrika kan leerders van graad 8 af begin om 'n derde taal te neem. Die VSA begin 'n jaar of wat vroeër. Tabel 1 toon dat buiten die tradisionele programme waarin onderrig in 'n vreemde taal in graad ses of sewe begin, daar ook 'n nuwe inisiatief is om van graad een af studente daagliks in twee tale in te dompel.

TABEL 1: Vreemdetaalinskrywings op hoërskole in die VSA

Taal	Aantal HS-programme per taal	Persentasie HS-programme per taal	Inskrywings
Spaans	8 177	46,00	7 363 125
Frans	3 738	21,03	1 289 004
Duits	1 548	8,71	330 898
Latyn	1 513	8,51	210 306
Chinees	1 144	6,43	227 086
ASL[1]	621	3,49	130 411
Japannees	433	2,44	67 909
Arabies	161	0,91	26 045
Russies	147	0,83	14 876
Grieks	129	0,73	–
Koreaans	43	0,24	–
Portugees	37	0,21	–
Azerbeidjans	31	0,17	–
Turks	27	0,15	–
Hindi	19	0,11	–
Persies	10	0,06	–

[1] ASL: American Sign Language

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a21

Die tweedetaalintegrasie staan bekend as tweedetaalonderdompeling (TTO: Engels: "dual language immersion; DLI"), wat behels dat Engels saam met 'n groeiende aantal teikentale gebruik word (soos beskryf in Wikipedia se inskrywing by "Language immersion"). Volgens die webwerf www.americancouncils.org ("2021 Canvass of Dual Language and Immersion", 2021) is daar meer as 3 600 sodanige programme in 44 Amerikaanse deelstate. Omtrent 60% van hierdie TTO-programme kom uit net vier van die VSA se 51 state: Kalifornië, Utah, Noord-Karolina en New York. Tabel 2 dui aan hoe uiteenlopend die tale is wat aangebied word. Die huidige situasie toon dat die stelsel oop is vir die instelling van nuwe taalprogramme indien die belangstelling en ondersteuning dit regverdig.

Op laer- en hoërskool word die fondament gelê en entoesiasme gekweek vir die keuse van 'n vreemde taal op universitêre vlak. Op skoolvlak het elke staat 'n vreemdetaalvereniging (List of Foreign Language Associations, s.j.). In dié verenigings voer die dominante vreemde tale (Spaans, Frans, en Duits) gewoonlik die botoon. Mindergedoseerde tale (MGT's; in Engels LCTLs: Less Commonly Taught Languages) word nie noodwendig met entoesiasme ondersteun nie, omdat elke taal primêr omsien na sy eie taalprogram. Binne elke staat se onderwysdepartement is daar 'n superintendent vir wêreldtale. Dié amptenaar uit elke staat behoort tot 'n landswye organisasie, die National Council of State Supervisors for Languages (www.ncssfl.org), wat hom daarvoor beywer om beleid te vestig en in die praktyk die onderrig van tale te bevorder. Daar is vyf streekorganisasies waartoe die deelstate in elke streek behoort

TABEL 2: Tweedetaalonderdompelingsprogramme in openbare skole in 2021

Taal	**Aantal TTO-programme**	**Taal**	**Aantal TTO-programme**
Spaans	2 936	Pools	5
Chinees	312	Haitiaanse Kreools	3
Frans	182	Oerdoe	2
Japannees	37	Yu'pik	2
Duits	31	Grieks	2
Portugees	27	Lakota	2
Hawais	27	Lushootseed	2
Koreaans	23	Makah	2
Russies	17	Diné	2
Italiaans	7	ASL (Amerikaanse gebaretaal)	1
Hmong	7	Bengaals	1
Viëtnamees	6	Cherokees	1
Armeens	6	Jiddisj	1
Arabies	5		

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a21

(https://www.ncssfl.org/resources/regional-association-links/). Dié organisasies is daarop toegespits om die gehalte van onderrig te bevorder en te stimuleer.

Op nasionale (federale) vlak is die ACTFL (American Council on the Teaching of Foreign Languages, s.j.) verreweg die grootste vereniging met meer as 13 000 lede. In 1967 het hy van die Modern Language Association weggebreek (https://www.mla.org/). Vandag werk die ACTFL nou saam met die Amerikaanse owerheid om taalvaardigheidstoetse op te stel. Die toets word die *Oral Proficiency Interview* (of OPI) genoem, en ’n punt van 0 tot 5 word toegeken; 5 is die hoogste punt en dui ’n welsprekende kandidaat aan. Deur die jare het die skrywer reeds honderde volwassenes se praatvaardighede getoets, veral mense in die Amerikaanse weermag.[2]

Soos duidelik uit Tabel 2 gesien kan word, is Spaans, Frans, Latyn en Duits die “groot tale” en hulle agendas en behoeftes is dominant. Gevolglik was daar ’n behoefte om ’n vereniging te stig vir MGT’s soos Indonesies, Hindi, Japannees, Arabies, Deens, Afrikaans, Portugees, en andere. Hierdie vereniging bring al die MGT’s saam in die National Council of Less Commonly Taught Languages (sien https://ncolctl.org/).

Vreemdetaalonderrig op universiteit

Daar is ongeveer 4 000 universiteite en kolleges in Amerika (Moody, 2021). Forbes (Nietzel, 2023) berig dat 2 455 van die tersiêre instellings wat grade toeken, vreemde tale aanbied. Sedert ongeveer 2010 het die inskrywings in vreemde tale met 29,3% gedaal.

Die General Education-stelsel in Amerika vereis dat studente ook kursusse volg wat buite hulle gekose studieveld lê. Sommige universiteite vereis dat ’n vreemde taal vir óf twee óf vier semesters geneem word. Baie studente neem dus ’n vreemde taal omdat dit van hulle vereis word en nie omdat hulle dit in elk geval wil doen nie. Die MLA se verslag oor vreemde tale aan Amerikaanse universiteite in 2021 dui die stand van elke taal aan (Lusin *et al*., 2023). Ter wille van die konteks word die tale van belang gelys, met vermelding van hoeveel instellings die gegewe taal aangebied het in 2016 en in 2021:

- Nederlands (17; 20)
- Deens (8; 12)
- Afrikaans (4; 1)
- Suid-Sotho (Sesotho) (0; 0)
- Tswana (1; 0)
- Xhosa (1; 2)
- Zoeloe (11; 10)
- Swahili (67; 63)
- Joroeba[3] (18; 24).

Dit sou gerusstellend wees as die aantal instansies wat elk van hierdie tale aanbied, stabiel kon bly, of selfs kon toeneem. Die redes vir die wisselvalligheid word vervolgens uiteengesit. Nie alle universiteite het dieselfde befondsingsmoontlikhede nie. Harvard se skenkingsfonds (die skenkings kom vanuit die private sektor) is nagenoeg $50 miljard sterk; daarom kan hy programme aanbied ter wille van prestige, al is dit nie winsgewend nie. Die Universiteit van Wisconsin se Madison-kampus ontvang heelwat meer staatshulp per student as enige van die

[2] Die skrywer is lid van die ACTFL en beskik oor ’n ACTFL-kwalifikasie om praatvaardigheid in Afrikaans in die VSA te evalueer.

[3] https://af.wikipedia.org/wiki/Joroeba_(volk)

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a21

ander 12 kampusse van hierdie universiteit en daarom het hulle meer geld om aan programme te bestee. Die Universiteit van Wisconsin–Madison bied byvoorbeeld ongeveer 50 vreemde tale aan, maar die Universiteit van Wisconsin–Milwaukee slegs 18 tale en die Universiteit van Wisconsin–Green Bay agt. Staatsuniversiteite se staatsbefondsing het oor die afgelope 50 jaar drasties verminder, van ongeveer 80% tot nagenoeg 15% van die totale befondsing vandag. Die tekort word nou grootliks uit klasgelde gedek. Studente word aktief van buite die staat gewerf om die las te help dra. In die verlede was dit vir voltydse studente selde nodig om terselfdertyd te werk; nou is dit die norm. Daar is ook ’n ouderdomsverskuiwing: Deesdae is net 20% van die studente tussen 18 en 22 jaar oud. Die fokus het verskuif van die eertydse klassieke afronding van die student na die allesoorheersende finansiële haalbaarheid van elke program. Wat beteken dit vir vreemde tale? Dit konsolideer weer eens die fokus op die gewildste tale, soos Spaans en Frans en soms Duits. Die MGT’s moet dus die wisselvalligheid van hulle bestaan aanvaar en kreatief wees om te kan oorleef (Riley & Piereson, 2020).

Die uitdaging vir MGT’s is dat byna alle universiteite die aanbod van vreemde tale wat nie genoeg studente trek nie, óf geleidelik uitfaseer óf summier staak. Indien die betrokke dosent wel wil voortgaan met ’n klas wat te klein is, word die dosent se besoldiging sterk verminder en word dit ’n geval van “liefde vir die saak”. Omdat universiteite se begrotings dit nie moontlik maak om iemand permanent aan te stel om so ’n taal aan te bied nie, is dit gewoonlik ’n nagraadse student of ’n deeltydse dosent wat die klas aanbied. By byvoorbeeld die Universiteit van Pennsilvanië het die nagraadse student wat van 2011 tot 2016 Afrikaans daar aangebied het, gegradueer, en daarmee het die Afrikaans-program ongelukkig tot ’n einde gekom. Lyn Margulis, wat Afrikaans by Harvard aangebied het, het meer as 40 studente gehad en sy het uitstekend presteer, maar Harvard het ongelukkig die beleid dat alle deeltydse dosente vir slegs vier of agt jaar gekontrakteer word en daarna kan hulle nie meer daar doseer nie, ongeag hoe goed hulle ook al as dosente gevaar het (Crimson Editorial Board, 2024). Ongelukkig is dit tot nadeel van Afrikaans.

Die geval van prof. Robert Kirsner[4] by die UCLA (University of California, Los Angeles) was byna ideaal. Hy het ’n voltydse betrekking as dosent van Nederlands gehad. Hy kon gevolglik binne die stabiele konteks uitbrei en Afrikaans ook by sy doseerwerk insluit. Omdat Afrikaans gekoppel was aan sy aanstelling as ’n professor van Nederlands, het sy aftrede in 2016 ongelukkig beteken dat die departement nie gepoog het om ’n dosent ook vir Afrikaans aan te stel nie. Dit het die einde aan Afrikaans as vak en as taal aan die UCLA tot gevolg gehad.[5]

Du Plessis (2016) stel nuwe modelle vir die onderrig van MGT’s voor om juis die probleem van wisselvalligheid en ekonomiese volhoubaarheid uit te lig. Die kerngedagte hiervan is om ’n intydse aanlyn klas aan te bied met studente van meer as een universiteit wat die kursus volg. Dit kan beteken dat daar genoeg studente is om dit vir die dosent lonend te maak, en dat nie een van die universiteite ’n langtermynverbintenis hoef aan te gaan nie. Afhangende van belangstelling kan die kursus dus langer beskikbaar wees.

Die volgende afdeling rakende die nasionale owerheid en ander rolspelers verduidelik verder hoe vreemdetaalonderrig geselekteerde MGT’s bevoordeel.

---

4 https://elts.ucla.edu/person/robert-kirsner/

5 Oor die onderrig van Afrikaans aan universiteite in die VSA, raadpleeg ook Carstens, Bosman Wierenga, 2024:676-677.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a21

Die Amerikaanse owerheid en ander rolspelers

Die owerheid in die VSA bepaal watter tale van groter belang is, hoofsaaklik op grond van regionale onstabiliteit en die moontlike bedreigings wat konflikgebiede vir Amerika inhou. Gevolglik word sekere tale dan geag van strategiese of kritieke belang te wees, en gevolglik stel die owerheid die nodige finansiële ondersteuning beskikbaar om genoegsame kapasiteit vir nagraadse studie in teikengebiedtale op te bou. Dit is grotendeels hoe die lys kritieke of strategiese tale (*critical languages*) opgestel word. Daarom het die owerheid die *Critical Languages Scholarship* (CLS)-program ingestel. Dit verseker dat daar geld vir dosente en beurse vir die sogenaamde teikentale beskikbaar is, maar nie vir ander tale nie. Na gelang die kritieke of strategiese waarde van ’n taal vir die staat daal, word die finansiële steun vir die onderrig van die taal uitgefaseer. Ander tale wat dan van groter belang geag word, kan dan bygevoeg word.

Hier onder is die lys van die tale wat as belangrik en van kritieke of strategiese waarde beskou word om aan te leer. Tussen hakies word die jaar genoem waarin die betrokke taal dié status bereik het: Arabies (2006), Turks (2006), Oerdoe (2006), Hindi (2006), Russies (2007), Chinees (2007), Koreaans (2007), Persies (2007), Japannees (2010), Indonesies (2011), Swahili (2016) en Portugees (2019). Pas uitgefaseer is Bengaals (2006–2023), Punjabi (2006–2022), en Azerbeidjans (Azeri) (2009–2024) (“Critical language scholarship program”, s.j.).

Die *Startalk*-program (https://www.startalk.info/) bied beurse aan vir skole en voorgraadse kursusse op universiteit om strategiese tale aan te bied, veral as somerprogramme vir tale soos Chinees, Russies, Arabies, Dari, Persies, Portugees, Hindi, Oerdoe en Koreaans. Die akademiese jaar bestaan uit twee semesters en begin met die herfssemester, en in die nuwe jaar volg die lentesemester. Omdat klasse in die somer opsioneel is, staan dit studente vry om elders somerprogramme by te woon.

Buitelandse rolspelers

Die ondersteuning vir die onderrig van vreemde tale kom nie net van binne die VSA nie. Internasionale taalorganisasies speel ’n beduidende rol om teikentale te bevorder. ’n Voorbeeld is die stigting in 2004 van die Confucius-Instituut (CI) deur die Chinese regering om aan universiteite sowel as skole programme vir die onderrig van Mandaryns oor die wêreld heen op te rig en te befonds. Die gewildheid van tweedetaalonderdompelingsprogramme (TTO-programme) *dual language immersion* (DLI)-programme het baie vinnig gegroei. Die CI se ondersteuning het ’n groot rol gespeel om Chinees ’n sigbare vastrapplek op die terrein van vreemdetaalprogramme in Amerika te gee. In regeringskringe het die Chinese regering verdag geword as gevolg van grootskaalse Chinese kommersiële spioenasie, asook China se aanspraak op groot gedeeltes van die see tussen die Filippyne en Viëtnam. ’n Nadraai hiervan was dat die Confucius Instituut daarvan verdink is dat hy ’n spreekbuis van die Chinese Kommunistiese Party was wat glo ’n selektiewe beeld moes uitdra. In 2018 het die Amerikaanse kongres federale befondsing van programme met ’n CI-skakel ingeperk en die CI se aantal takke by universiteite het van ongeveer 100 tot sowat vyf gedaal.[6] Politiek speel dus ook ’n beduidende rol in die aanbod van vreemdetaalonderrig.

Die CI is nie uniek as staatsorgaan om ’n land se taal en kultuur in die buiteland te bevorder nie. Die British Council (British Council, s.j.), gestig in 1934, ondersteun Engels as teikentaal

6 “With nearly all U.S. Confucius Institutes Closed”, 2023.

in meer as 100 lande. Duits word bevorder deur die Goethe Instituut (Goethe-Institut, s.j.), wat in 1951 gestig is en wêreldwyd ongeveer 160 takke het. Frans word bevorder deur die Alliance Française (Alliance Française, s.j.). Dié organisasie is in 1883 gestig en het meer as 440 000 studente by 1 016 plaaslike takke in 135 lande. Die Instituto Cervantes (Instituto Cervantes, s.j.), gestig in 1991, bevorder die aanleer van Spaans as 'n tweede taal in 45 lande en het 88 takke. Verdere voorbeelde is die Instituto Camões (1924) vir Portugees, die Società Dante Alighieri (1889) vir Italiaans, die Japan-Stigting (1972) vir Japannees, en die Russkiy Mir-Stigting (2007) vir Russies.

Opsommend

Op skoolvlak vind groot veranderinge plaas. MGT's soos Portugees, Chinees en Hindi word nou op skoolvlak ingewerk, veral as deel van 'n onderdompelingsprogram (integrasie), waarin leerders van jongs af in ander vakke onderrig in sowel Engels as die teikentaal ontvang. Die haalbaarheid hiervan wentel om die beskikbaarheid van onderwysers en ook van plaaslike belangstelling en ondersteuning. Deur die *StarTalk*-program ontvang sekere tale voorkeur, en hoewel dit nie ander tale uitsluit nie, is dit vir hulle moeiliker sonder die nodige regeringsteun.

Aan universiteite het MGT's voortdurend 'n tekort aan geld, en die *Startalk*- en die *Critical Languages*-program maak 'n groot verskil aan die volhoubare onderrig van dié tale. Tog moet onthou word dat vooraanstaande universiteite gewoonlik eerder befondsing ontvang om dié tale aan te bied. Wat skole betref, is dit 'n kwessie van onderrigkapasiteit (dit wil sê die nodig opgeleide personeel) en die vermoë om belangstellende studente te werf. Buitelandse staatsondersteunde taalorganisasies bring wel ook ondersteuning om onderrig van die betrokke taal 'n kans op sukses te bied.

Toekomsmoontlikhede

Die agtergrond wat hier bo verskaf is oor vreemdetaalonderrig by die skole en universiteite in Amerika en die rol wat die owerheid en ander instansies daarin speel, lei tot die vraag wat die toekoms van Afrikaans as vreemde taal in die VSA is of kan wees. Om 'n goed beredeneerde antwoord daarop te verskaf, moet die volgende vraag in gedagte gehou word: Wat is die verwagting en hoop wat Afrikaanse moedertaalsprekers koester oor die rol van Afrikaans as vreemde taal, in hierdie geval in die VSA? Daar word aangevoer dat die kans dat Afrikaans as vreemde taal suksesvol groter getalle leerders sal lok, skraal is sonder die entoesiastiese belangstelling, betrokkenheid en ondersteuning van moedertaalsprekers. Ander tale se suksesvolle planne van aksie is deurgaans deur hul regerings of deur 'n stigting met dié missie ondersteun.

Die eerste kwessie is die houding van moedertaalsprekers jeens Afrikaans. Wat is die positiewe en/of negatiewe dinge wat moedertaalsprekers rig en wat die droom kan meehelp of verydel? Dan moet ook gekyk word na die motivering vir studente om Afrikaans as vreemde taal te kies, en in dié geval is die fokus op sowel die intrinsieke waarde van Afrikaans as die maatskaplike faktore wat hierdie besluit direk raak.

Moedertaalsprekerondersteuning: Is daar entoesiasme daarvoor?

By die meeste nasies is daar 'n innerlike stryd om hul voorkeuridentiteit te bepaal. Amerika hink op wat vir die land die beste is: Is 'n beleid van isolasie verkieslik, of 'n beleid van

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a21

internasionale betrokkenheid? Gedagtig aan prins Alexander Nevski in die 13de eeu, wat ondergeskik aan die Mongoolse imperiale mag was ("What was Prince Alexander Nevsky's contribution", s.j.), hink die Russe op twee benaderings, naamlik die keuse tussen 'n pro-Westerse of 'n pro-Oosterse fokus.

En wat van Suid-Afrika? Suid-Afrika se politieke identiteit is kompleks, en die vraag is of daar genoegsame ondersteuning sou wees om aan die droom te bou om Afrikaans as vreemde taal in Amerika en elders te bevorder.

Histories is daar 'n tradisie van isolasie in die Afrikaanse psige omdat ons dinge op eie houtjie kan en wil doen. Die Groot Trek is byvoorbeeld 'n voortsetting van die stelselmatige ooswaartse beweging van vryburgers en ander trekkers wat voortgebou het op die Oos-Kapenaars se strewe om weg te kom van koloniale oorheersing. Dieselfde gees is waarneembaar by die vestiging van die Rehoboth-Baster-gemeenskap in Namibië ("Basters", s.j.). Die oorloë met die Britse Ryk het die gees van isolasie verder in Suid-Afrika versterk. Buitelandse sanksies gedurende die apartheidsera het meegebring dat magsorgane gebruik is om die konteks van isolasie as 't ware te benut om oorlewing en sukses te bewerkstellig. Die suksesse behaal te midde van sanksies het 'n gees van eksklusiwiteit meegebring in organisasies soos die Broederbond en die Nasionale Party en staatgesteunde maatskappye, soos YSKOR, SASOL en KRYGKOR. In dié era was die Afrikaanse kultuurskat eksklusief onder wit beheer.

Die teendeel van 'n kultuur van isolasie is nie kapitulasie en versmelting met ander kulture nie, maar inklusiwiteit in plaas van eksklusiwiteit. Wat Afrikaanssprekendes en Afrikaans betref, behels dit byvoorbeeld dat die variëteite van die taal en kultuur nie afgeskeep of geminag moet word nie, maar dat die volle en veelsydige kultuurskat van Afrikaans ondersteun word en dat dit toegelaat word om te floreer.

Een van die eerste stappe om die mentaliteit van isolasie te oorbrug, is om die samekoms van almal binne die Afrikaanse kultuur te laat gedy, want dié stelselmatige samekoms sal versoening tussen wit, bruin en swart Afrikaans-moedertaalsprekers bewerkstellig, ware respek en begrip vir mekaar sal herstel, en die inklusiewe uitlewing van egte Suid-Afrikaanse gasvryheid sal verryk. Dit kan gesien word in die ewolusie van byvoorbeeld die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees deur die jare, en Afrikaanse kunstenaars soos Refentse Morake se opgang in 'n postapartheid-Suid-Afrika. Die punt wat hier gemaak word, is dat die fokus van 'n gees van isolasie na binne is, en dat die gedagte om Afrikaans na die wêreldgemeenskap uit te dra nie 'n prioriteit is nie. In die gees van inklusiwiteit is daar 'n begeerte om aanknopingspunte raak te sien en te benut en die besef dat so 'n lewensbenadering strategies en waardevol is om die wêreld in te lig en voor te stel aan ons taal en kultuur. Gedurende die jare van isolasie was daar geen noemenswaardige Afrikaanssprekende diaspora-gemeenskap nie. In die postapartheidsera is daar 'n beduidende Afrikaanse gemeenskap in onder meer Nieu-Seeland, Australië, Nederland, die Verenigde Koninkryk, Kanada en die Verenigde State van Amerika, met Afrikaanse kerke en organisasies, en Afrikaanse uitvoerende kunstenaars wat na die buiteland reis en daar optree (sien Carstens, Bosman & Wierenga, 2024, vir meer hieroor).

In dié nuwe era van 'n groeiende diaspora van Afrikaanssprekendes is die vraag: Is ons trots op ons taal, en voel ons Afrikaans is dit werd om internasionaal vir leerders aangebied te word? Sowel die ja as die nee geniet ondersteuning. Is die ja-stem sterk genoeg om die droom te help dra?

Daar is interessante voorbeelde van kulture wat die netwerk van hul diaspora benut het tot voordeel van hulle welsyn en kulturele uitlewing. Die Indiërs het byvoorbeeld 'n indrukwekkende wêreldwye netwerk wat hulle gebruik om hulle finansiële en kulturele invloed te verbreed. Dieselfde kan gesê word van onder meer Chinese, Libanese, Grieke, Italianers en

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a21

Jode. Ook in die geval van postapartheid-Suid-Afrika het die diasporadiese gemeenskap van Suid-Afrikaners geweldig gegroei en ons van ’n eksklusiewe na ’n inklusiewe kulturele konteks gelei. Dit is tyd om te besin oor hoe ons die sosiale infrastruktuur kan oprig om ons netwerk te omvorm van die destydse eksklusiewe en interne fokus tot ’n inklusiewe en internasionale trefwydte.

Kan ons die voorbeelde van ander kulture navolg wat reeds eeue lank hulle teenwoordigheid in ’n diaspora benut? Kan ons die groeiende diasporanetwerk gebruik om ons land se belange, tale en ryk kulturele skat in die wêreldkonteks te bevorder en uit te dra? Die skrywer se persoonlike ervaringe opgedoen en insigte verwerf in meer as 40 jaar in die diaspora maak dit duidelik dat die organiese netwerk in die diaspora bestaan en die tyd ryp is om die Afrikaanse taal en kulturele skat deel te maak van die opsies wat belangstellendes oorsee en immigrante na Suid-Afrika het. Dit is tyd om Afrikaans internasionaal te laat gedy.

Die leerderperspektief: Waarom Afrikaans?

Wat bied Afrikaans? Of liewer: wat kán Afrikaans bied? Die drie kernsake wat hier ter sprake is, is die persepsie van die taal, die linguistiese en akademiese waarde van die taal, en laastens maatskaplike ondersteuning.

Wat die persepsie van die taal betref, was daar tydens die apartheidsfase en die eerste postapartheidsdekade vele luidrugtiges wat Afrikaans geëtiketteer het as die taal van die onderdrukker. Met verloop van tyd het daardie stemme gekwyn. Vandag hoor ’n mens uiters selde hierdie argument. Die konteks is nou gunstiger om die taal aan te bied, ondanks sterk negatiewe vooroordele wat wel nog hier en daar in Suid-Afrika op te merk is.

Wanneer ’n mens kyk na die algemeenste linguistiese en akademiese voordele van Afrikaans, blyk die volgende duidelik: Afrikaans word gesien as aantreklik omdat dit linguisties so na aan Engels is. Die ryk versameling kognate wat die twee tale gemeen het en die eenvoud van die Afrikaanse grammatika in vergelyking met dié van ander tale, maak dit heelwat makliker om aan te leer.[7] ’n Verdere logiese voordeel is dat Afrikaans ’n ideale intrede tot Nederlands en Duits is. Op geopolitieke en kulturele gebied strek die taalvermoë wat Afrikaans ’n mens bied, verder as Suid-Afrika en Namibië omdat dit ook in die Beneluxlande (België, Nederland, Luxemburg) en Suriname waardevol is.

Die finale kernsaak wentel om die mate waarin nuwe leerders sosiaal betrek word by die kultuur van Afrikaanssprekendes. Hierdie aangeleentheid hang af van die betrokkenheid van moedertaalsprekers en hulle belangstelling in die leerder se wêreld en hulle bereidwilligheid om deel daarvan te wees. Die vraag is wat die leerder se daadwerklike ervaring met die sprekers is en hoe die Afrikaanse gemeenskap deel kan wees van die leerder se ervaring. Tragies genoeg doen vele leerders wat Frans, Spaans of Duits bestudeer, nooit enigiets daarmee nie. Indien ons ’n Afrikaanse sosiale infrastruktuur vir leerders kan skep, bring dit motivering en fokus vir die studente. Die leerders se oorvertelling van die interaksie en ervaring met Afrikaanse mense sal ander inspireer en aanlok, waardeur die versteklogika van die rede vir iemand se keuse om ’n gegewe taal aan te leer, vervang word.

7 Die FSI (Foreign Service Institute) het die moeilikheidsgraad van tale ingedeel, en as dit daarvolgens ’n mens 24 weke neem om die taal te bemeester, val die taal in kategorie 1 en as dit 88 weke neem, val die taal in kategorie 5. Afrikaans val in kategorie 1. (https://www.fsi-language-courses.org/blog/fsi-language-difficulty/)

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a21

Die versteklogika is soos volg: Die waarde van ’n taal word bepaal deur die taal se aantal sprekers. ’n Leerder sal dus eerder in ’n groter as in ’n kleiner taal belangstel. By leerders wat dié versteklogika gevolg het, is die volgende vraag seker tersaaklik: “As ’n mens (byvoorbeeld) Frans geleer het en jy gaan Frankryk toe, hoe opgewonde is die Franse dat jy Frans praat?” Almal ken reeds die antwoord: Jy staan nie uit nie, en as jou uitspraak tekortskiet, sal die Franse eerder geïrriteer as beïndruk wees. Die alternatiewe narratief is dan dat as ’n mens Afrikaans leer, jy op ’n unieke pad is wat min leerders kies. Sprekers word aangenaam verras, want daar is groot waardering vir jou belangstelling in Afrikaans en die taal se veelsoortige kultuur. Jy word maklik in die kulturele binnekring verwelkom en hegte vriendskapsbande word gemaklik binne dié nuwe kulturele ervaringe aangeknoop. Suid-Afrikaners en Namibiërs se besondere vermoë tot gasvryheid is as’t ware hul geheime wapen.

Wat kan moedertaalsprekers doen om die sosiale ondersteuning van leerders van Afrikaans te laat realiseer? In hierdie opsig is kreatiewe bydraes nodig om die ervaring met Afrikaans ’n kosbare ondervinding te maak – uniek en onvergeetlik. Die volgende idees spruit uit die skrywer se interaksie met leerders. Om die leerders toegang te bied tot die ware lewenservaringe binne die kultuur is ideaal. Dit kan geskied deur middel van ’n podsendingsplatform of sosiale media. Sosiale media is ook ideaal om leerders te help om op persoonlike en informele maniere hulle luistervaardighede te verbeter. Persoonlike kontak bemoedig die leerder en dit is natuurlik en organies om die leerder deel te maak van die netwerk van ander vriende en kennisse in die taalgemeenskap.

Dan is daar die moontlikheid dat die presterende leerder Suid-Afrika en/of Namibië wil besoek en grootliks baat daarby kan vind as hy of sy reeds ’n bestaande virtuele netwerk het. Deur opregte gasvryheid kan moedertaalsprekers die uitbouing van die leerder se netwerk fasiliteer sodat hulle akademies en professioneel kan inskakel, wat hulle byvoorbeeld kan help om netwerke uit te bou en internskappe te verwesenlik. Die inskakeling van leerders in Afrika kan lei tot uitnodigings om saam met vakansie te gaan of om te kom kuier. Dit kan vir hulle vergemaklik word, as hulle daarin belangstel om in Suid-Afrika of Namibië welwillendheidswerk te kom doen. Daar kan gerus ook ’n jaarlikse prys ingestel word vir die mees indrukwekkende buitelandse presteerders op Afrikaanse gebied.

Afrikaansdosente in die buiteland kan ook ondersteun word sodat hulle die studente se ervaring kan verryk. In die 1980’s het Trust Bank T-hemde vir elke Afrikaanse student by die Brigham Young Universiteit gestuur. Daar was ’n boekprys aan die einde van die semester vir die beste presteerder. Sulke idees vir die ondersteuning van buitelandse leerders en dosente van Afrikaans is net ’n vertrekpunt; hopelik sal daar in die toekoms nog talle skeppende idees ontstaan om die droom te verwesenlik om Afrikaans ’n onvergeetlike taalkeuse te maak.

Verdere voorstelle kan wees om die gesprek en debat in Suid-Afrika en Namibië in die pers, oor die radio of op televisie aan te wakker. Dit sal ’n baie groter netwerk van mense bewus maak van hierdie oogmerk en hulle daarby betrek om groter belangstelling te wek.

Samewerking met ander tale is ook van waarde. Die kurrikulering van ’n byvak of hoofvak op universiteit moet die behoeftes van die student en die potensiaal van die taal, of die kombinasie van tale, in ag neem om die program wat aan die student gebied word, optimaal verrykend en sinvol te maak. Dit is dus wenslik om die programaanbod by vandag se akademiese behoeftes aan te pas sodat Afrikaans aanloklik en waardevol vir die voornemende studente is en aan hulle ideale en verwagtinge voldoen.

Die ooreenkoms tussen die (Nederlandse) Taalunie en die Afrikaanse Taalraad (“Samewerkingsooreenkoms met Afrikaanse Taalraad”, 2020) is ’n positiewe stap om voortaan gesamentlik te besin oor ’n strategie waarvolgens dié twee tale in die toekoms as vreemde tale

bestudeer kan word en aan die student die potensiaal van beide tale kan bied. Dit skep ook die moontlikheid van opleiding vir leerders in beide tale waardeur hulle hul geografiese reikwydte kan verbreed na die Beneluxlande, suidelike Afrika en Suriname.

Dan is daar ook die opwindende potensiaal om verder binne ’n Suid-Afrikaanse konteks die ryke en diverse kulturele erfenis van Suid-Afrika bekend te stel deur saam te werk met die vernaamste ander amptelike tale soos Zoeloe, Xhosa, Sotho en Tswana, om weer eens die studente te betrek by die rykdom van Suid-Afrikaanse kulturele en sosiale ervaringe. Al dié voorstelle vereis egter leierskap en ’n sosiale infrastruktuur om dit van stapel te stuur.

Die fokus val gevolglik op die behoefte aan leierskap. Daar moet nou besin word oor ’n organisasie wat Afrikaans internasionaal kan bevorder. Die suksesse van organisasies soos die Alliance Française, die Goethe-Institut, die Confucius-Instituut en ander kan maklik ondersoek en benut word. Met vandag se tegnologie en met nuutskeppende denke kan ’n organisasie vir Afrikaans opgerig word om op knelpunte in die aanbod en beskikbaarheid van Afrikaans te fokus en oplossings te help vind.[8] Afrikaanssprekendes kan hulself bemagtig deur hul kultuurskat aan die wêreldgemeenskap bekend te stel. Hulle kan hul taalgenote en belangstellendes in die diaspora saamsnoer om nuwe bondgenootskappe te vestig, brûe te bou en onkunde te bestry. Deur uit te reik na ander kulture en wedersydse kontak te bewerkstellig kan Afrikaanssprekendes ook hulself verryk. Wedersydse kontak versterk wedersydse respek en waardering vir mekaar se kulture en help om begrip en waardering vir Afrikaans te vestig, ook internasionaal.

Samevatting

Afrikaans is in die verlede by verskeie universiteite in die VSA as vak aangebied, maar dit het oor die jare gekwyn. Die skrywer doen voorstelle aan die hand oor hoe dit moontlik omgeswaai kan word.

BIBLIOGRAFIE

Alliance Française. S.a. https://en.wikipedia.org/wiki/Alliance_fran%C3%A7aise. [11 January 2025].
Basters. S.a. https://en.wikipedia.org/wiki/Basters. [11 January 2025].
British Council. S.a. https://en.wikipedia.org/wiki/British_Council. [11 January 2025].
Critical language scholarship program. S.a. https://en.wikipedia.org/wiki/Critical_Language_Scholarship_Program. [11 January 2025].
Goethe-Institut. S.a. https://en.wikipedia.org/wiki/Goethe-Institut. [11 January 2025].
Instituto Cervantes. S.a. https://en.wikipedia.org/wiki/Instituto_Cervantes. [11 January 2025].
Language immersion. S.a. https://en.wikipedia.org/wiki/Language_immersion. [11 January 2025].
List of foreign language associations in the USA. S.a.. http://www.lflta.net/list-of-foreign-language-associations-in-the-us.html. 11 Januarie 2025]
American Council on the Teaching of Foreign Languages. S.a. https://en.wikipedia.org/wiki/American_Council_on_the_Teaching_of_Foreign_Languages. [11 January 2025].
What was prince Alexander Nevsky’s contribution to Russian history. 2021. https://www.dailyhistory.org/What_was_Prince_Alexander_Nevsky’s_contribution_to_Russian_History. [11 January 2025].
With nearly all U.S. Confucius Institutes closed, some schools sought alternative language support. 2023. https://www.gao.gov/assets/d24105981high.pdf. [11 January 2025]

[8] Pogings om ’n Internasionale Vereniging vir Afrikaans (IVA) (soortgelyk aan die Internationale Vereniging voor Nederlandistiek – https://www.ivn.nu/) tot stand te bring om ook hierdie kwessies aan te pak, het ongelukkig nog nie die gewenste resultaat behaal nie.

American Councils for International Education & American Councils Research Center. S.a. 2021 Canvass of dual language and immersion (DLI) programs in us public schools. https://www.americancouncils.org/sites/default/files/documents/pages/2021-10/Canvass%20DLI%20-%20October%202021-2_ac.pdf. [11 January 2025].

American Councils for International Education, in partnership with the American Council on the Teaching of Foreign Languages (ACTFL), the Center for Applied Linguistics (CAL), and the Modern Language Association (MLA), and in collaboration with the National Council of State Supervisors for Languages. 2017.The national K-12 foreign language enrollment survey report. https://www.americancouncils.org/sites/default/files/FLE-report-June17.pdf. [11 January 2025].

Carstens, WAM, Bosman, N & Wierenga, R. 2024. Afrikaans in an international context. In Carstens, WAM & Bosman, N (eds). 2024. *Afrikaans linguistics: Contemporary perspectives*. Stellenbosch: SUN Media, pp. 669-712.

Crimson Editorial Board. 2024. Harvard has to stop pushing out its best teachers. https://www.thecrimson.com/article/2024/10/15/editorial-harvard-non-tenure-faculty/ [11 January 2025].

Devlin, K. 2018. Most European students are learning a foreign language in school while Americans lag" https://www.pewresearch.org/short-reads/2018/08/06/most-european-students-are-learning-a-foreign-language-in-school-while-americans-lag/ [11 January 2025].

Du Plessis, Jacques C. 2016. Reflection: How now shapes the future – emerging trends from the LCTL trenches. In Wang, C & Winstead L (eds). *Handbook of research on foreign language education in the digital age*, pp. 1-8. Hershey, PA: Information Science Reference. doi:10.4018/978-1-5225-0177-0.ch001 https://www.igi-global.com/chapter/reflection/159333.

Lusin, N, Peterson, T, Sulewski, C & Zafer, R. 2023. Enrollments in languages other than English in US institutions of higher education, Fall 2021. https://www.mla.org/content/download/191324/file/Enrollments-in-Languages-Other-Than-English-in-US-Institutions-of-Higher-Education-Fall-2021.pdf [11 January 2025].

Moody, J. 2021. A guide to the changing number of U.S. Universities. https://www.usnews.com/education/best-colleges/articles/how-many-universities-are-in-the-us-and-why-that-number-is-changing [11 January 2025].

Nietzel, MT. 2023. College student enrollment in foreign language courses plummets", https://www.forbes.com/sites/michaeltnietzel/2023/11/16/college-student-enrollment-in-foreign-language-courses-plummets/ [11 January 2025].

Riley, NS & Piereson, J. 2020. "Reimagining the public university". https://www.nationalaffairs.com/publications/detail/reimagining-the-public-university. [11 January 2025].

Van Heerden, M & Van der Poel, K. 2020. Samewerkingsooreenkoms met die Afrikaanse Taalraad: 'n Onderhoud met Kris van de Poel. https://voertaal.nu/samewerkingsooreenkoms-met-die-afrikaanse-taalraad-n-onderhoud-met-kris-van-der-poel-nederlandse-taalunie/. [11 Januarie 2025].

Die rol van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* (SATNT) in die ontginning van die natuurwetenskappe in Afrikaans die afgelope honderd jaar

The role of the* South African Journal of the Natural Sciences and Technology *(SATNT) in the exploitation of the natural sciences in Afrikaans over the past hundred years

Kobus Eloff
Fakulteit Natuurwetenskappe
Universiteit van Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: kobus.eloff@up.ac.za

Kobus Eloff

ABSTRACT

The role of the* South African Journal of the Natural Sciences and Technology *(SATNT) in the exploitation of the natural sciences in Afrikaans over the past hundred years

One century ago, in 1925, Afrikaans was formally recognised as one of the official languages of South Africa. This contribution investigates the development of Afrikaans as a medium of communication in the natural sciences and how changes in the environment have impacted on its use as a language of science. The precursor to the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns *(SAAWK), namely De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, was originally not interested in the natural sciences and focused primarily on language matters and the social sciences. Scientists were subsequently elected as members of the organisation in 1929. As a consequence, the SAAWK adopted, as one of its aims, the development of scientific terminology and the production of handbooks in Afrikaans. The universities using Afrikaans as a language of instruction were instrumental in developing the terminology required for research in Afrikaans. Descriptive terms were developed for the scientific terminology that was already available in other languages, i.e. Language for Special Purposes (LSP) (Afrikaans: "*vaktaal*"). This made it much easier to understand and use terms not based on Greek or Latin roots. Initially the majority of the established scientific societies were completely bilingual and many scientists delivered lectures in Afrikaans. At a later stage when more black and foreign students and staff joined societies and even before the new democratic dispensation in 1994, the societies became unilingual. The SAAWK organises an annual symposium for post-graduate students, enabling them to present their results in Afrikaans, while senior researchers are provided the opportunity of participating in annual*

Datums:
Ontvang: 2024-10-17 Goedgekeur: 2025-01-30 Gepubliseer: Maart 2025

congresses organised by the SAAWK. In addition, the private tertiary institution, Akademia, offers courses in the natural sciences in Afrikaans. The promotion of academic staff at universities depends to a large extent on citation of their publications. This led to more scientists publishing in English only, in line with international developments. Nevertheless, Afrikaans terminology is still very important for communication purposes in agriculture and medicine. New developments in science required the development of new terminology.

The Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie *(SATNT) has published Afrikaans articles for 43 years under the auspices of the SAAWK. Due to political changes, resulting in different language policies at previously Afrikaans universities, fewer papers were presented for publication in this journal. The Editorial Board of SATNT therefore requested that provision be made for the inclusion of a limited number of English papers in the journal. This proposal was not accepted but a win-win situation was eventually reached whereby articles could still be published in Afrikaans in hard copy, but authors were also allowed an opportunity simultaneously to publish an English version of their articles online. In this way, contributions in English made it possible to approach non-Afrikaans speakers, including international scientists, to review articles submitted to the journal, thereby ensuring the academic standard of the SATNT. Once accepted for publication the article is subsequently to be translated into Afrikaans for the purpose of printing a hard copy. Sponsorship and financial support by the SAAWK made it possible to exempt submissions to the SATNT from page charges, resulting in all articles being available in open access format free of charge. The SAAWK even provided some financial support for the translation and editing of English papers into Afrikaans. An additional advantage is that back copies have been made digitally accessible, free of charge, on the journal's dedicated website at www.satnt.co.za. In accordance with policies regarding the advancement of high level research following the political transition in 1994, the SATNT was included in the Department of Higher Education's (DHET) list of accredited SA journals, thereby enabling authors publishing their research in the SATNT to benefit from high level research subsidised by the South African Government.*[1] *It would appear that these developments may support the academic status of Afrikaans despite the discontinuance of teaching in Afrikaans in practically all universities. The development of Akademia as an independent Afrikaans institution of higher education provides a promising prospect for the continued existence of Afrikaans as a language of science, in addition to those tertiary institutions such as Stellenbosch University and North-West University, where Afrikaans is currently still being used for teaching and research purposes.*

KEYWORDS: anglicisation, terminology, academic, language, descriptive terminology, history, university, dictionary, Akademia, handbook, citation, online, Hiemstra Trust, Medpharm, OASIS, language for special purposes

TREFWOORDE: akademies, beskrywende terminologie, geskiedenis, taal, terminologie, vaktaal, vakverenigings, sitasie, geskiedenis, Akademia, woordeboek, verengelsing, aanlyn, Hiemstra-trust, Medpharm, OASIS

[1] In accordance with ASSAf's policy of regularly reviewing the DHET-list, the SATNT's national accreditation is currently being reconsidered.

OPSOMMING

Die ontwikkeling van Afrikaans as wetenskapstaal is onder meer te danke aan die ondersteuning van dosente aan veral histories Afrikaanse universiteite, navorsingsrade en staatsdepartemente (byvoorbeeld die vaktaalburo). Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) het 'n baie belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van vakterme en vakwoordeboeke in die natuurwetenskappe en tegnologie. In die biologiese wetenskappe het veral die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Onderwys (tans Noordwes-Universiteit) in vroeër jare en die Universiteit van Pretoria later 'n beduidende rol hierin gespeel. Mediese terme is aanvanklik aan die Universiteit van Stellenbosch en later ook aan die Universiteit van Pretoria ontwikkel. Afrikaanse handboeke by universiteite en skole, ondersteun deur vakwoordeboeke, het beslag gegee aan die nuutgeskepte terminologie. Tot laat in die 1980's was baie vakverenigings in die natuurwetenskappe tweetalig en aanbiedings by kongresse kon in Afrikaans gelewer word. Met die toename aan histories Afrikaanse universiteite van studente en dosente wat nie Afrikaans kon praat of verstaan nie en die nuwe politieke bedeling ná 1994 het die meeste vakverenigings later slegs Engels gebruik. Nagraadse studente kan nog steeds in Afrikaans voordragte lewer by die studentesimposiums van die SAAWK, maar vir senior navorsers is daar nie veel meer opsies as by die jaarlikse kongresse van die SAAWK, sowel as by Akademia, die nuwe Afrikaanse tersiêre instelling, nie. Vroeër het sommige vaktydskrifte Afrikaanse manuskripte gepubliseer, maar daar is tans prakties net die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* (SATNT) en *LitNet Akademies* waar Afrikaanse artikels oor die natuurwetenskappe nog gepubliseer kan word.

Die SATNT publiseer al bykans 43 jaar artikels in Afrikaans, maar weens die veranderde politieke omgewing en die gepaardgaande aanpassings aan universiteite se taalbeleide is daar algaande al hoe minder artikels aangebied vir publikasie in die tydskrif. Die lewensbloed vir navorsers in die natuurwetenskappe is die sitasie van publikasies. Daar was 'n groot stryd om ook enkele publikasies in Engels in die SATNT toe te laat. 'n Oplossing is gevind deur die gedrukte kopie slegs in Afrikaans te publiseer, maar voorsiening daarvoor te maak dat Engelse artikels aanlyn ingedien en ook gekeur kan word, maar dat voordat die manuskrip aanvaar word, 'n Afrikaanse taalkundig versorgde manuskrip ingedien moet word. Hierdie benadering blyk 'n wen-wen-oplossing te wees. Om die voortbestaan van die hoër funksies in Afrikaans te bewaar, word geen bladgelde gehef nie en is daar ondersteuning vir taalversorging in Afrikaans beskikbaar deur die SAAWK. Die ontwikkeling van Akademia as Afrikaanse tersiêre instelling in die ooste van Pretoria open opwindende vooruisigte vir die behoud van Afrikaans as wetenskapstaal alhoewel Afrikaans tans steeds as erkende onderrig- en navorsingstaal by die Universiteit Stellenbosch en die Noordwes-Universiteit gebruik word.

1. Inleiding

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, voorloper van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) het reeds vanaf 1918 oorweging daaraan geskenk om sy arbeidsveld uit te brei om die natuurwetenskappe in te sluit. In 1929 is 'n aantal natuurwetenskaplikes tot lede van die Akademie verkies en in April 1941 is die Akademie se naam verander na die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK). Die natuurwetenskaplikes se mikpunt was die samesnoering van Afrikaanssprekende natuurwetenskaplikes en tegnici en die ontwikkeling en standaardisering van Afrikaanse terminologie op hierdie gebiede.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a22

2. Verskuiwings ten opsigte van die kommunikasietaal in die natuurwetenskappe

'n Voorwaarde vir inskrywing vir 'n honneursgraad in Chemie in 1960 by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) was kennis van Duits.[2] Dit was sinvol omdat so baie publikasies in Chemie op daardie stadium in Duits was. Die standaard-handleiding was *Beilsteins Handbuch der Organischen Chemie* (1881).[3] Die hoofde van Chemie, prof. DJ (Rooibees) du Plessis, en Plantkunde, prof. PJ (Piet) Botha, het albei in Duitsland doktorsgrade behaal. Van my eerste publikasies in plantbiochemie was in *Zeitschrift für Pflanzenphysiologie*. Enige nuwe plant of dierspesie moes in Latyn beskryf word voordat dit internasionaal erken sou word. Die meeste vakverenigings waaraan ek as 'n jong weten-skaplike behoort het, was volledig tweetalig – Engels/Afrikaans. Die situasie het sedert die sestigerjare baie verander. Hierdie verandering is uitvoerig elders bespreek (Eloff, 2017).

3. Die ontwikkeling van 'n Afrikaanse vaktaal in die natuurwetenskappe

In sy boek *Draer van 'n droom*, beskryf Pieter Kapp (2009:296) die interne stryd om die Natuurwetenskappe deel van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns te maak voordat die nuwe Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegnologie in 1941 tot stand gekom het (Kapp, 2009: 296-327). Een van die drie take van die nuwe fakulteit was die skep van Afrikaanse terminologie in Natuurwetenskap en Tegnologie. Dr. Sarel Pellissier het in sy 1944-voorsittersrede 'n dringende oproep op lede gedoen om Afrikaanse handboeke te skryf (Kapp, 2009:307). Prof. AP Goossens van die PU vir CHO (tans Noordwes-Universiteit (NWU)) het toe reeds in 1940 'n handboek oor Suid-Afrikaanse blomplante geskryf wat as 'n sleutel gebruik kon word om Suid-Afrikaanse plante tot op genusvlak te identifiseer. Die boek het ook 'n 24-bladsy-glossarium bevat van plantkundige terme en omskrywings in Afrikaans, asook 21 bladsye met belangrike Engelse terme en hulle vertaalekwivalente in Afrikaans.

As 'n mens vinnig deur die glossarium blaai, sien jy waarom moedertaalonderrig soveel beter, ook in die natuurwetenskappe, is. Die Afrikaanse terme met die Engelse term in hakies is byvoorbeeld: *blaargroen* (chlorophyll), *donserig* (pubescent), *doringrig* (aculeate), *elsvormig* (sudulate), *gelykgeveer* (paripinnate), *gelit* (articulate), *gewelvormig* (fastigiate), *grys* (cannescent), *hofie* (capitulum), *kelk* (calex), *roeskleurig* (ferruginous), *skildvormig* (peltate) en *skurf* (scabrid). Baie biologiese terme in Engels is gemunt uit Grieks of Latyn en, omdat hulle ondeursigtig is, word hulle moeiliker onthou as die Afrikaanse terme. Dit is nie seker hoeveel van die terme wat Goossens gebruik het, van Duits of Nederlands afkomstig is, en hoeveel sy eie uitstekende skeppings is nie. Dit sou beslis makliker vir 'n student of onderwyser gewees het om in 1940 die beskrywende Afrikaanse terme te gebruik en verstaan.

Selfs voor Pellissier se oproep dat handboeke in Afrikaans geskryf moet word, het die *Leerboek vir Plante* van Goossens en Botha, weer eens van PU vir CHO, in 1941 verskyn. Die tweede druk wat in 1954 verskyn het, het my oortuig om eerder my studie in Plantkunde naas Chemie voort te sit as in een van die ander vakke waarin daar nie Afrikaanse handboeke beskikbaar was nie. 'n Derde druk het in 1961 verskyn.

---

2 As outeur van hierdie artikel, put ek hier uit persoonlike herinneringe.

3 Besoek die volgende webwerwe vir meer inligting oor hierdie bron: https://research.lib.buffalo.edu/beilstein/beilstein-handbook, https://nl.wikipedia.org/wiki/Beilstein_(database), https://de.wikipedia.org/wiki/Beilsteins_Handbuch_der_Organischen_Chemie.

Later het die Universiteit van Pretoria ook, onder leiding van prof. Nathanael Grobbelaar, 'n reeks handboeke oor verskillende afdelings van Plantkunde in Afrikaans uitgegee (Eicker *et al*., 1978:ix).

Omdat Chemie by soveel verskillende toepassings betrokke is, het die *Lys van Skeikundige terme* in afgerolde vorm met 9 000 terme in 1951 verskyn. Die eerste en tweede oplaag van ongeveer 12 000 terme is spoedig uitverkoop. Die SAAWK het in 1958 'n Vaktaalkommissie gestig om vaktaalbedrywighede te koördineer. Die kommissie het ook baie rolspelers buite die Akademie betrek. In 1966 vervang die Vaktaalskakelkomitee die Vaktaalkommissie (Anoniem, 1968: iii; Alberts, 2003:135). Dit het gelei tot die publikasie van die *Chemiewoordeboek* onder leiding van HJ Terblanche in 1968. Die boek van 395 bladsye, met ongeveer 15 000 terme, is vir R7,00 verkoop. Dit was heelwat goedkoper as die *Plantkundewoordeboek* wat destyds R11,00 gekos het.

Daar was ongelukkig nie genoegsame samewerking onder vaktaalprodusente nie wat tot duplisering van vakwoordeboeke en termlyste gelei het. Begrippe/sake/items is verskillend benoem wat tot 'n proliferasie van terme vir dieselfde begrip in dieselfde vakgebied en taal gelei het. In 1974 word die Koördinerende Vaktaalraad (KOVAK) gestig om die Suid-Afrikaanse vaktaalaktiwiteite te koördineer. KOVAK het die Vaktaalskakelkomitee vervang. Die hoofde van die groot taalkantore in die land was lede van KOVAK, naamlik dié van die Spoorwegtaalburo, die Taaldiensburo en die Afdeling Terminologie van die Departement van Nasionale Opvoeding, die Vaktaalburo van die SAAWK, die Direktoraat Taal van die Suid-Afrikaanse Weermag (voorheen Krygstaalraad), die Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT), Yskor, die SABS, die SAUK en die WNNR, asook verteenwoordigers van die Staatsdrukker, die Vereniging van Munisipale Vertalers, die provinsies se vertalers en die Johannesburgse Tegniese Kollege. Die Direkteur: Kuns en Kultuur van die Departement van Nasionale Opvoeding was die voorsitter en die Afdeling Terminologie het die sekretariaat behartig (Kapp, 2009:129; Alberts, 2003:135, 136; Alberts 2015).[4]

Met steun van die SAAWK en die Vaktaalburo het 'n *Plantkundewoordeboek* (73 bladsye) met meer as 15 000 terme onder voorsitterskap van die redaksiekomitee van prof. Goossens in 1970 verskyn (Goossens, 1970). Ander lede van die redaksiekomitee was prof. PJ Botha (PU vir CHO), prof. HGW Schweikert (UP), prof. PG Jordaan (US) en prof. N Grobbelaar (UP). Plantkundiges van ander universiteite het ook 'n groot rol gespeel soos in die voorwoord aangedui is. Die Vaktaalburo van die SAAWK en die Suid-Afrikaanse Instituut vir Fisika het 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van die *Fisikawoordeboek* (Anoniem, 1977). Later was die Nasionale Vakterminologiediens van die Departement van Nasionale Opvoeding ook betrokke by die hersiening en uitbouing van die *Fisikawoordeboek* (Louw, 1991; 1992).

Met die totstandkoming van die woordeboeke en ondersteuning van die Nasionale Vakterminologiediens van die Departement van Nasionale Opvoeding (later Nasionale Terminologiediens, Departement van Kuns en Kultuur) was die terminologie van Afrikaanse vaktaal goed gevestig voor die aanbreek van die nuwe politieke bedeling in 1994.[5]

[4] Groot waardering word uitgespreek teenoor 'n anonieme keurder wat tot hierdie waardevolle paragraaf bygedra het.

[5] Oor die ontwikkeling van Afrikaans as vaktaal kan onder meer Alberts (2003; 2014; 2015; 2019 en 2025 (in hierdie uitgawe)) geraadpleeg word.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a22

4. Gebruik van Afrikaans in vakverenigings en by simposiums

As ’n jong wetenskaplike kon ek in 1967 en 1969 aanbiedings in Afrikaans doen by vakverenigings soos S2A3 (South African Association for the Advancement of Science / Suid-Afrikaanse Genootskap vir die Bevordering van die Wetenskap) wat grotendeels Engels as voertaal gebruik het. Dit was ’n sambreelorganisasie waarin natuurwetenskaplikes van verskillende vakgebiede saam vergader het. Prof. Con de Villiers het sonder veel sukses pogings aangewend om Afrikaans in die S2A3 te bevorder (Kapp, 2009:306).

Die meer gefokusde vakverenigings soos die SA Vereniging vir Plantfisiologie, SA Genootskap vir Plantkundiges, Chemiese Instituut, Limnologiese Vereniging van SA, was tot ongeveer 1990 volledig tweetalige organisasies. Dit lei ek af uit Afrikaanse voordragte wat ek daar gelewer het. Ná 1990 het die situasie verander toe meer swart nagraadse studente bygekom het wat nie Afrikaans magtig was nie asook akademici uit die buiteland wat by universiteite aangestel is. Die meeste vakverenigings en hulle kongresse het geleidelik vir alle praktiese doeleindes eentalig Engels geword – veral ná die nuwe politieke bedeling in 1994.

Die Biologie-afdeling van die SAAWK het vanaf ten minste 1969 jaarliks simposiums vir navorsers in Afrikaans gereël. Die afdeling was ook betrokke by die ontwikkeling van ’n *Biologiewoordeboek*, wat nooit afgehandel is nie. Die verskillende afdelings van die Biologie het later so sterk ontwikkel (Eloff, 1998) dat die ontwikkeling van ’n *Biologiewoordeboek* onhanteerbaar geraak het. Ongelukkig was daar ’n probleem met die kies van ’n opvolgbestuur en die aktiwiteit met die reël van simposiums het in ongeveer 2002 doodgeloop. Die Wis- en Natuurkunde en Chemiese Wetenskappe-afdeling van die SAAWK het ná 2001 met die befondsing van borge onder die bekwame leiding van dr. Cassie Carstens en later prof. Rudi Pretorius (Unisa) met die studentesimposiums voortgegaan, wat ná 2016 ook die Biologiese Wetenskappe ingesluit het. Hierdie simposiums word uitstekend georganiseer en enkele nie-Afrikaansmoedertaalsprekende studente van verskillende etniese groepe hou ook voordragte in Afrikaans (Pretorius, 2019).

Die enigste geleenthede waar afgestudeerde wetenskaplikes tans nog formeel lesings in Afrikaans kan lewer, is by die jaarlikse kongresse van die SAAWK of by vergaderings van Akademia.

5. Publikasie van vakartikels in Afrikaans

Alhoewel die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Plantkunde*, wat in 1983 geloods is, ’n tweetalige naam gehad het, word net die Engelse titel *South African Journal of Botany* ná 1996 gebruik. Daar het in 1983 nog drie Afrikaanse publikasies in die tydskrif verskyn, maar daarna is beswaarlik enige artikels in Afrikaans gepubliseer. Die rede vir hierdie toedrag van sake hang saam met die verskuiwing van die gebruikstaal van wetenskaplike kommunikasie in die natuurwetenskappe.

Mouton (2005) het die aantal eweknie-beoordeelde wetenskaplike publikasies vir die geesteswetenskappe en die natuurwetenskappe wat in Afrikaans tussen 1990 en 2002 gepubliseer is, bepaal. Van al die publikasies was 8,2% in Afrikaans. Die verhouding van Afrikaanse artikels tot die totale aantal publikasies het gedaal van 14% in 1990 tot slegs 5% in 2002. Die persentasie Afrikaanse artikels in die verskillende wetenskapsterreine oor die hele periode was: geesteswetenskappe 26,6%, sosiale wetenskappe 12,3%, mediese en gesondheidswetenskappe 2,5%, natuurwetenskappe 1,6% en ingenieurswetenskappe 0,3%. Dit was ongelukkig nie moontlik om die verandering in natuurwetenskaplike publikasies in Afrikaans oor hierdie tydsverloop afsonderlik te bereken nie.

Mouton (2005) noem ook dat Afrikaanse publikasies slegs in 'n klein aantal wetenskaplike tydskrifte gepubliseer is. Drie van hierdie tydskrifte (TGW, SATNT en *Tydskrif vir Letterkunde*) het slegs Afrikaanse artikels aanvaar.[6] Van die vyf tradisioneel Afrikaanse Universiteite het NWU 35,7%, UV 24,8%, UJ 18,1%, UP 16,6% en US 10,9% van die totale aantal Afrikaanse publikasies gelewer. Die afname in Afrikaanse artikels by die verskillende universiteite het tussen 22% en 68% tussen 1990 en 2001 gewissel.

Die afgelope twee dekades het die Afrikaanse publikasies in Natuurwetenskappe nog verder afgeneem. Verskeie faktore het hierin 'n rol gespeel. Wêreldwyd het Engels die taal van natuurwetenskaplike kommunikasie geword. Universiteite in Suid-Afrika het al hoe meer verengels. Studentegetalle van studente wat nie Afrikaans magtig is nie, het sterk toegeneem. Vir bevordering van akademici is die sitasie van publikasies baie belangrik.

LitNet publiseer wel artikels in Afrikaans, maar het tog nog toe baie min artikels in die natuurwetenskappe gepubliseer. Die twee ander Afrikaanse tydskrifte is die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (TGW) en die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* (SATNT). Die onbetwiste vaandeldraer en waarskynlik tans die enigste Afrikaanse tydskrif in die natuurwetenskappe is die SATNT. In 'n oorskouing van die *Verlede, Hede en Toekoms van die SAAWK* 1909–2019, het die redakteur, prof. Jacques van der Elst, my versoek om 'n verslag oor die SATNT te skryf (Eloff, 2019). Omdat die boek deur Van der Elst dalk nie maklik deur lesers van TGW bekombaar is nie, word 'n verkorte verslag in afdeling 6 aangebied omdat dit duidelik inpas by die onderwerp van hierdie spesiale uitgawe van TGW.

6. Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie

6.1 Inleiding

Dr. C van der Merwe Brink, destydse president van die WNNR, beantwoord sy vraag, gestel in 1975: "Waarom sou die wetenskaplike in Afrikaans publiseer?", deur 'n aantal kwessies te bespreek.

Omdat die wetenskap en tegniek vinnig vorder, moet nuwe terminologie gedurig geskep word. Vir Afrikaans om sy posisie te handhaaf in die wetenskap en tegniek wat sowel omgangstaal as doseertaal aan universiteite, tegnikons en skole betref, is dit noodsaaklik dat navorsings- en oorsigartikels naas Engels ook in Afrikaans gepubliseer word. Daar is genoeg (selfs oorgenoeg) geskikte navorsingstydskrifte beskikbaar[7] vir basiese en toegepaste natuurwetenskappe en die tegnologie. Alhoewel daar aanvaar word dat Afrikaanse wetenskaplikes hulle beste navorsingsresultate in die wêreld se wetenskaptaal, Engels, wil publiseer, is Afrikaans, hulle moedertaal, geregtig op enkele navorsingsartikels, maar die publikasie van oorsigartikels in Afrikaans is seker die wetenskaplikes se plig.

Brink sluit af deur te sê dat die skrywe van wetenskapartikels harde werk is, maar opoffering sal 'n belegging wees in Afrikaans en die taal in staat stel om homself te kan bly handhaaf as omgangs- en geskrewe taal in die wetenskap en tegniek (Brink, 1975).

Om die skat van natuurwetenskaplike terme in Afrikaans in stand te hou en uit te bou en aan Afrikaanssprekendes die moontlikheid te gee om in hulle moedertaal te publiseer, is Afrikaanse wetenskaplike tydskrifte noodsaaklik. Soos hier bo aangedui, maak die beskrywende

---

6 Die situasie van *Tydskrif vir Letterkunde* is tydens die redakteurskap van Hein Willemse gewysig om ook artikels in ander tale te akkommodeer.

7 Die situasie in 1975.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a22

Afrikaanse terme moedertaalonderrig in die natuurwetenskappe makliker. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) heg gevolglik groot waarde aan tydskrifte wat in Afrikaans publiseer.

6.2 Ontstaan en vroeë ontwikkeling van die SATNT

Reeds in 1922 het die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* (uitgegee deur die Vereniging vir Wetenskap en Kuns, onder redaksie van dr. DF Malherbe) verskyn. Die Ingenieursafdeling van die SAAWK begin in 1948 die *Tydskrif van die Ingenieursafdeling van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns* onder redaksie van mnr. SA Malan. Kort daarna, in 1949, word die *Tydskrif van die Ingenieursafdeling van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns* vervang met *Tegnikon* onder redaksie van mnr. FS Uys met die steun van die Akademieraad en die samewerking van die Afdelings Skeikunde en Wis- en Natuurkunde en Ingenieurswese (Eloff & Swanepoel, 2003).

In 1961 was daar ’n belangrike ontwikkeling toe die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* verdeel in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* onder redaksie van prof. PJ Nienaber en *Tydskrif vir Natuurwetenskappe* onder redaksie van dr. A Strasheim. Prof. DF Malherbe was steeds voorsitter van die Hoofredaksiekomitee.

In 1982 het *Tegnikon* en *Tydskrif vir Natuurwetenskappe* saamgesmelt. Die eerste *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* word gepubliseer onder redaksie van dr. A Strasheim. Van 2000 tot 2018 was prof. JN Eloff die voorsitter van die Redaksiekomitee.

6.3 Ontwikkeling van die SATNT as gedrukte kopie

Die slegte nuus gedurende hierdie periode was dat daar al meer druk op natuurwetenskaplikes by universiteite was om in Engels in hoë-impaktydskrifte te publiseer. Die aantal bydraes per uitgawe, wat vier keer per jaar verskyn het, het drasties verminder. Die publikasie van die studentesimposiums se opsommings het meer lyf aan die SATNT gegee. Pogings om meer oorsigartikels te bekom, het nie geslaag nie.

Om outeurs aan te moedig om in SATNT te publiseer, is ’n borgskap ontvang vir die Douw Greeff-prys wat aan die beste manuskrip wat in die voorafgaande jaar gepubliseer is, toegeken word. Die goeie nuus was verder dat die SATNT ingesluit is by ’n lys van tydskrifte wat vir ’n regeringsubsidie aan universiteite kwalifiseer.[8] Dit het daartoe gelei dat die SATNT meer artikels ontvang het. Nog ’n positiewe stimulus is dat ontvangers van die SAAWK se MSc- en PhD-beurse ’n manuskrip in Afrikaans vir die TGW of SATNT moet voorberei.

6.4 Die ontwikkeling van die SATNT as ’n aanlyn publikasie

Die opkoms van aanlyn tydskrifte het tot lang besprekings in die Akademieraad gelei om te bepaal of SATNT dieselfde pad moes loop. Die Raad was aanvanklik sterk ten gunste van ’n voortgesette gedrukte kopie. Mettertyd het die Raad egter ingestem dat die opsie van ’n aanlyn publikasie saam met ’n gedrukte kopie ondersoek moes word. Dit het daartoe gelei dat die Raad ’n kontrak met AOSIS Open Journals gesluit het wat vanaf 2011 vir die aanlyn publikasie, en ook vir een gedrukte kopie per jaar sou sorg.

---

[8] In ooreenstemming met ASSAf-beleid om die DHET/DOO-lys van tyd tot tyd te hersien, word die SATNT se insluiting tans oorweeg. Kyk ook voetnoot 1) hier bo in hierdie verband.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a22

Een van die waardevolste bydraes van AOSIS is dat die publikasies sedert die eerste volume van SATNT gedigitiseer is en aanlyn as argief by www.satnt.ac.za beskikbaar is. Die finansiële steun van die Hiemstra Trust het hierdie proses moontlik gemaak.

6.5 Groei van die SATNT as aanlyn tydskrif

In hierdie stadium het prof. Kobus Maree, wat goeie ondervinding by ander wetenskaplike tydskrifte gehad het, as mede- uitvoerende redakteur by SATNT aangesluit. Eloff het gevoel dat hy daarin geslaag het om sy droom dat die SATNT 'n puik aanlyn tydskrif moet word, te vervul en vanaf 2014 was Kobus Maree die hoof- uitvoerende redakteur met Eloff as mede-uitvoerende redakteur. Die strategie van Kobus Maree om gasredakteurs uit te nooi om aktuele onderwerpe te betrek, het tot 'n verbasende groei in die omvang van die SATNT tussen 2011 (55 bladsye) tot 2013 (325 bladsye) gelei.

Kobus Maree het ook, weens sy ondervinding met ander tydskrifte, aanbeveel dat aansoeke vir akkreditering van die twee SAAWK-tydskrifte gerig word aan die internasionale akkrediteringsmaatskappy Web-of Science/Tomson Reuters. Die akkreditering van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* het geslaag.[9] Die SATNT het aan drie van die vier vereistes voldoen, maar die aantal sitasies in die internasionale literatuur was te laag en die aansoek het nie geslaag nie.

6.6 Oorweging om ook in Engels te publiseer

Om die sitasies van publikasies in SATNT te verhoog, is 'n versoek dat 'n beperkte aantal Engelse manuskripte ook gepubliseer mag word, goed gemotiveer. Dit het nie na 'n onbillike versoek gelyk nie, maar daar was 'n staking van stemme op 'n Raadsvergadering van die SAAWK in 2008 en die Voorsitter het 'n beslissende stem teen die beperkte publikasie van Engelse manuskripte in SATNT uitgebring. 'n Spesiale vergadering van belanghebbendes is in Januarie 2017 gehou en op hierdie vergadering is besluit dat alle publikasies in die SATNT slegs in Afrikaans moes wees. Prof. Kobus Maree het hierna as hoof- uitvoerende redakteur bedank en prof. Kobus Eloff het weer as hoof- uitvoerende redakteur oorgeneem.

6.7 Bedreiging vir die voortbestaan van SATNT

Hierna het daar in 2015 'n reusebedreiging vir die voortbestaan van die SATNT gekom toe die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) besluit het dat nie meer as 25% van die outeurs van manuskripte van net een universiteit mag wees om steeds te kwalifiseer vir die lys van goedgekeurde tydskrifte nie (Eloff & Maree, 2017).

Met die afskaling van die gebruik van Afrikaans by verskeie universiteite het dit 'n reuseprobleem opgelewer veral omdat die besluit deur die loop van die jaar gemaak is. Met buitengewoon baie moeite is daar aan die vereiste voldoen. Op daardie stadium het AOSIS ook besluit dat hulle nie meer kans sien om as uitgewers van die SATNT op te tree nie. Medpharm se tender om die SATNT voortaan uit te gee, is deur die Akademieraad aanvaar.

---

[9] Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (TGW) is sedert 2009 geïndekseer in die Social Sciences Scientific Index van Tomson Reuters (VSA), sowel as Scopus van Elsevier (Nederland). Plaaslik is die TGW in 2009 genooi om in SciELO (Brasilië), ASSAf se voorkeurindeks, gelys te word. Dit het onder meer gelei tot gratis ooptoegang tot gedigitiseerde uitgawes van die TGW op SciELO se webtuiste.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a22

6.8 ’n Nuwe kompromisbenadering

Op hierdie stadium het Eloff die idee ontwikkel dat alle publikasies in Afrikaans van die SATNT aanlyn én in gedrukte vorm steeds in Afrikaans moet wees in ooreenstemming met die besluit van die Raad, maar dat Engelse manuskripte aanlyn geplaas mag word, maar nie in gedrukte vorm nie. Hierdie oplossing was vir al die rolspelers aanvaarbaar.

In die praktyk het kollegas van Engelse universiteite begin om Engelse manuskripte in te dien wat ook deur internasionale keurders geëvalueer kon word. Indien aanvaar, is die manuskripte in Afrikaans vertaal. Outeurs sou hierdeur aangemoedig word om van hulle beste akademiese werk in die SATNT te publiseer en hulle resultate sou onmiddellik internasionaal toeganklik wees. Hierdeur sou die sitasies kon toeneem sodat daar aan die vereistes van Web of Science voldoen kon word.

Dit is voordelig vir die SATNT dat daar benewens die Afrikaanse gedrukte kopie van manuskripte, ook ’n Engelse elektroniese kopie moet verskyn. Die outeur se bydrae sal dan internasionaal toeganklik wees en leidende internasionale kenners sou beskikbaar wees as keurders. Die status van die SATNT en outeurs sou kon verhoog deur sitasies in natuurwetenskaplike databasisse. In hierdie geval is ’n honorarium aan die outeurs betaal vir die vertaling in Afrikaans en die skep van nuwe vakterme.

Die feit dat al die aanvaarde manuskripte vroegtydig aanlyn gepubliseer word en dat geen bladgelde gehef word danksy die voldoende borgskap van die Hiemstra Trust nie, maak die SATNT as publikasiemedium ’n aanloklike keuse vir voornemende outeurs. Die uitgawe van 2018 met 10 van die 13 manuskripte ook in Engels dui die sukses van die nuwe benadering aan en is ’n uitgawe om op trots te wees.

Daar was heelwat tandekryprobleme om die stelsel van AOSIS na Medpharm oor te skakel en om nuwe prosedures in ooreenstemming met die beste praktyk vir wetenskaplike tydskrifte te ontwikkel en te implementeer. Die uitgawe van 2018 met 10 van die 13 bydraes ook in Engels dui op die sukses van die nuwe benadering. Prof. Kobus Eloff het uiteindelik sy doel om die langtermynoorlewing van die SATNT te verseker, bereik. Hy bedank as redakteur en van 2019 is die leiding oorgedra na prof. Johan Schoeman as nuwe hoof- uitvoerende redakteur van die SATNT. Hy het na net een jaar bedank en prof. Oppel Greeff, destydse voorsitter van die Raad, het as uitvoerende redakteur oorgeneem. Hy is in 2023 deur prof. Hannes Rautenbach opgevolg.

6.9 Vooruitskouing

Met die aanvaarding van aanlyn Engelse manuskripte kan die SATNT ’n baie groter teikengroep bereik en terselfdertyd die Afrikaanse vaktaal in stand hou én uitbou. Die groter teikengroep veroorsaak dat die 25%-reël van DHOO nie meer so ’n groot bedreiging is nie. Die volgende teiken is om akkreditering by Web of Science of Scopus te verkry noudat meer sitasies sal volg.

Sonder die borge van die SATNT, die lede van die redaksiekomitee asook die outeurs, die keurders en die entoesiastiese medewerkers van AOSIS en Medpharm sou die SATNT se toekoms nie so rooskleurig gelyk het nie. In die laaste aantal jare voor die aanlyn publikasie het prof. Ina Wolfaardt-Gräbe, redakteur van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (TGW), ’n uitstekende ondersteunende administratiewe diens aan die SATNT gelewer. Die ondersteuning van die Raad van die SAAWK word ook met groot dank erken.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a22

7. Samevatting

Die afgelope 100 jaar het die Afrikaanse natuurwetenskap se vaktaal gegroei tot ’n taal waarin die natuurwetenskap volledig bedien kan word deur bydraes van dosente van verskillende universiteite en die vaktaalkomitee van die SAAWK en vennote. Tot ongeveer 1982 was dit moontlik om Afrikaanse voordragte by verskillende tweetalige vakverenigings in Suid-Afrika te lewer. In die periode daarna het vakverenigings meer enkeltalig Engels geword, moontlik omdat al hoe meer studente en navorsers wat nie Afrikaans magtig is nie, by vakverenigings aangesluit het. Die verengelsing van voorheen Afrikaanse universiteite het hiertoe bygedra. Die voorgenome Bela-wetgewing waarvolgens die staat volgens aanduidings mag besluit wat die onderrigtaal in Afrikaanse skole moet wees, bedreig ook die rol van Afrikaans in skole.[10]

Die gebruik van Afrikaans buite die akademiese en navorsingsomgewing is bale belangrik in die uitgebreide ekonomie en die land. In lande waar Engels die akademiese rol van Portugees of Spaans oorgeneem het en die inwoners nie Engels magtig is nie, speel die gebruik van Spaans of Portugees in landbou en medisyne en skoolopvoeding ’n belangrike rol. Skole het waarskynlik nie ’n groot rol in die ontwikkeling van vakterme gespeel nie, maar het saam met kultuurorganisasies ’n onontbeerlike rol om kwaliteit en waardering vir Afrikaans te bevorder en bewaar.

By konferensies en ander byeenkomste van die SAAWK is dit nog steeds moontlik om in Afrikaans aanbiedings te lewer en die nagraadse studentesimposiums in natuurwetenskappe het ná 2000 ’n wonderlike geleentheid gebied waar Afrikaans en Afrikaanse vaktaal gebruik kan word (Kapp, 2019:159-162). Akademia kan ’n belangrike rol speel om die bewaring van Afrikaans se hoër funksies te verseker met die aankondiging van die beplande nuwe kampus in die ooste van Pretoria (volgens aanduidings vanaf 2028) asook in die Wes-Kaap.

Die SATNT maak dit moontlik om nog steeds Afrikaanse publikasies te lewer terwyl die outeurs ook internasionale blootstelling verkry deur die aanlyn publikasies.

BIBLIOGRAFIE

Alberts, M. 1990. ’n Bepaling van Afrikaanse vakleksikografiese behoeftes. Ongepubliseerde DLitt et Phil-tesis. Pretoria: UNISA.

Alberts, M. 2003. Vaktaalontwikkeling en -opleiding in Suid-Afrika. In Botha, W (red.). 2003:127-161.

Alberts, M. 2014. Terminology development at tertiary institutions: A South African perspective. *Lexikos 24.* Afrilex Series, 24:1-26.

Alberts, M. 2015. ’n Oorsig van vaktaalontwikkeling en -opleiding in Suid-Afrika met spesiale verwysing na Afrikaans. Ongepubliseerde verslag opgestel in opdrag van Die Dagbreek Trust en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, November 2015.

Alberts, M. 2019. *Terminologie en terminografie. ’n Handleiding.* Pretoria: SAAWK.

Alberts, M. 2025. Die eerste eeu van Afrikaans as vaktaal, 1925 – 2025. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 65(1). Botha, W. (red.). 2003. *’n Man wat beur: Huldigingsbundel vir Dirk van Schalkwyk.* Stellenbosch: Buro van die WAT.

Botha, W. (red.). 2003. ’n Man wat beur: Huldigingsbundel vir Dirk van Schalkwyk. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Brink, C v d M. 1975. Waarom sou die wetenskaplike in Afrikaans publiseer? In *Afrikaans: Dit is ons erns*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, pp. 13-28.

[10] Vergelyk https://www.fedsas.org.za/Documents/PublicSchools (Januarie 2025) vir meer oor wat hierdie wysigingswet behels.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a22

Eicker A, Claasen, MI, Reyneke, WF & Grobbelaar, N. 1978. *Praktiese Plantsistematiek*, *Deel 1 Die Kriptogame*. Durban: Butterworth.

Eloff, JN. 2017. Die verskuiwing van wetenskaptaalgebruik in die wêreld het implikasies vir die behoud van Afrikaanse vaktaal. SAAWK-Jaarsimposium, 16 Sept. 2017.

Eloff, JN & Maree, J. 2017. Taalbeleid *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*. Voordrag voor 'n spesiale vergadering van belangstellendes deur SAAWK, Januarie 2017.

Eloff, JN. 2019. *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*: Nuwe taalbeleid skep 'n rooskleuriger toekoms. In Van der Elst, J (red.). *Verlede Hede Toekoms.* Pretoria: SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Eloff, JN & Swanepoel, AC. 2003. Waarheen met die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*? *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie,* 22(2 & 3):50-51.

Goossens, APG 1972. *Plantkundewoordeboek*. ('n Publikasie van die SAAWK). Kaapstad: Tafelberg.

Kapp, PH (red.). 2009. *Draer van 'n droom*. Hermanus: Hemel en See Boeke.

Louw, DF. 1991. Hersiening van die Fisikawoordeboek. *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, 104:179.

Louw, DF. 1992. Aspekte van die hersiening van die *Fisikawoordeboek I*. *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, 11:38-41.

Mouton, J. 2005. Afrikaans as wetenskapstaal in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 45(3):370-385.

Nasionale Terminologiediens/National Terminology Services. 1968. *Chemiewoordeboek /Chemical Dictionary*. 'n Publikasie van die SAAWK. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Vaktaalburo, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1977. *Fisikawoordeboek* / *Physics Dictionary*. Durban: Butterworth.

Pretorius, RW. 2019. Simposia in Afrikaans*:* 'n Nasionale platform vir nagraadse studente. In Van der Elst, J (red.). *Verlede Hede Toekoms. SA Akademie vir Wetenskap en Kuns 1909–2019*. Pretoria: V&R Drukkery, pp. 159-160.

Vaktaalburo, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1977. *Fisikawoordeboek* / *Physics Dictionary*. Durban: Butterworth.

Van der Elst, J (red.). 2019. *Verlede Hede Toekoms. SA Akademie vir Wetenskap en Kuns 1909–2019*. Pretoria: V&R Drukkery.

Orania se jaarlikse openbare vakansiedag en fees ter viering van Afrikaans[1]

Orania's annual public holiday and festival celebrating the Afrikaans language

Jannie Rossouw
Ereprofessor: Wits Besigheidskool
Universiteit van die Witwatersrand
Johannesburg
Suid-Afrika
E-pos: jannie.rossouw@wits.ac.za

Jannie Rossouw

Jannie Rossouw is 'n ereprofessor by die Wits Besigheidskool aan die Universiteit van die Witwatersrand. Hy het aan die einde van 2020 uitgetree as tussentydse hoof van die Wits Besigheidskool en was voorheen by die SA Reserwebank en by Unisa werksaam. Hy is 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van Finbond Mutual Bank en dien as lid van twee direksiekomitees. Hy is ook lid van ander direksies en direksiekomitees.	**Jannie Rossouw** is an honorary professor at the Wits Business School of the University of the Witwatersrand. At the end of 2020 he stepped down as interim head of the Wits Business School. He was previously employed at the SA Reserve Bank and at Unisa. He is an independent non-executive director of Finbond Mutual Bank and serves as a member of two of its board committees. He is also a member of other boards and board committees.

[1] Die outeur bedank mnre. Frans de Klerk, Gawie Snyman, James Kemp en Tom McLachlan, mevv. Anesta Boshoff en Yolandi Roets en anonieme keurders vir hul hulp. Enige foute of weglatings bly egter die outeur se verantwoordelikheid. Hierdie artikel behels die persoonlike siening en mening van die outeur en moet nie aan die Afrikaanse Taalmuseum en -monument, die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Universiteit van die Witwatersrand of enige organisasies in Orania toegeskryf word nie.

Datums:
Ontvang: 2024-08-20 Goedgekeur: 2025-01-24 Gepubliseer: Maart 2025

ABSTRACT

Orania's annual public holiday and festival celebrating the Afrikaans language

Orania is situated in the Northern Cape province of South Africa, some 160 kilometres south of Kimberley, on the southern bank of the Orange River. A particular characteristic of Orania is the fact that all inhabitants are Afrikaans-speaking. For this reason, Orania can be described as an Afrikaner cultural community. In 2021, Orania had 2 733 inhabitants in 649 households. The average annual population growth rate for the period 2014 to 2021 was 9,9%. By the end of December 2023, Orania had 2 875 inhabitants. This implies that the population growth rate is sustained by people from outside the town who settle there.

*Various aspects of Orania have already been researched, for instance a review of the development of the town since its establishment by the Department of Water Affairs (currently Department of Water Affairs and Sanitation) in the 1960s and its (re)establishment as an Afrikaner cultural community in 1991. However, one aspect not covered in the literature is Orania's own structure of public holidays, and, in particular, its commemoration of Language Day (*Taaldag*) annually on 14 August. This article addresses that lacuna in extant literature and focuses on Orania's public holidays and on the celebration of Language Day against the background of the centenary celebrations in 2025 of Afrikaans gaining official language status.*

*The following South African public holidays are not observed in Orania: Human Rights Day (March 21), Freedom Day (27 April), Workers' Day (1 May), Youth Day (16 June), National Women's Day (9 August), and Heritage Day (24 September). Instead, Orania commemorates Christian holidays, such as Christmas and Good Friday, as well as its own holidays, namely Majuba (Freedom) Day (27 February), Founders' Day (6 April), Diehard Day (*Bittereinderdag, *31 May), Language Day (14 August), Heroes' Day (10 October) and Ascension Day (the date varying according to the date of the Easter weekend in any particular year).*

*For the purposes of this article Language Day, scheduled around 14 August each year, is of particular interest. Festivities normally continue for an entire week and are not limited to 14 August. Appropriately, these festivities are referred to as Language Week (*Taalweek *in Afrikaans) and may include activities ranging from concerts and singing to exhibitions. The organisers make a special effort to ensure the affordability of the event, for example by allowing free entry to activities for children under the age of 16. A further aim is to make festivities as inclusive as possible, for instance by hosting them in various suburbs of Orania. However, the observance of Language Day as a public holiday as well as associated Afrikaans language festivals in Orania are relatively unknown outside the community and these particular activities and customs celebrating Afrikaans receive scant, if any, coverage in South African media.*

*The choice of celebrating 14 August as Afrikaans Language Day in Orania was inspired by the establishment of the Society of True Afrikaners (*Genootskap van Regte Afrikaners*) in Paarl on 14 August 1875. Orania associates with the Society's pioneering spirit in the interest of the development of Afrikaans.*

It would perhaps be more appropriate for Orania to commemorate 27 May as Language Day, since that was the date on which Afrikaans was formally recognised as one of South Africa's official languages: When the Union of South Africa came into being in 1910, English and Dutch were the official languages of the Union, but in 1925 the Official Languages of the Union Act, No. 8 of 1925, declared that the word "Dutch" included Afrikaans. In addition, the provision was deemed to have been in operation from 31 May 1910. Even so, by selecting 14 August as Language Day, Orania deliberately commemorates the pioneering spirit of the founders of the GRA.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a23

*This contribution serves as a basis for further research into Orania's unique selection of public holidays, as well as the cultural value of such festivities in the context of the prevalent cultural activities in South Africa in general. Furthermore, Orania's unique celebratory days can be compared to other Afrikaans festivals, such as the Little Karoo National Arts Festival (*Klein-Karoo Nasionale Kunstefees*) in Oudtshoorn, the Toyota US-Woordfees in Stellenbosch or Aardklop in Potchefstroom.*

KEY WORDS: Afrikaans; Afrikaner cultural community; annual Language Day celebrations; centenary celebrations; local public holidays; Language Day; official language status; Orania; Orania Arts Council (OKeR); Society of True Afrikaners; 14 August

TREFWOORDE: Afrikaans; Afrikaner-kultuurgemeenskap; status as amptelike taal; eeufeesviering; Genootskap van Regte Afrikaners; jaarlikse Taaldag-vieringe; plaaslike openbare vakansiedae; Orania; Orania Kunsteraad (OkeR); Taaldag; 14 Augustus

OPSOMMING

Orania is geleë in die Noord-Kaapprovinsie van Suid-Afrika, sowat 160 kilometer suid van Kimberley, op die suidelike oewer van die Oranjerivier. 'n Uitsonderlike kenmerk van Orania is die feit dat al die inwoners Afrikaanssprekend is. Om hierdie rede word Orania as 'n kultuurgemeenskap van Afrikaners beskou.

Navorsing is in die verlede oor verskeie aspekte van Orania onderneem en gepubliseer. Een aspek wat egter nie in die literatuur gedek word nie, is Orania se eie struktuur van openbare vakansiedae, en veral die viering van Taaldag op 14 Augustus as 'n openbare vakansiedag. Hierdie leemte in bestaande literatuur word met hierdie artikel aangevul deur te fokus op Orania se eie vakansiedae en sy jaarlikse viering van Taaldag, en wel teen die agtergrond van die deurlopende eeufeesvieringe in die res van Suid-Afrika in 2025 van die verklaring van Afrikaans tot amptelike taal. Taaldagvieringe in Orania duur elke jaar 'n hele week en verskeie byeenkomste, geselligheide en konserte word onder meer aangebied.

Orania se keuse van 14 Augustus as Taaldag ter viering van Afrikaans is ietwat ongewoon, aangesien die datum 14 Augustus 1875 betrekking het op die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in die Paarl. Dit is voor die hand liggend dat 27 Mei as Taaldag in Orania herdenk behoort te word, want dit is immers die dag waarop Afrikaans se status as amptelike taal van Suid-Afrika, naas Engels en Nederlands, in 1925 erken is. In hul keuse van 14 Augustus vereenselwig Oraniërs hulle doelbewus met die pioniersgees van die stigterslede van die GRA.

Hierdie bydrae dien as basis vir verdere navorsing oor Orania se unieke openbare vakansiedae en die kulturele waarde daarvan in vergelyking met kulturele aktiwiteite in Suid-Afrika in die algemeen. Voorts vorm dit ook 'n basis vir verdere vergelykende studies oor Afrikaanse feeste, byvoorbeeld die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees op Oudtshoorn, die Toyota US-Woordfees op Stellenbosch of Aardklop op Potchefstroom.

1. Inleiding

Orania is geleë in die Noord-Kaapprovinsie van Suid-Afrika, sowat 160 kilometer suid van Kimberley, op die suidelike oewer van die Oranjerivier. 'n Uitsonderlike kenmerk van Orania

is die feit dat al die inwoners Afrikaanssprekend is. Om hierdie rede word Orania as ’n kultuurgemeenskap van Afrikaners beskou. Wirz (2008:i) beskryf die dorp as ’n “(s)elfstandige Afrikaner Gemeenskap in die Noord Kaap” (*sic*).

Volgens Boshoff (2020:103-104) het die Afrikaner-Volkswag ten tyde van sy stigting in 1984 dit reeds onder meer ten doel gehad om ’n streek in Suid-Afrika te vestig waarin Afrikaners hulself kan regeer. Volgens Boshoff was dit die eerste tree in die rigting van die ontwikkeling van Orania in sy huidige formaat (2020:103-104).

Volgens Senekal (2021:529) is Orania aanvanklik in die 1960’s opgerig om werknemers van die destydse Departement van Waterwese en hul gesinne te huisves. Hierdie mense was verantwoordelik vir die konstruksie van die kanaalskema vir besproeiing uit die Vanderkloofdam (destyds die PK le Roux-dam). Die dorp Vanderkloof by die Vanderkloofdam is opgerig vir behuising vir die personeel wat aan die dam se konstruksie gewerk het (Wirz, 2008:1).

Nadat die waterkanaalskema voltooi is, het Orania ontvolk. Gevolglik is die dorp deur die Departement te koop aangebied. Prof. Carel Boshoff het die leiding geneem met die aankoop van die dorp, met die gedagte dat ’n volkstaat vir Afrikaners daar gevestig sou word (Boshoff, 2012). Hervestiging in die “nuwe” Orania het in Februarie 1991 begin (Senekal, 2021:533) en huise is vanaf 13 April 1991 verkoop aan Afrikaners wat die ideale van ’n volkstaat onderskryf (Wirz, 2008:1). Volgens Wirz (2008:3) is Orania nie ’n plek waar apartheid beoefen word nie, maar waar Afrikaners kragtens die beginsel van *selfwerksaamheid* hul eie werk verrig.

Orania volg nie Suid-Afrika se kalender van amptelike vakansiedae nie (Boshoff, 2020:192-201). Die dorp het sy eie kalender vir openbare vakansiedae, hoewel godsdienstige vakansiedae met dié van die res van Suid-Afrika ooreenstem. Teen die agtergrond van die vieringe in 2025 om Afrikaans se verkryging van die status van amptelike taal ’n eeu gelede te gedenk, word gefokus op Orania se unieke openbare vakansiedae, die jaarlikse viering van Taaldag op 14 Augustus en die gepaardgaande jaarlikse Taalfees. Voordat Orania se jaarlike Taalfees in meer besonderhede bespreek word, word vervolgens inleidende inligting oor Orania, die stigting daarvan en die gemeenskap verskaf.

2. Beskrywing van Orania

Orania is by die aankoop daarvan in 1991 aanvanklik geregistreer as ’n bate van Vluytjeskraal Aandeleblok Bpk (VAB). Die naam van die VAB is ondertussen verander na Orania Aandeleblok (Edms.) Bpk. (OAB), wat handel dryf onder die naam “Orania Dorpsraad”. Eiendomsbesit in Orania neem die vorm aan van ’n belang in ’n aandeelblokskema binne die OAB (voorheen die VAB), eerder as deur middel van ’n titelakte, soos in die meeste dele van die res van Suid-Afrika geld.

Orania word as een dorp beskryf, maar bestaan uit verskillende woonbuurte en sluit ook omliggende landbougrond in. Figuur 1 toon ’n skets van Orania, waarop straatname en die ligging van skole, kerke, besienswaardighede, sakegeboue en so meer aangedui is.

Deur middel van periodieke sosioëkonomiese en sakeopnames word betroubare data oor die inwoners van en sakeondernemings in Orania verkry. Teen die einde van 2021 is ’n sosioëkonomiese opname voltooi (*Orania Sosio-Ekonomiese Opname*, 2022), wat toon dat Orania 2 733 inwoners teen die einde van 2021 gehad het, terwyl daar 649 huishoudings op die dorp was. Volgens die *Orania Sosio-Ekonomiese Opname* (2022) was daar ’n “ … gemiddelde jaarlikse huishoudelike groeikoers van 9,9% vir die tydperk tussen 2014 en 2021”.



Figuur 1: *Straatkaart van Orania*
Bron: *Oraniabeweging*. S.j. www.orania.co.za

Teen die einde van Desember 2023 het Orania 2 875 inwoners gehad, wat impliseer dat die bevolkingsgroeikoers volgehou word deur mense van buite die dorp wat hulle daar vestig.

Volgens De Klerk (2014) is dit die visie om Orania tot 10 000 inwoners of meer uit te bou. Teen ’n bevolkingsgroei sedert 1991 van sowat 10% per jaar, is die oogmerk van 10 000 inwoners realisties, maar dit sal waarskynlik eers oor ’n dekade of twee bereik word. Om vir die beplande groei in die inwonertal voorsiening te maak, is ekonomiese ontwikkelingsplanne vir Orania saamgestel en gepubliseer (*Ontwikkelingspyplynprojekte*, s.j.; *Orania Ekonomiese Ontwikkelingsplan* 2015). Hierdie ontwikkelingsplanne maak vir onder meer die ontwikkeling van bykomende woon- en sake-erwe voorsiening.

Wirz (2008:5) verduidelik dat ontwikkelingsbesluite in Orania volgens twee maatstawwe beoordeel word:

(i) Dit moet ekologiese volhoubaarheid bevorder.
(ii) Dit moet die gemeenskap se strewe na ekonomiese selfstandigheid ondersteun.

Orania is die enigste plek in Suid-Afrika wat ’n eie “geldeenheid” het (Rossouw, 2024:224-225), die ora (Φ). Weens wetlike beperkings staan die ora as ’n koepon bekend, nie as ’n geldeenheid nie (Rossouw, 2024:222). Bedrae, pryse en so meer in Orania word in ora uitgedruk. Die gebruik van die ora dra tot die gevoel van samehorigheid onder die inwoners van Orania by. Omdat die Suid-Afrikaanse rand in Orania sirkuleer, kan die dorp sonder die ora bestaan, terwyl die ora nie sonder Orania kan bestaan nie.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a23

3. Orania se vakansiedagkalender

Orania het sy eie kalender vir openbare vakansiedae, hoewel godsdienstige en sommige ander vakansiedae met die res van Suid-Afrika se vakansiedagkalender ooreenstem (Boshoff, 2020:192-201). Boshoff (2020:191) verduidelik dat Orania " ... van die begin af gekies het om ons Afrikaner-identiteit uit te leef deur openbare vakansiedae wat vir die Afrikanervolk belangrik is, te onderhou".

Volkseie openbare vakansiedae vir Orania is vir die eerste keer te berde gebring op 'n VAB-direksievergadering wat op 20 September 1994 gehou is (VAB-direksievergadering 20 September 1994). Op daardie vergadering is besluit "(d)at 9 April 1995 'n openbare vakansiedag vir die dorp sal wees en die inwoners sal aangemoedig word om ook die dag so te vier", ter herdenking van Stigtingsdag op 6 April 1995. Daardie jaar was 9 April die naaste Sondag aan 6 April.

Op 'n VAB-direksievergadering wat op 4 Mei 1995 gehou is (VAB-direksievergadering 4 Mei 1995), is 'n beginselbesluit geneem "(d)at die gemeenskap van Orania aangemoedig word om die tradisionele vakansiedae soos van toepassing vir die Afrikaner, te vier en dat die implimentering (*sic*) daarvan by die volgende Dorpsraadvergadering oorweeg word."

Op 'n VAB-direksievergadering wat op 25 Januarie 1999 gehou is (VAB-direksievergadering 25 Januarie 1999), is die vakansiedae wat tans in Orania geld, vir 1999 goedgekeur. Voorts het die direksie besluit (VAB-direksievergadering 25 Januarie 1999) dat –

- werkgewers versoek word om sover moontlik tradisionele volkseie feesdae te handhaaf en personeel die geleentheid te bied om die dae te benut en die verrigtinge by te woon;
- die dorpskantoor op die volkseie vakansiedae wat op weeksdae val, gesluit sal wees;
- betrokke instansies vooraf reëlings moet tref met besoekers en aflewerings op "Orania"-vakansiedae; en
- kerke en skole versoek word om aan Hervormingsdag, wat op 'n Sondag gevier word, meer prominensie te verleen.

Die direksie van die VAB het by meerdere geleenthede kennis geneem van probleme wat veroorsaak word deur die toepassing van volkseie vakansiedae in Orania, onder meer ten opsigte van aflewerings van buite Orania (VAB-direksievergadering 25 April 2002; VAB-direksievergadering 21 Mei 2002).

Op die direksievergadering van 24 Oktober 2002 (VAB-direksievergadering 24 Oktober 2002) is volkseie vakansiedae en die praktiese implikasies ten opsigte van afleweringsdienste op Orania weer onder die loep geneem. By daardie geleentheid het die direksie van die praktiese probleme kennis geneem, maar was nietemin " ... ten gunste daarvan dat Orania se eie vakansiedae deur al die inwoners van Orania na buite bekend gestel moet word" (VAB-direksievergadering 24 Oktober 2002). Voorts het die direksie besluit "(d)at Orania Sakekamer versoek word om Orania se eie vakansiedae na buite bekend te stel en sodoende die volkstaat te bevorder" (VAB-direksievergadering 24 Oktober 2002).

Op die direksievergadering van 24 Februarie 2005 (VAB-direksievergadering 24 Februarie 2005) is kennis geneem van 'n beroep deur prof. Boshoff dat Orania se eie vakansiedae eerbiedig moet word en 'n versoek dat die sakeondernemings op Orania op daardie dae gesluit moet wees. Op die direksievergadering van 8 Oktober 2007 (VAB-direksievergadering 8 Oktober 2007) is as beleid aanvaar dat " ... daar sover as moontlik saamgewerk word om

Orania-vakansiedae te handhaaf, maar dat daar begrip is vir die besighede wat gebind is aan aflewerings en ook verplig is om dienste en goedere ... [te] ... verskaf op Orania-vakansiedae" (VAB-direksievergadering 8 Oktober 2007).

Op Orania word Menseregtedag (21 Maart), Vryheidsdag (27 April), Werkersdag (1 Mei), Jeugdag (16 Junie), Nasionale Vrouedag (9 Augustus) en Erfenisdag (24 September) nie gevier nie. Dit is gevolglik normale werks- en skooldae.

Orania se unieke vakansiedae is Majubadag (27 Februarie), Stigtingsdag (6 April), Bittereinderdag (31 Mei), Taaldag (14 Augustus),[2] Heldedag (10 Oktober), en Hemelvaartdag, waarvan die datum wissel na gelang van die datum van die Paasnaweek (Boshoff, 2020:191-201). Voorts is die naam van die vakansiedag op 16 Desember in Orania Geloftedag en nie Versoeningsdag soos dit in die res van Suid-Afrika bekend staan nie (Boshoff, 2020:201).

Orania se volledige lys van openbare vakansiedae is dus soos volg:

Nuwejaarsdag, 1 Januarie
Majubadag (Vryheidsdag), 27 Februarie
Stigtingsdag, 6 April
Paasnaweek, na gelang van die stand van die maan
Hemelvaartsdag, na gelang van die datum van Paasnaweek
Bittereinderdag, 31 Mei
Taaldag, 14 Augustus
Heldedag, 10 Oktober
Geloftedag, 16 Desember
Kersdag, 25 Desember
Gesinsdag, 26 Desember

Orania het gevolglik ook twaalf openbare vakansiedae, soos die res van Suid-Afrika. Die praktyk in Orania verskil egter van die res van Suid-Afrika ten opsigte van die Maandag wat volg op 'n openbare vakansiedag wat op 'n Sondag val. In die res van Suid-Afrika is so 'n Maandag 'n openbare vakansiedag, terwyl dit nie in Orania die geval is nie.

Voor Suid-Afrika se volledig demokratiese verkiesing van 1994 was 6 April (as Stigtingsdag), 31 Mei (aanvanklik as Uniedag en sedert 1961 as Republiekdag), 10 Oktober (aanvanklik as Krugerdag en daarna as Heldedag) en Hemelvaartsdag vakansiedae in Suid-Afrika, benewens ander vakansiedae soos Kersfees, Paasfees en Nuwejaarsdag. Suid-Afrika se openbare vakansiedae het sedert 1995 verander, met die afkondiging van die Wet op Openbare Vakansiedae, Wet No 36 van 1994, wat op 1 Januarie 1995 in werking getree het (Republiek van Suid-Afrika, 1994).[3]

Die inisiatief van Orania om sy eie vakansiedae in te stel, eerder as om Suid-Afrika se amptelike nasionale vakansiedae te volg, kan dus teruggevoer word na die besluit van die VAB-direksievergadering op 20 September 1994 (VAB-direksievergadering 20 September 1994). Die simboliek van die unieke vakansiedae is soos volg:

[2] In 1975 het die destydse Suid-Afrikaanse regering wel eenmalig 14 Augustus tot openbare vakansiedag verklaar, om saam te val met die Taaljaar-feesvierings van daardie jaar (Van Zyl & Rossouw, 2016).

[3] Hierdie wet is wel in Afrikaans ook afgekondig.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a23

3.1 Majubadag (Vryheidsdag), 27 Februarie

Op 27 Februarie vier Oraniërs die Slag van Amajuba. Dit gedenk die oorwinning tydens die Eerste Vryheidsoorlog van die magte van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) oor die Britse leër op 27 Februarie 1881 op die Amajubakoppie naby Volksrust. Hierdie veldslag was ’n nederlaag vir Brittanje en het tot die einde van die Eerste Vryheidsoorlog tussen die ZAR en Brittanje gelei. Hierdie dag word deur Oraniërs binne Orania en by die Amajubakoppie herdenk. Die dag staan as Majubadag en as Vryheidsdag bekend.

3.2 Stigtingsdag, 6 April

Op 6 April 1652 het Jan van Riebeeck, die leier van ’n groep Nederlanders in opdrag van die VOC, in die Kaap aan wal gestap met die oog op die stigting van ’n verversingspos vir skepe op die seereis tussen Europa en die Ooste; Van Riebeeck was die eerste kommandeur van dié nedersetting. Uit die vestiging van die verversingspos het ’n gemeenskap ontwikkel waarin die oorsprong van die Afrikaners van vandag geleë is. Saam met Stigtingsdag herdenk Oraniërs ook jaarliks die hervestiging van die dorp, alhoewel die amptelike heropening van Orania in sy huidige vorm op 13 April 1991 was.

3.3 Hemelvaart

Die datum van die herdenking en viering van Hemelvaart word deur die datum van Paasnaweek bepaal. Hemelvaart word in Orania 40 dae ná Paasnaweek herdenk en gevier as ’n godsdienstige vakansiedag. Dit val jaarliks op ’n Donderdag en word deur die meeste gemeentes in die dorp met ’n erediens en in sommige gevalle met nagmaal gevier.

3.4 Bittereinderdag, 31 Mei

Die Vrede van Vereeniging is op 31 Mei 1902 onderteken, wat die Tweede Vryheidsoorlog (ook bekend as die [Tweede] Anglo-Boereoorlog) tussen die ZAR en die Oranje-Vrystaat, aan die een kant, en Brittanje, aan die ander kant, beëindig het. Orania herdenk hierdie dag met verwysing na en ter herinnering aan die dapper Afrikanermanne en -vroue wat in die oorlog tot die allerlaaste, die bitter einde, weerstand teen die Britte gebied het. Op hierdie dag vind daar ook ’n georganiseerde besoek plaas aan die terrein van die Doornbult-konsentrasiekamp (ook bekend as die Oranjerivier-konsentrasiekamp), sowat 30 kilometer van Orania af (rigting Hopetown).

3.5 Taaldag, 14 Augustus

Die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA)[4] op 14 Augustus 1875 in die Paarl word in Orania beskou as die eerste tree na die formalisering en ontwikkeling van Afrikaans tot ’n algemene gestandaardiseerde skryf- en wetenskapstaal. Die pioniersgees van die lede van die GRA en die eerste georganiseerde poging van die GRA om Afrikaans verder te ontwikkel, is die beweegrede vir Oraniërs om 14 Augustus as vakansiedag te gedenk. Ten

[4] Die outeur is ’n agterkleinseun van mnr. PJ Malherbe, een van die stigterslede van die GRA.

tyde van die identifikasie van Orania se openbare vakansiedae het die dorpsbestuur en inwoners aanklank by 14 Augustus as datum gevind. Gevolglik is geen ander datum as 14 Augustus vir die viering van Taaldag oorweeg nie.

3.6 Heldedag, 10 Oktober

Orania herdenk 10 Oktober as Heldedag, nadat dit vroeër as Krugerdag herdenk is. Dit word gevier op die geboortedag van pres. Paul Kruger, die laaste president van die ZAR. Oraniërs het besluit om die dag se herdenking uit te brei om alle volkshelde, waarvan daar vele was, te gedenk.

3.7 Geloftedag, 16 Desember

Die Slag van Bloedrivier en die gelofte word op Geloftedag herdenk. Die dag het ’n godsdienstige karakter, op grond van die gelofte wat Sarel Cilliers, ’n lekeprediker van die Voortrekkers, afgelê het. Orania herdenk en vier dit as ’n aanbiddingsdag, met ’n erediens en ’n feesrede by Oewerpark. Op hierdie dag trek sommige Oraniërs tradisionele Voortrekkerdrag aan.

4. Taalfeeste in Orania

In die konteks van hierdie navorsing is Taaldag, wat jaarliks op 14 Augustus gevier word, van belang. Wanneer enige bedrywighede, byvoorbeeld die herdenking van Taaldag of ander taalfeeste in Orania, bespreek word, is dit van belang om te onthou dat die inwoners, ten spyte van hul taalooreenkoms, nie noodwendig eensgesind is nie. Senekal (2021) verwys na onder meer spanning wat van tyd tot tyd tussen die dorp se leiers voorgekom het.

Ten spyte van onderlinge verskille slaag die inwoners van Orania deur middel van die Orania Kunsteraad (OKeR)[5] nietemin daarin om jaarliks ’n Afrikaanse Taalfees met die oog op Taaldag van stapel te stuur. OKeR is in 1996 gestig met die oogmerk om die kunste in Orania te bevorder. Dit is ’n maatskappy sonder winsoogmerk, en persone uit die publiek wat OKeR se oogmerke steun, kan om lidmaatskap aansoek doen. Die lede verkies sewe direkteure, wat toesig hou oor die finansiële sake, beleidvorming en ander wetlike vereistes rakende OKeR. Enige lid van OKeR kan egter by die werksaamhede daarvan betrokke raak en hulp verleen. OKeR bestaan uit “gildes” wat vir verskillende kunsvorms verantwoordelik is. Tans word die Beeldende Kunste-gilde, die Musiekgilde, die Skrywersgilde en die Toneelgilde binne OKeR gehuisves.

OKeR se uitvoerende liggaam staan as die bestuur bekend. Die bestuur is die kern van OKeR en bestaan uit lede wat vrywillig deelneem aan die beplanning en uitvoering van die organisasie se aktiwiteite. Die bestuur hanteer onder andere die beplanning en uitvoering van die jaarlikse Taalfees.

Volgens Boshoff het Taaldag “ ... deur die jare ontwikkel tot nie net een dag ... [van viering] ... nie, maar ’n hele Taalweek ... ”. Sy voeg by: “(t)oneelstukke, skool-optredes en sang-en-musiekaande met baie plaaslike talent maak dit ’n hoogtepunt op Orania se kultuurkalender” (Boshoff, 2020:199).

[5] Inligting oor OKeR is verkry van mev. Yolandi Roets, die vorige Uitvoerende Beampte, en mev. Anesta Boshoff, die huidige Uitvoerende Beampte van OKeR.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a23

OKeR se heel eerste Taalfees, met die tema "Afrikaans 90-Taalfees", is van 8 tot 15 Augustus 2015 aangebied en is gekenmerk deur musiekuitvoerings, die vertoning van Afrikaanse rolprente, radio-onderhoude[6] en kunsuitstallings. Dit het sedertdien die toon vir Taalfeeste aangegee.

In 2022 is van 8 tot 14 Augustus tydens Taalweek 14 byeenkomste aangebied. Die tema van Taalweek was *Tongtippie Taalweek*. Daar was onder meer middaguurkonserte, twee boekbekendstellings, drie musiekkonserte, 'n piekniek, 'n poppekasaanbieding, 'n gemeenskapskonsert en kunstenaarsgesprekke. Daar was ook 'n aanlyn kunsveiling om aan Orania se beeldende kunstenaars wyer blootstelling te bied. Die byeenkomste is deur ongeveer 800 mense bygewoon, maar daar is nie rekords beskikbaar wat toon hoeveel van hierdie mense van buite Orania gekom het om geleenthede by te woon nie. Voorts het sommige inwoners van Orania ook meer as een geleentheid bygewoon, wat beteken dat 'n deelnamekoers van inwoners nie bereken kan word nie.

Taalweek in 2023, met die tema "Sonde met die bure – Tong in die kies!", is van 14 tot 20 Augustus gehou en het gefokus op onder meer (i) die geboorte van die Afrikaanse skrywer CJ Langenhoven 150 jaar tevore op 13 Augustus 1873; (ii) 'n volksliedkompetisie; en (iii) 'n wyer verspreiding van feeste deur die dorp om toeganklikheid vir die inwoners te verbeter.

Die fokus op die geboorte van Langenhoven 150 jaar tevore herinner aan die landwye Langenhovenfeeste wat vir die honderdjaarherdenking van Langenhoven se geboorte in 1973 georganiseer is (Kannemeyer, 1995:47). Vergeleke met hierdie omvattende fokus op Langenhoven sowat 50 jaar gelede, trek hy tans betreklik min aandag as Afrikaanse skrywer. Kannemeyer (1995:21-47) bespreek die rol van me. Sarah Goldblatt, die administrateur van Langenhoven se letterkundige nalatenskap, met betrekking tot die uitbouing van Langenhoven se nalatenskap nogal afwysend ("Sarah Goldblatt en die Langenhoven-industrie"). Goldblatt het egter uitnemend daarin geslaag om Langenhoven se nalatenskap lewend te hou, onder meer geoordeel aan die feit dat sy daarin kon slaag om 1973 tot Langenhoven-feesjaar verklaar te kry. In hierdie konteks verklaar Malherbe (2021) dat Goldblatt die nalatenskap en werk van Langenhoven lewend gehou het solank sy geleef het. Die vraag is dus of Langenhoven lank reeds vergete sou wees as Goldblatt nie haar lewe ná Langenhoven se dood in 1932 aan sy letterkundige nalatenskap en die "Langenhoven-industrie" gewy het nie.

Volgens inligting wat van OKeR verkry is, is feesgeleenthede sedert 2023 na Kleingeluk uitgebrei (aangedui as 'n uitbreiding van Orania in Figuur 1, waar die NG Kerk geleë is). Dit verseker dat feesgeleenthede oor 'n wyer geografiese gebied in Orania aangebied word. Voorheen was daar nie 'n geskikte lokaal of ruimte in Kleingeluk vir die aanbieding van taalfeesaktiwiteite nie. Die Afrikaanse Taalfees in Kleingeluk word in die vorm van straatkuns en straatmusiek aangebied, wat ook geleenthede vir samesang skep.

Bywoningsgetalle vir feesgeleenthede tydens Taalweek in 2023 was soos volg (e-pos van mev. Boshoff):

- Volksliedjieaand: 250
- Erflig boekbekendstelling: 40
- Skoppensboer-digbundel: 20
- Gemeenskapskonsert: 300

[6] Beskikbare rekords noem nie watter radiostasies onderhoude uitgesaai het nie. Daar kan egter aanvaar word dat daar onderhoude was op Radio Orania, 'n gemeenskapsradiostasie wat uitsaai op 95.5 FM.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a23

- Poppekas: 50
- Kortfilmfees: 200

Altesaam 860 mense het dus die feesgeleenthede tydens Taalweek in 2023 bygewoon.

In 2024 was die tema van die Taalfees TAALtoffie TAALweek. Bywoningsgetalle vir feesgeleenthede tydens 2024 se Taalweek was soos volg (E-pos van mev. Boshoff):

- OSK-Kunsuitstalling: 50
- FAK-Liedjiesaand: 150
- Boekvoorlesing: 30
- Middagetelesing: 40
- Gemeenskapskonsert: 300
- Poppekas: 50
- Die Waterwyser (blyspel): 280
- Kortfilmfees: 250
- Sangaand en kunsuitstalling: 30

Altesaam 1 180 mense het dus die feesgeleenthede tydens Taalweek bygewoon. 'n Vergelyking van bywoningsgetalle vir 2022, 2023 en 2024 toon 'n toename in die aantal persone wat bywoon, wat 'n groeiende belangstelling by die inwoners van Orania in die Taalfees bevestig, hoewel die feesgeleenthede ook deur mense van buite Orania bygewoon word.

OKeR se oogmerk is om die feesgeleenthede tydens Taalweek vir Oraniërs teen baie bekostigbare pryse aan te bied. 'n Algemene reëling van die bestuurskomitee is dat alle kinders jonger as sestien jaar byeenkomste gratis kan bywoon. Dit is deel van OKeR se bydrae om kunswaardering en -vaardighede onder jongmense te bevorder. OKeR is gevolglik afhanklik van borge om jaarliks die feesgeleenthede tydens Taalweek aan te bied. Taalweek in Orania herinner aan ander jaarlikse taalfeeste wat in Suid-Afrika aangebied word, byvoorbeeld die Toyota US-Woordfees in Stellenbosch, die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees in Oudtshoorn en die Aardklop Nasionale Kunstefees in Potchefstroom.

'n Landswye nasionale taalfees (wat Namibië insluit) word vir 2025 beplan, waarin die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) saam met die Afrikaanse Taalraad (ATR) die leiding neem (Eloff, 2023). Die veldtog vir hierdie landwye feesviering het op 8 Mei 2023 by wyse van 'n bekendstelling en 'n mediakonferensie 'n aanvang geneem. Die sekretariaat vir die landswye taalfees is by die ATR gesetel.

Die landswye taalfees neem die vorm aan van 'n feesveldtog, wat op 8 Mei 2025 'n hoogtepunt by die ATM in die Paarl sal bereik (Eloff, 2023).[7] Dit herdenk in werklikheid die dag, naamlik 8 Mei, waarop die Suid-Afrikaanse Parlement die Wet op die Amptelike Tale van Suid-Afrika, Wet No 8 van 1925 (Unie van Suid-Afrika, 1925), aanvaar het, wat Afrikaans by "Hollands" ingesluit het en hom so, naas die Zuid-Afrika Wet, 1909, se Engels en Hollands as amptelike tale van die Unie, 'n amptelike taal van Suid-Afrika gemaak het.

Een oogmerk van die viering van die verklaring van Afrikaans tot 'n amptelike taal is om plaaslike organisasies en gemeenskappe aan te moedig om hierdie gebeurtenis feestelik te gedenk. 'n Tweede oogmerk is dat feesboodskappe uit alle uithoeke van Suid-Afrika en Namibië in die tydperk voor 8 Mei 2025 na die ATM in die Paarl gebring moet word (Eloff, 2023). Feesboodskappe wat na die ATM gestuur word, herinner aan die taalfakkelloop na die ATM

[7] 27 Mei 1925 is die datum waarop die betrokke wet gepromulgeer is, met terugwerkende krag vanaf 31 Mei 1910.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a23

in 1975 (Rossouw, 2023). Laastens word die hoogtepunt van die feesvieringe in Mei 2025 by die ATM in die Paarl beplan (Eloff, 2023).

OKeR se beplanning met die oog op die eeufeesviering van Afrikaans se verkryging van ampteliketaalstatus in 2025, was ten tyde van die voltooiing van hierdie manuskrip nog nie afgehandel nie. OKeR het wel reeds besluit om 'n Taalfees met die openbare vakansiedag van 14 Augustus te laat saamval, soos sedert 2015 die gebruik is, en ondanks die beplande landswye Afrikaanse taalfees nie die feesdatum te verskuif nie. OkeR het 'n baie beperkte menings-opname (vier respondente) oor Taalweek onder 'n klein steekproef van Orania se inwoners gedoen (e-pos van mev. Boshoff). Die volgende menings is gerapporteer:

- Eerste respondent:

Ek dink nie ons moet skuif nie. Waarom kan ons nie twee keer feesvier nie? Die 100 jaar fees kom en gaan. Ons fees is 'n konstante oor die afgelope 10 jaar. Ons kan gerus deelname betuig met die 8 Mei-fees en selfs iets beplan vir daardie tyd hier plaaslik, om die landswye inisiatief te ondersteun.

- Tweede respondent:

Myns insiens maak dit absoluut sin dat OKeR Taalweek vir 2025 sou laat saamval met Afrikaans 100. Ek weet nie of daar praktiese struikelblokke in die pad daarvan mag wees nie maar in beginsel is dit 'n logiese stap.

- Derde respondent:

Nee, Taalfees moet nie skuif nie, maar ons kan gerus iets doen 8 Mei ook.

- Vierde respondent:

Omdat OKeR sy Taalweek organiseer rondom die herdenking van die geboorte van die taal – 14 Augustus 1875 (GRA) – is daar 'n gevestigde tradisie en program. In Orania sluit ons onsself by 'n lang Afrikanertradisie aan wat oor staatbestelle strek. Dus is die taal se sogenaamde geboorte en dus sy 150ste bestaansjaar vir ons 'n natuurlike klem. Die 100 jarige herdenking van amptelike status verleen deur die Suid-Afrikaanse staat is weliswaar 'n uiters belangrike datum in die taal se bestaan. Met beperkte hulpbronne is OKeR se fokus gerig op die herdenking wat met die tradisionele 14 Augustus program saamval maar sal ook graag herkenning (*sic*) wil gee aan die 8 Mei datum en oorweeg wat 'n gepaste metode is. Die jaar 2025 is vir OKeR 'n belangrike jaar om aan taal aandag te gee en beplan ons nog aan verskeie aksies om dit te herdenk. In samewerking met Begrond wil ons graag ook saam die praktiese gebruik van Afrikaans in ons dorp aandag gee. Die gedagte is om 'n projek in die boubedryf in Orania te loods. 8 Mei kan moontlik daarin 'n rol speel as afskoppunt. Geen definitiewe datums is al in plek nie.

5. Die keuse van 14 Augustus as Taaldag

Die viering van Afrikaans in Orania dra by tot die handhawing van die Afrikaanse kultuur en taal. Die keuse van 14 Augustus as Taaldag ter viering van Afrikaans verg egter nadere toeligting. Dit is die dag in 1875 waarop die GRA in die Paarl gestig is, en op 14 Augustus 1975 is die Afrikaanse Taalmuseum in Huis Gideon Malherbe in Pastorielaan in die Paarl geopen (Van Zyl & Rossouw, 2016; Van Zyl, 2020). Dié datum, en selfs die Paarl, kan egter nie as die wortel(s) of oorsprong van Afrikaans beskou word nie. In hierdie opsig het die vierde

respondent wat hier bo aangehaal word, nie gelyk met die siening dat 14 Augustus die herdenking van die geboorte van die Afrikaanse taal as gevolg van die stigting van die GRA is nie.

Toe die dorpsbestuur van Orania destyds op vakansiedae besluit het, was 14 Augustus die enigste datum wat ter sprake was. Geen ander datum was onder oorweging nie, onder meer omdat daar destyds in Orania nie werklik sprake van omstredenheid oor die keuse van 14 Augustus was nie (telefoongesprek met mnr. F de Klerk). In die keuse van 14 Augustus as jaarlikse Taaldag en openbare vakansiedag het Oraniërs aanklank gevind by die pioniersgees van die stigterslede van die GRA. Daar is ook aanklank gevind by die eerste georganiseerde poging van die GRA om Afrikaans verder tot skryf- en wetenskapstaal te ontwikkel, wat dus by die latere algemene standaardisering van Afrikaans aangesluit het.

Die enigste wyse om te oordeel hoeveel steun 14 Augustus as Taaldag en openbare vakansiedag tans in Orania geniet, is om dit teen die agtergrond van die dorp se verblyfregdokumente te oorweeg. Die *Orania verblyfregbeleid: Weergawe 4* (huidige beleid) bepaal onder meer dat "Orania se strewe tot Afrikanerselfbeskikking bewerkstellig (word) en neerslag (vind) in eie arbeid, eie instellings en eie grond" (Orania Dorpsraad, 2022:2), waar "eie instellings" ook die stelsel van eie openbare vakansiedae behels. Voorts bepaal die *Orania verblyfregbeleid: Weergawe 4* (Orania Dorpsraad, 2022:2) soos volg:

> 'n Voornemende inwoner en/of aandeelhouer en/of titelhouer se verbintenis tot Orania se aard, grondslag en strewe, wat verseker dat inwoners Orania se Christelike waardes en oortuigings deel, by ons kultuur en gebruike inskakel en 'n bydrae tot die behoud en opbou van ons gemeenskap lewer, is die toets vir volhoubare groei wat in diens van ons groter strewe staan.

Dieselfde dokument bepaal ook dat elke " ... aansoeker verder 'n akte van verbintenis tot Orania se aard, grondslag en strewe (onderteken) ..." (Orania Dorpsraad, 2022:5). Uit hierdie verbintenisse tot die aard, instellings, karaktereienskappe en strewes van Orania wat nuwe intrekkers deur die verblyfreg-aansoekproses aangaan, word afgelei dat alle inwoners Orania se stelsel van unieke openbare vakansiedae steun, op dieselfde wyse as die steun vir toenemende selfbeskikking waartoe inwoners en aansoekers om verblyfreg hulle verbind.

Oor die aard van Afrikaans binne die Afrikanerkultuur verklaar die samesteller van *Jong Afrikaner: A Self Portrait*) (Van Wyk, 2012) dat "Afrikaners are always challenged because of their language. They feel that they are being challenged because of things such as the changing of street names. Though I can see the value in these things, there is still that feeling. Still, it can be a good thing *because the best art is often made when there is a feeling that something is under a*ttack" (Collison, 2012:36).

Daar is in verskeie kringe kontroversie oor die keuse van 14 Augustus as datum vir enige herdenking van Afrikaans, ten spyte van die steun wat hierdie datum in Orania geniet. Die bestaan van Afrikaans as 'n taal lank voor 14 Augustus 1875 word deur die GRA se eie oogmerke bevestig, naamlik om (i) die Bybel in Afrikaans te vertaal; (ii) 'n maandblad (*Di Patriot*) te publiseer; en (iii) 'n Afrikaanse spraakkuns- en woordeboek te skep, terwyl 'n verdere oogmerk was om Afrikaans tot 'n skryftaal te ontwikkel (Kannemeyer, 1984). Dit bevestig dat die oorsprong van Afrikaans lank voor 14 Augustus 1875 te vinde is. Ten tyde van die stigting van die GRA in 1875 is afwysend na die stigterslede verwys as "skoolmeester-

tjies en Dalse wynboertjies"[8] wat van 'n reeds bestaande taal 'n "beskaafde taal" wil maak (Von Wielligh, 1926:57-58). Daar is destyds in die algemene omgang neerhalend gepraat van "Africander Dutch" en "Boeren-Hollands" (FAK, s.j.)

Adv. WA de Klerk, 'n Afrikaanse skrywer, was van mening dat Afrikaans se wortels op Kleinbosch in Dal Josafat buite die Paarl te vinde is (De Klerk, 1974). De Klerk was van mening dat Kleinbosch die plek is waar " ... bykans elke faset van die Afrikaanse kultuur sy beslag gekry het" (Pakendorf, 1992). De Klerk fouteer egter met sy interpretasie van die geskiedenis van Afrikaans, want die wortels van die taal kan teruggespoor word tot 'n tydperk lank voor die vestiging van die voorsate van sommige GRA-lede in Dal Josafat, soos ander navorsers duidelik aandui.

Volgens Carstens en Raidt is "die ontwikkeling van Afrikaans ... die produk van (i) normale taalverandering, (ii) beïnvloeding van taalkontak en (iii) taalversteuring" (2017:485). Carstens en Raidt (2017) is dit met Van Zyl (2013) eens. Volgens Van Zyl (2013) ontwikkel nuwe tale in 'n mark- of arbeidsituasie wanneer verskillende partye mekaar se tale nie verstaan nie. Dit was die geval aan die Kaap, waar amptenare van die *Vereenigde Nederlandsche Geoctroyeerde Oostindische Compagnie* (afgekort en algemeen bekend as die VOC) met die Khoi handel gedryf het (marksituasie) en hulle as arbeiders gebruik het (arbeidsituasie) (Van Zyl, 2013).

Gevolglik sal dit minder omstrede wees om 27 Mei as Taaldag in Orania te herdenk. Die pioniersgees van die lede van die GRA is egter 'n bron van inspirasie vir die inwoners van Orania, wat hulle gevolglik met 14 Augustus vereenselwig.

6. Gevolgtrekkings

Die viering van Taaldag as 'n openbare vakansiedag en die gepaardgaande jaarlikse Afrikaanse Taalfees in Orania is betreklik onbekend buite die dorp. Hierdie gebruike en praktyke om Afrikaans te handhaaf en uit te bou, kry min blootstelling in die media in die res van Suid-Afrika. Saam met die ander unieke vakansiedae en die gebruik van 'n eie geldeenheid dra dit by tot 'n gevoel van samehorigheid in die dorp.

Die keuse van 14 Augustus as die dag om die jaarlikse Taalfees in Orania te anker, is ongewoon en dalk selfs omstrede. Dit sal minder omstrede wees om 27 Mei as Taaldag in Orania te herdenk. Dit is die dag waarop Afrikaans se status as die amptelike taal van Suid-Afrika, naas Engels, erken is. In die keuse van 14 Augustus as jaarlikse openbare vakansiedag ter herdenking van die Afrikaanse taal, het Oraniërs egter 'n aanknopingspunt gevind by die pioniersgees van die stigterslede van die GRA en by die eerste georganiseerde poging van die GRA om Afrikaans verder tot skryf- en wetenskapstaal te ontwikkel, wat weer by die latere algemene standaardisering van Afrikaans aansluit.

Hierdie toeligtingstuk dien as basis vir verdere navorsing oor Orania se unieke openbare vakansiedae, die kulturele waarde daarvan en vergelykings met die handhawing van kultuur in Suid-Afrika. Voorts dien dit ook as basis vir verdere vergelykende studies van Afrikaanse feeste, byvoorbeeld die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees in Oudtshoorn, Toyota US-Woordfees in Stellenbosch of Aardklop in Potchefstroom.

[8] "Dalse wynboertjies" is 'n verwysing na die feit dat 'n aantal van die stigterslede van die GRA in Dal Josafat buite die Paarl met wyndruiwe geboer het.

BIBLIOGRAFIE

Sekondêre bronne:

Boshoff, A. 2020. *Van ossewa tot in Orania: Een lewe – en meer*. Orania: Die Vryheidstigting.

Boshoff, CWH. 2012. *Dis nou ek: 'n Outobiografie*. Pretoria: Lapa Uitgewers.

Brunn S & R Kehrein (eds). 2020. *Handbook of the changing world language map*. Cham, Switserland: Springer.

Carstens, WAM & EH Raidt. 2017. *Die storie van Afrikaans: Uit Europa en van Afrika. Deel 1*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Collison, C. 2012. Interview: Roelof Petrus van Wyk. *SA Art Times*. July.

De Klerk, F. 2014. *Orania – Van dorp tot stad: 'n Nuwe strategie*. Orania: Oraniabeweging.

De Klerk, WA. 1974. *Klein reis deur Drakenstein*. Johannesburg: Perskor.

Eloff, T. 2023. Pollie, ons gaan Paarl toe. *Beeld*. 9 Mei. https://epublikasies.netwerk24.com/html5/reader/production/default.aspx?pubname=&pubid=729a0459-c70b-4a46-8953-baa0d614e625 [9 Mei 2023].

FAK. S.j. "Skoolmeestertjies en wynboertjies" begin 'n taalbeweging. https://www.afrikanergeskiedenis.co.za/skoolmeestertjies-en-wynboertjies-begin-n-taalbeweging/ [6 Mei 2023].

Kannemeyer, JC. 1984. *Die geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*. https://www.dbnl.org/tekst/kann003gesk01_01/index.php [23 April 2023].

Kannemeyer, JC. 1995. *Langenhoven: 'n Lewe*. Tafelberg: Kaapstad.

Malherbe, D. 2021. *Searching for Sarah, the woman who loved Langenhoven*. Tafelberg: Cape Town.

Ontwikkelingspyplynprojekte. S.j. Publikasie van Orania Bestuursdienste. Beskikbaar by Orania Dorpsraad en Orania Ontwikkelingsmaatskappy.

Oraniabeweging. S.j. www.orania.co.za [verskeie datums].

Orania Dorpsraad. 2022. *Orania verblyfregbeleid: Weergawe 4*. Junie. Dokument beskikbaar by Orania Dorpsraad.

Orania Ekonomiese Ontwikkelingsplan. 2015. 25 Mei. Voorberei deur Urban-Econ Development Economists (Pty) Ltd. Beskikbaar by Orania Dorpsraad en Orania Ontwikkelingsmaatskappy.

Orania Sosio-Ekonomiese Opname, 2022. Voorberei deur Urban-Econ Development Economists (Pty) Ltd. Beskikbaar by die Orania Dorpsraad en Orania Ontwikkelingsmaatskappy.

Pakendorf, G. 1992. W.A. de Klerk is in pylvak, maar sy vuur is nog nie geblus. *Die Burger*. http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/1992/03/07/11/14.html [verskeie datums].

Republic of South Africa. 1994. Public Holidays Act, No. 36 of 1994. https://www.ilo.org/dyn/travail/docs/2264/Public%20Holidays%20Act%201994.pdf [23 April 2023].

Rossouw, J. 2023. Die laaste geografies omvattende kulturele viering van Afrikaans: Die fakkelloop tydens die Taaljaar 1975. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(2):307-326.

Rossouw, J. 2024. Die ora se eerste 20 jaar. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 64(2):219-239.

Senekal, B. 2021. Die eerste 40 jaar van Orania. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 61(2):526-551.

Unie van Zuid-Afrika. 1925. *Wet op de Officiële Talen van de Unie*, Wet No 8 van 1925.

Van Wyk, P. 2012. *Jong Afrikaner: A Self Portrait*. Fourthwall Books. Johannesburg.

Van Zyl, A. 2013. Die invloed van die slawe op die vorming van Afrikaans. Ongepubliseerde lesing gelewer by ATM-slawedagviering, Paarl, 5 Desember 2013.

Van Zyl, A. 2020. Afrikaans Language Monument: A contested monument for a contested language. In Brunn S & Kehrein (eds). 2020.

Van Zyl, A & J Rossouw. 2016. Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in die Paarl: 40 jaar later. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(2-1):295-313.

Von Wielligh, GR. 1926. Persoonlike herinneringe van die Patriotmanne. In *Gedenkboek ter eere van die Genootskap van Regte Afrikaners (1875–1925)*. Potchefstroom: Afrikaanse Studentebond, pp. 56-65.

Wirz, H. 2008. *Dr Heinz Wirz met die Ora Geldstelsel van Orania*. Privaat publikasie deur dr Heinz Wirz. Edenvale.

Persoonlike onderhoude, persoonlike dokumentasie en ander persoonlike bronne:

E-poskorrespondensie en persoonlike en telefoniese gesprekke met mnr. G Snyman, Dorpsbestuurder: Orania.
E-poskorrespondensie en telefoniese gesprekke met mev. Anesta Boshoff, Uitvoerende Beampte van die Orania Kunsteraad (OKeR).
E-poskorrespondensie en telefoniese gesprekke met mnr. F de Klerk, besturende direkteur van die Orania Ontwikkelingsmaatskappy.
E-poskorrespondensie en telefoniese gesprekke met mnr. T McLaclan, 'n taalpraktisyn.
E-poskorrespondensie met me. Yolandi Roets, vorige Uitvoerende Beampte van die Orania Kunsteraad (OKeR).
Persoonlike en telefoniese gesprekke met mnr. J Kemp, 'n joernalis van Pretoria FM wat in Orania woonagtig is.

Notules van Vluytjeskraal Aandeleblok Bpk (VAB):

Die notules van direksievergaderings van die VAB, en opvolgend van die Orania Aandeleblok (Edms) Bpk (OAB), wat handel dryf onder die naam "Orania Dorpsraad", word bewaar in Orania se argief by die Orania Dorpsraad. Notules van die volgende vergaderings is in hierdie navorsing gebruik:

VAB-direksievergadering, 20 September 1994.
VAB-direksievergadering, 4 Mei 1995.
VAB-direksievergadering, 25 Januarie 1999.
VAB-direksievergadering, 25 April 2002.
VAB-direksievergadering, 21 Mei 2002.
VAB-direksievergadering, 24 Oktober 2002.
VAB-direksievergadering, 24 Februarie 2005.
VAB-direksievergadering, 8 Oktober 2007.

Internetbronne:

www.orania.co.za

Hoogtepunte van die SA Akademie gedurende die tydperk 2009–2025

Highlights of the SA Academy for the period 2009–2025

Linda Brink
Projekkoördineerder
SA Akademie vir Wetenskap en Kuns
Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: linda@akademie.co.za

Linda Brink

Linda Brink behaal haar THOD in 1974, waarna sy twee jaar onderwys gee. Sy verhuis daarna na die destydse Suidwes-Afrika en word boervrou op 'n beesplaas en werk ook in die privaat sektor. Suidwes-Afrika verkry in 1990 onafhanklikheid en word herdoop tot Namibië. Sy bekom daarna Namibiese burgerskap. Sy keer in 1992 terug na Suid-Afrika en aanvaar 'n pos by die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in Pretoria. Sy neem kort daarna weer haar Suid-Afrikaanse burgerskap op.

In 2007 sit sy haar studies voort terwyl sy voltyds werk en volg 'n oorbruggingskursus aan die Noordwes-Universiteit om van onderwys na die vakgebied geskiedenis (2008) oor te skakel. Sy behaal hierna die volgende kwalifikasies in geskiedenis aan die NWU: BA Honneurs (cum laude) (2009), MA (cum laude) (2010) en PhD (2015).

Linda Brink obtained her Higher Education Diploma (THOD) in 1974, subsequently teaching for two years. After moving to the then South West Africa, she became a farmer's wife on a cattle farm, and also worked in the private sector. South West Africa gained independence in 1990 and was renamed Namibia. She acquired Namibian citizenship, but returned to South Africa in 1992, where she took up a position at the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SA Academy for Science and Arts). Shortly thereafter, she resumed her South African citizenship.

In 2007, she continued her studies while working full-time and completed a bridging course at North-West University, enabling the transition from education to the field of history (2008). She subsequently obtained the following degrees from the NWU: BA Honours degree (cum laude) (2009), MA (cum laude) (2010) and PhD (2015).

Datums:
Ontvang: 2025-01-15 Goedgekeur: 2025-01-24 Gepubliseer: Maart 2025

ABSTRACT

Highlights of the SA Academy for the period 2009–2025

*This contribution focuses on the history of the South African Academy for Science and the Arts (*Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*) since its centenary in 2009. The period prior to 2009 has already been documented in various sources, such as Hertzog and Nienaber (1950), Moll (1984) and Kapp (2009).*[1] *In the period under discussion, i.e. from 2009 to 2025, the Academy's activities have remained fairly constant, and the Academy has continued to be faithful to its objectives, namely the development and promotion of science, technology, literature in Afrikaans, and the arts, as well as the promotion of the use and quality of Afrikaans. An overview is provided of current affairs and projects with which the Academy has been continuously involved over the past 16 years, ranging from recognition of excellence, development of dictionaries, publication of two journals focusing on the humanities and the natural sciences respectively, and other publications, outreach to other Academies abroad, embracing the digital world in all its aspects, and much more.*

KEYWORDS: Afrikaans language; art collection; Hertzog prize winner tribute series; language commission; open access journals; VivA

TREFWOORDE: Afrikaanse taal; Hertzogpryswenner-huldigingsreeks; kunsversameling; ooptoegangtydskrifte; taalkommissie; VivA

OPSOMMING

In hierdie bydrae word gefokus op die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in die tydperk ná die Akademie se eeufees in 2009. Die geskiedenis wat 2009 voorafgegaan het, is in verskeie bronne gedokumenteer, soos in Hertzog en Nienaber (1950), Moll (1984) en Kapp (2009).[2] In die genoemde tydperk, naamlik 2009 tot 2025, het die Akademie se werksaamhede redelik konstant gebly en was die Akademie steeds getrou aan sy doelstellings, naamlik die ontwikkeling en bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en die gehalte van Afrikaans. 'n Oorsig word gegee oor aktuele sake en projekte waarmee die Akademie die afgelope 16 jaar deurlopend besig was, wat wissel van erkenning vir uitnemendheid, ontwikkeling van woordeboeke, die uitgee van twee vaktydskrifte wat die mens- en natuurwetenskappe onderskeidelik dek, sowel as ander publikasies, uitreiking na ander Akademies in die buiteland, die omarming van die digitale wêreld in al sy fasette, en vele meer.

Inleiding

Met die stigting van 'n liggaam op 2 Julie 1909 deur 'n handjievol mense wat die Hollandse en Afrikaanse taal en kultuur in Suid-Afrika daadwerklik moes handhaaf en bevorder, het hulle nie toe al kon weet wat die toekoms vir die land en ook vir Nederlands en Afrikaans sou inhou nie. Hieruit het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, soos ons dit vandag ken, ontwikkel. In hierdie bydrae word 'n oorsig gegee van die tydperk 2009 tot 2025 en val die lig op die wyse waarop die Akademie sy doelstellings uitgeleef het. Die krag van die Akademie lê in die gesamentlike poging, voortspruitend uit die vrywillige bydraes van sy

[1] For more information, kindly refer to the bibliography provided at the end of this contribution.
[2] Vir meer besonderhede kan die bronne aan die einde van hierdie bydrae geraadpleeg word.

indiwiduele lede en die werkgemeenskappe. In sy handhawingsaksies het die Akademie vakwoordeboeke, handboeke en tydskrifte gepubliseer, en aanmoediging en erkenning verleen aan voortreflikheid deur die bekroning van hoogstaande bydraes op vele terreine. Op die voorraand van die 100-jarige viering van Afrikaans wat in 1925 naas Hollands amptelike status verkry het, is dit gepas dat daar ook 'n oorsig gegee word oor die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns die afgelope 16 jaar, ná die verskyning van prof. Pieter Kapp se boek, *Draer van 'n droom. Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 1909–2009*.

Oorsig oor 'n tydperk van 16 jaar

In **2009** het die Akademie sy jubeljaar (1909–2009) onder die voorsitterskap van dr. Van Zyl de Villiers gevier. Die eeufees het by die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein plaasgevind, die plek waar die Akademie 100 jaar tevore gestig is. Gedurende hierdie ysige paar wintersdae het die Akademie nie net 'n simposium gehou en die gebruiklike Akademiepryse toegeken nie, maar is 25 eeufeesmedaljes ook aan veteraandeelnemers aan die Afrikaanse kultuurlewe oorhandig,[3] waaronder prof. Adam Small (skrywer), dr. Abraham H de Vries (skrywer), mev. Nettie Immelman (klavieropleiding oor dekades), Nel Erasmus (skilder), dr. Frederik Van Zyl Slabbert (politieke analis), mnr. Trevor A Manuel (ekonomie en finansies), prof. NJ Beukes (geologie) en prof. A Rooseboom (ingenieurswese).

Daar was ook meer rede om fees te vier, want die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* het in 2009 dubbele internasionale erkenning verkry met sy opname in die Social Sciences Citation Index van Tompson Reuters (VSA) en die Scopus-indeks van Elsevier (Nederland); 'n prestasie vir 'n Afrikaanse akademiese tydskrif.[4] Die tiende uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (AWS) het verskyn wat vir 'n verdere hoogtepunt gesorg het en wat ook deel uitgemaak het van die Akademie se eeufeesvieringe. Hierdie tiende, verbeterde uitgawe het sowat sewe jaar ná die negende, volledig hersiene uitgawe van 2002 verskyn. In die relatief kort tydsverloop tussen die twee uitgawes is die verfyning van die spelreëls voortgesit, maar terwyl die negende uitgawe die spelreëls as uitgangspunt geneem het, het die bywerking van hierdie tiende uitgawe veral die woordelys as vertrekpunt geneem. Die resultaat was 'n baie hegter samehang tussen die spelreëls en die aangebode woorde in die lys.

Die redakteurs van die feesuitgawe was dr. Mariëtta Alberts, prof. Johan Anker, Madaleine du Plessis, prof. Ernst Kotzé (voorsitter), dr. Frikkie Lombard (sekretaris), mnr. Tom McLachlan (ondervoorsitter), prof. Annél Otto en prof. Gerhard van Huyssteen. Hierdie lede het almal tydens die feesvieringe in Bloemfontein die CL Engelbrechtprys vir Taalwetenskap van die Akademie ontvang. In die voorwoord van hierdie 2009-uitgawe word ook erkenning gegee aan proff. Wannie Carstens, Anna Coetzee, Elvis Saal en dr. Anton Prinsloo.[5] Die Elsabé Steenbergprys vir Vertaalde Kinder- en Jeugliteratuur in Afrikaans het die vorige jaar tot stand gekom en reeds met die eerste toekenningsgeleentheid in 2009 is 41 vertaalde werke vir die prys voorgelê en die gevolgtrekking waartoe die Raad gekom het, was dat die prys 'n belangrike gaping in die literatuurwêreld gevul het.[6]

---

3 J. van der Elst (red.), *Verlede | Hede | Toekoms. SA Akademie vir Wetenskap en Kuns 1909-2019* (SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, 2019), pp. 13, 14.

4 Notule van die Akademieraad, 24 Junie 2009, p. 11.

5 EF Kotze, *et al*. (reds.), *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (Pharos, 2009).

6 Notule van die Akademieraad, 26 Maart 2009, p. 12.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a24

'n Belangrike ontwikkeling wat ook in die Akademie se eeufeesjaar plaasgevind het, was 'n rondetafelgesprek op 19 Mei in Antwerpen, België. Dit was die eerste keer dat Vlaamse organisasies in hulle totale omvang om die tafel gaan sit het om gesprek te voer met lede van die Afrikaanse Taalraad[7] (gestig 2008) en met die SA Akademie. Prof. Wannie Carstens het die Afrikaanse Taalraad daar verteenwoordig, maar het ook 'n voorlegging voorberei waarin hy die Akademie se rol beklemtoon het as 'n voorstander van die hoër funksies van Afrikaans.[8] Voortvloeiend hieruit was 'n Roots-simposium wat op 22 en 23 September 2009 in Kaapstad gehou is en waar prof. Carstens en prof. Jacques van der Elst ook referate gelewer het. Dit was 'n goeie geleentheid om netwerke uit te brei en skakeling te bewerkstellig. Verder was dit 'n belangrike verwikkeling dat die Nederlandse en die Belgiese regerings bereid was om fondse te verskaf om die simposium te hou. Dr. Leopold Scholtz het in België 'n reuserol gespeel om die Belgiese regering te oorreed om betrokke te raak. Hy het in die koerante geskryf, met mense en ministers gepraat en hulle het die potensiaal ingesien. Die atmosfeer en die klimaat teenoor Afrikaans het begin verander en die hele proses het die Akademie tot op die drumpel van direkte skakeling met die Lae Lande gebring.[9]

Die gedagte van 'n Vrye Afrikaanse Universiteit (VAU) het in **2010** in die geledere van die Akademie vlamgevat en na heelwat gesprekke en 'n besoek aan dr. Theuns Eloff, rektor van die NWU, is 'n sakeplan met die oog op die stigting van 'n maatskappy sonder winsoogmerk opgestel. 'n VAU het egter nie uit hierdie beweging voortgespruit nie. Die Solidariteit-beweging het naamlik met 'n inisiatief begin wat gelei het tot die stigting van Akademia (2011), 'n Afrikaanse universitêre instelling wat steeds van krag tot krag gaan. Die HUB van die Akademie, prof. Jacques van der Elst, is in 2010 as direksielid van Akademia benoem.[10] Die eerste drie kursusse het reeds in Januarie 2012 begin.[11]

Prof. Wannie Carstens het dr. Van Zyl de Villiers in **2011** as voorsitter van die Akademie opgevolg en dr. Dionē Prinsloo het die leisels as HUB by prof. Van der Elst oorgeneem. Dit was ook die jaar van voorspoed, maar ook teëspoed vir die Akademie. Engelenburghuis het, ná dekades van betreklike veiligheid, die teiken van booswigte geword met vier inbrake of pogings tot inbrake. Veral onvervangbare, kosbare Japanse en Chinese porselein, wat die eertydse bewoner van die huis, dr. Frans Vredenrijk Engelenburg gedurende sy lewe bymekaar gemaak het, is uit die Engelenburghuis se versameling gesteel.[12]

'n Ligpunt was 'n erflating van nagenoeg R7 miljoen rand in kontant en aandele van mej. EC Steijn, oud-hoof van die Afrikaanse Hoër Meisieskool in Pretoria wat vir 'n goeie inspuiting van die Akademie se finansies gesorg het. Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (TGW) kon

---

7 Die Akademie het 'n bepalende rol gespeel in die totstandkoming van die Afrikaanse Taalraad (ATR) – een van die besondere gebeurtenisse die afgelope 16 jaar. Dié liggaam is ná 'n intensiewe, inklusiewe en veral raadplegende proses van vyf jaar (2003–2008) op 24 Mei 2008 te Wellington gestig. Die ATR se groot voordeel lê daarin dat Afrikaanssprekende gemeenskappe met mekaar praat waar dit voorheen nie altyd moontlik was nie. Die algemene gevoel was dat die toekoms van Afrikaans in die herstel van menseverhoudinge lê. Die eerste voorsitter van die ATR, prof. Wannie Carstens, het vanaf 2008 tot 2011 gedien en in 2010 het die HUB van die Akademie, prof. Jacques van der Elst, ook die HUB van die ATR geword. (Notule van die Akademieraad, 30 September 2010, p. 5.)

8 Notule van die Akademieraad, 26 Maart 2009, pp. 6, 7.

9 Notule van die Akademieraad, 26 Maart 2009, p. 5.

10 J. van der Elst (red.), *Verlede* | *Hede* | *Toekoms*..., p. 14.

11 Notule van die Akademieraad, 23 Maart 2012, p. 22.

12 J. van der Elst (red.), *Verlede* | *Hede* | *Toekoms*..., p. 15.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a24

ook in hierdie jaar sy 50-jarige bestaan vier[13] en 'n herdenkingsuitgawe het hieruit voortgevloei.[14] In hierdie selfde jaar het die TGW 'n ooptoegangtydskrif geword, deurdat dit opgeneem is in SciELO, ASSAf se voorkeurindeks, waar uitgawes van die tydskrif gratis afgelaai kon word.[15]

'n Belangrike verwikkeling wat reeds vyf jaar tevore begin het en ook tydens rondetafelgesprekke in Nederland en Vlaandere verder gevoer is, het vrugte afgewerp en op 17 tot 19 Junie 2011 is 'n Afrikaanse fees in Amsterdam, Nederland gehou wat baie positief ontvang is. Dit was die eerste Afrikaanse kunstefees wat in Europa gehou is. 'n Hoogtepunt was die bydrae van die digter Breyten Breytenbach, sowel as 'n lesing van dr. Michael le Cordeur wat ook goed ontvang is. Die doel van die fees was om die breë publiek in die Lae Lande meer bewus te maak van die bestaan en die posisie van Afrikaans.[16] Verskeie feeste onder die titel *Festival voor het Afrikaans* het sedertdien plaasgevind: 2013, 2016, 2018, 2023.

Die Akademie het in 2011 ook 'n belangrike skenking van vaktaalwoordeboeke van Prolingua ontvang wat in die Akademie se boekery opgeneem is. Prolingua, 'n vakvereniging vir Engelse en Afrikaanse taalpraktisyns, is in 1950 gestig en het toe bekend gestaan as die *Transvaalse Vereniging van Munisipale Vertalers.* Die versameling wat die Akademie ontvang het, bestaan uit: Vakwoordeboeke: 261 titels; Algemene woordeboeke: 59 titels; Navorsingsmateriaal: 175 titels. 'n Totaal van 495 titels is dus ontvang.[17]

'n Wiskunde-olimpiade vir laerskole, genoem Wiskunde-in-Aksie, het ook in 2011 afgeskop vir Afrikaanssprekende leerders in graad 6 en graad 7. Die doel was die ontginning en stimulering van wiskundige uitnemendheid onder die room van ons land se jong wiskundiges.[18] Die olimpiade is moontlik gemaak deur 'n ruim skenking van prof. Oppel Greeff waarvan die opbrengs van die fonds vir die olimpiade gebruik kon word.[19] Die Wiskunde-in-Aksie wat sedert 2011 by skole aangebied is, is op versoek van prof. Kobus van der Walt uitgebrei en vanaf 2017 is 'n Wetenskap-in-Aksie ook aangebied.[20] Die Wiskunde-in-Aksie en die Wetenskap-in-Aksie is egter in 2022 gestaak omdat daar reeds ander organisasies is wat olimpiades op 'n baie groter skaal aanbied en die Akademie op ander gebiede 'n bydrae kan lewer.[21]

Erelidmaatskap van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN) is in 2011 aan prof. Jacques van der Elst toegeken vir sy bydrae tot die bevordering van Neerlandistiek in Suid-Afrika. Hy was onder meer 'n stigterslid van die SAVN in 1991.[22] Die SAVN ondersteun die beoefening, onderrig en bevordering van die Neerlandistiek (dit wil sê die Nederlandse taal, letterkunde en kultuur) in Suider-Afrika. Die Akademie het as deel van sy uitreiking na die Lae Lande van 23 September tot 4 Oktober 2011 ook gesprek gevoer met die Akademies in Nederland en Vlaandere. As HUB van die SA Akademie het prof. Van der Elst op Sondag 25 September in Brussel 'n gesprek gevoer met die voorsitter van die Koninklijke Vlaamse Academie voor Wetenschappen en Kunst (KVAB) en gesprek is ook

13 J. van der Elst (red.), *Verlede* | *Hede* | *Toekoms...*, p. 15.
14 *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(4), 2011.
15 Notule van die Akademieraad, 23 Junie 2011, p. 10.
16 Notule van die Akademieraad, 23 Junie 2011, p. 6.
17 Notule van die Akademieraad, 22 September 2011, p. 9.
18 Notule van die Akademieraad, 23 Maart 2012, p. 22.
19 Notule van die Akademieraad, 22 September 2011, p. 18.
20 Notule van die Akademieraad, 30 Maart 2017, p. 17.
21 Notule van die Akademieraad, 18 November 2021, p. 5.
22 Notule van die Akademieraad, 22 September 2011, p. 2.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a24

gevoer met die Nederlandse Akademie (KNAW) op Woensdag 28 September in Amsterdam.[23] Die Voorsitter van die Akademie, prof. WAM (Wannie) Carstens, het in Januarie 2012 ook besoek gebring aan dr. Willy Vandeweghe van die Koninklijke Academie voor Nederlandse Taal en Letterkunde (KANTL), Gent, België.[24]

In **2012** het die Akademieraad, onder die voorsitterskap van prof. Wannie Carstens, op aanbeveling van die Letterkundekommissie besluit om die Hertzogprys aan Adam Small vir sy drama-oeuvre toe te ken. Die toekenning het heelwat kritiek uitgelok, maar die besluit is verwelkom vanuit die geledere van die Afrikaanse skrywers en die breë publiek.[25]

'n Verdere hoogtepunt in 2012 was 'n belangrike projek van die Geskiedeniskommissie wat in 2012 uitgeloop het op 'n publikasie van 640 bladsye by Tafelberg Uitgewers met die titel: *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag* onder die redakteurskap van prof. Fransjohan Pretorius. Dit was 'n projek van die Akademie se Geskiedeniskommissie waaraan 26 vooraanstaande historici meegewerk het. Die boek was gou die 33ste beste verkoper op die plaaslike sowel as internasionale lys van die top 100 niefiksie boeke.[26] Gratis eksemplare is na Afrikaanse hoërskole versprei. Die oorsprong van die boek was die 2006-beraad van die Kommissie, getiteld "Op die kantlyn? Die Afrikaner in die geskiedenis én Afrikanergeskiedskrywing", waartydens daar beswaar gemaak is teen die marginalisering en verdagmaking van die Afrikaner in die geskiedenis. Daar is daarop gewys dat, waar die skaal in die apartheidsjare te veel na 'n Afrikaner- of witsentriese benadering tot die verlede oorgeleun het, die pendulum nou weer te veel na die ander kant geswaai het met 'n groot fokus op die struggle-geskiedenis. Die besluit was gevolglik om 'n inklusiewe en gebalanseerde geskiedenis van Suid-Afrika te skryf wat sou probeer om die pendulum na die middel te stuur ter wille van versoening en wedersydse begrip onder die verskillende kulturele en politieke groepe.

Nadat die boek gepubliseer is, is besef dat die balans nog nie verkry is nie. Die Engelse weergawe, getiteld *A history of South Africa: From the distant past to the present day*, wat in 2014 deur Protea Boekhuis uitgegee is, is gevolglik aangepas om meer balans te kry. Gratis eksemplare is na Engelse hoërskole versprei.[27] Die boek is in 2017 ook in Chinees vertaal, op koste van die Chinese regering.[28]

Prof. Jacques van der Elst het in 2012 as HUB van die Akademie uitgetree en dr. Dionē Prinsloo het by hom oorgeneem.[29] Die Akademie het in die beginjare 'n enorme rol gespeel in die sukses van die Afrikaanse Taalraad (ATR).[30] Tot die einde van September 2012 is die ATR se administrasie deeltyds deur die HUB van die Akademie by die Akademiekantoor in Pretoria gedoen,[31] waarna hy met sy uittrede by die Akademie 'n virtuele kantoor bedryf het, as voorloper tot die totstandkoming van 'n fisiese permanente kantoor vir die ATR. Prof. Van der Elst was die eerste voltydse HUB van die ATR nadat hy as HUB by die Akademie uitgetree het.[32] Die ATR het in 2016 'n nuwe tydperk betree met die aanstelling van dr. Conrad Steenkamp as die voltydse uitvoerende hoof met 'n permanente kantoor in die Kaap.[33]

---

23 Notule van die Akademieraad, 23 Maart 2012, p. 13.
24 Notule van die Akademieraad, 23 Maart 2012, p. 13.
25 J. van der Elst (red.), *Verlede | Hede | Toekoms...*, p. 15.
26 J. van der Elst (red.), *Verlede | Hede | Toekoms...*, p. 16.
27 J. van der Elst (red.), *Verlede | Hede | Toekoms...*, pp. 59, 60.
28 Notule van die Akademieraad, 30 Maart 2017, p. 14.
29 Notule van die Akademieraad, 23 Maart 2012, p. 4.
30 Sien weer noot 7 oor die totstandkoming van die ATR.
31 Notule van die Akademieraad, 23 Maart 2012, p. 8.
32 Notule van die Akademieraad, 20 Junie 2012, p. 5.
33 J. van der Elst (red.), *Verlede | Hede | Toekoms...*, p. 23.

'n Nuwe ontwikkeling het ook in 2012 plaasgevind met onderhandelinge deur prof. Gerhard van Huyssteen namens die Taalkommissie met die Akademieraad vir die totstandbring van 'n Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA), iets soortgelyk aan bestaande institute in Nederland wat omsien na die Nederlandse taal. Die plan was dat dit 'n oop bron moes wees met verskillende dienste wat deur verskillende instansies gelewer sou word. Aanvanklik was die idee om 'n korpus van 50 miljard woorde daar te stel. Oorkoepelend was die plan om talle rolspelers te betrek om sekere dienste te lewer, byvoorbeeld om taalnavrae per telefoon te beantwoord, 'n sogenaamde dienslessenaar, iemand wat 'n "Facebook"-profiel beman om ook taalnavrae te hanteer, iemand wat die ortografie van die AWS kon hanteer, ensovoorts. Al die komponente saam sou dus die virtuele instituut vorm.[34] VivA het sedertdien behoorlik gevestig geraak en vervul vandag 'n groot rol in die beeld van Afrikaans as taal van die wetenskap.[35]

Na aanleiding van versoeke deur taal- en letterkundiges wat by die onderrig van Afrikaans in die buiteland betrokke is (proff. Jerzy Koch van Pole, Ena Jansen van Amsterdam, en Jacques du Plessis van die VSA) is in 2012 in oorleg met die Raad die voorbereiding gedoen tot die stig van 'n Internasionale Vereniging vir Afrikaans (IVA). Die doel sou wees om hiermee die geleenthede rakende Afrikaans in 'n internasionale konteks te ontgin. Prof. Wannie Carstens het heelwat tyd hieraan afgestaan en wye aanvaarbaarheid vir so 'n vereniging in Afrikaanse akademiese kringe, in die besonder in taalkunde- en letterkundekringe, gevind. Weens kapasiteitsprobleme kon die Akademie nie die Vereniging op die langer termyn ondersteun nie en in 2018 het die ATR op versoek van die SA Akademie die IVA oorgeneem. Die potensiaal van die IVA is egter tot op hede nog nie na behore benut nie, en dit ontneem Afrikaans van uitbreidingsgeleenthede in die buiteland.

Die Akademie het in **2013** sy vlerke internasionaal wyer gesprei en 'n ooreenkoms vir nouer skakeling tussen die Koninklijike Vlaamse Academie van België voor Wetenschappen en Kunsten (KVAB) in Brussel is formeel onderteken. 'n Samewerkingsooreenkoms met die Koninklijke Academie voor Nederlandse Taal en Letteren (KANTL) in Gent is daarna ook onderteken. Weens 'n tekort aan personeel kon die Akademie ongelukkig nie die samewerkingspotensiaal wat hierdie ooreenkomste vir akademici (in besonder Afrikaanse taal- en letterkundiges) geskep het, na behore benut nie.

'n Ooreenkoms tussen die Meertens Taalinstituut (KNAW) en die SA Akademie ten behoewe van die Nederlandse projek *Het Taalportaal* en die SA Akademie se projek *Virtuele Instituut vir Afrikaans* (VivA) is op 31 Januarie 2014 onderteken. Daarvolgens het die Instituut die "dop" voorsien van dit wat hulle reeds ontwikkel het en wat die Akademie voortaan kon gebruik vir sy eie produk.[36] Gesprekke is ook verder gevoer met die Koninklijke Nederlandse Academie van Wetenschappen (KNAW) in Amsterdam vir 'n toekomstige ooreenkoms.[37] Die Afrikaans Festival wat in 2013 in Amsterdam en Den Haag in Nederland gehou is, was 'n groot sukses. Die fees het sedert die vorige een in 2011 so geweldig gegroei dat toneel en debatvoering op die program bygevoeg is.

2013 was die jaar wat die Akademie, ná die onvermoeide ywer en deursettingsvermoë van die voorsitter van die Oudit- en Risikobestuurkomitee, mnr. Rudolph Botha, Artikel

34 Notule van die Akademieraad, 13 September 2012, p. 6.
35 Vergelyk Van Huyssteen e.a. 2016; Van Huyssteen, 2017 asook Wierenga e.a. 2024 vir meer oor die totstandkoming, doelwitte en take van VivA.
36 Notule van die Akademieraad, 28 Maart 2014, p. 14.
37 Notule van die Akademieraad, 28 Junie 2013, p. 11.

18A-status verkry het, wat beteken dat finansiële skenkings aan die Akademie belasting-aftrekbaar is.[38]

'n Verdere positiewe stap was om die kunsversameling van die Akademie, wat sedert 2003 by die Universiteit Stellenbosch gehuisves is, terug te bring na Pretoria. Die Universiteit van Pretoria was hiermee behulpsaam en het die versameling veilig vervoer en gestoor tot die beplande nuwe gebou van die Akademie in 2017 voltooi is en die kunsversameling sy permanente tuiste kon kry.[39] Die drie Essias Bosch-keramiekpanele wat by die Pretoriase Kunsmuseum in bruikleen was, is ook in 2013 na die Universiteit van Pretoria oorgebring vir voorlopige bewaring.

Gesprekke tussen lede van die Raad met rektore van sommige Suid-Afrikaanse universiteite oor Afrikaans as onderrigtaal het weer in 2013 plaasgevind. Dit is 'n inisiatief wat reeds van 2005 af herhaaldelik met rektore gevoer is, byvoorbeeld met prof. Barney Pityana, rektor van Unisa, en later met sy opvolger, prof. Mandla Makhanya; proff. Cheryl de la Rey van UP; Brian O'Connell (UWK), Russel Botman (US), Jonathan Jansen (UV), Ihron Rensburg (UJ) en dr. Theuns Eloff (NWU). Die Akademie het ook sedert 2004 herhaaldelik gesprekke met die bestuur by die Universiteit van Pretoria (UP) gevoer vir die instel van 'n Leerstoel vir Terminologie. UP was eerder te vinde vir 'n sentrum vir terminologieontwikkeling en was bereid om so 'n sentrum van die grond te kry, mits die Akademie 'n borgskap sou bekom om die sentrum vir minstens vyf jaar te befonds, waarna die universiteit die sentrum sou oorneem. Die Noordwes-Universiteit het in 2004 die Sentrum vir Tekstegnologie (CtexT) gestig en was bereid om met UP saam te werk indien so 'n sentrum van die grond sou kom. In 2013 het UP wel besluit om 'n vakterminologiesentrum, wat deur die Akademie geïnisieer is, in te stel.[40] Teen 2014 het kommer steeds bestaan oor die verengelsing van die histories Afrikaanse universiteite. Gesprekke met rektore waarmee reeds 'n paar jaar tevore begin is, is derhalwe voortgesit.[41]

Verskeie gesprekke is ook vir 'n paar jaar gevoer met die bestuur van die Academy of Science of South Africa (ASSAf) in verband met nouer samewerking tussen die twee akademies. In 2013 het prof. Arnold Vlietinck van die Universiteit van Antwerpen 'n referaat gelewer by 'n byeenkoms wat gesamentlik deur ASSAf en die SA Akademie aangebied is.[42]

'n Positiewe ontwikkeling in 2013 was ook 'n borgskap van mev. Deleen Bekker, moeder van mnr. Koos Bekker, vir die instel van die Deleen Bekker-prys vir beste rolprent of TV-draaiboek in Afrikaans.[43] Sanlam het 'n jaar later besluit om die prysgeld vir die MT Steynprys vir Natuurwetenskap en Tegnologie te borg. Nog 'n nuwe prys wat in dié tyd ingestel is, is die Protea Boekhuisprys wat roteer tussen beste ongepubliseerde meestersgraadverhandeling, 'n ongepubliseerde doktorale proefskrif in geskiedenis of kultuurgeskiedenis, en 'n gepubliseerde geskiedeniswerk in Afrikaans.[44]

Die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) waarvan die aanvoorwerk reeds in 2012 begin het, het in **2014** tot stand gekom onder die entoesiastiese leiding van prof. Wannie Carstens

38 Notule van die Akademieraad, 5 April 2013, p. 7.
39 J. van der Elst (red.), *Verlede* | *Hede* | *Toekoms...*, p. 17.
40 Notule van die Akademieraad, 11 September 2013, p. 9.
41 Notule van die Akademieraad, 28 Maart 2014, p. 11; J. van der Elst (red), *Verlede* | *Hede* | *Toekoms...*, p. 18.
42 Notule van die Akademieraad, 11 September 2013, p. 12.
43 Notule van die Akademieraad, 11 September 2013, pp. 5, 6.
44 J. van der Elst (red.), *Verlede* | *Hede* | *Toekoms...*, p. 67.

in sy hoedanigheid as voorsitter van die Akademie en prof. Gerhard van Huyssteen, die voorsitter van die Taalkommissie, nadat indringende marknavorsing met behulp van UP se Departement Sakebestuur gedoen is.[45]

Die beplanning om 'n Akademiegebou by Engelenburghuis op te rig, het reeds in 2013 begin.[46] Mej. EC Steijn se boedel is in **2015** afgehandel en haar ruim en gewaardeerde erflating en ook met bykomende hulp van ander borge het dit vir die Akademie moontlik gemaak om met die bouwerk aan die nuwe Akademiegebou te begin.[47] Die Akademiekantoor moes met sy personeel na tydelike huisvesting in Riviera verskuif word. Die eerste sooi is op 11 Junie 2015 deur die Akademieraad gespit en die voorsitter, prof. Wessel Pienaar, het by dié geleentheid onder meer gesê dat die Akademieraad "saam gespit het om 'n blywende vesting te laat verrys waarin die Akademie 'n doeltreffende tuiste sal vind vir sy werksaamhede".[48] Die verkiesing van 'n nuwe Akademieraad het in 2015 vir die eerste keer in die geskiedenis van die Akademie elektronies plaasgevind.[49]

'n Belangrike verwikkeling in dieselfde jaar was 'n opwindende bydrae wat gemaak is tot die toekoms van die Akademie en vir Afrikaans deur 'n borgskap van die Dagbreek Trust. Hiermee is 'n nuwe projek van stapel gestuur om nagraadse beurse aan M- en D-graadstudente in alle vakdissiplines in Afrikaans beskikbaar te stel. Die projek sluit ook befondsing in vir navorsing wat tot 'n publikasie lei, en ook finansiële ondersteuning om publikasies in Afrikaans moontlik te maak. Geselekteerde navorsingsprojekte op die terrein van Afrikaans word ook ondersteun.[50]

In Mei 2015 het die Het Jan Marais Nationale Fonds, die Universiteit Stellenbosch en Naspers die Jan H Maraisprys ingestel. Die administrasie van die prys is aan die Akademie toevertrou om die prys te bestuur en jaarliks 'n wenner aan te wys. Die prys word toegeken as erkenning vir 'n uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal deur wetenskaplike werk en publikasies op hoë vlak en van hoë gehalte in Afrikaans. Dit kan met reg die Afrikaanse "Nobelprys" genoem word.[51] Die wenner van die prys het aanvanklik prysgeld van R500 000 ontvang, asook 'n afgietsel van 'n beeldjie van Jan H Marais, "Die helpende hand", wat deur die beeldhouer, Coert Steynberg, in opdrag van Jan H Marais se weduwee ter ere van hom ontwerp is. In 2022 is die prysgeld tot R750 000 verhoog. In 2024 was prof. Wannie Carstens, voormalige voorsitter van die Akademie, die ontvanger van die prys. Die meeste van die vorige ontvangers[52] was ook almal Akademielede tydens hulle loopbane.

'n Ligpunt in **2016** was dat Zuid-Afrikahuis in Amsterdam "gered" is toe borge gevind is om Zuid-Afrikahuis te koop en op te knap. Daar was 'n gevaar dat die huis gesloop sou

---

45 Notule van die Akademieraad, 13 Junie 2014, pp. 5, 6. Vergelyk ook Van Huyssteen e.a. 2016 in hierdie verband.

46 Notule van die Akademieraad, 11 September 2013, pp. 20, 21.

47 J. van der Elst (red.), *Verlede | Hede | Toekoms...*, p. 20.

48 J. van der Elst (red.), *Verlede | Hede | Toekoms...*, p. 19.

49 Notule van die Akademieraad, 11 Junie 2015, pp. 4, 5.

50 Notule van die Akademieraad, 26 Maart 2015, pp. 5-7.

51 Notule van die Akademieraad, 26 Maart 2015, pp. 7, 9.

52 Die volgende persone het ook die prys gekry: 2016: prof. Herman Giliomee (UK); 2017: proff. Jaap Steyn (UV) en Jan van der Watt (UP en Radboud Universiteit Nijmegen); 2018: proff. Christo van Rensburg (UP en UV) en Marinus Wiechers (Unisa); 2019: prof. Fransjohan Pretorius (UP); 2020: prof. Jean Sonnekus (UJ); 2021: proff. Hennie van Coller (UV en voormalige voorsitter van die SA Akademie) en Ina Wolfaardt-Gräbe (Unisa); 2022: prof. Rufus Gouws (US); 2023: prof. Louise Viljoen (US); 2024: prof. Wannie Carstens (NWU en voormalige voorsitter van die SA Akademie).

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a24

moes word. Die grootste biblioteek van Suid-Afrikaanse literatuur in die Noordelike halfrond word hier gehuisves en die huis het ook sterk tradisionele bande met die Akademie. 'n Skildery deur Willy Sluiter van een van die stigterslede van die SA Akademie, dr. HD van Broekhuizen, is in 'n soldervertrek in Zuid-Afrikahuis ontdek en in permanente bruikleen aan die Akademie geskenk. Ná onderhandelinge met die Nederlandse ambassade is die skildery na Suid-Afrika vervoer en is dit in Februarie 2016 tydens 'n onthaal waar verteenwoordigers van die Nederlandse ambassade en ander eregaste teenwoordig was, aan die Akademie oorhandig.[53] Die volgende persone van die ambassade en Zuid-Afrikahuis was teenwoordig: Mnr. Robert-Jan Siegert, waarnemende ambassadeur van Nederland; dr. Jan Donner, voorsitter, Stichting ZASM; mnr. Jeroen-Louis Martens, Kulturele Attaché, Nederland; mnr. Khoa Bui, Verteenwoordiger Nederlandse Ambassade; mnr. Guido van den Bergh, HUB, Zuid-Afrikahuis, Nederland; mnr. Frank en mev. Isabel Burgers, verteenwoordigers in Suid-Afrika van die Zuid-Afrikahuis; en mnr. Hans Strien, Stichting ZASM, Nederland. By dié geleentheid het prof. Alex Duffey 'n kort lesing oor Willy Sluiter as skilder en oor dr. HD van Broekhuizen gelewer. Dr. Jan Donner het die skildery daarna aan die ondervoorsitter van die Akademie, prof. Irma Eloff, oorhandig.[54]

Nog 'n hoogtepunt in 2016 was die verskyning van 'n Afrikaans-Japannese woordeboek, waaraan prof. Ernst Kotzé en prof. Takashi Sakurai gewerk het, en wat die eerste in hierdie twee tale is wat sowel die romeinse alfabet as die logografiese en sillabiese karakters in Japannees gebruik. Die woordeboek is in 2016 in Tokio in 'n beperkte oplaag gepubliseer. Die papierweergawe (ongeveer 431 000 woorde gedrukte teks) is aangevul deur 'n CD-ROM-weergawe, wat sowel die teks as uitspraak van elke trefwoord bevat, en beslaan ongeveer 14 000 trefwoorde per taal. Daarby is die teks-en-klankweergawe, as derde formaat, terselfdertyd aanlyn deur Pharos in Kaapstad gepubliseer.[55]

Nog 'n monumentale werk wat in drie dele verskyn het, was *Perspektief en profiel – 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis* onder redaksie van prof. Hennie van Coller, 'n vorige voorsitter van die Akademie.[56] 'n Verdere belangrike projek wat deur prof. Laurette Pretorius en dr. Friedel Wolff geloods is, was om die Afrikaanse Wikipedia uit te brei. Hulle het begin om werkswinkels aan te bied om belangstellendes op te lei om artikels te skryf en dit op Wikipedia te laai, en bestaande artikels te vertaal en by te werk.[57] Prof. Pretorius het ook 'n handleiding opgestel om dit vir kursusgangers makliker te maak om die opleiding ook tuis te kan volhou. Die Afrikaanse Wikipedia bestaan sedert 16 November 2001 en is die Afrikaanse weergawe van die webgebaseerde vrye-inhoud-ensiklopedie Wikipedia. Daar is reeds Wikipedia's vir 293 tale en in 2016 was die Afrikaanse Wikipedia die 86ste grootste Wikipedia. Benewens Wikipedia se rol as die grootste (en steeds groeiende) ensiklopedie ooit, is dit ook 'n sleutelhulpbron in veeltalige kennisonttrekking en taaltegnologie op die wêreldwye web. Dit is welbekend dat vir Afrikaans om in die digitale wêreld te gedy, die Afrikaanse Wikipedia groot en van hoë gehalte moet wees. Omdat Wikipedia by uitstek 'n gemeenskapsprojek is waaraan enige persoon kan deelneem en meewerk, is dit die ideale manier vir Afrikaanssprekendes om saam te bou aan die toekoms van Afrikaans.

'n Belangrike toekenning wat die Akademie in 2016 gemaak het, was om erelidmaatskap aan prof. Adam Small toe te ken.[58] Erelidmaatskap is die hoogste toekenning van die Akademie

53 J. van der Elst (red.), *Verlede* | *Hede* | *Toekoms...*, p. 17.
54 Notule van die Akademieraad, 31 Maart 2016, p. 17.
55 Notule van die Akademieraad, 30 September 2015, p. 2.
56 Notule van die Akademieraad, Woensdag 5 Oktober 2016, p. 2.
57 Notule van die Akademieraad, 30 Junie 2016, p. 10.
58 Notule van die Akademieraad, 31 Maart 2016, p. 5.

wat 'n persoon kan ontvang. Ander hoogtepunte was dat die Poortboekie van 2016 in brailleformaat aan die Prinshofskool geskenk is.[59] Die beste werke van leerders wat aan die Akademie se Poort-kompetisie deelneem, verskyn jaarliks in die Poortboekie.

Die Akademie is ook in 2016 deur verteenwoordigers van die Hebei Universiteit in China genader om kontak op akademiese vlak te maak. Akademielid dr. Refilwe Ramagoshi het as leier van 17 afgevaardigdes uit Suid-Afrika na China opgetree. ASSAf-lede was ook deel van die afvaardiging. Dit het daartoe gelei dat dr. Ramagoshi twee jaar later (in 2018) as visepresident navorsing by dié Universiteit aangestel is.[60]

2017 was weer eens 'n groot hoogtepunt in die geskiedenis van die Akademie. Die langverwagte nuwe Akademiegebou is voltooi en die personeel kon in Augustus hulle splinternuwe kantore betrek. Die openingsgeleentheid is tydens 'n luisterryke openingsgeleentheid gevier. Die uitgaande voorsitter van die Akademie, prof. Wessel Pienaar, het die lintknipseremonie tydens die opening van die nuwe gebou in September hanteer. Prof. Irma Eloff het gedurende hierdie dae as voorsitter van die Akademie by prof. Wessel Pienaar oorgeneem. Die Engelenburg-huismuseum was ook by hierdie geleentheid weer oop vir die publiek nadat die museum gesluit was tydens die oprigting van die nuwe gebou. Die vertrekke in Engelenburghuis wat ná Engelenburg se dood deur die Akademie aangebou is (1953 en weer in 1999), is tydens die bou van die nuwe kantore gesloop. Die huis is teruggebring na die oorspronklike plan van 1903 en die aanbouing in 1922 deur dr. FV Engelenburg.[61] Dit was ook 'n blye dag toe die Akademie se kunsversameling kort voor die opening oorgebring is na die nuwe Akademiegebou.[62] Die drie groot Esias Bosch-keramiekpanele is twee jaar later, in 2019, na die Akademie oorgebring en is by die parkeerruimte van die Akademiegebou geïnstalleer. 'n Spesiale geleentheid is daarvoor gereël en 'n aantal gaste het dit bygewoon.[63]

'n Verdere mylpaal was die verskyning van 'n eeufeesuitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (AWS). Hierdie elfde uitgawe van die AWS is luisterryk verwelkom tydens die bekendstelling op 3 Augustus 2017 by die Naspers-gebou in Kaapstad. 'n Beperkte oplaag van 'n faksimilee-uitgawe van die heel eerste *Afrikaanse woordelijs en spelreëls* van 1917 het ook verskyn en is in September 2017 by die nuwe Akademiegebou bekendgestel. 'n Gehalteboek wat ook in 2017 verskyn het en geïnisieer is deur wyle dr. Douw Greeff, 'n vorige voorsitter van die Werkgemeenskap Pretoria, het ook verskyn met die titel *Ons praat Afrikaans: diverse mense – een taal*. Die boek bestaan uit wenfoto's van 'n internasionale fotokompetisie van amateur en professionele fotograwe wat meegeding het. Die beste foto's is in hierdie pragpublikasie opgeneem.[64] Nog 'n uitgawe in 2017 was die verskyning van die tweetalige *Kunswoordeboek/Arts Dictionary* by Protea Boekhuis waaraan verskeie mense onder die leiding van prof. Alex Duffey vir baie jare gewerk het.[65] Die eerste van die reeks huldigingsbundels van Hertzogpryswenners onder die oorkoepelende redakteurskap van prof. Jacques van der Elst het ook in 2017 verskyn. Die eerste nommer in die reeks is: *'n Huldiging: Adam Small, Denker, Digter, Dramaturg*.[66]

---

59 J. van der Elst (red.), *Verlede* | *Hede* | *Toekoms...*, p. 22.
60 J. van der Elst (red.), *Verlede* | *Hede* | *Toekoms...*, p. 24.
61 Notule van die Akademieraad, 27 September 2017, p. 14.
62 Notule van die Akademieraad, 27 September 2017, p. 15.
63 Notule van die Akademieraad, 20 Junie 2019, pp. 5, 6.
64 J. van der Elst (red.), *Verlede* | *Hede* | *Toekoms...*, p. 25.
65 Notule van die Akademieraad, 30 Maart 2017, p. 11.
66 J. van der Elst (red.), *Verlede* | *Hede* | *Toekoms...*, p. 29.

'n Belangrike ontwikkeling in 2017 was die instel van 'n nuwe leerstoel "Zuid-Afrika: talen, literaturen en maatschappij" by die Universiteit Gent. Die Akademie het jaarliks 'n bedrag van R15 000 vir 'n tydperk van vyf jaar tot die leerstoel bygedra.[67] Die Leerstoel het op 10 Oktober 2017 'n aanvang geneem en prof. Hein Willemse (UP) het die Leerstoel die eerste termyn beklee.[68] Hy is opgevolg deur proff. Wannie Carstens (NWU, 2018), Louise Viljoen (US, 2019), en Marlene van Niekerk (US, 2023), almal by geleentheid lede van die SA Akademie.

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* het in **2018** 'n nuwe webtuiste gekry waar al die jongste artikels per ooptoegang beskikbaar gestel is. Die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* (SATNT)[69] is vir 'n aantal jare deur AOSIS uitgegee, maar in 2018 is besluit dat die Akademie in die toekoms self die tydskrif se administrasie sal hanteer. Die wêreldwye oorname deur Engels as kommunikasietaal in die wetenskap het Afrikaans as vaktaal in die natuurwetenskappe onder druk geplaas en die situasie is verder vererger deur die toenemende miskenning van Afrikaans by Suid-Afrikaanse universiteite. In die tydperk 2015–2018 is Afrikaans formeel as onderrigtaal uitgefaseer by die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van die Vrystaat en ook by Unisa. Aan die NWU en ook die Universiteit Stellenbosch het die druk op Afrikaans as onderrigtaal begin toeneem. Op aanbeveling van die redaksie het die Raad besluit om artikels wat in Engels vir die SATNT voorgelê word en wat deur die keuringsproses aanvaar is, in Afrikaans te laat vertaal en in Afrikaans en Engels aanlyn te publiseer.[70] Die 18de jaarlikse studentesimposium in die natuurwetenskappe het, soos ook die vorige paar jaar, onder leiding van prof. Rudi Pretorius plaasgevind. Dit was 'n besondere geleentheid omdat dit vir die eerste keer in die nuwe Akademiegebou plaasgevind het. In dieselfde jaar is ook 'n studentesimposium in die sosiale en geesteswetenskappe onder leiding van prof. Linda van Ryneveld aangebied.[71]

'n Verdere verwikkeling was dat, ná 'n vrugbare besoek van prof. Hennie van Coller in September 2018 aan die Friese Akademie in Leeuwarden, 'n formele ooreenkoms van wedersydse goedgesindheid deur die SA Akademie en die Friese Akademie onderteken is.[72]

Die Taalkommissie het in 2018 een van hulle sittings van 26 Februarie tot 2 Maart in Windhoek, Namibië gehou. Die sitting het saamgeval met die Onderwyserskonferensie wat op 1 en 2 Maart in Windhoek plaasgevind het. Die Taalkommissie en ook die Akademieraad het hierdie uitreiking beskou as 'n waardevolle belegging in die uitbou van Afrikaans in die buiteland, spesifiek in die onderwys. Dié geleentheid is dan ook benut om die nuwe AWS bekend te stel, werksessies is aangebied,[73] en 230 gratis eksemplare van die AWS is aan onderwysers oorhandig.[74]

Die Akademie het ook in 2018 'n waardevolle skenking van dr. Nicholas Clarke ontvang van 'n klein vleuelklavier wat eers aan sy ouma, mev. AM Coetzee, behoort het. Interessant is dat prof. Marinus Wiechers (ook 'n ontvanger van die Jan H Maraisprys en 'n vorige Akademielid) as kind op dié klavier by mev. Coetzee les geneem het.

---

67 Notule van die Akademieraad, 30 Maart 2017, p. 13.
68 Notule van die Akademieraad, 27 September 2017, p. 12.
69 Die bydrae van prof. Kobus Eloff ook in hierdie uitgawe verskaf meer inligting oor die rol van die SATNT in die ontwikkeling van die natuurwetenskappe in Afrikaans.
70 J. van der Elst (red.), *Verlede | Hede | Toekoms...*, p. 27.
71 J. van der Elst (red.), *Verlede | Hede | Toekoms...*, p. 27.
72 Notule van die Akademieraad, 22 November 2018, p. 6.
73 Notule van die Akademieraad, 27 September 2017, p. 9.
74 Notule van die Akademieraad, 12 April 2018, p. 9.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a24

In 2018 het deel 1 (oor die Europese geskiedenis van Afrikaans) van proff. Wannie Carstens en Edith Raidt se boek *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika – Biografie van 'n taal* verskyn. Die tweede deel wat handel oor die Afrikageskiedenis van Afrikaans het in 2019 verskyn. Beide boeke is finansieel ondersteun deur die Akademie. 'n Projek wat reeds 15 jaar tevore aangepak is en waarop die Akademie met reg trots is, is die publikasie van *Afrikaans poems with English translations* wat saamgestel is deur proff. Hennie van Coller, Helize van Vuuren en Louise Viljoen.[75]

In 2018 het die Werkgemeenskap Vrystaat (Akademielede uit die geesteswetenskappe) en die Werkgemeenskap Bloemfontein (Akademielede uit die natuurwetenskappe) saamgesmelt met die benaming Werkgemeenskap Vrystaat. In die verlede het die twee werkgemeenskappe hul eie funksies gereël, maar later het hulle saamgewerk as een werkgemeenskap.[76] Dit het dus sin gemaak vir die twee werkgemeenskappe om saam te smelt.

Die Marius Joosteprys wat die Dagbreek Trust reeds 'n paar jaar tevore ingestel het, word op versoek van die Dagbreek Trust sedert 2018 deur die SA Akademie geadministreer en bestuur. Die prys word jaarliks beskikbaar gestel aan die beste M-verhandeling in die Departement Afrikaans van 'n student wat 'n graad in die voorafgaande jaar by die volgende universiteite voltooi het: Universiteit van Pretoria, Noordwes-Universiteit, Universiteit van die Vrystaat, Universiteit Stellenbosch, Universiteit van Johannesburg en UNISA. Die prysgeld beloop R10 000 per prys.[77]

In **2019** was die Akademie 110 jaar oud en dit is na behore gevier. Die feesvieringe het saamgeval met die jaarlikse algemene simposium van die Akademie op 11, 12 en 13 September by die Akademiegebou. Prof. Jacques van der Elst was die redakteur van die feesboek wat gekonsentreer het op die tydperk 1985 tot 2019.[78] Die boek is tydens die simposium bekendgestel.[79] 'n Boek oor die Akademie se kunsversameling wat deur prof. Alex Duffey saamgestel is, is vroeg in 2020 bekendgestel.[80] Die kurator en ere-vakkundige, mev. Annemarie Carelsen het, met die oog op die Akademie se simposium en 110-jarige feesvieringe, die Engelenburg-huismuseum heringerig.[81] Nuusberigte oor die Akademie se 110de bestaansjaar het in 'n *Beeld*-bylaag (9 September) en in *Rapport* se Erfenisbylaag (22 September) verskyn. In 2019 is die kunslokaal by die Akademiekantoor, wat gewoonlik vir lesings en simposiums gebruik word, ook benut vir 'n ses-weke-lange solo-kunsuitstalling van die kunstenaar Danie Smith.[82]

Akademielede in die buiteland het in 2019 met die goedkeuring van die Akademieraad 'n Buitelandse Werkgemeenskap tot stand gebring. Die doelstellings van die nuwe werkgemeenskap is onder meer om sterk verbindings tussen buitelandse lede onderling, asook met lede binne Suid-Afrika te vestig; om die Akademie in die buiteland te bevorder; en om aan die binnelandse (Suid-Afrikaanse) gemeenskap internasionale en/of regionale perspektiewe, konteks, en insae rakende beskouings oor wêreldgebeure, tegnologiese en sosiale verwikke-

75 J. van der Elst (red.), *Verlede* | *Hede* | *Toekoms...*, p. 28.
76 Notule van die Akademieraad, 21 Junie 2018, p. 6.
77 Notule van die Akademieraad, 11 April 2019, p. 4.
78 Die voorafgaande geskiedenis (ook tot 2009) van die SA Akademie is deeglik in ander bronne gedokumenteer. Van die bronne is opgeneem in die lys van verwysings aan die einde van hierdie bydrae.
79 Kopieë van die feesuitgawe is by die Akademiekantoor beskikbaar.
80 Notule van die Akademieraad, 11 April 2019, p. 11.
81 Notule van die Akademieraad, 11 April 2019, p. 14.
82 Notule van die Akademieraad, 11 September 2019, p. 9.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a24

linge, asook perspektiewe op Suid-Afrikaanse aangeleenthede te bied. Die voorsitter van die Werkgemeenskap is prof. Shana Ponelis.[83] In hierdie selfde jaar het prof. Anne-Marie Beukes as die nuwe hoof- uitvoerende beampte by dr. Dionē Prinsloo oorgeneem.[84]

Daar het in hierdie tyd al vir ’n geruime tyd kommer bestaan oor die toekoms van Afrikaans as ’n akademiese en wetenskapstaal, ’n kommer wat nie ongegrond is nie. Afrikaanssprekende wetenskaplikes publiseer toenemend slegs in Engels as gevolg van die internasionalisering van universiteite en ’n gevolglike groter teikenmark. Hierdie tendens gebeur ten spyte van Afrikaans se uitsonderlike prestasie dat dit een van slegs vyf tale is wat in die 20ste eeu tot ’n volle wetenskapstaal ontwikkel het. Die onbehaaglike situasie waarin Afrikaans tans verkeer, word vererger deurdat verskeie taalkantore by regerings- en ander instansies wat terminologie geskep het, oor die afgelope paar dekades gesluit is. Geen vakkommunikasie is egter moontlik sonder gestandaardiseerde terminologie nie: ’n taal waarvan die terminologie nie ontwikkel nie, stagneer en loop die gevaar om as wetenskapstaal te verdwyn. ’n Welkome publikasie wat dus in 2019 verskyn het, was ’n handleiding vir vakterminologie met die titel *Terminologie en Terminografie: ’n Handleiding* deur die terminologiekenner, dr. Mariëtta Alberts.[85] [86]

Dalende getalle studente wat by die Departemente Afrikaans by universiteite studeer het tot gevolg gehad dat minder beurse aan M- en D-graadstudente in 2019 toegeken kon word. Die Raad het, in oorleg met die TAO (Trust vir Afrikaanse Onderwys), besluit om vanaf 2021 beurse ook aan honneursgraadstudente toe te ken en dat ’n gedeelte van die bestaande beursgeld daarheen gekanaliseer kan word.[87]

Die Covid-19-pandemie wat Suid-Afrika aan die begin van **2020** getref het, het noodwendig ook ’n impak op die Akademie se werksaamhede gehad. Op 15 Maart 2020 het president Cyril Ramaphosa ’n nasionale ramptoestand in die land verklaar en op 23 Maart is ’n nasionale inperking ingestel wat uiteindelik weke van afsondering tot gevolg gehad het.[88]

In al hierdie maande het die Akademie se personeel meestal van hulle huise gewerk en gou aangepas in die ten volle digitale omgewing. Raads-, kommissie- en komiteevergaderings, simposia, lesings, asook bekroningsplegtighede wat gewoonlik in persoon aangebied is, het in hierdie tyd alles aanlyn plaasgevind. Erelidmaatskap is in 2020 aan prof. Jacques van der Elst toegeken. Die verkiesing vir die nuwe Akademieraad vir die termyn 2020 tot 2023 het op 8, 9 en 10 September 2020 plaasgevind. Omdat die vorige raadsverkiesing ook elektronies plaasgevind het, was hierdie wyse van verkiesing nie ’n probleem tydens die Covid-19-pandemie nie en alles het vlot verloop.[89] Prof. Oppel Greeff is as nuwe voorsitter van die Akademie verkies in die plek van prof. Irma Eloff. Kunslesings wat prof. Alex Duffey in 2019 begin het en wat hy maandeliks by die Akademiegebou aangebied het oor buitelandse, sowel

---

83 Notule van die Akademieraad, 11 April 2019, p. 16.

84 Notule van die Akademieraad, 20 Junie 2019, p. 1.

85 Notule van die Akademieraad, 20 Junie 2019, p. 7.

86 Die bydrae van dr. M Alberts in hierdie uitgawe oor die eerste honderd jaar van vaktaal in Afrikaans verskaf verdere waardevolle inligting in hierdie verband.

87 Notule van die Akademieraad, 11 September 2019, p. 11.

88 Die eerste golf van die virus het van Maart tot November 2020 geduur, die tweede golf van Desember 2020 tot April 2021 en ’n derde een van Mei tot Oktober 2021. Die vierde golf was van Desember 2021 tot April 2022 en ’n vyfde een het van Mei tot Julie 2022 geduur. Die bevestigde getal mense wat wêreldwyd positief vir die siekte getoets het, soos gepubliseer deur die WHO op 22 Desember 2024, was 777 112 363 en die getal sterftes was 7 079 587. In Suid-Afrika het 102 595 mense daaraan beswyk.

89 Notule van die Akademieraad, Woensdag 16 September 2020, p. 5.

as plaaslike kunswerke en kunstenaars,[90] het gedurende die Covid-19-pandemie voortgegaan, maar is in video-formaat by die Akademiegebou opgeneem toe die inperkingsmaatreëls verslap is. Die video's is daarna maandeliks op die Akademie se mediaplatforms geplaas. Die lesings van prof. Duffey is baie gewild en belangstellendes in die buiteland skakel ook in om daarna te kyk. Die projek gaan steeds voort en word in hierdie formaat in 2025 voortgesit.

Die Akademieraad het ook in 2020, tydens die pandemie, begin om die prysestruktuur van die Akademie te hersien. Die proses het tot in 2022 geduur en pryse is verminder deur sommige te staak en ander pryse het saamgesmelt. Die volgende was die beweegrede daarvoor: (a) moontlik te veel toekennings, met die moontlike negatiewe persepsies wat daarmee saamhang; (b) wanbalans tussen geldwaarde en prestigewaarde van (veral) die gevestigde pryse; (c) soms geen logiese verband tussen die (skenkers-)naam van die prys en die vakgebied nie; (d) moontlike beperkings as gevolg van skenkings- of borgvoorwaardes of trustaktes; en (e) oneweredige dekking van die velde binne die huidige breë wetenskapsbeoefening.[91]

Lidmaatskap van die Akademie kon in die verlede slegs verkry word deurdat 'n dienende lid 'n kandidaat moes voorstel vir lidmaatskap, gesekondeer deur twee ander Akademielede. In **2021** het dit verander en bykomend tot die voorgenoemde proses kan 'n persoon wat graag lid van die Akademie wil word, aansoek doen vir lidmaatskap. Op die aansoekvorm word die vereistes vir lidmaatskap uiteengesit en indien 'n persoon van mening is dat hy/sy daaraan voldoen, kan hy/sy aansoek doen. Die aansoek gaan steeds deur die normale prosesse van keuring wat deur die Dagbestuur hanteer word.[92]

Die Akademie se webblad het aan die einde van 2021 aandag geniet en het 'n nuwe, moderner baadjie gekry wat in 2022 in werking getree het. 'n E-winkel is ook ontwerp vir die Akademie se publikasies met toegang op die Akademie se webblad.[93]

Afgesien van die Taalkommissie se werksaamhede is daar ook aan die begin van 2022 'n adviespaneel van 100 lede uit verskillende terreine en verteenwoordigend van taalvariëteite verkies. Die idee was dat hierdie adviespaneel moes stem en kommentaar lewer oor sake wat deur die Taalkommissie aan hul voorgelê word.[94] Die joernalis en kommentator, Heindrich Wyngaard, is as die voorsitter van die adviespaneel aangewys.[95]

Die Akademiepersoneel het in **2022**, ná die Covid-19-pandemie, weer voltyds teruggekeer na die Akademiekantoor. Dit was vir die Akademiekantoor 'n sware slag met die afsterwe van prof. Jacques van der Elst in Februarie 2022. Prof. Van der Elst het ná sy uittrede as HUB steeds voortgegaan om 'n sleutelrol as projekleier te speel by die keuring van publikasies en navorsingsaansoeke. Hy was ook aan die stuur van die Herzogpryshuldigingsbundels en by tye van sy oorlye was daar nege manuskripte van die bundels wat, danksy hom, in verskillende stadia van afhandeling was.[96]

Die Akademie is vanaf 2022 op uitnodiging van die Afrikaanse Taalraad (ATR) as 'n vennoot betrokke by 'n langtermynnavorsingsprojek van vyf tot ses jaar om die stand van Afrikaans op verskeie terreine vas te stel.[97]

---

90 Notule van die Akademieraad, 20 Junie 2019, p. 9.
91 Herbesinning oor Akademietoekennings, 25 Oktober 2020.
92 Notule van die Akademieraad, 15 Julie 2021, p. 6.
93 Notule van die Akademieraad, Donderdag 21 April 2022, p. 5.
94 Notule van die Akademieraad, 15 September 2021, p. 10; Notule van die Akademieraad, 18 November 2021, p. 5.
95 Notule van die Akademieraad, 21 April 2022, p. 6.
96 Notule van die Akademieraad, 21 April 2022, p. 5.
97 Notule van die Akademieraad, 21 April 2022, p. 13.

'n Versoek om samewerking met die SA Akademie is in 2022 van mnr. Deon Steyn, die Direkteur van die Afrikaanse Wikipedia van die WikimediaZA Chapter ontvang. Die Afrikaanse Wikipedia was in daardie jaar 21 jaar oud en die enigste digitale ensiklopedie in Afrikaans. 'n Sigbare "tuiste" vir die Afrikaanse Wikipedia is gesoek met 'n bemarkingsbord by die Akademiegebou en met 'n administratiewe beampte in die Akademiekantoor om behulpsaam te wees. Die Raad het daartoe ingestem en sedertdien is die Akademie ook die tuiste vir die Afrikaanse Wikipedia.[98]

Die hersiening van die Akademiepryse wat in 2020 begin is, is in 2022 afgehandel, waarna met die bestaande borge van pryse onderhandel is om die prysgeld te verhoog. Mnr. Koos Bekker het ingestem om die Deleen Bekkerprys vir beste draaiboek in Afrikaans, wat jaarliks toegeken word, vir 'n verdere vyf jaar te borg. Die jaarlikse prysgeld van R50 000 is tot R100 000 per jaar verhoog. Sanlam het besluit om die prysgeld vir die MT Steynprys vir Natuurwetenskap en Tegnologie wat jaarliks toegeken word, van R50 000 tot R100 000 te verhoog. Die ATKV het die Alba Bouwerprys vir Kinderliteratuur en die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterliteratuur se borggeld van R5 000 elk verhoog na R20 000 elk. Die twee pryse word driejaarliks toegeken. Eweneens het die Hiemstra Trust die prysgeld vir die LW Hiemstraprys vir Niefiksie wat ook driejaarliks toegeken word, van R30 000 na R50 000 verhoog.[99] Die Rupert Musiekstigting het die Huberte Rupertprys vir Klassieke Musiek van R30 000 na R75 000 verhoog. Die frekwensie van toekenning is van 'n jaarlikse prys verander na 'n driejaarlikse toekenning.[100]

Prof. Hannes Rautenbach, lid van die Akademieraad, het op 1 Maart **2023** as hoofredakteur van die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* (SATNT) by prof. Oppel Greeff oorgeneem. Prof. Rautenbach het dadelik begin om die webtuiste van die SATNT te hersien en vernuwe. Die hoofdoel van die SATNT is om die natuurwetenskap en tegnologie veral in Suid-Afrika te bevorder deur ooptoegang eweknie-beoordeelde publikasies, maar om terselfdertyd 'n geleentheid te skep vir Afrikaanssprekende wetenskaplikes om hulle navorsingsresultate in hulle moedertaal te publiseer. Op hierdie wyse word die Afrikaanse natuurwetenskaplike en verwante tegnologiese vaktaal ook onderhou en uitgebou.[101]

'n Besluit is reeds gedurende 2023 deur die Raad geneem om die nodige toerusting (te wete 'n klanksisteem en kameras) vir die Akademiegebou se raadsaal en die kunslokaal aan te skaf om funksies, simposia en vergaderings in hibriede formaat te kan aanbied, wat dus beteken dat 'n persoon in enige plek in die wêreld kan inskakel en deelneem.[102]

'n Verdere ligpunt was dat die Akademie in 2021 die beursprogram aan studente uitgebrei het om ook honneursprogramme in te sluit. Vanaf 2015 tot 2023 het die SA Akademie reeds 445 beurse toegeken, 244 aan deeltydse en 201 aan voltydse studente. Honderd-agt-en-sestig beurse is aan mans en 277 aan vrouestudente toegeken. Die verdeling was soos volg: 178 doktorale studies, 230 meesters-, 22 honneurs- en 15 postdoktorale studie; 389 beurse is aan geesteswetenskapstudente en 56 aan natuurwetenskapstudente toegeken.[103]

98 Notule van die Akademieraad, 21 April 2022, p. 14.
99 Notule van die Akademieraad, 14 Julie 2022, pp. 5, 6.
100 Notule van die Akademieraad, 14 September 2022, p. 6.
101 Notule van die Akademieraad, 20 April 2023, pp. 10, 11.
102 Notule van die Akademieraad, 20 April 2023, p. 12.
103 Notule van die Akademieraad, 27 September 2023, pp. 8, 9.

In 2023 is prof. Karen de Wet van die Universiteit van Johannesburg as die reeksredakteur van die Hertzogprys-huldigingsreeks aangestel in die plek van prof. Jacques van der Elst wat in 2022 oorlede is.[104]

'n Nuwe Akademieraad is ook weer in 2023 verkies. Soos met die vorige Raadsverkiesing wat in 2020 tydens die Covid-19-pandemie gehou is, het die 2023-verkiesing ten volle elektronies plaasgevind. Die Akademie se ouditeure het ook hierdie keer die verkiesing hanteer in samewerking met die Akademie se IT-spesialis, mnr. Hannes Cruywagen. Prof. Ilse Feinauer is as die nuwe voorsitter van die Akademie verkies.[105] Die hoogste eerbewys van die Akademie is erelidmaatskap en dit is aan die uitgaande voorsitter, prof. Oppel Greeff, toegeken.

Die Akademieraad het die strategiese sessie wat in 2023 gehou is, in April 2024 voortgesit. Tydens die 2023-sessie het prof. Kobus van der Walt gemaan dat alles gekompliseer word omdat almal die hele tyd voel dat die Akademie meer moet wees as net dit waarvoor hy eintlik daar is. Die eintlike doel van die Akademie is baie eenvoudig, naamlik: (1) As jy uitnemend is in jou werk, kan jy lid word van die organisasie; (2) As jy baie uitnemend is, word jy daarvoor beloon; en (3) Die Akademie bevorder Afrikaans en ondersteun inisiatiewe in daardie verband. Dit is wat die Akademie is en hy hoef nie meer te wees as dit nie. Prof. Van der Walt het gepleit dat die Raad nie foute moet soek wat nie daar is nie. Dit is asof mense nie wil aanvaar dat die Akademie is wat hy is nie. Almal wil hê die Akademie moet meer wees as wat hy veronderstel is om te wees. Die Akademie laat enige persoon toe en beloon enige persoon, ongeag kleur, ras, ensovoorts. Dit gaan oor uitnemendheid en volgens hom vaar die Akademie tot dusver goed vir dit waarvoor hy staan.[106] Die visie en missie van die Akademie is by dié twee geleenthede weer onder die loep geneem en in 2024 deur 'n komitee verder verfyn. Die nuutgeformuleerde visie en missie van die Akademie is soos volg:

- Visie: Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns speel 'n leidende rol in 'n inklusiewe omgewing waar kennis, kreatiwiteit en innovasie in Afrikaans gedy.
- Missie: Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns verbind hom tot die bevordering van die wetenskap, tegnologie, letterkunde en kuns in Afrikaans, asook die gebruik en beskerming van Afrikaans in al sy variëteite.[107]

Sedert die prysestruktuur van die Akademie in 2022 hersien is, word minder pryse per jaar toegeken en in **2024** is besluit om jaarliks slegs een in plaas van die gebruiklike twee bekroningsplegtighede te hou. Dit word gehou waar die simposium in 'n betrokke jaar aangebied word, naamlik in Pretoria of in Stellenbosch. In 2024 is dit in Pretoria gehou.[108] Die borg vir die Deleen Bekkerprys het in 2024 besluit dat voortaan slegs twee kategorieë bekroon moet word wat jaarliks roteer. Die prys vir beste teks in Afrikaans vir 'n dokumentêre program is uit die reglement geskrap omdat vervaardigers se werkwyse verander het en hulle nie meer met teks werk nie. Voortaan roteer die prys tussen beste draaiboek in Afrikaans vir 'n rolprent en beste draaiboek in Afrikaans vir 'n TV-drama. Verblydende nuus was dat twee bykomende pryse deur die borg bygevoeg is, naamlik twee aanmoedigingspryse van R20 000 elk per jaar vir vyf jaar vir 'n draaiboek in Afrikaans en wat jaarliks roteer tussen rolprent en TV-drama.[109]

104 Notule van die Akademieraad, 27 September 2023, p. 10.
105 Notule van die Akademieraad, 27 September 2023, p. 13.
106 Notule van die Akademieraad, 13 Julie 2023, p. 10.
107 Notule van die Akademieraad, 19 Julie 2024, p. 12.
108 Notule van die Akademieraad, 19 Julie 2024, p. 12.
109 Notule van die Akademieraad, 19 Julie 2024, p. 16.

'n Verdere besluit deur die Akademieraad was dat die NP van Wyk Louwmedalje vanaf 2025 nie meer jaarliks toegeken gaan word nie, maar driejaarliks. Die rede hiervoor was dat wetenskap toenemend in Engels bedryf word en dat dit vanselfsprekend beteken het dat verdienstelike kandidate verminder, met die gevolg dat dieselfde kandidate herhaaldelik voorgestel word. Om die integriteit van die prys te beskerm, is besluit dat die prys slegs elke drie jaar toegeken kan word.[110] Die HUB, prof. Anne-Marie Beukes, het deur die loop van 2024 uitgetree en dr. Annelise de Vries is vanaf 1 November in haar plek aangestel.

Die Hertzogpryswenners-huldigingsreeks wat in 2015 onder die leiding van prof. Jacques van der Elst begin is, gaan steeds voort en aan die einde van 2024 is die volgende 17 bundels reeds gepubliseer:

- *'n Huldiging: Adam Small, Denker, Digter, Dramaturg* (redakteur: Jacques van der Elst)
- *Karel Schoeman: Stiltes en stemme* (redakteur: Willie Burger)
- *Ina Rossouw: Digter van die kwiksilwerwoord* (redakteur: Daniel Hugo)
- *Marlene van Niekerk: Die tempteerbare oog* (redakteur: Marius Crous)
- *Bartho Smit: Koorddanser tussen triomf en tragedie* (redakteurs: Temple Hauptfleisch en Marisa Keuris)
- *Etienne Leroux: Die rumoerige swart nar* (redakteur: Hennie van Coller)
- *Petra Müller: Die skerpgevylde oomblik* (redakteur: Karen de Wet)
- *PG du Plessis: Hy was 'n rukkie pagter hier* (redakteur: Heilna du Plooy)
- *Reza de Wet: Die dramaturg as dromer* (redakteurs: Temple Hauptfleisch en Marisa Keuris)
- *Breyten Breytenbach: Woordenaar woordnar* (redakteur: Francis Galloway)
- *Johann de Lange 60: 'n Huldiging* (redakteur: Daniël Hugo)
- *Elsa Joubert: Die verste grens verby* (redakteur: Thys Human)
- *Pieter Fourie: Teatermaker* (redakteur: Fanie Olivier)
- *Anna M. Louw: Fassinerende, veelkantige skrywer* (redakteur: Chris N van der Merwe)
- *NP van Wyk Louw: Silwer herberg in die sneeu* (redakteur: Ronél Johl)
- *Antjie Krog: 'n Ondersoekte lewe* (redakteur: Louise Viljoen)
- *Wilma Stockenström: Met my wysvingertop* (redakteur: Ronél Foster)

In **2025** is dit 100 jaar sedert Afrikaans as amptelike taal in Suid-Afrika aanvaar is. Beplanning is reeds in 2023 landswyd deur verskeie organisasies van stapel gestuur vir die feesvieringe in 2025. Die dryfkrag agter die projek was dr. Theuns Eloff en me. Astrid de Vos van die Trust vir Afrikaanse Onderwys. Dit is 'n gekoördineerde poging wat talle feeste op alle vlakke van die samelewing deur die hele land gaan hou, met 'n nasionale geleentheid op 8 Mei 2025 by die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) in die Paarl. Lede van die Akademieraad sal ook die fees op 8 Mei in die Paarl bywoon.[111] Die Akademie het self ook 'n paar projekte vir die feestyd beplan wat reeds in 2024 al begin het, onder andere 'n kunsuitstalling; 'n lesingreeks deur die Taalkommissie van die Akademie; deelname van die Taalkommissie aan 'n paneelgesprek by die Woordfees in Stellenbosch in 2024; 'n spesiale uitgawe in 2025 van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*; en drie Afrikaanse kunsliedkonserte, in samewerking met mnr. Giep van Zyl wat een van die organiseerders van die Afrikaans Amptelik 100-fees

110 Notule van die Akademieraad, 19 Julie 2024, p. 17.
111 Notule van die Akademieraad, 18 April 2024, p. 20.

is, waarvan die eerste konsert in Maart 2025 op "Kuns op die water" aangebied word, 'n tweede konsert in Mei in die Kaap en 'n derde konsert kort daarna in Pretoria.[112] Akademielid, prof. Hein Viljoen van die Noordwes-Universiteit, het reeds in 2023 begin met onderhandelinge en die soek van borgskappe vir 'n digitale biblioteek van die Afrikaanse letterkunde as 'n verjaardaggeskenk vir die Afrikaans Amptelik 100-projek in 2025. Dit is 'n omvangryke projek wat groot koste gaan meebring en die gedagte is om eers klein te begin en namate die projek vorder, dit verder uit te brei.[113]

Ten slotte

Uit die voorafgaande oorsig is dit duidelik dat die Akademie, wat in 1909 tot stand gekom het, steeds vorentoe kyk en dat die visie en missie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns relatief konstant gebly het, naamlik die bevordering van die hoëre funksies van Afrikaans in die wetenskappe en die kunste. Aanvanklik was dit ten nouste verweef met Nederlands/Hollands, maar mettertyd het die klem na Afrikaans verskuif. Die Akademie se aktiwiteite word oor dekades heen gekenmerk deur pro-aktiwiteit, opbou en ondersteuning, erkenning aan uitnemendheid en aanpasbaarheid in 'n ewigdurend veranderende wêreld.[114]

Dit was ook die geval in die tydperk ná 2009 soos blyk uit hierdie oorsig. In die uitvoer van sy mandaat is talle nuwe projekte en inisiatiewe aangepak, het nuwe leiers na vore getree, het die internasionale voetspoor van die SA Akademie verbreed, en kon die SA Akademie ook sy voete vind in die kompleksiteite van die politieke bedeling van die tyd. Die SA Akademie bly 'n kernrolspeler in die lewe van Afrikaans as 'n wetenskapstaal en bied in hierdie proses ruimte vir sy lede om ook volhoubaar hulle bydraes te lewer, maar wel in Afrikaans, naas die ander tale van die land.

BIBLIOGRAFIE

Hertzog, JBM & Nienaber, PJ. 1950. *Op brandwag vir ons taal: die geskiedenis en werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.* Pretoria: SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Kapp, PH. 2009. *Draer van 'n droom. Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1909–2009*. Hermanus: Hemel en See Boeke.

Moll, JC (red.). 1984. *Akademie 75*. Pretoria: SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Nienaber, PJ. 1968. *Wat doen die Akademie?* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

SA Akademie (Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns). 1959. *Feesalbum*. Pretoria: JL van Schaik.

SA Akademie (Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns). 1975. *Afrikaans: dit is ons erns*. Johannesburg: Perskor.

Van Huyssteen, GB, Botha, M & Antonites, A. 2016. Die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) en markbehoeftes in die Afrikaanse gemeenskap. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 56(2): 410-437.

Van Huyssteen, GB. 2017. Gratis portaal 'n skatkis van taal se grammatika. https://viva -afrikaans.org/lees-luister/blog/item/320-gratis-portaal-n-skatkis-van-taal-se -grammatika [Accessed on 21 October 2022].

Wierenga, R, Fouché-Karstens, N & Breed, A. 2023. Digital linguistic resources for Afrikaans. In Carstens, WAM & N Bosman (eds). 2024. *Afrikaans Linguistics: Contemporary Perspectives*. Stellenbosch: African Sun Media. pp. 639-666.

112 Notule van die Akademieraad, 14 November 2024, p. 25.
113 Notule van die Akademieraad, 27 September 2023, p. 11.
114 J. van der Elst (red.), *Verlede* | *Hede* | *Toekoms...*, p. 1.

’n Paar onpaar woordpare

In my werk as taalpraktisyn sien ek soms dat ’n skrywer die onjuiste een kies uit ’n woord- of frasepaar wat duidelike of oënskynlike ooreenkomste toon. Hier onder volg enkele lukraak gekose pare wat ’n skrywer dalk kan laat wonder of wat hopelik net sommer interessant is om in gedagte te hou. By party is dit duidelik dat óf die een óf die ander korrek of gepas is; by ander weer is die skeidslyn vaag en kom wisselende gebruik soms voor.

1. *aanvallig, aanvallend*: In hedendaagse Afrikaans het hierdie twee woorde feitlik teen-oorgestelde betekenisse, want *aanvallig* beteken ‘bekoorlik, lief, lieflik, aantreklik’ (byvoorbeeld “’n aanvallige dogtertjie/meisie”), terwyl *aanvallend* ‘aggressief, gereed tot die aanval, optrede wat getuig van ’n aanval’ beteken (byvoorbeeld “die aanvallende leër/troepe”, maar nie sommer “die aanvallende virus” nie). Albei word dus meestal van mense gesê. Histories kom albei woorde wel van die Nederlandse werkwoord *aanvallen* af, maar in Nederlands het *aanvallen* allerlei betekenisse en gebruike wat ons nie meer in Afrikaans ken nie. Die joernalis wat ’n groep oproerige betogers “aanvallig” genoem het, het dit dus vir Afrikaans heeltemal mis gehad. Daar sou *aanvallend* eerder kon deug.

2. *afhanklik van, afhang van*: Die betekenisgrens tussen hierdie twee frases vervloei dikwels, maar die noukeurige skrywer moet daartussen onderskei. Eersgenoemde beteken dat iets of iemand vir sy voortbestaan of onderhoud staatmaak op iets of iemand anders. ’n Pasgebore baba is vir oorlewing *afhanklik van* sy/haar moeder; ’n student is *van* sy/haar ouers of van ’n beursskema *afhanklik* terwyl hy/sy nog studeer.

   Daarenteen *hang* die sukses van ’n skietstaking *af* van (is onderworpe aan, berus op) die bedinge en voorwaardes daarvan en die bereidheid van die strydende partye om daaraan te voldoen.

3. *afdraand(e)* x *afdraend(e)*; *opdraand(e)* x *opdraend(e)*: Al vier hierdie woorde het hul oorsprong in die Nederlandse werkwoorde *afdragen* en *opdragen*. Hoewel daar in Nederlands vir albei werkwoorde betekenisonderskeidings is wat klop met sommige betekenisonderskeidings van hulle Afrikaanse ekwivalente, is daar ook dié wat nie in Afrikaans bekend is nie.

   Ek kan my nie as ’n kenner van óf Nederlands óf etimologie uitgee nie, maar dit is interessant dat die groot Nederlandse woordeboek, die WNT, by *afdragende* wel ’n betekenis gee wat ooreenstem met dié van *afdraand/afdraande*, nl. ‘*Schuin afloopende, hellend’*, maar nie iets soortgelyks by *opdragend* nie.

   Sowel *afdragende* as *opdragende* is (byvoeglik gebruikte) onvoltooide/teenwoordige deelwoorde. In die standaardiseringsproses van Afrikaans het die -g- wat in Nederlands só tussen klinkers staan, feitlik deurgaans weggeval. Die ekwivalente Afrikaanse onvoltooide/teenwoordige deelwoorde *afdraende* en *opdraende*, wat letterlik onderskeidelik ‘besig om af te dra’ en ‘besig om op te dra’ sal beteken, is wel denkbaar, maar gewis nie algemeen nie.

   Hoe dit ook al sy, is daar drie goed omtrent die Afrikaanse *afdraand* ‘dalende helling’ en *opdraand* ‘stygende helling’ wat mens moet onthou:

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a25

(i) albei word met -aa- gespel, nie -ae- nie;
(ii) albei kan op ’n -d of op ’n -e eindig, soos wat “(e)” hier bo te kenne gee (indien dit byvoeglik voor ’n s.nw. gebruik word, meestal met -e), byvoorbeeld “Dit is ’n steil opdraand/opdraande” en “Die steil afdraande voetpad kou mens se enkels”; en
(iii) albei kan ook figuurlik gebruik word, byvoorbeeld *Haar gesondheid is op die afdraand* en *Dis maar ’n opdraande stryd om alles betyds klaar te kry.*

4. *oppervlak* x *oppervlakte*: In die praktyk loop dié twee woorde dikwels deurmekaar, maar eintlik verskil hulle betekenisse drasties. *Oppervlak* is bloot die boonste vlak van iets, waarvan sekere eienskappe wel genoem kan word, byvoorbeeld “’n koue/warm/skurwe/gladde/ruwe/afgewerkte ens. oppervlak”, maar nie grootte nie. *Oppervlakte* daarenteen is ’n grootheid wat area aandui en in vierkante metingseenhede aangegee (kan) word, soos morg, hektaar, m^2, cm^2 en so meer. (In die Staatstaaldiens destyds het ons soms met kennisgewings van byvoorbeeld die onderverdeling van landbougrond te doen gekry. Dan sou die Engels miskien lui “certain piece of land 12 hectares in extent” en die Afrikaans “sekere stuk grond groot 12 hektaar”, maar dit is nie algemene taal of woordvolgorde nie.)

5. *al te* x *alte*: Wanneer ’n mens ‘reeds te’ bedoel, is *al te* twee woorde: “Dit is *al te* laat om nou by hulle te gaan kuier”: ‘reeds te laat’; “Ons het al te ver gestap om nou om te draai”: ‘reeds te ver’; “Hulle is al te oud om nog skolenetbal te speel”: ‘reeds te oud’. *Alte*, een woord, is weer ’n versterkende woord – dit versterk meestal ’n byvoeglike naamwoord, bv. as ouma vir haar kleindogter sê: “Maar jy lyk *alte fraai* vanoggend, my kind!” of “Julle weet *alte goed* dat julle gestraf gaan word as julle werk nie gedoen is nie”; of “Ek voel regtig nie *alte* gesond vandag nie”.

Doeltreffende kommunikasie verg dat ’n mens die onderskeid tussen sulke oënskynlike pare noukeurig handhaaf.

JD (Tom) McLachlan
E-pos: tommcl@whalemail.co.za

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a25

Verbindingspaadjes

De Afrikaanse literatuur in Nederland in 2024

Doordat Geert Wilders, anno 2021 veroordeeld wegens groepsbelediging ('willen jullie in deze stad en in Nederland meer of minder Marokkanen?', 2014), in 2023 met 24 % van de stemmen de verkiezingen voor de Tweede Kamer won, kregen wij in 2024 een regering van ongewone samenstelling, met een partijloze minister-president, die tot dan de hoogste ambtenaar was op het ministerie van Justitie en Veiligheid.

In Oekraïne en in Palestina bracht 2024 geen vrede. In Nederland wonen meer dan 100.000 Oekraïense vluchtelingen. De oorlog in Gaza leidt bij ons tot hoogoplopend debat en veel betogingen. De aanklacht van Zuid-Afrika bij het Internationaal Gerechtshof in Den Haag trok de aandacht. Na felle demonstraties bij universiteiten breken universiteitsbesturen zich het hoofd over de vraag, met welke Israëlische instellingen zij blijven samenwerken en met welke niet.

Los van deze tegenstellingen werd de reeks bomaanslagen in Nederland groter. Ging het eerst om ruzies tussen drugsbendes, inmiddels grijpen allerlei lieden in geval van boosheid naar de vuurwerkbom. Een afgewezen minnaar liet in Den Haag het winkeltje van zijn vroegere geliefde opblazen, met als gevolg zes doden.

De Nederlandse boekenkoper kwam in 2024 met een onschuldig klapstuk. Het meest verkochte boek bleek, na zeven jaar overmacht van vertalingen, van de hand van een Nederlandse auteur: *De camino* (2021) van de Limburgse thrillerschrijfster Anya Niewierra. In 2023 werd *De camino* al wel het meest uitgeleend in de Openbare Bibliotheek; dit jaar stond het zowel in winkel als bibliotheek bovenaan.

Wij Nederlanders praten en schrijven dikwijls over de 'ontlezing': de mensen lezen steeds minder, in het bijzonder de jongeren, en als iemand wel iets leest, dan is het op de sociale media. Toch is de boekverkoop gelijk gebleven (43 miljoen). Het aandeel 'Nederlandse fictie' groeide zelfs, al was het maar 1%. De verschuiving van boeken op papier naar e-boeken is miniem, het e-aandeel blijft 9%. Iets meer groei zien we bij de uitgeleende bibliotheekboeken (luisterboeken meegeteld 52 miljoen, plus 3%) en bij het percentage Engelse boeken, verkocht in Nederlandse winkels: dat is gestegen van 20 naar 22%. Van dat laatste mogen we de jongeren dan toch wel de schuld geven…

Erkenning

2024 was ook het jaar waarin Olf Praamstra & ik uit Zuid-Afrika een prachtige erkenning voor ons werk kregen: de Prestasieprys van de Van Ewijck Stigting, vooral voor ons boek *Geen land voor dromen.* Dat gaat over de *Nederlandse* literatuur van Zuid-Afrika, van Jan van Riebeeck tot Alfred Schaffer, dus niet over Afrikaanse literatuur, en valt dus strikt genomen buiten mijn onderwerp. Ik hoop nu maar op begrip bij de lezer. Ook de strengste wachtpost houdt een eigen kind moeilijk buiten.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a26

***Spectrum*, *Voertaal*, *DW* B**

Intussen bracht meer dan één tijdschrift, digitaal of op papier, in Nederland ook de enige echte Afrikaanse literatuur wel degelijk ter sprake. *Spectrum* doet dat regelmatig, van en voor de vrienden van het Amsterdamse Zuid-Afrikahuis (www.zuidafrikahuis.nl), in maart met twee opvallende artikelen.

Jan Douwe Westhoeve verwijst met zijn 'Hoog bezoek uit Zuid-Afrika' naar de hutkoffer met het archief van Ingrid Jonker, die nog altijd 'op bezoek' is in Den Haag, in het Nederlands Literatuurmuseum. Die koffer is voor hem een culturele schatkist, omdat Westhoeve daar Jonkers briefwisselingen vindt met mensen als Laurens van der Post, André Brink, Abraham Jonker en Jack Cope ('elke brief aan Cope … is een juweeltje'). Volgens Westhoeve zien wij Jonker tot nu toe veel te veel als een 'hysterische' dichteres, volstrekt beheerst door psychische problemen, terwijl zij in feite een strijdbare vrouw was, die eigen opvattingen koesterde over de politiek en de literatuur van Zuid-Afrika. Haar hutkoffer staat nu als het ware klaar 'om de strijd aan te gaan' met het verkeerde beeld dat wij van Jonker zouden hebben.

In dezelfde aflevering maakt Ingrid Glorie duidelijk hoe Etienne van Heerden in zijn nieuwe roman *Gebeente* zijn bekende magisch-realistische schrijfwijze 'naar een nieuwe hoogte' voert. Zij geeft veel aandacht aan verwijzingen naar het Nieuwe Testament en naar de actualiteit van Zuid-Afrika en spreekt over 'een meeslepende dynamiek', zowel qua inhoud als qua stijl. Om samen te vatten: 'ondanks al dit heerlijke barokke en soms een beetje baldadige fabuleren is *Gebeente* opnieuw een roman met een diepe ernst, die indringende vragen stelt.'

In september kwam *Spectrum* opnieuw met een recensie van nog onvertaalde Afrikaanse literatuur. Veronique Jepthas was over de bundel *Weerskyn* van Alwyn Roux minstens zo goed te spreken als Glorie over *Gebeente*, wat haar bracht tot de klinkende slotsom: '*Weerskyn* daeg elke digter yt.'

Hoewel ieder in Zuid-Afrika zich evengoed naar *https://voertaal.nu* kan begeven als wij, digi-vrienden in Nederland, wijs ik toch graag op de *Voertaal*-activiteit van Yves T'Sjoen: zijn reeks 'Tweespraak', waarin hij – strikt vriendschappelijk – de degens kruist met schrijvers en vooral dichters, soms uit Europa maar vooral uit Zuid-Afrika. Met Charl-Pierre Naudé, Zandra Bezuidenhout en anderen bespreekt hij uiteenlopende culturele verbindingsbruggen tussen Zuid-Afrika en de Lage Landen.

De kop *DW* B zal niet ieder op het goede pad helpen. Het eerbiedwaardige Vlaamse literaire tijdschrift *Dietsche Warande & Belfort*, het oudste van Vlaanderen, presenteert zich bij voorkeur met deze 'afko'. Maar het toont zijn moderniteit en levenskracht ook met maar liefst een heel Zuid-Afrika-nummer: *O so beloke/Bescherm ons.* Bijdragen en vertalingen van tientallen Zuid-Afrikanen, Vlamingen en Nederlanders. De grote man achter dit project is Alfred Schaffer (Pelckmans € 20).

In levenden lijve

Weinig kan de bruggen van T'Sjoen daadwerkelijker versterken dan Zuid-Afrikaanse kunstenaars op bezoek in Nederland en Vlaanderen. Tom Dreyer en Alwyn Roux kwamen met hun bundels *Nou in infrarooi* en *Weerskyn* naar hier. Op 16 maart traden zij in Perdu in Amsterdam op met dubbel en dwars bekroonde dichters als Hannah van Binsbergen en Nachoem Wijnberg. In de voormalige Tilburgse locomotiefwerkplaats, nu bibliotheek LocHal, deden ze mee aan een Brabantse dichterswerkgroep onder leiding van de tweetalige dichteres Carina van der Walt. In Leiden onthaalde de Commissie Zuid-Afrika van de Maatschappij der

Nederlandse Letterkunde, in de persoon van Jos Damen, de twee dichters op een fietstocht naar de Afrikaanse muurgedichten in Leiden-Zuid: 'Taalles' van Eybers en 'Die kind is nie dood nie' van Jonker.

Het ophefmakende duo 'Die Antwoord' keerde na geruime tijd terug naar Utrecht (TivoliVredenburg), veroorzaakte opnieuw een beetje ophef maar had bij zijn publiek beslist succes (*NRC* 9 april). Nataniël deed op 16 november Amsterdam aan met 'Vroeg Kersfees', naar verluidt vooral met het oog op Zuid-Afrikanen uit de diaspora. In het nieuwe Theater Amsterdam, aan het IJ.

Vanwege de Nederlandse vertaling van haar roman *Kompoun* was Ronelda S. Kamfer in de hoofdstad wat langer te gast. Zij woonde in het gastenverblijf van het Nederlands Letterenfonds aan het Spui en gaf optredens en vraaggesprekken. Bij voorbeeld in de Koninklijke Schouwburg in Den Haag, tijdens 'Writers Unlimited' (v/h Winternachten, 21 januari) en tijdens de 'Zondagochtendpoëzie' van de Athenaeum-boekhandel, aan hetzelfde Spui, een week later. Ter aankondiging bracht *De Groene Amsterdammer* een kort vraaggesprek met Maria van Dordrecht (9 januari).

Uitgebreider komt Kamfer aan het woord in de Leidse universiteitskrant *Mare*, in een gesprek met Romy van den Akker (7 maart). Op vraag 1, 'Wie zijn je literaire helden?', volgt als verrassend antwoord: 'mijn grootouders', als verwijzing naar het beslissende gewicht van de orale traditie voor Kamfer, al zegt ze ook wel te houden 'van Shakespeare, van Dostojevski, en van *all the English girls.*' Zelfbewust stelt zij in het interview haar afkomst, haar milieu en de eigen cultuur voor al haar schrijven op de voorgrond: 'Hoe disfunctioneel mijn familie ook was, hun verhalen moeten worden opgeschreven' en ook: 'zolang verkrachtingen plaatsvinden, blijf ik erover schrijven.'

Op 8 maart ontving de Leidse Universiteitsbibliotheek haar voor een 'Schrijversbezoek – Ontmoeting met schrijver en dichter Ronelda S. Kamfer', ingeleid door Tommy van Avermaete. Zo'n dertig bezoekers werden onthaald op een drietalig programma. Kamfer las voor uit *Kompoun,* met Nederlandse vertaling op een scherm en Margriet van der Waal voerde met haar een gesprek in het Engels.

De avond smaakte naar meer en de alerte bibliotheek presenteerde vijf dagen later een vergelijkbaar programma rond de grafische romancier, dichter en essayist Nathan Trantraal, die, niet geheel toevallig, ook in Nederland verbleef. Van Avermaete leidde weer in, Trantraal gaf *performances,* in het Engels maar ook in Kaaps-Afrikaans met Engelse boventitels. De Leidse docent Yasco Horsman onderstreepte tijdens het vervolggesprek de zeldzaamheid van Trantraals dubbeltalent: van dichter en stripschrijver. In het publiek herkende ik tot mijn verrassing H.J. Pieterse, niet in zijn rol van vooraanstaand Afrikaans auteur maar naar eigen zeggen als oud-docent van Trantraal.

Vertaling

Vertalingen en de reacties die ze uitlokken, zijn evengoed culturele verbindingspaadjes. Kamfers *Kompoun* werd in het Nederlands *Compoun* (Wereldbibliotheek € 22,99, e-boek 11,99), in de vertaling van Alfred Schaffer, die in zijn 'Tweespraak' met T'Sjoen (*Voertaal* maart) al iets over zijn vertalerswerk vertelt. De Wereldbibliotheek hoorde tot de oudste Nederlandse uitgeverijen (1905), befaamd vanwege goedkope uitgaven van klassieke literatuur, maar is nu - net als Kamfers vorige uitgeverij Podium - een imprint van Park Uitgevers, Amsterdam, die op zijn beurt hoort tot LannooMeulenhoff, de Nederlandse tak van de

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a26

grotendeels Vlaamse Lannoo Uitgeverij Groep. Om u een indruk te geven van de organisatie van de Nederlandse uitgeverswereld…

De Vlaamse criticus Remo Verdickt gaat in tegen de aanbeveling van Adriaan van Dis op het vooromslag: 'Kamfer geeft vlam aan haar woorden.' Over de vrouw 'aan de onderkant van de Zuid-Afrikaanse samenleving', over de verhouding tussen de huidskleuren, de talen en de sociale klassen van Zuid-Afrika leest Verdickt 'zinnige dingen', maar de structuur is zo los dat voor hem juist de vlam uitblijft: dat het de leeservaring bederft. Verdickt herkent Kamfers dichterlijk taalgebruik, maar dat leidt volgens hem soms tot 'geforceerde vergelijkingen.' Maar vanwege Kamfers belangrijke verhaalstof toont de recensent zich evengoed benieuwd naar Kamfers volgende roman (*De Standaard* 1 juni).

Ilse Josepha Lazaroms oordeelt onder de kop 'Kapotte mensen' in *De Groene Amsterdammer* (1 augustus) positiever. De vertaling noemt zij 'indrukwekkend' en Kamfers 'weergave van haar familiegeschiedenis … fenomenaal; de taal brandt en raast en ontroert.' Zij karakteriseert *Compoun* als een boek vol gruwelen, waar alles om de taal draait. De 'door elkaar gehutste chronologie', die het boek voor Verdickt bedierf, leidt voor Lazaroms tot 'een breekbare, beeldschone compositie.'

In haar titeluitleg verbindt Margriet van der Waal 'Compoun' met het Afrikaanse (en Nederlandse!) oorspronkelijk Maleise 'kampong', maar zij geeft veel meer mogelijke verwijzingen. Voor de vertaling heeft ook Van der Waal niets dan lof en over de compositie maakt zij verhelderende opmerkingen, maar beslissend is voor haar dat alle verlies en alle woede in dit boek aanleiding vormen voor 'een zoektocht naar een uitweg' en dat de lezer weliswaar 'rauwe woede' voorgezet krijgt, maar niet zonder 'een enorme dosis ironie en humor' (*ZAM magazine* 17 november).

Uitgeverij A.W. Bruna stamt uit 1868 en is vooral bekend van avonturenromans en andere spannende boeken, en van de schier eindeloze pocketreeks: 'Zwarte Beertjes.' Deon Meyer is een van haar grote succesauteurs. In 2024 verscheen *Leeuw* (€ 24,99, e-boek € 14,99), vertaald door Meyers inmiddels vaste vertaalkrachten: Karina van Santen en Martine Vosmaer.

Marijn van der Jagt geeft Meyer voor *Leeuw* vier (van de vijf) sterren in de bijbel van de liefhebbers: de *Detective & Thrillergids* van het maandblad *Vrij Nederland*. In de Bennie Griessel-serie vindt Van der Jagt altijd een verwevenheid van misdaad met Zuid-Afrikaanse politieke machinaties, zo ook in *Leeuw*. Extra bewondering heeft hij voor de compositie van het verhaal. 'Heerlijk leesvoer door de spanningsopbouw, de kleurrijke karakters en het geestige gesomber van onze ploeterende speurhelden.'

Ook de Vlaamse *Standaard* noemt *Leeuw* bij monde van John Vervoort: 'een voltreffer' (20 april). In de Nederlandse *Limburger* toont Gert de Vos zich een kleine maand eerder al net zo geestdriftig, met opnieuw vier sterren: 'Naar goede gewoonte is Deon Meyer niet vies van wat maatschappelijke duiding, maar naar nog betere gewoonte staat dat de suspense van een alweer uitmuntende plot nergens in de weg' (25 maart). Fenna Riethof laat weten: 'Mijn exemplaar is gehavend', wat wil zeggen: geestdriftig gelezen (*AD/Amersfoortse Courant* en andere *AD*-kopbladen, 29 juni). En om de landsbrede lof af te ronden de bekroonde Nederlandse thrillerschrijver Lex Noteboom, op een vraag van Arjen Ribbens naar Notebooms vakantielectuur: 'een stapel boeken van Deon Meyer' (*NRC* 26 juli). Meyers beste is voor Noteboom: *Koorts,* met 'een profetische visie over enge virussen', en dat ruim vóór corona.

De kleine uitgever Zirimiri in Amsterdam richt zich vooral op vertalingen uit zelden vertaalde talen. Na Lien Botha en Ingrid Winterbach is François Smith met *De getuigenis* (€ 21,50) de derde Afrikaner in het fonds. Vertaler is Robert Dorsman. Jammer genoeg laat de Nederlandse pers het tot nu toe over dit boek vrijwel afweten. De bibliotheek-voorlichtings-

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a26

dienst NBD Biblion geeft een korte samenvatting en sluit af met de typering: 'In zachte stijl en op licht poëtische toon geschreven … Met name geschikt voor een literaire lezersgroep.' De waardering op literaire websites is matig. Daar tonen lezers zich bevreemd over de gedachten en gedragingen van de hoofdfiguren. De denkwereld van Gerbrand en Retha staan te ver van hen af, en *De getuigenis* daardoor ook.

Een andere kleine uitgever, Noordboek in Gorredijk (Friesland), kwam met ***Reservetijd, over heel oud worden*** van Elsa Joubert (€ 21,90). Met een informatief nawoord van de vertaler Rob van der Veer en drie pagina's 'Verklarende woordenlijst.' In de *NRC* was Frits Abrahams, zelf een veteraan-columnist die 'in blessuretijd' met elan zijn werk voortzet, zijn collega's, de vaste boekbesprekers, met zijn reactie juist te vlug af ('Een creatieve 95-jarige', 15 maart). Hem treft de vitaliteit die Joubert uitstraalt, zonder valse illusie, vol van het besef van alle teloorgang die oud worden nu eenmaal met zich meebrengt. 'Eigenlijk kunnen al dit soort oudemensengebouwen beter Verlies heten', haalt hij Joubert aan. Op Abrahams had het boek uiteindelijk toch 'vooral een opbeurend effect' omdat het 'laat zien wat er ook op hoge leeftijd aan creativiteit nog mogelijk is.'

Evelien van Veen merkt in *de Volkskrant* op hoezeer in het schrijven van Joubert heden en verleden door elkaar lopen ('Zo werkt het brein van een oudere', 1 juni). Maar het boek blijft glashelder, de auteur heeft de teugels vast in handen. Van Veen stipt ook Jouberts latere 'natuurreis' aan, noodzakelijkerwijs beperkt tot de tuin van het tehuis, maar daardoor niet minder aangrijpend. Zij citeert: 'om de armzaligste palmboom huil ik … Hoe ouder je wordt, hoe dichter je blaas bij je ogen komt te zitten.'

Verlies

G.J. Schutte herdacht in de 'Nieuwsbrief' van het Zuid-Afrikahuis (mei) zijn oud-student Bart de Graaff (geb. 1959), op 9 april onverwacht overleden in Pretoria. In 1993 is De Graaff bij Schutte gepromoveerd op *De mythe van de stamverwantschap: Nederland en Zuid-Afrika 1902-1930* - later maakte hij vooral naam als onvermoeibaar reiziger langs Zuid-Afrikaanse dorpen en *plase*. Van zijn *1599 km tussen Amsterdam en Gouda, een ontdekkingstocht langs Nederlandse plaatsnamen in Zuid-Afrika* kwam er zelfs een filmversie en op basis van zijn onderzoek leverde hij scenario's voor andere documentaires. Al reizend legde De Graaff contacten met plaatselijke bibliotheken, kerken, bestuurders en vooral met oudere bewoners. Door hun verhalen belandde hij als vanzelf bij orale literatuur. In een reeks publicaties liet hij Nederland delen in zijn bijzondere kennis van en verwantschapsgevoelens voor nauwelijks opgemerkte mensen en gemeenschappen.

Op 13 december overleed in Nijmegen Riet de Jong-Goossens (geb. 1937). De Afrikaanse literatuur in Nederland verloor zijn belangrijkste vertaler. Riet de Jong heeft 'een groot deel van de Zuid-Afrikaanse literatuur voor het Nederlands publiek ontsloten', zegt de jury die haar de belangrijkste Nederlandse vertaalprijs had toegekend, de Martinus Nijhoffprijs (2010). Naar verluidt omvat haar vertaalwerk meer dan zestig titels. *Agaat* (2006) heeft waarschijnlijk van al haar werk de meeste bijval gekregen, zowel om de vertaalprestatie als door de verrassende verkoopcijfers. Ook met *Stemmen uit zee* (2004), de Nederlandse versie van *Eilande,* behaalde zij een groot succes.

Het overlijden van Breyten Breytenbach (24 november) vond de breedste respons. Zijn gevangenschap maakte hem een van de bekendste Zuid-Afrikanen in Nederland. Men wist dat hij dichter was, maar voor het brede publiek was hij in de eerste plaats anti-apartheidsstrijder. Naast Breytenbachs vriend Adriaan van Dis en anderen ontplooiden dichters als Remco

Campert en Lucebert activiteiten om hem vrij te krijgen. Na zijn vrijlating ontving hij van de Haagse Jan Campertstichting een Eenmalige Extra Prijs (1983). Zijn boeken werden vertaald (niet altijd goed verkocht), zijn schilderijen tentoongesteld, bij zijn zeventigste verjaardag kende de stad Hengelo een groot Breytenbach-programma, met als hoofdgasten de heer en mevrouw Breytenbach.

In het afgelopen jaar gaf Yves T'Sjoen aandacht aan Breytenbach, onder meer op *Voertaal* (augustus), in T'Sjoens gesprek met Adriaan van Dis. Ook gaf T'Sjoen een aansprekende aanvulling op de bibliografie van Breytenbachs in het Nederlands verschenen werk (Galloway, *Woordenaar woordnar 'n huldiging,* 2019). De vertaling 'De zelfdood' blijkt namelijk van de hand van de beroemde schrijver Frans Kellendonk.

Het ANP, het Algemeen Nederlands Persbureau, verzorgde naar aanleiding van Breytenbachs overlijden een persbericht. Zijn dood was voorpaginanieuws voor *NRC* en *Trouw* (25 november). De *NRC* had meteen een uitvoerig in memoriam van Toef Jaeger, die hem vanuit Breytenbachs bekende poëtische vraag 'En jy, slagter?' tegelijk herdacht als veelzijdig vernieuwend kunstenaar en als maatschappijcriticus. Zij sluit ook af met poëzie, met 'Testament van een rebel'. Daar herkent zij Breytenbachs vrees, dat hij uiteindelijk niets zou kunnen veranderen. Maar die vrees brengt hem niet af van zijn levenslange wens: 'geef mij een pen / opdat ik kan zingen / dat leven niet voor niets is.'

In *Trouw* stond een interview van Harmen van Dijk met Adriaan van Dis. Die hamert op het grote belang van zijn dichterschap, zowel voor de Afrikaanse poëzie als voor de Afrikaanse taal. Laat op dezelfde 25ste november vulde Van Dis voor de Nederlandse radio dit beeld aan met anekdotes, hoe hij Breytenbach herkende bij hun eerste ontmoeting (aan rode schoenen) en over de felgekleurde jurken die Breytenbachs zus aantrok bij gevangenisbezoek, om voor haar broer wat kleur te brengen in een ook letterlijk helemaal grijze tijd (NPO 1, 'Met het oog op morgen').

Op 26 november sluit Geertjan de Vugt daarbij onbedoeld aan, als hij zijn herdenking in *de Volkskrant* begint met Breytenbachs verbijstering, toen die na jaren van gevangenschap de wereld terugzag: 'O mijn god, o mijn god, ik had nooit gedacht dat het zo zou zijn … Al die geluiden, geuren en kleuren.' Hij noemt Breytenbach een 'activist' maar zonder dat hij de centrale betekenis van diens dichterschap over het hoofd ziet. Voor dezelfde krant had Maartje Geels Breytenbachs overlijden *online* al uitvoerig gememoreerd. Teun Dominicus schreef erover in *Het Parool* (26 november).

Een regionale editie van *De Telegraaf* (29 november) herinnerde ons aan een 'Breytenbachplataan' aan de Westersingel in Rotterdam, die Breytenbach zelf tijdens 'Poetry International' (1986) met linten heeft versierd en omgedoopt tot Graf van de Onbekende Dichter. De boom blijkt er nog te staan.

In *De Groene Amsterdammer* gaf Alfred Schaffer op 5 december een overzicht van Breytenbachs leven en werk, met de klemtoon op diens veelzijdigheid: als dichter, schrijver, schilder, zenboeddhist en Afrikaanstalige Zuid-Afrikaan - 'overal thuis' maar ook 'altijd onderweg ... ongrijpbaar, en voorgoed een banneling die slechts in de poëzie kon bestaan'.

David Cohen vertelt in *Spectrum* (december) hoe hij via een 'jongedame' met Breytenbachnektatoeage op de Berlijnse Friedrichstraβe en dankzij zijn eigen kennismaking met Breytenbachs werk en persoon zelf dichter werd, in zijn 'stiefmoedertaal': het Jiddisch. In dezelfde aflevering begint Francine Maessen haar deskundige 'In memoriam' met bekende woorden: 'Ons is 'n bastervolk met 'n bastertaal', om ook te eindigen met Breytenbach over het Afrikaans: 'hierdie taal, liefling … verdwyn omdat dit in die mond / van besoedelde witmense was'.

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a26

Breytenbachs band met Hengelo keert terug in *De Twentsche Courant Tubantia* (12 december). Michel Hasselerharm voert een Hengelose pleitbezorger voor Breytenbach ten tonele, die de 'Veertien sonnette vir 'n engel in Hengelo', het grote geschenk van de dichter aan de stad uit 2009, in Hengelo een vaste plaats wil bezorgen.

Zijn overlijden heeft Breytenbach in Nederland weer onder de aandacht gebracht. Bloemlezingen als *De zingende hand* en *Allerliefste* komen weer uit de kast. In hoeverre leeft zijn poëzie in Nederland? In 2014 haalde een Russische raket in Oekraïne een vliegtuig neer met 298 mensen, de meesten Nederlanders. Bij een herdenking in 2024 las een mevrouw die haar dochter, schoonzoon en kleinkinderen verloor, een gedicht voor: 'Allerliefste, ik stuur je een duif met een rode borst, want niemand zal op een boodschap die rood is schieten. Ik gooi mijn duif hoog in de lucht en alle jagers zullen denken dat het de zon is' (*NRC* 18 juli). Het lijdt geen twijfel: dit is Afrikaanse literatuur in Nederland.

Eep Francken
Noordwes-Universiteit
E-pos: eepfrancken@planet.nl

doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n1a26

Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, die kunste en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, word nie vir publikasie oorweeg nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, word gratis aan die outeur verskaf. Indien 'n outeur meer eksemplare verlang, kan dit teen die heersende prys van die Akademiekantoor bestel word.

Die volgende **algemene voorskrifte** geld vir voorgelegde manuskripte:

- Stuur **'n elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word in skrifgrootte Arial 12-punt met 'n 25 mm-linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n **erkende taalversorger** geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans of Nederlands geskryf wees en beperk wees tot tussen **8 000** en **10 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort *curriculum vitae* in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en 'n foto(s) van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Die bydrae moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1 000** woorde in Engels. 'n Opsomming in 'n ander taal as Afrikaans moet 'n **vertaling van die titel** as opskrif hê.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels net ná die Engelse opsomming verskaf.
- **Illustrasies** of **grafika** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.

Opskrifte in die *Tydskrif* lyk soos volg:

1. **Hoofopskrifte** is in hoof- en kleinletters en vetdruk. Daar is 'n lynspasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 *Opskrifte* is in hoof- en kleinletters en kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 *Subopskrifte* is kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte kan soos bo genommer word indien 'n outeur dit verkies. Daar is geen punte ná opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

TABEL 2: Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

Onderskrifte by figure lyk soos volg:

Figuur 3: *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: Die waardestruktuur.*

Indien 'n opskrif of onderskrif 'n **subtitel** bevat, volg die subtitel ná 'n dubbelpunt en begin dit met 'n hoofletter, met inagneming van die gewone Afrikaanse patroon, byvoorbeeld die konvensie rakende die lidwoord *'n*.

Plaas asseblief tabelle en figure op die regte plek in die teks.

Aanhalings en verwysings

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale as Afrikaans is nie. Aanhalings wat langer as **drie reëls** is, word geïndenteer en nie tussen aanhalingstekens geplaas nie. Enige invoeging in 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Alle bibliografiese besonderhede word verstrek in die taal van die geraadpleegde bron, mits dit in die Romeinse alfabet is.

Voorbeelde:

- **Boek:** Olivier, DV. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.
- **Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.
- **Hoofstuk in 'n boek:** Verhoef, G. 2012. 'n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu. In Pretorius, F (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot nou*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 201-217.
- **Internetbron:**
  Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). http://www.edu.learning.html [14 October 2004].

*In Afrikaans***:**

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, http://www.akademie.co.za [14 Oktober 2004].

Bronverwysings in die teks:

Volgens Swan (1996:45) …
OF: … … (Swan, 1996:45) …
OF: … … (Swan, 1996:45). [aan sinseinde]

Bladgeld

Geen bladgeld of koste vir die publikasie van artikels (APC's) in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* is betaalbaar nie.

Outeursreg

Outeur(s) behou outeursreg in 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

Guidelines for authors

The *Journal of Humanities*/*Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the subject fields of theology, languages, arts and culture, and social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions published elsewhere will not be considered for publication in the *Journal*. An author will receive two complimentary copies of the edition in which his/her contribution appeared. More copies may be ordered from the publications office at the current price.

Submitted manuscripts should meet the following requirements:

- Contributions are to be submitted electronically by email to publikasies@akademie.co.za. Manuscripts should be typed in double spacing in Arial 12 point, leaving a 25 mm left margin.
- Manuscripts have to be **edited and be ready for printing**. Authors have to submit proof in writing that their text has been language edited by a **recognised text editor/language practitioner**.
- Contributions should be submitted in Afrikaans or Dutch and be limited to **8 000-10 000** words.
- An abridged *curriculum vitae* in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG format) of each author should be submitted along with the contribution.
- Manuscripts should be accompanied by an abstract of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1 000** words. An abstract in a language other than Afrikaans should be headed by a **translation of the title**.
- The English abstract should be followed by a list of approximately **10-20 keywords** in English and Afrikaans.
- **Illustrations** or **graphics** should be provided with suitable captions placed below them, and their size should be appropriate for the format of the *Journal*.

Headings in the *Journal* are styled as follows:

1. **Main headings** are in upper and lower case, and bold. Leave a line space between the heading and the text.

1.1 *Headings* are in upper and lower case and italics. Leave a line space between the heading and the text.

1.1.1 *Subheadings* are in italics. Leave a line space between the heading and the text.

Headings may be numbered, if preferred. There are no full stops after headings.

Table headings are styled as follows**:**

TABLE 2: Economic development according to demographic groups

Captions of figures:

Figure 3: *Systemic interdependence: The value structure*

If a **subtitle** occurs in any heading or caption, it is preceded by a colon and begins with an upper-case letter.

All tables and figures are to be inserted at the correct place in the text.

Quotations and references

- **Quotations** are not italicised – not even when in a foreign language. Quotations that exceed **three lines** are indented and are not placed in quotation marks. Anything inserted in a quotation is placed in square brackets. See examples in the printed *Journal*.
- **Abbreviations** should be avoided as far as possible.
- **Bibliographic references** follow the abbreviated Harvard method, with some variation allowed for specific subjects.

All bibliographic details are given in the language of the source used, provided the source is in the Roman alphabet.

Examples:

- **Book:** Quirk, R. & Greenbaum, S. 1973. *A university grammar of English*. Essex, UK: Longman.
- **Article in a journal or magazine:** Paterson, A-M. 2013. Inspired by fellowship: How Poet's Corner in Westminster Abbey brought Burns lovers together. *The Scots Magazine*, 178(1):36-38.
- **Chapter in a book:** De Gruchy, JW. 1984. Jung and religion: A theological perspective. In Papadopoulos, RK & Saayman, GS. (eds). *Jung in modern perspective*. London: Ad Donker, pp. 193-203.
- **Internet source:**
  Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). http://www.edu.learning.html [14 October 2004].

In Afrikaans:

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, http://www.akademie.co.za [14 Oktober 2004].

Citations in the text:

According to Swan (1996:45) …
OR: … ... (Swan, 1996:45) ...
OR: … … (Swan, 1996:45). [at the end of a sentence]

Page fees:

No Page Fees or APC's (Article Producing Costs) are payable by authors for publishing in the *Journal of Humanities.*

Copyright:

Copyright of articles published in the *Journal* vests in the author(s).

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdskrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Hertzogpryswenners – huldigingsreeks

Adam Small
Denker, Digter, Dramaturg

Breyten Breytenbach
Woordenaar woordnar

Ina Rossouw
Digter van die kwiksilwerwoord

Marlene van Niekerk
Die tempteerbare oog

Etienne Leroux
Die rumoerige swart nar

Karel Schoeman
Stiltes en stemme

PG du Plessis
Hy was 'n rukkie pagter hier

Elsa Joubert
Die verste grens verby

Reza de Wet
Die dramaturg as dromer

Bartho Smit
Koorddanser tussen triomf en tragedie

Pieter Fourie
Teatermaker

Johann de Lange 60
'n Huldiging

Petra Müller
Die skerpgevylde oomblik

Anna M Louw
Fassinerende, veelkantige skrywer

NP van Wyk Louw
Silwer herberg in die sneeu

Antjie Krog
'n Ondersoekte lewe

Wilma Stockenström
Met my wysvingertop

Tydskrif vir Geesteswetenskappe • Jaargang 65 Nommer 1 • Maart 2025

Wet No. 8 van 1925. [Datum van invoering—27 Mei 1925.*

WET.

Om twijfel aangaande de betekenis van het woord "hollandse" in Artikel *honderd zeven en dertig* van de Zuid Afrika Wet 1909, en elders in die Wet waar dat woord voorkomt, weg te nemen.

(*Goedgekeurd 22 Mei 1925.*)
(*Door de Goeverneur-generaal in het Hollands getekend.*)

NADEMAAL er twijfel ontstaan is aangaande de betekenis van het woord "hollandse" in de Zuid-Afrika Wet, 1909; Konsiderans

EN NADEMAAL het dienstig is die twijfel weg te nemen;

ZIJ HET BEPAALD door Zijn Majesteit de Koning, de Senaat en de Volksraad van de Unie van Zuid-Afrika, als volgt:—

1. Het woord "hollandse" in artikel *honderd zeven en dertig* van de Zuid-Afrika Wet, 1909, en elders in die Wet waar dat woord voorkomt, wordt hierbij verklaard het Afrikaans in te sluiten. Betekenis van het woord "hollandse" in de Zuid-Afrika Wet 1909.

2. Deze Wet kan voor alle doeleinden worden aangehaald als de Wet op de Officiële Talen van de Unie, 1925, en wordt geacht van kracht geweest te zijn vanaf de een en dertigste dag van Mei 1910. Korte titel en datum van inwerkingtreding

Wet No. 9 van 1925. [Datum van invoering—27 Mei 1925.*

This title is now indexed in Scopus
refine your research SCOPUS™

Sedert Maart 2009 geïndekseer in die Social Sciences Citation Index

Temanommer: Afrikaans as amptelike taal 1925–2025: Besinning en viering
Gasredakteurs: Nerina Bosman en Wannie Carstens

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 65 Nommer 1 | Volume 65 Number 1 | MAART 2025 MARCH 2025